

Die dramatiese, epiese en liriese stramien van die liturgiese lied

■ ■

*Literêre dimensies en basisteoretiese beginsels vir himnografie
in die himniese stof van die Openbaringboek*

Johannes Petrus Bingle
(B.A., Th. M)
Studentenommer
10256784

Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in Praktiese Teologie
aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof. B.J. de Klerk

Hulppromotor: Prof. H.J.G. du Plooy

**Pretoria
Desember AD 2011**

ABSTRACT

The dramatical, epical and lyrical canvas of the liturgical song *Literary dimensions and basis theoretical principles for hymnography in the hymnical sections of the Book of Revelation*

In this study it is assumed from a central theoretical argument that the Bible based, scripturally true liturgical song, possesses an exceptional bonding structure. The set literary archetypes of the dramatic, epic and lyric – or the dramatical, epical and lyrical – are woven together to form the canvas for the hymnical praise of the worshipping community. The aim of the study is to dissect the relationship in which the archetypes stand to one another and to establish which trans-generic phenomena and movements can be detected in order to determine what their meaning is for liturgical songwriting. This is done on the basis of an analysis of the Book of Revelation, specifically pertaining to the hymnographical corpus in the book. To do this the most obvious meta-theory of this study is the literary theory, while the basis, principles and guidelines of the hymnographical basistheory are determined by theological biblical science. In the first main chapter (meta-theory) of the study the questions of what literature is and whether the Bible is literature, are explored and answered. The conclusion to this is that the Bible is true literature and that this religious script plays a central, unique and prominent role in the progression of the christian-western cultural world. In the process of determining the different approaches to the study of literature, note was taken of the various theoretical assumptions and theories and of the influence that each has and can have on theological biblical scientific research. In the second main part (inter-disciplinary theoretical aspects) the investigation proceeds from the study of meta-theoretical literary terrain identification to the determining of the connection, link, sym-biosis and synergy between the literary meta-theory and the theological basistheory of this study. Shared and partly overlapping study terrains of the literary sciences and the biblical sciences are explored. This leads to the demarcation of both an inter-disciplinary and multisubdisciplinary field of study, for which an approach and a method to further explore had to be developed. In the third main part (basistheory) the perspectives gained in the first two parts are unlocked to the advantage of the biblical scientific study of Revelation. The last book of the Bible is analysed macro-structurally by means of a narratological reading and accompanied by a cursory-exegetic explanation, after which the meaning of the corpus of hymnical microtexts in their context within the macro-structure are further unlocked by means of detailed exegesis. In this way basis-theoretical hymnographical principles in Revelation can be identified. These are integrated in the fourth and last main part and are then concretised, using a song as example, in guidelines for hymnography. In this final main part (the outcome of the study) the investigation reaches its set aims as well as the overall goal in that it could be verified that the canvas of the liturgical song should be integrated successfully not only wordperfect, but also Wordperfect in all its facets through literary quality and biblical-principled motivation. This should allow the flame (= liturgical song) of the sacrifice of thanksgiving (= worship) to burn brightly in a time of diverse positions on church song.

KEY CONCEPTS

liturgical song
Book of Revelation

dramatic
eschatology

epic
worship

lyric
hymnography

genre
doxology

OPSOMMING

In hierdie studie word van die sentrale teoretiese stelling of argument uitgegaan dat die Bybel-gefundeerde en Skrifgetroue liturgiese lied 'n besondere bindingstruktuur het. Die geykte literêre argi-genres *dramatiek*, *epiek* en *liriek* – of die *dramatiese*, *epiese* en *liriese* – vorm die stramien van die himniese lof van die aanbiddingsgemeenskap. Die doel van die studie is om die verhouding waarin die argi-genres tot mekaar staan te ontleed en vas te stel watter transgeneriese verskynsels en bewegings daarin waargeneem kan word, om dan te bepaal wat die betekenis daarvan vir liturgiese liedskrywing is. Dit word aan die hand van 'n analise van die boek Openbaring gedoen, spesifiek van die himnografiekorpus daarin. Daarvoor is die ooglopende metateorie van hierdie studie die Literatuurwetenskap, terwyl die himnografiese basisteorie se grondslag, beginsels en riglyne vanuit die teologiese Bybelwetenskap vasgestel word. In die eerste hoofdeel (metateorie) van die studie word die vraag wat literatuur is en of die Bybel wel literatuur is, ondersoek en beantwoord. Die bevinding waartoe gekom word, is dat die Bybel egte literatuur is, en dat dié religieuse geskrif 'n sentrale, unieke en invloedryke plek in die ontwikkelingsgang van die Christelik-Westerse kultuurwêreld inneem. By 'n nagaan van benaderings tot die bestudering van literatuur is kennis geneem van verskillende teoretiese vertrek-punte en teorieë en van die invloed wat elkeen op teologiese Bybelwetenskaplike navorsing het en kan hê. In die tweede hoofdeel (interdisiplinêr-teoretiese aspekte) word vanuit die meta-teoretiese literêre terreinverkenning oorgegaan na die vasstelling van die samehang, verband, simbiose en sinergie tussen die literêre metateorie en die teologiese basisteorie van hierdie studie. Gedeelde en gedeeltelik oorvleuelende studieterreine van die Literatuurwetenskap en die Bybelwetenskap word verken. Dit lei tot die afbakening van 'n interdisiplinêre en multi-subdisiplinêre studieveld, waarvoor 'n benaderingshoek tot dié terrein en 'n metode om dit verder te ontgin, ook vasgestel word. In die derde hoofdeel (basisteorie) word die perspektiewe wat in die eerste twee dele geopen word, tot voordeel van die Bybelwetenskaplike studie van Openbaring aangewend. Die laaste Bybelboek word makrostruktureel deur 'n narratologiese lesing en by wyse van 'n gepaardgaande kursories-eksegetiese uitleg ontleed, waarna die korpus van himniese mikrotekste se betekenis in hulle konteks binne die makrostruktuur deur detail-eksegese verder ontsluit word. Daardeur kan basisteoretiese himnografiese beginsels in Openbaring geïdentifiseer word, wat in die vierde en laaste hoofdeel geïntegreer word en in riglyne vir himnografie met gebruikmaking van 'n lied as voorbeeld gekonkretiseer word. In hierdie laaste hoofdeel (die uit-koms van die studie) bereik die navorsing sy gestelde doelwitte en sy oorkoepelende doelstelling daarin dat aangetoon word dat die stramien van die liturgiese lied in al sy fasette woordkunstig en Woordkunstig suksesvol geïntegreer behoort te word deur literêre kwaliteit en Bybels-prinsipiële begronding. Daar word vertrou dat dit die vlam (= liturgiese lied) van die lofoffer (= erediens) helder kan laat brand in 'n tyd waarin uiteenlopende standpunte oor die kerklied heers.

KERNBEGRIPE

liturgiese lied	dramaties	epies	liries	genre
Openbaring(boek)	eskatologie	aanbidding	hmnografie	doksologie

VOORWOORD

Die voorwoord is 'n woord ná die voltooiing van die studie. Ek benut die geleentheid om terug te kyk op die pad tot by die besondere mylpaal wat nou bereik is. Baie mense het – by wyse van spreke – 'n woord meegesprek in die totstandkoming van hierdie akademiese dokument. Wat hulle rol des te meer belangrik maak, is dat die studie oor jare heen te midde van ernstige en voortdurende siekte-omstandighede uitgevoer is. Wie en wat hier genoem word, word gedoen diep onder die indruk daarvan dat die Here ander mense gebruik om sy krag en genade vir 'n mens te verwerklik. Ek wil graag erkenning daaraan gee. Die volgorde hieronder is nie 'n rangorde nie, want die Here het elkeen gebruik in die mate waarin Hy dit wou doen. Elkeen se bydrae was onontbeerlik en saakmakend belangrik omdat die Gewer-God dit mede daardeur aan die lig wou laat kom.

My twee studieleiers word van harte bedank vir hulle bekwame leiding en simpatieke geduld. Prof. Ben de Klerk (promotor) is 'n inspirerende, positiewe teoloog. Sy benadering verryk die geloofsverwondering wat daar voor en oor God moet wees – die God wat in 'n verbond van genade met die mens liturgiese momente gebruik om deur Selfopenbaring die rykdom van sy genade deur te flits. Prof. Heilna du Plooy (hulppromotor) is 'n vrou van groot erudisie, wat die verwondering voor en oor die woord en die Woord ewe helder in wetenskaplike taal as in kinderlike geloof kan formuleer en kommunikeer, sodat taal werklik lewe en die God van taalopenbaring ook 'literêr' in die volle sin van die woord en Woord aanbid kan word. Aan u albei my hoogste waardering en opregte dank!

Die flink diens van die Ferdinand Postma- en die Teologiese Skool-biblioteke van die Noordwes-Universiteit (NWU) word met eer vermeld. Dankie aan dr. Tom Larney, mevv. Gerda van Rooyen, Malie Smit, Cora Bezuidenhout, Georgene Mulder, Hester Spoelstra, Doefie Kruger, Hester Lombard en Susan Coetzee. My waardering vir hulle professionele hulp en ook vir die reëling deur hulle getref dat ek ook van die biblioteekdienste van die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) en die Universiteit van Pretoria (UP) gebruik kon maak. Sonder die NWU se vergunning om ná lang siektetydperke steeds te kon voortgaan met die studie, sou die voltooiing nie bereik kon word nie.

Die Here het verskillende mense as motiveerders tot die studie gebruik. Wie kan al die mense by die naam onthou en noem wat heilsame invloed op jou lewe en studie uitoefen? Ek bring in dankbare herinnering al die hoogleraars in die pril van my teologiese studie; verder ook proff. Cassie Venter en Piet Roodt, die TKKP en die Gesamentlike Gesangekommissie, onderskeidelik onder leiding van proff. Attie Barnard en Cas Vos; ook ander mense van die statuut van mnr. H. Pieter van der Westhuizen en wyle prof. Gawie Cillié. Ek dink ook met waardeerende erkenning aan die vormende bydrae in my himnologiese betrokkenheid oor jare: proff. Herrie van Rooy, PGW du Plessis, dr. Rassie Smit, Jacoba van Rooy, Driekie Jankowitz, Natie van Vuuren, ds. Arnold Mulder (om maar enkeles te noem), medepredikante/voorganers in die erediens, asook onnoembaar baie lidmate wat oor jare heen aan my liturgiese sorg toevertrou was en my liturgies verryk het.

Die kerkrade van die Gereformeerde Kerke Steynsburg, Bloemfontein-Suid, Middelburg (MP) en Windhoek het dit in my aktiewe bedieningstyd moontlik gemaak om teologies-wetenskaplik te ontwikkel en uiteindelik my toespitsing op die liturgiese lied as die gloedvolle vlam en simbool en die besondere uitdrukking van die loffer (die erediens) in hierdie proefskrif neerslag te laat vind. Ek bedank die Gereformeerde Kerk Windhoek vir onder meer die geleentheid tot studieverlof gedurende Januarie tot Maart 2008 en die ondersteuning wat ons steeds uit ons ver verlangland ontvang. Twee eerbiedwaardige oudpredikante en sryders in die goeie stryd van die geloof, ds. Roelf du Plessis en drs. Hessel Dijkstra, het op verskillende wyses onder verskillende omstandighede in verskillende tye my saak en taak op hulle geneem, om sodoende ook die Gereformeerde Kerk Windhoek se belang voortreflik en met liefdevolle opoffering te dien.

Ek salueer die orreliste op ons bedieningspad (1976-2010) wat altyd letterlik en figuurlik toonaangewend as my medevoorgangers in die liturgie opgetree het, wat die lied luid en duisendstemmig en gepas-vertolkend laat opklink het onder alle omstandighede.

My opregte dank aan mnr. Hans-Werner Matthaei vir bystand met rekenaartegnologie waardeur hy die studie keurig gehelp 'letterset' het; mnr. Johan Spies vir grafika en ander metterdaadhulp, ook prof. Nic Alberts en mnre. Johan van der Walt en DK Dreyer vir kosbare adviese en hulp ten opsigte van rekenaar-aangeleenthede; mev. Metthy Matthaei, 'n taalwonder wat met baie fyn (ver-)taalaanvoeling en deurtastende proeflees die proefskrif onmiskenbaar Afrikaans laat praat; en dr. Leona Venter vir nalees en keurige en kundige taaladviese.

My vêr-vroeë huisgenote, nog altyd ook huisgenote van die geloof, word met waardering vermeld: dr. Pieter Bingle (Kaapstad), mevv. Margaretha Coetzee (Pretoria) en Bettie de Villiers (Paradysstrand), dr. Ferdinand Bingle (Mokopane/Potgietersrus) en mev. Salóme Buys (Mosselbaai), almal mèt hulle onderskeie egliede, het veral tydens die moeilike tye van siekte-onderbrekings ondersteuning gebied en ons moreel gedra – op die wyse en in die styl van hulle wat ons almal se eerbiedwaardige ouerlike voorgangers in die verbond was: wyle prof. Hansie Bingle en mev. Lomie Bingle (Postma) van Suidstraat 1280, Hatfield, Pretoria. Dankie dat ook julle as my broers en susters julle deur hulle laat lei en leer het.

My vrou Betsie se nugterheid en gebalanseerdheid, ruimtevergunning aan my om ure in my 'boomhuis' (soos sy pleeg om my studeerkamer te noem) deur te bring, was begripvol en versterkend. Aan ons seun, Johan (Windhoek): jou vaardige vingers en vlugvoetigheid op en aan die koning van die instrumente is deurgaans imponerend en inspirerend. Jou orrelbegeleiding is musikaal delikaat, 'fyngvoelig' (in die sin dat dit getuig van fyn aanvoeling) en is meer as notekombinasies – dit is woord- en toonkuns wat sinvol saamwoon, of beter gestel: in jou begeleiding gelukkig getroud is. Die huwelik word in elke erediens opnuut sinvol voltrek, die skitterende vonke van die lofoffer is deur jou reg en raak 'gevang' en word met gloed en glans deur die sprekende orrelblaasbalk korrek aangevuur en deurgestuurd. Dat die studie deur jou ouers aan jou in jou besondere verhouding met die liturgievierende gemeente opgedra word, is 'n logiese voortvloeiende uit ons waardering vir die wyse waarop musikale koloriet in ryk skakerings van die getoonsette woord en die woordryke klank deur jou saamgebind word. Dit is 'n stigtelike en liggende kleurespel wat die lofoffer laat klink en klank, die liturgiese vlam laat gloei en begeesterend laat boei. Dankie, Johan, en saam met jou dank ons die Here, die God van taal en musiek, in Wie ons in die liturgiese lied meer as woordkuns en toonkuns beleef – ons mag dit lééf!

Ek sluit hierdie voorwoord soos ook elders af met gevleuelde woorde van die Kerkvader Augustinus: *bis orat qui cantat* (wie sing, bid dubbel). My nederige gebed is dat die navorsingsresulte die geloofsgemeenskap wat leef te midde van die spanning van die eindverwagting mag dien in haar aanbidding, saam met die Gees wagtend op die koms van haar Here-Bruidegom.

Summa cum laude Deo!

JPB

(VDM, oorgeplant, geëmeriteer, steeds dankbaar vergenoeg)

Pretoria

Desember AD 2011

OORSIGTELIKE INHOUDSOPGAWE

HOOFSUK 1

MOTIVERING VAN DIE STUDIEONDERWERP EN ORIËNTERING TEN OPSIGTE VAN DIE NAVORSING

1.0	INLEIDING	1
1.1	ORIËNTERING TEN OPSIGTE VAN DIE STUDIEONDERWERP	4
1.2	MOTIVERING VAN DIE ONDERWERPFORMULERING EN -KEUSE	5
1.3	PROBLEEMSTELLING	8
1.4	DOEL VAN DIE STUDIE	9
1.5	SENTRALE TEORETIESE STELLING	10
1.6	OMLYNING VAN DIE NAVORSING	10
1.7	METODE VAN NAVORSING	13
1.8	STRUKTURERING VAN DIE PROEFSKRIF	15

DEEL 1

METATEORETIESE VERTREKPUNTE VIR DIE BESTUDERING VAN BASISTEORETIESE HIMNOGRAFIESE BEGINSELS

HOOFSUK 2

LITERÊR-TEORETIESE PERSPEKTIEWE OP LITERATUUR EN OP DIE BYBEL-AS-LITERATUUR

2.0	INLEIDING	21
2.1	BETEKENISBEPALING VAN DIE BEGRIP <i>LITERATUUR</i>	22

2.2 DIE BYBEL AS/EN LITERATUUR	31
2.2.0 Inleiding: twee benaderingshoeke te onderskei	31
2.2.1 Die Bybel is literatuur(?)	33
2.2.2 Historiese oorsig oor die Bybel-as-literatuur	41
2.2.3 Die Bybel en (sekulêre) literatuur	123
2.2.4 Finale konklusie in verband met die Bybel as/en literatuur (die literariteit van die Bybel)	133
2.2.5 Die ondersoekresultate in verband met die literariteit van die Bybel se implikasie vir die verdere verloop van die huidige navorsing	134
2.3 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 2	138

HOOFSUK 3

HOOFBENADERINGS TOT DIE STUDIE VAN LITERATUUR EN DIE BYBEL-AS-LITERATUUR

3.0 INLEIDING	141
3.1 VERSKILLENDEN BENADERINGSHOEKE TOT LITERÊRE TEKSTE	142
3.1.1 Relevante literêre teorieë in die bestudering van die Bybel-as-literatuur	148
3.1.2 Samevatting van die bevindings in verband met die verskillende literêre hoofbenaderingswyses tot literêre tekste en die implikasie daarvan vir die huidige studie	219
3.2 TENDENSE IN LITERÊR-TEORETIESE NAVORSING	220
3.2.0 Inleidend: 'n geheeloorsig vir die bepaling van die huidige navorsingskonteks	220
3.2.1 Breë historiese oorsig oor literêrteoretiese tendense	221
3.2.2 Resente ontwikkelinge	222

3.2.2	Samevattende oorsig oor die huidige literêre navorsingskonteks	224
3.3	SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 3	224

DEEL 2

INTERAKSIE TUSSEN METATEORIE EN BASISTEORIE

HOOFSTUK 4

ONTGINNING VAN 'N INTERDISSIPLINÊRE EN MULTI-SUBDISSIPLINÊRE STUDIEVELD

4.0	INLEIDING	229
4.1	NAASLIGGENDE DISSIPLINES AAN DIE TEOLOGIE	230
4.2	LITERÊRE SUBDISSIPLINES, DEELWETENSKAPPE EN/ OF TOEGESPITSTE LITERÊRE STUDIETERREINE EN HULLE BYDRAE TOT EN BETEKENIS VIR DIE TEOLOGIESE DISSIPLINE <i>BYBELWETENSKAP</i> , IN BESONDER VIR DIE BESTUDERING VAN DIE OPENBARINGBOEK	231
4.2.0	Inleidende opmerkings	231
4.2.1	Genre-teorie	233
4.2.2	Narratologie	259
4.2.3	Poëtië	278
4.2.4	Retoriese analise	284
4.2.5	Metaforiek	291
4.2.6	Intertekstualiteit(-teorie)	295
4.2.6.0	Inleidend: intertekstualiteit in die opset van die huidige studie	295
4.2.7	Samevatting en bevinding ten opsigte van die rol en relevansie van die onderskeie literêre subdissiplines, deelwetenskappe en/of toegespitste literêre	

studierterreine vir die teologiese dissipline <i>Bybelwetenskap</i> , in besonder vir die bestudering van die Openbaringboek	313
4.3 IMPLEMENTERING VAN LITERÊRE DIMENSIES EN PERSPEKTIEWE IN DIE ONTWIKKELING VAN 'N TEOLOGIESE BASISTEORIE	313
4.3.0 Inleiding	313
4.3.1 Wyse van implimentering van literêre dimensies en perspektiewe in 'n teologiese basisteorie	314
4.3.2 Formulerings van 'n benaderingshoek tot die studie van Openbaring	315
4.3.3 Vaststelling van 'n metode vir navorsing wat afgestem word op die analise, eksegetiese ontsluiting en interpretasie van die Openbaringboek	316
4.4 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 4	317

DEEL 3

BASISTEORETIESE HIMNOGRAFIESE BEGINSELS IN DIE BOEK OPENBARING

HOOFSTUK 5

MAKROSTRUKTURELE ANALISE VAN DIE DRAMATIESE NARRATIEF *OPENBARING*

5.0 INLEIDING	323
5.1 VORM-INHOUD-KONFIGURASIE (<i>GESTALT</i>) VAN OPENBARING: ÉÉN VERHAAL GEÏNTEGREER IN ÉÉN STRUKTUELE KORPUS?	325
5.1.0 Inleidend: benadering tot die vaststelling van strukturele integriteit in die boek	325
5.1.1 Teksoorsprong en –samestelling	325
5.1.2 Verhaalintegriteit	326

5.2 ONDERSKEIDING VAN SEGMENTE IN DIE <i>Ἀποκάλυψις Ἰησοῦ Χριστοῦ</i>	329
5.3 DIFFERENSIËRING VAN NARRATIEF-TIPES IN DIE <i>ἈΠΟΚΑΛΥΨΙΣ ἸΩΑΝΝΟΥ</i>	334
5.3.0 Inleidend: strukturele eenheid, narratiewe diversiteit	334
5.3.1 Metanarratief	335
5.3.2 Onderliggende/grondliggende narratief	335
5.3.3 Dramatiese narratief	335
5.3.4 Segmentele narratiewe	336
5.3.5 Sikliese subnarratiewe	336
5.4 NARRATOLOGIESE LESING CUM KURSORIESE EKSEGESE VAN DIE MAKROKONSTRUKSIE <i>OPENBARING</i>	339
5.4.0 Inleidend: 'n drieledige ondersoek om struktuurpatrone te identifiseer	339
5.4.1 Narratologiese lesing <i>cum</i> kursories-eksegetiese analise van die eerste segmentele narratief (Op. 1:1-3:22)	339
3.4.1 Narratologiese lesing <i>cum</i> kursories-eksegetiese analise van die tweede segmentele narratief (Op. 4:1-11:19)	373
3.4.2 Narratologiese lesing <i>cum</i> kursories-eksegetiese analise van die derde segmentele narratief (Op. 12:1-22:21)	404
5.5 VOORLOPIGE BEPALING VAN DIE ROL EN BETEKENIS VAN DIE HIMNIESE GEDEELTES IN OPENBARING OP GROND VAN DIE MAKROSTRUKTURELE ANALISE	445
5.5.1 Generiese funksie van die poëtiese mikrotekste in die makrostruktuur	445
5.5.2 Narratiewe funksie van die liedere in die apokalips	446
5.5.3 Retoriese funksie van die himnes in die dramatiese narratief	447
5.5.4 'n Basisteoretiese beginselgrondslag vir himnografie	448

5.6 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 5	449

HOOFSTUK 6

EKSEGETIESE DIEPTE-ONDERSOEK VAN HIMNIESE MIKROTEKSTE IN OPENBARING

6.0 INLEIDING	351
6.1 AFBAKENING VAN HIMNIESE MIKROTEKSTE	452
6.1.0 Inleidend: die verband tussen benadering, kriteria en afbakening	452
6.1.1 Afbakeningskriteria	452
6.1.2 Punktuele afbakening van liedtekste	459
6.1.3 Bepaling van die perikope en onmiddellike wyer konteks waarin die afgebakende himniese mikrotekste in Openbaring funksioneer	464
6.2 DOKSOLOGIESE VARIASIES	469
6.2.0 Inleidende opmerking in verband met terminologie	469
6.2.1 Die term <i>doksologie</i> in verband met Openbaring se himniese mikrotekste gebruik	469
6.2.2 Prominente style/vorme van lofuiting	471
6.2.3 Die doksologiese mikrotekste van Openbaring en die drie argi-genres	477
6.3 DIEPTESNITTE IN DIE DOKSOLOGIE VAN OPENBARING	478
6.3.0 Onderzoekkoördinaat: fronton en portiek van hemelse liturgie	478
6.3.1 Liedtekste van Openbaring 4 en 5 binne konteks in diepte ontleed	480

6.3.1.0 Inleidende oorsig oor die eksegetiese uitleg van die twee hoofstukke	480
6.3.1.1 Struktuur van Openbaring 4 en 5	480
6.3.1.2 Detailverklaring van die vier liedtekste, twee liedperikope en die konteks van Openbaring 4 en 5	482
6.3.1.3 Verband- en struktuurpatrone in Openbaring 4 en 5	571
6.3.1.4 Konkluderende samevatting van die diepte-ondersoek van Openbaring 4 en 5	583
6.3.1.5 Betekenis en implikasie van die diepte-ontleding van Openbaring 4 en 5, in besonder van die himnodie, vir die nagaan van ander liedtekste in die boek	584
6.3.2 Ander liedtekste van die himnografiekorpus vir transgeneriese verskynsels/wisselinge ondersoek	585
6.3.3 Samevattende konklusie in verband met die dieptesnit-ondersoek in die himniese doksologie van Openbaring	595
6.4 VOORLOPIGE BEPALING VAN DIE ROL EN BETEKENIS VAN DIE HIMNIESE MIKROTEKSTE IN OPENBARING IN DIE LIG VAN DIE EKSEGETIESE DIEPTE-ONDERSOEK	599
6.4.1 Generiese aspekte	599
6.4.2 Narratiewe funksie	600
6.4.3 Retoriese oorredingskrag	601
6.4.4 'n Basisteoretiese beginselgrondslag vir himnografie	602
6.5 KONKUSIE IN VERBAND MET DIE VOORLOPIGE BEPALING VAN DIE ROL EN BETEKENIS VAN DIE HIMNIESE MIKROTEKSTE IN DIE DRAMATIESE NARRATIEF OPENBARING	603
6.6 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 6	603

DEEL 4

INTEGRASIE EN KONKRETISERING VAN DIE STUDIE: LITERÊRE DIMENSIES EN BASISTEORETIESE BEGINSELS EN RIGLYNE VIR HIMNOGRAFIE

HOOFSTUK 7

SKRIFTUURLIKE, PRINSIPIEEL-BEGRONDE BASIS VAN EN RIGLYNE VIR HIMNOGRAFIE

7.0 INLEIDING	609
7.1 PRINSIPIËLE BASIS VAN DIE HIMNOGRAFIE	609
7.1.0 Oorsig oor die omskrywing en vasstelling van prinsipiële aspekte	609
7.1.1 Skriftuurlike beginselgrondslag van die himnografie	609
7.1.2 Leidende en regulerende beginsel vir himnografie: <i>relata refero</i>	610
7.1.3 Basisteoretiese beginsels vir himnografie	611
7.2 RIGLYNE VIR HIMNOGRAFIE	614
7.2.0 Inleidend: <i>behoort</i> 'n sleutelbegrip	614
7.2.1 Vyf riglyne vir himnografie in vyf stellings afgebaken	615
7.2.1.0 Oorsig	615
7.2.1.1 Die Woord <i>keur</i> die woord van die nuwe lied	615
7.2.1.2 Die Woord <i>stilleer</i> die woord van die nuwe lied	617
7.2.1.3 Die Woord <i>verdiep</i> die woord van die nuwe lied	620
7.2.1.4 Die Woord <i>simfonieer</i> die woord van die nuwe lied	621
7.2.1.5 Die Woord <i>transendeer</i> die woord van die nuwe lied	623
7.2.2 Riglyne aangewend (voorbeeld)	623

7.3 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 7	632

HOOFSTUK 8

SAMEVATTING VAN RESULTATE EN FINALE UITKOMS VAN DIE NAVORSING

8.0 OORSIG	635
8.1 SAMEVATTING VAN NAVORSINGSRESULTATE	635
8.1.1 Metateorie	635
8.1.2 Interdisiplinêr-teoretiese aspekte tussen meta- en basisteorie	637
8.1.3 Basisteorie	639
8.1.3.1 Generiese aspekte van die Openbaringboek	639
8.1.3.2 Narratiewe funksie van die lieder in die dramatiese narratief	641
8.1.3.3 Retoriese effek van die doksologiese himnodie in die apokalips	642
8.1.3.4 Die rol van poëtiese seggingskrag	643
8.1.3.5 Die rol van metaforiek in die lieder	644
8.1.3.6 Teks en teks: intertekstualiteit in die laaste Bybelboek	644
8.2 INTEGRASIE EN KONKRETISERING VAN LITERÊRE DIMENSIES EN HIMNOGRAFIESE BEGINSELASPEKTE	645
8.2.1 Skriftuurlike, prinsipiële-begronde basis van en riglyne vir himnografie	645
8.2.1.1 Prinsipiële basis van die himnografie	646
8.2.1.2 Riglyne vir himnografie	648
8.3 FINALE UITKOMS VAN DIE STUDIE	649
8.4 RIGLYNE VIR VERDERE NAVORSING	650
ADDENDA	653
BIBLIOGRAFIE	677

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

MOTIVERING VAN DIE STUDIEONDERWERP EN ORIËNTERING TEN OPSIGTE VAN DIE NAVORSING

1.0	INLEIDING	1
1.1	ORIËNTERING TEN OPSIGTE VAN DIE STUDIEONDERWERP	4
1.2	MOTIVERING VAN DIE ONDERWERPFORMULERING EN -KEUSE	5
1.3	PROBLEEMSTELLING	8
1.4	DOEL VAN DIE STUDIE	9
	(i) Oorkoepelende doelstelling	9
	(ii) Spesifieke doelwitte	9
1.5	SENTRALE TEORETIESE STELLING	10
1.6	OMLYNING VAN DIE NAVORSING	10
1.6.1	Begripsbepaling	10
1.6.1.1	Dramatiek↔dramaties	10
1.6.1.2	Epiek↔epies	11
1.6.1.3	Liriek↔liries	11
1.6.1.4	Stramien	11
1.6.1.5	Apokaliptiek	11
1.6.1.6	Konstitueer (konstituerende)	11
1.6.1.7	Liturgiese lied	11
1.6.1.8	Himne	12
1.6.2	Bepaling van wetenskaplike dissipline en veld van ondersoek	12
1.7	METODE VAN NAVORSING	13
1.8	STRUKTURERING VAN DIE PROEFSKRIF	15

DEEL 1

METATEORETIESE VERTREKPUNTE VIR DIE BESTUDERING VAN BASISTEORETIESE HIMNOGRAFIESE BEGINSLS

HOOFSTUK 2

LITERÊR-TEORETIESE PERSPEKTIEWE OP LITERATUUR EN OP DIE BYBEL-AS-LITERATUUR

2.0 INLEIDING	21
2.1 BETEKENISBEPALING VAN DIE BEGRIP <i>LITERATUUR</i>	22
2.1.0 Inleidend: ordening van die ondersoek	22
2.1.1 Leksikologies-etimologiese betekenisaanduidings van die begrip <i>literatuur</i>	22
2.1.2 Kenteoretiese oriëntering ten opsigte van die term <i>literatuur</i>	23
2.1.3 'n Rigtinggewende model vir die formulering van 'n beskrywende definisie van <i>literatuur</i>	26
2.1.4 Werkdefinisie van <i>literatuur</i>	31
2.2 DIE BYBEL AS/EN LITERATUUR	31
2.2.0 Inleiding: twee benaderingshoeke te onderskei	31
2.2.1 Die Bybel is literatuur(?)	33
2.2.1.0 Inleidend: hoe 'literêr' is die Bybel?	33
2.2.1.1 Herkenning en erkenning van die Bybel as literatuur	33
2.2.1.2 Die Bybel en onderskeidende kenmerke van literatuur	34
(i) <i>Literatuur vergestalt menslike ervaring</i>	
(ii) <i>In 'n literêre teks word betekenis onder meer deur vorm gekommunikeer</i>	
(iii) <i>Literatuur is artistiek van aard</i>	
(iv) <i>Literatuur word gekenmerk deur 'n besondere, spesiale gebruik van taal</i>	
(v) <i>Sekere genres kenmerk die kanon van literatuur</i>	

2.2.1.3 Samevattende konklusie in verband met die vraag of die Bybel literatuur is	40
2.2.2 Historiese oorsig oor die Bybel-as-literatuur	41
2.2.2.0 Inleidend: Wat bring die geskiedenis aan die lig in verband met die literariteit van die Bybel?	41
2.2.2.1 Die Bybelse tyd	43
2.2.2.1.0 <i>Inleidend: konteksbe­paling van die Bybelse tyd en uiteensetting van die ondersoek na die Bybel-as-literatuur in dié tyd</i>	43
2.2.2.1.1 <i>Die Bybel oor sy eie literariteit</i>	44
2.2.2.1.1.1 <i>Ou Testament: Prediker 12:9-10</i>	44
(i) <i>Redigering</i>	
(ii) <i>Aandag aan literêre detail</i>	
(iii) <i>Styl</i>	
(iv) <i>Genre</i>	
2.2.2.1.1.2 <i>Nuwe Testament: Openbaring 1:1</i>	46
2.2.2.1.2 <i>Die Bybel-as-literatuur in sy kontemporêre literêre konteks</i>	47
(i) <i>Kontemporêre literatuur-nomenklatuur</i>	
(ii) <i>Die term evangelie as samevatting van populêre genres in die Hellenistiese literatuurwêreld</i>	
• <i>‘Romance’</i>	
• <i>‘Aretalogy’</i>	
• <i>‘Biography’</i>	
(iii) <i>Verwantskap met sekulêre literatuur</i>	
(iv) <i>On­derskeidende kenmerke van literatuur</i>	
2.2.2.1.3 <i>Samevattende konklusie in verband met die beskouing en benadering van die Bybel se literariteit in die Bybelse tyd</i>	50
2.2.2.2 Die Patristiese tydperk (Vroeë Kerk)	50
2.2.2.2.0 <i>Inleidend: konteksbe­paling van die Patristiese tyd en uiteensetting van die ondersoek na die Bybel-as-literatuur in dié tyd</i>	50
2.2.2.2.1 <i>Die invloed van die Klassieke retoriek in die Patristiese tyd</i>	51
2.2.2.2.2 <i>Meerderheidstandpunt oor die literariteit van die Bybel in die Patristiese tyd</i>	52

2.2.2.2.3	<i>Aurelius Augustinus oor die Bybel-as-literatuur</i>	52
(i)	<i>Die Bybel vertoon dieselfde trekke van hoë literêre kwaliteit as die Klassieke retoriek</i>	
(ii)	<i>Die hoë waarde van die Bybel se welsprekendheid en skoonheid van uitdrukking</i>	
(iii)	<i>Vorm en inhoud is in die Bybel onskeibaar</i>	
(iv)	<i>Die Bybel is unieke literatuur</i>	
2.2.2.2.4	<i>Samevattende konklusie in verband met die beskouing en benadering van die Bybel se literariteit in die Patristiese tydperk</i>	56
2.2.2.3	<i>Die Middeleeue</i>	56
2.2.2.3.0	<i>Inleidend: konteksbeplaling van die Middeleeue en uiteensetting van die ondersoek na die Bybel-as-literatuur in dié tyd</i>	56
2.2.2.3.1	<i>Pous Gregorius I (Gregorius die Grote; 540-604)</i>	57
2.2.2.3.2	<i>Bernard van Clairvaux (1090-1153); Thomas van Aquino (1225-1274)</i>	58
2.2.2.3.3	<i>Dante Alighiéri (1265-1321)</i>	60
2.2.2.3.4	<i>Samevattende konklusie in verband met die beskouing en benadering van die Bybel se literariteit in die Middeleeue</i>	61
2.2.2.4	<i>Die Renaissance en Reformasie van die sestiende en sewentiende eeue</i>	61
2.2.2.4.0	<i>Inleidend: konteksbeplaling van die Renaissance en Reformasie en uiteensetting van die ondersoek na die Bybel-as-literatuur in dié tyd</i>	61
2.2.2.4.1	<i>Die gedeelde kultuurhistoriese konteks van die Renaissance en die Reformasie</i>	62
2.2.2.4.2	<i>Aansluiting by Augustinus</i>	63
2.2.2.4.3	<i>Sleutelkonsepte van Sir Philip Sidney in verband met die Bybel-as-literatuur</i>	64
2.2.2.4.4	<i>Verdere bevestiging en ontginning van Sidney se sleutelkonsepte in verband met die Bybel-as-literatuur</i>	65
2.2.2.4.5	<i>Samevattende konklusie in verband met die beskouing en benadering van die Bybel se literariteit in die sestiende- en sewentiende-eeuse Renaissance en Reformasie</i>	67
2.2.2.5	<i>Die Romantiek</i>	67
2.2.2.5.0	<i>Inleidend: konteksbeplaling van die Romantiek en uiteensetting van die ondersoek na die Bybel-as-literatuur in dié tyd</i>	67

2.2.2.5.1	Robert Lowth se ‘Lectures on the sacred poetry of the Hebrews’ (1753)	68
(i)	<i>Parallelisme in die poëtiese stof van die Bybel</i>	
(ii)	<i>Die Bybel se poëtiese vorme moet suiwer as sodanig geanaliseer word</i>	
(iii)	<i>Herstel van die Bybel tot die literêre ‘statuur’ van Klassieke literatuur</i>	
(iv)	<i>Bybelse poëtiese stof moet met die beste literêre teorieë en metodes benader word</i>	
(v)	<i>Duidelikheid oor die objek van literêre studie</i>	
2.2.2.5.2	Tipiese benadering van die Bybel-as-literatuur deur die Romantici	70
(i)	<i>Bybelse eenvoud</i>	
(ii)	<i>Bybelse sublimiteit</i>	
(iii)	<i>Bybelse mitologie</i>	
2.2.2.5.3	Gevolge van die Romantiek se benadering vir die bestudering van die Bybel-as-literatuur	71
2.2.2.5.4	Samevattende konklusie in verband met die beskouing en benadering van die Bybel se literariteit in die Romantiek van die (laat-)agtiende en negentiende eue	73
2.2.2.6	Ontwikkelinge in die twintigste eeu (tot ongeveer die sewentigerjare)	73
2.2.2.6.0	Inleidend: konteksbeplating van die eerste deel van die twintigste eeu en uiteensetting van die ondersoek na die Bybel-as-literatuur in dié tyd	73
2.2.2.6.1	Ontwikkeling gedurende die eerste vyf en sewentig jaar van die twintigste eeu in literatuurwetenskaplikes se benadering van die Bybel-as-literatuur	78
(i)	<i>Richard Moulton</i>	
(ii)	<i>Erich Auerbach</i>	
(iii)	<i>Northrop Frye</i>	
2.2.2.6.2	Ontwikkelinge in teologiese wetenskapsbeoefening se benadering van die Bybel-as-literatuur gedurende die eerste vyf en sewentig jaar van die twintigste eeu	82
2.2.2.6.3	Samevattende konklusie in verband met die beskouing en benadering van die Bybel se literariteit in die eerste driekwart van die twintigste eeu	85
2.2.2.7	Die resente tyd (ná 1975)	86
2.2.2.7.0	Inleidend: konteksbeplating van die resente tyd en uiteensetting van die ondersoek na die Bybel-as-literatuur in dié tydvak	86
2.2.2.7.1	Oorsig oor diverse resente benaderings tot die literariteit van die Bybel	97
(i)	<i>Geen gelykvormige benadering tot die literariteit van die Bybel bestaan nie</i>	
(ii)	<i>Verskuiwing van fokus</i>	
(iii)	<i>Voorkeur vir ’n bepaalde literatuursoort (genre) in die Bybel</i>	
(iv)	<i>Komplekse benadering tot die Bybelliteratuur</i>	

(v)	<i>Ambivalensie en oënskynlike onbepaalbaarheid van betekenis</i>	
(vi)	<i>Die Bybel se literariteit word gedesakraliseer</i>	
(vii)	<i>Vermidding van estetiese en retoriese konvensies</i>	
(viii)	<i>Teorie en teorieaanwending prominenter as teks</i>	
(ix)	<i>Vroeër gevestigde benaderings te midde van resente diversiteit</i>	
2.2.2.7.2	<i>Instandhouding in die resente tyd van 'n vroeëre goed gevestigde benadering van die Bybel-as-literatuur</i>	109
(i)	<i>Robert Alter</i>	
(ii)	<i>Temper Longman III</i>	
(iii)	<i>Leland Ryken</i>	
2.2.2.7.3	<i>Samevattende konklusie in verband met die beskouing en benadering van die Bybel se literariteit in die resente tyd (ná 1975)</i>	117
2.2.2.8	<i>Samevattting van en gevolgtrekkings in verband met die historiese oorsig oor die beskouing en benadering van die Bybel-as-literatuur</i>	118
2.2.2.8.0	<i>Inleidende opmerkings</i>	118
2.2.2.8.1	<i>Samevatting van die stand en evaluering van die literariteit van die Bybel in verskillende beskouings en benaderings tydens die onderskeie hoofperiodes van die geskiedenis</i>	119
2.2.2.8.2	<i>Samevattende konklusie in verband met die historiese oorsig oor die beskouings en benaderings van die Bybel-as-literatuur</i>	122
2.2.2.8.3	<i>Konklusie in verband met die literariteit van die Bybel in die lig van die historiese oorsig</i>	123
2.2.3	<i>Die Bybel en (sekulêre) literatuur</i>	123
2.2.3.0	<i>Inleiding</i>	123
2.2.3.1	<i>Waarde-oordeel oor die literariteit van die Bybel tussen (sekulêre) literatuur (oor die uniekheid van die Bybel)</i>	124
2.2.3.2	<i>Die onderlinge verhouding tussen die Bybel en (sekulêre) literatuur</i>	127
2.2.3.2.0	<i>Inleiding</i>	127
2.2.3.2.1	<i>Die Bybel en die kontemporêre literatuur van sy ontstaanskonteks</i>	127
2.2.3.2.2	<i>Die Bybel en latere literatuur (later as die Bybel se ontstaanskonteks)</i>	128
2.2.3.2.3	<i>Samevattende konklusie in verband met die onderlinge verhouding tussen die Bybel en (sekulêre) literatuur</i>	132
2.2.3.3	<i>Samevattende konklusie in verband met die Bybel en (sekulêre)</i>	

Literatuur	132
2.2.3.4 Konklusie in verband met die literariteit van die Bybel in die lig van die bespreking van die Bybel en (sekulêre) literatuur	133
2.2.4 Finale konklusie in verband met die Bybel as/en literatuur (die literariteit van die Bybel)	133
2.2.5 Die ondersoekresultate in verband met die literariteit van die Bybel se implikasie vir die verdere verloop van die huidige navorsing	134
2.3 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 2	138

HOOFSTUK 3

HOOFBENADERINGS TOT DIE STUDIE VAN LITERATUUR EN DIE BYBEL-AS-LITERATUUR

3.0 INLEIDING	141
3.1 VERSKILLENDE BENADERINGSHOEKE TOT LITERÊRE TEKSTE	142
3.1.0 Inleidend: sisteem in 'n polisisteem?	142
3.1.1 Hoofbenaderingswyses tot literêre tekste	143
3.1.1.1 Vier basiese komponente in die aandagveld van literêre kritiek as agtergrond vir die bestudering van literatuur	143
(i) <i>Mimetiese teorieë</i>	
(ii) <i>Pragmatiese teorieë</i>	
(iii) <i>Ekspressiewe teorieë</i>	
(iv) <i>Objektiewe teorieë</i>	
3.1.1.2 Oorsig oor oorhoofse sistematisering van twintigste-eeuse benaderings tot literêre tekste	146
3.1.1.3 'n Indelingsraamwerk vir hierdie studie van verskillende benaderings tot literêre tekste	147
• Historiese benaderings	
• Tekssentriese benaderings	
• Lesersentriese benaderings	

3.1.2 Relevante literêre teorieë in die bestudering van die Bybel-as-literatuur	148
3.1.2.0 Inleidende opmerking	148
3.1.2.1 Teorieë vanuit historiese benaderings	149
3.1.2.1.1 Beskrywing van teorieë met 'n historiese benaderingshoek	149
(i) <i>Historiese studies</i>	149
(i.i) <i>Sentrale konsepte, temas en/of motiewe</i>	150
(i.ii) <i>Sosio-historiese (kultuurhistoriese) konteks</i>	150
(i.iii) <i>Historiese (tradisionele) instellings</i>	151
(i.iv) <i>New Historicism</i>	152
(ii) <i>Biografiese studies</i>	153
(iii) <i>Literêr-historiese studies</i>	155
(iii.i) <i>Bronnekritiek</i>	155
(iii.iii) <i>Redaksiekritiek</i>	157
3.1.2.1.2 Relevansie van teorieë met 'n historiese benaderingshoek vir die huidige studie	158
3.1.2.2 Tekssentriese benaderings	162
3.1.2.2.1 Beskrywing van teorieë met 'n tekssentriese benaderingshoek	162
(i) <i>Formalistiese studies</i>	163
(i.i) <i>New Criticism en Practical Criticism</i>	164
♦ <i>Die invloed van die New Criticism op Bybelwetenskaplike navorsing</i>	
(i.ii) <i>Russiese Formalisme</i>	166
• Roman Jakobson	
• Boris Tomaševskij	
• Viktor Šklovskij	
• die sogenaamde <i>Bakhtin-Skool</i> , 'n latere ontwikkeling binne die Formalisme	
• Mikhail Bakhtin & Pavel Medvedev	
♦ <i>Die invloed van die Russiese Formalisme op Bybelwetenskaplike navorsing</i>	

(i.iii) Duitse werkimmanente Methode	169
• Wolfgang Kayser • Eberhard Lämmert • Käte Hamburger • Franz Stanzel	
♦ Die invloed van die Duitse werkimmanente Methode op Bybelwetenskaplike navorsing	
(i.iv) Stilistiek op taalkundige grondslag in Nederlands en Afrikaans	172
♦ Die invloed van Stilistiek op taalkundige grondslag op Bybelwetenskaplike navorsing	
(ii) Strukturalistiese studies	174
(ii.i) Skakels tussen Formalisme en Strukturalisme	175
• Vladimir Propp • André Jolles	
♦ Die invloed van die skakelfigure tussen Formalisme en Strukturalisme op Bybelwetenskaplike navorsing	
(ii.ii) Tsjeggiese Strukturalisme (Praagse Skool of Praagse Linguistiese Kring)	177
♦ Die invloed van Tsjeggiese Strukturalisme op Bybelwetenskaplike navorsing	
(ii.iii) Franse Strukturalisme (Nouvelle Critique)	178
• Roland Barthes • Claude Bremond • Algirdas Julian Greimas • Tzvetan Todorov • Gérard Genette	
♦ Die invloed van die Franse Strukturalisme op Bybelwetenskaplike navorsing	
(ii.iv) Post-strukturalisme (Dekonstruksie)	178
• Jacques Derrida • Julia Kristeva	
♦ Die invloed van Post-strukturalisme (Dekonstruksie) op Bybelwetenskaplike navorsing	
(ii.v) Semiotiek	193
• Jan Mukařovský • Jurij Lotman	

♦ <i>Die invloed van die Semiotiek op Bybelwetenskaplike navorsing</i>	
3.1.2.2 Relevansie van teorieë met 'n tekssentriese benaderingshoek vir die huidige studie	197
3.1.2.3 Lesersentriese benaderings	200
3.1.2.3.1 Beskrywing van teorieë met 'n lesersentriese benaderingshoek	200
(i) <i>Radikale leserrespons-teorieë</i>	202
• Stanley Fish	
• Norman Holland	
♦ <i>Die invloed van radikale leserrespons-teorieë op Bybelwetenskaplike navorsing</i>	
(ii) <i>Gematigde leserrespons-teorieë</i>	205
• Wolfgang Iser	
• Hans Robert Jauss	
♦ <i>Die invloed van gematigde leserrespons-teorieë op Bybelwetenskaplike navorsing</i>	
(iii) <i>Die leser en diverse referensiële benaderings</i>	210
• <i>Religieuse studies</i>	
• <i>Literatuursosiologie</i>	
• <i>Argetipiese studies</i>	
• <i>Marxistiese (sosiologiese en politiese) benaderings</i>	
• <i>Feministiese lesings van literatuur</i>	
• <i>New Historicism</i>	
♦ <i>Die invloed van diverse referensiële benaderings op Bybelwetenskaplike navorsing</i>	
3.1.2.3.2 Relevansie van teorieë met 'n lesersentriese benaderingshoek vir die huidige studie	215
3.1.3 Samevatting van die bevindings in verband met die verskillende literêre hoofbenaderingswyses tot literêre tekste en die implikasie daarvan vir die huidige studie	219
3.2 TENDENSE IN LITERÊR-TEORETIESE NAVORSING	220
3.2.0 Inleidend: 'n geheeloorsig vir die bepaling van die huidige navorsingskonteks	220
3.2.1 Breë historiese oorsig oor literêrteoretiese tendense	221
3.2.2 Resente ontwikkelinge	222

3.2.2.1	Afname in die ontwikkeling van nuwe literêre verhaalteorieë	222
3.2.2.2	Verskuiwings in narratiewe en narratologieë	223
3.2.2.3	‘Demokratisering’ van die leser	223
3.2.2.4	Groeiende belangstelling in die Bybel-as-literatuur	223
3.2.2.5	Holistiese benaderings met variërende aksente	224
3.2.3	Samevattende oorsig oor die huidige literêre navorsingskonteks	224
3.3	SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 3	224

DEEL 2

INTERAKSIE TUSSEN METATEORIE EN BASISTEORIE

HOOFSTUK 4

ONTGINNING VAN ’N INTERDISSIPLINÊRE EN MULTI-SUBDISSIPLINÊRE STUDIEVELD

4.0	INLEIDING	229
4.1	NAASLIGGENDE DISSIPLINES AAN DIE TEOLOGIE	230
4.2	LITERÊRE SUBDISSIPLINES, DEELWETENSKAPPE EN/ OF TOEGESPITSTE LITERÊRE STUDIETERREINE EN HULLE BYDRAE TOT EN BETEKENIS VIR DIE TEOLO- GIESE DISSIPLINE <i>BYBELWETENSKAP</i> , IN BESONDER VIR DIE BESTUDERING VAN DIE OPENBARINGBOEK	231
4.2.0	Inleidende opmerkings	231
4.2.1	Genre-teorie	233
4.2.1.0	Inleidend: genre-onderskeidings in die opset van die huidige studie	233

4.2.1.1	Die fokus van genre-studie	233
4.2.1.1.1	<i>Historiese geheeloorsig oor genre-onderskeidings en –teorie</i>	233
4.2.1.1.2	<i>Genre se (on)definieerbaarheid</i>	235
4.2.1.1.3	<i>Genre se drievoudige argi-tipes</i>	237
(i)	<i>Dramatiek</i>	238
(ii)	<i>Epiek</i>	239
(iii)	<i>Liriek</i>	239
4.2.1.1.4	<i>Genre se veelvoudige, kameleontiese gestaltes</i>	243
4.2.1.1.5	<i>Huidige tendense in genre-navorsing</i>	247
4.2.1.1.6	<i>Samevatting en konklusie in verband met die fokus en konteks van genre-navorsing</i>	248
4.2.1.2	Genre-onderskeiding se funksie in die Bybelwetenskap, in besonder in die bestudering van die Openbaringboek	249
4.2.1.2.1	<i>Die belangrikheid van genre-identifisering in die bestudering van 'n Bybelboek</i>	249
4.2.1.2.2	<i>Die Openbaringboek se plek tussen kontemporêre literatuur en binne die generiese verskeidenheid van die Bybel, in besonder van die Nuwe Testament</i>	249
4.2.1.2.3	<i>Ordering van die Openbaringboek se generiese samestelling</i>	256
4.2.1.3	Konklusie in verband met genre-teorie se rol en relevansie in die opset van die huidige studie	258
4.2.2	Narratologie	259
4.2.2.0	Inleidend: narratologie in die opset van die huidige studie	259
4.2.2.1	Die fokus van die narratologie	
4.2.2.1.0	<i>Stapsgewyse van teorie na praktyk: die fokus van die narratologie vasgestel en prakties implementeerbaar gemaak</i>	260
4.2.2.1.1	<i>Omskrywing van die term narratologie</i>	261
4.2.2.1.2	<i>Narratologiese benaderings en bydraes in hulle literêre konteks</i>	262
4.2.2.1.2.1	<i>Samevatting van narratologiese benaderings en bydraes reeds in hierdie studie gedokumenteer</i>	262

4.2.2.1.2.2	<i>Huidige stand van narratologiese navorsing</i>	263
(i)	<i>Mees resente publikasies waarin algemene verhaalteorie gesistematiseer word</i>	264
(ii)	<i>Narratologie in resente literêre konteks</i>	265
4.2.2.1.3	Samevatting van en konklusie in verband met narratologiese navorsing se fokus binne die huidige algemene literêr-teoretiese konteks waarbinne hierdie studie sy plek vind	267
4.2.2.1.4	Finale afbakening van die literêre subdissipline narratologie se fokus: van teoriebeskrywing na praktiese implementering	268
4.2.2.1.4.1	<i>Verhaalteorie in bruikbare apparatuur saamgetrek</i>	269
(i)	<i>Gemotiveerde keuse van 'n geskikte narratologiese model</i>	270
(ii)	<i>Beskrywende uiteensetting van die geselekteerde analisemodel van Mieke Bal</i>	272
	• Geskiedenis • Verhaal • Teks	
(iii)	<i>Finale evaluering van die bruikbaarheid van Mieke Bal se narratologiese analisemodel</i>	273
4.2.2.1.4.2	<i>Narratologiese konsepte in begrippe omskryf</i>	275
4.2.2.1.4.3	<i>Narratologiese terme as instrumente gebruik (wyse van implementering)</i>	275
4.2.2.2	Narratologie se funksie in die Bybelwetenskap, in besonder in die bestudering van die Openbaringboek	276
4.2.2.2.1	Die verband tussen narratologie en teologies-eksegetiese Struktuuranaliserings	276
4.2.2.2.2	Resente teologiese Openbaring-literatuur met 'n verhaalteoretiese oriëntering	277
4.2.2.3	Konklusie in verband met narratologie se rol en relevansie in die opset van die huidige studie	278
4.2.3	Poëtië	278
4.2.3.1	Die fokus van die poëtië	278
4.2.3.1.1	Terminologiese onderskeid: poëtië – poëtika	278
4.2.3.1.2	Studieveld van die poëtië	279
4.2.3.1.3	Poësie se benutting van taal se potensiaal	279

4.2.3.1.4	<i>Poëtiese seggingskrag</i>	280
4.2.3.1.5	<i>Poësie en prosa</i>	281
4.2.3.2	Poëtië se funksie in die Bybelwetenskap, in besonder in die bestudering van die Openbaringboek	282
4.2.3.3	Konklusie in verband met die literêre subdissipline poëtië se rol en relevansie in die opset van die huidige studie	283
4.2.4	Retoriese analise	284
4.2.4.1	Die fokus van retoriese analise as literêre subdissipline	284
4.2.4.2	Retoriese analise se funksie in die Bybelwetenskap, in besonder in die bestudering van die Openbaringboek	285
4.2.4.2.1	<i>Retoriese analise in Bybelwetenskaplike navorsing</i>	285
4.2.4.2.2	<i>Retoriese analise se funksie in die bestudering van die Openbaringboek</i>	287
	▪ <i>Retoriese analise en Openbaring as 'n dramatiese narratief</i> ▪ <i>Retoriese belang van die Griekse kultuurhistoriese konteks vir die sinvolle ontsluiting van Openbaring</i>	
4.2.4.3	Konklusie in verband met die literêre subdissipline retoriese analise se rol en relevansie in die opset van die huidige studie	290
4.2.5	Metaforiek	291
4.2.5.1	Die fokus van metafoorstudie	291
4.2.5.2	Metaforiek se funksie in die Bybelwetenskap, in besonder in die bestudering van die Openbaringboek	293
4.2.5.3	Konklusie in verband met metaforiek se rol en relevansie in die opset van die huidige studie	294
4.2.6	Intertekstualiteit(-teorie)	295
4.2.6.0	Inleidend: intertekstualiteit in die opset van die huidige studie	295
4.2.6.1	Die fokus van intertekstualiteit(-teorie)	295

4.2.6.1.1	<i>Historiese oorsig oor beskouinge van en benaderings tot Intertekstualiteit</i>	295
4.2.6.1.2	<i>Kort beskrywing van die ontwikkeling van intertekstuele teorie tydens en sedert die oorgang van tekssentriese na lesersentriese literatuurbenaderings</i>	297
4.2.6.1.3	<i>Die terminologie van intertekstualiteit(-teorie)</i>	298
4.2.6.1.4	<i>Intertekstualiteit(-teorie) se rol in die bepaling van teksbetekenis</i>	299
4.2.6.2	Intertekstualiteit(-teorie) se funksie in die Bybelwetenskap, in besonder in die bestudering van die Openbaringboek	301
4.2.6.2.1	<i>Intertekstualiteit en ontwikkelinge in die Bybelwetenskap</i>	301
	▪ Aanhaling ▪ Allusie ▪ Eggo	
4.2.6.2.2	<i>Aanwending en gebruikmaking van intertekstualiteitteorie se perspektiewe in Bybelwetenskaplike navorsing</i>	305
4.2.6.2.3	<i>Intertekstualiteit se besondere funksie in die Openbaringboek</i>	306
(i)	<i>Die Openbaringboek 'n unieke intertekstuele geskrif</i>	306
(ii)	<i>Joodse skrywers se gebruik van die Ou Testament, toegespits op Openbaring as 'n intertekstuele geskrif</i>	309
(iii)	<i>'n Belangwekkende debat in verband met intertekstualiteit in Openbaring</i>	311
(iv)	<i>Verantwoordelike aanwending van intertekstualiteitteorie se resultate in die ontsluiting van die Openbaringboek</i>	312
4.2.6.3	Konklusie in verband met intertekstualiteit(-teorie) se rol en relevansie in die opset van die huidige studie	312
4.2.7	Samevatting en bevinding ten opsigte van die rol en relevansie van die onderskeie literêre subdissiplines, deelwetenskappe en/of toegespitste literêre studierterreine vir die teologiese dissipline <i>Bybelwetenskap</i>, in besonder vir die bestudering van die Openbaringboek	313
4.3	IMPLEMENTERING VAN LITERÊRE DIMENSIES EN PERSPEKTIEWE IN DIE ONTWIKKELING VAN 'N TEOLOGIESE BASISTEORIE	313
4.3.0	Inleiding	313
4.3.1	Wyse van implimentering van literêre dimensies en perspektiewe in 'n teologiese basisteorie	314

4.3.2	Formulering van 'n benaderingshoek tot die studie van Openbaring	315
4.3.3	Vasstelling van 'n metode vir navorsing wat afgestem word op die analise, eksegetiese ontsluiting en interpretasie van die Openbaringboek	316
4.4	SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 4	317

DEEL 3

BASISTEORETIESE HIMNOGRAFIESE BEGINSELS IN DIE BOEK OPENBARING

HOOFSTUK 5 MAKROSTRUKTURELE ANALISE VAN DIE DRAMATIESE NARRATIEF *OPENBARING*

5.0	INLEIDING	323
5.1	VORM-INHOUD-KONFIGURASIE (<i>GESTALT</i>) VAN OPENBARING: ÉÉN VERHAAL GEÏNTEGREER IN ÉÉN STRUKTUELE KORPUS?	325
5.1.0	Inleidend: benadering tot die vasstelling van strukturele integriteit in die boek	325
5.1.1	Teksoorsprong en –samestelling	325
5.1.2	Verhaalintegriteit	326
5.2	ONDERSKEIDING VAN SEGMENTE IN DIE <i>Ἀποκάλυψις Ἰησοῦ Χριστοῦ</i>	329
5.3	DIFFERENSIËRING VAN NARRATIEF-TIPES IN DIE <i>ΑΠΟΚΑΛΥΨΙΣ ΙΩΑΝΝΟΥ</i>	334
5.3.0	Inleidend: strukturele eenheid, narratiewe diversiteit	334
5.3.1	Metanarratief	335

5.3.2	Onderliggende/grondliggende narratief	335
5.3.3	Dramatiese narratief	335
5.3.4	Segmentele narratiewe	336
5.3.5	Sikliese subnarratiewe	336
5.4	NARRATOLOGIESE LESING CUM KURSORIESE EKSEGESE VAN DIE MAKROKONSTRUKSIE OPENBARING	339
5.4.0	Inleidend: 'n drieledige ondersoek om struktuurpatrone te identifiseer	339
5.4.1	Narratologiese lesing <i>cum</i> kursories-eksegetiese analise van die eerste segmentele narratief (Op. 1:1-3:22)	339
5.4.1.1	Die vlak van die geskiedenis (<i>fabula/story/histoire/Geschichte</i>)	339
5.4.1.1.1	<i>Gebeurtenisse</i>	340
5.4.1.1.2	<i>Akteurs</i>	341
5.4.1.1.3	<i>Tyd</i>	342
5.4.1.1.4	<i>Plek</i>	344
5.4.1.2	Die vlak van die verhaal (<i>sjuzet, plot, discours, fabel</i>)	345
5.4.1.2.1	<i>Volgorde</i>	345
5.4.1.2.2	<i>Ritme</i>	347
5.4.1.2.3	<i>Frekwensie</i>	348
5.4.1.2.4	<i>Van aktors na personages (karakters)</i>	350
(i)	<i>Hoofakteurs van die geskiedenis opgebou tot hoofkarakters in die verhaal</i>	350
	▪ <i>God</i> ▪ <i>Jesus Christus, Iemand soos die Seun van die mens</i> ▪ <i>Gees</i> ▪ <i>Johannes</i> ▪ <i>Die een wat die woorde van die profesie lees (een van die ontvangers van die apokalips)</i> ▪ <i>Die wat die woorde hoor en bewaar (die groep ontvangers van die apokalips)</i> ◦ <i>Bedreigde kandelaar Efese: suiwer sonder liefde</i> ◦ <i>Armlastige Smirna: tot die dood toe ryk</i> ◦ <i>Gevaarsone Pergamum: wêreldgees in die kerk</i>	

◦ Verleidelike bordeel Tiatira: oowerspel in die kerk	
◦ Kerkhof Sardis: lewendig-dood	
◦ Geopende deur Filadelfia: magswoord die wagwoord	
◦ Lou Laodisea: walglik ryk.	
(ii) Ondergeskikte akteurs van die geskiedenis opgebou tot karakters in die verhaal	367
5.4.1.2.5 Van plek na ruimte	368
5.4.1.2.6 Fokalisasie	368
(i) Wie praat?	369
(ii) Wie sien?	370
5.4.1.3 Die vlak van die teks (<i>narration</i> in Engels en Frans)	370
5.4.2 Narratologiese lesing <i>cum</i> kursories-eksegetiese analise van die tweede segmentele narratief (Op. 4:1-11:19)	373
5.4.2.1 Die vlak van die geskiedenis (<i>fabula/story/histoire/Geschichte</i>)	373
5.4.2.1.1 Gebeurtenisse	373
5.4.2.1.2 Akteurs	376
5.4.2.1.3 Tyd	378
5.4.2.1.4 Plek	378
5.4.2.2 Die vlak van die verhaal (<i>sjuzet, plot, discours, fabel</i>)	379
5.4.2.2.1 Volgorde	379
5.4.2.2.2 Ritme	380
5.4.2.2.3 Frekwensie	384
5.4.2.2.4 Van akteurs na personages (<i>karakters</i>)	385
(i) Hoofakteurs van die geskiedenis opgebou tot hoofkarakters in die verhaal	386
▪ God	
▪ Die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid; die Lam wat geslag is	
▪ Gees	
▪ Die eerstepersoonsverteller	
▪ Drie kringe troonfigurante	

◦ Identifisering van die vier lewende wesens in die eerste sirkel ◦ Identifisering van die vier en twintig ouderlinge van die middelkring ◦ Identifisering van die miljoene der miljoene engele van die buitesirkel	
▪ Die skepping, ontelbare menigte, stemme in die hemel	
(ii) Ondergeskikte akteurs van die geskiedenis opgebou tot karakters in die verhaal	397
5.4.2.2.5 Van plek na ruimte	398
5.4.2.2.6 Fokalisasie	399
5.4.2.3 Die vlak van die teks (<i>narration</i> in Engels en Frans)	400
5.4.3 Narratologiese lesing <i>cum</i> kursories-eksegetiese analise van die derde segmentele narratief (Op. 12:1-22:21)	404
5.4.3.1 Die vlak van die geskiedenis (<i>fabula/story/histoire/Geschichte</i>)	404
5.4.3.1.1 Gebeurtenisse	404
5.4.3.1.2 Akteurs	409
5.4.3.1.3 Tyd	410
5.4.3.1.4 Plek	411
5.4.3.2 Die vlak van die verhaal (<i>sjuzet, plot, discours, fabel</i>)	411
5.4.3.2.1 Volgorde	411
5.4.3.2.2 Ritme	414
5.4.3.2.3 Frekwensie	416
5.4.3.2.4 Van akteurs na personages (<i>karakters</i>)	418
(i) Hoofakteurs van die geskiedenis opgebou tot hoofkarakters in die verhaal	419
▪ God	
▪ Jesus Christus	
◦ Die manlike kind wat gebore word (12:5) ◦ Die Lam (14:1,4; 15:3a; 17:14; 19:7) ◦ Iemand soos die Seun van die mens (14:14) ◦ Die Ruiter op 'n wit perd (19:11-16) ◦ Jesus (22:7,12,16) en Here Jesus (22:20,21)	

◦ <i>Alfa en Omega, Eerste en Laaste, die Begin en die Einde</i> (22:13) ◦ <i>Die Afstammeling en Geslag/Nakomeling van Dawid</i> (22:16b) ◦ <i>Die helder Môrester</i> (22:16c) ▪ <i>Gees</i> ▪ <i>Κάτω Ἰωάννης ὁ...</i>(Dit is ek, Johannes, wat...; 22:8a) ▪ <i>Begunstigde begunstigers van die Protagonis</i> ◦ <i>Die vrou met die son bekleed, die maan onder haar voete en 'n kroon van twaalf sterre op haar kop</i> (12:1-2, 5-6, 13-17) ◦ <i>Die heilige stad, die nuwe Jerusalem</i> (21:2,9-22:5) ◦ <i>Honderd vier en veertig duisend verseëldes</i> (14:1-5) ◦ <i>Troonfigurante, bestaande uit die vier en twintig ouderlinge</i> (19:4) en <i>die vier lewende wesens</i> (15:7; 19:4) ▪ <i>Die Antagonis cum suis deur wie die Protagonis geopponeer word</i> ◦ <i>Die sewekoppige vuurrooi draak</i> (12:3-4,7-9,13-18; 20:2-3,7-8,10) ◦ <i>Die berugte sedelose vrou</i> (17:1-6, 18-18:24), <i>die groot stad Babilon</i> (17:18-18:24)	
(ii) <i>Ondergeskikte karakters</i>	436
5.4.3.2.5 <i>Van plek na ruimte</i>	436
5.4.3.2.6 <i>Fokalisasie</i>	437
5.4.3.3 <i>Die vlak van die teks (narration in Engels en Frans)</i>	
5.4.4 <i>Samevattende konklusie in verband met struktuurpatrone in die drie segmentele narratiewe</i>	443
5.5 VOORLOPIGE BEPALING VAN DIE ROL EN BETEKENIS VAN DIE HIMNIESE GEDEELTES IN OPENBARING OP GROND VAN DIE MAKROSTRUKTURELE ANALISE	445
5.5.1 <i>Generiese funksie van die poëtiese mikrotekste in die makrostruktuur</i>	445
5.5.2 <i>Narratiewe funksie van die lieder in die apokalips</i>	446
5.5.3 <i>Retoriese funksie van die himnes in die dramatiese narratief</i>	447
5.5.4 <i>'n Basisteoretiese beginselgrondslag vir himnografie</i>	448
5.6 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 5	449

HOOFSTUK 6

EKSEGETIESE DIEPTE-ONDERSOEK VAN HIMNIESE MIKROTEKSTE IN OPENBARING

6.0 INLEIDING	351
6.1 AFBAKENING VAN HIMNIESE MIKROTEKSTE	452
6.1.0 Inleidend: die verband tussen benadering, kriteria en afbakening	452
6.1.1 Afbakeningskriteria	452
6.1.1.0 Logiese stappe om kriteria vas te stel	452
6.1.1.1 Kriteria deur literêr-kulturele konteksaspekte van Openbaring beïnvloed	453
6.1.1.2 Kriteria vanuit 'n historiese vormkritiese benadering vasgestel	454
6.1.1.3 Kriteria uit 'n stilistiese en ko-tekstuele vertrekpunt saamgestel	454
6.1.1.4 Kriteria deur 'n intertekstuele en intratekstuele benadering gevorm	456
6.1.1.5 Konklusie in verband met die verskillende afbakeningskriteria en die implikasie daarvan vir liedafbakening	457
6.1.1.5.1 Samevattende konklusie	457
6.1.1.5.2 Implikasie van die konklusie vir liedafbakening	457
(i) Tekseksterne faktore	458
(ii) Teksinterne aspekte	458
6.1.2 Punktuele afbakening van liedtekste	459
6.1.2.0 Oriëntering	459
6.1.2.1 Himniese gedeeltes	460
6.1.2.2 Identifikasie van afsonderlike liedere	460
6.1.2.3 Somtotaal van die afsonderlike liedere	462
6.1.2.4 Sinopsis van die himnografiekorpus van Openbaring	463

6.1.3 Bepaling van die perikope en onmiddellike wyer konteks waarin die afgebakende himniese mikrotekste in Openbaring funksioneer	464
6.1.3.0 Inleidend: stappe in die bepaling van konteks; motivering	464
6.1.3.1 Die afsonderlike liedtekste in hulle perikoopverband en groter narratiewe konteks waargeneem	464
6.1.3.1.1 <i>Liedere van die eerste segment (Op. 1:1-3:22)</i>	464
(i) <i>Liedtekste in die eerste visioensiklus (1:1-3:22)</i>	464
6.1.3.1.2 <i>Liedere van die tweede segment (Op. 4:1-11:19)</i>	465
(i) <i>Liedtekste in die eerste visioensiklus (4:1-8:1)</i>	465
(ii) <i>Liedteks in die tweede visioensiklus (8:2-11:19)</i>	466
6.1.3.1.3 <i>Liedere van die derde segment (Op. 12:1-22:21)</i>	466
(i) <i>Liedtekste in die eerste visioensiklus (12:1-15:4)</i>	466
(ii) <i>Liedtekste in die tweede visioensiklus (15:5-19:10)</i>	466
(iii) <i>Liedtekste in die derde visioensiklus (19:11-22:21)</i>	467
6.1.3.2 Sinopsis van die afgebakende himniese mikrotekste binne die onmiddellike en wyer verband van die makrokonstruksie	467
6.2 DOKSOLOGIESE VARIASIES	469
6.2.0 Inleidende opmerking in verband met terminologie	469
6.2.1 Die term <i>doksologie</i> in verband met Openbaring se himniese mikrotekste gebruik	469
6.2.2 Prominente style/vorme van lofuiting	471
6.2.2.0 Inleidende oorsig: veral twee hooftipes te onderskei	471
6.2.2.1 Die Ou-Testamentiese oorwinningslied en die doksologie van Openbaring	471
6.2.2.2 ‘<i>Das berichtende Lob</i>’	473
6.2.2.3 ‘<i>Das beschreibende Lob</i>’	475
6.2.2.4 Samevattende konklusies in verband met prominente style van lofverheffing	476

6.2.3 Die doksologiese mikrotekste van Openbaring en die drie argi-genres	477
6.3 DIEPTESNITTE IN DIE DOKSOLOGIE VAN OPENBARING	478
6.3.0 Onderzoekkoördinaat: fronton en portiek van hemelse liturgie	478
6.3.1 Liedtekste van Openbaring 4 en 5 binne konteks in diepte ontleed	480
6.3.1.0 Inleidende oorsig oor die eksegetiese uitleg van die twee hoofstukke	480
6.3.1.1 Struktuur van Openbaring 4 en 5	480
6.3.1.2 Detailverklaring van die vier liedtekste, twee liedperikope en die konteks van Openbaring 4 en 5	482
6.3.1.2.1 <i>Inleiding tot die visioen: die hemel óóp! – Op. 4:1-2a</i>	482
6.3.1.2.2 <i>Visie op die troon en troonfigurante – 4:2b-8a</i>	485
6.3.1.2.3 <i>Hemelse liturgie: eerste liedperikoop – 4:8b-11</i>	497
▪ 4:8c <i>Liturgiese sang: Trisagion (eerste liedteks)</i>	498
ἅγιος ἄγιος ἄγιος κύριος ὁ θεὸς ὁ παντοκράτωρ, ὁ ἦν καὶ ὁ ὢν καὶ ὁ ἐρχόμενος	
<i>Heilig, heilig, heilig [is] die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat komende is (aan die kom is)</i>	
(i) Verklaring van woorde, begrippe en mikro-eenhede	498
(i.i) 4:8c(i) ἅγιος (heilig)	498
(i.ii) 4:8c(ii) κύριος ὁ θεὸς ὁ παντοκράτωρ (die Here God, die Almagtige)	503
(i.iii) 4:8c(iii) ὁ ἦν καὶ ὁ ὢν καὶ ὁ ἐρχόμενος (Hy wat was en wat is en wat komende is)	504
(ii) Generiese manifestasie van doksologie in die eerste liedteks (Trisagion; 4:8c)	509
▪ 4:9 <i>Liturgiese sang: liedstrofe (eerste strofe van die tweede liedteks; eerste antifonale lied)</i>	510
Καὶ ὅταν δώσουσιν τὰ ζῶα δόξαν καὶ τιμὴν καὶ εὐχαριστίαν τῷ καθημένῳ ἐπὶ τῷ θρόνῳ τῷ ζῶντι εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων,...	
<i>En elke keer wanneer die lewendes / lewende wesens heerlikheid en eer en danksegging gee /toebring aan Hom sittende op die troon, (aan Hom) wat tot in alle ewigheid lewe,...</i>	

(i)	Verklaring van woorde, begrippe en mikro-eenhede	511
(i.i)	4:9(i) <i>Καὶ ὅταν δώσουσιν τὰ ζῶα</i> (En elke keer wanneer die lewende wesens gee/toebring)	511
(i.ii)	4:9(ii) <i>δόξαν</i> (← <i>ἡ δόξα</i>) (heerlikheid)	512
(i.iii)	4:9(iii) <i>τιμὴν</i> (← <i>ἡ τιμή</i>) (eer)	513
(i.iv)	4:9(iv) <i>εὐχαριστίαν</i> (← <i>ἡ εὐχαριστία</i>) (dank)	515
(i.v)	4:9(v) <i>τῷ καθημένῳ ἐπὶ τῷ θρόνῳ τῷ ζῶντι εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων</i> (aan Hom sittende op die troon, aan Hom wat tot in alle ewigheid lewe)	515
▪	4:11 Liturgiese sang: antifoon (tweede gedeelte van tweede liedteks)	517
	ἄξιός εἰ, ὁ κύριος καὶ ὁ θεὸς ἡμῶν, λαβεῖν τὴν δόξαν καὶ τὴν τιμὴν καὶ τὴν δύναμιν, ὅτι σὺ ἔκτισας τὰ πάντα καὶ διὰ τὸ θέλημά σου ἦσαν καὶ ἐκτίσθησαν	
	U is waardig, Here ons God, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, omdat U alles (alle dinge) geskep het en deur U wil het hulle begin om te bestaan en is hulle geskep	
(i)	Verklaring van woorde, begrippe en mikro-eenhede	517
(i.i)	4:11(i) <i>ἄξιός εἰ...λαβεῖν</i> (waardig is U...om te ontvang)	517
(i.ii)	4:11(ii) <i>ὁ κύριος καὶ ὁ θεὸς ἡμῶν</i> (Here ons God)	518
(i.iii)	4:11(iii) <i>τὴν δόξαν καὶ τὴν τιμὴν καὶ τὴν δύναμιν</i> (heerlikheid, eer en krag)	519
(i.iv)	4:11(iv) <i>ὅτι σὺ ἔκτισας τὰ πάντα // καὶ διὰ τὸ θέλημά σου ἦσαν καὶ ἐκτίσθησαν</i> (omdat U alles geskep het // en deur U wil het hulle begin om te bestaan en is hulle geskep)	521
6.3.1.2.4	Drama van die verseëelde boekrol – 5:1-5	525
6.3.1.2.5	Visie op die opgestane Lam wat geslag is – 5:6-7	533
6.3.1.2.6	Hemelse liturgie: tweede liedperikoop – 5:8-14	537
▪	5:9b-10 Liturgiese sang: liedstrofe (eerste strofe van die derde liedteks; tweede antifonale lied)	543
	ἄξιός εἰ λαβεῖν τὸ βιβλίον καὶ ἀνοῖξαι τὰς σφραγίδας αὐτοῦ, ὅτι ἐσφάγη καὶ ἡγόρασας τῷ θεῷ ἐν τῷ αἵματί σου ἐκ πάσης φυλῆς καὶ γλώσσης καὶ λαοῦ καὶ ἔθνους καὶ ἐποίησας αὐτοὺς τῷ θεῷ ἡμῶν βασιλείαν καὶ ἱερεῖς, καὶ βασιλεύσουσιν ἐπὶ τῆς γῆς	
	Waardig is U om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak, omdat U geslag is en [mense] losgekoop het vir God met u bloed uit elke stam en taal en volk en nasie en hulle gemaak het vir ons God 'n koninkryk en priesters;	

en hulle sal regeer oor die aarde

- (i) Verklaring van woorde, begrippe en mikro-eenhede 543
- (i.i) 5:9b(i) ἄξιός ἐστι λαβεῖν τὸ βιβλίον καὶ ἀνοῖξαι τὰς σφραγίδας αὐτοῦ, 543
(waardig is U om die boek te neem/ontvang en die seëls daarvan oop te maak)
- (i.ii) 5:9b(ii) ὅτι ἐσφάγης (omdat U geslag is) 545
- (i.iii) 5:9b(iii) καὶ ἠγόρασας τῷ θεῷ ἐν τῷ αἱματί σου 547
(en [hulle/mense] losgekoop het vir God met u bloed)
- (i.iv) 5:9b(iv) ἐκ πάσης φυλῆς καὶ γλώσσης καὶ λαοῦ καὶ ἔθνους 548
(uit elke stam en taal en volk en nasie)
- (i.v) 5:10 καὶ ἐποίησας αὐτοῦς τῷ θεῷ ἡμῶν βασιλείαν καὶ ἱερεῖς, 549
καὶ βασιλεύσουσιν ἐπὶ τῆς γῆς
(en [omdat] U hulle gemaak het vir ons God 'n koninkryk en priesters;
en hulle sal regeer oor die aarde)
- 5:12b Liturgiese sang: antifoon (eerste respons van derde liedteks) 556
ἄξιόν ἐστιν τὸ ἀρνίον τὸ ἐσφαγμένον λαβεῖν
τὴν δύναμιν καὶ πλοῦτον καὶ σοφίαν
καὶ ἰσχὺν καὶ τιμὴν καὶ δόξαν καὶ εὐλογίαν

Waardig is die Lam wat geslag is om te ontvang
die krag/mag en rykdom en wysheid
en sterkte en eer en heerlikheid en lof.
- (i) Verklaring van woorde, begrippe en mikro-eenhede 556
- (i.i) 5:12b(i) ἄξιόν ἐστιν τὸ ἀρνίον τὸ ἐσφαγμένον λαβεῖν 556
(Waardig is die Lam wat geslag is om te ontvang)
- 5:13b Liturgiese sang: antifoon (tweede respons, slot van derde liedteks) 563
τῷ καθημένῳ ἐπὶ τῷ θρόνῳ καὶ τῷ ἀρνίῳ
ἡ εὐλογία καὶ ἡ τιμὴ καὶ ἡ δόξα καὶ τὸ κράτος
εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων

Aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam
die lof en die eer en die heerlikheid en die krag
tot in alle ewigheid
- (i) Verklaring van woorde, begrippe en mikro-eenhede 563
- (i.i) 5:13b(i) τῷ καθημένῳ ἐπὶ τῷ θρόνῳ καὶ τῷ ἀρνίῳ 563
(Aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam)
- (i.ii) 5:13b(ii) ἡ εὐλογία καὶ ἡ τιμὴ καὶ ἡ δόξα καὶ τὸ κράτος 564
(die lof en die eer en die heerlikheid en die mag)
- (i.iii) 5:13b(iii) εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων 565
(tot in alle ewigheid)
- (ii) Generiese manifestasie van doksologie in die derde liedteks 566
(5:9b-10,12b,13b)

▪ 5:14a Liturgiese sang: akklamasie (vierde liedteks)	567
καὶ τὰ τέσσαρα ζῶα ἔλεγον· ἀμήν	
En die vier lewende wesens het gesê/geroep: “Amen!”	
(i) Verklaring van woordfunksie en –betekenis	568
(ii) Generiese manifestasie van doksologie in die vierde liedteks (5:14a)	570
6.3.1.3 Verband- en struktuurpatrone in Openbaring 4 en 5	571
6.3.1.3.0 Oorsig	571
6.3.1.3.1 Inhoudelike verband tussen die twee hoofstukke	572
6.3.1.3.2 Strukturele patroon 1: fokus deur tydsaspekte van die werkwoord verskerp	574
(i) Aoristus-vervoegde werkwoorde (agtergrondskepping)	575
(ii) Werkwoorde in die praesens en imperfektum (voorgondplasing; tema-aspekte)	576
(iii) Perfektum-werkwoorde (frontfokus-aksente)	577
6.3.1.3.3 Strukturele patroon 2: betekenis deur stilistiese konstruksie ontsluit	579
6.3.1.4 Konkluderende samevatting van die diepte-onderzoek van Openbaring 4 en 5	583
6.3.1.5 Betekenis en implikasie van die diepte-ontleding van Openbaring 4 en 5, in besonder van die himnodie, vir die nagaan van ander liedtekste in die boek	584
6.3.2 Ander liedtekste van die himnografiekorpus vir transgeneriese verskynsels/wisselinge ondersoek	585
6.3.2.1 Vyfde liedteks (derde antifonale lied) 7:10b,12b	585
6.3.2.2 Sesde liedteks (vierde antifonale lied) 11:15b,17b-18	586
6.3.2.3 Sewende liedteks 12:10b-12	588
6.3.2.4 Agtste liedteks 15:3b-4	589
6.3.2.5 Negende liedteks (vyfde antifonale lied) 16:5-6,7b	590
6.3.2.6 Tiende liedteks (sesde antifonale lied) 19:1b-2,3b,4b	592
6.3.2.7 Elfde liedteks (sewende antifonale lied) 19:5b,6b-8a	593
6.3.3 Samevattende konklusie in verband met die dieptesnit-onderzoek in die himniese doksologie van Openbaring	595

6.4	VOORLOPIGE BEPALING VAN DIE ROL EN BETEKENIS VAN DIE HIMNIESE MIKROTEKSTE IN OPENBARING IN DIE LIG VAN DIE EKSEGETIESE DIEPTE-ONDERSOEK	599
6.4.1	Generiese aspekte	599
6.4.2	Narratiewe funksie	600
6.4.3	Retoriese oorredingskrag	601
6.4.4	'n Basisteoretiese beginselgrondslag vir himnografie	602
6.5	KONKUSIE IN VERBAND MET DIE VOORLOPIGE BEPALING VAN DIE ROL EN BETEKENIS VAN DIE HIMNIESE MIKROTEKSTE IN DIE DRAMATIESE NARRATIEF OPENBARING	603
6.6	SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 6	603

DEEL 4

INTEGRASIE EN KONKRETISERING VAN DIE STUDIE: LITERÊRE DIMENSIES EN BASISTEORETIESE BEGINSELS EN RIGLYNE VIR HIMNOGRAFIE

HOOFSTUK 7

SKRIFTUURLIKE, PRINSIPIEEL-BEGRONDE BASIS VAN EN RIGLYNE VIR HIMNOGRAFIE

7.0	INLEIDING	609
7.1	PRINSIPIËLE BASIS VAN DIE HIMNOGRAFIE	609
7.1.0	Oorsig oor die omskrywing en vasstelling van prinsipiële aspekte	609
7.1.1	Skriftuurlike beginselgrondslag van die himnografie	609
7.1.2	Leidende en regulerende beginsel vir himnografie: <i>relata refero</i>	610

7.1.3 Basisteoretiese beginsels vir himnografie	611
7.1.3.0 Oorsig	611
7.1.3.1 Uit God, deur God, tot God	611
7.1.3.2 Interpretatiewe kommentaar op die globale goddelike metanarratief	611
7.1.3.3 Die teksgeworde Woord sing voor	612
7.1.3.4 Lofuiting deur transgeneriese wisseling verryk	612
7.1.3.5 Himnografie en die dinamiek van retoriek	612
7.1.3.6 Met die volle potensiaal van taal deur die ‘klankgrens’	613
7.1.3.7 Meer as die somtotaal van saamgevoegde dele	613
7.1.3.8 In verwondering voor God, in verwondering oor God	613
7.1.3.9 Woonplek en troonplek	614
7.2 RIGLYNE VIR HIMNOGRAFIE	614
7.2.0 Inleidend: <i>behoort</i> ’n sleutelbegrip	614
7.2.1 Vyf riglyne vir himnografie in vyf stellings afgebaken	615
7.2.1.0 Oorsig	615
7.2.1.1 Die Woord <i>keur</i> die woord van die nuwe lied	615
7.2.1.2 Die Woord <i>stilleer</i> die woord van die nuwe lied	617
7.2.1.3 Die Woord <i>verdiep</i> die woord van die nuwe lied	620
7.2.1.4 Die Woord <i>simfonieer</i> die woord van die nuwe lied	621
7.2.1.5 Die Woord <i>transendeer</i> die woord van die nuwe lied	623
7.2.2 Riglyne aangewend (voorbeeld)	623
7.2.2.0 Oriënterend: voorbeeldlied in konteks	623
7.2.2.1 ’n Lied as voorbeeld van nuwe himnografie	624
7.2.2.2 Voorbeeldlied ontleed en die deurwerking van die riglyne nagegaan en getoets	626

7.2.2.2.1	<i>Eerste riglyn (die Woord keur die woord)</i>	626
7.2.2.2.2	<i>Tweede riglyn (die Woord stileer die woord)</i>	626
7.2.2.2.3	<i>Derde riglyn (die Woord verdiep die woord)</i>	630
7.2.2.2.4	<i>Vierde riglyn (die Woord simfoneer die woord)</i>	631
7.2.2.2.5	<i>Vyfde riglyn (die Woord transendeer die woord)</i>	632
7.3	SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 7	632

HOOFSTUK 8

SAMEVATTING VAN RESULTATE EN FINALE UITKOMS VAN DIE NAVORSING

8.0	OORSIG	635
8.1	SAMEVATTING VAN NAVORSINGSRESULTATE	635
8.1.1	Metateorie	635
8.1.1.1	Literatuurwetenskap as metateorie	635
8.1.1.2	Literêr-teoretiese aspekte van literatuur en die Bybel-as-literatuur	636
8.1.1.3	Hoofbenaderings tot die bestudering van literatuur	636
8.1.2	Interdissiplinêr-teoretiese aspekte tussen meta- en basisteorie	637
8.1.2.1	Interaksie en oorgrensbeweging tussen die teorieë	637
	(i) <i>Bevestiging van metateorie</i>	637
	(ii) <i>Onontbeerlike perspektiewe</i>	637
	(iii) <i>Verryking van basisteorie</i>	638
8.1.2.2	Wetenskaplike benaderingshoek en metode in 'n interdissiplinêre en multi-subdissiplinêre studieveld	
	(i) <i>Benaderingshoek</i>	638
	(ii) <i>Navorsingsmetode</i>	638
8.1.3	Basisteorie	639

8.1.3.1	Generiese aspekte van die Openbaringboek	
(i)	<i>Generiese samestelling van die boek</i>	639
	• Makrogenre	
	• Genre	
	• Mikro- of subgenres	
(ii)	<i>Transgenriese verskynsels in die apokalips en die betekenis daarvan</i>	639
(ii.i)	<i>Variasie in die skryfmodus van die makrokonstruksie</i>	
(ii.ii)	<i>Generiese interaksie tussen die dramatiese-narratiewe makrostruktuur en die subgeneriese himniese mikrotekste binne die inhoudelike konteks van die apokaliptiese genre</i>	
8.1.3.2	Narratiewe funksie van die liedere in die dramatiese narratief	641
8.1.3.3	Retoriese effek van die doksologiese himnodie in die apokalips	642
8.1.3.4	Die rol van poëtiese seggingskrag	643
8.1.3.5	Die rol van metaforiek in die liedere	644
8.1.3.6	Teks en teks: intertekstualiteit in die laaste Bybelboek	644
8.2	INTEGRASIE EN KONKRETISERING VAN LITERÊRE DIMENSIES EN HIMNOGRAFIESE BEGINSELASPEKTE	645
8.2.1	Skriftuurlike, prinsipieel-begronde basis van en riglyne vir himnografie	645
8.2.1.1	Prinsipiële basis van die himnografie	646
8.2.1.1.1	<i>Skriftuurlike beginselgrondslag van himnografie</i>	646
8.2.1.1.2	<i>Leidende en regulerende beginsel: relata refero</i>	647
8.2.1.1.3	<i>Basisteoretiese beginsels</i>	647
8.2.1.2	Riglyne vir himnografie	648
8.3	FINALE UITKOMS VAN DIE STUDIE	649
8.4	RIGLYNE VIR VERDERE NAVORSING	650
	ADDENDA	653
	BIBLIOGRAFIE	677

HOOFSTUK 1

MOTIVERING VAN DIE STUDIEONDERWERP EN ORIËTERING TEN OPSIGTE VAN DIE NAVORSING

1.0 INLEIDING

Sang as 'n religieuse handeling is van die vroegste tye deel van die geskiedenis van die mensdom. Die Godsvolk in die Ou-Testamentiese bedeling was 'n singende geloofsgemeenskap waarin musiek en poësie as relevant vir die religie beskou is – in so 'n mate dat 'n bekende himnoloog jare gelede opgemerk het dat dit die '*chief business of the Old Testament*' genoem kan word (Routley, 1978:7; vgl. Bingle, 2000:1). Ook die Nuwe-Testamentiese Godsvolk sing deur die eeue sy geloof uit. Dit gaan in kerkmusiek en die liturgiese lied dus oor aanbidding. Alle ander oorwegings in verband met die himniese handeling is ondergeskik hieraan. Alles wat in die Christelike kerk gebeur, vind immers sy oriëntasiepunt in aanbidding (Ludik, 2008:10). En so behoort ook die musiek en liturgiese lied uit die aanbiddingsmotief voort te kom. Liturgiese musiek en sang wat in eredienste gebruik word, moet aanbidding dien, en nie andersom nie.

Liturgiese sang het egter deur die tyd heen variërende vorme en style aangeneem. Die geskiedenis van kerkmusiek is 'n interessante onderwerp om te bestudeer, omdat dit juis verskillende standpunte, tradisies, vorme en style aan die lig bring. As byvoorbeeld net op die meer resente dekades se liturgiese musiek en sang gelet word, tref dit dat veral in die afgelope drie of vier dekades heftige debatte oor die aangeleentheid van variërende vorme, style en genres gevoer is.

Daar is sedert die sewentigerjare van die vorige eeu gesprekke gevoer oor die krisis waarin Protestantse kerkmusiek geraak het. Die musiekkultuur – spesifiek kerkmusiek en die kerklied – vertoon in die laat-twintigste eeu 'n byna onoorsienbare pluralisme in style en funksies (Kruger, 2002:20). Veral die negentigerjare kan die dekade van die '*worship wars*' genoem word. Thomas Long (2001:1-3) skryf vanuit 'n Amerikaanse kerklike konteks en sê dat dit 'n konflik is wat gegenereer is deur die botsing tussen twee sterk opponerende kragte, waarin aanbiddingstyle druk gedebatteer is en die himniese handeling in die erediens in die brandpunt te staan gekom het. Liturgiese 'speelvelde' het by wyse van spreke die slagvelde in dié oorlog geword – tussen tradisionele kerkmusiekstyle en dié van groepe met 'n sogenaamde meer *kontemporêre, vernuwende* aanslag.

Dat die debat ook as 'n tendens in die Suider-Afrikaanse konteks 'uitgebreek' het, spesifiek in Afrikaanse gereformeerde kerkgroeperinge, is duidelik uit korrespondensie in kerklike blaaië, artikels en ander publikasies. Uitgawes van *Vir die Musiekleier* – jaar-

blad van die *Suider-Afrikaanse Kerkkorrelistevereniging (SAKOV)* – uit die jare negentig onderstreep die feit van die onrus en stormagtigheid van dié dekade (vgl. onder meer uitgawes 19, 1992:4-14,68-71; 20, 1993:17-19,46-53,75-80; 21, 1994:40,76-78; 22, 1995:4-10,40-42,86-87; 23, 1996:4-10; 24, 1997:4-11,19-23,87,88).

In die Westerse kultuur het die posisie van die kerk drasties verander. Mouton (2010:21-23) beskryf die verandering as 'n sosiale marginalisering van die kerk en dat privatisering van die geloof plaasvind; kerke het in die moderne verbruikerskultuur oor godsdienst as 'n produk begin dink wat op die mark geplaas word en meeding om klandisie; laastens praat hy van 'n *ingebreekte* evangelie, bedoelende dat die evangelie se krag gebreek word. Die fokus is weg van die objektiewe en word voluit op die subjek geplaas, op die mens met sy voorveronderstellings en 'n eie soort spiritualiteit. Die emosionele en ervarings-godsdienst se *hartspiritualiteit* speel 'n groter rol as die meer gereformeerde styl van 'n *kopspiritualiteit* (Pieterse, 2005:414). Persoonlike voorkeur word die absolute maatstaf (Grové, 2006:24). “Daar het 'n sterk antroposentriese gees ontstaan waarin die mens die maatstaf van alles is” (Pieterse, 2005:411). Dit is vanselfsprekend faktore wat sterk invloed op die liturgie en liturgiese stylvorme uitoefen.

Intussen lyk dit of daar in die karakter van die botsing van standpunte in die beskryfde konteks 'n wending begin kom het met die draai van die eeu en die millennium. Die titel van Long se werk (2001) wat hierbo aangehaal is, gee hiervan 'n aanduiding: *Beyond the worship wars*.¹ In kerkgemeenskappe het die intensiteit van die ‘oorlog’ in 'n mate afgeneem in 'n gees van aanvaarding dat daar meer as een styl in himnes en himniese handelinge is en kan wees. Long (2001:9-12) is 'n voorstander daarvan dat daar tussen die opponerende style van *tradisioneel* en *kontemporêr* 'n derde weg gevind sal word. Meer as een styl kan geïntegreer word. Dit is opvallend dat daar 'n toenemende beklemtoning is van kwaliteit, funksionaliteit en relevansie ten opsigte van kerkmusiek – wat ook die lied en liedstyle insluit – en die interessante is dat in die debat wat hieroor in ‘tradisionalistiese’ en ‘modernistiese’ kringe gevoer word, albei die groeperinge hoë standaarde bepleit (Kruger, 2007:22). Sodoende kan die beste uit die nuwe geïntegreer word met die tradisionele wat ekumenies-vernuwend is sonder om die ryke teologiese en liturgiese erfenis te verwerp (Wagner-Ferreira, 2008:302). Daar word beweeg in die rigting van 'n *kontemporêre omgang met die tradisie* (Van der Merwe, 2007:7). Ou tradisies kom terug in 'n ‘retro’-vorm; dit beteken: aangepas by die nuwe geslag, sonder om die essensiële daarvan te verloor (Ludik, 2008:15).

Ten spyte van die feit dat daar in die Afrikaanse reformatoriese kerkgemeenskap twee liedbundels in die douvarsjare van die een-en-twintigste eeu in gebruik geneem is, naamlik die *Liedboek van die Kerk* (2001) en *Psalmboek* (2003), bly dit 'n aktuele vraag

¹ Vergelyk ook die titel van Byars se 2002-publikasie: *The future of protestant worship: Beyond the worship wars*.

hoe die Bybelgetroue geloofsgemeenskap sy himnografie behoort te skryf en te keur te midde van 'n veelheid van vorme en style. Skrifgetrouheid bly te alle tye die ononderhandelbare uitgangspunt by die teks van die Psalms, maar daar bestaan volgens Jankowitz (2010:37) 'n duidelike behoefte aan omdigtings wat die psalminhoud in herkenbare simboliek uit eietydse denk- en leefwyse kan omskryf. (’n Taakgroep van die die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat in hierdie rigting werk is die groep bekend as VONKK, afkorting van *Voortgesette Ontwikkeling van Nuwe Klassieke Kerkmusiek*.)

Bo en behalwe die aktualiteit van die liturgiese lied in die kerklike lewe en debat in die algemeen, en in besonder in die Afrikaanse reformatoriese kerkgemeenskap, vra etniese en kulturele verskuiwings in die Protestantse wêreld vir liturgiese inkulturasie (Serfontein, 2005:21-22; vgl. Wagner-Ferreira, 2008:301). 'n Relevante liturgie en musiek vir gereformeerde kerke van Afrika-oorsprong kan ook uniek wees en 'n unieke bydrae lewer (Letšosa & De Klerk, 2007:64-82). Dit stel nuwe eise aan die liturgiese lied, maar die gereformeerde kerklied kan nietemin positief bydra tot die proses van versoening en eenheid in die Suider-Afrikaanse konteks (Smit, 2007).

Daar word deur die navorsing wat in hierdie studie gedoen word, gepoog om 'n bydrae te lewer tot helderheid in verband met en 'n oplossing van die steeds aktuele problematiek wat bestaan rondom die liturgiese lied. Die bedoeling is nie om net as nog 'n stem deel te wees van 'n durende gedebatteerde probleem nie. Helderheid, koers en rigting kan verkry word indien die aangeleentheid – wat die taalkuns van die liturgiese lied in besonder betref – sowel literêr-wetenskaplik as teologies-wetenskaplik benader en begrond word. In 'n studie met hierdie oogmerk is dit dringend noodsaaklik dat daar basisteoretiese beginsels in die himniese stof van die Bybel self geïdentifiseer word om prinsipiële leiding te bied. Die indruk is – algemeen gesproke – dat veral lofliedere (soos onder meer in die *praise en worship*-beweging) dikwels ingevoer word sonder om die inhoud werklik te evalueer en te keur, omdat maatstawwe vir beoordeling nie behoorlik vasgestel is nie (De Klerk, 2002:2). Nieteenstaande al die besinning oor hierdie aangeleentheid is daar in 'n mate steeds 'n leemte ten opsigte van 'n skriftuurlike, prinsipiële-begronde basis van en riglyne vir himnografie. Die voorwaardes vir die 'ideale' lied wat in ondersoek geloods word, is volgens Grové (2006:21) min of meer voorspelbaar: “...*daar sal sprake wees van sake soos gewigtigheid van die waardige lied, wat ten opsigte van historiese herkoms, teologiese inhoud, estetiese gehalte, gepaste/korrekte woord-toon-verhoudinge en dies meer gemeet moet kan word*” (beklemtoneering van Grové). Al is hierdie eienskappe van die liturgiese lied in die gereformeerde teologie natuurlik van die grootste belang, is die noem van die gebruikelike aspekte nie genoeg nie; dieper begronding is nodig. Indien daarvan uitgegaan word dat Skrifgetrouheid in die lied 'n vereiste is en dat basisteoretiese beginsels in die himniese materiaal van die Skrif self gevind moet word, moet besef word dat literêre aspekte vanself ook aan die orde is. Die Bybel bevat materiaal uit verskillende genres. Dit plaas die problematiek van die kerklied in 'n wyer konteks van

verskillende soorte en verskyningsvorme van tekstualiteit en hieruit vloei die noodsaak voort dat die hele aangeleentheid breër aangepak behoort te word, dus vanuit sowel die Literatuurwetenskap as die Teologie. 'n Groot deel van hierdie navorsing het gevolglik te doen met literêre aspekte en perspektiewe en die dimensies wat daardeur geopen word. Die studieonderwerp spits hierop toe en is mede hierdeur gemotiveer.

Teen hierdie agtergrond gee ek inleidend verder aandag aan oriëntering ten opsigte van die studieonderwerp (1.1), motivering van die onderwerpformulering en -keuse (1.2), omskrywing van die probleemstelling (1.3), die doel van die studie (1.4), die sentrale teoretiese argument wat deur die navorsing loop (1.5), omlyning (afbakening en begrensing) van die navorsing (1.6), die metode van navorsing (1.7) en die globale strukturering van die proefskrif (1.8).

1.1 ORIËNTERING TEN OPSIGTE VAN DIE STUDIEONDERWERP

Met die titel van die studie wat die begrippe *dramatiek*, *epiek* en *liriek* bevat, moet daar in die navorsing onderskei word tussen modus, liries, dramaties en epies en tekstuele vorme soos die poëtiese. Die drie begrippe is literêre terme wat ontleen is aan die denke van die klassieke denkers Plato en Aristoteles. Dit word vandag in die Westerse literatuur steeds – alhoewel daar sekere probleme en besware teen die onderskeiding bestaan (Grové, 1992b:256) – as die drie hoofgenres in die literatuur aanvaar (Roos, 1992:97). Die onderskeiding geld literatuur in die algemeen, maar het deur die eeue met name in die poësie besondere beslag gekry.

Die term *hymnografie* word in hierdie studie in twee betekenisse gebruik: dit is eerstens 'n aanduiding van die kreatiewe handeling om 'n liturgiese liedteks daar te stel; tweedens word dit ook gebruik as verwysing na die *repertoire* of liturgiese liedvoorraad van 'n geloofsgemeenskap, spesifiek binne die Christelik-godsdienstige konteks. Uiteraard is die ondersoek van die himniese materiaal in die Bybel as die Heilige Skrif van die God wat aanbid word, primêr in die fokus en is dit bepalend vir die wetenskaplike navorsing wat gedoen word. Die skriftuurlike beginselbasis word vasgestel en die leidende en regulerende beginsel van die hymnografie word daaruit afgelei, asook basisteoretiese beginsels. Omdat die literêre hoof- of argi-genres binne teologiese konteks figureer, sal die begrippe *dramatiek*, *epiek* en *liriek* (of die *dramatiese*, *epiese* en *liriese*) spesifieke betekenisuanses kry – sonder dat dit losstaan van breër literêre oriëntering, navorsing en besinning. Metateoretiese insigte uit die Literatuurwetenskap is onontbeerlik vir die ondersoek wat gedoen word.

In die ontleding van die Openbaringboek word die himnes daarin nie primêr in die literêre hoofgenres gekategoriseer nie, maar word die *verhouding* tussen dramatiek, epiek en liriek, soos dit sáám ’n rol speel in en rondom die betrokke himnes, nagevors. Die liedere is vervleg in ’n *dramatiese* narratief. Laasgenoemde loop herhaaldelik oor in *epiese* lied-elemente, wat op hulle beurt weer saam met *liriek* in ’n liriese liedvorm verbind en nuwe dimensie aan die openbaringsdramatiek en die dramaties-epiese gee. Dit bring die ondersoek in die sfeer van himniese *geloofsverwondering*. Daarin word te doen gekry met die problematiek van wat die essensie van literatuur is en met die poëtiese woordkuns wat hulle nie maklik laat vasvang in één saligmakende definisie nie, maar wat telkens losruk en weerstand bied aan ’n vorige opvatting en omskrywing (Van Vliet, 1998:16). Juis deur die vervlegtheid van die algemeen literêr-geldende elemente op die himnes van toepassing te maak, kan die grondkonsepsie en ‘*het schoone geheim van de poëzie*’ (so genoem deur Westerlinck, 1950:9) – soos dit in die bestudeerde himnes lê – benader en ontdek word. So kan die betekenis van die himnes uiteindelik ontsluit word en kan die beginselgrondslag van en riglyne vir die himnografie geïdentifiseer word.

1.2 MOTIVERING VAN DIE ONDERWERPFORMULERING EN -KEUSE

Naas die aktualiteit van die onderwerp wat in die vlugtige situasie-analise van kontemporêre tendense aan die begin gemaak is, dien ook die onderstaande gegewens uit ’n breër oorsig as motivering vir die onderwerp. Die meeste groot denominasies in die wêreld het die laaste twee of drie dekades nuwe liedboeke die lig laat sien en ’n nuwe liednoot laat hoor. Daar word selfs van ’n himne-*ontploffing* gepraat (Bradley, 2000:41; vgl. De Klerk, 2002:1).

Die aktualiteit van die navorsing is verder duidelik uit die feit dat daar in resente tye – die laaste ongeveer vyftien jaar – baie oor vernuwing van die erediens gepubliseer word (vgl. Spoelstra, 1994:38). De Klerk (1999:311) noem dat daar ’n *dramatiese vaartversnelling* in die afgelope drie dekades in die ‘stiefkind’ van die teologiese wetenskap, naamlik die Liturgiewetenskap, plaasgevind het. Daar kan in dié verband verwys word na talle publikasies wat buitelandse en binnelands uit die verf (ink) gekom het. Uit buitelandse akademiese penne het werke gekom van Webber (2002[1992]); Schmidt-Lauber & Beiritz (1995); Schuman & Oskamp (1998). ’n Interessante ontwikkeling is dat daar ook ekumenies saam besin word oor liturgie en die Liturgiek. Hiervan is die publikasie van Barnard & Schuman (2002) ’n betekenisvolle voorbeeld. Twee bydraes van Suid-Afrikaanse teoloë, naamlik B.J. de Klerk en C.J.A. Vos, is ook daarin opgeneem, terwyl Rooms-Katolieke outeurs ook saamgeskryf het oor die aktuele liturgiese onderwerpe wat in die bundel aan die orde kom (vgl. Barnard & Schuman, 2002:7).

Binnelands kan die uitgebreide werk van Vos & Pieterse (1997) genoem word, en onder andere die *In die Skriflig*-uitgawes van 2002 36(1) en 2003 37(2) wat spesifiek op himnes in die Bybel en die kerklied toegespits is. Die liturgiese beweging en verskuiwings wat plaasvind, loop deur al die groot kerktradisies en -groeperinge: Rooms-Katoliek, Anglikaans, Reformatories en Metodisties (De Klerk, 1999:313; vgl. ook Fenwick & Spinks, 1995:3).

Baie van die literatuur wat die lig sien, handel met name oor erediensbeleving, oor die verwondering van aanbidding, waarin sang ook bydra tot 'n oop-wees voor God, en waarin die liturgiese lied 'n belangrike en selfs deurslaggewende rol speel. 'n Oorsig oor relevante literatuur aan die begin van die negentigerjare wat deur Strydom (1991:1, 2 en 4-17) gegee is, toon die belang van sang in die vernuwing en beleving van die erediens. Die huidige studie poog egter om aan te toon dat liturgiese vernuwing en verandering primêr én *finalitêr* gedra en gerugsteun moet word deur liturgiese *verdieping* (De Klerk, 1999:315-328). Die klem word op verdieping gelê, want deur verdieping kom daar ook gesonde, nodige verandering en vernuwing aan die orde. Die reformatoriese beginsel *ecclesia reformata semper reformanda* (*kerk van reformasie is altyd reformerend*) behoort enige verandering en vernuwing te lei. Dit is dan verdiepende verandering en vernuwing wat vanuit en deur die Woord gelei en gereguleer word. Dit beteken geensins 'n ignorering van die mens in sy huidige konteks nie. Inteendeel, dit is juis die mens in sy nuwe kontemporêre konteks en met sy bepaalde behoeftes ter wille en adresseer die lewe – met name ook die liturgiese lewe – opnuut in Skriflig.

Verdieping vanuit die literêre en teologiese ondersoek van die himniese stof in Openbaring wat as die grondstof van en vir hierdie studie ontleed word, is dus die fokus van die navorsing. Dit word nie in die eerste plek deur die veranderlike faktore van tydsgeselskappinge soos *Modernisme* en *Postmodernisme* gmoveer nie, alhoewel dié strominge ook uitgebreid as belangrike konteksinsligting bespreek word. Die fokus is veral daarop ingestel om die lig van die Skrif op die lied te werp te midde van die voortdurend veranderende wêreldtendense se invloed op die leefwêreld van geloofsgemeenskappe.

Die aktualiteit van die onderwerp is in bostaande oorsig oor resente literatuur maar slegs kripties aangedui.

Waarom daar spesifiek op die himniese stof van die boek Openbaring ingegaan word om die beginselgrondslag van himnografie bloot te lê en basisteoretiese himnografiese beginsels en riglyne daaruit af te lei, word deur die volgende oorwegings gemotiveer:

- Die analise van liedere in die Nuwe Testament kan waardevol en verrykend wees vir die proses van himnografie in die Nuwe-Testamentiese kerk.

- Die himniese stof in Openbaring bevat *volledige* liederes – anders as himniese gedeeltes in die ander boeke van die Nuwe Testament wat in baie gevalle fragmentaries van aard is (Bingle, 2000:48). Fragmentariese liederes en lieddele in die ander boeke van die Nuwe Testament lei waarskynlik in baie gevalle terug na liederes wat in gebruik was en algemeen bekend was in die tyd van die formasie van die Nuwe-Testamentiese kerk, maar wat nie volledig as geïnspireerde openbaring op (S)krif gekom het nie. Die Bybelskrywer het liturgiese materiaal ‘geleen’ (vgl. Bailey & Vander Broek, 1992:79) en dit opgeneem in die konteks van sy teologiese betoog.² In Openbaring se himnes is die verskillende sangpartye (die lewende wesens, ouderlinge, engele, die totale skepping, die universele kerk van alle eeue en plekke) besig om meer as liedfragmente te sing. Hulle liederes vorm in geheel integraal deel van die totale dramatiek van die openbaringsgebeure. Volledige liedtekste ontsluit meer fasette van die lied as literêre kunsvorm en dit maak die vaststelling van basisteoretiese beginsels van himnografiese belang en betekenis akkurrater; ook van die uiteindelijke daarstelling van basisteoretiese beginsels en riglyne.
- Die liederes wat in hulle totaliteit in die opset van Openbaring opgeneem is, is besonder belangrik vir studie vanuit liturgiewetenskaplike hoek, omdat die laaste Bybelboek ’n *liturgiese konteks* veronderstel (Murphy, 2005:687; Jang, 2002:193-194; Van de Kamp, 2000:42).
- Die Openbaring-himnes bring vir die kerk lig in die tyd tussen die koms en die wederkoms van Jesus Christus – met ander woorde spesifiek ook vir die geloofsgemeenskap wat nou lewe. Dit gee insig in die *eskatologiese* eksistensiële verwagtings in die hede (Viljoen, 2003:220; vgl. ook Thompson, 1990:61). Die Nuwe-Testamentiese kerk wat vandag lewe behoort dus vir ’n verantwoorde himnografie bedag te wees op die eskatologiese motief in die liturgiese lewe, soos dit in die liederes in Openbaring juis binne eskatologiese liturgiese konteks funksioneer.
- Die openbarings*dramatiek* in die vorm van ’n *dramatiese narratief* (Du Rand, 2007:217-218) is in Openbaring integraal deel van die *epiek* en *liriek* van die liturgies-funksionerende himnes. Die liederes wat bestudeer word, kan daarom die vervlegte verhouding tussen dramatiek, epiek en liriek in die liturgie van die Nuwe-Testamentiese kerk insiggewend aantoon en juis lei tot die belydende geloofsverwondering van die gelowiges, te midde van die spanning van

² So kan Schweitzer (1990:99) byvoorbeeld by die christologiese himne van Kol. 1:15-20 opmerk dat die woorde ‘*van die kerk*’ in vers 18 en die verwysing na die *kruis* in vers 20 moontlik insetsels van die briefskrywer Paulus is, omdat hy nie besig is om te sing nie, maar om te onderrig.

die eindverwagting – dit wat die himniese aktiwiteit in liturgiese konteks op die oog het.

1.3 PROBLEEMSTELLING

In die navorsing word die probleem van die vervlegte verhouding tussen openbaringsdramatiek, himniese *epiek* en himniese *liriek* en die daaruit voorspruitende responsiewe geloofsverwondering in die liturgiese lied aan die orde gestel. Die probleem lê nie in die verhouding of verband tussen die drie literêre hoofgenres self nie, maar in die leemte wat daar bestaan ten opsigte van 'n prinsipiële verantwoording oor die verhouding, en gevolglik ook ten opsigte van basisteoretiese beginsels daaruit wat leiding kan gee aan die geloofsgemeenskap se himnografiese *repertoire* en die moontlike uitbreiding daarvan in die eskatologiese tyd waarin dié gemeenskap leef. Die himnologies-betekenisvolle ontleding van die verhouding met die oog op himnografie is die fokuspunt van die probleem (en in die probleemstelling).

Die oorkoepelende navorsingsvraag kan so gestel word:

Wat is die skriftuurlike beginselgrondslag van himnografie en watter daaruit voortvloeiende basisteoretiese himnografiese beginsels en riglyne vir die Bybelgetroue geloofsgemeenskap in die eskatologiese eindtyd kan verkry word deur die ondersoek van literêre transgeneriese verskynsels en bewegings in die makrogeheel en – in besonder – in die mikrotekstuele himnografiekorpus van Openbaring?

In nader besonderhede geformuleer is aspekte uit hierdie probleemstelling en navorsingsvraag in vrae soos die volgende opgesluit:

- Watter insigte kan uit algemene literêre dimensies en perspektiewe verkry word deur die ontginning van die Literatuurwetenskap se onderskeiding van drie literêre hoofgenres in die literatuur (die dramatiese, epiese en liriese), en hoe kan dit bydra tot die vasstelling van die verhouding tussen openbaringsdramatiek, himniese *epiek* en himniese *liriek*?
- Watter lig werp Openbaring se himniese gedeeltes op die genoemde verhouding tussen openbaringsdramatiek, himniese *epiek* en himniese *liriek*?
- Lewer die kontemporêre kultuurhistoriese ontstaanskonteks van die apokalips waarin dit gelees en verstaan moet word, verdere verhelderende perspektiewe op die probleemstelling en navorsingsvraag?

- Hoe kan die verhouding tussen openbaringsdramatiek, himniese *epiek* en himniese *liriek* konkluderend omskryf word?
- Hoe kan die skriftuurlike beginselgrondslag van himnografie, die basisteoretiese himnografiese beginsels daaruit en riglyne vir liedskrywing en liedkeuring wat spruit uit die prinsipiële-begronde beginselaspekte, uit die omskryfde generiese verhouding geformuleer word?
- Op welke wyse word die riglyne in 'n gekose voorbeeld van nuwe himnografie aangewend?

1.4 DOEL VAN DIE STUDIE

(i) Oorkoepelende doelstelling

Om die skriftuurlike beginselgrondslag van himnografie te bepaal en voortvloeiend daaruit basisteoretiese himnografiese beginsels van en riglyne vir die Bybelgetroue geloofsgemeenskap in die eskatologiese eindtyd te identifiseer deur die ondersoek van literêre transgeneriese verskynsels en bewegings in die makrostruktuur en – in besonder – in die mikrotekstuele himnografiekorpus van Openbaring.

(ii) Spesifieke doelwitte

- Om uit algemene literêre dimensies perspektiewe en deur die ontginning van die Literatuurwetenskap se onderskeiding van drie literêre hoofgenres in die literatuur (die dramatiese, epiese en liriese) insigte te verkry en vas te stel hoe dit kan bydra tot die bepaling van die verhouding tussen openbaringsdramatiek, himniese *epiek* en himniese *liriek*;
- Om die genoemde verhouding tussen openbaringsdramatiek, himniese *epiek* en himniese *liriek* in die lig van Openbaring se himniese gedeeltes na te vors;
- Om vas te stel of en hoe die kontemporêre kultuurhistoriese ontstaanskonteks van die apokalips waarin dit gelees en verstaan moet word, verdere verhelderende perspektiewe op die probleemstelling en navorsingsvraag werp;
- Om konkluderend 'n omskrywing van die verhouding tussen openbaringsdramatiek, himniese *epiek* en himniese *liriek* te gee;

- Om uit die omskryfde generiese verhouding die skriftuurlike beginselgrondslag van himnografie, die basisteoretiese himnografiese beginsels daaruit en riglyne vir liedskrywing en -keuring wat spruit uit die prinsipieel-begronde beginselaspekte, te formuleer;
- Om die riglyne in 'n voorbeeld van nuwe himnografie aan te wend.

1.5 SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die sentrale teoretiese argument wat dwarsdeur die navorsing loop en al die fasette van die ondersoek saamhou, word soos volg geformuleer:

Die Bybelgefundeerde en Skrifgetroue liturgiese lied het 'n besondere bindingstruktuur, naamlik die stramien van die dinamiese interrelasie waarin die geykte literêr-generiese onderskeidingsterme dramatiek, epiek en liriek – of die dramatiese, epiese en liriese – in sinergie funksioneer en deur transgeneriese bewegings in dié verhouding meer word as die som van die saamgevoegde dele van die lied.

In die Openbaringboek aan die hand waarvan die diepte-ondersoek kragtens hierdie argument gedoen word, kom dit tot uitdrukking in die responderende himniese geloofsverwondering van die aanbiddingsgemeenskap wat in die bedeling tussen koms en wederkoms in eskatologiese eindtyd leef te midde van die spanning van hulle eindverwagting – waarin die liturgiese lied hulle begelei en inlei in die nuwe wat hulle eskatologies reeds mag beleef.

1.6 OMLYNING VAN DIE NAVORSING

1.6.1 Begripsbepaling

Die betekenis wat die onderstaande sleuteltermen in die studie dra, word nou bepaal en duidelik begrens en afgegrens.

1.6.1.1 Dramatiek ↔ dramatiese

Dramatiek of die *dramatiese* is een van die drie algemeen aanvaarde hoofgenres wat in die literatuur onderskei word. Dit word in die studie in 'n genuanseerde betekenis gebruik as aanduiding van die *openbaringsgebeure* in die vertelde wêreld van die apokalips en in

die globale goddelike metanarratief, asook as aanduiding van die dramatiese narratief van die apokalips.

1.6.1.2 Epiek↔epies

Epiek of die *epiese* is die tweede van die drie algemeen aanvaarde hoofgenres wat in die literatuur onderskei word. Dit word in die studie in 'n genuanseerde betekenis gebruik as aanduiding van die openbaringsdramatiek wat in die lied transformeer in 'n epiese gestalte. *Himniese epiek* ('n nadere kwalifisering van *epiek* as 'n poëtiese verskynsel) wil dus die dramatiek in die lied verwoord.

1.6.1.3 Liriek↔liries

Liriek of die *liriese* is die derde van die drie algemeen aanvaarde hoofgenres wat in die literatuur onderskei word. Dit word in die studie ook in 'n genuanseerde betekenis gebruik as aanduiding van die kulminasievorm waarop die openbaringsdramatiek en die epiese uitloop. *Himniese liriek* ('n nadere kwalifisering van *liriek* as 'n poëtiese verskynsel) wil dus in integrale verband met die *himniese epiek* die lied komplementeer en afrond.

1.6.1.4 Stramien

Stramien is gaas waarop geborduur word. Dit word in die studie figuurlik gebruik as die die saambindende onderbou/ondergrond/grondtoon van die himne of liturgiese lied.

1.6.1.5 Apokaliptiek

Apokaliptiek is die studie van apokaliptiese literatuur en die aanduiding van die tipe literatuur wat bepaalde (veral inhoudelike) eienskappe besit. Die woord *apokalips* wat daarmee verband hou, word in die studie gebruik vir Openbaring as 'n oopdekkende geskrif wat die vertelde wêreld in eskatologiese kader teken.

1.6.1.6 Konstitueer (konstituerende)

Konstitueer of die *konstituerende* is die handeling van totstandbrenging (samestellende bou). Dit word in hierdie studie bedoel as 'n verwysing na die funksie van stramien as die grondliggende krag waaruit die liturgiese lied binding en gestalte kry.

1.6.1.7 Liturgiese lied

Die *liturgiese lied* is 'n bepaalde liedvorm. Dit word in die studie gebruik as aanduiding van die liedere wat in die erediens van die geloofsgemeenskap gebruik word en is 'n enger begrip as gewyde sang of kerkmusiek in die algemeen.

1.6.1.8 Himne

Himne word in die studie gebruik as wisselterm van/vir *liturgiese lied*.

1.6.1.9 Himnografie

Himnografie beteken letterlik die skryf van himnes of liturgiese liedere soos hierbo gedefinieer. Dit word in die studie gebruik as verwysing na liedskrywing en na die *repertoire* of liturgiese liedvoorraad van 'n geloofsgemeenskap.³

1.6.2 Bepaling van wetenskaplike dissipline en veld van ondersoek

Die studie is kragtens die onderwerp 'n navorsing in die veld van die Praktiese Teologie. Die liturgiese lied as studie-objek verbesonder die ondersoek in die dissipline van die Liturgiek of Liturgiewetenskap, met besondere toespitsing op himnografiese aspekte in die subdissipline bekend as Himnologie. Die liturgiese lied of himne bestaan uit twee komponente wat daarin geïntegreer word, naamlik *taalkuns* en *toonkuns*. In die opset van 'n studiefokus wat op die religieuse lied afgestem word, is dit voor die hand liggend dat die relevante metateorieë onderskeidelik die Literatuurwetenskap en die Musiekwetenskap is. Die studie onder opskrif van die geformuleerde titel beperk die metateorie tot die Literatuurwetenskap. (Toonkunsaspekte kom wel sydelings aan die einde van die navorsing ter sprake.)

Die studie moet nog nader afgebaken en gekwalifiseer word. Baie aandag word aan die Literatuurwetenskap as metateorie gegee, in so 'n mate dat dit ongeveer die helfte van die teksvolume beslaan. Die ander 'helfte' van die proefskrif is weer hoofsaaklik navorsing in die teologiese Nuwe-Testamentiese Bybelwetenskap, om daaruit die Praktiese Teologiese basisteorie van himnografie te belig. Daar word interdisiplinêr tussen die literêre metateorie en die teologiese basisteorie gewerk, om vanuit die Literatuurwetenskap en die Bybelwetenskap in oorgrensbeweging die literêre dimensies en die himniese gedeeltes van die Openbaringboek optimaal te ontsluit. Die fokus en doelwit van hierdie studie – soos reeds in die vorige paragrafe aan die lig gekom het – is nie in die eerste plek om 'n volledige praktykteoretiese model in die gebruiklike Praktiese Teologiese sin van die woord daar te stel nie. Dit moet met ander woorde as 'n metateoretiese en – primêr – 'n basisteoretiese studie beskou word met gebruikmaking van perspektiewe op literêre dimensies uit die metateorie en eksegetiese inligting uit die

³ Vir die verklaring van minder bekende narratologiese begrippe word die leser verwys na die glossarium wat as bylaag by 4.2.2.1.4.2 as Addendum D aan die einde van die proefskrif volg. Ander terme en begrippe word in die teks waar dit voorkom – waar nodig – verduidelik.

analise van Openbaring, in besonder van die himnografiekorpus in dié Bybelboek. Die resultate wat uit hierdie invalshoek bereik word, word dan geïntegreer in 'n skriftuurlike beginselgrondslag vir himnografie en in basisteoriese himnografiese beginsels, waarna dit gekonkretiseer word in riglyne vir himnografie en die aanwending van die riglyne in 'n praktiese voorbeeld van himnografie.

Die ondersoek kan samevattend afgebaken word as 'n interdisiplinêre en multi-subdisiplinêre studie ten dienste van die Praktiese Teologie.

1.7 METODE VAN NAVORSING

Die oorkoepelende doelstelling van die studie word deduktief deur verskillende metodiese stappe bereik.

- (i) Vir die oorkoepelende metode van die navorsing word *gedeeltelik* aansluiting gevind by die model wat Zerfass (1974:166ev) vir die Praktiese Teologie ontwerp het. Sy benadering kom kortliks daarop neer dat 'n basisteorie gevorm word uit die teologiese tradisie (eksegetiese ontleding), dat 'n metateorie vanuit onder meer grens- en/of hulpwetenskappe medebepaal word, en dat praktykteoretiese perspektiewe uiteindelik die nuwe of verstellde teorie artikuleer. Sodoende word vanuit die twee refleksiedomeine van basisteorie en situasie/werklikheid (in hermeneutiese wisselwerking) 'n nuwe praktykteorie ontwerp (vgl. Venter, 1992:42-44; 1995:198-200). Die gedeeltelikheid van my aansluiting by Zerfass se model kan uit 1.6.2 hierbo afgelei word: in hierdie studie maak die metateorie 'n meer substansiële deel van die proefskrif uit as wat gewoonlik in die Praktiese Teologie die geval is; tweedens word die basisteorie nie eerste ontgin nie (sien die strukturering van die proefskrif in 1.8 hieronder), maar loop die hele literêre metateoretiese studie, die narratologiese lesing *cum* kursories-eksegetiese analise van Openbaring se makrostruktuur en die mikrotekstuele dieptesnit-ondersoek van die apokalips se himniese subtekste uit op die ontwerp van die basisteorie; derdens word 'n praktykteoretiese model nie ontwerp nie, alhoewel die navorsing in riglyne gekonkretiseer word. In laasgenoemde stap word dus tog ook gefokus op die refleksiedomein van die situasie/werklikheid. Die motivering vir die gedeeltelike en soepeler gebruikmaking van Zerfass se model is hierbo (1.6.2) in 'n mate reeds gegee: die interdisiplinêre en multi-subdisiplinêre fokus word as belangrik beskou omdat dit na my oortuiging die aangewese invalshoek is om die behoefte en leemte ten opsigte van die himnografie wat in 1.0 en 1.1 aangedui is, te vul. Met die ontvouing van die navorsing word dit duidelik dat dié gekose benadering en aangepaste metode die Prakties-Teologiese basisteorie wel optimaal dien.

- (ii) Vir die kursoriese eksegeese van die makrokonstuksie van Openbaring sowel as die dieptesnit-ondersoek van die mikrotekstuele himniese gedeeltes in die boek waarop gefokus word om die verhouding tussen openbaringsdramatiek, himniese epiek en himniese liriek vas te stel, word die eksegetiese ondersoek volgens gereformeerde hermeneutiese uitgangspunte gedoen (vgl. De Klerk & Janse van Rensburg, 2005).
- (iii) Wat die spesifieke eksegetiese metode verder betref: daar word te werk gegaan volgens die sogenaamde *grammaties-historiese* metode (vgl. Coetzee, 1997:1-14 en De Klerk & Janse van Rensburg, 2005); vir woordontleding word aangesluit by die analise van semantiese domeine volgens die model van Louw & Nida (1988:xv-xx) en by die *Theological Dictionary of the New Testament* (Kittel ed. 1974 en Kittel & Friedrich, eds., 1974); vir die analisering van poëtiese gedeeltes word verskillende kommentare se benadering vergelyk om saam met literêre insigte 'n eie interdisiplinêre metode vas te stel.
- (iv) Die Literatuurwetenskap se onderskeiding van die literêre hoofgenres van dramatiek, epiek en liriek in die literatuur waaruit insigte verkry word wat lig kan werp op die verhouding tussen openbaringsdramatiek, himniese epiek en himniese liriek, word volgens literêr-wetenskaplike beginsels nagegaan en alle relevante inligting word uit dié metateoretiese bron aan die hoofnavorsingsfokus diensbaar gemaak.
- (v) Die kontemporêre kultuurhistoriese konteks waarbinne die Openbaringboek ontstaan het en waarin dit gelees en verstaan moet word om verdere verhelderende perspektiewe op die probleemstelling en navorsingsvraag te kry, word in ag geneem deur aspekte soos die drama, poësie, verskillende liedvorme en liedgebruik in die kulturele omwêreld van die Nuwe Testament – en spesifiek in die ontstaanstyd van die Openbaringboek – deur middel van 'n literatuurstudie na te gaan.
- (vi) Om die verhouding tussen openbaringsdramatiek, himniese epiek en liriek konkluderend te omskryf, word die versamelde stof geanaliseer, gesistematiseer en geïnterpreteer, om deur sintese tot 'n konklusie te kom.
- (vii) Wat die omskryfde verhouding ontsluit ten opsigte van die himnografiese verantwoordelikheid van die geloofsgemeenskap, word ten slotte op 'n wetenskaplik verantwoordbare wyse geïntegreer en in riglyne wat uit die basisteorie afgelei word, gekonkretiseer.

1.8 STRUKTURERING VAN DIE PROEFSKRIF

Die navorsing verloop in vier hoofstappe. Metateoretiese vertrekpunte vir die identifikasie van basisteoretiese himnografiese beginsels word eerstens vasgestel; tweedens word die interaksie tussen meta- en basisteorie bepaal; derdens word basisteoretiese himnografiese beginsels in die boek Openbaring ontsluit; vierdens word die literêre dimensies en basisteoretiese beginsels geïntegreer en gekonkretiseer in prinsipieel-begronde riglyne vir himnografie, waarna alles saamgevat word en die finale uitkoms van die studie geformuleer word.

Hoofdeel 1

Die eerste hoofdeel van die navorsing beslaan twee hoofstukke. In die eerste van die twee, Hoofstuk 2, word literêr-teoretiese perspektiewe op literatuur en op die Bybel-as-literatuur geopen. Dit is 'n belangrike grondsteenlaag waarop die res van die studie gebou word. Daar is onder meer 'n historiese oorsig oor beskouings in verband met die literariteit van die Bybel as die teksgeworde besondere openbaring van God. Die modernistiese en postmodernistiese leefwêreld word ook uitgebreid geskets.

In die tweede hoofstuk van die eerste hoofdeel, Hoofstuk 3, word verskillende hoofbenaderingswyses tot die bestudering van literatuur en die Bybel-as-literatuur bespreek. Die belang en invloed van elke teorie op die Bybelwetenskap word ook aangetoon. 'n Oorsig oor die literêr-teoretiese kontekste waarin hierdie studie uitgevoer word, word sodoende gebied. Al die literêre fasette word saam met die invloed wat dit op die Bybelwetenskap uitoefen, bespreek en vertolk, en wel as *eerste deel* van die aanloop tot die teologiese proses van vasstelling, beskrywing en implementering – vanuit die himniese stof van Openbaring – van basisteoretiese beginsels van liturgies-himnologiese belang en betekenis vir liedskrywing.

Hoofdeel 2

Hierdie hoofdeel bestaan net uit een hoofstuk, Hoofstuk 4. In die lig van die verkreë resultate van die oorwegend literêr-teoretiese eerste hoofdeel word die verband en die verhouding en wisselwerking tussen die literêre metateorie en die teologiese basisteorie eksplisiet in hierdie deel en hoofstuk beskryf. Die verband tussen die Literatuurwetenskap (as 'n naasliggende dissipline aan die Teologie) en die Teologie word bepaal. Van die raakvlakke en gedeelde en oorvleuelende studiefoci tussen Literatuurwetenskap en die teologiese Bybelwetenskap word deeglik kennis geneem en elke relevante literêre

studiefokus se implikasies en belang vir die Bybelwetenskap, in besonder vir die bestudering van Openbaring, word aangetoon. Die hoofstuk vervul 'n brugfunksie tussen meta- en basisteorie. Uit die resultate word 'n benaderingshoek tot en navorsingsmetode vir interdisiplinêre en multi-subdisiplinêre studie finaal geformuleer.

Hoofdeel 3

Die derde hoofdeel se twee hoofstukke ontsluit die basisteoretiese himnografiese beginsels wat in Openbaring aanwesig is.

Hoofstuk 5 is 'n narratologiese lesing *cum* kursories-eksegetiese analise van die apokalips se makrostuktuur. Die besondere situering van die himnes in die ses horisontale voortwentelende visioensiklusse van die boek word daardeur aangedui en dit ontsluit belangrike perspektiewe op die rol en betekenis van die himnografie in die makrogeheel van die dramatiese narratief.

In die laaste hoofstuk van die derde hoofdeel, Hoofstuk 6, word 'n dieptesnit-ondersoek van die himnografiekorpus in die boek gedoen. Die himniese mikrotekste word tot in die fynste besonderhede ontleed en uitgelê deur woordstudie, analise van mikrofrases en groter eenhede in die elf liedtekste van die doksologiese himnografie in die apokalips. Mede in die lig van bevindings in die vorige hoofstuk word skerp gefokus op intratekstuele variasies en veral op transgeneriese verskynsels, wisselinge en verwisselinge daarin. Daarmee word die terrein voorberei vir die neerslag van die studie in die laaste hoofdeel.

Hoofdeel 4

Die laaste hoofdeel bestaan uit twee hoofstukke.

In Hoofstuk 7 word die skriftuurlik-begronde beginselgrondslag van die himnografie se buitelyne op sterkte van die verkreeë resultate uit die eerste drie hoofdele getrek. Dit word opgevolg deur die vastelling van die leidende en regulerende beginsel van Bybel-gefundeerde himnografie. Uit hierdie beginselaspekte word basisteoretiese beginsels vir himnografie finaal geformuleer in die vorm van 'n integrasie van al die fasette van die navorsing. Die sluitstuk van die hoofstuk is die afleiding van riglyne vir Skrifgetroue himnografie, waardeur die studie in die praktyk gekonkretiseer word.

Die slothoofstuk, Hoofstuk 8, is 'n opsomming van die studie en gee uitdrukking aan die finale uitkoms van die navorsingsprojek. Afsluitend word riglyne vir moontlike verdere navorsing van verwante onderwerpe uitgestippel.

- **Oorsig oor die geheelstruktuur van die proefskrif**

Die proefskrif word na aanleiding van die vier navorsingstappe soos volg gestruktureer.

Hoofstuk 1

Deel 1

Hoofstuk 2

Hoofstuk 3

Deel 2

Hoofstuk 4

Deel 3

Hoofstuk 5

Hoofstuk 6

Deel 4

Hoofstuk 7

Hoofstuk 8

DEEL 1

METATEORETIESE VERTREKPUNTE VIR DIE BESTUDERING VAN BASISTEORETIESE HIMNOGRAFIESE BEGINSELS

Aangesien die metateoretiese eerste deel van die studie dien om aan die geformuleerde studieonderwerp reliëf te gee en die metateoretiese nie die primêre en/of die eventuele fokus van die navorsing is of word nie, word die metateoretiese vertrekpunte wat ter sprake gebring word, deskriptief benader en behandel – om dan sowel in Deel 2 (waarin raakpunte tussen die metateorie van Deel 1 en die basisteorie van Deel 3 uitgelig en bespreek word) as in Deel 3 geïmplementeer te word. Die doel met die onderskeiding en beskrywing van fasette uit die studieveld van die Algemene Literatuurwetenskap – synde 'n naasliggende wetenskap aan die Teologie en 'n dissipline wat relevante metateoretiese insigte aan die Teologie bied – is dus om die hooffokus van die navorsing duidelik af te ets en tegelykertyd in breë(r) perspektief te plaas. Die doelstelling kan uiteraard nie wees om opsigselfstaande navorsingsresultate vir die Literatuurwetenskap daar te stel nie. Die moontlikheid dat die resultate van hierdie studie nogtans ook lig op literatuurwetenskaplike aspekte kan werp, word egter nie by voorbaat uitgesluit nie.

Die spesifieke literêre aangeleenthede wat as metateoretiese vertrekpunte in Deel 1 van die studie aan die orde kom, is eerstens die vraag na wat literatuur is, en of – en indien wel, in hoe 'n mate – die Bybel as literatuur benader kan en moet word. Dit is noodsaaklik om met die oog daarop onder meer 'n historiese ondersoek in hierdie deel te onderneem, aangesien daar 'n klaarblykbare leemte bestaan wat 'n behoorlike sistematisering van gegewens betref in verband met dit wat die geskiedenis aan die lig bring met betrekking tot beskouings van die Bybel se literariteit binne verskillende denkpatriene in die literatuurwêreld van die verlede. Relevante inligting vir die huidige navorsing is die wins wat uit hierdie historiese oorsig spruit. Verder word daar 'n prinsipiële plek- en betekenisbepaling van die Bybel tussen (ander) literatuur gemaak, terwyl die verbandhouding van die Bybel met (ander) literatuur ook nagegaan en beskryf word.

Verskillende benaderingswyses tot die studie van literatuur word tweedens in Deel 1 ondersoek. By die ondersoek word die onderskeie literêre hoofbenaderingswyses se waarde en betekenis vir Bybelwetenskaplike navorsing beredeneer. 'n Interdissiplinêre benadering en metode vir die bestudering van die Bybel-as-literatuur en van die liturgiese lied as 'n bepaalde vorm van literatuur word sodoende reeds implisiet in Deel 1 voorberei, maar dit word eers in Deel 2 eksplisiet bepaal en ontwikkel. Metateorie (hoofsaaklik Deel 1) en basisteorie (hoofsaaklik Deel 3) word dus nie in isolasie van mekaar behandel nie. Hulle word deurgaans in hulle skakeling en onderlinge samehang en verbandhouding met mekaar in die aangrensende gebied van literêre en teologiese dissiplines geïnterpreteer.

Op Deel 1 se metateoretiese verkenning volg in Deel 2 'n nadere verbandlegging tussen metateoretiese literêre studieterreine en die studieveld van die Bybelwetenskappe, waaruit basisteoretiese beginsels vir himnografie in die boek Openbaring uiteindelik in Deel 3 vasgestel word. 'n Samevatting van literêre dimensies en basisteoretiese beginsels in riglyne vir himnografie is die opgawe van die laaste deel, Deel 4.

HOOFSTUK 2

LITERÊR-TEORETIESE PERSPEKTIEWE OP LITERATUUR EN OP DIE BYBEL-AS-LITERATUUR

2.0 INLEIDING

Literêr-teoretiese perspektiewe op literatuur plaas die term *literatuur* noodwendig en onmiddellik in die sentrum van die navorsingsaandag. Dit is daarom eerstens nodig om dié begrip se betekenisdraagwydte toepaslik en genoegsaam vir die doeleindes van hierdie studie te bepaal en te omskryf. Literatuur is immers inherent en wesenlik die navorsingsobjek wat in hierdie studie aandag kry – wel dan uiteindelik ’n bepaalde en besondere vorm van literatuur, naamlik poëties-himniese stof, met die fokus spesifiek ingestel op *hinnografie* of *liturgiese lieds krywing*. Onder *hinnografie* word die korpus van religieuse, besonderlik Christelik-godsdienslike, liturgiese liedere verstaan, sowel as die skeppende proses of handeling waarin verskillende literêre komponente saamgevoeg en onderling geïntegreer word om ’n liturgiese liedteks as ’n literêre eenheid met ’n Bybelse begroting en inhoud daar te stel.

Omdat die fokus in hierdie studie spesifiek ingestel word op die *hinnografie* soos dit ingebed is binne ’n groter narratiewe opset, by name die *dramatiese narratief* van die Bybelboek Openbaring, dien die hele hoofstuk daartoe om inleidend literêr-teoretiese perspektiewe op literatuur oop en helder te kry. Dié oogmerk moet deurgaans in verband met die geheel van die navorsing gesien word, terwyl die geheel deurentyd ook na die grondliggende literêr-teoretiese basis van hierdie hoofstuk moet terugkeer. Saam met die studie wat in die volgende hoofstuk, Hoofstuk 3, onderneem word, word in Deel 1 ’n grondslag gelê waarop in Deel 2 (bestaande uit Hoofstuk 4, die oorbruggingshoofstuk tussen die metateorie en die basisteorie) ’n interdisiplinêre benaderingshoek tot die bestudering van die Bybel-as-literatuur afgebaken word en ’n dienoooreenkomstige en daaruit voortvloeiende navorsingsmetode ontwikkel word. Dit behoort die weg voor te berei om in Hoofstukke 5 en 6 (dus in Deel 3) met grondige wetenskaplike verantwoording die metateoretiese vertrekpunte by die bestudering van basisteoretiese *hinnografiese* beginsels in die Bybelboek Openbaring te inkorporeer en tot voordeel van die navorsing te implementeer.

’n Definisie of betekenisbepaling van die begrip *literatuur* kry gevolglik in hierdie hoofstuk eerstens aandag (2.1). Om die bepaalde en besondere vorm en gestalte van literatuur wat ter sprake is, naamlik *hinnografie*, uiteindelik te kan analiseer, word die verhouding tussen die Bybel en literatuur daarna – onder meer vanuit ’n historiese perspektief – ondersoek en beredeneer (2.2). ’n Samevatting van wat uit 2.1 en 2.2

kristalliseer, word ter afsluiting van Hoofstuk 2 gegee (2.3). In die lig van die bevindings waartoe in verband met die literêr-teoretiese perspektiewe op literatuur en die Bybel-as-literatuur in Hoofstuk 2 gekom word, kan daar dan logieserwys in Hoofstuk 3 verder op die *bestudering* van literatuur gefokus word.

2.1 BETEKENISBEPALING VAN DIE BEGRIP *LITERATUUR*

2.1.0 Inleidend: ordening van die ondersoek

Ten einde die betekenisdraagwydte van die begrip *literatuur* vas te stel, word eerstens na leksikologiese en etimologiese betekenis aanduidings in die term gesoek (2.1.1). Daarna word 'n kenteoretiese oriëntering ten opsigte van die begrip *literatuur* gebied (2.1.2). 'n Beskrywende definisie van wat literatuur is, word vervolgens aan die hand van 'n bepaalde model verken (2.1.3). Die betekenisbepaling van die begrip word afgesluit met 'n werkdefinisie van wat ek onder *literatuur* in hierdie studie verstaan (2.1.4).

2.1.1 Leksikologies-etimologiese betekenis aanduidings van die begrip *literatuur*

Die woord *literatuur* (Engels: *literature*; Duits: *die Literatur*) is afkomstig van en verwant aan die Latynse *literatura*, wat *alfabet* of *kennis* beteken. Dit is afgelei van *littera* (Gabel, Wheeler & York, 2000:301) wat dui op *letter* en *skrif*. *Literatura* het aanvanklik geslaan op 'n kulturele ontwikkeling as gevolg van algemene belesenheid en gekultiveerdheid deur die omgang met boeke en geskifte (Cloete, 1992:256; 1975:1). Veral sedert die agtiende eeu het die term, ná sy oorspronklike betekenis van 'n kulturele begrip en ontwikkelingspeil, 'n toegespitste betekenis gekry. Dit het 'n verwysing geword na geskifte wat as woord- of taalkuns beskou is, die sogenaamde *skone literatuur* of *belletrie* (afkomstig van die Franse *belles lettres*). Die verwysing na 'n peil van ontwikkeling as *geletterdheid* gaan oënskynlik direk terug op die Latynse *littera*, terwyl die begrip *literatuur* self – klankmatig én semanties – nie ver van die Latynse *literatura* verwyder is nie.

'n Leksikologiese naslaan en nagaan van 'n woord is egter slegs 'n beperkte instrument wat betekenisbepaling betref. Woordbetekenis is nie staties nie, terwyl dieselfde woord ook in meer as een betekenisnuanse kan voorkom en funksioneer. Die leksikologiese betekenis aanduiding van woorde is dus tydbepaald en in 'n groot mate ook tydgebonde. Woordbetekenis word bowendien altyd medebepaal deur hulle plek en gebruik in wisselende sintaktiese verbande en kontekste.

’n Etimologiese terugsporing van woorde is eweneens ’n beperkte instrument in die bepaling van die betekenis van woorde wat in moderne tale gebruik word. Die etimologiese herkoms en ontwikkeling van ’n woord kan wel in bepaalde gevalle ’n sekere betekenisnuanse van ’n betrokke woord ontsluit, maar betekenis kon as gevolg van taaldinamika ook algaande so verskuif het dat die etimologiese woordstam totaal nuwe betekenis ontvang – in só ’n mate dat, wat betekenis betref, daar nie meer ooreenkoms met die ouer woord(-stam) is nie. Dit mag dalk bloot klankmatig ooreenkoms daarmee vertoon.

Omdat die woord *literatuur* dikwels variërende betekenisladings dra en gedra het, en omdat fynere nuanses deurentyd betekenis kan wysig, aksentueer en verskuif, is en bly die bostaande leksikologies-etimologiese betekenis aanduidings ten opsigte van die woord *literatuur* hoogstens ’n gedeeltelike ontsluiting van wat moontlik deur die woord aangedui word. Betekenisbepaling sal derhalwe deur verdere ondersoek van die begrip se gebruik moet geskied. Die leksikologies-etimologiese betekenis aanduiders is egter nie betekenisloos en sonder waarde nie, en word daarom in gedagte gehou.

2.1.2 Kenteoretiese oriëntering ten opsigte van die term *literatuur*

Dit is algemeen bekend dat die term *literatuur* onduidelik en verwarrend is (Cloete, 1975:1). Die bepaling van wat as literatuur kan geld en gereken word – so word deur kenteoretici erken (Van Peer, 1991:127) – is een van die mees ingewikkelde epistemologiese probleme in literêre studie.

Sou dit ’n bevredigende definisie van literatuur kon wees as dit sou lui dat die begrip verwys na enigiets wat geskrewe en gedruk is, “*alles Sprachliche, das durch Schrift fixiert ist*”, soos Kayser (1968:12) dit stel? Of kan dit enigsins lei tot ’n adekwate definisie as dit nog wyer gestel word, soos byvoorbeeld in ’n stelling soos: enigiets kan literatuur wees, maar enigiets waarna verwys word as onherroeplik en onbetwisbaar *literatuur* – soos byvoorbeeld selfs Shakespeare se werke – kan ook weer onder sekere omstandighede binne ’n veranderende gemeenskap ophou om literatuur te wees (“*can cease to be literature*”; Eagleton, 1988:10)? Presies wat is in so ’n definiëring dan die eienskappe en wesenskenmerke wat van iets onherroeplik en onbetwisbaar *literatuur* maak as dit as literatuur ook weer kan vervloei en vervlugtig, en dus nie onherroeplik en onbetwisbaar literatuur bly nie? Is literatuurbepalende faktore in iets geleë wat buite die literatuur self in veranderlikhede skuil? Word wat as *literatuur* geag word, dan (slegs) deur teks-*eksterne* faktore bepaal en kan dit dalk alleen by die grasie daarvan as literatuur leef, of sterf? Is literariteit of ‘literatuur-wees’ dan nie geleë in teks-*interne* eienskappe, of minstens óók in eienskappe wat tekstueel-bepaald en tekstueel-wesenlik is nie?

Hierdie vrae spruit voort uit die feit dat wat as literatuur beskou word, al deur die loop van tyd baie verander, gevarieer en selfs gefluktureer het. Met tye is literatuur met 'n rekbare en oop houding benader, genoem die *pan-estetiese* benadering, 'n soort literêre imperialisme wat soveel moontlik vir die taalkuns wil verower. In ander tye is die geslote of engere opvatting van die literatuur, genoem die *engere estetisme* met sy Franse *l'art pour l'art* ('kuns ter wille van die kuns'), meer prominent en dominant. In die sewentigerjare van die vorige eeu was die houding teenoor literatuur meer oop as geslote (Cloete, 1975:2-3). Dit is vandag nog in 'n groot en selfs gróter mate die tendens.

Die rede waarom daar wisseling en verskuiwings in die afbakening van die begrip *literatuur* plaasvind, kan en moet waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat literatuur, alhoewel dit 'n universele verskynsel is, tog altyd ook kulturele gegewe is wat ingesluit is in historiese en kulturele kaders wat verskillend van mekaar is en waarbinne sekere veranderinge (verskillend) plaasvind. Hierdie gelyktydige algemeenheid én bepaaldheid blyk in 'n konvergerende verhouding tot mekaar te staan. Dit lei daartoe dat definisies *beskrywend* en/of *evaluerend* (vgl. Viljoen, 1998a:31) van aard kan wees. Daar kan dus gepoog word om literatuur in 'n universeel-*beskrywende* definisie raak te vat, wat dan 'n poging sal wees om 'n grootste gemene deler (of delers) tussen verskillende kulture en tye se literatuur te vind; of daar kan gepoog word om 'n *evaluerende* definisie te formuleer van wat binne 'n bepaalde histories-kulturele konteks as literatuur geag en waardeer word, en hoe dit in dáárdie konteks met sy eiesoortige konstantes en veranderlikes funksioneer.

Literatuur kan moeilik deur net die een of die ander wyse van definiëring volledig en omvattend begrens en afgegrens word. Daar bestaan heelwat terminologiese probleme rondom die term (Cloete, 1984:3-8). As die woord *literatuur* as 'n ontologiese term gebruik word waarin 'n stabiele, vasgestelde, universele essensie van wat literatuur is en sou wees, uitgedruk sou word, is dit wel 'n geldige wyse van definiëring, maar dit kan nie op volledigheid aanspraak maak nie. 'Literature' is byvoorbeeld vir Eagleton (1988:9) veel meer 'n funksionele term wat verskillende gemeenskappe se wyse van gebruik van en omgang met geskrewe tekste aandui. Vir 'n bepaling van die werklike wese van literatuur is 'n evaluerende definisie daarvan egter ook nodig. Indien *literatuur* gesien word as aanduiding van waardevolle geskrewe tekste, of – volgens 'n tradisionele definisie – die versameling van die beste en mooiste boeke in 'n bepaalde taal (Viljoen, 1998b:26), moet onmiddellik besef word dat die waardevolheid daarvan nie uitsluitlik in die tekste as sodanig setel nie, maar bepaal word deur 'n gemeenskap van lesers in spesifieke kulturele en sosiale kontekste waarin bepaalde kriteria geld (Eagleton, 1988:11). Hulle (die betrokke gemeenskap van lesers) bepaal dan deur 'n waardeoordeel die 'literariteit' van die literatuur.

Uit bostaande aspekte blyk dit dat die term *literatuur* se betekenisdraagwydte vloeiend en veranderend is, maar dat die begrip tog onderskeidende kenmerke oproep wat te midde

van die vloeiende en die veranderende steeds herkenbaar bly – onderskeidende algemene kenmerke wat dan bepaalde aksentueringe binne ’n historiese kultuurkonteks ontvang en nie daarsonder geïnterpreteer kan word nie.

Deur die loop van die geskiedenis is definisies ook deur ander faktore en kriteria as universele, algemene eienskappe (soos dat literatuur *talig* van aard is) en kultureel-bepaalde eienskappe (soos dat literatuur binne ’n spesifieke tyd, plek en kultuur leef) bepaal. Daar kan byvoorbeeld verwys word na die Russiese Formaliste van die vroeë twintigste eeu wat in die benadering en beskouing van literatuur alle klem geplaas het op die intensivering van taal en die transformering deur taal (Eagleton, 1988:2-3).⁴ Uitgaande hiervan gaan dit in literatuur primêr oor taalorganisasie (Culler, 1997:28-29). Dit beteken dat die sogenaamde *vorm* die sogenaamde *inhoud* oorskadu. ’n Karakter in ’n verhaal is, so gesien, bloot ’n entiteit wat verskillende narratiewe tegnieke saamhou.

Met die onderskeidings wat tot dusver getref is in gedagte, kan dit nou verder gestel word dat poësie aanvanklik bo alles en voor alles – én algemeen – as literatuur beskou is. Dit hou waarskynlik verband met die feit dat van die oudste dokumente in verskillende tale en kulture hoofsaaklik in poëtiese vorm geskryf is (Du Plooy, 2006:41). Dit is eers van die middel van die vierde eeu v.C. dat prosa die rol van die poësie in sekere opsigte begin oorneem het en daarnaas ’n plek in die literatuur gevind het. Tot op daardie tydstip was die belangrikste bestanddele van opvoeding die aanleer en skepping van poësie. Poësie was die bewaarder van die ‘volksensiklopedie’ (Henderson, 2004:18). Van Vliet (1998:18) haal Madame de Staël aan, ’n Franse barones wat rondom 1800 ’n poëtika gepubliseer het (vgl. Culler, 1997:21), wat hierdie onderskeidende kenmerk, naamlik poësie-as-literatuur (en literatuur-as-poësie!), beskou en beskryf het as die “*natuurlike taal van alle kulture*”. Culler stel dat die nie-poëtiese, soos die verhaal, vroeër as te naby aan biografie of kroniek beskou is om as werklik literêr beskou te word (Culler, 1997:82).

Dit blyk uit die voorafgaande epistemologiese oriëntering moeilik te wees om ’n statiese omskrywing van die begrip *literatuur* te gee wat as ’n definitiewe definiërende vertrekpunt vir elke studie van literatuur kan dien (Van Gorp, 1999:13-14). Dit is ook nie wenslik om so ’n omskrywing en statiese definisie te probeer gee en vas te stel nie. *Literatuur* kan nouliks as ’n stabiele en goed-gedefinieerde of finaal-definieerbare entiteit omlin word (Eagleton, 1988:10-11). ’n Sluitende definisie sal telkens weer oopgemaak en ontsluit moet word. In hierdie trant redeneer Peck en Coyle (2002:221) ook as hulle ná ’n uitgebreide studie oor literêre terme en teorie (‘*criticism*’) verklaar dat die antwoord op die vraag na wat literatuur is, steeds tentatief en voorlopig bly.

⁴ Vergelyk die bespreking van die Russiese Formalisme wat later in 3.1.2.2.1(i.ii) volg.

Daar sal dus vanweë die vae en enigsins verwarrende betekenisaanduidings en gebruikswyses van die woord *literatuur* wat tot dusver uiteengesit is (in onderskeidelik die nagaan van leksikologies-etimologiese betekenisaanduidings en die kenteoretiese oriëntering ten opsigte van wat literatuur is), nog 'n verdere noodsaaklike stap moet wees om tog 'n verantwoordbare en genoegsame betekenisbepaling vir die doeleindes van hierdie studie van die begrip *literatuur* te maak. So 'n genoegsame en bevredigende betekenisbepaling lê waarskynlik in die rigting van die daarstelling van 'n goed-beredeneerde model van waaruit daar dan gepoog kan word om literatuur beskrywend te definieer.

2.1.3 'n Rigtinggewende model vir die formulering van 'n beskrywende definisie van *literatuur*

By al die voorlopigheid en wasigheid wat die woord literatuur blykbaar kenmerk, bly dit van groot belang om te stel wat met *literatuur* in hierdie studie bedoel word, sodat daar deur 'n bepaalde, maar steeds níé-markante, begrensing en afgrensing duidelikheid, koers en rigting in die navorsing kan wees. Vir dié doel kan Van Peer (1991) se beredenering en gedagteontwikkeling in die rigting van 'n moontlike beskrywende definisie van literatuur nuttig, bruikbaar en koersaanduidend wees.

Van Peer se benadering, beredenering en modellering van alle tersaaklike fasette van literatuur word dus nou weergegee. Dit is 'n opsomming van sy artikel met die titel *But what is literature? Toward a descriptive definition of literature* (Van Peer, 1991:127-141; beklemtoning van die woord *is* is van Van Peer).

- *Benadering*

As vertrekpunt word deur Van Peer gestel dat literatuur as 'n kunsvorm benader word. Soos enige kunsvorm is literatuur afhanklik van 'n bepaalde medium. Die konkrete medium van literatuur is taal, wat van literatuur 'n talige ('*linguistic*') vorm van kuns maak. Literatuur is – só benader – táálkuns.

- *Beredenering*

Omdat taalkuns afhanklik is van 'natuurlike' menslike taal as sy medium, moet die twee duidelik van mekaar verskillende vorme of media van taaluiting in gedagte gehou word: dit wat Van Peer *diskoers* noem (die direkte verbale interaksie tussen taalgebruikers), en dit wat hy *teks* noem (die tekstuele vaslegging van die verbale interaksie tussen taalgebruikers; Van Peer, 1991:128). Hy wys daarop dat diskoers of '*oral speech*' se konstante beperking is dat dit kortstondig en

verbygaande van aard is (Van Peer, 1991:128). Daar ontstaan afstand en verwydering tussen die tydruimtelike plasing van diskoers en die tyd en plek van latere taalgebruikers en interpreteerders.

Vaslegging van die talige interaksie in diskoers deur *teks* te skep, los die probleem op dat diskoers se tyd- en ruimteplasing saam met die diskoers verbygaan en ‘wegbeweeg’. Teks oorbrug dus die afstand tussen taalskeppers van/in die oorspronklike diskoers en die latere ontvangers van die taalteks wat in ’n ander tyd en ruimte as die oorspronklike taalskeppers leef en lees. Dit is die mees fundamentele kenmerk van alle tekste in hulle kontras met diskoers dat hulle die vermoë besit om tydruimtelik wel verwyderd te raak van ’n oorspronklike taaluitingsituasie, maar dat hulle die oorspronklike taaluitingsituasie steeds naby bring en hou. Hulle besit dus die vermoë om die oorspronklike taalhandeling te laat (her-)leef, om ’n “*subsequent re-introduction into a new situation*” daar te stel (Van Peer, 1991:129). Hoe meer ’n teks strukturele kwaliteite ontwikkel wat dit losmaak van die praktiese situasie van diskoers, hoe meer verwerf dit ‘*extra textuality*’ (Van Peer, 1991:129). In die mate wat meer en meer mense en geslagte van ’n gemeenskap van ’n bepaalde teks gebruik maak, in dié mate word ’n teks se tekstualiteit sterker. So ontstaan tekste wat as *sentrale* tekste erken word in onderskeiding van ander tekste wat meer op die periferie van die teksskat van ’n gemeenskap lê.

Die belangrike opmerking wat Van Peer in verband met die soortlikheid of tipe teksstof van die Bybel maak, is dat die Bybeltekstdokument so sentraal binne die meeste Westerse gemeenskappe is dat “*...its degree of textuality is several times higher than that of a ballad*” (Van Peer, 1991:130).

Die konklusie wat volgens Van Peer mag volg uit wat tot dusver gestel is, is dat tekstualiteit gedeeltelik ’n talige karakter besit, terwyl dit ook gedeeltelik die resultaat is van sosio-kulturele kragte wat aan die teks sy plek en funksie binne die gemeenskap as ’n geheel besorg. ’n Geskrewe teks verkry bo-oor sy tekstualiteit wat dit reeds besit deur die feit dat dit *teks* is, ’n outonome karakter wat dit makliker maak om verwyder te wees van die tydruimtelike situasie waarin dit sy oorsprong het. Daaruit is dit duidelik dat, met verwysing na die onderskeid tussen *teks* en *diskoers*, *literatuur* onteenseglik tot die kategorie van teks behoort. Daarmee is nie beweer dat daar nie ook so iets soos orale literatuur bestaan nie; die fokus is hier egter spesifiek op geskrewe teks.

’n Belangrike onderskeid wat volgens Van Peer (1991:131-132) deur Ehlich en Rehbein (1980) gemaak word, is dié tussen sogenaamde *institusionele* diskoers en *homiletiese* diskoers. *Homileties* word deur hulle in die oorspronklike Griekse

betekenis van *ὁμιλέω* gebruik, wat ‘vriendelik’ of ‘sosiaal gesels’ beteken, soos in hartlike en gesellige onderlinge verkeer.

Van Peer (1991:132) trek Ehlich en Rehbein (1980:342-343) se onderskeid tussen institusionele en homiletiese diskoers verder deur en maak dit ook op tekste van toepassing. Voorbeelde van institusionele tekste is dan vir hom onder meer alle vorme van offisiële dokumentasie, burokratiese vorms, skoolboeke, hofverslae, en selfs gebedeboeke van religieuse instellings wat die aktiwiteite van religieuse instellings orden. Ook koerante en nuusblaaie vorm integraal deel van die perswese as ’n sosiale instelling of instituut in die samelewingsgemeenskap. Homiletiese tekste, daarenteen, val buite die institusionele konteks. Hulle vertoon ’n verwydering van die daaglikse ekonomiese en institusionele brandpunte.

Literatuur val in die kader van homiletiese tekste, want die leesaktiwiteit van literatuur vind plaas in ’n ander sfeer en ook ’n ander atmosfeer van menslike aktiwiteit as die (‘gedwonge’) lees van institusionele tekste. Homiletiese tekste verskaf dan eerstens “*delight*” (waarskynlik bedoel as tekste wat vrywillig vir genoegdoening gelees word); tweedens skep homiletiese tekste ’n groepsamehorigheid en -eenheid (“*group cohesion and solidarity*”); derdens is homiletiese tekste “*highly reflective forms of linguistic activity*” (Van Peer, 1991:134-135).

Hierdie drie werkinge waardeur homiletiese tekste gekenmerk word, is hiermee nog net in *funksionele* terme uitgedruk. Om sulke funksies te vervul, moet hulle egter ook sekere *formeel* kwaliteite besit.

Wanneer die formele samestelling van homiletiese tekste dan ondersoek word, is die mees opvallende kenmerk die besondere aandag wat aan hulle linguistiese struktuur bestee is/word. Dit kom tot uitdrukking in ’n groot verskeidenheid eiendomlikhede wat eg-eie aan taal is: metriese struktuur en ritmiese variasie, paral-lelisme en jukstaposisie, rym, assonansie en alliterasie, metafoor en veelsinnigheid/meerduidigheid, paradoks en ironie, versifikasie en klanksimboliek, hiperbool en omskrywing – en ook nog baie ander wat in tradisionele en moderne opgawes van retoriese en poëtiese eienskappe van taal vermeld word (Van Peer, 1991:136). Die resultaat is ’n algemene bewerking van taalvorme. Dit, sê Van Peer (1991:137), word nie deur ander tekstipes geëwenaar nie.⁵


⁵ Die onderskeid tussen *institusionele* en *homiletiese* tekste wat deur Van Peer in navolging van Ehlich en Rehbein gemaak word, is waarskynlik min of meer dieselfde onderskeid wat Ryken (1984 *ed.*) maak tussen die “*expository or documentary use of language*” aan die een kant en wat hy die “*literary use*” van taal aan die ander kant noem. Die eerste kategorie of gebruik van taal het ten doel om so objektief moontlik die feite en informasie in verband met ’n saak weer te gee. Die tweede, die “*literary use*” van taal, daarenteen, maak ’n appél op die verbeelding. Die doel van hierdie tweede kategorie is om ’n gebeurtenis in genoegsame besonderhede en konkreetheid te herskep om die leser in staat te stel om dit te herleef (Ryken *ed.*,

Die slotsom waartoe Van Peer (1991:138) kom, is dat dit wel moontlik is om 'n objektiewe beskrywing te gee van wat literatuur is. *Literatuur* is as sodanig 'n korpus simboliese objekte wat in menslike taal uitgedruk word en tekstuele kwaliteite besit wat van nie-institusionele, homiletiese aard is.

- *Modellering*

Die kern van dit wat in die benadering en beredenering hierbo weergegee is, word deur Van Peer (1991:139) visueel in 'n model/diagram met vier kwadrante voorgestel.

MODEL VAN LITERATUUR (Van Peer, 1991:139)



Van Peer (1991:138-139) gee vervolgens ook toeliggende verduideliking by bostaande model. Dit word kortliks weergegee.

Wat die samelewingsgemeenskap *literatuur* noem, kom voor in die donker skadudeel van die kwadrant regs onder. Dit bestaan uit homiletiese tekstipes. Mondelinge homiletiese tekste moet ook as literatuur gesien word – vandaar die ligter

1984:3-4). Ryken merk verder op dat hierdie twee tekstipes ('dokumentêr' en 'literêr') in die Nuwe Testament ongewoon vermeng word. Die vermenging is grootliks daarvoor verantwoordelik dat die Nuwe Testament deur die loop van sy geskiedenis sy lesers nie so ooglopend as literatuur tref soos Homerus, Shakespeare en die Ou Testament nie (Ryken *ed.*, 1984:4).

skaduwing in die regterkantste kleiner deel van dieselfde kwadrant regs onder. In gemeenskappe met 'n hoë geletterdheidsspeil is die neiging om mondelinge tekste as literatuur te diskwalifiseer (hulle word tot die domein van kinderliteratuur met sy telrympies en feevertale gereleë, of gestigmatiseer as laag, eenvoudig of populêr, soos die grap en die anekdote).

Die diggemerkte area direk links en direk bo die literêre kwadrant (regs onder) dui aan dat tekste in hierdie grensgebied homiletiese eienskappe met literêre tekste deel. Hoe nader daar aan die middelste kerngedeeltes van die twee aangrensende kwadrante (links onder en regs bo) beweeg word, hoe minder word die aantal tekste wat homiletiese funksies kan vervul.

Die konsep wat deur hierdie model gedra word, gee ruimte en geleentheid vir die studie van literatuur as 'n sosio-kulturele en historiese verskynsel wat van taal as medium van uitdrukking gebruik maak. Daardeur kan 'n sentrale domein van literatuur bepaal word waaromheen periferiese areas van wisselende 'literêre digtheid' bestaan (bestaande uit beide homiletiese diskoers en institusionele tekste).

Die kwadrante-model illustreer dat literêre tekste sterk aan vorme van menslike aksie/aktiwiteit verbonde is. Wat hiermee beoog en voorsien word in die benadering van literêre tekste, is die genoemde vorme van refleksie ('*reflectivity*'), gevoelens van gemeensaamheid ('*togetherness*') en ervaring van genoegdoening ('*delight*').

Laastens maak die model voorsiening vir sosiale, kulturele en historiese diversifikasie. Dit moet geïnterpreteer word as 'n model of illustrasie van die wyse waarop kulturele tekste van verskillende aard gebruik om bepaalde individuele en sosiale funksies te verwesenlik. Literatuur is hiervolgens 'n komplekse simboliese vorm van sosiale aktiwiteit (Van Peer, 1991:140).

Van al die literatuur (!) oor *literatuur* wat bestudeer is, is Van Peer se benadering en beredenering om tot 'n betekenisbepaling van die begrip *literatuur* te kom, die mees gebalanseerde. Daarin word teks-eksterne faktore (veranderlike historiese-sosiale kontekste) en teks-interne bepaaldhede (wesenskenmerke van 'n bepaalde literatuurteks) deurgaans ewewigtig in berekening gebring en gehou. In sy op-pad-wees na 'n beskrywende definisie van *literatuur* voeg hy alle tersaaklike fasette rondom literatuur in sy verhelderende model saam. Hy laat daarin onder meer ook ruimte vir *evaluerende* definiering, maar laasgenoemde is inbegrepe in (en vorm deel van) sy gedagtegang en gedagte-ontwikkeling in die rigting van 'n beskrywende definisie.

Teen die agtergrond hiervan kan nou gepoog word om vir die doeleindes van hierdie studie tot 'n definisie van *literatuur* te kom.

2.1.4 Werkdefinisie van *literatuur*

In hierdie studie dra die begrip *literatuur* die betekenis van 'n korpus geskifte of tekste as 'n komplekse simboliese vorm van sosiale aktiwiteit, en verwys dan spesifiek na nie-institusionele, homiletiese geskifte wat taalkuns is en/of bevat en in bepaalde kultureel-sosiologiese kontekste bestaan en daarin as sentrale tekste geaksentueer is. *Literatuur* word naas hierdie algemene definiering vir die studie ook in 'n enger en toegespitste definisie nader afgebaken: *literatuur* is taalkuns in die Westerse wêreld, waarin religieuse literatuur, met name die Christelik-godsdienstige literatuur soos dit in die Bybel en in die kerklike konteks as literatuur aandien, 'n sentrale plek inneem.

2.2 DIE BYBEL AS/EN LITERATUUR

2.2.0 Inleiding: twee benaderingshoeke te onderskei

In die lig van die werkdefinisie van *literatuur* wat pas vir hierdie navorsing vasgestel en geformuleer is, word die literêr-teoretiese perspektiewe op literatuur as meta-teoretiese vertrekpunte nou sonder meer in verband met die Bybel as/en literatuur nagegaan.

Daar moet in die benadering en beskouing van die Bybel in sy verband met literatuur en literêre aspekte wat hier in 2.2 aan die orde kom, egter eers duidelike onderskeidings getref word. Daar moet voor alles onderskei word tussen 'n *literatuur-van-die-Bybel*-(ondersoek)benadering en 'n *Bybel-as-literatuur*-(ondersoek)benadering.

Eersgenoemde, 'n *literatuur-van-die-Bybel*-benadering, maak ten opsigte van literariteit graderings in die literatuur/geskifte van die Bybel en is daarom 'n beperkte benadering (Gabel, Wheeler & York, 2000:12).

Laasgenoemde, die *Bybel-as-literatuur*-benadering, suggereer per definisie 'n benadering van die literatuur/geskifte van die Bybel se literariteit in totaliteit.

Onder laasgenoemde moet egter nog 'n verdere onderskeid getref word.

- *Eerstens:*

Die benaming of uitdrukkingswyse *Bybel-as-literatuur* word deur sommige verstaan as 'n vervanging van die religieuse inhoud van die Bybel met estetiese waardes. So 'n benadering van die Bybel-as-literatuur word asof vanself 'n verstaan en hantering van die Bybel as sou God nie die verhewe 'novellis' wees nie. *Bybel-as-literatuur* word sodoende opgeneem in 'n estetiese en nie ook in 'n godsdienstige sin as heilige teks nie (Jasper & Prickett, 1999:7). 'n Paar van die bronne wat in hierdie studie aangehaal word en wat in hierdie rigting neig, maar wat andersins waardevolle lig op die belang van die literêre aspekte van die Bybel werp, is byvoorbeeld dié van Henn (1970): *The Bible as Literature*; Gable, Wheeler & York (2000): *The Bible as literature. An introduction*; en Alter & Kermode, eds. (1987): *The literary guide to the Bible*.

- *Tweedens:*

Die uitdrukking *Bybel-as-literatuur* kan hierteenoor ook 'n aanduiding wees van 'n literêre verstaan van die Bybel waarin die religieuse inhoud daarvan nie vervang word nie, maar die literêre aspekte en eienskappe van die Bybelteks 'n belangrike *komponent* bly die voller (akkurater) verstaan van die inhoud word (Jasper & Prickett, 1999:8-9).

In die huidige navorsing gaan dit oor helderheid wat verkry moet word in verband met die Bybel-as-literatuur (en nie oor die *literatuur-van-die-Bybel*-benadering nie). Die *Bybel-as-literatuur*-benadering word dan duidelik gekwalifiseer as 'n benadering waarin die inhoud van die Bybelteks nie vervang word met 'n uitsluitlike interesse in die literêre-estetiese waarde en eienskappe daarvan nie, maar waarin nagegaan word op watter wyse en in watter mate (al dan nie) die estetiese as 'n noodsaaklike komplementerende faktor en rolspeler in die ontsluiting van teksbetekenis geïmplementeer kan en moet word.⁶

Die metode van ondersoek by hierdie belangrike sub-onderwerp (2.2: *die Bybel as/en literatuur*) binne die metateorie van die huidige studie is heuristies – om dus logies, stap vir stap, tot ontdekking van waarhede te kom. Daar word eerstens voorlopig uitsluitel gekry oor die vraag of die Bybel literatuur is (dus: *literêre* oorwegings; 2.2.1); tweedens word nagegaan wat die geskiedenis laat blyk in verband met die Bybel se literariteit binne die verskillende denkpatrone in die literatuurwêreld van die verlede (dus: *historiese* oorsig; 2.2.2); derdens word gepoog om 'n prinsipiële plek- en betekenisbepaling van die

⁶ Die term of uitdrukking *Bybel-as-literatuur* word verder in hierdie studie gebruik in die betekenis soos dit in hierdie paragraaf verklaar is. Dit word met koppeltekens geskryf om telkens juis die verklaarde konnotasie van die *Bybel-as-literatuur*-benadering op te roep.

Bybel tussen (ander) literatuur te maak (dus: die *uniekheid* van die Bybel en die *gelyktydige verbandhouding* van die Bybel met literatuur; 2.2.3); vierdens word tot finale *konklusies* in verband met die ondersoek na die Bybel as/en literatuur gekom (2.2.4); vyfde word die *implikasie(s)* van die resultate waartoe in die ondersoek van die Bybel as/en literatuur gekom word, aangestip (2.2.5).

2.2.1 Die Bybel is literatuur(?)

2.2.1.0 Inleidend: hoe ‘literêr’ is die Bybel?

Is die Bybel literatuur?

Dit is ’n basiese vraag wat sekerlik onmiddellik deur ’n titel soos dié van die huidige navorsing opgeroep word. In die geformuleerde studieonderwerp word geykte literêre onderskeidings soos *dramatiek*, *epiek* en *liriek* (die *dramatiese*, *epiese* en *liriese*) gebruik om die veld van navorsing aan te dui. Verder plaas ’n woord soos *stramien* in die titel (wat waarskynlik in sy figuurlike betekenis hoofsaaklik net binne literêre konteks ’n redelike gebruiksfrekwensie het) en boonop ook nog ’n verwysing na die liturgiese *lied*, wat ’n literatuurvorm is, en na ’n Bybel-boek, wat ’n teksdokument is, die studiefokus volledig binne die vraag na die literariteit en die literêre gestalte en gehalte van die Bybel. Dit is van deurslaggewende belang vir sowel die bereiking van die gestelde doelwit van hierdie studie as vir die *wyse van navorsing* om uitsluitel te kry oor hoe *literêr* die Bybel is. Kan dit sonder meer as literatuur getipeer word en dan so gelees, benader en vertolk word?

Dit is die vrae wat nou eerstens in 2.2.1 aandag kry. Dit word gedoen deur eers vas te stel in watter mate die Bybel as literatuur herken en erken word (2.2.1.1). Vervolgens word die literariteit van die Bybel ‘gemeet’ aan onderskeidende eienskappe van literatuur (2.2.1.2). ’n Samevattende konklusie oor die mate waarin die Bybel literatuur is (2.2.1.3) vorm die afsluiting van 2.2.1.

2.2.1.1 Herkenning en erkenning van die Bybel as literatuur

’n Merkwaardige feit wat dadelik gestel kan word, is dat die Bybel gereken word onder die dokumente wat literêr-gesproke tel onder die beste poësie wat die mensdom het (Van Vliet, 1998:18; Du Plooy, 2006:41). Die Bybel deel hierdie literêre waardetipering met ander ou (klassieke) tekste. Voorbeelde van ander hoogaangeskrewe poëtiese tekste is Homerus se epos *Iliade* of *Ilias* en sy *Aeneïs* en *Odusseia*, die Tibetaanse *Dodeboek*, die Indiese *Rig-Veda*, oud-Egiptiese poësie wat sy hoogtepunt in die *Sonlied* bereik het, die Chinese *Boek van Odes* en die Babiloniese heldedig, die bekende *Gilgamesh-Epos*.

Laasgenoemde word geag die oudste bekende gedigteboek van die mensdom te wees. Motiewe van hierdie mites en sages word ook in die Ou Testament gevind – so word be-
weer (Van Vliet, 1998:19; vgl. ook Gabel, Wheeler & York, 2000:46-47) – en dit word
ook redelik algemeen aanvaar.

Die tipering van die Bybel as literatuur, spesifiek van die oudste en beste poësie van die
mensdom, stel en bevestig al die feit dat die Bybel wel deur mense as literatuur beskou
word.

Die Bybel word gesien as 'n werk van groot literêre krag en gesag, 'n boek wat sy
effektiwiteit en uitwerking te danke het aan middele wat algemeen in geskrewe taal
aangewend word (Alter & Kermode, 1988:2). In so 'n beskouing is die Bybel 'n literêre
boek wat saamgestel is uit 'n versameling literêre geskrifte, geproduseer deur mense wat
werklik in konkrete historiese situasies geleef het (Gabel, Wheeler & York, 2000:x). Die
Bybelskrywers het soos die skrywers van ander geskrifte in hulle eie besondere
kultuurhistoriese konstellasië van die kontemporêre taal en die literêre vorme wat as
uitdrukkingswyses bekend was, gebruik gemaak (Gabel, Wheeler & York, 2000:50-51).
Hulle het leesmateriaal die lig laat sien waarvoor dieselfde vereistes gegeld het as wat aan
literatuur in die algemeen gestel word om as literatuur gelees en waardeur te word
(Gabel, Wheeler & York, 2000:1). Die Bybel het betekenis in sy kontemporêre
literatuurwêreld verkry deur juis die taalmoontlikhede wat in die algemeen gegeld het, te
implementeer (Alter & Kermode, 1988:2).

2.2.1.2 Die Bybel en onderskeidende kenmerke van literatuur

Om te weet of die Bybel aan die 'vereistes' voldoen wat aan literatuur in die algemeen
gestel word, moet 'n paar onderskeidende eienskappe wat tradisioneel aan literatuur
toegeskryf word, kortliks gestel word en dan nagegaan word òf en hóé elk van die
kenmerke in die Bybel as 'n literêre teksdokument figureer.⁷

⁷ 'n Bekende literatuurwetenskaplike wat sy aandag deur die loop van meer as twintig jaar besonderlik
toespits op die onderwerp van algemene literêre eienskappe en hoe dit in die Bybeldokumente aanwesig is,
is Leland Ryken. Die insiggewende neerslag van sy werk is in agt bronne te vind wat onder die
kopieregdatums 1984, 1984 *ed.*, 1987a (hersien in 'n 2001-uitgawe), 1987b (opgeneem in die 2001-
publikasie), 1990, 1993 (saam met Temper Longman III), 2001, 2005 en 2007 (laasgenoemde saam met sy
teoloog-seun, Philip Graham Ryken) gepubliseer is. Sy bydrae bied 'n gesistematiseerde oorsig oor die
studie van die Bybel-as-literatuur. Daar word van hierdie verskillende bronne in die bespreking van die
Bybel en die onderskeidende kenmerke van literatuur gebruik gemaak. Verwysings na verskeie ander
skrywers oor die onderwerp se bydraes word egter ook verwerk.

(i) *Literatuur vergestalt menslike ervaring*

'n Kenmerk van literatuur is dat dit menslike ervaring en belewing beeldend tot uitdrukking bring. Literatuur wil ervaring vergestalt, eerder as om dit net te stel. Dit wil die (of 'n) werklikheid voorstel, nie maar net daarvan vertel nie (Ryken, 2005:457; 1984 *ed.*:3). Dit wil dus (n) werklikheid 'opvoer', nie net informeer nie.

Vir voorbeelde van hoe die Bybel hierdie trek van literatuur vertoon, kan na verskillende Skrifgedeeltes verwys word.

- Die verhaal van Kaïn en Abel (Genesis 4). Die gebod '*jy mag nie dood-slaan/moord pleeg nie*' word ten tonele gevoer in die onderskeidende literêre vorm wat as *narratief* bekend staan (Ryken, 1993:17; 2007:x).
- Die gelykenis van die sogenaamde barmhartige Samaritaan (Luk.10:25-37 par.) is 'n konkrete voorstelling van wat naasteliefde (hoe om vir iemand 'n naaste te wees) inhou.
- Die Openbaringboek is met sy beeldende taal ook 'n uitmuntende voorbeeld van hierdie eienskap van literatuur.

So stel die Bybel voor, eerder as om waarhede net informatief te dokumenteer (alhoewel dele soos wetsbepalings en geslagsregisters se styl natuurlik meer informatief-mededelend as aktief-voorstellend is).

(ii) *In 'n literêre teks word betekenis onder meer deur vorm gekommunikeer*

'n Verdere eienskap van literatuur is dat dit nie net inhoudelik betekenis dra nie. Vorm is ook betekenisdraend (Ressiguie, 2005:18-19; Aune, 2003:315; Ryken, 1984:28-29). *Hoe* 'n skrywer iets voorstel, is in die literêre teks net so belangrik vir betekenisontsluiting soos dit *wat* hy oordra (Ryken, 2001:20-21; 2005:457; 2007:vii, ix, xii, xiv, xvii). Vorm en inhoud kan nie geskei word nie. Literatuur kommunikeer juis die inhoud deur die vorm. Die literêre *gestalte* van 'n teks is dus inherent deel van die betekenisinhoud.⁸

⁸ Dit is veral *New Criticism* en *Practical Criticism* wat as tekssentriese benaderingswyses tot literêre tekste aan die begin van die twintigste eeu die gedagte dat die vorm deel van die inhoud of betekenis van die literatuurteks word, sterk op die voorgrond geplaas het. Die vorm is wesenlik deel van die 'literêrheid' van 'n teks (Bertens, 2003:33-35). Sien later in dié verband by 3.1.2.2.1(i.i) die bespreking van die *New/Practical Criticism*. McKnight (1985) beweer op voetspoor van Aristoteles (*Poëtika*, 51, kolom a, reël 36 tot 51, kolom b, reël 11; in De Kock & Cilliers, 1991:15-16, 156-157) dat 'n teks wat as *geskiedenis* gelees word, gelees word as 'n *spesifieke gebeurtenis*, terwyl 'n teks wat as *literatuur* gelees word, gelees word as 'n *universele waarheid*. Eersgenoemde lesing gee aandag aan *wat* gesê word en nie soseer aan *hoe*

Dat die Bybel in hierdie opsig ook egte literatuur is, is sonder meer duidelik.

- Die herder en skaap in Psalm 23 dra byvoorbeeld juis deur middel van (dalk beter gesê: deur *vorm* van) metaforiese voorstelling by tot die verstaan van die verhouding tussen *Jahwe* en die gelowige digter (Ryken, 1993:17-18; 2007:x).
- Chiasiese strukturering soos dit in Eksodus 15 voorkom, is 'n vormaspek wat bydra tot beklemtoning van die onvergelykbare hoogheid en heiligheid van *Jahwe* wat vir sy volk optree, maar téén die heidense volke (vgl. Bingle, 2000:26-27). Soos later sal blyk (vgl. Deel 3) is chiasiese strukturering volgens sommige ook besonder opvallend teenwoordig in sowel afsonderlike kleiner dele as in die oorhoofse makrostruktuur van Openbaring.

Die Bybel gebruik dus die literêre gestalte waarin sy openbaringsinhoud tot uitdrukking getekstualiseer is, as aktiewe openbaringselement (Van der Walt, 1975:58).

(iii) *Literatuur is artistiek van aard*

Nog 'n tipiese kenmerk van taaltekste wat daarvan literatuur maak, is dat dit taalkuns of woordkuns is wat definitiewe artistieke of estetiese skoonheid en vaardigheid – selfs vernuftigheid – van tegniek vertoon (Ryken, 1987a:16; 2001:16).⁹ 'n Literatuurteks vestig onwillekeurig die aandag op sy eie besondere samestelling – in die mate wat diskoers of gewone beskrywing nie doen nie (Ryken & Longman, 1993:18). Dit sluit aan by dit wat in (ii) hierbo aangetoon is, naamlik dat dit wat 'n teks onder meer 'n literatuurteks maak, nie net geleë is in die *wat* (dit is die inhoud) van die tema wat dit tot uitdrukking bring nie, maar ook in die *hoe* (dit is die vorm) waarin dit tot uitdrukking kom (Ryken, 1993:18; 2007:xi-xii).

Die elemente van artistieke vormgewing wat deur alle kunsvorme gedeel word, sluit in: patroon of ontwerp, tema of sentrale fokus, organiese eenheid en

dit gesê word nie, terwyl laasgenoemde lesing die klem laat val op die *styl* en die *vorm* van wat in 'n teks gesê word (McKnight, 1985:10).

⁹ Dit is by 2.1.1 reeds gestel dat die begrip *literatuur* veral sedert die agtiende eeu 'n toegespitste betekenis gekry het. Geskifte moet as woord- of taalkuns beskou kan word om literatuur te kan wees, die sogenaamde *skone literatuur* of *belletrise*, afkomstig van die Franse '*belles lettres*'. Vergelyk verder ook weer Van Peer se benadering van literatuur wat daarvan uitgaan dat literatuur taalkuns is (Van Peer, 1991:129 e.v.; 2.1.3 hierbo).

variasie (ook *eenheid-in-verskeidenheid* genoem), samehang, balans, kontras, simmetrie, herhaling, herhaalde terugkeer van motiewe en integrerende progressie (Ryken, 1984:23-24; 1984 *ed.*:6; vgl. hierbo in 2.1.3 Van Peer, 1991:136, vir sy beredenering van literatuur). Die artistieke kwaliteit van 'n teks maak daarvan 'n *artefak*, 'n voorwerp van skoonheid, geproduseer deur die vaardige aanwending van verbale en (ver-)beeldende tegnieke. Die artistieke vorm het die intensivering van die impak van dit wat gesê word ten doel.

Wanneer die artistieke eienskappe van literatuur op die Bybel 'gepas' word, is dit baie gou duidelik dat die Bybel 'n literêre meesterstuk is wat vir sy skoonheid waardeer kan word (Ryken, 1984:24). Oral kom 'n mens dit in die Bybel teë dat die skrywers hulle sterk - en blykbaar wêlbewus – verbind het tot die *hoe* van hulle betekenisoordrag en nie net tot die *wat* daarvan nie (Ryken, 2005: 457).

- Die apostel Johannes se weergawe van die evangelie wat opgebou is uit die beskrywing van die wondertekens wat Jesus gedoen het en dan die aansprake van Jesus wat daarby aansluit, is 'n goeie voorbeeld hiervan (vgl. onder meer Joh. 9:5: “*Terwyl Ek in die wêreld is, is Ek die lig vir die wêreld*”, en onmiddellik daarna laat Hy 'n blindgeborene sien).
- By die behandeling van die himniese dele in die Openbaringboek sal die artistieke skoonheid van dié besondere Bybelboek aan die lig tree (sien die behandeling daarvan van Hoofstuk 4 af verder).

Die Bybel is dus 'n woordkunstige vormgewing van die Godsopenbaring (Van der Walt, 1975:57; sien ook by (ii) hierbo).

(iv) *Literatuur word gekenmerk deur 'n besondere, spesiale gebruik van taal*

Dit vloei logies uit (ii) en (iii) hierbo voort dat literatuur 'n besondere gebruik van taal vertoon. Die moontlikhede wat taal bied, word in literatuur optimaal ontgin en benut, veral in poësie (vgl. Bronzwaer, 1993:11-12).

Twee kategorieë van taal se besondere uitdrukkingsmoontlikhede wat benut word, kan genoem word.

Eerstens is *figuurlike* en *beeldende* taal kenmerkend van literatuurtekste (Miller, 2002:41-43). Dit kom tot uitdrukking in metafoor, vergelyking, simbool, hiperbool, sinspeling, woordspeling, paradoks, personifikasie, apostroof en ironie (Ryken, 1984:27; 1984 *ed.*:9; 2007:xi-xii).

Tweedens word die *retoriese* moontlikhede van taal ingespan in die gebruikmaking van bekende retoriese elemente soos parallelisme (veral te vind in Hebreeuse poësie), enige patroonmatige organiserings van sinne en frases, retoriese vrae, konstruksies van vraag-en-antwoord, verbeeldingryke dialoog en die aforistiese bondigheid van 'n spreuk of spreekwoord (Ryken, 1984 *ed.*:9).

Die Bybel is 'n woordkunstige vormgewing van die Godsopenbaring (vgl. weer (iii) hierbo), waarin die besondere, spesiale gebruik van taal dus 'n beduidende rol speel. Verskeie voorbeelde uit die Bybel kan aangehaal word om dit te illustreer.

- Die prominente Bybelse voorbeelde van figuurlike en beeldende taal is die Psalms, Wysheidsboeke, die uitsprake en gesprekke van Jesus, asook die taal van die boek Openbaring in sy geheel.
- Liedere is met name taaltekste wat metafore soos lig en duisternis, water, woestyn, herder-skaap en l(L)am inspan.
- Vir retoriese aanwending van taal sal 'n blote verwysing na die gelykenisse van Jesus voldoende wees om te staaf dat ook hierdie tipiese kenmerk van literatuur in die Bybel voorkom en ryklik van gebruik gemaak word.

Dit is moeilik om 'n bladsy in die Bybel te vind waar daar nie van hierdie effektiewe moontlikhede wat taal bied, gebruik gemaak word nie.

(v) *Sekere genres kenmerk die kanon van literatuur*

Deur die eeue het mense wat met literêre tekste werk, saamgestem dat sekere *genres* eie aan en tipierend van die kanon van literatuur is (Ryken, 1984 *ed.*:6; 2005:457). Sekere genres word as literêr van aard beskou. Prosa en poësie is seker die mees opvallende kategorieë van literatuur (Ryken, 1987a:15; 2001:15).

Die Bybelboeke is ryk gevarieerde versamelings van literêre genres.

- Binne 'n bepaalde boek wat as 'n bepaalde genre beskou kan word, is daar ook kleiner gedeeltes wat 'n verwisseling van genres in die opbou en samestelling van die boek bevat. Die Openbaringsboek is 'n goeie voorbeeld hiervan – soos later aangetoon sal word (vgl. onder meer 4.2.1.1.4). Prosa en poësie is wisselend, verwisselend en wisselwerkend daarin teenwoordig.

- Sekere genres is spesifiek eie aan die Bybel, soos *evangelie*.¹⁰
- Binne die breë tweedeling van genre-kategorieë in *prosa* (verhaal en narratief) en *poësie* (taalverdigting in die poëtiese, soos wysheidsliteratuur, in die briewe, visioenêre geskrifte – dit sluit beide profesie en apokaliptiese stof in (Ryken, 1984:26) – en himniese stof soos Psalms en ander liedere) kenmerk verdere literêre diversivering en variëring van genres die Bybel-as-literatuur.

Die Bybel is dus ook in die opsig van literêre genre-onderskeidings kenmerkend en onmiskenbaar literatuur – selfs ’n groot versameling daarvan, waarin daar ook binne ’n bepaalde boek genre-variasies voorkom.

(vi) *Eenheid en geheelheid kenmerk literatuurtekste*

’n Laaste tipiese, onderskeidende kenmerk van literatuur wat genoem kan word, is dat ’n literatuurteks – om as literatuur geken te word – samehang en eenheid vertoon (Aune, 2003:315). Dit word selfs beskou as die belangrikste beginsel in die benadering en bestudering van ’n teks (Ryken, 1987a:21; 2001:21).

Al is die Bybel ’n versameling van geskrifte met ryk gevarieerde genres, sub-genres, tipes en soorte wat saamgebundel is, is dit tog ’n besonder geïntegreerde korpus literatuur.

- Die mees voor die hand liggende element van literêre eenheid is *narratiewe* eenheid (vgl. Ressiguie, 2005:18-19; Aune, 2003:315; vgl. ook later 4.2.1.2.2). Die Bybel, in geheel genome, is ’n geskrewe taaltekst in die klassieke verhaalstyl met ’n begin (die skepping van die heelal), ’n middelstuk (die geskiedenis van die gevalle mensdom en die herstel wat gekom het) en ’n einde (die voleindiging van die geskiedenis in die finale oorwinning oor die Bose). Die rangskikking van die tekstmateriaal van die Bybel is dus min of meer chronologies in ooreenstemming met die ontplooiing van hierdie globale narratiewe eenheid. Die raamwerk van die geheel is ’n *historiese narratief* (Ryken, 1993:35).
- Binne die ontplooiing van die narratief is *verwysings* en *toespeling* ’n opvallende bindmiddel. Die Bybel is die voorbeeld *par excellence* van intertekstuele literatuur (vgl. later 4.2.6.2.2 en 4.2.6.2.3).

¹⁰ Vergelyk later by 2.2.2.1.3(ii) hoe *evangelie* binne die populêre genres van die Hellenistiese literatuurwêreld, naamlik ‘*romance*’, ‘*aretalogy*’ en *biografie* as ’n verwante, maar tog as ’n onderskeidende genre ontwikkel het (Gabel, Wheeler & York, 2000:184-185).

- Eenheid kom ook tot stand deur die *argetipes* van die Bybel (vgl. later: 2.2.6.1.3(iii); Frye, 1957, 1986[1981]). Dit bestaan uit terugkerende *plot*-motiewe (soos verlossing en uitredding), karaktertipes (soos held en teenstander) en beelde (soos lig en bergtop). In die geïntegreerde geheel van die literatuurtekste van die Bybel is die karakter van God en sy dae die grondliggende stramien (Ryken, 1993:36, 2007:xiv-xv).

Die Bybel vertoon dus ook ten opsigte van eenheid-in-verskeidenheid 'n samehang en eenheid.

Met hierdie paar onderskeidende eienskappe van literatuur wat algemeen geld, word nie op volledigheid aanspraak gemaak nie. Die vasstelling daarvan of – en indien wel in watter mate – die Bybel die eienskappe vertoon, is eweneens nie volledig nie. Daar sou fyner onderskeidings in meer besonderhede gemaak kon word, maar wat hier gebied is, toon genoegsaam aan dat die Bybel nie vreemd is aan onderskeidende literêre kenmerke wat van taaltekste literatuurtekste maak nie. Intendeel: die Bybel vertoon die kenmerke baie duidelik en is vanweë sy omvang en rykdom aan literêre eiendomlikhede medebepalend vir wat as die onderskeidende kenmerke van die literatuur geld.

2.2.1.3 Samevattende konklusie in verband met die vraag of die Bybel literatuur is

Kan hieruit nou sonder meer gekonkludeer word dat die Bybel wel literatuur is?

Wat minstens moontlik is, is om in die lig van wat tot dusver bevind is, tot 'n *voorlopige* gevolgtrekking te kom dat die Bybel wel literatuur is. Die implikasie van hierdie voorlopige bevinding is dat die Bybel waarskynlik (ook) literêr benader en gelees kan en moet word.

Verdere vrae wat nou na vore tree, is: Bring so 'n benadering nie die Bybel se uniekheid in gedrang nie? Kan dit nie gesien word as 'n gelykskakeling van die Bybel met (ander) literatuur nie?

Verdere ondersoek sal moet plaasvind voor 'n gevolgtrekking dat die Bybel wel literatuur is, finaal gemaak kan word. Dit volg nou in 2.2.2, waar na die lig wat die geskiedenis op die literariteit van die Bybel kan werp, gevra word, en in 2.2.3, waar die uniekheid van die Bybel en die verhouding waarin dit tot (ander) literatuur staan, eksplisiet aan die orde gestel word.

2.2.2 Historiese oorsig oor die Bybel-as-literatuur

2.2.2.0 Inleidend: Wat bring die geskiedenis aan die lig in verband met die literariteit van die Bybel?

Indien die Bybel dan wel literatuur is soos hierbo in 2.2.1 voorlopig vasgestel en aangetoon is, moet die volgende vrae noodwendig aandag kry: Was/is die Bybel literatuur wat – histories gesien – deel is van 'n algemene menslike verskynsel? Wat is die besondere plek wat die Bybel deur die loop van die geskiedenis tussen ander literatuur ingeneem het?

Vir 'n verantwoorde beantwoording van hierdie vrae is dit dan eerstens nodig om 'n oorsig te gee oor hoe en in welke mate die Bybel deur die loop van die geskiedenis literêr beskou en benader is. Die huidige navorser oordeel dat 'n historiese oorsig oor die beskouinge van en die benadering tot die 'literêrheid' of literariteit van die Bybel 'n integrale deel van hierdie studie behoort uit te maak. Die direkte en dringende belangrikheid en noodsaak van sodanige ondersoek vir die aftasting van die huidige studie-onderwerp in al sy fasette mag dalk op die oog af nie so duidelik wees nie. Dat dit nogtans nodig geag word, kan egter goed en hopelik oortuigend gemotiveer word.

Motivering vir die bied van 'n historiese oorsig oor die Bybel-as-literatuur:

- Daar bestaan blykbaar in 'n groot mate 'n leemte wat dokumentering en sistematisering van historiese gegewens in verband met die literariteit van die Bybel betref. Dit is uit die wyd geraadpleegde literatuur vir hierdie studie opvallend dat die historiese aspekte van die onderwerp slegs fragmentaries aandag kry. 'n Geïntegreerde historiese studie waarin die hooftendense geïdentifiseer en die hooflyne getrek word, kon nie opgespoor word nie. Historiese ontwikkelinge wat nagegaan, geanaliseer en geïntegreer word kan dus die leemte vul, of minstens gedeeltelik verklein.
- Namate die studie vorder, sal dit duidelik word dat historiese insig in die beskouinge en die evaluering van die literariteit van die Bybel tydens verskillende tydvakke in veral die Westerse literatuurstudie basiese en onontbeerlike inligting vir die navorsing beskikbaar stel. Himnografie is immers 'n bepaalde vorm van literatuur; die liturgiese lied is 'n literêre artefak wat direk of indirek aan die teksgeworde openbaring van die Bybel verbind is en daaruit ontspring. Die studie kan en sal sonder kennisname en verwerking van die historiese dus nie volledig en omvattend wees nie.

- Die historiese ondersoek kan verder in hierdie hoofstuk ook helderheid bring ten opsigte van die verhouding tussen die Bybel en ander literatuur (vgl. 2.2.3 hieronder).
- Historiese verantwoording bring ook ten opsigte van die regverdigbaarheid al dan nie van 'n benadering waarin die Bybel onder meer ook as literatuur gelees word (2.2.4 hieronder), groter duidelikheid.
- Die historiese hou positiewe implikasies in wat die helderheid en sinvolheid van die ondersoekmetode oor die onderwerp van die literariteit van die Bybel betref (2.2.5 hieronder).

Die leser word versoek om in die lig van hierdie motivering nou eers rustig saam met die navorser deur die historiese landskap van die Bybel-as-literatuur te stap.

Die historiese oorsig word chronologies aan die hand van hooftydperke gebied (2.2.2.1 tot 2.2.2.7).¹¹ Elke tydperk se behandeling word ingelei deur 'n konteksbeplanning van die betrokke historiese tydperk. Daar word in 'n oriënterende waarneming vasgestel watter denkwyses en algemene tendense tipies was en is van die besondere tydperk. Die uitstippeling van die heersende denkgangings en algemene tendense in 'n bepaalde historiese fase word gedoen omdat die Bybel in elke fase van die geskiedenis gelees is, en omdat elke onderskeibare tydperk 'n eie besondere invloed op die lees en verstaan van die Bybel binne daardie konteks en milieu uitgeoefen het. Smit (2006:21) wys op die nuwe verband tussen die kulturele konteks en die wyse van omgang met dokumente, dus ook met literatuur wat figureer binne die werkdefinisie van die berip *literatuur* wat reeds vir die huidige studie geformuleer is (2.1.4).

Keer op keer in die geskiedenis lees gelowiges die Bybel net soos wat hulle kulturele tydgenote ook maar ander belangrike, gesaghebbende of klassieke dokumente lees. Keer op keer gebeur dit gevolglik dat *groot skuiwe in die kultuur en gepaardgaande skuiwe in hoe mense dokumente lees en verstaan ook neerslag sou vind in die kerk se lees en uitleg van die Bybel*. (Beklemtoning van Smit.)

Hiermee word deur Smit 'n belangrike aspek van Bybellees en -verklaring uitgelig, naamlik dat die benadering tot die Bybel nooit in 'n lugleegte – en 'tydleegte'! – plaasvind nie. Die historiese konteks met sy sosio-kulturele tendense speel te alle tye 'n rol.

¹¹ Ryken verskaf 'n breë raamwerk vir 'n historiese oorsig oor die verloop van hoe en in watter mate die Bybel in die verlede en tot op hede as literatuur benader is en word (Ryken, 1993b:49-68). Dit is 'n bruikbare raamwerk om die historiese tydperke in te deel, alhoewel hy die tydperk van die Middeleeue onbehandeld laat en ook ten opsigte van ander tydperke in die geskiedenis nie die historiese tendense en ontwikkelinge genoegsaam reflekteer nie. Daarom word vir die historiese oorsig van 'n verskeidenheid bronne gebruik gemaak, soos telkens tersaaklik aangedui word.

Dit is veral ook belangrik om die literêre tendense in 'n bepaalde historiese gemeenskap in berekening te bring. In die historiese ondersoek wat nou volg, wil ek juis dit doen, ten einde die beskouing, benadering en evaluering van die literariteit van die Bybel tydens die verskillende hoofperiodes van veral die Westerse literatuurstudie vas te stel. Dit moet meehelp om uiteindelik tot 'n finale bevinding te kom ten opsigte van die vraag of die Bybel literatuur is, en indien wel, hoedanige literatuur dit is en in watter verhouding dit tot ander literatuur staan.

Die historiese oorsig oor benaderings tot die Bybel as 'n literatuuurdokument/-teks word soos volg georden: 'n Konteksbepaling van elke historiese tydvak met sy kenmerkende denkwys(e) en algemene tendense word telkens eers gemaak. Dit word gevolg deur 'n bespreking van die belangrikste spesifieke tendense in die benadering van die Bybel in die betrokke tyd. Aan die einde van die behandeling van elke historiese fase word 'n samevattende konklusie in verband met die beskouing en benadering van die literariteit van die Bybel in die besondere fase gegee. Die historiese oorsig in sy geheel word afgesluit met 'n samevatting van en gevolgtrekkings in verband met die inligting wat die historiese ondersoek van die Bybel-as-literatuur oplewer (2.2.2.8).

2.2.2.1 Die Bybelse tyd

2.2.2.1.0 Inleidend: konteksbepaling van die Bybelse tyd en uiteensetting van die ondersoek na die Bybel-as-literatuur in dié tyd

Die historiese ondersoek word begin by die sogenaamde *Bybelse tyd*. Dit is die tyd van die besondere openbaring en direk daarna. Laasgenoemde tyd is die periode toe die openbaring in die vorm van teksmateriaal gestalte gekry het. Dit moet in gedagte gehou word dat daar in dié besondere periode heelwat dokumente oor die openbaringsgebeure gevorm is en in omloop gekom het. Nie al die materiaal is egter deur die Jode (die Hebreeuse Bybel of Joodse *Tenach*) en die Christelike kerk (die Ou en Nuwe Testament, of *Eerste* en *Tweede* Testament – vgl. vir laasgenoemde onderskeid Deist, 1994:327 e.v.) uiteindelik as kanoniek aanvaar en erken nie. Dit sou eers in die volgende historiese hoof tydperk, die Patristiese tyd, uitgemaak word. Hier word dit in gedagte gehou, maar as daar nou in die bespreking van die Bybelse tyd na *die Bybel* verwys word, en ook in al die ander opeenvolgende tydperke, word die geskrifte van die later-vasgestelde Kanon, bekend as die *Christelike Bybel*, bedoel.

Uit die konteksbepaling word dit dus duidelik dat die Bybel in die Bybelse tyd wel as literatuur beskou is, maar nog nie as 'n onderskeie Kanon (hoofletter) binne die groter kanon (kleinletter) van literatuur nie.

In die ondersoek na die literariteit van die Bybel in die Bybelse tyd word die Bybel eerstens self oor sy eie literariteit aan die woord gestel (2.2.2.1.1). Daarna word gegewens uit die literêre kultuurkonteks van die Bybelse tyd ter sprake gebring om die beskouing van die Bybel se literariteit verder te belig (2.2.2.1.2). 'n Samevattende konklusie in verband met die stand van die beskouinge oor die Bybel se literaliteit in die Bybelse tyd sluit die ondersoek ten opsigte van dié tydperk af (2.2.2.1.3).

2.2.2.1.1 Die Bybel oor sy eie literariteit

As die Bybel vir uitsprake oor of aanduidings van sy eie literariteit ondersoek word, is dit moontlik om na heelwat tekste te verwys en/of aan te haal. Daar word egter volstaan met twee direkte uitsprake van die Bybel wat tussen ander verbandhoudende tekste uitgesonder kan word (onderskeidelik 2.2.2.1.1.1 en 2.2.2.1.1.2 hieronder).

2.2.2.1.1.1 Ou Testament: Prediker 12:9-10

Die eerste voorbeeld van 'n belangrike uitspraak van die Bybel in verband met sy eie literariteit is Pred. 12:9-10. Afrikaanse weergawes van die Hebreëuse teks in twee vertalings lui soos volg:

Die Prediker was nie net 'n man met wysheid nie, hy het ook die volk onderrig. Hy het nagedink, nagevors en baie spreuke gemaak. Hy het daarna gestrewe om hom raak uit te druk en die waarheid getrou op te teken. (1983-vertaling).

En behalwe dat die Prediker 'n wyse was, het hy die volk nog kennis geleer en het oorweeg en ondersoek; hy het baie spreuke opgestel. Die Prediker het gesoek om welgevallige woorde te vind en wat reg geskrywe is – woorde van waarheid. (1933/'53-vertaling).

'n Viertal literêre aspekte kan in hierdie uitspraak van Pred. 12:9-10 onderskei word.

(i) Redigering

Daar kan eerstens opgemerk word dat hierdie slotwoord van die boek Prediker, soos ook die openingswoord in Prediker 1, moontlik dui op 'n bewerking deur die hand van iemand wat die Prediker se teks later uitgegee het. Die woorde van Pred. 12:9-10 is dan in die trant en styl van 'n redaksionele naskrif. Moontlik is die bewerking deur 'n student/leerling van die wyse leermeester gedoen (Gemser, 1958:1445). Dit op sigself dui al op 'n bekende literêre gebruik wat reeds in die Bybelse tyd bestaan het.

(ii) *Aandag aan literêre detail*

Dit is duidelik dat die Prediker 'n navorser en ondersoeker van spreuke was, en dat hy nie sommer maar net 'gepubliseer' het nie. Hy het eers “*nagedink*”, “*nagevors (oorweeg, ondersoek)*” voor hy die spreuke opgestel het (of ‘*bewerk*’ het – Gemser, 1958:1445) – voor hy met ander woorde “...*vele spreuken in orde...steld*” (State-vertaling), “*set in order many proverbs*” (The New International Version). Hy het alles eers geweeg. “*In this context it may mean that he paid close attention to literary details and how things were expressed*” (Ogden, 1998:434; beklemtoning van *literary details* is van JPB). Hy was 'n samesteller (‘*composer*’ – vgl. Ryken, 1993b:50) en bewerker van spreuke vir wie die wyse van uitdrukking (naas die inhoud) ook van belang was. Sy teks was dus 'n literatuurteks wat hy saamgestel het nadat hy wysheidsmateriaal wyd ondersoek, noukeurig geweeg en in eie styl ‘geformateer’ het.

(iii) *Styl*

Die Prediker was verder ingestel op 'n woordkunstige vorm van uitdrukking. Dit word weerspieël in die ‘*welgevallige woorde*’ wat hy vir sy spreuke wou vind. “*He used words of strength and style, of some aesthetic value*” (Murphy, 2002:128). Dit spreek daarvan dat hy hom in appellerende, kunstige, maklik onthoubare en boeiende woorde wou uitdruk (Hubbard, 1991:249). Hy was 'n egte wyse wat sowel op styl (“*die skoon vorm*” – Gemser, 1958:1445) as op inhoud ag gegee het.

(iv) *Genre*

Die Bybelskrywer was bewus daarvan dat hy in 'n definitiewe literêre genre skryf, naamlik die genre *wysheidsliteratuur*, genoem *spreuke*. Dié genre sluit nie alleen die pittigheid en wysheid van die verlede in die vorm van kernspreuke in nie, maar ook vergelykings, waarhede in metaforiese gedaante, raaisels, leringe en allegorieë – dus alle vorme wat in die Bybelboek Spreuke aangetref word (Spence-Jones, 2004:303). Ook uit die tipering van die Bybelboek Prediker as *spreuke* is dit duidelik dat Bybel die boek/geskrif as literatuur aanbied.

Dit is uit die Ou-Testamentiese teks wat hier bespreek is, duidelik dat die Bybel(skrywer) self sy uiteindelijke produk as literatuur beskou.

2.2.2.1.1.2 Nuwe Testament: Openbaring 1:1

In aansluiting by die laaste literêre element waarna hierbo in 2.2.2.1.1.1(iv) by die behandeling van Pred. 12:9-10 verwys is, word nou ook op 'n voorbeeld van direkte genre-benoeming deur die Bybel self van 'n Nuwe-Testamentiese boek gelet. Daar word gewoonlik vier literêre vorme/tipes/genres in die Nuwe Testament onderskei, naamlik *evangelie*, *acta/handeling*, *brief* en *apokalips* (Van Aarde, 2006:660; Vorster, 1992:354; Bailey & Vander Broek, 1992:13-14). Die vier tekstipes korrespondeer met kontemporêre literatuursoorte wat in die Bybelse tyd in omloop was, naamlik *biografiese*, *historiografiese*, *brief-* en *apokaliptiese* literatuur (Aune, 1987b:13). Die boek Openbaring word in Op. 1:1 en 1:3 onderskeidelik met die twee Griekse woorde *ἀποκάλυψις* (*apokalips/openbaring*) en *προφητεία* (*profesie*) aangedui. Hier word verder net op die woord *apokalips* ingegaan.

Ἀποκάλυψις in Op. 1:1 verwys volgens Aune (1987b:226-227) na 'n 'revelatory experience' en nie na 'n literêre werk nie. Hy wys daarop dat Paulus dieselfde woord in Gal. 1:12 gebruik en dat dit daar ook bloot verwys na 'n openbaring wat hy ontvang het. 'n Belangrike feit wat egter in gedagte gehou moet word, is dat *apokalips* nie voor die Openbaringboek dit in sy openingsvers gebruik het, êrens vir 'n spesifieke literêre genre of in die titel van 'n geskrif gebruik is nie. Dit is eers later deur Joodse apokalipse soos 2 Barug en 3 Barug as 'n literêre aanduiding gebruik. In die vyfde eeu n.C. verwys die *Cologne Mani Codex* na die werke van onder andere Adam, Enos en Enog as apokalipse (Aune, 1987b:227).¹² Die feit dat *ἀποκάλυψις* eers later as 'n (tegniese) literêre term in gebruik gekom het, skakel nie die moontlikheid uit dat *ἀποκάλυψις* in Op. 1:1 reeds die aard van die boek aandui nie. Dit is waarskynlik dat dit na 'n literatuurtipe verwys as in aanmerking geneem word dat die Griekse woord *ἀποκάλυψις* later in die sin gevolg word deur die woorde: *δεῖξαι τοῖς δούλοις αὐτοῦ ἃ δεῖ γενέσθαι ἐν τάχει* (om aan sy dienaars te toon wat gou moet gebeur).

Die apokalips word dus deur die doel van die geskrif gekwalifiseer: dit is/word 'n ontsluiting van eskatologiese gebeurtenisse. Die hele Openbaringboek word van hierdie beginwoorde af verder daardeur bepaal, nie net wat inhoud betref nie, maar ook wat vorm (d.i. uitdrukkingswyse) betref. Die term word in Op. 1:1 nie net as 'n tegniese term vir openbaring of openbaarmaking gebruik nie, maar vir 'n besondere vorm daarvan. So gesien, is dit 'n term wat wel op literêre bepaaldheid en strekking betrekking het. Dit is nie 'n woord wat in Op. 1:1 deur sy kontemporêre kultuurkonteks se literatuurtiperende nomenklatuur (waarin die woord *apokalips* in daardie stadium nog ontbreek) bepaal is nie, maar dit verkry 'n spesifieke literatuurtiperende betekenis juis binne sy konteks in die

¹² In 'n vroeëre artikel van Aune toon hy aan dat die boek Openbaring wel 'n apokalips is, aangesien dit wat vorm, inhoud en funksie betref die tipiese kenmerke van apokaliptiese stof vertoon (Aune, 1986:86-91).

boek/geskrif Openbaring. Dit lei daartoe dat die nomenklatuur van die literatuur reeds in Op. 1:1 'n nuwe genre-term in gebruik stel (Collins, 1984a:3), wat later ook in ander apokaliptiese geskrifte beslag sou kry. So het die Bybel met sy literatuur ook die kontemporêre literatuurkonteks beïnvloed, en het dit nie noodwendig (ten minste wat die Openbaringboek betref) andersom gebeur nie.

Die Nuwe-Testamentiese teks wat hier bespreek is, laat vermoed dat die Bybel in sy literariteit invloed op die nomenklatuur van die kontemporêre en latere (sekulêre) literatuur uitgeoefen het. Dié uitwerking wat die Bybel op literatuur in die algemeen gehad het, dui daarop dat die Bybel nie net as literatuur beskou is nie, maar inderdaad ook literêr-beïnvloedend gefunksioneer het, waardeur sy eie literariteit verder bevestig is.

2.2.2.1.2 Die Bybel-as-literatuur in sy kontemporêre literêre konteks

Die Bybel toon ook op ander maniere as deur die genre-tipering van 'n spesifieke boek (soos onder meer die boeke Prediker en Openbaring) dat dit 'tuis' is in die literêre omgewing en tydskader van sy ontstaan. Dit blyk onder meer uit die onderstaande feite wat verder genoem kan word.

(i) Kontemporêre literatuur-nomenklatuur

Dit is opvallend duidelik dat die Bybel binne die kontemporêre literatuur-nomenklatuur van sy ontstaanstyd funksioneer. Daar kan verwys word na die feit dat bekende terme soos *kroniek*, *geskiedenis* (verwysende na historiografie), *lied*, *brief*, *profesie* en ander soortgelyke begrippe telkens in Bybel-boeke voorkom sonder dat dit verduidelik word. Die “*psalms*”, “*lofgesange*” en “*ander geestelike liedere*” van Ef. 5:19a en Kol. 3:16c is voorbeelde van terme wat onder meer so sonder meer deur Paulus gebruik word.

(ii) Die term evangelie as samevatting van populêre genres in die Hellenistiese literatuurwêreld

Reeds in 2.2.1.2(v) is daarop gewys dat *evangelie* 'n Bybelse term is wat nie in die bekende kontemporêre nomenklatuur van literatuur in die ontstaanstyd van die Bybel aangetref word in die besondere betekenis wat dit in die Bybel dra nie. *Evangelie* vertoon tog wel 'n verwantskap met die populêre genres van sy kontemporêre Hellenistiese literatuurwêreld, naamlik die genres wat deur Gabel, Wheeler en York ‘*romance*’, ‘*aretalogy*’ en ‘*biography*’ genoem word (Gabel, Wheeler & York, 2000:184-185). Dié drie tekstipes behoort nou eers

nader toegelig te word, aangesien hulle in die term *evangelie* 'n besondere, eg-Bybelse toespitsing ontvang het.

- ‘*Romance*’

Die *romance* was basies 'n verhaal oor die wedervaringe van 'n held wat na vreemde plekke reis, buitengewone dinge sien, gevare oorkom en betrokke raak in 'n liefdesverhouding wat bydra tot die gelukkige einde van die verhaal. Die held vertoon 'n voortreflikheid van karakter wat anderkant die normale lê – wat met ander woorde bo die normale uit transendeer en dit oorstyg. Die *Odusseia* van Homerus word die ‘*grandfather of all romances*’ genoem (Gabel, Wheeler & York, 2000:185).

- ‘*Aretalogy*’

Met die tweede populêre genre, *aretalogy*, word 'n rapportering van die dade van 'n buitengewone mens bedoel (Gabel, Wheeler & York, 2000:345). Dit was 'n verslag van die merkwaardige dade waardeur die buitengewone mens of menslike wese in die kategorie van die goddelike geplaas is.

- ‘*Biography*’

Die derde populêre genre in die destydse literatuurwêreld, naamlik *biography*, het in die Hellenistiese tyd uit geskiedenis en filosofie ontwikkel. Tot in daardie stadium (dus vóór die Hellenistiese tydperk) was daar nie veel belangstelling in die lewens van groot figure nie, behalwe natuurlik deur die groot figure self. Konings het skrywers gehuur om vleierende beskrywings van hulleself en die groot dinge wat hulle bereik het, op te teken. In die Hellenistiese tyd het die historici in hulle analisering van gebeurtenisse en die rol van die karakters, wat die *dramatis personae* in die gebeure was, meer gesofistikeerd geraak. Filosofe het konsepte vir die beskrywing van karakters en hulle lewenswyse voorsien waardeur dit moontlik geword het om te leer uit voorbeeldige menselewens (Gabel, Wheeler & York, 2000:185). Die doel van biografiese beskrywings was altyd om te onderrig.

Die belangrikheid van hierdie drie populêre Hellenistiese genres in die literatuurkonteks van die Nuwe Testament is duidelik as dit in verband met die term/genre-aanduiding *evangelie* gebring word. *Evangelie* ontwikkel teen hierdie agtergrond as 'n genre waarin *romance*, *aretalogy* en *biography*

saamkom en unieke beslag kry. Die sekulêre kultuur met sy lewendige belangstelling in die loopbane van merkwaardige persone, min skeptisisme oor wondergebeurtenisse en die geloof in ten minste die moontlikheid van 'n 'goddelike mens' het – literêr-gesproke – 'n gunstige milieu vir die ontstaan van *evangelie* as genre gebied. Tog is die Bybelse genre *evangelie* in sy eie unieke kategorie: dit is die (reis-)verhaal van die Seun van God se omwandering op aarde te midde van haat, verwerping en teenstand waaronder Hy tot die dood toe moes ly, maar met die 'gelukkige' einde van die oorwinning deur God se liefde; dit is tegelyk 'n verslag van die wonderdade van hierdie 'goddelike mens' (Mens met 'n goddelike natuur); laastens is die evangelie 'n biografie van 'n merkwaardige Mens waaruit baie geleer kan word. Waar daar in 2.2.2.1.1 hierbo daarop gewys is dat die Bybel invloed op die literatuur van sy kontemporêre ontstaanstyd en -wêreld uitgeoefen het, blyk dit uit hierdie punt se gegewens dat die sekulêre literatuur op sy beurt 'n goed voorbereide omgewing vir die ontwikkeling van 'n verwante – maar tog unieke – Bybelse genre gebied het.

(iii) *Verwantskap met sekulêre literatuur*

Die Bybel toon 'n verdere bewustheid van en aansluiting by sekulêre literatuur wat in die Bybelse tyd geproduseer is. Eksodus 20 se wetgewing, byvoorbeeld, dra al die kenmerke van die sogenaamde *susereiniteitsverbonde* of *vasalverdrae* van antieke Hetitiese konings (Ryken, 1993b:50). Trouens, ook in die struktuur van die Bybelboek Deuteronomium, en in besonder in die struktuur van hoofstuk 32 (wat Van Rongen die *Volkslied van Israel* noem), is die ooreenkoms met die bekende *vasalverdrae* maklik aanwysbaar (Van Rongen, 1968:6-7).

(iv) *Onderskeidende kenmerke van literatuur*

Alles wat as voorbeelde van die Bybel se literêre aard onder 2.2.1.2(i)-(iv) genoem is, is ook hier binne die konteks van die Bybelse tyd weer van toepassing.

Die Bybel en sekulêre literatuur het dus in die Bybelse tyd wedersydse invloed op mekaar uitgeoefen, maar dit het duidelik geword dat die Bybel, alhoewel op verskillende maniere verwant aan die literatuur van sy kontemporêre ontstaansmilieu, tog 'n onderskeie, unieke vorm van literatuur is wat in dié tydvak 'n eie plek tussen ander literatuur ingeneem het.

2.2.2.1.3 Samevattende konklusie in verband met die beskouing en benadering van die Bybel se literariteit in die Bybelse tyd

Die Bybel is reeds in die Bybelse tyd deur die Bybel(-skrywers) self as literatuur gesien en benader, waaruit die literariteit van die Bybel duidelik spreek. Die Bybel het ook op literatuur in algemene, wyer konteks in sy kontemporêre ontstaanswêreld invloed uitgeoefen, maar dit is omgekeerd aanwysbaar dat daar ook vanuit die breër literatuurkonteks bepaalde invloed op die Bybel-as-literatuur uitgeoefen is. Die feit dat daar verband en wisselwerkende wedersydse invloed tussen die Bybeldokumente en sekulêre literatuur is, dui daarop dat die Bybel *literatuur* is. Tog vertoon die Bybel-as-literatuur 'n besondere en unieke karakter, en is nie 'maar net' literatuur nie. Die ondersoek van verdere fases in die geskiedenis mag moontlik aan die lig bring dat die Bybel as literatuur beskou en benader is juis omdat die Bybelskrywers dit self as sodanig gesien, benader en aangebied het, en dat die verband en wisselwerkende wedersydse invloed tussen die Bybel-as-literatuur en sekulêre literatuur in hierdie eerste historiese fase (die Bybelse tyd) in verdere historiese tydperke rigtinggewend was (sien 2.2.2.2 tot 2.2.2.7 hieronder).

2.2.2.2 Die Patristiese tydperk (Vroeë Kerk)

2.2.2.2.0 Inleidend: konteksbeplanning van die Patristiese tyd en uiteensetting van die ondersoek na die Bybel-as-literatuur in dié tyd

Die eerste ses eeue van die jaartelling (ongeveer vanaf die laat eerste eeu) is die tyd in die kerkgeskiedenis waarin die sogenaamde *Kerkvaders* geleef het en in hulle teologie verskillende uitsprake oor verskillende onderwerpe gemaak het. Dit is die tydperk waarin die vraagstuk rondom die gesagvolheid van die dokumente wat in omloop was, besleg en uitgemaak is. Die Kanon van goddelike geskrifte het in AD 367 in die Christelike Bybel sy kanonieke beslag gekry. Van toe af sou die ses en sestig geskrifte (boeke) as 'n geslote korpus geskrifte nie meer verander of aangevul word nie. Vir die Christelike kerk het dié besondere boeke die Woord van God geword – en dié oortuiging het bepaal hoe mense hulle voortaan sou lees, uitlê en gebruik (Smit, 2006:14). Daarmee is die Bybel-as-literatuur gekanoniseer. Dus: die Bybel is steeds as literatuur benader, maar literatuur onderskeie van ander literatuur (verwante geskrifte) “...wat óók in omloop was en soms verwante aansprake gemaak het” (Smit, 2006:13; vgl. ook weer die opmerking by 2.2.2.1.0 in verband met die geskrifte wat in die Bybelse tyd in omloop was voor die gesagvolle Kanon gevorm en afgesluit is).

Alhoewel die Kerkvaders nie baie oor die Bybel-as-literatuur geskryf het nie, is daar tog gegewens wat hulle benadering tot die literariteit van die Bybel aantoon en ook blyke van

hoe hulle die Bybel in vergelyking met en ten opsigte van ander literatuur gesien en geag het.

Die gegewens in verband met die benadering van die literariteit van die Bybel in die Patristiese tyd word georden deur eerstens te let op die invloed wat die Klassieke retoriek op dié tydperk uitgeoefen het (2.2.2.2.1), tweedens op die meerderheidstandpunt by die Kerkvaders met betrekking tot die literariteit van die Bybel (2.2.2.2.2), en dan derdens op die besondere standpunt van die Kerkvader Augustinus (2.2.2.2.3). Daarna, vierdens, word ook hierdie tydperk se benadering(s) van die Bybel-as-literatuur in 'n samevattende konklusie verwoord (2.2.2.2.4).

2.2.2.2.1 Die invloed van die Klassieke retoriek in die Patristiese tyd

Die vraag na die literariteit van die Bybel en sy verhouding tot ander literatuur is in die Patristiese tydperk hoofsaaklik gekenmerk deur 'n literatuurbeskouing wat primêr in die Klassieke retoriek gewortel was. Die Klassieke geskrifte was literêr-gesproke die toonaangewende, prototipiese tekstmateriaal. Daarteenoor was die Kerkvaders naas hulle goeie onderlegdheid in die Klassieke retoriek ook diep in die Bybelgeskrifte ingegrawe. Hulle het geworstel om die Bybel se relasie tot die reëls en praktyk van Klassieke skryfwerk vas te stel (Ryken, 1993b:51). *Koine*-Grieks, die taal waarin die Nuwe Testament sy beslag gekry het, is nie as literêre taal beskou nie. Die groot Klassieke skrywers het hulle tekste slegs in Klassieke Grieks gegiet. Prickett merk in dié verband op dat die taal van die Nuwe Testament nie goeie status en erkenning in die Griekse taalmilieu geniet het nie. Dit is beskou as:

...a low-status common patois spoken amongst non-native Greek speakers in the trading communities of the eastern Mediterranean. For the classically trained scholars who were to lead the Church in the second, third, and fourth centuries, the bastard Greek of the New Testament was a continual aesthetic barrier. (Prickett, 1999:15-16.)

Die algemene tendens by die eerste Kerkvaders was om die Klassieke literatuur en die Bybelse geskrifte teenoor mekaar op te stel en dan die superioriteit van die Bybelse oor die heidense Klassieke te beklemtoon. Dié evaluering van die Bybel was in die lig van bostaande duidelik nie op grond van literêre en taalkunstige oorwegings nie. Tog is daar geargumenteer dat die eenvoud van die Bybel die oormatige versiering van die Klassieke kuns oortref.

In hierdie tyd met sy oorheersende invloed van die Klassieke retoriek was dit dus moeilik om die Bybel ook as literatuur te lees en te verstaan – vandaar die opposisiestelling tussen Bybelwaarheid en Klassieke retoriek en 'n gevolglike *inhoudelike* keuse ten gunste van die Bybelgeskrifte. Omdat die tyd gekenmerk is deur die vroom lewenswyse en

suiwer leer-bewustheid van die Kerkvaders (vgl. Polman, 1977:234), was dit dus 'n keuse wat nie soseer op grond van literêre oorwegings uitgeoefen is nie, maar meer berus het op 'n algemene waardebeoordeling waarby nie-literêre oorwegings soos religieuse waarde en geloofsoortuiging die deurslag gegee het. Tog het die Kerkvaders, nadat hulle aanvanklik nie veel aandag aan die 'schone vorm' en die Klassieke stylkenmerke gegee het nie, mettertyd in hulle eie geskrifte gestreef na die antieke vorm waarvan heidense denke ook gebruik gemaak het (Berkhof & De Jong, 1967:78). Hulle het dus nie wars van die Klassieke styl as sodanig gestaan nie, maar het wel 'n keuse ten gunste van die eenvoud van die Bybelse styl gemaak.

2.2.2.2 Meerderheidstandpunt oor die literariteit van die Bybel in die Patristiese tyd

Die Kerkvader Origenes (AD 185-253) het die meerderheidstandpunt van die Vroeë Kerk verwoord toe hy met verwysing na die skrywers van die Nuwe Testament verklaar het dat hulle hulle hoorders nie bekeer het met kragtigheid van spraak of ordelike organisering van hulle boodskap ooreenkomstig die kuns van Griekse dialektiek of retoriek nie (Origenes, aangehaal in Ryken, 1993b:51). Daar was selfs die gedagte of opvatting te bespeur dat die 'primitiewe' eenvoud van die Bybel op non-literariteit dui.

Die literariteit van die Bybel as sodanig was egter volgens die meerderheidstandpunt in die Patristiese tyd nie werklik eksplisiet ter sprake nie. Later in hierdie tydperk sou daar tog 'n waardering van die literariteit van die Bybel kom in die beskouing van een van die leidinggewende Kerkvaders, naamlik Augustinus.

2.2.2.3 Aurelius Augustinus oor die Bybel-as-literatuur

Aurelius Augustinus (AD 354-430) is al die 'grootste' kerkvader genoem (Van der Westhuizen, 2003:56), die 'kerkvader by uitnemendheid' (Schulze, 1978:67) en "...dalk die beroemdste en invloedrykste Christelike denker van alle tye" (Smit, 2006:22). Hy was 'n teoloog van formaat wat 'n geweldige invloed op die teologiese ontwikkeling in die kerk van die Middeleeue (die Rooms-Katolieke Kerk) én die reformatoriese kerke van die sestende eeu en daarna uitgeoefen het (Schulze, 1978:67). In sy aanvanklike beskouing oor die literariteit van die Bybel is dieselfde spanning en worsteling by Augustinus te bespeur as dié wat sy tyd gekenmerk het oor die vraag wat die verband tussen die Bybel en die Klassieke literatuur is (*Confessiones*, III, circa 398). Hy was ook teleurgesteld toe hy in sy entoesiastiese strewe na wysheid, nadat hy 'n geskrif van die Latynse skrywer Cicero gelees het, die Christelike Bybel vir sy retoriek (welsprekendheid en oortuigingstrategie) ondersoek het. Hy het die indruk gekry dat die Bybel onbeholpe en swak geskryf is en dat dit sonder die "*majesty of Cicero*" was (Harrison, 2005:76). Later, in sy *De Doctrina Christiana*, Boek IV, vi-vii (wat ongeveer AD 426/27 voltooi is nadat

hy moontlik reeds in 395 daarmee begin het – sien Green, 1995:xi), het Augustinus egter die belangrikste vroeë positiewe uitsprake oor die Bybel-as-literatuur gemaak. Dié uitsprake word deur Ryken so belangrik geag dat hy verklaar dat “...*the subsequent history of the Bible as literature is a series of footnotes to Augustine*” (Ryken, 1993b:53).

Wat Augustinus veral geïnteresseer het, was die tekenleer, die teorie van tekens (en betekenis), in Grieks *σημειῖα*, of wat vandag deur geleerdes *semiotiek* genoem word (Smit, 2006:22).

Dit is in die lig hiervan gerade om verder op Augustinus se latere, positiewe beskouing en waardering van die literariteit van die Bybel in te gaan.

(i) *Die Bybel vertoon dieselfde trekke van hoë literêre kwaliteit as die Klassieke retoriek*

Augustinus se *De Doctrina Christiana* was ’n werk oor eksegeese en prediking, maar dit was terselfdertyd ook ’n behandeling van die verhouding tussen die Christendom en die Kassieke kultuur en retoriek (waarin Augustinus deeglik geskool was). Hy het hom in dié werk uitgespreek oor die *literêre meriete* van die Bybel. Die Bybel staan vir hom op dieselfde vlak as die groot werke van die Klassieke literatuur (Harrison, 2005:77).

Daarmee het Augustinus hom in ’n vergelykende waardeoordeel waarderend uitgespreek oor die hoë literêre kwaliteit van die Bybel. Die Bybel staan dus, aan literêre maatstawwe gemeet, op dieselfde vlak as die beste literatuur in die destydse bekende wêreld, maar daarom ook van die literatuur van alle tye (Van Vliet, 1998:18; Du Plooy, 2006:41; vgl. ook weer 2.2.1.1).

(ii) *Die hoë waarde van die Bybel se welsprekendheid en skoonheid van uitdrukking*

Vir Augustinus was taalondersoek ’n metode wat hom met genoegdoening vervul het – om die waarheid juis te ontdek deur die literêre skoonheid en kunstigheid van die Bybel te ontleed (Harrison, 1992:93). In die twee baie bekende werke van Augustinus, naamlik *Confessiones* en *De Doctrina Christiana*, het hy onderskeidelik sy waardering vir die literêre skoonheid van die Bybel verwoord en die welsprekendheid van die Bybel prakties gedemonstreer.

In sy *Confessiones* (III, vi, 11) verklaar hy dat hy die fabels van die digters verkies bo die foute van filosowe, want dit is volgens hom moontlik om egte voedsel vir die gees uit verse en gedigte te put. Dit is duidelik uit Augustinus se eksegeese dat hy sensitief was vir die genoegdoening wat daar in taal, en beelding en vèr-beelding deur taal, opgesluit lê (Harrison, 1992:93).

In Boek IV (vii) van sy *De Doctrina Christiana* demonstreer Augustinus op 'n gedetailleerde en tegniese wyse (eie aan die retoriek) die retoriese welsprekendheid en voortreflike literêre afgerondheid van die Bybel. Hy gee 'n uitgebreide uiteensetting en verklaring van Rom. 5:3-5 en 2 Kor. 10:10, 11:6 en 16-30, asook van Am. 6:1-6. Hy wys daarin op die apostel en profeet se retoriese of 'literêre' vaardigheid ten opsigte van die gebruik van *membra et caesa* (in Grieks word dit *cola et commata* genoem, sê Augustinus) en 'n daaropvolgende *circuitus* of *periode* (*De Doctrina Christiana*, Boek IV, vii, 11; in Green, 1995:208; vgl. ook Harrison, 2005:77). Hy verklaar dat daar nie alleen niks wyser (*sapientius*) kan wees as wat in die Bybel aangetref word nie, maar dat niks meer welsprekend (*eloquentius*) kan wees as die Bybelskrywers se styl waarin die wysheid gedra word nie (*De Doctrina Christiana*, Boek IV, vi, 9; in Green, 1995:206). Hy beklemtoon dat dit God is wat in sy goedheid die krag en die skoonheid waarin die Bybel sy boodskap dra, gegee het.

Augustinus waardeur dus die Bybel as literatuur met 'n godgegewe skoonheid.

(iii) *Vorm en inhoud is in die Bybel onskeibaar*

Dit is reeds uit (ii) hierbo af te lei dat Augustinus die inhoud en die vorm van die Bybelteks as 'n eenheid gesien het. Hy verklaar dan ook dat literêre vorm en inhoudelike betekenis onskeibaar is. Die stilistiese skoonheid van die Bybel het 'n besondere funksie: net soos die betekenis van *wat* oorgedra word ongeëwenaard wys is, is elkeen wat werklik bewus is van wat die Bybelskrywers geskryf het, onder die indruk daarvan dat dit op geen ander wyse behoorlik gesê kon word nie. Die literêre welsprekendheid van die Bybelskrywers is 'n onafskeibare begeleier van hulle wyse woorde. Dit gebeur asof vanself, sonder dat 'n bepaalde vormgewing eers 'gevra' moet word om so paslik en begeleidend op te tree. Die Bybelskrywer is *slaaf van wysheid* en (gelyktydig) *meester van welsprekendheid*, gelei deur die een (die wysheid), terwyl hy die ander een (die welsprekendheid) lei, en dit nie geringskat as die tweede hom volg nie ("*comes sapientiae, dux eloquentiae, illam sequens,*

istam praecedens et sequentium non respuens” – *De Doctrina Christiana*, Boek IV, vii, 12; in Green, 1995:206, 208).

Augustinus het dus al in sy geskrifte die geïntegreerdheid van die vorm en inhoud van die Bybelteks beklemtoon – iets wat in die moderne literêre teorie in baie opsigte steeds as belangrik vir betekenisbepaling aanvaar word (vgl. onder meer ook weer 2.2.1.2 (ii)-(iii) en 2.2.2.1.1 (ii)-(iii)).

(iv) *Die Bybel is unieke literatuur*

Alhoewel hy in sy uitspraak oor die literariteit van die Bybel die literêre meriete en hoë waarde van die Bybelboeke vergelykenderwys gestel het (in vergelyking met Klassieke tekste; vgl. 2.2.2.2.3(i) hierbo) en die Bybelse inhoud en welsprekendheid ook alles-oortreffend gestel het (vgl. 2.2.2.2.3(ii) hierbo), het Augustinus tog nie geredelik geneë gevoel om te sê dat die Bybel op dieselfde wyse literêr is as gewone (sekulêre) literatuur in die algemeen nie. Daarom het hy sy vergelykende waarde-uitspraak gekwalifiseer deur te sê dat dit nie die kwaliteite is wat die Bybelskrywers gemeen gehad het met die heidense orators en digters wat hom soveel onuitspreeklike genoegdoening gee nie; hy staan eerder verwonderd oor die Bybel se besondere eie welsprekendheid:

Sed non ipsa me plus quam dici potest in illa eloquentia delectant quae sunt his viris cum oratoribus gentilium poetisve communis. Illud magis admiror et stupeo, quod ista nostra eloquentia ita usi sunt per alteram quandam eloquentiam suam... – *De Doctrina Christiana*, Boek IV, vi, 10; in Green, 1995:206).

Augustinus het dus die Bybel as *egte* literatuur getipeer (gemeet aan literêre kenmerke soos dit ook in ander literatuur aanwesig is), maar tog ook as *besondere* literatuur met ’n *eie uniekheid* (dus; ook onderskeie van literatuur in die algemeen).

Samevattend kan nou gestel word dat die Kerkvader Augustinus ’n besondere bydrae gelewer het tot ’n literêre waardebeepaling van die Bybel-as-literatuur, terwyl hy die onderskeidende literêre uniekheid van die Bybel ook beklemtoon het. Hy het die godgegewe skoonheid van die Heilige Skrif as die teksgeworde openbaringswoord op die voorgrond geplaas.

2.2.2.2.4 Samevattende konklusie in verband met die beskouing en benadering van die Bybel se literariteit in die Patristiese tydperk

Die Bybel is in die Patristiese tyd gekanoniseer as 'n geslote korpus geskrifte, onderskeie van ander geskrifte in die opsig dat dit as geskrewe *Woord van God* herken en erken is. Die literariteit van die Bybel is in dié tyd te midde van die sterk oorheersende invloed van die Klassieke literatuur en literatuurbeskouing benader. Die aanvanklike evaluering van die Bybel se literariteit in die Patristiese tyd was om 'n opposisionerende standpunt teenoor die Klassieke in te neem waarin die Bybel se superioriteit bo die Klassieke beklemtoon is. Hierdie waardegedrewe keuse vir die Bybel as 'n versameling van (literêre) geskrifte is nie op grond van suiwer literêre oorwegings gemaak nie. Intendeel, daar was 'n vaagheid oor die evaluering van die Bybel se literêre waarde, want die algemene standpunt was dat die Bybelskrywers nie met die *hoe* van hulle geskrif die mense tot bekering geroep en gelei het nie, maar met die *inhoud* van hulle verkondiging.

Dit was eers die Kerkvader Augustinus wat 'n grondliggende en wesenlike bydrae gelewer het tot die bepaling van – en die evaluering van die betekenis van – die literariteit van die Bybel. Sy beskouing van die Bybel as *egte* en *hoë kwaliteit*-literatuur (beoordeel aan die hand van 'n literêre vergelyking met die dominante, invloedryke Klassieke literatuur), terwyl die Bybel se literatuur volgens hom tog *uniek onderskeie* is van alle ander literatuur, bied 'n verantwoorde prinsipiële basis vir verdere beskouings oor die Bybel-as-literatuur (sien byvoorbeeld 2.2.2.4.2 en 2.2.2.4.5 hieronder) en die verhouding waarin die Bybel tot literatuur in die algemeen staan (sien 2.2.3 hieronder).

2.2.2.3 Die Middeleeue

2.2.2.3.0 Inleidend: konteksbeplanning van die Middeleeue en uiteensetting van die ondersoek na die Bybel-as-literatuur in dié tyd

Die Middeleeue word dikwels gereken as die tydperk in die geskiedenis wat AD 476 met die val van die Wes-Romeinse Ryk aangebreek het en tot die vroeë sestiende eeu geduur het. Kerkhistories kan die oorgang van die sogenaamde *Oudheid* (die Klassieke, Bybelse en Patristiese tye) na die Middeleeue volgens die meeste historici egter eerder verbind word aan die ampstermyn van pous Gregorius I (*die Grote*) wat van 590-604 pous was (Bingle, 2000:92; Praamsma, 1977:304). Gedurende die Middeleeue is daar nie direkte en definitiewe uitsprake gemaak oor die literariteit van die Bybel en die verhouding tussen die Bybel-as-literatuur en literatuur in die algemeen nie. Die benadering tot die literariteit van die Bybel en die literêre invloed wat die Bybel gehad het is hoogstens gedeeltelik en slegs tentatief afleibaar uit moontlike tendense wat aan enkele persone uit dié tydperk gekoppel kan word. Dit is opvallend dat wat wel van die benadering tot die

literariteit van die Bybel in dié tyd vasgestel kan word, veral rondom liturgiese en himnografiese aangeleenthede sentreer en daarom van dié besondere hoek benader moet word.¹³

Wat rondom dié persone en hulle optrede in die Middeleeuse tydvak met betrekking tot die plek en invloed van die Bybel-as-literatuur gereflekteer word, werp nogtans lig op die beskouing van en benadering tot die literariteit van die Bybel in dié periode en word daarom nou bespreek (2.2.2.3.1 tot 2.2.2.3.3). Die bespreking van die Middeleeue word daarna in 'n samevattende konklusie afgesluit (2.2.2.3.4).

2.2.2.3.1 Pous Gregorius I (*Gregorius die Grote*; 540-604)

Pous Gregorius I, by wie die oorgang van die Oudheid na die Middeleeue gekom het (vgl. 2.2.2.3.0 hierbo), het gebou op die teologie van Augustinus (Edwards, 1997:184), maar by hom het die breuk met die teologie van Augustinus ook gekom. Hy het die teologie van die Middeleeue beslissend beïnvloed (Noll, 1997:114-116). Die leer van die goeie werke, boetedoening, die mis as 'n herhaling van die kruisiging van Christus, beeldeverering en die leer van die vagevuur het deur sy denke en invloed burgerreg in die kerk verky (vgl. Van Andel, 1968:25-26; Praamsma, 1977:304).

Die moontlike afleiding wat by die bespreking van hierdie pous in verband met die literêre waarde en invloed van die Bybel gemaak kan word, kan egter nie uit sy leerstellings gemaak word nie, maar moet eerder vasgestel word deur te let op sy praktiese en besondere invloed op die *liturgie* van die Middeleeue.

Die Gregoriaanse liturgie kan beskryf word as die eenvoudigste, mees kernagtige en soberste van alle liturgieë tot in daardie stadium (Strydom, 1994:37). Gregorius het bestaande liederen wat in die Christelike kerk in gebruik was, versamel en georden, waaruit die sogenaamde *Gregoriaanse koraalsang* tot stand gekom het. Met dié benaming word die onberymde, resiterende Latynse psalmsang bedoel wat 'n teruggryping was na die psalmodiërende sang soos dit in die Joodse tempelkultus en sinagogale dienste in die eerste ses eeue van die Christelike kerk beoefen is. Hierdie eenstemmige en onbegeleide koraalsang kan esteties as van die mees verhewe en sublieme kerksang in die loop van die kerkgeskiedenis beskou word (Strydom, 1994:37-38; Bingle, 2000:92). Monodie was die mees perfekte en bevredigende simbool vir die

¹³ Die leser word vir 'n behandeling van liturgiese *lieddiversiteit* deur die loop van dieselfde historiese tydspan as wat in hierdie historiese oorsig bespreek word (naamlik van die Bybelse tyd tot die resente tyd) verwys na 'n studie waarin die beskouing van en benadering tot die literariteit van die Bybel in elke periode ook ter sprake is. Die fokus van die genoemde studie is wel primêr himnologies/himnografies ingestel, maar aangesien die liturgiese lied meestal 'n *literêre* artefak met 'n Bybelse basis is, is die literêre aspekte van die Bybel noodwendig by die studie inbegrepe. Sien Bingle (2000:61-142).

eenheid van Christengelowiges.¹⁴ Die sogenaamde *graduaal-psalms*, wat direk aangesluit het by voorgeskrewe Skriflesings in die liturgie, is antifonaal voorgedra. Die *antifoon* (keervers) wat ’n sleutelvers uit ’n bepaalde psalm was (of uit ’n ander Skrifuitspraak wat die intensie van die betrokke psalm weergee), is deur die solis voorgedra en deur geoefende sangers, die *schola cantorum* genoem, herhaal. Daarna is die psalm vers vir vers voorgedra deur die solis, telkens onderbreek deur die sangers se vokale antifoon. Die toevoeging van die sogenaamde *Klein Gloria* (’n trinitariese doksologie) het aan die psalm ’n Christelike stempel gegee (Strydom, 1994:39).

Uit die bogenoemde wyse waarop liturgiese handeling deur Pous Gregorius 1 vir die eredienslewe van die Christelike kerk saamgevoeg en georden is, kom ’n mens onder die indruk daarvan dat die Bybel as ’n literatuurteks ’n besondere invloed op die liturgiese – en dan spesifiek die *himniese* – literatuur van die kerk uitgeoefen het. Dit kan aanvaar word dat dit nie bloot om suiwer teologiese redes gebeur het nie. Daarvoor was die liturgies-vasgelegde himnografie van dié tydperk te musikaal kreatief en woordkunstig eenvoudig-schoon verweef – tipies volgens die styl van die artistieke aard wat literatuur kenmerk (vgl. weer 2.2.1.2(iii) vir die bespreking van die artistieke aard van literatuur). Daar moet dus ’n besliste *littérature* element in hierdie aanwending en bewerking van die Bybel se himniese stof gesien word. Die himniese rykdom van die *graduaal-psalms* was wel *nie komplementerende byvoegings* tot die betrokke psalm of tot die ander gepaardgaande Skrifuitsprake wat die intensie van die bepaalde psalms weergegee het nie, maar dit was *voortvloeiende produksie* van literatuur uit die Bybel se himniese gedeeltes.

Samevattend kan gestel word dat die wyse en styl van die Gregoriaanse liturgiese vaslegging van koraalsang ’n benadering tot die Bybel-as-literatuur reflekteer waarin die woordkunstigheid van die Bybel se literatuurteks as aanleiding geneem is vir die produksie van verdere woordkunstige *littérature* tekste in die vorm van kreatiewe himnografiese literatuur.

2.2.2.3.2 Bernard van Clairvaux (1090-1153); Thomas van Aquino (1225-1274)

Alhoewel Bernard van Clairvaux en Thomas van Aquino meer as ’n eeu uit mekaar geleef en gewerk het, is daar tussen hierdie twee bekende teoloë uit die middel-Middeleeue se benadering van die Bybel-as-literatuur duidelike ooreenkoms waar te neem. Dit is belangrik om ’n tendens van hulle tyd met betrekking tot die literariteit van die Bybel, soos dit in ’n gemeenskaplike aspek van hulle werk teenwoordig is, raak te sien. Wat belangrik vir hierdie historiese oorsig is, is om naamlik kennis te neem van hulle gebruik van die Bybel in ’n himnografiese voortbewerking van Bybelse gegewens, teenoor die Gregoriaanse vorm van bewerking van die Bybelteks. By hulle was daar ’n bepaalde

¹⁴ Monodie is “...the single line of melody untainted by any accompaniment...” (Wilson-Dickson, 1997:75).

ontwikkeling nog verder weg van die Bybel se (literatuur)teks as by die Gregoriaanse koraalsang. Hulle himnografie was nogtans steeds gekoppel aan die Bybel se literêre eienskappe. Twee voorbeelde werp lig op hulle tipe literêre liedbewerking.

Die twee liedere van Bernard van Clairvaux en Thomas van Aquino wat tiperend van die middel-Middeleeue se beskouing en benadering tot die literariteit van die Bybel is, is onderskeidelik die lied *Rosa sine spina* en die nagmaalshimne *Adoro te divote*. Beide liedere is vol gelaai met analogieë van die verhouding tussen Christus en sy kerk as 'n verhouding tussen koningbruidegom en -bruid, versmelt in die aankondiging wat Maria in Lukas 1 ontvang, en les bes ook met die metafoor van die bruilofsmaal van die Lam (die slotgedeelte van die Openbaringboek; Openbaring 19-22). In hierdie twee voorbeeldliedere doen hulle as himnografe wat ander digters van hulle tyd ook gedoen het. Dit word nou kortliks verwoord (vgl. Jeffrey, 2005:841-842, vir 'n vollediger uiteensetting).

- Die rol of funksie van die artistiek-estetiese – in hierdie geval literêr-*liedmatige* – bewerking van die Bybel se metaforiese taal is om die Bybel op so 'n wyse te interpreteer dat dit 'n poging is om die mens se verstaan van die Bybel te verhoog of te versterk.
- Sodoende word die himniese literatuur wat na aanleiding van 'n Skrifgedeelte of -uitspraak deur 'n literêr-artistieke bewerking daarvan voortkom, 'n *lectio* (letterlik vertaal: 'n *lesing*) van daardie teksgedeelte(s), maar dan 'n *lectio* wat ingekleur is deur 'n konteks en predisposisie betreffende die status en die karakter van God soos dit in die Bybel geopenbaar word.
- Die simboliese reikwydte van die (lied)digter se taalaanwending hang in die metafoor van die koningbruidegom, die bruid en die huweliksmaal ('n metafoor wat reeds in die Ou Testament aanwesig is) volledig af van die bewerker se *tipologiese* lesing van die Ou Testament in die lig van die Nuwe Testament. Hy antisipeer met ander woorde dat die *historia humanae salvationis* (letterlik: 'heilsgeskiedenis van die mensdom') sy voleindigde vervulling sal vind in Christus wat as koningbruidegom sal kom.

Afgesien daarvan dat hier sekerlik teologiese aangeleenthede soos verallegoriserings en tipologiserings in die spel is, is dit 'suiwer' literêr-gesproke 'n geldige gebruikmaking van die literatuur van die Bybel.

Wat in elk geval samevattend gesê kan word van die verdere literêre bewerking van die Bybelliteratuur in die Middeleeue (dus verder as die aanvanklike Gregoriaanse koraalsang), is dat die Bybel in dié tyd 'n aanwysbare invloed op verdere literêre 'voort-

bewerking’ van sy eie metaforiese uitdrukkingswyse en -styl gehad het. Dit sluit aan by 2.2.1.2(iv) waar onderskeidende eienskappe van literatuur behandel is, naamlik dat literatuur ’n besondere, spesiale gebruik van taal as sy uitdrukkingsmedium vertoon, onder meer in figuurlike, beeldende seggingswyses soos metaforiese taal.

Wat Bernard van Clairvaux en Thomas van Aquino in hulle literêr-himnografiese omgang met die literariteit van die Bybel gedoen het, sou deur die bekende en beroemde Italiaanse digter Dante in sy digwerk verder verfyn en uitgewerk word.

2.2.2.3.3 Dante Alighiéri (1265-1321)

Dante Alighiéri, bekend as Dante, het geleef en gewerk in die tyd kort ná die dood van Thomas van Aquino. Hy het duidelik voortgebou op die literêre voortbewerking van die Bybelteks en -taal soos deur Bernard van Clairvaux en Thomas van Aquino in hulle himnografiese tekste gedoen is. Naas die himnografiese bewerking van die Bybel deur dié twee (soos pas in 2.2.2.3.2 uiteengesit is) het die sogenaamde *siklusdramas* van die Middeleeue bekend en gewild geword. Daarin is die Bybelse narratief van Genesis tot Openbaring oor die verlossing van die mens *verinheems*, *geparafraseer* en *dramaties vertolk*. Die verdere literêre bewerking van die Bybelse narratief is as ’n vorm van verklaring van die Bybel aangebied toe die Bybel in sy literêre teksvorm nog nie toeganklik vir die sogenaamde *leke* was nie (toe die Bybel met ander woorde nog net ’n onvertaalde Klassieke geskrif was). Die eindproduk was ’n vrye parafrasering in die taal en beeld wat vir Middeleeuse Europeërs kultureel verstaanbaar was (Jeffrey, 2005:842).

Die besondere betekenis en bydrae van Dante in dié opsig was veral sy werk *Divina Commedia* (J. Spoelstra, 1977:362-363). Hy wou deur allegoriserings ’n kodering van ’n teologie vir ’ingewydes’ daarstel en tegelykertyd ’n minder tekstuele verstaansmoontlikheid skep vir hulle wat nie in die gemeenskap van die ’ingeligte’ Christelike geloof was nie. Van hierdie tegniek, wat in die Middeleeue ’n hoogs-ontwikkelde tegniek geword het om mense van verskillende geestelike en teologiese vlakke van ontwikkeling en rypheid te bereik, is Dante se *Divina Commedia* dan dié voorbeeld. Alhoewel die Bybel nie onmiddellik sigbaar is in die weefwerk van Dante se teks nie, is die Bybel as’t ware ’n ’afwesige’ teks wat tog in ’n mate rigtinggewend *teenwoordig* is. Die digter se teks is eintlik niks meer as ’n verklarende kanttekening by of ’n *‘situated reading’* van die Bybelse teks nie (Jeffrey, 2005:843). Vir Dante is alle literatuur, vanuit ’n Christelike gesigshoek gesien, “*chiosata da altro testo*” – tekste wat deur ’n ander teks, naamlik die Bybelteks, glans en essensie ontvang.

Die Bybelse teks het dus vir Dante die onderbou en aanleiding geword vir ’n verdere literêre bewerking van die Bybel se globale narratief (Genesis tot Openbaring).

Sodoende was die Bybel se literatuur en literatuurvorme die ‘àfwesige’ teks wat in alle literatuurproduksie tog implisiet áánwesig is, daaraan glans gee en dit in ’n bepaalde styl stempel.

Die verdere literêre bewerking van die Bybel wat gedurende die Middeleeue deur die Bybel self geïnisieer is, het volgens die bewerkers gelei tot die verklaring van die Bybel op verskillende vlakke van verstaansontwikkeling.

2.2.2.3.4 Samevattende konklusie in verband met die beskouing en benadering van die Bybel se literariteit in die Middeleeue

Samevattend kan nou gekonkludeer word dat die Middeleeue tog wel ’n bepaalde ontwikkeling vertoon wat die beskouing van en benadering tot die literariteit van die Bybel betref. Die Bybel se woordkunsigheid was die aanleiding tot die produksie van verdere woordkunsige literêre tekste in die vorm van kreatiewe himnografiese en ander literatuur. As *grondliggend-teenwoordige ‘afwesige’* teks het die Bybel literatuur wat uit hom voortvloei, beslag gegee en dit gestempel. Daaruit wou die voort-bewerkers in die literêre styl van die Bybel ’n bepaalde verklaringsmetode vir die verstaan van die Bybel op verskillende vlakke van verstaansontwikkeling vestig.

Dié vorm van teksbewerking bring dus ’n retoriese dimensie in die aanwending van die Bybel. En die merkwaardige is dat dit spesifiek die *literêre* faset van die Bybel is wat funksioneel in ’n oorredingstrategie ingespan word.

2.2.2.4 Die Renaissance en Reformasie van die sestiende en sewentiende eeue

2.2.2.4.0 Inleidend: konteksbeplating van die Renaissance en Reformasie en uiteensetting van die ondersoek na die Bybel-as-literatuur in dié tyd

Alhoewel die Reformasie en die Renaissance in ’n groot mate na gelyklopende tydperke in die geskiedenis verwys, is daar tog ’n baie duidelike onderskeid te tref tussen die twee tiperings van dieselfde tydperk as *Renaissance* en *Reformasie*.

Die gedeelde kultuurhistoriese konteks van die Reformasie en Renaissance word eerstens bespreek (2.2.2.4.1), aangesien daar dikwels onduidelikheid in hierdie verband bestaan. Vervolgens word die invloed van die Kerkvader Augustinus op die sestiende en sewentiende eeue behandel (2.2.2.4.2). Daarna word aandag gegee aan die vestiging van rigtinggewende sleutelkonsepte in verband met die literariteit van die Bybel in die tydperk ter sprake (2.2.2.4.3 en 2.2.2.4.4). ’n Samevattende konklusie in verband met die

beskouing van en die benadering tot die literariteit van die Bybel gedurende die Renaissance en Reformasie word aan die einde as afsluiting van 2.2.2.4 geformuleer (2.2.2.4.5).

2.2.2.4.1 Die gedeelde kultuurhistoriese konteks van die Renaissance en die Reformasie

Renaissance is sedert ongeveer 1860 die term wat verwys na die kultuurperiode tussen die Middeleeue en die sogenaamde *Nuwe Tyd* (Smitskamp, 1977:615). Dit was 'n wedergeboorte in die Westerse kultuur, die dramatiese oorgang van die Middeleeue na die tyd wat ook as die *Moderne tyd* bekend is (Smit, 2006:38). Die Renaissance, wat dan primêr 'n kultuurterm is wat veral in die algemene historiografie en estetika gebruik word, was 'n ontwaking waarin die Westerse mens humanisties volwasse begin word het (vgl. Strydom, 1994:49-50). Dié tyd, gesien vanuit die hoek van algemene kulturele ontwikkelinge, is gekenmerk deur die soek na die klassieke bronne en na menslike prestasie (Viljoen, 1990:28, 35).

Reformasie is op sy beurt die term waarmee die ingrypende kerklike en teologiese veranderinge en vernuwing wat indertyd plaasgevind het en alom erken word (Olivier, 1997:91), benoem word. Calvyn en ander Reformatore se basiese beginsel in die godsdiens, teologie en erediens was: *ad fontes!*, wat beteken: '(terug) na die (oorspronklike) bronne!' (Bingle, 2000:100; vgl. Feldmeth, 1988:322). Waar hierdie motto in die algemene kultuur en opvoeding na die idees en bronne van die antieke Hellenistiese kultuur en filosofie verwys het, het dit in godsdienstige en kerklike kringe na die oorspronklike Bybelse geskrifte verwys, met ander woorde die eerste oer-dokumente, die Bybel *self* (Smit, 2006:38-39).

Daar is dus 'n opvallende ooreenkoms tussen dit wat in die sestiende en sewentiende eeue op kultuurgebied 'n *ontwaking* of nuwe geboorte was en dit wat in die kerklike en teologiese lewe as 'n *hervorming* beleef is. Die gemeenskaplike is dat daar 'n vernuwing gekom het, maar dan 'n besondere vorm van vernuwing. Dit was 'n 'nuwe' tyd wat gemotiveer is deur die klassieke bronne wat die basis van die vernuwing gevorm het. Dit was die oue nuut gebruik, nuut gedink en nuut ontwikkel.

Die verstaan en waardering van die literariteit van die Bybel en die algemene estetiese (in besonder: *littérêr*-estetiese) ontwikkelinge binne hierdie gegewe kultuurhistoriese en kerklik-teologiese tydkonteks word vervolgens uitgelig.

2.2.2.4.2 *Aansluiting by Augustinus*

Daar is in 2.2.2.2.4 hierbo samevattend gekonkludeer dat die Kerkvader Augustinus in die Patristiese tyd 'n grondliggende bydrae gelewer het tot die bepaling van die literariteit van die Bybel en die evaluering van die betekenis daarvan. Daar is bevind dat sy beskouing van die Bybel as *egte* en *hoë kwaliteit*-literatuur (beoordeel aan die hand van 'n literêre vergelyking met die dominante, invloedryke Klassieke literatuur), terwyl dit vir hom tog *uniek onderskeie* is van alle ander literatuur, 'n verantwoorde prinsipiële basis bied vir verdere beskouings oor die Bybel-as-literatuur en die verhouding waarin die Bybel tot literatuur in die algemeen staan.

Tydens die Renaissance en Reformasie is daar nou aangesluit by die prinsipiële basis wat deur Augustinus gelê is. Die sestiende en sewentiende eeue het duidelik getoon dat die basis wat die Kerkvader gelê het, suiwer en rigtinggewend is. Alhoewel Augustinus se uitsprake oor die literariteit van die Bybel 'n minderheidstandpunt in die Patristiese tyd verteenwoordig het (vgl. weer 2.2.2.2.2 en 2.2.2.2.3), het die literêre waardering van die Bybel in die Renaissance en Reformasie geblom (Ryken, 1993b:53). Augustinus se benadering tot die literariteit van die Bybel was nog vanuit die kontemporêre literêre waardes wat in die Klassieke welsprekendheid en retoriek begrond was. In die sestiende en sewentiende eeu was die benadering van die Bybel-as-literatuur egter een van 'n intensiewe ondersoek van die inhoud van die Bybel sowel as sy genres en styl. Die baie belangrike nuwe faktor wat deur die Reformasie gebring is, is die “*overwhelming emphasis on the written word as the embodiment of divine truth*” (Lewalski, 1979:6). Die suiwer grondliggende basis van Augustinus se bepaling van die literariteit van die Bybel en die betekenis daarvan is in die sestiende en sewentiende eeu met hierdie nuwe aksentuering bevestig.

Woorde van Luther, vertaald aangehaal deur Clines, staaf die besondere invloed van Augustinus op die Reformatore. Die nuwe, oorweldigende aksentuering deur die Reformasie van die geskrewe w(W)oord as die beliggaming van die goddelike waarheid is daaruit duidelik.

The distinction between the Bible as literature and the Bible as scripture is largely artificial. The church can properly hear its Bible as scripture only when it reads it as literature...I see that there has never been a great revelation of the Word of God unless He has first prepared the way by the rise and prosperity of languages and letters, as though they were John the Baptist's...Certainly, it is my desire that there shall be as many poets and rhetoricians as possible, because I see that by these studies, as by no other means, people are wonderfully fitted for the grasping of sacred truth and for handling it skillfully and happily...Therefore I ..urge .. young people to be diligent in the study of poetry and rhetoric” (Clines, 1980:115).

Die invloed van Augustinus op sowel die eksegete as die leidinggewende literêre figure in die Renaissance- en Reformasietyd is dus onmiskenbaar.

2.2.2.4.3 Sleutelkonsepte van Sir Philip Sidney in verband met die Bybel-as-literatuur

In die Renaissance-/Reformasietydperk is die beskouing van die Bybel-as-literatuur, afgesien van die invloed van Augustinus, onder meer bepaal deur 'n poging om verbeeldingryke fiksieliteratuur te verdedig en te regverdig (Ryken, 1993b:53). Sir Philip Sidney het herhaaldelik na die literêre karakter van die Bybel verwys in sy verdediging van literatuur wat met die verbeelding en die fiktiewe werk.

Drie sleutelkonsepte in die beskouing van die Bybel-as-literatuur het hierdeur na vore gekom. Sidney (1595) ontwikkel in die tyd van die Renaissance en Reformasie sy insigte van die Bybel-as-literatuur aan die hand van drie karakteristieke eienskappe van literatuur (Sidney, 1595, *An apology for poetry*; in Kaplan ed., 1975:109-147).

- Die Bybel bevat volgens Sidney in 'n groot mate konkrete menslike ervarings en gebeurtenisse as onderwerp. Dit verhaal konkrete ervarings en gebeurtenisse op so 'n wyse dat dit 'n *'figuring forth'* en 'n *'speaking picture'* van die werklikheid word.¹⁵
- Sidney dink ook aan die Bybel-as-literatuur in terme van bekende literêre genres soos die gedig, die lied en die gelykenis.¹⁶
- Die derde sleutelkonsep van die Bybel-as-literatuur wat Sidney waargeneem en beklemtoon het, is vir hom gedeeltelik geleë in die Bybel se gebruik van 'n figuurlike, beeldende, poëtiese styl. Figuurlike en beeldende taal is 'n besondere en spesiale gebruik van die taalmedium. Dit kom tot uitdrukking in metafoor, vergelyking, simbool, hiperbool, sinspeling, woordspeling, personifikasie para-

¹⁵ Dit is reeds in 2.2.1.2(i) as 'n karakteristieke eienskap van literatuur gestel dat dit ervaring eerder *voorstel* as wat dit ervaring net *stel* of *vertel*, die ('n) werklikheid eerder *opvoer* as dat dit 'n realiteit net *'informeer'*. Daar is met voorbeelde aangetoon dat die Bybel ook dié besondere literêre eienskap vertoon. Sidney bevestig dus met sy eerste sleutelkonsep hierdie kenmerk van literatuur en die Bybel-as-literatuur.

¹⁶ Dit is reeds in 2.2.1.2(v) gestel dat dit eie is aan die kanon van literatuur dat dit 'n verskeidenheid genres bevat. Ook is aangetoon dat die Bybel 'n ryk gevarieerde versameling van literêre genres is. Binne 'n bepaalde Bybelboek wat as 'n bepaalde genre beskou kan word, is daar ook sub-gedeeltes wat generiese verwisselinge ondergaan in die strukturele opbou en samestelling van die betrokke boek. Dit word later (in 4.2.1.1.2, 4.2.1.1.4 en in Hoofstuk 5 en 6) breedvoeriger in die behandeling van genre-teorie en die struktuur van die Openbaringboek uitgewys. Ook die tweede sleutelkonsep wat Sidney tydens die Renaissance-/Reformasietyd in sy apologie vir die poësie onderskei, bevestig dus 'n onderskeidende kenmerk van literatuur wat in die Bybel-as-literatuur geïdentifiseer is en word.

doks, apostroof en ironie. Sidney se derde sleutelkonsep bevestig ook, soos die eerste twee, 'n onderskeidende kenmerk van literatuur.¹⁷

Sir Philip Sidney se besondere bydrae tot die wyse waarop die Bybel as literatuur benader moet word, het dus wel aanvanklik voortgevloei uit 'n apologetiese verdediging van fiksieliteratuur, maar dit het méér as 'n apologie geword: dit het mettertyd ook 'n helder afbakening van literêre konsepte geword. Sodoende het dit nie net 'n bydrae gelewer tot verdediging van 'n bepaalde soort (sekulêre) literatuur nie, maar het sy sleutelkonsepte wat hy uit die literêre aard van die Bybel afgelei het, vir (literatuur-)skrywers van die Renaissance én vir Bybelverklaarders van die Reformasie groot waarde ingehou.

2.2.2.4.4 Verdere bevestiging en ontginning van Sidney se sleutelkonsepte in verband met die Bybel-as-literatuur

Die drie sleutelkonsepte wat Sidney uit die literêre karakter van die Bybel afgelei het (2.2.2.4.3 hierbo), het die grondslag gelê vir die beklemtoning van die nuwe faktor van die Reformasie (op die basis van Augustinus se standpunt; vgl. weer 2.2.2.4.2 hierbo), naamlik dat die Bybel as *geskrewe w(W)oord* die goddelike openbaringswaarheid beliggaam. Dit was 'n (deur-)dringende aksentuering van die Bybel as 'n *boek*, as God se Woord in mensewoorde en -taal gegiet (Lewalski, 1979:ix).

Eksegete van die Reformasie en digters/lirici van die Renaissance se werke reflekteer hulle gedeelde aanvaarding van die sleutelkonsepte wat deur Sidney verwoord is. Lewalski toon in haar epogmakende boek met die titel *Protestant poetics and the seventeenth-century religious lyric* (1979) oortuigend aan dat 'n wye belangstelling wat betrekking gehad het op die Bybel en die fundamentele Protestantse standpunte oor die geestelike lewe en die kuns, gedurende die sestiende en sewentiende eeue ontwikkel het. Sy ekstrapoleer uit Bybelkommentare, retoriese handboeke, poëtiese parafrases van Skrifgedeeltes en ander geskrifte van die tyd 'n algemeen-aanvaarde literêre benadering waarin die drie genoemde sleutelkonsepte van Sidney figureer.

Bybelse modelle vir literatuur wat in dié tyd geïdentifiseer is, het die benadering tot religieuse poësie gehelp vorm (Lewalski, 1979:5). Dit het direk bygedra tot die bloei wat veral in die sewentiende eeu in religieuse liriek voorgekom het. Die geskrewe Woord

¹⁷ Dit is reeds in 2.2.1.2(iv) gestel dat dit een van die onderskeidende kenmerke van literatuur is dat dit 'n besondere, spesiale gebruik van taal as medium inspan. Daar is ook genoem dat dit moeilik is om 'n bladsy in die Bybel te vind waar daar nie van die effektiewe moontlikhede wat taal bied, gebruik gemaak word nie. Die Bybel is 'n woordkunstige vormgewing van die Godsopenbaring. 'n Goeie voorbeeld van figuurlike en beeldende taal is te vind in die boek Openbaring in sy geheel. Liedere is met name taaltekste waarin metafore soos *lig* en *duisternis*, *water*, *woestyn*, *herder-skaap* en *l(L)am* die tekste poëties tint.

van God self, met die besondere aksentlegging deur die Reformasie daarop, het digters geïnspireer, sodat hulle hulle werke nie gesien het as die produk van onsêbare intuïsie nie. Die Bybelse modelle het vir hulle 'n literêre model gebied wat hulle kon navolg in literêre aangeleenthede soos genre, taalaanwending en simboliek. Dit het aan hulle die vertroue en waarborg gegee dat die moeilike probleemassepekte van kuns en waarheid opgelos sal wees in hulle werke (Lewalski, 1979:6-7). Lewalski ondersoek breedvoerig die liriese poësie van die Engelse digters Donne, Herbert, Vaughan, Traherne en Taylor. Die gebruik van die Bybel as poëtiese model en die verwoording van 'n goed beskryfde estetika, wat ook in later tye invloed sou uitoefen, is 'n spesifiek sestiende-sewentiende-eeuse ontwikkeling (Lewalski, 1979:4). Bybelse 'genre-leer', die poëtiese struktuur van die Bybel en die Bybelse aanwending van simboliese taal (waarin van die sleutelkonsepte van Sir Philip Sidney herken kan word) het die *matriks* van die literêre benadering van die Bybel-as-literatuur tydens die Reformasie en Renaissance gevorm (Ryken, 1993b:54).

'n Verdere bevestiging van die sleutelkonsepte van Sidney in verband met die Bybel-as-literatuur tydens die Renaissance-/Reformasietyd is duidelik uit die werk van die groot Engelse digter John Milton (1608-1674; deur sommige selfs beskou as die grootste naas Shakespeare). Sy digwerk is deurgaans in die Bybel begrond wat genre, 'ver-beeld-ing', inspelning, plot en karakterisering betref. Milton verwys na die Bybel as behorende tot genres soos pastorale drama, tragedie, odes, himnes en liederes. Oor die himniese stof van die Bybel verklaar hy dan dat dit onvergelykbaar is "*over all the kinds of lyric poesy*", nie in "*their divine argument alone, but in their very critical art of composition*" (Milton, in Hughes ed. 1957:669). Hierdie belangrike opmerking van Milton in verband met die himniese stof van die Bybel se '*art of composition*' moet deurgaans in gedagte gehou word by die gerigtheid en fokus van hierdie studie.¹⁸

¹⁸ Later, by die bespreking van die Joodse skrywers van die Nuwe Testament se gebruik van die Ou Testament (vgl. by 4.2.6.2.3(ii) die bespreking van *intertekstualiteit*), word daar 'n belangrike onderskeid in navolging van Dimant getref tussen wat sy die '*expositional use*' en die '*compositional use*' van die Ou Testament noem. Dit sluit aan by Milton se belangrike verklaring hierbo oor die onvergelykbare himniese stof van die Bybel, dat dit naamlik nie net onvergelykbaar is wat die goddelike argument betref nie, maar dat dit ook ten opsigte van die '*art of composition*' wat dit vertoon, onvergelykbaar is. Antieke Judaïsme en die Vroeë Christendom het volgens Dimant se waarneming die Ou Testament op hierdie twee verskillende gebruikswyses in nuwe teksskeppings geïnkorporeer (Dimant, 1988:381-384; vgl. Paulien, 2001b:8-10). Oor die kompositoriese gebruik van Ou-Testamentiese elemente in 'n Nuwe-Testamentiese teks verklaar Dimant dat die doel daarvan is om die struktuur van die nuwe konteks waarin dit gebruik word, te dien. Dit word duidelik dat Openbaring as 'n apokaliptiese boek die Ou Testament eerder *kompositories* in 'n nuwe konteks gebruik as om die voorafgaande genetiese stof bloot te *verduidelik* (dit net in 'n '*expositional use*' aan te wend). Dit geld spesifiek die *Openbaring*-skrywer se strukturering van die himniese stof in die groter makrostruktuur van dié boek se dramatiese narratief. Hy toon 'n voorkeur vir 'n kreatiewe gebruik van die Skrifte in 'n komplekse '*reconfiguration of his sources*.' Daarin is die Ou Testament vir Johannes '*a basic generator of meaning*.' Tipiese kompositoriese genres sluit onder meer narratiewe en liederes in, wat die Ou-Testamentiese motiewe gebruik vir hulle eie patrone, styl en terminologie (Dimant, 1988:382-383). Milton se waarneming tydens die Renaissance-/Reformasietyd in verband met die himniese stof van die Bybel wat nie net onvergelykbaar is wat die goddelike argument betref nie, maar spesifiek ook wat die '*art of composition*' betref, werp dus besondere lig op die Bybel se

Verskeie digters van die Renaissance en Bybelverklaarders van die Reformasie reflekteer dus gemeenskaplike sleutelkonsepte in verband met die Bybel-as-literatuur in hulle onderskeie geskrifte.

2.2.2.4.5 Samevattende konklusie in verband met die beskouing en benadering van die Bybel se literariteit in die sestiende- en sewentiende-eeuse Renaissance en Reformasie

Die Renaissance en Reformasie van die sestiende en sewentiende eeue was in alle opsigte 'n nuwe tydvak. Dit was 'n 'nuwe' tyd wat egter steeds gemotiveer is deur die klassieke bronne wat die basis van die vernuwing gevorm het. Dit was die oue nuut gebruik, nuut gedink en nuut ontwikkel. Dit is daarom nie verbasend nie dat daar ook teruggegryp is na die suiwer grondliggende basis van Augustinus se bepaling van die literariteit van die Bybel en die betekenis daarvan. Leidinggewende literêre figure en eksegete in die Renaissance-/Reformasietyd het hierdie waardering van die oue met mekaar gedeel. Op die stewige prinsipiële basis van Augustinus se literêre waardebeepaling van die Bybel as van die *beste literatuur* en sy gelyktydige beklemtoning van die *uniekheid* van die Bybel (sien weer 2.2.2.2.3 en 2.2.2.2.4) is deur eksegete en literatuur-skeppers voortgebou. Sleutelkonsepte wat uit die literêre aard van die Bybel afgelei en toegepas is, het vir (literatuur-)skrywers van die Renaissance sowel as vir Bybelverklaarders van die Reformasie groot waarde ingehou. Die Bybel as 'n geskrewe dokument in mensetaal waarin die goddelike waarheid beliggaam is, het dus 'n baie sterk invloed – met name ook 'n sterk *literêre* invloed – op ander literatuur uitgeoefen. Die Bybel het 'n literêre model vir literatuurskepping geword, in besonder ook vir himniese stof of himnografie. In dié tydperk is die Bybel dus as 'n heilige geloofsboek en as 'n literêre-estetiese teksboek geag en waardeur deur onderskeidelik eksegete en digters/literatore.

2.2.2.5 Die Romantiek

2.2.2.5.0 Inleidend: konteksbeepaling van die Romantiek en uiteensetting van die ondersoek na die Bybel-as-literatuur in dié tyd

Die Romantiek is tydhistories die volgende prominente literêre era van belangstelling in die Bybel-as-literatuur. Die tydperk wat gewoonlik as die hoogbloei van die Romantiek beskou word, is 1775-1825. Dit was grootliks 'n digterlike beweging. Die Romantiek kan egter nie verstaan word sonder kennisname van die *Rasionalisme* wat in die

literêre strukturering van liedmateriaal. Dié historiese waarneming bevestig ook opnuut weer die belangrikheid vir hierdie studie van die historiese oorsig oor die beskouing van en die benadering tot die literariteit van die Bybel. Die liturgiese lied se konstituerende stramien as 'n literêre artefak volgens die '*art of composition*' kan nie sonder die studie van die Bybel-as-literatuur na behore vasgestel word nie.

Aufklärung of *Verligting* gekulmineer het en sonder om die uitgangspunte en metodes wat hierdie denkstroming gemotiveer en gebruik het, in ag te neem nie (McKnight, 1985:8). Die *Aufklärung* van die agtiende eeu wortel onder meer in *René Descartes*, 'n sewentiende-eeuse filosoof (1596-1650), se bekende woorde: *cogito ergo sum* ('ek dink, daarom is ek'). Die proses om uit die vooroordele en die bo-natuurlike van pre-moderne denke te kom, begin by die denkende individu (Anderson, 2000:3). Die invloed daarvan sou tot diep in die negentiende en twintigste eeu geld. Die Romantiek het aanleiding gegee tot die moderniteit of *Modernisme* wat veral in die laat-negentiende en vroeg-twintigste eeu baie duidelik aan die lig getree het.¹⁹

Kenmerkend van die laat-sewentiende, die agtiende en negentiende eeu was ook die bloei van die sogenaamde *Ortodoksie* (wat die klem laat val het op die rasonale sistematisering van die Christelike geloofsleer of dogma) en die *Piëtisme* ('n vroomheidsbeweging teenoor die rasonale denke; Bingle, 2000:118). Alhoewel dit lyk of Rasionalisme (insluitend die Ortodoksie) en Piëtisme mekaar uitsluit, is daar bepaalde gemeenskaplikhede. Strydom gee 'n opsomming van die tipiese raakvlakke van die twee denkpatrone (Strydom, 1994:97). Daaruit is dit duidelik dat sowel die Rasionalisme as die Piëtisme die mens in die middelpunt stel (òf sy redelikheid, òf sy vroomheid); albei neig tot subjektiwisme (òf die mens as denkende subjek, òf die mens as ervarende subjek); albei is individualisties (Bingle, 2000:119). Die Romantiek kan nie sonder hierdie oënskynlike ambivalensie, maar ook die grondliggende raakvlakke met die ander denkrigtings, verstaan word nie. Dit moet daarom by die bespreking van die Romantiek deurgaans in gedagte gehou word.

Die werk van 'n sleutelfiguur in die Romantiek, Robert Lowth, word nou eerstens bespreek (2.2.2.5.1). Daarop volg 'n bespreking van die tipiese benadering van die Bybel-as-literatuur deur Romantici (2.2.2.5.2) en die gevolge daarvan vir die bestudering van die Bybel-as-literatuur (2.2.2.5.3), om aan die einde 'n samevattende konklusie in verband met die beskouing van die Bybel se literariteit in die tyd van die Romantiek te gee (2.2.2.5.4).

2.2.2.5.1 Robert Lowth se 'Lectures on the sacred poetry of the Hebrews' (1753)

Robert Lowth word as die enkele mees invloedryke figuur in die digterlike beweging van die Romantiek beskou. Sy lesings as '*Professor of Poetry*' aan die Universiteit van Oxford is 'n landmerk in die geskiedenis van die bestudering van die Bybel-as-literatuur en ook in die geskiedenis van literatuur in die algemeen. Dit is aan hom te danke dat die Bybel as 'n *littérature* werk in die konteks van die Hebreeuse leefwêreld herontdek is (Prickett, 1986:105). Sy gepubliseerde lesings met die titel *The Sacred Poetry of the*

¹⁹ 'n Volledige bespreking van die Modernisme se wese en invloed volg in 2.2.2.6.0.

Hebrews wat in 1753 in Latyn gepubliseer is en in 1778 ook in Engels vertaal is, word deur historici vandag waardeur as “*the book that was to transform biblical studies in England and Germany alike*” (Prickett, 1986:105) en die boek “*(that) changed the way we read the Bible*” (Kugel, 1981:286). Sy lesings het veral ten opsigte van vyf literêre aspekte ’n sterk impak gehad en merkwaardige invloed uitgeoefen (vgl. onder meer Ryken, 1993b:55-56).

(i) *Parallelisme in die poëtiese stof van die Bybel*

Die resultate van Lowth se bestudering van die Hebreeuse poësie het bygedra tot die regte, juiste lesing van die poësie van die Ou Testament (Longman, 1987:15). Dit sou ’n wesenlike bydrae lewer tot die ontsluiting en interpretasie van die Hebreeuse poësie (Prickett, 1999:26-29). Hy het drie tipes *parallelisme* in Bybelse (Hebreeuse) poësie geïdentifiseer, naamlik *sinonieme*, *antitetiese* en *sintetiese parallelisme* (Kugel, 1981:12-14, 281). Dit het aan die moderne verstaan van Bybelse poëtiese parallelisme sy definitiewe beslag gegee (Kugel, 1981:287).

(ii) *Die Bybel se poëtiese vorme moet suiwer as sodanig geanaliseer word*

Lowth het verklaar dat hy in die Bybel-as-poësie belangstel en nie in die Bybel as ’n bron van religieuse waarheid nie. Hy het homself gesien as ’n literêre teoretikus/kritikus en het daarom doelbewus teologiese uiteensettings van Bybelse poësie vermy. Een van sy tydgenote, Johann Michaelis, het gesê dat Lowth “*not as a churchman*” maar as “*a poet speaking about poetry*” sy standpunte geformuleer het (Michaelis, aangehaal in Hepworth, 1978:39). Hy het sodoende klem gelê op die Bybelteks as ‘teks soos dit as poësie daar staan’ en daarmee die probleem van soektogte na en hipoteses ten opsigte van agterliggende bronne vermy. As daar ’n bron moet wees, is dit vir hom die natuur of God.

(iii) *Herstel van die Bybel tot die literêre ‘statuur’ van Klassieke literatuur*

Die handhawing van die balans tussen die literêre uniekheid van die Bybelse poësie en sy gelyktydige verwantskap met Klassieke literatuur is deur Lowth baie belangrik geag. Hy wou die Bybel tot ’n literêre statuur herstel wat in geen opsig as literatuur ondergeskik aan Klassieke literatuur is nie. Hy het die eenvoud van die Bybelse uitdrukkingstyl hoog waardeur.

- (iv) *Bybelse poëtiese stof moet met die beste literêre teorieë en metodes benader word*

Die beste literêre teorieë en metodes waaroor die moderne interpreteerder beskik, kan aangewend word in die analisering van die ou Hebreeuse poësie in die Bybel. Die literêre klassifikasies van die antieke Bybelse tyd moet nie die moderne interpreteerder beperk nie. Sodoende moet die Bybelse poëtiese stof aan presies dieselfde interpretasietodes as enige ander literatuur onderwerp word. In Lowth se tyd het dit beteken dat die analisering van alle poësie (insluitende die Bybelse poësie) die besondere stempel en styl van die Romantiek moet dra.

- (v) *Duidelikheid oor die objek van literêre studie*

Lowth se grootste krag lê in sy vertroue waarmee hy sy objek van studie kon definieer. Hy het geglo dit is moontlik om presies te kan onderskei wat die Bybel 'literêr' maak.

Prickett (1999:27) maak die volgende belangrike evaluerende opmerking oor Lowth se werk in verband met die uitwerking van die Bybel-as-literatuur op literatuur in die algemeen: "*Lowth's work inaugurated a critical revolution. The poet could now claim biblical precedents for a new status: not as a decorator or supplier of 'supernumerary ornaments', but as a prophet, seer, and mediator of divine truth.*"

Die bydrae van Robert Lowth tot die studie van die Bybel-as-literatuur was dus in die tyd van die Romantiek rigtinggewend en vormend ten opsigte van 'n literêre benaderingswyse tot die Bybel. In (ii) en (iii) hierbo kan 'n neiging tot *sekularisering* van die Bybel tot 'blote literatuur' waargeneem word, alhoewel die positiewe in sy eksplisiete en uitgesproke literêre benadering van die Bybel is dat hy die Bybel se poëtiese teks sien as poëtiese teks 'soos-hy-daar-staan'. Daarmee is die belang van die toepassing van suiwer – en die beste (vgl. (iv) hierbo) – literêre analiseringstodes deur hom beklemtoon. Lowth se benadering bring nie die uniekheid van die Bybel-as-literatuur in gedrang nie, solank in gedagte gehou word dat die proses om die betekenis van 'n Bybelteks te ontsluit, nie by literêre analisering (mag) eindig nie.

2.2.2.5.2 Tipiese benadering van die Bybel-as-literatuur deur die Romantici

Blake, Coleridge, Keats, Shelley en Wordsworth – en nié Lowth nie – is van die mees bekende literêre figure uit die tyd van die Romantiek (Abrams, 2005:187). Hulle was die woordkunstenaars wat die grondstellings wat deur Lowth in sy '*lectures*' gemaak is, in

literêre praktyk gebring het. Lowth het die klimaat vir hulle geskep om die Bybel-as-literatuur veral in drie opsigte ter sprake en in praktyk te bring (vgl. Ryken, 1993b:56-57).

(i) *Bybelse eenvoud*

Romantici soos Coleridge en Wordsworth het die ‘primitiewe’ eenvoud van die Bybel as ’n literêre gehaltemerk gesien (vgl. ook weer die beskouing oor die eenvoudige skoonheid van die Bybel in die Patristiese tyd, 2.2.2.2.1, en deur Lowth, 2.2.2.5.1(iii)).

(ii) *Bybelse sublimiteit*

Die Romantici is dermate deur die verhewenheid van die Bybel se poëtiese stof (veral dié van die profete) bekoor dat dit vir hulle sowel inspirasie as model vir hulle eie kreatiewe woordkunstige werk geword het.

(iii) *Bybelse mitologie*

Die Romantici se verbeelding het ’n honger na die mitologiese en die visioenêre gehad. Hulle het die Bybel beskou as ’n boek wat ‘*the Great Code of Art*’ bevat.²⁰ Die Bybel is nie gesien as één boek wat deur God geïnspireer is nie, maar as visioenêre, mitologiese tekste soos enige ander verbeeldingryke literatuur.

Die Bybel was vir die Romantici dus ’n uitstekende literêre geskrif waarin inspirasie en rigtinggewende modelle vir die skep van verbeeldingryke, mitologiese literatuur opgesluit lê, en nie primêr of uitsluitlik ’n (religieuse) bron van geloof nie.

2.2.2.5.3 *Gevolge van die Romantiek se benadering vir die bestudering van die Bybel-as-literatuur*

Jasper (2003:22-24) maak baie belangrike opmerkings in verband met die Romantiek se benadering tot die bestudering van die Bybel-as-literatuur en wat dit tot gevolg gehad het (en selfs in sekere kringe nog steeds tot gevolg het). Die Bybel as geheel, en ook in sy spesifieke literêre fasette en genres, het deur die geskiedenis in ’n interaktiewe ver-

²⁰ Dit is woorde van die digter William Blake wat gedeeltelik aangehaal is in die titel van Frye se belangrike latere literêre werk in die twintigste eeu: *The great Code; the Bible and literature* (Frye, 1981; vgl. ook die Nederlandse vertaling daarvan onder datum 1986).

houding tot die Westerse literatuur gestaan (soos ook reeds tot hier uit die historiese oorsig geblyk het).²¹ Die Bybel is as 'n fundamentele bron vir sogenaamde *literêre lesings* en *literêr-teoretiese benaderings* gesien. In die afgelope twee honderd jaar is dit egter dikwels van teologiese kant in die eksegetiese arbeid oor die hoof gesien. Aan die einde van die agtiende eeu (dus aan die begin van die Romantiek) het die *Aufklärung* met sy rasionalistiese benaderingswyse (sien weer 2.2.2.5.0 hierbo) die Bybel onderwerp aan die kritiek van 'n komplekse bestuderingsmetode en lesing van die Bybel bekend as die *histories-kritiese* ondersoekmetode. Dit het volgens Jasper daartoe gelei dat 'n groot skeiding tussen teologiese Bybelondersoek en (ander) vorme van literêre ondersoek ontstaan het, 'n skeiding wat in 'n groot mate nog steeds bestaan (Jasper, 2003:22).

Bybelverklaarders in die negentiende eeu het meer in die konteks waarin die Bybel geskryf is en verstaan moes/moet word geïnteresserd geraak as in die teks van die Bybel self (die teks dus selfs ook sonder die interaksie tussen teks en leser). Daarteenoor het literêre lesings van tekste 'soos-hulle-daar-staan' steeds voortgegaan (Jasper, 2003:24). Dit was met ander woorde 'n direkte benadering van die teks in sy tekstualiteit sonder die histories-kritiese verantwoording ten opsigte van die moontlike agterliggende konteks daarvan. 'n '*Gletscherwall*'²², wat letterlik te vertaal is as 'n *gletser-bolwerk*, het Bybelondersoek afgesluit van die lees van ander literatuur. Die skeiding tussen teologiese Bybelondersoek en literêre vorme van ondersoek het as gevolg van hierdie toedrag van sake al groter geword.

Deur hierdie eienaardige en kunsmatige skeiding het die kategorie van 'literêre lesings' van die Bybel deur die agterdeur van Bybelondersoek ingesluit (Jasper, 2003:22-23) en moes die literariteit van die Bybel daar teregkom. Die implikasie hiervan is dat die Romantiek met sy (mate van) sekularisering van die Bybel (vgl. weer 2.2.2.5.1 hierbo) indirek aanleiding gegee het tot die skeiding tussen teologiese Bybelondersoek en 'n sekulêr-literêre ondersoek van die Bybel-as-literatuur. Dié ontwikkeling het ten koste van die akkurate betekenisontsluiting van 'n Bybelteks deur die volle benutting van literêre metodes plaasgevind. Die bydrae wat literêre ondersoek van die Bybel-as-literatuur in die ontsluiting van die betekenis van die Bybelteks kon/kan lewer, is/word sodoende geïnhibeer, tot nadeel en skade van die totale interpretasieproses.²³

²¹ Vir dié besondere interaksie tydens en ná die Romantiek kan die insiggewende bespreking van Prickett (1999:24-34) verder geraadpleeg word.

²² Die term is deur die Duitser Hermann Unsener in 1888 gebruik om die skeiding of gaping tussen teologiese Bybelondersoek en literêre vorme van ondersoek te beskryf. Dit word in Prickett, 1986:1 en 1999:35, aangehaal.

²³ Bewus van hierdie gevaar wat deur die huidige historiese ondersoek na die beskouing van en benadering tot die literariteit van die Bybel onder aandag gebring word, word 'n interdisiplinêre en multi-subdisiplinêre benadering tot die studie van Openbaring later in Hoofstuk 4 vasgestel en gemotiveer (vgl. 4.3.; ook weer Hoofstuk 1). Sodanige benadering en metode word vir hierdie studie noodsaaklik geag, nie

2.2.2.5.4 Samevattende konklusie in verband met die beskouing en benadering van die Bybel se literariteit in die Romantiek van die (laat-)agtiende en negentiende eeue

Die Romantiek was 'n geestesingesteldheid en digterlike beweging wat groot invloed op die verstaan van die Bybel-as-literatuur uitgeoefen het. Die invloed van die Modernisme het in dié tyd duidelik na vore getree. Die bydrae van Lowth tot die studie van die Bybel-as-literatuur was grondliggend aan en rigtinggewend ten opsigte van 'n literêre benaderingswyse tot die Bybel in sy tyd. Die neiging in die Romantiek van die *sekularisering* van die Bybel tot 'blote literatuur' het positief ingehou dat die Bybel se poëtiese teks benader is as 'n poëtiese teks 'soos-hy-daar-staan'. Daarmee is die belang van die toepassing van literêre analiseringsmetodes beklemtoon. Die negatiewe wat uit die Romantiek met sy (mate van) sekularisering van die Bybel voortgevloei het, is egter dat daar 'n skeiding tussen teologiese Bybelondersoek en 'n 'sekulêr-literêre' ondersoek van die Bybel-as-literatuur gekom het. Dit het ten koste van die moontlike volledige betekenisontsluiting van 'n teks deur 'n volle benutting van literêre metodes gebeur. So het 'n gaping – en selfs verwydering – tussen *literêre* klem op *tekstualiteit* en *teologiese* klem op *kontekstualiteit* (die histories-kritiese naspur van faktore wat agter die teks-materiaal werkzaam was/is/sou wees) ontstaan.

2.2.2.6 Ontwikkelinge in die twintigste eeu (tot ongeveer die sewentigerjare)

2.2.2.6.0 Inleidend: konteksbeplanning van die eerste deel van die twintigste eeu en uiteensetting van die ondersoek na die Bybel-as-literatuur in dié tyd

Tydens die eerste driekwart van die twintigste eeu is die literatuurwetenskaplike en teologiese Bybelondersoek sterk deur die metodes van die historiese hoofperiode bekend as die *Moderniteit* (voortvloeiend uit die Rasionalisme en *Aufklärung*; vgl. 2.2.2.5.0) oorheers. Dié denkwys is 'n paradigma op makrovlak, in onderskeiding van twee ander makroparadigmas, naamlik die *pre-moderniteit* en die *post-moderniteit* (Vorster, 1999:10). Moderniteit het volgens sommige sy hoogtepunt tussen 1910 en 1925 bereik (Bell, 2001:9). Ander – soos Robert Hughes – stel dit egter as 'n historiese periode wat

net vanweë die aard en reikwydte van die studieonderwerp met sy kombinasie van teologiese en literêre fasette nie, maar ook om juis so 'n '*Gletscherwall*'-situasie in die interpretasieproses te voorkom. In plaas daarvan word insigte van sowel die Bybelwetenskap as die Literatuurwetenskap benut – tot voordeel van 'n literêre én teologiese ontsluiting van die Openbaringsteks. Dit verseker ook dat die Bybel as religieuse geskrif en die liturgiese lied as literêre artefak in die grensverkeer tussen die dissiplines albei volledige aandag ontvang.

oor 'n langer tydperk strek: sover terug soos vanaf 1880 tot selfs ná 1970 (vgl. Laffey, 1987:11). Redelike konsensus bestaan egter tussen gesaghebbende bronne dat die stroming binne die eerste dertig jaar van die twintigste eeu geplaas kan word, terwyl die invloed daarvan vir vyftig jaar baie sterk sou wees (Levenson, 2001:1). Daar is nietemin ook baie tekste wat vroeër of later gedateer word maar wat dieselfde eienskappe vertoon (Du Plooy, 1995:349). Die invloed van die Moderniteit sou onder meer binne 'n literêre stroming in Modernistiese tekste vir die grootste deel van die twintigste eeu duidelik wees. Daarom kan die stroming en sy impak redelik wyd gedateer word as die eerste driekwart van die twintigste eeu.²⁴

Kenmerkend van die Moderne tyd is dat die *Zeitgeist* van die vroeë twintigste eeu bepaalde invloede uitgeoefen het. Bekende Moderniste soos T.S. Elliot, E.M. Forster, James Joyce, Virginia Woolf en nog heelwat ander is in die laaste jare van die negentiende eeu gebore. Hulle het opgegroeï in die tyd wat as die bloeityd van die middelklasliberalisme beskou word (Du Plooy, 1995:353). Hulle het dus die ideale geleentheid gehad om hulle individualisme te ontwikkel. Kuns en akademiese vaardighede is in dié tyd hoog aangeskryf.

'n Eienaardigheid van die Moderne *Zeitgeist* is dat daar twee verskillende strominge onstaan het wat 'n bepaalde kompleksiteit van dié tyd onderstreep. Laffey (1987:13) wys daarop dat daar 'n objektiewe, formalistiese rigting ontwikkel het, en tegelyk ook 'n subjektiewe, irrasionalistiese rigting – twee strominge wat dus paradoksaal oorvleuel.

Dit is gerade om sekere van die tipiese kenmerke van die Moderne periode uit te lig, veral toegespits op Modernistiese tekste, om die kompleksiteit, maar ook die kenbaarheid van dié tyd, te illustreer.

²⁴ Waar die bepaling van die konteks van die twintigste eeu nou aan die orde kom (hier in 2.2.2.6.0 en dan ook vervolgens in 2.2.2.7.0 se konteksbeplanning van die resente tyd), is dit noodsaaklik dat daar by die vasstelling van die erkenning van en omgang met die literariteit van die Bybel breedvoeriger oor die 'kragte' van die konteks in die vorige eeu handel moet word. Die navorsingsliteratuur oor die ontwikkelinge in die twintigste eeu is aansienlik omvangryker as literatuur oor vorige tydperke. Vroeër is die interpretasie van literêre tekste en literêre teorie as twee verskillende en byna onverwante sake gesien, maar veral sedert die sewentigerjare van die vorige eeu het 'n ander toedrag van sake ingetree. Die interpretasie van literêre tekste en literêre teorie-ontwikkeling het baie nader aan mekaar beweeg, in so 'n mate dat interpretasie en teorie vir baie kontemporêre kritici en teoretici glad nie meer geskei kan word nie (Bertens, 2003:ix). Omdat die bydrae van hierdie studie sy plek eventueel in die resente navorsingswêreld vind en moet vind, bring dit noodwendig mee dat die konteks van die eerste driekwart van die twintigste eeu (2.2.2.6.0), asook en met name dié van die resente tyd (ná 1975 – sien 2.2.2.7.0), meer uitgebreid behandel moet word. Aangesien die Moderniteit in die eerste ongeveer driekwart van die twintigste eeu en Postmoderniteit ná 1975 as omvangryke, universele hoofperiodes van die geskiedenis nie in selfstandige aparte onderdele van die studie uiteengesit word nie, maar vervleg word deur die ontwikkelingsgang van die navorsing in 2.2.2.6 en 2.2.2.7, word gepoog om in 2.2.2.6.0 en 2.2.2.7.0 'n basis te lê vir verwysing in latere dele van die studie waar die invloed van dié denkwyses weer ter sprake moet kom. 2.2.2.6.0 en 2.2.2.7.0 is onderskeidelik die inleidende konteksbeplannings by die twee oorblywende hoofperiodes in die historiese oorsig oor die Bybel-as-literatuur.

- (i) Die Modernisme was hoofsaaklik geïnteresserd “...in the relations between literary form and modes of knowledge or understanding”, gebaseer op wetenskap, spesifiek die natuurwetenskap (Bell, 2001:11).
- (ii) Die *rede* van die mens het die metafisiese (wat kenmerkend van die voorafgaande pre-moderniteit was) as dominante faktor in die bestaan van die mens vervang (Vorster, 1999:11). Daaruit het voortgevloei dat gesag en onder meer religieuse opvattinge (met name die Christelike godsdiens) as aanvegbaar beskou is (Du Plooy, 1995:366). Volgens Strauss het Rasionalisme onder meer die gesag van die Bybel ondergrawe. Die Cartesiaanse vertrekpunt dat die menslike rede die vertrekpunt van alle waarheid is, het die Christendom tot ’n onafwendbare en dodelike tweegeveg tussen geloof en denke uitgedaag (Strauss, 1998:96). Dit kom neer op ’n geloof in die rede as onderskeidende en konstruktiewe krag (Anderson, 2000:2). Tog het die negentiende-eeuse rasionalistiese en idealistiese epistemologie wat denke, opvattinge en waarneming vooraf wou rig en bepaal, later in die twintigste eeu vir die Modernistiese gees onaanvaarbaar geword. Die komposisie van tekste is as hipoteties van aard gesien, wat ’n deurlopende onsekerheid en voor-waardelikheid van tekste impliseer (Du Plooy, 1995:352-353; 363).
- (iii) Sluitende definiëring van begrippe soos *waarheid*, *rede*, *identiteit*, die idee van universele vooruitgang en emansipasie, en “*grand narratives or ultimate grounds of explanation*” is binne die vermoë van die mens geag (Eagleton, 1996:vii). Dit neem nie weg dat die Modernis ook hiperbewus daarvan is dat hy niks van die wêreld of van homself seker kan weet nie (vgl. (ii) hierbo; vgl. ook Du Plooy, 1995:364).
- (iv) Rasionalisme en humanisme het godsdiens begin verdring. Die waardes, perspektiewe en persoonlike geloofsoortuiging is as niksbeduidend en van nul en gener waarde beskou (Herholdt, 1998b:216; dit sluit aan by (ii) hierbo).
- (v) Skrifkritiek en ongekende sekularisme het ingetree (Vorster, 1999:11).
- (vi) Die klem in wetenskapsbeoefening is vanuit die sogenaamde objektiewe rede op die objek gelê. ’n Gewaande objektiewe sekerheid waarmee die wetenskap alles vir alle mense in alle tye en plekke wil verklaar, het hoop op die vasstelling van finale waarhede gebring (Vergeer, 1999:13). Die paradoksale is egter dat saam met hierdie gewaande objektiewe sekerheid ook ’n onsekerheid geloop het: epistemologiese twyfel, skepsis, voorlopigheid, klem op die individuele subjektiwiteit (soos waarna in (ii) en (iii) hierbo ook verwys is).

Die Modernistiese roman kan hom byvoorbeeld, in skerp kontras met 'n objektiewe sekerheid vanuit die objektiewe rede, nie aanbied as iets vas en rigied en as draer van regulerende of gereguleerde betekenis nie (Du Plooy, 1995:374).

Die noue verwantskap tussen Moderne konteks en objektiewe metode (soos pas verwoord), was beslissend en bepalend vir almal – sowel vir hulle wat gewillig wou deelneem aan die kritiese proses as vir hulle wat in 'n sekere sin 'onwillig' gevolg het (Brueggemann, 1993:1). Die belangrike waarneming hieruit is: só oorheersend was die geldende denkwysse tydens hierdie tydperk dat gesê kan word dat die denkwysse en metode van die Modernisme algemeen aanvaar is.

'n Sekulêre benadering tot die Bybel-as-literatuur is oor die algemeen in die eerste deel van die twintigste eeu gevolg.

Die mees-gebruikte teologiese metodes vir die verklaring van die Bybel was die sogenaamde *Bronnekritiek*, *Vormkritiek*, *Tradisie-historiese Kritiek* en *Redaksiekritiek*.²⁵ Van die vier '*criticisms*' vertoon veral eersgenoemde twee, *Bronnekritiek* en *Vormkritiek*, 'n mate van ooreenkoms met 'n literêre benadering tot die Bybel.

Dié twee terme word nou nader afgebaken.

- *Bronnekritiek*

Wat Bronnekritiek betref, stel Viviano dat '*source criticism*' wat sy wortels reeds in die agtiende eeu het, eers "*literary criticism*" genoem is en dat die twee begrippe tot in die twintigste eeu as uitruilbare begrippe gebruik word (Viviano, 1999:36). Tog word daar vandag onderskeid tussen die twee getref. Alhoewel beide aandag gee aan die literêre aspekte van 'n teks – soos stilistiese eienskappe, woordgebruik, herhaling, teenstrydighede en ander aangeleenthede van literêre aard – is die doelstellings van die twee verskillend. Bronnekritiek probeer om die bronne vas te stel waarvan die Bybelskrywers gebruik gemaak het in die samestelling van hulle boeke. Die fokus is dus daarop ingestel om die wêreld agter 'n teks te ontdek (Powell *et al*, 1992:13). '*Literary criticism*' wou op sy beurt – veral in die twintigste eeu – betekenis in die literêre of oppervlakstruktuur van 'n teks ontdek (Viviano, 1999:36).

²⁵ Die term *kritiek* word hier en verderaan as direkte vertaling van die Engelse *criticism* gebruik, wat nie 'foutvind' of 'evaluerend' beteken nie, maar die betekenis dra van die kritiese akademiese aktiwiteit waardeur die interpretasie en betekenisvasstelling van 'n teks plaasvind (Peck & Coyle (2002:177). Dit is in hierdie betekenis gebruik die ekwiwalent van die Duitse '*-geschichte*'.

- *Vormkritiek*

Ook wat Vormkritiek betref, is dit nodig om kortliks te stel wat met die term bedoel word, aangesien verskillende betekenisse daaraan gegee word. Beginnende in die negentiende eeu, is Vormkritiek 'n eksegetiese instrument wat dwarsdeur die twintigste eeu in teologiese navorsing toegepas is – dus ook en veral in die eerste ses en 'n half dekades van die eeu. Dit is 'n metode wat gebruik word om linguistiese teksanalises te maak, sowel sinchronies as diachronies, van sowel geskrewe as orale tekste (Sweeney, 1999:58). Dié verklaringsmetode word met 'n tweërlei doel toegepas: om tekssoorte te beskryf, en om kleiner literêre eenhede te bestudeer, veral met die oog op hulle *pre*-literêre oorsprong en wording (Vorster, 1982:94; Longman, 1987:16). Dit gebeur in noue aansluiting by onder meer die twee ander genoemde metodes (Tradisie-historiese en Redaksiekritiek), by retoriese verklaring, by inagneming van sosiale kontekste – maar dit alles in die breër konteks van '*literary criticism*' (Sweeney, 1999:58). Hierdie historiese ondersoekmetodes soek in wese betekenis agter 'n teks.²⁶

Dit is duidelik dat die konteks waarin die Bybelondersoek in die eerste deel van die twintigste eeu plaasgevind het, nie werklik ruimte geskep het en gunstig was vir besondere en toegespitste *literêre* aandag aan die Bybelteks nie. Die naaste wat daaraan gekom is, is om die oppervlakstruktuur van 'n teks literêr te probeer vasstel, maar dit dan as 'n sekondêre bykomstigheid (bykomend by die primêre fokus om betekenis vas te stel deur bronne wat agter die teks lê, om sodoende die *pre*-literêre fase van 'n teks te probeer naspeur). Die eienaardige en kunsmatige kategorie van '*literêre lesings*' van die Bybel (sien weer hierbo in 2.2.2.5.3 die bespreking van die gevolge van die Romantiek se benadering tot die bestudering van die Bybelliteratuur) het deur die agterdeur van Bybelondersoek ingesluip (Jasper, 2003:22-23). Die literariteit van die Bybel moes daar teregkom. Die implikasie hiervan is dat die Romantiek met sy (mate van) sekularisering van die Bybel (vgl. ook weer 2.2.2.5.1 hierbo) indirek aanleiding gegee het tot die skeiding tussen teologiese Bybelondersoek en 'n '*sekulêr-literêre*' ondersoek van die Bybel-as-literatuur.

Tog was daar enkele uitsonderings op hierdie reël van teologies-bepaalde aandag aan die literariteit van die Bybel in die werk van sekere twintigste-eeuse literatuurwetenskaplikes en teoloë.

²⁶ Dit is in teenstelling met die Amerikaanse *New Criticism*, die Russiese *Formalisme* en die Duitse *werkimmanente Methode*, benaderingswyses wat in dié tyd van literatuurwetenskaplike kant juis sterk klem gelê het op die kunswerk as outonome en opsigselfstaande fokuspunt vir die literatuurstudie (Du Plooy & Viljoen, 1992:27-28; sien in 3.1.2.2.1 die bespreking van die Formalisme en die Strukturalisme – albei rigtings wat van die teks as 'n outonome entiteit uitgaan).

Die werk van enkele van hierdie prominente figure in die Literatuurwetenskap word daarom nou verder bespreek (2.2.2.6.1), waarna die invloed van wetenskaplikes uit die veld van die Teologie ook aangetoon word (2.2.2.6.2). Die gedeelte oor die ondersoek na die Bybel-as-literatuur in die eerste ongeveer sewe dekades van die twintigste eeu word gebruiklikerwys afgesluit met 'n samevattende konklusie waarin die erkenning en omvang van die literariteit van die Bybel in die denke van dié tyd geformuleer word (2.2.2.6.3).

2.2.2.6.1 *Ontwikkeling gedurende die eerste vyf en sewentig jaar van die twintigste eeu in literatuurwetenskaplikes se benadering van die Bybel-as-literatuur*

'n Globale oorsig oor belangstelling in die literariteit van die Bybel van die kant van die Literatuurwetenskap in die eerste driekwart van die twintigste eeu bring aan die lig dat die Romantiek se sekularistiese belangstelling in die Bybel as 'n hoogstaande literêre werk (en nie in die eerste plek as 'n bron van en vir religieuse geloof nie) ná die Romantiek van die agtiende en negentiende eeue in die eerste deel van die twintigste eeu steeds gehandhaaf is. Die mate van belangstelling in en die wyse van benadering tot die Bybel kan aan twee wetenskaplike tradisies in die navorsingswêreld toegeskryf word: eerstens aan die dosering van die Bybel-as-literatuur in Literatuurwetenskap-kursusse, en tweedens aan die werk van (liberale) teologiese navorsing (Ryken, 1993b:57-60). Dié twee tradisies het in die twintigste eeu saamgeloop in hulle literêre belangstelling in die Bybel. Die Literatuurwetenskap se belangstelling in die Bybel-as-literatuur word nou eerstens bespreek, gevolg deur die Bybelwetenskap se literêre interesse in die Bybel wat in 2.2.2.6.2 hieronder behandel word.

Die belangstelling van literatuurwetenskaplikes in die Bybel-as-literatuur tydens die eerste deel van die twintigste eeu word deur Ryken met 'n ondergrondse stroom of rivier vergelyk wat eers in die sestigerjare bo die oppervlak sou verskyn (Ryken, 1993b:57). 'n Paar toonaangewende literatuurwetenskaplikes of literêre teoretici sou 'n leidende rol in hierdie hernude en toenemende bewuswording van die Bybel-as-literatuur speel.

(i) *Richard Moulton*

In die vroeë 'verborge' jare van die Bybel-as-literatuur was dit veral die werk van Richard Moulton, gepubliseer in 1895, wat beduidende invloed op die benadering van die Bybel-as-literatuur in die twintigste eeu uitgeoefen het. Sy literêre geskrifte was hoofsaaklik 'n genre-benadering tot die Bybel. Die krag daarvan was veral daarin geleë dat dit die moontlikheid onderstreep het dat die Bybel baie van die literêre trekke vertoon wat literatuur in die algemeen besit (vgl. weer die bevinding in verband met die algemene literêre eienskappe van die Bybel in 2.2.1.2 en 2.2.2.1.3). Dit het die weg daarvoor geopen dat die

Bybel vir sy literêre skoonheid waardeer kan en moet word. Moulton se bydrae was belangrik, maar sy werk en dié van ander wat hom gevolg het, was hoofsaaklik “*generic*” en “*stylistic*” (Ryken, 1993b:58).

(ii) *Erich Auerbach*

’n Tweede invloedryke literêre figuur in die twintigste eeu was Erich Auerbach wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog, in die jare tussen Mei 1942 en April 1945, ’n belangrike literêre werk in Istanbul gekryf het. Dit is in 1946 – dus net ná die oorlog – in Switserland gepubliseer. Die boek is in 1953 in Engels vertaal en onder die titel *Mimesis; the representation of reality in Western literature* uitgegee. Auerbach kontrasteer in sy uitgebreide stilistiese studie die versierde en verfraaide beeldende verhaaltegniek van Homerus se bekende Griekse werk, die *Odusseia*, en die sober styl van die Hebreeuse narratief in Genesis 1 met mekaar. Hy vergelyk ook Homeriese epiek met Abraham se offer van Isak (Genesis 22) en Petronius se *Satyricon* met Markus se weergawe van Petrus se verraad van Jesus (Mark. 14:66-72). Auerbach verklaar dat sy vertrekpunt in Plato se *Republica* en Dante se *Divina Commedia* lê (Auerbach, 1957:489). Dit word ’n gesaghebbende werk waarin meer as net styl uiteindelik aandag kry. Ook ten opsigte van karakterisering, die dinamika van die narratief en ten opsigte van lewens- en wêreldbeskouing is dit ’n waardevolle werk.

Auerbach se *Mimesis* word beskou as ’n mylpaal in die ontwikkeling van literêre benaderings tot die Bybel gedurende die twintigste eeu. Die boek is ’n vertrekpunt vir die literêre verstaan van die Bybel. Dit sou daartoe lei dat aanvaar is dat Bybelverhale op dieselfde wyse bestudeer kan word as wat fiksienarratiewe bestudeer kan word, aangesien die voorstelling van die werklikheid ’n basiese element in literatuur is wat bo die onderskeiding tussen die estetiese en die historiese uitgaan (Powell *et al*, 1992:14; vgl. ook Powell *et al*, 1992:53).

(iii) *Northrop Frye*

Die invloedrykste publikasie oor die Bybel-as-literatuur gedurende die twintigste eeu het in 1957 verskyn. ’n Kanadese literêre teoretikus, Northrop Frye, se invloed met sy boek *Anatomy of criticism; four essays* (1957) het wyd weerklank gevind in literêr-teoretiese besinning. Dit is ’n versamelde werk waarin sy akademiese tydskrifartikels tussen 1942 en 1954 saamgebundel is (vgl. Frye, 1957:viii). Sy invloed met betrekking tot veral *archetypes* (die

derde van die vier essays) en *genres* (die vierde essay) was en is besonder invloedryk en rigtinggewend ten opsigte van literêre besinning oor die Bybel.

Bekende teoretici, soos Käte Hamburger (vgl. Hamburger, 1993) en Tzvetan Todorov (1973; vgl. ook Todorov, 1990), se genre-teorieë kan byvoorbeeld met dié van Frye vergelyk word. Veral Todorov leun sterk op Frye se genre-leer.

In die betoog van Frye se 1957-publikasie ontwikkel die Bybel tot die *raamwerk* vir Westerse literatuur.²⁷ Dit kan beskou word as Frye se “*democratic manifesto*” waardeur hy literêre teorie/kritiek se ‘Luther’ geword het met sy doelwit om die sleutels tot Westerse literêre geskiedenis in die hande van elke ernstige leser te plaas (Poland, 1984:519). Die Bybel word die bron van literêre argetipes, wat deur Frye op ’n interessante wyse as verwysingsraamwerk vir verdere besinning aangebied word (Peck & Coyle, 2002:145).

Die afwesigheid van ’n egte literêre waardering van die Bybel tot op datum van sy innoverende literêre insette (dus tot en met die vyftigerjare) laat vir Frye ’n groot leemte in die kennis van literêre simboliek. ’n Oorwegend historiese navorsingsbenadering tot die Bybel (waarna hierbo in 2.2.2.6.0 verwys is: die verskillende ‘*criticisms*’ of ‘*Geschichten*’) is vir hom sonder uitsondering “‘*lower*’ or *analytical criticism*”, terwyl hy ‘*higher criticism*’ sien as:

...seems to be a purely literary criticism which would see the Bible, not as scrap-book of corruptions, glosses, reductions, insertions, confections, misplacings, and misunderstandings revealed by the analytical critic, but as the typological unity which all these things were originally intended to help construct.

Hy vervolg:

The tremendous cultural influence of the Bible is inexplicable by any criticism of it which stops where it begins to look like something with the literary form of a specialist’s stamp collection. A genuine higher criticism of the Bible, therefore, would be a synthesizing process which would start with assumption that the Bible is a definite myth, a single archetypal structure extending from creation to apocalypse. (Frye, 1957:315.)

Hierdie uitspraak van Frye is kennelik gemik teen die beperkte aanwending deur Bybelverklaarders van die kosbare en onontbeerlike instrumente wat in ’n literêre verklaringswyse van en vir die globale Bybelse narratief beskikbaar

²⁷ By die bespreking van lesersentriese benaderings in die bestudering van literatuur (vgl. 3.1.2.3.1(iii)), kom Frye se argetipiese benadering weer ter sprake en word daar ook kritiek daarteen uitgespreek.

is. Sy duidelike standpunt sou die weg baan vir 'n groter bewustheid in die laaste deel van die twintigste eeu en tot op hede van die belang van literêre metodes in die ontsluiting van teksdele en 'teksgehele'.

Frye se latere publikasie, *The Great Code; the Bible and literature* (1981) (in 1986 in Nederlands vertaal en uitgegee onder die titel *De grote code; de Bijbel en de literatuur*), is 'n beleë neerslag van sy groot literêre insette sedert die veertigerjare. Sy literêre wetenskapsbeoefening was/is nie 'n studie van die Bybel-as-literatuur asof hierdie aanmekeer-gekoppelde frase of begrip sou impliseer dat die Bybelse geskrifte van 'n religieuse konteks na 'n sekulêre konteks verplaas word nie. Intendeel: "*Literature is religion, for Frye*" (Poland, 1984:519).

In sy literêre waardering van die Bybel wil Frye nie soseer konsentreer op die *sentrifugale* beweging van die Bybel as literêre kunswerk nie, met ander woorde op hoe die Bybel gevorm is deur die buite-tekstuele wêreld en hoe die Bybel laasgenoemde ook omgekeerd vorm en beïnvloed nie, maar op die *sentripetale* beweging daarvan, met ander woorde op die *innerlike* struktuur en tekstuur van die kunswerk self (Wegener, 1985:100). Frye propageer dus 'n fokus op "...the world in front of the text, between the text and the reader, not on the world behind the text, between the text and its author" (vgl. Wegener, 1985:101). Hierin sluit Frye aan by Robert Lowth se beklemtoning in die tyd van die Romantiek van die 'teks-soos-hy-daar-staan' (sien weer 2.2.2.5.1(ii)). Daar is nogtans die groot verskil dat Frye nie 'n sekulêre benadering van die Bybelteks voorstaan nie.

Northrop Frye se invloed op wat 'n benadering tot die Bybel-as-literatuur behoort te wees, het dus 'n fyner en meer spesifieke nuanse van die aanmekeer-gekoppelde begrip Bybel-as-literatuur gebring: om die Bybel as literatuur te benader is nie 'n *sekulêre* (in dié geval literêr-sekulêre) bestudering van die Bybel nie, maar 'n *literêre* bestudering van die Bybel as deel van die hermeneutiese proses van volledige(r) betekenisontsluiting van die teks. Die navorser moet in die wêreld 'voor' die teks sy ondersoek doen.

Mede as gevolg van die leiding wat van bogenoemde drie invloedryke literêre figure, naamlik Moulton, Auerbach en Frye, uitgegaan het, is die literariteit van die Bybel al meer erken en mee gereken. Die Bybel het 'n grondliggende verwysingsraamwerk vir literêre beskouing geword. Literatuurwetenskaplikes se belangstelling in die Bybel-as-literatuur het veral sedert die belangrikheid van Frye se insigte deurgedring het, na die oppervlak gekom as 'n aktuele literêre aangeleentheid. As gevolg hiervan word die

sestiger- en sewentigerjare van die twintigste eeu 'n tyd waarin die aanvanklike beperkte benadering van die Bybel-as-literatuur aan die begin van die eeu ontwikkel het tot 'n beskouing van die Bybel as 'n bron van argetipes vir die literatuur. Die Bybel-as-literatuur het sodoende 'n definitiewe punt op die literatuurwetenskaplike navorsings-agenda geword.

Literêre belangstelling in die Bybel sou egter nie net van literatuurwetenskaplike kant nie, maar ook van die kant van teologiese navorsing gedurende die eerste ses en half dekades van die twintigste eeu gewek word, alhoewel dit ook deur bepaalde faktore eers aan die einde van dié tyd duidelik aan die lig sou tree. Dit is die volgende aspek wat nou in fokus geplaas word.

2.2.2.6.2 *Ontwikkelinge in teologiese wetenskapsbeoefening se benadering van die Bybel-as-literatuur gedurende die eerste vyf en sewentig jaar van die twintigste eeu*

Uit die konteksbeplanning van die eerste driekwart van die twintigste eeu wat in 2.2.2.6.0 gemaak is, is dit duidelik dat die teologiese ondersoekmetodes van die Bybel in dié tyd oorheers is deur die sogenaamde *Bronnekritiek*, *Vormkritiek*, *Tradisie-historiese Kritiek* en *Redaksiekritiek*. Van die vier metodes was dit (soos genoem) dan veral eersgenoemde twee, Bronnekritiek en Vormkritiek, wat 'n mate van ooreenkoms met 'n literêre benadering tot die Bybel vertoon het. Alhoewel hierdie ondersoekmetodes in die twintigste eeu in volle gebruik gekom het, moet hulle vanuit hulle ontstaanskonteks verstaan word om hulle invloed op die tydvak wat hier ter sprake is, te kan begryp. Beide se wortels is naamlik in vorige eeue ingeslaan: Bronnekritiek in die agtiende en Vormkritiek in die negentiende eeu.

Die belangrike opmerkings van Jasper (2003:22-24) in verband met die skeiding tussen literêre en teologiese benaderings wat in 2.2.2.5.3 weergegee is, moet hier in gedagte gehou word. Omdat Bronnekritiek en Vormkritiek hulle ontstaan gehad het in die tyd wat in 'n groot mate tegelyk die tyd van die Romantiek en die tyd van die *Aufklärung* (met sy rasionalistiese denke) was, het daar 'n gaping en selfs 'n verwydering tussen die teologiese en die literêre ondersoek van die Bybel gekom.

Ter wille van duidelikheid kan die onderskeie ondersoekbenaderings (literêr en teologies) nou skerp en ietwat veralgemenend gestel word:

- ♦ Die teologiese benadering het die Bybel *geïsoleer* (afgesluit) van ander literatuur.

- Daarteenoor het die literêre benadering die Bybel in 'n mate *gesekulariseer*.

♦ Die teologiese klem is op die *kontekstualiteit* van die Bybelteks geplaas.

- Daarteenoor het die literêre klem op die *tekstualiteit* van die Bybelteks geval (sien weer die samevattende konklusie in verband met die benadering van die literariteit van die Bybel deur die Romantici, 2.2.2.5.4).

As gevolg van die verskillende beklemtonings is 'n literêre benadering van die Bybel van teologiese kant gesien as 'n benadering wat met die ontstaans- en samestellingsaspekte van Bybelboeke te doen het. Dit is byvoorbeeld duidelik uit wat Koch in 'n studie oor die Vormkritiese metode van Bybelverklaring daaroor skryf:

Literary criticism is the analysis of biblical books from the standpoint of lack of continuity, duplications, inconsistencies and different linguistic usage, with the object of discovering what the individual writers and redactors contributed to a text, and also its time and place of origin. (Koch, 1969:70.)

Dit korrespondeer met twee wetenskapsbeskouings gedurende die negentiende eeu wat sterk invloed uitgeoefen het, naamlik die *Positivisme* en die *geistesgeschichtliche Methode*. Eersgenoemde het veral op die kousale verbande tussen die literêre werk binne die milieu of moment waarin dit ontstaan het, en die outeur gefokus. Laasgenoemde het gepoog om die literêre werk te verstaan deur middel van intuïsie, belewenis en begrip van die tydsgees (Du Plooy & Viljoen, 1992:26).

Vir literatuurwetenskaplikes is dit wat Koch geformuleer het en wat hierbo aangehaal is, juis wat 'n '*literary criticism*' ten opsigte van die Bybel nie is nie (Ryken, 1993b:59; vgl. ook Gros Louis, 1982:14-17). Reeds vroeg in die twintigste eeu was daar skerp reaksie teen bogenoemde twee benaderingswyses van die kant van die *New Criticism*, die Russiese *Formalisme* en die *Deutsche werkimmanente Methode*. Die beskouing van teologiese kant van wat 'n literêre benadering tot die Bybel sou wees, het daartoe aanleiding gegee, soos Jasper dit stel, dat die eienaardige en kunsmatige kategorie van 'literêre lesings' van die Bybel deur die agterdeur van Bybelondersoek ingesluip het (Jasper, 2003:22-23; vgl. weer 2.2.2.5.3). So 'n lesing laat nie reg geskied aan die literariteit van die Bybel nie. Die teologiese Bybelondersoek was dus nie volledig blootgestel aan die sterk ontwikkelinge wat sedert die begin van die twintigste eeu van literatuurwetenskaplike kant plaasgevind het nie.

Hiermee is die gaping tussen literatuurwetenskaplike en teologiese Bybelondersoek (met ontstaanswortels in die Romantiek en *Aufklärung*) in die eerste driekwart van die twintigste eeu duidelik geïllustreer. Dit het verreikende gevolge vir die Teologie mee-gebring.

Die verwydering het veroorsaak dat die teoloog as't ware eers egte literêre analisering van die Bybel sou kon doen as hy sou uitklim uit sy teologiese metodes waarin hy ingegrawe is (Ryken, 1993b:59-60). Hy kon hom dus in sy teologiese ondersoek nouliks 'vóór' die Bybelteks bevind en die teks literêr lees 'soos-hy-daar-staan,' want hy moes volgens die konvensie van sy dissipline sy navorsing 'agter' die teks gaan doen, waar hy volgens die bepaalde 'objektiewe' variant van die Modernisme as't ware die eksaktheid van objektiewe waarhede moes gaan vasstel (vgl. weer Laffey, 1987:13, se onderskeiding tussen die twee verskillende, maar paradoksaal-oorvleuelende stromings binne die Moderne tydperioede; 2.2.2.6.0).

Wat hier weergegee is, was die stand van die teologiese navorsing met betrekking tot die benadering van die Bybel-as-literatuur gedurende die eerste ses dekades van die twintigste eeu. Aan die einde van die sestigerjare sou daar egter ook van teologiese kant 'n beduidende wending in die literêre benadering tot die Bybel kom.

Die besondere invloed wat Northrop Frye van die kant van die Literatuurwetenskap op ontwikkelinge in die twintigste eeu op die benadering van die Bybel-as-literatuur gehad het (sien weer 2.2.2.6.1 (iii) hierbo), het James Muilenburg van die kant van die Teologie daarop gehad. Sy presidensiële rede met die titel *Form Criticism and Beyond* (Muilenburg, 1969:1-18) by die jaarlikse konferensie van die *Society of Biblical Literature* op 18 Desember 1968 was verantwoordelik vir die wending wat daar in die teologiese bestudering van die Bybel-as-literatuur gekom het. Hy het daarmee 'n hele nuwe generasie jonger navorsers geïnspireer vir 'n nuwe verklaringsmetode (Whybray, 1983:76). Muilenburg het betoog dat dit nodig geword het om verby die tradisionele verklaringsmetode bekend as 'form criticism' te beweeg. Daar hoef nie 'n plaasvervangende alternatief vir Vormkritiek te kom nie, maar daar kan en moes beslis 'n aanvulling of uitbreiding van dié verklaringsmetode kom. Dit het volgens Muilenburg in die rigting gelê van 'n besondere klem wat geplaas moes word op die wyse van formulering van die openbaringsgedagtes wat in die Bybelteks gegee is. Al was die (Hebreeuse) Bybelskrywers nie in die eerste plek op stilistiese en estetiese aangeleenthede, op *belles lettres*, ingestel in hulle opskrifstelling van die openbaring nie, beteken dit nie dat die tekste wat hulle nagelaat het nie literatuur van hoë kwaliteit is nie. Inteendeel, sê Muilenburg, hoe dieper die Bybelverklaarder ingaan op die tekstuele formulering van dit wat as openbaring aangebied word, hoe meer sensitief word h/sy vir die rol wat woorde en motiewe in die tekssamestelling speel; hoe meer hy konsentreer op die wyse waarop gedagtes in linguistiese patrone geweef is, "...the better able he is to think the thoughts of the biblical writer after him". Muilenburg vervolg:

...a responsible and proper articulation of the words in their linguistic patterns and in their precise formulations will reveal to us the texture and fabric of the writer's thought, not only *what* it is that he thinks, but *as* he thinks it. (Muilenburg, 1969:7; beklemtoning deur kursivering van JPB.)

Hierdie komplementering van die Vormkritiese ondersoekbenadering noem Muilenburg ‘*rhetorical criticism*’ (Muilenburg, 1969:18). Die eerste saak van belang in so ’n retoriese benadering tot ’n teks is vanselfsprekend om die grense of skopus van ’n literêre eenheid vas te stel, om presies te omlyn waar en hoe die literêre eenheid begin en hoe en waar dit eindig. Dit mag wees dat daar ’n subjektiwiteit aan hierdie proses van vasstelling en omlyning verbonde is, maar daar is geen plaasvervanger vir literêre sensitiwiteit nie (Muilenburg, 1969:8-9).²⁸

Mede as gevolg van die besondere invloed van Muilenburg is die literariteit van die Bybel dus ook van teologiese kant aan die einde van die sestigerjare van die twintigste eeu beklemtoon en op die voorgrond geplaas as belangrik en noodsaaklik vir die proses van betekenisontsluiting van die Bybelteks. Soos Frye die literariteit van die Bybel prominent in die literatuurwetenskaplike navorser se ondersoekveld geplaas het, het Muilenburg dit as ’n definitiewe punt op die teologiese navorsingsagenda aangeteken. Die teologiese navorser moes dus nie in die wêreld ‘agter’ die Bybelteks vasval nie, maar moes sy ondersoek ook vanuit die teks in die wêreld ‘voor’ die teks begin doen.

2.2.2.6.3 Samevattende konklusie in verband met die beskouing en benadering van die Bybel se literariteit in die eerste driekwart van die twintigste eeu

Gedurende die eerste vyf en sewentig jaar van die twintigste eeu het daar algaande ’n skerper fokus op die literariteit van die Bybel gekom van die kant van sowel Literatuur- as Bybelwetenskaplikes. Die invloed van die Romantiek, *Aufklärung* en Modernisme was aanvanklik (vir dekades lank) nog sterk in dié tydvak. Onder invloed daarvan het die gaping vir lank wyd gebly tussen die literatuurwetenskaplike navorsing wat (selfs sekularisties) in die wêreld ‘vóór’ die Bybelteks plaasgevind het, en die teologiese navorsing wat objektief op die wêreld ‘agter’ die Bybelteks toegespits was. Die Bybelteks se voltooiide tekstualiteit (die ‘teks-soos-hy-daar-staan’) is van literêre kant primêr geplaas, terwyl die Bybelteks se konteks-bepaalde pre-literêre ontstaansproses van teologiese kant in die belangstellingsveld geplaas is. Die *sentripetale* beweging van die Bybelteks (innerlike struktuur en tekstuur) en die *sentrifugale* beweging van die Bybelteks (buite-tekstuele wêreld) is onderskeidelik beklemtoon.

²⁸ ’n Tweede belangrike stap in die retoriese ontleding van die tekskomposisie het vir Muilenburg onder meer te doen met ’n herkenning van patroonmatigheide in die skrywer se strukturering van die teks/perikoop. Dit is detail wat nie hier verder bespreek word nie, maar later by die vasstelling van ’n literêre analiseringsmetode ter sprake kom (sien later by 4.2.4 die bespreking van die rol en relevansie van retoriese analise in sowel die Literatuurwetenskap as die Bybelwetenskap).

By die driekwartmerk van die twintigste eeu het 'n belangrike verandering gekom. Die krag en invloed van die Modernisme het, soos ook op ander gebiede, in die Literatuurwetenskap en die Teologie begin taan. Veral deur die innoverende insette van Northrop Frye (van literêre kant) en James Muilenburg (van teologiese kant) is nuwe grond gebreek. Die *tekstualiteit* en *kontekstualiteit* van die Bybelteks is nader aan mekaar gebring. Beide wetenskaplikes het 'n teksbenadering bepleit waarin die literariteit van die Bybel erken moet word en van beide kante aandag moet geniet. Die verandering wat deur hulle – elk vanuit sy eie dissipline – begin is, het dus die belofte ingehou dat die Bybel-as-literatuur weer tot sy reg kon kom, as't ware vir die eerste keer sedert die literêre en teologiese 'samewerking' wat die Renaissance-/Reformasietyd gekenmerk het. In hierdie belangrike ontwikkeling word verseker dat die Bybel nòg *gesekulariseer*, nòg *geïsoleer* word.

2.2.2.7 Die resente tyd (ná 1975)

2.2.2.7.0 Inleidend: konteksbeplating van die resente tyd en uiteensetting van die ondersoek na die Bybel-as-literatuur in dié tydvak

Uit 2.2.2.6 hierbo het pas geblyk dat daar teen die sewentigerjare van die twintigste eeu 'n nuwe tydvak betree is. Die invloed van die Romantiek en *Aufklärung* wat so sterk in die eerste deel van die eeu gegeld het, het begin taan. Die veranderinge wat ten opsigte van die literatuurwetenskaplike en die teologiese benadering van die Bybel-as-literatuur ingetree het, moet nou binne die konteks van resente veranderinge op makroparadigma-vlak nagegaan word.²⁹

Die veranderinge wat sedert die vroeë sewentigerjare van die twintigste eeu ingetree het, word redelik algemeen aanvaar as die aanvangstekens van dit wat volgens Vorster 'n *omvangryke* en *universele hoofperiode* in die geskiedenis genoem kan word (Vorster, 1999:10), naamlik die periode van *Postmoderniteit*. 'n Hele nuwe pluralistiese interpretasiesituasie het 'n onontkenbare en onontkombare werklikheid geword (vgl. Brueggemann, 1993:vii).

²⁹ Dit beteken dat daar net soos by die konteksbeplating van die eerste deel van die twintigste eeu eers 'n oorsig oor die Moderne era met die Modernistiese vergestaltungs van dié denkwysse in die kuns en wetenskap gegee moes word (2.2.2.6.0), hier eers goed rekenskap gegee moet word van die nuwe denkwysse wat sedert die laaste driekwart van die vorige eeu wetenskaplike ondersoekbenaderings sterk beïnvloed. Dit kan uiteraard nie 'n volledige uiteensetting van die nuwe tydvak met sy tendense wees nie, maar dit is noodsaaklik om tog oorsigtelike opmerkings te maak oor die denkwysse wat die tyd hier ter sprake oorheers, ten einde die konteks waarin die bestudering van die Bybel-as-literatuur sedert 1975 en op die oomblik plaasvind, te begryp.

Vanweë die wydlopige aard van die verskynsel(s) van die Postmodernisme is daaroor meer geskryf as oor ander stromings wat daaraan voorafgaan (Du Plooy, 1998a:73). Die bespreking van die hoofperiode van Postmoderniteit word daarom – en ook omdat hierdie studie sy plek in die resente tydkonstellasie vind – breedvoeriger as enige ander tydperiode in hierdie historiese oorsig bespreek.

Om 'n voorkeur vir of afkeur van hierdie nuwe situasie te hê, bly natuurlik die keuse van die navorser. Wat hy of sy egter nie kan doen nie, is om dié bepaalde konteks mis te kyk, te ontken of te ignoreer nie. Niemand kan buitendien buite die interaksie tussen *Zeitgeist* en die ervaring van die individu staan nie. Postmodernisme word ook nie net deur filosowe en akademici en 'verwarde' kunstenaars bedryf nie – almal sit binne dieselfde denkpatriene vas omdat dit die hele kontemporêre menslike bestaan deurspoel (Du Plooy, 1998a:74-75). Janse van Rensburg verwoord dit so:

Recognising this reality (= that we live in a postmodern age or era) implies that we dare not go through life with our eyes shut, pretending that every thing is as it was in days gone by. To reminisce about those days may be fine, but to live as though the past were the present, is to live in a fool's paradise. (Janse van Rensburg, 2000:35.)

Daarom moet die benaderingswyses tot die literariteit (al dan nie) van die Bybel-as-literatuur ook in hierdie resente tydkonstellasie van Postmoderniteit ondersoek en verrek word. Dit gebeur hier steeds as deel van die doelwit wat aan die begin van hierdie historiese ondersoek gestel is (sien weer 2.2.2.0), naamlik om eerstens vas te stel of die Bybel literatuur was/is wat, histories gesien, deel is van 'n algemeen menslike verskynsel, en om tweedens vas te stel wat die besondere plek was/is wat die Bybel deur die loop van die geskiedenis tussen ander literatuur ingeneem het.

Of die Postmoderne denkwysen en hoofperiode in die geskiedenis so presies gedateer kan word soos hierbo gedoen is (as synde 'n wysen van dink sedert die vroeë sewentigerjare van die vorige eeu), word deur baie bevraagteken. Kloppers (2003:201) neem as vertrekpunt dat Postmodernisme gesien moet word as 'n benadering, 'n houding, of 'n bepaalde geestesingesteldheid. Meer geleerdes handhaaf die beskouing dat wat oor die algemeen as *Postmodernisme* bekendstaan, nie primêr 'n tydperiode verteenwoordig nie, maar dat dit méér is as 'n tydperiode (Herholdt, 1998b:215). Daar is selfs deur Eco betoog dat die Postmodernisme nie gedateer moet word nie. "*I believe that postmodernism is not a trend to be chronologically defined, but, rather, an ideal category – or better still, a Kunstwollen, a way of operating. We could say that every period has its own postmodernism.*" (Eco, 1984:65-66.)

Cilliers sluit in 'n mate hierby aan as hy sê dat daar nie aan waterdigte skeidings tussen die premoderniteit, moderniteit en postmoderniteit gedink kan word nie; dit is eerder 'n ineenvlegting – soos die ondersese yslae van ysberge wat teen en by mekaar inskuif.

Talle van die Postmodernistiese uitgangspunte en kunsprodukte word in ander tydvakke as dié sedert die sewentigerjare van die twintigste eeu aangetref, wel in 'n ander historiese baadjie, maar wesenlik dieselfde (Cilliers, 2002:3). As voorbeeld van relatiewiteit, 'n tipiese kenmerk van die huidige Postmoderne denke, verwys Cilliers (2002:22) na die bekende woorde van die Griekse filosoof Heraklitus, naamlik *panta rei*, wat letterlik met 'alles vloei' vertaal kan word. Dit stem ooreen met denke in die resente Postmoderniteit. Dit beteken dat die realiteit nooit gefikseer kan word nie en daarom ook nie gedefinieer kan word nie (Janse van Rensburg, 2000:13). Wat hy "verrassende ooreenkomste" noem, word deur Schulze tussen die kenmerkende opvattinge van die Postmodernisme en die opvattinge van die sofiste en skeptici van die antieke Griekse kultuur aangetoon (Schulze, 1998:14-22). Foshaugen sien Postmoderne denke as 'n samevloeiing van uiteenlopende(!) kruisstrome: pragmatisme, eksistensialisme, psigo-analise, Marxisme, feminisme, dekonstruksionalisme en post-empiriese filosofie. Die oop-eindigende, onbepaalbare Postmodernistiese denkwyses het uit hierdie maastroom van uiteenlopende impulse en tendense voortgevloei en saamgevloei (Foshaugen, 1999:1; vgl. ook Readings en Schaber se insiggewende 1993-versamelbundel met die titel *Postmodernism across the ages. Essays for a Postmodernity that wasn't born yesterday*).

Meer voorbeelde van onderliggende strominge in die ontstaansmilieu van die Postmodernisme kan genoem word. Janse van Rensburg grawe byvoorbeeld die meer resente wortels van die 'boom' van die Postmodernisme oop (Janse van Rensburg, 2000:34) as hy in 'n verhelderende oorsig die filosofiese ontwikkeling van Postmodernisme op verskillende terreine skets (Janse van Rensburg, 2000:13-34). Hy beskou die volgende erkende filosowe as die 'strong roots' van die boom: Friedrich Nietzsche, Ferdinand de Saussure, Martin Heidegger, Claude Levi-Strauss, Michel Foucault, Jacques Derrida, Jean-Francois Lyotard, Jean Baudrillard en Richard Rorty (Janse van Rensburg, 2000:34). Die saamgroepering van hierdie invloedryke filosowe deur Van Rensburg kan vreemd voorkom, aangesien daar naas die kontinue lyne wat deur hulle denkwyses en werke loop, ook definitiewe diskontinuiteite aangetoon kan word. Hulle kan nie sonder meer in een asem genoem word nie. Van Rensburg se betoog is egter dalk juis tiperend van die verskeidenheid filosofieë en fasette wat saam en afsonderlik verantwoordelik is vir die ontstaan van die Postmoderne denkwyses.

Wat die ontstaan van die denkwyses van die Postmodernisme verder betref, is dit belangrik vir hierdie studie om daarop te let dat dit spesifiek die Literatuurwetenskap is wat die leiding geneem het in wat in sekere opsigte gesien is as die ontwakende reaksie teen die Modernisme (Vergeer, 1999:13). Die term *Postmodernisme* is in die 1950's vir die eerste keer deur literêre teoretici gebruik om 'n nuwe literêre eksperiment te beskryf wat uit die terme van 'aesthetic modernism' voortgevloei het, maar ook verder as dit gegaan het. Dit het gepaard gegaan met 'n klemplasing op die immanente of 'situatedness' (Waugh, 2001:293). Waugh maak voorts die belangrike opmerking dat dit

in opposisie geplaas is tot die Modernisme soos dit verstaan is in terme van objektiwiteit, transendensie en onpersoonlikheid, soos weerspieël in die *New Critics* se teoretisering, en in abstrakte ekspressionistiese estetika. Sy beweer dat die Postmodernisme breedweg-gesproke verstaan moet word as die geleidelike indringing van die estetiese in die sfeer van die filosofie, die etiek en, mees onlangs, die 'wetenskap' (Waugh, 2001:292). Van Peursen (1995:12) wys daarop dat dit veral die Argitektuur was wat die term *Postmodernisme* as aanduiding van 'n nuwe tydperioede in gebruik gestel het en 'n gebruiksfrekwensie daaraan begin gee het (vgl. ook Schulze, 1998:12).

Dit is 'n geldige argument om te beweer dat Postmoderniteit as 'n wyse van dink benader kan word wat oor verskillende hoofperiodes in die geskiedenis span. Postmodernistiese trekke kan inderdaad in verskillende fases van die geskiedenis aangetoon word. Hier word egter nie verder op die vroeëre denkvariante van Postmodernisme of die ontstaans-geskiedenis van 'n dateerbare Postmoderne tyd ingegaan nie. Alhoewel daar in die loop van die geskiedenis sekere denke en uitsprake kan wees wat ooreenstem met resente denke en uitsprake, kan met sekerheid gesê word dat die vroeëre wat met die resente ooreenstem, nie deel van 'n *algemene en omvattende stroming* was nie. Daarom word dit daar gelaat. Daar word nou verder slegs gelet op die werklikheid dat 'n *omvangryke en universele hoofperiode* wel in die geskiedenis ontwikkel het waarin die bepaalde denkwyse en geestesingesteldheid algemeen in swang was en is. Dit is verantwoordbaar om die aanvang van hierdie universele hoofperiode op die vroeë sewentigerjare van die twintigste eeu te stel.

Wat moet nou onder Postmodernisme verstaan word?

Dit is moeilik om Postmodernisme te definieer, selfs onmoontlik (Janse van Rensburg, 2000:5). Postmodernisme verwerp enige aanspraak dat daar iets soos 'n definisie of beskrywing kan wees wat 'neutraal' is (Vanhoozer, 2003:3). 'n Definisie van post-moderniteit (word beweer) is 'n *contradictio in terminis*: wie 'n greep op die verskynsel wil verkry, verstaan dit nie (Cilliers, 2002:1; vgl. Adam, 1995:1-25, se beredenering in dié verband). Hutcheon wys ook op die teenstrydigheid: "...*postmodernism is a contradictory phenomenon, one that uses and abuses, installs and then subverts, the very concepts it challenges...*" (Hutcheon, 1988:3).

As gevolg van 'n eiesinnige taalgebruik, 'n heen-en-weer-spring deur die geskiedenis en die los-en-vas aanhaal van uitsprake, is dit byna onmoontlik om uit te maak wie, en wie nie, tot die Postmodernisme behoort (Van Peursen, 1995:27) – laat staan nog om 'n definisie daarvan te kan uitmeet en neerpen. Dit maak dit ook moeilik om die denkwyse te evalueer: die term is op sigself 'n *verkleurmannetjie* (Schulze, 1998:12). Eagleton (1996) praat van die illusies van die Postmodernisme. Hoe meer 'n mens jou ingrawe in wat die Postmodernisme wesenlik is, hoe meer kom die navorser onder die indruk

daarvan dat dit so 'n elastiese term is dat dit eintlik nutteloos is om dit te probeer omskryf (Waugh, 2002:289). Van Heerden (1997) noem *postmodernisme* die 'term sonder naam', wat enersyds 'n gemaklike term is wat aangegryp word om naam te gee aan die wye verskeidenheid kulturele verskynsels wat in die tweede helfte van die twintigste eeu hul verskyning op onder meer die gebiede van die argitektuur, literatuur, beeldende kunste, musiek en selfs die teologiese en politieke wetenskappe gemaak het. Andersyds is dit ook 'n term wat die veelheid van verskille binne die ruimte waarop die term van toepassing gemaak word, maskeer (Van Heerden, 1997:11,12). Die enigste ooreenstemmende element tussen verskillende en gesaghebbende skrywers in verskillende vakgebiede is dat die Postmodernisme nie adekwaat beskryf kan word nie "...vanweë die kwiksilweragtige én vloeibare én wydlopige karakter van die verskynsel" (Du Plooy, 1998a:73-74). Pogings tot definiëring lyk futiel, want dit is die 'benoeming van die onbenoembare', die 'voorstelling van die onvoorstelbare' (*'naming the unnamable, representing the unrepresentable'*). Dit is oorspronklik woorde van Fredric Jameson wat deur Waugh (2001:289-290) aangehaal word (– tog wou Jameson die waarde van die Postmodernisme juis daarin sien). McHale se 1987-publikasie met die titel *Postmodernist fiction* se openingswoorde is veelseggend met betrekking tot die weerstandigheid van die Postmodernisme teen benoeming, beskrywing en tipering: "*'Postmodernist'? Nothing about this term is unproblematic, nothing about it is entirely satisfactory*" (McHale, 1987:3; vgl. ook Van Heerden, 1997:12).

McHale verwoord die problematiek verder:

'Postmodernist'? The term does not even make sense... 'Postmodernist'? Whatever we may think of the term, however much or little we may be satisfied with it, one thing is certain: the referent of 'postmodernism', the *thing* to which the term claims to refer, does not exist. (McHale, 1987:4; beklemtoning van McHale.)

Postmodernisme is dus 'n term en 'n verskynsel wat weerstandig is teen beskrywing en definiëring.

Wat die verband of verhouding tussen Modernisme en Postmodernisme betref, is die natuurlike neiging om die Postmodernisme te probeer verstaan deur dit deurgaans te sien as 'n reaksieverskynsel teen die Modernisme – *Modernisme* dan verstaan as die 'objektiewe' variant van die Modernisme (vgl. weer eens Laffey, 1987:13, se onderskeiding tussen twee verskillende, maar paradoksaal-oorvleuelende stromings binne die Moderne tydperioede; sien 2.2.2.6.0 en 2.2.2.6.2). In so 'n siening van die Postmodernisme is Postmodernisme 'n reaksie teen die modernistiese klem op die dominansie van die rede, die objektiewe sekerhede en vasstelling van finale waarhede deur die wetenskaplike vermoë van die mens, die afdoende definiëring van die werklikheid in al sy fasette, en sy humanistiese sekularisme en Skrifkritiek (vgl. weer 2.2.2.6.0).

Hassan (1987b) onderskei drie en dertig binêre opposisies tussen tipiese trekke van die Moderne en Postmoderne tydperiodes, waarin die Postmodernisme duidelik 'n reaktiewe karakter openbaar. Hy put daarvoor uit verskeie dissiplines, naamlik Retoriek, Linguistiek, Literêre Teorie, Filosofie, Antropologie, Psigo-analise, Politieke Wetenskap en Teologie (Hassan, 1987b:92). Hy plaas die teenstellings in twee onderskeie asse waarvan 'n aantal geselekteer en hier genoem word (Hassan, 1987b:91-92).



“Modernism

Hierarchy
Art object / Finished work
Creation / Totalization
Synthesis
Genre / Boundary
Paradigm
Selection
Signified
Narrative / Grande Histoire
Master Code
Origin / Cause
God the Father
Determinacy
Transcendence

Postmodernism

Anarchy
Process / Performance / Happening
Decreation / Deconstruction
Antithesis
Text / Intertext
Syntagm
Combination
Signifier
Anti-narrative / Petite Histoire
Idiolect
Difference-Differance / Trace
The Holy Ghost
Indeterminacy
Immanence”

Kritiek is teen hierdie binêre teenstelling tussen Modernisme en Postmodernisme uitgespreek – dat dit naamlik 'n oorvereenvoudiging van die verhouding tussen die twee denkwyses is (vgl. vir die kritiek: Van Heerden, 1997:40). Tog bring dit 'n bepaalde insig in 'n uiters moeilik formuleerbare verskynsel.

'n Beskouing dat die Postmoderne denkwyse 'n reaksieverskynsel op die Moderne denkwyse is, moet duideliker as wat hierbo gedoen is, gekwalifiseer word, want die Postmoderne is nie in alle opsigte 'n reaksie op en teen die Moderne denkwyse nie. Daar is naamlik ook 'n kontinuering en selfs 'n intensivering van elemente van Moderniteit in die Postmoderne tyd. Die bepaalde variant van Modernisme waarna in hierdie verband verwys word, is dan met name die subjektiewe, irrasionalistiese rigting van die Modernisme waarna ook in 2.2.2.6.0 verwys is (Laffey, 1987:13). Postmodernisme is – só gesien – te klassifiseer as *laat-Modernisme*, 'n radikaliserende en verdere ontwikkeling

van die Modernisme (Van Heerden, 1997:14). Die ‘post’ van *Postmodern* beteken dus nie noodwendig *anti-Modern* nie, maar letterlik *ná* (= ‘post’ as temporele aanduiding) die Moderne met sy eie kenmerkende ‘absolutes’ en aksente.

McHale (1987:5) stel egter verder dat Postmodernisme nie nèt dui op ’n tydfase ná ’n vorige periode nie: “...*I want to emphasize the element of logical and historical consequence rather than sheer temporal posteriority. Postmodernism follows from modernism, in some sense, more than it follows after modernism.* (Beklemtoning van McHale.)

Lombard (1999:10) neem waar dat dit in Afrikaans die gebruik skyn te wees om *Modernisme* met ’n hoofletter te skryf en *postmodernisme* met ’n kleinletter. Sy sê dat dit waarskynlik daaraan toe te skryf is dat die *postmodernisme* veel minder die karakter van ’n afgeronde sisteem aanneem as wat met *Modernisme* die geval is. Alhoewel dit ’n interessante waarneming, verklaring en beredenering is, word in hierdie studie gehou by die skryfwyse om *Postmodernisme* met ’n hoofletter aan te dui, aangesien die term hier deurgaans gebruik word as verwysing na ’n *omvangryke* en *universele hooftperiode* in die geskiedenis (soos reeds hierbo genoem is; vgl. tweede paragraaf van 2.2.2.7.0).

Deur verskillende tipiese kenmerke van die Postmodernisme te noem, kom daar wel ’n aanvoeling vir wat tuis hoort in die denkklimaat van Postmoderniteit. Die volgende kan aangestip word:

- (i) *Multidimensionaliteit* en *oënskynlike onbepaalbaarheid* van teksbetekenis (Cilliers, 2002:22) is ’n tipiese vertrekpunt in die Postmodernistiese denke (Hassan, 1987a:445). Opskorting en uitstel van elke eksklusiewe keuse en enige finale oordeel is kenmerkend van dié soort denke (Du Plooy, 1998a:78) – sowel op wetenskaplike (intellektuele) as estetiese gebied (Ijsseling, 1998:57; vgl. Vos, 2000:179). Die Postmodernistiese literêre teorie stel byvoorbeeld dat daar nie slegs enkellynige of een enkele betekenis in taaltekste is nie (Du Plooy, 1998a:87; vgl. in dié verband Howard Felperin se oorsig oor die resepsie van Shakespeare-sonette en die nuwe lesing wat hy aanbied – Felperin, 1985:147-199). Meervoudigheid (multidimensionaliteit) van teksbetekenis word beklemtoon. Hierdie opskorting van ‘finale’ tekslesings hang in ’n sin saam met die onsekerheid, epistemologiese twyfel, skepsis en voorlopigheid van die Modernisme (vgl. weer 2.2.2.6.0 (ii), (iii) en (vi)).
- (ii) *Indiividualisering* is ’n besondere kenmerk van die Postmodernisme. Die einde van die sogenaamde groot verhale of ‘meesterverhale’ het aangebreek (vgl. Breytenbach, 1997:1161-1186; Lyotard, 1984:xxiv; Johnson, 2001:5).

Lyotard se onderskeiding tussen ‘*métarécits*’ en ‘*petits récits*’ in sy 1984-publikasie met die titel *The Postmodern Condition: a report on knowledge* (wat al deur sommige die ‘bybel’ van die Postmoderne beweging genoem is) het die aandag gevestig op narratiewe wat pretendeer om universele waarhede bloot te lê. Dit is belangrik om te onthou dat hierdie onderskeid nie primêr met grootte of omvang te make het nie, maar met geloofwaardigheid (Du Plooy, 1998a:76; vgl. Van Heerden, 1997:44). *Métarécits* is nie meer geloofwaardig nie; intendeel: binne ’n Postmoderne perspektief is daar ’n grondige wantroue teen meesternarratiewe (Breytenbach, 1997:1165). Dit word bevestig deur die ineenstorting van elke globale visie wat voorgee om alles te kan verklaar en alle probleme te kan oplos (Ijsseling, 1998:55; vgl. Vos, 2000:179). Die gevolg is ’n deurlopende sinisme teenoor die waardes en lofwaardige doelstellings van die verlede (Johnson, 2001:5). Daar het net ‘klein’ verhale oorgebly (*petits récits*), dit wil sê fragmentariese analises en voorlopige oplossings (Vos, 2000:179; Viljoen, 1995:397). ‘*Totalization*’ word totaal(!) afgewys (Hassan, 1987a:445). *Postmodernisme* word ’n term “...to designate a bewilderingly diverse array of ‘little narratives’” (Waugh, 2001:290). Die individualisering is dus in ’n sekere sin probleemoplossings wat in ’n eie verhaal geprivatiseer word.

- (iii) *Pluralisme* is ’n verdere besondere kenmerk van die Postmodernisme (Brueggemann, 1993:vii; vgl. Van Peursen, 1995:10; Vos, 2000:180-181). Dit vloei logies voort uit die individualisering waarna pas in (ii) verwys is. Pluralisme in godsdiens word in Postmoderne denke as ’n werklikheid erken en geakkommodeer. Die Christendom se hegomonie van eeue (soos dit in die Westerse kultuur gegeld het) word vervang met die pluralisme van ’n pluralistiese gemeenskap wat saamgestel word uit die toenemende getalle van Moslems, Buddhiste, Jode, humaniste en mense van ander oortuigings (Anderson, 2000:9).
- (iv) Daar word – veral wat die benadering van Bybeltekste betref – aangedring op aanvaarding dat daar ’n *egalitiese* verhouding tussen (selfs teenstrydige) standpunte bestaan. Elkeen se sienswyse moet gerespekteer en erken word as gelyk(waardig) aan ander se sienswyses (Carroll, 2003:61; vgl. ook Foshaugen, 1999:3).
- (v) Soos Modernisme *godsdiens* bevraagteken het, bevraagteken Postmodernisme die *rede*. Daar kan daarom meer as een moontlike waarheid oor dieselfde aangeleentheid wees: reg en verkeerd word vervang met *geldig* en *óók geldig*. Die slagkrete van die beweging is ‘*nothing is sacred*’ en ‘*everything goes*’ (Vorster, 1999:11; vgl. ook Van Deventer, 2001:72).

- (vi) Die klem wat die Modernisme se ‘objektiewe’ variant (vgl. 2.2.2.6.0) op die objek en op objektiwiteit geplaas het, word in die Postmodernisme verplaas na die *subjek*: die mens en sy ervaring. Wat historisiteit betref, is die Moderne ideaal van objektiwiteit byvoorbeeld laat vaar. Geskiedenis en geskiedskrywing word in die Postmoderne klimaat as ’n verbeeldingryke rekonstruksie van die verlede beskou. Die grense tussen feite en fiksie het verdwyn, want neutraliteit is vir niemand moontlik nie (Strauss, 1998:102). Niks is meer absoluut nie (vgl. weer (i) hierbo). Universele waardes soos waarheid en vryheid word nie meer nagejaag nie – eerder intellektuele bevoegdheid (Van Huyssteen, 1999:43; Vos, 2000:179-180; Herholdt, 1998b:216). *Waarheid* as ’n objektiewe realiteit bestaan nie (Janse van Rensburg, 2000:9). Alles word relatief, omdat alles vloei (*panta rei*; vgl. weer Cilliers, 2002:22; Janse van Rensburg 2000:13). Anderson praat van die ‘*relativity of truth*’, omdat die mens ’n beslissende rol speel in die skepping van ’n ‘wêreld’ deur taal. Hierdie wêreld is ’n kreatiewe projeksie van die ‘*knowing self*’ of die gemeenskap waartoe h/sy behoort. Daar is geen werklikheid buite die gekonstrueerde werklikheid wat deur die gebruik van metafoor en antropomorfiese taaluitdrukking geskep en herskep word nie (Anderson, 2000:8; vgl. ook Johnson, 2001:6). Dit gaan oor die *representasie in taal* as sentrale probleem. Die kennende subjek werk met die kenbare objek, maar, anders as in bogenoemde vorm van die Modernisme, is die objektiewe sekondêr en in elk geval steeds vloeibaar. Waar die Modernistiese kunstenaar gedink het dat die werklikheid ongrypbaar is en h/sy daarom ’n tekstuele (estetiese) werklikheid skep waarop daar dan wel ’n greep verkry kan word, aanvaar die Postmodernistiese kunstenaar dat daar ook nie op ’n teks ’n greep gekry kan word nie. Taal is magtig, maar terselfdertyd ontoereikend. Die insigte wat die gebruikmaking van metafore en simbole oplewer, kan selfbedrog wees. Die Postmodernis toon die buitewêreld in al sy ondeurdringbaarheid (Van Heerden, 1997:26). Ook die talige werklikheid is vanweë sy taligheid vlugtig en relatief. Omdat betekenis nêrens setel nie, omdat tekens leeg is of op hulle beste relatief, volg dit dat die werklikheid nie kenbaar is nie, nie begryp kan word nie – dat dit selfs nie bestaan nie (Du Plooy, 1998a:81; Viljoen, 1995:402). Omdat die mens die ervarende en tegelyk kreatiewe subjek van sy gekonstrueerde wêreld is, is dit dus noodwendig so dat *subjektiwisme* en *relatiwisme* die Postmoderne denke kenmerk.
- (vii) Die siening dat die deur-taal-gekonstrueerde werklikheid die enigste werklikheid is, hou in dat daar geen kenbare werklikheid ‘anderkant’ en buite taal bestaan nie. Daar is net ’n ‘wêreld van woorde’. Taal het geen referensie buite homself nie en kan daarom nie na iets soos ’n eksterne realiteit of na (’n)

G(g)od verwys nie, ook nie na die teenwoordigheid daarvan of van H(h)om nie (Anderson, 2000:12-16; Strauss, 1998:102). Die bestaan sowel as die teenwoordigheid van die *transendente* word dus ontken.

- (viii) In teenstelling met die Modernisme se geringskatting van die waardes, perspektiewe en persoonlike geloof van die mens – vgl. weer 2.2.2.6.0 (iv) – erken Postmoderne denke tog die deurslaggewende rol van voorveronderstellings in die denke van die mens (Vorster, 1999:11).
- (ix) Woorde en betekenis staan nie in 'n eenvoudige verhouding tot mekaar nie. Betekenis word deur 'n hoogs *kreatiewe interaksie* bepaal (Vergeer, 1999:13). Die ontvangs of resepsie van 'n teks deur die leser is daarom van groot belang in die vasstelling van die betekenis van die teks.
- (x) *Dekonstruksie* is 'n verdere kenmerk van die Postmodernisme. Dit het via Post-strukturalisme ontstaan as 'n reaksie op die strukturalisme wat die verhouding tussen taaltekens (*betekenaar*) en saak in die werklikheid (*betekende*) ondersoek en gekompliseer het.³⁰ Die strukturalisme het taalpatrone in alle menslike stelsels teruggesoeek, waarop die poststrukturalisme sekere stellings van die strukturalisme verabsoluteer het. Die Franse filosoof Jaques Derrida het 'n groot rol gespeel in die totstandkoming(!) van dekonstruksie. Die beskouing dat elke teks in homself verdeeld is (vgl. Alter, 1992:70), bring mee dat elke konstruksie van betekenis uiteindelik weer gedekonstrueer word.
- (xi) Aandag aan *intertekstualiteit* is 'n laaste tipiese kenmerk van die Postmodernisme wat genoem moet word. Dit is veral die Franse strukturalis Julia Kristeva wat in hierdie verband vermeld moet word. Sy het die werk van die Russiese post-formalis Mikhael Bakhtin, wat op 'n *teksesterne intertekstualiteit* (naas 'n teksinterne intersubjektiviteit) gewys het, aan die Weste bekend gestel (Malan, 1992:187). Kristeva se werk het by dié van Bakhtin aangesluit. In haar 1980-publikasie met die titel *Desire in language* argumenteer sy dat 'n teks die permutasie van tekste is. In 'n gegewe teks deurkruis en neutraliseer tekste mekaar (Kristeva, 2002[1980]). Intertekstualiteit het nie net te doen met teks in die betekenis van die vervlegting van tekens in 'n boek, artikel of gedig nie, maar dit gaan ook oor die meer holistiese beskouing van 'n teks waarin rekening gehou word met die denk-raamwerke van die sender en die ontvanger – uiteindelik die tekstualiteit van alle dinge (Breytenbach, 1997:1166).

³⁰ Sien later die bespreking van Dekonstruksie en Post-strukturalisme in 3.1.2.2.1(ii.iv).

Bo en behalwe die elftal kenmerke van Postmodernisme wat hierbo onderskei is, moet daar in gedagte gehou word dat daar binne die Postmodernisme ook *verskillende variasies* is, wat dan selfs verskillende ‘postmodernismes’ genoem word (vgl. Van Heerden, 1997:41-45). In die Teologie maak die Modernistiese ideaal van objektiewe kennis in die Postmodernistiese konteks plek vir ’n benadering met ’n groter *samehang* tussen die objektiewe en subjektiewe. Herholdt (1998a:459) verwys byvoorbeeld na die variasies in Postmoderne teologiese hermeneutiek en identifiseer by elk enkele verteenwoordigers: die *konstruktiewe* of *revisionêre* benadering (David Griffen, William Beardslee, Joe Holland), die *dekonstruktiewe* of *eliminatiewe* (Jacques Derrida, Jean-Francois Lyotard, Richard Rorty, Mark Taylor), die ‘*restorationist*’ of *konserwatiewe* (William Rutler) en die ‘*liberationist*’ (Cornel West, Harvey Cox). Daarmee bedoel Herholdt nie dat al die verteenwoordigers wat by elke variasie genoem word noodwendig teoloë is nie, maar dat hulle besondere variant van die Postmodernisme ook in die Teologie neerslag vind.

Dit word uit die bostaande kenmerke en variasies binne die Postmoderne milieu duidelik(er) wat die grondige verskuiwings in die denkwys van die mens is wat sedert die vroeë sewentigerjare van die vorige eeu plaasgevind het. By die bestudering van al die literatuur wat ter beskikking was, is dit duidelik dat bostaande eienskappe van die *resente* en *huidige* denkwys wat hom besighou met die ‘benoeming van die onbenoembare’ en ‘voorstelling van die onvoorstelbare’ deur sommige *positief* geëvalueer word, deur ander *negatief* afgewys word en deur ’n derde groep as *gedeeltelik positief* en *gedeeltelik negatief* beoordeel word. Die verskillende reaksies word hier slegs genoem, maar nie verder bespreek nie. ’n Waardeoordeel oor die Postmodernisme word ook nie hier uitgespreek nie. Wat wel van belang geag word, is dat die benadering tot die literariteit van die Bybel binne hierdie konteks ondersoek moet word, aangesien dit ’n onweerlegbare feit is dat Postmodernisme bestaan en sy invloed laat geld op elke terrein van die resente en huidige samelewing, en dus ook op die navorsingsgemeenskap (al is dit dalk net in die opsig dat die invloed daarvan ’n afwysende en negatiewe reaksie by sommige teen dié denkwys oproep).

Wanneer daar teruggekyk word op alles wat oor die verskynsel *Postmodernisme* gesê word, is dit moeilik om ’n samevatting te gee van wat die denkwys presies behels. Moontlik is dit dan ’n uitweg om Bertens en D’haen se voorstel tot die benadering van Postmoderniteit met alles wat dit behels, te aanvaar. Hulle stel voor dat die Postmodernisme nie as ’n definiërende begrip verstaan moet word nie. Hulle sit uiteen hoe dit eerder gesien moet word:

We zien de term...als een *heuristisch instrument*. Met andere woorden, het hanteren van het begrip postmodernisme maakt...een bepaalde invalshoek mogelijk...Het verschaft ons een *interpretatief kader* dat ons in staat stelt dingen te zeggen over een literaire tekst...” (Bertens & D’haen, 1988:9; beklemtoning van JPB).

Van Heerden sluit hierby aan as hy sê dat dit 'n toepaslike siening is, maar dan moet dit slegs as 'n strategiese onderzoekapparaat hanteer word waarmee vanuit 'n spesifieke invalshoek (die Postmodernistiese klimaat) beweeg word na 'n ondersoek wat nie 'n finale waarheid as eindpunt voorsien nie (Van Heerden, 1997:17).

Die oogmerk is om nou vanuit hierdie interpretatiewe kader die benadering van die literariteit van die Bybel in die resente tyd te ondersoek.

Die uitwerking van die Postmodernisme op die benadering van die literariteit van die Bybel word eers nagegaan (2.2.2.7.1). Vervolgens word op 'n spesifieke benadering van die Bybel-as-literatuur gelet (2.2.2.7.2). Afsluitend word 'n samevattende konklusie in verband met die Bybel se literariteit in die resente tyd (die laaste tydvak in die historiese oorsig en ondersoek) geformuleer (2.2.2.7.3).

2.2.2.7.1 Oorsig oor diverse resente benaderings tot die literariteit van die Bybel

'n Sogenaamde *littérature* benadering tot die Bybel in die eerste driekwart van die twintigste eeu is in 2.2.2.6 van twee kante belig: van *littérature* kant (2.2.2.6.1) en van *teologiese* kant (2.2.2.6.2). Die slotsom waartoe gekom is, is dat radikale veranderinge in sowel die Literatuurwetenskap as die Teologie se benaderings tot die literariteit van die Bybel teen die vroeë sewentigerjare gemanifesteer het. Veral deur die innoverende insette van Northrop Frye (van *littérature* kant) en James Muilenburg (van *teologiese* kant) het nuwe insigte ontstaan. Beide het 'n teksbenadering bepleit waarin die literariteit van die Bybel erken moet word en dan van beide kante – die *littérature* én die *teologiese* kant – aandag moet geniet. Die verandering wat deur hulle begin is, het belowend gelyk vir die herwaardering van die Bybel-as-literatuur. Die ondersoek wat nou gedoen moet word, is om vas te stel of dié belofte wel in die resente tyd vervul is/word. Kon/kan die belowende veranderinge in die huidige Postmoderne tydperioode prakties en sinvol realiseer?

Om die vraag te probeer beantwoord, word uitstaande punte in die resente akademiese landskap in verband met die Bybel se literariteit nou geïdentifiseer. Dit word in die bespreking van die onderstaande resente tendense nie weer van twee kante afsonderlik (*littérature* en *teologiese*) belig nie, maar daar word gefokus op waarneembare aspekte van die beskouing van die literariteit van die Bybel in die huidige tydvak.³¹

'n Oorsig oor die nege belangrikste spitse in die resente landskap word nou gegee.

³¹ Vergelyk onder meer Jasper (2003), Green (2003), Van Deventer (2001), Gros Louis (1982), Bal (1987), Sternberg (1985), Ryken (1993b), Deist (1994), Van Gorp (1999) – om eers met enkele bronne te volstaan. Deur die loop van die bespreking van die belangrikste spitse in die resente landskap word nader gedokumenteer.

(i) *Geen gelykvormige benadering tot die literariteit van die Bybel bestaan nie*

Daar moet eerstens opgemerk word dat daar geen konsensus bestaan oor wat 'n literêre benadering tot die Bybel inhou nie. Gevolglik is dit ook nie maklik om vas te stel hoe 'literêr' die Bybel beskou word deur hulle wat daarop aanspraak maak dat hulle wel die Bybel literêr wil benader nie. Literatuurwetenskaplikes, teologiese navorsers en ander wetenskaplikes sien literêre aspekte van die (Bybel-)teks in die reël steeds verskillend.

- *Literatore* kan onder 'n literêre benadering byvoorbeeld steeds verstaan: fokus op die Bybelteks se kommunikasie deur vorm – 'n soeke dus na betekenis wat deur 'n toespitsing van die navorsingsaandag op die vorm en die formele ontsluit kan word. Die fokus is in so 'n benadering op estetika, karakterisering, figuurlike en beeldende taal, die eenheid van die geheelstruktuur – dus op al die onderskeidende kenmerke van literatuur wat in 2.2.1.2 uiteengesit is. Die klem is sterker op die sinchroniese as op die diachroniese aspekte van 'n teks, meer op teksinterne as op teks-eksterne aangeleenthede.
- *Teoloë* (sekeres) verstaan onder 'n literêre benadering steeds die nagaan van literêre aangeleenthede 'agter' die teks (vgl. die verskillende 'kritieke' of '*Geschichten*' in 2.2.2.6.0 – soos byvoorbeeld die redaksionele vormings-proses van die Bybelboeke). Gros Louis noem dié benadering *historiese kritiek* en verwys na 'n aantal vroeëre Bybelwetenskaplikes wat die term *literêre kritiek* in dié betekenis verstaan en gebruik het (Gros Louis, 1982:15-17; vgl. ook Van Deventer, 2001:17). Dié vroeëre Bybelwetenskaplikes word in die resente tyd steeds deur sommige daarin gevolg.
- *Wetenskapsfilosowe* – soos Van Gorp (1999) – lê op hulle beurt klem op interdisiplinariteit en selfs multidisiplinariteit en meen dat 'n literêre benadering altyd daaraan gekoppel is en daarmee rekening moet hou.

Boeke en artikels wat in die resente tyd daarop aanspraak maak dat hulle 'n literêre gesigshoek op die studie van Bybeltekste open, word dus moeilik geklassifiseer, aangesien daar nie uitgesproke gemeenskaplike kriteria vir sodanige 'literêre' aansprake is nie.

(ii) *Verskuiwing van fokus*

Alhoewel dit in die lig van wat pas in (i) opgemerk is, moeilik is om vas te stel wat in die resente verlede en op die oomblik presies met 'n literêre benadering tot die Bybel bedoel word, is dit tog duidelik dat dit minstens beteken dat daar by navorsers 'n nuwe aksentuering van die Bybel-as-literatuur ontwikkel het. Die fokus het begin wegskuif van teks-*evolusie* na teks-*struktuur* en teks-*betekenis* (Deist, 1994:335).

In die historiese benadering (met die fokus op teks-*evolusie*) is die Bybelteks minder geëvalueer vir wat hy werklik is as vir wat hy sou openbaar oor ander vermeende tekste en gebeure waartoe daar nie direkte toegang bestaan nie. Dit het in 'n groot mate die aandag afgelei van die beskouing van die Bybelse narratief, poësie en profesie as *literatuur* (Alter & Kermode, 1988:3-4). Hierdie historiese benadering in die verklaring van die Bybel het egter begin wegskuif van so 'n fokus op teks-*evolusie* en begin plek maak vir 'n literêre benadering waarin navorsers ook (en selfs uitsluitlik) erns met 'n verskeidenheid literêre aspekte in die teks self maak (Van Deventer, 2001:5). Die teks se oorsprong, voorgeskiedenis en literêre groei word as't ware selfs geïgnoreer. Die klem het dus begin wegskuif van 'n diachroniese lesing van die teks. Tekste word nou (byna) uitsluitlik sinchronies gelees (Geller, 1983: 5). *Sinchronie* is sedert die laat sestigerjare byna 'n magiese woord. Die term het vir sommige sinoniem met *tydloosheid* geword. Maar Deist voer aan dat dit nie die betekenis van sinchronie kan/mag wees nie: *sinchronie* beteken om die betekenis van woorde en tekste nie te interpreteer met verwysing na hulle evolusie oor tyd nie, maar om hulle ernstig op te neem as woorde en tekste van 'n spesifieke *periode* (Deist, 1994b:328). Jasper praat van die “*intrinsic relationships between and within the texts of literature*” wat ondersoek word (Jasper, 2003:21). Dit is dus duidelik 'n beweging in die rigting van 'n sinchroniese benadering van die Bybelteks – *sinchronies* dan verstaan soos Deist dit verklaar.

Die beklemtoning van die sinchroniese tekslesing verplaas die aandag ook noodwendig na die wêreld ‘vóór’ die teks.³² Die sogenaamde *rol van die leser* (wat ‘voor’ die teks is) moet in die bepaling van teksbetekenis in ag geneem word. Die teks word nie meer as 'n geslote sisteem gesien nie (Van Deventer, 2001:5).

³² Vergelyk weer 2.2.2.6.1(iii) vir Wegener (1985:101) se interpretasie van Frye se bydrae in dié opsig.

Met so 'n sinchroniese benadering word die klem dus nie uitsluitlik op die teks-immanente of -intrinsieke geplaas nie, maar word ook met name die “*intertext of the biblical authors’ cultural assumptions*” bedoel (Deist, 1994:335). Dit is nie 'n diachroniese terugskouing in die ontstaans-geskiedenis van 'n teks nie (wat kenmerkend van die historiese benadering is/was), maar 'n bepaling van die sinchroniese konteks waarin die teks sy finale neerslag gevind het en die konteks waarin die teks nou (by die lees en interpretasie daarvan) figureer. *Sinchronie* of *sinchronies* ten opsigte van die benadering van die Bybelteks word in dié sin verstaan as die teks binne sy ontstaanskonteks *plus* die teks binne sy ontvangskonteks, wat ook latere ontvangskontekste as die eerste ontvangs daarvan (deur die sogenaamde ‘eerste lesers’) kan wees. Dit kan/wil dus die ontvangs van 'n/die resente leser(s) ook in berekening bring.

(iii) *Voorkeur vir 'n bepaalde literatuursoort (genre) in die Bybel*

As daar op sogenaamde *littérature* studies van die Bybel gelet word, is dit duidelik dat *littérature* benaderings tot die Bybel vandag byna sinoniem is met 'n belangstelling in die *verhale* of *narratiewe* van die Bybel. Talle publikasies wat in die resente tyd die lig sien, illustreer die besondere belangstelling in die narratiewe stof van die Bybel en die gepaardgaande narratologiese verklaring van die Bybel-narratiewe. 'n Seleksie uit die talryke bronne wat vir hierdie studie geraadpleeg is, maar wat uiteraard nie al die publikasies in dié veld kan verteenwoordig nie, word in 'n bylaag by hierdie studie, Addendum A, gegee; nege bronne/artikels wat sedert 1991 spesifiek oor die narratief van die Openbaringsboek die lig gesien het, is ook vir die beknopte oorsig geselekteer.³³

Hierdie groot belangstelling van die resente tyd in die narratief-genre van die Bybel heers (minstens gedeeltelik) ten koste van belangstelling in ander genres in die Bybel. Dit is in skerp teëstelling met die vroeëre *littérature* benaderings wat hoofsaaklik op die poëtiese dele van die Bybel gekonsentreer was, soos byvoorbeeld die werk van Sir Philip Sidney tydens die Renaissance-/Reformasietyd en dié van Robert Lowth gedurende die Romantiek (sien onderskeidelik weer 2.2.2.4.3-2.2.2.4.4 en 2.2.2.5.1).

Die positiewe van 'n narratologiese *littérature* benadering is dat – waar die poëtiese dikwels ingebed is in die verhale of narratiewe van die Bybel –

³³ Die lys sou verder uitgebrei kon word as wat in die seleksie weergegee is. Daar word nie op volledigheid aanspraak gemaak nie. Daar is ook nog ander publikasies waarin wel spesifiek op narratiewe in die Bybel en die narratologiese analisering daarvan gekonsentreer word, maar waar dit nie soos in die geselekteerde lys in Addendum A reeds uit die titels van die werke duidelik is dat dit daaroor handel nie.

narratologiese lesings die wedersydse betekenisbeïnvloedende verhouding waarin prosa en poësie tot mekaar staan, kan ontleed. Die poëtiese gedeeltes behoort daarom nooit die aandag van narratologiese ondersoek te ontsnap nie. Die poëtiese speel immers 'n belangrike rol in die ontplooiing van die narratief, terwyl die narratief omgekeerd ook betekenisontsluitend met betrekking tot die poëtiese elemente wat in sy ontwikkelingsverloop ingebed is, verklaringslig kan werp.³⁴

Die resente tendens van 'n voorkeur vir die narratief-genre van die Bybel het selfs tot 'n *globale* narratiewe benadering ontwikkel – dus verder as om net die Bybel se onderskeie narratiewe te ontleed. In 'n globale narratiewe benadering word die Bybel in sy geheel gesien as 'n aaneenskakelende en aaneengeskakelde narratief. Dit herinner aan wat Frye vroeër reeds betoog het.³⁵ Die betekenis van *narratief*, word beweer, hou voordele in vir die religieuse lees van die Bybel deur daarop te let dat geloof en lewe gesitueer is binne die “*grand narrative of Scripture, extending from Genesis to Revelation*” (Green & Pasquarello, 2003:9-10). So 'n lesing kontinueer die Bybelse narratief in die geloof en getuienis van die kerk. God se tekstuele Selfopenbaring het hiervolgens dus 'n narratiewe inhoud, konteks en uitwerking. Sy openbaring is onlosmaaklik gekoppel aan sy daad en die gebeure wat verhaal word. “*This understanding of God is 'storied'*”, sê Green, die inhoud van die openbaring word beliggaam en geléëf (Green, 2003:13). God se attribute word nie sonder meer net in die Bybel opgenoem nie, maar sy Persoon verrys as't ware en kom te voorskyn in verskillende kontekste van gebeure en verhoudings. Hy tree in 'n openbaringsdramatiek op, waarin sy daad en sy deugde gestalte kry. – En Hy word spesifiek binne narratiewe konteks in himniese poësie besing, dikwels in die Ou-Testamentiese narratiewe (vgl. Eksodus 14 en 15), maar veral in die Nuwe Testament (byvoorbeeld in die Evangelies volgens Lukas en Johannes en in Openbaring).

Die huidige tendens met sy voorkeur vir die Bybel-narratief en die narratief van God se groter tekstuele openbaring in die daad wat beskryf word, is in die resente tyd dus 'n bevestiging van een van die onderskeidende eienskappe van literatuur, naamlik dat dit (n) werklikheid *voorstel* en nie maar net daarvan vertel nie. Dit wil dus (n) werklikheid ‘*opvoer*’, nie net *informeer* nie (vgl. voer by 2.2.1.2(i); vgl. verder ook Sir Philip Sidney se eerste sleutelbegrip in

³⁴ Dit sal later uit die toegespitste bestudering en ontleding van die Openbaringboek duidelik word (vgl. Deel 3, Hoofstukke 5 en 6).

³⁵ Vergelyk vroeër in die historiese oorsig by 2.2.2.6.1(iii) Northrop Frye se woorde (reeds in die eerste driekwartdeel van die twintigste eeu): “... *the Bible is a definite myth, a single archetypal structure extending from creation to apocalypse* (Frye, 1957:315).

die Renaissance-/Reformasietyd, 2.2.2.4.3). Die tekstuele openbaring van God is narratief van aard. Goldingay sit dit uiteen in 'n artikel waarin hy die verhouding tussen '*Biblical narrative and Systematic Theology*' bespreek (Goldingay, 2000:123-142). Voortspruitend uit die besondere aandag aan die narratiewe in die Bybel verwys Sauter en Barton op hulle beurt na 'n "*theology of 'story'*" (Sauter & Barton, 2000:4). Die openbaringsdramatiek word sodoende gelees as die oorsaak en bron van die geloofservaring waarin God se verhaal gegiet en voortgesit word.

(iv) *Komplekse benadering tot die Bybelliteratuur*

Tipies van die Postmoderne denkwys is dat dit gekenmerk word deur 'n bewustheid van die multidimensionaliteit van betekenis (vgl. 2.2.2.7.0(i) hierbo). Literatuur – spesifiek ook Bybeltekste – word *kompleks* benader. Daar word na oorspronklike interpretasies of lesings van die verhale gestreef. Die kompleksiteit is dan daarin geleë dat daar spesifiek op die problematiese gekonsentreer word. 'n Eindelose komplisering van kwessies en 'n fokus op die 'alternatiewe' perspektief, saam met die uitstel van finale betekenis, is deel van die Postmodernistiese benadering tot tekste (Du Plooy, 1998a:78). Alternatiewe lesings en '*counter readings*' van die dominante lesings (of betekenis) van tekste is/word in spel gebring.

Mieke Bal, 'n bekende en invloedryke literatuurwetenskaplike (soos later in hierdie studie sal blyk – sien Hoofstuk 4), se feministiese lesings van Bybelse verhale in haar publikasie met die titel *Lethal love: feminist literary readings of Biblical love stories* (1987) kan as voorbeeld van so 'n fokus op die problematiese genoem word. Sy stel duidelik dat haar interpretasies van die Bybelverhale anachronisties is indien iemand 'n sogenaamde *oorspronklike* betekenis van die verhale daarin sou wou vind. Wat sy aanbied, is 'n alternatief tot ander lesings (Bal, 1987:132).

Bal verklaar wat haar doel in 'n feministiese benadering tot die Bybel is: "...*breaking open the too monolithic readings projected on the Hebrew love stories*" (Bal, 1987:132). Nadat sy in 'n inleidende hoofstuk (1987:10-36) oor die "*emergence of the lethal woman, or the use of hermeneutic models*" gehandel het (sy noem dit 'n '*exercise in comparative hermeneutics*' – 1987:35), maak sy die belangrike opmerking:

As a case of figurative language, an intertextual metaphor, it is an extremely sophisticated piece of literature...As an example as well of extremely complex confusion of gender relations, it makes a case for a problematic of representation as related to gender. (Bal, 1987:36.)

So 'n komplekse, alternatiewe benadering bemoeilik uiteraard die bepaling van betekenis. Betekenis word arbitrêr. Vertolking en interpretasie word ambivalent.

Dit lei tot die bespreking van 'n volgende opvallende kenmerk in die resente benadering tot die literariteit van die Bybel.

(v) *Ambivalensie en oënskynlike onbepaalbaarheid van betekenis*

Met die komplekse benadering waarin daar na oorspronklike en alternatiewe lesings van Bybelverhale gestreef word, gaan twyfelagtigheid en selfs 'n onbepaalbaarheid van betekenis gepaard (Strydom, 2003:53).³⁶

Die ambivalensie in die Bybelse narratiewe is volgens Sternberg teen die verwagting in:

Instead of polarizing the reader's emotional and ethical response in line with some preconceived scheme of values, the Bible habitually generates ambivalence ... Rather than aligning divine election and moral stature, it usually foregrounds its discordance. (Sternberg, 1985:38.)

Josipovici merk op dat navorsers se interpretasies van die Bybel dikwels nuwe probleme oproep die oomblik wanneer dit lyk of hulle ander oplos (Josipovici, 1988:300). Sodra betekenis bepaal is, ontstaan daar nuwe konflikte. “*When we think we have found at last a place from which to interpret we find that it too is subject to conflicting interpretations*” (Josipovici, 1988:82). Dit is in 'n bepaalde sin in lyn met wat Alter die *fundamentele dogma* van die dekonstruktiewe benadering van tekste noem: “*every text is divided against itself*” (Alter, 1992:70). Alle taaltekste is – so gesien – onmagtig om betekenis te stabiliseer. Bepaling van betekenis word voortdurend uitgestel (Grant, 1989:6).

Betekenis word dus uiteindelik haas onbepaalbaar. Dit veroorsaak 'n belangrike volgende tendens wat in die resente benadering van die Bybel-as-literatuur onderskeibaar is.

(vi) *Die Bybel se literariteit word gedesakraliseer*

Bogenoemde benadering waarin betekenis uiteindelik haas onbepaalbaar word deur die ambivalensie in betekenis en die uitstel van betekenisvasstelling, het

³⁶ In 2.2.2.7.0(i) is dit reeds as 'n kenmerk van Postmodernisme uitgewys (vgl. ook 2.2.2.7.0(x)).

implikasies vir die betekenis wat die inhoud van die Bybel kommunikeer. Die gesag en aanspraak van die Bybel kom in gedrang. Dit lei tot 'n standpunt dat die Bybel nie definitiewe religieuse waarheid bevat nie, of dat die 'hoe' van die Bybelse geskifte alles is en die inhoud daarvan nie ter sake is nie. Dit word '*antididacticism*' genoem (Ryken, 1993b:62-63). Sternberg sê dat die Bybel-narratiewe '*every law*' wat didaktiese verhale kenmerk, verbreek (Sternberg, 1985:37-38). Aan die einde van haar literêre bestudering van die '*love stories*' van die Bybel gaan Bal selfs so ver om eksplisiet te verklaar: "...the point of literary analysis is that there is no truth" (Bal, 1987:132). Dit sluit aan by die feit dat die meeste huidige literêre kritiek van die Bybel 'n gehoor veronderstel wie se belangstelling eerder literêr-analities as religieus is.

Wat vanuit 'n religieuse vertrekpunt as die oogmerk van die Bybelskrywers beskou word, naamlik die skriftelike tekstualisering van geopenbaarde goddelike waarheid, word sodoende nie gehandhaaf nie. Die Bybel word gedesakraliseer (vgl. weer 2.2.2.7.0(v) hierbo). Wat dus van die Bybel oorbly, is dat dit 'net' literatuur is, maar literatuur dan sonder '*wáár*'-inhoud en/of *wáre* inhoud.

(vii) *Vermidding van estetiese en retoriese konvensies*

'n Verdere tendens te midde van die diversiteit van literêre benaderings in die resente tyd is dat klassieke estetiese en retoriese beginsels skaars in die analisering van tekste figureer. Uitleg van tekste is dus nie in die sentrum van die aandag nie. Kommentaar op eenheid en samehang in 'n literêre werk word byvoorbeeld vermy. Dit is reeds vroeër gestel dat 'n onderskeidende kenmerk van literatuur juis is dat 'n literatuurteks – om as literatuur geken en herken te word – samehang en eenheid vertoon (vgl. weer 2.2.1.2). Dit is selfs beskou as die belangrikste beginsel in die benadering en bestudering van 'n teks.

Hierdie tendens kan aan die hand van die ontleding van narratiewe geïllustreer word, aangesien die mees voor die hand liggende element van literêre eenheid in *narratiewe* eenheid uitgedruk word. In 2.2.1.2(vi) is aangetoon dat die Bybel literêr gekenmerk word deur sy eenheid en samehang. Die Bybel, geheel-genome, is 'n geskrewe taalkuns in Klassieke verhaalstyl, met ander woorde verhale met 'n *begin* (die skepping van die heelal), 'n *middelstuk* (die geskiedenis van die gevalle mensdom en die herstel wat gekom het) en 'n *einde* (die voleindiging van die geskiedenis in die finale oorwinning oor die bose). Dit is die Klassieke beskouing van verhaalkonstruksie soos dit deur Aristoteles in sy *Poëtica* geformuleer is (*Poëtica*, 50, kolom b, reël 23; in De

Kock & Cilliers, 1991:13). Harold Fish noem egter kommentaar op die Bybel wat hierdie Klassieke retoriese fasette probeer blootlê (ook in kleiner, afsonderlike narratiewe Bybeltekste) 'n *fout* (vgl. vir sy beredenering: Fish, 1988:38-39).

Holistiese en geïntegreerde lesings van tekste word dus in die resente tyd vermy. Literêre benaderings konsentreer verkieslik op mikroskopiese analises. Die eenheid is van minder belang. 'n Voorbeeld is Sternberg se uitgebreide bespreking van die Dawid-Batseba-Uria-geskiedenis. Sy werk onder meer in haar lang detail-analising met 'n 'twofold'- en 'n 'three-way'-hipotese (Sternberg, 1985:190-222; sien veral 201-213), terwyl die geheel in uitgesponne kommentaar op kleiner dele versand.

Die resente neiging tot nalating van kommentaar op algemene estetiese en retoriese elemente in die analisering van literatuurtekste – waaronder ook die Bybel – hou waarskynlik verband met 'n verdere tendens in die resente tyd.

(viii) *Teorie en teorieaanwending prominenter as teks*

Waarom estetiese en retoriese konvensies in die analisering van tekste nie sterk in die resente tyd figureer nie, kan moontlik aan meer as een oorsaak toegeskryf word. Die waarskynlikste oorsaak daarvan is die feit dat heelwat literêre benaderings tot die Bybel nie in die eerste plek in die teks wat bestudeer word, geïnteresseerd is nie. Twee aanhalings wat uit baie geselekteer kan word, staaf hierdie stelling.

- Kermode maak heel aan die begin van sy 1979-publikasie (wat sedertdien beduidende invloed op literêre benaderings tot die Bybel het) duidelik waaroor sy boek gaan: “*This book is about interpretation, an interpretation of interpretation...*” (Kermode, 1980[1979]:2).
- Bal eindig haar bespreking van die Dawid-Batseba-verhaal in haar 1987-publikasie met die opmerking: “*The real issue of the discussion was not the text but the critics*” (Bal, 1987:36).

By die nagaan van Powell (1992) se geannoteerde bibliografie van publikasies wat spesifiek oor literêre teorieë en metodes in die bestudering van die Bybel handel, kom die navorser onder die indruk daarvan dat teorie en interpretasie inderdaad geweldig baie klem in die resente tyd ontvang, veral in die tagtiger- en negentigerjare van die vorige eeu. Laasgenoemde dekades was 'n tyd van teoretiese hipertrofie. Dit het in dié fase gegaan oor ‘*poetics*’. Publikasies in

dié veld sedert die sewentigerjare van die vorige eeu is 'n aanhoudende – en stândhoudende – stroom. Dit is in baie gevalle sonder meer duidelik uit die titels van boeke en artikels.³⁷ Sedert die eeuwending is die tekens daar dat die sterk klem op teorievorming begin afneem. Daar word nou in 'n post-teoretiese fase inbeweeg waarin die aksent op die aanwending of 'toepassing' van teorieë val.³⁸

(ix) *Vroeër gevestigde benaderings te midde van resente diversiteit*

'n Kenmerk van die Postmoderne resente tyd – so is reeds genoem – is dat 'n onderliggende gees van *pluralisme* alle gemotiveerde en verantwoorde standpunte as aanvaarbaar kan akkommodeer. Omdat daar 'n pluralisme ten opsigte van godsdiens bestaan (vgl. 2.2.2.7.0(iii) hierbo), is dit te verwagte dat dit ook ten opsigte van verskillende benaderings tot die Bybel so sal wees. Solank standpunte gemotiveer en verantwoord word, is alle standpunte in die denkwys van die resente tyd gelykwaardig en moet dit so gerespekteer word (vgl. ook weer 2.2.2.7.0(iv) vir die *egalistiese* tendens in die resente tyd).

Standpunte en benaderings wat in vroeëre periodes sterk gefigureer het (of sekere fasette daarvan wat die grondslag daarvan gevorm het) kan daarom in die resente tyd steeds aanvaarbaar wees. Kragtens die aard van die Postmoderne denkwys bied die Postmodernisme ruimte vir 'n verskeidenheid van moontlikhede, ook dan vir benaderings wat byvoorbeeld vroeër gefigureer het. Die toepassing – met motivering, aanpassing en verdere uitbouing – van bekende, gevestigde navorsingsmetodes is steeds geldig. Vroeër gevestigde waarderings van die literariteit van die Bybel in benaderings tot die Bybel-as-literatuur is dus steeds moontlik in die resente tyd met sy baie en wyd uiteenlopende vertrekpunte, standpunte en benaderings. Dit op sigself vorm

³⁷ 'n Paar titels (ook van meer resente publikasies as dié wat in Powell se 1992-geannoteerde bibliografie opgeneem is) van navorsingsliteratuur wat in hierdie studie se bibliografie aangedui word, is genoegsaam om ter illustrasie genoem te word: *The poetics of prose / La Poétique de la prose* (Todorov, 1977[1971]); *Poetics and interpretation of Biblical narrative* (Berlin, 1983); *The Bible and the reader: an introduction to literary criticism* (McKnight, 1985); *The poetics of Biblical narrative* (Sternberg, 1985); *Words and the Word: language, poetics and Biblical interpretation* (Prickett, 1986); *Poetry with a purpose: Biblical poetics and interpretation* (Fish, 1988); *The book and the text: the Bible and literary theory* (Schwartz ed., 1990); *Beyond form criticism. Essays in Old Testament literary criticism* (House ed., 1992); *The new literary criticism and the Hebrew Bible* (Exum & Clines, eds., 1993); *Narrative art in the Bible* (Bar-Efrat, 2000[1989]); *Poetics of Biblical narrative* (Amit, 2001a); *Reading biblical narratives. Literary criticism and the Hebrew Bible* (Amit, 2001b).

³⁸ Ter illustrasie van die 'toepassing' van byvoorbeeld gevestigde literêr-narratologiese teorie in die huidige postteoretiese fase (die eerste dekade van die nuwe millennium) kan James Resseguie se *Narrative criticism of the New Testament* (2005) genoem word (vgl. ook by (iii) hierbo). Aan die hand van bekende narratologiese konsepte soos tydruimtelike *plasing* ('setting'), *karakter*, *fokalisasie* en *plot* word narratiewe van die Nuwe Testament geanaliseer – met '*freshness*' en '*excitement*' (Resseguie, 2005:11).

juis deel van die diversiteit van die resente tyd dat standhoudende en terugkerende benaderings steeds bestaansreg mag hê.

Ná die oorsig en beskrywing van tendense in die resente tyd in verband met die beskouing van die literariteit van die Bybel en die benaderings wat gevolg word, is die vraag of die veranderinge wat deur die innoverende insette van Northrop Frye en James Muilenburg geïnisieer is, wel prakties en sinvol in die Postmoderne tydperioed neerslag gevind het. Dié vraag moet nou in die lig van bostaande oorsig beantwoord word. Daar is sekere positiewe ontwikkelinge in die rigting van Frye en Muilenburg se pleidooie waar te neem, maar daar is ook sekere negatiewe aspekte wat nie hulle vooruitsig op gebalanseerde literêre studie van die Bybel dien nie.

- Wat as *positief* aangemerkt kan word, is die tendense wat in punte (ii) en (iii) hierbo genoem word.

- *Eerstens:*

Die algemene verskuiwing van fokus in die resente tyd (die fokus wat begin wegskuif het van teks-*evolusie* na teks-*struktuur* en -*betekenis*, soos in (ii) hierbo aangetoon is) kan waarskynlik as 'n terugkeer tot die Bybel-as-literatuur vertolk word. Navorsers het in mindere of meerdere mate erns begin maak met 'n verskeidenheid literêre aspekte in die teks self. Dit hou groot moontlikhede in vir die (her-)waardering van die Bybel as 'n gebundelde versameling van egte literatuur wat as literatuur gelees wil word, en nie “as *scrapbook of corruptions, glosses, reductions, insertions, conflations, misplacings, and misunderstandings revealed by the analytical critic*” behoort gelees te word nie (Frye, 1957:315; vgl. die volledige aanhaling van Frye se woorde in 2.2.2.6.1(iii)). Dit is 'n beweging in die rigting van 'n sinchroniese benadering van die Bybelteks. Die Bybelteks word benader as 'n interteks binne sy ontstaanskonteks (“*intertext of the biblical authors' cultural assumptions*”; Deist, 1994: 335), plus die teks binne sy ontvangskonteks (wat ook latere ontvangskontekste as die eerste ontvangskonteks, byvoorbeeld dié van 'n/die resente leser(s), in berekening bring; vgl. weer (ii) hierbo). Met hierdie verskuiwing van fokus van *diachronie* na *sinchronie* in teksbenadering word nie noodwendig geïnsinueer dat die geskiedenis van 'n teks onbelangrik is nie.

- *Tweedens:*

Die voorkeur vir die Bybelse narratief-genre in literêre benaderings tot die Bybel (in (iii) hierbo bespreek) kan in een opsig 'n groot wins vir betekenisontsluiting wees: 'n *narratologiese* literêre benadering kan – waar die poëtiese dikwels in die narratiewe van die Bybel ingebed is – die betekenisbeïnvloedende verhouding waarin prosa en poësie tot mekaar staan, ontleed. In so 'n benadering behoort die poëtiese gedeeltes nie die aandag van die ondersoeker te ontsnap nie. Die poëtiese speel immers 'n belangrike rol in die ontplooiing van die narratief, terwyl die narratief omgekeerd ook betekenisontsluitend met betrekking tot die poëtiese elemente wat in sy ontwikkelingsverloop ingebed is, kan wees (sien weer (iii) hierbo; dit sal later ook duidelik uit die bestudering van die Openbaringboek in Hoofstukke 5 en 6 blyk).

- Aan die *negatiewe* kant moet feitlik al die ander sake wat hierbo gestel is, genoem word.

Die resente tendense wat nie die pleidooie van Frye en Muilenburg gunstig gesind is nie, is: die komplekse benadering tot die Bybelse literatuur; die ambivalensie en oënskynlike onbepaalbaarheid van betekenis wat deur sommige nagestreef word; die desakralisering van die Bybel deur die gesagvolle inhoud daarvan in ambivalensie en meerduidigheid van betekenis te laat verdwyn deur die aandag as't ware op 'vorm-minus-boodskap' toe te spits; die klaarblyklike vermyding van estetiese en retoriese konvensies in baie van die huidige literêre benaderings; die benadering van die Bybelliteratuur op so 'n wyse dat nie die teks nie, maar 'n bepaalde literêre teorie en metode die eintlike en uiteindelijke doelwit van die teksanaliserings en die leesaktiwiteit word (vgl. (iv)-(viii) hierbo). Dit is almal tendense wat nie gunstig is vir die lees van die Bybel as egte literatuur nie. Die onderskeid tussen *hoog* en *laag* ten opsigte van 'n literêre benadering van die Bybel vervaag – nie net deur 'n oorwegend historiese navorsingsbenadering tot die Bybel nie (waarna reeds in 2.2.2.6.0 verwys is), maar ook deur alles wat hier aan die negatiewe kant genoem is.³⁹

³⁹ Vgl. weer eens Frye se vroeër aangehaalde siening van wat *hoë literêre kritiek* is: “*Genuine higher criticism of the Bible would be a synthesizing process which would start with assumption that the Bible is a definite myth, a single archetypal structure extending from creation to apocalypse*” (Frye, 1957:315; vgl. 2.2.2.6.1(iii) en 2.2.2.7.1(iii) hierbo).

Gesien vanuit die fokusvraag of die Bybel in die resente tyd wel as literatuur benader word, kan nou tot die gevolgtrekking gekom word dat daar positiewe én negatiewe elemente in die huidige literêre benaderings tot die Bybel is. 'n Spesifieke benadering tot die Bybel-as-literatuur wat binne die groot diversiteit van benaderings steeds 'n onmiskenbare en positiewe – én geldige – plek het, behoort verder lig te werp op die stand van die beskouing en evaluering van die literariteit van die Bybel binne die huidige navorsingsgemeenskap.

2.2.2.7.2 *Instandhouding in die resente tyd van 'n vroeëre goed gevestigde benadering van die Bybel-as-literatuur*

Alhoewel die groot diversiteit van standpunte en analiseringsmetodes in die resente tydperiode oor die algemeen, en beskouings ten opsigte van die literariteit van die Bybel in besonder, verwarrend kan wees in 'n studie waarin literêre aspekte van die Bybel (soos *dramatiek*, *epiek* en *liriek*) van wesenlike belang is, bied die huidige toedrag van sake steeds ruimte en geleentheid vir die bestudering van algemene literêre beginsels in die literatuur van die Bybel. Die bestudering van die algemene beginsels kan steeds ook geskied vanuit 'n waardering en inagneming van vroeër gevestigde literêre benaderings (vgl. 2.2.2.7.1(ix) hierbo).

Watter tipe gevestigde en standhoudende benadering kan in die resente tyd as geldig en positief onderskei word?

John Sider, 'n literatuurwetenskaplike, merk so ongeveer aan die einde (1982/83) van die eerste dekade van die resente tyd op dat teologiese navorsers nie groot dosisse literêre teorie nodig het nie, maar:

...what biblical scholars need to hear most from literary critics is that old-fashioned critical concepts of plot, character, setting, point of view, and diction may be more useful than more glamorous and sophisticated theories – whether of New Criticism, structuralism, reader-response criticism, or deconstructionism. (Sider, 1982/83:19-20.)

Die '*old-fashioned critical concepts*' wat Sider noem, berus inderdaad op vroeëre waarderings van die literariteit van die Bybel wat telkens uit die historiese oorsig tot hier na vore gekom het. Dit beteken egter nie dat navorsers vir wie hierdie konsepte in hulle literêre benadering van die Bybelteks belangrik gebly het, vreemdelinge is in die resente literêr-kritiese landskap nie (Ryken, 1993b:64-65). Hulle wil daarmee slegs die waardevolheid van gevestigde metodes in stand hou, sonder om die insiggewende resente navorsingsresultate te ignoreer.

Die gevestigde en standhoudende positiewe benadering tot die literariteit van die Bybel is dus een waarin *estetiese* en *retoriese konvensies* steeds as belangrik geag word (en nie vermy word nie, soos die neiging in 'n sekere sin in die resente tydperioede is – vgl. weer 2.2.2.7.1(vii) hierbo), maar waarin die konvensionele tegelykertyd ook *eietyds* en *ter sake* by die ontleding en analisering van Bybeltekste toegepas word. Dit wil vanuit 'n stewige prinsipiële basis wat deur die geskiedenis duidelik geword het, 'n gebalanseerde metode vir die identifisering en ontginning van literêr-teoretiese beginsels daarstel.

Daar is minstens drie persone in die veld van die resente navorsingsgemeenskap werksaam wat in besonder op die literariteit van die Bybel fokus. In die tyd van teoretiese hipertrofie in die laaste twee dekades van die vorige millennium (sien weer 2.2.2.7.1(viii) hierbo) kan hulle as verteenwoordigers genoem word van die benadering waarin die konvensionele behou word en dan eietyds en ter sake aangewend word. Hulle is *Robert Alter*, *Temper Longmann III* en *Leland Ryken*. Daar kan meer genoem word, maar dit is duidelik uit die bestudeerde literatuur dat hierdie drie grondliggende werk in die resente tyd gedoen het ten opsigte van die instandhouding en tegelyk verdere uit-bouing van 'n goed gevestigde benadering van die Bybel-as-literatuur. Daarom word spesifiek hulle benadering en invloed nou verder bespreek.

(i) *Robert Alter*

Robert Alter het sy navorsing hoofsaaklik gewy aan Hebreeuse en vergelykende literatuur en is daarom in die eerste plek 'n literatuurwetenskaplike. Hy sê dat hy tot die Bybelwetenskap as 'n '*incorrigibly literary outsider*' toetree (Alter, 1983:113). In sy 1981-publikasie met die titel *The art of Biblical narrative* laat hy geen twyfel oor sy benadering en wat sy doel met die boek is nie: "...to be a guide to the intelligent reading of biblical narratives...to illuminate the distinctive principles of the Bible's narrative art" (Alter, 1981:ix). Die boek is oor die algemeen goed ontvang (vgl. byvoorbeeld Whybray se resensie en grondige waardering daarvan: Whybray, 1983:75-86). Dit is bestempel as "*a marker of the 'paradigm shift' in biblical studies from a predominantly historicist to a literary or more generally synchronic approach*" (Jobling, 1983:87).

Daar is egter ook kritiek teen Alter se benadering uitgespreek. Daarvolgens sou hy nie genoeg maak van die waarheidsaansprake van die Bybel nie (vgl. vir die kritiek: Van Deventer, 2001:21-22). Sy latere publikasie (saam met Frank Kermode) met die titel *The literary guide to the Bible* (Alter & Kermode, 1988) vertoon dieselfde trekke as sy vroeëre *The art of Biblical narrative* (1981), maar hulle (Alter en Kermode) stel daarin duidelik dat hulle

doel met die wetenskaplike bydrae in die veld van die Bybel-as-literatuur nie teologies van aard is nie. Hulle staan nie afwysend teenoor die religieuse verstaan van die Bybel nie (so verklaar hulle), maar hulle het hulle '*literary guide*' geskryf sowel vir hulle wat die Bybel as religieus en gesagvol aanvaar as vir diegene wat die Bybel se plek binne die konteks van 'n gesekulariseerde kultuur wil verstaan (Alter & Kermode, 1988:2). Ryken en Longman meen dat opsomming en parafrase van die Bybelinhoud by Alter (en Kermode) die teksanalise oorheers (Ryken & Longman, 1993:10).

Ten spyte van die kritiek word Alter deur Ryken beskou as die figuur in die akademiese wêreld wat die vertroue en erkenning van sowel Bybelwetenskaplikes as die '*literary establishment*' geniet (Ryken, 1993b:60). Alter se analyses tel verder vir 'n teoloog soos Longman onder dié wat besonder insiggewend is. Sy literêre benadering lei tot insiggewende en betekenisvolle eksegeze ('*illuminating exegesis*' – Longman, 1985:398).

Dit is duidelik dat Alter se werk wesenlik en grondliggend is vir 'n (her-) waardering in die resente tyd van die literariteit van die Bybel. Sy deeglike ontginning van die literêre elemente in die Bybelteks lewer 'n positiewe bydrae tot die waardering van die literariteit van die Bybel en oefen positiewe invloed op die benadering van die Bybel-as-literatuur uit.

(ii) *Temper Longman III*

'n Teoloog (Ou-Testamentikus) wat binne evangeliese kringe vertroue inboesem as iemand wat 'n behoudende aanslag het, is Temper Longman III. Hy sit sy siening van die paradigmaskuif van 'n historiese paradigma na 'n meer literêre benadering tot die studie van die Bybel uiteen in 'n gebalanseerde oorweging van al die faktore wat met dié skuif in die gedrang kom (Longman, 1985:385-398).⁴⁰

Longman wys 'n aantal probleme en gevare uit in die veranderinge wat op interpretasieterrein ingetree het sedert Muilenburg 'n literêre benadering verder as *form criticism* bepleit en ingelui het (vgl. 2.2.2.6.2; Muilenburg, 1969). Daar is vyf sulke probleme of gevare wat Longman as '*pitfalls*' sien. Uit die wyse waarop hy die '*pitfalls*' benader en oplossings daarvoor aanbied,

⁴⁰ Dié artikel van Longman is later as 'n hoofstuk opgeneem in sy boek met die titel *Literary approaches to Biblical interpretation* (Longman, 1987:47-62).

kom sy ewewigtigheid en koersvastheid binne die verwarrende pluriformiteit van literêre benaderings en teorieë duidelik na vore.

- As eerste *'pitfall'* stel Longman dat die veld van sekulêre (literêre) teorie en die verwante dissipline van die Linguistiek in hulleself verdeeld is. Dié verdeeldheid is in studies van die Bybel ingedra. Elke groot skuif in die twintigste eeu op die gebied van literêre teorie word ook in die werk van Bybelwetenskaplikes gereflekteer: *New Criticism*, Frye se argetipiese benadering tot literatuur, fenomenologie, strukturalisme, Marxisme, feminisme, dekonstruksie. Longman reageer op hierdie verdeeldheid op 'n besonder nugter manier. Omdat elke 'sekulêre' literêre (en linguistiese) benaderingswyse in die Bybelwetenskappe weerspieël word, sê hy daar moet *eklekties* te werk gegaan word in die benadering van die literariteit van die Bybel. Longman verklaar dat sy basiese teoretiese oortuiging Christelik is en dat hy enige metodologiese insigte wat fundamenteel in konflik met sy oortuiging is, verwerp. Sy oortuiging is egter dat daar op grond van en as gevolg van die algemene genade waardevolle insigte uit alle terreine van die wetenskap versamel kan word. (Longman, 1985:387-388.)

- Tweedens is bogenoemde variasies en veelvoud van (literêre) denksisteme, elk met hulle eie terme en begrippe (hulle eie *'in-language'*), stremmend in 'n literêre benadering tot die Bybel. Die oplossing is volgens Longman nie dat 'n literêre benadering laat vaar moet word nie, maar dat daar gestreef moet word na helderheid van uitdrukking. (Longman, 1985:388-389.)

- 'n Derde gevaar waarteen gewaak moet word, is om moderne Westerse konsepte en kategorieë (genres) op antieke (byvoorbeeld Semitiese) geskrifte af te dwing. Dit kan lei tot 'n vertekening en vervorming van die teks. Daar is nie altyd-geldende universele generiese eenvormigheid nie. Genres is kultuurbepaald; 'n kultuurvrye genresisteem bestaan nie. Daar moet daarom nie onbedagsaam met genre-kategorieë omgegaan word nie. (Longman, 1985:389-391.)

- Die vierde gevaar waarop Longman wys, is dat daar heeltemal weg-beweeg (kan) word van enige sogenaamde outeursintensie (*'authorial intent'*) en (gevolglik) enige bepaalbaarheid van outoritêre betekenis in die analisering van 'n teks. As daar enigiets is wat sekulêre teorieë sedert die middel van die twintigste eeu verenig, beweer hy, is dit die ontkenning

van die outeur. Die gevaar is daarom wesenlik.⁴¹ *New Criticism* en strukturalisme fokus die aandag primêr op die teks, terwyl ‘*reader-response theories*’ die klem laat val op die rol en deelname van die leser in die skepping en ontsluiting van betekenis deur die literêre aktiwiteit. Longman sê dat literatuur ’n kommunikasie-aksie is wat beskryf kan word as ’n dinamika tussen digter-gedig-gehoor of skrywer-teks-leser. (Longman, 1985:391-392). Later in die artikel gee Longman sy siening van die verhouding tussen die drie ‘komponente’ in die leesaksie: “...*reading involves the interaction of the writer with the reader through the text, so that any theory that concentrates on one of the three to the exclusion of the others may be distorted.*” (Longman, 1985:398; vgl. ook 1985:396.)

- Die laaste ‘*pitfall*’ in die literêre benadering van die Bybel is die een waarvoor Longman die meeste bekommerd is. Hy neem waar dat die wegbeweging in die komtemporêre teorie(ë) van die outeur af ook ’n tendens kan voed waarin die *referensiële funksie* van literatuur òf ontken word, òf grootliks beperk word. Literatuur is in so ’n siening nie ’n insig in die wêreld/werklikheid nie, maar ’n onbeperkte semiotiese spel.⁴² Daar het volgens Longman inderdaad al ’n breuk tussen die literêre en die referensiële ontstaan. Dit was daarom te verwagte dat die literêre kenmerke van die Bybel by sommige geleerdes gelei het tot ’n *gelykstelling* van die Bybel en literatuur. Hieruit het die aanvaarding van ’n beskouing gevolg dat literêre tekste na niks behalwe hulleself verwys nie. Hulle verwys in besonder nie na geskiedenis (historiese feite) nie. Dit het sommige by ’n algehele of substansiële ontkenning van ’n historiese benadering tot ’n teks gebring. Tradisionele histories-kritiese metodes word afgekraak. Dit is in besonder Bronnekritiek en Vormkritiek wat in die spervuur kom. Longman se antwoord op hierdie laaste ‘*pitfall*’ is: “*While not to be reduced to literature pure and simple, the Bible is amenable to literary analysis.*” (Longman, 1985:392-396.)

Literêre benadering(s) van die Bybel wat sedert die begin van die resente tyd gewild geword het, word egter volgens Longman nie net deur ‘*pitfalls*’ bedreig en

⁴¹ Laasgenoemde tendens in teksanaliserings is ’n literêre aangeleentheid wat veral in die ontsluiting van betekenis in die Bybel (as religieuse teks) ’n brandende vraagstuk is. Daar word later in hierdie studie ingegaan op die uitwerking wat hierdie tendens kan hê op die beskouing dat die Bybel die geïnspireerde Woord van God is (vgl. Hoofstukke 3, 4 en verder).

⁴² Daar word later ook op hierdie aspek (referensiële benaderingswyses in die Literatuurwetenskap) dieper ingegaan – sien 3.1.2.3.1(iii).

belemmer nie. Dit hou ook bepaalde *voordele* vir Bybelondersoek in (Longman, 1985:396-398).

- Die eerste voordeel van 'n literêre benadering van die Bybel is dat dit die konvensies van wat Longman '*Biblical literature*' noem, verken en eksplisiet maak. Die artistieke *vorm* waarin die waarheid byvoorbeeld in 'n narratief gegiet word, maak die leser/hoorder meer attent op dit *wat* oorgedra word. Die vorm dra ook betekenis. (Longman, 1985:396-397.)
- In die tweede plek vestig 'n literêre benadering die aandag op tekste in hulle geheel. Dit werk 'n atomistiese teksanaliserende teë. Die krag van die eenheid van die teksgeheel word beklemtoon. (Longman:1985:397.)
- Derdens hou 'n literêre benadering van die Bybel die voordeel in dat dit die leesproses verstaanbaar maak. Uitgaande van die teks kom die ander rolspelers in die kommunikasie van die teks (soos die leser) in die regte perspektief te staan. (Longman, 1985:397-398.)

Dit gaan uiteindelik vir Longman in sy werk oor die waarde van *estetiese kritiek*. Hy wil dat die Bybel bewustelik so benader moet word. Om dit te bereik, moet '*true to the text*' geanaliseer word (Longman, 1985:397-398).

Soos dit in (i) hierbo duidelik geword het dat Alter se werk grondliggend is vir 'n (her)waardering in die resente tyd van die literariteit van die Bybel, is dit ook (en moontlik nog te meer) duidelik dat Temper Longman 'n besondere bydrae lewer. Sy openheid en gelyktydige ferm oortuigings, nugter evaluering en beredenering van die literêre kragte wat in die resente tyd aan die werk is en die gebalanseerde koers wat hy te midde van die heersende tendense aandui, open belangrike perspektiewe op 'n verantwoordelike en verantwoordbare literêre omgang met die Bybel.

(iii) Leland Ryken

Tot dusver in hierdie hoofstuk (Hoofstuk 2) is daar meermale ook na die literêre kritikus Leland Ryken se publikasies verwys. Omdat sy literêre benadering van die Bybel sodoende algaande duidelik geword het, kan hier met enkele evaluerende opmerkings oor sy rol in die resente tyd volstaan word.

Ryken is veral bekend as behoudende (vgl. Powell *et al*, 1992:146) literatuurwetenskaplike (vakgebied: *Engels*) wat sedert die vroeë tagtigerjare van die

vorige eeu (1984 en verder) oor die verhouding tussen Bybel en literatuur 'n substansiële bydrae gelewer het en nog steeds lewer (vgl. Ryken, 2005; Ryken & Ryken, 2007). Sy benadering tot die literariteit van die Bybel plaas hom in die 'skool' van die Kanadese literatuurwetenskaplike Northrop Frye. Longman sien Ryken se werk in 'n sekere sin as 'n voortsetting van Frye se argetipiese benadering tot literatuur (Longman, 1985:387). Ryken se besondere waardering van Frye se nuutskeppende denke tydens die middeldeel van die twintigste eeu is duidelik uit die belangrike plek wat hy aan Frye toeken in die waardering van die Bybel-as-literatuur (vgl. ook weer 2.2.2.6.1). Ryken skryf:

Among literary scholars, interest in the Bible during the first three quarters of the twentieth century can be pictured as an underground stream that finally came to the surface around 1960...By 1960 the underground stream had surfaced. The main spokesperson was Northrop Frye. In *Anatomy of Criticism* (c. 1957 – JPB), the most influential work of literary theory in our century, the Bible emerged as the chief organizing framework for Western literature – a definite source of literary archetypes and by implication a book that was itself literary. (Ryken, 1993b:57-59.)

In sy 1984-publikasie met die titel *How to read the Bible as literature* het Ryken die argetipiese benadering van Frye verhelderend uitgebou. Dit is veral in die slothoofstuk, wat handel oor die literêre eenheid van die Bybel, wat hy die integrerende funksie van argetipes aantoon (Ryken, 1984:187-193; vgl. ook Ryken, 1987a:25-29; Ryken & Ryken, 2007:xi). Hy sluit sy boek af met 'n waardering van die Bybel as '*the most expressive book in the world*', en verwys soos volg na die styl van die Bybel: "*The style of the Bible is uniquely powerful and beautiful. It can be parodied but never duplicated*" (Ryken, 1984:196).

Leland Ryken se bydrae tot die bestudering van die Bybel-as-literatuur word dus gekenmerk deur 'n diepgaande waardering van die Bybel as argetipiese bron van (die Westerse) literatuur. Die invloed van Ryken se omvangryke werk op sy lesers is dat hulle onwillekeurig daartoe opgewek word om met (her)waardering van die literêre-estetiese skoonheid van die Bybel die Bybel met opgewonde belangstelling te lees. Sodoende word 'n beter en dieper begrip van die Bybel-waarhede verkry.

In verband met hierdie drie bespreekte invloedryke navorsers, Robert Alter (literatuurwetenskaplike), Temper Longman III (teoloog: Ou-Testamentikus) en Leland Ryken (literêre kritikus) se navorsingsbydraes binne die veld van die Bybel-as-literatuur kan nou samevattend gesê word dat dit duidelik is dat hulle vanuit 'n gemeenskaplike basis hulle vertrekpunt neem. Vir Alter, Longman en Ryken is *estetiese* en *retoriese konvensies* in

'n literêre benadering van die Bybel in die resente tyd eerstens steeds belangrik en geldig, en kan en moet dit tweedens – met inagneming van nuwer ontwikkelinge – *eietyds* en *ter sake* aangewend word. In hierdie ooreenstemmende en gedeelde basiese uitgangspunt in benadering het elk van die drie tog ook 'n eie styl en aksentlegging: Longman verreken die literêre konvensies *teologies*, Ryken doen dit vanuit *literatuurwetenskaplike* hoek, terwyl Alter as vergelykende literatuurkritikus (met onder meer die Bybelse Hebreeuse literatuur in sy ondersoekveld) sy resultate vanuit die literêre konvensies vir sowel *religieuse* as *sekulêre* bestudeerders van die Bybel toeganklik wil aanbied. Die verskillende aksentueringe vul mekaar goed aan en bied saam riglyne vir 'n gebalanseerde benaderingswyse van die Bybel-as-literatuur. Die gevestigde wat steeds geld en die nuwere wat dit aanvul en komplementeer dra albei daartoe by.

Ter afsluiting van die bespreking van die instandhouding van 'n spesifieke gevestigde benadering van die Bybel-as-literatuur in die resente tyd word nou aangetoon watter literêre konsepte (volgens algemene literêre beginsels) in die werk van Alter, Longman en Ryken figureer. Hulle werk presies met dit wat Sider as belangrik aangemerkt het (bruikbare konsepte soos *plot*, *karakterisering*, *fokalisasie*, ensovoorts; vgl. weer die aanhaling van Sider se stelling hierbo: Sider, 1982/83:19-20). Uit 'n oorsig oor die drie se publikasies is dit duidelik dat hulle op die onderstaande literêre aspekte by die analisering en betekenisontsluiting van Bybeltekste, -gedeeltes en -boeke konsentreer.

- Onderskeidende literêre eienskappe (Longman, 1985:386; Ryken & Longman, 1993:29-35; Ryken & Ryken, 2007:xiv-xvii).
- Woordkunstigheid (Longman, 1985:386; 1987:70; Ryken, 1984:23-24; 1987:22-23, 91 ev., 159 ev.; 1990:389-391; 2005:457; Ryken & Ryken, 2007:xi-xii).
- Eenheid en geheelheid van die literatuurteks (Ryken, 1984:29-31, 177-199; 1987:21, 29-32; 2001:489-491).
- Bondigheid (Longman, 1987:121-122; 1993b:82-85; Ryken, 1987:41-43; Ryken & Ryken, 2007:xvi).
- Beelding/figuurlike taalaanwending/simboliek/metafoor (Alter, 1988b:617; Longman, 1987:129-132; 1993b:84-86; Ryken, 1984:90-97; 1990:260-265; 2001:483-489; Ryken & Ryken, 2007:xi).
- Argetipe(s) (Ryken, 1984:187-193; 1987a:25-29, 48-51; 2001:488-489; Ryken & Ryken, 2007:xi).

- Parallelisme in poësie (Alter, 1988b:612-616; Longman, 1987:122-128; 1993b:83-84; Ryken, 1984:103-107).
- Genre (Alter, 1988a:246-251; Longman, 1987:76-83; Ryken, 1984:25-26; 1990:10-11; 1993a:462-464; 1993d:356; 477-483; 2001:477-483; 2005:457; Ryken & Ryken, 2007:ix-x, xv).
- Betekenis deur *vorm* gekommunikeer (Longman, 1985:396; Ryken, 1984:28-29; 1987a:20-21; 1993d:366-367; 2005:457; Ryken & Ryken, 2007:vii, ix, xii, xiv, xvii).
- Struktuur (Alter, 1988a:255-258; Longman, 1987:92; Ryken, 2001:489-491).
- Plot en plot-ontwikkeling, insluitend karakterisering, ruimte en tyd, fokalisasie/*point of view* (Alter, 1981:3-22, 63-87, 179-184; 1983:113-117; Longman, 1987:87-88, 88-91, 93-94; 1993a:71-76; Ryken, 1984:33-59; 1987:43-45, 53-89; 1990:131-142; Ryken & Ryken, 2007:xii).
- Styl en retoriek (Alter, 1981:88-113; 1988a:251-255; 1991:22-23; Longman, 1987:95-100; 1993a:76-78; Ryken, 1984:26-28; 1993a:464-468; 1993d:366-367; Ryken & Ryken, 2007:xi).

2.2.2.7.3 Samevattende konklusie in verband met die beskouing en benadering van die Bybel se literariteit in die resente tyd (ná 1975)

Aan die einde van die oorsig oor die beskouing en benadering van die Bybel se literariteit in die vorige periode (die eerste driekwart van die twintigste eeu – vgl. weer 2.2.2.6.3) is samevattend gekonkludeer dat die veranderinge in die waardering van die Bybel-as-literatuur wat deur veral Northrop Frye (van literêre kant) en James Muilenburg (van teologiese kant) geïnisieer is, belowend gelyk het vir literêre benaderings van die Bybel as egte literatuur. Dit het die belofte ingehou dat die Bybel-as-literatuur weer tot sy reg kon kom – as't ware vir die eerste keer sedert die literêre en teologiese 'samewerking' wat die Renaissance-/Reformasietydperk gekenmerk het. Ná die oorsig oor die resente benaderings (ná 1975) tot die literariteit van die Bybel moet nou gestel word dat die groot diversiteit wat ten opsigte van benaderings tot die literariteit van die Bybel bestaan, die bepaling van (n) algemene tendens(e) in die benadering van die Bybel-as-literatuur in dié tyd bemoeilik.

Die verdere (bedoelende voortspruitend uit die beloftevolle vroeë sewentigerjare van die twintigste eeu se) ontwikkelinge in die resente tyd ten opsigte van literêre benaderings van die Bybel kan enersyds positief en andersyds negatief geëvalueer word:

- *Positief*: daar het 'n algemene verskuiwing van fokus in die resente tyd weg van hoofsaaklik diachroniese benaderings in die rigting van sinchroniese benaderings van tekste gekom; die literariteit van die Bybelteks het (weer) meer werklike *littérature* aandag begin kry en minder historiese aandag wat op die teks-eksterne aangeleenthede agter die teks gefokus was.
- *Negatief*: in die proses om op die teks te fokus word die teks deur sommige as so kompleks en problematies gesien dat dit in sommige gevalle teks-sonder-betekenis, boodskapdraer-sonder-boodskap word; die teks word sodoende net 'n noodsaaklike element vir teoriebeoefening en figureer nie sterk as 'n estetiese vorm-met-inhoud nie.

Die resente, Postmoderne tyd met sy relativisme wat aanvaarding van enige standpunt wat verantwoord word vanuit 'n verklaarde voorveronderstelling moontlik maak, bied egter steeds ruimte vir 'n navorsingsbenadering waarin gevestigde *littérature* konsepte en beginsels eietyds en ter sake aangewend en 'toegepas' kan word. In so 'n benadering van die Bybel-as-literatuur is 'n teksgerigte *littérature* analiseringsmetode wat gevestigde én nuwe resultate in ag neem, dus verantwoord, betekenisontsluitend en opwindend: dit laat die getekstualiseerde (teksgeworde) openbaring van God sy (geïnspireerde) sê sê – tot 'n beter, dieper en helderder begrip daarvan.

2.2.2.8 Samevatting van en gevolgtrekkings in verband met die historiese oorsig oor die beskouing en benadering van die Bybel-as-literatuur

2.2.2.8.0 Inleidende opmerkings

Die doel met die historiese oorsig oor die Bybel-as-literatuur wat vroeër in 2.2.1.3 geïmpliseer is en in 2.2.2.0 eksplisiet gestel is, is om by te dra tot die beantwoording van die vraag *of die Bybel wel literatuur* is (soos in 2.2.1 voorlopig aangetoon en vasgestel is). By die historiese oorsig wat pas in 2.2.2.1 tot 2.2.2.7 gebied is, moes die vraag of die Bybel – histories gesien – dus deel is van literatuur as 'n algemene menslike verskynsel, en daarmee saam ook die vraag wat die besondere plek is wat die Bybel deur die loop van die geskiedenis tussen ander literatuur ingeneem het, steeds in gedagte gehou word.

Die posisie en evaluering van die literariteit van die Bybel (hoe en in hoeverre die Bybel as literatuur beskou is) in elke behandelde hoofperiode van die geskiedenis word nou eerstens samevattend gegee (2.2.2.8.1), waarna tweedens tot 'n konklusie in verband met die historiese beskouings van die Bybel-as-literatuur gekom word (2.2.2.8.2), om derdens

die bydrae van die geskiedenis vir die beantwoording van die vraag na die literariteit van die Bybel vir die doeleindes van hierdie studie te verwoord (2.2.2.8.3).⁴³

2.2.2.8.1 Samevatting van die stand en evaluering van die literariteit van die Bybel in verskillende beskouings en benaderings tydens die onderskeie hoofperiodes van die geskiedenis

Die historiese oorsig oor die beskouing en benadering van die Bybel-as-literatuur in elke tydperk kan nou in die onderstaande kort opsomming van die stand van sake saamgevat word.

- *Die Bybelse tyd*

Die Bybel is reeds in die kontemporêre tyd van sy ontstaan as literatuur gesien en benader deur die Bybel(-skrywers) self sowel as in wyer literatuurkonteks. Die verband en wisselwerkende wedersydse invloed wat aangetoon is tussen die Bybel se teksmateriaal en kontemporêre sekulêre literatuur in die Bybelse tyd, laat duidelik blyk dat die Bybel, alhoewel uniek, tog in dié tyd algemeen as literatuur beskou is.

- *Die Patristiese tyd*

Die Bybel is in die Patristiese tyd (die tyd van die Vroeë Kerk) gekanoniseer as 'n geslote korpus geskrifte, onderskeie van ander geskrifte in dié opsig dat dit as *geskrewe Woord* van God herken en erken is. Aanvanklik was daar 'n vaagheid oor die evaluering van die literariteit van Bybel op sigself. Oor die algemeen was die siening dat die Bybelskrywers nie met die 'literêre *hoe*' (uitdrukkingswyse en -styl) van hulle geskrifte die mense tot bekering geroep en gelei het nie, maar slegs met die 'religieuse *wat*' (openbaringsinhoud) van hulle verkondiging. Dit was eers die Kerkvader Augustinus wat die Bybel as *egte* en *hoë kwaliteit*-literatuur beskou het – beoordeel aan die hand van 'n vergelyking daarvan met die dominante, invloedryke Klassieke literatuur. Daarmee is die Bybel in dié tydperiode wel as literatuur erken (om dus literatuur op dieselfde wyse te wees as wat ander geskrifte dit is), maar dan literatuur wat tog *uniek onderskeie* van alle ander literatuur is.

⁴³ Die vraag na die verhouding waarin die Bybel en (sekulêre) literatuur tot mekaar staan, word dan voortvloeiend uit hierdie samevatting van en gevolgtrekking in verband met die historiese oorsig oor die Bybel-as-literatuur aan die orde gestel. Dit volg in die volgende hoofpunt hieronder, naamlik 2.2.3.

- *Middeleeue*

Tydens die Middeleeue het 'n belangrike ontwikkeling rondom die siening van die literariteit van die Bybel plaasgevind: die Bybel se woordkunstigheid het naamlik 'n *literatuurskeppende* invloed begin uitoefen. Woordkunstige literêre tekste in die vorm van kreatiewe himnografiese en ander literatuur voortvloeiend uit die Bybel het die lig gesien. Daarmee het die Bybel dus duidelik nie net as literatuur 'n bestaan in dié tyd gehad nie, maar het dit ook beïnvloedend ten opsigte van die skepping van nuwe literatuur gefunksioneer. Daaruit wou die voort-bewerkers in die literêre styl van die Bybel 'n bepaalde verklaringsmetode vir die verstaan van die Bybel op verskillende vlakke van verstaansontwikkeling vestig. Dié vorm van teksbewerking bring dus 'n *retoriese* dimensie in die aanwending van die Bybel. Die merkwaardige is dat dit spesifiek die *literêre* faset van die Bybel is wat funksioneel in 'n oorredingstrategie ingespan word.

- *Renaissance-/en Reformasietyd*

Die Renaissance en Reformasie van die sestiende en sewentiende eeue was 'n 'nuwe' tyd, maar 'n 'nuwe' fase wat geïnspireer is deur die ou Klassieke bronne wat die basis van die vernuwing gevorm het. Wat die stand van die waardering van die literariteit van die Bybel betref, is teruggegryp na die suiwer grondliggende prinsipiële basis van Augustinus se bepaling van die literariteit van die Bybel en die betekenis daarvan. Sleutelkonsepte wat uit die literêre aard/karakter van die Bybel afgelei en toegepas is, het vir (literatuur-)skrywers van die Renaissance en vir Bybelverklaarders van die Reformasie groot waarde ingehou. Die Bybel is as 'n heilige *geloofsboek* én as 'n *literêr-estetiese teksboek* geag en waardeur deur sowel eksegete as digters/literatore.

- *Die Romantiek*

Die Romantiek van die (laat-)agtiende en die negentiende eeue, 'n digterlike beweging en geestesingesteldheid, het groot invloed op die toekomstige verstaan van die Bybel-as-literatuur uitgeoefen. Die neiging in die Romantiek tot *sekularisering* van die Bybel tot 'blote literatuur' het in die omvangryke invloed van die Modernisme van die negentiende en twintigste eeue neerslag gevind. 'n Gaping – en selfs verwydering – tussen literêre klem op *tekstualiteit* en teologiese klem op *kontekstualiteit* het ontstaan. By die negatiewe van die sekularisering van die Bybel het die Romantiese benadering tog die positiewe ontwikkeling – minstens literêr gesproke – ingehou dat die Bybel se (poëtiese) teks benader is as

‘teks-soos-hy-daar-staan’. Daaruit is dit duidelik dat die Bybel as literatuur beskou is en is die belangrike rol van literêre analiseringsmetodes beklemtoon.

▪ *Eerste driekwart van die twintigste eeu*⁴⁴

Gedurende die eerste vyf en sewentig jaar van die twintigste eeu het daar toenemend ’n skerper fokus op die literariteit van die Bybel gekom van die kant van sowel literatuurwetenskaplikes as teoloë. Aanvanklik is die Bybelteks se voltooië tekstualiteit (die ‘teks-soos-hy-daar-staan’) van literêre kant voorop geplaas, terwyl die Bybelteks se konteksgebepaalde pre-literêre ontstaansproses van teologiese kant in die belangstellingsveld geplaas is. Die *sentripetale* beweging van die Bybelteks (*innerlike* struktuur en tekstuur) en die *sentrifugale* beweging van die Bybelteks (*buite-tekstuele* wêreld) is onderskeidelik, maar nie saam nie, van literêre en eksegetiese kant beklemtoon. Dit het alles onder die sterk invloed van die Modernisme se klem op die bepaling van *die* (en nie *’n* nie) objektiewe waarheid plaasgevind, waarin die Bybel van sowel literatuurwetenskaplike as teologiese kant in ’n groot mate gesekulariseer is. By die driekwartmerk van die eeu het ’n belangrike verandering in dié toedrag van sake gekom. Veral deur die innoverende insette van Northrop Frye (van literêre kant) en James Muilenburg (van teologiese kant) is die *tekstualiteit* en *kontekstualiteit* van die Bybelteks nader aan mekaar gebring. Die verandering wat deur hulle begin is, het die belofte ingehou dat die Bybel-as-literatuur weer tot sy reg sou kon kom, as’t ware vir die eerste keer sedert die literêre en teologiese ‘sameswering’ wat die Renaissance-/Reformasietyd gekenmerk het. In hierdie belangrike ontwikkeling is/word verseker dat die Bybel nòg *gesekulariseer*, nòg *geïsoleer* word.

▪ *Die resente tyd (ná 1975)*

Die oorsig oor resente benaderings (ná 1975) tot die literariteit van die Bybel het aan die lig gebring dat daar ’n groot diversiteit van benaderings bestaan. Wat te midde daarvan as positief waargeneem is, is dat ’n algemene verskuiwing van fokus in die resente tyd plaasvind waardeur die literariteit van die Bybelteks (weer) meer werklike *literêre* aandag van sowel literatuurwetenskaplikes as teoloë begin kry het. In die proses om op die teks te fokus word die teks deur sommige

⁴⁴ Van hierdie punt af in die geskiedenis van die Bybel-as-literatuur is literêre teorieë en praktyk so kompleks ineengestrengel en is daar so ’n magdom literatuur wat daaroor gepubliseer is, dat die stand van die literariteit van die Bybel spesifiek binne ’n *navorsingskonteks* bespreek en benader moes word. Die verstaan en evaluering van die literariteit van die Bybel gedurende die hele twintigste eeu moet met skerp en groot konsentrasie op die ingewikkelde konteks waarin dit sy plek vind, vertolk word. Dit geld sowel die eerste driekwart van die eeu as die resente tyd sedert die sewentigerjare tot op datum.

ongelukkig as so kompleks en problematies gesien dat die teks net 'n noodsaaklike element in literatuurwetenskaplike en teologiese *teoriebeoefening* geword het en nie meer as 'n estetiese vorm-met-inhoud benader is nie. Die resente (Postmoderne) tyd bied egter kragtens sy elastiese aard van akkommodering van alle verklaarde vertrekpunte en gemotiveerde metodes steeds ruimte vir 'n navorsingsbenadering waarin gevestigde literêre konsepte en beginsels eietyds en ter sake aangewend en toegepas kan word. In 'n benadering van die Bybel-as-literatuur waarin die narratief – ook die globale narratief van God se openbaringsdramatiek in sy daad en sy deugde – gestalte kry, word Hy vanuit die narratiewe konteks in himniese poësie besing. Die openbarings-dramatiek word sodoende gelees as die oorsaak en bron van die geloofservaring waarin God se verhaal gegiet en voortgesit word.

Dié bevindings kan nou tot die formulering van 'n samevattende konklusie lei in verband met die beskouing en benadering van die literariteit van die Bybel in die geskiedenis en tot op hede.

2.2.2.8.2 Samevattende konklusie in verband met die historiese oorsig oor die beskouings en benaderings van die Bybel-as-literatuur

Die stand en evaluering van die literariteit van die Bybel in die beskouings en benaderings wat tydens die onderskeie hoofperiodes van die geskiedenis gevolg is (wat pas in die geïntegreerde historiese ondersoek nagegaan is), lei die navorsing nou tot die volgende konklusie:

Historiese insig in die beskouing en die evaluering van die literariteit van die Bybel tydens verskillende tydvakke in veral die Westerse literatuurstudie stel basiese en onontbeerlike inligting vir die huidige navorsing beskikbaar – met name ook vir die himnografie as 'n bepaalde vorm van 'Bybelse' literatuur. Die Bybel is – histories gesien – te alle tye as *egte literatuur*, wat deel is van 'n algemene menslike verskynsel, benader. Die Bybel het as *besondere, hoë kwaliteit*-literatuur met 'n eie *uniekheid* deur die loop van die geskiedenis 'n onderskeidende plek tussen ander literatuur ingeneem, selfs al is dit in sekere periodes as en soos 'blote' sekulêre literatuur benader. 'n Merkwaardige waarneming wat nou uit die loop van die geskiedenis gemaak kan word, is dat die fokus spesifiek op die *literêre* faset van die Bybel geag is en word om deel te moet wees van die proses om die Bybelteks volledig te ontsluit. Dit is in die vorm van 'n voortbewerking van die Bybelse stof soms retories-funksioneel in 'n oorredingstrategie ingespan. Daaruit wou die (voort-)bewaterkers van die Bybel-inhoud in die literêre styl van die Bybel self 'n bepaalde verklaringsmetode vir die

verstaan van die Bybel op verskillende vlakke van verstaansontwikkeling vestig. Dit het God se ‘openbaringsdramatiek-in-narratiewe-konteks-en-vorm’ onder meer in kreatiewe himniese poësie verder verwoord en (geloofbelydend) beantwoord.

2.2.2.8.3 *Konklusie in verband met die literariteit van die Bybel in die lig van die historiese oorsig*

Die samevattende konklusie in verband met beskouings van die Bybel-as-literatuur deur die loop van die geskiedenis wat in 2.2.2.8.2 hierbo verwoord is, lei tot die volgende konklusie in verband met die literariteit van die Bybel:

Die historiese oorsig *ondersteun* die voorlopige gevolgtrekking waartoe by 2.2.1.3 gekom is, naamlik dat die Bybel wel literatuur is. Die historiese ondersoek bevestig die literariteit van die Bybel verder deur aan die lig te bring dat aandag juis aan die literêre aspekte, vorm en styl van die Bybelteks wesenlik belangrik is vir ’n verantwoorde betekenisontsluiting van die Bybelteks. Die literariteit en literêre fasette van die Bybelteks is ook die klaarblyklike stimulus vir die beantwoording van die ‘openbaringsdramatiek-in-narratiewe-konteks-en-vorm,’ onder meer deur poësie wat die beantwoording van en respons op die openbaring in ’n kreatiewe himnografiese bewerking vorm laat aanneem.

Hierdie bevinding, wat in die eerste plek die vroeëre bevinding (sien 2.2.1.3) staaf, moet egter in die lig van die verdere ondersoek van die verhouding tussen die Bybel en (sekulêre) literatuur wat nog gedoen moet word (direk hieronder), steeds as ’n *voorlopige* gevolgtrekking gesien word. Daar word dus ná die bespreking van dié verhouding in 2.2.3 hieronder eers in 2.2.4 tot ’n finale konklusie gekom in verband met die literariteit of ‘literêrheid’ van die Bybel.

2.2.3 Die Bybel en (sekulêre) literatuur

2.2.3.0 Inleiding

Die verhouding waarin die Bybel en (sekulêre) literatuur tot mekaar staan, het tot dusver in die ondersoek sydelings aandag gekry. Telkens het dit tog as’t ware vanself in die bespreking van verskeie fasette rondom literatuur ter sprake gekom – by die vraag na wat literatuur is (2.1), hoe literêr die Bybel is (2.2.1) en hoe literêr die Bybel tussen (ander) literatuur benader is tydens die verskillende hoofperiodes van die geskiedenis (2.2.2). Dié verhouding moet egter meer eksplisiet omskryf word, aangesien dit moet bydra tot

die finale beantwoording van die vraag of die Bybel wel literatuur is (en indien wel, hoe literêr en hoedanig dit literatuur is), en wat die implikasie daarvan vir hierdie studie is.

Die verhouding waarin die Bybel en (sekulêre) literatuur tot mekaar staan, word dus nou hier in 2.2.3 eksplisiet aan die orde gestel. Dit geskied by wyse van die volgende beredenering en stappe: Indien die Bybel dan wel literatuur is, soos eerstens in 2.2.1 voorlopig aangetoon en vasgestel is en in die resultate van die historiese ondersoek in meer as een opsig bevestig word (2.2.2.8.3 hierbo), moet die vraag nou beantwoord word of dit nie die Bybel se *uniekheid* tussen (sekulêre) literatuur in gedrang bring nie (2.2.3.1 hieronder), en die vraag of dit nie gesien kan word as 'n *gelykskakeling* van die Bybel met (ander) literatuur nie (2.2.3.2 hieronder) – met ander woorde dat die Bybel *bloot* literatuur en niks meer as dit is nie. 'n Samevattende konklusie in verband met die Bybel en (sekulêre) literatuur word in 2.2.3.3 gegee, waarna daar in die lig daarvan in 2.2.3.4 'n konklusie in verband met die literariteit van die Bybel verwoord word. Voortvloeiend uit die resultaat wat bereik word ten opsigte van die verhouding tussen die Bybel en (ander, sekulêre) literatuur (2.2.3), asook die bevindings in 2.1, 2.2.1 en 2.2.2, word in 2.2.4 tot 'n finale konklusie gekom in verband met die vraag of die Bybel literatuur is, en indien wel, wat die verhouding is waarin die Bybel dan tot ander literatuur staan.

2.2.3.1 Waarde-oordeel oor die literariteit van die Bybel tussen (sekulêre) literatuur (oor die uniekheid van die Bybel)

Die vraag na die uniekheid al dan nie van die Bybel hang onder meer saam met die vraag na die *waarde* wat aan die literariteit van die Bybel toegeken word. Ander vrae word ook onwillekeurig opgeroep: Is die Bybel nie méér as literatuur nie? En as die Bybel wel meer as literatuur is, *wat* is daardie 'meer' (Frye, 1986:25), en *wie* se literatuur is dit (vgl. Deist, 1994).

Daar kan na enkele (uit 'n onoorsienbare hoeveelheid) uitsprake verwys word waarin evaluering van die Bybel – spesifiek dan ook van die Bybel in die kader van die literariteit van literatuur – eksplisiet gemaak en gestel word. Onderstaande verwysings en aanhalings bied 'n goeie oorsig oor die waarde wat deur verskillende mense, bekendes en minder bekendes, aan die literariteit van die Bybel toegeken word.

- Daar is reeds genoem dat Aurelius Augustinus AD 426/7 verklaar het dat daar nie alleen niks wyser (*sapientius*) kan wees as wat in die Bybel aangetref word nie, maar dat niks meer welsprekend (*eloquentius*) kan wees as die Bybel-skrywers se styl waarin die wysheid gedra word nie (*De Doctrina Christiana*, Boek IV, vi, 9; in Green, 1995:206 – vgl. weer 2.2.2.2.3(ii).)

- Die eerste woorde in die voorwoord van *The Holy Bible, English Standard Version (ESV)* (2001) evalueer die Bybel in die trant van die *King James Bible*-vertalers van 1611 se evaluering:

‘This Book [is] the most valuable thing that this world affords. Here is wisdom; this is the royal Law; these are the lively Oracles of God.’ With these words the Moderator of the Church of Scotland hands a Bible to the new monarch in Britain’s coronation service. These words echo the King James Bible translators, who wrote in 1611: ‘God’s sacred Word...is that inestimable treasure that excelleth all the riches of the earth.’ This assessment of the Bible is the motivating force of the English Standard Version. (Preface, ESV, 2001.)

- John Donne beskryf – ook in die sewentiende eeu (1640) – die alles-oortreffende waarde en uniekheid van die Bybel soos volg:

There are not in all the world so eloquent Books as the Scriptures; and...nothing is more demonstrable, then (sic!) that if we would take all those Figures, and Tropes, which are collected out of secular Poets, and Orators, we may give higher, and livelier examples, of every one of those Figures, out of the Scriptures, then out of all the Greek and Latine Poets, and Orators. (John Donne, 1640; in Preminger & Greenstein, 1986:13-14.)

- Timothy Dwight skryf in 1772 in sy *A Dissertation on the History, Eloquence, and Poetry of the Bible*:

...he account of Creation, – of Eliezer and Rebekah, – of the Israelites’ passage thro’ the Red sea – & of the Law given at Sinai – ...of David and Jonathan – ...Each of these is handled in a manner masterly and inimitable; each of these is treated with that peculiar simplicity, which is a grand characteristic of every species of inspired writing, & which effects the mind more than all the artful, studied flourishes of Rhetoric. (Timothy Dwight, 1772; in Preminger & Greenstein, 1986:2.)

- Heinrich Heine stel dit in 1890 pront: “*What a book! It is the Book of Books, biblia [the Bible]*” (Heinrich Heine, 1890; in Preminger & Greenstein, 1986:3).

- Robert Gordis verklaar in 1960 die Bybel klassiek-literêr:

The nobility and eternal relevance of the Bible is heightened by its superb literary form. The Bible is a library of masterpieces written by men who are artists not for art’s sake, a conception which they would not have favored had they known it, but for live’s sake...With the sure instinct of genius, they utilized the literary techniques and forms of their day and developed them to perfection. Unbeknown to themselves, they produced a gallery of classics in which deceptive simplicity conceals the highest art. (Robert Gordis, 1960; in Preminger & Greenstein, 1986:10.)

- Henn verklaar in sy publikasie *The Bible as literature* (1970) dat die Bybel in vergelyking met ander literatuur kwalitatief uniek is: “As ‘*literature*’ it (= the Bible) is, in many ways, remote from our present consciousness. There is no single work of comparable quality and intention...with which we may compare it” (Henn, 1970:21).
- Stendahl noem die Bybel naas ‘*Holy Scripture*’ ook ’n ‘*classic*’, laasgenoemde nie op grond van sy innerlike kwaliteite op sigself nie, maar op grond van die wye *erkenning* van die innerlike kwaliteite wat daarin is (Stendahl, 1984:4-5).
- Bronzwaer (1986:9) verwys daarna dat Frye (1957; 1986) – wat ingrypende veranderinge in literêrwetenskaplike besinning oor die Bybel-as-literatuur gedurende die twintigste eeu teweeg gebring het (vgl. weer 2.2.2.6.1(iii)) – die Bybel as die *belangrikste* literêre werk van die Westerse kultuur beskou. Dit is die boek met die grootste “*informing influence*” op literêre simboliek (Frye, 1957:316).
- Wright noem die Bybel die *hoeksteen* van die Westerse beskawing, “*feeding in countless ways into our ‘secular’ literature*” (Wright, 1988:41).
- Ander, soos Eslinger, skakel sekere dele van die Bybel aan mekaar om deur ’n proses van “*inner-biblical exegesis*” die “*inner-biblical allusions*” as “*literary richness*” van die Bybel te bespreek (Eslinger, 1992:47 e.v).⁴⁵
- Deist sien die Bybel egter as ’n “*fairly accidental collection of writings*” wat nie vir hulle literêre meriete versamel is nie (Deist, 1994:335).
- Ryken gaan sover om die Bybel byna ongekwalifiseerd literêr te tipeer en te verklaar dat dit ’n skoonheid besit wat ander boeke oortref: “*In short, the Bible is not an occasionally literary book – it is mainly a work of literature...unquestionably the most beautiful book in the world*” (Ryken, 2001:509; beklemtoning *mainly* is van Ryken).

Dit is duidelik dat hierdie uitsprake (op een ná – dié van Deist, 1994, wat egter ook binne ’n bepaalde konteks – waarop hier nie verder ingegaan word nie – gelees moet word) die Bybel as besondere *ryk, hoë kwaliteit*-literatuur huldig.

Die uniekheid van die Bybel, literêr gesproke, lê dus nie daarin dat dit *méér*, of iets *ànders*, as egte literatuur is nie, maar dat dit *kwalitatief* as *unieke literatuur geëvalueer*

⁴⁵ Dit is volgens Deist nie ’n bewys dat die hele Bybel dan as “*great literature*” kan deurgaan nie (Deist, 1994:335, 340).

word. Hierdie bevinding strook met wat uit die oorsig oor die loop van die geskiedenis waargeneem kon word.⁴⁶

2.2.3.2 Die onderlinge verhouding tussen die Bybel en (sekulêre) literatuur

2.2.3.2.0 Inleiding

Die verhouding tussen die Bybel en (sekulêre) literatuur is logies nie dieselfde in die ontstaanstyd van die Bybel en (ander) literatuur as tussen die Bybel en latergevormde literatuur (later as die literêre en kulturele ontstaansmilieu van die Bybel) nie. Daarom word die onderlinge verhouding tussen die Bybel en die kontemporêre literatuur van sy onstaanskonteks eers bespreek (2.2.3.2.1). Dit bring noodwendig ook 'n kort terugverwysing na 2.2.2.1.3 mee, waar die Bybel as deel van die historiese ondersoek na die erkenning van sy literariteit in sy eie kontemporêre konteks geplaas is. Daarna, in die tweede plek (in 2.2.3.2.2), volg 'n uitgebreider bespreking van die Bybel en latere literatuur se onderlinge verhouding (literatuur later as die Bybel se onstaanskonteks). Derdens word 'n samevattende konklusie in verband met die onderlinge verhouding tussen die Bybel en (sekulêre) literatuur afsluitend in 2.2.3.2.3 gegee.

2.2.3.2.1 Die Bybel en die kontemporêre literatuur van sy onstaanskonteks

Dat die Bybel binne die konteks van sekulêre literatuur sy ontstaansmilieu gevind het en daarom ook ooreenkomste daarmee vertoon, het reeds vroeër in hierdie navorsing geblyk. In 2.2.2.1.3(i) is aangetoon dat die Bybel die kontemporêre nomenklatuur van sy literêre ontstaanstyd reflekteer. Verder, in 2.2.2.1.3(ii), is byvoorbeeld aangetoon dat die literêre genre *evangelie* 'n verwantskap met die populêre genres van die kontemporêre Hellenistiese literatuurwêreld vertoon, naamlik met die genres wat deur Gabel, Wheeler en York 'romance', 'aretalogy' en 'biography' genoem word (Gabel, Wheeler & York, 2000:184-185).

Hierdie ooreenkomste kan gesien en verstaan word as 'n bloot noodwendige realiteit binne 'n gedeelde historiese konteks, of dit kan ook so beskou word dat die openbaring van God in sy uiteindelijke tekstuele vergestaltung in die vorm van dit wat ons *Bybel* noem, die literêre *invloed* van ander literatuur vertoon. Beide beskouings is geldig, want die Bybel is as literatuur nie 'n vreemde verskynsel nie, maar is ingebed in 'n historiese onstaanskonteks en sal daarom ooreenkomste met kontemporêre literatuur vertoon – of die ooreenkomste as blote noodwendige realiteit of as invloed van (ander) literatuur beskou word. Die Bybel is immers kommunikasie deur medium van algemene menslike

⁴⁶ Die Bybel se uniekheid word natuurlik ook bepaal deur die besondere inhoud en betekenis wat dit, vanuit 'n religieuse oopgpunt gesien, dra. Bostaande opmerking word egter hier vanuit 'n *literêre* hoek gemaak.

taal, taalpotensiaal, taalkonsepte, taalaanwending en taalvaardighede waaruit enige (ander) literatuur bestaan. Die Bybel is *in* die wêreld, maar by wyse van spreke vanweë sy religieuse openbaringskarakter natuurlik nie *van* die wêreld nie. David Aune se uitgebreide werk (1987) oor die literêre omgewing waarin die Nuwe Testament tot stand (tot s(S)krif!) gekom het, stel die tyd- en kultuurkontekstuele bepaaldheid van die Nuwe-Testamentiese geskrifte en hulle beïnvloeding deur ander literatuur onomwonde:

Paul's letters were written in a popular form of literary Greek using Hellenistic arguments, styles and forms. In fact, every book of the New Testament reflects to varying degrees an accommodation between Jewish religious and ethical values and traditions and Hellenistic forms of linguistic, literary, rhetorical and conceptual expression...Four major literary types are represented in the New Testament: gospels, acts, letters, and apocalypse. They obviously correspond to ancient bibliographical, historical, epistolary, and apocalyptic literature. (Aune, 1987:12, 13.)

In die lig hiervan moet dit as 'n onontkenbare feit gestel word: kontemporêre literatuur het in die Bybel se ontstaanstyd 'n rol gespeel in die 'literatuurwording' van die openbaring in die tekstuele vorm daarvan wat in die Bybel gegee is – of dit dan as invloed of as noodwendige ooreenkoms gesien word. Daar bestaan dus 'n *resiproke* verhouding tussen die Bybel en die literatuur van sy kulturele ontstaanskonteks.

2.2.3.2 Die Bybel en latere literatuur (later as die Bybel se ontstaanskonteks)

Wat die verhouding tussen die Bybel en latere literatuur betref, is die beïnvloeding nie resiprok nie, maar uiteraard net geleë in die rigting vanuit die Bybel na (ander) literatuur. Dit word nou verder kortliks bespreek.

Die waarde-uitsprake oor die Bybel waarna in 2.2.3.1 verwys is en/of daar aangehaal is, roep die volgende vrae op: Uit watter kulturele plasing word hierdie kwalitatiewe hoogskatting van die Bybel wat in die uitsprake gereflekteer is, gemaak? Is dit werklik so dat die Bybel op grond van suiwer literêre gronde so hoog – en daarom uniek – aangeslaan word, of is dit net so omdat die waardeoordeel vanuit 'n Westerse kultuurkonteks gemaak word waarin die Bybel 'n *sentrale* plek inneem (vgl. weer die bespreking van Van Peer se model in 2.1.3) en groot invloed uitoefen/uitgeoefen het? Is die Bybel dan 'ons' literatuur, en is dit omdat dit 'ons s'n' is, uniek tussen ander literatuur?

Deist neem sterk standpunt teen so 'n beskouing in. Hy stel dat die Bybel nie 'ons' (d.i. Europese, Amerikaanse, Afrika-) literatuur is nie. Dit is, wat die Ou Testament betref, Hebreeuse literatuur (Deist, 1994:329) – en na analogie van sy standpuntinname moet die Nuwe Testament dan natuurlik as Griekse of Joods-Christelike literatuur in 'n Grieks-Romeinse kultuurkonteks beskou word. Alleen deur dit as sodanige literatuur te lees, kan

daar volgens Deist sinvol en verantwoordelik betekenis uit die oorspronklike Bybelteks vasgestel word.

Hierteenoor kan egter geredeneer word dat die Bybel in sy wyd-vertaalde voorkoms in baie kultuurgemeenskappe as't ware 'verinheems' in die kulturele taalkontekste van gemeenskappe waar dit as 'n normatiewe geloofsboek 'n prominente, sentrale plek inneem. Dit is oorspronklik Hebreeuse en Griekse Joods-Christelike literatuur, maar dit bly nie slegs Hebreeuse of Griekse Joods-Christelike literatuur wat net binne daardie oorspronklike kultuurkonteks figureer nie. Die invloed daarvan is so groot dat dit nie net wat tematiek (inhoud) betref 'n groot en beduidende rol in verwyderde (latere) kulturele taalkontekste speel nie, maar ook op latere literêre *vormgewing* binne ander kontekste waarin Bybelse tematiek gedra word (metaforiek, argetipes, verhaaltrant, handelingsverloop, ensovoorts) 'n aanwysbare en onmiskenbare stempel afdruk.

Bestudering van byvoorbeeld die Afrikaanse literatuur bring aan die lig dat die Bybel – ook *littêr* gesproke – op die werk van digters soos J.D. du Toit (Totius), D.J. Opperman, T.T. Cloete, P.W. Buys, I.L. de Villiers en Tom Gouws (om net enkeles te noem) onteenseglik 'n besondere groot invloed het. Studies wat hieroor handel, is byvoorbeeld uitgevoer deur Cloete (*Die boek wat laaste uitgepak word: oor die Bybel in die Afrikaanse digkuns*, s.j.) en Beukes (*Die Bybelse intertekste as Livingstone-spoorbakens in Tom Gouws se Syspoor*, 2003) – om maar met twee studies te volstaan.⁴⁷

Die studie van Cloete oor die Bybel en die Afrikaanse digkuns open besondere perspektiewe op die Bybelse uitwerking en inwerking op – en inspraak in – die poësie van die relatief jong Afrikaanse taal. Die volgende kan ter illustrasie in dié verband aangemerkt word:

- Totius, saam met Leipoldt en Celliers een van die eerste geslag Afrikaanse digters van die twintigste eeu (bekend as die *Driemanskap*), se digwerk toon omvattende Bybelse invloed. Sy gedigte staan onder Bybelse motto's. In sy gedig met die titel *Die Palimpsest* (Du Toit, 1962:491) spel hy fyn poëties uit hoe hy die verhouding tussen die digterlike woord en die Woord van God sien: agter of onder die digter se woord is daar 'n subteks, 'n ander, tweede of derde teks, 'n simboliese teks – in sy geval die Woord met 'n hoofletter. Dit is belangrik om

⁴⁷ Die invloed van die Bybel op ander Westerse literatuurtekste sou ook ten opsigte van ander Westerse literatuur soos die Italiaanse, Engelse, Duitse en Nederlandse aangetoon kon word. Die Bybel se invloed op die woordkunsige Italiaanse literatuurtekste van die digter Dante en op die Engelse literatuur is byvoorbeeld merkwaardig. Daar kan in dié verband weer na die historiese oorsig verwys word, onderskeidelik na 2.2.2.4.3-2.2.2.4.5 en na 2.2.2.5.1 en 2.2.2.5.2. Publikasies waarin die invloed van die Bybel op die Engelse literatuur in redelik uitgebreide besonderhede aangestip word, is onder meer dié van Jasper & Prickett, S. eds. (1999; *The Bible and literature. A reader*) en dié van David Norton (1993; *A history of the Bible as literature*). Hier word egter volstaan deur ter illustrasie en staving van die Bybel se invloed op latere literatuur net na die Bybel se invloed op die Afrikaanse digkuns te verwys.

daarop te let dat die Psalmberyming van Totius (’n bepaalde vorm van himnografie) in die twintiger- en dertigerjare van die vorige eeu sy poësie uit daardie tyd duidelik beïnvloed het. (Cloete, s.j.:2-3, 4, 5-6.) Dit is met ander woorde nie net Totius se poësie van die Psalmberyming wat uiteraard Bybels is nie – ook sy *ander* poësie is via sy berymingspoësie Bybels gestileer.

- Dit is nie net gelowige digters soos Totius wat duidelik in ’n intertekstuele verhouding met die Bybel staan nie. ’n Digter uit dieselfde tyd, Leipoldt, was nie ’n uitgesproke gelowige nie, maar dig byvoorbeeld in meer as een van sy gedigte oor die Kersnaggebeure. (Cloete, s.j.:1, 5, 37.)

- By die sogenaamde *Twintigers* (onder andere Visser, Toon van den Heever en Marais) is karakterisering op Bybelse sjabloon en Bybelse vormgewing in die poësie voortgesit. Maar dit is veral die digwerk van die sogenaamde *Dertigers* (W.E.G. Louw, Elizabeth Eybers, N.P. van Wyk Louw, Uys Krige) wat ’n baie duidelike inwerking van die Bybel op die Afrikaanse poësie vertoon – baie diepgaande en intenser as ooit. ’n Geïntensiveerde en intieme Bybelse intertekstualiteit ontstaan. Dit was die tyd van gestaltepoësie, waarin Bybelse figure prototipes word. Maar dit is nie net Bybelse tematiek en karakters wat op Bybelse model geknip en gekarakteriseer is wat die Bybel se invloed op die Afrikaanse digkuns kenmerk nie. By ’n belangrike en invloedryke Dertiger soos N.P. van Wyk Louw is sy idiolek Bybels, ook is sy taal en sy beelddeskat onmiskenbaar Bybels. Die *Veertigers*, soos D.J. Opperman en Olga Kirsch, enkele digters van die vyftigerjare, soos Ina Rousseau, en dan veral ook die *Sestigers*, soos Cussons, Small en Walters, sit almal die intertekstuele gesprek met die Bybel voort. Selfs ’n Sestiger soos Breytenbach, wat nie ’n Christelike digter is nie, het talle Bybelse verwysings in sy gedigte. (Cloete, s.j.:6-32.)

- Afrikaanse digters wat spesifiek Christelike digters is (*Christelik* blykbaar te verstaan in die sin dat die grootste deel van hulle oeuvre ‘Christelike’ of Bybelreflekerende gedigte bevat – JPB), soos I.L. de Villiers, P.W. Buys en Lina Spies (al drie uit die Afrikaans-Calvinistiese tradisie), asook Sheila Cussons en Vader Bonaventure Hinwood (beide uit Rooms-Katolieke tradisie wat ook in Afrikaans dig), dig voort in ’n intertekstuele verbandlegging met die Bybel. (Cloete, s.j.:32-33.)

- Cloete kom tot die slotsom dat die betrokkenheid van die Bybel by die Afrikaanse digkuns algaande eerder toegeneem as afgeneem het, nie alleen kwantitatief nie, maar ook in intensiteit. (Cloete, s.j.:35-38.)

Die oorsig wat hier gebied is oor die invloed van die Bybel op die Afrikaanse digkuns en die intertekstuele verhouding wat tussen die Bybel en latere (dus ná-Bybelse) literatuur bestaan, word as voldoende geag om as bewys- en illustrasiemateriaal aan te toon dat die Bybel wel in latere literatuur ‘verinheems’ en deel van ‘ons’ literatuur kan word – nie net wat tematiek betref nie, maar ook wat vormgewing, simboliek, metaforiek, arge- en prototipes en ander literêre aspekte betref. Met hierdie stawende illustrasiemateriaal word nie ontken dat die Bybel, streng literêr-gesproke, literatuur is wat *pre-* of *vóór-*Westers is en eerstens so gelees moet word nie; dit wil net stel dat dit om ander redes as (net) suiwer religieuse redes wel integraal deel van ’n latere, in hierdie geval Westerse, kultuur- en taalkonteks kan word en inderdaad geword het.

Die stelling kan dus nou gemaak word dat as die Bybel prominent en sentraal as Kanon (met ’n hoofletter) in ’n bepaalde kultuurkonteks leef, is dit onmiskenbaar en onweerlegbaar so dat dit ook prominent in daardie kultuur *inburger* in die kanon (met ’n kleinletter) van literatuur in die bepaalde gemeenskap – selfs ook in die literêre werk van woordkunstenaars wat die Bybel nie noodwendig as ’n religieuse (hoofletter-)Kanon erken nie. Dit is selfs ook meer as ’n inburgering: ná die aanvanklike verinheemsing van die Bybel in ’n kultuur speel dit ’n bepalende rol in die verdere *ontwikkeling* van daardie kultuur, sodat dit in daardie gemeenskap deel van ‘ons’ kultuur geag, geleef en beleef word en verder onder invloed daarvan so ontwikkel. Die totale Westerse kultuur is in sy ontwikkeling sedert die begin van die jaartelling en deur die loop van die eeue in verskeie opsigte ’n sprekende voorbeeld daarvan.

By die beskouing deur Frye van die Bybel as belangrikste literêre werk word later (in 1991) deur Van Peer aangesluit in sy artikel (wat in 2.1.3 opgesom is) as hy stel – soos waarna ook hierbo reeds vlugtig verwys is – dat die Bybel as ’n *sentrale* teks binne die Westerse gemeenskap beskou moet word (Van Peer, 1991:130).⁴⁸

Ryken sit ook in ’n insiggewende artikel die literêre invloed van die Bybel uiteen. Die Bybel is/word onder meer as ’n literêre bron gebruik vir kernspreuke, onderwerpe vir die digkuns of as temas van verhale (Ryken, 1993c:474, 477-480). Verwysings na en sinspelings op Bybelgedeeltes en -tekste word dus in verskillende vorme in die Westerse literatuur aangetref.

Dié uitsprake oor die Bybel se belangrikheid en posisie van sentraliteit binne die korpus van (Westerse) literatuur bring mee dat aandag nie net toegespits moet wees op die vraag

⁴⁸ Die Bybel staan dus in die kwadrante-model wat Van Peer van literariteit konstrueer, sentraal binne die kwadrant regs onder. Dit is geskrewe tekste met ’n hoë graad van tekstualiteit en literêre digtheid (Van Peer, 1991:139; sien weer 2.1.3).

òf die Bybel literatuur is nie. Dit is belangrik om daarop te let dat dit duidelik word dat die Bybel 'n onmiskenbare invloed op (ander) literatuur uitoefen en as gevolg daarvan selfs in die bepaling van *wat* literatuur is, 'n beduidende en onontbeerlike rol speel.

2.2.3.2.3 Samevattende konklusie in verband met die onderlinge verhouding tussen die Bybel en (sekulêre) literatuur

Om nou die gegewens en beredenering in 2.2.3.2.1 en 2.2.3.2.2 op te som, kan 'n samevattende konklusie so verwoord word:

Die Bybel as teksgeworde religieuse openbaring staan eerstens in 'n *resiproke (beïnvloedings-)verhouding* tot die kontemporêre literatuur van sy kulturele ontstaansmilieu, terwyl dit tweedens 'n *sterk beïnvloedende* rol speel in literatuur wat later ontstaan het, veral ten opsigte van die literêre kanon van kultuurgemeenskappe waarin die Bybel as gesagvolle, religieuse Kanon erken word en sodanig fungeer. Eersgenoemde (naamlik die *resiproke (beïnvloedings-)verhouding* tot die kontemporêre literatuur van sy kulturele ontstaansmilieu) impliseer nie 'n gelykskakeling van die Bybel en (ander) literatuur nie, maar gaan uit van die noodwendigheid dat 'n gedeelde kultuurhistoriese konteks (waaronder ook *literêre* konteks verstaan moet word) literatuur sal stempel. Laasgenoemde (die *sterk beïnvloedende* rol wat die Bybel speel in literatuur wat later ontstaan het) impliseer eweneens nie 'n gelykskakeling van die Bybel met (ander) literatuur nie, maar dui aan dat die Bybel in wese en in effek uniek is en dien-ooreenkomstig figureer in bepaalde gemeenskappe. Daarmee word die uniekheid van die Bybel soos dit in 2.2.3.1 hierbo waargeneem is, dus geensins in gedrang geplaas nie, maar intendeel herbevestig.

2.2.3.3 Samevattende konklusie in verband met die Bybel en (sekulêre) literatuur

In verband met die Bybel tussen (sekulêre) literatuur en sy verhouding tot (ander) literatuur kan samevattend gekonkludeer word:

Die Bybel as teksgeworde religieuse openbaring is uniek tussen (ander) literatuur, en dit tree daarmee in 'n *resiproke (beïnvloedings-)verhouding* in sy ontstaansmilieu op, terwyl dit in latere tye in 'n *sterk beïnvloedende verhouding* staan tot die (sekulêre) literatuur van bepaalde kultuurgemeenskappe waarin die Bybel as Kanon erken word. Die Bybel is dus *nie iets anders* as (ander) literatuur nie, maar is wel *anders* as ander literatuur - dit is dus *uniek*.

2.2.3.4 Konklusie in verband met die literariteit van die Bybel in die lig van die bespreking van die Bybel en (sekulêre) literatuur

Bostaande konklusie in verband met die Bybel en sy verband met en verhouding tot (ander, sekulêre) literatuur lei tot die volgende konklusie in verband met sy literariteit:

Die uniekheid van die Bybel tussen (ander) literatuur en sy onderlinge verband met (ander) literatuur *ondersteun* die voorlopige gevolgtrekking waartoe reeds by sowel 2.2.1.3 as 2.2.2.8.3 gekom is, naamlik dat die Bybel *wel literatuur* is.

Daar kan nou tot 'n finale konklusie in verband met die Bybel as/en literatuur gekom word.

2.2.4 Finale konklusie in verband met die Bybel as/en literatuur (die literariteit van die Bybel)

In die lig van die bespreking van verskeie fasette rondom literatuur, insluitend die vrae na wat literatuur is (2.1), hoe literêr die Bybel is (2.2.1), hoe literêr die Bybel benader is tydens die verskillende hoofperiodes van die geskiedenis (2.2.2), en wat die uniekheid van die Bybel tussen (ander) literatuur is en wat sy onderlinge verband met (ander) literatuur is (2.2.3), word tot die volgende gevolgtrekking as finale konklusie in verband met die literariteit van die Bybel gekom:

Die Bybel is as *teksgeworde* religieuse openbaring *egte literatuur* in die onmiskenbare *gestalte* van en met die hoë *gehalte* van *taalkuns* as 'n algemeen menslike verskynsel, waarin dit 'n *onderskeie* maar tog *sentrale* plek inneem – met name, maar nie *slegs* nie – binne die kultuurhistoriese (insluitend *literêre*) ontwikkelingsgang van die Christelik-Westerse wêreld. Die literariteit van die Bybel word bevestig deur die feit dat verantwoorde betekenisontsluiting van die Bybelteks nie sonder deeglike aandag aan die literêre aspekte, vorm en styl van die teks moontlik is nie. Die literariteit van die Bybel het dus nie soseer te make met die vraag of die Bybel literatuur is nie – die Bybel is inteendeel vanweë die sentrale plek wat dit in die Westerse kultuurwêreld inneem van beduidende belang in die bepaling van wát literatuur is. Die literariteit van die Bybel is ook die klaarblyklieke stimulus vir die religieuse beantwoording van die ‘openbarings-dramatiek-in-narratiewe-konteks-en-vorm,’ onder meer deur poësie wat die beantwoording van en respons op die openbaring in 'n kreatiewe himnografiese bewerking vorm laat aanneem. Die Bybel is dus, literêr gesproke, nie *iets* anders as ander literatuur nie, maar is as literatuur met 'n teksgeworde religieuse

openbaringsinhoud wel *anders* as ander (sogenaamde *sekulêre*) literatuur; dit wil sê dit is *unieke* literatuur met kragtige literêre invloed.

Hierdie finale konklusie in verband met die Bybel-as-literatuur hou implikasies vir die ondersoekbenadering tot die Bybel in. Daar word vervolgens hieraan aandag gegee.

2.2.5 Die ondersoekresultate in verband met die literariteit van die Bybel se implikasie vir die verdere verloop van die huidige navorsing

Die beskouing van die Bybel as egte, taalkunstige, onderskeie, sentrale, unieke en hoë kwaliteit literatuur binne die algemene menslike verskynsel *literatuur* sal noodwendig implikasies hê vir 'n ondersoekbenadering en -metode ten opsigte van die Bybel. Dit is logies dat literatuurwetenskaplike insigte en tendense by die interpretasie van Bybeltekste 'n rol speel (vgl. Du Plooy, 2001:16-17), juis omdat daar nou vasgestel is dat die Bybel sonder twyfel literatuur is, dat dit invloed op ander literatuur in kultuurgemeenskappe waarin dit 'n sentrale plek inneem, uitoefen, en – les bes – dat dit ook mede-bepalend is in die vasstelling van wat literatuur is. Met name sal dit ook so wees in himnologies-teologiese navorsing waar die ondersoek eventueel spesifiek gefokus word op en die aandag bepaal word by tipiese literêre aspekte soos die konstituerende krag van die genre-onderskeidings *dramatiek*, *epiek* en *liriek* in liedskrywing.

Navorsing van die *inhoud* van die Bybel as openbaring van God bly natuurlik primêr en is uiteraard teologies van aard. Die *vorm*, die literêre kunsverpakking ('*artistry*') en organisasie van die openbaringsgegewens bring egter 'n "*meticulous attention to the detail of language and structure*" mee (Bauckham, 1993a:x). Hierdie aandag aan taal en taalstruktuur en ook aan algemene literêre kenmerke is essensieel en onontbeerlik vir die interpretasie en verstaan van die Bybel.

Ryken en Ryken stel met groot stelligheid die onontbeerlikheid van literêre oorwegings vir 'n juiste verstaan van die Bybel:

...when we read the Bible, literary considerations are not optional features to which we might attend only if we have an interest in literary matters. We need to pay attention to the *how* of a Bible passage as preliminary to understanding *what* is said. (Ryken & Ryken, 2007:vii; beklemtoning van Ryken en Ryken; vgl. ook 2007:xii en xvii.)

Hulle stelling sluit aan by die implikasie, sê hulle, wat dié beskouing het (dat literêre oorwegings van kardinale belang is):

This means that a certain priority needs to be given to literary form – not a priority of importance but a priority in the sense of what comes first...The literary approach is the

first item on the agenda – the starting point for other approaches to the Bible. (Ryken & Ryken, 2007:ix.)

’n Literêre lesing van die Bybel waarin dit as literatuur geles word soos literatuur in die algemeen geles (behoort te) word, is ook volgens James Ressiguie kardinaal belangrik en onontbeerlik. Dit word nie gedoen om die gesagvolle aard van die Bybel as teks-geworde openbaring in te perk, te veralgemeen en/of van sy religieuse uniekheid te stroop nie. Intendeel:

A literary reading does not diminish the understanding of Scripture, but rather enhances the meaning that is in the text. The New Testament is read on its own terms, which means that the figures of speech, formal organization, and other literary aspects are analyzed. (Ressiguie, 2000:815.)

Indien hierdie benadering verstaan word as die regte beklemtoning van die absolute belangrikheid van literêre konsepte in Bybelverklaring en nie as ’n verkeerde of oorbeklemtoning daarvan ten koste van byvoorbeeld teologiese en historiese benaderings nie, is dit vanselfsprekend dat ’n studie wat vir liturgiese liedskrywing (hymnografie) op bekende en geykte literêre onderskeidings fokus, nie anders kan nie as om die Bybel as literatuur te lees en dit met groot sensitiwiteit so te benader. Volgens die standpunt dat die Bybel “*die heilige en Goddelike Skrif is*” wat goddelik geïnspireer is (Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 3: *Die geskrewe Woord van God*; vgl. 2 Pet. 1:21), moet die vorm waarin God die opskrifstelling van die openbaring laat plaasvind het, ook as geïnspireerd gesien word. Al is die boeke van sowel die Ou as die Nuwe Testament dus mensgeskrewe en juis mede as gevolg daarvan egte literatuur, is die boeke geskryfte van ’n geheel en al eie aard: “...geïnspireer deur die Heilige Gees, van Goddelike oorsprong, heilig en kanoniek...” (Coetzee, 1988:22). Dit beteken dat daar selfs nie eers verklaar hoef te word dat God die inhoud én die vorm beide geïnspireer het nie; niks anders as die *inhoud* word immers in (mensgeskrewe) literatuurvorm gedra en beliggaam nie (vgl. Ryken & Ryken, 2007:xiv). Vorm en inhoud is sáám geïnspireer en kan ’n *geïnspireerde twee-eenheid* genoem word.

Met die verklaarde uitgangspunt dat sowel die inhoud as die vorm van die Bybel geïnspireer is, word daar nie *bibliolatrie*⁴⁹ in enige vorm in die ondersoek van die Bybelteks gesuggereer of bepleit nie. Dit is belangrik om hier te stel dat daar in hierdie studie hoegenaamd nie van die ideologiese bibliolatrie-verklaringsbenadering van die Bybel uitgegaan word nie. Die studie en die ondersoekmetode wat gebruik word, is/word duidelik daarteen afgegrens. Met die uitgangspunt dat die Bybel ’n geïnspireerde twee-

⁴⁹ Die term *bibliolatrie* dui ’n verkeerde omgang met die Bybel aan. “*Bibliolatrie – afgodery met die Bybel – is wanneer jy nie die God van die Bybel nie maar die Bybel van God aanbid. Die Bybel is God se Woord. Dit is openbaring deur die Woord. Die Bybel is middel ... en nie doel nie*” (Bingle, 2011:37); vergelyk ook Bingle, 1988:10.

eenheid is, word slegs klem gelê op die beskouing dat die Bybel die teksgeworde openbaring van God is waarin die tekstuele vorm, genoem *Bybel*, die *vorm-van-openbaring* is. Verantwoordelike betekenisont-sluiting van die Bybelteks kan dus nie geskied sonder 'n primêre en basiese literêre benadering waarin vorm en inhoud saam goed deurskou word nie.

Die implikasie van bostaande beredenering is dat die beste literêre instrumente by die ontleding van die Bybelliteratuur gebruik behoort te word (Ryken, 1987:355). Verantwoordelike gebruikmaking van dié analiseringsinstrumente open perspektiewe wat in die interpretasie van Bybeltekste 'n noodsaaklike funksie vervul. Gros Louis maak oor die waarde van literêre instrumente die volgende belangrike stelling:

The issue, in a sense, may be whether we see literary criticism of the Bible as a further extension of its secularization and therefore as damaging; or whether we see literary criticism as a new means of introducing readers of the Bible to its richness. It may also be, of course, that by making the Bible more accessible, by teaching it like any other literary text, we may indeed be demystifying it in a way that will permanently damage its authority as Scripture. My own opinion is that this risk – if it exists at all – is worth taking. (Gros Louis, 1982:17.)

Wat sou dan 'n profytlike literêre benadering van die Bybel wees?

Gros Louis noem minstens vyf vrae wat 'n literêre kritikus stel as hy/sy 'n stuk literatuur, soos 'n narratief, benader.

- (i) Hoe is die literatuurproduk gestruktureer en georganiseer?
 - (ii) Wat is die toon(-aard) van die narratief? Is die narratief '*condescending*' of apologeties?
 - (iii) Watter veranderinge is daar by karakters in die progressie van die literêre werk?
 - (iv) Is die aksie in die narratief aanneemlik/aanneembaar/plousibel?
 - (v) Watter invloed het die narratief op die lesers?
- (Gros Louis, 1982:17-19.)

Al hierdie vrae kan herlei word na die grondliggende vraag wat uiteindelik beantwoord moet word: hoe verkry die betrokke stuk literatuur die betekenis wat dit het? As dié vraag nie beantwoord word nie, word nie – aldus Gros Louis – met literatuur as literatuur gewerk nie, maar eerder met literatuur as filosofie of as geskiedenis of as teologie of as psigologie, ensovoorts – almal dissiplines wat wel verband hou met literatuur, dit beïnvloed en volgens hom ook deur dit beïnvloed word (Gros Louis, 1982:19-20). Die waarde van die literêre benadering van die Bybel kom egter tot sy reg as dit primêr as

literatuur gelees en ontleed word.⁵⁰ Daarmee word nie beweer dat die lees en verstaan van die Bybelliteratuur nie verband hou met insette van naasliggende dissiplines nie. Intendeel, die waarde van 'n literêre benadering kom optimaal na vore as dit 'n literêre benadering in die volle sin van die woord is wat die Bybel as literatuur lees, bostaande vroeë literêre beantwoord en waarin die rol van verbandhoudende dissiplines nie uitgesluit word nie. As gevolg van laasgenoemde se belangrike rol moet hulle juis in die ontleiding van die teks ingesluit word sodat volle ontsluiting van die literatuurteks kan plaasvind.

Al is bogenoemde benadering dikwels vir teoloë riskant (vgl. weer Gros Louis, 1982:17, se vraag of dit enigsins riskant is), is dit volledig *verantwoordbaar*. So 'n benadering beklemtoon dat die literêre ontleder deur die belangrike vroeë wat in die literêre teorie gevra word, toegelaat moet word om die literêre deel van betekenisontsluiting voluit te laat plaasvind. Alleen dan is 'n literêre benadering tot die Bybelliteratuur waardevol en kan dit saam met die teologiese ontleiding – as noodsaaklike déél daarvan – 'n teks se betekenis verantwoordelik ontsluit.

Wanneer 'n leser die Bybel gewoon as literêre teks lees, is dit goeie literatuur en niks meer as dit nie. Wanneer die leser dit egter as *gelowige* leser lees, die Bybel met ander woorde as religieuse, gesaghebbende, teksgeworde literatuur wat die besondere openbaring dra, beskou en benader, bring dit 'n ander dimensie: 'n *gespreksgemeenskap* ontstaan ('*communicative community*' wat 'n '*interpretative community*' is, vgl. Fish, 1980). In hierdie gemeenskap wat ontstaan, is dit ondenkbaar dat die beginsels ten grondslag van literariteit nie steeds belangrik sal wees en die vorm waarin die literatuur wat die gemeenskap laat ontstaan, gegiet is, nie steeds as betekenisdraend geag sal word as gevolg daarvan dat dit 'n gesaghebbende teks vir die gelowige leser is nie. Intendeel, die openbaring is in die Bybel juis in die *vorm* van literatuur gegee en gegiet en dié is daarom van kardinale belang in die stig van die interpreterende gemeenskap, wat deur die gesag van die goddelike Woord (Literatuur!) die geloofsgemeenskap stig.⁵¹

⁵⁰ Longman, wat self die waarde en noodsaak van 'n literêre ondersoekbenadering onderskryf en bepleit, bly onder die indruk daarvan dat die Bybel unieke literatuur is en daarom nie sonder meer soos enige ander stuk (korpus) literatuur gelees kan word nie (vgl. Longman, veral sy vroeër aangehaalde 1985- en 1987-publikasies). Die Bybel is as gesagvolle religieuse materiaal uniek. Alhoewel die Christen-gelowige navorser die uniekheid van die Bybel te alle tye respekteer, is reeds (vgl. 2.2.4) aangetoon dat die uniekheid van die Bybel nie daarin geleë is dat dit as teksgeworde religieuse openbaring *iets* anders as literatuur is nie, maar dat dit wel *anders* as ander literatuur is. Die uniekheid geld sowel vorm as inhoud, want al is die vorm nie 'n vreemde medium nie maar 'n algemene menslike verskynsel/entiteit waarvan die funksie is om die openbaring te dra, is ook die vorm uniek vanweë die geïnspireerde twee-eenheidsverhouding tussen vorm en inhoud (soos hierbo reeds betoog is). Vorm is dan te alle tye te verstaan as die *vorm-van-die-openbaringsinhoud*.

⁵¹ 'n Vollediger uiteensetting van wat Fish met '*interpretative communities*' bedoel, volg in Hoofstuk 3 (sien later by 3.1.2.3.1(i)).

Uit bogenoemde beredenering is dit logies en duidelik dat die beskouing van die Bybel as egte, taalkunstige, onderskeie, sentrale, unieke en hoë kwaliteit literatuur binne die algemene menslike verskynsel *literatuur* waarin die openbaring vir die Bybelgelowige navorser *gesagvol teks* geword het, noodwendig daartoe sal lei dat dit die ondersoekbenadering en -metode sal bepaal. Kennis en toepassing van literêre ondersoekbeginsels is daardeur as noodsaaklik – inderwaarheid as *sine qua non* – vir die ontsluiting van die betekenis van die Bybelteks aangedui.

In die huidige navorsing waarin die konstituerende stramien van liturgiese liedskrywing se literêre aspekte bestudeer word vanuit die beginsels wat die teksgeworde openbaring in die boek Openbaring in verband daarmee ontsluit, ontvang die benadering van die Bybel-as-literatuur gevolglik 'n bepaalde prioriteit. Die prioriteit moet egter duidelik gekwalifiseer word: dit is nie *prioriteit* in die betekenis van belangrikheid of die 'belangrikerheid' van so 'n benadering as ander benaderings (soos byvoorbeeld sogenaamde 'suiwer' teologiese benaderings) nie, maar voorkeur in die sin van *logiese beginpunt* in die proses van die voorgenome ontsluiting en beskrywing van basis-teoretiese himnografiese beginsels. Die Literatuurwetenskap is hierin die *vertrekpunt* van 'n proses, die noukeurige proses naamlik om basisteoretiese beginsels in die Openbaringboek te ontsluit vir himnografie.

Omdat die bestudering van literatuur die opgawe van die Literatuurwetenskap is, sal die die benadering(s) tot die *studie* van literatuur noodwendig verder aandag moet ontvang ten einde vanuit 'n literêre vertrekpunt op 'n verantwoordbare wyse die gestelde navorsingsdoel te bereik. Dit word in Hoofstuk 3 as *eerste deel* van die teologiese proses van vasstelling, beskrywing en implementering van die basisteoretiese beginsels vir himnografie gedoen. Ná die bespreking van die saakmakende aspekte rondom die bestudering van literatuur vanuit 'n literatuurwetenskaplike hoek behoort die verhouding tussen Teologie en Literatuurwetenskap eksplisiet uiteengesit te word. Daarin sal die resultate wat pas in Hoofstuk 2 in verband met die literariteit van die Bybel bereik is, se implikasie vir die verdere verloop van die navorsing prakties uitgespel moet word. Dit word in Deel 2, Hoofstuk 4, gedoen ten opsigte van 'n interdisiplinêre benaderingshoek tot die studie van Openbaring asook ten opsigte van 'n navorsingsmetode – beide afgestem op die analisering en interpretasie van dié Bybelboek.

2.3 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 2

Nadat die onderwerp van die huidige studie gemotiveer en 'n algemene oriëntering ten opsigte van die navorsing in Hoofstuk 1 gegee is, is in hierdie eerste substansiële deel van die navorsing, Hoofstuk 2, 'n literêr-teoretiese basis vir die bestudering van literatuur en van die Bybel-as-literatuur gebied. Dit is deel van die metateoretiese vertrekpunte vir die

bestudering van basisteoretiese himnografiese beginsels waarheen die studie eventueel lei. Die oogmerk van die hoofstuk was om literêr-teoretiese perspektiewe op literatuur oop en helder te kry omdat 'n bepaalde en besondere vorm van literatuur, naamlik poëties-himniese stof – soos dit gestalte kry in *liturgiese liedskrywing* of *himonografie* – in die sentrum van die navorsingsaandag staan. Daarvoor is daar ook en veral op die *Býbel*-as-literatuur gekonsentreer.

Die ondersoek het in Hoofstuk 2 in die volgende stappe verloop. 'n Definisie of betekenisbepaling van die begrip *literatuur* is verwoord. Om die bepaalde en besondere vorm en gestalte van literatuur wat hier ter sprake is, naamlik himnografie, uiteindelik te kan analyseer, is die verhouding tussen die Bybel en literatuur daarna ondersoek en beredeneer. Dit is aan die hand van 'n ondersoek na die Bybel as/en literatuur gedoen. In dié fase van die ondersoek is eerstens voorlopig uitsluitel gekry oor die vraag of die Bybel wel literatuur is (dus: *literêre* oorwegings); tweedens is 'n historiese ondersoek onderneem en gedokumenteer as gevolg van 'n leemte wat bestaan ten opsigte van 'n behoorlike sistematisering van historiese gegewens in verband met dit wat die geskiedenis laat blyk met betrekking tot die Bybel se literariteit binne verskillende denkpatrone in die literatuurwêreld van die verlede (dus: 'n *historiese* oorsig); derdens is gepoog om 'n prinsipiële plek- en betekenisbepaling van die Bybel tussen (ander) literatuur te maak (dus: die *uniekheid* van die Bybel en die *gelyktydige verbandhouding* van die Bybel met literatuur); vierdens is tot finale *konklusies* in verband met die ondersoek na die Bybel as/en literatuur gekom; vyfdens is die *implikasie(s)* van die resultate waartoe in die ondersoek van die Bybel as/en literatuur gekom is, aangestip, naamlik dat 'n literêre benadering en lesing van dié unieke religieuse (g)Geskrif help om die betekenis daarvan te ontsluit, te versterk en te vermeerder.

Dié ondersoek het tot die volgende bevinding gelei:

Die Bybel is as *teksgeworde* religieuse openbaring *egte literatuur* in die onmiskenbare *gestalte* van en met die hoë *gehalte* van *taalkuns* as 'n algemeen menslike verskynsel, waarin dit 'n *onderskeie* maar tog *sentrale* plek inneem – met name, maar nie *slegs* nie, binne die kultuurhistoriese (insluitend *literêre*) ontwikkelingsgang van die Christelik-Westerse wêreld. Die literariteit van die Bybel is bevestig deur die feit dat verantwoorde betekenisontsluiting van die Bybelteks nie sonder deeglike aandag aan die literêre aspekte, vorm en styl van die teks moontlik is nie. Die literariteit van die Bybel het dus nie soseer te make met die vraag of die Bybel literatuur is nie – die Bybel is intendeel vanweë die sentrale plek wat dit in die Westerse kultuurwêreld inneem self van beduidende belang in die bepaling van wát literatuur is. Die literariteit van die Bybel is ook die klaarblyklike stimulus vir die religieuse beantwoording van en respons op die 'openbaringsdramatiek-in-narratiewe-konteks-en-vorm,' onder meer deur poësie

wat dit in 'n kreatiewe himnografiese bewerking laat vorm aanneem. Die Bybel is dus, literêr gesproke, nie *lêts* anders as ander literatuur nie, maar is as literatuur met 'n teksgeworde religieuse openbaringsinhoud wel *anders* as ander (sogenaamde *sekulêre*) literatuur; dit wil sê die Bybel is *unieke* literatuur met kragtige literêre invloed.

Bostaande bevinding het op sy beurt weer daartoe gelei dat daar ook reeds voorlopig gelet is op die implikasies wat dit vir die rigting en verdere ontplooiing van die navorsing het. Dit dien nou verder in hierdie studie as die literêre vertrekpunte en literêr-teoretiese perspektiewe op literatuur en op die Bybel-as-literatuur wat nodig is by die latere vasstelling en ontginning van basisteoretiese beginsels vir himnografie.

Die volgende stap in die verwesenliking van hierdie doelstelling is om nou eers in diepte in te gaan op verskillende benaderingswyses tot die *bestudering* van literatuur, in besonder toegespits op die invloed wat die benaderings op die bestudering van die Bybel-as-literatuur het. Dit word as voltooiing van Deel 1 (die vasstelling en beskrywing van metateoretiese vertrekpunte) in die volgende hoofstuk, Hoofstuk 3, aan die orde gestel.

HOOFSTUK 3

HOOFBENADERINGS TOT DIE STUDIE VAN LITERATUUR EN DIE BYBEL-AS-LITERATUUR

3.0 INLEIDING

In hierdie tweede hoofstuk van Deel 1 word hoofbenaderingswyses in die *bestudering* van literatuur in oënskou geneem. Die doelwit van Hoofstuk 3 is om saam met die literêr-teoretiese perspektiewe op literatuur en die Bybel-as-literatuur wat in Hoofstuk 2 geopen is, die terrein voor te berei vir die bepaling in Hoofstuk 4 van 'n benaderingshoek tot en die ontwikkeling van 'n metode vir die bestudering van die Bybel-as-literatuur.

Dat die fokus nou skerp op die bestudering van die literatuurteks gerig word, vloei logies voort uit die verkreeë resultate van die vorige hoofstuk. Die aandag wat gegee is aan die vraag wat *literatuur* is en wat die verhouding (beide die historiese en die prinsipiële verhouding) tussen die Bybel en (ander, sekulêre) literatuur is, het die navorsing tot die bevinding gelei dat die Bybel in die volle sin van die woord literatuur is. Die literariteit van die literatuurteks *Bybel* is as 'n vasstaande gegewe bewys. Die Bybel as boek is egte, taalkunstige, onderskeie, sentrale, unieke en hoë kwaliteit literatuur binne die algemeen menslike verskynsel *literatuur*, waarin die Godsopenbaring vir die Skrifgelowige navorser gesagvol *teks* geword het. Dit is daarom logies, noodsaaklik en gerade om in 'n heuristiese ondersoekproses nou in diepte op aspekte van die bestudering van literatuur in te gaan.

Die aandag word in hierdie verdere fase van die ondersoek op diverse benaderingshoeke tot literêre tekste toegespits, terwyl tendense in die literêr-teoretiese navorsingswêreld ook waargeneem en beskryf word. Dit word deurgaans in gedagte gehou dat die ondersoek uiteindelik afgestem word op die bestudering van die Bybel-as-literatuur, en nie in die algemeen op enige en alle literatuurstudie nie. Wat belangrik en van betekenis in algemene literêre navorsing is, word dus ondersoek met die doel om te bepaal in hoeverre dit invloed op die Teologie het. Uit die aard van die studieonderwerp soos dit in die titel geformuleer is en in die subtitel nader gekwalifiseer word, word die ondersoek veral op die *Nuwe-Testamentiese Bybelwetenskap* gerig met die oog daarop om die betekenis daarvan vir die dissipline *Himnologie* binne die veld van die *Praktiese Teologie* (vgl. 1.6.2) vas te stel en aan te dui. Die ontsluiting van *literêre* dimensies in die konstituerende stramien van die himnografie in hulle besondere verband met *teologiese* beginsels word as kardinaal belangrik in die ondersoek beskou.

Die stappe wat in hierdie hoofstuk gevolg word, word weer eens logies georden. Verskillende benaderingshoeke tot literêre tekste word eerstens bespreek (3.1), waarna algemene tendense in literêr-teoretiese navorsing tweedens verwoord word (3.2). 'n Samevatting van wat in die hoofstuk aan die orde gekom het en die bevindings waartoe dit gelei het, word afsluitend gegee (3.3).

3.1 VERSKILLENDE BENADERINGSHOEKE TOT LITERÊRE TEKSTE

3.1.0 Inleidend: sisteem in 'n polisisteem?

Vanweë die kompleksiteit van die literêre werk bestaan daar verskillende benaderingswyses tot literatuur naas mekaar (Van der Merwe, 1998b:85). Die bestudering van die verskillende benaderings of literêre teorieë bring 'n polisisteem aan die lig. Literêre teorieë kan beskou word as 'n *sisteem van sisteme*. Die een teorie kompeteer met die ander, vul die ander aan, staan chronologies voor of ná die ander, maar die een word nie noodwendig deur die ander vervang nie. Verskillende benaderingshoeke kan in een teorie teenwoordig wees, oueres kan in nuwer teorieë opgeneem word en nog 'n verdere bestaan voer, al is dit ook 'ondergronds' (Du Plooy & Viljoen, 1992:26).

Dit moet verder gestel word dat dit bykans onmoontlik is om van 'n 'suiwer' literatuurwetenskaplike benadering tot tekste te praat. Daarvoor is literatuur as menslike kultuurprodukt te kompleks en multi-dimensioneel met ander gegewenhede in die groot universum verweef. Die literatuurteks is 'n interteks in 'n wye netwerk van tekste wat nie net literêr van aard is nie. Daar moet steeds verder en fyner onderskei word om die literatuurteks in hierdie groot verband te plaas en te interpreteer. Jolles stel vas dat die Literatuurwetenskap 'n drieërlei gerigtheid het, naamlik esteties (*Schönheit*), histories (*Sinn*) en morfologies (*Gestalt*) (Jolles, 1965:1). Literatuurwetenskaplike benaderings tot literatuurtekste bevat ook elemente wat nie in die eerste plek en uitsluitlik suiwer literatuurwetenskaplike aangeleenthede is nie, maar byvoorbeeld primêr figureer binne sosiologiese of kulturele of politieke milieu, vanwaar die invloed daarvan op die literatuurstudie van toepassing gemaak word (Fokkema, 1981:180).

Literatuur, literatuurtekste en literêre teorieë bestaan en leef dus nie geïsoleerd in die groot globale werklikheid nie. Literêre benaderings op sigself kan ook nie dig van mekaar afgegrens word nie, aangesien hulle dikwels oorvleuel en gelyktydig beoefen en ontwikkel word (soos hierbo reeds gestel is). Die paradigma van (en sedert) die laaste kwart van die twintigste eeu kan inderdaad 'n paradigma van *teoretiese pluralisme* genoem word (Du Plooy & Viljoen, 1992:27).

As gevolg van die voortdurende ontwikkeling van nuwe teorieë wat ook ouer benaderings in hulle opneem, is dit moeilik om 'n sistematiseringsprinsipe ten opsigte van die groot diversiteit van teorieë in die studie van literatuur vas te stel. Om teorieë volgens hulle oorsprong, ontstaan en invloed in 'n bepaalde tyd te dateer, kan 'n bruikbare ordeningswyse wees – solank dit in gedagte gehou word dat 'n betrokke benaderingswyse nie *per se* beperkend net binne daardie historiese tydvak te bedink en te beskou is nie. Om teorieë alternatiewelik volgens bepaalde dominante (gedeeltelike) gemeenskaplike kenmerke te kategoriseer, kan eweneens verhelderend wees en sisteem bring in die dikwels verwarrende kompetisie tussen en gelyktydige saambestaan van verskillende teoretiese-kritiese benaderings – solank dit in gedagte gehou word dat die historiese ontstaanskontekste van verskillende benaderings tot die literêre teks tog nog steeds ooreenstemmende kenmerke tussen daardie teorieë verskillend kan kleur en nuanseer.

In 'n poging om sisteem in hierdie polisteem te verkry, word nou in die bespreking van die verskillende benaderingswyses tot literêre tekste eers 'n oorhoofse indeling van literêre teorieë gemaak en bespreek (3.1.1). Daarna word binne so 'n hoofafbakening aandag gegee aan duidelik onderskeibare literêre teorieë (3.1.2). Daar word gepoog om telkens die belang of betekenis vas te stel wat elke teoretiese 'rigting' moontlik spesifiek vir Bybelwetenskaplike navorsing ten opsigte van die Openbaringboek het. Waar dit bepaalbaar is, word 'n bepaalde benaderingswyse histories gedateer, maar onderlinge ooreenstemmende of kontrasterende aspekte word ook sover moontlik tussen verskillende teoretiese benaderings aangedui. 'n Samevatting van die verskillende benaderingswyses en die implikasies wat dit vir hierdie studie mag hê, word laastens as afsluiting van 3.1 gegee (3.1.3).

3.1.1 Hoofbenaderingswyses tot literêre tekste

3.1.1.1 Vier basiese komponente in die aandagveld van literêre kritiek as agtergrond vir die bestudering van literatuur

Abrams (2005:51-52; 1971:3-29) dui aan dat literêre kritiek hoofsaaklik besig bly met vier fasette rondom literatuur (vgl. ook Du Plooy & Viljoen, 1992:26-27; Van der Merwe, 1998b:86-90). Die basiese komponente waarop die literêre aandag breedweg gesproke gerig is, is die literêre werk self (as *artefak*), sy wêreld, die skrywer en die leser. Dit kan ook – in logiese en chronologiese volgorde geplaas – benoem word met die terme *sender* (outeur), *boodskap* (met aandag aan die boodskap self asook aan die wêreld waarin dit leef en wat dit skep of naboots), en die *ontvanger(s)* van die boodskap.

Hierdie vier komponente waarop daar in literêre teorievorming gekonsentreer word, word dan ook die basis waarop vier hoofgroepe teorieë ingedeel kan word. Abrams (1971)

sien die vier fasette wat deurentyd in teoretiese besinnings oor die literatuur aandag geniet, min of meer chronologies verteenwoordig in die vyf en twintig eeue waarin daar al literêre teorie geskryf word. Dit behels die volgende ‘soorte’ teorieë (Abrams, 2005:51-52):

(i) *Mimetiese teorieë*

Die klem val in dié teorieë op die verhouding tussen die kunswerk (in die verband van hierdie studie met en by name die taalkunstige werk) en die *afgebeelde werklikheid*. Die bekendste verteenwoordigers van mimeties-bepaalde teorieë is die Griekse filosowe Plato en Aristoteles. Alhoewel dit die oudste soort literêre teorieë is, word dit tot in die agtiende eeu teruggevind.

(ii) *Pragmatiese teorieë*

In hierdie teorieë is die aandag direk gefokus op die uitwerking wat die kunswerk (in hierdie verband natuurlik weer die taalkunstige produk) op die *leser* het. Die Romeinse skrywer Horatius se tyd en die digterlike werk deur die Middeleeue heen en tot gedurende die Renaissance en Reformasie is die tydperk waartydens hierdie benaderingswyse tot literêre tekste in die sentrum staan. Stigtelike kuns, of kuns wat tot stigting en genoeglikheid dien, is die oogmerk. Hier kan weer verwys word na die bespreking van die Middeleeuse Italiaanse digter Dante Alighiéri se werk (vgl. 2.2.2.3.3). Hy het die Bybelse narratief (van Genesis tot Openbaring) oor die verlossing van die mens vir die ontvangers van die Bybelboodskap (in daardie tyd as die sogenaamde *leke* bekend) verinheems, geparafraseer en dramaties vertolk. Verder kan die bespreking van die Engelse Sir Philip Sidney se besinning oor poësie in 1595 (*An apology for poetry*; in Kaplan ed., 1975:109-147; vgl. 2.2.2.4.3 en 2.2.2.4.4) in hierdie opsig ook as ’n relevante verwysing dien.⁵²

(iii) *Ekspressiewe teorieë*

Ekspressiewe teorieë sentreer rondom die rol van die *sender* van die boodskap. Dit het primêr te make met die verhouding waarin die kunstenaar/skrywer tot sy taalkunstige produk staan. Die tydperk wat aan dié teorieë

⁵² Interessant genoeg val die heelwat latere Marxistiese teorieë (vgl. 3.1.2.3.1(iii)) ook hieronder: die teks word gelees en beoordeel as iets wat ’n uitwerking op die leser moet hê. Konsentrasie op die ontvanger of leser van die teksboodskap is dus nie net ’n kenmerk van resente ontwikkelinge nie (sien verder die bespreking van die sogenaamde *lesersentriese* benaderings tot die literêre teks by 3.1.2.3).

gekoppel word, is veral die bloeityd van die Romantiek⁵³ met digters soos Blake, Coleridge, Keats, Shelley en Wordsworth die belangrikste verteenwoordigers (vgl. weer by 2.2.2.5.1 die bespreking van die literêre besinning van Lowth en by 2.2.2.5.2 die tipiese benadering van die woordkunstenaars van die Romantiek).

(iv) *Objektiewe teorieë*

Met objektiewe teorieë bedoel Abrams (2005:52) benaderingswyses tot literêre tekste waarin die kunswerk of *literatuurteks self* in die sentrum staan. Die werk word as 'n outonome en opsigselfstaande geheel beskou, ongeag wat die nut of uitwerking van die werk of teks is. Dit gaan in die objektiewe teorieë oor *kuns ter wille van kuns* (die dikwels gebruikte Franse *l'art pour l'art*; vgl. vroeër by 2.1.2). Dit is eers aan die einde van die negentiende en gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu dat hierdie benadering groot aanhang begin geniet het. Du Plooy en Viljoen skryf oor hierdie teorieë en hulle verteenwoordigers soos volg:

Die Amerikaanse New Criticism, die Engelse Practical Criticism, die Russiese Formalisme en die Duitse *werkimmanente Methode* is almal teoretiese beskouinge wat die kunswerk self, die artistieke produk as outonome entiteit, as selfregulerende matrys van betekenisvolle strukture, in die sentrum van wetenskaplike ondersoek plaas. (Du Plooy & Viljoen, 1992:27.)

Bostaande groepering van soorte literêre teorieë berus in 'n groot mate op 'n historiese waarneming van hoe die vier basiese komponente waarop die literêre aandag gerig is, naamlik sender, die boodskap – as artefak én sy wêreld – en die ontvanger(s), aandag ontvang het. Dit is toeliggende en noodsaaklike agtergrond vir die verstaan van benaderingswyses tot literêre tekste in 'n algemene historiese ontwikkelingslyn en spesifiek vir die verstaan van die komplekse teoretiese benaderings wat in die loop van die twintigste eeu uitgekristaliseer het. Hierdie basiese komponente sou as 'n goeie ordeningsbeginsel kon dien om die bestudering van literatuur in die algemeen te sistematiseer, maar die literêr-teoretiese ontwikkelinge wat veral gedurende die twintigste eeu plaasgevind het, is so kompleks van aard (soos reeds in 2.2.2.6 en 2.2.2.7 aangetoon is) dat fyner onderskeidings nodig is.

Die verdere onderskeidings wat gemaak moet word, is veral met die oog daarop dat die literêre benaderings in hierdie studie binne die Bybelwetenskap waargeneem en verreken moet word. Om dié doel te bereik, word 'n oorhoofse groepering gemaak van bena-

⁵³ Die tydperk wat gewoonlik as die hoogbloei van die Romantiek beskou word, is 1775-1825 (vgl. 2.2.2.5.0).

derings tot literêre tekste soos dit veral in die twintigste eeu en daarna gemanifesteer het, maar wel deeglik in hulle verband met en verskil van benaderingswyses in vroeër tye. Dit word van wesenlike belang geag om die ontwikkelinge in die Teologie in die konteks van hierdie breër navorsingsopset te lees.

3.1.1.2 Oorsig oor oorhoofse sistematisering van twintigste-eeuse benaderings tot literêre tekste

Om verskillende benaderings tot literêre tekste in die afgelope eeu helder af te baken sodat daar sisteem in die teoretiese pluralisme (vgl. weer 2.3.1.0 hierbo) kan wees, word daar deur navorsers – sowel literêre navorsers as teoloë wat literêre benaderings van die Bybel ter sprake bring en ‘toepas’ – verskillende oorhoofse groeperings aangebied. Dit is insiggewend om van enkele (’n elftal) indelings wat deur resente teoretici gemaak word, kennis te neem. Die elf bronne wat ’n goeie oorsig bied, word hier slegs genoem:

Longman (1987); Selden (1989); Du Plooy & Viljoen (1992); Selden & Widdowson (1993); Stevens & Stewart (1996) asook Van Deventer (2001); Jefferson & Robey (1997); Van der Merwe (1998a, 1998b); Barry (2002); Bertens (2003); Guerin *et al* (2005).⁵⁴

Daar sal aangetoon kan word dat die vier basiese komponente waarop literêre aandag (kragtens die aard van die literêre teks) gerig is, naamlik sender, boodskap (as artefak én sy wêreld) en ontvanger(s) (sien weer 3.1.1.1 hierbo), die onderliggende prinsipe in die sistematiseringpatroon van bogenoemde tien navorsers se indelings vorm. Die basiese komponente roep verdere onderskeidings op, soos duidelik is uit die kommunikasiemodel van Jakobson (1977:100) en die verbandhoudende en voortvloeiende vrae wat Jefferson en Robey (1997; vgl. ook Du Plooy & Viljoen, 1992:27) stel. Alle teorieë kan naamlik op een of ander wyse teruggevoer word na die mate van beklemtoning en aandag wat elk van die volgende in literêr-tekstuele kommunikasie kry:

sender	teksboodskap	ontvanger
outeur	intrinsieke literêre kwaliteit	leser
ontstaanskonteks	taal as medium	ontvangskonteks
	werklikheid	
	betekenisbasis	

In die lig van die oorhoofse sistematisering kan ’n werkindeling vir die bespreking van benaderings tot die bestudering van literatuur nou gemaak word.

⁵⁴ Verderaan word dié bronne met detailverwysing gebruik. Daar word tussendeur ook nog na ander bronne verwys. Die gebruikte bronne gee, globaal gesien, voldoende en verteenwoordigend insig in die verskillende benaderingswyses wat dikwels in die resente tyd gevolg word.

3.1.1.3 'n Indelingsraamwerk vir hierdie studie van verskillende benaderings tot literêre tekste

Vir die doeleindes van hierdie studie met sy belangstelling in die betekenis, uitwerking en impak wat literêre navorsing op die Bybelwetenskap het, blyk 'n sintese en integrering van die hoofgroepeerings wat Longman (1987), Du Plooy en Viljoen (1992:25-38), Stevens en Stewart (1996:1-112) en Van Deventer (2001:13-97) maak, die sinvolste en nuttigste te wees. Die hoofbenaderings aan die hand waarvan 'n indeling van relevante literêre teorieë vir hierdie interdisiplinêre navorsing gemaak kan word, kan dan onder die volgende hoofde gegroepeer word:

- **Historiese benaderings**, waar die aandag gekonsentreer is op die teks as *dokument*. Die teks word beskou as die resultaat van die intellektuele en sosiale konteks van sy ontstaanstyd, as neerslag van persoonlike, sosiale en historiese faktore waarin die skrywer sy skryf geskryf het, asook as die weerspieëling van die literêre *konteks* of tradisie waaruit die literatuurteks voortkom. *Ekstrinsieke* of eksterne faktore, met name die historiese kader waarin die tekste ontstaan het, bepaal in 'n groot mate dié benaderingswyse.
- **Tekssentriese benaderings**, waar die teks aanvanklik – in teenstelling met bogenoemde historiese, tekseksintrinsieke benaderings – as 'n ahistoriese *monument* benader is, maar waarin later besondere beklemtoning aan die teks as *teken* gegee word. Die teks word beskou as 'n afgeronde geheel van afgehandelde artistieke betekenis. Hierdie benaderingswyse is *intrinsiek* van aard en word ook *outonomisties* genoem (verwysend na die selfstandigheid en afgerondheid van die teks).
- **Lesersentriese benaderings**, waar die teks – anders as in die tekssentriese of outonomistiese benaderingswyse – weer oorwegend benader word vanuit *teks-ekstrinsieke* faktore. Hierdie benadering is egter nie soos die historiese ekstrinsieke benaderings op die eksterne ontstaanskonteks van die teks gerig nie, maar op die eksterne *ontvangskonteks* van die kommunikasie wat deur die teksboodskap plaasvind. In dié benaderingswyse staan die leser in sy komplekse konteks van en verband met verskillende referensiële terreine waarin hy leef, in die sentrum van die aandag.

Met bostaande indeling word gepoog om die hoofkomponente en verdere onderskeidings wat bespreek is (onderskeidelik in 3.1.1.1 en 3.1.1.2 hierbo), in 'n eenvoudige basis vir benadering van literêre tekste saam te vat.

'n Laaste belangrike opmerking in verband met die onderskeiding van hoofbenaderings tot literêre tekste is dat daar min 'suiwer' benaderings is wat byvoorbeeld net een van

bostaande drie benaderingswyses volg (Stevens & Stewart, 1996:3; Van Deventer, 2001:16; Clines & Exum, 1993:12-13). Nuwere literêre teoretici beweeg dikwels vryelik tussen verskillende metodes en modelle. Hulle bied weerstand teen presies afgebakende klassifisering binne sekere kategorieë. Teorieë gaan dikwels 'n ontwikkelingsproses deur. Teoretiese modelle en gebruik word in dié proses ook voortdurend aangepas (Jameson, 1972:v). Die teorieë se 'leef tyd' word gekenmerk deur opbloeï en dan weer afname wat gebruiksfrekwensie betref, terwyl nuwere ontwikkelinge in literêr-teoretiese denke veld wen en infaseer. Dit kan daarom gebeur dat studies teorieë uit meer as een van die drie benaderings wat hier onderskei word, weerspieël. Dit sluit aan by wat reeds in 3.1.0 gestel is: verskillende benaderingswyses kan in een teorie teenwoordig wees. Verskillende benaderingswyses kan dus in die proses van navorsing gesamentlik relevansie hê. Dit lei in hierdie studie ook tot 'n bepaalde belangrike implikasie ten opsigte van die benadering van die Bybel se (literatuur-)tekste (sien later by 3.1.3).

Die relevante teorieë word nou agtereenvolgens bespreek.

3.1.2 Relevante literêre teorieë in die bestudering van die Bybel-as-literatuur

3.1.2.0 Inleidende opmerking

By die bespreking van afsonderlike teorieë binne die drie hoofbenaderings tot literêre tekste wat deur 'n integrering van Longman (1987), Du Plooy en Viljoen (1992), Stevens en Stewart (1996) en Van Deventer (2001) se hoofgroepeerings vasgestel is (3.1.1.3 hierbo), is dié bronne in besonder ook van groot nut en waarde. Daar word egter van al tien die bronne waarvan die indelings die basis vorm vir die ordening van die hoofindelings in die literatuurstudie (vgl. 3.1.1.2), asook van ander aangehaalde bronne, gebruik gemaak in die oorsig, samevatting en bepaling van die relevansie van die literêre teorieë vir hierdie studie. Die verskillende literêre teoretici wat met hulle basiese en invloedryke werk die drie hoofbenaderings verteenwoordig en hier in 3.1.2 bespreek word, se oorspronklike publikasies is egter deurgaans as die primêre bronne gebruik en verwerk.

Die *historiese* benaderings, *tekssentriese* benaderings en *lesersentriese* benaderings wat in 3.1.1.3 hierbo as die hoofbenaderings tot literêre tekste georden is, word nou onderskeidelik in 3.1.2.1, 3.1.2.2 en 3.1.2.3 beskryf en bespreek, terwyl die invloed daarvan op Bybelwetenskaplike navorsing deurentyd aangetoon word.

3.1.2.1 Teorieë vanuit historiese benaderings

3.1.2.1.1 *Beskrywing van teorieë met 'n historiese benaderingshoek*

Teorieë wat literêre tekste hoofsaaklik benader vanuit die historiese faktore en aspekte wat binne die ontstaanskonteks van die tekste figureer, is lank vir die interpretasie van veral Bybeltekste belangrik geag. Vroeëre navorsers het Bybeltekste feitlik uitsluitlik in hulle historiese kontekste bestudeer (Barton, 1996:155; 2003:14).

Die volgende studies kan as verteenwoordigend van teorieë wat in 'n historiese benaderingswyse hulle vertrekpunt het, genoem word (vgl. Stevens & Stewart, 1996:46-66):

- *Historiese* studies wat konsentreer op die intellektuele en sosiale konteks van die tyd waarin 'n bepaalde literatuurteks geskryf is;
- *Biografiese* studies wat veral op die skrywer van die teks gerig is;
- *Literêr-historiese* studies wat literêre tradisies se rol beklemtoon.

Daar word vervolgens op historiese, biografiese en literêr-tradisionele studies gelet wat teorieë verteenwoordig wat hulle vertrekpunt in historiese aspekte van literatuur neem.

(i) *Historiese studies*

Historiese studies sluit onder meer studies in verband met die volgende aangeleenthede in: sentrale konsepte, temas en/of motiewe; sosio-historiese konteks; historiese (tradisionele) instellings. Volgens Stevens en Stewart moet *New Historicism* ook in hierdie kader geplaas word (Stevens & Stewart, 1996:47-48, 51-55; vgl. ook Van Deventer, 2001:56-57). Du Plooy en Viljoen beskou *New Historicism* egter as 'n benadering of teorie wat deur tekssentriese opvattinge onderdruk was (Du Plooy & Viljoen, 1992:33, 35).⁵⁵

⁵⁵ *New Historicism* word hieronder in (i.iv) as 'n benadering uit 'n historiese vertrekpunt bespreek – soos Stevens en Stewart hulle behandeling daarvan ook in die historiese benaderingswyse plaas. Verder moet opgemerk word dat die *New Historicism* nie doelbewus deur tekssentriese benaderinge onderdruk is nie, maar dat dié soort analise eers na vore kan kom as tekssentrisme afgelê word. Dié literêre benadering word hieronder in (i.iv) en later by die sogenaamde *lesersentriese* benaderings (3.1.2.3.1(iii)) weer ter sprake gebring.

(i.i) *Sentrale konsepte, temas en/of motiewe*

Binne algemene literêre verband kan verskillende konsepte in literatuur bestudeer word, uitgaande van die historiese konteks waarin die betrokke literatuur sy ontstaan het. Temas soos die *gemeenskap*, of etiese sake soos *reinheid* of *geregtigheid* kan nagegaan word. Dit geld ook die bestudering van die literatuur van/in die Bybel self. *Verbond, verkiesing, koninkryk, heiligheid, belofte, openbaring* is byvoorbeeld bekende sentrale motiewe in die Bybel waarin diepgaande openbaringshistoriese studies onderneem is (vgl. onder meer Hasel, 1987:117-143, veral 138-139; Ridderbos, 1950; Floor, 1974; Perrin, 1975; Jensen, 2002:31-43, 85-94, 95-118 – om met enkeles te volstaan). So kan talle Bybelse ‘teologieë’ in ’n historiese kader geplaas word, in baie gevalle nie net binne die ontwikkeling en gebruiksomgewing van die begrippe in die Bybel self nie, maar ook binne die wyer historiese raamwerk en konteks waarin die Bybelboeke staan. Volgens die historiese benadering word die betrokke motiewe of konsepte dan binne die grammatiese en literêre kontekste waarin dit voorkom, *histories* bestudeer.

Paulien (1995) behandel vanuit die gesigshoek van die Hebreeuse *kultus, heiligdom* en *tempel* die plot en struktuur van die Openbaringboek. ’n Voorbeeld van ’n begrip of tema wat as ’n teologiese motief in die himnes van Openbaring vanuit openbaringshistoriese perspektief bestudeer word, is die *koningskap van God*. Letseli (2001) beskryf die geskiedenis van dié motief vanuit Ou-Testamentiese en Nuwe-Testamentiese boeke en spits dan toe op die besondere plek wat dit in die verstaan van Openbaring in die algemeen en die liedere in die besonder inneem. In ’n artikel van Song en Du Rand (Du Rand & Song, 2003) word ’n *Christologiese verbonds-eskatologie* volgens die Openbaringboek aangedui as ’n afbakening van openbaringsgeskiedenis.

(i.ii) *Sosio-historiese (kultuurhistoriese) konteks*

’n Bekende fokus in die verklaring van tekste is die inagneming van die *sosio-historiese* of *kultuurhistoriese konteks* waarin die tekste tot stand gekom het. Argeologiese vondste is in hierdie opsig insiggewend, maar die primêre bronne vir ’n konstruksie van die sosio-historiese konteks van die vroeë Christendom is steeds *literêre* bronne (De Klerk & Van Rensburg, 2005:56). Insigte vanuit die gegewens wat kulturele antropologie en ander sosiaal-wetenskaplike bronne oplewer, word ook aangebied vir die interpretasie en verstaan van die Bybelteks. Die publikasie van Malina met die titel *The New Testament world: insights from Cultural Anthropology* (2001) is, wat Nuwe-

Testamentiese studie betref, 'n voorbeeld van die inageneming en ontginning van kontemporêre sosiale kultuurgebruike en -konsepte vir die (beter) verstaan van die Nuwe-Testamentiese dokumente.

Wat die Openbaringboek betref, kan verwys word na verskeie publikasies wat as voorbeelde kan dien van studies wat op die sosio-historiese konteks van die ontstaanstyd van die boek fokus. Blevins (1980 en 1984; vgl. ook in dié verband Voortman & Du Rand, 1997) gee besondere aandag aan die beskrywing van die Griekse teateropset en die jaarlikse opvoerings van hulle tragedies. Dit is duidelik dat dit Blevins se interpretasie van die Openbaring van Johannes beslissend bepaal. Die Romeinse imperiale kultus word deur Friesen (2001 en 2005) interaktief betrek in sy lesing van die laaste Bybelboek, terwyl hy die sosiale plasing van die boek laat meespreek in die verstaan van die apokaliptiese teksmateriaal (2004 en 2005). Frilingos (2004) plaas die boek midde-in die konteks van die monsters en die martelare van die Romeinse 'empire', terwyl Zimmerman (2003) besondere aandag gee aan sosio-historiese gegewens in verband met die huwelik in sy verklaring van die bruilofsmetafoor in Openbaring. Aune (1981) skryf 'n insiggewende artikel oor die sosiale matriks van Openbaring. Hemer (2001) gaan in diepte in op geografiese en sosiale data in verband met die sewe stede aan wie se gemeentes briewe gerig word (Openbaring 2 en 3). Bybelkommentare verrek oor die algemeen ook inligting oor die sosio-historiese konteks van Openbaring en ander Bybelboeke, dikwels net as *agtergrond*- en nie as *konteks*gegewens nie (sien vir die verskil tussen die twee begrippe: De Klerk & Van Rensburg, 2005:52-54; Breed *et al*, 2008:50-52; asook die bespreking van die *New Historicism* by (i.iv) hieronder). 'n Kommentaar wat as 'n goeie voorbeeld van 'n deeglike analise van Openbaring binne sy sosiale konteks kan dien, is dié van Adele Yarbo Collins: *Crisis and catarsis: the power of the Apocalypse* (1984).

(i.iii) *Historiese (tradisionele) instellings*

'n Verdere vorm van studies vanuit 'n historiese benaderingshoek is op bepaalde *instellings* gerig. Die instellings sou ook vanuit 'n sosio-historiese konteksbenadering bespreek kon word, soos Friesen (2001 en 2005) dit byvoorbeeld met betrekking tot die boek Openbaring binne die historiese konteks van die Romeinse imperiale kultus doen (vgl. weer (i.ii) hierbo), of selfs vanuit 'n studie van bepaalde konsepte ((i.i) hierbo), aangesien dit volledig te make het met die sosiale en politieke denke in bepaalde tye. 'n Besondere en intensiewe bestudering van bepaalde historiese instellings is

volgens Stevens en Stewart (1996:51) nodig om goeie en juiste begrip van onderliggende beginsels en waardes te kan hê om sodoende gebeure en verhare rondom die bepaalde instelling reg te verstaan. Om prosa- of poësie-tekste wat handel oor *ridderskap* byvoorbeeld reg te verstaan, sê hulle, is dit noodsaaklik om die historiese sosiale instelling bekend as *ridderskap* en die *ridderstand* in die Middeleeue volledig te begryp.

Profetisme is 'n instelling in die Bybelse tyd wat lig op tekste in die Ou Testament werp en vir die verstaan daarvan noodsaaklik is (Van Deventer, 2001:53-56). Dit geld ook die verstaan van apokaliptiese stof. Die *koninklike hof* en *troon* was ook in Bybelse tye 'n bekende instelling. Davis (1992) toon in 'n omvangryke studie aan dat die troongesig in Openbaring 4 en 5 vanuit deeglike sosio-historiese kennis van die koninklike hof en troon as instelling (en die verbond as motief) geïnterpreteer moet word.

(i.iv) *New Historicism*

New Historicism is min of meer die Amerikaanse ekwivalent van die Britse *Cultural Materialism*, en ook andersom (vgl. onder meer Bertens, 2003:176; Peck & Coyle, 2002:197-202).⁵⁶ Dié rigting met sy Amerikaanse en Britse variante is 'n historiese benadering tot literêre tekste wat in belangrike opsigte van die bostaande (i.i, i.ii, i.iii) benaderings verskil, maar wat tog binne die kader van die *historiese* benaderingswyse geplaas kan word. *New Historicism* is eintlik 'n soort dekonstruksie van die historiese konteks van die teks sodat die ideologiese onderbou van die teks aangetoon kan word. Dit is 'n kritiese en selfs ideologie-kritiese benadering waarin die kulturele, politieke en sosiale aspekte van die historiese tydperk waaruit die teks kom, gedekonstrueer word. Dit wil die magsverhoudinge onderliggend aan die historiese lewensuitkyk en wêreldbeskouing ontmasker of ondermyn.

Die *New Historicism* is nogtans wel deeglik met historiese temas gemoeid. Dit is 'n terugkeer na die geskiedenis ná die (latere) era waarin die *teks-sentriese* benaderings (3.1.2.2 hieronder) die teks as selfstandige entiteit beklemtoon het. Dit is “...a reintroduction of the substantiality of the past...” in die interpretasie van die teks (Peck & Coyle, 2002:198-199). Die terugkeer is egter nie 'n terugkeer na 'n historiese benaderingswyse waarin die intellektuele en sosiale geskiedenis bloot die agtergrond van 'n onafhanklike entiteit (die teks) gevorm het nie, of waarin literatuur (net) as 'n refleksie van die lewens- en wêreldbeskoulike karakteristieke van 'n historiese tydperk

⁵⁶ Hierdie fynere onderskeid is nie vir die doeleindes van hierdie studie nodig nie; verderaan word die term *New Historicism* gebruik.

beskou is nie. Inteendeel, die *New Historicism* aanvaar die literêre teks as gesitueer in die totaliteit van sosiale instellings en praktyke van sy ontstaanstyd waarin dit interaktief is, 'n *produk* van, maar tegelykertyd ook 'n *produseerder* van kulturele kragte en kodes (Abrams, 2005:190-191). Die historiese plasing van die teks is dus nie teen 'n dooie agtergrond (dekor) waarvan dit geïsoleer is nie, maar is “...geïntegreerd deel van die volledige buite-tekstuele konteks” van die teks (De Klerk & Van Rensburg, 2005:53; vgl. Breed *et al*, 2008:51).

Die *New Historicism* ontwikkel vanuit hierdie terugkeer na die geskiedenis na 'n groter interaksie wat ook tussen teks en leser moet plaasvind. Alhoewel die fokus nog wel grootliks histories bepaald is, is die verdieping van die verhouding tussen leser en literêre teks die doel (Stevens & Stewart, 1996:51-52; Van Deventer, 2001:56-57; vgl. ook 3.1.2.3.1(iii) by die lesersentriese benaderings die verdere verwysing na die *New Historicism* as 'n *referensiële* benadering).

Die literatuur oor die Openbaringboek waarna in (i.ii) hierbo verwys is, asook heelwat ander resente bronne wat later in hierdie navorsing verwerk word by die bepaling en beskrywing van basisteoretiese beginsels vir liedskrywing vanuit die himniese dele van Openbaring (vgl. Hoofstukke 5 en 6 van hierdie studie), weerspieël in 'n groot mate die beklemtoning van die sosio-historiese as die konteks van die laaste Bybelboek en nie as die blote agtergrond daarvan nie.

(ii) *Biografiese studies*

Tradisionele historiese kritiek het voor die twintigste eeu oor die algemeen groot belangstelling in die skrywer van die literêre teks getoon. Daar is gemeen dat die sleutel tot teksinterpretasie lê in kennis van die lewe (aktiwiteite) en die gedagtewêreld van die skrywer ten tye van die skryf van sy tekstdokument. Daar is daarna gestreef om die skrywer se bedoeling, *outeursintensie* ('*authoral intent*') genoem, vas te stel (Longman, 1987:19).

Veral sedert die veertigerjare van die twintigste eeu het daar egter 'n groot verandering gekom ten opsigte van die groot waarde wat aan hierdie 'agterliggende' kennis geheg is. Met die koms van die *New Criticism* (sien 3.1.2.2.1(i.i) hieronder) wat vir ruim 'n halwe eeu, van 1910 tot 1960, die literatuurstudie oorheers het, het die historiese benaderings van literatuurtekste in die algemeen en die *biografiese* benaderings in besonder (as deel van

die historiese benaderings) algaande in diskrediet gekom (Du Plooy & Viljoen, 1992:27). Outeursintensie is as ‘*intentional fallacy*’ gebrandmerk, as irrelevant vir die interpretasie van die teks, omdat betekenis in die voltooide en opsigselfstaande teks geleë is – aldus die *New Criticism*. Waar daar in biografiese studies ’n anker vir betekenis gesien is in kennis van die outeur te midde van onvaste interpretatiewe relatiwiteit, is (vaste) betekenis voortaan meer in die literatuurteks self gesoek.

Dit ten spyte, besit biografiese kennis wel eksegetiese waarde, al moet ’n biografiese benadering saam met die ander historiese benaderings as *teks-ekstrinsieke* benaderings tot literêre tekste gesien word (vgl. Hugo, 1992:43-45).

’n Biografiese studie oor ’n/die Nuwe-Testamentiese skrywer wat as *Johannes* bekend is, is die publikasie van Culpepper: *John, the son of Zebedee: the life of a legend* (1994). Daarin word deur Culpepper diep ingegaan op die problematiek of die Openbaringboek wel aan die Johannes wat die Evangelie met dié naam en die drie algemene sendbriewe wat die naam dra, toegeskryf kan word. Culpepper verwerk (veral in hoofstuk 1; Culpepper, 1994:10-16) buite-Bybelse of tekseksintrinsieke gegewens rondom die Nuwe-Testamentiese tyd. Sy fokus is egter nie soseer daarop gerig om lig in die konteks van die Nuwe Testament vir die opheldering van die literêre tekste wat aan Johannes toegeskryf word, te vind nie, maar om vanuit die eksterne konteks sowel as die innerlike faktore en eienskappe van die sogenaamde *Johannese geskrifte* vas te stel wie die skrywer(s) van die geskrifte was. Hierdie biografiese werk kan minstens gedeeltelik as ’n biografiese studie (volgens die tipering van sodanige studies in bostaande paragraaf) bestempel word. ’n Studie waarin Johannes, die dissipel-apostel, as die skrywer van Openbaring beskou word en waarin volledig ingegaan word op die lewe en gedagte-wêreld van Johannes, is onder meer dié van MacKenzie (1997). ’n Resente kommentaar waarin die leser deurgaans ingelei word in die ‘*mental and spiritual world*’ van die skrywer Johannes, is dié van Lupieri (2006), ’n Italiaanse historikus wat fokus op die geskiedenis van die Christendom. Sy verklaarde hoofdoel met die kommentaar is om historiese en kulturele aspekte te belig waardeur die boek van die skrywer Johannes verstaan moet word (Lupieri, 2006:xi). Dit is dus ’n ‘biografiese’ kommentaar, of dan ’n kommentaar waarvan die gerigtheid bepaal is deur die verstaan van die skrywer binne die konteks van sy historiese leefwêreld.⁵⁷

⁵⁷ Longman 1987:19-25 beskou en behandel *Bronnekritiek*, *Vormkritiek* en *Redaksiekritiek* ook as biografiese studies. Dit het dié verband met biografiese studies dat dit wel ook op die ontstaansgeskiedenis van tekste ingaan waarin die outeur ’n sentrale rol speel (volgens ’n biografiese benadering) en daarom ook

(iii) *Literêr-historiese studies*

Met die benaming *literêr-historiese studies* word breedweg die verhouding tussen 'n vorige teks en 'n huidige teks verstaan, asook die verhouding waarin dit tot opvolgende tekste staan (Stevens en Stewart, 1996:62). Reeds by 2.2.2.6.0 waar 'n beskrywing van die konteks van die eerste deel van die twintigste eeu (tot ongeveer die sewentigerjare) gegee is en 'n verkenning van die erkenning van die Bybel-as-literatuur in dié tyd onderneem is, het dit duidelik geword dat die teologiese ondersoekmetodes van die Bybel in dié tydvak deur die sogenaamde *Bronnekritiek*, *Vormkritiek*, *Tradisie-historiese Kritiek* en *Redaksiekritiek* oorheers is. Van die vier 'criticisms' vertoon veral eersgenoemde twee, Bronnekritiek en Vormkritiek, 'n mate van ooreenkoms met 'n literêre benadering tot die Bybel. Beide se wortels is in vorige eeue ingeslaan: Bronnekritiek in die agtiende en Vormkritiek in die negentiende eeu. Van Deventer bespreek egter slegs Bronnekritiek, Tradisiehistoriese kritiek (*Tradisie-historiese kitiek*) en Redaksiekritiek onder die noemer *literêr-historiese studies* as deel van teorieë met 'n historiese benaderingshoek (Van Deventer, 2001:62-68).

Bronnekritiek word weer kortliks afgebaken (sien 2.2.2.6.0 vir 'n vollediger bespreking), terwyl Tradisiehistoriese kritiek en Redaksiekritiek vanweë hulle visier op historiese faktore in teksontwikkeling en -bewerking ook nou nader aangedui moet word.

(iii.i) *Bronnekritiek*

Source criticism (Bronnekritiek) probeer om die bronne vas te stel waarvan die Bybelskrywers gebruik gemaak het in die samestelling van hulle boeke. Die fokus is dus daarop ingestel om die wêreld 'agter' 'n teks te ontdek (Powell *et al*, 1992:13). Die soektog na agterliggende bronne was veral op die Ou-Testamentiese boeke gemik, met name die Pentateug, alhoewel die bronnehipoteses wat in verband met die Sinoptiese Evangelies se ontstaan ontwikkel is, die aandag van Nuwe-Testamentici in beslag geneem het. Dit is gemotiveer uit 'n poging om die aanvanklike woorde van Jesus en die oorspronklike verhale oor Hom te ontdek (Barton, 2003:11).

histories bepaald is. Dit word (saam met *Tradisiehistoriese kritiek*) egter onder *literêr-historiese studies* in (iii) (wat hieronder volg) bespreek, aangesien fyner onderskeiding nodig is as om dit bloot as biografies van aard te beskou en te verstaan.

Bronnekritiek se debatte bevat voorbeelde van wetenskaplike vernuf, maar die benadering het in 'n groot mate esoteries gebly en navorsing dikwels nie nader aan die interpretasie van tekste gebring nie (Van Deventer, 2001:63). Bronne is eindeloos opgedeel in meer en meer veronderstelde agterliggende tekste agter die Bybeldokumente. Interesse in historiese ontstaansaspekte van Bybelboeke volgens die Bronnekritiek het gedurende die twintigste eeu begin taan.

Ten opsigte van die die Openbaringboek se samestelling kan waargeneem word dat klassieke Bybelinterpreteerders die boek oor die algemeen as literêre eenheid benader. In die Bronnekritiek, veral binne Duitse navorsingsverband, is ook dié Bybelboek se eenheid egter later bevraagteken. Daar is beweer dat die boek saamgestel is uit 'n verskeidenheid bronne, veral van Joodse (en nie Christelike nie) oorsprong, òf dat dit 'n mengsel van verskillende redaksies is (vgl. Redaksiekritiek, (iii.iii) hieronder). In resente beskouings word redelik algemeen aanvaar dat Openbaring wel 'n literêre eenheid uitmaak, watter fragmente van vroeëre tradisies en bronnemateriaal ook al in die boek geïnkorporeer mag wees (vgl. Mazzaferri se 1989-publikasie, *The genre of the book of Revelation from a source-critical perspective*; vgl. ook McGinn, 1988:524). Die literêre integriteit is daarom nie werklik meer wesenlik in gedrang by die wetenskaplike ondersoek van die laaste Bybelboek nie.

(iii.ii) Tradisiekritiek

Tradisiekritiek was nie 'n radikale breuk met Bronnekritiek nie, maar wou 'n poging tot verdere teoretiese ontwikkeling wees. Dit is deur die Duitse Ou-Testamentikus Gerhard von Rad geïnisieer. Hy het na *tradisieblokke* in plaas van bronne verwys. Daarmee wou hy die ongemak van die atomisering van die Pentateug deur die groot aantal bronne wat in die Bronnekritiek 'n rol sou speel, teëwerk (Van Deventer, 2001:64).

Tradisiekritiek staan ook algemeen bekend as die *histories-kritiese metode* en is verstaan en toegepas as 'n verdere diachroniese benadering van tekste. *Diachronies* beteken in dié verband die nagaan van die historiese ontwikkeling van literatuur. Die aandag word gewy aan veranderinge wat met die loop van tyd by die literatuurteks ingetree het (Longman, 1987:22; vgl. ook weer 2.2.2.7.1.2(ii) vir die onderskeid tussen *diachronies* en *sinchronies* in teksbenadering, waar dit volledig uiteengesit is).

Ten opsigte van die Openbaringboek kan in die algemeen opgemerk word dat benaderings tot die boek wel wyd volgens histories-kritiese metodes geskied (soos later sal blyk uit talryke eksegetiese bronne wat by die bestudering van die laaste Bybelboek gebruik word – sien die literatuur waarna veral in Hoofstukke 5 en 6 van hierdie studie verwys word.)⁵⁸

(iii.iii) Redaksiekritiek

Redaksiekritiek was gedeeltelik 'n reaksie teen Vormkritiek (vgl. Barton, 1996:45-76; vir 'n volledige bespreking van Redaksiekritiek kan Streete, 1999:105-121, geraadpleeg word; sien vir resente uiteensettings van Vormkritiek: Blum, 2003:32-45; Melugin, 2003:46-64; Kim, 2003:85-104; Sweeney, M.A. & Zvi, E.B. eds., 2003). Waar Vormkritiek egter tekste *fragmenteer* en 'n passasie/gedeelte in die Bybelteks *isoleer* en die teks dan ten opsigte van sy voorgeskiedenis bestudeer, word daar in die Redaksiekritiek gekonsentreer op die teks in sy finale vorm. Redaksiekritiek is dus 'n stap verder as sowel Bronne- as Vormkritiek: daar word gesoek na die hand wat die teks in sy finale vorm opgestel het. Sodoende word gepoog om die teologiese belangstelling en motivering van die sogenaamde *redaktor* of redakteur te identifiseer (Longman, 1987:240).

Soos by die afbakening van Bronnekritiek in *(iii.i)* hierbo opgemerk is, is beweer dat die Openbaringboek 'n mengsel van verskillende redaksies is. In resente beskouings word egter oor die algemeen deur Bybelwetenskaplikes aanvaar dat Openbaring wel die werk van een outeur is en dat daar selfs in die apokaliptiese boek van outeursintensie sprake kan wees (vgl. McGinn, 1988:524). Redaksiekritiek – soos Bronnekritiek – is daarom op die oomblik nie werklik van wesenlike belang binne die veld van die wetenskaplike ondersoek van die laaste Bybelboek nie.

Ná bostaande oorsig oor teorieë uit 'n historiese benaderingshoek moet die vraag na die relevansie – vir die huidige studie – van hierdie teorieë nou aan die orde gestel word.

⁵⁸ Saam met Tradisiekritiek het ook Vormkritiek gedeeltelik in reaksie op Bronnekritiek ontwikkel, maar was nie noodwendig in konflik daarmee nie (Barton, 1996:30-44). Vormkritiek is ook as 'n diachroniese metode gesien, in dié opsig dat dit gepoog het om die oorspronklike vorm en plasing van 'n Bybelgedeelte te probeer opspoor en vasstel. Die verhouding tussen Vormkritiek en Redaksiekritiek wat nou onder meer in *(iii.iii)* uiteengesit word, is ook belangrik om in ag te neem ten einde duidelikheid te verkry en te behou te midde van die soms verwarrende kompleksiteit van die verskillende benaderingsmetodes wat in die literêr-historiese studies 'n rol speel.

3.1.2.1.2 Relevansie van teorieë met 'n historiese benaderingshoek vir die huidige studie

Watter moontlikhede hou hierdie teorieë wat van 'n historiese uitgangspunt vertrek, vir Bybelnavorsing in? Is dit nog in die resente akademiese navorsingskader van waarde, relevant, toepasbaar en belangrik? Le Roux vra reeds in 'n 1994-artikel die vraag: “*Historical criticism – the end of the road?*” (Le Roux, 1994:198-202).

'n Algemene evaluering en tipering van hierdie teorieë is vandag dat daar in die Bybelwetenskappe 'n paradigmaskuif weg van konsentrasie op historiese uitgangspunte gekom het (Turner, 2000:44). Vir ongeveer honderd jaar (plusminus van die helfte van die negentiende eeu tot die sestigerjare van die twintigste eeu) is daar wyd gebruik gemaak van hierdie sogenaamde *histories-kritiese ondersoekmetode*.⁵⁹ Die pendulum het in die resente tyd van historiese of diachroniese ondersoekbenaderings na sinchroniese teksontleding en -interpretasie beweeg. Die historiese moes plek maak vir *teksimmanente* interpretasies. Teksintrinsieke benaderings het meer gewig begin dra as teks-ekstrinsieke benaderings (soos die toespitsing op die agterliggende faktore van die studieteks voor hande). Dit het die algemeen-geldende benaderingshoek geword van waaruit tekste benader word nadat die belangstelling in die histories-kritiese metode algaande begin taan het. Teoretici soos Watson en Hauser meen dat die tyd van en vir die historiese verklaringsbenadering, veral soos dit tot uitdrukking gekom het in die Bronnekritiek van die Pentateug, verby is en uitgedien geraak het (Watson & Hauser, 1994:6).

Waarom moet hierdie beweerde paradigmaskuif toegekryf word?

Barton (2003:9-12) noem vier faktore wat moontlik vir die pendulumswaai verantwoordelik was/is.

- (i) Die histories-kritiese metode hou hom besig met *genetiese* vraagstukke rondom of agter tekste. Die vraag aan die orde is hoe het die Bybelboeke ontstaan of is hulle geneties saamgestel. 'n Soektog na die agterliggende bronne het vir lank in so 'n mate al die aandag bly opeis dat die Bybelnavorser nie veel meer te doen gehad het nadat vasgestel is hoe 'n betrokke (Bybel-)boek tot stand gekom het nie. Dié soort ondersoek lewer dus vir baie niks wesenlik en noemenswaardig meer vir die verstaan en betekenisbepaling van die teks op nie.
- (ii) Vanweë die belangstelling in die voorgeskiedenis van die teks is die historiese kritikus begaan oor die ‘oorspronklike’ betekenis van die teks,

⁵⁹ Die term word verderaan as gesamentlike noemer gebruik vir die bespreekte *historiese, biografiese en literêr-historiese teorieë* wat van 'n historiese benaderingshoek uitgaan.

wat die teks met ander woorde vir die sogenaamde *eerste lesers* beteken het. Die veronderstelde argument ten grondslag van hierdie soeke na oorspronklike betekenis is dat die navorser mislei is en self met misleiding besig is as die teks 'n ander betekenis sou ontvang as wat dit vir die eerste lesers ingehou het. Die oorspronklike betekenis moet te alle tye as die 'ware' betekenis gesoek, vasgestel en gehandhaaf word. Die Bybel-wetenskaplike moet valse betekenis elimineer wat deur 'onhistoriese' lesers in tekste gevind sou word of wat deur hulle daarin ingelê sou word. Die vraag is/word egter toenemend gevra of dit enigsins moontlik is om oorspronklike betekenis van buite die teks in die verstaanshorison van die eerste lesers akkuraat vas te stel.

- (iii) Historiese kritici is geïnteresseerd in die mees letterlike betekenis van die woord *geskiedenis*. Dit gaan dus oor meer as die historiese konteks van woord en betekenis of die historiese ontwikkeling van tekste – dit gaan oor *wat werklik gebeur het* in die verlede (wat in die *geskiedenis* geskied het). Die historiese boeke van die Ou Testament en die Evangelies en Handelingte word deur die kritici onderwerp aan 'n deeglike historiese aftasting om uit te kom by wat werklik gebeur het. Die paradigmaskuif het vir baie gekom omdat hierdie belangstelling in die *werklike* van die historiese nie teksbetekenis vir hier en nou genereer nie.
- (iv) Samehangend hiermee wil/wou die histories-kritiese benadering *neutraal* wees. Daar moet gestreef word na 'n teksbenadering sonder enige vooroordele. Die vraag is nie na wat beteken 'n teks 'vir my' nie, maar bloot na wat beteken 'n teks. Histories-kritiese ondersoek is daarom ook gekant teen 'n 'vroom' lesing van die teks. Dit word gemotiveer deur 'n soeke na feite soos hulle is en bestaan. Die navorser moet, om tot die waarheid te kom, 'n neutrale *waarnemer* wees, vry van enige geloofs-verbintenis. Die pendulum het in reaksie hierop begin swaai na 'n benadering waarin meer as die 'blote' betekenis van tekste 'n rol speel: betekenis is betekenis vir 'n *interpreteerder* wat altyd uit 'n bepaalde uitgangspunt vertek en interpreteer.

Al vier bostaande kenmerke van die histories-kritiese ondersoekmetode wat deur Barton beskryf word, maar veral die laaste een wat herinner aan die 'vermoë' van die wetenskap om by 'n objektiewe waarheid te arriveer (Barton, 2003:11-12), word in die resente tyd gesien as deel van die *Verligting* (*Aufklärung*) waarin die Modernisme gehandhaaf is. Ook dit is *histories* (!) te verklaar, want dit was veral sedert die Verligting dat die histories-kritiese metode 'n dominante krag in die akademiese wêreld geword het.

Le Roux, wat in 1994 al gevra het of die histories-kritiese metode nie die einde van sy pad bereik het nie (sien bo), skryf vanuit 'n koördinaat in die Suid-Afrikaanse akademiese landskap. Hy stel dat dié navorsingsgemeenskap die *Aufklärung* gemis het (Le Roux, 1994:199) en gevolglik nie onder die druk van die histories-kritiese metode gekom het nie. In die Suid-Afrika van die negentigs is 'n historiese verstaan van die Bybel nie 'n populêre benadering nie (Le Roux, 1994:200). Op grond van die verlede en die huidige stand van die histories-kritiese metode het die metode 'n donker en somber toekoms. Hy pleit dat die histories-kritiese verstaan van teks en werklikheid nie verder – al is dit nou eers – deur die belangrike werk van die resente sogenaamde *immanente* benadering oor die hoof gesien moet word nie. Om tot die “*truth-behind-the-text*” te kom, bly van wesenlike belang. Die situasie kan verander as 'n historiese bewussyn gekultiveer word en die metode herontdek word as 'n wyse van betekenisgewing aan die lewe (Le Roux, 1994:201-202). Le Roux is dus van oortuiging dat die histories-kritiese steeds 'n plek in Bybelnavorsing verdien.

Die indruk mag dalk gewek word dat historiese vertrekpunte in die bestudering van die Bybel se teksmateriaal op sigself te ‘gedateerd’ is om sinvolle navorsingsresultate in die resente tyd op te lewer. Tog gebeur dit dat belangstelling in die historiese aangeleenthede rondom die Bybeltekste wat bestudeer word, wel steeds binne resente publikasies figureer, al kan al die betrokke publikasies nie sonder meer en uitsluitlik as werke wat vanuit historiese vertrekpunte opereer, getipeer word nie. Dit blyk byvoorbeeld uit die literatuur waarna by 3.1.2.1.1(i.i)-(i.v), (ii) en (iii.ii) hierbo verwys is, asook uit ander literatuur wat elders in hierdie studie ter sprake gebring word. Van die resente bronne wat verskyn neem dus wel kennis van die resultate van historiese ondersoek (Clines & Exum, 1993:17; vgl. ook Batron, 1994:3-15) en daarom kan gestel word dat dié benaderingshoek in die analisering van Bybeltekste steeds relevansie en geldigheid behou in die jongste navorsing wat gedoen word. Dit geld in besonder ook die navorsingsliteratuur wat oor die Openbaringboek verskyn.

Die verklaring wat Barton (2003) onder meer van hierdie interessante en enigsins teenstrydige toedrag van sake gee, word deur hom óók histories verklaar. Hy wys naamlik daarop dat die feit dat die histories-kritiese benadering wel uit die Verligting se moderniteit afgelei word, die persepsie of oortuiging in die hand werk dat 'n rasionalistiese benadering gebruik word om 'n ideale of neutrale, universele waarheid vas te stel deur sogenaamde wetenskaplike metodes – tipies in die styl van die denkstroming van die Modernisme. *Wetenskaplik* korrespondeer dan hier met die Duitse ‘*wissenschaftlich*’, wat 'n objektiewe ondersoek na 'n onafhanklike bestaande realiteit aandui (Barton, 2003:16).

Barton beweer dat dit ‘*foolish*’ sal wees om wat die histories-kritiese metode aan die Verligting verskuldig is, te ontken. Hy wys egter daarop dat daar in die Duitse navorsingsgemeenskap ook ’n rigting bestaan wat die histories-kritiese nie terugvoer na die Verligting nie, maar wel na die *Reformasie*. Hierdie siening lei daartoe dat daar in plaas van die histories-kritiese metode gepraat kan word van *Bybelse kritiek*. Die kritiese lees van die Bybel is dan nie in die eerste plek gekoppel aan ’n belangstelling in die geskiedenis nie, maar: “...it is linked with the Reformation insistence on the authority of the Bible, read freely, over the Church” (Barton, 2003:16).

Christengelowiges het volgens die beginsels van die Reformasie die reg om te vra of die Bybel werklik beteken wat die kerk/geloofsgemeenskap sê dit beteken. In daardie sin lê in kiem die oorsprong en ontwikkeling van die histories-kritiese in ’n kritiese Bybelse metode – nie krities *teenoor* die Bybel nie, maar krities *vanuit* die Bybel met betrekking tot dit wat die Bybel na bewering sou sê. Gekonfronteer met ‘kerklike’ interpretasies van tekste aanvaar die Bybelnavorser nie vanselfsprekend dat die ‘*magisterium*’ van die kerkgemeenskap se voorgestelde of verklaarde betekenis/waarheid die juiste een is nie, maar die navorser behou die reg voor om op grond van die rasonale beginsels van kritiese ondersoek vas te stel of daar wel tot die regte, ware Bybelse betekenis deurgedring is/word. Die onderliggende motivering van die histories-kritiese benadering is – só gesien – dus om die teks vry te maak om self te kan praat, om self betekenis vry te stel. Dit is nie ’n soeke na vorige betekenisne waarin die navorser vasgevang is/moet wees terwyl huidige betekenis gesoek en gegee moet word nie. Historiese kritiek, of dan *Bybelse kritiek* in hierdie betekenis van die woord, het die taak om die leser in te lig oor wat Bybeltekste kan of nie kan beteken nie, en nie om maar net te verklaar wat hulle beteken het of nie beteken het nie (Barton, 2003:17).

Die vraag na die relevansie, gebruiksgeldigheid en toekoms van die histories-kritiese metode kan volgens Barton (2003:18-19) se beredenering net beantwoord word vanuit die definiëring wat van *histories-krities* gegee word: òf die algemene opvatting dat dit die Modernistiese ontdekking van gangbare, neutrale, objektiewe historiese betekenisne verteenwoordig, òf die Reformatoriese beginsel van die *sola Scriptura*, die *Woord alleen* (– en van die beginsel dat die Skrif ook sy eie interpreteerder is). *Histories-krities* in laasgenoemde sin verstaan, is ’n benadering waarin histories-krities nie in die eerste plek besig bly met historiese of diachroniese elemente nie, maar met die *kritiese* karakter van Bybelgedrewe wetenskaplike ondersoek. Sowel diachroniese as sinchroniese aangeleenthede is dan by die ondersoek aan die orde.

Die gevolgtrekking waartoe hieruit met betrekking tot die relevansie van teorieë met ’n historiese benaderingshoek (die histories-kritiese ondersoekmetode) gekom word, is dat dit in die styl en motivering van die Reformatoriese aanwending daarvan nie net *relevant* bly vir enige verantwoordelike Bybelnavorsing nie, maar dat dit ook *noodsaaklik* is vir ’n

verantwoordelike wetenskaplike Skrifgebruik. Sekere van die ‘historiese’ aangeleenthede wat aan die orde kom (soos byvoorbeeld bronnehipotese-ontleding), dra wel nie soveel gewig en relevansie soos ander nie. Dit gaan egter uiteindelik oor eerlike en opregte omgang met die Bybel. Dit is dus meer as geoorloof om historiese vrae, of vrae wat oor historiese aangeleenthede rondom Bybeltekste gaan, te vra en te beantwoord. As hulle eerlik aan wetenskaplike ondersoek onderwerp word, is die beantwoording van die vrae *sine qua non* (kan daar dus daarsonder nie van ewewigtige en volledige of omvattende navorsing sprake wees nie). *Teorieë uitgaande van ’n historiese benaderingshoek (die histories-kritiese metode) is dus ook vir hierdie studie relevant en as steeds belangrik en noodsaaklik aangedui.* Dit sal daarom, waar dit nodig en *ad rem* is, aandag ontvang in die verdere verloop van die navorsing wat gedoen word.

3.1.2.2 Tekssentriese benaderings

3.1.2.2.1 *Beskrywing van teorieë met ’n tekssentriese benaderingshoek*⁶⁰

Wat as *tekssentriese* hoofbenaderings tot literêre tekste getipeer word, is dié benaderings waarin sterk nadruk op die teks as *teken* gelê word. Die teks word beskou as ’n afgeronde geheel van artistieke betekenis. Hierdie benaderingswyse is dus intrinsiek van aard (vgl. 3.1.1.3). Dit word ook ’n *ergosentriese* benaderingswyse genoem (Du Plooy & Viljoen, 1992:27), wat beteken dat die literatuurwerk (in Grieks die *ergon* genoem) nie net die middelpunt nie, maar ook die begin- en eindpunt van die literatuuronderzoek vorm. Die leser en veral die outeur van die teks word nie as deel van die objek van ondersoek beskou nie, omdat daar nie op grond van die teks as sodanig kontroleerbare uitsprake oor hulle gemaak kan word nie (Viljoen, 1992:105).

Sommige literatuurwetenskaplikes, soos Du Plooy en Viljoen (Du Plooy & Viljoen 1992:29-31), tref binne die intrinsieke of ergosentriese benaderings ’n verdere onderskeid, naamlik tussen *tekssentriese* benaderings (of *outonomistiese* benaderings, verwysend na die selfstandigheid en afgerondheid van die teks) en *taalsentriese* benaderings (of *linguistiese* benaderings, verwysend na die groot en deurslaggewende rol wat die Linguistiek/Taalkunde in die analisering van literêre tekste speel). Daar is begrip vir die sinvolheid van hierdie fyner onderskeiding en die wins wat dit aan duidelikheid bring. Die onderskeid word in wat hieronder volg wel ook getref, maar vanweë die

⁶⁰ By die bespreking van die sogenaamde *tekssentriese* sowel as die *lesersentriese* hoofbenaderingswyse tot die literatuurteks (wat nou onderskeidelik in 3.1.2.2 en 3.1.2.3 volg) word die invloed wat die onderskeie benaderings op Bybelwetenskaplike navorsing uitoefen, telkens kortliks uitgewys. Dit word met die gebruikmaking van ’n ♦-simbool aangestip ná die bespreking van elk van die studies/teorieë binne dié twee hoofbenaderings. By die behandeling van die studies met ’n historiese benaderingshoek (3.1.2.1 hierbo) is die verband wat elkeen met die Bybelwetenskap het, direk in die bespreking van die betrokke benaderingswyse geïntegreer, aangesien dié benaderings baie sterk in die Teologie ontwikkel is en histories in ’n groot mate daarmee geassosieer en selfs vereenselwig word.

ineenvloeiing en noue verband tussen teorieë binne die intrinsieke benaderingswyse (tekssentrië én taalsentrië) word teorieë wat uitgaan van 'n teksimmanente benaderingshoek hier saam bespreek as samestellende dele binne één van die drie hoofbenaderings wat hierbo in 3.1.1.3 as indelingsraamwerk vir ordening vasgestel is, naamlik die *tekssentriëse* benaderings.⁶¹

Formalistiese studies en *Strukturalistiese* studies (wat dan min of meer ooreenkom met die onderskeiding tussen *tekssentriëse* en *taalsentriëse* benaderings waarna pas verwys is), kan as verteenwoordigend van teorieë wat in 'n teksimmanente of teksintrinsieke benaderingswyse hulle vertrekpunt neem, behandel word. Daar word vervolgens gelet op formalistiese en strukturalistiese studies wat teorieë verteenwoordig wat hulle vertrekpunt hoofsaaklik (selfs uitsluitlik) in die literatuurteks as teks-as-sodanig neem.⁶²

(i) *Formalistiese studies*

Onder die opskrif *Formalisme* word verskillende objektiewe of outonomistiese teorieë tuisgebring. In Amerika ontwikkel die *New Criticism*, in Engeland die *Practical Criticism*, in die Russiese wêreld die *Russiese Formalisme*, in Duitsland die Duitse *werkimmanente Methode* en in Nederland die teoretiese rigting wat as *Stilistiek op taalkundige grondslag* bekend geword het. Laasgenoemde het gedurende die vyftigerjare van die vorige eeu naas invloed op Nederlandse teksanalises ook beduidende invloed op Afrikaanstalige navorsing uitgeoefen. Dit is veral gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu dat hierdie vier

⁶¹ Teks- en taalsentriëse benaderings van literatuurtekste word saam gegroepeer binne die tweede van die drie hoofbenaderings (*historiese*, *tekssentriëse* en *lesersentriëse* benaderings, synde 'n sintese van Du Plooy en Viljoen, 1992:25-38, Stevens en Stewart, 1996:1-112, en Van Deventer, 2001:13-97, se hoofgroepeerings in die veld van literêr-teoretiese benaderings; vgl. die motivering vir die indelingsraamwerk in 3.1.1.3).

⁶² Stevens en Stewart (1996:9-45) en Van Deventer (2001:18-48) plaas *genre-* en *retoriese* studies ook binne die tekssentriëse benaderings. Daar sou egter geredeneer kan word dat dié twee fasette van literatuur eerder as toegespitste ondersoekterreine binne die Literatuurwetenskap gesien moet/kan word en nie soseer benaderingswyses verteenwoordig nie. Genre-studie kan deur middel van verskillende invalshoeke onderneem word, strukturalisties of formalisties of dekonstrukief. So 'n ondersoek gaan dan inderdaad oor die terrein of objek van die ondersoek en nie oor 'n bepaalde filosofiese of literêr-teoretiese benadering nie. Daar is tog bepaalde studies wat hoofsaaklik binne 'n bepaalde hoofbenaderingswyse tot die literêre teks daarop konsentreer. Die Duitse *werkimmanente Methode* (vgl. (i.iii) hieronder) kan as voorbeeld daarvan genoem word. Die *Methode* neem die *literêre aard* van die literatuurteks vanuit 'n tekssentriëse oriëntasie as vertrekpunt. Die *genre* of literêre vorm en die 'soort' van die Bybelboek wat bestudeer word in sy geheel, asook die wisselende genres binne die betrokke boek, speel in hierdie soort benadering 'n deurslaggewende rol om die totale verhaalaanbod van die betrokke boek te verstaan en reg te interpreteer. Tog word die genre- (en retoriese) studies in die huidige studie by die bespreking van verskillende *subdissiplines*, *deelwetenskappe* en/of *toegespitste literêre studieterreine* in die literatuurondersoek (by 3.3.2.1 hieronder) ter sprake gebring, alhoewel die Duitse *Mehtode* ook hier onder die formalistiese, tekssentriëse benaderings bespreek word. Sien verder 3.3.0 vir die bespreking van die problematiek rondom subdissiplines, deelwetenskappe en toegespitste literêre studieterreine.

onderling-verwante literêre teorieë primêr as *formalistiese* benaderings, wat dus (soos ook die benaderings vanuit die sogenaamde *Stukturalisme*) spesifiek op die literêre teks-op-sigself fokus, in swang gekom het en groot aandag en belangstelling geniet het.

Wat in die formalistiese studies weerspieël word van die *New (Practical) Criticism*, Russiese Formalisme, Duitse *werkimmanente Methode* en Stilistiek op taalkundige grondslag word vervolgens bespreek.

(i.i) *New Criticism* en *Practical Criticism*

New Criticism (Amerika) en *Practical Criticism* (Engeland) is ten spyte van aanwysbare verskille tog naby-variante van dieselfde benadering in Anglo-Amerikaanse literatuurstudie. Dit word daarom hier gesamentlik bespreek.

Die benadering(s) bekend onder die noemers *New* en *Practical Criticism* het van ongeveer 1910 tot 1960 in 'n groot mate die literêr-teoretiese toneel in die Engelssprekende wêreld oorheers.⁶³ Dit het gemanifesteer as 'n reaksie teen die histories-kritiese benadering van literatuurtekste (3.1.2.1 hierbo; vgl. Du Plooy & Viljoen, 1992:27-28). Die ondersoek was veral op poëtiese tekste toegespits.

Wellek en Warren se werk oor literêre teorie, *Theory of Literature*, wat oorspronklik reeds in 1949 verskyn het, is 'n belangrike gestaltegewing, verwoording en verantwoording van die *New Criticism*. Dit is 'n publikasie wat tot in die resente tyd steeds invloed uitoefen. Hulle verklaar dat die literêre werk nie 'n eenvoudige objek is nie, "...but rather a highly complex organisation of a stratified character with multiple relationships" is waarvan die "prime and chief function is fidelity to its own structure". Die literêre werk is "a selfdefining and selfsufficient matrix of formal structures" (Wellek & Warren, onderskeidelik 1973:27,37 en 137). Nóg outeursintensie, nóg die affektiewe uitwerking van die literatuurteks op die leser is van belang of bepalend vir teksanalise beskou en moet daarom verwerp word. Teksvorm moet 'n regmatige plek naas teksinhoud kry (vgl. in dié verband weer die bespreking in die vorige hoofstuk by 2.2.1.2(ii), waar aangetoon is dat die Bybel die onderskeidende eienskap van literatuur besit dat dit betekenis onder meer deur *vorm* kommunikeer). Die literêre vorm van die literatuurteks oorheers in hierdie rigting egter in 'n groot mate die teksinhoud, alhoewel die *New Critics* 'n wisselwerking tussen vorm en inhoud wil handhaaf.

⁶³ Dit is in die huidige studie nie nodig om die verskille tussen en die verskillende aksente van die naby-verwante Amerikaanse *New Criticism* en die Engelse *Practical Criticism* in berekening te bring nie. Die benaming *New Criticism* word verderaan gebruik om albei in te sluit.

Hulle verklaar dat eksterne faktore nie 'n wesenlike bydrae tot die verstaan van 'n teks as 'n outonome geheel lewer nie. Betekenis lê dus vir hulle uitsluitlik in die teks opgesluit, en dan spesifiek in die *formele* of *vorm*-aspekte van die teks.

Die werk van die *New Critics* word beskou as 'n betekenisvolle bydrae wat die teoretiese besinning oor die uiters komplekse aard van die geskrewe teks in 'n interessante nuwe rigting gestuur het. Dit wil 'n suiwer objektiewe of outonometiese benaderingswyse wees. Kritiek word egter ook teen die *New Criticism* uitgespreek – dat daar naamlik eensydig en selektief slegs met literêre werke gewerk word wat intellektuele kompleksiteit openbaar en nie ook met literatuur wat emosionele kompleksiteit bevat nie (Peck & Coyle, 2002:196-197). In dié opsig is die objektiewe benadering self nie 'suiwer' objektief nie. Poëtiese skoonheid is gelykgestel aan formele kompleksiteit eerder as aan emosionele effek (Rabinowitz, 1982:27), en daar is hoofsaaklik op tekste wat dit duidelik illustreer, gekonsentreer.

♦ *Die invloed van die New Criticism op Bybelwetenskaplike navorsing*

Twee publikasies kan as verteenwoordigende voorbeelde genoem word waarin verskillende skrywers 'n neerslag bied van die *New Critics* se tekssentriese benadering. Uit die twee bronne is die invloed van die Formalisme (en Strukturalisme) op tekssentriese benaderings binne die veld van Bybelwetenskaplike navorsing duidelik aanwysbaar.

Die eerste publikasie wat ter sprake is, is die vroeër genoemde werk onder redaksie van Robert Alter en Frank Kermode (Alter & Kermode eds., 1988: *The literary guide to the Bible*). In dié bundel dui McGinn (1988:523-541) die literêre belangstelling uitgaande van die teks-op-sigself aan, en dit spesifiek ten opsigte van die interpretasie van die Openbaringsboek. Nadat hy 'n oorsig oor die interpretasiegeskiedenis van die boek gegee het, stel hy dat Openbaring gesien kan word “...*primarily as an imaginative creation, as a work of literature*” eerder as 'n “*repository of truths about the course of history and the events of the end*” (McGinn, 1988:539). Daaruit is die klemplasing op teksvorm – eerder as op teksinhoud – baie duidelik. Hoewel 'n stelling soos dié van McGinn die indruk van 'n verabsoluttering van die teks en die teksvorm kan wek ten koste van die inhoud wat in die teks gedra word, kan 'n belangrike waarneming tog hieruit gemaak word. Dit is naamlik duidelik dat daar in die resente tyd meer en meer Bybelwetenskaplikes is wat die belangrikheid van literêre kritiek in die proses van betekenisontsluiting van 'n teks besef. McGinn beweer dat baie kommentare en ander studies in die verklaring van Openbaring minstens sommige elemente van

kontemporêre literêre teorieë begin gebruik wat van die ingewikkelde rekapi-tulatiewe struktuuropbou van Openbaring uitgaan (McGinn, 1988:539). Daarmee het die belang van die literatuurteks met die titel *Openbaring* as teks-op-sigself op die agenda van ook die teologies-akademiese ondersoek gekom. Dit sal mettertyd nog duideliker blyk (vgl. Hoofstukke 4 en veral 5 en 6).

Die tweede publikasie waarna verwys kan word om aan te toon dat tekssentriese benaderings soos dié van die *New Critics* in die Bybelwetenskappe aandag ontvang, is die gebundelde artikels van Lars Hartman (1997; onder redakteurskap van David Hellholm). Uit die titel van die versamelde werk is dit reeds duidelik dat Hartman se uitgangspunt 'n tekssentriese benadering verteenwoordig: *Text-centered New Testament Studies. Text-theoretical essays on early Jewish and early Christian literature* (Hellholm ed., 1997). Hartman se bydrae vanuit 'n tekssentriese benaderingshoek handel onder meer oor die problematiek van die Evangelie-genre (Hartman, 1997b:3-23), terwyl dit ook 'n waardevolle verkenning en insiggewende ontleding bied van die problematiek wat spesifiek rondom die apokaliptiese genre bestaan (Hartman, 1997c:89-105; vgl. ook Hartman, 1989: 329-343). In 'n ander artikel verklaar Hartman (1997a:125-149) dat sy bespreking van die vorm en inhoud van teksgedeeltes in Openbaring 1 tot 3 en 22:6 en verder nie 'n vormkritiese benadering (in die gebruikelike sin van die woord) tot die 'partial texts' is nie, maar dat dit in 'n sekere mate deur linguïste en literêre kritici geïnspireer is. 'n Tipiese kenmerk van dié geleerdes se metodes, sê hy, "...is that they stress the fact that the text is the main instrument in a communication from the author to his reader" (Hartman, 1997a:125).

Die invloed wat tekssentriese benaderings tot literatuur op navorsing in die Bybelwetenskappe het, is hiermee voorlopig reeds as beduidend aangedui.⁶⁴

(i.ii) Russiese Formalisme

Soos die *New Critics* ((i.i) hierbo) hulle hoofsaaklik op poëtiese tekste toegespits het, het die literêre teoretici wat as verteenwoordigers van die Russiese Formalisme bekend sou word, in hulle akademiese werk ook op poësie gekonsentreer, alhoewel hulle ook belangrike werk ten opsigte van verhalende tekste gelewer het. Albei hierdie rigtings het in die eerste deel van die vorige eeu ontstaan. Die Russiese Formalisme was egter ná sy ontstaan in die tweede dekade van die eeu vir baie lank – van ongeveer die laat twintiger- tot in die sestigerjare – vanweë politieke redes en isolasie as gevolg daarvan nie binne die veld van die Engelstalige literatuurstudie bekend nie. Ten spyte van hierdie isolasie van die

⁶⁴ Die waarde van dié benaderingswyse vir teologiese navorsing word deurentyd by die behandeling van tekssentriese studies aangedui en sal later nog duideliker, in Hoofstukke 4 en 5, aan die lig kom.

verteenwoordigers van die Russiese Formalisme en hulle werk word die rigting deur literatuurwetenskaplikes beskou as die mees invloedryke krities-teoretiese skool van die twintigste eeu (vgl. onder andere Visser, 1982:15; Du Plooy, 1986: 98; Du Plooy & Viljoen, 1992:28).

Verteenwoordigers van die Russiese Formalisme met hulle rigtinggewende literêr-teoretiese publikasies waarin hulle tekssentriese benadering tot die literatuurteks ontwikkel en uitgewerk is, is onder meer:

- Roman Jakobson (1977, *Linguistiek en poëtica*; 1987, *Language in literature*; 1992[1956], *The metaphoric and metonymic poles*);
- Boris Tomaševskij (1965, *Thematics*);
- Viktor Šklovskij (1965, *Art as technique*);
- die sogenaamde *Bakhtin-Skool*, 'n latere ontwikkeling binne die Formalisme (1992, Mikhail Bakhtin, *Epic and novel: toward a methodology for the study of the novel*);
- Mikhail Bakhtin & Pavel Medvedev (1985[1978], *The Formal method in literary scholarship: a critical introduction to Sociological Poetics*).⁶⁵

Uit die genoemde literatuur van die Russiese Formaliste kan die onderstaande samevattend as die kernsake en sleutelmotiewe waaraan hulle in die ontwikkeling van hulle literêre benadering en metode aandag gegee het, uitgelig word.

- Die literatuurteks, en dan nèt die teks, is relevant vir literatuurstudie. Historiese, biografiese en sosiologiese faktore – dit wil sê tekseks-trinsieke oorwegings – speel geen rol in die bestudering van die literatuurteks nie. In die latere ontwikkeling van die Formalisme was daar egter wel 'n ernstige poging deur die sogenaamde *Bakhtin-Skool* (onder andere deur Bakhtin en Medvedev) aangewend om toenadering tussen Marxisme en Formalisme te bewerkstellig. Daarmee is daar tog kennis geneem van sosiologiese (dus teks-ekstrinsieke) aangeleenthede (Bakhtin & Medvedev, 1985:69), maar die Bakhtin-Skool het literatuur nie as 'n direkte refleksie van sosiale kragte benader nie.

⁶⁵ Bakhtin word later streng gesproke nie as 'n Formalis in die volle sin van die woord beskou nie. Sy werk het die benadering van die Formaliste ook gekritiseer. Hulle het op die teks as sodanig gekonsentreer en die Bakhtin-Skool het die teks beskou as 'n dialogiese (polifoniese) gesprek binne 'n sosiaal-bepaalde gemeenskap.

- Daar is in die werk van die Russiese Formaliste 'n duidelike onderskeid tussen poëtiese taal en ordinêre taal getref. Dit gaan vir hulle oor die *literariteit* ('*literariness*') van die literatuurteks, met ander woorde oor dit wat van die teks literatuur maak, 'n estetiese teks in onderskeiding van ander taaltekste.
- Literêre kunsgrepe bring *vervreemding* ('*defamiliarization*') teweeg. Wanneer die menslike waarneming deur die gewone en die gewoonte afgestomp word, word wat waargeneem word, nie beleef nie. Die funksie van vervreemding in 'n literatuurteks is dan juis om die afstomping teë te werk, sodat daar 'n werklike belewing van dit wat waargeneem word, kan plaasvind. So word wat gesê word, opvallend gemaak. Šklovskij se volgende woorde beskryf die effek van die buitengewone wat deur middel van artistieke vervreemding in die literatuurteks vrygestel word: "*And art exists that one may recover the sensation of life, to make one feel things, to make the stone **stony***" (Šklovskij, 1965:12, beklemtoning van Šklovskij; vgl. Du Plooy, 1998a:77). Sodoende word die aandag op die teks se eie kunstigheid gevestig, op die wýse van segging van dit wat gesê word. Die vorm bring dus die belewing of nuwe ervaring van wat waargeneem word teweeg.
- Die onderskeid wat deur die Russiese Formaliste tussen die sogenaamde '*fabula*' en '*sjužet*' gemaak is, het 'n sentrale plek in die narratologie of verhaal-kuns gekry, soos later duidelik uit hierdie studie sal blyk (Hoofstukke 4, 5 en 6). Die twee begrippe dui op twee verskillende vlakke in die verhalende teks. Die elemente in die verhaal is die storie of *fabula*, terwyl plot of *sjužet* verwys na die verhaalde gebeurtenisse wat so gerangskik word dat dit van die verhaal 'n artistieke teks maak (Tomaševskij, 1965:66-78). Hoe sterk die invloed van hierdie onderskeid deur die Russiese Formaliste in die twintigste-eeuse literatuurbenaderinge deurwerk, is duidelik uit die latere werk van die Strukturaliste (vgl. (ii) hieronder).

Die Russiese Formalisme kan in sommige opsigte gesien word as 'n voorstadium van die *Strukturalisme* (sien 3.1.2.2.1(ii) hieronder; Du Plooy, 1986:116). Vladimir Propp, wat nie sonder meer 'n Formalis genoem kan word nie (vgl. Fokkema & Kunne-Ibsch, 1978:27) vorm 'n belangrike skakel tussen Formalisme en Strukturalisme (Bertens, 2003:36). Propp het die klem reeds sterk op die morfologie van die teks laat val met sy belangwekkende publikasie wat in 1927 verskyn het, naamlik *Morphology of the folktale* (Propp, 1978). Dit is veral op die Formalis Tomaševskij se onderskeid tussen *fabula* en *sjužet* gebaseer. Dit sou

die Strukturalisme beslissend vanuit die Formalisme beïnvloed en dui gevolglik op die noue verband tussen dié twee tekssentriese benaderings.⁶⁶

♦ *Die invloed van die Russiese Formalisme op Bybelwetenskaplike navorsing*

Die invloed van die Russiese Formalisme op die Bybelwetenskap is waarskynlik – naas die oorhoofse beklemtoning van die teks as outonome geheel – die sterkste ten opsigte van die verhaalteorie of narratologie, waarin *fabula* en *sjuzet* dan in 'n groot mate grondliggend figureer. Baie van die resente publikasies waarin die Openbaringboek se narratief literêre benader word, getuig daarvan (vgl. weer die literatuur oor Openbaring waarna in 2.2.2.7.1(iii) verwys is, asook dié wat later in Hoofstukke 5 en 6 verwerk word). Die invloed van die formalistiese benaderings kan ook aangedui word in dit wat by (i.i) hierbo binne die kader van die *New Criticism* ten opsigte van Alter en Kermode se handleiding tot 'n literêre lees van die Bybel opgemerk is (Alter & Kermode, 1988; vgl. ook weer spesifiek McGinn se benadering van die boek Openbaring; McGinn, 1988:539).

(i.iii) *Duitse werkimmanente Methode*

As inleiding tot die bespreking van die Duitse *werkimmanente Methode* kan die algemene opmerking gemaak word dat die Duitse Literatuurwetenskap sedert 1945 die intrinsieke benadering tot literêre tekste met groot entoesiasme beoefen het. Daarin deel hulle die oorheersende belangstelling in teksimmanente faktore by teksanalise en -benadering met die *New Criticism* en die Russiese Formalisme.

Die Duitse benadering het egter in 'n belangrike opsig tog anders verloop en ontwikkel as by die ander Formaliste. Die *werkimmanente Methode* het die teks-intrinsieke invalshoek veral gesien vanuit *genre-onderskeidings*.⁶⁷ Tot aan die einde van die vyftigerjare van die vorige eeu het dit die belangrikste kenmerk van Duitse literatuurstudie gebly. Ten spyte van die ander aksentplasing as die van

⁶⁶ Sien by die bespreking van *Strukturalistiese studies* (3.1.2.2.1(ii.i) hieronder) die ooreenkomstige tussen Propp (1978[1927]) en André Jolles (1965 [1929]).

⁶⁷ Dit staan in 'n mate selfs teenoor die *New Critics* en die Russiese Formaliste. Waar betekenis vir die *New Critics* uitsluitlik in die formele aspekte van die teks opgesluit lê en die literatuurteks "*a self-defining and selfsufficient matrix of formal structures*" is (Wellek & Warren, 1973:137; vgl. weer (i.i) hierbo), en waar die Russiese Formaliste op hulle beurt weer belangrike insigte in die narratiewe onderbou van verhale gebring het (gebaseer op die onderskeiding tussen *fabula* en *sjuzet*), en verder die literariteit van die literêre teks fyn gedefinieer het en vervreemding as 'n belangrike verhaaltegniek geïdentifiseer het waardeur die verhaalde stof lewendig en sinvol deur die leser in sy ervaring waargeneem word, word die *Methode* gekenmerk deur 'n generiese fokus op die teks. Dit is nietemin steeds duidelik tekssentrië gerig.

die ander Formaliste, was dit steeds 'n tekssentriese benadering in die volle sin van die woord.

Vier verteenwoordigers wat deur hulle werk leiding in hierdie benadering tot literêre tekste geneem het en wie se invloed deur hulle geskifte baie sterk op literêr-teoretiese denke in Duitsland was, kan uitgesonder word. Hulle is Wolfgang Kayser, Eberhard Lämmert, Käte Hamburger en Franz Stanzel, op wie se bydraes kortliks gelet word. Behalwe dié vier, sou ander ook genoem kon word.⁶⁸

- *Wolfgang Kayser*

Kayser se boek met die titel *Das Sprachliche Kunstwerk*, wat die eerste keer in 1948 verskyn het, is vir baie jare as gesaghebbende standaardwerk vir die Literatuurwetenskap in Duitsland beskou (Kayser, 1968[1948]). Daarin stel hy – suiwer volgens die Formalisme se teksimmanente benaderingswyse – dat die literatuurteks 'n afgeslote, selfstandige, outonome geheel is wat altyd vanuit homself verstaan moet word. “*Eine Dichtung lebt und entsteht nicht als Abglanz von irgend etwas anderem, sondern als in sich geschlossenes, sprachliches Gefüge*” (Kayser, 1968:5).

Kayser werk vanuit die geykte en bekende literêre genre-onderskeiding (wat deel is van die titel van hierdie studie), naamlik *liries*, *epies*, *dramaties* (*liriek*, *epiek*, *dramatiek*). Sy bespreking van die aanbiedingswyses van hierdie drie genres (*Gattungen*) bring besondere insigte na vore. Die perspektiewe wat hy oopmaak, word later in Hoofstukke 4, 5 en 6 verder gereflekteer. In Kayser se uiteensetting van veral die epiese werk speel die grondbegrippe ‘*Stoff*’, ‘*Motiv*’, ‘*Leitmotiv*’, ‘*Topos*’, ‘*Emblem*’ en ‘*Fabel*’ ’n baie belangrike rol. Laasgenoemde (*Fabel*) dui die handelingsverloop van ’n epiese verhaal of drama aan en kom min of meer ooreen met die term *plot* wat in die Engelstalige (en Afrikaanse) literêre gemeenskap gebruik word (dus: die Duitse *Fabel* is nie dieselfde as die Russiese Formalisme se *fabula* nie). Kayser het besondere duidelikheid gebring ten opsigte van die basiese begrippe en motiewe wat in die verhaalkuns in die spel is.

⁶⁸ André Jolles (met sy belangrike en invloedryke werk *Einfache Formen*, 1965[1929]) word soms ook binne die konteks van die Duitse *werkimmanente Methode* bespreek (so byvoorbeeld: Du Plooy, 1986:50-61). Die *einfache Formen* wat Jolles onderskei en waarvan hy in sy teoretiese benadering uitgaan, is in die eerste plek ’n *morfologiese* benadering en nie ’n genre-benadering soos by die *werkimmanente Methode* se genoemde vier verteenwoordigers nie. Soos in (i.ii) hierbo opgemerk is, moet hy egter in elk geval eerder saam met Propp binne die kategorie van oorgangsfigure tussende Formalisme en die Strukturalisme gesien word. Sien gevolglik die bespreking van Jolles se bydrae eers by (ii.i).

- *Eberhard Lämmert*

Lämmert se *Bauformen des Erzählens* verskyn in 1955 (Lämmert, 1968[1955]). Ook hy gaan in sy benadering uit van die tradisionele verdeling van die literatuur in die genres liriek, epiek en dramatiek. Hy verkies om na die oorkoepelende *Gattungen* as die ‘*drei Naturformen der Dichtung*’ te verwys, terwyl die term ‘*Typus*’ vir spesifieke ‘*Dichtarten*’ binne die verskillende soorte verhale, gedigte of dramas deur hom verkies word (Lämmert, 1968:10). “*Gattungen sind für uns historische Leitbegriffe, Typen sind ahistorische Konstanten...Erschließung ist danach die eigentliche Aufgabe der Dichtungswissenschaft*” (Lämmert, 1968:16).

Lämmert se teorie oor die verhaalstruktuur ten opsigte waarvan hy innoverende terminologie in gebruik gestel het, word deur narratoloë hoog aangeslaan en algemeen gebruik.

- *Käte Hamburger*

Hamburger se *Die Logik der Dichtung* waarin sy die literatuur linguisties benader, het in 1957 verskyn (Hamburger, 1993[1957]). Soos by Kayser en Lämmert staan die dramatiese, epiese en liriese as literêre ‘grondsoorte’ ook by haar sentraal in die fokus. Dit is verskynsels wat fenomenologies ondersoek moet word. Sy onderskei tussen mimetiese literatuur (epos en drama) en nie-mimetiese literatuur (liriese poësie), en gee dan in haar werk veral aan die epiese en die dramatiese aandag.

- *Franz Stanzel*

Stanzel se werk binne die *werkimmanente Methode* het veral neerslag gevind in drie publikasies, naamlik *Second thoughts on ‘narrative situations in the novel’: towards a ‘grammar of fiction’* (1978), *A theory of narrative / Theorie des Erzählens*, (1984[1979]) en *A new approach to the definition of the narrative situations*, (1996[1984, 1979]). Stanzel onderskei soos Kayser en Hamburger tussen verskillende soorte romans en verskillende soorte vertelling. Hy stel dat die klem nie meer moet val op die klassifikasie van die basiese vorme nie, maar op hulle variasies en modulاسies en ook hulle kombinasies.

♦ *Die invloed van die Duitse werkimmanente Methode op Bybelwetenskaplike navorsing*

Die invloed van die Duitse *werkimmanente Methode* op die Bybelwetenskap is waarskynlik – naas die oorhoofse beklemtoning van die teks as outonome geheel wat ook by die ander formalistiese studies, die *New Criticism* en die Russiese Formalisme, manifesteer – die sterkste ten opsigte van die literêre *aard* van die literatuurteks. Die genre of literêre vorm en soort van die Bybelboek wat bestudeer word in sy geheel, en ook die wisselende genres binne die betrokke boek, speel op die grondslag van hierdie benadering ’n deurslaggewende rol om die totale verhaalaanbod van die boek te verstaan en reg te interpreteer. Dit sal later blyk dat ’n groot hoeveelheid literatuur oor die Openbaringboek steeds in baie opsigte die duidelik geformuleerde genre-onderskeidings van die *werkimmanente Methode* ten opsigte van die narratiewe opbou van Openbaring verreken. Die kleinere en fynere onderskeidings binne die verskillende verhaalvlakke wat in die dramatiese narratief van Openbaring aanwesig is, kry ook besondere aandag.

(i.iv) *Stilistiek op taalkundige grondslag in Nederlands en Afrikaans*

Vanuit die Stilistiek as ’n filologiese dissipline het ’n literêre benaderingsrigting in die vyftigerjare van die twintigste eeu ontwikkel wat as ’n variant van die Stilistiek as sodanig beskou kan word (Van Rensburg, 1992:504).⁶⁹ Dié benaderingshoek tot die literatuurstudie het veral in die Nederlandse en ook in die Afrikaanse navorsingsgemeenskap ’n beduidende – maar slegs ’n relatief kortstondige – impak gehad. Die bloeityd daarvan was maar ongeveer vyftien jaar. Onder inspirasie van W.Gs. Hellinga en die sogenaamde *Amsterdamse Skool* is ondersoek ingestel na wat taalvorms in konkrete situasies ‘doen’ (Du Plooy & Viljoen, 1992:28-29). Dit moet uit die stilistiese wat in ’n betrokke gebruikte taalvorm aanwesig is, vasgestel word. Die belangrikste uiteensetting van wat Stilistiek op taalkundige grondslag gemotiveer en beoog het, vind neerslag in ’n publikasie van Hellinga en Merwe Scholtz: *Kreatiewe analise van taalgebruik: prinsipes van Stilistiek op linguistiese grondslag* (Hellinga & Scholtz, 1955).

Kenmerkend van die rigting is dat die sender en die ontvanger van die gekommunikeerde taaltekste nie in die ondersoekveld van belang geag word nie. Wat van die sender en die ontvanger ter sake is, sal in die geseinde taal aanwesig wees en

⁶⁹ Hierdie variant van die Stilistiek word nie by die algemene bespreking van die subdissiplines, deelwetenskappe en/of toegespitste literêre studierterreine in 3.3.2 aan die orde gestel nie, maar hier onderskei as ’n spesifieke benadering wat onder Formalistiese studies gegroepeer kan word.

is nie belangrik as dit in die buite-tekstuele of teksekskursies lê nie. Alle aandag word dus op die individuele taalgebruiksituasie toegespits; daar word nie in taal of 'n taalsoort as sodanig belang gestel nie, maar in '*spesifieke gevalle van taalgebruik*' (Hellings & Scholtz, 1955:77; vgl. ook Van Rensburg, 1992:505). Daaruit is dit duidelik dat Stilistiek op taalkundige grondslag in dieselfde mate as die ander formalistiese benaderings tot literatuur belangstelling in die teks as outonome geheel openbaar. Daar kan byvoorbeeld ooreenstemming tussen die werk van die *New Critics* in die V.S.A. en die Nederlands-Afrikaanse benadering van dié tyd aangedui word, soos in die werk van Cleanth Brooks (vgl. Welck & Warren, 1973[1949]). Deur *kreatiewe antisipasie* en *analitiese artikulasie* (kernbegrippe in dié benadering) van onderdele in die geheel van die taalgebruiksituasie verloop die sinsbou van die taaluiting in 'n proses van vooruitprojektering en terugordening. Dit sentreer rondom bepaalde verbindings-moontlikhede na vore en uitkansellering van sommige van die opgeroepte moontlikhede na agter (Van Rensburg, 1992:505).

♦ *Die invloed van Stilistiek op taalkundige grondslag op Bybelwetenskaplike navorsing*

Die vraag of Stilistiek op taalkundige grondslag iets vir die Bybelwetenskap te sê het, kan nie sonder meer direk en duidelik geantwoord word nie. Wat wel duidelik is, is dat dié rigting die wisselwerking tussen die deel en die geheel van die taalteks belangrik ag, al is die teks volgens hierdie stilistieke benadering slegs 'n 'enkelwerksmetode' waarin die individuele styl van die spesifieke taalgebruiksituasie oorheersend is. Die eenheid van die literêre teks is egter 'n belangrike en basiese beginsel waarmee in literatuurstudie gereken en gewerk word (Ressiguie, 2005:18-19; vgl. ook Aune, 2003:315). Die wisselwerking en geïntegreerde verband tussen deel en geheel sal daarom later ook noodwendig teenwoordig wees en aandag kry in die (literêr-teologiese) ondersoek van die Openbaringsboek – sy dit dan net implisiet en nie noodwendig in die terminologie van die Stilistiek op taalkundige grondslag nie. Die himniese gedeeltes in Openbaring sal uiteraard ook vir hulle moontlike onderlinge verband én hulle verskille bestudeer word. Elke lied in Openbaring is met sy eie styleienskappe immers 'n individuele taalgebruiksituasie en is kragtens sy aard as himne tegelyk ook deel van ander, soortgelyke – maar tog individuele – taaluitdrukkingsvorme binne die himniese stof van die boek.

(ii) *Strukturalistiese studies*

Die opskrif *Strukturalistiese studies* sluit verdere studies in waarvan die vertrekpunt en benaderingshoek tot die teks die literatuurteks as outonome entiteit as sodanig is.

Die eie aksent wat die Strukturalisme lê, is die direkte belang van taal in die analise van literêre tekste.⁷⁰ Strukturele patrone wat in taal bestaan, word ontleed en dan op literatuurtekste ‘toegepas’. So het Gerald Prince sogenaamde *storiegrammatikas* ontwikkel (‘*narrative grammar*’; Prince, 1982:81-92). Teun van Dijk ontwikkel *teksgrammatikas* wat die struktuur van die literatuurteks mikrostruktureel, makrostruktureel en superstruktureel wil beskryf (Van Dijk, 1972: 311-320; 1976a:554-557). Die strukturalistiese linguistiek van Ferdinand de Saussure vorm die basis vir die strukturele analise van die literatuurteks. Dit berus op De Saussure se onderskeiding van drie vlakke wat in taal bestaan en waaruit taal saamgestel is: ‘*langage*’ (taalvermoë), ‘*langue*’ (taalstelsel) en ‘*parole*’ (taaluiting) (De Saussure, 1966; vgl. vir die interpretasie en vertolking van De Saussure se drieërlei-onderskeiding: Bingle *snr.*, 1963:111-116).

Vroeër, by die begin van die beskrywing van teorieë met ’n tekssentriese benaderingshoek, is gemotiveer waarom Formalistiese studies ((i) hierbo) en Strukturalistiese studies in een hoofbenaderingswyse saamgegroepeer kan word. Hulle is met hulle fokus op teksimmanente faktore nou aan mekaar verwant. Biede plaas die teks sentraal in die benadering van die literatuurteks. Daarmee is egter nie geïnsinueer dat daar nie ook duidelike verskille tussen Formalisme en Strukturalisme is nie. Inteendeel, die konsep van *vorm* is deur ’n skerper fokus op die konsep van *struktuur* vervang. Dié vervanging is ’n belangrike ontwikkeling

...which rightly emphasizes the artificial, constructed character of cultural forms and defuses the idealist and organicist overtones that surround the concept of form. The replacement of form by structure, in fact, is one way of telling the whole story of twentieth-century criticism” (Mitchell, 2003:321).

Binne die Strukturalisme het meer as een teksintrinsieke benaderingswyse tot die literatuurteks na vore gekom. Tog is hulle onderling verwant. Tsjeggiese Strukturalisme en Franse Strukturalisme is die twee hoofrigtings of variante binne die Strukturalisme, maar ook Post-strukturalisme, wat onder meer in Dekonstruksie tot uiting kom, is natuurlik nie te verstaan sonder sy verbondenheid aan (en ook

⁷⁰ Volgens Du Plooy en Viljoen se fyner onderskeiding van wat in die huidige studie oorkoepelend die *tekssentriese*, *intrinsieke* of *ergosentriese* benaderings genoem word, kan die benadering van die Strukturaliste in die lig van die belang wat hulle aan linguistiese patrone ten grondslag van literatuurtekste toeken, ook *linguistiese* of *taalsentriese* benaderings genoem word (Du Plooy & Viljoen, 1992:29-31; vgl. in verband met hulle onderskeiding die opmerking aan die begin van 3.1.2.2.1 hierbo).

verskil van) die Strukturalisme nie. Semiotiek moet ook in sy verband met Strukturalisme verstaan word.

Die verskillende vorme van Strukturalisme het deur bepaalde ontwikkelingsfases ontstaan en elkeen het sy eie kenmerkende eienskappe in verskillende klemplasinge laat duidelik word. Daar word nou eerstens gelet op die verband van die Strukturalisme met die Formalisme deur die bydraes van Jolles (1929, *Einfache Formen*) en Propp (1927, *Morphology of the folktale*) uit te lig. Die Tsjeggiese Strukturalisme word daarna bespreek. Dit word gevolg deur 'n behandeling van die Franse Strukturalisme waarop meer uitgebrei word vanweë die aantal teoretici wat in dié vorm van die Strukturalisme werksaam was en ook vanweë die omvang en impak van hierdie benaderingswyse in die literêre kritiek. Dit word verder gemotiveer deur die Strukturalisme se besonder belangrike – weliswaar *kardinale* – rol in die ontwikkeling van die narratologiese analiseringsmetodes van verhalende literatuurtekste en omdat hulle bydrae ten opsigte daarvan steeds wesenlik en uiters belangrik vir enige narratologiese ontleding van verhale/ narratiewe is. Ter afsluiting van die bespreking van die Strukturalisme maak ek noodsaaklike opmerkings in verband met Post-strukturalisme (en Dekonstruksie), asook oor Semiotiek.

(ii.i) Skakels tussen Formalisme en Strukturalisme

André Jolles se bydrae tot die literêre besinning en teorievorming is in sy belangwekkende werk van 1929, *Einfache Formen*, te vind. 'n Ander publikasie uit dié tyd, 1927, dié van Vladimir Propp, naamlik *Morphology of the folktale*, toon gemeenskaplik met Jolles se werk die eerste tekens van die Strukturalisme. Tog kan daar ook verskille tussen die twee aangetoon word.⁷¹

• *Vladimir Propp*

Propp het die morfologie van 'n honderdtal Russiese sprokies geanaliseer. 'n Gesaghebbende literator, M.H. Abrams, evalueer Propp se *Morphology of the folktale* (1927) as “a book which did much to inaugurate modern narratology” (Abrams, 2005:182). Hy het daarin een element van die verhalende struktuur as uitgangspunt geneem, naamlik die *funksie*, waarvan hy een en dertig onderskei. 'n Funksie is die basiese eenheid van die narratiewe ‘taal’, en verwys na die betekenisvolle aksies of handelingte waaruit narratiewe bestaan. Propp beskryf die

⁷¹ Vgl. die vroeëre verwysings na Jolles en Propp se posisie ten opsigte van en verhouding tot die Formalisme ((i.ii) en (i.iii) hierbo).

morfologie van die verhale as die bestudering van vorme, van komponente en van hulle onderlinge verband met mekaar en met die geheel (Propp, 1979[1968, 1927]:xxv). In die ontleding van verteltekste het Propp volgens Fokkema & Kunne-Ibisch 'n "...exclusive concern for syntagmatics, i.e. the succession of actions on the time coordinate." Die kritiek is vanweë sy 'exclusive concern' teen Propp uitgespreek dat hy in gebreke bly "...to take in account the paradigmatic aspect of the logic of action according to which several logical possibilities remain open when a function is inserted" (Fokkema & Kunne-Ibisch, 1977:64). 'n Volgeling van Propp, die Franse Strukturalis Claude Bremond, sou later hierdie leemte uitwys en aanvul (sien by (ii.iii) hieronder).

- *André Jolles*

Jolles het op sy beurt sekere taalstrukture in sy bestudering van Duitse literatuur ondersoek. Hy onderskei nege vorme wat hy 'einfache Formen' noem: 'Legende', 'Sage', 'Mythe', 'Rätsel', 'Spruch', 'Kasus', 'Memorable', 'Märchen' en 'Witz'. Jolles spits hom toe op betekeniseenhede wat in die nege eenvoudige vorme onderskei kan word, en stel dat die vorme wat hy onderskei "...sich, sozusagen ohne Zutun eines Dichters, in der Sprache selbst ereignen, aus der Sprache selbst erarbeiten" (Jolles, 1965 [1929]:10). Dit gaan dus vir hom oor meer as die formele oppervlakstruktuur van die literatuurteks.

Dit is duidelik dat Jolles en Propp verskillend, maar tog met 'n gemeenskaplike belangstelling in die morfologiese aard van tekste, met verhalende tekste omgegaan het. In beide se werk kan die eerste of vroeë tekens van Strukturalisme teen die Formalistiese agtergrond waaruit hulle in die twintigerjare van die twintigste eeu gekom het, waargeneem word. Hulle vorm dus inderdaad skakels tussen die Formalisme en die Strukturalisme.

- ♦ *Die invloed van die skakelfigure tussen Formalisme en Strukturalisme op Bybelwetenskaplike navorsing*

Die belangrikheid van die narratologie in die benadering van literatuurtekste wat reeds verskeie kere in hierdie studie na vore gekom het en wat in die Bybelwetenskappe toenemend belangrik geword het, word dus ook deur hierdie oorgangsfigure tussen Formalisme en Strukturalisme se bydraes bevestig. Hulle narratologiese denke het vandag nog 'n bepalende invloed op die navorsing van die Openbaringboek (vgl. 2.2.2.7.1(iii), asook byvoorbeeld (i.ii) hierbo).

(ii.ii) *Tsjeggiese Strukturalisme (Praagse Skool of Praagse Linguistiese Kring)*

Russiese Formaliste soos Roman Jakobson het na Praag gevlug nadat hulle werk in Rusland aan bande gelê is (vgl. (i.ii) hierbo). Daar het hulle hulle werk op die basis van Jakobson (en De Saussure) se *linguistiek* en die basis van die Praagse *estetiek* voortgesit. Dit het in Praag tot die ontwikkeling van 'n formalistiese benadering tot literêre tekste gelei wat as die Tsjeggiese Strukturalisme bekend geword het. 'n Strukturalis uit dié kring, René Wellek, het met sy verhuising na die Verenigde State van Amerika ook 'n belangrike skakel tussen die Tsjeggiese Strukturalisme en die Anglo-Amerikaanse *New Criticism* gevorm (Hawthorn, 1994:158).

Jan Mukařovský het ten opsigte van die estetiek 'n merkwaardige bydrae gelewer – in so 'n mate dat hy as die belangrikste Tsjeggiese Strukturalis in die literatuurstudie beskou word (Du Plooy & Viljoen, 1992:29). Uit sy belangrike publikasies, *De kunst als semiotisch feit* (oorspronklik in Duits: *Die Kunst als semiologisches Faktum* (1977[1934])) en later *Standard language and poetic language* (1992[1948]), is dit duidelik dat hy vanuit die Strukturalisme die wegbereider geword het (vgl.(ii.v) hieronder) tot die Semiotiek, ook *Semiologie* of *Sematologie* genoem (Mukařovský, 1977:89).

Ten opsigte van die kunswerk is die volgende stelling van Mukařovský tiperend van die strukturalistiese denke oor die belangrike funksie van die kunswerk as selfstandige, outonome teken:

Het kunswerk kan men niet, zoals de psychologische esthetica zich dat voorstelde, identificeren met de psychische gesteldheid van de kunstenaar noch met welke stemming dan ook die bij de waarnemende subjecten teweegbrengt. Het is duidelijk dat elke subjective gemoedstoestand iets individueels en voorbijgaande heeft, waardoor deze niet grijpbaar en in zijn totaliteit niet op een ander over te brengen is, terwijl het kunswerk de functie heeft tussen zijn maker en het collectief te bemiddelen. (Mukařovský, 1977:89.)

Die materiële kunswerk het volgens Mukařovský slegs die status van 'n uiterlike simbool (dit is die *betekenende*, die '*signifiant*' in die terminologie van De Saussure; sien De Saussure se onderskeiding tussen '*signifié*' en '*signifiant*' by (ii.iii) hieronder). Daarmee korrespondeer 'n bepaalde betekenis in die kollektiewe bewussyn. Dit word soms die *estetiese objek* genoem (Mukařovský, 1977:90).

Die kunswerk is volgens Mukařovský dus 'n struktuur wat 'n outonome teken is en 'n kommunikatiewe funksie besit (Mukařovský, 1977:95). Daaruit is die ontwikkelende verband tussen Strukturalisme en Semiotiek in sy werk duidelik.

Mukařovský se teorie is trouens onontbeerlik om latere strukturalistiese en semiotiese teorieë te verstaan, aangesien hy die skakel vorm tussen die Russiese Formalisme en die Sowjet-semiotiek, die Franse Strukturalisme en die kontemporêre vorme van strukturalistiese en semiotiese teorieë (Du Plooy, 1986:129). Daar word gevolglik ook by die bespreking van die Semiotiek op die werk van Mukařovský terug gekom ((ii.v) hieronder).⁷²

♦ *Die invloed van Tsjeggiese Strukturalisme op Bybelwetenskaplike navorsing*

In die navorsingsliteratuur oor die Openbaringboek kry die teks as gekommunikeerde boodskap wat homself bepaal en selfgenoegsaam is, in die resente tyd 'n baie sterk beklemtoning. Al die bespreekte teorieë wat hulle vertrekpunt in 'n tekssentriese benadering neem (wat tot sover hier in 3.1.2.2 aan die orde gekom het), se invloed op Bybelnavorsing is besonder sterk. Dit geld ook van die Tsjeggiese Strukturalisme waarin die taalkunstige teks 'n bemiddelingsfunksie tussen die maker van die teks en die kollektiewe ontvanger daarvan het.

(ii.iii) *Franse Strukturalisme (Nouvelle Critique)*

Sedert die middel van die vyftigerjare van die vorige eeu het die bydrae van Vladimir Propp in die ontleding van die morfologiese samestelling van verhaaltekste ([1927], *Morphology of the folktale*; sien (ii.i) hierbo) in Frankryk bekend geword en 'n groot invloed op die Franse literatuurstudie begin uitoefen. Dit het in Frankryk in die vorm van 'n sterk reaksie teen die heersende metodes en tendense in die bestudering van literatuur van daardie tyd na vore getree. Mede as gevolg hiervan, en op die basis van Ferdinand de Saussure se Linguistiek, het die Franse Strukturalisme ontwikkel as 'n linguisties-bepaalde literêre benadering. In die Franse Strukturalisme word gewerk met die basiese stelling van De Saussure dat die teken 'n begrip, die '*signifié*', verbind met 'n akoestiese beeld, wat hy die '*signifiant*' noem, en dat die verband tussen die twee arbitrêr van aard is (De Saussure, 1966:44-47). Die Strukturalis (en later ook die Post-strukturalis, sien (ii.iv) hieronder) se taak is om die beginsels onderliggend aan '*parole*' bloot te lê.

⁷² Jurij Lotman se bydrae (1972, *Die Struktur literarischer Texte*) kan met die Tsjeggiese Strukturalisme in verband gebring word, soos inderdaad deur Du Plooy en Viljoen (1992:29) gedoen word. Daar is egter 'n saak voor uit te maak dat sy kodering en dekodering in die beskrywing van die verhalende teks saaklik by die Semiotiek geplaas moet word. Daar sal gevolglik by (ii.v), waar die Semiotiek toegelig word, op sy besondere bydrae binne die Strukturalisme gelet word – steeds as deel van die sogenaamde *tekssentriese* benaderings.

‘*Parole*’ is ’n term waarmee De Saussure die vermoë van die individu aandui om ’n eie kommunikasieboodskap voort te bring. Dit geskied op grond van ‘*langue*’ (kennis aangaande woordorde, grammatika, tyd- en ander sintaktiese elemente, met ander woorde die individu se taalsisteem/-stelsel) wat die spreker daartoe in staat stel om eie individuele stellings te maak wat hy nog nie voorheen gemaak het nie. “...d.i. die besit van ’n individu, die gebruik wat elke afsonderlike mens van die sisteem (‘*langue*’) maak. Om hierdie begrip aan te dui, kan ons verskillende terme gebruik: *spraak of praat of taalgebruik*” (Bingle snr., 1963:112; vgl. De Saussure, 1997b:7-8; 1997a:10-11; ook Van Deventer, 2001:41). Die klem word gevolglik verplaas van die studie van die verhoudings tussen ‘*signifiant*’ en ‘*signifié*’ (en die verhoudings tussen tekste onderling) na die kommunikasie van die teks self.

Die Franse Strukturalisme het tot een van die prominentste literêre teorieë in die twintigste eeu ontwikkel. Ek wil die belangrike bydrae van die Franse Strukturalisme hier tipeer as ‘narratologie-op-taalkundige-grondslag’.

Van die teoretici wat met hulle onderskeie bydraes die Franse Strukturalisme verteenwoordig, is Roland Barthes, Claude Bremond, Algirdas Julien Greimas, Tzvetan Todorov en Gérard Genette. Elkeen van dié vyf se werk binne die Franse Strukturalisme is rigtinggewend en belangrik. Die kern van elkeen se bydrae word nou weergegee. Die bespreking van Barthes se bydrae word egter meer uitgebreid as dié van die ander gedoen vanweë sy besondere rol en plek in die ontwikkeling van die Franse Strukturalisme.

- *Roland Barthes*

Barthes se verhaalanalises vertoon die basiese grondslag van die Linguistiek. Tussen die strukturalistiese metodes in die ontleding van die literêre teks en die strukturalistiese bestudering van taal in die Linguistiek is daar ’n noue verband. Barthes se verhaalanalise gaan primêr uit van die *sin*, wat in die Taalkunde as die grootste eenheid beskou word, terwyl *sinne verbind word* in ’n langer taaltek (die verhaalteks). Laasgenoemde verteenwoordig ’n eie grammatika. Daar word dus van die veronderstelling uitgegaan dat daar tussen die sin (linguistiese eenheid) en die langer taaltek (verhaalteks, narratologiese eenheid) ’n homoloë verhouding bestaan. Elke diskoers is ’n lang sin; elke sin is ’n kort diskoers (vgl. Du Plooy, 1986:152).

Op grond van Emile Benveniste (1966 – sien veral hoofstuk 10) se teorie van verskillende verhaalvlakke (na analogie daarvan dat sinne linguisties op verskil-

lende verhaalvlakke beskryf kan word) stel Barthes dat die ‘teorie van vlakke’ twee tipe relasies aan die lig bring: “distributional (*if the relations are situated on the same level*) and integrational (*if they are grasped from one level to the next*)...” (Barthes, 1990a:85-86; beklemtoning van *distributional* en *integrational* van JPB). Om net die ‘*distributional*’ (die horisontale, liniêre ontwikkeling) van die verhaallyn te vertolk en te interpreteer, is nie voldoende om die handelingsverloop te begryp nie. Die horisontale moet op die ‘*integrational*’ (die vertikale, verdiepende as) geprojekteer word. Die twee hoofgroepe eenhede wat Barthes gevolglik in die literêre taalteks onderskei, is ‘*eenhede van verspreiding*’ en ‘*eenhede van integrasie*’. Eersgenoemde word deur hom *funksies* genoem, terwyl laasgenoemde as *aanwysings* of *indisieë* funksioneer (Barthes, 1990a:91-97). Binding in die verhaaltteks word onderskeidelik deur verspreiding (horisontale binding) en integrasie (vertikale binding) bewerkstellig.⁷³

Barthes se verhaalanalises met sy onderskeid tussen ‘*distributional*’ *funksies* en ‘*integrational*’ *aanwysings* speel ’n belangrike rol in latere narratologiese teorieë.

Wat die rol van die *outeur* in die verstaan van ’n teks se betekenis betref, is Barthes se veel-gesiteerde 1968-artikel, *The death of the author* (Barthes, 2001), in die Literatuurwetenskap en ook wyer welbekend, onder meer in die Filosofie en die Teologie. Dit is ’n verdere literêre aangeleentheid ten opsigte waarvan hy ’n besondere bydrae in die literatuurstudie gelewer het: die status van die outeur aan die begin van (maar buite) die gekommunikeerde taalteks en die leser aan die einde van (maar ook buite) die gekommunikeerde taalteks. Dit verteenwoordig in ’n mate al ’n keerpunt in die teksimmanente benaderingswyse tot die literêre teks. Hy verskuif daarin die aksent weg van oënskynlike bepaalbare realiteite in verband met die outeur (wat tipies was in literêre kritiek deur ’n historiese ondersoek van die outeur as ‘*the man and his work*’) na ’n onbepaalbare realiteit verby en verder as die teks-as-sodanig. Dit is ’n verskuiwing in die rigting van die leser, in ’n bepaalde sin ’n antisipering van die sogenaamde *lesersentriese* benaderings tot die literatuurteks (waarvan die bespreking in 3.1.2.3 hieronder volg). Barthes redeneer dat die skrywer, die teks, en die leser saamgestel word uit ’n “*universe of quotations without origin or end*” (Leitch, 2001:1459). In die viering van die geboorte van die leser spel Barthes se *The death of the author*-artikel die konsekwensies uit van die bevryding van die leesproses van die “*constraints of fidelity to an origin, a unified meaning, an identity, or any other pre-given exterior or interior reality*” (Leitch, 2001:1459).

⁷³ By die bespreking van die Semiotiek ((ii.v) hieronder) word die bydrae van Jurij Lotman (1972) ten opsigte van wat hy *paradigma* en *sintagma* noem, behandel. Dit hou in ’n sekere mate verband met Barthes se begrippepaar *verspreiding-integrasie*.

God as Outeur van 'n gesagvolle literatuurteks, die Bybel, kan daarom vir Barthes moeilik duidelike teksbetekenis openbaar. Hy skryf:

We know now that a text is not a line of words releasing a single 'theological' meaning (the message of the Author-God) but a multi-dimensional space in which a variety of writings, none of them original, blend and clash. The text is a tissue of quotations drawn from the innumerable centres of culture. (Barthes, 2001:1468.)

Barthes formuleer die kern van sy betoog oor die outeur en die leser van 'n literatuurteks in die volgende duidelike verwoording waarmee hy die artikel afsluit:

The reader is the space on which all the quotations that make up a writing are inscribed without any of them being lost; *a text's unity lies not in its origin but in its destination*...the reader is without history, biography, psychology; he is simply the *someone* who holds together in a single field all the traces by which the written text is constituted...We are now beginning to let ourselves be fooled no longer by the arrogant antiphrastical recriminations of good society in favour of the very thing it sets aside, ignores, smothers, or destroys; we know that to give writing its future, it is necessary to overthrow the myth: *the birth of the reader* must be at the cost of the *death of the Author*" (Barthes, 2001:1469-1470; beklemtoning van *someone* van Barthes; ander beklemtonings deur kursivering is van JPB.)

Roland Barthes se bydrae tot literêre studie word gekenmerk deur 'n konstante soek na nuwe interpretasies van tekste. Tussen die werk oor die funksies en indisie en die standpunt oor die dood van die outeur het Barthes se werk 'n geweldige ontwikkeling ondergaan en op grond daarvan word hy as 'n vroeë Dekonstruksionis beskou. Die proses om iets as 'n teks beskou te kry, beteken vir hom om konvensionele evaluering van die teks op te skort en om bestaande klassifikasies in genres wat van mekaar geskei word, byvoorbeeld, te onderdruk en omver te werp (Sontag, 1982:xi). Later het Barthes se werk duidelik dekonstruktief (Post-strukturalisties) geword (vgl. (ii.iv) hieronder), gerig op die vrye lees van die verhaaltteks.

- *Claude Bremond*

Bremond, 'n volgeling van Propp, se groot bydrae tot die Strukturalisme is ten opsigte van logiese moontlikhede wat hy onderskei waarvolgens 'n verhalende teks kan ontwikkel. Waar Propp uitsluitlik geïnteresseerd was in wat die *sintagmatiese* voortgang op die tydkoordinaat van 'n verhaal genoem kan word, lê Bremond klem op sowel die *sintagmatiese* as die *paradigmatiese* aspek van

logiese aksie in die verhaal. Daarmee vul hy noodsaaklikerwys 'n leemte aan in Propp se bydrae (vgl. die vroeëre opmerking in dié verband by (ii.i) hierbo).

Die belang van Bremond se bydrae lê dan juis op die vlak van die sogenaamde *narratiewe siklus* en die verskillende prosesse (wat hy onderskei as *verbeteringsprosesse* en *verslegtingsprosesse*) waardeur die verhaalsirkel beweeg (Bremond, 1977:186-207). Elke verhaal bestaan volgens hom uit 'n opeenvolging van gebeurtenisse, waarsonder dit nie 'n verhaal is nie. Hy stel dit onomwonde om daardeur die belangrikheid van logiese ontwikkeling te onderstreep, ongeag die volgorde van die moontlikhede in die teks:

Waar geen opeenvolging is is geen verhaal maar, bijvoorbeeld, beschrijving (waarbij de objekten van de taalhandeling met elkaar in verband worden gebracht op grond van een ruimtelijke nabijheid), deductie (waarbij zij elkaar impliceren), lyrische ontboezeming (waarbij zij via metafoor of metonymie worden opgeroepen), enz. Bij afwezigheid van integratie binnen de eenheid van een handeling, kan men al evenmin spreken van een verhaal; dan is er slechts *chronologie*, de verwoording van een serie feiten zonder samenhang. (Bremond, 1977:186; beklemtoning van *chronologie* van Bremond.)

Claude Bremond se beklemtoning van die ontwikkeling van logiese handelingsmoontlikhede en hulle opeenvolging gee prominensie aan die integrasie van handeling in 'n verhaal op so 'n wyse dat dit tot 'n sinvolle geheel lei.

- *Algirdas Julian Greimas*

Greimas (1971, 1987 en 1996) ontwerp 'n narratologiese model waarmee 'n verhalende teks se onderliggende struktuur ontleed kan word. Daarin kombineer hy iets van die *paradigmaties-linguistiese* model van Lévi-Strauss (1976) en die *sintagmatiese* model van Propp (vgl. (ii.i) hierbo; Fokkema & Kunne-Ibisch, 1978:66). Greimas se *Sémantique Structurale* (1971[1966]) is 'n verfyning van Propp se narratologiese denke op die volgende wyse. Sy aansluiting by die werk van Propp word deur Selden en Widdowson soos volg saamgevat: sy teoretiese denke

...offers an elegant streamlining of Propp's theory. While Propp focused on a single genre, Greimas aims to arrive at the universal 'grammar' of narrative by applying to it a semantic analysis of sentence structure" (Selden & Widdowson, 1993:111.)

Die narratologie van Greimas neem ook sy invalshoek in die Linguistiek, gebaseer op die uitgangspunte van De Saussure: "...the Saussurian notion of an underlying langue or competence which generates a specific parole or performance" (Hawkes, 1977:87-88; belemtoning van '*langue*' en '*parole*' van

Hawkes). Daar is 'n onderliggende struktuur in verhale wat ooreenkom met die onderskeid tussen '*langue*' en '*parole*'. Greimas is in sy ontwerp dus ook duidelik met 'n linguistiese benadering binne die tekssentriese benaderingswyse tot verhalende tekste besig. Dit gaan in verhaaluitleg en -analise oor *semantiek*, met ander woorde die vasstelling van betekenis. Die '*signifié*' (die *betekende*) en die '*signifiant*' (die *betekenaar*) bepaal mekaar. Die taalteken bestaande uit die '*signifié*' en die '*signifiant*' is in 'n komplekse, funksionele relasie saamgebind (Greenwood, 1985:1). So kom betekenis tot stand, of tree dit aan die lig. Die betekenaar plus die betekende is dus 'n *betekeniskompleks* (Du Plooy, 1986:174).

Die ontwerp van Greimas is 'n model van sogenaamde *aktante*. Dit is vaste rolle waarin akteurs sekere funksies vervul (Greimas, 1971:159-160; 1987:109-111; 1996:87-89). Latere navorsers in die narratologie bou voort op Greimas se teorie. Teun van Dijk se uiteensetting van die dieptestruktuur of makrostruktuur van verhalende tekste berus op dieselfde konstante verhoudings tussen die akteurs en (die) handeling (Van Dijk, 1976a en 1976b).

Algirdas Julian Greimas se bydrae tot die literêre ondersoekveld van verhale beklemtoon die belang van taal in die verhaal – nie net as medium nie, maar ook as *boumiddel* en *betekenisdraer* (dus as 'semantiese rolspeler'). Sy bydrae openbaar verder 'n gebalanseerde beskouing en ontwikkeling van die paradigmatiese en sintagmatiese fasette in die verhaalstruktuur.

- *Tzvetan Todorov*

Onder die opskrif *The grammar of narrative* in sy gebundelde essays met die titel *The poetics of prose* (Todorov, 1977[1971]:108-119), sit Todorov sy riglyne vir die lees van verhalende tekste uiteen. Hy neem soos Barthes en ander Strukturaliste die strukturele analogie tussen 'n sin en 'n verhaal (sien by Barthes hierbo) as uitgangspunt vir die interpretasie van die strukturele (onder-)bou van verhalende stof. Daar is vir Todorov 'n homoloë verhouding tussen taal en narratief (Jefferson & Robey, 1997:100). Sy motivering daarvoor om met die struktuur van taal vir die interpretasie van die struktuur van die verhaal te werk, is die duidelike ooreenkomste wat tussen die twee eenhede *sin* (taaleenheid) en *sinne* (verhaaleenheid) se struktuur bestaan. Sy doel is dus om die verhaalstruktuur se strukturering met die moontlikhede wat die struktuur wat taal bied, duidelik te maak. Dit dien vir hom as 'n '*descriptive apparatus*' (Todorov, 1977:119). Hy vervolg:

It seems to me...that the notion itself of a grammar or narrative can not be contested. This notion rests on the profound unity of language and narrative, a

unity that obliges us to revise our ideas about both. We shall understand narrative better if we know that the character is a noun, the action a verb. But we shall understand noun and verb better by thinking of the role they assume in narrative. (Todorov, 1977:119.)

Taalgerigheid in die benadering van die literêre teks is vir Todorov egter nie om in die eerste plek te lei tot interpretasie nie, maar om strukture te ontdek – so word Todorov se benadering deur Culler (1977) vertolk. Todorov se werk is volgens Culler 'n uitstekende voorbeeld van hierdie soort strukturalistiese denke.

When poetics studies individual works, it seeks not to interpret them but to discover the structures and conventions of literary discourse which enable them to have the meanings they do...The task of linguistics is not to interpret sentences, not to tell us what they mean, but to make explicit the rules and conventions which we have assimilated in learning our language and which make it possible for the sentences of our language to have the meanings they do. (Culler, 1977:8.)

Die bydrae van Todorov tot die literatuurstudie is merkwaardig. Sy invloedryke, duidelik geformuleerde bydrae tot die Strukturalisme word deur Hawkes (1977:106) 'n “...most seminal contribution to the structuralist view of literature” genoem. Sy beklemtoning van die struktuur van verhale (teksvorm), gebaseer op taalstruktuur, word deur Hawkes so saamgevat:

The literary text is *totally* significant and signifying, and cannot be ‘reduced’ to its ‘content’. Writing communicates in ways in which language does not – e.g. in its ordering of events through linear progression – and these need to be taken into account. Writing does not simply *contain*. (Hawkes, 1977:106; beklemtoning van Hawkes; vgl. Todorov 1977:246-247.)

Ook Tzvetan Todorov is dus in sy benadering taalsentries gerig binne die tekssentriese benaderingswyse tot die literêre teks. Teksvorm oorheers in 'n groot mate teksinhoud – so sterk en so skerp word deur hom op die strukturele vorm van die teks gefokus.

- *Gérard Genette*

Die laaste Franse Strukturalis wie se bydrae tot die tekssentriese benaderingswyse van die literêre teks kernagtig weergegee word, is dié van Gérard Genette. Hy het een van die omvattendste narratologiese teorieë uitgewerk waarop voortgebou kon word, en waarop inderdaad ook voortgebou is. Hy het sy teorie aangebied met die oog daarop dat dit as 'n terminologiese apparaat kan dien wat gebruik moes word – sodat daarop verbeter kan word (vgl. Scholes, 1974:159).

Genette het terminologies innoverend gedink. Sy terminologiese apparaat is stewig gestruktureer en beskrywend. As voorbeeld kan die term *fokalisasie* wat deur hom gemunt is, genoem word.

To avoid the too specifically visual connotations of the terms vision, field and point of view, I will take here the slightly more abstract term *focalization* which corresponds, besides, to Brooks and Warren's expression, 'focus of narration'. (Genette, 1980[1972]:189).

Tot in die jongste tyd is *fokalisasie* 'n ingeburgerde term wat algemeen gebruik word. Dit neem die vaagheid rondom die verteller en die konsep van perspektief weg wat in vroeëre teoretiese werke probleme ingehou het (Van Luxemburg, Bal & Weststeijn, 1990:128-133). Genette het in hierdie opsig die lug gesuiwer, waarna die narratologiese analise van tekste in duidelike terminologie meer punktuueel kon geskied. "*Ever since then, the concept of focalization has figured as an important tool for narratological analysis*" (Herman, 2004:302).

Die impak van die strukturele patroonmatigheid van linguistiese modelle by die analisering van verhaalstrukture is by Genette baie opvallend, net soos by die ander Strukturaliste. In sy strukturele ontleding van narratologiese aspekte soos tyd, modaliteit, duur, en wat hy 'voice' noem (Genette, 1979, 1980 en 1996:172-198) wil hy die verhouding karakteriseer tussen die vertelde wêreld (geskiedenis), die narratief in terme waarvan dit aangebied word, en die vertelling wat die aanbieding daarvan dra (Herman, 2004:2-3).

In sy literatuurbeskouing, veral soos dit in sy *Narrative discourse of Discours du récit* (1980[1972]) uiteengesit is, gee Genette rekenskap van poëtiese of woord-kunstige taal deur middel van 'n taalkundige beskrywing wat gebaseer is op die immanente strukture van die literêre teks (Van Leeuwen, 1982:123-124; Du Plooy, 1986:193-194). Daaruit kom sy taalgebaseerde, tekssentriese benadering duidelik na vore.

Gérard Genette se teoretiese denke is suiwer Strukturalisties. Sy bydrae tot die literatuurstudie oefen steeds groot invloed uit, nie net ten opsigte van die narratologie nie, maar ook ten opsigte van 'n onderwerp soos teorieë oor literêre genre(s), waarin hy 'n wesenlike bydrae oor die argitekts lewer (Genette, 1981).

Ná hierdie kernagtige weergawe van die bydraes van verskillende rolspelers in die Franse Strukturalisme kan nou samevattend in verband met die Franse variant van die strukturalistiese benaderingswyse tot literatuurtekse gestel word dat dié studies omvangryk in kwantiteit is, sowel wat verteenwoordigers as publikasies

betref. Die Franse Strukturalisme laat sy invloed wyd op die literatuurstudie geld, veral sedert die sestigerjare van die vorige eeu toe dit oorspronklik begin opbloeï het.

Uit die bespreking van die verskillende Strukturaliste se bydraes kan die kenmerkende van hulle benaderingswyse nou saamgevat word.

- Die bande met die Russiese Formalisme en die Tjeggiese Strukturalisme is duidelik aanwesig in die Franse Strukturalisme.
- Die taalgrondslae wat deur De Saussure en Jakobson onderskei is, keer deurgaans in die werk van die Franse Strukturaliste terug.
- In die strukturele bou van taal word 'n analogie gesien met die struktuur van die verhaaltteks.
- Teksimmanente aspekte word beklemtoon, in so 'n mate dat die teksvorm die teksinhoud oorskadu.
- Konvensionele analisering van die narratiewe teks word opgeskort en vervang met 'n intellektuele en dikwels fyn geraffineerde metode van teksuitleg.
- Die outeur van die teks word in die vrystelling van teksbetekenis nie van belang geag nie.
- Die aandag sentreer rondom die teks-as-sodanig, alhoewel 'n verskuiwing na die ontvanger (leser) van die gekommunikeerde verhaaltteks begin deurskemer – al is dit dan net as 'n ruimte of 'n *'someone'*.
- Onderskeiding van logiese handelingsmoontlikhede in die verhaaltteks lei tot 'n waardering van 'n sinvolle geheel.
- Paradigmatiese en sintagmatiese fasette in die verhaal kristaliseer uit as binding van die narratief deur onderskeidelik 'n vertikale verdigtingsas en 'n horisontale kombinasie-as.
- Die onderskeiding tussen *'fabula'* en *'sjuzet'* deur die Russiese Formaliste word deur die Franse Strukturaliste verder uitgebou in die strukturele ontleding van verhaalttekste.

♦ *Die invloed van die Franse Strukturalisme op Bybelwetenskaplike navorsing*

Die invloed van die Franse Strukturalisme op die Bybelwetenskappe is in die resente tyd steeds baie sterk. Al word historiese benaderings tot Bybeltekste se waarde steeds besef, en al verskyn daar steeds literatuur wat vanuit daardie gesigspunt die teks benader (sien weer 3.1.2.1), is daar in die teologiese literatuur toenemend belangstelling in sogenaamde *literêre lesings* van Bybelboeke en Bybelgedeeltes. Onder *literêre lesings* word dan dikwels *teksimmanente* lesings verstaan. Dit sal later uit hierdie studie blyk dat daar 'n aansienlike hoeveelheid literatuur verskyn wat spesifiek die dramatiese narratief van die Openbaringboek vanuit hierdie benaderingswyse analiseer.

(ii.iv) *Post-strukturalisme (Dekonstruksie)*

Aan die begin van die bespreking van Strukturalisme is opgemerk dat Tsjeggiese Strukturalisme en Franse Strukturalisme die twee hoofrigtings of variante binne die Strukturalisme is, maar dat Post-strukturalisme nie te verstaan is sonder sy verbondenheid aan (of dan verskil van) die Strukturalisme nie. Dit is daarom nodig om die begrippe *Strukturalisme* en *Post-strukturalisme* goed van mekaar te onderskei en af te baken om sodoende presies vas te stel wat onder *Post-strukturalisme* verstaan moet word.

Post-strukturalisme is 'n benaderingswyse tot literêre verhaalttekste wat uit die Franse Strukturalisme ontwikkel het. Hierdie rigting word binne die konteks van Strukturalisme 'n variant daarvan wat kragtens sy naam waaronder dit bekend staan, *Post-strukturalisme*, egter nie net 'n latere vorm van 'n strukturalistiese benadering tot die literêre verhaaltteks verteenwoordig nie. Dit is nie maar net 'n 'ná-vorm' wat sy voedingswortels in die Strukturalisme het nie, maar dit het in sy ontwikkeling selfs *kontra* die Strukturalisme beweeg (Schrover, 1992:12-41). 'Post' in die term *Post-strukturalisme* waarmee die ontwikkeling benoem word, kry sodoende 'n betekenis wat op méér en ook op iets anders dui as 'n latere (dus temporeel bepaalde) ontwikkelingsfase. *Post* word 'n aanduiding van 'n rigting wat dus selfs téénoor die oorspronklike te staan kom – só ver het dit van die oorspronklike af ontwikkel.

Post-strukturalisme kom in bostaande betekenis duidelik tot uitdrukking in *Dekonstruksie*, die term waaronder Post-strukturalisme ook bekend is. Daar moet nogtans ook tussen Post-strukturalisme en Dekonstruksie onderskei word: eersgenoemde is 'n reaksie op Strukturalisme, terwyl laasgenoemde die literêr-kritiese metode is wat 'n reaksie op die tradisionele literatuurkritiek is (Schrover,

1992:54). *Dekonstruksie* is 'n term wat eerste deur Heidegger gebruik is, in Duits: 'Destruction' of 'Abbau' (McQuillan, 2000:1). Dekonstruksie is van oorsprong 'n filosofiese praktyk, 'n strategie binne die filosofie en 'n strategie om met filosofie om te gaan (Culler, 1983:85; Van Luxemburg, 1984:1). Waar dit egter op die literêre kritiek toegespits word, dui *Dekonstruksie* op die nagaan van die struktuur van taal en die taaltekste (tot sover is dit Strukturalisme) om betekenis deur middel van 'n strukturalistiese metode te konstrueer, maar dit dan telkens weer te dé-konstrueer (dan word/is dit Dekonstruksie). "*Deconstruction takes the semiological theory of the sign (signifier + signified) beyond the sliding signified to the floating signifier*" (Leitch, aangehaal in Mai, 1991:31).

Dit word duidelik dat Post-strukturalisme teen 'n bepaalde agtergrond, naamlik die Strukturalisme, verklaar moet word, maar geensins daarmee gelykgestel moet word nie. By (ii.iii) hierbo is opgemerk dat daar in die Franse Strukturalisme gewerk word met die basiese stelling van De Saussure dat die *teken* 'n begrip, die '*signifié*', verbind met 'n akoestiese beeld, wat hy die '*signifiant*' noem, en dat die verband tussen die twee arbitrêr van aard is (De Saussure, 1966:44-47). Dit is belangrik om weer op hierdie taalkundige grondslag van die Strukturalisme te let, aangesien die Post-strukturalis ook hiervan uitgaan. Sy taak is ook om die beginsels onderliggend aan '*parole*' bloot te lê.⁷⁴ Die klem word gevolglik verplaas van die studie van die verhoudings tussen '*signifiant*' en '*signifié*' – en die verhoudings tussen tekste onderling – na die kommunikatiewe funksie van die *teks self*. Daarin het die Post-strukturalisme steeds 'n tekssentriese benaderingswyse. Daar word gekonsentreer op die teks wat as 'n versameling van '*signifiante*' gesien word. Dié versameling is egter met 'n oneindige aantal realisasies met ander tekste verbind (Du Plooy & Viljoen, 1992:30). In die Post-strukturalisme word betekenis as gevolg daarvan dan oneindig uitgestel en bly betekenis eintlik relatief onbepaald en onbepaalbaar juis vanweë die beskouing dat 'n teks *intertekstueel* deur 'n oneindige aantal relasies met ander tekste verbind is.⁷⁵

⁷⁴ Die betekenis van '*parole*' is in (ii.iii) verklaar. Omdat De Saussure se grondliggende taalonderskeidings so belangrik is om ook die Post-strukturalisme te begryp, moet dit hier weer goed in gedagte gehou word. '*Parole*' is die term waarmee De Saussure die vermoë van die individu om 'n eie kommunikasieboodskap voort te bring, aandui. Dit geskied op grond van '*langue*' (kennis aangaande woordorde, grammatika, tyd- en ander sintaktiese elemente) wat die spreker daartoe in staat stel om eie individuele stellings te maak (De Saussure, 1997b:7-8; 1997a:10-11; vgl. Bingle *snr.*, 1963:112; ook Van Deventer, 2001:41)

⁷⁵ Dit herinner aan Barthes wat in sy bekende 1968-artikel, *The death of the author* (Barthes, 2001), redeneer dat die skrywer, die teks, en die leser saamgestel word uit 'n "*universe of quotations without origin or end*" (Leitch, 2001:1459; sien ook weer by (ii.iii) hierbo). Barthes se klemverskuiwing weg van bepaalbare realiteite in die rigting van 'n leser wat 'n '*someone*' sonder geskiedenis, biografie of psigologie is, en sy latere vrye kreatiewe lees van tekste (Barthes, 1990b[1974]), is tekens van wat in ekstreme mate in die Post-strukturalisme (Dekonstruksie) sou volg.

Betekenis is binne die Post-strukturalisme se opset en benadering dus slegs *diakrities*.

...[b]etekenis berus op *différance*, waarin albei betekenis van die woord relevant is: dit beteken dat betekenis oneindig uitgestel word en op grond van 'n oneindige aantal verskille van ander tekens en ander tekste altyd relatief onbepaald bly. Betekenis is dus temporeel en ruimtelik relatief en in 'n groot mate onbepaalbaar. (Du Plooy & Viljoen, 1992:30.)

Konstruksie van betekenis bly die konstrueerder van of soeker na betekenis wat vanuit die struktuur van die taal en taalteks werk, as't ware ontwyk. Betekenis is ook nooit stabiel nie, vanweë die Dekonstruktiewe beskouing dat taal self 'n eindelose reeks van betekenis is wat nooit tot enige vaste en finale posisie, wat betekenis betref, ontwikkel nie (Peck & Coyle, 2002:149). "...[T]ext becomes open at both ends...The text has no stable identity, stable origin...each act of reading 'the text' is a preface to the next" (Spivak, aangehaal in Derrida, 1976:xii; vgl. ook Norris, 2002:xiii). Elke betekenis-konstruksie kan (moet) daarom weer ge-dékonstrueer word, want elke teks is in homself verdeeld (vgl. vroeër by 2.2.2.7.0(i) en (x) die konteks-bepaling van en tendense in die Post-moderne resente tyd). Die onvermoë van tekste om betekenis te skep en te stabiliseer, lei tot 'n oneindige uitstel van betekenisbepaling en 'vaste' interpretasies van tekste (Grant, 1989:6; vgl. vroeër ook 2.2.2.7.0(v)). Die uitstel en onbepaalbaarheid van betekenis binne die Postmoderne tyd se Post-strukturalistiese en dekonstruksionalistiese benadering word deur Strydom soos volg saamgevat:

While modernism may have assumed the possibility of a last word and of language as a closed system, postmodernism defies this, suggesting that every word and every text is not even the first word, but just one in a string of potentially endless possibilities. In effect, the death of the author and the closure of the book refer to the end of the presumption of totality and the belief in meaning as a closed and fixed system, where plurality is preferred over singularity, and in which meaning is always already deferred, making closure impossible. (Strydom, 2003:53.)

Daar kan dan ook moeilik sprake wees van byvoorbeeld die globale literêre eenheid van 'n literatuurteks soos die Bybel. Dit noep Robert Alter (1992:70) om skerp krities na Dekonstruksie te verwys as "...a recent sectarian manifestation that radically disavows all unities." Volgens Herman en Vervaeke vertoon Dekonstruksie 'n bepaalde vorm van blindheid en gee dit aandag aan alles wat nie in 'n sisteem inpas nie. Ook hulle formuleer hierdie eienskappe van Dekonstruksie skerp en krities:

...[on] the metalevel of interpretation: a postmodern or deconstructive reading is ...a form of insight-through-blindness, blindness among other things to so many other facets of the story and the inevitable blind spots in one's own point of departure...[p]ostmodern narratology...pays attention to everything that does *not* fit into a neat system, anything that undermines itself". (Herman & Vervaeck, 2005:110-111; beklemtoning van Herman en Vervaeck.)

Twee van die belangrikste verteenwoordigers van die Post-strukturalisme met hulle aanvanklike grondleggende werk waarop in die denke van Dekonstruksie voortgebou is (naas die 'latere' Barthes; vgl. (ii.iii) hierbo) is Jacques Derrida en Julia Kristeva.

- *Jacques Derrida*

Derrida was die eerste om 'n dekonstruktiewe benadering tot tekste te propageer. Alhoewel sy werk te midde van Postmoderniteit sy impak gemaak het, toon Norris (2000a:75) aan dat Derrida se benadering nie te maklik in 'n kulturele fenomeen soos Postmodernisme vas te vang is nie. Derrida het die '*anything goes*'-kenmerk van die Postmodernisme (sien weer 2.2.2.7.0(v); Vorster, 1999:11; vgl. ook Van Deventer, 2001:72 vir hoe dit verstaan moet word) telkens *gerepudieer* en het in sy werk kriteria neergelê vir wat kan geld as dekonstruktiewe lesings van tekste. Die substansiële bydrae wat hy gelewer het en die kennis wat rondom sy gepubliseerde literatuur gegroei het, maak dat McQuilan beweer dat Dekonstruksie metonimies van Derrida se bydrae is (McQuilan, 2000:1). Om dekonstruktief met die teks om te gaan, is om konflikterende logiese aangeleenthede en implikasies *uit* die teks te neem met die doel om aan te toon dat die teks nooit presies beteken wat dit sê nie, of wat dit sê dat dit sê nie (Derrida, 1976 en 1978; sien ook Norris, 2000b:109).

Jacques Derrida se invloed op resente benaderings tot teksanalise is omvangryk, al het hy nie primêr binne 'n literêre konteks gewerk nie, maar vanuit 'n algemene filosofiese konteks.

- *Julia Kristeva*

Die tweede belangrike Post-strukturalis wat hier genoem moet word, is Julia Kristeva. Sy word beskou as 'n teksgerigte dekonstruksionis, maar een wat ook op 'n bekwame en vaardige manier psigoanalitiese teorie en kliniese praktyk bymekaar bring, asook literatuur, taalkundige aangeleenthede en filosofiese aspekte (Oliver, 2002:ix). Kristeva se bydrae kom vanuit 'n feministiese oortuiging. Sy is 'n teoretikus wat 'n unieke en selfstandige bydrae tot die teoretiese debat lewer.

Sedert 1990 het sy ook as 'n kreatiewe skrywer bekend geword met die verskyning van verskeie novelles.

Kristeva hou haar besig met die misterie van waarom-vrae, in besonder die vraag: ‘*Why do we speak?*’ Oliver som Kristeva se bydrae op as 'n rewolusionêre bydrae “*in an age of theoretical pessimism on all sides.*” Hy tipeer die kern waarin haar werk saamgetrek is en die benadering waarin sy dit doen, soos volg:

Taking up the question ‘Why do we speak?’ in all its ambiguities, Kristeva addresses the issues of the relationship of meaning to language, the relationship of meaning to life, and the relationship of language to life. In fact, Kristeva’s most famous contribution to language theory, *the distinction between the symbolic and semiotic elements of signification*, speaks to these questions in a revolutionary way, *opening pathways* rather than resigning us to an impasse. (Oliver, 2002:xiv; beklemtoning van JPB.)

Die term *intertekstualiteit* binne die Post-strukturalisme word met die werk en benadering van Kristeva geassosieer. Die ‘buiteteks’ waarna sy verwys en mee rekening hou, kan egter sowel literêr as nie-literêr (dus ook histories, kultureel of sosiaal) wees (Malan, 1992:187). Die betekenis wat Kristeva aan die konsep van intertekstualiteit heg, word deur haar in die lig van haar beskouing van die teks en sy skakeling met ander tekste (konteks) geformuleer as:

...a trans-linguistic apparatus that redistributes the order of language by relating communicative speech, which aims to inform directly, to different kinds of anterior or synchronic utterances. The text is therefore a *productivity*, and this means: first, that its relationship to language in which it is situated is redistributive (destructive-constructive), and hence can be better approached through logical categories rather than linguistic ones; and second that it is permutation of texts, an intertextuality: in the space of a given text, several utterances, taken from other texts, intersect and neutralize one another. (Kristeva, 1980:36; beklemtoning van Kristeva.)

Julia Kristeva se bydrae tot die Post-strukturalisme het nuwe perspektiewe geopen – in besonder ook op die terrein van die literêre kritiek.⁷⁶

⁷⁶ Kristeva se literêre invloed staan veral in verband met die konsep van *intertekstualiteit* en sy word in die literêre kritiek sterk daarmee geassosieer. Later in hierdie studie word breedvoerig op *intertekstualiteit*, 'n onontkenbare eienskap van alle tekste, ingegaan (sien 4.2.6). In die Literatuurwetenskap is dit 'n navorsingsfaset wat integraal in die studie van alle literatuur ingewef is. Omdat die Openbaringsboek 'n geskrif is wat deurweek en geheel en al deurdring is van Ou-Testamentiese motiewe in die vorm van allusies (sin- en toespelinge) en eggo's, is dit voor die hand liggend dat besondere aandag aan intertekstualiteit gegee sal word. Kristeva se bydrae en invloed word veral in 4.2.6.1.2 bespreek en in verband met Bybelwetenskaplike navorsing gebring.

Vanuit die Saussuriaanse linguistiese onderbou van sowel die Strukturalisme as die Post-strukturalisme ontwikkel die wetenskap van die Semiotiek (in De Saussure se terminologie, 1997b:8-9: die wetenskap van die *Semiologie*). Semiotiek volg hieronder in (ii.v) as die laaste tekssentriese benaderingswyse tot die literêre teks wat bespreek word.

♦ *Die invloed van Post-strukturalisme (Dekonstruksie) op Bybelwetenskaplike navorsing*

Wat van Dekonstruksie nie bruikbaar vir die Bybelwetenskap is nie maar dié benaderingswyse in 'n groot mate oorheers, is om die teks wat vir sy betekenis geanaliseer word, te laat *neutraliseer* deur intertekstuele koppeling met ander tekste, deur 'n uitstel van betekenisbepaling, of deur 'n konstatering van eindelose meerduidigheid. Dan het die Bybelteks uiteindelik niks te sê nie, of minstens niks *gesagvol* mee te deel nie. Die Bybelwetenskap wat die gesagvolheid van die Bybel as die teksgeworde openbaring van God aanvaar, vind dan nie baat by 'n dekonstruktiewe benadering nie.

Daar moet egter gewaak word teen 'n eensydige veralgemening en verwerping van alles wat 'n gegewe metode moontlik kan oplewer. Dit geld ook 'n benadering wat oënskynlik dekonstruktief werk. Daar moet gevra word of Dekonstruksie nie tog ook iets positief vir die Bybelwetenskap kan inhou nie.

Die positiewe wat die Post-strukturalisme/Dekonstruksie waarskynlik vir Bybelwetenskaplike navorsing inhou, is dat dit die navorser onder die indruk bly hou van die belangrikheid van die noukeurige nagaan van teksbetekenis in 'n *wyer netwerk van betekenis*. Die betekenis van 'n teks word dikwels deur sy intertekstuele koppeling of verband met ander tekste bepaal, of minstens medebepaal. Die teks van Openbaring bevat byvoorbeeld (soos later sal blyk, sien Hoofstukke 4, 5 en 6) talle sinspelings op en/of eggo's uit die Ou Testament. Die reflekerende tekste in Openbaring se betekenis kan nie akkuraat en suiwer vertolk word as die intertekstuele verband met die Ou-Testamentiese gebruik van bepaalde tekste en motiewe nie nagegaan word nie. Dit is – só gesien – niks anders as die hermeneutiese beginsel van *Skrif-met-Skrif-vergelyking* wat hier ter sprake is nie, maar dit onderstreep verder ook weer die belang van kennis van die kultuurhistoriese konteks bepaaldheid van die Bybelboek in die groter geheel van betekenisbepalende faktore wat buite die 'redaksie' van die teks self lê. Dekonstruksie is in dié opsig nie 'n tekssentriese benadering wat uitsluitlik binne die sentrum van die teks bly nie, maar wat vir die vasstelling van betekenis wel vanuit die sentrum van die teks beweeg na faktore wat buite die teks geleë is. Tog

is die faktore implisiet binne die teks aanwesig deur intertekstuele skakeling met die teks. Die vertrekpunt bly dus steeds (in) die sentrum van die teks.

(ii.v) *Semiotiek*

Semiotiek is 'n term wat gebruik word vir die wetenskap van tekens. Die fokus van *Semiotiek* sou later by 4.2 as 'n subdissipline binne die dissipline van die Literatuurwetenskap bespreek kon word, alhoewel dit nie 'n wetenskap is wat net binne literêre verband beoefen word nie. Dit is 'n selfstandige wetenskap wat ook interdissiplinêr binne ander dissiplines beoefen word. Aangesien daar egter so 'n noue verband tussen die Strukturalisme en *Semiotiek* is dat *Semiotiek* selfs as een van die 'sub-branches' van eersgenoemde beskou word (Barry, 2002:10), is dit verantwoordbaar dat dit wel hier as 'n benaderingshoek tot literêre tekste ter sprake gebring kan word.⁷⁷

Hawthorn (1994) wys daarop dat daar binne die literêre kritiek twee manifestasies van '*semiotics*' is. Enersyds gaan teoretici soos Yuri Lotman (1972), Jan Mukařovský (1977) en Michael Riffaterre (1978) in hulle benadering van die poëtiese teks uit van konvensies en kodes wat by bepaalde opvattinge van die *New Critics* aansluit, naamlik dat die poëtiese teks selfgerig, dit wil sê '*selfreferential*' is. Hulle beweeg egter ook in hulle betekenisbepaling van die literêre teks buite die teks self na die leesproses waarin die ontvanger of leser van die gekommunikeerde teks 'n rol speel. Andersyds is 'n literêre teoretikus soos Barbara Smith (1968) ook uitgesproke geïnteresseerd in die teks binne sy groter konteks in die wêreld en wil sy ook aandag gee aan die emosionele en intellektuele impak wat die literêre teks op die leser maak (Hawthorn, 1994:184).⁷⁸ Eersgenoemde benadering kan dus *tekssentries* met 'n visie ook op die buite-tekstuele genoem word; laasgenoemde is in so 'n mate ook teks-ekstrinsiek dat dit nie sonder meer soos eersgenoemde onder 'n tekssentriese benadering tuisgebring kan word nie, maar beskou moet word as 'n benadering wat wisselwerkend tussen die literatuurteks en die konteks (die leser in sy/haar konteks) sy plek vind.

⁷⁷ Die verskil tussen Strukturalisme en *Semiotiek* lê daarin dat die Strukturalisme gaan om 'n metode en die *Semiotiek* om 'n studierein of -veld. Die *Semiotiek* gebruik egter wel die metodes van die Strukturalisme.

⁷⁸ Barbara Smith se werk is nie van dieselfde belang as dié van die ander drie genoemde teoretici (Lotman, Mukařovský en Michael Riffaterre) nie, maar sy bring die belangrike aspek van die teks in sy groter konteks binne die konteks van 'n semiotiese benadering onder die aandag.

Dit is veral binne die eerste benadering, dié van onder andere Lotman en Mukařovský, en in 'n mate ook Riffaterre, wat die Strukturalistiese tekssentriese vertrekpunt duidelik aanwesig is. Umberto Eco (1976, 1985), 'n Italiaanse semiotikus, verteenwoordig weer 'n eie rigting in die Semiotiek waarin hy ook navolgers gekry het.⁷⁹ Hy verskuif die klem van die teken na die kode en die verhoudings tussen die kodes, en uiteindelik na die intertekstuele spel van kodes oor tyd en ruimte heen (Du Plooy & Viljoen, 1992:31). Hy interpreteer die bestaande wêreld as 'n kulturele konstruksie. Fiksie word dan verstaan as die resultaat van die wisselwerking tussen die sisteem wat deur 'n literêre teks gekonstrueer word en die sisteem wat vir skrywers en lesers in die vorm van kennis van die bestaande wêreld bekend is (Herman & Vervaeck, 2005:151).

Omdat dit hier oor tekssentriese benaderings tot die literêre teks gaan, word nou oor Mukařovský en Lotman se bydraes – wat primêr tekssentrië in hulle werk is – in die kader van die Semiotiek enkele verdere opmerkings gemaak.

- *Jan Mukařovský*

Die kunswerk is volgens Mukařovský, een van die eerste verteenwoordigers en woordvoerders van die strukturalistiese semiotiese benadering, 'n struktuur wat 'n *outonome teken* is en 'n *kommunikatiewe funksie* het (Mukařovský, 1977:95; vgl. ook weer 3.1.2.2.1(ii.ii)). Daaruit is die ontwikkelende verband tussen Strukturalisme en Semiotiek in sy werk duidelik. Mukařovský se teorie is trouens onontbeerlik om latere strukturalistiese en semiotiese teorieë te verstaan, aangesien hy, soos reeds genoem (vgl. weer (ii.ii) hierbo), die skakel vorm tussen die Russiese Formalisme en die Sowjet-semiotiek, die Franse Strukturalisme en die kontemporêre vorme van strukturalistiese en semiotiese teorieë.

Dit is juis die kommunikatiewe funksie (Mukařovský, 1977:95) van die outonome struktuur wat die *leser* uiteindelik ook in die prentjie plaas, sodat die ontvanger van die gekommunikeerde teksboodskap in Mukařovský se werk ook reeds as 'n belangrike komponent in die realisering van die kommunikasie aanwesig is (vgl. in 3.1.2.3 hieronder hoe die belangrikheid van die leser volgens die sogenaamde *lesersentriese* benaderings tot tekste verder ontwikkel het). Die uiteindelijke betekenis van die literêre werk word volgens die Semiotiek dus nie uitsluitlik gevind op grond van 'n teksintrinsieke ondersoek wat as vertrekpunt dien nie,

⁷⁹ Die eintlike vader van hierdie rigting in die Semiotiek is Charles Sanders Peirce, 'n Amerikaanse filosoof, wat in die laat negentiende eeu belangrike semiotiese werk gelewer het. Eco is 'n Peirceaanse semiotikus, anders as teoretici soos Mukařovský en Lotman wat as Saussuriaanse semiotici beskou kan word. Beide rigtings werk nietemin met tekens en tekensisteme.

maar ook op grond van tekseksterne verhoudinge waarin die literêre werk staan (Du Plooy, 1986:130).

- *Jurij Lotman*

Jurij Lotman is al ‘*the most celebrated modern semiotician*’ genoem (Selden, 1989:53).

Ook hy gaan soos Mukařovský uit van ’n tekssentriese benadering van die artistieke literatuurteks en is veral geïnteresseerd in die semantiese aspek van die tekens waaruit die literêre werk bestaan (Lotman, 1972). In sy narratologiese teorie beskryf hy ook die rol en funksie van die *paradigmatiese* en die *sintagmatiese* asse waarop die artistieke teks gekonstrueer is, en bring sodoende duidelikheid ten opsigte van hierdie strukturalistiese analiseringswyse van tekste. *Seleksie* en *kombinasie* is onderskeidelik die basis van die teks. Die poësietekse werk met herhaling, waardeur verdigting van betekenis bewerkstellig word, terwyl die prosateks met name op die basis van kombinasie as die konstruksiebeginsel geskoei is. Soos die verhouding van elke sinsdeel tot die res van die sin bepalend is, is die verhouding van elke sin tot die sinne waaruit die teks as geheel bestaan, bepalend vir die totale betekenis van die literêre werk.

Ten spyte van sy tekssentriese benadering is Lotman ook bewus van die belang van die sosiale funksie van die teks wat gekommunikeer word. Hy werk nie net tekssentries en teksimmanent nie, maar ook met tekseksterne kulturele en sosiale kodes. Lotman praat van teks sonder konteks as “’n grafskrif in ’n onbekende taal”. Sy beskouing is dus ’n sinchroniese semio-strukturalisme, maar met ’n ontwikkeling in die rigting van ’n sintese van die historiese en semiotiese benaderings (Fokkema & Kunne-Ibsch, 1978:41). Die leser ‘voltooi’ die teks deur sy dekodeering van die teks (Du Plooy, 1986:134). Dit is juis deur die sosiale dat sinvolle estetiese kommunikasie deur hom ontstaan. “*Elke artistieke tekst kan zijn sociale functie slechts vervullen, als er in het gelijktijdig met de tekst optredende collectief esthetische communicatie bestaat.*” (Lotman, 1977:107).

Lotman werk gevolglik met ‘*text versus extra-text*’, waar die sogenaamde buitetekse gesien word as ’n faktor wat literêre tradisie en historiese en ideologiese raamwerke insluit (Van Zyl, 1982:75).

Die belangrike bydrae wat Jurij Lotman gelewer het, is nie beperk tot die semiotiese fasette van die artistieke teks nie. Ook ten opsigte van die artistieke prosateks is dit duidelik dat hy ’n beduidende narratologiese teorie ontwikkel het. Hy het daarin die narratologiese ontwikkelinge wat deur die Formalisme en die

Strukturalisme in die aandag van die literatuurstudie geplaas is, goed saamgevat en duidelik geformuleer. Die waarde van sy werk is dat hy die narratologie sinvol uitgebou het en 'n belangrike eie bydrae ten opsigte daarvan gelewer het. Daar is aansluiting by die Russiese Formalisme, met 'n beklemtoning van '*fabula*' en '*sjuzet*', sowel as aansluiting by die Strukturalisme. Sy beskouing van die literêre teks bring die "*rigour of structuralist linguistics and the close reading techniques of the New Criticism*" (Selden, 1989:53) bymekaar. Belangrike perspektiewe van die Franse Strukturaliste, onder andere Bathes, Bremond en Greimas (sien weer (ii.iii) hierbo) is in sy teorie geïntegreer. Dit spreek uit sy beklemtoning van die binnetekstuele verhoudings van elemente in die artistieke teks, asook die nadruk wat hy op teks-ekstrinsieke verhoudings plaas. Die belangrikste bydrae wat Lotman gelewer het, is dat hy die teks in die kodering en dekodering daarvan plaas teen die sosio-historiese konteks daarvan (Du Plooy, 1986:143). Dit kom dus ooreen met die bydrae wat Mukařovský gelewer het, alhoewel Lotman se bydrae 'n eie styl en stempel dra.

Die Semiotiese benadering tot die literatuurteks lewer veral 'n bydrae tot die narratologiese ontsluiting van die verhaalteks vanuit die taalteks. Die beginsels van verhaalanalising wat in die Formalisme en die Strukturalisme neergelê is, word daarin werkbaar en prakties gestalte en gebruiksmoontlikheid gegee. Daaruit, maar veral uit die werk van die Strukturaliste en Semiotici, is belangrike boustene gebied vir die sinvolle en konstruktiewe ontleding van narratiewe. Dit is 'n baie belangrike en toepasbare benadering wat vir die huidige studie betekenisvolle moontlikhede ontsluit.

♦ *Die invloed van die Semiotiek op Bybelwetenskaplike navorsing*

Die Semiotiek is in die Bybelnavorsing van toepassing gemaak deur Calloud en Genyut (1982). Dié werk van hulle is die eerste voorbeeld van 'n strukturele analise van 'n hele Nuwe-Testamentiese boek, naamlik 1 Petrus, wat eksplisiet volgens 'n semiotiese benadering geanaliseer word. Daarin gaan Calloud en Genyut suiwer semioties te werk in hulle benadering tot die Bybelteks (Greenwood, 1985:71-72).

Vir 'n oorsig oor die invloed van die Strukturalisme as geheel (insluitend die Post-strukturalisme en Semiotiese teksbenaderings) op die bestudering van die Bybelteks kan David Greenwood se *Structuralism and the Biblical text* (1985) geraadpleeg word. Daarin bespreek hy aan die hand van voorbeelde van die analise van Bybelgedeeltes die metodologieë van onder andere Roland Barthes,

A.J. Greimas, Vladimir Propp en Umberto Eco. Greenwood toon dan aan hoe die Strukturalisme tot in daardie stadium in Bybelnavorsing deurgewerk het. Sedertdien is dit ook duidelik teenwoordig in baie meer resente publikasies. Deur die verdere uitbouing van die huidige studie sal dit aangetoon word.

3.1.2.2.2 *Relevansie van teorieë met 'n tekssentriese benaderingshoek vir die huidige studie*

Dieselfde vrae wat ná die bespreking van die histories-kritiese benaderings (3.1.2.1.2) na vore gekom het, is nou, ná die behandeling van die teorieë met 'n tekssentriese benaderingshoek tot literatuurstudie, ook aan die orde. Watter moontlikhede hou hierdie besondere teorieë vir Bybelnavorsing in? Is dit nog in die resente akademiese navorsingskader van waarde, relevant, toepasbaar en belangrik? Dit gaan dus oor die relevansie, gebruiksgeldigheid en toekoms – veral in Bybelnavorsing – van literêre teorieë wat primêr 'n teksimmanente vertrekpunt het en tekssentries in hulle benaderingswyse is. Dit is belangrik en gerade om dit ten opsigte van elke hoofbenadering tot literêre tekste vas te stel, sodat daar aan die einde van hierdie hoofstuk (Hoofstuk 3) en in Hoofstuk 4 gekom kan word tot die vasstelling en uitbouing van 'n verantwoordbare interdisiplinêre benaderingswyse en metode waarvolgens die navorsing van daar af verder gerig kan word.⁸⁰

Wat is vandag dan die werklike posisie, stand en relevansie van teorieë met 'n tekssentriese benaderingshoek in die Bybelnavorsing wat gedoen word?

In die behandeling van die tekssentriese benaderings in die Formalisme, Strukturalisme, Post-strukturalisme en in Semiotiese studies het dit algaande duidelik geword dat die verhouding tussen die konsepte *teks* en *konteks* in die beantwoording van bogenoemde vrae 'n baie belangrike rol speel. Daar is hoofsaaklik twee denkrigtings oor wat presies met *teks* bedoel word en wat *konteks* presies beteken waar konteks in verband met, in assosiasie met of in onderskeiding van *teks* gebruik word. Dit is logies dat daar dan by die bepaling van die relevansie van 'n *teks*-sentriese benaderingswyse tot literêre tekste noodwendig aandag gegee sal moet word aan die verhouding tussen teks en konteks.

Die eerste denkrigting in verband met die betekenis van die term *teks* kan omskryf word as die rigting wat *teks* verstaan as 'n selfstandige, outonome entiteit. Dit is dus die beskouing wat uitgesproke in formalistiese studies gestel en weerspieël word (soos

⁸⁰ By 3.1.2.1.2 waar die relevansie van die histories-kritiese ondersoekmetodes bespreek is, is opgemerk dat dié ondersoekmetodes mettertyd moes plek maak vir die teksimmanente tekssentriese benaderings en interpretasies. Die histories-kritiese ondersoekmetode se betekenis vir die Bybelwetenskappe is egter nieëntestaan hierdie bewering wat gemaak is/word, tog in 3.1.2.1.2 beredeneer en konkluderend aangedui as steeds relevant en geldig.

bespreek in die studies van die Anglo/Amerikaanse *New Criticism*, Russiese Formalisme, Duitse *werkimmanente Methode* en Nederlands/Afrikaanse Stilistiek op taalkundige grondslag (3.1.2.2.1(i.i)-(i.iv) hierbo). In dié denkrigting is *konteks* dan nie méér as mede-betekenisbepalende faktore of fasette wat almal in elk geval binnetekstueel teenwoordig is nie. “Binne die raamwerk van...dié denkpatroon is konteks die teks ‘in die omgewing van’ ’n woord of sin of fragment wat nodig is vir die verstaan van die juiste betekenis van die woord, sin of fragment” (Johl, 1992:530).

Die tweede denkrigting of opvatting oor wat met die begrip *teks* aangedui word, kom daarop neer dat die teks beskou word as iets wat nie digsluitend en daarom ook nie selfstandig as ’n outonome entiteit bestaan en funksioneer nie. *Konteks* beteken in dié verband dan aangeleenthede of aspekte wat buitetekstueel is, maar hulleself tog in die teks laat geld. So gesien, word die teks dan ’n funksie van een of ander buitetekstuele konteks. Alhoewel nog nie heeltemal eksplisiet in hierdie betekenis van die term *teks* teenwoordig nie, reflekteer strukturalistiese studies die beskouing van hierdie tweede denkrigting (soos bespreek in die studies van die Tsjeggiese Strukturalisme, die Franse Strukturalisme, en veral in die Post-strukturalisme (Dekonstruksie) en Semiotiek (3.1.2.2.1(ii.ii)-(ii.v) hierbo).

Dit is noodsaaklik om hierdie verskuiwing van die outonomistiese (ergosentriese) benadering van die Formalisme na die taalsentriese benadering van die Strukturalisme (met die klem op tekskommunikasie deur die taalteken sowel as die sosio-kulturele ontvangsmilieu van die gekommunikeerde taaltekste) goed in gedagte te hou. Die vloeibaarheid dui daarop dat die verskillende strukturalistiese en verwante tekssentriese benaderings nie staties is nie, maar dinamies en konstant aan die ontwikkel. In die proses swaai die pendulum van ’n geslote teks (letterlik self-standig en *outo-noom*) deur na ’n konteksbeaalde teks soos dit in die lesersentriese benaderings nog verder gevoer word (waarvan die bespreking in 3.1.2.3.1(iii) hieronder volg). Die dinamika van skuiwende aksentuerings van die begrippe *teks* en *konteks* impliseer reeds dat die tekssentriese benadering van literêre tekste steeds ter sake is en daarom deeglik in die navorsing wat gedoen word, in ag geneem moet word – al verplaas en skuif die klemplasing ook. Die dinamiese van teorievorming maak dit noodsaaklik. Sonder die verstaan van die teks-sentriese benadering kan die verskuiwing van klem en die prosesse daaromheen na buite die teks-as-sentrum nie begryp word nie.⁸¹

⁸¹ Alle gerespekteerde literatuurbeskouings gee wel aan al die aspekte van ’n teks aandag. As die *New Critics* byvoorbeeld geen aandag aan konteks gegee het nie, sou hulle die tekste immers nie verstaan het nie en as enige beskouing taal buite rekening laat, sou dit nie kon bestaan nie. Op grond van ’n bepaalde filosofiese of wetenskapsteoretiese uitgangspunt word die klem inderwaarheid net telkens op ’n ander aspek van die tekste geplaas. ’n Sentrale gedagte in die studie van literatuur is dat tekste altyd bepaalde formele aspekte vertoon en dat geen interpretasie sonder kennisname van die formele eienskappe gemaak kan word nie. Van ’n verhalende teks word altyd ’n analise van karakters, gebeurtenisse, tyd en plek gemaak en dan

Met dit gesê, moet opgemerk word dat die klem sowel in die Literatuurwetenskap as in die Bybelwetenskap nie onherroeplik uitgefaseer en totaal weggeskuif het van 'n teks-sentriese benadering van die literatuurteks (met die 'sentrum' van die teks as die vertrekpunt) nie. Inteendeel.

Wat die Literatuurwetenskap betref, toon Onega en Landa oortuigend aan dat die verskillende narratologiese benaderings en modelle wat so 'n belangrike en substansiële deel van die tekssentriese benaderings uitmaak, nie eksklusief tot Formalistiese en Strukturalistiese narratologiese teksanalises beperk is nie – soos sommige beweer die geval sou wees nie (Onega & Landa, 1996:35). Die Formaliste en Strukturaliste het grondwerk in narratologiese besinning en teorievorming gedoen, maar die invloed van hulle literêr-teoretiese werk is ook teenwoordig in ander benaderings wat nie wesenlik tekssentries in hulle uitgangspunte is nie. Narratologiese beginsels, soos geformuleer deur literêre teks- en taalsentriese teoretici, funksioneer byvoorbeeld ook betekenisvol in ander dissiplines soos Geskiedenis, Antropologie, Psigologie, Hermeneutiek en Hermeneutiese Filosofie. Daaruit is dit duidelik dat die Formalistiese en Strukturalistiese (literêre tekssentriese) benaderingswyses se relevansie bo enige twyfel steeds vasstaan, al het die vertrekpunt om narratologiese beginsels aan te wend, weggeskuif van die grondwerk van die tekssentriese teoretici se aanvanklike grondliggende werk.

Wat die Bybelwetenskap betref, skryf Exum en Clines die volgende oor die posisie en stand van teorieë met 'n tekssentriese benaderingshoek binne die literêr-akademiese ondersoeksfeer (onder meer spesifiek ook oor Formalisme en Strukturalisme):

...[they] have by no means outlived their usefulness, nor have they been invalidated by the appearance of the criticisms.....Feminist Criticism.....Materialist or Political Criticism.....Psychoanalytic Criticism.....Reader-Response Criticism.....Deconstruction. (Clines & Exum, 1993:17-20.)

Dit is belangrik om hierdie stelling van Clines en Exum te lees binne die konteks van die literêre kritiek en die deurwerking daarvan na die bestudering van die (Hebreeuse) Bybel waaroor hulle skryf (*The new literary criticism and the Hebrew Bible*) – dus in die konteks van die invloed van die literêre kritiek op Bybelnavorsing.

Die gevolgtrekking waartoe hieruit gekom word met betrekking tot die relevansie van teorieë met 'n tekssentriese benaderingshoek, is dat dié benaderingswyse nie net *relevant* bly vir enige verantwoordelike Bybelnavorsing nie, maar dat dit ook *noodsaaklik* is daarvoor. Daarsonder sal die openbaring van God in sy teksgeworde vorm in die Bybel-as-literatuur nie suiwer vertolk kan word nie. Daarmee word nie beweer dat dié

word die resultaat van die analise geïnterpreteer uitgaande van 'n bepaalde filosofiese of teoretiese benadering.

benadering die enigste geldige benaderingswyse tot die ontsluiting van die Bybelteks se (openbarings-)betekenis isj nie, maar dit word met stelligheid geponeer dat 'n teks-sentriese uitgangspunt 'n *onmisbare deel* daarvan vorm. *Teorieë uitgaande van 'n tekssentriese benaderingshoek is dus ook vir hierdie studie relevant en as belangrik en noodsaaklik aangedui.* Daarom sal in die verdere verloop van die navorsing wat gedoen word, aangesluit word by hierdie benaderingswyse tot die Bybel-as-literatuur.

Die derde en laaste hoofbenaderingswyse tot die literatuurteks moet nou in hooftrekke bespreek word.

3.1.2.3 Lesersentriese benaderings

3.1.2.3.1 Beskrywing van teorieë met 'n lesersentriese benaderingshoek

Ietwat oorvereenvoudig gestel, maar insiggewend en kompak geformuleer, kan twintigste-eeuse literêr-teoretiese ontwikkelinge in die volgende oorsig van Parry saamgevat word:

...the shift away from a concern with authorial intention (textual meaning lying 'behind the text'). Instead, readers focus on the text itself (textual meaning as encoded 'within the text', ready for them to 'discover' it), and finally on readers' present interest (readers actualize textual meaning 'in front of the text'). (Parry, 2005b:658.)

Die derde en laaste groep benaderings tot literêre tekste wat in hierdie studie saamgegroepeer word, het dan te make met studies wat konsentreer op die lesers wat tekstuele betekenis '*in front of the text*' aktualiseer. Die rol van die leser staan egter nie los van die teks (en die outeur) nie, maar is deel van die retoriese proses waardeur betekenis vasgestel word. Die leserrol is daarom nie willekeurig nie. Leserrespons is trouens op retoriek ('*the art of persuasion*') gebaseer (Guerin *et al*, 2005:353).

By 3.1.1.3 is opgemerk dat hierdie derde onderskeibare hoofbenaderingswyse tot literatuurtekste nietemin hoofsaaklik deur en vanuit tekseksterne faktore en oorwegings bepaal word. Die benadering is wel nie soos die historiese ekstrinsieke benaderings (vgl. weer 3.1.2.1) op die eksterne ontstaanskonteks van die teks gerig nie, maar primêr op die eksterne ontvangskonteks waarbinne kommunikasie deur die boodskap geskied. Uit *The Postmodern Bible* (1995) is dit duidelik dat wat as *leserrespons* bekendstaan (*resepisie-estetika* in Duitsland, '*reader-response theories*' in Amerika), nie uitsluitlik of selfs oorwegend op die sogenaamde *eerste* lesers/ontvangers van die boodskap betrekking het nie, maar op alle lesers/ontvangers van die boodskap, dit wil sê ook op al die latere lesers. "*The new rhetorical criticism emphasizes that rhetorical power is present in a text not just once, when it is first uttered or written, but also for future readers in their own*

rhetoical situations.” (*The Postmodern Bible*, 1995:163-164; sien ook 1995:20-69 vir ’n oorsigtelike bespreking van leserrespons).

Daar is aan die begin van die sewentigerjare van die twintigste eeu begin om in literêre teorieë aandag aan leserrespons aandag te gee. Ná ongeveer tien jaar vra Segers of die resepsie-estetika 1984 sal haal, en of dit nie “...de zoveelste modegril uit de moderne literatuurwetenschap” is nie (Segers, 1979/80:287 e.v.). Die rigting se lewensvatbaarheid is dus in ’n mate betwyfel, maar resente literatuur waarin die benadering beskryf en onderskryf word, verskyn nog steeds. Parry se opmerking hierbo dat die belangstelling in die resente tyd na die leser geskuif het, word dus daardeur bevestig (Parry 2005b:658; vgl. ook Melugin, 2003:63).

Wat hou hierdie beklemtoning van die leser se rol in die interpretasie en betekenisbepaling van ’n literêre teks in? Wat is die invloed daarvan op literêr-teoretiese besinning vandag, en veral op Bybelwetenskaplike navorsing?

In reaksie op die Formalisme of outonomistiese teorieë (3.1.2.2.1 (i)) met ’n beskouing dat ’n literatuurteks ’n kunsoobjek met ’n selfstandige, outonome bestaan is, onafhanklik van die skrywer, die leser en die historiese konteks wat dit weerspieël, stel van die beoefenaars van leser-sentriese analiseringsmetodes dat ’n teks sonder ’n leser effektief nie bestaan nie – of dat dit ten minste nie betekenis het nie (vgl. Parry, 2005a:531). Dit is die leser wat betekenis aan ’n teks gee, of betekenis voltooi. Roodt (1983:136) praat van die rol van die leser as ’n voltooiingsfunksie, en in hierdie voltooiing is die leser steeds onder die instruksie van die verteller. Waar die Formaliste enigiets buite die teks – met name ook die leser(s) – as ‘gevaarlik’ en subjektief as bron(ne) vir interpretasie sien, setel betekenis in die leser-sentriese benaderings tot tekste juis in die leser, of is dit die leser wat die teks ‘voltooi’. Dit is die ontvanger van die teksboodskap wat dus uiteindelik moet sê wat ’n teks beteken (Guerin *et al*, 2005:351).

Die indruk mag egter nie hierdeur gewek word dat alle leserrespons-teorieë ’n monolitiese kritiese posisie inneem nie. Die klem op die rol van die leser in die bepaling van teksbetekenis kom uit verskillende teoretiese vetrekpunte (Guerin *et al*, 2005:351). Daar is met ander woorde ook verskillende interpretasies van tekste moontlik. Omdat ’n teks nie ’n sogenaamde *objektiewe* betekenis het nie (soos die oortuiging van die *New Criticism* was wat die teks verobjektiveer het en die leesproses daardeur gedevalueer het), kan verskillende lesers verskillende betekenis uit ’n teks genereer. Daar is nie slegs een betekenis wat uit die teks soos uit ’n ‘*container or conduit*’ getap word nie (Fowler, 1985:20). Tekstanalising word ’n vrye, kreatiewe lees van tekste, waarin sommige lesers tot uiterstes in hulle betekenisgewing sal gaan, terwyl ander steeds sterker deur die teks gelei sal word. So kan daar *radikale* leserrespons-teorieë en meer *gematigde* leser-sentriese benaderings onderskei word (Parry, 2005b:659). Vanhoozer (1995:308-

312) maak min of meer dieselfde onderskeid en beweer dat radikale respons wesenlik op leser-weerstand neerkom, terwyl die gematigde vorm van respons leser-respek vertoon.

Omdat die leser of ontvanger van die gekommunikeerde teks in die sentrum van aandag staan, is dit verder noodwendig so dat verskillende ander faktore (buite-literêre en buite-tekstuele faktore) ook in dié teorieë teenwoordig sal wees. Die leser/ontvanger in sy komplekse konteks en verband met verskillende referensiële terreine waarin hy/sy leef, word outomaties betrek. Die teks kom te staan in die konteks van die mens wat dit lees en betekenis daaruit haal. Van der Walt en Jordaan maak in hierdie verband die opmerking: “*Geen mens is...konteksloos nie. Moontlik mag dit een van die positiewe aspekte wees wat die postmodernisme uitlig en beklemtoon*” (Van der Walt & Jordaan, 2004:512).

Die fokus is as gevolg van die leser se rol dus ook op insigte vanuit ander – meestal nie-literêre – dissiplines gerig, soos morele en religieuse studies, sosiologiese en politieke, feministiese en genokritiese, etniese, argetipiese en psigologiese studies (Stevens & Stewart, 1996:67-112). Dit lei tot ’n interdissiplinêre wetenskaplike gerigtheid op die gekommunikeerde boodskap vanuit verskillende spesialisasievelde. Die literêre werk word nie in die eerste plek gesien as ’n onafhanklike artefak wat in ’n estetiese universum bestaan nie, maar as ’n refleksie en deel van die menslike universum (Stevens & Stewart, 1996:67; vgl. ook vroeër in 3.1.0 die opmerkings in hierdie verband). Soos literatuurstudie verskillende perspektiewe op die menslike samelewingsveld kan open, kan ander dissiplines hiervolgens ook insigte op literatuur verruim en verdiep.

In die lig van wat tot hier in verband met die lesersentriese benaderings tot literêre tekste gestel is, word vervolgens aandag gegee aan *radikale* en meer *gematigde* vorme van leserrespons-benaderings, waarna verskillende *referensiële* benaderings wat ander terreine en dissiplines betrek, ook kortliks bespreek word. In elke geval word weer gepoog om die verband van die bespreekte benaderings met die Teologie en in besonder die implikasies wat dit vir die Bybelwetenskap mag hê, kernagtig aan te stip.

(i) *Radikale leserrespons-teorieë*

Onder die radikale benaderings wat die leser as die vertrekpunt in die sentrum van teksontleding plaas, tel dié teorieë wat die rol van die leser so sterk in die skep van betekenis benadruk dat dit alle begrensinge en beperkinge wat die teks op interpretasie mag plaas, negeer. Die radikale of eksklusiewe klem op “...*the role of the reading-community in constructing meaning collapses the ‘two horizons’ of hermeneutics [i.e those of the text and those of the reader] into one single*

horizon” (Thiselton, 1992:546). Die ‘*single*’ verstaanshorison is dan slegs dié van die leser/ontvanger.

Daar is veral twee teoretici wat as belangrike eksponente van hierdie radikale benadering genoem kan word: Stanley Fish en Norman Holland. Die twee teoretici se uitgangspunte en benaderings word nou kortliks gestel.

- *Stanley Fish*

Fish verteenwoordig saam met Jonathan Culler die strukturalistiese variant van leserrespons, maar gaan ook verder as die Strukturalisme. Hy stel in ’n belangwekkende artikel die vraag: *Is there a text in this class?* (Fish, 1980). Daarin beweer hy dat die opvatting dat betekenis in ’n teks setel (die vertrekpunt waarvan die Formaliste en Strukturaliste uitgaan) ’n illusie is. Fish bedoel daarmee nie dat interpretasie totaal willekeurig kan geskied en ’n individualistiese en relativistiese proses is nie. Daar is regulerende norme waarvolgens tot interpretasie van die teks gekom word.

It is only if there is a shared basis of agreement at once guiding interpretation and providing a mechanism for deciding between interpretations that a total and dilitating relativism can be avoided...What I have been arguing is that meanings come already calculated, not because of norms embedded in the language but because language is always perceived, from the very first, within a structure of norms. That structure, however, is never abstract and independent but social... (Fish, 1980:317, 318).

Volgens Fish is dit lesergemeenskappe wat bepaal wat as ’n interpretasie geldig is. Hierdie ‘*interpretive communities*’ (Fish, 1980:322,338) repondeer nie op ’n voorafbepaalde betekenis wat in die teks teenwoordig sou wees nie, maar hulle respons op die teks is die betekenis van die teks. Sonder die leserrespons is daar nie betekenis nie en is daar gevolglik ook nie ’n teks nie (vgl. Parry, 2005b:659).

- *Norman Holland*

Holland gaan daarvan uit dat individuele lesers (en nie lesergemeenskappe soos Fish se beskouing is nie) hulleself in tekste geprojekteer sien. Hulle gebruik literêre werke om hulleself te simboliseer en te repliseer. Die ego word ge-unifiseer deur die leesaktiwiteit en dit is dan die betekenis van die teks (vgl. Parry, 2005b:659). Die leesproses is psigies – nie tekstueel nie – gestruktureer. Die

leser of ‘literent’⁸² “...builds the response, and the text simply changes the consequences of what the literent brings to it” (Holland, 1980:372). Die (indiuiduele) ontvanger van die teks is die belangrikste rolspeler in die leesproses en word uiteindelik die enigste wat betekenis (kan) bepaal. In die proses verloor die teks sy literariteit (vgl. Du Plooy & Viljoen, 1992:32).

♦ *Die invloed van radikale leserrespons-teorieë op Bybelwetenskaplike navorsing*

Die radikale leserrespons-teorieë wat pas bespreek is, is in sekere opsigte problematies vir aanwending in die Bybelwetenskap. Omdat die Bybel vir die Skrifgelowige navorser die teksgeworde besondere openbaring van God is, is dit vir hom/haar nie moontlik om te aanvaar dat die leser – en dan uitsluitlik die leser – die betekenis van die religieuse openbaringsgeskrif bepaal of genereer nie. Die leser skep streng gesproke nie die betekenis van die openbaring nie, maar *pas dit toe* (Van der Walt & Jordaan, 2004). Openbaring is immers per definisie iets wat ontvang word, nie iets wat geskep of gegenereer kan word nie. Dit verklaar vir Porter waarom leserrespons-teorieë teen 1990 nog nie eintlik in Nuwe-Testamentiese studies posgevat het nie (Porter, 1990; vgl. ook weer Segers, 1979/80, se artikel oor die toekoms van resepsie-estetika as ’n teorie binne die Literatuurwetenskap). Waar die sentrum van gesag wegskuif van die teks-as-sodanig (waar dit in die tekssentriese benaderings van die Formalisme en Strukturalisme setel), en ook weg van die skrywer (waar dit in die historiese benaderings setel), is dit volgens Porter vir Bybelwetenskaplikes moeilik om die rol van die leser, naamlik om betekenis deur die leesaktiwiteit te genereer, as aanvaarbaar te beskou (Porter, 1990:279,283). Leserrespons-teorieë kan moontlik deur Skrif-gelowige navorsers as ’n bedreiging van Skrifgesag gesien word (vgl. Parry, 2005b:659).

Indien die sentrum van gesag ten opsigte van teksbetekenis nie in die Outeur van die Bybel-as-literatuur sou setel nie, kan daar by implikasie nie van gesagvolle openbaring sprake wees nie. Die openbaringsintensie van die Skrywer van die Bybel, die Heilige Gees, wat as die *Auctor Primarius* in die tekswording van die openbaring opgetree het, word dan genegeer (Snyman, 2006:773; vgl. ook Verster, 2005:724,726). Die handhawing van die soge-naamde *organiese inspirasieteorie* en die handhawing van *outeursintensie* in die Bybel (standpunte

⁸² Dié term van Holland het nooit algemeen in gebruik gekom nie. Dit dui op die ontvanger, maar dan die ontvanger binne Holland se psigoanalitiese werk waarin dit vir hom primêr gaan om die psige van die leser/ontvanger en nie soseer om die teks se interpretasie nie.

wat deur die skrywer van hierdie studie onderskryf word) word dan in dispuut geplaas.⁸³

Met die vrae, problematiek, gesprekke en debatte rondom outeursintensie en die inspirasie van die Bybel mag die belangrikheid van die leser/ontvanger se rol in die ontsluiting van betekenis in die Bybel-as-literatuur natuurlik nie ontken word nie. Die kanonieke teks bly in die altyd nuwe situasies van nuwe lesers toepaslik en toepasbaar. Die Bybel is *tydbepaald* en *tydgerig* in die vorm waarin die openbaring in die Kanon teks geword het, maar dit is nie daarom *tydgebonde* nie (Van Rensburg, 2006:754-755). Die Bybel is in hierdie sin intendeel *tydloos*, en ook, in 'n ander sin as wat pas gestel is, *tydgerig*. Dit dra met ander woorde te alle tye gesagvolle betekenis vir elke gelowige leser en navorser daarvan – in alle tye. Die teksgeworde openbaring is dus in dié sin tydloos en tegelykertyd tydgerig: dit is op lesers of ontvangers van die openbaring in alle tye gerig. Daarom is die Bybel nie sonder die leser wat daaruit betekenis put nie, maar spreek dit die leser in sy/haar konkrete situasie aan. Dié betekenis bring 'n respons teweeg – in die geval van gelowiges 'n geloofsantwoord op die openbarende teks.

Leserrespons in die radikale manifestasie daarvan wat hierbo beskryf is, kan daarvoor verantwoordelik wees dat aktualisering van die Bybelteks in die eie tyd deur Bybelnavorsers oor die hoof gesien word. Gelukkig bring gematigde leserrespons noodsaaklike balans, sodat die rol van die gelowige leser in die bepaling van die gesagvolle betekenis van die Bybelteks gebalanseer word en tot sy reg kom.

(ii) Gematigde leserrespons-teorieë

Onder die gematigde benaderings in leserrespons-teorieë wat die leser steeds as vertrekpunt in die sentrum van teksontleiding plaas, tel dié teorieë wat die rol van die leser sien as 'n aktiwiteit in *wisselwerking* met die teks. Dié teorieë is daarop ingestel om te bemiddel tussen die twee uiterste oortuigings dat die teks slegs *één betekenis* kan hê of dat die teks *enigiets* kan beteken. Paul Ricoeur se formulering van hierdie verhouding tussen teks en leser maak dit duidelik: “*It is true that there is always more than one way of construing a text, it is not true that all interpreta-*

⁸³ Sien by 3.1.2.2.1(ii.iii) weer die bespreking van Barthes se beskouing van outeursintensie en hoe dit die Skrifgelowige navorser raak. Vergelyk verder in verband met outeursintensie ook Watson (1987), Fowl (2000) en Turner (2000). Sien verder Nel (2003), Snyman (2003), Verster (2005), Van Rensburg (2006) en Snyman (2006) vir resente Suid-Afrikaanse diskussies en debat oor outeursintensie en inspirasieteorieë.

tions are equal...The text is a limited field of possible constructions” (Ricoeur, 1981:175).

Ricoeur praat egter verder van ’n *‘surplus of meaning’* wat verder gaan as “any authorial intentions...A text means all that it can mean” (Ricoeur, 1981:176), maar ’n teks kan nie *enigiets* beteken wat ’n leser wil hê dit moet beteken nie. Interpretasie vind dus *‘in front of the text’* plaas (Parry, 2005b:658), maar die teks plaas beperkinge op wat as geldige interpretasies kan deurgaen en standhou. Die teks én die leser dra by tot die bepaling en interpretasie van die betekenis van ’n literatuurteks (vgl. Perry, 2005b:659 en ook weer Roodt, 1983:136, se bevinding dat die leser via die teks steeds onder die instruksie van die verteller staan).

Onder teoretici wat as verteenwoordigers van gematigde lesersentriese benaderings uitgesonder kan word, is veral twee Duitse teoretici wat binne die Duitse resepsie-estetika hulle bydrae gelewer het, naamlik Wolfgang Iser en Hans Robert Jauss.⁸⁴ Iser en Jauss was die vroeë teoretici van die Resepsie-estetika, wat later gevolg is deur onder andere Ruthrof, Mooij en Segers (wie se bydraes egter nie verder bespreek word nie). Iser en Jauss se betekenis vir die resepsie-estetika word kortliks weergegee.

- *Wolfgang Iser*

Iser argumenteer dat tekste stelle instruksies of ’n *repertoire* bevat wat deur die leser in ag geneem moet word. Interpretasie hang dus vir hom af van beide die teks en die respons op die teks (Leith *ed.*, 2001:1671). Wat in ’n literatuurteks aangebied word, lei tot ’n bepaalde effek, naamlik dat die leser of ontvanger betrokke raak in die wêreld van die teks en ’n aktiewe rol speel in die totstandkoming van betekenis (Iser, 1983:vii,xi). Dit word nie tot stand gebring deur òf die een òf die ander nie, maar deur die kombinasie van en interaksie tussen die twee. So ontstaan die *virtuele* teks. Kommunikasie in literatuur is ’n proses wat aan die gang gesit word, maar wat ook gereguleer word, nie deur ’n gegewe kode nie, maar deur “a mutually restrictive and magnifying interaction between the explicit and the implicit, between revelation and concealment” (Iser, 2001[1980]:1676).

Daar is dus volgens Iser onbepaaldhede (*‘Unbestimmtheitsstellen’*) in die literatuurteks wat ’n appèl op die leser maak om ’n bepaalde konkretisering van die

⁸⁴ Hulle steun beide op Jan Mukařovský (vgl. vir sy bydrae tot die estetiese werk 3.1.2.2.1(ii.ii) en (ii.v); Mukařovský, 1977: *Die Kunst als semiologisches Faktum*) en Roman Ingarden se estetiese werk (Ingarden, 1973: *The literary work of art*).

teks te laat plaasvind (vgl. Iser, 1978a, vir sy uiteensetting van die appèlstruktuur van tekste). Die verborge dinge laat sogenaamde *oop plekke* ('*Leerstellen*') in die literatuur wat deur die leser self ingevul moet word. Die blanko of leë plekke se vulling is egter nie 'n willekeurige handeling nie, want die teks is 'n vaste pool wat instruksies aan die leser gee waarvolgens sy reaksies gelei word (Iser, 2001:1678-1679; vgl. ook Du Plooy, 1986:93). So is die leser se rol noodsaaklik, maar is dit 'n funksie wat die leser in die lig van, of dan *in wisselwerking met*, die teks uitvoer.

Iser stel dat hierdie interaksie tussen die teksstruktuur en sy ontvanger in elke literêre werk sentraal staan. Die teks self bied bloot die geskematiseerde aspekte waardeur die estetiese objek van die werk geproduseer kan word (Iser, 2001: 1673-1674).

...we may conclude that the literary work has two poles: the artistic pole is the author's text, and the aesthetic is the realization accomplished by the reader. In view of this polarity, it is clear that the work itself cannot be identical with the text or with the actualization but must be situated somewhere between the two...[i]t is difficult to describe this interaction, not least because literary criticism has very little to go on in the way of guidelines, and, of course, the two partners in the communication process, namely, the text and the reader, are far easier to analyze than is the event that takes place between them. (Iser, 2001:1674; vgl. Iser, 1978b, vir sy verdere bespreking van die teks en die leser wat as twee pole in die kommunikatiewe proses van die teks optree.)

Iser se bydrae is insiggewend vir die verstaan van die totstandkoming van betekenis in 'n teks, of akkurater gestel: vir die ontsluiting van betekenis wat dan tussen die teks en die ontvanger in die virtuele teks lê. Dit dui daarop dat interpretasie nie 'n eenvoudige saak is nie en dat dit nie deur eensydige beklemtoning van òf die teks òf die resepsie van of respons op die teks maklik gemaak of vereenvoudig kan word nie. Intendeel, dit is juis deur verantwoordelike omgang met beide die teks en die respons dat interpretasie moontlik word en verantwoordbaar tot stand kom.

- *Hans Robert Jauss*

Jauss is 'n Duitse teoretikus wat in 1967 'n terugkeer na die leser bepleit het (Jauss, 1978[1967]; vgl. in dié verband ook Freund, 1987, en Barck, 1978). Alhoewel Jauss primêr vanuit die estetika gewerk het, het hy met dié pleidooi stimulus aan die Duitse literêre resepsie-estetika gegee. Sy betoog het daarop

neergekom dat die historiese aspekte rondom resepsie⁸⁵ ’n belangrike rol in die interpretasie van ’n literatuurteks te speel het. Hy stel dat literatuurgeskiedskrywing die grootste uitdaging vir die Literatuurwetenskap is, en dan in besonder die geskiedenis van die ontvangs van tekste (Jauss, 1978:1).

Vir Jauss val die aksent in die veld van die Duitse *Rezeptionsgeschichte* dus anders as vir Holland en ook Fish in die Amerikaanse *Reader Response Criticism*.⁸⁶ Jauss se bydrae verskil ook van Iser s’n wat gefokus het op die individuele interaktiewe proses tussen teks en leserrespons op die teks, die fenomenologiese ‘*act of reading*’. Jauss se fokus is op literêre-historiese aspekte in die geskiedenis van die ontvangs van die literêre werk (Leitch *ed.*, 2001:1671). Sy benadering is dus ook anders as dié van die tradisionele teorieë met ’n histories-kritiese benaderingshoek tot tekste (wat in 3.1.2.1 bespreek is). Waar die vroeëre historiese benaderings gebaseer is op ’n produksiemodel, is die historiese beskrywing wat Jauss bepleit gebaseer op ’n resepsiemodel (Vander Weele, 1991:138). Hy maak die stelling dat “....*freed from the dogmatic premises of positivism and traditionalism*” daar ná 1950 ’n reöriëntasie ten opsigte van historiese navorsing gekom het (Jauss, 1990:53).

Die besondere betekenis van Hans Robert Jauss se beklemtoning van resepsiegeskiedenis het ’n belangrike en noodsaaklike komponent tot die uitbou van resepsie-estetika toegevoeg. Dit het die belangrikheid van historiese bewustheid van die ontvangs van tekste bygevoeg – juis as ’n reaksie teen die outonomistiese benaderings (3.1.2.2.1(i)) wat tekste *ahistories* benader het. In die Duitse Literatuurwetenskap het die bewustheid en erkenning van ’n literêre werk se historiese konteks – indien die werk enigsins as literatuur gereken wil word – ’n sterk beklemtoning ontvang (Zutshi, 1981:143; Jauss, 1990:53). Met sy historiese bewustheid het Jauss verdere stukrag daaraan gegee.

Jauss het dus gepoog om balans te bring en te verseker dat die resepsiegeskiedenis die verwagting en rol van die leser temper en daarom ook die interpretasie beïnvloed. Die verwagtingshorison van die aanvanklike ontvangskonteks van ’n werk, asook die verwagtingshorisonne van latere ontvangskontekste wat die geskiedenis aan die lig bring, moet noodsaaklik deel van die interpretasieproses wees (Jauss, 1985). Jauss, soos onder andere ook Greenblatt,

⁸⁵ *Rezeptionsgeschichte*; dit is goed te onderskei van die veel ouere Duitse *Wirkungsgeschichte* waarin die geskiedenis van die impak wat ’n teks of skrywer maak, bestudeer is; Holub (1984:xii).

⁸⁶ Sien weer (i) hierbo: Holland het die individuele ontvanger (psigiese ‘literent’) se rol beklemtoon, terwyl Fish klem lê op die interpretasiegemeenskap se rol.

maak erns met ‘*the historicity of texts*’ sowel as met ‘*the textuality of history*’ (Collier & Geyer-Ryan, 1990:4).

♦ *Die invloed van gematigde leserrespons-teorieë op Bybelwetenskaplike navorsing*

Die gematigde leserrespons-teorieë, meer as die radikale leserrespons-teorieë, lewer ’n belangrike, waardevolle en noodsaaklike bydrae tot Bybelnavorsing. Die wyse van dié literêre benadering maak dat daar ruimte is om juis rekening te hou met wat in (i) hierbo gestel is (waarmee die radikale manifestasie van leserrespons nie rekening hou nie, of nie volledig rekening hou nie), naamlik: dat die Bybel *tydloos* is, en ook in ’n dubbele sin *tydgerig*, want dit dra gesag vir die aanvanklike ontvangskonteks van die openbaring, maar ook te alle tye gesagvolle betekenis vir elke gelowige leser en navorser daarvan – *in* alle tye (dus nie net vir eerste lesers in die aanvanklike ontvangskonteks van die Bybel nie). Juis daarom is Jauss se pleidooi vir ’n *Rezeptionsgeschichte* wat geskryf moet word in die lig waarvan die leser se rol bestudeer moet word, so belangrik.

Die Bybel is dus nie sònder die leser wat daaruit betekenis put nie, maar spreek die leser in sy/haar konkrete situasie aan, en die leser neem/put/haal aktief in die konkrete eie situasie betekenis daaruit. Die rol van die leser is dat hy/sy die gesagvolle openbaring vir sy/haar eie bestaan aktualiseer en nuwe dimensies van betekenis vir die eie tyd daaruit konstrueer. Die teks bly vir hom/haar steeds gesagvol en rig die interpretasie daarvan omdat die teks deur die Outeur daarvan geënkodeer is.

Norman Petersen formuleer die verhouding tussen die gesag van die teks en die rol van die leser insiggewend en oortuigend as hy sê:

...[w]e can say that the *normativity* of a text, a message, is *authorized* by the *sender’s encoding* of an intent in it. The *validity* of an interpretation, on the other hand, is *legitimated* by the coherence and meaning-full-ness of the *receiver’s decoding* or reading of the text...I have shifted the criterion of validity from the sender’s intent and view of the success of an encoding to the intrinsic coherence and meaningfulness of a decoding. (Petersen, 1992:262; beklemtoning deur kursivering van JPB.)

Die feit dat die gelowige Bybelleser en -navorser die gesagvolle openbaring van God op dié wyse geldig konkretiseer, aktualiseer en nuwe dimensies van betekenis konstrueer, spruit voort uit die Bybel se aard as ’n egte literatuurteks, naamlik dat ook die Bybelteks onbepaaldhede (*Unbestimmtheitsstellen*) bevat wat ’n appèl op die leser maak om ’n bepaalde konkretisering van die teks te laat

plaasvind (vgl. weer Iser, 1978a, vir sy uiteensetting van die appèlstruktuur van tekste). Die nie-uitdruklik verhaalde of die ontbrekende in 'n Bybel-narratief waarin die verteller gapings gelaat het, moet volgens Meir Sternberg in sy meermale aangehaalde *Poetics of Biblical narrative* (1985) deur die leser ingevul word om sin daaruit te maak. Du Plooy (2001; 2002) beklemtoon ook die rol van die Bybelleser en die Bybelvertaler. Die sogenaamde *oop plekke* ('*Leerstellen*') word deur die leser vertolk en gevul in 'n gelowige omgang met die teksgeworde openbaring. Die blanko of leë plekke se vulling is met name ten opsigte van die Bybel as kanonieke literatuur nie 'n willekeurige proses nie, want dié gesagvolle teks is 'n vaste pool wat instruksies aan die leser gee waarvolgens sy/haar reaksies gelei word (Iser, 2001:1678-1679) – in die geval van die gelowige leser en navorser instruksies waarvolgens geloofsreaksies gelei word.

Wat die bestudering van die Openbaringboek in besonder betref, is dit uit die wyd uiteenlopende interpretasies in die magdom literatuur wat in die navorsings-geskiedenis van dié Bybelboek gepubliseer is, duidelik dat verskillende lesers in hulle lesersrol verskillende 'invullings' in die leë of oop plekke maak. Dit is te verwagte, aangesien die apokaliptiese genre in 'n literatuurteks soos Openbaring gekenmerk word deur *dig gekodeerde* taal. Getallekodes, kleurkodes en diere as simbole word aangewend in 'n gedramatiseerde narratief waarin die tempelkultus van die Ou Testament en die aanbiddingslewe van die vroeë Christene sterk figureer (Blevins, 1984:12-16). Die boek kan nie sonder om die verwagtings-horison van sy ontstaanskonteks in ag te neem, geïnterpreteer word nie. Dit maak die vul van die leë plekke in dié betrokke openbarende ('ont-dekkende') narratief 'n uiters komplekse en verantwoordelike onderneming. Maar sonder die rol van die leser wat verantwoordelik vanuit die instruksies wat daar wel in die vaste pool van die teks opgesluit is sy teksvulling doen, sal die Openbaringboek 'n enigmatiese geheimskrif wees waarin die oop plekke blanko sal bly.

(iii) *Die leser en diverse referensiële benaderings*

Tot dusver is die bespreking van die leser se rol in die bepaling van 'n teks se betekenis vanuit 'n algemene literêre gesigshoek gevoer. Omdat die leser of ontvanger van die gekommunikeerde teksboodskap egter in die lesersentriese benaderings soveel aandag ontvang, is dit logies te verwag dat verskillende ander faktore – ook buiteliterêre en buitetekstuele aangeleenthede – in hierdie benaderings 'n rol sal speel. Dit is reeds hierbo gestel dat die leser/ontvanger in sy/haar eie (komplekse) konteks in verskillende referensiële terreine leef. Die leser as hoofrolspeler in betekenisgenerering (volgens die radikale leserrespons-teorieë) of as mede-rolspeler in betekenisvulling en betekenisvasstelling en die

aktualiseerder van betekenis (in die gematigde leserrespons-teorieë) betrek dan hierdie referensiële of mimetiese of eie voorkeur-konteks in die werklikheid wat in die teks weerspieël sou wees, in sy/haar leesaktiwiteit.

In 3.1.2.2.2 hierbo by die bespreking van die relevansie van die tekssentriese benaderings tot literêre tekste is opgemerk dat die begrip *konteks* onder meer kan dui op aangeleenthede of aspekte wat wel buitetekstueel is, maar hulleself tog onmiskienbaar *in* die teks laat geld. So gesien is die teks dan in 'n sekere sin 'n funksie van een of ander buitetekstuele konteks. Alhoewel nog nie heeltemal eksplisiet in hierdie betekenis van die term *teks* teenwoordig nie, is bevind dat strukturalistiese studies so 'n beskouing van die term *konteks* reflekteer.⁸⁷ Dié beskouing is egter eers in die lesersentriese benaderings eksplisiet en uitgesproke teenwoordig.

Die fokus in literatuurstudie met 'n sterk klemplasing op die eksplisiete rol van die leser sal gevolglik ook op die insigte vanuit ander dissiplines gerig wees, soos byvoorbeeld morele en religieuse studies, sosiologiese en politieke, feministiese (genokritiese), etniese, argetipiese en psigologiese studies (vgl. weer Stevens & Stewart, 1996:67-112). 'n Paar van hierdie referensiële terreine se invloed op die lesersrol, en voortvloeiend daaruit dan ook die leser se invloed op teksbetekenis, word vervolgens kortliks aangestip. Dit word as't ware slegs kripties gestel, aangesien dit nie op hierdie punt essensiële waarde tot die bereiking van die oogmerk van hierdie studie toevoeg nie. Dát die faktore invloed uitoefen en 'n rol speel in teksontleding in die opset van die huidige studie, is belangrik om van kennis te neem, en nie soseer wêlke invloed en op watter besondere wyse elk van die mimetiese werklikhede wat na die teks toe geprojekteer word, se invloed is nie. Daar word egter volledigheidshalwe wel kennis geneem van die verskillende manifestasies van lesersentriese motiewe en kontekste in teksanaliserings. Die algemene literêre perspektief op die lesersrol (soos in (i) en (ii) hierbo behandel) word verder as voldoende geag om die invloed van die leser op teksinterpretasie aan te dui.

- *Religieuse studies*

Religieuse studies fokus op religieuse werke (byvoorbeeld preekbundels) en ook 'sekulêre' literatuur waarin religieuse motiewe 'n rol speel (Van Deventer, 2001: 74-75). In hierdie verband sou ook kommentare genoem kan word. Malina en Pilch (2000) noem hulle kommentaar op die Openbaringsboek 'n '*social science*

⁸⁷ Soos bespreek in die studies van die Tsjeggiese Strukturalisme, die Franse Strukturalisme, en veral in die Post-strukturalisme (Dekonstruksie) en Semiotiek – vgl. 3.1.2.2.1 (ii.ii)-(ii.v) hierbo.

commentary’, maar verklaar dan dat dit ’n poging is om in billikheid teenoor die skrywer en die ‘*original audience*’ ’n interpretasie vir die *huidige leser* te bied (Malina & Pilch, 2000:vii, 1). Hulle wil dus die historiese in aanmerking neem, maar dit vanuit die perspektief van die eerste én (die) latere ontvangers se interpretasie wat saakmakend belangrik is.

Die leser van religieuse stof soek na openbarende inligting en morele waarde in die leesproses. Daarin gaan dit ook om morele kritiek. Die ontvanger kom vanuit ’n bepaalde tradisie of paradigma van denke na die literatuurteks en vorm sy interpretasie van die teks daaruit en daarvolgens. So ’n benadering kan natuurlik naïef en eensydig wees: om dit waarna gesoek word, ten alle koste te probeer vind en aan te toon.

- *Literatuursosiologie*

In literatuursosiologie gaan dit oor die empiriese ondersoek na die verband tussen literatuur en die samelewing. Die sosiale funksie van literatuur word beklemtoon (Du Plooy & Viljoen, 1992:32). Die resepsie van literatuur word belangrik geag, en die leser oefen juis op daardie wyse ’n belangrike invloed uit op die evaluering van literatuurtekste en die vasstelling van wat die literatuurtekste sou kommunikeer.

- *Argetipiese studies*

Daar is reeds vroeër by die bespreking van Northrop Frye se bydrae tot die beskouing van die Bybel-as-literatuur verwys na sy beklemtoning van die argetipes in die Bybel (Frye, 1957; 2.2.2.6.1(i)). In sy betoog beskou hy die Bybel as die raamwerk vir Westerse literatuur. Leland Ryken se werk kan in ’n sekere sin as ’n voortsetting van Frye se argetipiese benadering tot literatuur beskou word (Ryken, 2005, Ryken & Ryken, 2007; vgl. 2.2.2.7.2(iii)). Die kritiek teen ’n argetipiese benadering van literatuur deur die leser is dat dit reduksionisties van aard is en literatuur verskraal tot ’n paar eenvoudige patrone wat die leser (wat so geöriënteerd is) daarin wil inlees (vgl. Van Deventer, 2001:90).

- *Marxistiese (sosiologiese en politiese) benaderings*

In Marxistiese (verstaan as sosiologies-politiese) benaderings tot literatuur is die sosiale dimensie van literatuur ‘*absolutely indispensable*’. Skrywers kan nie ontsnap van hulle ideologie en sosiale agtergrond nie. Volgens Bertens sal die

sosiale realiteit van die skrywer altyd deel van die teks wees (Bertens, 2003:90; vgl. Mandelkow, 1978, vir 'n volledige bespreking van resepsie-estetika en marxistiese literatuurteorie). Hieruit volg logies dat die sosiale realiteit van die ontvanger wat vanuit hierdie ideologie 'n teks benader, ook altyd deel van teksinterpretasie sal wees. Alan Boesak se *Troost en protest* (1987) is 'n goeie voorbeeld van 'n werk waarin die skrywer die relevansie van Openbaring in die sosiale realiteit van die moderne samelewing uitlig (sonder om vrye teuels aan spekulاسie te gee).

- *Feministiese lesings van literatuur*

Feministiese literatuurstudie het 'n ideologiese en politieke motivering. Dit is nie in die eerste plek 'n metode nie, maar 'n leesstrategie (Levine, 2010:156). In haar publikasie met die titel *Lethal love: feminist literary readings of Biblical love stories* (1987; vgl. ook die vroeëre verwysing daarna in 2.2.2.7.1(iv)), stel Mieke Bal dit duidelik dat haar interpretasies van die Bybelverhale 'n alternatief tot ander, tradisionele lesings wil bied (Bal, 1987:132). Sy verklaar wat haar doel in 'n feministiese benadering tot die Bybelverhale is, naamlik “...*breaking open the too monolithic readings projected on the Hebrew love stories*” (Bal, 1987:132; vgl. Page, 2003:43-46 vir 'n bespreking van perspektiewe op geslagtelikheid en narratiewiteit).

Binne die ondersoekveld van Bybelnavorsing kan wat anti- of post-Christelike feministiese lesers die *seksistiese* en *patriargale* tradisie van die Bybel noem, vir hulle aanleiding gee tot die verwerping van die totale Judees-Christelike tradisie. Dit kom vir hulle neer op 'n primêre bron van menslike onderdrukking. Ander Bybelwetenskaplikes wat wel begrip vir en simpatie met feministiese lesings toon, aanvaar nogtans die Bybel se globale outoriteit met konsentrasie op die openbaring van die menswording van Christus daarin (Nordling, 2005:229). As voorbeelde van 'n feministiese benadering van die boek Openbaring kan die kommentaar van Schüssler Fiorenza (1991) genoem word, asook artikels van onderskeidelik Pippen en Kim: *Eros and the End: reading for gender in the Apocalypse of John* (Pippen, 1992) en *Uncovering her wickedness. An inter(con)textual reading of Revelation 17 from a post-colonial feminist perspective* (Kim, 1999).

- *Psigoanalitiese (psigoanalitiese) studies*

Psigoanalitiese benaderings tot tekste het ten doel om die oorspronklike teks saam te stel of te hêr-stel, aangesien die geskrewe teks voor hande deur psigiese faktore

‘gekorrupteer’ is.⁸⁸ Die leser het dus die funksie om betekenis uit die ‘onderbewuste’ van die teks (volgens Freud se teorie oor die werking van die onbewuste of onderbewuste) voort te bring. Die teks is – so benader – die weg waarlangs die leser (en nie die teks nie) betekenis genereer.

- *New Historicism*

Die *New Historicism* is reeds by die behandeling van historiese benaderings tot literêre tekste bespreek (vgl. weer 3.1.2.1.1(i.iv)), maar word ook soms onder lesersentriese benaderings gegroepeer (Du Plooy & Viljoen, 1992:35). Dit is ’n terugkeer na die geskiedenis om groter klem te plaas op die interaksie wat tussen teks en leser moet plaasvind. *New Historicism* wil eventueel die geskiedenis dekonstrueer en gebruik die teks daarvoor. Alhoewel die fokus nog wel grootliks histories bepaald is, is die belangstelling hoofsaaklik in dit wat die leser met die teks maak.⁸⁹

- ♦ *Die invloed van diverse referensiële benaderings op Bybelwetenskaplike navorsing*

Omdat verskillende benaderings uit die diverse referensiële of mimetiese reflektings van die/’n werklikheid dikwels volgens die voorkeur van ’n bepaalde leser betrek word, bestaan die gevaar dat daar eensydige en as’t ware willekeurige interpretasies gegee sal word. Dit kan dalk wel binne die raamwerk van Postmoderniteit legitieme benaderings wees solank die navorser/ontvanger van die gekommunikeerde teksboodskap sy vertrekpunte eerlik verklaar. Daar sal in die Bybelwetenskap egter daarteen gewaak moet word dat die kontekstuele benaderingshoeke van die leser nie bloot willekeurige voorkeure is en nie werklik voortspruit uit voorwetenskaplike voorveronderstellings nie (vgl. 2.2.2.7.0 vir Postmoderniteit se erkenning van vooronderstellings of voorveronderstellings). Eensydige benaderings vanuit ’n gekose referensiële gesigshoek deur die leser kan die instruksies wat in die teks teenwoordig is, verbygaan. Vir die Skrifgelowige navorser is die instruksies van die gesaghebbende Bybelteks egter te alle tye die appèl van die Outeur wat via die teks gesagvol op die leser binne sy/haar konteks aandring.

⁸⁸ Vir ’n redelik omvattende bespreking van verskillende fasette van literatuur en psigoanalise kan Van Zyl red. (1990) geraadpleeg word.

⁸⁹ Vir die laaste vier referensiële benaderings, naamlik die Marxistiese, feministiese, psigoanalitiese en Nuwe Historistiese studies, is die teks as sodanig ’n middel tot ’n doel. Dit gaan nie net om die betekenis wat in die teks vervat sou kon wees nie, maar byna uitsluitlik oor wat die leser met ’n bepaalde oogmerk uit die teks kan haal.

3.1.2.3.2 *Relevansie van teorieë met 'n lesersentriese benaderingshoek vir die huidige studie*

Die vrae wat nou ná die bespreking van teorieë met 'n lesersentriese benaderingshoek tot die literatuurstudie weer na vore kom (soos ook by die evaluering van die relevansie van benaderings uit historiese en tekssentriese gesigspunte), is: Watter moontlikhede hou hierdie teorieë vir Bybelnavorsing in? Is dit in die resente akademiese navorsingskader van waarde, relevant, toepasbaar en belangrik? Die vraag na die relevansie, gebruiksgeldigheid en toekoms – veral in Bybelnavorsing – van literêre teorieë met 'n lesersentriese vertrekpunt vanuit die diverse kontekste van verskillende lesers in hulle benaderingswyse van die literatuurteks, moet dus nou aan die orde gestel word. Soos reeds gestel, is dit belangrik en gerade om dit ten opsigte van elke hoofbenadering tot literêre tekste vas te stel, sodat daar aan die einde van hierdie hoofstuk (Hoofstuk 3) en in Hoofstuk 4 gekom kan word tot die vasstelling en uitbouing van 'n verantwoordbare interdisiplinêre benaderingswyse waarvolgens die navorsing verder gerig kan word.

Dit het duidelik geword dat die lesersentriese benaderings tot die literêre teks gaan oor die sogenaamde *terugkeer na die leser*. Die rol van die leser staan met ander woorde in die generering, bepaling, interpretasie en aktualisering van betekenis in die sentrum van die aandag. Die leser se aktiwiteit verbesonder dan hoofsaaklik (so het die bespreking die navorsing verder gerig) in die leser se invulling van oop plekke of beduidende leegtes in die literatuur, en in hoe interpretasie plaasvind en betekenis gegenereer word.

Dat literatuur oop plekke bevat wat vir vulling vra, word sedert Wolfgang Iser se 1980-bydrae daaroor (Iser, 2001:1678 e.v.) redelik algemeen deur literêre teoretici aanvaar. Dit kan daarom gestel word dat dit steeds in die huidige tyd 'n *relevante* literêre konsep is wat nie deur die kontemporêre navorser geïgnoreer kan word nie. Oor die omvang van die rol van die leser in hierdie vulling van die ooptes en die leegtes in tekste is daar egter nie eenstemmigheid nie. Die verskil tree in deurdat verskillende beskouings gehandhaaf word met betrekking tot die invulling van die 'onvertelde' of 'nie-gemelde' in 'n teks. Sommige ag die teks se binding in hulle interpretasie meer betekenisvol (*betekenisvol* letterlik bedoel as betekenis-vol; dus: vol betekenis) as ander.

Dit het verder reeds geblyk (vgl. 3.1.2.3.1 hierbo) dat ook in die Bybelwetenskap aanvaar word dat die oop plekke in literatuur, dus ook in die Bybel-as-literatuur (dit is: die Bybel as 'n bundel literatuurtekste) deur die leser gevul moet word. Dit bring die rol van die leser van die Bybel na vore as 'n aktualisering van die Bybel in nuwe betekenisdimensies in en vir nuwe tye waarin die Bybel in sy gesagvolheid bly geld. Dit spruit in die geval van die Bybel as 'n gesagvolle religieuse teks voort uit die feit dat die Skrifopenbaring

nie net vir 'n bepaalde tyd geskryf is nie, maar as't ware *tydloos* is (dit is: gerig op elke tyd, te alle tye).

Oor hoe ver die rol van die leser in die aktualisering van die Bybelteks deur die vulling van die leë plekke (mag) gaan, is daar net soos in die algemene literatuurstudie ook nie tussen Bybelwetenskaplikes eenstemmigheid nie. Sommige ken 'n groter rol as ander toe aan die leser in die bepaling van (kontemporêre) betekenis in die Bybelteks, soos byvoorbeeld Lundin, Walhout en Thiselton (1999), Fowl (2000) en Wall (2000). Ander teoloë is meer terughoudend in hulle beskouing van die rol van die leser. Sternberg (1985) en Vanhoozer (1995) is onder andere voorbeelde van laasgenoemde benadering. Dit sal die Bybelnavorsers en -lesers se welbewuste verantwoordelikheid bly om in elke oop plek met deeglike oorweging interpreterend 'tuis te kom' en die beduidendheid van die leë ruimte vas te stel, te interpreteer en met betekenis te vul.

'n Belangrike aspek wat uit die bespreking van die lesersentriese benaderingswyse tot literatuurtekste na vore tree en as't ware vanself geaksentueer word, is dat dit vasstaan dat betekenisbepaling nooit as 'n volledige willekeurige handeling deur die ontvanger(s) van die gekommunikeerde teksboodskap (met sy oop plekke) beskou kan word nie. Interpretasie en resepsie van die teks is nie totaal arbitrêr nie (Zima, 1999:ix). Daar is hoofsaaklik twee redes waarom selfs die leserrespons-teorieë wat die aandag voluit op die betekenisgenerering in die ontvangskonteks van die gekommunikeerde teksboodskap laat val, ook reken met bepaalde betekenis-aanduikers. Die twee redes word kortliks bespreek.

- *Eerstens:*

Interpretasie word steeds gestuur deur die tekstuele aspekte van fonetiese, semantiese, sintaktiese en narratiewe strukture wat in die literatuurteks teenwoordig is en hulle invloed uitoefen (Zima, 1999:189-213; Du Plooy, 2001:14; Snyman, 2002:442-443). Dat die leser binne eie kontekstuele raamwerke bestaan en leef, en dat hierdie kontekstuele faktore saam met die tekstuele aspekte medebepalend in die proses van betekenisgenerering en interpretasie van betekenis is, kan nie ontken word nie. Die teks is die plek waar die polisemiese aard van simboliese taaltekens *beperk* is juis omdat hulle *in* die teks hulle funksie vervul. Die Italiaanse teoretikus Umberto Eco skryf: "*A text is a place where the irreducible polysemy of symbols is in fact reduced because in a text symbols are anchored to their context.*" (Eco, 1990:21.) Die teks plaas op sy beurt weer beperking op watter betekenis aan en interpretasie van die teks gegee kan word. Du Plooy skryf soos volg oor die teks se oopwees vir kreatiewe invulling deur die leser binne die beperkinge wat die teks steeds op – en *om* (JPB) – die leë plekke uitoefen:

Hoewel taaltekens paradigmatis en teoreties oop is vir oneindige betekenis, is hulle sintagmatis en tekstueel slegs oop vir dié onbepaalde interpretasies wat deur die teks toegelaat word en dit is nie oneindig of absoluut vry nie. Die onderskeid tussen *onbepaald* en *oneindig* is hier van belang. Enige interpretasie is 'n dialektiek tussen *oopheid* en *vorm*, tussen die kreatiwiteit en inisiatief aan die kant van die interpreteerder en die beperkinge en grense van die tekstuele konteks. (Du Plooy, 2001:14; beklemtoning deur kursivering van JPB.)

▪ *Tweedens:*

Interpretasie is volgens Fish se beklemtoning van '*interpretive communities*' (Fish, 1980:322,338) nie 'n individualistiese, relativistiese en willekeurige handeling nie. Die volgende uit Fish se beredenering van die interpretasie-gemeenskap se rol in die ontsluiting en generering van betekenis is insiggewend. Dit open waardevolle perspektiewe op die rol van 'n geloofsgemeenskap in die interpretasie van 'hulle' religieuse literatuur:

...[s]omeone whose very being is defined by his position within an institution...testifies that the practice or meaning in question is community property, as, in a sense, he is too. // We see then that (1) communication does occur, despite the absence of an independent and context-free system of meanings, that (2) those who participate in this communication do so confidently rather than provisionally (they are not relativists), and that (3) while their confidence has its source in a set of beliefs, those beliefs are not individual-specific or idiosyncratic but communal and conventional (they are not solipsists)...//... [r]ather than acting on their own, interpreters act as extensions of an institutional community,..." (Fish, 1980:320-321).

Na analogie van hierdie verklaring van Fish kan 'n geloofsgemeenskap soos die Christelike per definisie as 'n interpretasiegemeenskap beskou word. Gelowige Bybelnavorsers is 'n gemeenskap wat 'n teologiese konteks vir elke nuwe lesing skep. Die 'teologie' en tradisie van die gemeenskap is die resultaat van 'n interpretasie-gemeenskap van gelowiges se vertolking van die Bybel oor die eeue heen, synde '*extensions of an institutional community*'. Die Bybel is hulle '*source*', hulle geloofsimbole (belydenisskrifte) is hulle '*source in a set of beliefs*'; dit is '*community property*' wat wesenlik '*communal and conventional*' is onder hulle wat self gesamentlik ook '*community property*' is. Interpretasie word daarin saamgevat. En betekenis word geaktualiseer '*in front of the text*' (Parry, 2005b:658; 3.1.2.3.1), waaruit die gemeenskap dan leef.

Watter afleidings kan of moet nou gemaak word binne hierdie betoog oor die relevansie van die lesersentriese benaderings tot tekste en spesifiek tot die Bybelteks?

Enersyds beklemtoon die verskillende standpunte wat ingeneem word en die verskillende aksente wat gelê word dat teorieë met 'n lesersentriese benaderingshoek in die kontemporêre tyd onteenseglik relevant vir Bybelnavorsing is. Andersyds bring dit die navorser en leser diep onder die indruk van die groot verantwoordelikheid wat op die gelowige navorser en leser rus om die Bybelteks verantwoordelik en verantwoordbaar te interpreteer en te vertolk. Hoe kompleks die lesersrol in die vasstelling of ontsluiting van die Bybelteks ook al is, die interpretatiewe rol van die ontvangers kan nooit deur die Bybelwetenskaplike ontsnap word of die belangrikheid daarvan ontken word nie. Dit vra van gelowige navorsers dat hulle hulle teologiese interpretasies van die Bybel (die Skrifteks wat as teksgeworde openbaring 'n literatuurgestalte het) met die hulp van narratoloë in “*close, sensitive readings of those texts*” sal begrond (Parry, 2005a:531). Wat Parry hier aan teologiese analiseerders van die Bybelteks suggereer, is presies wat in die volgende hoofstuk, Hoofstuk 5, met die narratologiese lesing van die boek Openbaring beoog word. Die narratologie, waarbinne die rol van die leser in die kontemporêre tyd besondere aandag kry, is dus uiters belangrik vir die huidige studie. Vander Weele beklemtoon ook die noodsaaklikheid van teologiese navorsing wat binne 'n groter navorsingsgemeenskap sy plek (moet) inneem:

Reader-reponse theory...does...help to account for the diversity of interpretations and to encourage participation in a community of interpreters. Such a goal is a worthy one for Christians, who wish to stand both within their own traditions and within culture at large. (Vander Weele, 1991:146.)

Die gevolgtrekking waartoe gekom word met betrekking tot die relevansie van teorieë met 'n lesersentriese benaderingshoek tot tekste is dat dié benaderingswyse nie net *relevant* is vir enige verantwoordelike Bybelnavorsing nie, maar dat dit ook *noodsaaklik* is daarvoor – veral in die kontemporêre konteks waarin die debat oor leserrespons en die lesersrol besonder aktueel is. Daarsonder sal die openbaring van God in die teksgeworde vorm daarvan in die Bybel-as-literatuur nie suiwer vertolk kan word nie. Soos ook in verband met die ander twee benaderingshoeke (die historiese en die tekssentriese) wat vroeër bespreek is, gestel is, word daarmee nie beweer dat dié benadering die enigste geldige benaderingswyse tot die ontsluiting van die Bybelteks se (openbarings-)betekenis is nie, maar word dit met stelligheid geponeer dat aandag aan die lesersentriese benadering ook 'n *onmisbare deel* daarvan vorm. *Teorieë uitgaande van 'n lesersentriese benaderingshoek is dus ook vir die huidige studie relevant en as belangrik en noodsaaklik aangedui.* Daar sal daarom in die verdere verloop van die navorsing wat gedoen word, onder meer ook aangesluit word by hierdie benaderingswyse tot die Bybel-as-literatuur.

3.1.3 Samevatting van die bevindings in verband met die verskillende literêre hoofbenaderingswyses tot literêre tekste en die implikasie daarvan vir die huidige studie

Die bevindings van die ondersoek en evaluering van die drie verskillende hoofbenaderingswyses tot literêre tekste word nou saamgevat, waarna die implikasie van die verkreeë resultate ook vasgestel en gemotiveer word.

▪ *Samevatting*

Samevattend kan gestel word dat al drie die hoofbenaderingswyses tot die literatuurteks – *histories-krities*, *tekssentries* en *lesersentries* – wat hierbo in 3.1.2 bespreek is, as relevant en belangrik aangedui is vir die navorsing waarvan die neerslag in hierdie studie gebied word, al is laasgenoemde – die lesersentriese benaderings – sedert die begin van die sewentigerjare van die vorige eeu die mees aktuele en heersende benaderingswyse.⁹⁰

▪ *Implikasie*

Die implikasie daarvan dat daar tot dieselfde gevolgtrekking by elk van die drie hoofbenaderingswyses gekom is (onderskeidelik in 3.1.2.1.2, 3.1.2.2.2 en 3.1.2.3.2), is dat die verskillende groepe teorieë wat in hierdie studie bespreek is nie een sonder waarde vir Bybelnavorsing geag mag word nie. In die verdere navorsing wat in hierdie studie gedoen word, sal elemente van al drie benaderingswyses dus teenwoordig kan wees en in 'n globale benadering saam kan figureer. Voortspruitend daaruit kan verskillende teksanaliseringsmetodes gesamentlik aangewend word.

▪ *Motivering vir die inagneming en verrekening van die implikasie*

As motivering vir bogenoemde globale benadering wat aangedui is en nou ook as 'n werkwyse geïmpliseer is, dien – benewens die relevansie wat elkeen van die drie hoofbenaderingswyses vir Bybelnavorsing het – dit wat by 3.1.1.3 reeds opgemerk is, naamlik dat dit in nuwer literêr-teoretiese werke opvallend is dat daar vryelik tussen verskillende benaderings beweeg word. Die rede vir hierdie vryer beweging en soepelheid is dat daar 'n weerstand ontstaan het teen presiese en strak, uitsluitende kategorisering binne een bepaalde benadering. Die metodes waarin die teorieë neerslag vind, kan hiervolgens

⁹⁰ *Aktualiteit* en *relevansie* is nie sinonieme begrippe nie, maar gaan wel dikwels hand aan hand. Wat as aktueel beskou word, is meestal ook 'n relevante gegewe in die tyd waarin dit aktueel is. Dit geld veral ook teorieë en teorievorming. Literêre teorieë wat die literêre teks byvoorbeeld vanuit 'n bepaalde hoek benader, kan op 'n gegewe tydstip in die literatuurgeskiedenis sowel aktueel as relevant wees.

aanvullend tot mekaar gebruik word. Dit kan gestel word dat so 'n benadering die mees verantwoordelike omgang met literêre tekste is – om daardeur te verseker dat die beste metodes en die meeste moontlikhede voor hande gebruik word om die ontsluiting van die betekenis van literêre tekste verantwoordbaar te laat plaasvind. Daaruit volg dat die tekste eventueel ook verantwoordbaar geïnterpreteer word. Met name geld dit die wetenskaplike omgang met die gesagvolle religieuse literatuurteks wat as die *Christelike Bybel* bekendstaan.

- *Benaderingshoek en navorsingsmetode*

'n Benaderingshoek tot die studie van Openbaring word in die lig van die bogemelde implikasie waartoe die bevindings lei, in die volgende deel van die studie, die oorbruggingsgedeelte tussen die literêre metateorie en die teologiese basisteorie (Deel 2, Hoofstuk 4) geformuleer. 'n Navorsingsmetode om die Openbaringboek te bestudeer, word ook dan vasgestel. Tendense in literêr-teoretiese navorsing word nou eers oorsien.

3.2 TENDENSE IN LITERÊR-TEORETIESE NAVORSING

3.2.0 Inleidend: 'n geheeloorsig vir die bepaling van die huidige navorsingskonteks

Met 'breë historiese oorsig' en 'resente ontwikkelinge' wat hieronder onderskeidelik in 3.2.1 en 3.2.2 bespreek word, word in hierdie stadium van die navorsing nie 'n herhaling bedoel of beoog van dit wat telkemale – en reeds redelik volledig – in hierdie studie na vore gekom het nie. Dit wil bloot die tendense wat in die bespreekte literêre teorieë weerspieël is, in 'n geheeloorsig orden.⁹¹ Die waarde van 'n kort maar duidelike geheeloorsig op hierdie punt van die navorsing is dat die huidige studie ook verder deurgaans die kontemporêre literêr-teoretiese navorsingskonteks in gedagte sal hou.

Ná die tendense in literêr-teoretiese navorsing dan in 'n breë historiese oorsig (3.2.1) en in resente ontwikkelinge (3.2.2) aangestip is, word dit in 'n vlugtige sinoptiese flits saamgestel wat as die navorsingskonteks gesien word waarbinne die bestudering van literatuur (waaroor die huidige hoofstuk handel) verder ontvou (3.2.3).

⁹¹ Vir volledige en gedetailleerde inligting in verband met die geskiedenis en ook meer resente ontwikkelinge in die literatuurstudie kan Baldick (1996), Du Plooy (1986) en vele ander bronne wat reeds aangehaal is (sien veral by 3.1.1.2), geraadpleeg word.

3.2.1 Breë historiese oorsig oor literêrteoretiese tendense

Parry (2005b:658) se opsomming van die omgang met literatuur wat vroeër aangehaal is (sien weer 3.1.2.3.1), kan as die basiese historiese ontwikkelingspatroon in literêrteoretiese navorsing oor die laaste ongeveer honderd en vyftig jaar geneem word. Daarin onderskei hy drie stadia of hooftendense. Dit stem in breë trekke ooreen met die drie hoofbenaderingswyses wat hierbo in 3.1.2 bespreek is, naamlik die histories-kritiese, tekssentriese en lesersentriese benaderings tot literêre tekste.

Die ontwikkelingspatroon dui die hoofverskuiwings in literêrteoretiese navorsing aan:

- belangstelling in outeursintensie (teksbetekenis lê agter die teks);
- belangstelling in die teks self (teksbetekenis is in die teks geënkodeer);
- belangstelling in die resepsie van die teks (teksbetekenis word vóór die teks geaktualiseer).

Indien hierdie tendense en ontwikkelinge aan verskillende fases (tydperiodes) gekoppel sou word, kan die geheeloorsig soos volg gedateer word:

- die fokus op ‘agter die teks’ kan van ongeveer 1850 tot die beginjare van die twintigste eeu gestel word, alhoewel die tendens in die Teologie tot in die sestigerjare strek, terwyl dit in die Literatuurwetenskap slegs op die eerste jare van die eeu gestel moet word;
- fokus op ‘in die teks’ het in die eerste deel van die twintigste eeu oorheers – tot ongeveer die begin van die sewentigerjare;
- die fokus op ‘voor die teks’ is oorheersend sedert die sewentigerjare van die vorige eeu en oorheers teoretiese navorsing in ’n groot mate tot op datum.⁹²

By die poging om ’n tydraamwerk te bied waarbinne die verskillende benaderings geplaas kan word, moet natuurlik weer opgemerk word dat die verskillende stromings en tendense meermale gelyklopend of chronologies gedeeltelik oorvleuelend was/is. Literêre teorieë sluit mekaar in baie opsigte nie uit nie, maar vul mekaar aan (Van der Merwe, 1998b:85). Nuweres ontwikkel op die basis van ouer modelle, en die ouer

⁹² Parry dui dié drie stadia, wat die ‘*historiese narratief*’ van literêrteoretiese interesse genoem kan word, weliswaar as *twintigste-eeuse* ontwikkelinge aan, maar die eerste stadium (met sy fokus op outeursintensie) gaan veral in die teologiese omgang met die literatuurteks *Bybel*, soos hierbo aangedui, reeds terug na die middel van die negentiende eeu. Die drie stadia wat onderskei word, word soms omskryf as die fases waarin die teks onderskeidelik as dokument, as monument en as teken beskou is/word (vgl. vroeër reeds by 3.1.1.3).

teorieë bied daarom dikwels die noodsaaklike onderbou van verdere ontwikkelinge (vgl. ook weer in 3.1.0 die inleidende opmerkings tot hierdie hoofstuk).

Die oorgang van 'n historiese na 'n formalisties-strukturalistiese en uiteindelik na 'n meer intertekstuele en funksionalistiese literatuurbenadering kenmerk in geheel gesien die evolusie/ontwikkeling van die Westerse Literatuurwetenskap (Van Gorp, 1999:3). Oortuigingskrag word toenemend belangriker as tegniese *procédés* geag (vgl. Booth, 1983; Bakhtin, 1992). 'n Intertekstuele en gevolglik 'n meer funksioneel-dinamiese benadering het dus algaande ontwikkel (Van Gorp, 1999:4) en voltooi die beeld van die geheeloorsig in die kontemporêre tyd.

In die tagtigerjare van die twintigste eeu bereik literêre teorievorming sy hoogwatermerk. Barry noem dié dekade die '*moment of theory*' (Barry, 2002:1). Dit kan selfs 'n tyd van teoretiese hipertrofie genoem word (Du Plooy, 2001:5).

3.2.2 Resente ontwikkelinge

Die nuutste ontwikkelinge in literêr-teoretiese navorsing wat veral sedert die negentigerjare van die twintigste eeu sigbaar geword het, trek in die onderstaande vyf tendense saam. Dit kan as die huidige of kontemporêre tendense beskou word waarbinne hierdie studie reliëf vind.

3.2.2.1 Afname in die ontwikkeling van nuwe literêre verhaalteorieë

In die negentigerjare van die twintigste eeu het die ontwikkeling van nuwe literêre teorieë afgeneem. Dit is opmerklik dat literêre teorievorming in die resente tyd (ná 1975) veral onder die 'sambree' van *narratologiese teorieë* saamgetrek het (vgl. onder meer weer 2.2.2.7.1(iii) in verband met die belangstelling in die narratief-genre in die bestudering van die Bybel-as-literatuur). Publikasies gaan, wat narratologiese teorieë betref, in die negentigerjare van die vorige eeu en sedertdien van teoretiese grondslae uit wat reeds gelê is en goed neerslag gevind het. Daar is aanduidings dat 'n behoefte aan bestek ontwikkel het asook aan 'n herwaarding van wat in die loop van die twintigste eeu op literêr-teoretiese gebied aangebied is (Du Plooy, 2001:6).

Die tyd ná tagtig is die tydperk wat volgens Barry '*the hour of theory*' genoem kan word; dit is in opvolging van sy tipering van die tagtigerjare as die '*moment of theory*' (Barry, 2002:1; vgl. 3.2.1 hierbo). Met '*hour of theory*' bedoel Barry dat die teoretiese formules nou 'toegepas' en aangewend (moet) word. Teorieë is ook nie meer (net) die saak van teoretici nie, maar dit word die gebruiksinstrument van die beoefenaars van die Literatuurwetenskap. Daarom het resente literatuurwetenskaplike werke ten doel om

bestaande teorieë vir gebruik helder te definieer en te formuleer en nie soseer om nuwe teorieë en metodes te ontwerp nie. Publikasies wat in hierdie studie reeds aangehaal is, dien as uitgebreide en verteenwoordigende voorbeelde daarvan.⁹³

3.2.2.2 Verskuiwings in narratiewe en narratologieë

'n Verdere tendens in resente literêr-teoretiese besinning is om naas die duidelike formulering van bestaande teorieë die pretensie van narratiewe en narratologieë om stabiele strukture te wees, uit te wys en te bevraagteken. '*Diversification*', '*deconstruction*' en '*politicisation*' word deur Currie (1998:2-6) die drie kenmerke van kontemporêre narratologiese verskuiwings genoem. Dit is nietemin tog opvallend dat daar in die sogenaamde Postmoderne narratiewe en narratologiese teorieë steeds met gevestigde terminologie gewerk word wat dus steeds geldigheid geniet – al is dit dan juis om dit te kritiseer.

3.2.2.3 'Demokratisering' van die leser

Die leser se rol in die benaderings tot en lees van literatuur het mettertyd meer aandag begin geniet, belangriker geword en selfs sentraal in die navorsingsfeer te staan gekom. Dit is hierbo (3.1.2.3) in die bespreking van die lesersentriese benaderingswyse tot die literatuurteks uiteengesit. Dié tendens kan die *demokratisering* van die leser genoem word: die 'regte' van die leser word beklemtoon, selfs oorbeklemtoon (Snyman, 2002:441). Dit laat Van Gorp na die leser verwys as die '*sinstichtend subject*' van die literatuur (Van Gorp, 1999:16). Die teks verloor sy bevoorregte posisie en word deel van 'n netwerk van ander tekste (is dus intertekstueel te beskou en te benader) en vir sy betekenis afhanklik van die leser. Die leser, word gesê, skep selfs gedeeltelik deur die leeshandeling die literêre werk (Grant, 1989:6). Betekenis lê hiervolgens dus nie primêr – en beslis nie uitsluitlik – in die outeur en/of die teks nie, maar word deur die interaksie tussen die teks en die leser gegenereer.

3.2.2.4 Groeiende belangstelling in die Bybel-as-literatuur

In die twintigste eeu het daar 'n groeiende belangstelling in die Bybel-as-literatuur ontwikkel (Jasper, 2003:21). 'n Driehoekige stryd het algaande ontwikkel tussen 'n histories-kritiese benadering tot die Bybel-as-literatuur, literêre analise van die Bybel en

⁹³ Vergelyk onder meer Selden & Widdowson (1993), Green & LeBihan (1996), Stevens & Stewart (1996), Jefferson & Robey, eds. (1997), Zima (1999), Toolan (2001), Leitch ed. (2001), Barry (2002), Bertens (2003), Herman (2004), Guerin *et al.* (2005), Herman & Vervaeck (2005) en Resseguie (2005). Laasgenoemde is in besonder op narratologie in die Nuwe Testament toegespits.

‘*the ancient ruler of Biblical interpretation – religion*’ (Geller, 1983:4,5). ’n Kompromie is gevind in ’n kanonieke of redaksionele benadering, waarin met die (Bybel-)teks gewerk word soos dit uit die hand van die finale outeur gekom het, met ander woorde soos die teks vandag is.

3.2.2.5 Holistiese benaderings met variërende aksente

Die laaste tendens in kontemporêre literêr-teoretiese navorsing wat genoem moet word, is dat daar in die Literatuurwetenskap gewerk word vanuit en met globale en holistiese benaderings. Dit is steeds eie aksente wat in hierdie benaderings gelê word, maar die positiewe in die tendens is dat eensydighede in ’n mate teëgewerk word. In navorsingskonteks lei hierdie tendens tot interaksie, interdisiplinariteit en multidisiplinariteit wat die resente literatuurteoretiese benaderings betref (Van Gorp, 1999:5-7; Currie, 1998:6).

3.2.3 Samevattende oorsig oor die huidige literêre navorsingskonteks

Die buitelyne van die literêre navorsingsopset waarbinne die huidige studie gedoen word, kan nou soos volg getrek word:

Die kontemporêre konteks van literêre navorsing is oorwegend lesersentries geöriënteerd wat die benadering, analisering en interpretasie van literêre tekste betref, terwyl historiese en tekssentriese benaderings saam met die heersende lesersentriese benaderings wel steeds as relevant geag en gehandhaaf kan word, mits dit so gemotiveer kan word. Hierdie konteks, waarin belangstelling in die Bybel-as-literatuur toegeneem het, word gekenmerk deur verheldering en herwaardering van redelik algemeen gevestigde vroeëre teoretiese grondslae wat veral in oorkoepelende narratologiese teorieë holisties saamgetrek word, steeds met behoud van en ruimte vir variërende klemplasinge en verskillende aanwendingsmetodes.

3.3 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 3

Wat in Hoofstuk 3 gebied is, moet beskou word as ’n voortbouing op en verdere uitbouing van wat in Hoofstuk 2 bevind is. Daarom word eers weer vlugtig na die neerslag van Hoofstuk 2 se resultate verwys.

Die bevinding aan die einde van Hoofstuk 2 was naamlik dat die Bybel as teksgeworde religieuse openbaring *egte literatuur* is in die onmiskenbare *gestalte* van en met die hoë

gehalte van *taalkuns* as 'n algemene menslike verskynsel, waarin dit 'n *onderskeie* maar tog *sentrale* plek inneem – met name, maar nie *slegs* nie, binne die kultuurhistoriese (insluitend *literêre*) ontwikkelingsgang van die Christelik-Westerse wêreld. Die Bybel is, literêr gesproke, nie *lêts* anders as ander literatuur nie, maar is as literatuur met 'n teksgeworde religieuse openbaringsinhoud wel *anders* as ander (sogenaamde *sekulêre*) literatuur; dit wil sê dit is *unieke* literatuur (vgl. weer 2.2.4).

In Hoofstuk 3 is na aanleiding van bostaande bevinding waartoe in die vorige hoofstuk gekom is, gefokus op die *bestudering* van literatuur. Die soeklig van die navorsing het in hierdie hoofstuk geval op verskillende hoofbenaderingswyses tot literêre tekste. Die literatuurbenaderings wat ten grondslag van verskillende literêre teorieë lê, is ontleed. Teorieë wat onderskeidelik uitgaan van historiese, tekssentriese en lesersentriese benaderings tot die literêre teks is bespreek. Die moontlike invloed wat elk van die teorieë in elkeen van die genoemde drie hoofbenaderingswyses – en van elke benadering in geheel – op die Bybelwetenskap het, is telkens aangedui. Daaruit het dit duidelik geword dat nie een van die benaderings sonder waarde vir Bybelondersoek is nie. Elemente van al drie benaderingswyses kan dus in 'n globale benadering teenwoordig wees en in so 'n globale benadering saam figureer. Voortspruitend daaruit kan verskillende teksanaliseringsmetodes ook gesamentlik aangewend word. Uit hoofde van die invloed van hierdie benaderings uit die literêre navorsingsveld op die teologiese Bybelwetenskap is ook kennis geneem van die huidige literêre navorsingskonteks. Dit is opvallend in nuwer literêr-teoretiese werke dat daar vryelik tussen verskillende benaderings beweeg word. Teorieë kan dus aanvullend tot mekaar gebruik word. Deeglike kennisname en verrekening van raakpunte uit verskillende dissiplines is ook aan die orde van die dag. Daarmee het reeds 'n basiese oriëntering plaasgevind ten opsigte van hoe die ondersoek in hierdie studie verder kan en behoort plaas te vind.

Al hierdie fasette wat in Hoofstuk 3 aandag gekry het, is bespreek en vertolk as *eerste deel* van die teologiese proses van vasstelling, beskrywing en implementering van basisteoretiese beginsels van liturgies-himnologiese belang en betekenis vir liedskrywing vanuit die himniese stof van Openbaring. Daarom is die literêre vertrekpunte van Hoofstuk 2 en elke literêr-teoretiese benadering asook die hooftendense in literatuurstudie wat in Hoofstuk 3 omskryf is, relevant en van belang vir die bestudering van Openbaring.

In die volgende deel (Deel 2, bestaande uit Hoofstuk 4) word die wisselwerking en verband tussen die metateorie in hierdie navorsing, naamlik die Literatuurwetenskap, en die basisteorie, naamlik die Bybelwetenskap, eksplisiet beskryf en uitgewerk.

DEEL 2

INTERAKSIE TUSSEN METATEORIE EN BASISTEORIE

In die tweede hoofdeel van die navorsing – bestaande uit een hoofstuk, Hoofstuk 4 – word die verband en wisselwerking tussen die metateorie en die basisteorie van hierdie studie eksplisiet aan die orde gestel. Dit gebeur eerstens op die grondslag van die metateoretiese bevindings en resultate waartoe Deel 1 gelei het, en tweedens met die oog op dit wat in die basisteoretiese Bybelwetenskaplike Deel 3 in die voortuisig gestel word. Deel 2 het dus 'n verbindings- en oorbruggingsfunksie tussen metateorie en basisteorie.

Om die verband sinvol te lê, is dit nodig om net weer 'n kort terugblik op Deel 1 te werp. Die metateoretiese terreinverkenning van en vir hierdie studie wat tot dusver aan die orde was, het geskied aan die hand van die onderskeiding van metateoretiese vertrekpunte in die lig van literêre perspektiewe op dimensies van literatuur en op die Bybel-as-literatuur. Die vraag wat literatuur is, en of die Bybel wel literatuur is, is in Hoofstuk 2 ondersoekend behandel. 'n Prinsipiële plek- en betekenisbepaling van die Bybel tussen (ander) literatuur is ook gemaak. Die bevinding was dat die Bybel besondere, unieke literatuur is. In die tweede hoofstuk van Deel 1 (naamlik Hoofstuk 3) is kennis geneem van verskillende benaderings tot die studie van literatuur. Hoe en hoedanig bekende literêre hoofbenaderings Bybelwetenskaplike navorsing in besonder raak en (kan) beïnvloed, is ook voorlopig beredeneer. In die navorsingskonteks waarin belangstelling in die Bybel-as-literatuur toegeneem het en waarin verheldering en herwaardering van redelik algemeen gevestigde vroeëre teoretiese grondslae in veral oorkoepelende narratologiese teorieë holisties saamgetrek is (steeds met behoud van en ruimte vir variënde klemplasinge en verskillende aanwendingsmetodes), het algaande implisiet daarop begin dui dat 'n interdisiplinêre benadering en metode vir die bestudering van die Bybel-as-literatuur nie net verantwoordbaar is nie, maar ook as noodsaaklik beskou moet word.

Voortvloeiend uit bogenoemde bevindings in Deel 1 word die raakvlakke en gedeelde en gedeeltelik oorvleuelende fokuspunte van en tussen die Literatuurwetenskap en die Bybelwetenskap nou in Deel 2 onderskei. Die verhouding tussen al die relevante aspekte van beide teorieë (meta- en basisteorie) word in hulle simbiose en sinergie met mekaar belig. Die wyse van implementering van die literatuurwetenskaplike metateorie in die Bybelwetenskaplike basisteorie word in hierdie deel eksplisiet omskryf en beredeneer. Die metateorie word dus gesien en geïmplementeer as meer as net blote agtergrondkennis vir die basisteorie: die metateorie is in 'n simbiotiese verhouding by die basisteorie betrokke en die sinergie tussen die twee is opsigtelik. Die ondersoek lei tot die vasstelling en ontplooiing van 'n interdisiplinêre en multi-subdisiplinêre studieterrein. Hieruit word 'n globale benaderingshoek vasgestel en 'n bruikbare ondersoekmetode saamgestel vir die verdere ontplooiing van die studie in die ontwikkeling van die basisteorie wat in die vooruitsig gestel is. Die perspektief uit die geformuleerde benaderingshoek en die aanwending van die ontwerpde ondersoekmetode vorm dan onderskeidelik die koördinaat vanwaar vertrek word en die metode waardeur die opgawe en fokus van die volgende deel, Deel 3, ondersoek kan word.

HOOFSTUK 4

ONTGINNING VAN 'N INTERDISSIPLINÊRE EN MULTI-SUBDISSIPLINÊRE STUDIEVELD

4.0 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word eerstens 'n oorsig oor verskillende studie-areas binne die Literatuurwetenskap gegee met die doel om Literatuurwetenskap as 'n naasliggende dissipline aan die Teologie nader aan te dui. Sodoende word Literatuurwetenskap (ná wat reeds tot dusver bevind is) as metateorie van die Teologie herbevestig en nou eksplisiet in sy verband met en betekenis vir Bybelwetenskaplike navorsing gebring.

Daar moet ter inleiding egter eers goed onderskei word tussen sogenaamde *naasliggende* of *aangrensende dissiplines* aan die een kant en *subdissiplines* en/of *deelwetenskappe* aan die ander kant. Dit is nodig om duidelikheid hieroor te verkry, aangesien 'n bepaalde terminologiese problematiek daaromheen bestaan wat die fokus op die onderskeie toespitsinge binne die Literatuurwetenskap en die waarde wat dit vir die Teologie mag inhou, moontlik kan affekteer.

In hierdie studie word uitgegaan van die beskouing dat die Literatuurwetenskap 'n *naasliggende* wetenskap/dissipline aan die Teologie is, in besonder aan die Bybelwetenskap en kragtens die studieonderwerp ook aan die Himnologie as deel van die vakgebied Liturgiek binne die wyer verband van die Praktiese Teologie. Soos dit ook die geval in die Teologie is, is daar in die Literatuurwetenskap bepaalde studiefoci wat soms *subdissiplines* genoem (kan) word. Daarin word in diepte op sekere aspekte van die literêre navorsing gekonsentreer. Of dit in alle gevalle in die volle betekenis van die woord as subdissiplines verstaan kan/moet word, kan sekerlik bevraagteken word. Wat waarskynlik hoogstens gestel kan word, is dat dié studies subdissiplinêr binne die studie van literatuur funksioneer. Dit beteken dat navorsing wat wel op 'n bepaalde studieterrein in die Literatuurwetenskap toegespits is, uit 'n 'outonome', afsonderlike dissipline kan spruit wat selfstandig en in 'n mate onafhanklik van ander wetenskappe beoefen word, of dit kan selfs binne meer as een wetenskaplike dissipline in die navorsing van daardie betrokke dissiplines beoefen word. Dit tree in daardie geval dan op as 'n onderdeel of subdissipline van die dissipline waarin dit as deel van die wetenskaplike proses ingeskakel word. Dit bly nietemin steeds ook 'n selfstandige wetenskap wat afsonderlik bedryf kan word. *Semiotiek* kan as voorbeeld genoem word van 'n selfstandige wetenskap wat binne 'n ander wetenskap, soos onder meer in die Literatuurwetenskap, as 'n *subdissipline* of *deelwetenskap* betrek word (vgl. ook die aantekening hieroor in 3.1.2.2.1(ii.v) by die bespreking van die Semiotiek).

Met bostaande opmerkings in gedagte word studie-areas wat binne die ondersoekveld van die Literatuurwetenskap besondere aandag ontvang, hieronder bespreek, en wel onder die variërende noemers *subdissiplines*, *deelwetenskappe* en/of *toegespitste literêre studie-terreine*.

Die navorsing in hierdie oorbruggingshoofstuk tussen literêre metateorie en teologiese basisteorie verloop volgens logiese stappe. Enkele naasliggende dissiplines aan die Teologie word eerstens geïdentifiseer. Daarna word Literatuurwetenskap uit hoofde van die onderwerp van hierdie studie met sy duidelike literêre elemente wat in die titel en subtitel aangedui is, ook in besonder as 'n aangrensende of naasliggende wetenskap aan die Teologie onderskei. Daar word dus eers vasgestel watter wetenskaplike dissiplines as naasliggende dissiplines aan die Teologie grens en wat die posisie is wat die Literatuurwetenskap binne hierdie verband van naasliggende dissiplines inneem (4.1). Tweedens word verskillende fasette van die bestudering van literêre tekste wat as subdissiplines, deelwetenskappe en/of fokusareas in die Literatuurwetenskap betrek word, belig. Hulle word ook telkens in verband met hulle rol en relevansie vir die teologiese fokus van die huidige navorsing gebring. Dit vorm die grootste deel van hierdie hoofstuk (4.2). Die wyse van implementering van die literêre dimensies en perspektiewe in die basisteoretiese ondersoek wat in Deel 3 sal volg, word derdens vasgestel. In die proses word 'n benaderingshoek tot die ontleding en betekenisontsluiting van die Openbaringboek duidelik, en voortvloeiend daaruit word 'n metode vir die analise en interpretasie ontwerp. 'n Interdissiplinêre en multi-subdissiplinêre studieveld en -metode in die grensgebied tussen metateorie en basisteorie word sodoende vir ontginning afgebaken (4.3). Die interaksie tussen die literatuurwetenskaplike metateorie en die teologiese basisteorie wat in hierdie hoofstuk uitkristalliseer, word vierdens as slot van Hoofstuk 4 (en dus van Deel 2) saamgevat (4.4).

4.1 NAASLIGGENDE DISSIPLINES AAN DIE TEOLOGIE

Daar is reeds vroeër verwys na 'n drieërlei gerigtheid in literêrwetenskaplike navorsing. Jolles stel vas dat die Literatuurwetenskap se gerigtheid esteties (*Schönheit*), histories (*Sinn*) en morfologies (*Gestalt*) is (Jolles, 1965:1). Minstens drie dissiplines word hiermee in die gesigsveld en konteks van die Literatuurwetenskap geplaas (Jolles, 1965:1-4; vgl. 3.1.0), naamlik Estetika, Historiografie en Morfologie of Semiotiek. Dié drie kan as selfstandige dissiplines beoefen word, maar funksioneer ook as subdissiplines betekenisvol en betekenisbydraend binne (in kombinasie met) die Literatuurwetenskap. Die gerigtheid van die Literatuurwetenskap waarvan Jolles praat, maak van hierdie drie dissiplines saam met Literatuurwetenskap dissiplines wat naasliggend aan die Teologie is. So sou onder meer Linguistiek, Tekskritiek en Vertaalwetenskap ook naasliggend aan

die Bybelwetenskap beskou kan word. Narratologie, wat baie sterk binne die Literatuurwetenskap figureer⁹⁴, word soms ook as 'n wetenskap beskou wat buite of naas die Literatuurwetenskap 'n selfstandige bestaan voer – 'n selfstandige wetenskap wat dan byvoorbeeld as 'n subdissipline in onder meer die Psigoanalise analities-narratiewe modelle aanbied en aanwend.⁹⁵

Literatuurwetenskap word in hierdie studie dus as 'n *naasliggende* dissipline aan die Teologie geïdentifiseer, spesifiek naasliggend aan die Bybelwetenskap en die Himnologie. Vanweë die fokus van die studieonderwerp is dit voor die hand liggend dat juis Literatuurwetenskap die prominente aangrensende wetenskap daaraan is en gevolglik die metateorie vir die huidige navorsing vorm.

4.2 LITERÊRE SUBDISSIPLINES, DEELWETENSAPPE EN/OF TOEGESPITSTE LITERÊRE STUDIETERREINE EN HULLE BYDRAE TOT EN BETEKENIS VIR DIE TEOLOGIESE DISSIPLINE *BYBELWETENSKAP*, IN BESONDER VIR DIE BESTUDERING VAN DIE OPENBARINGBOEK

4.2.0 Inleidende opmerkings

Agt toegespitste studie-areas binne die Literatuurwetenskap wat belangrike en waardevolle bydraes tot dié wetenskap lewer, is en word in hierdie studie by die ondersoek van die Openbaringboek betrek, aangesien 'n Bybelwetenskaplike ontleding van die boek ook grootliks baat by die insigte van die agt betrokke studieterreine. Twee van die vakgebiede wat deel is van die agt, naamlik Stilistiek en Semiotiek, het vroeër by die bespreking van tekssentriese benaderings tot die literêre teks aandag gekry (vgl. 3.1.2.2.1(i.iv) en (ii.v)). Hulle is daar reeds genoegsaam bespreek en as relevant vir die huidige studie gemotiveer. Die opgawes waaruit elkeen van die ander ses bestaan, word hieronder omskryf, terwyl die nodigheid en belangrikheid van elkeen se rol in die huidige ondersoek ook telkens gemotiveer word. Hierdie grootste gedeelte van Hoofstuk 4 (4.2) se strukturering en orde van behandeling word nou uiteengesit.

⁹⁴ Vergelyk weer 3.2.2.1 vir die belangrike plek van die narratologie in die kontemporêre literatuurstudie, asook weer 2.2.2.7.1(iii) in verband met die belangstelling in die narratief-genre in die bestudering van die Bybel-as-literatuur.

⁹⁵ Die grondslae van die narratologie is egter aanvanklik in die literêr-teoretiese ondersoekveld gelê. “*Literary studies deserve to be called the leading discipline in the study of narrative, with Aristotle’s Poetics constituting a seminal source*” (Meuter, 2011). Dit word steeds baie sterk vanuit dié besondere dissipline beoefen en ontwikkel. Naas die rol wat narratologie in die Literatuurwetenskap, die Teologie en die genoemde Psigo-analise speel, het narratologie en narratologiese modelle vandag ook 'n plek binne die volgende ander dissiplines en studieveld: die Kunste, Historiese Studies, Filosofie, Etiek, Sosiologie, Pedagogiek, Wetenskapsfilosofie, die Regswetenskap en die Geneeskunde.

Uit hoofde van die onderwerp soos dit in die titel van hierdie navorsingsprojek geformuleer is, is dit te verwagte dat *genre-teorie* grondliggend in die navorsing sal wees en daarom besonder belangrik geag word. Dit word gevolglik hieronder eerste – en heelwat meer uitgebreid as die meeste van die ander toegespitste studies – toegelig en bespreek (4.2.1).

Een van die subdissiplines in literêre-teoretiese navorsing waarin literêre teorieë in 'n groot mate in die jongste tyd saamgetrek het, naamlik *narratologie*, vorm die grondslag van die hele volgende hoofstuk, Hoofstuk 5. Literatuurwetenskaplike dimensies en insigte word daar deur 'n narratologiese lesing van Openbaring, sáám met 'n kursoriese eksegeese van die boek, benut. Narratologie word met die oog daarop ook omvangryk in hierdie hoofstuk bespreek (4.2.2).

Poëtik (bedoel as die 'leer van die digkuns') het ten nouste te make met genre-teorie, maar word vanweë die besondere plek wat die poëtiese-himniese in die fokus van hierdie navorsing inneem, afsonderlik bespreek (4.2.3).

Retoriese analise is 'n selfstandige wetenskap, maar 'n vakgebied wat in die Literatuurwetenskap as 'n subdissipline fungeer. Die bespreking daarvan volg in 4.2.4.

Metaforiek is as't ware 'n bestaansvorm of eienskap van die literatuur, van alle tekste en uiteindelik van taal self wat deur middel van alle teorieë bestudeer kan word. Die studie van metafoor, beeldende taal en simbooltaal se opgawe en belangrikheid word in 4.2.5 bespreek en gemotiveer.

Intertekstualiteit is 'n baie belangrike literêre konsep wat 'n onontkenbare eienskap van alle tekste is. Die studie daarvan in die Literatuurwetenskap word nie as 'n subdissipline beskou nie, maar as 'n navorsingsfaset wat integraal in die studie van alle literatuur ingewef is. Dit word hier laaste, in 4.2.6, bespreek – ook heelwat meer uitgebreid as van die ander toegespitste literêre studieterreine (soos ook *genre-teorie* in 4.2.1 en *narratologie* in 4.2.2 omvangryker behandel word). Die rede vir die besondere aandag aan intertekstualiteit is tweërlei. Intertekstualiteit kan eerstens multidimensioneel vanuit generiese, narratologiese, stilistiese, semiotiese, poëtiese, retoriese en metaforiese gesigspunte ondersoek word en sny dus deur al die genoemde studie-areas. Tweedens is die Openbaringboek 'n geskrif wat deurweek en geheel en al deurdring is van Ou-Testamentiese motiewe in die vorm van allusies (sin- en toespelinge) en eggo's, waardeur die twee testamente in die laaste Bybelboek intertekstueel saamkom in 'n dinamiese kragveld van intertestamentêre beweging en skakeling.

'n Samevatting van die bevinding ten opsigte van die rol en relevansie wat die onderskeie literêre subdissiplines, deelwetenskappe en/of toegespitste literêre studieterreine vir die teologiese dissipline *Bybelwetenskap* het, in besonder vir die bestudering van die Openbaringboek, word in 4.2.7 gegee.

4.2.1 Genre-teorie

4.2.1.0 Inleidend: genre-onderskeidings in die opset van die huidige studie

Soos hierbo in 4.2.0 inleidend opgemerk is, is dit uit hoofde van die onderwerp van hierdie studie soos dit in die titel en subtitel geformuleer is, te verwagte dat *genre-teorie* of *genre-leer* grondliggend in die huidige navorsing sal wees en daarom van kardinale belang geag word. Die onderwerp dui aan dat die sentrale teoretiese argument of hipotese waarvan die navorsing uitgaan, is dat die stramien van die liturgiese lied *dramatiese*, *epiese* en *liriese* elemente vertoon – nie net as interessante waarneembare trekke van die lied nie, maar as die konstituerende, strukturende en – les bes – stilerende kragte waaruit die liturgiese lied saamgestel word. Die drie begrippe of generiese konsepte plaas die navorsing natuurlik in die sentrum van generiese motiewe, onderskeidings, funksies en al die fasette, dimensies, aspekte en problematiek van *genre*. Daar word veral gefokus op die drie begrippe *dramatiek*, *epiek*, *liriek* (*dramaties*, *epies*, *liries*)⁹⁶ in hulle onderskeiding van mekaar, maar ook in hulle verband met en saamgroepering bly mekaar. Dit is 'n indeling waarmee die totale verskeidenheid van literêre tekste gebruiklikerwys oorkoepelend aangedui word.

Die fokus en konteks van genre-navorsing word nou eerstens vasgestel (4.2.1.1), waarna genre-studie se belangrikheid in die bestudering van die Openbaringboek gemotiveer word (4.2.1.2). Die konklusie wat in verband met genre-teorie se rol en relevansie in die analisering van Openbaring bereik word, word aan die einde van die bespreking gegee (4.2.1.3).

4.2.1.1 Die fokus van genre-studie

4.2.1.1.1 Historiese geheeloorsig oor genre-onderskeidings en -teorie

Genre-onderskeidings word van die vroegste tye af ten opsigte van tekste gemaak – sowel mondelinge as geskrewe tekste – in 'n poging om hulle 'soortlik' te orden.

⁹⁶ Verderaan word die begrippegroepe *dramatiek-epiek-liriek* en *dramaties-epies-liries* afwisselend en uitruilbaar gebruik, die een gekoppelde drietal bedoel om die ander een by implikasie in te sluit, tensy uitdruklik anders gekwalifiseer.

Ricoeur (1973:112-128) onderskei drie markante hoofperiodes wat in 'n historiese geheelorsig die groot skuiwe in dié veld aandui:

- die eerste tydperk is die tyd waarin 'n '*classificatory*'-benadering gegeld het, verwysend na die Klassieke periode;
- die tweede is die tyd van die *epistemologiese* verstaansproses van diversiteit in literatuur, verwysend na die negentiende tot vroeë twintigste eeu;
- die derde is die periode van die *ontologiese* benadering, wat strek oor die latere jare van die twintigste eeu en tot op datum.

Dié verskuiwings kan ook gesien word as 'n pendulumswaai vanaf 'n voorskrywende of klassifiserende benadering in genre-onderskeiding, deur 'n tyd waarin die verstaansproses (epistemologie) rondom genre oorheers het, tot 'n beskrywende benadering waarin 'n literêre wêreld waartoe die leser/ontvanger van die teks toetree, geskep word (ontologie) (Osborne, 2005:252). Hierdie vlugtige sinoptiese flits oor die geskiedenis van genre bring dus 'n skuif aan die lig vanaf 'n beskouing aan die een kant dat die literêre werk se eienskappe formeel en skerp afgebaken word en vóórskryf (dat dit met ander woorde *preskriptief* optree), tot 'n beskouing aan die ander kant dat genres vermeng is en eintlik nie geklassifiseer of in bepaalde soortlike kategorieë ingedeel kan word nie, maar dat die leser slegs volgens sy resepsie – en persepsie – van die werk die werk beskryf (dus *deskriptief* daarop reageer).

Binne hierdie historiese ontwikkelinge het genre-leer veral met die onderskeiding en groepering *dramatiek-epiek-liriek* in literêre stof gewerk. Dit is en word as die hoof-genres of *argi-genres* beskou. Die drie begrippe word dikwels terugherei na Aristoteles, alhoewel hy in sy *Ars Poetica* self slegs twee genres onderskei het, naamlik die verhalende (epiek) en die dramatiese (dramatiek) (vgl. Van der Ben & Bremer, 1988; De Kock & Cilliers, 1991). Liriek ontbreek dus in Aristoteles se onderskeiding, of word ten minste nie deur hom in 'n differensiële saamgroepering en kombinasie met dramatiek en epiek gebruik en onderskei nie. Dit is verbasend hoeveel kritici die drie-deling tog direk aan Aristoteles toeskryf. Dit was egter eers eeue later, in die agtiende eeu, dat liriek by dramatiek en epiek gevoeg is in die konvensionele verdeling in die drie bekende hoofgenres. Die Duitse digter Goethe het met sy '*Naturformen*' die basis daarvan gelê (Hambidge, 1992:148).

Die Duitse *werkimmanente Methode* het in die twintigste eeu ten opsigte van formalistiese genre-gesentreerde teorieë 'n besondere bydrae gelewer. Wolfgang Kayser (1968[1948]), Eberhard Lämmert (1968[1955]) en Käte Hamburger (1993[1973,1957]) het al drie met die geykte generiese driedeling as die oorkoepelende literêre genres

gewerk en hulle literêre teorieë daarop gebaseer en uitgebou. Die literêre aard van literatuurtekste is die hoofokus van hulle formalistiese benadering tot die literatuurstudie (vgl. weer die bespreking van hulle bydraes in 3.1.2.2.1(i.iii)). Dramatiek, epiek en liriek is ‘*Gattungen*’ wat die ‘*drei Naturformen der Dichtung*’ uitmaak (Lämmert, 1968:10). ’n Vierde verteenwoordiger van die Duitse *werkimmanente Methode*, Franz Stanzel (1978, 1984, 1996), onderskei soos Kayser en Hamburger tussen verskillende soorte romans en verskillende soorte vertelling. Hy begin egter reeds die klem daarop lê dat die fokus nie meer moet val op die klassifikasie van die basiese vorme nie, maar op hulle *variasies* en *modulasies*, asook hulle *kombinasies*. Hierdie variasies, modulasies en kombinasies van die drie ‘konvensionele’ genres binne één literatuurwerk blyk later in die verklaring en uitleg van Openbaring (in Hoofstukke 5 en 6), uit hoofde van die studieonderwerp, kardinale elemente te wees.

4.2.1.1.2 *Genre se (on)definieerbaarheid*

Ten spyte van die feit dat die konvensionele genre-driedeling dramatiek-epiek-liriek diep gevestig geraak het (sodat Rogers byvoorbeeld sy boek wat in 1983 verskyn het sonder meer die titel gee: *The three genres and the interpretation of lyric*), is daar mettertyd – en word daar steeds – deur literêre teoretici ernstige kritiek teen so ’n vaste klassifikasie in die korpus van literatuur uitgespreek. Selfs al word Aristoteles vir die onderskeiding ‘ingeroep’, word dit gou duidelik dat ’n mens die gekoppelde driedeling *dramaties-epies-liries* nie as ’n magiese ordeningsbeginsel kan gebruik wat altyd in verband met die diversiteit van literatuur ‘werk’ nie. Mieke Bal (1981) skryf hieroor: “Wij komen dan eerder uit bij een verdergaande specificatie van criteria, die ieder op hun beurt kunnen leiden tot verschillende, elkaar gedeeltelijk overlappende indelingen, die soms wel, maar meestal beter niet in elkaar gepast kunnen worden.” (Bal, 1981:21.) Verder moet in gedagte gehou word dat Aristoteles sy teorie as ’n multidimensionele, ‘*flexibel sisteem*’ bedoel het, wat tot ’n dinamiese en uiters relatiewe korpusafbakening lei (Bal, 1981:18-21).

Die kritiek wat teen die driedeling uitgespreek word, is dus teen die magiese aanwending daarvan. Dit hou verband met die aard van genre(s), naamlik dat dit moeilik is om dit selfs net duidelik gedefinieer te kry. Fowler, asook Briggs en Bauman, wys op die problematiek rondom die realiteit van die bestaan van genres, en ook daarop dat dit gevolglik moeilik is om genres in definisies vas te lê. “*Genre at all levels are positively resistant to definition. Definition is ultimately not a strategy to their logical nature.*” (Fowler, 1985:40.) “*Genres are ordered, unified, and bounded on the one hand, and fragmented, heterogeneous, and open-ended on the other.*” (Briggs & Bauman, 1992:147.)

Ook Bakhtin verwys na die onvaste en veranderlike gestalte van genre:

A genre is always the same and yet not the same, always old and new simultaneously. Genre is reborn and renewed at every stage in the development of literature and in every individual work of given genre. This constitutes the life of genre...A genre lives in the present, but always remembers its past, its beginning. Genre is a representative of creative memory in the process of literary development. (Bakhtin, 1999:106.)

'n Gevolg van die problematiek rondom die definiëring van genre en die gelyktydige nuutwees en oudwees van genres is dat aanvaar moet word dat die saak waarna die term *genre* verwys, uiteindelik nie in 'n kant en klaar-definisie en vorm 'ingeformuleer' kan word nie. Daar kan daarom ook nie so iets soos 'suiwer' genres wees nie. Longman se vroeëre opmerking oor die kultuurbepaaldheid van tekste kan ook hier weer ter sprake gebring word. Hy stel dat daar nie altyd geldende universele generiese eenvormigheid bestaan nie. Genre is kultuurbepaald; 'n kultuurvrye genresisteem bestaan nie. Daar moet gewaak word dat moderne Westerse konsepte en kategorieë (genres) nie op antieke (byvoorbeeld Semitiese) geskifte afgedwing word nie. Dit kan lei tot 'n vertekening en vervorming van die teks. Daar moet dus nie onbedagsaam met genre-kategorieë omgegaan word nie (Longman, 1985:389-391; vgl. by 2.2.2.7.2(ii)). Die vraag kan gevra word: Wat kan 'suiwer' in verband met genre in elk geval beteken? Die kultuurbepaaldheid van die literatuurteks (om dan maar een faktor te noem) moet te alle tye in aanmerking geneem word. Daarmee is aan die ander kant nie gesê dat literêre werke noodwendig altyd tipies van hulle eie milieu en tyd is nie. J. Hillis Miller wys daarop dat daar literêre werke is wat *atipies* is, "*not typical of anything but itself*" (Miller, 2002: 139).

Robert Alter stel dat genre ook nie as 'n geslote raamwerk beskou moet word nie. Dit is klaarblyklik juis as genre in 'n geslote raamwerk 'gedink' word, dat dit ook nie werklik iets kan bydra tot die bestudering, sinvolle ontginning en vertolking van 'n literatuurteks nie. Alter stel voor dat genre soepeler benader moet word: dit moet as 'n vertrekpunt gesien word (Alter, 1988a:250).

Ander teoretici, soos Jolliffe (2003) en Carolyn Miller (1984), lê klem daarop dat aandag aan die funksies van verskillende tekstipes in bepaalde kontekste 'n mens verder bring in die ontleding van tekste as wat klassifisering en kategorisering op grond van vasgestelde (letterlik: vàs-gestelde) genre-kenmerke dit sou kon doen. Dit kom daarop neer dat deeglike ondersoek na die *retoriese* plasing en werking van tekste meer beteken vir aktiewe en sinvolle tekslees as wanneer 'n strak, taksonomiese ordening volgens tekseienskappe gemaak word (Jolliffe, 2003:153-154). Miller beklemtoon die retoriese funksie van tekste in die vasstelling van die rol van genre as sy opmerk: "*...a rhetorically sound definition of genre must be centered not on the substance or the form of the discourse but on the action it is used to accomplish*" (Miller, 1984:151; beklemtoning van JPB).

Hier moet nietemin opgemerk word dat verskillende genres tog nie sònder bekende of herkenbare eienskappe is nie. 'n Bepaalde genre bly steeds herkenbaar aan sekere basiese kenmerke wat 'n teks vertoon. Tog is die herkenbare genre(s) in elke werk in 'n unieke ko-tekstuele verband geplaas waarin dit ook ander dimensies as die gewone mediaan van genre-eienskappe kan vertoon. Daarom kan 'n funksioneel-retoriese benadering van genre nie sonder hierdie basiese en herkenbare 'formaat' van genre sinvol wees nie.

Vanuit hierdie vertrekpunt van die vasstelling van die/ 'n retoriese funksie van 'n teks kan die (ver-)wisseling van genres binne een literatuurteks die doel dien om die tema te versterk ("*amplify*") en "*to effect a complementary imaginative realization*" van die oogmerke van die narratief waarin die tekste ingebed is ("*is embedded*"; Alter, 1992:55). Daar kom 'n '*mental construct*' tussen die skrywer en die leser van die teks tot stand. Dit is volgens Jolliffe 'n '*coding template*', 'n dinamika

...that bundles together features of texts – topoi, allusions, themes, syntax, diction, rhyme, and so on – and then 'gives presence' to them in varying degrees. The generic dynamic 'fronts' those features that causes instances of the same genre *to resemble one another* ... (Jolliffe, 2003:153; beklemtoning deur kursivering van JPB).

'n Retoriese benadering wat tegelykertyd ook kenbare en herkenbare tekseienskappe in aanmerking neem, maak dit moontlik om as't ware die ondefinieerbare tog te definieer. Dit beklemtoon dat genre nie vasgevang moet word as dit wil verander, verder ontwikkel of mutasies na nuwe tipes (soortlikheid) ondergaan nie. Die funksionele of *aksiologiese* benadering lei met ander woorde nie na 'n afsluitende en uitsluitende definisie nie. Dit is meer 'indefinitief' as 'definitief' – maar so word die aard van genre die beste begryp. 'n Funksionele benadering tot genre is vermoedelik van kardinale belang in die ontsluiting van betekenis in Openbaring, en uitgaande daarvan uiteindelik vir begrip van die generiese stramien van die liturgiese lied.

4.2.1.1.3 Genre se drievoudige argi-tipes

Tot dusver is reeds meermale na die geykte genre-onderskeiding en -koppeling *dramatiek-epiek-liriek* verwys (vgl. 4.2.1.0, 4.2.1.1.1 en 4.2.1.1.2). Dit is nodig om nou dieper op hierdie onderskeiding in te gaan.

Die drievoudige verdeling van die korpus van literêre stof kan hoofgenres of argi-genres genoem word (of '*major genres*'; Fludernik, 2000:275). Die voorvoegsel '*argi-*' dui waarskynlik die suiwerste die plek aan wat hierdie drievoudige onderskeiding in die besinning rondom genres moet inneem. *Argi-* (of *arge-*, of ook *arche-*) verwys na die *hoof-*, die *oorspronklike* en/of die *oer-vergestalting* of -vorm van iets (soos Auerbach die Bybel byvoorbeeld as die bron van *arge-tipes* bestempel – vgl. vroeër 2.2.2.6.1(iii)).

Dramatiek-epiek-liriek is in hierdie omvattende sin die argi-genres van die diversiteit in literatuur. Dit is die vroegste, oorspronklike, primêre én hoof-onderskeiding waardeur genre-studies lank reeds en nog steeds in 'n groot mate gerig word, al is dit dan nie altyd die uitgesproke vertrekpunt van die studies nie. Dàt dramatiese, epiek en liriek bestaan, word nêrens in die navorsingsliteratuur wat geraadpleeg is, betwis nie. Daar is wel weerstand, soos reeds waargeneem, teen die aanwending van die drie-deling as 'n absolutistiese ordeningsbeginsel wat magiese krag sou bied in die verkryging van 'n greep op die diversiteit van literatuur (vgl. 4.2.1.1.2 hierbo). Die onderskeiding het egter wel 'n belangrike funksie: dit speel 'n sleutelrol by die ònt-sluiting van betekenis in die bestudering van literatuurtekste.

Elk van die drie argi-genres word nou nader verken en omskryf.

(i) *Dramatiek*

Die woord *dramatiek* is afgelei van die Griekse woord *δρᾶω* wat *handel* of *optree* beteken. In die Klassieke tyd het die Grieke menslike handelinge in dramas (wat van dieselfde Griekse woord afgelei is) ten tonele gevoer. Dit was met ander woorde 'n mimetiese of nabootsende handeling. In die Griekse drama het 'n beperkte aantal sprekende en handelende akteurs die verhaal deur rollespel uitgebeeld. 'n Koor het ook tydens die opvoering tussen verskillende tonele liederes gesing (Conradie, 1992a:80). Die funksie van die koorsang was om liriese kommentaar op die handelinge in die drama te lewer en sodoende op die 'dieper' betekenis daarvan te wys (Conradie, 1992b:538).⁹⁷ Die huidige gebruik van die woord *drama* dui steeds hierdie kunsvorm aan, ten spyte van groot wysigings in die vorm(e) van die drama sedert die Grieke hulle tragedies en komedies – wat die twee hoofteipes van die drama verteenwoordig het – ter ere van hulle gode opgevoer het.

Die begrip *dramatiek* moet teen hierdie agtergrond verstaan word. Dit het logies met die drama se uitbeelding van handelinge te doen, wat die *dramatiese* handelinge genoem kan word. Die woord *dramatiek* in die driedeling dramatiese-epiek-liriek dra egter ook 'n wyer, meer algemene betekenis. Dit wil die aksie van handeling wat opgevoer en uitgevoer word, beklemtoon in onderskeiding van die ander twee elemente, die epiese en die liriese, wat ander kenmerke vertoon. *Dramatiek* verwys dus oorspronklik en logies in die eerste plek na die toneelkuns en na die literatuurteipe wat as die *drama* bekendstaan, maar dit verwys nie uitsluitlik daarna nie. In die

⁹⁷ Sien die bespreking van die lied as genre se herkoms en ontwikkeling binne die Griekse kultuurkonteks by die behandeling van die argi-genre *liriek* in (iii) hieronder. Die uiteindelijke funksie en betekenis van die lied binne die teateropset en jaarlikse feeste van die Grieks-Hellenistiese wêreld in die kontemporêre ontstaanstyd van Openbaring word later by die belangrikheid en evaluering van *retoriese analise* ook ter sprake gebring (4.2.4).

drievoudige *dramaties-epies-liries* kan die verhouding waarin die dramatiese tot epiek en liriek staan, ook ter sprake gebring word. Dit verteenwoordig in die verhouding tot die ander twee dan besonderlik die komponent van handelinge/ gebeure, soos hierbo genoem is. Dit is veral ook op h  rdie betekenis van *dramatiek* en die *dramatiese* wat daar in hierdie studie gefokus word.⁹⁸

(ii) *Epiek*

In Klassieke terme het die begrip *epiek* ’n verhaal aangedui waarin groot en roemryke heldefigure deur ’n verteller uitgebeeld is (in onderskeiding van die drama waarin sprekende en handelende akteurs die uitbeelding gedoen het). Die uitbeelding deur middel van vertelling was eenvoudig en reglynig, maar in ’n verhewe vertelstyl, terwyl die verteller die verhaalw  reld vanuit ’n bewonderende perspektief geskryf het (Roos, 1992:97-98). In sy geskrewe vorm word hierdie soort vertelling ’n *epos* genoem (van die Grieks *  πος* wat ‘rede’ of ‘verhaal’ beteken). Die epos was aanvanklik ’n heldedig, een van die belangrikste vorme van die verhalende digkuns of epiek en die grootste liter  re vorm van die Antieke. Tot laat in die sewentiende eeu het die epos ook die belangrikste vorm van verhalende digkuns gebly, maar is toe gaandeweg as ’n uitgediende vormtipe beskou en deur die sogenaamde *roman* vervang, alhoewel daar tot in die twintigste eeu steeds epiese werke in digterlike vorm verskyn het.⁹⁹ Daar word vandag ongeveer twintig epiese subvorme onderskei (vgl. Roodt & Pieterse, 1992:102,104; Roos, 1992:98-99).

Die wesenselement van die epiek is dat dit vertelling is. Dit is dus die verhalende wat op die voorgrond staan. Hierdie belangrike aspek van epiek onderskei dit van dramatiek en liriek en dit is die aspek wat in hierdie studie besondere aandag kry. *Epiek* is dus ook ruimer te verstaan as die epos en die epiese (soos dramatiek ruimer verstaan word as die drama en die dramatiese) – dit gaan oor uitbeelding deur (po  tiese) vertelling waarin ’n heldefiguur figureer en verheerlik word.

(iii) *Liriek*

Liriek, die derde genre in die geykte drievoudige onderskeiding, is vanwe   sy sangerige aard oorspronklik bedoel om met musiekbegeleiding gesing te word. Primitiewe

⁹⁸ Vergelyk vir die betekenisdraagwydte van *dramatiek*, *epiek* en *liriek* in hierdie studie ook weer die verklaring van *terme* in 1.6.1: die drie ‘-iek’-eindigende woorde word nie bedoel as sou die ‘-ieke’ in die huidige navorsing verwys na wetenskaplike studiedissiplines nie.

⁹⁹ In die Afrikaanse literatuur is *Raka* van N.P. van Wyk Louw en *Germanicus* van D.J. Opperman die bekendste twintigste-eeuse eposse.

kulture het van die vroegste tye af die lied of *inkantasie* as mimetiese uitdrukking en simbool geskep. Dit is belangrik om daarop te let dat dit veral met 'n religieuse oogmerk geskep is. Die vroegste Griekse 'literêre' liriekvorme (kortpoësie) dateer van die agtste of sewende eeu voor Christus (Henderson, 2004:13). Die assosiasie met musiek kan deur die Hebreeuse woord '*lurikos*' en die Griekse woord '*lyra*', wat '*lier*' beteken, op die klank af gemaak word. Tog het die Grieke nie 'n omvattende term vir die kort digvorm *liriek* gehad nie. Liriese poësie is bepaal deur die geleentheid waarvoor dit geskep is en in 'n oorwegend mondelinge kultuur 'gepubliseer' is. Die naam van die lirieksoort is daarom dikwels aan die geleentheid gekoppel. Kore het in die opvoering van die Griekse drama 'n besondere plek gehad (vgl. weer by (i) hierbo), naamlik om die Griekse god Dionusos te verheerlik (naas die liriese funksie van kore om tussen tonele of bedrywe van die drama kommentaar op die uitgebeelde gebeure of handeling te lewer). Ook die liriese het daarmee in die Griekse kultuur in die sfeer van religieuse aanbidding gestaan (Henderson, 2004:14).

Die lied is die spontaanste liriese literêre produk waarin blykbaar op ongedwonge wyse verskillende stemminge tot uitdrukking gebring word, soos vreugde, verering, verrukking, belydenis of smart. Liriek was in sy oorspronklike gebruik nie noodwendig subjektief soos lirieke vandag oor die algemeen beskou word nie. Dit het dikwels sterk dramatiese en epiese elemente bevat waarin die 'objektiewe' feitelikheid van die gebeure na aanleiding waarvan die lied gesing is, juis gereflekteer is (Grové, 1992a:255; 1992b:256). Die liriese wortel dus nie bloot in 'n *muse* wat die subjektiewe ervaring voed nie, al word dit ook soms 'n *ek-lied* genoem, maar ontspring in die objektiewe, alhoewel dit nie die feitelike dade en gebeure verhaal soos dit in die dramatiese heldedig gebeur nie. Dit sing eerder van die attribute of karaktereienskappe van die/'n god of held.

Dit is nodig vir die verstaan van die argi-genre *liriek* om nou (ná die algemene beskrywing van die liriese) nog dieper in te gaan op die lied se generiese herkoms en ontwikkeling binne die teateropset en jaarlikse feeste van die Grieks-Hellenistiese wêreld in die tydvak voor en tydens die ontstaanstyd van die boek Openbaring.

Om die lied-genre in sy Antieke Griekse konteks te kan interpreteer en daaruit moontlike ooreenkomste en tersaaklike verbande tussen die kontemporêre Griekse kultuurmilieu en die liedstof in Openbaring te identifiseer, blyk dit voor die hand liggend te wees dat eerstens aan die term *dithyramb* aandag gegee sal word. *Dithyramb* is naamlik 'n soortnaam of generiese aanduider van 'n kultiese lied met 'n Dionusiese inhoud. *Dithyrambes* is tydens feestelike prosessies ter ere van die Griekse god Dionusos kulties uitgevoer. Aristoteles noem die *dithyrambes* eksplisiet '*cultic processional hymns*'. Dit is in onderskeiding van die so-

genaamde *κηκλῖος χορός* of die teatrale ‘*circular chorus*’ se uitvoerings (Csapo & Miller, 2007:8).¹⁰⁰ Die volgende beskrywing van Seaford plaas die liriese soos dit in die *dithyramb* van die Antieke tot uitdrukking gekom het, in perspektief:

The Dionysiac procession is in general an occasion for the impersonation of satyrs, even sometimes of Dionysus himself. The dithyramb was originally a processional hymn to Dionysus, sung by (among others) satyrs, and able to assume a more literary character when sung at the destination of the procession, around the altar...Such considerations cohere remarkably well with the informed testimony of Aristotle that tragedy originated in the leaders of the dithyramb and developed “from the satyrplay-like.” (Seaford, 1994:268.) (Vgl. ook Kowalzig, 2007:222.)

’n Besondere ontwikkelingsfaset in die verhouding tussen drama en ritueel moet ook hier ter sprake kom. Barbara Kowalzig wys op die belangrike rol van wat sy ‘*choral performance*’ noem, gespeel het in die ontwikkeling van Griekse drama, teater en ritueel. Sy sê:

...[c]hang[es] to the cultic landscape...in the mid-sixth century may lie at the core of how Classical Athenian “tragic choroi” function as a ritual in and for the society that produced them. They form the framework for the basic insight that the kinship of drama and ritual is above all an issue of how myth and ritual work in the specific historical setting of choral performance. Drama and ritual are related through a continuity of choral ritual forms in a changing social context; it is the resulting dynamic that shapes the form, content, and (to some degree ritual) character of ancient drama. (Kowalzig, 2007:222.)

Kowalzig kom tot die slotsom:

Tragic choroi constantly moves between myth and ritual, play and polis through the suggestive power of a particularly Dionysiac choral performance...//...The chorus, through self-referentiality, could therefore be understood as the medium that makes Greek theatre a ritual. (Kowalzig, 2007:245.)


Betekenisvolle waarnemings kan uit Csapo & Miller (2007:8), Seaford (1994:268) en Kowalzig (2007:222,245) se gesiteerde gedagtegang in verband met die Griekse drama, teater, ritueel en die besondere van die lied/himne binne hierdie ontwikkelingsgang gemaak word:

¹⁰⁰ Die *κηκλῖος χορός* of ‘*circular chorus*’ se sang is aanvanklik as ’n teatrale vorm van die *dithyramb* beskou. Die term het egter verwys na falliese sang wat sedert die vyfde eeu v.C. ’n verskeidenheid liriese vorme geabsorbeer het en as teatrale aanbiedings van hulle kultiese en Dionusiese kontekste geabstraheer is (Csapo & Miller, 2007:8). Die *κηκλῖος χορός* word nie verder bespreek nie, aangesien dit nie generies of retories enigtiets van wesenlike belang vir hierdie studie ontsluit nie. Die aandag word op die *dithyramb* gefokus omdat dit wel generiese en retoriese aspekte van belang vir die navorsing betrek.

- (i) dat die *dithyramb* binne 'n feestelik-godsdienslike konteks geplaas moet word (prosesie in die rigting van en om die altaar);
- (ii) dat (die) himne ten nouste met die tragedie te gedoen gehad het en in 'n literêr-dramatiese konteks gefigureer het;
- (iii) dat religieuse ritueel en drama in die Antieke wêreld in interaksie aan mekaar verbind was.

In aansluiting by die derde waarneming hierbo moet die ontwikkeling van vier 'festival genres' wat deur Aristoteles onderskei is, verstaan word. Vanuit 'n gemeenskaplike performatiewe matriks het Aristoteles tussen vier generiese 'uitkomst' wat eventueel ontwikkel het, gedifferensieer: *tragedie*, *komedie*, *dithyramb* en *sater-drama*¹⁰¹ (Nagy, 1990:385,388; vgl. ook Depew, 2007:130-131). Depew gee na aanleiding van Nagy se uiteensetting van die ontwikkeling van die vier generiese uitkomst in 'n progressiewe differensiasie 'n duidelike voorstelling van wat Aristoteles se *genealogie van poëtiese genres* genoem kan word.

ARISTOTELES SE GENIALOGIE VAN POËTIESE GENRES (Depew, 2007: 131)



Kennis van die ontwikkeling van die liriese is betekeinsvol vir hierdie studie. Die ooreenkomste en verband wat die tragedie met die dramatiese narratief en die rol van die lied in 'n religieuse kader vertoon, bevestig dat Openbaring in sy kontemporêre tydkonstellasie 'tuis' is en herkenbare trekke daarvan deel. Om dit

¹⁰¹ Die vierde 'kategorie' (naamlik *sater-drama*) was waarskynlik 'n wellustige vorm van die drama, moontlik gewy aan 'n bosgod of veldgod, of aan 'n vrugbaarheidsgod(-in).

in aanmerking te neem, is nie om die gesagvolle openbaringsdokument vanuit die sekulêre te verklaar nie, maar om bewus te bly daarvan dat die teksgeworde openbaring nie literêr vreemd aan sy ontstaanstyd is nie, maar juis in die bekende generiese styl en funksie van sy tyd gestruktureer is. Daarin is die liriese ook onlosmaaklik in 'n interaktiewe verhouding met die dramatiese en die epiese.

Dit is veral hierdie laaste aspek (liriek se verband met feite en gebeure wat ook in die dramatiese en die epiese gereflekteer is) wat in hierdie studie as 'n wesens-element van die liriek beskou word.

Ná die nadere verkenning en omskrywing van elk van die drie argi-genres kan nou samevattend oor die onderskeiding en saamgroepering *dramaties-epies-liries* in die Literatuurwetenskap gestel word dat die differensiëring en gelyktydige koppeling van die drie in die eerste plek 'n poging was en is om die volle spektrum van tekstipes in die literatuur te onderskei en te tipeer. Die generiese elemente kan en moet egter beskou word as merkers van die *aard* van tekste of teksgedeeltes in teenstelling met die opvatting dat genre die eienskappe of vereistes van 'n soort teks aandui en vaslê. Dit word verder duidelik dat die onderskeiding van die drie begrippe nie in die weg staan van die waarneming dat generiese elemente nie noodwendig *afsonderlik* in *afsonderlike* literatuurtekste teenwoordig is en dan van die bepaalde werk streng kategorieë onderskeidelik 'n 'afgeslote' *drama*, *epos* of *liriek* maak nie. Die argi-generiese drietal kan ook saam in een literêre werk teenwoordig wees, soos die liriese dele van die kore wat byvoorbeeld in die drama ingebed is sonder dat die drama as gevolg daarvan nie in die volle sin van die woord *drama* sou wees of bly nie. In dié voorbeeld is die dramavorm dan wel waarskynlik die makro-generiese element, maar die ander twee argi-genres is mikrostruktureel deel van die literêre komposisie.

Dramatiek, epiek en liriek wat as die merkers van die aard van tekste en teksgedeeltes optree en wat verder in onderskeie literatuuurdokumente sáám teenwoordig kan wees, besit 'n bepaalde *dinamika* en *interaksie* wat besondere perspektiewe op die teks kan open. In daardie funksie tree die drie begrippe as die drie literêre *argi-genres* op.

4.2.1.1.4 Genre se veelvoudige, kameleontiese gestaltes

Nadat die drie argi-genres in hulle onderskeiding van mekaar en gelyktydige verband met mekaar nou toegelig is, moet onmiddellik daarop gewys word dat dit nie die komplekse verskynsel (*literêre*) *genre* wil oorvereenvoudig en simplisties wil stel nie. Dit is slegs instrumenteel in die proses om beter begrip en insig te verkry. Daardeur word die analisering van generiese motiewe en funksies in literatuurtekste effektief gedien – tot

voller en omvattender ontsluiting van die tekste se betekenis. Dit bly egter 'n gegewe dat genre besonder kompleks is. Die kompleksiteit is verder onder meer daarin geleë dat daar nie net 'n drievoudige gestalte van genre is soos dit in die drie argi-genres hierbo onderskei is nie. Genre manifesteer véelvoudig. Verdere genre-onderskeidings is nie maar 'n intellektuele oefening wat vir bepaalde (dalk onbelangrike) redes gedoen kan word nie, maar word deur die aard van genre self genoodsaak. Die reeds-aangehaalde woorde van Mieke Bal onderstreep dit duidelik as sy oor genre skryf: “...*verskillende, elkaar gedeeltelijk overlappende indelingen, die soms wel, maar meestal beter niet in elkaar gepast kunnen worden...*” (Bal, 1981:21; vgl. 4.2.1.1.2 hierbo).

Die navorser bly deur die veelvoudige manifestasies van die diversiteit in die korpus van literatuur dus te alle tye onontsnapbaar midde-in die kompleksiteit van die genre-problematiek. Die gegewe dat daar 'n groot diversiteit ten opsigte van *soort* en *tipe* in literatuurtekste bestaan, vereis verdere differensiëring as net die deling in drie argi-genres. Dit is toe te skryf aan die multi-dimensionele aard van genre. Dié kompleksiteit en die noodsaaklikheid om verder te differensieer, kan nie ontken word nie. Dit moet veral ook nie vermy word nie, want fyner kalibrering van die korpus van literatuur en van verskillende generiese elemente in 'n bepaalde werk kan telkens weer nuwe literêre kommunikasiemoontlikhede uit die werk na vore laat tree. Nuwe genres en subgenres kan ontstaan, gevestigde genres kan selfs ook meer-dimensioneel manifesteer en sodoende nuwe betekenisemoontlikhede onthul. Fowler (1985) se vergelyking van genre met 'n duif druk dit goed uit: genre is nie soos 'n rigiede stel duiwehokkies nie, maar genre is eerder die duif self (vgl. ook Du Plooy, 1989:102). Ek wil Fowler se duif-metafoor 'n bietjie verder ontwikkel om die interessante kompleksiteit van genre uit te druk: nie die sitvakkies nie, maar die variënde en fluktuierende ligval en kleurskakeringe op die vere van die duif as hy in verskillende 'kontekste' gaan sit, weerspieël die ryk koloriet van generiese meer-dimensionaliteit.

In hierdie lig gesien is die kompleksiteit van genre-vergestaltings – ook en veral beoordeel vanuit 'n teks se retoriese funksie binne die totale komposisie van die bepaalde literatuurwerk – nie 'n onoorkomelike probleem nie, maar is dit 'n gegewe wat interessante moontlikhede aan die navorser bied. Dit is daarom die moeite werd – en noodsaaklik! – om die veelvoudige gestaltes van genre te onderskei en in die interpretasie van tekste te benut.

As gevolg van die multi-dimensionaliteit en veelvoudige aard van genre word daar verskillende terme en terminologieë geskep en ontwikkel om dit benoem te kry. Literatuurtekste kan meer as een generiese vorm bevat, of uit verskillendes opgebou word (Stander, 2003:218-219). Die kameleontiese aard van genre maak die onderskeiding van

makro-genres, sub-genres, mikro-genres, tipes en sub-vorme noodsaaklik.¹⁰² So kom Hellholm (1986) byvoorbeeld in die onderskeiding van genre ten opsigte van *apokaliptiese* literatuurtekste tot 'n *'hierarchy of generic concepts'*. Hy onderskei in sy indeling die vier begrippe wat ook deur Hempher in sy sistematiese stel terme gedoen is (Hempher, 1973:27; vgl. Viljoen, 1998b:72). Hellholm se hiërargie is in 'n ander orde as dié van Hempher s'n saamgestel:

- *'Mode of writing – Narrative*
- *Type of text – Revelatory writing*
- *Genre – Apocalypse*
- *Subgenre – Apocalypse with otherworldly journey'*

(Hellholm, 1986; vgl. ook Nel, 2001:374-375; J.J. Collins, 1984:4.)

Dié indeling getuig van die kompleksiteit van genre, veral as in aanmerking geneem word dat daar nog verdere onderskeidings gemaak kan word, soos om narratief verder as òf 'n historiese òf 'n dramatiese narratief aan te dui. De Villiers spreek kritiek teen bostaande *'hierarchy of generic concepts'* uit deur daarop te wys dat die verhouding tussen 'n apokalips en die genre *narratief* nie uitgeklaar is nie. Volgens hom moet die narratiewe raamwerk nader onderskei word (De Villiers, 1983:47,49; vgl. ook weer Nel, 2001:375). Ook Vorster lê groot klem op Openbaring as 'n *"narrative of fantasy"*, wat hy beskou as 'n submodus of subgenre van die openbaringsgeskrifte. Hy vra meer aandag vir die *skryfmodus* van die teks waarin narratologiese vrae onder bespreking behoort te wees, terwyl die funksie van genre, eerder as generiese klassifikasie, aandag behoort te kry (Vorster, 1988:103-104,120; vgl. ook Freyne, 1989:85-87, vir die *performatiewe* aard van apokaliptiese geskrifte, asook weer 4.2.1.1.2 hierbo in verband met die *funksionele* belang van genre). Hierby sou gevoeg kon word dat wat in hierdie studie *argi-genre(s)* genoem word (4.2.1.1.3 hierbo), ook in Openbaring as 'n apokaliptiese werk geïdentifiseer kan word. Dit sou in 'n verdere onderskeiding op grond van 'n funksioneel-retoriese benadering nog verdere eienskappe kon oproep wat ook generies benoem sal kan word.

Daar moet verder opgemerk word dat enige – en elke – poging tot genre-onderskeiding en -bepaling kritiek kan uitlok, in meerdere of mindere mate. Wills se opmerking in 1990 verklaar dit gedeeltelik: *"Genre classification lies in the eye of the beholder"* (Wills, L.M., aangehaal in Nel, 2001:375). Nog 'n rede daarvoor dat geen onderskeiding, raamwerk of 'hiërargie van konsepte' foutloos geskep kan word nie, is juis die gegewe

¹⁰² Vir 'n goeie oorsig oor genre-verwante terminologie en hulle betekenis – met onderskeidings tussen *vorm, Gattung, genre, Formgeschichte* en *Formkritik, Gattungsgeschichte* en *Gattungskritik* – kan Sweeney (1999:59-60) geraadpleeg word; vgl. ook weer Kayser se vroeëre rigtinggewende werk (1968).

dat genre so kameleonties van aard is. 'n Algemene genre-tipering wat op alle (in die genoemde voorbeeld) apokaliptiese tekste van toepassing gemaak kan word, sal sekerlik altyd leemtes bevat. Daar moet besef word dat geen twee literatuurwerke generies presies dieselfde is deurdat presies dieselfde generiese eienskappe op presies dieselfde wyse in die struktuur van twee betrokke werke geïnkorporeer is nie. Daarom moet 'n betrokke werk in sy totale opset, samestelling en konteks baie noukeurig ondersoek word. Die uniekheid van elke werk én die veranderlike manifestasies van genre in elke werk eis dat dit moet gebeur (vgl. 4.2.1.1.2 hierbo; vir die verwisseling van genres kan ook weer verwys word na die vroeëre opmerkings by 2.2.1.2(v) en 2.2.2.4.3).

Die beskrywing en bespreking van die veelvoudige, kameleontiese gestaltes waarin genre manifesteer, kan nou saamgevat word en die implikasie daarvan vir die huidige navorsing kan nou aangestip word.

'n *Funksionele* of aksiologiese benadering waarin rekening gehou word met die uniekheid van elke literatuurteks wat bestudeer word, kan die kompleksiteit van genre in 'n mate ophelder. So 'n funksionele benadering hou juis rekening met die feit dat genres in verskillende literêre werke en in verskillende retoriese kontekste veranderlik kan optree. Die kompleksiteit van meer-dimensionele genre-onderskeiding werk dan nie sonder meer kompliserend en verduisterend op die verstaansproses in nie, maar verruim intendeel die perspektiewe op 'n teks en voeg ook insigte vir die navorser toe wat hy daarsonder nie sou gehad het nie. 'n Funksionele benadering waarin die *retoriese funksie* van 'n literatuurteks binne sy konteks mede-bepalend vir die identifisering en onderskeiding van generiese elemente is, kan dus die moontlikhede wat in die generiese aanbod van die teks teenwoordig is, optimaal ontgin. *Verwisseling van genres* in een bepaalde literatuurwerk kan omgekeerd weer as 'n literêre strategie of retoriese funksie aangewend wees en as sodanig herken word. Dus: aan die een kant werp die vasstelling van die retoriese funksie van 'n teks in die geheel van die literatuurwerk lig op die generiese eienskappe van die mikrotekste; aan die ander kant is die wisseling van generiese elemente in 'n werk mede-bepalend vir die vasstelling van die retoriese oogmerk wat die literatuurwerk as 'n makroteks in sy geheel wil bereik.¹⁰³

Deur rekening te hou met die komplekse, veelvoudige gestaltes van genre wat 'n onontkenbare gegewe is, word genre-onderskeidings inderdaad 'n literêre sleutel tot die ontsluiting van dit wat 'n teks wil kommunikeer.

¹⁰³ Die onderskeid tussen *mikrotekste* en *makroteks* soos dit in die strukturele bou van Openbaring aan die lig kom, word in 4.2.1.2.2 gemaak. Die implikasie wat dit het vir die eksegetiese metode wat by die verklaring van die boek gebruik word, word ook aangestip. Hoe belangrik dié onderskeiding is, word in Hoofstukke 5 en 6 duidelik.

4.2.1.1.5 *Huidige tendense in genre-navorsing*

Talle teoretici verkies vandag 'n neutrale term soos *tekstipe* bo *genre* (Hambidge, 1992:149). Hulle is gekant teen absolutistiese indelings en onderskeidings, die klassifisering van tekste “*into sets with clear-cut boundries*” (Forbes, 1992:378-379). Vroeër is die klem juis op die universele basiskenmerke van 'n genre gelê. Daar is op beskrywing en klassifikasie van tekseienskappe gesteun wat nie (of nouliks) aan verandering onderhewig was (vgl. Bingle, 2000:64; vgl. ook weer die historiese oorsig in 4.2.1.1.1 hierbo). Die huidige tendense in die navorsing oor genres vertoon dus nou oorwegend 'n ander – in 'n groot mate teenoorgestelde – benadering.

Kritici wil wegbeweeg van 'n *taksonomiese* benadering en hantering van literêre tekste (Vlasselaers & Van Gorp, 1989:8; vgl. ook Steinmetz, 1989:43). Genre word nie soseer beskou as 'n sleutel vir die klassifikasie van 'n literêre teks nie, maar as 'n sleutel tot die ontsluiting van die betekenis van die teks, alhoewel dit nie 'n onfeilbare sleutel is nie. Genre is dus 'n aspek van *literêre kommunikasie* (Dubrow, 1982:106; Paltridge, 1997:27; Dudley-Evans, 1994:219-220). McGinn (1988:526 e.v.) bespreek genre as 'n literêre sleutel tot teksinterpretasie in die bestudering van die Openbaringboek. Daarmee bly die resente navorser steeds in die problematiek en kompleksiteit van genre wat selfs in die gebruiklike lê.¹⁰⁴

Die huidige tendens in genre-onderskeiding is dus 'n paradigmaskuif weg van die taksonomiese of essensialistiese benaderingswyse na 'n meer *dinamiese, aksiologiese* benadering. 'n Teks moet vanuit sy retoriese funksie in sy konteks verstaan word. Statiese taksonomie wat op 'tasbare' tekseienskappe gebaseer is, maak plek vir 'n lees van die teks in die kader van norme en waardes wat ook 'buite' die teks lê. Genres is nie (net) in linguistiese onderskeidings te definieer nie, maar ook “*...in relation to wider systems of meaning, other texts, codes, norms, experiences, and to a society as a whole*” (Paltridge, 1997:20). Resepsieteorieë, sosiologiese funksieteorieë en die sogenaamde poli-sisteemteorie is die belangrikste manifestasies van hierdie benadering. Vlasselaers en Van Gorp vat die verskuiwing in paradigma wat ingetree het soos volg saam:

De genreproblematiek verruimt zich aldus tot een theorie van mogelijke communicatiecategorieën, die niet meer als hiërarchisch opgebouwde classificaties worden beschouwd, maar als functioneel-pragmatische tekstmodaliteiten, werkzaam in een open (poly)systemisch krachtveld van normen en waarden. (Vlasselaers & Van Gorp, 1989:9.)

Die aandagkonsentrasie in die teoretiese besinning in verband met genres het hiervolgens dus weggeskuif van pogings tot *statiese definiëring* van genres (wat in elk geval weerstandig teen definiëring is; vgl. 4.2.1.1.2 hierbo) waarin formele aspekte deurslaggewend is, in die rigting van dinamiese, vloeiende *kontekstualisering* van tekste waarin

¹⁰⁴ Die gebruiklike indeling in genres is blykbaar 'n 'gebruiklike' probleem! (Bingle, 2000:63).

die retoriese funksie asook die konteks van die teks belangriker as definisie en klassifisering word. Hassan sien hierdie verskuiwing binne die groter historiese raamwerk van die ontwikkeling van die Modernisme se '*genre/boundary*' na die Postmodernisme se '*text/intertext*' (Hassan, 1987b:91-92; vgl. ook weer by 2.2.2.7.0 die bespreking van Postmoderniteit wat die konteks van die resente tyd grootliks beïnvloed en oorheersend bepaal). Die teks in sy konteks en sy *intertekstuele* plasing in 'n netwerk van tekste waaraan hy verbind is, het al meer die aandag begin ontvang. Dit sluit normerende faktore in sowel die 'teks' van die ontstaanskonteks in as die 'teks' van die ontvangskonteks. Die deurwerking van die resente lesersentriese benaderingshoek in literêr-teoretiese navorsing (vgl. weer die bespreking daarvan in 3.1.2.3) is dus ook ten opsigte van genre-onderskeiding onmiskenbaar aanwesig.

4.2.1.1.6 Samevatting en konklusie in verband met die fokus en konteks van genre-navorsing

Samevattend kan nou gestel word dat die diversiteit van literatuur nie *simplisties* georden en *afsluitend* en *uitsluitend* geklassifiseer kan word nie. Die historiese sinopsis oor die klassifisering van hoofgenres in die literatuur wat hierbo vlugtig geflits is, die problematiek rondom die definiëring van genre, dramatiek, epiek en liriek wat as die drie argi-genres vasgestel is, die kameleontiese gestaltes van genre wat aangestip is en die oorsig oor die huidige tendens(e) in literêrwetenskaplike genre-onderskeiding, bevestig hierdie waarneming. Die huidige navorsingskonteks is enersyds nie gunstig teenoor 'n benadering waarin 'n literatuurteks volgens 'n vaste stel reëls (wat dan uitsluitlik in altydgeldende tekseienskappe sou setel) net binne een afgegrensde klas of soort gekategoriseer word nie. Die drie geykte argi-genres moet nie as 'n magiese ordeningsbeginsel aangewend word nie, want die 'wêreld' waarin die teks ontstaan het en waarin hy leef, laat ook ander en meer faktore as absolutistiese afbakening in literêre kommunikasie meesprek. Die ontstaans- en leefwêreld van 'n literêre teks is en word histories, sosiaal en kultureel bepaal en hierdie *kontekstualiteit* is weer mede-bepalend vir die verstaan en vertolking van die teks as sodanig, terwyl die teks boonop ook korrespondeer en 'kommunikeer' met ander tekste. Dit gaan ook oor die *intertekstualiteit* van die teks. Andersyds bied die huidige navorsingskonteks waarin hierdie studie plaasvind 'n gunstige ruimte vir 'n benadering tot literatuurtekste waarin die diversiteit van tekstipes vanuit (onder meer) hulle *retoriese funksie* moontlikhede kan open om betekenis te ontsluit, selfs en veral uit die *wisseling*, *verwisseling* en *wisselwerking* van verskillende generiese elemente in een bepaalde literatuurteks.

Die konklusie uit bogenoemde samevatting is dat 'n *omvattende* benadering waarin al die bespreekte aspekte en faktore in ag geneem word, ten opsigte van die onderskeiding van literêre genres aangewese is. Die generiese onderskeiding en saamgroepering van

dramatiek-epiek-liriek is in dié benadering 'n *funksionele* (maar nie magiese) *instrument* in die ontsluiting van betekenis. Literêre kommunikasie van en deur die teks word daardeur moontlik.

4.2.1.2 Genre-onderskeiding se funksie in die Bybelwetenskap, in besonder in die bestudering van die Openbaringboek

4.2.1.2.1 *Die belangrikheid van genre-identifisering in die bestudering van 'n Bybelboek*

Die vasstelling van 'n Bybelboek se genre word oor die algemeen as belangrik vir die verstaan en interpretasie van die betrokke boek beskou. Verantwoordelike eksegeese kan nie gedoen word sonder om deeglik te let op die tekstipiese karakter wat die geskrif wat bestudeer word, openbaar nie. Dit is te alle tye 'n noodsaaklike stap en 'n integrale deel van die proses om sover moontlik vas te stel wat die Bybel as 'n literatuurgeskrif kommunikeer. Genre-onderskeiding is immers nie – so is reeds vasgestel en herhaaldelik genoem – primêr 'n sleutel vir die klassifikasie van 'n literêre teks nie, maar 'n sleutel in die ontsluiting van die betekenis van die teks (vgl. weer 4.2.1.1.3). Die meeste Bybel-kommentare gee daarom aandag aan vroeë rondom genre. Daar word blykbaar nie verskil oor of genre belangrik is nie; daar is wel verskil oor hoe die onderskeiding gemaak word en wat die beskouing is van die funksie wat dit in teksontleding het.

Ook in die gereformeerde omgang met die Bybel geld genre-onderskeiding as 'n noodsaaklike stap in die proses om tot 'n sinvolle en verantwoordelike vasstelling van die openbaring in 'n bepaalde boek en -teks te kom (De Klerk & Van Rensburg, 2005:19-22).

Indien daar van die insigte en die konklusie wat pas in 4.2.1.1.6 hierbo in verband met die fokus en konteks van genre-navorsing onderskeidelik saamgevat en bereik is in Bybelwetenskaplike navorsing gebruik gemaak word, open 'n skerp fokus op genre se literêr-retoriese funksie en vorm besondere perspektiewe. Die vasstelling van die tekstipe en die funksionering van generiese aspekte in die struktuur van die Openbaringboek is veral vir hierdie studie as besonder belangrik aangedui en word daarom noukeurig nagegaan en geïnterpreteer.

4.2.1.2.2 *Die Openbaringboek se plek tussen kontemporêre literatuur en binne die generiese verskeidenheid van die Bybel, in besonder van die Nuwe Testament*

Die Bybel is 'n ryk versameling van verskillende literêre tekstipes en -vorme. Die oorkoepelende literêre vorm van die Bybel sal daarom 'n *antologie* ('n versamelskrif of bloemlesing) genoem kan word (Ryken & Ryken, 2007:x).

Wat die genre of tipe literatuur van die Bybelboek Openbaring betref, dui dié boek self sy soortlikheid in sy openingsvers duidelik as 'n *apokalips* aan (Op. 1:1). Daar is reeds aan die begin van hierdie studie (in 2.2.2.1.1.2) opgemerk dat die Bybel in sy eie tipering van Openbaring as *ἀποκάλυψις* bygedra het tot literatuurtiperende nomenklatuur. *Ἀποκάλυψις* is 'n woord wat nie in Op. 1:1 'van buite' deur sy kontemporêre kultuur-konteks se literêre nomenklatuur bepaal is nie, aangesien die woord in die ander apokaliptiese geskrifte van sy ontstaanstyd eers later as 'n generiese term gebruik is, en bowendien na alle waarskynlikheid in die meeste gevalle ook nog as redaksionele invoegings eers later in daardie literatuur opgeneem is. Daar kan dus aangeneem word dat dié soort literatuurteks sy spesifieke literatuurtiperende betekenis gekry het van die gebruik daarvan in die boek/geskrif *Openbaring*. Op. 1:1 het 'n nuwe genre-term in gebruik gestel wat dan later ook in ander apokaliptiese geskrifte sy beslag gekry het (J.J. Collins, 1984:3; vgl. ook A.Y. Collins, 2003:195).

Apokaliptiese literatuur was veral in die eeue rondom (voor en ná) die begin van die Christelike jaartelling 'n populêre genre. Die tydvak ter sprake is 200 v.C. tot 200 n.C. volgens Stander (2003:146), 250 v.C. tot 130 n.C. volgens J.J. Collins (1984:3), 200 v.C. tot 100 n.C. volgens Johnson (2002:74) en 300v.C. tot 200 n.C. volgens Nel (2003:371). Die boeke Daniël en Openbaring ontstaan in hierdie tyd in die literêre konteks van Joodse apokaliptiese literatuur – Daniël in ongeveer 200v.C. en Openbaring teen 95-96 n.C.¹⁰⁵ Alhoewel daar van Openbaring se voorstellings, beelde en simbole ook in Joodse literatuur voorkom en daar ook parallelle daarvan in die vroeë Christelike geskrifte gevind word, het geen enkele ander werk egter soveel invloed op apokaliptiese denke uitgeoefen soos die boek Openbaring nie (A.Y. Collins, 2003:195). Openbaring kan die klassieke apokalips genoem word (vgl. Rowland, 1997).

'n Definisie van *apokalips* wat deur 'n gesaghebbende Openbaringnavorsers soos J.J. Collins (1979) gegee word en wat steeds wyd aangehaal word (vgl. onder andere VanderKam, 2003:307; Adele Yarbo Collins, 2003:76), staaf hierdie invloed wat Openbaring op apokaliptiese literatuur uitoefen:

'[A]n apocalypse' is a genre of revelatory literature with a narrative framework, in which a revelation is mediated by an otherworldly being to a human recipient, disclosing a transcendent reality which is both temporal, insofar as it envisages eschatological salvation, and spatial insofar as it involves another, supernatural world. (J.J. Collins, 1979:9.)

Die besondere van die plek wat Openbaring in die generiese verskeidenheid van die Bybel as geheel inneem, is onder meer te wyte aan die feit dat dit een van slegs twee

¹⁰⁵ Die problematiek rondom die datering van Openbaring word later kortliks toegelig (Deel 3). Hier word die genoemde datum as ontstaanstyd aanvaar.

uitgebreide apokalipse in die Bybel verteenwoordig, die enigste in die Nuwe Testament (die ander een is 'n deel van die Ou-Testamentiese boek Daniël, soos reeds hierbo genoem – vgl. Daniël 2, maar veral 7-12).

Openbaring se plek in die kleiner geheel van die Nuwe-Testamentiese literatuurkorpus is ook uniek. Tradisioneel word die literatuur van die Nuwe Testament breedweg in vier literatuursoorte ingedeel: *evangelie*, *acta* (die Handeling van die Apostels), *briewe* en *apokalips* (die Openbaring van Johannes) (Van Aarde, 2006:660; De Klerk & Van rensburg, 2005:19; Vorster, 1992:354). Sowel Van Aarde as Vorster is van mening dat die Nuwe Testament slegs twee strukturele tekssoorte of -tipes bevat, naamlik narratiewe tekste (verteltekste) en argumentatiewe diskoerse (nie-verteltekste) (Van Aarde, 2006:-661; Vorster, 1992:354).

Openbaring word binne bogenoemde vierdeling én tweedeling as 'n vertelling of narratiewe teks beskou, wat narratiewe kenmerke soos plot, karaktertekening, fokalisasie, verteltyd en vertelde tyd en ander tipiese narratiewe aspekte vertoon. Die identifisering en benadering van Openbaring as 'n narratief open besondere en waardevolle perspektiewe vir die huidige navorsing. Daar word nou eers in hooftrekke op bepaalde literêre fasette en dimensies van die narratief ingegaan om die implikasie daarvan vir Openbaring-navorsing onmiddellik daarna aan te dui en te beredeneer.

Monika Fludernik publiseer in 2000 'n belangwekkende en rigtinggewende artikel wat hierdie perspektiewe op narratiewe tekste help oopmaak. Dit handel oor '*narrative modalities and generic categorization*' waarin sy met die konsepte genre, tekstipes en '*discourse modes*' werk (Fludernik, 2000:274-292). Die insig wat deur die artikel vir die verstaan en benutting van Openbaring se rykdom vir hierdie studie geopen word en op die narratiewe teks van dié Bybelboek van toepassing gemaak kan word, is dat Fludernik daarop wys dat die narratief-tekstipe volgens die klassieke definisie 'n '*mixed genre*' is wat *mimesis* en *diëgesis* kombineer.¹⁰⁶ Hierdie generiese vermengdheid van die narratief word deur haar verder in besonderhede uiteengesit:

In narrative studies...there arose some recognition that a narrative text does not exclusively consist in narrative sentences but includes a large number of

¹⁰⁶ Die betekenis wat in die literêre teorie aan die twee terme geheg word, gaan terug op die onderskeid wat Plato in sy *Republiek* tussen die twee begrippe getref het. Volgens hom is *diëgesis* vertelling, wat in die *dithyramb* en die epiese uitdrukking vind. Dit staan teenoor *mimesis*, wat voorstelling of nabootsing is en in die drama figureer. In die moderne teorie het Plato se twee begrippe gewysigde betekenis gekry. Diëgesis dui nou op vertelling *per se*. Die verteller/outeur praat in die gedeeltes tussen die direkte rede van die karakters in die verhaal. Mimesis verwys nou na die styl van 'n verteller wat in die redevoering van die karakters self aan die woord is. Die skrywer van die Openbaring-narratief se vertelling is in die diëgesis-styl.

supposedly nonnarrative items (the speech and thought representation of characters, for instance) as well as metanarrative features (e.g., the narrator's evaluation, reader address) and some strictly speaking nonnarrative elements such as description, that are, however, constitutive of how most narratives handle the setting. All of these supposedly nonnarrative elements are basic ingredients of any narrative surface structure...Not every sentence in a narrative text, that is, qualifies as "narrative" by the standards of narratological narrativity. (Fludernik, 2000:274.)

Dit is spesifiek hierdie eienskappe van die narratief wat deur Fludernik beskryf is, wat die navorser daarop bedag maak dat genre, of minstens die generiese elemente in die narratief, varieer en dat daar in die narratief se '*variegated textual surface structure*' generiese motiewe is wat deurgaans as't ware aandring op verrekening en vertolking. Met verwysing na Kinneavy (1971) en Werlich (1983) wys Fludernik op 'n baie belangrike basiese generiese onderskeid wat gemaak moet word tussen '*a global text type*' aan die een kant en dié se '*specific realization*' in 'n empiriese teks wat tot 'n genre behoort aan die ander kant, 'n konsep wat deur Werlich 'n/die *tekstvorm* genoem word (Werlich, 1983:46; Fludernik, 2000:276).¹⁰⁷ Die variënde tekstuele oppervlakstruktuur van die globale tekstipe wat in 'n empiriese teks gerealiseer word, lei na 'n dieptestruktuur-matriks van reëls en elemente vir die leser of enkodeerder van die teks.¹⁰⁸ Die narratief as die globale tekstipe (makro-genre) open hierdie generiese dimensies waardeur die mikro- of subgenres – soos die himniese gedeeltes in Openbaring – betekenisvol funksioneer in die opset van die totale struktuur van die narratief.

'n Verdere onderskeid wat deur Fludernik getref word, is ook van kardinale belang. Sy onderskei naamlik ten opsigte van *tekstipe* drie vlakke:

- (1) The level of *macro-genre*,...This level is constituted by the *functions* of communication.

¹⁰⁷ Die onderwerp waaroor James Kinneavy (n bekende vroeëre Engels-literatuurwetenskaplike) handel, is weliswaar nie 'n studie in die veld van genre-teorie nie, maar 'n bestudering van die doelwitte ('*aims*') van diskoers. Ook daaruit is dit egter duidelik dat verskillende tekstipes in verskillende kontekste varieer na gelang van die funksie wat dit in die kommunikasieproses moet verrig. Dit is die '*decoder*' van die gekommunikeerde boodskap wat die algemene tekstipe in 'n spesifieke tipe laat verbesonder (Kinneavy, 1971:59-60,61). Die enkodeerder se doel is immers om 'n boodskap sinvol oor te dra na die dekodeerder en daarom sal h/sy die kommunikasie-teiken in ag neem – ook by die bepaling van die tipe kode ('*signal*') wat in die gegewe situasie tussen die twee punte van die kommunikasie beweeg. Kinneavy spreek die kritiek uit dat 'literatuur' dikwels hierdie aksiomatiese feit en die '*audience*' vergeet en laat dan daarop volg: "...and let the discourse speak for itself...The addressee within the literary discourse is, as a matter of fact, often fictional or even nonpersonal" (Kinneavy, 1971:59). Hierdie '*matter of fact*' neem nie die feitlikheid van die ander feit weg dat variasie van tekstipes in die literatuur besonderlik deur die retoriese funksie daarvan bepaal word nie.

¹⁰⁸ Werlich onderskei tussen vyf tekstipes: '*description*', '*narration*', '*exposition*', '*argumentation*', '*instruction*'. Hy noem die vyf tekstipes "...an idealized norm of distinctive text structuring which serves as a deep structural matrix of rules and elements for the encoder" (1983:39).

- (2) The level of *genre*. Traditional genre expectations are operative here.
- (3) The level of *discourse mode* on the surface level of texts. On this level, the function, for instance of an argumentative or descriptive passage, *within* the schema of the specific genre is at issue. (Fludernik, 2000:280-282; kursivering van Fludernik).

Enkele waarnemings en afleidings wat uit Fludernik se onderskeiding van die drie vlakke van tekstipe gemaak kan word, is belangrik in die opset van die huidige navorsing se doelstelling.

- Die makro-genre van 'n literatuurteks moet eerstens ten opsigte van en vanuit sy praktiese kommunikatiewe funksie(s) benader word. Dit impliseer dat die makrostruktuur van die teks met oordragvorm of skryfmodus te doen het. Die fokus val dus op die funksionele, retoriese kommunikasiestrategie(ë) van die literatuurteks as 'n literêre geheel.
- 'n Verdere belangrike waarneming wat hieruit gemaak kan word, is dat die derde tekstipiese vlak aansluit by die funksionele eerste vlak. Dit vorm deel van die makro-genre se funksie van kommunikasie deurdat die redevoeringsmodus soos dit empiries op die oppervlakstruktuur van tekste realiseer, op hierdie derde vlak sigbaar 'opereer'. Dit is kennelik die kleiner mikrotekste (mikro- of subgenres) van die literatuurwerk wat hier ter sprake is. Die mikro-genre(s) is dus ook funksionele modi wat in kombinasie met die makro-genre funksioneel in die geheelopset figureer en primêr so benader moet word.
- Die enigste van die drie vlakke van tekstipe wat dan meer generies-inhoudelike eienskappe weerspieël, is die 'middelvlak' van die genre self. Die benaderingshoek tot dié tekstipiese vlak en die verwerking van die vlak se inligting en gegewens behoort dan waarskynlik meer inhoudelik as funksioneel-retories geöriënteerd te wees.

Al bostaande aspekte wat in die wetenskaplike artikel van Fludernik ter sprake gebring word, bevestig wat tot dusver waargeneem is en gaandeweg in die bestudering van genre duideliker geword het. Dit kan nou samevattend só verwoord word:

Genre-onderskeiding en die identifisering van generiese faktore in die literatuurteks

- (i) is nie vas en staties nie en nie 'n doel op sigself nie;

- (ii) moet nie primêr taksonomies-kategoriserend verstaan, gedink en op tekste 'gepas' word nie;
- (iii) het ten nouste met retoriese funksie as 'n literêre strategie te doen;
- (iv) moet voortspruitend uit die belangrikheid van retoriese funksie en literêre strategie ter wille van literêre kommunikasie in 'n dinamies-funksionele en omvattende benadering gekontekstualiseer word;
- (v) behoort in die lig van (iii) en (iv) as 'n funksionele verklaringsinstrument gebruik te word;
- (vi) moet intra- en intertekstueel vertolk word;
- (vii) moet na aanleiding van die wisselende, verwisselende en wisselwerkende veranderings en bewegings van die generiese elemente as skryfmodi geïnterpreteer word;
- (viii) behoort die teenwoordigheid en funksie van die dramatiese, epiese en liriese argi-genres te bepaal en in die geheelopset te interpreteer.

Indien Openbaring dan as 'n narratief geïdentifiseer word, wat is die implikasie wat hierdie generiese onderskeiding en identifisering vir die verstaan en verklaring van die boek inhou?

Die voor die hand liggende antwoord op die vraag is sekerlik dat 'n *narratologiese* lesing van Openbaring sonder twyfel aangedui is. Dit is immers in 'n narratologiese lesing van die dramaties-apokaliptiese narratief vanselfsprekend dat generiese aspekte vir ver-rekening na vore tree en dat bostaande verstaan en identifisering van generiese wisselinge meehelp om die betekenis van die apokalips verantwoordbaar te ontsluit.

Die Openbaringboek kan as 'n narratief nie anders as om vanuit hierdie besondere literêre gesigshoek gelees, verstaan en vertolk te word nie. Dit is hieruit duidelik dat genre-teorie en -onderskeiding kardinaal belangrik is vir die benadering en ontsluiting van die Bybel-as-literatuur en vir die verstaan van die teksgeworde openbaring wat daarin vergestaltung vind. Dit lei die hier-skrywende navorser daartoe om weer die belangrikheid te beklemtoon van die 'literêre' studie wat in 'n vorige hoofstuk, Hoofstuk 2, in diepte gedoen,

beredeneer en bevind is in verband met die literariteit van die Bybel en die waarde en betekenis wat dit vir die vertolking en interpretering van die Skrifopenbaring inhou.¹⁰⁹

Resseguie wys op die rol wat 'n literêre fokus op die Bybel inhou, spesifiek na aanleiding van die generiese tekstipe *narratief*, en waarop die aandag in so 'n lesing gekonsentreer word:

Narrative criticism focuses on *how* biblical literature works as *literature*. The 'what' of a text (its content) and the 'how' of a text (*its rhetoric and structure*) are analyzed as a complete tapestry, an organic whole. Narrative critics are primarily concerned with the literariness of biblical narratives – that is, the qualities that make them literature. Form and content are generally regarded as an indissoluble whole. Narrative criticism is a shift...to the way a text communicates meaning as a self-contained unit, a literary artefact, an undivided whole. (Ressiguie, 2005:18-19; beklemtoning deur kursivering van JPB, behalwe *literature* – laasgenoemde van Ressiguie.) (Vgl. ook Aune, 2003:315.)

Dat die apokaliptiese literatuurwerk wat as *Openbaring* bekend staan 'n narratief genoem word en vanweë sy aard dan eerstens narratologies gelees moet word, moet egter nog nader gekwalifiseer word. Die boek bevat naamlik nie 'n gewone vertelling nie. Dit is 'n apokalips (so sê die boek self in sy eerste vers!) wat 'n *drama* verhaal, of op die Hellenistiese drama gebaseer is (Viljoen, 2003:217; Loots, 1948:26-29; Bowman, 1955, 1968; Blevins, 1980, 1984; Voortman & Du Rand, 1997; Barr, 1998:2). Dit kan daarom as 'n *dramatiese vertelling/narratief* beskou word (Du Rand, 2007:45-47; vgl. ook Viljoen, 2003:217-218). Dit vertel en interpreteer *geskiedenis* in 'n dramatiese vorm. *Liturgiese* taal en motiewe kom ook daarin voor, en dit is moontlik dat Openbaring mondeling voorgelees is in die erediens van die vroeë Christene, of minstens so 'n mondelinge (liturgiese) konteks veronderstel. Literatuur wat dit bevestig, is talryk.¹¹⁰

Die plasing van die boek in 'n liturgiese konteks word deur Fred Craddock baie sterk beklemtoon om die volle krag daarvan te ontdek: “*Revelation, primarily a liturgical book, invites its readers to sing, to pray, and to praise God; and those who attempt to preach or teach its themes apart from a liturgical setting rob it of much of its power.*” (Craddock, 1986:270.)

Die elemente wat die apokalips nader bepaal, is dus *dramaties*, *histories* en *liturgies*. Openbaring kan daarom 'n dramatiese narratief met 'n historiese inhoud in die vorm van

¹⁰⁹ Vergelyk die hele Hoofstuk 2, maar veral die bevinding in 2.2.5 in verband met die besondere waarde van 'n literêre benadering van die Godsopenbaring wat in die Bybel gesagvol *literatuur*teks geword het. Sien verder ook die aanwending daarvan in die narratologiese lesing van Openbaring in die volgende hoofstuk, Hoofstuk 5.

¹¹⁰ Vanni, 1991:348-372; Murphy, 2005:687; Jang, 2002:193-194; Cabaniss, 1953:78-86; Cullmann, 1978:7; Floor, 1979:135; Barr, 1986:252; Seel, 1990:67; Barr, 1998:33,171-175; Guthrie, 1992; Thompson, 1990:69-73; Viljoen 2003:216-217.

liturgiese taal en motiewe genoem word. Vir die doeleindes van hierdie studie word die *makroteks Openbaring* verderaan as 'n dramatiese narratief benader.¹¹¹

Die Openbaringboek is egter ook uit *mikrotekste* opgebou, soos gedeeltes met *brief-eienskappe* (Op. 1:4-6,11; 2, 3; 22:16) en *profesie* of Goduitsprake/orakels (Op. 1:3,8; 13:9-10; 14:13; 16:15; 18:1-19:8; 22:12-13).¹¹² Die *himniese* stof in die boek is 'n besondere mikrotekstuele (en –strukturele) komponent in die geheelopset van die makroteks. Dit is die kerngedeeltes waarop die navorsing in Hoofstukke 5 en veral 6 van hierdie studie afgestem word.

In die reël dikteer die makroteks die eksegetiese metode, sodat die mikroteks as onderdeel van die geheelteks benader word (Van Aarde, 2006:661). In die studie van Openbaring beteken dit dat die mikrotekste, soos onder meer die himniese gedeeltes, se *funksie* binne die narratiewe raamwerk van die Openbaringboek in sy geheel verstaan en verklaar moet word. Die generiese eienskappe van die liedere is anders as dié van die makroteks, maar dit funksioneer retories binne die narratiewe geheelopset, en word daardeur bepaal. Die uitwerking wat die mikrotekste op die eksegetiese verklaring van die makroteks mag hê, mag egter ook nooit uit die oog verloor word nie – dit is per slot van sake samestellende dele van die makroteks wat die makroteks mede-bepaal.

Samevattend kan gestel word dat die Openbaringboek se plek in sy kontemporêre literatuurkonteks en binne die generiese verskeidenheid van die Bybel, in besonder van die Nuwe Testament, uniek is. Hierdie uniekheid maak die navorser intens bewus van die belangrikheid van generiese faktore en aspekte by die verklaring van 'n Bybelboek, in besonder van die sonderlinge laaste literatuuurdokument van die Nuwe Testament, wat ook die sluitstuk van die ryk-geskakeerde antologie, genoem *Bybel*, vorm.

4.2.1.2.3 Ordening van die Openbaringboek se generiese samestelling

Voordat 'n finale bevinding in verband met genre-teorie se rol en relevansie in die opset van die huidige studie gemaak word, word die generiese eienskappe van die Openbaringboek in die lig van die voorafgaande bespreking georden om as die basis vir die benadering van die generiese struktuur van die boek te dien.

¹¹¹ Hoofstuk 5 staaf deurgaans die stelling dat die makroteksstruktuur van Openbaring dramaties-narratief van aard is en vanuit sodanige tekstipering benader behoort te word.

¹¹² Ryken noem die verskynsel van meer genres en die verwisseling van genres/tipe in een boek die '*hybrid nature*' van die Nuwe-Testamentiese boeke (Ryken, 1993d:365).

Alles in ag genome, kan die generiese samestelling van Openbaring soos volg georden word:

Die Openbaring aan Johannes

- Makro-genre: *dramatiese narratief*, met skryfmodus wisselend, maar hoofsaaklik *dramaties*
- Genre: *apokalips*, met die tipiese inhoudelike eienskappe van apokaliptiese literatuurtekste, bevattende *dramatiese, epiiese en lirieke* aspekte
- Mikro- of subgenres: brief, gesprekke/dialogoog en profesie, en baie belangrik vanweë die besondere fokus van die huidige studie, ook *liedere*, met die empiriese oordragstyl daarvan *epies-liries* en *liries-epies*.

Die mikrotekste en die makrotekste determineer mekaar in 'n groot mate. Die liedere in Openbaring is deurentyd as 'n groep mikrotekste in *intra*-tekstuele aksie by mekaar betrokke, en gelyktydig ook afsonderlik en gesamentlik in 'n dialogiese *inter*-tekstuele interaksieproses by die makrotekste betrokke.

Die vrae wat in die bestudering van Openbaring gevolglik gevra moet word, is: Watter funksie vervul die (ver)wisseling en wisselwerking van genres in die mikrotekste (wat generies anders is as die makro-genre van die makrotekste) in die Openbaring-makrotekste? Wat kan uit hierdie besondere plasing van die himniese stof in die groter narratiewe geheelopset afgelei word? Wat is die betekenis van die generiese aard van die himniese tekste in dié verband? Watter literêre dimensies en basisteoretiese beginsels vir himnografie lê moontlik opgesluit in die himniese mikrotekste van die boek in hulle konteks, kombinasie en verband met die makrotekste se oorkoepelende, geïntegreerde geheelstruktuur?

Dit is vir die beantwoording van hierdie vrae belangrik en onontbeerlik dat die perspektiewe wat genre-teorie open, aangewend sal word. Dit is veral die argi-genres dramatiek, epiek en liriek se teenwoordigheid en werking binne die bostaande ordening wat die navorser noop tot nadere – en verdere! – ondersoek. Hulle verwisseling en retoriese funksie in die totale literêre aanbod van die Openbaringboek hou waarskynlik die sleutel vir die ontsluiting van die probleemstellings wat in die vorige paragraaf vraenderwys gestel is. Daarop word in die volgende hoofstuk, Hoofstuk 5, ingegaan, waarna dieptesnitte in himniese mikrotekste in Hoofstuk 6 die problematiek verder tot voordeel van die himnografie behoort te ontsluit.

4.2.1.3 Konklusie in verband met genre-teorie se rol en relevansie in die opset van die huidige studie

Omdat genre-onderskeiding 'n onmisbare deel is van die analiseringsproses om die betekenis van 'n Bybelboek en -teks sinvol en verantwoordelik vas te stel en te interpreteer (vgl. 4.2.1.2 hierbo), maak dit noodwendig ook 'n wesenlike deel uit van 'n studie van die aard en omvang van die huidige navorsing. Spesifiek in die bestudering van Openbaring kan genre-onderskeiding besondere perspektiewe open. Dit geld nie net die verklaring en vertolking van dié besondere boek deur vasstelling van die literêre genre waarin dit in sy *geheel* 'tuiskom' nie, maar dit geld veral ook die verstaan van die himniese *gedeeltes* se funksie binne die konteks van die totale komposisie van die dramatiese narratief. Die teenwoordigheid en interaksie tussen die verskillende generiese elemente in die laaste Bybelboek is/bied 'n sleutel tot die ontsluiting van teksbetekenis. Die *makro-genre*, *genre* en *mikro-genre* en veral die *argi-generiese elemente* se onderlinge verband en werking in die geheelopset van die boek (sien weer 4.2.1.2 hierbo), ontsluit die betekeniskommunikasie wat deur die teks plaasvind. In dié proses word elkeen van die generiese 'rolspelers' belangrik geag, en kan die afsonderlike, onderskeie dele nie sonder die geheel benader word nie, terwyl die geheel ook nie globaal sinvol verstaan kan word as die dele nie in ag geneem word nie.

Wanneer die taak van die navorser wat die generiese fasette in die literatuurteks genoem *Openbaring* onderskei en bestudeer, nader omskryf word, is dit duidelik dat die opgawe nie is om vas te stel of elke individuele teks of teksgedeelte gedweë, 'korrek' en 'suiwer' binne en volgens 'n vasgestelde generiese raamwerk optree nie, maar hou dit wel in dat die *dinamika* van die *wisselende*, *verwisselende* en *wisselwerkende* generiese elemente in dié besondere literêre werk nagegaan sal word. Die doel van hierdie gerigtheid in die navorsing is om betekenis so volledig moontlik te ontsluit met die oog op verantwoordelike teksinterpretasie. Aandag is in die navorsing dus nie primêr gekonsentreer op (strak en rigiede) klassifisering van tekste binne tipes en soorte nie, alhoewel daarmee rekening gehou word dat daar wel basiese generiese eienskappe in tekste teenwoordig is wat *sentripetaal* na mekaar reik en generiese substansie en gestalte aan tekste gee. My aandag bly in hierdie studie egter primêr gefokus op die interaksie tussen die tekste en die generiese elemente van tekste – om so ruimer betekenismoontlikhede vir 'n verantwoordbare interpretasie van Openbaring te kan ontsluit. Die bevinding sal waarskynlik wees dat genre-leer onontbeerlik is vir die vasstelling van basisteoretiese beginsels in die himniese stof van die Openbaringsboek, beginsels wat waardevol kriterium sal bied en betekenis sal vrystel tot voordeel en verantwoorde begroning van himnografie.

4.2.2 Narratologie

4.2.2.0 Inleidend: narratologie in die opset van die huidige studie

Dat narratologie in die opset van die huidige studie 'n kardinale rol speel, het telkens uit die beredeneringe en bevindings in Deel 1 na vore gekom.

Reeds by die aanvanklike besinning oor die literariteit van die Bybel aan die begin van Hoofstuk 2 is byvoorbeeld opgemerk dat een van die onderskeidende kenmerke van literatuur is dat eenheid en geheelheid literatuurtekste kenmerk, en dat die Bybel 'n geïntegreerde korpus literatuur is wat by uitstek 'n *narratiewe* eenheid vertoon. Die rangskikking van die tekstmateriaal van die Bybel is naamlik min of meer chronologies in ooreenstemming met die ontplooiing van 'n globale narratiewe eenheid: 'n geskrewe taaltekst in die klassieke verhaalstyl met 'n begin (die skepping van die heelal), 'n middelstuk (die geskiedenis van die gevalle mensdom en die herstel wat gekom het) en 'n einde (die voleinding van die geskiedenis in die finale oorwinning oor die Bose). Die raamwerk van die geheel is dus 'n historiese narratief (vgl. 2.2.1.2(vi)).

By die bespreking in Hoofstuk 3 van die tekssentriese benaderings tot die literatuurtekst (3.1.2.2.2) het narratologiese fasette deurentyd na vore gekom – soos pas ook in hierdie hoofstuk by die bespreking van genre-studie (4.2.1). Verder sal narratologie in die hele volgende hoofstuk, Hoofstuk 5, aan die orde kom en wel as die grondslag van die makrostrukturele analise van Openbaring deur middel van 'n narratologiese lesing daarvan, gepaardgaande met kursoriese eksegeese van die boek.

Die bevinding wat tot dusver telkemale uit die beredeneringe na vore gekom het, kan soos volg saamgevat word:

'n Benadering van die Bybel-as-literatuur sluit noodwendig in dat die narratiewe literatuurvorm – ook die globale narratief van God se openbaringsdramatiek in sy daad en sy deugde – in die huidige ondersoekveld teenwoordig is en verder by die besondere studie van Openbaring, wat op sigself opsigtelik 'n dramatiese narratief is, teenwoordig behoort te wees. God word juis vanuit dié narratiewe konteks in himniese poësie besing. Die openbaringsdramatiek moet gelees word as die oorsaak en bron van die geloofservaring waarin God se narratief/verhaal gegiet en voortgesit word (vgl. onder meer 2.2.2.8.3).¹¹³

¹¹³ Hier kan ook na Hühn & Schönert (2005:1-10) verwys word wat stel dat vertelling en verhale so 'n basiese menslike aktiwiteit en denkpatoon is dat dit geregtig is om in menslike "taalprodukte"/tekste van omvang na 'n narratief te soek of om dit narratologies te ontleed wat betref struktuur en tegniek, sonder om die finale betekenis en interpretasie daarvan te beperk (vgl. ook Hühn & Schönert, 2011).

Dit is in die lig van bostaande oorsig en samevattende bevinding vanselfsprekend dat deeglike inagneming van verhaalteoretiese aspekte 'n wesenlike deel sal uitmaak van die bestudering van 'n Bybelboek soos Openbaring, wat onmiskenbaar 'n verhalende karakter vertoon en ingebed is in die historiese narratief van die geheelraamwerk van die Bybel. Dit is die motivering vir die uitgebreide wyse¹¹⁴ waarop narratologiese aspekte in hierdie oorbruggingshoofstuk in die aangrensende en gedeeltelik ooreenskuiwende studiefoci van die naasliggende dissiplines Literatuurwetenskap en Bybelwetenskap behandel word.

Om die belangrike plek van die narratologie as literêre subdissipline in die opset van hierdie studie suiwer te verstaan en die waarde van die dissipline effektief aan te wend, word die fokus daarvan eerstens vasgestel (4.2.2.1). Tweedens word narratologie se funksie in die Bybelwetenskap, in besonder in die bestudering van die Openbaringboek, nagegaan (4.2.2.2). Derdens word aan die einde van 4.2.2 tot 'n konklusie gekom in verband met die literêre subdissipline narratologie se rol en relevansie in die opset van die huidige studie (4.2.2.3).

4.2.2.1 Die fokus van die narratologie

4.2.2.1.0 Stapsgewyse van teorie na praktyk: die fokus van die narratologie vasgestel en prakties implementeerbaar gemaak

Om die fokus van narratologie as literêre subdissipline suiwer te verstaan, word die woord *narratologie* se betekenis eerstens kortliks omskryf (4.2.2.1.1). Tweedens word 'n oorsig oor narratologiese benaderings en bydraes gebied om die fokus van dié studieveld vanuit sy ontstaanskonteks in sy huidige beoefeningskonteks te kan benader (4.2.2.1.2). Derdens word tot 'n konklusie gekom in verband met die fokus van die narratologie in die resente literêr-teoretiese konteks waarbinne die huidige navorsing sy plek vind (4.2.2.1.3). Vierdens word die fokus van die literêre subdissipline narratologie finaal afgebaken wanneer teoretiese grondslae prakties bruikbaar gemaak word. Die seleksie en oorsigtlike verkenning van 'n analiseringsmodel vir die/'n narratologiese lesing van 'n verhalende literatuurteks waarin die fokus van die narratologie prakties geïllustreer en konkreet uitgewerk kan word, word in die weg van teorie na praktyk ingesluit (4.2.2.1.4).

¹¹⁴ Hierdie gedeelte van die hoofstuk waarin die narratologie behandel word (4.2.2), word weliswaar nie in die primêre teks van die bespreking so uitgebreid weergegee soos die generiese aspekte by die ondersoek van genre-teorie (4.2.1 hierbo) nie. In plaas daarvan onderneem ek hier waar dit nodig en relevant is, ekskursies in die uitgestrekte veld van die verhaalteorie (soos byvoorbeeld geannoteerde literatuuroorsigte en 'n noukeurige weergawe van 'n geselekteerde narratologiese model wat in Deel 3 prakties geïmplementeer kan word). Dit word as addenda aan die einde van die proefskrif bygevoeg.

4.2.2.1.1 Omskrywing van die term narratologie

Narratologie is 'n term wat as benoeming vir die wetenskaplike studie van die vorm en funksie van die verhaal of narratief gebruik word (Prince, 1982:4; vgl. ook Prince, 1987 en 1996). Wat grammatika vir 'n taaluiting bied, bied narratologie vir die narratiewe teks (Cohan & Shires, 1988:53; Tolmie, 1998:51). Narratoloë analiseer individuele verhalende tekste om die terugkeer van bepaalde strukture wat in alle narratiewe voorkom, te identifiseer (Barry, 2002:241). Hulle is onder meer geïnteresseerd in die opeenvolging en 'patroon' van gebeure in verhalende tekste. Die narratologie was aanvanklik “...a by-product of structuralism, which encouraged an interest in structures that underlie literary texts” (Peck & Coyle, 2002:193-194).

Dié studieterrein is nie 'n nuwe ondersoekveld nie; intendeel: die bekende Griekse wyses Plato en Aristoteles het in hulle tyd al die verhaalkuns beskryf. Die term as sodanig het egter eers later in gebruik gekom. ‘*Narratologie*’ is deur Vladimir Propp in 1969 voorgestel (Aune, 2010:123). Vandag is dit in ingeligte literêre en teologiese kringe, asook in vakgebiede soos Antropologie, Psigologie, Kommunikasiekunde en Opvoedkunde, nie 'n vreemde begrip nie. Sedert die tyd van die Russiese Formalisme (vgl. 3.1.2.2.1(i.ii)), en veral die Strukturalisme (3.1.2.2.1(ii, ii.i, ii.iii)) is die narratologie 'n dissipline wat in die Literatuurwetenskap druk beoefen word.

Terwille van volledige verantwoording en 'n duidelike begripsbepaling is dit nodig om minstens ook net kennis te neem van 'n terminologiese onderskeid wat gemaak word tussen die terme *narratologie* en *verhaalteorie*. In die onderskeid slaan eersgenoemde op die studie van die verhalende eienskappe van narratiewe tekste, ongeag die medium waarin dit verhaal word, terwyl laasgenoemde die studie van al die eienskappe van geskrewe verhale – soos onder meer ook hulle artistieke kwaliteit en ideologiese agtergrond – aandui (Du Plooy, 1986:286). Die onderskeid is akademies beduidend en belangrik, maar dit word nie nodig geag om dit hier in die aanwending van die literêre dimensies (wat in Deel 1 beskryf is) en die literêre perspektiewe (wat verder daar geopen is) in ag te neem nie. Die begrippe narratologie en verhaalteorie word vir die doeleindes van hierdie studie nie teenoor of van mekaar afgegrens nie.

Die term *narratologie* word dus vir hierdie studie vasgestel om die volgende te beteken en aan te dui:

Narratologie is die wetenskaplike teorie van die vorm (opbou, struktuur) en funksie (werking van die konstruksie) van die verhaal om die (narratiewe) sisteem daarvan vas te stel en te beskryf. Narratologie is toegespits op die narratief as 'n bepaalde generiese tekstipe (vgl. 4.2.1.2.2), wat in die geval van Openbaring die makro-genre van die geskrif is (vgl. 4.2.1.2.3). Dit word verstaan as die teorie

waarin makrostruktureel aan enige en alle verhaalaspekte van die verhalende literatuurteks onder studie analiserend aandag gegee (kan) word, met inagneming daarvan dat elke narratief wat ontleed word, bepaalde narratiewe kenmerke aksentueer wat uniek is aan die struktuur van die betrokke teks.

4.2.2.1.2 Narratologiese benaderings en bydraes in hulle literêre konteks

Die waarde van die redelik omvangryke behandeling van verskillende hoofbenaderings tot literêre tekste in die vorige hoofstuk, Hoofstuk 3 (vgl. 3.1.1, 3.1.2, en 3.2), is onder meer dat onderskeie narratologiese benaderings, denkwyses en bydraes in die breër perspektief van algemene ontwikkelinge in die studie van literatuur geplaas kan word. Die bestudering van verhalende tekste kan nie sinvol en verantwoordelik gedoen word sonder om die dissipline waarbinne dit geskied, ook te plaas en te verstaan in die konteks van die Literatuurwetenskap met sy geskiedenis van wisselende navorsingsbrandpunte en waarneembare algemene tendense nie.

Om reg hieraan te laat geskied, word die betekenis van narratologiese denke en bydraes wat reeds in Deel 1 waargeneem is, kortliks saamgevat (4.2.2.1.2.1).¹¹⁵ Daarna word kennis geneem van die huidige stand van narratologiese navorsing (4.2.2.1.2.2). 'n Samevatting en konklusie van die fokus van narratologiese studie in algemene literêr-teoretiese konteks word verwoord (4.2.2.1.2.3). Dit word alles gedoen as deel van die verkenning en bepaling van die fokus van narratologie as literêre subdissipline.

4.2.2.1.2.1 Samevatting van narratologiese benaderings en bydraes reeds in hierdie studie gedokumenteer

By die terugskouing oor die narratologiese denke en bydraes wat reeds in Deel 1 gedokumenteer is, kan opsommend gestel word dat die onderstaande in verband met narratiewe en narratologie onder aandag gekom het, toegelig en behandel is, en – kernagtig saamgevat – vir die verdere ontplooiing van die studie belangrik is:

- (i) Die Bybel as 'n literatuurskepping toon dat die tekstuele openbaring van God narratief van aard is en dat narratiewe die oorheersende generiese literatuurtype binne die raamwerk van die omvattende *historia revelationis* of globale historiese openbaringsdramatiek is. Selfs die nie-verteltekste

¹¹⁵ In die vlugtige terugblik wat eerstens gebied word, word alle narratiewe en narratologiese aspekte wat ter sprake gekom het nie bloot herhaal nie, maar kernagtig georden en ingeskakel by die vasstelling van narratologie se fokus. Dit is dus ook nie 'n herhaling van die wisselende navorsingsbrandpunte en die kontemporêr-heersende tendense in die studie van literatuur in die algemeen wat tot dusver beskryf is nie, maar is 'n toespitsing slegs op die narratologieverwante aangeleenthede in hulle bepaalde konteks en om dié daaruit te distilleer.

wat nie in 'n verhalende teks ingebed is nie (soos die wysheidsliteratuur en die boek van die Psalms), is geïnkorporeer in die groot geheel.

- (ii) Heelwat van die narratologiese aspekte en bydraes kom van die kant van die Formalisme, sowel die Russiese vorm daarvan as die Duitse formalistiese *werkimmanente Methode*. Dit is egter nog meer vanuit die Strukturalisme beoefen, in besonder in die teoretiese bydraes van die Franse Strukturaliste.
- (iii) In die Semiotiek is die narratologiese bydraes van die Formaliste en Strukturaliste verder uitgebou. Dit is die begrippe '*fabula*' en '*sjuzet*' en veral die rol en funksie van die paradigmatische en die sintagmatiese asse waarop die artistieke teks gekonstrueer is, wat verder beskryf is. Seleksie en kombinasie is as die basis van die teks aangedui. Die poësietekse werk met herhaling, waardeur verdigting van betekenis bewerkstellig word, terwyl die prosateks met name op die basis van kombinasie as konstruksiebeginsel geskoei is.
- (iv) Onbepaaldhede ('*Unbestimmtheitsstellen*') in die literatuurteks maak 'n appél op die leser om 'n bepaalde konkretisering van die teks te laat plaasvind. Tekstebetekenis 'ontstaan' tussen die teks en die leser daarvan. Die verborge dinge (onbepaaldhede) laat sogenaamde *oop plekke* ('*Leerstellen*') in die literatuur ontstaan wat deur die leser ingevul moet word. In 'n religieuse konteks word die nie-uitdruklik-verhaalde of die ontbrekende in 'n Bybel-narratief deur die leser vertolk en gevul in 'n gelowige omgang met die teksgeworde openbaring, waardeur die open-baring 'voor die teks' in 'n geloofsrespons gekonkretiseer word.

Dié aangehaalde aspekte uit Deel 1 dra daartoe by dat 'n duidelike begrip begin ontstaan van die besondere fokusareas van die narratologie. 'n Nagaan van wat tot dusver in verband met die narratief en die narratologie in hierdie studie na vore gekom het, bevestig dat narratologiese aspekte herhaaldelik in Deel 1 teruggekeer het en dus 'n kardinale rol in die huidige navorsing speel.

4.2.2.1.2.2 Huidige stand van narratologiese navorsing

Om die studiefokus van die dissipline nog duideliker te kan oorsien en skerp te kan afbaken, is dit egter logies en vanselfsprekend dat daar nie net op die historiese ontwik-

keling¹¹⁶ daarvan gelet word nie, maar dat daar ook noulettend van die huidige stand van narratologiese navorsing kennis geneem word.

Ten einde die huidige stand te bepaal, moet aan twee sake aandag gegee word. In die eerste plek moet die literatuur wat in die mees onlangse tyd op die gebied van hierdie vakterrein gepubliseer is, ondersoekend nagegaan word. Aktuele narratologiese tendense en brandpunte kan op sterkte daarvan eerstehands vasgestel word. In die tweede plek moet die algemene literêre konteks waarbinne narratologie vandag beoefen word, geskets word. Deeglike aandag aan dié sake is noodsaaklike stappe wat daartoe sal lei dat tot 'n samevattende konklusie gekom kan word in verband met die fokus van die narratologie in die resente literêr-teoretiese konteks waarbinne die huidige studie sy plek vind. (Die konklusie volg in 4.2.2.1.3.)

(i) Mees resente publikasies waarin algemene verhaalteorie gesistematiseer word

Spits 'n mens toe op narratologiese bydraes wat suiwer literêre navorsing op dié gebied weerspieël, is dit dieselfde prentjie wat ontvou as by die vroeër genoemde teologiese publikasies waaruit die besondere belangstelling in die narratiewe stof van die Bybel en die gepaardgaande narratologiese verklaring van die Bybel-narratiewe spreek (sien weer die bylaag by 2.2.2.7.1(iii), Addendum A). Die stroom het steeds nie opgedroog nie. Enkele werke wat in die mees onlangse tyd (2000 en daarna) omvangryke beskrywings van verhaalteorie en die toepassing daarvan bevat, kan genoem word om dit te staaf. Die narratologiese literatuur sedert 2000 sluit onder meer sewe werke in wat in algemene literêre navorsing in meerdere of mindere mate as narratologiese standaardwerke beskou kan word. Dit word as 'n bylaag hierby in Addendum B in die vorm van 'n geannoteerde literatuuroorsig gegee.¹¹⁷

¹¹⁶ Dit is duidelik uit publikasies waarna vroeër in hierdie studie verwys is dat die vakterrein van die narratologie druk beoefen is, nie net sedert die vyftigerjare van die vorige eeu nie, maar veral ook sedert die begin van die resente tyd (wat in Hoofstuk 2 as die tyd ná 1975 bepaal is). Daarvoor kan die bylaag by 2.2.2.7.1(iii), Addendum A, weer nagegaan word. Die lang lys wat daar genoem word, is slegs die narratologiese bydraes wat in verband met Bybel-narratiewe in die Teologie reflekteer – en dit dan ook maar slegs gedeeltelik. Dié studiemateriaal is byna onoorsienbaar wat publikasies betref. Dit geld egter ook die wetenskaplike narratologiese bydraes wat binne die algemene, 'suiwer' literatuurwetenskaplike ondersoekveld verskyn het wat hier ter sprake is.

¹¹⁷ In Addendum B word slegs omvattende narratologiese werke uitgelig. Die stroom korter wetenskaplike artikelbydraes oor sub-onderwerpe binne die veld van die narratologie is ook steeds net so sterk, maar word nie in die bylaag genoem nie. Alle belangrike bydraes in hierdie kategorie word wel verwerk in die ondersoek na die fokus van narratologie en word waar nodig met volledige verwysingsbesonderhede aangehaal.

'n Verdere waarneming in verband met die huidige fokus in die narratologie wat uit 'n oorsig oor resente publikasies sedert 2000 gemaak kan word, is dat daar ook steeds studies van antieke narratiewe gedoen word. Vier van dié studies word as 'n bylaag hierby in Addendum C geannoteer.

Die tendens wat uit die resente narratologiese literatuuroorsig waargeneem kan word, kan samevattend soos volg omskryf word:

Uit die oorsig oor die verskyning van die mees resente narratologiese publikasies kan afgelei word dat die patroon van die negentigerjare van die vorige eeu in die huidige tyd voortgesit word. In die negentigerjare het die ontwikkeling van nuwe literêre teorieë naamlik afgeneem (vgl. 3.2.2.1). Publikasies gaan, wat narratologiese teorieë betref, in die huidige tyd – waarmee ongeveer die eerste dekade van die een en twintigste eeu bedoel word – steeds van teoretiese grondslae uit wat reeds gelê is en in die literatuurstudie goed neerslag gevind het. Die mees onlangse narratologiese werke, sowel die algemene teoriebeskrywings as die bydraes waarin die narratologie vanuit die Klassieke literatuur gediachroniseer word, het ten doel om bestaande teorieë vir gebruik duidelik(er) te definieer en te formuleer, en nie soseer om nuwe teorieë en metodes te ontwerp nie.¹¹⁸

Die huidige stand van die narratologie moet egter nou ook in die groter konteks van algemene literêre tendense waargeneem word.

(ii) Narratologie in resente literêre konteks

In Hoofstuk 3 is reeds vasgestel dat die navorsingsaandag in resente literêre teoretiese ontwikkelinge veral gekonsentreer word op aspekte wat met die rol van die leser in die realisering van teksbetekenis te doen het (3.2.1). Die leser bevind hom/haar 'voor die teks', en dit is die 'ruimte' waar teksinterpretasie plaasvind en betekenis gekonkretiseer word. Dit kom tot stand deur die respons van die leser op die teks en vorm deel van die demokratisering van die leser in die resente tyd (3.2.2.3). Dié paradigma is oorheersend sedert die sewentigerjare van die vorige

¹¹⁸ Teologiese publikasies sedert 2000 wat Bybel-narratiewe vanuit 'n narratologiese gesigspunt analiseer, vertoon dieselfde patroon as bostaande algemene verhaalteoretiese bronne: gevestigde narratologiese aspekte en aangeleenthede word verfyn en duidelik omskryf, waarna dit ook prakties aangewend word om 'n betrokke verhaal te ontleed. Later, wanneer narratologie se funksie in die Bybelwetenskap, in besonder in die bestudering van die Openbaringsboek, bespreek word (4.2.2.2 hieronder), word 'n soortgelyke oorsig gegee oor teologiese literatuur wat Bybel-narratiewe ontleed met deeglike kennisname en gebruikmaking van insigte uit die verhaalteorie.

eeu en oorheers – veralgemenend gestel – teoretiese navorsing steeds tot op datum. Dié kort beskrywing skets die huidige breë literêr-teoretiese tendens en konteks.

’n Merkwaardige feit wat egter ook waargeneem kan word en waarvan goed kennis geneem moet word, is dat die fokus van resente narratologiese studie te midde van hierdie leser-georiënteerde literêre konteks oënskynlik nie, of nie volledig, vanuit dié betrokke teoretiese denkraamwerk bepaal word nie. Dit is opmerklik dat narratologie in die eerste plek met ’n *tekssentriese* benadering tot literatuur geassosieer moet word, en nie met die resente lesersentriese hoofbenaderingswyse tot literatuur nie. Sowel die Formalisme as die Strukturalisme en die Semiotiek neem hulle vertrekpunt vir die literatuurstudie in die taalteks as outonome entiteit, en dit is opvallend dat dit juis uit dié hoofbenaderingswyse tot literêre tekste is wat die verhaalteorie sedert die begin van die twintigste eeu ontwikkel het en dat dit grootliks steeds binne die konsepte van daardie literatuurbenadering beoefen word. Dié benaderingswyse beskou die teks as ’n afgeronde geheel van artistieke betekenis. Die metode is intrinsiek van aard, wat beteken dat die literatuurwerk nie net die middelpunt nie, maar ook die begin- en eindpunt van die literatuurondersoek vorm.

’n Ontwikkeling in die analise van die verhaalkuns wat nietemin wel mettertyd plaasgevind het, is dat daar tog ook meer van die rol van die leser kennis geneem word (vgl. die laaste terugverwysing na narratologiese aspekte uit Deel 1 in 4.2.2.1.2.1(iv) hierbo) en nie streng uitsluitlik gebly word binne ’n suiwer tekssentriese, teksimmanente benaderingswyse nie. In resente literêr-teoretiese besinning word die pretensie van narratiewe en narratologieë om stabiele strukture te wees, uitgewys en bevraagteken. ‘*Diversification*’, ‘*deconstruction*’ en ‘*politicisation*’ word deur Currie (1998:2-6) die drie kenmerke van kontemporêre narratologiese verskuiwings genoem. Tog bly dit opvallend dat daar in die sogenaamde Postmoderne narratiewe en narratologiese teorieë met gevestigde terminologie gewerk word wat dus steeds geldigheid geniet – al is dit dan juis om dit te kritiseer (3.2.2.2). Alhoewel dit uit die narratologiese aspekte wat reeds in die navorsing na vore gekom het (en in 4.2.2.1.2.1 hierbo weer vlugtig oorsien is) duidelik is dat narratologie die meeste met Strukturalisme geassosieer moet word, is daar ook meer resente teorieë wat nie werklik en sonder meer tot die strukturalistiese kanon behoort nie. Dié teorieë lei intendeel juis dikwels tot interessante diskussies met die strukturalistiese benaderings (Herman & Vervaeck, 2005:11).

Met dit gestel, is dit duidelik dat die narratologie nie volledig binne die bestek van die lesersentriese hoofbenaderingswyse tot literatuur se ondersoekveld geplaas

kan word nie, want die literêr-teoretiese konteks van die studie van verhalende tekste is primêr steeds deel van die benaderingswyse wat in die eerste plek teksimmanent werk. Maar ook omgekeerd: die huidige beoefening van die narratologie kan nie volledig binne die tekssentriese benaderingswyse geplaas word nie, want die konkretisering en aktualisering van teksbetekenis wat ‘voor die teks’ plaasvind tussen teks en responsiewe leser, toon dat die stand van die narratologie in die huidige, mees resente tyd nie rigied binne ’n teksintrinsieke benadering gesitueer is nie. Dit is deur die oorsig oor die nuutste publikasies bevestig ((i) hierbo).

Daar is dus aanduidings dat ’n behoefte aan bestek ontwikkel het asook aan ’n herwaardering van wat in die loop van die twintigste eeu op literêr-teoretiese gebied in die algemeen aangebied is. Die tyd ná tagtig is die tydperk wat volgens Barry ‘*the hour of theory*’ genoem kan word; dit is in opvolging van sy tipering van die tagtigerjare as die ‘*moment of theory*’ (Barry, 2002:1; vgl. 3.2.1 en 3.2.2.1 hierbo). Met ‘*hour of theory*’ bedoel Barry dat die teoretiese formules nie eintlik verder aangevul word nie, maar nou ‘toegepas’ of aangewend (moet) word.

Dit is duidelik dat die ‘*hour of theory*’ steeds voortduur, met die strukturalisties-tekstintrinsieke vroeëre benaderingswyse én die latere klemverplasing na die huidige lesersentriese teks-eksterne hoofbenadering in gedagte. Dit is ’n kognitiewe benadering: die wyse waarop verhale gekonstrueer sowel as verstaan word, word bestudeer.

4.2.2.1.3 Samevatting van en konklusie in verband met narratologiese navorsing se fokus binne die huidige algemene literêr-teoretiese konteks waarbinne hierdie studie sy plek vind

Narratologie se fokus word vanuit die ontwikkeling van sy ontstaanskonteks in sy huidige beoefeningskonteks *samevattend* so vasgestel:

Narratologie – as die wetenskaplike bestudering van die vorm (opbou, struktuur) en funksie (werking van die konstruksie) van die verhaal om die (narratiewe) sisteem daarvan vas te stel en te beskryf vanuit die tekssentriese benaderingswyse tot literatuur (3.1.2.2; sien weer die begripsbepaling by 4.2.2.1.1) – is met sy wortels in die twintigste eeu en opereer, wat die resente narratologiese fokus betref, steeds binne gevestigde konsepte afkomstig uit die Formalisme, die Strukturalisme en die Semiotiek, ’n benaderingswyse wat kontemporêr gesproke ongeveer gelyklopend is met die historiese benaderingswyse tot die Bybeltekste (wat die vorige eeu se Bybelwetenskap grootliks oorheers het; 3.1.2.1), maar wat

sekere kenmerke vertoon wat wel die resente invloed van die huidige leser-sentriese benaderings (3.1.2.3) weerspieël.

Met betrekking tot die fokus van die narratologie kan tot die onderstaande *konklusie* gekom word in die lig van die voorafgaande terugskouing oor narratologiese aspekte wat reeds in hierdie studie gedokumenteer is, en verder kragtens die waarneming van die huidige stand van narratologiese navorsing binne die algemene literêr-teoretiese konteks.

Die fokus van die narratologie – as die wetenskaplike bestudering van die vorm (opbou, struktuur) en funksie (werking van die konstruksie) van die verhaal om die (narratiewe) sisteem daarvan vas te stel en te beskryf (sien weer eens 4.2.2.1.1, asook die samevatting direk hierbo) – is in die eerste dekade van die een en twintigste eeu gerig op die totale verskeidenheid van verhaaleienskappe in die verhalende literatuurteks, met sterk gebruikmaking van vroeër ontwerpte narratologiese teorieë en gevestigde verhaalteoretiese konsepte, waarvan die ontstaanskonteks die tekssentriese benaderingswyse tot literatuurtekste is (3.1.2.2) waarbinne ’n ‘narratologie-op-taalkundige grondslag’ beslag gekry het – konsepte en teorieë wat in die huidige tydvak met sy oorheersende leser-sentriese benaderingswyse (3.1.2.3) steeds geldig bly en voortleef, terwyl hulle in dié benaderingswyse verdere verfyning ondergaan en hulle gebruiksmoontlikhede ook nader omskryf word.

In die lig van hierdie samevatting en konklusie kan die fokusaspekte van die narratologie nou prakties bruikbaar gemaak word.

4.2.2.1.4 Finale afbakening van die literêre subdissipline narratologie se fokus: van teoriebeskrywing na praktiese implementering

Waar die fokus van die literêre subdissipline narratologie se teorie nou in praktyk gebring word, gebeur dit in die besef dat die teorie slegs effektief geïmplementeer kan word indien daar wetenskaplik langs ’n logiese weg van die hierbo beskryfde teoretiese aspekte na die praktyk beweeg word. Alleen dan sal die narratologiese navorsingsfokus finaal duidelik kan uitkristalliseer. Die stappe van teorie na praktyk behels die vasstelling van apparatuur vir die beskrywing, analisering en interpretering van verhalende eienskappe in hulle strukturele verband met mekaar en binne die geheelstruktuur van ’n narratiewe teks. Daarna behoort die narratologiese konsepte en begrippe en die terminologie wat ter sprake kom, duidelik omlyn te word, sodat dit prakties in die analiseringsproses gebruik kan word.

In bogenoemde prosedure gaan dit nie om 'n 'toepassing' van die teorie nie, want dit sou kon impliseer dat die teorie die praktyk bepaal. 'n Narratologiese lesing moet juis nie dit wees nie. Intendeel, 'n verantwoorde strukturele ontleding van die literatuurteks moet uit 'n benadering geskied waarin verkreeë teoretiese insigte *aangewend* word en daarvan *gebruik gemaak* word ten einde die algemene sowel as die unieke verhaaleienskappe in die betrokke narratief onder studie in hulle samehang en binne die geheel te beskryf. Vir die bereiking van dié doewit moet die teorie dus instrumenteel gemaak en gebruik word, sodat die teksmateriaal nie ingepas of selfs ingeforseer moet word in die teorie nie. Die teoretiese moet die praktiese doelwit dien, naamlik om die struktuur en funksie van die verhalende teks te ontleed en in al sy geledinge skerp te kan deurskou.

Die logiese weg om van die beskryfde teoretiese aspekte na die praktiese implementering daarvan te kom, sluit in dat die fokus van die verhaalteorie eerstens in apparatuur vir analisering saamgetrek word (4.2.2.1.4.1), tweedens dat verhaalteoretiese konsepte bruikbaar gemaak word deur middel van 'n terminologiese omskrywing daarvan (4.2.2.1.4.2), en derdens dat die wyse van gebruik van die terme as instrumente vir die doeltreffende analisering/'dissektering' van die verhalende teks uiteengesit word (4.2.2.1.4.3).

Dié pad word hier gevolg om die Openbaringboek makrostruktureel verantwoordelik en verantwoordbaar in die volgende hoofstuk, Hoofstuk 5, te kan ontleed.

4.2.2.1.4.1 Verhaalteorie in bruikbare apparatuur saamgetrek

Om die teoretiese aspekte van die narratologie nou eerstens in bruikbare apparatuur te kan saamtrek, is dit nodig om goed kennis te neem van die feit dat daar verskillende modelle vir die analise van verhalende tekste bestaan. By die aanvanklike hoogbloei van strukturalistiese verhaalteoretiese beskrywing sedert die laat sewentigerjare van die twintigste eeu het heelwat teoretici elkeen sy/haar eie analiseringsmodel saamgestel. Daar is deur hulle uitgegaan van die grondslae van die tekssentriese benadering tot die literatuurteks wat deur die Formaliste, Strukturaliste en Semiotici sedert die begin van die eeu gelê is en veral sedert die vyftigerjare verder ontwikkel is (vgl. 4.2.2.1.3). Mieke Bal (1978), Seymour Chatman (1978), Gerald Prince (1982) en Shlomith Rimmon-Kenan (1983) is uit Nederlands- en Engelstalige gelede erkende narratoloë wat teorieë ontwerp en beskryf het en vir die analisering van verhalende tekste bruikbaar verwerk het. In Suid-Afrikaanse konteks het Heilna du Plooy (1986) en André P. Brink (1987) as Afrikaanstaliges ook in die tagtigerjare na vore getree as narratoloë wat onderskeidelik verhaalteorie en vertelkunde in die twintigste eeu beskryf en ewewigtig in bruikbare apparatuur vir verhaalstruktuuranalise gemoduleer het. Dit het die strukturalistiese teorie uit dié tyd, wat dikwels abstrak en esoteries aangedoen het, vereenvoudig en daaraan praktiese-implementeerbaar vorm en funksie gegee.

Omdat 'n makrostrukturele analise van 'n komplekse narratiewe teks soos Openbaring nie lukraak gemaak kan word nie maar vanuit 'n afgebakende en duidelik omskryfde narratologiese teorie moet geskied, is dit nodig en verstandig vir 'n navorser om bogenoemde insiggewende narratologiese literatuur te benut en uit die bruikbare modelle wat daarin gebied word, 'n keuse te maak. Die keuse wat gemaak word, hoef nie eksklusief te wees nie, maar kan ook insigte uit ander modelle in 'n eie narratologiese analise inkorporeer. Dit is juis deel van die werkwyse van 'n holistiese benadering tot verhaalontleding. 'n Keuse hoef met ander woorde nie die slaafse navolging van net een spesifieke narratologiese model te impliseer nie. Geen model bied die enig-juiste beskrywing van algemene verhaaleienskappe of van die aanwesige narratologiese konsepte in 'n bepaalde verhalende teks nie (vgl. Bal, 1985a:12-13). Aangesien Openbaring 'n unieke literatuurteks is, is dit logies dat daar in elk geval aanpassing van 'n gekose model en eie aksentuerings van bepaalde fasette daarvan sal wees. Dit is immers in 'n inter-dissiplinêre en multi-subdissiplinêre studie nie 'n doelstelling op sigself om nuwe teorie daar te stel of om prakties-werkbare modelle van nuuts af te ontwerp en saam te stel nie. Daar kan profytlik gebruik gemaak word van die waardevolle werk van spesialiste in dié besondere studieveld.

Die keuse van 'n ontledingsmodel word nou eerstens gemaak en gemotiveer (*i*), waarna die geselekteerde model beskrywend uiteengesit word (*ii*). Daarna volg 'n finale evaluering van die geselekteerde model se geskiktheid vir implementering in hierdie studie (*iii*).

(i) Gemotiveerde keuse van 'n geskikte narratologiese model

By die deurwerk van verskillende teoretici se beskrywings van die narratologie se teoretiese basis en die aanwending daarvan in die vorm van 'n analiseringmodel het ek tot die oortuiging gekom dat die narratologiese insigte van 'n bekende en erkende narratoloog, die Nederlandse literatuurwetenskaplike *Mieke Bal*, geskik en as basis goed bruikbaar is vir die strukturele ontleding van 'n verhalende literatuurteks. Dit is in besonder vir die makrostrukturele analise van Openbaring 'n goeie model. As motivering dien hierdie voorlopige positiewe evaluering van die eenvoudige en helderomlynde basis wat sy bied. Dit bring goeie insig in en begrip van die narratologiese studieveld met sy belangrikste aspekte wat as algemene eienskappe van die verhaal geïdentifiseer en afgelei kan word.

Verskillende narratoloë het op Bal se werk voortgebou en dit verder verfyn (onder andere Du Plooy, 1986:278-378), maar haar bydrae is deur ander ook gekritiseer (Brink, 1987, deurgaans; Bronzwaer, 1981:193-201, in verband met haar beskou-

ing van die verhalende aspek bekend as *fokalisasie* – vergelyk vir dié aspek verder: Bal, 1983). Dat haar werk as basis gebruik is in die begintyd van die druk beoefening van die narratologie en die feit dat sy dikwels aangehaal is (ook deur haar kritici wat nie anders kon as om daarvan kennis te neem nie), motiveer verder die seleksie van haar basiese analiseringsmodel vir verdere gebruik in hierdie studie. Sy het ’n merkwaardige impak gemaak op die gebied van die ontleding van verhalende eienskappe in artistieke verhaalt tekste.

Nog ’n sterk motivering vir die keuse wat gemaak word, is die feit dat Mieke Bal se werk stééds aangehaal word – tot in die mees resente tyd. ’n Erkende literatuurwetenskaplike, Peter Barry, evalueer haar 1978-publikasie, *De theorie van vertellen en verhalen*, as ’n standaardwerk op die gebied van die narratologie: “...it has the precision, concision, and clarity which typify narratology at its best...[it] can be used as a concise encyclopaedia of narratology” (Barry, 2002:246).¹¹⁹ Dit word gestaaf deur die feit dat dié 1978-werk reeds in 1980 en 1985 in Nederlands herdruk is (Bal, 1980, 1985a) en in 1985 ook in Engels vertaal is (Bal, 1985b); verdere bevestiging daarvan is die herdruk van die Engelse vertaling tot in 1997 (Bal, 1997). Ook ander mees onlangse publikasies gebruik haar standaardwerk as ’n verwysingsbron, onder andere Michael Toolan (2001), David Herman (2004), Monika Fludernik (2005), Luc Herman en Bart Vervaeck (2005), Irene de Jong (2007) en David Aune (2010). In die omvangryke versamelbundel deur ander erkende narratoloë onder redaksie van Hühn, Pier, Schmid en Schönert wat onlangs verskyn het (2009) en steeds bygewerk word, het haar duidelik geformuleerde narratologiese insigte ook ’n plek as verwysingsbron. Dit is afgesien van wetenskaplike artikels wat steeds na haar verhaalteoretiese bydrae terugkeer.

Op sterkte van bostaande beskrywing van die plek wat Bal in literatuurstudie en spesifiek in die vakgebied van die narratologie inneem, is dit dus goed verantwoordbaar waarom haar narratologiese bydrae ([1978], 1980, 1985a, 1985b, 1997) as analiseringsapparaat vir die ontleding van ’n verhalende teks se makrostruktuur geselekteer kan word. Dit behoort vir gebruik in hierdie studie nog verder geëvalueer te word.

Mieke Bal se deeglik saamgestelde analiseringsapparaat of analisemodel word nou met die oog daarop uiteengesit.

¹¹⁹ Barry is saam met Helen Carr mede-redakteur van die *Beginnings*-reeks wat ontwikkelinge in Engels- sowel as literêre en kulturele studies in praktiese handleidingsformaat uitgee.

(ii) *Beskrywende uiteensetting van die geselekteerde analisemodel van Mieke Bal*¹²⁰

Volgens Bal kan drie lae van/in 'n verhalende teks onderskei word. Hierdie onderskeiding maak 'n sinvolle ontleding van die teks moontlik. Sy maak egter onmiddellik die belangrike opmerking daarby dat, al kan die verskillende lae wel afsonderlik geanaliseer word, hulle nie onafhanklik van mekaar bestaan nie. Dié differensiëring is verder vir haar slegs 'n instrument vir teksondersoek wat net vir die duur van die ondersoek noodsaaklik is, aangesien die drie lae wesenlik onlosmaaklik aan mekaar verbonde is (Bal, 1985a:15).

Die drie lae wat sy onderskei, is die laag van die *teks*, die laag van die *verhaal* en die laag van die *geskiedenis* (Bal, 1985a:14-15). Slegs die tekslaag is direk toeganklik deur die tekensisteem *taal*. Dit is die enigste materiaal wat die teksanalise of die leser voor hom/haar het. Sy verduidelik dit met 'n voorbeeld: A sê dat B sien dat C doen, “...waarby A de tekst produceert, B het verhaal dat de inhoud van die tekst is, en C de geschiedenis die in het verhaal word gepresenteerd” (p. 14). Hierdie onderskeiding van verskillende lae in die verhaal is die ordenende raamwerk waarbinne Bal die analise van die verhalende teks in apparatuur moduleer.

Die buitelyne van die breë raamwerk word vervolgens getrek.

Bal se behandelingsorde in haar bespreking van die drie lae is teenoorgesteld van die orde in haar voorbeeld hierbo genoem. Sy verduidelik eers wat sy met *geskiedenis* bedoel (p.15-16), daarna wat *verhaal* beteken (p.16-17), en derdens wat *teks* in wese is (p.17) (– dus 'n behandeling eers van die voorbeeld se C, dan van B en laastens van A). Dit kan kortliks opgesom word.

- *Geskiedenis*

Geskiedenis word deur haar gesien as die stof wat tot 'n verhaal verwerk word. Sy definieer dit as 'n reeks gebeurtenisse of prosesse wat aan akteurs verbind word en wat in 'n bepaalde tydfase op 'n bepaalde plek handelend optree. Hierdie fasette van die geskiedenislaag (gebeurtenisse, akteurs, tyd en plek) noem sy die *elemente* van die verhaal.

¹²⁰ In die beskrywende uiteensetting van die basismodel word die 1985-uitgawe van haar *De teorie van vertellen en verhalen* deurgaans gebruik (Bal, 1985a). Bal het ook reeds vroeër 'n artikel gepubliseer wat sy 'n poging tot die sistematisering van 'n strukturalistiese verhaalanalise noem (Bal, 1977:105-119).

- *Verhaal*

Vir Bal is die verhaal die ordening van die geskiedenislemente op so 'n wyse dat 'n verhaal daardeur ontstaan. Sy definieer dit as 'n rangskikking van die elemente in die mees oortuigende, of ontroerende, of afskuwelike, of estetiese vorm – al na gelang van die beoogde effek. Dit bestaan dus uit 'n reeks bewerkinge, waarin die abstrakte geskiedenis tot 'n verhaal verwerk word wat van ander verhale onderskei kan word. Die kenmerke wat spesifiek eie is van en aan so 'n verwerking van die/n geskiedenis tot 'n verhaal is volgorde, ritme, frekwensie, *personages*/karakters, ruimte en fokalisasie. Sy noem dit die *aspekte* van die verhaal.

- *Teks*

Die teks bestaan uit die 'wat' van die verhaal. Sy definieer dit as die produsering in taal van die verhaal wat vertel word. Dit geskied deur middel van die omsetting daarvan in taaltekens. Dié inhoud kan in verhalende, beskrywende en betogende gedeeltes ingedeel word. Die onderdele van die teks wat deur hierdie taaltekens voor hande kom, is *woorde*.

Bostaande ordening deur die differensiëring van die verhaal in drie lae word deur Bal in die res van haar *De teorie van vertellen en verhalen* (1985a:20-151) uitvoerig behandel. Die drie lae – wat ook *vlakke* genoem kan word – se ordeningsprinsipes vereis ter wille van duidelikheid meer uitbreiding as net 'n skets van die raamwerk se buitelyne soos hierbo getrek is. Die laag van die geskiedenis, die van die verhaal en die van die teks word deur Bal in drie dele of hoofstukke beskryf – onderskeidelik 1985a:20-56, 57-123 en 124-151. Ek sit die lae of vlakke agtereenvolgens uiteen en vat die essensie van elkeen saam in 'n bylaag hierby, Addendum D.

(iii) *Finale evaluering van die bruikbaarheid van Mieke Bal se narratologiese analisemodel*

Dit is duidelik dat Mieke Bal dwarsdeur die logiese stap-vir-stap-konstruering van haar model getrou bly aan haar gestelde oogmerk, naamlik om 'n beskrywing van die narratiewe sisteem te bied aan die hand waarvan gekyk kan word watter variasiemoontlikhede daar by die konkretisering van die sisteem in die ontleding van narratiewe tekste is.

Die analiseringsmodel van Bal wat hierbo en in die bylaag hierby (Addendum D) uiteengesit is, getuig in sy geheel van gebalanseerde narratologiese insig wat neerslag vind in 'n verstaanbare verwerking van die soms ingewikkelde teoretiese standpunte in 'n komplekse ondersoekveld. Dit is 'n helder, welomskrewe en verstaanbare sametrekking van die teorie op so 'n wyse dat die teorie in die praktyk van verhaalontleding implementeerbaar word.

Die waarde van die model is verder dat die ontwerper daarvan deurgaans soepelheid vertoon in die behandeling van die verhalende teks vanuit 'n strukturalistiese invalshoek. Dit is sonder meer duidelik dat sy haar narratologiese model nie rigied en eksklusief ontwerp nie, maar dat sy daarin ook ruimte laat vir die eie belangstelling en voorkeur van die leser en die verhaalstruktuur-analis wat dit gebruik. Die basis is desnieteenstaande goed vasgelê. Veral in haar bespreking van die tweede verhaallaag is dit opvallend dat sy vanuit haar vaste oriëntasiepunt nogtans die ontvangs van die verhalende teks deur die leser en/of navorser in aanmerking neem (sien die tweede hoofstuk van haar beskrywing in Addendum D). Dit maak haar analiseringsapparaat (met sy wortels duidelik in die tyd van die tekssentriese benadering tot literatuur) aanpasbaar en steeds relevant bruikbaar in die milieu van die huidige algemene literêr-teoretiese konteks (waarin die klem op 'n algemene lezersentriese oriëntering val).

Die ontledingsapparaat wat Bal aanbied se waarde kan nou saamgevat word.

Die analisemodel van Mieke Bal word vanuit die beskrywende uiteensetting daarvan in (ii) hierbo en in die gepaardgaande Addendum D beoordeel en geëvalueer as 'n stewige – maar tog soepel – implementeerbare instrument wat vir gebruik in teksondersoek uitnemend geskik is. Dit bied 'n grondige basis waarop die ontleding van Openbaring se makrostruktuur gefundeer kan word en met aanpassing (waar nodig) rigting aan die beskrywing van dié narratiewe teks kan gee. Daarna is dit moontlik om die betekenis wat die teks se ontsluiting deur middel van hierdie instrument oplewer, vir die gestelde doeleindes van die huidige studie te interpreteer en vir die verdere verloop daarvan te inkorporeer. Die geselekteerde model is met ander woorde bruikbare apparaat vir die beskrywing, analisering en interpretering van die verhalende teks.

4.2.2.1.4.2 Narratologiese konsepte in begrippe omskryf

Wanneer die gekose narratologiese model in die volgende hoofstuk (Hoofstuk 5) aangewend gaan word, sal dit nodig wees om die verskillende narratologiese konsepte in bruikbare begrippe uit te druk. Daarvoor moet verhaalteoretiese aspekte in sleutelbegrippe omskryf word. Sodoende kan die teorie in die praktyk diensbaar gemaak word vir die verwesenliking van die navorsingsdoel. Om die betoog en teks van die narratologiese ontleding van Openbaring se makrostuktuur nie kort-kort met verduideliking van begrippe te onderbreek nie, en omdat die fokus van die narratologie met name ook in sy begrippe geskets en afgebaken word, stel ek 'n glossarium saam van die begrippe wat ter sprake en ter sake is in die struktuuranalise. Dit word as 'n bylaag hierby in Addendum E uiteengesit.

4.2.2.1.4.3 Narratologiese terme as instrumente gebruik (wyse van implementering)

Daar word nogmaals op die instrumentele status van die narratologie binne die opset van hierdie navorsing gewys. Die waarde van 'n verhaalteoretiese ontleding lê daarin dat dit 'n hulpmiddel is om verhalende eienskappe te identifiseer en te ontleed met die oog op die interpretasie van die narratiewe teks onder studie. Daarom word die konsepte soos dit hierbo in 4.2.2.1.4.2 beredeneer en in die meegaande Addendum E in begrippe omskryf en in terminologie vasgestel is, *instrumente* genoem. Die wyse van implementering van die geselekteerde/ontwerpte narratologiese analisemodel is dus om dit as apparatuur te gebruik. Dit is middel tot 'n doel en word op geen stadium in die studie 'n doel op sigself nie.

Sodanige instrumentele implementering hou in dat nie alle aspekte van die verhaal beskryf hoef te word of vollêdig beskryf hoef te word nie. Dit gaan immers nie daarom dat 'n eindelose analise van die onderdele (elemente, aspekte en taaltekse) van die verhalende literatuurtekse plaasvind waarin alles gebrokkel word en tot klein deeltjies gereduseer word nie. Dit is moontlik dat die essensie van die verhaal soos dit gestalte kry in die makrogeheel van die teks in so 'n geval bowendien van sy strukturele integriteit en artistieke geheelheid gestroop en ontdaan kan word. In so 'n 'vernuftige' oefening word 'n teks ge-atomiseer tot 'n punt waar sy betekenis as gevolg daarvan verlore raak. Die verhaal sterf dan onder die aanhoudende, te-ver-gevoerde disseksie.

Die benadering behoort eerder te wees dat net dit beskryf word wat relevant blyk te wees vir die proses om uiteindelik in staat te wees om tot interpretasie van die verhaaltêks te kom. Dit is my oortuiging dat die doel die middel en die wyse van gebruik van die middel *bepaal*, en dat die doel nie die middel *heilig* in die sin dat die middel maar oorspanne, onbeperk en destruktief gebruik (kan) word nie.

Met dié benadering weer eens verklaar en beklemtoon, lê die ontledingsinstrumente van die narratologie nou gereed om in die volgende hoofstuk, Hoofstuk 5, vir gebruik opgeneem te word.

4.2.2.2 Narratologie se funksie in die Bybelwetenskap, in besonder in die bestudering van die Openbaringboek

4.2.2.2.1 *Die verband tussen narratologie en teologies-eksegetiese struktuuranaliserings*

Bybelkommentare deel tradisioneel die Bybelboeke waarop dit kommentarier, in een of ander onderskeibare struktuur in. Struktuuridentifisering is gevolglik eie aan Bybelwetenskaplike literatuur. Reeds die inhoudsopgawes van die meeste kommentare en die gebruiklike inleidings tot kommentare is genoegsame bewys daarvan. Kommentaar op 'n Bybelboek in sy geheel en op elke afsonderlike kleiner deel van die geheel geskied dan gewoonlik met inagneming van die groter struktuurontwerp van die betrokke religieuse dokument onder studie. Ten opsigte van die onderlinge verband tussen die Literatuurwetenskap en die Teologie – veral in die huidige studie – moet gestel word dat hierdie kenmerk van Bybelwetenskaplike navorsing (dat kommentare aandag aan Bybelboeke se geheelstruktuur gee) korrespondeer met 'n narratologiese lesing van 'n verhalende teks, aangesien laasgenoemde per definisie juis ook 'n studie van struktuur is. Dit is die narratologie se taak en saak om *strukturele* kenmerke te beskryf met die oog op betekenisontsluiting deur middel van analise en interpretasie (vgl. weer 4.2.2.1.1; 4.2.2.1.2; 4.2.2.1.3; 4.2.2.1.4 hierbo). Die gebruikmaking van 'n narratologiese model in die Teologie is hiermee nogeens as goed verantwoordbaar gemotiveer en bewys, gesien in die lig van die feit dat narratologie volledig met struktuur en struktuuranalise te make het en sodoende aansluit by die struktuuranalises wat Bybelwetenskaplikes in hulle navorsing doen.¹²¹

Dit is om dié rede moontlik dat narratologiese lesings van Bybelboeke en -tekste by die struktuuranalises van kommentare kan aansluit. Die omgekeerde is ook moontlik en waar: kommentare kan met vrug aansluit by die konsepte wat in verhaalteoretiese bydraes vasgelê is en in 'n analisemodel soos die een wat vir hierdie studie geselekteer is, praktiese implementeringswaarde kry. Narratologiese lesings van kanonieke, geïnspireerde literatuuurdokumente komplementeer die teologiese ondersoekproses dan op so 'n

¹²¹ Dit is uit hoofde van hierdie strukturele fokus van die narratologie dat die onderwerp van studie in die volgende hoofstuk (Hoofstuk 5) as 'n makro-*strukturele* analise geformuleer is en nie as 'n makro-*tekstuele* analise van Openbaring nie. Die fokus in die daaropvolgende hoofstuk (Hoofstuk 6) is daarteen skerp mikro-*tekstueel* – en nie mikro-*struktureel* nie – ingestel, omdat dit daar oor meer as die struktuur van die himniese subtekste gaan. Wanneer ek dus in Hoofstuk 6 eksegetiese dieptesnitte op die onderskeie liedperikope uitvoer, is dit noodsaaklik dat my benaderingwyse daar (anders as hier) sal wees om die mikro-*tekste* minusieus te ontleed.

wyse dat verhaalteoretiese insigte die teologiese teksondersoek verder en verdiepend begelei en vergesel. Soos die Teologie van die insigte van die literatuurkunde kennis kan neem wat genre-onderskeidings en die eie interpretasiereëls van elke genre betref (vgl. De Klerk & Van Rensburg, 2005:19), kan narratologiese insigte op soortgelyke wyse 'n belangrike bydrae tot die teologiese ontsluiting en verklaring van 'n Bybelnarratief lewer. Sodoende kan die totale vorm-inhoud-konfigurasie (*Gestalt*) van die geïnspireerde literatuurteks deur middel van die strukturele of '*architectural*' analise daarvan (Schüssler Fiorenza, 1985:159) uiteindelik die beste nagespeur en geïdentifiseer word.

In die lig hiervan is dit interessant en noodsaaklik om waar te neem dat daar in die resente en mees onlangse verlede juis opvallend meer teologiese literatuur oor Bybelnarratiewe gepubliseer word waarin die narratologie en die Bybelwetenskap in 'n simbiotiese verhouding by mekaar betrokke is (vgl. 4.2.2.2.2 direk hieronder). Deur die simbiose word die navorsing se reslutate meer as net die somtotaal van die twee komplementerende struktuurondersoeke: dit open verreikende én verrykende perspektiewe en werk 'n deurgrondende dieptepeiling van die teks onder studie in die hand.

Derhalwe word nou aandag aan resente teologiese literatuur gegee waarin die narratologie integraal deel vorm van die Bybelwetenskaplike benadering tot die Openbaringteks.

4.2.2.2.2 *Resente teologiese Openbaring-literatuur met 'n verhaalteoretiese oriëntering*

In die laaste twee dekades was daar 'n dramatiese toename in navorsingsliteratuur binne die veld van die teologiese studie van Openbaring. Naas die voortsetting van gebruiklike studies wat die 'teologie' en historiese konteks van die boek bestudeer, het nuwer benaderings oor 'n wyer spektrum as die gebruiklike die lig gesien (Barr, 2010:633). Dit wissel van sosiologiese analyses tot feministiese lesings en ander postmodernistiese kritiese studies van die boek. Een van die opwindende ontwikkelings wat deur die verskyning van nuwe studiepublikasies op die gebied van Openbaring-navorsing plaasvind, is die inkorporering van narratiewe kritiek en narratologiese ontledingsinstrumente by die bestudering van die laaste Bybelboek. Die doel is om die narratologie betekenisvol bruikbaar vir die Teologie te maak.

Aandag aan laasgenoemde ontwikkeling word deur my uiters belangrik en noodsaaklik geag vir die doeleindes van hierdie studie. Dié soort resente teologiese *Openbaring*-literatuur wat uitgaan van 'n verhaalteoretiese benadering tot die boek moet goed verreken word in die volgende hoofstuk (Hoofstuk 5) waar Openbaring narratologies

gelees word. Die laaste twee dekades se belangrikste werke in hierdie spesifieke onderzoekveld word in 'n bylaag hierby in Addendum F uitgelig en geannoteer.¹²²

4.2.2.3 Konklusie in verband met narratologie se rol en relevansie in die opset van die huidige studie

Omdat bevind is dat narratologie 'n onmisbare deel uitmaak van die analiseringsproses om die betekenis van 'n Bybelboek en -teks sinvol en verantwoordelik te ontsluit en te interpreteer, kom ek tot die konklusie dat dit 'n wesenlike deel uitmaak van 'n studie van die aard en omvang van die huidige navorsing. Verhaalteorie en -praktyk is komplementêr tot die eksegetiese proses waarin struktuuranalise so 'n belangrike funksie vervul. Narratologie is immers per definisie die wetenskaplike teorie van die vorm (opbou, struktuur) en funksie (werking van die konstruksie) van die verhaal om die (narratiewe) sisteem daarvan vas te stel en te beskryf.

Die wesenlike rol en relevansie van die literêre subdissipline narratologie vir die Bybelwetenskap is in die geval van hierdie studie om die narratiewe sisteem van die dramatiese narratief Openbaring bloot te lê, te ontleed en saam met die kursoriese eksegeese van die boek die betekenis van dié dramatiese makrostruktuur te ontsluit en beskikbaar te stel vir die verdere in-dieptestudie van die himniese mikrotekste. Die vorm/opbou/struktuur is die draer van die betekenisvolle inhoud en dra so by tot die betekenis. Die volgende hoofstuk, Hoofstuk 5, waarin die laaste Bybelboek makrostruktureel ontleed word, bring die rol en relevansie van die narratologie eksplisiet aan die lig – in so 'n mate dat dit ondenkbaar is dat die poësie van die himniese mikrotekste van Openbaring verantwoordelik ontsluit en geïnterpreteer kan word as die skerp lig van die simbiotiese sinergie van 'n narratologiese lesing *cum* kursoriese eksegeese nie eers aangeskakel is nie.

4.2.3 Poëtiëk

4.2.3.1 Die fokus van die poëtiëk

4.2.3.1.1 Terminologiese onderskeid: poëtiëk – poëtika

Die term *poëtiëk* word hier in die betekenis van die 'leer van die digkuns' gebruik (vgl. die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT)*, 2000:858) en nie in die algemene betekenis van opvattinge en teorieë oor die literatuur as 'n kunsvorm nie.

¹²² Daar kan in dié verband ook weer na die lang lys publikasies wat in Addendum A as bylaag by 2.2.2.7.1(iii) gegee is, verwys word.

(vgl. vir laasgenoemde betekenis byvoorbeeld die lys ‘*poetics*’ in 2.2.2.7.1(viii)). ’n Teoretiese besinning oor poësie se wese en tegniek staan in onderskeiding van die term *poëtiëk* as ’n *poëtika* bekend, met Aristoteles se *Ars Poetica* die klassieke voorbeeld (vgl. Breytenbach, 2009, vir ’n resente voorbeeld van ’n *poëtika*, asook twintigste-eeuse voorbeelde: Van Vliet, 1998; Bronzwaer, 1993; Brems, 1991; Wilmink, 1991; Middag, 1990; Easthope, 1983; Grové, 1974; Vestdijk, 1950; Westerlinck, 1950; Fokkelman, 2000a; laasgenoemde se *poëtika* is spesifiek op digkuns in die Bybel toegespits).

4.2.3.1.2 Studieveld van die poëtiëk

Poëtiëk het ten nouste te make met genre-teorie, maar word vanweë die besondere plek wat die poëties-himniese in die fokus van hierdie studie inneem, afsonderlik bespreek, en wel as ’n toegespitste studieterrrein wat subdisiplinêr binne die Literatuurwetenskap bestudeer kan word. In die poëtiëk kry alle fasette van poësie aandag. Dit sluit historiese ondersoek na ontwikkelinge en tendense in die poësie in. Verder word die kenmerke van poëtiese taalkuns geïdentifiseer en nagevors, terwyl die krag en effek van poëtiese taal en die tegnieke van die digkuns ook bestudeer word.

Daar is in die navorsingsgemeenskap van die poëtiëk op die oomblik hoofsaaklik twee verskillende benaderingswyses: klem op die teks in ’n ‘*close reading*’ van poësie, en klem op die leser (vgl. Travers, 2005:596). Dit is dus benaderings wat onderskeidelik vanuit die tekssentriese en die lesersentriese hoofbenaderings tot literêre tekste – wat respektiewelik in 3.1.2.2. en 3.1.2.3 behandel is – hulle vertrekpunte neem. Wat die bestudering van Bybelse poësie in besonder betref, is die verteenwoordigers van eersgenoemde benadering onder andere David Howard jnr. (1999), asook Temper Longman en Leland Ryken, wie se publikasies reeds meermale in hierdie studie aangehaal is. Die tweede benaderingshoek se fokus word gereflekteer in saamgestelde werke soos die van Exum en Clines (*eds.*, 1993) en die van Malbon en McKnight (*eds.*, 1994).

Vervolgens word op enkele fasette van poësie waarop die leer van die digkuns fokus, nader ingegaan met die oog daarop om die belang van die poëtiëk vir die huidige studie aan te dui en beskikbaar te stel.

4.2.3.1.3 Poësie se benutting van taal se potensiaal

Taal, een van die mees fundamentele menslike intrumente (Van Baest, 1996:281), word in die poësie vir meer as net ’n funksionele instrument aangewend. Woordkunstige taal – veral – het nie bloot ’n referensiële funksie nie. Taal kan in elk geval nie direk *refereer*

nie, maar net by benadering *representeer* (Du Plooy, 2001:22).¹²³ Poësie vertraag dan in sy representasie van die/'n werklikheid die moment waarop betekenis tot stand kom. Daarom vra poësie meer inspanning as sogenaamde *funksionele* taal en word dit soms as moeilik verstaanbaar ervaar. Verskillende nuwe betekenis en skakeringe van betekenis kan egter so gekommunikeer word, aangesien digterlike taal 'gestoorde' taal is. Dit is kenmerkend van poëtiese taal dat dit die betekenis van woorde doelbewus uitbrei, verryk en verdiep (Bronzwaer, 1993:21, 22). Die digter benut taal se kommunikasiepotensiaal dus optimaal. Kompaktering van betekenis vind onder meer deur literêre kunsgrepe soos teenstelling, herhaling, pousering en beklemtoning plaas – grepe wat betekenis nie krimp nie, maar juis uitbrei. Woordkuns bestaan “...to make the stone stony” (Sklovskij, 1965:12, beklemtoning *stony* is van Sklovskij; vgl. weer by 3.1.2.2.1(i.ii) die literêre kunsgreep se vermoë tot vervreemding of ‘defamiliarization’, en laasgenoemde se vermoë tot kragtige, uitgebreide betekenis skepping en -kommunikasie).

4.2.3.1.4 Poëtiese seggingskrag

Dit is aan die optimale benutting van taal (sien hierbo) wat poësie sy seggingskrag ontleen. 'n *Konsentraat van betekenis* kom tot stand. Die poëtiese teks is ‘*semantically saturated*’ (Hughes, 2006:37; vgl. Lotman, 1972). Hierdie digtheid van betekenis het Lotman beskou as die wese van die artistieke teks. Hy het dit so geformuleer: “*Schönheit ist Information*” (Lotman, 1972:213; vgl. Du Plooy, 2002:267).

Uit poësie se ontginning van taal se kommunikasievermoë tot die uiterste toe vloei dus voort dat digterlike taal 'n seggingskrag het wat verby die gebruikelike kommunikatiewe spankrag van taal strek. Poësie is in staat ‘om woord te gee’ aan wat byna ‘*niet te zeggen*’ is (Jongerius, 1998:82). Digterlike taal, en dit impliseer ook die besondere digkuns van/in die lied, moet eers gewoon en letterlik gelees word, maar dan daarnaas ook ongewoon en nie-letterlik *verstaan* word (Bronzwaer, 1993:29). Die taalkunstige taal van die poësie dra dan meer as (die) gewone, ooglopende inligting oor. Poësie, veral ook Bybelse poësie waarby die himniese vorme daarvan ingesluit is, “...has the marked capacity to create more of the same” (Lichtenstein, 1984:121). Dieselfde bly dieselfde, maar daar is meer *van* dieselfde, en dit word/is dan eventueel *meer as* dieselfde. Die digte betekenisgelaagdheid van die poësie stel op dié wyse verdere betekenis vry. Die digterlike woord se seggingskrag word as't ware 'n greep na die transendente, die/'n werklikheid wat anderkant en bo die taalgepresenteerde werklikheid lê. Die Engelse Romantikus Shelley stel die werking van poëtiese seggingskrag klinkklaar (aangehaal in Van Vliet, 1998:12): “*Poetry acts in a divine and unapprehended manner, beyond and*

¹²³ Vergelyk Walhout (1999:71-79) vir 'n duidelike uiteensetting van die problematiek in verband met *referensie* en *mimesis*. Hy kom tot die konklusie: “*The...text is not to be thought of as a carbon copy of the world, but it is nevertheless anchored in the world.*” (Walhout, 1999:79.)

above consciousness.” Dit is geen wonder nie dat Van Ginneken (1946) van taal as ’n *mysterium tremendum* praat.

Poëtiese seggingskrag word met die keurige woord, die gestileerde taalkunstige segging en die gedagteryke koloriet van die fyn digterlike gees deur Denis Diderot treffend lug en lig gegee:

There is in the discourse of the poet a spirit that gives motion and life to every syllable. What is this spirit? I have sometimes felt its presence; but all I know about it is, that it is that causes things to be said all at once; that in the very moment they are grasped by the understanding, the soul is moved by them, the imagination sees them, and the ear hears them; and that the discourse is not merely an enchainment of energetic terms that reveal the thought with force and elevation, but is even more a web of hieroglyphs accumulated one after the other and painting the thought’ (Denis Diderot, 1751, in Aarsleff, 1988).

Die kragtige, ‘digte’ digkuns word so ’n greep na die goddelike.

4.2.3.1.5 Poësie en prosa

Poësie en prosa word van mekaar onderskei, maar daar is ook ’n onderlinge verband waarin hulle tot mekaar staan, veral wanneer hulle saam deel van een literatuurwerk is.

Die literêre onderskeid wat tussen poësie en prosa getref word, kan soos volg saamgevat word:

- Die onderskeid berus onder meer daarop dat poësie gewoonlik in *ritme* en *metrum* gestruktureer is (vgl. onder andere Vestdijk, 1950:2,190), terwyl prosa ’n vrye aaneenskakeling van verhalende motiewe en komponente is.
- Poësie en prosa verskil verder daarin dat eersgenoemde se teks dig gestruktureer is. Poësie word uit die individuele *woord* en *versreël* en *strofe* opgebou en nie soos prosa deur die sin en die paragraaf en die hoofstuk nie. In poësie is die styl bondig; die minimum woorde word onder hoëdruk van betekenis geplaas – “...[m]uch is said in little” (Travers, 2005:595).
- Die bindende faktor in poësie is meestal *paradigmaties* (deur herhaling), terwyl prosa *sintagmaties* (deur aaneenskakeling) voortstu, met *kombinasie* die integreerende krag van die geheel. Die narratief bind dus saam en verleen koherensie, terwyl die poëtiese die voortgang terughou en besinnend en verdiepend werk.
- Poësie druk die *universele* uit, terwyl prosa die *besondere* (geskiedenis, gebeure) verhaal – aldus Aristoteles (vgl. Bowra, 1967:95). Hier moet aan-

geteken word dat prosa óók die universele kommunikeer, maar dit is dan deur 'n bepaalde verhaal waarin die universele in die besondere gesitueer word.

Die verband wat daar tussen prosa en poësie kan bestaan, kom veral tot uitdrukking wanneer hulle in een literatuurteks gekombineer word. Die samevoeging hou betekenis vir albei in. Poëtiese tekste kry byvoorbeeld besondere reliëf wanneer hulle in 'n nie-poëtiese konteks opgeneem word. Wat as *inkadering* bekend is, vind in so 'n geval plaas (vgl. Bronzwaer, 1993:12). Die poëtiese wat in die verhalende gevoeg of ingekader word, ontsluit, verklaar en/of verdiep dikwels die verhaalde gebeure in die prosateks. Die 'blote' van die prosa ontvang as gevolg van die inkadering ook 'n ryker koloriet, terwyl die universele wat deur die poëtiese uitgedruk word, sodoende weer 'n konkreter betekenis verkry. Dit is die besondere betekenisontsluitende en -bydraende van die verband tussen prosa en poësie wanneer 'n lied of lieder met hulle uitgesproke (uitgesingde!) poëtiese aard in 'n narratiewe teks soos Openbaring geïnkorporeer of ingekader is en word. Die funksie van die poëtië in Openbaring-navorsing moet nou in hierdie lig oorweeg word.

4.2.3.2 Poëtië se funksie in die Bybelwetenskap, in besonder in die bestudering van die Openbaringboek

Die belang en relevansie van kennis van die poëtië en die aanwending daarvan in die Bybelwetenskap behoort sonder meer duidelik te wees. Die poëtiese gedeeltes in die Bybel is talryk, nie net in boeke soos die Psalms en Job en in gedeeltes van die profetiese boeke nie, maar ook in die narratiewe van die Bybel, soos byvoorbeeld in die oorwegend narratiewe tekste/boeke soos Eksodus, Samuel en die Evangelie volgens Lukas. Dit word by die bestudering van die poëtiese stof van die Bybel onmiddellik vir die navorser duidelik dat teksanalise en -interpretasie nie sonder insigte vanuit die poëtië sinvol en omvattend kan wees nie.

Poëtië is by studie van die Openbaringboek ooglopend aangedui. Die himniese gedeeltes in die laaste Bybelboek is poëtiese stof wat uiteraard uit die perspektief van dit wat poëtië as literêre subdissipline bied, benader moet word.

Om onmiddellik by die verband tussen prosa en poësie (die laaste paragraaf in 4.2.3.1.5 hierbo) aan te sluit: op grond van die *inkadering* van die lieder in Openbaring (wat as mikrotekste 'n eie generiese karakter vertoon) binne die dramatiese narratief (wat die makro-genre van die boek uitmaak) kan vermoed word dat die lieder 'n *toonaangewende* (meer as musikaal gesproke so!) rol in die ontsluiting, verklaring en/of verdieping van die verhaalde in die dramatiese gebeure speel. Dit kan ook op grond van

die rol/funksie wat kore in die Griekse drama gehad het, vermoed word (vgl. 4.2.1.1.3(i) en (iii)).

Dit is verder logies dat die ander insigte wat die poëतिक ten opsigte van die analisering van poëtiese tekste bied (die ontginning en benutting van taal se volle potensiaal, vgl. 4.2.3.1.3, en die seggingskrag van die poëtiese teks, vgl. 4.2.3.1.4) by die verklaring van die himnes in Openbaring 'n belangrike en noodsaaklike funksie sal hê. Die potensiaal en krag van poëtiese taal kan ou wêreld deurbreek en kan mense beweeg tot nuwe handeling (De Wet & Venter, 2001:23-33, veral 26). Walter Brueggeman voer aan dat 'n *'prose flattened world'*, waarin die waarheid grootliks gereduseer is, van die evangeliedraers vra om digters te wees – *"...poets that speak against a prose world"* (Brueggeman, 1989:3). Sowel Brueggemann as De Wet en Venter bedoel 'digters' en 'poëtiese taal' nie in die betekenis van die digkuns met sy rym, ritme en metrum (met ander woorde die literêre, tekstuele verskynsel van digwerk deur 'n digter) nie, maar hulle het die kragtige en verrassende taal en verkondiging van die evangelie in die oog. Omdat die digterlike woord egter by uitnemendheid hierdie kragtige kenmerke vertoon, kan die taalkunstige segging en styl gesien word as 'n uiters effektiewe instrument om juis hierdie doel te bereik. Dit bevestig dat ook die liederen in die Openbaringsboek – synde himniese poësie – as't ware as 'n greep na die transendente kan funksioneer, die/'n werklikheid anderkant en verder as die taalgepresenteerde werklikheid bē-teken, 'n greep na die goddelike woord (vgl. 4.2.3.1.4) – om met teks en toon (dit is: woord en musiek) die ou wêreld(e) te deurbreek.

4.2.3.3 Konklusie in verband met die literêre subdissipline poëतिक se rol en relevansie in die opset van die huidige studie

Die konklusie in verband met die rol en relevansie van die poëतिक in die huidige navorsing kan nou saamgevat word.

Omdat die himniese gedeeltes in die Openbaringsboek poësie is en hulle in die opset van die strukturele geheel van die boek in 'n eie generiese bepaaldheid funksioneer, is dit nie moontlik om sonder die insigte van die poëतिक die mikrotekste binne die geheel van Openbaring se dramatiese-narratiewe makroteks sinvol en verantwoordelik te analiseer en te interpreteer nie.

Sensitiwiteit vir al die aspekte van die artistieke, himniese-poëtiese taaltekste in Openbaring kan verrykende waarde tot die studie toevoeg. En die himnografie behoort fundamenteel en grondig daarby te baat.

4.2.4 Retoriese analise

4.2.4.1 Die fokus van retoriese analise as literêre subdissipline

Retoriese analise is 'n selfstandige wetenskap wat selfstandig beoefen word, maar wat ook as 'n subdissipline in die Literatuurwetenskap bestudeer word (vgl. 4.2.0). Dié subdissipline (in Engels bekend as '*rhetorical criticism*') ondersoek die effektiwiteit van die argumentasie in/van 'n literêre werk om vas te stel hoe en hoe effektief die werk sy gestelde doelwit bereik. Retoriek kan egter nie verstaan word sonder om eers te let op die orale vorm van redevoering in die Grieks-Romeinse kultuur nie (onderskeidelik die Griekse *rhetorikē technē* en die Romeinse *ars rhetorica* genoem; nie direkte vertalings van mekaar nie, maar wel as ekwivalente gebruik).

Retoriek, wat in die sesde tot vyfde eeu voor Christus begin het, se hoogbloeytyd was in die tyd rondom Jesus Christus se optrede in die wêreld. Die retoriek was daarop ingestel om te oorreed (Du Toit, 1992:465). Om goeie retoriek te beoefen was nie net om stylfigure te identifiseer en te gebruik nie, maar om logies en helder te redeneer. Die kwaliteit van argumentasie het die deurslag gegee, waartoe die gebruik van stylfigure dan tog ook sinvol kon bydra.

In Klassieke retoriek¹²⁴ was daar vyf stappe wat die basis gevorm het vir goeie redevoering, naamlik *inventio* (die ontdekking en vind van relevante argumentatiewe eenhede), *dispositio* (rangskikking van die argumente in 'n sinvolle geheel), *elucutio* (gestaltegewing aan die rede in een van drie gebruiklike retoriese style), *memoria* (vaslegging van die rede in die geheue), en laastens *pronuntiatio* (aanbieding van die argumentatiewe betoog) (Du Toit, 1992:466-467; vgl. ook Möller, 2005:690; Van Deventer, 1999:452).

Die drie tipes retoriese style of *genera* waarin redevoering gestalte gekry het en waarna pas by die derde stap hierbo verwys is (*elucutio*), is 'genres' wat in navolging van Aristoteles onderskei is. Die drie style ter sprake is die volgende (vgl. Kennedy, 1999:7; Wuellner, 1987:455-460; Du Toit, 1992:466; Möller, 2005:690):

- '*judicial*' of *forensiese retoriek*, wat daarop gemik was om die hoorders te laat oordeel oor gebeure in die verlede; dit is verbind aan die styl van 'n hof en het veral met die kategorieë *skuldig* en *onskuldig* gewerk;
- *deliberatiewe retoriek*, wat 'n openbare redevoering was (soos in 'n politieke debatvoering), was veral daarop gemik dat die hoorder ten opsigte van die

¹²⁴ Vergelyk Kennedy (1999) vir 'n omvattende oorsig oor Klassieke retoriek en sy sekulêre en Christelike tradisie van die Antieke tyd tot die twintigste eeu.

toekoms 'n uitweg soek en voordelige besluite neem; daar is dus veral met die kategorieë *voordelig* en *nadelig* gewerk;

- *demonstratiewe* of *epideiktiese retoriek*, wat veral tydens feestelike geleenthede gevoer is om die *lof* of die *blaam* van openbare figure uit te wys; by dié geleenthede het die kategorieë *aanvaarding/lofprysing* en *afwysing* gegeld, met die oog daarop dat die hoorders sekere waardes wat reeds by hulle teenwoordig is, sal versterk en daarin sal volhard.¹²⁵

Normaalweg is een van bostaande drie style deur die retorikus as sy retoriese strategie gekies.

In die Literatuurwetenskap is retoriese analise nie duidelik omskryf nie (Botha, 1991:167; Van Deventer, 2001:98-111). Sommige sal dit betwyfel of retoriek en die studie daarvan wel 'n literêre subdissipline is of so beoefen word (vgl. die beredenering in Kennedy, 1999:3-4). Daar bestaan nie slegs één bepaalde vorm van literêr-teoretiese studie van 'n retoriese artefak nie. Aandag aan retoriese aangeleenthede in die literatuurstudie behoort volgens Sonja Foss (1989) drie fokusareas te hê: die *konteks*, die *boodskap/rede* en die *outeur/retorikus*. Dit word nie as waterdigte skeidings bedoel nie. Daar is nie retoriese analise-studies waarin die fokus eensydig op net een van die areas val nie. Aan die ander kant is daar ook nie 'n holistiese literêre benadering van retoriek nie (Van Deventer, 2001:110-111; vgl. sy bespreking van Foss, 2001:103-111).

4.2.4.2 Retoriese analise se funksie in die Bybelwetenskap, in besonder in die bestudering van die Openbaringboek

4.2.4.2.1 Retoriese analise in Bybelwetenskaplike navorsing

Om die funksie wat die analisering van retoriese fasette in die studie van die boek Openbaring kan hê, vas te stel, moet retoriese analise en die beoefening en waarde daarvan eers binne die groter konteks van Bybelwetenskaplike navorsing bepaal word (vgl. daarvoor onder andere: Combrink, 1996:102-123; Robbins, 1996a en 1996b).

Dit is uit die literatuur wat vir hierdie ondersoek wyd geraadpleeg is, duidelik dat retoriese analise in die Bybelwetenskap meer aandag ontvang as wat dit in die Algemene Literatuurwetenskap gekry het of kry. Aan die einde van die negentiende en tydens die eerste dekade van die twintigste eeu was dit die Bybelwetenskaplikes wat reeds studie

¹²⁵ Vergelyk DeSilva, 2000:43-93, vir 'n uitvoerige verklaring van die begrippe *lof* en *blaam* – '*honor*' en '*shame*' – in die Nuwe-Testamentiese kulturomgewing; vgl. verder vir 'n insiggewende uiteensetting van die *epideiktiese genre*: Rosenfield, 1980:131-155).

oor die retoriek gedoen het. Daarna is retoriese analise egter tot laat in die sestigjare van die vorige eeu afgeskeep (Du Toit, 1992:467).

Dit was eers die belangwekkende presidensiële rede van James Muilenburg met die titel *Form Criticism and beyond* (Muilenburg, 1969:1-18) by die jaarlikse konferensie van die *Society of Biblical Literature* op 18 Desember 1968 wat vir 'n wending in die studie van die Bybel-as-literatuur verantwoordelik sou wees (sien weer die verwysing en samevatting in 2.2.2.6.2 van dié waterskeidingbydrae van Muilenburg). Muilenburg se '*and beyond*' in die bostaande titel van sy rede het vir die eerste keer ná ongeveer meer as 'n halfeeue weer aandag vir die retoriek opgeëis. Hy is daarin deur ander gevolg – in so 'n mate dat retoriese analise in die beoefening van die Bybelwetenskap (veral in die Nuwe-Testamentiese studieveld) sedertdien as't ware 'n ontploffing beleef het. Maar ook in die Bybelwetenskap is daar net soos in literêre-teoretiese studies nie 'n eenvormige en omvattende benadering tot retoriese analise nie. Dit is as gevolg van 'n duidelike onderskeid wat tussen twee foci van die dissipline getref word, naamlik dié tussen retoriek as die '*art of composition*' en retoriek as die '*art of persuasion*' – 'n onderskeid wat deur Tribble gemunt is (Tribble, 1994:32, 41).

Die eerste vorm van retoriese analise, die studie van die samestelling ('*composition*') van 'n teks, word geassosieer met Muilenburg (1969) se oproep dat die tekortkominge van die Vormkritiek (wat Bybelnavorsing vir so lank oorheers het) oorkom moes word deur meer aandag aan 'n Bybelteks se unieke stilistiese en estetiese kwaliteite te gee. Dit word beskou as 'n benadering wat in 'n groot mate 'n 'literêre' aanslag verteenwoordig.

Daarteenoor is die fokus in die tweede vorm van retoriese analise op die argumentasie en oorredingstrategie ('*persuasion*') van 'n Bybelteks of -boek gerig, soos dit in die Klassieke retoriek ten opsigte van orale redevoering gegeld het (vgl. 4.2.4.1 hierbo; vgl. ook Kennedy, 1980 en 1999). Laasgenoemde benadering gee in die proses van vasstelling van die oorredingstrategie ook aan die sosio-linguistiese konteks van tekste aandag (Möller, 2005:689; Botha, 1988:11; *The Postmodern Bible*, 1995:161). Dit hou in dat alle redevoering as sosiale diskoers beskou word wat onskeibaar is van die wyer sosiale verhoudings tussen skrywers/retorici en hulle lesers/gehore (Möller, 2005:689). Nuwe-Testamentici het sedert die laaste kwart van die vorige eeu retoriese analise begin 'toepas', en wel vanuit hierdie tweede benadering tot retoriek, die identifisering en beskrywing van die oortuigingstrategie wat by die samestelling van 'n teks gevolg is. Daarmee het die *performatiewe* aspekte van die Bybelteks die hoofklem in die Bybelwetenskap begin ontvang, met ander woorde dit wat die Bybelteks moet 'presteer' in terme van die effek wat die teks op die ontvanger(s) wil bewerkstellig. Die klem word dus nie meer so sterk net op die *informatiewe* aspekte van die teks gelê wat die vroeëre Bybelnavorsing vir so lank gekenmerk het nie (Du Toit, 1992:468). Hierdie verskuiwing is duidelik volledig in ooreenstemming met die huidige tendens in die literêre teorie waar

die klem op die lesersentriese benadering tot die literêre teks geplaas word (vgl. 3.1.2.3, 3.1.3, 3.2.1, 3.2.2.3).

4.2.4.2.2 Retoriese analise se funksie in die bestudering van die Openbaringboek

Die belangrike funksie wat retoriese aspekte waarskynlik in die studie van die Openbaringboek het, spruit uit sowel die retoriese ‘*art of composition*’ (die waarde van insig in die tekssamestelling deur onderskeiding van die literêre boustene van die teks en hulle gebruik), as die retoriese ‘*art of persuasion*’ (ontdekking van die oortuigingstrategie of -strategieë wat in die teks gevolg word). Retoriese analise kan dus eerstens instrumenteel wees in die ontginning van dié Bybelboek se unieke stilistiese en estetiese kwaliteite, asook – tweedens – in die bepaling van die retoriese genre waarin die boek homself aandien, waardeur ’n weg tot teksanalise aangedui word – sowel van die mikrotekste as die makroteks.

Wat die tweede, die retoriese genre, verder betref, behoort dit uit ’n retoriese lesing en analise van Openbaring duidelik te word dat die boek ’n opsigtelike ooreenkomst vertoon met die derde genre van die Klassieke retoriek wat onderskei is (4.2.4.1), naamlik die *demonstratiewe* of *epideiktiese* genre, wat in Openbaring besonderlik in die liturgiese en himniese stof daarin uitgedruk is (Watson, 2010). Soos genoem, is die derde retoriese genre die styl van retoriek wat veral tydens feestelike geleenthede gevoer is om die *lof* of die *blaam* van openbare figure uit te wys. Dit het die kategorieë *aanvaarding/lofprijsing* en *afwysing* by dié geleenthede gegeld, met die oog daarop dat die hoorders sekere waardes en standpunte wat reeds by hulle teenwoordig is, sal versterk en daarin sal volhard.

Dit is gerade om in hierdie stadium twee aspekte van retoriese studie duideliker en meer spesifiek uit te lig en direk op die bestudering van Openbaring te betrek. Daar word eerstens weer vlugtig by die bespreking in 4.2.1.2.2 aangesluit, waar oor die identifisering van Openbaring as ’n dramatiese narratief gehandel is. Tweedens is dit insiggewend om hier tersaaklike gegewens uit die kultuurhistoriese konteks van die kontemporêre Griekse leefwêreld in aanmerking te neem – dus uit die milieu waarin Openbaring as ’n literêre teks sy ontstaan het. Beide die sake het betrekking op die belangrikheid van die retoriese oogmerke (argumentasie en oorredingstrategie) wat in die Skrifteks *Openbaring* duidelik aanwesig is.

- *Retoriese analise en Openbaring as ’n dramatiese narratief*

Openbaring is waarskynlik in die vorm en styl van ’n Hellenistiese drama aangebied, of in die konteks van ’n erediens of godsdienstige seremonie voorgelees (vgl. 4.2.1.2.2). Wat reeds by die ontvangers van die teksboodskap teenwoordig

was, is dus deur liturgiese voorlesing versterk. Daar moet verder ook weer op die beredenering en motivering dat Openbaring spesifiek as 'n *dramatiese* narratief beskou kan word, nadruk gelê word. Die boek is nie 'n gewone vertelling nie. Dit is 'n apokalips wat 'n drama verhaal, of dramatiese grondtrekke vertoon wat ook in die Hellenistiese drama herken kan word. Die retoriese oogmerk van die dramatiese narratief is om die ontvangers/hoorders/ lesers in 'n liturgiese konteks aan te moedig en te versterk om te volhard en vas te staan, vas te hou wat hulle reeds het (Op. 2:25). *Volharding* is 'n sentrale motief wat deur die hele ontwikkeling en ontvouing van die narratief loop (Op. 1:9; 2:10; 2:25; 3:11; vgl. Venter & Du Rand, 1998; ook Venter, 1998). Die retoriese doelwit van die dramatiese vertelling word effekief daardeur gedien.

▪ *Retoriese belang van die Griekse kultuurhistoriese konteks vir die sinvolle ontsluiting van Openbaring*

Bo en behalwe bostaande perspektief kom verdere retoriese aspekte na vore wanneer daar op die kultuurhistoriese konteks van die Antieke Grieks-Hellenistiese tyd ag geslaan word. Die Grieke se jaarlikse feeste waartydens die tragedies en komedies van hulle bekende dramaturge of skrywers opgevoer is, open beduidende insigte vir die huidige navorsing. Dit is die ooglopende, opsigtelike verband wat die Openbaringboek met sekere fasette van veral die *tragedies* vertoon wat naamlik die retoriese oogmerk van die jaarlikse opvoerings vir die navorsing insiggewend maak. Die aanduiding wat deur die Grieke vir die retoriese doelwit gebruik is, is die term *ergon*. *Ergon* beteken die unieke, 'proper' effek of funksie van 'n kultuurproduk soos die tragedie. Aristoteles identifiseer in sy *Poëtika* (49b 27-28) die unieke *ergon* van die tragedie as die *katarsis* van die emosies van *jammerte* en *vrees/angs* ('*pity*' en '*fear*').

Die Griekse *katarsis*-konsep moet nou verder ontleed word, aangesien dit spesifiek dit is wat beduidende retoriese insigte ten opsigte van Openbaring open.

Die konsep van die Griekse *katarsis* is beide deur Plato en Aristoteles as die unieke *ergon* van die drama/tragedie gesien. Die term is egter nie eenduidig wat betekenis betref nie. Daar word twee bekende interpretasies van die Griekse *καθαρismus* gegee, interpretasies wat albei as invloedryk gehuldig word. Die twee vertolkings van die woord is: *katarsis* as '*purification*' of reiniging, en *katarsis* as '*clarificatory learning*' of verhelderende lering (Depew, 2007:142-143,144). Dié twee retoriese elemente wat vir die Grieke in *katarsis* as die *ergon* van die tragedie opgesluit gelê het, het op die volgende neergekom: reiniging vind

plaas deur iets uit die sisteem te kry, terwyl die ontleding die wins inhou dat helderheid en insig daaruit voortspruit (Aristoteles, *Politics*, 8.5, 8.6 en 8.7).

'n Interessante ontwikkeling wat plaasgevind het, is dat katarsis as't ware mettertyd van die tragedie verwyder is toe die tragedie as literatuur gerekonstrueer is (vgl. Ford, 1995:109-127). Daarmee het die katarsis-konsep blykbaar uit 'n emosionele in 'n meer intellektuele dimensie ontwikkel. Aristoteles het daarop gewys dat die *ergon* van 'n goed gestruktureerde tragedie effektief verkry kon word deur dit te hoor waar dit gelees word, of wanneer iemand dit self lees. Omdat die *ergon* van so 'n goed gestruktureerde tragedie van *plot* afhang, kan die verhaal asook die hiërargies-gestruktureerde beginsels van tragiese komposisie maklik gevolg word (*Poetika*, 50b 16-20; 53b 3-7; vgl. Depew, 2007:143). Dit is dus nie nodig dat katarsis net in 'n uitvoeringskonteks retories funksioneel kan of sal wees nie. Intendeel, die literatuurwording van die *ergon* en die groter klem op die narratief maak van Openbaring 'n retoriese entiteit in 'n literêr-dramatiese styl. Die ooreenkoms tussen Openbaring en die drama is dus duidelik, maar dat die tragedie in literatuurvorm ontwikkel het, dui op nog duideliker ooreenkoms. So is katarsis die retoriese doelwit van die omgang met die dramatiese narratief Openbaring. Die lesers/ontvangers/hoorders van die apokaliptiese boek is deur die literatuurteks, wat dan waarskynlik in 'n liturgiese konteks tydens hulle religieuse byeenkomste gelees is, versterk. Deur ontleding van die emosies van jammerte en vrees/angs het helderheid en insig by die ontvangers in hulle benarde krisissituasie ingetree (Op. 1:9; vgl. Du Rand, 2007:72-80).¹²⁶

Die retoriese perspektiewe wat deur bogenoemde twee gesigspunte oopgaan en vir Openbaring-navorsing waardevolle retoriese inligting bied, kan nou saamgevat word.

- (i) Die feit dat Openbaring 'n dramatiese narratief is, beteken op grond van bogenoemde dat die *ergon* van dié literatuurteks nie pretendeer om 'n gewone verhaal te wees wat vertel/gelees word nie, maar dat die openbaringsdramatiese daarin en daarvan in 'n liturgiese konteks 'n duidelike, spesifieke en doelgerigte retoriese funksie het: dit inspireer en bemoedig die ontvangers van die

¹²⁶ Die krisis van die Christene is onder meer deur die volgende faktore veroorsaak: gespanne verhoudings met die Jode (Op. 2:9; 3:9), keiserverering wat in swang was, die versoeking om kompromieë met die heidense kultuurwêreld aan te gaan (Op. 2:6,14,15,20), sosiale en kulturele ontworteling waarin hulle geleef het, hewige belastings en daaglikse intimidasie deur die Romeinse owerhede (Op. 17:4; 18), bloedige vervolging wat verduur moes word, bloedvergieting (Op. 15:5-7). Die retoriese strategie en doelwit van Openbaring is vanuit hierdie milieu te verstaan.

openbaring om vas te hou wat reeds hulle deel is en om daarin tot die einde toe te volhard (Op. 2:25).

- (ii) Reinigende katarsis is die geseënde en geslaagde retoriese doelwit wat ten opsigte van die lesers/hoorders van Openbaring bereik word. Daardeur kon hulle moed skep, volhard en ook noodsaaklike insig en helderheid verkry in die troebel krisissituasie van vervolging waarin hulle verkeer het. Vanweë die feit dat die tragedie mettertyd in literatuur gerekonstrueer is, hoef die katarsis nie noodwendig in 'n dramatiese uitvoeringsituasie plaas te vind nie. Ook die literêre teks dra en dien die *ergon* van die dramatiese Godsopenbaring suksesvol en effektief in die verhalende styl en tegelyk performatiewe taal van die dramatiese narratief.

Dit het reeds in 4.2.1.1 by die bespreking van *literêre* genre-onderskeidings geblyk dat die *retoriese funksie* wat 'n mikroteks in 'n makroteks het, 'n sleutelrol speel in die betekenisontsluiting en -interpretasie van sowel die mikroteks as die makroteks (die teksgeheel). Aandag aan die *funksies* van verskillende tekstipes in bepaalde kontekste bring die navorser in sy ontleding van tekste heelwat verder as wat blote klassifisering en kategorisering van tekste op grond van 'vasgestelde' genre-kenmerke dit kan bewerkstellig. Deeglike ondersoek na die dinamika van die *wisselende*, *verwisselende* en *wisselwerkende* generiese elemente (4.2.1.3) behoort die verstaan en ontsluiting van Openbaring te dien. Identifisering van *literêre* én *retoriese* genres is dus nodig, in hulle onderskeiding van en betrokkenheid by mekaar.

Ter afsluiting van die bespreking van retoriese analise se funksie in die bestudering van 'n teksdokument, in besonder die Openbaringboek, kan woorde van Kowalzig aangehaal word. Sy vat daarin die retoriese funksie vanuit die lied as 'derde' argi-genre saam: "*Choral self-referentiality is as much a literary device as it is a strategy of ritual, functioning as in traditional choral poetry where spectator and choral are integrated into one and the same worshipping group.*" (Kowalzig, 2007:245.)

4.2.4.3 Konklusie in verband met die literêre subdissipline retoriese analise se rol en relevansie in die opset van die huidige studie

Die identifisering van die *retoriese* genre in samehang met die *literêre* genre(s) van die Openbaringboek is 'n sleutel tot die ontsluiting van betekenis in sowel die himniese mikrotekste as die dramaties-narratiewe makroteks van die boek. Retoriese analise as 'n literêre subdissipline is dus ook as noodsaaklik en relevant aangedui in die opset van die huidige studie.

4.2.5 Metaforiek

4.2.5.1 Die fokus van metafoorstudie

Anders as poëतिक en retoriese analise word metaforiek nie as 'n subdissipline van die Literatuurwetenskap beskou nie. Metaforiek is as't ware 'n bestaansvorm of eienskap van die literatuur, van alle tekste en uiteindelik van taal self wat deur middel van alle teorieë bestudeer kan word (vgl. 4.2.0). Dit word daarom hier as 'n toegespitste literêre studieterrrein benader.

Metafoorstudie begin gewoonlik sy ondersoek by die Griekse filosoof Aristoteles wat die essensie van die metafoor in sy *Ars Poetica* kortliks beskryf het as die oordrag van 'n term van een ding na 'n ander (Weiss, 2006:1); met ander woorde om een ding in terme van 'n ander te verstaan en te ervaar (Goede, 2007:93).¹²⁷ Metafoorstudie wil dan hierdie essensie van die metafoor bestudeer, asook alle ander fasette wat met metaforiese taal verband hou (soos samestelling, werking en effek). Basiese terminologie wat in die metaforiek gebruik word, is *topiek* of *strekking* ('*tenor*') en *medium* ('*vehicle*'), waar eersgenoemde verwys na die normale, 'gewone' betekenis in 'n normale teks en konteks, terwyl laasgenoemde die figuur is wat van buite die normale konteks ingebring word. L.A. Richards was die eerste wat die terme '*tenor*' en '*vehicle*' gebruik het om die '*two ideas*', naamlik '*the original idea*' en die '*borrowed one*' waaruit enige metafoor bestaan, te benoem (Richards (1971[1936]:96).

Vir lank is metafore as stylfigure beskou wat uitsluitlik tot die wêreld van die poësie, die verbeelding en die retoriek behoort (Vos, 2001:137). Waarom daar van metafore in 'n taalhandeling gebruik gemaak word, is volgens die tradisionele beskouing slegs vanuit 'n stilistiese oorweging te verklaar. Stylfigure word net vir dekoratiewe en stilistiese verfraaiing gebruik en het nie enige ander (betekenisvolle) funksie nie. Dit is 'n talige eienaardigheid, '*fancy language*' (Steen, 1994:3; Goede, 2007:89). Hierdie toedrag van sake was onder meer die gevolg van Kant se skeiding van kennis in twee mekaar-uitsluitende klasse of kategorieë, naamlik die *estetiese* en die *rasionele* of *bruikbare*. Kenmerkend van die *Verligting*-denke is dat metaforiese taalgebruik teenoor letterlike, 'wetenskaplike' taal sou staan en onnodig en selfs bedrieglik sou wees in die soeke na en die beskrywing van waarheid (Paul, 2005:507).¹²⁸

¹²⁷ Weiss bespreek kernagtig Aristoteles se onderskeiding van die metafoor en die implikasies daarvan (Weiss, 2006:1-5).

¹²⁸ Vergelyk Weiss (2006:5-20) vir 'n redelik volledige historiese oorsig oor beskouings van die metafoor sedert Aristoteles tot en met die middel van die twintigste eeu.

Aan die einde van die sewentigerjare van die vorige eeu (dus met die aanbreek van wat vroeër in 2.2.2.7 die resente tydvak genoem is) het daar egter 'n wending gekom in die beskouing van die aard en funksie van die metafoor (Goede, 2007:90,92,95). Die sogenaamde *kognitiewe* metafoorteorie het ontstaan (vgl. vir verskillende ander metafoorteorieë: Soskice, 1987:24-51; Goede, 2007:90-94). Die kognitiewe teorie word deur baie navorsers in die veld van die metaforiek ondersteun en gevolg (vgl. onder andere Steen, 1994, en Steinhart, 2001). Teoretici het die klem daarop begin lê dat die mens se gewone konseptuele stelsel waarin gedink en gehandel word, metafores van aard is. Die metafoor word in hierdie latere teorie as 'n *konsep* beskou, as die verstaan van een konseptuele domein in terme van 'n ander konseptuele domein (Kövecses, 2002:4). Dit word dus nie primêr as 'n *'figure of speech'* of beeldspraak benader nie, maar as 'n *'figure of thought'* of *ideëspraak* (Steen, 1994:6). Die leser of ontvanger van die metaforesiese taal kom onder die indruk daarvan dat metafore wel funksioneel is en meer as net ornamentele en dekoratiewe waarde het.

Breyten Breytenbach beskou hierdie instrumentele funksie van die metafoor as absoluut kardinaal en omskryf dit soos volg:

Ek dink ons leer deur vergelyking, tot (sic) 'n mate deur herkenning en waarskynlik deur dit wat ons dink ons ken te vergelyk met wat ons nog nie ken nie – en die metafoor is altyd die tussenganger. Dis werklik vir my die plofstof van die poësie. (Breytenbach, 2011:14.)

Metafore lei sodoende tot nuwe insigte wat nie sonder die metaforesiese en stilistiese gebruik van taal verkry sou word nie.

'n Baie interessante kenmerk van die metafoor waarop Black in 1962 reeds gewys het (aangehaal deur Paul, 2005:507) is dat daar in die metafoor nie slegs 'n eenrigting-beweging is nie. Sowel die topiek (*'tenor'*) as die medium (*'vehicle'*) word deur hulle verbinding in 'n metafoorkonstruksie geaffekteer. Die persepsie wat die waarnemer/ontvanger van die twee komponente in die metafoor het, word dus beide geraak. Paul Ricoeur neem dit van die *perseptuele* af verder na die *kognitiewe* en stel dat daar 'n paradoks in metafoor opgesluit is. 'n Metaforesiese uitdrukking wat byvoorbeeld stel: *'A is B'*, impliseer terselfdertyd: *'A is nie B nie'* (Vos, 2001; Ricoeur, 1978:221-224, 255-256; Paul, 2005:508). Slegs sekere aspekte van B (die *'vehicle'*) word met A (die *'tenor'*) geïdentifiseer. Uit hierdie paradoksale verhouding ontstaan 'n semantiese spanning tussen die topiek en die medium, maar kom daar ook nuwe betekenis voort.

Metafore is – só beskou – uiteindelik *plofstof* wat mense tot nuwe insigte ruk en nuwe wêreld oopskiet (Vos, 2001:137; Breytenbach, 2011:14).

4.2.5.2 Metaforiek se funksie in die Bybelwetenskap, in besonder in die bestudering van die Openbaringboek

Metaforiek het 'n prominente plek in Bybelnavorsing (vgl. Weiss, 2006:20-32). Daar kan byvoorbeeld in die Suid-Afrikaanse konteks verwys word na – om maar net twee navorsers uit te sonder – die resente werk van Van der Watt (2000) en Goede (2004, 2007).

Die feit dat nuwe perspektief en nuwe insigte verkry word deur die metafories-stilistiese en beeldende gebruik van taal (soos hierbo in 4.2.5.1 bevind is), is veral in 'n religieuse taalkonteks 'n betekenisvolle gegewe (vgl. Van Baest, 1996:286). Dit vervul 'n besondere funksie in die verstaan van die ryk metaforiese taal van die Bybel. Van der Watt stel dat aangeneem kan word dat daar 'n kwalitatiewe verskil tussen die aardse en die goddelike is. Die goddelike, sê hy, kan egter net in aardse terme by wyse van aardse assosiasies en kategorieë beskryf word. Dit hou spanning in, maar die aanname kan gemaak word dat wanneer oor God en die goddelike gepraat word, kan en behoort dit deur metafore te geskied (Van der Watt, 2000:22). Al word daar van menslike konsepte gebruik gemaak, kan daar op dié wyse tog 'referensie' na 'n goddelike, transendente werklikheid wees. Paul Avis stel die besondere funksie van beeldende, verbeeldingryke taal in religieuse openbaring soos volg:

..[it] is primarily through the imagination and the genres typically generated by the imagination (metaphor, symbol and myth) that we are brought into living contact with our object (the sacred, the divine, revelation, God)..." (Avis, 1999:vii). En verder: "The imagination is the matrix of faith." (Avis, 1999:83.)

Die openbaring van God wat in mensetaal gekommunikeer word, maak dus veral gebruik van die metafories-stilistiese potensiaal van taal. Dit geskied deur '*metaphorical extension of meaning*' (Paul, 2005:508). Hierdie uitdying van betekenis deur metaforiese taal kan in 'n mate die onbeskryfbare beskryf, die transendente teenwoordig stel.

Daar is Bybelwetenskaplikes wat na metafore verwys as 'blote literêre verskynsels'. Hulle openbaar daarmee 'n vooroordeel teen die metaforiek, met ander woorde hulle gee te kenne dat die studie van die metafoor nie werklik iets tot die wetenskaplike studie van die Bybel in teologiese navorsing (kan) bydra nie (vgl. Goede, 2007:88, se waarneming in hierdie verband). Die vooroordeel skep die indruk dat die metafore van die Bybel slegs 'n verbeeldingryke stelwyse van menslike ervarings van die werklikheid is. Daarmee word die feit inderwaarheid ontken dat God Hom ook deur hierdie besonder kragtige middel (die plofstof van die metafoor!) as *werklik* openbaar. Die Bybelse metaforiese taal is egter nie 'n vindingryke menslike skepping van 'n (transendente) werklikheid nie, maar dit is 'n eg-menslike middel vir die beskrywing van die goddelike werklikheid wat ook sonder beskrywing 'n realiteit is (Van der Watt, 2000:23). Dié

realiteit word geopenbaar deur die goddelike Skrywer van die ‘literêre’ Bybelteks in die mensetaal van menslike skrywers en lesers – juis ook deur die gebruikmaking van ’n stylfiguur wat die nuwe wêreld verder as (anderkant) die spankrag van mensetaal vir die mens oopbreek.

Wat die funksie van metaforiek in die bestudering van die Openbaringboek in besonder betref, is dit sonder meer ‘dwingend’ duidelik dat insig in die essensie en werking van metaforiese taal onontbeerlik is vir die verstaan en interpretasie van die boek. Die laaste Bybelboek is immers in sy geheel ’n skatkis van beeldtaal en simbooltaal, van die metaforiese direkte vergelyking en die stilistiese frase, die verdigte woord en die figuurlike segging. Dit is ’n ‘*cascade of imagery*’ wat van die een bladsy na die volgende oorstort (Paul, 2001:131; vgl. byvoorbeeld die tabelle van simbole en simboliese getalle in Openbaring wat deur Barr saamgestel is – Barr, 1998:7). Die goddelike openbaring word in die boek deur die gebruik van die volle potensiaal van mensetaal gekommunikeer, nie net deur gebruikmaking van poëtiese seggingskrag nie, maar spesifiek ook deur die ryk taal van die metaforiek. Die transendente word deur verbale skildering teenwoordig gestel in die immanente, alhoewel mensetaal “...*blijvend onbekwaam (is) te omvatten wat en wie God in zichzelf is*” (Van Baest, 1996:289).

’n Sentrale metafoor wat in die literêre eenheidsgeheel van Openbaring ’n bindende motief is, kan hier reeds uitgesonder word: die metafoor van *die Lam wat geslag is en oorwin het*. Dié metafoor is teenwoordig in van die himniese eenhede van die boek (soos Op. 5:9-10, 11-14 en 19:7) sowel as in narratiewe gedeeltes (soos Op. 5:6, 14:1).

4.2.5.3 Konklusie in verband met metaforiek se rol en relevansie in die opset van die huidige studie

Metafore lei tot nuwe insigte wat nie sonder die metaforiese en stilistiese gebruik van taal verkry word nie. Daarom kan Bybelnavorsing nie volledig wees sonder deeglike kennisname van die bydrae en insigte wat die metaforiek en metafoorstudie lewer en open nie. Dit is dus in ’n studie wat toegespits is op die laaste Bybelboek met sy ryk metaforiese openbaringstaal slegs moontlik om tot verantwoordbare wetenskaplike navorsingsresultate te kom indien die boek onder meer uit die perspektief van die metaforiek benader word. In die huidige studie word die plofstof van die metaforiek deurentyd met verantwoordelikheid waargeneem, om met die nuwe dimensies en nuwe wêreld wat dit oopbreek die openbaringstaal van die Openbaringboek betekenisvol te interpreteer.

4.2.6 Intertekstualiteit(-teorie)

4.2.6.0 Inleidend: intertekstualiteit in die opset van die huidige studie

Intertekstualiteit is 'n baie belangrike literêre konsep wat 'n onontkenbare eienskap van alle tekste is. Die studie daarvan word in die Literatuurwetenskap nie as 'n sub-dissipline benader nie, maar as 'n navorsingsfaset wat integraal in die studie van alle literatuur ingewef is (vgl. 4.2.0).

Die konsep van intertekstualiteit word ook heelwat meer uitgebreid as van die ander toegespitste literêre studieterreine behandel (soos ook genre-teorie in 4.2.1 en narratologie in 4.2.2 omvangryker behandel is). Soos reeds in 4.2.0 gestel is, is die rede vir die meer uitgebreide aandag aan intertekstualiteit tweërlei. Intertekstualiteit kan naamlik eerstens multidimensioneel ondersoek word vanuit generiese, narratologiese, stilistiese, semiotiese, poëtiese, retoriese en metaforiese gesigspunte en sny dus deur al die besondere literêre studie-areas wat bespreek is. Tweedens is die Openbaringboek 'n geskrif wat deurweek en geheel en al deurdring is van die Ou Testament. Die twee testamente kom in die laaste Bybelboek intertekstueel saam in 'n dinamiese kragveld van tussentestamentêre beweging en skakeling. Sonder deeglike kennisname van hierdie intertekstuele interaksie kan die ontsluiting van die betekenis van Openbaring nie verantwoordelik, omvattend en in diepte plaasvind nie.

Die fokus en konteks van intertekstuele studie word nou eerstens vasgestel (4.2.6.1), waarna die belangrikheid van noulettende aandag aan intertekstualiteit in die bestudering van die Openbaringboek tweedens gemotiveer word (4.2.6.2). Die konklusie wat in verband met intertekstualiteit se rol en relevansie in die analisering van Openbaring bereik word, word derdens as afsluiting van die bespreking van intertekstualiteit gegee (4.2.6.3).

4.2.6.1 Die fokus van intertekstualiteit(-teorie)

4.2.6.1.1 *Historiese oorsig oor beskouinge van en benaderings tot intertekstualiteit*

Wanneer na intertekstualiteit gekyk word as die 'gesprek' tussen tekste en ook as 'n literêre tegniek of strategie, besef die navorser dat die verhouding en interaksie tussen tekste reeds so lank bestaan soos daar skrywers en tekste is (Foster, 2001:17). In die hele Westerse literatuurgeskiedenis was relasies tussen tekste bepalend vir teksproduksie.¹²⁹

¹²⁹ Vergelyk byvoorbeeld weer die bespreking in Hoofstuk 2 van die verhouding tussen die Bybel en ander, latere literatuur (2.2.3; veral 2.2.3.2.2). Die waarnemings wat daar gemaak kon word, is ook hier van toepassing, aangesien die verhouding tussen die Bybel-as-literatuur en ander literatuur in 'n bepaalde sin ook 'n besondere intertekstuele aangeleentheid is.

Claes onderskei in die verloop van dié literatuurgeskiedenis drie stadia wat die beskouing van en benadering tot intertekstualiteit betref. Hy benoem en beskryf die stadia soos volg (Claes, 1987:7, gedeeltelik in navolging van Lotman, 1977:113-117; vgl. ook Van Wolde, 1989:43-45):

- die eerste stadium was die tydvak van die *estetika van die gelykheid*, wat strek van die Klassieke tyd af tot voor die Romantiek; dit was die tyd toe Klassieke tekste gebruik is as voorbeeldige modelle en in nuwe tekste nageboots is/moes word (die *imitatio veterum* genoem);
- die tweede historiese stadium is die tyd wat die *estetika van die teenstelling* genoem kan word, wat sedert die Romantiek en selfs tot in die jongste tyd in alle nie-triviale literatuur geld; dit is die tydvak waarin die nabootsing van bestaande tekste afgekeur is en *oorspronklikheid* die norm geword het;
- die derde stadium is die tyd van die *estetika van die transformasie*, wat strek vanaf 1969 met die innovering en ingebruikstelling van die Franse term '*intertextualité*' deur Julia Kristeva (1987a[1974], 1987b[1969]) tot en met vandag; dit is die tyd van die sterk invloed van die Postmoderniteit waarin elke vorm van tradisie afgewys word en die kontrasterende begrippe *gelykheid* en *teenstelling* (die vorige twee 'estetikas') verplaas of gedekonstrueer word.

Intertekstualiteit as teorie het eers laat in die historiese verloop wat hierbo geskets is, ontwikkel – in werklikheid in alle erns eers rondom die begin van die derde stadium wat deur Claes onderskei word. In dié stadium het intertekstualiteit 'n andersoortige karakter en 'n teoretiese grondslag gekry wat in die Literatuurwetenskap intensief bestudeer en ontwikkel word. Dit is belangrik om waar te neem dat die aanbreek van die derde tydvak val in die begintyd van die oorgang en verskuiwing in literêre benaderingswyses vanaf die Strukturalistiese en Post-strukturalistiese tekssentriese benaderings tot die literêre werk (3.1.2.2) na die lesergeöriënteerde benaderings van literatuur (3.1.2.3).

Pluraliteit van betekenis word deur die huidige aksent op intertekstualiteit en die rol van die leser in die bepaling van teksbetekenis(se) op die spits gedryf. Dit staan teenoor die beskouing van die Modernisme dat die (n) eenduidige betekenis van die outonome literêre objek objektief vasstelbaar is en 'n eenheidskarakter besit op grond van formele inter-verhoudings tussen tekste, asook op grond van die intra-verhoudings van die dele in die literatuurteks self (Foster, 2001:17; vgl. Hutcheon, 1988:155). Ook intertekstualiteit moet in die huidige navorsing dus verstaan word binne die breër konteks van Moderniteit en Postmoderniteit – eersgenoemde met sy kenmerke van genre-/grensvasstellings, die bepaalbaarheid van die vaste en die objektiewe en die klem op seleksie, teenoor laas-

genoemde se kenmerke van intertekstualiteit, onbepaalbaarheid van die vaste en die objektiewe en aandag aan kombinasie (Fowler, 1989:4).¹³⁰

Daar word vir die doeleindes van hierdie studie verderaan by die bespreking van intertekstualiteit hoofsaaklik gefokus op die oorgang van die tekssentriese benadering van die literêre teks na die derde historiese fase, naamlik die lesersentriese benadering. Jongste ontwikkelinge word ook verken, wel met verwysing na en kontrastering met die vroeëre fases se algemene tendense.

4.2.6.1.2 Kort beskrywing van die ontwikkeling van intertekstuele teorie tydens en sedert die oorgang van tekssentriese na lesersentriese literatuurbenaderings

In intertekstualiteitteorie moet onderskei word tussen *semiotiese* intertekstuele teorie en *hermeneutiese* intertekstuele teorie. Dit het direk te make met die wyse waarop die literêre teks beskou en benader word. Eersgenoemde sien intertekstualiteit as 'n teksinherente kwaliteit, terwyl laasgenoemde 'n resepsie-geöriënteerde aksent op intertekstualiteit plaas. In die eerste is intertekstualiteit hoofsaaklik 'n artistieke prosedure, in die tweede 'n funksie van leseraktiwiteit waarin die leser self 'n belangrike interteks is (Van Zyl, 2000:72-73,83; Mai, 1991:33-36).

Julia Kristeva, wat die term *intertekstualiteit* in 1969 as 'n teoretiese sleutelbegrip in gebruik gestel het (vgl. 4.2.6.1.1 hierbo), het aansluiting by die werk van die Russiese Formalis Michael Bakhtin gevind. Laasgenoemde het reeds aan die einde van die twintigerjare van die vorige eeu – toe ander teoretici van sy tyd suiwer teksimmanent wou werk – die vraag gestel na watter verband literêre tekste met buitetekstuele sosiale kontekste het (vgl. Bakhtin 1963, 1999[1929]; sien ook die vroeëre verwysings na Bakhtin in 3.1.2.2.1(i.ii), 3.2.1 en 4.2.1.1.2). In haar aansluiting by Bakhtin beklemtoon Kristeva 'n *dialogiese* verhouding tussen tekste (Kristeva, 1987b:37, 1987a:111; vgl. Goedegebuure, 1996:31). Geen teks bestaan in isolasie nie, maar elkeen is deel van 'n web en matriks van ander tekste, '*an extensive web of interconnections*' (Barr, 1998:7). Elke nuwe teks versteur as't ware die ineengeweeftheid van bestaande tekste "*...as it jostles for a place in the canon of literature*" (Moyise, 2002:418). Die nuwe teks word óók 'n interteks, 'n teks tussen tekste, want dit is gelyktydig 'n *post*-teks en 'n *pre*-teks – dus: 'n teks in opvolging van ander, voorafgaande tekste, maar ook 'n voorloper van volgende tekste (Plett, 1991:17; Liptak, 2003:11). So sou ongebreidelde intertekstuele lesings van tekste in 'n dramatiese oefening in dekonstruktiewe lesings van tekste kon ontwikkel en selfs ontaard. 'n Teks word dan maar net 'n ander lesing van 'n lesing, *ad infinitum*, en 'n herlesing met 'n hersiene interpretasie (Jasper, 2003:29; vgl. Song, 2006:611, en verder ook 4.2.6.1.4 hieronder). Beale sê elke teks:

¹³⁰ Sien vir die uiteensetting van Moderniteit en Postmoderniteit onderskeidelik weer 2.2.2.6.0 en 2.2.2.7.0.

...[i]s a locus of intersections, overlaps and collisions between other texts...[i]s an *intertext*, that is a between-text (*inter*, 'between'), a paradoxical locus of dislocation, without center and without boundaries (Beal, 2000:128, beklemtoning van *intertext* en *inter* van Beal; vgl. ook Vanhoozer, 1998:133).¹³¹

Dit is duidelik uit bostaande teoretiese beskouing dat intertekstualiteit veronderstel dat die betekenis van 'n teks nie vas is nie omdat dit altyd oop bly vir hersiening wanneer nuwe tekste ontstaan. Die teks word daardeur ook geherposisioneer (Moyise, 2002:418; vgl. ook Moyise, 2000), terwyl die leser 'n besondere funksie daarin vervul. Aanhaling en inkorporering van 'n vroeëre teks in nuwe teksproduksie is nie meer bloot om die betrokke nuwe teks te verryk en 'n bydrae te lewer tot die estetiese status van die teks nie (soos dit veral gebeur het tydens die eerste historiese tydvak wat hierbo in 4.2.6.1.1 onderskei is, die stadium toe die *estetika van die gelykheid* oorheers het). Die begrip *intertekstualiteit* is verruim om nou veral ook die belangrikheid van die ouer teks se funksie aan te dui, naamlik om by te dra tot 'n kode wat verskillende effekte van betekenisduiding moontlik maak (Foster, 2001:18; vgl. Culler, 1981) en sodoende deel word van intertekstualiteit as die *estetika van die transformasie*.

Die positiewe en negatiewe van die ontwikkeling van intertekstuele teorie word hieronder (in 4.2.6.1.4) bespreek wanneer op die rol van dié teorie in die bepaling van teksbetekenis gelet word. Daar word egter eers kortliks aan terminologiese aspekte aandag gegee ten einde die ontwikkelinge beter te begryp en te volg en die verdere bespreking sodoende makliker te voer.

4.2.6.1.3 Die terminologie van intertekstualiteit(-teorie)

Die betekenis van die term *tekste* wat in so 'n dialogiese verhouding (soos hierbo uiteengesit is) tot mekaar staan, moet nader bepaal word. 'Tekste' sluit meer as slegs literêre tekste in, soos dit reeds begin duidelik word het. Dit dui onder meer ook op die kulturele konteks van die teks, want die teks word as die produk van '*various cultural discourses*' gesien (Culler, 1983:32; Hughes, 2006:56). Die sosio-kulturele konteks van sowel die ontstaanstyd van 'n teks as die tyd van resepsie (wat voortdurend verder weg beweeg van die ontstaanstyd) is ter sprake. Die term *teks* word dus ruim verstaan en gebruik. Onderstaande enkele kort aanhalings bevestig dit verder:

- "Alles is tekst en alles is intertekst geworden" (Van Wolde, 1990:335);
- "The text is a tissue of quotations drawn from innumerable centers of culture"

¹³¹ Hierdie argumente geld vir tekste, maar ook vir tekens/woorde as sodanig. Elke woord is 'belas' met al sy vorige gebruike, dra sy eie geskiedenis in hom saam en elke gebruik van die woord dra by tot sy toekoms en toekomstige geskiedenis. Relevante metafore vir intertekstualiteit is die *labirint* en die *woordeboek*. Die betekenis kan altyd weer – en weer anders – omskryf en uitgelê word.

(Voelz, 1989:27; vgl. Barthes, 1990a);

- “...all texts and ideas are part and parcel of a fabric of historical, social, ideological, and textual relations” (Clippinger, 2003:190).

Wat terminologie verder betref, is dit belangrik om te let op die terme wat gebruik word vir die verskillende *littérature* tekste wat in ’n intertekstuele samehang ter sprake is, met ander woorde die terme vir die teks wat nuut ontstaan sowel as vir die vroeëre teks waarmee die ‘nuwe’ teks in ’n interaktiewe en dialogiese (intertekstuele) verhouding optree. Die ‘nuwer’ teks en die ‘ouer’ teks word onderskeidelik deur navorsers in dié *littérature* studie-area soos volg benoem:

- òf *fenoteks*¹³² en *genoteks*
(Van Wolde, 1990:37 e.v.; Goedegebuure, 1996; die *genoteks* kan in dié onderskeiding ook die *argi/arche-tekste* genoem word, vgl. Vorster, 1988:104, want ‘*geno-*’ is klaarblyklik as ’n genetiese aanduiding te verstaan);
- òf *gasteks* en *gasheerteks*
(laasgenoemde word ook *bronteks* genoem, Du Plooy, 1998b:10; die *gasteks* kan ook beskou word as ’n oorplanting of inenting [‘*graft*’] op die *gasheerteks*, Culler, 1983:134-141; Voelz, 1989:34);
- òf ‘*adoptive text*’ en ‘*adopted text*’
(Schulze, 1999:222-227; Hughes 2006:52 e.v.);
- òf *teks* en *subteks*
(Moyise, 2002:420).

Dié terminologiese pare kan nie onder alle omstandighede en in alle verbande uitruilbaar gebruik word nie, aangesien elkeen op ’n bepaalde faset van die intertekstuele interaksie tussen die ‘vroeëre’ en die ‘latere’ teks dui. Dit sal verderaan in die bespreking in ag geneem word en na gelang van die intertekstuele faset ter sprake afwisselend gebruik word. Voorlopig maak ek van die terme *genoteks* en *fenoteks* gebruik.

4.2.6.1.4 Intertekstualiteit(-teorie) se rol in die bepaling van teksbetekenis

In komtemporêre navorsingskringe word aanvaar dat intertekstualiteit ’n belangrike deel van die interpretasie van *littérature* tekste uitmaak. Naas die elemente wat in ’n gegewe teks bestaan en waaruit betekenis vasgestel word (dus die *intra*-tekstuele faktore; Malan, 1992:188), lei die bestudering van die verhoudinge waarin dié teks tot ’n voorafgaande

¹³² Die *fenoteks* kan as die ‘vloeibare’ teks in die gees van die leser of interpreteerder beskou word.

teks of tekste staan óók tot betekenisvorming. Met die oog daarop word die verband tussen die genoteks en fenoteks in resente intertekstuele studies deeglik nagegaan. Die betekenis van die fenoteks is die resultaat van sy *ooreenkoms* met, maar ook – let wel – sy *verskil* van die genoteks(te) (Van Boheem, 1981:122). Dit word egter in die bepaling van teksbetekenis ook belangrik geag om te let op die lig wat die fenoteks omgekeerd op die genoteks werp. Daar bestaan 'n interpretatiewe dialoog tussen die tekste (Hughes, 2006:55; Moyise, 2002:424). Informasie word in die opset van intertekstuele samehang vorentoe én terugwaarts uitgeruil (Koptak, 2005:334; Liptak, 2003:11).

Die verruiming van die begrip *intertekstualiteit* en die plasing daarvan op 'n uitgewerkte teoretiese basis soos hierbo in 4.2.6.1.2 kortliks beskryf is, hou sowel positiewe as negatiewe moontlikhede in waarby die lees- en interpretasieproses òf baie kan baat òf benadeel kan word.

- Postief

Baie navorsers beskou dit as 'n opwindende ontwikkeling in literêr-teoretiese studie. Allen beskryf die besondere rol en funksie van intertekstualiteit soos dit in sy ruimer betekenis verstaan word, positief – soos volg:

...[i]ntertextuality reminds us that all texts are potentially plural, reversible, open to the reader's own presuppositions, lacking in clear and defined boundaries, and always involved in the expression or repression of the dialogic 'voices' which exist within society. (Allen, 2000:209.)

- Negatief

Ander navorsers, soos Ken Vanhoozer, wys tereg daarop dat sommige teoretici die feit dat alle tekste potensieel meerduidig kan wees – veral in hulle intertekstuele interaksie en samehang met mekaar – as 'n verskoning vir tekstuele '*freeplay*' gebruik (Vanhoozer, 1998:133; vgl. ook weer 4.2.6.1.2 hierbo). As daar geen begrensende en beperkende konteks meer is nie, kan enige interpretasie naderhand geldig geag word, maar natuurlik ook weer ongeldig en nietig verklaar word as dit deur dekonstruksie herhaaldelik onvas en telkens gedekonstrueer word.

Dit is van groot belang dat daar altyd na balans gesoek moet word by die ontginning en gebruikmaking van interpretasiemoontlikhede wat deur intertekstualiteitteorie oopgaan. Die waarde en betekenis van gebalanseerde intertekstuele literêre studie word deur Du Plooy (in verband met teksinterpretasie) soos volg saamgevat:

Interpretasie is 'n dialogiese en intertekstuele gesprek, 'n meerstemmige proses waarin teks en leser en allerlei ander intertekste saampraat in 'n onderhandeling om tot 'n

verantwoordbare en relevante, 'n goeie en aanvaarbare interpretasie te kom (Du Plooy, 2001:21).

Hoe hierdie interpretasieproses besonderlik in die Bybelwetenskap verloop en behoort te verloop, word vervolgens nagegaan en vasgestel.

4.2.6.2 Intertekstualiteit(-teorie) se funksie in die Bybelwetenskap, in besonder in die bestudering van die Openbaringboek

4.2.6.2.1 Intertekstualiteit en ontwikkelinge in die Bybelwetenskap

Intertekstualiteit as 'n literêr-teoretiese tegniese term het eers werklik in 1989 onder die aandag van navorsers in die veld van die Bybelwetenskap gekom (Moyise, 2003:391; vgl. ook Moyise, 2002:418-419). Dit was dus twintig jaar nadat Kristeva '*intertextualité*' in die Literatuurwetenskap gemunt het (vgl. weer 4.2.6.1.1 en 4.2.6.1.2 hierbo; asook vroeër 3.1.2.2.1(ii.iv)). Nuwe-Testamentici se bewuswording van die term het onder meer deur die verskyning van twee belangrike publikasies ontstaan, naamlik *Intertextuality in Biblical writings* (Draisma ed., 1989) en *Echoes of Scripture in the letters of Paul* (Hays, 1989).

Sedertdien het intertekstualiteit oor die algemeen 'n belangrike onderwerp van studie in enige kontemporêre Bybelwetenskaplike ondersoek geword (vgl. onder andere Fewell, ed., 1992). Die literatuur, spesifiek in die besondere veld van *Openbaring*-navorsing, het ook om en by die middel van die tagtigerjare van die vorige eeu skerper begin fokus op die ineengeweftheid van die Ou Testament in die teks van Openbaring, alhoewel die term *intertekstualiteit* aanvanklik in dié tyd nog nie daarin as 'n tegniese term gefigureer het nie. Dit is voor die hand liggend dat intertekstuele studie in die Nuwe-Testamentiese Bybelwetenskap in die eerste plek en veral op die aanwesigheid van die Ou Testament in die Nuwe Testament sal fokus. Die Bybelwetenskap behoort immers kragtens sy aard altyd geïnteresseerd te wees in die verhouding en verband tussen die twee konstituerende komponente/testamente van die Bybel wat die primêre ondersoekveld van die Bybelwetenskap uitmaak. Intertekstualiteit word deur Prickett goed onder woorde gebring ten opsigte van Openbaring en die Bybel in sy geheel: "*Revelation...is the most astonishing intertextual commentary on the Hebrew scriptures, creating, from their open-ended longings, closure and apocalypse on a cosmic scale...The Bible is a monument of intertextuality*" (Prickett, 1999:13).¹³³

¹³³ Die komplekse onderwerp van die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament kom nie in hierdie studie eksplisiet aan die orde nie. Sekere fasette van die verhouding is wel logies vanuit die konsep van *intertekstualiteit* in die ondersoekproses geïmpliseer en word betrek. Gevolglik word met fasette van die verhouding gereken vir sover hulle hulleself in die huidige navorsing as relevant vir die ontsluiting van Openbaring aandien. Dit is veral die Nuwe-Testamentiese boeke Hebreërs en Openbaring wat in die Bybelwetenskap 'intertestamentêre' aandag kry. Die Nuwe Testament is 'n mosaïek van toespele op

In studies waar daar gekonsentreer word op die Ou Testament in die Nuwe word gewoonlik onderskei tussen drie soorte teenwoordigheid van die Oue in die Nuwe, naamlik *aanhaling* (sitaat/kwotering), *allusie* (sinspeling of toespeling) en *eggo* (vgl. onder andere Hughes, 2006:42-48; Moyise, 2002:419-420; Paulien, 2001a:113-129; Porter, 1997:80-88; Stanley, 1997b:18-27; Mathews, 1987:1-8,10-14).

▪ *Aanhaling*

Die aanhaling word herken aan 'n doelbewuste onderbreking in die Nuwe-Testamentiese skrywer se styl. Dit gaan dikwels (maar nie altyd nie) gepaard met 'n direkte verwysing na woorde uit die Ou Testament, soos byvoorbeeld die gebruik van die woorde *ἡ προφητεία Ἡσαίου ἡ λέγουσα* (die profesie van Jesaja wat sê) in Matt. 13:14. Dit word deur sommige, soos onder andere Hays en Green, *formele* of formule-aanhalings/-kwoterings of '*direct citation*' genoem (Hays & Green, 1995:226). Ou-Testamentiese genotekste kom egter ook sonder inleidingsformules as fenotekste in die Nuwe Testament voor; dit word dan as nie-direkte of vrye aanhalings beskou. Porter (1997:95) dui aanhalings aan as tekste waarin daar formele korrespondensie is tussen bepaalde woorde in die tekste onder studie en woorde in die brontekste wat dit voorafgaan. Dit is nie moontlik om 'n reël vas te lê ten opsigte van die persentasie woorde wat met mekaar moet korrespondeer alvorens die 'nuwe' teks as 'n aanhaling beskou kan word nie.

Daar moet in gedagte gehou word dat aanhaling of kwotering van tekste in die Klassieke tyd nie vergelyk kan word met die moderne praktyk van *verbatim*-aanhaling wat tussen aanhalingstekens geplaas word nie. Daar is destyds redelik algemeen van vrye kwotering in die handgeskrewe versies van mondelinge en skriftelike tekste gebruik gemaak. Variasie en verskille kom dus tussen brontekste en aanhalende tekste voor, maar die bedoeling van die fenoteks-skrywer was om met vrye aanhaling steeds te *kwoteer* (vgl. vir besprekings van die sosiale konteks van die teks van die Nuwe Testament en die retoriese funksie van aanhaling onderskeidelik twee publikasies van Stanley (1997b:18-27 en 1997a:44-57).

die Ou Testament, 'n aaneenskakeling van anti-tipes (vgl. Frye, 1986:202). Die Nuwe is in die Oue *opgesluit*; die Oue word in die Nuwe *ontsluit*, terwyl die interaksie wederkerig betekenis toevoeg. Dié beskrywing van die verhouding tussen die testamente is die breër konteks waarbinne intertekstualiteit in die Nuwe-Testamentiese boeke verstaan, beoordeel en geïnterpreteer kan en moet word.

- *Allusie*

Allusie is 'n term wat in die navorsingsveld van die Bybelwetenskap gebruik word vir 'n Nuwe-Testamentiese fenoteks waarin 'n Ou-Testamentiese argiteks indirek, nie-woordeliks en implisiet ingeweef is. Dit is nog minder as die vrye aanhaling (vgl. direk hierbo) gebonde aan presiese weergawe en is te verstaan as 'n *sinspeling* of *toespeling* deur die gasteks op die gasheer- of bronteks.

Die indirekte gebruik van die Ou Testament in die Nuwe Testament in die vorm van allusies het moonlik dikwels te make met die problematiek rondom die gebruikte Ou Testament-teks. Dit gaan naamlik oor die vraag van watter bronteks die Nuwe-Testamentiese skrywer in sy allusie gebruik gemaak het – van die Griekse vertaling van die Ou Testament, die *Septuagint* (LXX), of van die Hebreeuse *Masoretiese teks* (MT). Reeds in die vroeë twintigste eeu het R.H. Charles in sy monumentale tweevolume-kommentaar op Openbaring ondersoek ingestel na watter genoteks deur die apokaliptiese skrywer van die laaste Bybelboek gebruik is in sy groot aantal sinspelings op (en eggo's van) die Ou Testament (Charles, 1970 en 1971 [1920]; let veral op 1970:lxv-lxxxii). Daar was met die verloop van tyd verdere ontwikkelinge in die Bybelwetenskap ten opsigte van die beskouing van allusies. Nuwe-Testamentiese wetenskaplikes onderskei tussen verskillende wyses van sinspeling op die Ou Testament. Verskillende kriteria is vasgestel en aangelê om verskillende tipes allusies van mekaar te kan onderskei en dan soortlik te kategoriseer as die een of ander 'soort' allusie. Beale (1984b) kategoriseer byvoorbeeld vyf tipes allusies in sy studie van die gebruikmaking en integrering van die boek Daniël in Joodse literatuur asook in besonder in die boek Openbaring. Hy noem die eerste drie '*clear*', '*probable*' en '*possible*' allusies. Die ander twee wat hy onderskei, naamlik '*contextual structure*' en '*allusive clusters*', het in wese meer met kriteria te doen as wat dit onderskeie tipes allusies aandui.¹³⁴

¹³⁴ Wat Beale as '*clear*' of duidelike/klaarblyklike allusies beskou, is fenotekste in Openbaring waarin die woordorde van die Ou-Testamentiese genoteks byna woordeliks in Openbaring weergegee is en gewoonlik dieselfde betekenis dra, terwyl '*probable*' of waarskynlike allusies volgens hom sinspelende tekste is waarin die bewoording daarvan verskil van die genotekste, maar tog nog steeds opsigtelike ooreenkomste daarmee vertoon. Sy '*possible*' of moontlike allusies is in 'n mate parallelle wat bewoording of gedagtes betref. Hy noem hulle eggo's en hoort daarom waarskynlik tuis onder die kategorie *eggo* hieronder (Beale, 1984b:43). Met '*contextual structure*' bedoel Beale gedeeltes in Openbaring wat op groter gedeeltes van die boek Daniël gebaseer is – op so 'n wyse dat die strukturele verwantskap duidelik is en laat vermoed dat die bepaalde gedeeltes gemoduleer is volgens 'n/die Daniël-'patroon'. '*Allusive clusters*' dui weer die teenwoordigheid aan van 'n verwysing tussen duidelike ('*clear*') toespelings op die Ou-Testamentiese konteks ter sprake, waardeur 'n bepaalde allusie se waarskynlikheid verhoog word (Beale, 1984b:307).

Mathews (1987) differensieer op haar beurt ten opsigte van tipes of soorte allusies tussen ‘*valid*’ en ‘*invalid*’ allusies.¹³⁵

Bostaande kategoriserings en die kriteria wat daarvoor aangewend word, kan ’n bydrae lewer in die bestudering van intertekstuele aspekte en verbande in die teks van Openbaring. Dit moet egter nie met siteemdwang geforseerd gedoen word nie. Waar dit sinvol en voor die hand liggend is, sal daarvan in die volgende hoofstukke gebruik gemaak word.

Afsluitend in verband met allusie is dit van belang om die inherente eienskappe van allusie saam te vat. Hughes haal Perri aan wat reeds in 1961 ’n bruikbare karakterisering van die begrip *allusie* gegee het (Hughes, 2006:44-45). Daarvolgens het allusie ’n dubbele referent: die woorde in die fenoteks of ‘sinspelende’ teks het enersyds ’n ‘*non-allusive*’ betekenis, terwyl dit andersyds ook ‘*allusively*’ refereer na een of meer voorafgaande tekste. Verder vestig die teks wat as ’n allusie optree die aandag op een of meer aspekte van die bronteks. Kennisname daarvan is nodig en is bydraend daartoe om die fenoteks as ’n sinspelende teks te (kan) verstaan.

▪ *Eggo*

Die *eggo* is ’n nog-onduideliker, minder-direkte naklank van ’n Ou-Testamentiese uitspraak of gedagte wat in ’n Nuwe-Testamentiese teks ‘raak’ gehoor word en gevolglik iets van ’n herkenning oproep. Dit kan so vaag en as’t ware fluisterend wees dat dit ongehoor kan verbygaan. Tog vind dit wel weerklank in die gedagte-wêreld van iemand wat deurdronge is van die skriftuurlike erfenis van Israel (die Ou-Testamentiese openbaring). Die werking van *eggo*’s in die intertekstuele samehang van die twee Testamente is in die woorde van Hays (in verband met *eggo*’s in Paulus se briewe) treffend raakgevat: “*Echoes linger in the air and lure the reader into...the symbolic world of Scripture*” (Hays, 1989:155).

Nadat nou kennis geneem is van die verskillende vorme waarin die Ou Testament in die Nuwe Testament geïnkorporeer is, is dit belangrik om die opmerking te maak dat daar in die resente Bybelwetenskaplike bestudering van intertekstualiteit ’n neiging ontstaan het om doelbewus weg te beweeg van ’n vasgestelde, kategoriserende taksonomie van teenwoordigheidsvorme van die Ou Testament in die Nuwe, soos dit gereflekteer is in die

¹³⁵ ’n ‘*Valid*’ allusie is vir Mathews ’n verbale sinspeling op ’n Ou-Testamentiese genoteks, terwyl ’n ‘*invalid*’ allusie ’n nie-verbale verwysing na die Ou Testament verteenwoordig. Die inhoud van laasgenoemde is beelde en simbole wat in die fenoteks metafories korreleer met die genoteks (Mathews, 1987:1-2,11).

basiese differensiëring in *aanhaling*, *allusie* en *eggo* hierbo. Moyise (2002:419) verkies byvoorbeeld om van “‘types’ of *intertextuality*” te praat. Hy onderskei dan vyf tipes: ‘*intertextual echo*’, ‘*narrative intertextuality*’, ‘*exegetical intertextuality*’, ‘*dialogical intertextuality*’ en ‘*postmodern intertextuality*’ (Moyise, 2002:419-428). Uit die voorbeelde wat hy by elk van die vyf tipes bespreek, is dit duidelik dat hy intertekstualiteit tussen Ou en Nuwe Testament nie meer in die tradisionele driedeling wil vaslê nie, maar dit ruimer vertolk na gelang van die verskillende wisselende kontekste waarin dit teenwoordig is.¹³⁶ So gebruik Moyise Openbaring 5 se leeu- en lam-metafoor as voorbeeld van *dialogiese* tipe intertekstualiteit (Moyise, 2002:425; vgl. vir ’n uitgebreide en meer volledige bespreking van hierdie voorbeeldmetafoor: Moyise, 1995:128-135, en Moyise, 2004).

Terwyl van die tendens dat die konteks die vorm van of die tipe intertekstualiteit binne ’n gegewe konteks (mede-)bepaal, kennis geneem word, is bostaande gebruiklike driedeling in aanhaling, allusie, en eggo steeds aanvaarbaar binne die opset van hierdie studie en kan dit as ’n bruikbare terminologiese onderskeidingsbasis dien.

4.2.6.2.2 *Aanwending en gebruikmaking van intertekstualiteitteorie se perspektiewe in Bybelwetenskaplike navorsing*

By die studie van intertekstualiteit in die Bybelwetenskap is dit aan die een kant noodsaaklik om weer te beklemtoon dat daar nie ’n ongebreidelde ‘*free play*’ in die omgang met en benadering tot die interaksie en samehang tussen tekste behoort te wees nie (vgl. Vanhoozer, 1998:133, asook weer 4.2.6.1.2 en 4.2.6.1.4 hierbo). Die feit dat alle tekste potensieel meerduidelik kan wees, beteken nie dat daar geen bepalende faktore of rigtinggewende instruksies in die Bybelteks of daarbuite opgesluit is nie. Ferdinand Deist stel byvoorbeeld dat kennis van die kulturele situasie van die antieke, oorspronklike skrywer van ’n teks ’n belangrike interteks daarstel in die proses van die bepaling van die betekenis van die teks (Deist, 1994:328).¹³⁷ Die ‘teks van die leser’ kom as nog ’n interteks tot stand op die basis van die instruksies wat deur die teks gegee word. Die kombinasie van interteks, intrateks en lewenskonteks plaas beperkings op die interpretasie en vertolking van tekste (Du Toit, 1990:509-519). Song (2006:617) voeg by dat ook buite-Bybelse intertekstualiteit (blykbaar te verstaan as die intertekstuele gesprek

¹³⁶ Moyise het aanvanklik slegs drie tipes onder die generiese sambreelterm *intertekstualiteit* onderskei, naamlik intertekstuele eggo, dialogiese intertekstualiteit en postmoderne intertekstualiteit (Moyise, 2000:17-18). Sy uitbreiding daarvan na vyf tipes ‘kontekstuele’ intertekstualiteit (Moyise, 2002:419-428) is ’n betekenisvolle verdere differensiasie wat juis nie op taksonomiese ‘soorte’ teenwoordigheid van die Ou Testamet in die Nuwe Testament gebaseer word nie, maar die belang van konteks bevestig.

¹³⁷ Vgl. ook ’n vroeëre publikasie van Deist (1987) vir ’n bespreking van die skrywer, sy teks en sy gehoor.

tussen Bybeltekste en buite-Bybelse tekste) subjektiewe en ongekontroleerde intertekstualiteit beperk.

Aan die ander kant open intertekstualiteit in die huidige algemene opvatting daarvan betekenisvolle moontlikhede vir die verstaan van die Bybelteks. Dit is moontlikhede wat nie misgekyk mag word nie, maar met vrug gebruik kan word. Die goed ontwikkelde intertekstualiteitteorie hou byvoorbeeld die basiese wins vir Bybelnavorsing in dat 'n interesse in die finale teks van die Bybel gestimuleer is, sodat die navorsingsfokus nie meer op hipotetiese vroeëre of voorafgaande versies van die kanonieke teks val nie (vgl. ook vroeër in 3.1.2.2 die tekssentriese literatuurbenadering se bydrae in dié opsig). So bied die teorie goeie geleentheid om te konsentreer op die ontdekking van die meerduidigheid van teksbetekenis en om dit sinvol in 'n verantwoordbare eksegeese aan te wend. Tog mag die leser-geöriënteerde beskouing en benadering van intertekstualiteit nie die interpretasie van die Bybelteks laat uitgaan van die gedagte dat die leser die teks met betekenis steun of toerus nie.

Die positiewe bydrae van intertekstualiteitteorie kan ook veral in die bestudering van Openbaring aan die lig tree.

4.2.6.2.3 *Intertekstualiteit se besondere funksie in die Openbaringboek*

Om die funksie van intertekstualiteit en die waarde van intertekstualiteitteorie nou in die interpretasie van Openbaring vas te stel, word eerstens in (i) hieronder 'n kort beskrywing gegee van die (intertekstuele) uniekheid van Openbaring; daarna – in (ii) – word gewys op 'n belangrike onderskeid wat getref word ten opsigte van die wyse waarop Joodse skrywers die Ou Testament gebruik het en wat die implikasie daarvan vir die funksie van intertekstualiteit in Openbaring is; vervolgens word in (iii) kennis geneem van 'n intense, belangwekkende debat wat oor die wyse en doel van Openbaring se gebruik van die Ou Testament gevoer is; ter afsluiting van 4.2.6.2.3 word 'n verantwoorde aanwending en gebruik van intertekstualiteit(-teorie) in (iv) vasgestel.

(i) *Die Openbaringboek 'n unieke intertekstuele geskrif*

By 'n nagaan van die teks van die Openbaringboek blyk dit dat nie 'n enkele direkte, formele kwotering van die Ou Testament daarin voorkom nie. Enkele vroeëre Bybelwetenskaplikes was van mening dat daar wel tot ongeveer elf aanhalings van die Ou Testament in Openbaring is (vgl. onder meer die versamelwerk onder redaksie van Bratcher, 1967:74-76). Die bepaling van die teenwoordigheid (al dan nie) van kwotering in Openbaring hang natuurlik af van waar die grens tussen vrye aanhaling en allusie getrek word.

Jon Paulien (2001b) beweer dat die enigste moontlike aanhaling of sitering van die Ou Testament in Openbaring in Op.15:3 voorkom, waar daar direk na die *Lied van Moses*, wat ook die *Lied van die Lam* is, verwys word. Dit is volgens Paulien (2001b:10) klaarblyklik 'n verwysing na Eksodus 15 se lied, wat algemeen as die *Lied van See* bekend is (vgl. Bingle, 2000:11). Hierby moet egter onmiddellik opgemerk word dat die lied in Eksodus 15 heelwat van die taal bevat wat ook in die Psalms en die Profete voorkom – in so 'n mate dat Op. 15:3 nie sonder meer as 'n (selfs vrye) aanhaling van Eksodus 15 se lied beskou kan word nie. Die fenoteks van Op. 15:3 moet waarskynlik as 'n kaleidoskoop van 'n hele aantal Ou-Testamentiese genotekste en sinspelende verwysings na die wonder van die deurtoggeskiedenis (Eksodus 14 en 15) beskou word. Daar word beweer dat die lied vol is van die taal van die Hebreeuse Bybel, en dat daar tot veertien verskillende tekste in die *Lied van die Lam* gesiteer kan word (vgl. Murphy, 1998:329-332), waaronder Eksodus 15 en Deuteronomium 32 nie tel nie, maar moontlik wel Psalm 86 (Moyise, 2004:246). Wat Paulien die enigste moontlike aanhaling of sitering van die Ou Testament in Openbaring noem, is in die lig hiervan ook nie werklik 'n aanhaling nie.

Geen aanhalings uit die Ou Testament, met of sonder verwysing, kom dus in Openbaring voor nie. Die oorgrote meerderheid van Openbaring-navorsers, onder andere Adela Yarbo Collins (1984) en sedertdien baie ander ná haar, se geskifte bevestig dit (vergelyk veral die deeglike en uitgebreide doktorsale studie van Susan F. Mathews (1987) oor die mikrostruktuur en sinspelings op die Ou Testament in Openbaring 1:1-8:5). Hulle is dit eens dat daar geen direkte of indirekte kwotering of sitering van die Ou Testament in die laaste boek van die Nuwe Testament is nie.¹³⁸

Openbaring is as 'n apokaliptiese geskrif met sy ekstensiewe, nie-direk-gesiteerde gebruik van Ou-Testamentiese tekste uniek in die korpus van

¹³⁸ Ten spyte van die redelike konsensus dat daar nie direkte of indirekte kwotering van die Ou Testament in die teks van Openbaring voorkom nie, identifiseer Moyise tog drie Psalms wat hy vier '*unmarked quotations from the Psalms*' in Openbaring noem. Die genotekste uit die Psalms in die vorm van fenotekste in Openbaring is volgens hom onderskeidelik: Ps. 2:1-2 in Op. 11:15,18; Ps. 2:8-9 in Op. 2:26-27, 12:5 en 19:15; Ps. 86:8-10 in Op. 15:3-4 (sien bespreking bo); Ps. 89:28,38 in Op. 1:5 (Moyise, 2004:232-238). Die waarneming word hier gemaak dat twee van die '*unmarked quotations from the Psalms*' wat Moyise in die Openbaring-fenotekste identifiseer, naamlik Ps. 2:1-2 en Ps. 86:8-10, in die himniese stof van die Apokalips ingebed is. Dit sal later in Hoofstukke 5 en veral 6 verder aandag ontvang – om die mate van die (in)direktheid van intertekstualiteit en die betekenis daarvan vas te stel. Dieselfde geld Psalms 99, 106, 119, 142 en 144 wat deur Moyise beskou word as Psalms wat 'n leidende motief aan Johannes verskaf het en deur hom ook in die himniese stof van Openbaring opgeneem is. In Psalm 119 sien hy saam met Psalm 19 'n enkele bydraende gedagte tot die *Lied van die Lam* – dus ook intertekstuele interaksie tussen Ou- en Nuwe-Testamentiese himniese stof (Moyise, 2004:239-242;244).

Nuwe-Testamentiese boeke (vgl. onder andere Perrin, 1983:126,128,135). Al haal die skrywer van Openbaring nie die Ou Testament aan nie, is die hele apokalips 'n diggeweefde tapisserie van allusies (Pattemore, 2002/03:48), 'n egte mosaïek van Ou-Testamentiese woorde, temas, frases en konsepte (Paulien, 2001b:6; Paulien, 2001a:115-116). Die boek is in sy taal en beelding geheel en al deurdring en deurweek van Ou-Testamentiese openbarings-gedagtes en metaforiek. Dit word dekades lank al algemeen erken en aanvaar dat dit in geen ander Nuwe-Testamentiese geskrif op so 'n ekstensiewe skaal teenwoordig is nie (vgl. onder andere Trudinger, 1966:82). Die sinspelings (allusies) òp en die eggo's úit die Ou Testament is so ryk en polifoon in Openbaring dat dié dramatiese narratief nie sonder die Ou-Testamentiese mikro- en makro-argitekste sinvol ontsluit kan word nie. Die boeke Esegïel en Daniël is byvoorbeeld in so 'n mate in Openbaring 'teenwoordig' dat dit lyk of van die visioene daarin as't ware op herkenbare Ou-Testamentiese visioene gemoduleer is (France, 2005:667; vgl. ook Beale, 1984a:413-423, Beale 1984b:10, Aune, 2000:1126¹³⁹).

Die besondere van die skrywer van Openbaring se gebruiksomgang met die Ou Testament is dat hy nie die Ou Testament ter sprake bring om daarmee eksplisiet te wil toon – soos ander vroeë Christenskrywers, insluitend ander Nuwe-Testamentiese skrywers – dat die profetiese beloftes in Christus hulle vervulling vind nie (Aune, 2000:1126). Die sinspeling op Ou-Testamentiese tekste in Openbaring is deel van die outeur van die Nuwe-Testamentiese fenoteks se benadering om sy bronne vir sy eie doeleindes aan te wend. Hy het hulle betekenis in die proses ook getransformeer (Charles, 1970:lxii). Sy benadering is ook nie 'n *tipologiese* benadering tot die Ou Testament nie (om dus die Ou-Testament in Openbaring tipologies nuut 'toe te pas' nie). Moyise verduidelik waarom nie beweer kan word dat Johannes die Ou Testament tipologies in sy teks inkorporeer nie. Hy vat die skrywer se intertekstuele benadering en gebruik van genotekste saam:

¹³⁹ Aune maak verder die opmerking dat die skrywer van Openbaring naas sy sinspelings op die Ou Testament ook vryelik, maar indirek, gebruik maak van apokaliptiese tradisies wat in byna-kontemporêre werke van sy tyd gereflekteer word (Aune, 2000:1126). Hier kan onder meer verwys word na 1 Enoch 37-41 en verder ook na die apokriewe boeke 4 Esra en 2 Baruch. In hierdie intertekstuele eggo's tussen Openbaring en apokaliptiese tradisies in die ander geskrifte kan Openbaring moontlik as 'n genoteks funksioneer – meer as wat dit 'n fenoteks sou wees (vgl. die vroeëre opmerking in 2.2.2.1.1.2 in verband met die literêr-beïnvloedende rol wat Openbaring moontlik in sy kontemporêre literatuurkonteks gespeel het). Dit sou 'n interessante vergelykende literatuurstudie vanuit 'n intertekstuele vertrekpunt en oogmerk kon wees om na te gaan hoe die intertekstuele verbande lê tussen apokaliptiese geskrifte (insluitend Openbaring) aan die einde van die eerste en tydens die tweede eeu. Daarin kan Aune se vroeëre werk (1987) 'n stewige basis en goeie vertrekpunt wees (Aune, 1987:226-252). In die huidige studie is die navorsingsaandag egter hoofsaaklik – en selfs uitsluitlik – toegespits op die Ou Testament se intertekstuele belang vir en in die Openbaringboek.

However, typology suggests a one-to-one correspondence between new and old, which does not do justice to John's creative reconfiguration of his sources. It is perhaps best to avoid trying to summarize this complexity in a single designation. In John's own words, he was 'in the Spirit on the Lord's Day' (Rev. 1:10) and what he has given us is a complex reconfiguration of Scripture in the light of his Christian experience. (Moyise, 2004:246.)

Hierdie komplekse en '*creative reconfiguration of his sources*' is 'n belangrike waarneming met die oog op die vasstelling van die funksie en relevansie van intertekstualiteit in die studie van Openbaring. Dit word nou in (ii) nog nader verduidelik.

(ii) *Joodse skrywers se gebruik van die Ou Testament, toegespits op Openbaring as 'n intertekstuele geskrif*

Om die besondere funksie van intertekstualiteit en die waarde van intertekstualiteitteorie in die interpretasie van Openbaring vas te stel, is dit insiggewend om noukeurig te let op hoe die skrywers van die Nuwe Testament die heilige, religieuse literatuur van die Jode, die Ou Testament, benader het. Vir skrywers soos Johannes was die Ou Testament "*a basic generator of meaning in their conceptual universe*" (Müller, 2002:1). Die Nuwe Testament kan daarom nie as onafhanklike of selfgenoegsame literatuur gelees word nie. Openbaring móét intertekstueel gelees word. Daardeur word die Ou Testament wat inhoud betref volgens Müller in die Nuwe Testament se resepsie en gebruik daarvan 'n ander boek. Die Hebreeuse Bybel word *Vetus Testamentum in Novo receptum* ('word 'n Ou Testament nuut ontvang', of '*in 'n nuwe resepsie-/ontvangskonteks*'; Müller, 2002:13).

Hoe het die Joodse skrywers die Hebreeuse Bybel dan gebruik?

Om die vraag te beantwoord, word die aandag op 'n merkwaardige waarneming deur Devorah Dimant gevestig. Die Joodse skrywers het die Hebreeuse Bybel (Ou Testament) in Antieke Judaïsme en die Vroeë Christendom volgens haar waarneming op twee verskillende wyses gebruik, wat sy die '*expositional use*' en '*compositional use*' van die Ou Testament noem (Dimant, 1988:381-384; vgl. Paulien, 2001b:8-10).

Eersgenoemde gebruik (die '*expositional use*' van die Ou Testament deur 'n skrywer) word deur haar as 'n literêre strategie beskryf waarin Ou-Testamentiese tekste eksplisiet in 'n geskrif aangebied en geïnkorporeer word met die gebruik van 'n duidelike merker. Dit kom ooreen met die *formele* of

formule-aanhaling (kwotering) waarna hierbo in 4.2.6.2.1 verwys is. Die doel met die aanhaling is om die aangehaalde teks die objek van verklaring te maak. Die Bybelse aanhaling word met die oog daarop deur die formule of merker duidelik van die skrywer se verduideliking daarvan onderskei. Onder genres wat van hierdie strategie gebruik maak, tel volgens Dimant ook Nuwe-Testamentiese boeke (Dimant, 1988:382-383).

Laasgenoemde gebruik (die ‘*compositional use*’ van die Ou Testament deur ’n skrywer) word deur Dimant waargeneem in Joodse geskrifte waar die Ou Testament sonder eksterne merkers deur die skrywer in sy teks ingeweeft word. Dit korrespondeer met die kategorieë *allusies* en *eggo’s* waarna hierbo in 4.2.6.2.1 verwys word. Die kompositoriese gebruik van Ou-Testamentiese elemente in die teks het die onafhanklike doel om die struktuur van die nuwe konteks waarin dit gebruik word, te dien. Tipiese kompositoriese genres sluit onder meer narratiewe en liedere in, wat die Ou-Testamentiese motiewe gebruik vir hulle eie patrone, styl en terminologie (Dimant, 1988:382-383).

Alhoewel Dimant nie apokaliptiese stof uitdruklik noem onder die genres wat ter wille van die verklaring van die Ou Testament ingeweeft word in die strukturering van ’n nuwe sinspelende teks nie, is dit vanweë die bevinding in (i) hierbo – naamlik dat die Ou Testament deur die skrywer van Openbaring nie direk aangehaal of gekwoteer word nie, maar slegs deur middel van allusies en eggo’s geïnkorporeer word – duidelik dat Openbaring as apokaliptiese boek die Ou Testament eerder kompositories in ’n nuwe konteks gebruik as om die voorafgaande genetiese stof bloot te verduidelik. Die Openbaring-skrywer toon dus ’n voorkeur vir ’n kreatiewe gebruik van die Skrifte in ’n komplekse ‘*reconfiguration of his sources*.’ Daarin is die Ou Testament vir Johannes ‘*a basic generator of meaning*’ (vgl. weer Moyise, 2004:246). Sy intertekstuele benadering is daarop gemik om die struktuur van die nuwe konteks waarin die Ou-Testamentiese allusies en eggo’s gebruik word, betekenisvol te dien en so nuwe betekenis te ‘genereer.’ Dit is spesifiek ook duidelik uit sy integrering van die himniese stof (mikrotekste) in Openbaring se dramatiese narratief (makroteks).¹⁴⁰

¹⁴⁰ Sien weer Milton se waarneming tydens die Renaissance-/Reformasietyd (2.2.2.4.4) in verband met die onvergelykbaarheid van die Bybel se himniese stof – dat dit naamlik nie net wat goddelike argument betref onvergelykbaar is nie, maar ook wat die ‘*art of composition*’ betref (wat verband hou met Dimant se ‘*compositional use*’).

(iii) 'n Belangwekkende debat in verband met intertekstualiteit in Openbaring

'n Intense debat in verband met intertekstualiteit is deur twee prominente *Openbaring*-navorsers, Gregory K. Beale en Steve Moyise, gevoer. Dit is wesenlik belangrik vir die huidige studie om kortliks van die hoofstrekking van die belangwekkende diskussie kennis te neem.¹⁴¹

Aan die wortel van die debat lê verskillende opvattinge oor die 'betekenis van betekenis' (Paulien, 2001b:18). Beale definieer betekenis as die *intensie van die skrywer* (Beale, 2001:32; vgl. Song, 2006:620), terwyl betekenis vir Moyise in *kommunikasie* geleë is (Moyise, 1995:133-134), waarin die leser van Openbaring in gesprek is met die skrywer se '*open ended allusions*' om sodoende intertekstuele betekenis vas te stel. Vir Beale is outeursintensie nie beperk tot die perspektief van die Ou-Testamentiese skrywer nie, maar sluit dit die oorkoepelende goddelike intensie en outeurskap van die Bybel as geheel in. Sy benadering tot die Nuwe Testament se gebruik van die Oue is dus normatief, omvattend en globaal. Vir Moyise, aan die ander kant, is outeursintensie beperk tot dit waarop 'n menslike skrywer gerig is op 'n bepaalde punt in gegewe historiese gebeure. Sy benadering van die Ou Testament is daarom beskrywend, '*immediate*' en plaaslik/konkreet (vgl. Paulien, 2001b:18).

In sy evaluering van die debat kom Paulien tot die slotsom dat sowel Beale se soeke na outeursintensie as Moyise se klem op kommunikasie tussen leser en die intertekstuele gesprek geldig is. Dit is twee kante van 'n noodsaaklike digotomie wat balans in die interpretasie van die intertekstuele verband en samehang tussen die Ou Testament en die Openbaringboek bring (Paulien, 2001b:22). Beale benadruk dus die groter konteks van die *telos* van die Skrifte soos uitgedruk in die integrerende dele van die geheel. Dit bring nederigheid en ontsag. Moyise se beklemtoning van die oopheid en meerduidigheid van betekenis en die kommunikatiewe proses waarby die leser of ontvanger betrokke is om tot die vasstelling van intertekstuele betekenis te kom, werk eweneens 'n groot mate van nederigheid in die hand, aangesien dit reken met die beperkinge van die navorser om een, objektiewe betekenis daar te stel.

¹⁴¹ Vir die debat word die leser verwys – wat Beale se deelname daaraan betref – na 'n versamelwerk onder Beale se redakteurskap (Beale, *ed.*, 1994) en verder na sy uitgebreide 1998-publikasie, 'n omvattende werk wat oor die gebruik van allusies op die Ou Testament in die Openbaringboek geskryf is (Beale, 1998; Beale, 1999a; vgl. ook Mathews, 1987). Moyise se deelname aan die debat begrond hy in sy uitgebreide werk oor die Ou Testament in die boek Openbaring (1995), die eerste ernstige poging om die nuwe(r) literêr-teoretiese perspektief op intertekstualiteit op die gebruik van die Ou Testament in Openbaring 'toe te pas' (vgl. ook Moyise, 1999 en 2000).

Die funksie van intertekstualiteit(-teorie) in die benadering van Openbaring as 'n besondere intertekstuele geskrif is deur hierdie debat positief gedien. Dit lei tot gebalanseerde insig in die problematiek van intertekstualiteit in die laaste Bybelboek, waaruit 'n verantwoordelike benadering tot dié besondere intertekstuele geskrif kan spruit.

(iv) *Verantwoordelike aanwending van intertekstualiteitteorie se resultate in die ontsluiting van die Openbaringboek*

Samevattend kan gestel word dat Openbaring inderdaad 'n *intertekstuele kommentaar* op die Ou-Testamentiese geskrifte is (vgl. weer 4.2.6.2.1 hierbo). Die boek is egter ook meer as kommentaar: dit is 'n voortgaande gesprek deur hergebruik van dieselfde terme en met die eggo-effek wat regdeur die Bybel werksaam is. Die Oue word in die lig van die Nuwe se *sensus plenior* ('voller betekenis') verhelder, terwyl Openbaring met sy deurweektheid van Ou-Testamentiese allusies en eggo's deur die kreatiewe en kompositoriese gebruikmaking van die Oue nuwe betekenis in 'n nuwe konteks skep en struktureer. Gebalanseerde aanwending van die insigte uit die digotomie van die belangwekkende debat wat hierbo in (iii) bespreek is, is vir die ontsluiting van die intertekstuele, apokaliptiese stof en struktuur van Openbaring as noodsaaklik aangedui. Dit is die mees verantwoordbare wyse waarop die positiewe fasette en aspekte van intertekstualiteitteorie benut kan word.

4.2.6.3 Konklusie in verband met intertekstualiteit(-teorie) se rol en relevansie in die opset van die huidige studie

Die intertekstuele verband wat die tekste en teksdele van Openbaring met Ou-Testamentiese asook met die kontemporêre 'tekste-van-kontekste' het, sal in die lig van wat pas in 4.2.6.2 bevind is, deurgaans in die volgende hoofstukke van hierdie studie noodwendig aan die orde wees. Die verklaring, interpretasie en vertolking daarvan kan dus in die opset van die huidige navorsing nie sonder die insigte van die intertekstualiteit (-teorie) *verantwoordbaar, relevant en aanvaarbaar* wees en aanspraak op *volledigheid* kan maak nie.

4.2.7 Samevatting en bevinding ten opsigte van die rol en relevansie van die onderskeie literêre subdissiplines, deelwetenskappe en/of toegespitste literêre studieterreine vir die teologiese dissipline *Bybelwetenskap*, in besonder vir die bestudering van die Openbaringboek

Die oorsig wat in 4.2 tot hier oor die verskillende literêre subdissiplines, deelwetenskappe en/of toegespitste literêre studieterreine gegee is en hulle onderskeie bydraes tot en betekenis vir die teologiese dissipline *Bybelwetenskap* wat aangetoon is, in besonder vir die bestudering van die Openbaringboek, herbevestig in elke geval dat Literatuurwetenskap, as naasliggende dissipline aan die Bybelwetenskap, die metateorie van hierdie studie vorm.

Die bevinding waartoe by die verkenning, beskrywing en evaluering van die rol en relevansie van die onderskeie literêre studie-areas gekom is, is dat die perspektiewe uit hierdie studie-areas elkeen noodsaaklik en onontbeerlik in die opset van die huidige navorsing is. Daarsonder kan die Openbaringboek nie verantwoordelik en optimaal ontsluit, geïnterpreteer en vertolk word nie.

Die literêre dimensies wat geopen word, word daarom noukeurig waargeneem en met die oog op die verantwoordbare uitkoms van die studie optimaal aangewend.

4.3 IMPLEMENTERING VAN LITERÊRE DIMENSIES EN PERSPEKTIEWE IN DIE ONTWIKKELING VAN 'N TEOLOGIESE BASISTEORIE

4.3.0 Inleiding

Die huidige navorsing – so het dit mettertyd al duideliker geword – beweeg op die terrein van *interdissiplinêre* skakeling tussen die Teologie en die Literatuurwetenskap. Laasgenoemde vorm met sy literêre dimensies die metateoretiese konteks waarbinne 'n Bybelwetenskaplike basisteoretiese beginselgrondslag vir himnografie vasgestel, beskryf en eventueel in 'n prinsipiële neerslag vrygestel word. Die ondersoek staan dus midde-in die grensverkeer tussen metateorie en basisteorie (vgl. weer by Hoofstuk 1 die motivering van die studieonderwerp en die oriëntering ten opsigte van die navorsing). 'Oorgrensbewegings' vanuit die twee naasliggende dissiplines se basiese vertrek- en uitgangspunte is deur die hele studie tot dusver aan die orde, soos reeds in Deel 1, Hoofstukke 2 en 3, gebeur het en in hierdie deel, Deel 2, Hoofstuk 4, nou eksplisiet beskryf en verder ontplooi word.

Die navorsing is egter nie net interdisiplinêr bepaal en gerig nie, maar ook *multi-subdisiplinêr*. Verskillende literêre subdisiplines, deelwetenskappe en/of toegespitste literêre studieterreine dra in 'n multi-subdisiplinêre skakelingsproses daartoe by om literêre dimensies en himnografiese beginsels uit die himniese stof van die Openbaringboek te abstraheer.

Die wyse van implementering van die literêre dimensies en perspektiewe in die basisteoretiese ondersoek wat in die volgende deel, Deel 3, volg, moet nou eerstens duidelik vasgestel en verklaar word (4.3.1). Daarna word 'n benaderingshoek tot die ontleding van die Openbaringboek geformuleer (4.3.2), waardeur 'n basis gelê word vir die ontwerp van 'n metode vir die voorgename analise en betekenisinterpretasie (4.3.3). 'n Interdisiplinêre en multi-subdisiplinêre studieveld en -metode in die grensgebied tussen metateorie en basisteorie word sodoende vir ontginning afgebaken.

4.3.1 Wyse van implimentering van literêre dimensies en perspektiewe in 'n teologiese basisteorie

Die wyse van implementering van die literêre metateorie in die teologiese basisteorie wat in die volgende hoofdeel (Deel 3) volg, kan in die lig van die ondersoek tot dusver nou duidelik verklaar en onomwonde gestel word:

Die resultate wat uit die behandeling van die metateorie in die eerste deel van die studie bereik is, word *instrumenteel-prakties* aangewend. Die gebruikmaking van die literêre dimensies en perspektiewe in die wetenskaplike analise en eksegeese van Openbaring is dus nie 'n doel op sigself nie. Gevestigde konsepte in die Literatuurwetenskap word ook nie ter wille van ornamentele glans en onnodige finesse in die ontwikkeling van die basisteorie ingeskakel nie. Dit vervul 'n belangrike funksie in die ontleding en betekenisontsluiting van die geïnspireerde literatuuurdokument *Openbaring*. Bo en behalwe hierdie kwalifisering verklaar ek ook onmiddellik en onomwonde dat die verkreë literêre resultate wat in die Bybelwetenskaplike ondersoek geïnkorporeer word, nie 'n implisiete of bedekte manier is om 'van buite' die Teologie die teologiese Bybelwetenskap te beoefen nie. Deur gebruikmaking van die gevestigde konsepte van die Literatuurwetenskap wil ek geensins die uniekheid van die Bybel-as-literatuur in gedrang bring deur dit net 'gewoonweg' en as 'blote' literatuur uit 'n vêr-vroeë tyd te benader nie. Die Bybel word met ander woorde nie as literatuur gelees *in plaas daarvan* dat dit as 'n religieuse teks (as 'n geloofsboek, dus as *Skrif* met 'n hoofletter) gelees word nie. Die Bybel word wel *tegelyk* as gesagvolle Skrif-openbaring én as literêre teks gelees omdat juis dit die navorsing profytlik dien (vgl. onder meer Powell, 1990:85-91). Die literêre konsepte, dimensies en

perspektiewe wat ter sprake kom, word in die navorsingsproses aangewend uitsluitlik vanweë hulle instrumentele bruikbaarheid in die verwesenliking van die navorsingsdoel.¹⁴²

4.3.2 Formulerings van 'n benaderingshoek tot die studie van Openbaring

Dit is 'n kenmerk van die jongste benaderings in navorsing dat daar weinig 'suiwer' studies bestaan in dié sin dat daar net van een benadering binne die bestudering van literatuur (soos byvoorbeeld 'n historiese, tekssentriese of lesersentriese benadering) uitgegaan word (Stevens & Stewart, 1996:3; Van Deventer, 2001:16). Daar word dikwels selfs nie op slegs een wetenskap (soos die Literatuurwetenskap of die Bybelwetenskap) gefokus nie (Van Gorp, 1999:5-7; Currie, 1998:6; vgl. weer 3.2.2.5). Resente navorsing vertoon in 'n mate 'n ontluikende weerstand teen vas afgebakende en uitsluitende (eksklusiewe) klassifikasie van studies. Toegespitste studie van 'n bepaalde faset van die groot universum word toenemend in 'n interdisiplinêre konteks verantwoord waarin verskillende subdisiplines 'n bepalende rol speel. Dit vereis 'n *ruim* en *omvattende* benadering tot navorsing.

In die huidige studie word bogenoemde resente verskynsel verreken deur die meta-teoretiese aspekte van die navorsing te *integreer* in die basisteoretiese studie. Wanneer literatuurwetenskaplikes en teoloë aanvaar dat beide groepe navorsers interpreteerders van 'n *boek* is, naamlik van die Bybel as 'n histories-religieuse geskrif wat tegelykertyd 'n religieus-literêre estetiese entiteit is, kan die studieveld ten beste gesamentlik ontgin word. Geller noem so 'n saamsoek na betekenis 'n *'joyous antiphony'* (Geller, 1983:40). In die opset van die huidige navorsing word die Bybelboek Openbaring se himniese gedeeltes ondersoek deur intens te luister na die betekenis-komplementerende 'beurtsang' tussen die 'kore' van eksegete en literatore. Dit is waarom verskillende literêre benaderings telkens ook op die Bybelwetenskap toegespits is en word, in besonder op die studie van Openbaring, en waarom die literêre fokusareas wat bespreek is, ook op dieselfde wyse betrek is.

Deur al die insigte wat verkry word, kan ewewigtigheid in die benaderingswyse verseker word. Dit gaan uit van die veronderstelling dat wat vasstaan in die een benadering tot die teks van Openbaring die ander benaderings se moontlikhede kontroleer en mede-bepaal, en ook omgekeerd. Teorieë word dus nie in opposisie tot mekaar gebruik nie.

¹⁴² Dit is immers wat lesers en navorsers van die Bybel en van die Bybel-as-literatuur met reg van die Literatuurwetenskap mag verwag (vgl. Ryken, 1984:1).

Die benaderingshoek tot die verdere bestudering van Openbaring kan nou soos volg afgebaken en geformuleer word:

Daar word in 'n wetenskaplike benadering tot Openbaring vanuit 'n interdisiplinêre en multi-subdisiplinêre omgewing van die naasliggende dissiplines Literatuurwetenskap en (Nuwe-Testamentiese) Bybelwetenskap uitgegaan. Die invalshoek is literêr-teologies en teologies-literêr. Die wyse van benadering is daarom inklusief, komplementêrend, omvattend en holisties. Die volle omvang van die teks se betekenis en die veelfasettigheid van interpretasie word vanuit hierdie tussen-wetenskaplike, oorsluitende, interaktiewe grenskoördinaat die aangewese benaderingshoek waaruit ek vertrek op die pad van verantwoordelike en verantwoordbare teksanalise en -ontsluiting.

4.3.3 Vaststelling van 'n metode vir navorsing wat afgestem word op die analise, eksegetiese ontsluiting en interpretasie van die Openbaringboek

Indien verskillende navorsingsmetodes vanuit 'n inklusiewe, komplementêrende, omvattende en holistiese benadering (soos pas in 4.3.2 hierbo afgebaken is) nie onbeteuelde en ongebreidelde spekulasie tot gevolg het nie, hou die metode vir eksegete geleenthede in – en nie krisis nie. 'n Verantwoordbare, inklusiewe metode wat outeur-, teks- en lesergesentreerde, asook sinchroniese en diachroniese metode insluit, is nodig (vgl. Combrinck, 1990:332-333) – ook vir goeie eksegeese van die Openbaringboek. Alhoewel daar 'n voorkeur gestel kan word, behoort die drie *foci* in die proses van interpretasie gebalanseerd aandag te ontvang, want gereformeerde eksegeese is nie gebaseer op 'n *liniêre* kommunikasiemodel waarin die sender 'n boodskap via die medium aan die ontvanger stuur waarin laasgenoemde dan 'n passiewe verbruiker van die boodskap is nie. 'n *Sirkulêre* of *spirale* kommunikasiemodel waarin die sender, die medium en die ontvanger elk unieke bydraers tot die kommunikasieproses is, is die basis van gereformeerde eksegeese en vertolking (van byvoorbeeld *intertekstualiteit* – vgl. Song, 2006:617,619).

Die navorsingsmetode is dus *inklusief*. Dit beteken dat wat in enige metode positief kan bydra tot die ontsluiting van die teks, ontgin en aangewend word. Soos die teorieë nie in opposisie tot mekaar gebruik word nie, word die verklaringsmetodes ook nie in opposisie tot mekaar gebruik nie, maar wel aanvullend en komplementêrend in 'n verantwoordbare, geïntegreerde navorsingsmetode aangewend.

Die navorsingsmetode vir die ontsluiting van die Openbaringboek word in die lig van die afgebakende, geformuleerde benaderingshoek (4.3.2 hierbo) nou soos volg vasgestel:

'n Literêr-narratologiese ontleding van die makroteks van Openbaring word gedoen deur die narratologiese eenhede en die hoofkomponente en verhaallyn(e) van die dramatiese narratief vas te stel en te interpreteer. Dit is tegelyk ook 'n kursoriese teologies-eksegetiese analise van die struktuur van die boek. Die plek, funksie en betekenis van die himniese mikrotekste binne die geheelstruktuur van die boek word ook deur middel van hierdie metode bepaal. Vanuit die makro-geheel word dus na die mikrogedeeltes beweeg. Dit word gedoen met optimale gebruikmaking en benutting van die literêre insigte wat deur die narratologiese lesing van die verhaal beskikbaar kom, asook van die Bybelwetenskaplike bevindings. Dié metode word vasgestel vir die volgende hoofstuk, Hoofstuk 5.

Die himniese mikrotekste van Openbaring word in 'n verdere fase van die studie deur middel van eksegetiese dieptesnitte geanaliseer. Die dieptesnitte in die himniese gedeeltes word gemaak om die besondere betekenis daarvan vas te stel en te interpreteer. Die mikrotekste word tegelyk in 'n literêr-analitiese ontleding binne die konteks van die geheel vertolk, om sodoende die makrostruktuur in die lig van die mikrotekste te verifieer en verder te ontleed. Vanuit die mikrogedeeltes word dus na die makrogeheel beweeg. Dit word gedoen met optimale gebruikmaking en benutting van die resultate van die Bybelwetenskaplike diepte-ontleding, asook van die literêre dimensies wat deur 'n detail-analisering van die taalkunstige literatuurteks van Openbaring geopen word. Dié metode word vasgestel om in Hoofstuk 6 gevolg te word.

4.4 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 4

Wat in Hoofstuk 4 gebied is, moet beskou word as 'n voortbouing op en verdere uitbouing van wat in die eerste deel, Hoofstukke 2 en 3, bevind is. Daarom het ek aan die begin van die hoofstuk eers weer vlugtig na die neerslag van Deel 1 se resultate verwys. Die bevinding aan die einde van Hoofstuk 2 dat die Bybel egte literatuur is, maar as teksgeworde religieuse openbaring onderskeie van ander vorme van literatuur wel 'n bepaalde uniekheid besit (vgl weer 2.2.4), is beskou as 'n basiese bousteen vir die ondersoek in Deel 2. In Hoofstuk 3 is vervolgens na aanleiding van bogenoemde bevinding waartoe in Hoofstuk 2 gekom is, gefokus op die *bestudering* van literatuur en die Bybel-as-literatuur. Verskillende benaderings tot literêre tekste, hulle invloed op die Bybelwetenskap en die hooftendense in die literatuurstudie wat so aan die lig gekom het, het 'n interdisiplinêre benadering en metode vir die bestudering van die Bybel-as-literatuur implisiet as noodsaaklik aangedui.

Die opgawe van Deel 2 (hierdie hoofstuk) was om in die lig van die verkreeë resultate van Deel 1 die verband, verhouding en wisselwerking tussen die literêre metateorie en die teologiese basisteorie eksplisiet te beskryf. Dit is gedoen deur Literatuurwetenskap as 'n naasliggende dissipline aan ander dissiplines aan te dui en ook sy belangrike verband met die Teologie te bepaal. Die metode wat verder in die hoofstuk gevolg is, was om van raakvlakke en gedeelde en oorvleuelende studiefoci van en tussen Literatuurwetenskap en die teologiese Bybelwetenskap deeglik kennis te neem en vir die doeleindes van hierdie studie se verdere ontplooiing te verreken. Daarom is telkens op elke relevante literêre studiefokus se implikasies en belang vir die Bybelwetenskap, in besonder vir die bestudering van Openbaring, gewys en is dit ook gemotiveer. Hieruit het die beskrywing en vasstelling van 'n benaderingshoek tot die bestudering van Openbaring en 'n navorsingsmetode vir die ontleding en interpretasie van die boek voortgevloei.

Die wetenskaplike *benaderingshoek* tot Openbaring is in terme van die interdissiplinêre en multi-subdissiplinêre grenskoördinaat van die twee naasliggende dissiplines, naamlik Literatuurwetenskap en (Nuwe-Testamentiese) Bybelwetenskap, beskryf. Die benadering is deur die besondere vertrekpunt bepaal as 'n inklusiewe, komplementerende, omvattende en holistiese uitgangspunt tot die studie van die boek Openbaring. 'n Wetenskaplike *navorsingsmetode* vir die verdere ontsluiting van die Openbaringboek is in die lig van hierdie afgebakende, geformuleerde benaderingshoek vasgestel. Daarvolgens kan 'n interdissiplinêre ontleding van Openbaring gemaak word deur twee wetenskaplike prosesse te volg. Die makroteks van Openbaring kan eerstens ontleed word deur optimaal gebruik te maak van die literêr-wetenskaplike ontledingsinstrumente waardeur literêre perspektiewe en dimensies geopen word. Tweedens kan Bybelwetenskaplike bevindings wat deur 'n eksegetiese proses tot beskikking van die navorsing gestel word, ook sover moontlik benut word. Die eerste behels dus 'n beweging vanuit die makrogeheel van Openbaring na die himniese mikrogedeeltes volgens 'n metode waarin die klem merendeels literêr gelê word, maar waarin daar ook duidelik oorgrensbeweging is – vanuit die makroteksgeheel na die mikrotekste. In die tweede beweging kan die omgekeerde orde dan gevolg word. Die himniese mikrotekste van Openbaring word deur middel van 'n proses van Bybelwetenskaplike eksegetiese dieptesnitte geanaliseer, maar daar sal tog ook 'n oorgrensbeweging tussen die teologiese en literêre wetenskappe wees wanneer daar vanuit die mikrotekste na die makrogeheel terug beweeg word. Die klem word in laasgenoemde proses weer sterker teologies bepaal en geplaas (in onderskeiding van die eerste wetenskaplike proses met sy literêre aksentuering).

Die ondersoek in hierdie hoofstuk het ten slotte neerslag gevind in die afbakening van 'n interdissiplinêre en multi-subdissiplinêre studieveld vir verdere ontginning.

Al die fasette wat tot dusver in die navorsingsprojek aan die orde gestel is, is bespreek en vertolk as eerste en noodsaaklike deel van die teologiese proses van vasstelling, be-

skrywing en implementering van die basisteoretiese beginsels van liturgies-himnologiese belang en betekenis vir liedskrywing, soos dit vanuit die himniese stof in Openbaring benader kan word. Die simbiose en sinergie tussen literêre metateorie en Bybelwetenskaplike basisteorie het nou eksplisiet aan die lig getree – nie as ’n interessante wetenswaardigheid nie, maar as die kruks en kern van en vir die verantwoordelike identifisering en ontginning van basisteoretiese beginsels vir himnografie vanuit die boek Openbaring.

Hiermee het die navorsing na my oortuiging die punt bereik waar al die literêre dimensies en insigte in hulle interaksie met en funksionele relevansie vir die Bybelwetenskaplike analise en betekenisontsluiting van Openbaring sodanig beskryf, gemotiveer en verantwoord is dat dit nou omvattend aangewend kan word om basisteoretiese beginsels vir himnografie in die boek oop te dek. Dit volg nou in Deel 3, Hoofstukke 5 en 6.

DEEL 3

BASISTEORETIESE HIMNOGRAFIESE BEGINSELS IN DIE BOEK OPENBARING

'n Vlughtige terugblik: In Deel 1 is 'n metateoretiese terreinverkenning van en vir hierdie studie gedoen. Metateoretiese vertrekpunte is in die lig van literêre perspektiewe op dimensies van literatuur en op die Bybel-as-literatuur vasgestel. Daar is bevind dat die Bybel egte literatuur is, en dat dié religieuse geskrif 'n sentrale plek in die ontwikkelingsgang van die Christelik-Westerse wêreld inneem. In die eerste deel is verder ook kennis geneem van verskillende benaderings in die bestudering van literatuur. Hoe en hoedanig dit invloed op Bybelwetenskaplike navorsing het en kan hê, is ten opsigte van elkeen van die teorieë in die verskillende hoofbenaderings beredeneer. In Deel 2 is vanuit die metateoretiese literêre terreinverkenning van Deel 1 verder beweeg in die rigting van die vastelling van die samehang, verband, simbiose en sinergie tussen die literêre metateorie en die Bybelwetenskaplike basisteorie van hierdie studie. Die grensgebied tussen metateorie en basisteorie is onder die vergrootglas geplaas. Daaruit het die ontwikkeling en beskrywing van 'n benaderingshoek tot die bestudering van Openbaring en 'n navorsingsmetode vir die analise en interpretasie van dié Bybelboek voortgevloei. 'n Interdissiplinêre en multi-subdissiplinêre studieveld is sodoende geëksploiteer.

Die oorgang van Deel 1 – via Deel 2 met sy brugfunksie – na Deel 3 verteenwoordig in 'n bepaalde sin die oorgang van die metateoretiese na die basisteoretiese komponente van die navorsing. Omdat die studie egter in die grensgebied tussen twee naasliggende dissiplines, naamlik die Literatuurwetenskap (metateorie) en die Bybelwetenskap (basisteorie) gesitueer is, is dit nie moontlik – en ook nie wenslik – om die metateoretiese en die basisteoretiese markant, indien enigsins, van mekaar te skei nie. Literêre en teologiese 'grensverkeer' word dus in hierdie nuwe deel steeds oor-en-weer tussen die twee dissiplines verreken.

In die eerste van die twee hoofstukke waaruit Deel 3 bestaan, Hoofstuk 5, ontleed ek deur middel van 'n narratologiese lesing die makrostruktuur van die Openbaringboek in sy totale en globale gestruktureerdheid. Dit is tegelyk ook 'n kursoriese eksegeese van die boek. In die tweede hoofstuk van die deel, Hoofstuk 6, maak ek gedetailleerde eksegetiese analyses van Openbaring se himniese mikrotekste waarin die fokus skerper op Bybelwetenskaplike ondersoek ingestel word. In beide hoofstukke geskied die ondersoek met volgehoue aandag aan die interdissiplinêre koppeling en verbandlegging tussen meta- en basisteorie. Die ondersoek in Deel 3 word met ander woorde gedoen deur gebruikmaking van die literêre dimensies en perspektiewe wat in Deel 1 geopen is en in Deel 2 ten opsigte van die gedeelde en gedeeltelik oorvleuelende literêre en teologiese studiefoci onderskei en bespreek is.

In Deel 3 word die metateoretiese nou teologies toepaslik aangewend. Die identifisering in hierdie deel van basisteoretiese himnografiese beginsels in die boek Openbaring vorm 'n belangrike skakel na die formulering van 'n neerslag van skriftuurlike, prinsipiële-begronde riglyne vir himnografie. Dit sal eventueel die voltooiing van die navorsingsprojek wees, wat in die laaste deel, Deel 4, aangebied word.

HOOFSTUK 5

MAKROSTRUKTURELE ANALISE VAN DIE DRAMATIESE NARRATIEF *OPENBARING*

5.0 INLEIDING

Met die navorsing wat na my oortuiging nou die punt bereik het dat al die literêre dimensies en insigte in hulle interaksie met en funksionele relevansie vir die Bybel-wetenskaplike analise van Openbaring genoegsaam beskryf, gemotiveer en verantwoord is, word dié insigte nou aangewend of ‘toegepas’. Dit gebeur in hierdie hoofstuk deur middel van ’n narratologiese makrostrukturele analise. Dit is tegelyk ook ’n kursories-eksegetiese ontleding van die laaste Bybelboek.

’n Literatuurstudie wat tendense in *Openbaring*-navorsing in die afgelope paar dekades reflekteer, toon dat daar nie baie nuwe bydraes gelewer word wat die makrostruktuur van die boek betref nie (Paul, 2008:523-531). ’n Insiggewende artikelbydrae in verband met die apokalips se makrostruktuur is in die resente tyd ná Paul se oorsig deur Alan Bandy (2009:466-499) gelewer. Hy noem dit ’n ‘*integrative approach*’ tot die geheelstruktuur, waarin hy drie lae aandui: die eerste laag is die oppervlakstruktuur (ook te verstaan as diskoerslaag); die tweede laag het te maak met intertekstuele parallele wat in die apokalips volgens dele van die Ou Testament gemodelleer word; die derde en laaste laag bestaan uit intratekstuele verbande wat herhalende terme en frases verbind in ’n komplekse sisteem van interne kruisverwysings. Dit open ’n besondere perspektief op die makrostruktuur van die boek, waarvan in ’n narratologiese lesing kennis geneem kan word.¹⁴³

Daar bestaan wel ’n leemte met betrekking tot ’n meer literêre bestudering van die teksgeworde openbaringsdramatiek en veral van apokaliptiese tekste (vgl. Van Deventer, 2001:4). ’n Narratologiese benadering van Openbaring se makrostruktuur kan die leemte in ’n mate vul. Dit is juis hoofsaaklik ’n narratologiese benadering wat die sogenaamde meer literêre bestudering verteenwoordig. Navorsers stem immers oor die algemeen saam dat apokaliptiese geskrifte – dus óók Openbaring – in wese narratief van aard is (Barr, 2010:647; vgl. ook Barr, 1998:1; sien vroeër 2.2.1.2(i),(vi), 4.2.1.1.2, 4.2.1.2.3, 4.2.2.0).

¹⁴³ Al die aspekte van Bandy se onderskeiding van die drie struktuurlae kom aan die orde in die narratologiese lesing wat in hierdie hoofstuk gedoen word. Die vertrekpunt is egter vanuit die narratologie.

In die proses word narratiewe eenhede, hoofkomponente, verhaallyn(e) en ander narratiewe eienskappe van dié dramatiese narratief vasgestel, geabstraheer, geanaliseer en geïnterpreteer aan die hand van die analiseringsmodel wat reeds in 4.2.2.1.4 hierbo geselekteer en beskryf is (vergelyk deurentyd in hierdie hoofstuk die uiteensetting van Mieke Bal se analisemodel in Addendum D) en in narratologiese konsepte omskryf is wat as analise-instrumente gebruik kan word (sien die glossarium van narratologiese terme, Addendum E). Weer eens beklemtoon ek die wyse van gebruikmaking en implementering, naamlik dat slegs wat relevant bydra tot die verantwoordelike bereiking van die gestelde navorsingsdoelwit van hierdie studie ter sprake gebring word. In die analise van hierdie geïnspireerde literatuurteks se makrokonstruksie poog ek nie om alle moontlike literêre en Bybelwetenskaplike fasette minusieus (tot in die fynste besonderhede) weer te gee nie. Daar word wel van alle narratiewe en narratologiese fasette deeglik kennis geneem, maar dit word nie noodwendig in die fynste detail gereflekteer en geanaliseer nie. Wat volg pretendeer geensins om 'n oefening in narratologiese analise te wees wat alle verhalende aspekte volledig aan die orde stel nie.

In hierdie eerste hoofstuk van Deel 3 word Openbaring dus vanuit die interdisiplinêre en multi-subdisiplinêre omgewing van die naasliggende dissiplines Literatuurwetenskap en (Nuwe-Testamentiese) Bybelwetenskap benader. Die wyse van benadering is reeds geformuleer as inklusief, komplementêrend, omvattend en holisties (vgl. 4.3.2). Die *modus operandi* vir die makrostrukturele analise is deur hierdie benaderingswyse bepaal (vgl. 4.3.3), en wel as 'n metode waarin van verskillende metodes gebruik gemaak kan word (bygesê: slegs in die mate wat elkeen die ontsluiting van teksbetekenis kan dien). Sodanige ontleding kan die strukturele literêre benaderings tot apokaliptiese tekste moontlik dermate aanvul dat dit 'n bydrae in dié opsig kan lewer. Sodoende kan dit tegelykertyd die gestelde doelwit van die studie – en dit natuurlik steeds in die eerste plek – help verwesenlik.

In die ondersoek wat volg, word die vorm-inhoud-konfigurasie van die Openbaringboek geïdentifiseer (5.1), opeenvolgende segmente in die opbou van die globale teks onderskei (5.2) en narratief-tipes in die boek gedifferensieer (5.3) as drie noodsaaklike stappe vóórdat die makrostrukturele analise met gebruikmaking van dié aspekte en onderskeidings aan die orde kom (in 5.4). 'n Voorlopige bepaling word daarna gemaak van die rol en betekenis van die himniese gedeeltes in Openbaring op grond van die makrostrukturele ontleding van die narratief (5.5). 'n Samevatting maak die samevattende slot van Hoofstuk 5 uit (5.6).

5.1 VORM-INHOUD-KONFIGURASIE (GESTALT) VAN OPENBARING: ÉÉN VERHAAL GEÏNTEGREER IN ÉÉN STRUKTURELE KORPUS?

5.1.0 Inleidend: benadering tot die vasstelling van strukturele integriteit in die boek

'n Vraag wat in die verlede meermale na aanleiding van die kompleksiteit van die Bybelboek Openbaring gestel is, is of die boek enigsins beskou kan word as 'n enkele verhaal wat in een strukturele korpus geïntegreer is. Die vraag na die eenheid en integriteit van 'n Bybelboek soos Openbaring kan op twee maniere gestel word (Barr, 2010:641). Eerstens kan dit vanuit 'n bronhipotetiese invalshoek gevra word, en tweedens met 'n fokus op die struktureel-inhoudelike van die geskrif in gedagte. Die eerste het te doen met die vraag: Bestaan die boek uit verskillende agterliggende bronne wat deur die outeur of deur 'n (onbekende) redakteur saamgevoeg is? Die tweede invalshoek het te make met die vraag: Is dit 'n verhaal wat inhoudelik-strukturele integriteit besit? Albei die vrae moet beantwoord word om die strukturele integriteit (al dan nie) van Openbaring vas te stel.

5.1.1 Teksoorsprong en -samestelling

Daar het vir lank 'n opvatting bestaan dat die teks van Openbaring nie strukturele integriteit vertoon nie en dat dit ook nie die werk van een outeur is nie (vgl. vir 'n oorsig: Charles, 1971:l-lxv). Gedurende die negentiende en vroeë twintigste eeu is Bybelboeke se moontlike agterliggende bronne nagespeur en is die huidige redaksie van die boeke deur dié ondersoekmetode versplinter (sien weer die bespreking van die Bronnekritiek en Redaksiekritiek in 3.1.2.1.1(iii.i), (iii.iii)).

Dit is egter reeds in die vroeëre bespreking van die historiese benaderingswyse tot die literatuurteks (3.1.2.1.1) gestel dat daar ten opsigte van die Openbaring-tekstdokument nie meer veel gemaak word van moontlike agterliggende bronne nie. Bauckham stel teenoor die bronhipoteses waarin die teks van Openbaring gefragmenteer is, dat “...*the more Revelation is studied in detail, the more clear it becomes that it is not simply a literary unit, but actually one of the most unified works in the New Testament*” (Bauckham, 1993a:1). Ook Schüssler Fiorenza (1985:159; vgl. ook 1977, 1989a, 1989b, 1991) is van mening dat daar 'n eenheidstruktuur in Openbaring is en dat die teks daarom nie toegeskryf moet word aan die kompilasiewerk van 'n finale redakteur(s) wat fragmente uit verskillende bronne saamgevoeg het nie. Die boek is die vrug van die geïnspireerde outeur se teologiese konsepsie wat in 'n literêre komposisie uitdrukking gevind het. Dit

impliseer natuurlik nie dat die outeur geen ander bronne geken het nie. Hy sinspeel byvoorbeeld dikwels op Ou-Testamentiese gedeeltes (vgl. die bespreking van *intertekstualiteit* in 4.2.6) en moontlik ook op ander (Joodse) literatuur, veral apokaliptiese stof.

Openbaring in sy huidige redaksie word in hierdie studie dus as die oorspronklike optekenswerk van 'n/die geïnspireerde outeur beskou, waarby hy sinspeling op bronne aan hom bekend as deel van sy komposisietegniek in die vorm van allusies en eggo's ingesluit het (vgl. weer 4.2.6.3(ii) vir die kompositoriese gebruik van die Ou Testament deur Joodse skrywers).

5.1.2 Verhaalintegriteit

Die tweede vraag (of Openbaring inhoudelik-strukturele integriteit besit) moet beantwoord word vanuit die antwoord op die vraag na waarom die narratief in sy grondkonsepsie handel. Wat is die sentrale inhoud van die narratief, en hou die strukturele komposisie in sy totaliteit verband met die basiese kerninhoud van die *wat* (inhoud) en die *hoe* (wyse) van dit wat gekommunikeer word? Kan daar met ander woorde bevind word dat die vorm en die inhoud geïntegreer is, of – en dus daarteenoor – dat die boek moontlik 'n onsamehangende vorm en inhoud vertoon?

Die trekke/blyke van 'n geïntegreerde komposisie skep die verwagting dat *tematiese* eenheid die '*primary assumption guiding interpretation*' sal wees (Tonstad, 2006:20). In die lig daarvan is dit dus belangrik om eers die kerninhoud van die Openbaring-narratief vas te stel. Om dit te kan doen, is dit logies dat die eerste stap sal wees om vas te stel wat die boek self van sy eie inhoud sê.

In die voorwoord of proloog van Openbaring (1:1-3) word die aard van die boek¹⁴⁴ en die inhoud waaroor dit handel, aangedui as die *Ἀποκάλυψις Ἰησοῦ Χριστοῦ* (*openbaring van Jesus Christus*). Hierdie woorde kan en moet myns insiens geïnterpreteer word as 'n *genitivus subjectivus* (subjektiewe genitief; Jesus Christus is die handelende Subjek in en van die apokalips, dit is *Hý* wat openbaar¹⁴⁵) sowel as 'n *genitivus objectivus* (objektiewe

¹⁴⁴ Op die aard van die boek word hier nie weer verder ingegaan en uitgebrei nie. Daar word slegs verwys na wat reeds vroeër in 2.2.2.1.1.2 beredeneer is, naamlik dat dit waarskynlik juis deur die gebruik van die woord *ἀποκάλυψις* in Op. 1:1 is dat die nomenklatuur van die kontemporêre literatuurkonteks van 'n nuwe genre-term voorsien is, 'n literêre term wat later ook in ander apokaliptiese geskrifte neerslag sou vind.

¹⁴⁵ *ὁ θεός* (*God*) is volgens 1:1 natuurlik die primêre handelende – dit is immers Hy wat die *ἀποκάλυψις* aan Jesus Christus *ἔδωκεν* (*gegee het*) –, maar omdat die temporele vorm van dié werkwoord in Grieks die aoristus is (en nie die perfektum nie), is ek van mening dat daar 'n saak voor uit te maak is dat Jesus Christus as die handelende beskou kan word in dit wat verder met die *ἀποκάλυψις* gedoen word. Dit is Hy wat deur sy engel die *ἀποκάλυψις* *ἐσήμανεν* (*die openbaring te kenne gegee het*) aan Johannes.

genitief; Jesus Christus is die inhoud van die openbaring, die apokalips handel oor Hom). Die narratief *Openbaring* se sentrale inhoud is dus die verhaal van Jesus Christus – en sy verhaal is die evangelieverhaal waarin sy werk saamgetrek en beskryf is. David Barr vat dit so saam: “*The Apocalypse is in its most basic sense a retelling of this story of Jesus in a new way and with new images*” (Barr, 1998:3). Deurdadig dat dit oor die ‘storie’ of verhaal van Jesus gaan, berus die openbaring in Openbaring dus op die koms van die koninkryk van God – dit is sy openbaringsdramatiek – deur Christus se koms (Advent en Kersfees), kruis en opstanding (Pase), hemelvaart (Intronisasie) en uitstorting van sy Gees (Pinkster).¹⁴⁶ ‘*This story*’ is die wesenlike inhoud van Openbaring – selfs as daar net na die boek se eie ‘inhoudsopgawe’ in die proloog gekyk word (Op. 1:1-2) en nog nie eers verder op die ontplooiing daarvan in die res van die boek gelet word nie. Die evangelieverhaal, God se openbaringsdramatiek in Jesus Christus, kan die onderliggende verhaal, die grondkonsepsie van die dramatiese narratief van Openbaring genoem word. Die Christusgebeure is die eenheidsbinding in die narratief (Du Rand, 1990b:245); die Christologiese melodie is die *basso ostinato* wat deur die hele Openbaring loop (Du Rand, 1993:304-306; 1991a:27).¹⁴⁷

Waarvan vertel die *direkte* verhaal van Openbaring (die twee en twintig hoofstukke) op die basis van hierdie onderliggende verhaal? Dus: waaruit bestaan die ‘*retelling*’ van die ‘*story of Jesus*’ in die laaste Bybelboek? Is dit die evangelie van Jesus Christus wat ‘*in a new way and with new images*’ hervertel word?

Die plot of plan van die vertelling in Openbaring fokus op die koninkryk van God op aarde soos dit reeds in die hemel is (11:15; Du Rand, 1997:59-76; 2007:47). Dit is die evangelieverhaal *hervertel*, in sy volle uitwerking en konsekwensies in die koninkryk wat gekom het en besig is om steeds verder te realiseer te midde van die spanning van die eindverwachting. En dan is dit onmiddellik duidelik dat die globale ontplooiing van die narratief nie in die styl en struktuur van die vier Evangelies gegiet is nie, maar uniek anders gestruktureer is, al is daar ook apokaliptiese gedeeltes in die Evangelies (en ander dele van die Nuwe Testament; sien Sweet, 1990:44-54).

Daar kan nou in die lig van bostaande na die *Gestalt* van Openbaring beweeg word – om die verhaalintegriteit binne die vorm-inhoud-konfigurasie van die boek vas te stel.

ἀποκάλυψις Ἰησοῦ Χριστοῦ is – so beredeneer – ’n subjektiewe genitief en nie slegs ’n aanduiding van Jesus Christus as die Een oor wie die openbaring handel (’n objektiewe genitief) nie.

¹⁴⁶ Young Jang spreek die ootuiting uit dat al die boeke van die Nuwe Testament geskryf is om te sentreer rondom die evangelieverhaal (Jang, 2003:383).

¹⁴⁷ *Basso ostinato* is ’n musikologiese term, die aanduiding van ’n grond-bas wat ’n musikale werk tot ’n eenheid saambind. Dit kom voor in die vorm van ’n kort musikale frase of melodie wat oor en oor herhaal word, terwyl die hoë stempartye gewoonweg voortgaan (Viljoen, 2003:218).

By 'n bestudering van die diverse interpretasies¹⁴⁸ van Openbaring en die struktuur-indelings van die boek in al die navorsingsliteratuur (narratologiese, teologiese, teologies-narratologiese en narratologies-teologiese navorsingsliteratuur) wat geraadpleeg is, word bevind dat daar as't ware byna net soveel opvattinge oor en verskillende struktuurpatrone in Openbaring onderskei kan word as wat daar literatuur oor dié boek verskyn. Wat die struktuur in besonder betref, benader sommige die boek vanuit numerieke reekse van *septette* ('n sewetal visioene elk) wat hulle daarin onderskei: Op. 1:9-3:22; 4:1-8:4; 8:5-11:18; 11:19-15:4; 15:5-16:21; 17:1-20:3; 20:4-22:5 (vgl. onder meer hoofstuk 1 in Adele Yarbro Collins, 1976; Blevins, 1984, onderskei agt sewetalle; Duvenage & Amsenga, 1995, onderskei die genoemde sewe sewetalle; Walhout, 2000, onderskei slegs die vier reekse wat deur die boek self in sewetalle genumereer is). Ander vertolk die inhoud aan die hand van 'n strukturele indeling in drie 'bedrywe' met verskillende tonele: Op. 1:1-3:22; 4:1-11:19; 12:1-22:21 (vgl. onder meer Du Rand, 2007:45-53). Alternatiewe indelingspatrone is byvoorbeeld 'n chronologiese tweedeling: Openbaring 2 oor die verlede, hoofstuk 4-22 oor die toekoms, of ook 'n tematiese tweedeling: Openbaring 1-11, 12-22 (Koester, 2001:41; sien vir nog meer indelings: Du Rand, 2007:44-45). 'n Bekende Nuwe-Testamentikus, Elizabeth Schüssler Fiorenza, wys op haar beurt op basispatrone in die boek, soos die deurlopende, voortgaande verhaalstyl, die sikliese herhaling en die inlastegniek (Schüssler Fiorenza, 1985). Sy bied ook 'n goeie voorbeeld van Openbaring as 'n chiasiese konstruksie (Schüssler Fiorenza, 1991:35-36; vgl. ook Strand, 1978). Lambrecht maak baie van rekapitulatie- en omsluitingstegniek (Lambrecht, 1980). Mazzaferri identifiseer tegniese inhoudsmerkers vir indeling van die struktuur volgens literêre blokke (Mazzaferri, 1989). Smalley, in navolging van Bowman (1955) en andere, bepleit 'n verstaan van die struktuur van Openbaring as 'n (Griekse) drama (Smalley, 1994). Vir 'n evaluering van die belangrikste indelings bied Van de Kamp waardevolle beredenering (2000:36-38).

Met soveel hoofde en net soveel sinne is dit duidelik dat daar tot die makrostruktuur van Openbaring vanuit 'n wye verskeidenheid invalshoeke genader word. Dit weerspieël nog nie eers die verskille wat oor die interpretasie van mikrostrukture en -tekste bestaan nie. Hierdie verskillende benaderings impliseer egter nie dat die boek nie verhaalintegriteit besit nie. Daar is min verklaarders, indien enige, wat die sinvolle geïntegreerdheid van die geheel in twyfel trek. Die evangelie van die koninkryk se koms in al sy konsekwensies wat in hierdie apokaliptiese geskrif op 'n besondere wyse hervertel word, beïndruk juis deur sy stewige vorm-inhoud-konfigurasie. Die beeld- en simbooltaal in 'n apokaliptiese styl is inderdaad 'n hervertel van die grondliggende evangelieverhaal '*in a new way with new images*'. Die veelheid van indelings wat die navorsingliteratuur

¹⁴⁸ DeSilva (2009:2-8), Kovacs & Rowland (2004:14-32) en Koester (2001:1-31) is bronne wat goeie oorsig bied oor die groot diversiteit van interpretasies van die Openbaringboek – sowel in die verlede as vandag.

kenmerk, kan eerder toegeskryf word aan die rykdom van skakeringe, perspektiewe en konsepte wat die boek bevat. Die verdere verloop van die studie sal bevestig dat dié verklaring van die diversiteit tekenend is van die kaleidoskoop van kleurvolle dimensies wat in hierdie geïnspireerde religieuse literatuur in 'n hegte eenheidsverhaal saamgetrek en opgesluit is.

Die gevolgtrekking waartoe hier gekom kan word, is dat Openbaring 'n herverteiling van één verhaal is wat in één strukturele korpus geïntegreer is.

5.2 ONDERSKEIDING VAN SEGMENTE IN DIE *Ἀποκάλυψις* *Ἰησοῦ Χριστοῦ*

Met die gevolgtrekking waartoe pas gekom is, is en word nie beweer of geïnsinueer dat die herverteiling in Openbaring van die één verhaal, geïntegreer in een strukturele korpus, nie verskillende kleiner en korter narratiewe bevat nie. Daar kan verseker in die dramatiese narratief van dié apokalips meer as een narratief of reekse narratiewe onderskei word wat die een evangelieverhaal van Jesus Christus op 'n nuwe wyse met nuwe beelde, metafore, simbole en visioene hervertel.

Dit is goed verantwoordbaar om vir die narratologiese lesing *cum* kursories-eksegetiese struktuuranalise van Openbaring se makrostruktuur aan te sluit by 'n driedeling in die verhaalde stof – 'n indeling waarna ek reeds in 5.1.2 hierbo verwys het. Die driedeling berus op duidelike 'bewegings' in die teks wat na aanleiding van drie inleidingsmerkers onderskei kan word. Waarskynlik omdat hierdie merkers in die narratief van Openbaring so onbetwisbaar duidelik is, kon ek in my navorsing ook geen struktuuranalise teëkom wat nie die oorgange waarneem of wat daarvan verskil dat dit weergawes van nuwe apokaliptiese eenhede inlei nie (vgl. vir die oorgange byvoorbeeld Smalley 2005; Beale, 1999b; Allen, 1997; Hendriksen, 1973; Greijdanus, 1965). Die verskille wat wel bestaan, is slegs ten opsigte van die gewig wat aan dié bepaalde oorgange in die verskillende interpretasies gegee word.

Die driedeling word nou in nadere besonderhede uiteengesit.

Die outeur van die apokalips meld eerstens aan die begin van die boek dat hy op die eiland Patmos (Op. 1:9b) op die dag van die Here deur die Gees meegevoer is (1:10), dat hy 'n stem soos 'n basuin of trompet gehoor het (1:10) en 'n visioen ontvang het om op te skryf (1:12 e.v.) vir versending aan sewe gemeentes (genoem in 1:11b). Hy skryf tweedens, ná die voltooiing van die sewende brief, dat hy dieselfde stem van 1:10 weer gehoor het (4:1), en weer meld hy dat hy deur die Gees meegevoer is (4:2a), waarna hy oorgaan tot die beskrywing van 'n nuwe visioen, 'n troonvisie (4:2b e.v.). Derdens vertel

hy dat hy die tempel van God in die hemel sien oopgaan het (11:19) en dat daar 'n groot teken in die hemel verskyn het (12:1a), 'n visioen wat hy dan verder in detail opteken (12:1b e.v.).

Hoofstuk 1 tot 3, 4 tot 11 en 12 tot 22 kan dus op goeie gronde as drie onderskeibare eenhede geïdentifiseer word. Die drie eenhede is egter onderling verwant, al is hulle nie drie chronologies opeenvolgende verhale nie. Hulle konstitueer sáám die volle verhaal van die dramatiese hervertelling, sonder om 'n kontinuïteit van handeling te impliseer.

Die drie bewegings in die apokaliptiese teks word verder in die studie as drie *verhaalsegmente* benader waarin die hervertelling van die koms van God se koninkryk in die één evangelieverhaal van Jesus Christus vanuit drie besondere en unieke invalshoeke op 'n nuwe manier ontplooi. Daarmee is 'n interpretasiebenadering tot Openbaring geïmpliseer wat somtyds die *kontemporêr-historiese benadering* genoem word (Hemer, 2001:20).¹⁴⁹ Die basiese uitgangspunt ten grondslag van hierdie benadering is die aanname dat die boek geskryf is “...*specially for the benefit of certain people who were living at that time* (= die ontstaanstyd van boek; JPB), *and for the purpose of being understood by them*” (Wainwright, 1993:138). Dié interpretasiebenadering vra van die leser/navorsers verdieping in die politieke, sosiale, kulturele en ekonomiese landskap van Klein-Asië en die Middellandse Seegebied onder die Romeinse bestel. Sodoende doen die beeldtaal en simbole van Openbaring minder vreemd aan (DeSilva, 2009:6).

Bostaande beskouing en benadering van Openbaring sluit aan by die insig-gewende, prikkelende en narratologies en Bybelwetenskaplik goed-verantwoorde kommentaar van 'n leidende Amerikaanse Openbaring-navorsers, David L. Barr (1998; vgl. ook 2004 vir sy latere beknopte samevatting van sy narratiewe kommentaar en narratologiese benadering tot Openbaring).

Barr wys daarop dat die drie segmente drie verskillende literêre tipes verteenwoordig: die eerste visioen is 'n openbaring van 'n goddelike figuur en is dus 'n teofanie, die tweede is 'n troonvisioen, 'n visioentipe “*highly developed in a kind of Jewish mysticism known as Merkavah*”, en die derde visioen is tonele uit 'n heilige, kosmiese oorlog (Barr, 1998:13). Verder maak Barr die waarneming dat daar baie min konneksie is tussen die insidente of gebeurtenisse wat in die drie segmente verhaal word. Elke eenheid het sy eie opeenvolging van gebeure en sy eie akteurs wat as karakters optree, alhoewel daar ook karakters is wat in al drie die eenhede optree, maar dan in verskillende voorstellings. Jesus Christus verskyn

¹⁴⁹ Met die keuse van die kontemporêr-historiese benaderingswyse stel ek my dus teenoor die preteristiese, historisistiese, futuristiese (bestaande uit dispensionalisme en historiese premillennialisme) en idealistiese benaderings tot die boek (vgl. vir 'n bespreking van dié vier interpretasiebenaderings: Pate, 2011:343-348; DeSilva, 2009:2-6; Mounce, 1979:39-45; Du Rand, 2007:59-60; Letseli, 2001:45-53).

byvoorbeeld in die eerste hoofstukke (1-3) as ὅμοιον υἱὸν ἀνθρώπου (*Iemand soos die Seun van die mens*). In die tweede verhaalsegment word Hy ὁ λέων ὁ ἐκ τῆς φυλῆς Ἰούδα, ἡ ρίζα Δαβὶδ (*die Leeu uit die stam van Juda, die wortel van Dawid*) genoem en deur die outeur geteken as ἀρνίον ἐστηκὸς ὡς ἐσφαγμένον (*’n staande/’staanende’ Lam, asof Hy geslag is*) (hoofstukke 4 tot 11). In die derde en laaste eenheid van die boek is Hy die υἱὸς ἄρσεν (*manlike kind*) van die vrou wat geboorte gee (die vrou met die son bekleed en die maan onder haar voete, 12:1-5), en dié manlike kind, ook wéér ἀρνίον (*Lam*) genoem soos in die tweede segment, word die oorwinnende ruiter op die wit perd, die oorwinnende kryger in die heilige kosmiese oorlog wat ook πιστὸς (*Getroue*) en ἀληθινός (*Waaragtige*) genoem word, terwyl sy Naam verder uitdruklik gegee word as ὁ λόγος τοῦ θεοῦ (*die Woord van God*) (hoofstukke 12-22). Elke segment het ook sy eie besondere lokaliteit of ruimte waarin dit afspeel, onderskeidelik die eiland Patmos, hemel en aarde. Verder is die een wat dit alles sien (voorlopig noem ek hom onspesifiek net die *outeur*) in elke beweging in ’n rol wat verskil van sy plek en funksie in die ander twee bewegings. Hy word voorgestel as ’n skriba of opskrywer in die eerste segment, ’n hemelreisiger in die tweede en ’n profeet (*’seer’*) in die derde (Barr, 1998:13-16).

Om die ooreenkoms en verskil tussen die drie visioen-eenhede wat as segmente in die hervertelling funksioneer, verder te verduidelik, verwys Barr na ’n analogie tussen die Openbaring-narratief en ’n verhaal van O. Henry (vgl. Leitch, 1986:47-48, vir Henry se verhaal met die titel *Roads of Destiny*). Die verhaal kan kortliks opgesom word.

’n Jong man verlaat sy tuisdorp om die wêreld te ontdek en poësie te skryf. Toe hy by ’n vork in die pad kom, kon hy nie besluit watter pad om te neem nie. Hy kies eers die een roete, toe die ander rigting, maar eventueel weer die pad terug na die klein nedersetting waarvandaan hy kom. Op elk van die drie paaie wat hy geneem het, het bepaalde gebeurtenisse plaasgevind wat verskil van mekaar, maar elke pad het op dieselfde onverbiddelelike einde uitloop: die jong man word elke keer met dieselfde pistool geskiet en hy sterf aan die einde van elke pad (verhaal).

Al drie verhale hoort tot dieselfde narratief, want die narratief kan nie sy mikpunt bereik as een van die subnarratiewe nie vertel word nie. Daarteenoor is dit tegelykertyd ewe duidelik dat nie een van die verhaalde ‘ekskursies’ enige kousale verband met die ander twee kan hê nie, want die einde van elke pad word telkens langs ’n ander roete (handelingsverloop) bereik. Die inisiële keuse om ’n bepaalde pad te neem sluit die gebeurtenisse uit wat langs die weg van die ander

twee weë ontwikkel. As gevra word of die man die tweede pad geneem het ná hy die eerste en vóór hy met die derde gegaan het of gaan, is om die verhaal se betekenis mis te loop. Die verband tussen die drie subnarratiewe is nie in 'n *nadat* of 'n *voordat* geleë nie. Die verband tussen die drie berus dus nie op 'n deurlopende reeks opeenvolgende oorsaaklik-verwante gebeure nie. Raakvlakke, verband en ooreenkomste tussen hulle het te doen met tema, met karakters en met die uitkoms van die hoofverhaal. Hulle kry elkeen betekenis slegs deur hulle te sien in vergelyking met dieselfde oorkoepelende of omsluitende narratief.


Barr sê ná die lees van die Henry-verhaal met sy drie korter, ingebedde narratiewe verstaan 'n mens die “*seductive/destructive allure of poetry in a new way, a way that takes destiny beyond accidental encounters*” (Barr, 1998:15). Die analogie tussen die ‘drie-paaie-verhaal’ en die Openbaring-outeur se drie dramatiese ‘verhalings’ skep ook nie 'n opeenvolgende, unitêre aksiereeks van gebeurtenisse nie. Die drie segmente van die apokalips verteenwoordig eerder drie alternatiewe hervertellings van die verhaal van Jesus Christus, deur middel van die gemeenskaplike tema van die koms van die koninkryk en die aksies van soms oorvleuelende akteurs, wat in elke segment egter unieke handeling ondergaan of uitvoer en telkens anders gekarakteriseer word.

Die ooreenkoms van *Roads of Destiny* met die Openbaring-narratief is treffend duidelik: dit is 'n verhaal wat in *silleptiese* styl geskryf is, met drie samestellende narratiewe wat tematies verwant is, nie logies en chronologies op mekaar volg nie, elk tog wel sy eie handelingsverloop het, maar saam die onderliggende, omsluitende verhaal uitmaak. Die silleptiese drie-in-een-narratief se struktureringsprinsipe word na aanleiding daarvan selfs deur sommige as die gebruikmaking van die tegniek van *rekapitulاسie* beskou.¹⁵⁰

Op die volgende bladsy stel ek my benadering van Openbaring se makrostruktuur voor deur die boek as 'n sirkelsegmente-samestelling te sien en te teken. Toeligting daarvan volg daarna.

¹⁵⁰ Vergelyk onder andere Geoffrey Wainwright se benadering dat Openbaring uitgebreide rekapitulاسies bevat waarin dieselfde aksie meermale gerapporteer word en nie soseer 'n liniêre ontwikkeling van verskillende gebeurtenisse en handeling reflekteer nie; hy noem die boek 'n *misterieuse* apokalips (Wainwright, 1993:29,35,53-55,69; vgl. vir die gebruik van die rekapitulاسie-tegniek in Openbaring ook Harris, 1989:33-36; Lambrecht, 1980:77-104; Gager, 1983:150-151; Barr, 1987:279-290; Beasley-Murray, 1974:29-32).

MAKROSTRUKTUUR VAN DIE DRAMATIESE NARRATIEF OPENBARING



- 0 Die koms van God se koninkryk in die evangelieverhaal van Jesus Christus
- 1 Eerste segmentele narratief: Op. 1:1 - 3:22
- 2 Tweede segmentele narratief: Op. 4:1 - 11:19
- 3 Derde segmentele narratief: Op. 12:1 - 22:21

Die drie visioen-eenhede in Openbaring wat onderskei word, kan dus gepas met die woord *segment(e)* beskryf word. Dié begrip word in hierdie studie figuurlik verstaan, maar ek doen dit nietemin ook wel uitdruklik vanuit die basiese wiskundige betekenis van die woord/begrip *segment*. Die geheelnarratief van die laaste Bybelboek word in terme daarvan gesien as 'n voltooide sirkel, maar drie koorde (reguit lyne) sny elkeen deur die sirkel van een punt op die omtrek na 'n ander punt op die omtrek, sonder om direk deur die middelpunt te gaan. So ontstaan drie segmente, elk met sy eie koord en boog. Die sirkelsegmente oorvleuel mekaar gedeeltelik. Die middelpunt lê binne die driehoek wat deur die segmente se koorde gevorm word, ewe ver (of eerder: *ewe naby!*) aan elk van die drie. Konsentriese binnesirkels druk elke segment se koord gedeeltelik ewe veel terug in 'n booglyn-vorm, of skuif onder die koorde in – só sterk is die sentrum van die sirkel se invloed op die omliggende segmente. Die segmente van die sirkel kan nie sonder die binnesirkel met sy kleiner konsentriese sirkels gesien of verstaan word nie, want hulle bestaan slegs in hulle verband met en verhouding tot die sentrum van die binnesirkel, wat ook die sentrum is van die buitesirkel wat deur hulle gesamentlik gevorm word. Hulle bestaan verder ook net in hulle verband met en samehangende verhouding tot mekaar.

Aangesien die 'sirkel' van Openbaring se makrostruktuur so benader word, en elk van die drie segmentele eenhede sy eie onderskeibare narratiewe trekke vertoon, gaan ek hulle narratologies en kursories-eksegeties afsonderlik van mekaar lees en ontleed. Dit word gedoen volgens die orde waarin die drie verhaalsegmente in die literatuurteks op mekaar volg, sonder om daarmee te impliseer of te suggereer dat die orde van behandeling 'n chronologiese opeenvolging ten opsigte van die drie narratiewe segmenteenhede sou weerspieël.

Laaste duidelike onderskeidings met betrekking tot verskillende soorte narratiewe moet egter nog vir hierdie studie getref word. Daarna sal die makrostrukturele analise sinvol gedoen kan word.

5.3 DIFFERENSIËRING VAN NARRATIEF-TIPES IN DIE *ΑΠΟΚΑΛΥΨΙΣ ΙΩΑΝΝΟΥ*

5.3.0 Inleidend: strukturele eenheid, narratiewe diversiteit

In die bespreking tot dusver van verskillende narratiewe en narratiewe eenhede in die kader van die ondersoek na die struktuur van die laaste Bybelboek het verskillende 'narratief-tipes' ter sprake gekom. Die struktuur is inderdaad 'n konstruksie wat uit

verskillende tipes narratiewe gekonstitueer is, sonder dat die diversiteit die strukturele eenheid en integriteit van die boek in gedrang bring. Vir 'n duidelike makrostrukturele ontleding van Openbaring is dit nodig om die volgende vyf onderskeidings te tref en te verduidelik hoe die vyf verskillende narratiewe-vorme in hierdie studie verstaan word: *metanarratiewe*, *onderliggende/grondliggende narratiewe*, *dramatiese narratiewe*, *segmentele narratiewe* en *sikliese subnarratiewe*.

5.3.1 Metanarratiewe

Openbaring is deel van die globale narratiewe van God se openbaringsdramatiek. Dié globale narratiewe word in die tekstmateriaal van die Bybel gereflekteer: 'n geskrewe taaltekst in die klassieke verhaalstyl met 'n begin (die skepping van die heelal), 'n middelstuk (die geskiedenis van die gevalle mensdom en die herstel wat gekom het) en 'n einde (die voleinding van die geskiedenis in die finale oorwinning oor die Bose). Die raamwerk van die geheel is dus 'n historiese narratiewe (vgl. 2.2.1.2(vi)). Openbaring het onmiskenbaar 'n verhalende karakter en is ingebed in die historiese narratiewe van die geheelraamwerk van die Bybel, synde die religieuse dokument waarin die globale narratiewe van God se openbaringsdramatiek tekst geword het (vgl. 4.1.0). Hierdie globale narratiewe word in die struktuuranalise wat volg, as die *meta-narratiewe* verstaan – die narratiewe waarin die Openbaringboek dan as teksgeworde openbaring ingebed is.

5.3.2 Onderliggende/grondliggende narratiewe

Met die *onderliggende/grondliggende narratiewe* van Openbaring word die grondkonsepsie van die boek bedoel: die (evangelie)verhaal van Jesus Christus waarin die besondere openbaringsdramatiek van God in die koms van sy koninkryk gestalte gekry het en verder in al sy konsekwensies realiseer te midde van die spanning van die eindverwagting.

5.3.3 Dramatiese narratiewe

Die openbaring van Jesus Christus se verhaal as grondkonsepsie kry tekstuele gestalte in die apokaliptiese geskrif met die naam of titel *Openbaring*. Dit dra die generiese kenmerke van 'n narratiewe wat in 'n liturgiese konteks dramaties aangebied word. Onder *dramatiese narratiewe* word dus die totale tekstuele en kontekstuele verhaal van Openbaring binne sy ontvangskonteks verstaan – bestaande uit sy historiese én kontemporêre ontvangskonteks. Dit word 'gedra' in twee en twintig hoofstukke, 'n *dramatiese*

narratief wat in wese die/’n hervertelling-in-drievoud van die één grondliggende narratief is.

5.3.4 Segmentele narratiewe

Die dramatiese narratief Openbaring as hervertelling van die verhaal van Jesus Christus is saamgestel uit drie *segmentele narratiewe*. Dié narratiewe is onderskeie – maar onderling verwante en interafhanklike – segmente van die volle ‘sirkel’ van Openbaring. Hulle verhaal elkeen hulle eie gebeurtenisse-reeks wat elk sy eie ontwikkeling of progressie, met ander woorde sy eie handelingsverloop, het. Hulle kan en behoort daarom afsonderlik geanaliseer te word. Hulle word in hulle verband met en verhouding tot die sentrum van die sirkel (die grondliggende narratief) en in verband met en verhouding tot mekaar gekenmerk deur gemeenskaplike tema-motiewe en gedeeltelik oorvleuelende aktors. Laasgenoemde is egter ten spyte van hulle oorvleueling in elke segment uniek gekarakteriseer. Die segmentele narratiewe vorm saam ’n dramatiese narratief, gegiet in ’n silleptiese styl en toonaard.

5.3.5 Sikliese subnarratiewe


Die vyfde narratief-tipe wat met die oog op die makrostrukturele analise van Openbaring onderskei word, het tot dusver nog nie in soveel woorde in die studie ter sprake gekom nie. Dit behoeft daarom meer omskrywing as wat by die verklaring en verduideliking van die ander vier hierbo gegee is.

Wanneer dieper op die struktuur van elke segmentele narratief of verhaalsegment van Openbaring ingegaan word, is dit gou duidelik dat nie een van die drie onderskeie (maar onderling verwante) eenhede se handelingsverloop *liniêr* ontwikkel nie. In 5.1.2 is na Schüssler Fiorenza (1985) verwys wat basispatrone in Openbaring onderskei, soos die deurlopende, voortgaande verhaalstyl, maar ook sikliese herhaling en die sogenaamde *inlas-tegniek*. Haar opmerking ondersteun die bevinding dat dié apokaliptiese narratief nie liniêr verloop en enkellynig voorstu nie. Die visioen of visioene in elke segmentele narratief is in narratiewe skryfwyse geformuleer en vertoon wel voortbeweging. Maar ’n besondere struktureienskap is dat die bepaalde visioen of reeks visioene in elke segment óók in hulle verband met en groepering by mekaar verstaan moet word, en dat hulle nie bloot maar net enkellynige en liniêre progressie vertoon nie. Afgesien daarvan dat hulle ingebedde narratiewe genoem kan word, is hulle voortstuwning veral in sikliese beweging. Daarom noem ek hulle vir die doeleindes van die struktuuranalise nie algemeen net

kortweg *ingebedde* narratiewe nie, maar verkieslik *sikliese subnarratiewe*. In sommige gevalle kom ook nog ingebedde verhale binne die sikliese subnarratiewe voor.

'n Oorsig oor die geheelstruktuur van die boek kan met 'n horisontale spiraalbeweging vergelyk word. Elke lus of 'oog' van die spiraal bestaan uit 'n reeks visioene. Craig Koester onderskei ses visioensiklusse wat op dié wyse voortspiraal (Koester, 2001:38-40). Hy vereenselwig hom daarin met die struktuuranalise van Adele Yarbro Collins (1979a:ix-xiv; vgl. ook Barr, 1995:23-33). Die spiraalbeweging kan met my eie aanpassing sketsmatig so voorgestel word:

VOORTWENTELLENDE SPIRAAL VAN VISIOENSIKLUSSE



Koester verduidelik ook nog verder hoe die visioensiklusse verstaan moet word.

Those who read Revelation as a whole encounter visions that alternatively threaten and assure them. With increasing intensity the visions at the bottom of the spiral threaten the reader's sense of security...[N]evertheless, each time the clamor of conflict becomes unbearable, listeners are transported into the presence of God, the Lamb, and the heavenly chorus. These visions appear at the top of the spiral. (Koester, 2001:39.)

'n Enkele visioensiklus in die voortwentelende spiraalbeweging word deur sommige 'n struktuurpatroon in die vorm van die letter *U* genoem (vgl. Resseguie, 2005:215; 1998). Dit kom op dieselfde neer as wat die spiraalskets hierbo tot uitdrukking bring: van 'n stabiele toestand val die dalende lyn van die U-letter in 'n toestand van krisis. Die opwaartse beweging bring weer 'n stabiele toestand of staat van ewewig teweeg.¹⁵¹


¹⁵¹ Resseguie sien die U-struktuurpatroon onder meer in die afsonderlike briefboodskappe van Openbaring 2 en 3, maar hy is van mening dat die makrogeheel van die boek eweneens in 'n U-patroon gekonstrueer is (vgl. Resseguie, 2005:219-240).

Wanneer ek Koester se indeling in ses visioensiklusse in verband met die indeling in drie verhaalsegmente – wat in hierdie studie as ’n strukturele uitgangspunt geneem word – bring, blyk visioene soos volg in die drie segmente versprei te wees:

- Eerste segment (Op. 1:1-3:22):
eerste visioensiklus (Op. 1:1-3:22)
- Tweede segment (Op. 4:1-11:19):
tweede en derde siklusse (onderskeidelik 4:1-8:1 en 8:2 tot 11:19)
- Derde segment (Op. 12:1-22:21):
vierde, vyfde en sesde siklusse (onderskeidelik 12:1-15:4, 15:5-19:10 en 19:11-22:21).

Die ses visioensiklusse se verspreiding in die drie verhaalsegmente word hieronder grafies voorgestel. Die voortwentelende spiraal van ses visioensiklusse binne hulle verband met en plasing in die drie segmentele narratiewe as ses sikliese subnarratiewe word as ’n verdere strukturele uitgangspunt in die makrostrukturele analise van Openbaring geneem.

VERSPREIDING VAN DIE SES VISIOENSIKLUSSE IN DIE DRIE VERHAALSEGMENTE



5.4 NARRATOLOGIESE LESING CUM KURSORIESE EKSEGESE VAN DIE MAKROKONSTRUKSIE OPENBARING

5.4.0 Inleidend: 'n drieledige ondersoek om struktuurpatrone te identifiseer

Aangesien die sirkel van Openbaring se makrostruktuur benader word soos reeds in 5.2 hierbo uiteengesit is (dat elk van die drie segmentele eenhede naamlik sy eie onderskeibare narratiewe trekke vertoon), gaan ek die drie segmentele narratiewe nou afsonderlik van mekaar narratologies en kursories-eksegeties lees en ontleed. Dit word gedoen volgens die orde waarin die drie segmente in die literatuurteks op mekaar volg, sonder om daarmee te impliseer of te suggereer dat so 'n orde van behandeling 'n chronologiese opeenvolging van die drie narratiewe segmenteenhede sou weerspieël (vgl. die beredenering by 5.2 hierbo).

Die gekose analiseringsmodel se onderskeiding van en ordening van die verhalende literatuurteks in drie verskillende verhaalvlakke (vgl. 4.2.2.1.4 hierbo en die verklaring daarvan deur Mieke Bal wat in Addendum D opgesom is) word nou as ontledingsbasis geïmplementeer vir die afsonderlike analise (5.4.1-5.4.3) van elk van die segmentele narratiewe van Openbaring. Dit lei my tot 'n samevattende konklusie in verband met struktuurpatrone in die drie segmentele narratiewe en die patrone wat geïdentifiseer word se verband met die geheelkonstruksie van die boek (5.4.4).

5.4.1 Narratologiese lesing *cum* kursories-eksegetiese analise van die eerste segmentele narratief (Op. 1:1-3:22)

5.4.1.1 Die vlak van die geskiedenis (*fabula/story/histoire/Geschichte*)¹⁵²

Die geskiedenis se elemente (wat volgens die gekose analisemodel uit gebeurtenisse, akteurs, tyd en plek bestaan) in die eerste segmentele narratief word nou eerste ontleed, beginnende by die ondersoek van die gebeurtenisse-reeks.

¹⁵² Dié verskillende begrippe waarna by die bespreking van die tekssentriese benaderings tot die literatuurteks in 3.1.2.2 verwys is, kan by die ontleding van die verskillende verhaalvlakke in gedagte gehou word. Adekwate vertalings van die Russiese '*fabula*' en '*sjuzet*' is in Engels: '*story*' en '*plot*' (Forster, 1974[1924]); in Frans: '*histoire*' en '*discours*' (Todorov, 1977[1971]); in Duits: '*Geschichte*' en verwarrend '*Fabel*' (vgl. 3.1.2.2.1(i.iii); Kayser, 1968[1948], Lämmert, 1968). Ek gaan van die veronderstelling uit dat die begrippe wat hier in min of meer ekwivalente terme in die verskillende tale gebruik word, mekaar in 'n sekere mate aanvul en sodoende komplementeer. Die totale betekenispektrum wat in die verskillende nuanses in die verskillende tale opgesluit is, kan die analise van die drie lae of vlakke ten goede dien, sonder dat ek op die moontlike kleinere verskille ingaan.

5.4.1.1.1 Gebeurtenisse

Minstens elf gebeurtenisse wat in die eerste segment – en in die saamvallende eerste visioensiklus – van Openbaring as elemente van die geskiedenis onderskei kan word, kan geïdentifiseer word.

- (i) Die eerste vers van die boek maak melding daarvan dat God die *ἀποκάλυψις Ἰησοῦ Χριστοῦ* (openbaring van Jesus Christus) aan Hom gegee het (1:1a).¹⁵³
- (ii) Hy, Jesus Christus, het dit deur die sending van sy engel aan sy *δούλος* (letterlik *slaaf, dienaar*) genaamd *Ἰωάννης* (Johannes) bekend gemaak (1:1b).
- (iii) Johannes het getuig van alles wat hy gesien het (1:2).
- (iv) Die een wat die woorde van hierdie profesie lees, en die wat dit/hom hoor en dit bewaar (ter harte neem) word *μακάριος* (*geluksalig/geseënd*) verklaar (1:3).
- (v) Johannes skryf 'n brief met die gebruiklike groetseën en doksologie aan die begin van briewe in die tyd van Openbaring (1:4-5a).
- (vi) Hy getuig van Jesus se koms en sy wederkoms (1:7).
- (vii) *κύριος ὁ θεός, ... ὁ παντοκράτωρ* (die Here God, ... die Almagtige) verklaar: *Ἐγώ εἰμι τὸ Ἄλφα καὶ τὸ Ὠ* (Ek is die Alfa en die Omega; 1:8).
- (viii) Johannes was op Patmos *ἐν πνεύματι* (in die Gees) op die dag van die Here (1:10).
- (ix) 'n Harde stem gee aan hom die opdrag om wat hy sien in 'n boek op te skryf en te stuur aan die sewe gemeentes Efese, Smirna, Pergamum, Tiatira, Sardis, Filadelfia en Laodisea (1:11).
- (x) *ὅμοιον υἱὸν ἀνθρώπου* (Iemand soos die Seun van die mens) verskyn aan Hom (1:12-3:22).

¹⁵³ Die verwysing na *ὁ θεός* (God) wat die *ἀποκάλυψις* aan Jesus Christus gegee het, kan moontlik deur sommige gesien word as deel van die sekondêre geskiedenis van Openbaring (vgl. Du Plooy, 1986:301-302 se terme *storie* en *uitgebreide storie* vir die onderskeid wat Bal tref tussen *primêre* en *ingebedde geskiedenis*; Bal, 1985a:140-144).

- (xi) Johannes skryf die sewe briefboodskappe wat ingesluit word in die brief waarna in (v) hierbo verwys is (2:1-3:22).

Wanneer die elf gebeurtenisse nou op die vlak van die geskiedenis volgens logika en ‘chrono-logika’ gerekonstrueer word, word die volgende volgorde in die gebeurtenisreëls duidelik: (i), (ii), (viii), (x), (ix), (v), (iii), (vi), (vii), (xi), (iv). Word hierdie primêre geskiedenis se logiese en chronologiese *fabula* (die historiese storielyn) uitgeskryf, verloop dit soos volg:

God het ’n openbaring aan Jesus Christus gegee wat sy (Jesus Christus se) openbaring geword het (i). Hy is die inhoud van die openbaring en word ook die handelende in die openbaring deur dit deur middel van die sending van sy engel aan Johannes bekend te maak (ii). Johannes word op Patmos deur die Gees meegevoer (viii) waar ’n harde stem hom die opdrag gee om wat hy sien in ’n boek op te skryf vir versending aan sewe gemeentes (ix), en waar Iemand soos die Seun van die mens aan hom verskyn het (x). Hy skryf ’n brief met die gebruikelike groetseën en doksologie (lofprijsing) in die briefaanhef. Dié aanhef is die inleiding tot die hele dramatiese narratief met sy drie segmentele narratiewe, maar is struktureel besonderlik deel van die eerste sikliese subnarratief (v). Hy het getuig van alles wat hy gesien het (dus moontlik ook reeds ’n verwysing na die openbaring in die verdere twee segmentele narratiewe met hulle sikliese subnarratiewe) (iii), en van Jesus se koms en sy stellige wederkoms (vi). Die Here God, die Almagtige, verklaar dat Hy die Alfa en die Omega is (vii). Johannes skryf en stuur die sewe afsonderlike briefboodskappe na die sewe individuele gemeentes in Klein-Asië (xi). Die een wat die woorde van hierdie profesie lees, en dié wat dit hoor en bewaar, word geseënd (geluksalig) verklaar (iv).

Die teksorde wyk dus aansienlik af van die logiese en die chronologiese orde van die primêre geskiedenis. Dit dui reeds op die verskil tussen die geskiedenis se elemente aan die een kant en die bewerking van die geskiedenis-elemente tot aspekte van die verhaal aan die ander kant (waarvan die bespreking en nadere ontleding in 5.4.1.2 volg).

5.4.1.1.2 Akteurs

Ten opsigte van die groep akteurs op die vlak van die geskiedenis wat gebeurtenisse ondergaan of veroorsaak, kan onderskeid getref word tussen hoofrolspelers en akteurs wat in ondergeskikte rolle optree. Die twee soorte akteurs word deur Barr (1998:181-183) onderskeidelik ‘*major*’ en ‘*minor characters*’ genoem. Die akteurs van die eerste

segmentele narratief van Openbaring – wat volgens die geselekteerde analisemodel van Bal eers op die tweede vlak (die verhaallaag) *karakters* genoem word – stel die onderstaande *dramatis personae* saam:

(i) *Hoofakteurs*

- (i.i) God (1:1a,2a,4b,6a,8,9c,10a; 3:2b,12a,14c,21b; vgl. hier die verklarende aantekeninge wat reeds by 5.1.2 gemaak is)
- (i.ii) Jesus Christus (1:1b,2b,5-7,9a; vgl. weer eens die beredenering in 5.1.2)
- (i.iii) Die Gees (1:4c,10; 2:7a,11a,17a,29; 3:6,13,22)
- (i.iv) Johannes (1:b-2,4a[-8],9-10,12[-3:22]; 2:17)
- (i.v) Die een wat die woorde van die profesie lees (1:3a)
- (i.vi) Die wat die woorde hoor en bewaar (1:3b)
- (i.vii) Elkeen van die sewe gemeentes van Klein-Asië (1:4a,11,20c; 2 en 3)
- (i.viii) Een soos die Seun van die mens (1:10b,11, 13-3:22).

(ii) *Ondergeskikte akteurs*

- (ii.i) Die engel van Jesus Christus (1:1b)
- (ii.ii) Vals apostels (2:2b)
- (ii.iii) Die Nikolaïete (2:6)
- (ii.iv) Lasteraars/kwaadstokers wat hulleself valslik as Jode voordoen (2:9b)
- (ii.v) Die duiwel (2:10b)
- (ii.vi) Satan (2:13a,24b)
- (ii.vii) Antipas (2:13c)
- (ii.viii) Aanhangers van die leer van Bileam-Balak (2:14)
- (ii.ix) Die vrou Isebel wat haarself 'n profetes noem (2:20-22a)
- (ii.x) Die wat met Isebel oowerspel gepleeg het en hulle nie bekeer nie (2:22b).

5.4.1.1.3 *Tyd*

Geskiedenis speel in 'n bepaalde tyd en êrens op 'n plek af, al is dit ook slegs 'n fiktiewe datum en lokaliteit wat in 'n betrokke narratief ter sprake is. 'n Verhaal het dus 'n historiese plasing in tyd en ruimte.¹⁵⁴ Aandag aan die tyd-element van die geskiedenis in

¹⁵⁴ Ten opsigte van die historiese of biografiese outeur van 'n narratief mag dit wees dat daar dikwels historiese data bekend is. Dit word normaalweg nie in 'n narratologiese lesing van 'n narratiewe teks bespreek nie, want al val die werklike outeur van vlees en bloed nie *per se* buite die gebied van die Literatuurwetenskap nie, val h/sy wel buite die veel kleiner gebied van die narratologie (Bal, 1985a:124). Dié inligting kan tog belangrik wees, veral as die skrywer 'n akteur in die geskiedenis is wat self tot 'n karakter in die verhaallaag van die narratief ontwikkel word. In verband met die outeur van Openbaring

'n historiese konteks is deel van die proses om die betekenis van 'n literatuurteks vas te stel. Dit is gewoonlik wat Bybelkommentatore met die datering van 'n Bybelboek beoog. Die historiese tyd waarin 'n teks ontstaan speel in 'n narratologiese lesing van 'n narratief egter nie 'n belangrike rol nie. Die ontstaansdatum van 'n boek/teks is 'n tekseksterne tydkonsep wat inderwaarheid nie in die narratologie verreken word nie. Die historiese tyd dui op die referensiële tyd, d.w.s. die tyd waarna die teks verwys, en dit is met betrekking tot Openbaring baie interessant omdat Johannes 'n historiese tyd sou kon aandui waarop hy die visioene ontvang het, maar visioene op sigself staan buite tyd. By die historiese plasing van 'n geskiedenis in tyd en ruimte is veral die duur van tyd in die verhalings van die geskiedenis narratologies 'n belangrike struktureringsprinsipe wat ondersoek word. Ek gee aandag aan die vasstelling van beide (*historiese data* wat beskikbaar is, sowel as *tydsduur*) in hierdie narratologiese lesing *cum* kursoriese eksegeese van die eerste verhaalsegment van Openbaring.

Op die vlak van die geskiedenis is die chronologie waarna die ontvanger/leser outomaties soek, ook ter sake. Dit pas veral ook hier by die tydsaspek op die vlak van die geskiedenis, maar aangesien ek dit reeds in 5.4.1.1.1 hierbo by die bespreking van die gebeurtenisse in die eerste segment genoegsaam verreken het, verwys ek hier slegs daarna terug.

Vanuit eksegetiese hoek benader is Openbaring se *historiese plasing* wel vasstelbaar en nodig om van kennis te neem. Die enigste historiese data wat in die boek voorkom, word in die eerste verhaalsegment gesuggereer. Die meeste interpreteerders dateer die ontstaan van die boek in die tweede helfte van die eerste eeu n.C. Die oorgrote meerderheid aanvaar die ontstaansdatum as die jaar 95 n.C. – teen die einde van Domitianus se regeringstyd as keiser (81-96; vgl. onder meer A.Y. Collins, 1984:54-83, Roloff, 1993:16-19, Hemer, 2001, MacArthur, 2006:1-2, König, 2009:58, DeSilva, 2009:37). Dié datering word onder andere deur Irenaeus ondersteun, wat in die tweede eeu n.C. die datum gestel het as die einde van die Domitiaanse era (MacArthur, 2006:1). Hy is daarin gevolg deur ander vroeë skrywers soos Clement van Aleksandrië, Origenes, Eusebius, Jerome en Victorinus (laasgenoemde het een van die vroegste kommentare oor Openbaring geskryf). Sommige meen egter dat die datum vroeër gestel moet word, naamlik nog in die tyd toe Nero keiser van die Romeinse wêreldryk was en as 'n wêreldoorheerser opgetree het.¹⁵⁵ Daarvolgens moet die ontstaan van die boek voor 68 n.C. plaasgevind het (of op die laatste voor 73, die tyd toe Jerusalem in die hande van Titus geval het). Die

word later by die bespreking van die karakters in hierdie eerste segmentele verhaal enkele tersaaklike gegewens in dié verband genoem (sien 5.4.1.2.4(i)).

¹⁵⁵ Vergelyk onder meer Gentry se uitgebreide werk oor die dateringskwessie, waarin hy argumenteer dat die ontstaansdatum voor 70 n.C. is (Gentry, 1997; vgl. ook Wilson, 1993:587-603, se argument vir 'n vroeër datering; vgl. verder vir belangrike fasette van die dateringsproblematiek ook Wilson, 2005:163-193).

datum 95 n.C. word egter in hierdie studie aanvaar as die ontstaanstyd van die boek, omdat daarvoor klaarblyklik vandag groot eenstemmigheid heers en omdat dié latere datum deur die meeste navorsers die goed beredeneerde en gemotiveerde datering is.

Die derde element van die geskiedenis, die tyd-element, het vervolgens ook met *duur* te make. Tydsduur is veral vir die narratologiese lesing van Openbaring ter sake. Die Patmos-visioen wat Johannes gesien het, het moontlik in een dag voor hom afgespeel – toe hy *ἐν πνεύματι* (in die Gees) was *ἐν τῇ κυριακῇ ἡμέρᾳ* (letterlik vertaal: *op die dag behorende aan die Here*). Dit kan aanvaar word dat dit ’n Sondag was, aangesien die dag van die Here in die tyd van Johannes se sien van die visioen reeds verstaan is as die eerste dag van die week – na aanleiding van die opstanding van Christus uit die dood op die Sondag ná Goeie Vrydag (Matt. 28:1; Mark. 16:2; Luk. 24:1; Joh. 20:1).

Daar kan egter op goeie gronde aangeneem word dat die tyd-element op die geskiedenisvlak waarskynlik langer geduur het as net die één dag toe Johannes die visioensiklus gesien het. Alhoewel dit nie direk in die teks van Openbaring so opgeteken is nie, kan daar veronderstel word dat hy die opdrag om alles wat hy gesien het op te skryf, uitgevoer het en dus wel die briewe na die sewe gemeentes uitgestuur het. Daar kan verder veronderstel word dat die opskrifstelling van alles wat hy gesien het, ’n tyd sou neem – veral as die ‘alles’ wat hy gesien het, die dinge *wat is sowel as die dinge wat gaan gebeur* (1:17), verstaan word as die totale aantal visioensiklusse wat in Openbaring ingesluit is. Daar sou ook ’n tyd kon verloop het voor die geadresseerdes die korrespondensie ontvang het en die briewe voorgelees is.

Indien die bostaande in aanmerking geneem word, kon tydsduur wat as ’n element op die geskiedenisvlak van die eerste segmentele narratief ter sprake is, dus moontlik oor meer as net die een dag van die ontvangs van die apokalips deur Johannes gestrek het. Die woorde dat hy getuig het van alles wat hy gesien het (1:2b), mag ’n verwysing wees na die visioene in al drie die verhaalsegmente. Die feit dat die sewe gemeentes (wat ook as ’n groep hoofakteurs in die eerste segment onderskei word; vgl. 5.4.1.1.2(i.vii) hierbo) die ontvangers van die briewe was, kan ’n langer tydsduur impliseer as net die ontvangs van die visioen deur Johannes. Die ontvangs en voorlesing daarvan in die gemeentes is immers beide deel van die verhaal en beide is van belang by die verdere struktuuranalise. (Laasgenoemde tydsaspekte is referensieel en verwys na ’n/die werklikheid.)

5.4.1.1.4 Plek

Die vierde en laaste element van die geskiedenis is die topologiese lokaliteit waar die geskiedenis afspeel. Die gekarteerde, fisiese, matematies-meetbare lokaliteit waar Johannes hom bevind het by die ontvangs van die brief-visioensiklus, word deur hom in

1:9b aangegee as *ἐν τῇ νήσῳ τῇ καλουμένῃ Πάτμῳ* (op die eiland wat Patmos genoem word). Die eiland is dus die direkte plekplasing van die eerste segmentele narratief van Openbaring.

Sewe ander lokaliteite (wat elkeen vandag sy eie opspoorbare koördinaat het) neem egter ook 'n belangrike plek in Openbaring in. Die openbaring van Jesus Christus het deur Johannes van Patmos af deur middel van briewe uitgegaan na Klein-Asië. Ook die geografiese stede Efese, Smirna, Pergamum, Thiatira, Sardis, Filadelfia en Laodisea is dus geografiese lokaliteite (korrespondensie-adresse vir ontvangs van die openbaring) wat in die eerste segment van Openbaring prominent teenwoordig is. Die sewetal stede is 'n element wat ('elementêr') deel van die primêre geskiedenis is.

5.4.1.2 Die vlak van die verhaal (*sjuzet, plot, discours, fabel*)

Wanneer die geskiedenis-elemente tot 'n verhaal georden word, kom die *aspekte* van die narratief (naamlik volgorde, ritme, frekwensie, karakters, ruimte en fokalisasie) aan die lig en moet die ses aspekte in die analise van die verhalende teks aan die orde kom.¹⁵⁶ Die eerste drie van die ses verhaalaspekte is al drie tydsaspekte.¹⁵⁷ Agtereenvolgens gee ek nou aandag aan die ses aspekte op die verhaalvlak van die eerste segmentele narratief van Openbaring, beginnende by die volgorde waarin gebeurtenisse in die verhaal georden is as die eerste rigtingwyser na die effek wat in en met die verhaal beoog word.

5.4.1.2.1 Volgorde

Verandering van die geskiedenis-volgorde in die sogenaamde storielyn (wat in 5.4.1.1.1 hierbo volgens logika en 'chrono-logika' uitgeskryf is) plaas aandag en aksent op bepaalde sake. Vir die ontdekking van die besondere aksentuering van die verhaal (hervertelling) van die eerste segmentele narratief in Openbaring is die aangewese beginpunt om die *kernmomente* in die verhaalorde te identifiseer. Die kernegebeure wat uit die brief-visioensiklus kristalliseer en wat die verhaallyn van hierdie eerste verhaalsegment vorm, kan soos volg opgesom word:

¹⁵⁶ Ek beklemtoon by herhaling dat op die verhaalvlak nie met ànder materiaal gewerk word nie; dit is dieselfde basiese materiaal van die geskiedenis, maar anders georden en aangebied as wat dit in 'n rekonstruksie van die geskiedenis gedoen word. Wanneer die geskiedenis deur sodanige bewerking van die *elemente* op die vlak van die verhaal tot verhaalmatige *aspekte* georganiseer word, word die leser van die teks deur die bewerking na 'n beoogde effek gelei, en dit is waarom dit gaan. Dit is veral in die analise van Openbaring van kardinale belang dat dit in gedagte gehou sal word. Daarsonder sal 'n narratologiese lesing 'n betekenislose oefening wees wat geen bydrae tot die analise en interpretasie van hierdie soms enigmatiese teks lewer nie. Die enigma kan juis deur noukeurige verhaalanalise oorkom word.

¹⁵⁷ Die tydsaspekte het te make met die komplisering van die referensiële tydsproblematiek. Op dié vlak is nie slegs historiese referensie of chronologie ter sprake nie, maar komplekse temporele verhoudinge.

Een soos die Seun van die mens het aan Johannes verskyn en vir hom die openbaring van wat alles gou/binnekort moet gebeur, ontsluit. Hy gee aan hom die opdrag om wat hy gesien het, in 'n boek op te skryf en aan sewe gemeentes te stuur. Hy dikteer vir Johannes ook die inhoud van elke brief wat aan die engel of leraar van elke gemeente gestuur moet word. Wie die woorde van die boek-in-briefvorm lees, en elkeen wat dit hoor en ter harte neem, word geluksalig/geseënd verklaar.

In bostaande kernegebeure val die klem op dit wat in die hede van die verhaal (met ander woorde op Patmos ten tye van Johannes se verblyf aldaar) gebeur het. Wie die openbaring openbaar, is vir die verhaal 'n kardinale gegewe: dit kom van Iemand soos die Seun van die mens wat aan Johannes verskyn het. Sy voorkoms en sy opdraggewing word in besonderhede beskryf.

Die aanvanklike oorsprong of herkoms van die apokalips, naamlik dat God dit aan Jesus Christus gegee het (1:1a), is hier dus nie 'n kernegebeurtenis nie en word slegs by wyse van 'n terugverwysing ('n *analepsis*; Bal se *retroversie*) kwalifiserend vermeld. Wat Jesus Christus reeds gedoen het – naamlik dat Hy as die eerste uit die dood opgestaan het (1:5a) en dat Hy *ons* (Johannes en die ontvangers van die openbaring tot wie hy hom rig) van ons sondes gewas het (1:5b) – is opsigtelik ook slegs *Vorzeithandlungen* (vgl. vir dié term: Lämmert 1968:44-45) en lê tydsgewys terugwaarts (gesien vanuit die verhaal se hede). Ook dit is nie kernhandelinge op die verhaalvlak van die eerste segmentele narratief nie, al is dit kernmomente in die chronologiese orde van die geskiedenis. Verder is *wat gou of binnekort moet gebeur* (1:1b) in hierdie stadium in die eerste visioensiklus nog ongedefinieerde toekomsgebeure, waarna eweneens slegs verwys word – dit is dus 'n *proleptiese* aanwysing. Dit is ook van toepassing op die verwysing in 1:7 na sy koms met die wolke wanneer elke oog Hom sal sien (*prolepsis*), ook dié wat Hom deurboor het (*analepsis*).

Die verskyning van Jesus Christus in die gestalte van Iemand soos die Seun van die mens, en sy opdrag aan Johannes om op te teken wat Hy vir hom dikteer en om dit te stuur na die sewe gemeentes, is die *Gegenwartshandlungen* in die verhaal-hede van die eerste segmentele narratief. Dié handelinge is juis so verhaal dat die analeptiese en proleptiese verwysings die erns van die saak waaroor dit in die eerste segment gaan, ondersteun, in konteks plaas en skerp in fokus bring.

Daarna volg nog kernegebeure, maar dit word eers in die tweede en derde segmentele narratiewe verhaal. Intussen is die doel van die kernmomente op die vlak van die verhaal dat daar gefokus sal word op wat die inhoud is van wat Johannes gesien het. Die wat

fokus op die openbaring deur dit te lees, te hoor en te bewaar, word geseënd verklaar deur God en is wesenlik inbegrepe in die sentrumgebeure van die verhaal.

Gevolgtrekking in verband met die spesifieke aksent wat deur *volgorde* as 'n struktureringsprinsipe op die vlak van die verhaal in die eerste segment gelê word:

Die chronologie-element van die geskiedenis is so georden dat die volgorde-aspek op die verhaalvlak deur middel van analeptiese en proleptiese verwysings die erns van die hede beklemtoon: dit plaas die fokus op die inhoud van wat Johannes gesien het, sodat die leser(s), hoorders en ontvangers daarvan dit op sterkte van wat in die verlede gebeur het en van wat in die eindtyd (wat naby is) moet gebeur, in die hede van hulle omstandighede dringend ter harte sal neem en salig of geseënd verklaar kan word.

5.4.1.2.2 *Ritme*

Die ritme van 'n vertelling (dit is die afwisseling in verteltempo) word selfs as die belangrikste kenmerk van die narratief-genre gesien. Dit gaan oor die presentasiesnelheid van die verhaal. Watter rol speel vertelritme as 'n strukturele aspek in die eerste segmentele narratief van Openbaring?

Dié herverteiling van die koms van die koninkryk in die verhaal van Jesus Christus (die koms wat in sy konsekwensies verder realiseer te midde van die spanning van die eindverwagting) bevat duidelike tempowisselinge. Die beskrywing van die dinamiese kernmomente in die gebeurtenisse-reeks word plek-plek onderbreek deur die invulling van noodsaaklike inligting. Die uitbreidende beskrywings is paradigmatisies van aard, maar die inligting daarin vervat is ook baie belangrik vir die voortgang van die narratief.

Die belangrikste afwisseling in die presentasiesnelheid van die verhaal wat uitgelig kan word, is die verhaling van die visioen wat die verteller gesien het toe hy in die Gees was daardie betrokke Sondag op Patmos. Die vertelling van die dramatiese gebeure op die Middellandse See-eiland se verdere voortgang word ná die dramatiese gebeurtenis van die sonore 'knalklank' van 'n stem wat gehoor word, eers effektief vertraag. Deur die detail-beskrywing van die voorkoms van die Seun van die mens wat aan die verteller verskyn het, word daar 'n *Dehnung* in die verteltempo ingevoer. Die stem so hard soos 'n trompet wat agter hom gebasuin het, is 'n spanningwekkende, beslissende en koersgewende wending in die ontvouing van die verhaal. Juis op hierdie besondere moment word die stem vir eers nie verder verklaar nie. Die opdrag wat deur die stem aan die een wat die visioen ontvang, gegee word, word nou eers in besonderhede vermeld: hy moet in 'n boek opskryf wat hy sien, en dan word elkeen van die sewe gemeentes eers sorgvuldig by die naam genoem (1:11). Johannes draai om (1:12a) om te sien wie dit is wat

met hom gepraat het, en dan volg die detailbeskrywing van die Een soos die Seun van die mens se voorkoms (1:12b-16). Dit verhoog die spanning wat reeds daar is. En dit laai nòg verder op deur die verteller se vermelding van sy verbystering en sy *so-goed-as-dood*-neerval aan die voete van die 'Iemand' (1:17:a). Eers daarna kom die ontknoping as die Een Homself identifiseer (1:17b-18), weer die opskryf-opdrag gee (1:19) en die besonderhede van die visioen vir Johannes verklaar (1:20).¹⁵⁸

Gevolgtrekking in verband met die spesifieke aksent wat deur *vertelritme* as 'n struktureeringsprinsipe op die vlak van die verhaal in die eerste segment gelê word:

Die primêre geskiedenis word op so 'n wyse tot 'n narratief georden dat die vertelritme-aspek op die verhaalvlak deur opbou van spanning die fokus plaas op die kragtige inhoud van die visioen deur die Een wat dit gee, nie net Wie Hy is nie, maar wat Hy in sy heerlike en majestieuse verskyning geskryf wil hê. Die *Dehnung*-tegniek as 'n struktureeringsprinsipe is dus effektief ingespan: dit werk hier inderdaad soos 'n vergrootglas.

5.4.1.2.3 *Frekwensie*

Die eerste segmentele narratief bevat egte herhaling as 'n vorm van frekwensie (egte herhaling in onderskeiding van enkelvoudige of iteratiewe aanbieding).

In die voorwoord van die boek Openbaring word melding daarvan gemaak dat Jesus Christus sy openbaring¹⁵⁹ aan Johannes bekend gemaak het (1:1b). In die Patmos-visioen word die feit van die bekendmaking van die openbaring herhaal – dié keer met 'n gedetailleerde beskrywing van die inhoud van wat geopenbaar word (1:12 tot 3:22). Dit is 'n noodsaaklike herhaling. Die vermelding van die gebeurtenis het in die twee gevalle verskillende funksies: in die eerste vermelding (1:1b) word meegedeel dat Johannes van Jesus Christus die openbaring van wat gou moet gebeur ontvang het, terwyl die tweede vermelding (1:12 tot 3:22) die 'wat' van die openbaring in meer detail bevat (dus weer dāt hy dit ontvang het, maar nou ook wāt die openbaring presies is).

¹⁵⁸ Volgens die beste teksgetuïenis bevat 1:11 nie die woorde *Ἐγὼ εἰμι τὸ ἄλφα καὶ τὸ ὦ, ὁ πρῶτος καὶ ὁ ἔσχατος* (*Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde*) nie (vgl. die 1933/'53-Afrikaanse vertaling wat die woorde wel vertaald invoeg). Die Een soos die Seun van die mens identifiseer Homself dus eers by die tweede opdraggewing aan Johannes om alles wat hy gesien het, op te skryf, die dinge *wat nou daar is en wat hierna gaan gebeur* (1:19). Die Selfidentifikasie het nie plaasgevind in die stadium toe Johannes volgens 1:11 die opdrag nog net van die ongeïdentifiseerde stem gehoor het nie. Dit is juis waardeur die spanning opgebou het.

¹⁵⁹ Vergelyk weer die verklaring van die 'dubbele' genitief in die woorde *ἀποκάλυψις Ἰησοῦ Χριστοῦ* in 5.1.2.

Verder is die gemeenskaplike vaste vorm van die sewe briefboodskappe ook 'n vorm van herhaling. Dit is egter nie in die eerste plek die herhaling van 'n gebeurtenis nie, alhoewel die skryf vir elke gemeente by die naam om te rapporteer wat gesien is, 'n sewevoudige ontvangssituasie oproep. Dié frekwensie kan *strukturele* herhaling genoem word: elk van die sewe briewe is in vaste, frekwentatiewe vorm geskryf. Dit kan in die opboupatroon in elke briefboodskap aangedui word, soos dit uit die onderstaande uiteensetting duidelik word.

Elke brief bevat eerstens 'n inleidingsformule, in die tweede plek die brieffliggaam of briefboodskap wat relevant van toepassing is op elke individuele gemeente in haar besondere omstandighede (maar steeds van brief tot brief in 'n vaste patroon georden), en laastens 'n vaste afsluitingsformule wat inhoudelik varieer na gelang van die gemeente, maar 'n sterk strukturele herhalingspatroon vertoon.

- *'n Inleidende gedeelte*

- Die Een soos die Seun van die mens dikteer die adres: *τῷ ἀγγέλῳ τῆς ἐκκλησίας ἐν...* (aan die engel/boodsAPPER van die gemeente in...), gevolg deur die naam van die stad waar die gemeente geleë is (2:1a,8a,12a,18a; 3:1a,7a,14a).

- Daarna volg 'n aspek van die Een soos die Seun van die mens se voorkoms soos Hy in die voorafgaande gedeelte van die visoen (1:13-20) beskryf is (2:1b,8b,12b,18b; 3:1b,7b,14b). Hy is die *Primus Auctor* in die skryf van elke brief deur Johannes.

- *Liggaam van die brief*

- 'n Tipering deur die Briefdikteerder van die stand van sake in die gemeente. Die sterk- en/of swakpunte word uitgespel (2:2-4,6,9,13-15, 19-23; 3:1c,4,8-10,15-17).

- Raad/advies, vermaning tot bekering en/of bemoediging in die lig van die situasie in die gemeente (2:5,10,16,24; 3:2-3,11a,18-19).

- *Briefafsluiting*

- 'n Oproep om te luister wat die Gees aan die gemeentes sê (2:7a,11a,17a, 29; 3:6,13,22).

- 'n Belofte in verband met een of ander faset van die ewige lewe en saligheid aan elkeen wat die oorwinning behaal (2:7b,11b,17b,26-28; 3:5,12,21).

Daar is dus 'n frekwentatiewe strukturele patroonmatigheid in die briewe.

Gevolgtrekking in verband met die spesifieke aksent wat deur *frekwensie* as 'n strukture-ringsprinsipe op die vlak van die verhaal in die eerste segment gelê word:

Die geskiedenis-elemente word so georden dat die verhaaltipiese aspek van frekwensie op die tweede verhaalvlak 'n uitbreidende en gelyktydig aksentuerende funksie vervul. Dit versterk en bevestig as derde tydsaspek die aksente wat in die volgorde- en ritme-aspekte (onderskeidelik 5.4.1.2.1 en 5.4.1.2.2 hierbo) waargeneem is.

5.4.1.2.4 *Van akteurs na personages (karakters)*

In die narratologiese lesing van die eerste verhaalsegment van die laaste Bybelboek kom die belangrike aspek van karakterisering nou aan die orde. Die akteurs op die vlak van die geskiedenis word op die vlak van die verhaal in hulle onderlinge verhoudings en elkeen in sy of haar verhouding tot die gebeurtenisse van die verhaal bepaal. Die 'algemene' *dramatis personae* wat in 5.4.1.1.2 onderskei is as hoof- en ondergeskikte akteurs van die geskiedenislaag, word nou verbesonder tot karakters. Uitbeelding geskied deur beskrywing en handeling, soos gesien deur die vertelinstansie en deur ander karakters (onderskeidelik direkte en indirekte uitbeelding). Deur in te gaan op die uitbeelding van die akteurs tree hulle in die ondersoek na vore as bepaalde groepe, *aktante* genoem (Greimas, 1971:159-180, die in-gebruiksteller van die term *aktante*, bespreek aktante nie by die verhaal nie, maar wel op die vlak van die geskiedenis). Minstens twee groepe kan onderskei word.

(i) *Hoofakteurs van die geskiedenis opgebou tot hoofkarakters in die verhaal*

By die onderskeiding van die akteurs op die vlak van die geskiedenis is agt hoofakteurs geïdentifiseer (vgl. 5.4.1.1.2), naamlik: God (Op. 1:1a,2a,4b,6a,8,9c,10a; 3:2b,12a,14c,21b), Jesus Christus (1:1b,2b,5-7,9a), Een soos die Seun van die mens (1:10b,11,13-3:22), die Gees (1:4c,10; 2:7a,11a,17a,29; 3:6,13,22), Johannes (1:b-2,4a[-8],9-10,12[-3:22]; 2:17), die een wat die woorde van die profesie lees (1:3a), die wat die woorde hoor en bewaar (1:3b), en elkeen van die sewe gemeentes van Klein-Asië (1:4a,11,20c; 2:1-7,8-11,12-17,18-29; 3:1-6,7-13,14-22).

Bogenoemde agt kan goedsikks tot ses gereduseer word, aangesien dit uit die bestudering van die karakters op die vlak van die verhaal ooglopend duidelik is dat Jesus Christus en die Een soos die Seun van die mens dieselfde karakter is met onderskeibare, unieke trekke. Die wat die woorde hoor en bewaar is klaarblyklik in die eerste plek die sewe gemeentes van Klein-Asië. Hulle kan eweneens in die ondersoek as een groep saamgelees word.

Daar word nou agtereenvolgend nagegaan hoe elk van die ses hoofakteurs in die geskiedenis deur beskrywing en uitbeelding tot hoofkarakters in die verhaal opgebou is.

- *God*

Alhoewel *ὁ θεός* (*God*) aan die begin van die eerste segmentele narratief as die primêre Bron en Subjek van die openbaring gesuggereer word deurdat Hy genoem word as die Een wat die apokalips aan Jesus Christus gegee het, word dit in Op. 1:1a slegs by wyse van 'n terugverwysing (n analepsis, of deur middel van retroversie) vermeld. Dit is *Vorzeithandlungen* (vgl. 5.4.1.2.1) en nie 'n kerngebeurtenis (*kernel*) van en in die verhaal nie. Dit karakteriseer Hom ook nie vanselfsprekend as 'n hoofkarakter in die verhaal nie. Tog is die vermelding betekenisvol deel van die verhaal se karakterisering van God. In dieselfde kategorie val ook die karakteriserende gegewens wat spreek uit die uitdrukking *Woord van God* in 1:2a en 9c; uit die verwysing na Hom as *God en Vader* van Jesus Christus in 1:6a; uit die begrip *dag van die Here* in 1:10a; uit die woorde *jou werke nie volkome voor God* in 3:2b en *tempel van my God* in 3:12a; ook uit die karaktertrek wat uitgedruk is in die verhouding waarin Jesus tot Hom staan in die sinsnede dat God *deur Hom* (Jesus) *alles geskep het* in 3:14c; laastens uit wat bekend word van God se karakter uit die Briefdikteerder wat melding maak van *my Vader op sy troon* in 3:21b.

In Openbaring 1:4b en 8 word 'n baie belangrike karaktertrek van God *direk* uitgespel. God word geteken in die verhouding waarin Hy tot tyd staan: *ὁ ὢν καὶ ὁ ἦν καὶ ὁ ἐρχόμενος* (*die Een wat is en wat was en wat kom*). Dit is 'n formulering wat narratiewe tyd transendeer. Hierdie woorde is in 1:4b vervat in die aanhef of groetseën van die brief wat Johannes aan die sewe gemeentes in die provinsie Asië skryf. Die woorde is in wese ook 'n liturgiese formule, wat die gedagte versterk dat Openbaring in 'n liturgiese konteks ontvang is (vgl. vroeër in 4.2.1.2.2 die bespreking van die liturgiese ontvangskonteks van Openbaring).¹⁶⁰

¹⁶⁰ Een van die werkwoorde in die saligspreekings van 1:3a is *ἀναγινώσκων* (*lees*, in die teenwoordige deelwoord-vorm soos dit hier uitgedruk is, letterlik *die een wat lesende is*). Dit is in 1:3a waarskynlik gebruik in verband met een wat die brief/apokalips in 'n samekoms van die gemeente voorgelees het.

Dié formule is integraal deel van 'n proto-trinitariese konfigurasie (Barr, 1998:30-31; Brighton, 1999:39-43; Brighton, 2008:292-297, praat van 'n christologiese trinitariese teologie in die boek): God, die Gees en Jesus Christus (1:4b-5b). Die eerste verwysing na God in hierdie frase (*ὁ ὢν*; *die Een wat is*) herinner aan die Naam wat God van Homself gegee het toe Moses Hom na sy Naam gevra het (ten einde die Israeliete te kan antwoord as hulle wil weet wat is die Naam van Hom wat hom – Moses – na hulle gestuur het, Eks. 3:13b). God maak dan sy Eienaam (in onderskeiding van sy soortnaam *God*) aan Moses bekend: “*Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: ‘Ek is’ het my na julle toe gestuur...[D]it is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeroep moet word van geslag tot geslag*” (Eks. 3:14-15). In die Grieks-Romeinse konstellasië waarin Openbaring geskryf is, was dit algemene gebruik om na God te verwys as *ὁ ὢν*, wat ook as *Die Wese* verstaan kon word. Die byvoeging van die tweede verwysing na God in hierdie frase (*ὁ ἔρχων*, *die Een wat was*) lei tot die verwagting dat Hy logies ook *die Een wat sal wees* behoort te wees. Dit sou ook in die kultuurhistoriese konteks waarin die sewe gemeentes geleef het, die verwagting wees. Daar kan byvoorbeeld verwys word na Pausanius (10.12.5) wat geskryf het: “*Zeus was, Zeus is, Zeus sal wees*” (vgl. Barr, 1998:188). Die derde verwysing na God in hierdie frase in Openbaring is egter verrassend nie in 'n toekomstige tydvorm (*futurum*) uitgedruk nie; *ὁ ἐρχόμενος* is 'n teenwoordige deelwoord en moet letterlik vertaal word met *die Een wat komende is* of *aan die kom is*. Die klem val deur hierdie werkwoordvorm daarop dat God bo die tyd verhewe is. Dit is 'n besondere karaktertrek van Hom wat hiermee geteken word. Barr merk hierby op:

It is important for understanding the temporal point of view of this story to understand that one of its characters knows no future. Instead, God is said to be the One Coming; such coming will be a major motif of the story. Thus the human characters, including the implied audience, may approach a future, but only to find God already there, coming to meet them. (Barr, 1998:31; vgl. ook Witherington, 2003:75.)

Die eienskap of attribuut van God dat Hy nie in die terme en begrippe van tyd vasgevang is nie, het tot gevolg dat hulle wat die woorde van die profesie hoor en dit ter harte neem, geseënd is (1:3). Sy ‘komende-wees’ bring (reeds en steeds in die teenwoordige tyd en in elke tyd) vir hulle 'n onvervreembare erfenis van heil en seën. Dit kan by hulle as karakters wat die openbaring ontvang, vertrou in hierdie Hoofkarakter wek. God wat terug in die tyd en te alle tye (àl-tyd) die *Ek is is*, mag stabiliteit in die hand werk wanneer hulle alles (ook die skrikwekkende) wat geopenbaar word, deur die oë van die visioenopskrywer en briefneerskrywer sien.

Die kragtige onderskeidende kenmerk van die *Ek is*-karakter is les bes nie net 'n karakterisering deur Johannes in 'n bekende groetseën nie. Dit staan vas dat Hy so is soos Johannes dit in die seën uitgedruk het, omdat God ook – en in die eerste plek Hý – dit verklaar het: vroeër aan Moses én aan die ontvangers van die *Openbaring*-openbaring. In 1:8 is Hyself aan die woord as Hy uitdruklik sê *Ἐγώ εἰμι* (*Ek is*) die Een wat is en wat was en wat aan die kom is. Hy versterk sy eie karakterisering deur daaraan toe te voeg: *Ἐγώ εἰμι τὸ ἄλφα καὶ τὸ ὦ* (*Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde*).¹⁶¹ En die outeur sê dit is niemand minder nie as *κύριος ὁ θεός...ὁ παντοκράτωρ* (*die Here God...die Almagtige*) wat dit sê. Dit is 'n verdere uitbouing van die karakter: Hy is ook Here (Besitter) en Almagtige.

In bostaande twee tekenende en betekenisvolle verse (1:4b en 8) van die eerste segmentele narratief in die openingshoofstuk van *Openbaring* is die goddelike attribute *ewig* en *almag* in die Karakter *ὁ θεός* gekenskets. Dit is karaktertrekke wat in die verloop van die verhaal deur Johannes en deur God self op die voorgrond gebring word. Al die ander verwysings na God (1:1a,2a,6a,9c,10a; 3:2b,12a,14c,21b) komplementeer dié Karakterbeeld (*komplementeer* hier gebruik in die betekenis van *uitbouend* en *toevoegend*, en nie in sy wortelbetekenis van *voltooi* of *kompleetmaak* nie – dit is 'n ewige onmoontlikheid!).

▪ *Jesus Christus, Iemand soos die Seun van die mens*

Die karakterisering en optrede-beskrywing van die derde Figurant in die liturgiese seënformule met sy proto-trinitariese konfigurasie (1:4b-5b), Jesus Christus, oorheers as't ware die hele eerste verhaalsegment (1:1-3:22). Dit korrespondeer met die belangrike plek wat Hy volgens 1:1a inneem ten opsigte van alles wat in die boek opgeteken is. Dit is inderdaad die *apokalips van Jesus Christus* (vgl. weer die verklaring by 5.1.2 van die genitief-naamval in hierdie frase). Hy is die inhoud van die openbaring, maar ook meer as dit: Hy is die Subjek in die openbaring.

Jesus Christus word in die groetseën in 1:5a onmiddellik gekarakteriseer as *geloofwaardige getuie* en *heerser* oor alle aardse konings. Tussen hierdie twee tekenende uitsprake oor sy aard en deugde word die begronding daarvan gegee in

¹⁶¹ Die woorde *ἀρχὴ καὶ τέλος* of *ἡ ἀρχὴ καὶ τὸ τέλος* (*begin en einde* of *die begin en die einde*) is variante tekslesings van 1:8 wat aangedui word. Die 1933/53-Afrikaanse vertaling volg laasgenoemde lesing. Die beste tekstgetuie laat egter die woorde heeltemal weg. In 1:17c, midde-in die visioen waarin die Een soos die Seun van die mens verskyn, noem Hý Homself wel *ὁ πρῶτος καὶ ὁ ἔσχατος* (*die Eerste en die Laaste*), maar ook dit verskil van hoe God Homself in 1:8 karakteriseer.

die historiese feit wat gekonstateer word: Hy is die Eerste wat uit die dood opgestaan het. Dit word in 1:5b-6 ná die groetseën verder uitgebrei in 'n doksologie wat aan Hom opgedra word: aan Hom kom toe of behoort die heerlijkheid en krag tot in alle ewigheid. Dit word in analeptiese stelwyse teruggevoer na sy liefde wat konkreet uitdrukking gevind het in sy verlossende daad van bloedstorting vir ons sondes, waardeur Hy ons sy koninkryk gemaak het, priesters vir God sy Vader. In 1:7 is daar nòg uitbreiding: dat Hy met die wolke kom, dat elke oog Hom sal sien (prolepsis), ook dié wat Hom deurboor het (analepsis). Dit steun op die onderliggende narratief van die evangelieverhaal (vgl. 5.3.2).

In die eerste gedeelte van die visioen waarin Iemand soos die Seun van die mens aan Johannes op Patmos verskyn het, word dié Karakter se voorkoms in besonderhede beskryf en verklaar (1:12-20). Dit verteenwoordig verskillende karaktertrekke wat terugslaan op 'n verskeidenheid Ou-Testamentiese motiewe en beelde.¹⁶² By die ontvangers van die apokalips roep dit waarskynlik herinneringe en assosiasies aan sowel priesterskap as koningskap op (Keener, 2000:95). Daardeur word hulle bewus van ooreenkomste tussen die Seun van die mens en bepaalde simbole uit die Ou Testament. Dié motiewe is dus bydraend tot hulle verstaan van die karakterontwikkeling van die Seun van die mens in 1:12-20.

Die insident van die optrede/neerval van die verteller aan die voete van die Een soos die Seun van die mens wat in 1:17a verhaal word, openbaar op sigself ook iets van die karaktersamestelling van Hom wat in die visioen verskyn. Die eerste-persoonsverteller is onder die indruk van die Een wat aan hom verskyn se majesteit en aanbiddelike voorkoms. Hy is in verbystering as't ware oorweldig deur sy teenwoordigheid. Die Een soos die Seun van die mens is vir hom sonder twyfel 'n goddelike wese.

Dit is egter eers in die sewe briefboodskappe dat die karakterisering van die Iemand *Ἰούιον υἱὸν ἀνθρώπου* (soos die Seun van die mens) werklik plaasvind. In elke briefaanhef keer 'n faset van sy voorkoms terug (2:1b,8b,12b,18b; 3:1b,7b en 14b; vgl. ook weer in 5.4.1.2.3 die bespreking van die frekwensie-aspek op die verhaalvlak). Binne die konteks van die stand van sake in elke gemeente word 'n karakterbeeld van Jesus Christus, die Een soos die Seun van die mens, uitgebou. Gesien vanuit die heersende tendense in die verskillende gemeentes, hulle plasing in hulle omgewing, hulle styl van lewe, hulle sterkpunte

¹⁶² Voorbeelde: vergelyk Eks. 25:37 met die sewe goue kandelaars of staanlampe van Op. 1:12 en 20; vergelyk Dan. 10:5-6, Eseg. 1:7,24 en 43:2 met die voorkoms van die Seun van die mens in Op. 1:13-15; vergelyk Jes. 41:4 met die *Eerste en Laaste* in Op. 1:17c. Die *Seun van die mens* se verskyning in 'n lang kleed en met 'n goue gordel laat dink aan die hoëpriester (Eks. 28:4, 39:29; Lev. 8:7; Keener, 2000:94-95; Caird, 1966:25).

en hulle swakpunte, tree Hy konkreet na vore in die gestalte van een of ander van die aspekte wat in 1:12-20 geteken is. So word voorkomselemente in die geskiedenislaag ontwikkel tot karaktertrekke op die vlak van die verhaal.

Die onderstaande tipering van die omstandighede en die toedrag van sake binne elkeen van die sewe gemeentes toon hoe effektief die aangehaalde eienskap van die Een soos die Seun van die mens in elke briefboodskap bydra tot die karakterbeeld wat van Hom opgebou word.

◊ *Efese (2:1-7)*

◦ *Tipering van die stand van sake in die gemeente*

In die Efese-brief is daar blyke dat die gemeente arbeidsaam was en prys gestel het op suiwerheid (2:2-3), maar dat hulle hulle aanvanklike liefde vir die Hoof van die kerk verlaat het (2:4). Dit tas hulle kerkwees aan en bedreig hulle voortbestaan as kerk. 'n Kerk mag moontlik in alles suiwer probeer optree, maar 'n kerk sonder opregte liefde vir Hom deur Wie sy bestaan, se kandelaarfunksie kom in die gedrang. As die lewenspatroon van 'n kerk so ontwikkel dat dit nie meer in die wêreld waar sy kandelaar moet wees, uit haar eerste liefde lewe nie, is sy nie in staat om die liefde van haar Here af te glans en uit te kaats nie.

◦ *Karaktertrek van die Een soos die Seun van die mens geopenbaar in en aan Efese*

Hy hou die sewe sterre in sy hand en gaan tussen die sewe goue lampe of sewe kandelaars rond (vgl. 2:1b met 1:12-13a,20) – ook deur 'n gemeente wat druk doenig is, maar Hom klaarblyklik verlaat het. Hy staan sy eiendomsreg op haar nie sonder meer af nie, maar roep haar terug. Hy bly Here oor die kerk wat Hom liefhet.

◊ *Smirna (2:8-11)*

◦ *Tipering van die stand van sake in die gemeente*

Smirna is 'n arm gemeente wat deur die dood bedreig word. Van haar word geen swakpunt in die brief genoem nie. Sy word slegs aangeprys omdat sy weerstand gebied het teen valse skyn-Jode, terwyl sy verder bemoedig word om te midde van vervolging en beproewing wat wag, tot die dood toe getrou te bly.

- *Karakertrek van die Een soos die Seun van die mens geopenbaar in en aan Smirna*

Aan die gemeente wat deur armoede en dood bedreig word, verskyn Hy as die Eerste en Laaste en Lewende, wat dood was en weer lewe (vgl. 2:8b met 1:17b-18). Jesus Christus kom tot hulle as die Een wat oorwinnend deur die dood heen gegaan het. In Hòm is hulle ryk – tot in die dood.

◇ *Pergamum (2:12-17)*

- *Tipering van die stand van sake in die gemeente*

Die Christene van Pergamum, wat blykbaar in 'n gevaarsone geleef het (“*daar waar die troon van Satan is*”), het nogtans getrou aan Christus gebly (2:13). Selfs toe iemand uit hulle midde (Antipas) gedood is, het hulle aan sy Naam bly vashou. Tog was daar mense wat valse leer begin aanhang het (2:14). Die gemeente het die gevaar geloop dat hierdie leer deur hulle geassimileer word.

- *Karakertrek van die Een soos die Seun van die mens geopenbaar in en aan Pergamum*

Aan hierdie gemeente in die gevaarsone openbaar Christus sy karaktertrek wat uitgedruk word in die metafoor van 'n skerp twee-snydende swaard wat uit sy mond uitgaan (vgl. 2:12b met 1:16b). In so 'n gevaarsituasie is Hy onverbiddelik skerp om leuen en valsheid te beveg (dit met die swaard uit sy mond ‘weg te kap’). Hy duld nie valse leer nie.

◇ *Tiatira (2:18-29)*

- *Tipering van die stand van sake in die gemeente*

Anders as die Efese-gemeente wie se aanvanklike liefde algaande verflou het, het die Tiatira-kerk algaande meer gedoen as aan die begin. Tog loop ook hulle gevaar om deur valse profesie geïnfiltreer te word (2:20-23; vgl. die ooreenkoms – wat dit betref – met die toestande in Pergamum).

- *Karakertrek van die Een soos die Seun van die mens geopenbaar in en aan Tiatira*

Hy verskyn aan hierdie gemeente in die gestalte van die Seun van God met vuurvlammende oë en gloeiende geelkoper-voete (vgl. 2:18b met 1:14b-15). Niks ontgaan sy blik nie – Hy is die Alsiende wat mense se gedagtes en begeertes deurgrond; Hy is die Heilige wat fors en vas van voet is.

◇ *Sardis (3:1-6)*

- *Tipering van die stand van sake in die gemeente*

Sardis het die naam dat sy lewe, maar is inderwaarheid dood (3:1c). Sy pretendeer dus om iets anders te wees as wat inherent van haar waar is. Sy ‘leef’ in selfvoldaanheid, maar sodanige ‘lewe’ is gelyk aan nie-lewe, aan skyn, en dit is so goed as dood.

- *Karakertrek van die Een soos die Seun van die mens geopenbaar in en aan Sardis*

Aan die skyn-lewende, dooie gemeente stel Christus Homself voor as die Een wat die sewe Geeste van God het (vgl. 3:1b met 1:4b) en wat ook die sewe gemeentes se leraars/engele het (in sy hand hou, soos ook in sy Selfbekendstelling aan Efese, 2:1b; vgl. 3:1b met 1:16a,20). Saam met hierdie trekke en uit die belofte dat wie oorwin, wit klere dra en dié se naam onuitwisbaar in die boek van die lewe staan, is dit duidelik dat die karaktertrek van Hom aan en in Sardis is: suiwerheid/egtheid impliseer die lewe by Hom; valsheid is die dood sonder Hom.

◇ *Filadelfia (3:7-13)*

- *Tipering van die stand van sake in die gemeente*

In die Filadelfia-briefboodskap word die Christene bemoedig in omstandighede van vervolging en beproewing. Uit 3:9 kan afgelei word dat hulle verketter en uitgesluit is deur mense wat voorgegee het dat hulle Jode is, maar gelieg het. Hulle word deur Christus die sinagoge van die Satan genoem. Te midde van hierdie venynige vervolging het die gemeente vasgehou aan die woord van die volharding in lyding van

hulle Here. Dit is die deur wat Hy vir hulle oopgesluit het (toe ander hulle uitgesluit het). Hulle sal daarom ook vorentoe in groot beproewinge wat die hele wêreld sal toets, op grond van sy magswoord vasgehou word. Hulle is deur Christus in-gesluit, en word uiteindelik pilare in die tempel van God.

- *Karaktertrek van die Een soos die Seun van die mens geopenbaar in en aan Filadelfia*

Die Een soos die Seun van die mens karakteriseer Homself as die Heilige en die Ware/Waaragtige. Hy dra die sleutel van Dawid om oop te sluit en toe te sluit, 'n handeling waaruit sy mag en gesag blyk as die Een wat in die koninkryk insluit of daarvan uitsluit (vgl. 3:7b met 1:18b).

◇ *Laodisea (3:14-22)*

- *Tipering van die stand van sake in die gemeente*

Die gemeente in die ryk, welvarende stad Laodesea was selfvoldaan: “*Ons is ryk, skatryk, en het niks meer nodig nie*” (3:17a). Die teendeel was egter waar: hulle weet nie dat hulle ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie (3:17b), en dat hulle Christus ten opsigte van alles nodig het. Dit herinner aan die pretensieuse naam wat Sardis gedra het, naamlik dat hulle lewe terwyl hulle eintlik dood is.

- *Karaktertrek van die Een soos die Seun van die mens geopenbaar in en aan Laodisea*

Aan die eiewaan-selfstandige en -onafhanklike Laodisea openbaar Christus Homself as die *Amen*, die geloofwaardige getuie, die begin van die skepping van God (vgl. 3:14b met 1:5a,8). Dié Karakter is die Onveranderlik-Ware, saam met God Almagtig die Oorsprong van alles, in elke opsig onontbeerlik vir sy kerk.

Die ondersoek van bostaande karakterisering (beeldopbou) van die Hoofkarakter, Jesus Christus, in die eerste verhaalsegment lei tot die bevinding dat die struktuur van die verhaal funksioneel en betekenisvol is, want die briefboodskappe is deel van die openbaring van Jesus Christus. Sy karakter word deur elke briefboodskap verder uitgebou. Verder is dit duidelik dat die visioen één visioensiklus is,

bestaande uit die handelende Subjek van die openbaring wat verskyn het en in sewe briewe in die midde van sy kerk staan.

Openbaring 2 en 3 is dus die verdere uitwerking van een en dieselfde visioen (1:12-3:22) en is sodoende konstituerend deel van die ontwikkeling van die oorheersende Protagonis-karakter in die verhaal. Die Protagonis in die eerste verhaalsegment van Openbaring kan in sekere opsigte gelykgestel word aan die held wat gewoonlik in narratiewe onderskei word. Dit is baie duidelik as die onderskeidingskriteria van 'n heldefiguur in aanmerking geneem word (vgl. Bal, 1985a:100 vir die kriteria). 'n Heldefiguur in 'n verhaal word onderskei deur kwalifikasie (onder meer deur uitgebreide informasie oor 'n karakter se uiterlike – vgl. 1:13-16 – en die motivering van sy daade en sy verlede – vgl. 1:5-6,7b,17b-18); deur distribusie (die Protagonis is die karakter wat die gang van die verhaal oorheers); deur selfstandigheid (Iemand soos die Seun van die mens hou 'n monoloog; 1:11, 17b-3:22); deur funksie (Hy ontmasker verraaiers, 2:2b,9b,15; 3:17); deur relasies (Hy onderhou verhoudings met die grootste aantal karakters: met God die Vader, die Gees, Johannes en met elkeen van die sewe gemeentes).

▪ *Gees*

Die optrede-beskrywing en beelding van die tweede Figurant in die liturgiese seënformule met sy proto-trinitariese konfigurasie (1:4b-5b) is in die eerste segmentele narratief korter en meer kompak weergegee as dié van die Protagonis, Jesus Christus, die Karakter wat die eerste segment oorheers. Soos by die beskrywing van die eerste Figurant (God) se karakterisering opgemerk kon word, tree die Gees (wat tweede in die seëngroet genoem word) oënskynlik ook meer sporadies op. Dit sou egter 'n vergissing wees as die Gees as 'n ondergeskikte karakter in die verhaal beskou sou word. Ook Hý is 'n Hoofkarakter (met 'n hoofletter), wel minder prominent as die Protagonis, of op 'n ander wyse so, maar steeds 'n Hoofkarakter wat onmisbaar vir die sin van die verhaal teenwoordig is.

Die eerste vermelding van die Gees is deel van die groetseën, waar daar na Hom in die meervoud verwys word: “*die sewe Geeste voor sy [God se] troon*” (1:4c).

Waarom sewe?

Die getal sewe dra 'n ryk simboliese betekenis in die totale dramatiese narratief van Openbaring. Sewe dui op goddelike volheid, perfeksie en voltooidheid. Die begrip *sewe Geeste* sluit aan by die vierde en vyfde naggesig wat die profeet Sagaria gesien het (Sag. 3:1-4:14). Die sewe oë en die sewe lampe verteenwoordig daar die Gees van God. Hy sien die hele aarde, Hy is teenwoordig in sy

skepping deur die ‘sewevoudige’ teenwoordigheid van sy Gees. Die woorde *sewe Geeste* in 1:4c word deur sommige ook teruggevoer na Jesaja se profesie (Brighton, 1999:42). In Jes. 11:2-3a word geprofeteer dat ’n takkie sal uitspruit uit die stomp van Isai, ’n loot wat vrugte sal dra. Op Hom (dit is ’n profesie oor die komende Messias) sal die Gees van *Jahwe* (die *Verbondsgod*) rus. Die Gees word dan beskryf as die Gees wat wysheid en insig gee, ook raad en sterkte, wat kennis verleen en eerbied vir *Jahwe*, die Een wat die Messias vreugde laat vind in *Jahwe*.

Die getal sewe is in 1:4c dus nie bloot ’n telwoord in ’n aritmetiese reeks nie; sewe is ’n vas-gekodeerde motief in die Bybel, veral in die boek Openbaring. Dit druk goddelike kwaliteit uit, nie kwantiteit nie. In die tyd toe die openbaring van Jesus Christus in die boek Openbaring ‘hervertellend’ teks geword het, was die gebruikmaking van getallesimboliek ’n gebruikelike wyse om figuurlike betekenis uit te druk. Juis ten opsigte van die kwalitatiewe betekenis van die getal sewe het ’n Joodse skrywer, Philo van Aleksandrië, byvoorbeeld ongeveer aan die begin van die eerste eeu geskryf:

So august is the dignity inherent by nature in the number seven, that it has a unique relation distinguishing it from all the other numbers within the decade [the first ten numbers]: for of these some beget without being begotten, some are begotten but do not beget, some do both of these, both beget and are begotten: seven alone is found in no such category. (Philo van Aleksandrië, *On the Creation*:99; aangehaal in Barr, 1998:32.)¹⁶³

Op dié wyse bereken en benader, is sewe ’n gepaste getal vir die goddelike. God is deur die Griekse wêreld verstaan as die “*unmoved mover – the first cause, itself uncaused*” (Barr, 1998:32).

Die Gees se benaming (*sewe Geeste*) druk dus karaktertrekke van die Gees uit. Dit karakteriseer hierdie Hoofakteur op die vlak van die geskiedenis tot ’n Hoofkarakter in die verhaal. Deur Hom word Johannes op die dag van die Here meegevoer (1:10). Deur Hom praat Jesus Christus van naby met sy kerk. Hy is deur sy Gees teenwoordig in sy kerk. Dit behoort in die lig hiervan ook opgemerk te word dat die Gees in elk van die briefboodskappe genoem word (2:7a,11a,17a, 29; 3:6,13,22). En elke enkele keer wanneer die Christene in ’n gemeente opge-

¹⁶³ Met ‘*beget*’ bedoel Philo hier dat ’n getal ’n ander getal in die tiental genereer as dit verdubbel of vertrippeel word. Die betekenis van ‘*being begotten*’ is om op sodanige wyse saamgestel te word. So genereer die getalle een tot vyf ander getalle. Ses, agt, nege en tien word so saamgestel. Net die getal sewe bly ongegeneer en is ook nie genererend nie. Dit is ’n sogenaamde *priemgetal*, uniek daarin dat dit die enigste priemgetal in die tiental is wat beide ongegeneer en nie-genererend is nie. (Drie is ook wel ’n priemgetal in die eerste tiental in soverre dit nie gegenereer kan word nie behalwe deur dit met een te vermenigvuldig; dit is egter wel ’n genererende getal omdat verdubbeling en vertrippeeling daarvan die getalle ses en nege binne die tiental saamstel.)

roep word, word gesê dat elkeen wat kan hoor, moet luister wat die Gees vir ταῖς ἐκκλησίαις (meervoud: *die gemeentes*) sê. Die meervoudsvorm hier moet die aandag nie ontglip nie. Die sewe Geeste is ook hierin die gepaste benaming: in al sewe gemeentes is dit die Gees deur Wie Iemand soos die Seun van die mens aan die woord is. Christus is deur sy Gees gesagvol en kompleet teenwoordig in die totale kerk, in elke vergestaltung van sy aanwesigheid soos dit in die sewe gemeentes tot uitdrukking kom.

Die Gees is dus in die eerste verhaalsegment van Openbaring eksplisiet karaktervol voorgestel as die Een deur Wie God en die Protagonis, Jesus Christus, praat en handel. Alhoewel daar nie deur enige van die ander karakters iets oor of van Hom gesê word waardeur sy karakter verder uitgebou word nie, is daar tog in 1:10a iets van die Gees se uitwerking op die optrede van Johannes implisiet teenwoordig. Hy getuig daarvan dat hy ἐγενόμην ἐν πνεύματι (*in die Gees was*; of letterlik: *in die Gees 'geraak' het*). Deur die hele apokalips staan en handel die verteller in die kragveld van die Gees wat 'n sterk, meevoerende krag op hom uitoefen.

▪ *Johannes*

Die tyd en plek van die ontstaan van Openbaring is as derde en vierde elemente van die geskiedenis bespreek (vgl. onderskeidelik 5.4.1.1.3 en 5.4.1.1.4). Die vraag wie die historiese outeur van die boek is, het egter nog nie eksplisiet aan die orde gekom nie. Daar word nou in die bespreking van die karakters in die verhaallaag van die eerste segment van enkele gegewens in dié verband kennis geneem, aangesien dit veral op die vlak van die verhaal van belang geag mag word (vgl. die beredenering in die voetnoot by 5.4.1.1.3). Ek wil op hierdie punt eers die een en ander oor die werklike outeur van Openbaring bespreek – sover daar gegewens oor hom beskikbaar is. Daarna ondersoek ek die opbouing van die outeur tot 'n karakter.¹⁶⁴

Die historiese skrywer van Openbaring gebruik drie keer die naam Ἰωάννης (*Johannes*) in die eerste segmentele narratief (sien 1:1, 4 en 9, in laasgenoemde vers identifiseer Hy homself ook eksplisiet met dié naam; hy noem homself ook nog een keer by die naam: in die derde verhaalsegment, 22:8).

Wie was hierdie Johannes?

¹⁶⁴ Ek stel aspekte van die implisiete outeur en die verteller/vertelinstantie by fokalisasie en die ontleding van die derde vlak van die verhaal (tekstestuur) aan die orde (onderskeidelik 5.4.1.2.6 en 5.4.1.3).

Teoloë se hewige debat oor hierdie vraag het nog nie tot 'n einde gekom nie. Die tradisionele opvatting is dat die skrywer van Openbaring wat homself met die Johannes-naam bekendstel, ook die skrywer van die Johannes-evangelie en van die drie Johannes-briewe is. Dit is volgens dié standpunt met ander woorde Johannes, die seun van Sebedeus (Matt. 4:21), die dissipel en latere apostel. Diegene wat verskil van hierdie beskouing, motiveer hulle standpunt hoofsaaklik met die argument dat daar groot stylverskille tussen Openbaring en die ander sogenaamde *Johannese geskrifte* bestaan (vgl. MacArthur, 2006:1, König, 2009: 59-60). Vir die teenstanders van die tradisionele opvatting is die verskille te groot om te kan aanvaar dat al vyf geskrifte van dieselfde outeur se hand is. Openbaring se styl is idiosinkraties (Callahan, 1995:453-470), die taalgebruik en talle linguistiese aspekte is breedsprakig en omslagtig (Porter, 1989a:582-603), gemiddeld elke agtste woord in die teks is 'n *hapax legomenon* (Witherington, 2003:3). Al hierdie eienskappe van die boek dui vir die teenstanders van die tradisionele beskouing daarop dat die apostel Johannes, wat sonder twyfel die ander vier Johannese geskrifte geskryf het, nie ook die skrywer van die laaste Bybelboek kan wees nie (vgl. vir 'n deeglike bespreking van die grammatika van Openbaring die klassieke kommentaar van R.H. Charles: *A critical and exegetical commentary on the Revelation of St. John*, 1971[1920], vol.1:xxii e.v.; sien verder vir die stylverskille: Witherington, 2003:1-3).

Nieteenstaande bogenoemde weerstand teen 'n apostoliese outeurskap van die Openbaringboek is daar steeds teoloë wat daarvan oortuig is dat die Johannes van Op. 1:1,4,9 en 22:8 die seun van Sebedeus is (onder andere Pate, 2011:338-339; Smalley, 2005:3 e.v.; MacArthur, 2006:1; Walhout, 2000:2; Van de Kamp, 2000:15-21). Die vraag wie hierdie Johannes was, en wie gevolglik die historiese outeur van Openbaring is, is dus nog nie eenstemmig beantwoord nie. Dit is nietemin belangrik om van die verskillende standpunte kennis te neem.

Omdat die karakter van die outeur egter nie beduidend deur sy historiese identiteit bepaal word nie, en omdat die Johannes van die geskiedenis in 1:1,4,9 en 22:8 op die vlak van die verhaal in tekste soos 1:4a-7,9-10,12,17 in 'n karakter van die verhaal ontwikkel, kan die historiese data daar gelaat word. Dit bepaal nie die verstaan van die apokalips wat aan hom geopenbaar is nie.

Dit is van meer belang om nou verder die *karakter Johannes* en sy plek en betekenis in die eerste verhaalsegment na te gaan.

Uit 1:5b-6 se doksologie is dit duidelik in watter tipe verhouding Johannes tot Jesus Christus staan. Hy aanbid en verheerlik Hom as die Een wat hom en die ontvangers van alles wat hy gesien het, deur sy bloed van hulle sondes gewas het en hulle sodoende sy koninkryk van priesters vir God sy Vader gemaak het. Johannes tree daarin dus ooreenkomstig die bekendstelling in 1:1 en 2 op as 'n δούλος (*slaaf/dienaar*) van Jesus Christus, wat ἐμαρτύρησεν (*getuig het*) van die woord van God en τὴν μαρτυρίαν (*die getuienis*) van Jesus Christus. Hier moet noukeurig gelet word op die ooreenkoms tussen Christus se getuienis aan Johannes en Johannes se getuienis van alles wat hy gesien het. Johannes laat hom daarvoor nie onbetuig teenoor die wat die brief lees en hoor nie, en druk die gesag van sy getuienis treffend uit deur die herhaling van die werkwoord μαρτυρέω se stam (μαρτυρ-) in die selfstandige naamwoord τὴν μαρτυρίαν. Dit is nie 'n toevallige woordspeling nie. Daaruit spreek sy vrees en eerbied vir Jesus, maar ook sy getrouheid aan Hom. Dié verbondenheid aan Christus loop in die doksologie van 1:5b-6 en in die neerval aan die voete van die Een soos die Seun van die mens in 1:17a uit op 'n verheerlikende aanbiddingsverhouding (vgl. ook weer hierbo die karakterisering van die Een soos die Seun van die mens). Johannes is in sy aanbidding onder die indruk van sy heerlijkheid as hy sy voorkoms in die visioen waarneem en beskryf. Dié karaktertrek van die neerskrywer en opskrywer van die ἀποκάλυψις loop deur die hele boek.

Verdere ontwikkeling van die karaktertrekke van Johannes kom na vore as hy sy verhouding met sy hoorders beskryf. Deeglike kennisname hiervan is van kardinale belang vir die identifisering van Johannes se karaktereienskappe. In 1:9a verklaar hy teenoor die lesers dat hy ὁ ἀδελφός ὑμῶν καὶ συγκοινωνός (*julle broeder en metgesel/deelgenoot*) is. Hy staan in dié verhouding tot hulle in die verdrukking en in die koninkryk en in die volharding van Jesus. Hy praat dus in die teerste, mees empatiese styl met sy gehoor. Hy kàn dit doen, omdat hy homself één met die geloofsgemeenskap beskou. Dit openbaar baie van die verhouding waarin hy tot die (ander) ontvangers van die openbaring staan. Daarmee het hy terselfdertyd 'n karaktertrek van die geadresseerdes ook geteken: hulle is te midde van die verdrukking volhardende gelowiges van die koninkryk in die styl van Jesus Christus. In 1:9b keer die woord μαρτυρία (*getuienis*) van Jesus weer terug (wat ook vroeër in 1:2 genoem is): juis vanweë sy getrouheid aan Christus se getuienis en die woord van God – sê hy – is hy op die eiland. Dat hy om dié rede daar is, bevestig sy verbondenheid aan Hom van Wie hy getuig.¹⁶⁵

¹⁶⁵ Daar is vir baie lank deur Bybelverklaarders op sterkte van die woord θλίψις (*verdrukking*) in hierdie vers (1:9a), en daarby op sterkte van Johannes se uitspraak dat hy op die eiland was deur die woord van God en die getuienis van Jesus, algemeen aanvaar dat dit 'n verwysing is na wrede vervolging van Christene in die tyd van die Romeinse keisers Nero of Domitianus (Walhout, 2000:2, 27; Jordaan, 2006:23-24; Lahaye, 1999:33). Dit sou dan ook die rede wees waarom die boek geskryf is. Die Christene is deur

Na aanleiding van bostaande inligting en waarnemings in verband met die karakter Johannes, kan tot die volgende bevinding gekom word: Johannes, die optekenaar van die openbaring en getuie van Jesus Christus, is 'n gelowige, geïnspireerde dienaar en getuie van Jesus Christus, wat hy in aanbidding verheerlik. Sy hegte verbondenheid aan Hom is ook sprekend van sy verhouding met en tot ander mede-gelowiges: te midde van die verdrukking is hy en hulle volhardende gelowiges van die koninkryk in die styl van Jesus Christus.

- *Die een wat die woorde van die profesie lees (een van die ontvangers van die apokalips)*

Is *ὁ ἀναγινώσκων... τοὺς λόγους τῆς προφητείας* (die een wat die woorde van die profesie lees; 1:3) bloot 'n verwysing na elkeen en almal wat die boek onder oë kry? Is dit 'n onbepaalde h/sy wat ontvanger is van die gekommunikeerde boodskap van die afsender? Is die een wat lees selfs 'n akteur op die geskiedenisvlak van Openbaring wat ook tot 'n karakter in die verhaallaag ontwikkel?

Dié vrae is nie sonder meer te beantwoord nie. Daar kan nie maar net tot die slotsom gekom word dat dit in 1:3 gaan oor lesers van die boek in die algemeen nie. Dit mag met die eerste oogopslag lyk of dit al is wat hier ter sprake is, maar as die betekenis van die woord *lees* in die Grieks nagegaan word en in die konteks van die teks waar dit staan gelees word, kom 'n mens tot die besef dat daar nie te maklik tot so 'n konklusie gekom moet word nie. Ondersoek van die woordbetekenis en die konteksplasing van dié woord in 1:3 is dus noodsaaklik.

Eerstens is dit nodig om die woord *ἀναγινώσκων* ('n teenwoordige deelwoord; dus, letterlik vertaal: *die een wat lesende is*) se betekenis in die destydse Grieks-Romeinse kultuurwêreld vas te stel. Om in stilte te lees was in daardie tyd nie gebruiklik nie. Lees van manuskripte en briewe is altyd hardop en in groepe gedoen. Die algemene gebruik was dat 'n publieke voorleser voorgegaan het, omdat dokumente (veral briewe) nie vermenigvuldig is en daarom geredelik beskikbaar was nie. Die woord *ἀναγινώσκω* in Openbaring moet besonderlik verstaan word met die liturgiese konteks van die boek in gedagte (vgl. veral Vanni, 1991:348-372; vergelyk ook vroeër die slotsom waartoe in 4.2.1.2.2

die apokalips bemoedig om te volhard. Daarteenoor is daar kommentatore wat van die oortuiging is dat daar in daardie stadium nie wydverspreide vervolging van Christene was nie – veral nie in die tyd van die latere datering van Openbaring in ongeveer 95 n.C. nie (Collins, 1984:84; Gardner, 2001:10; Barr, 1998:165; Thompson, 1990). Hulle wil 1:9 se *ἐν τῇ θλίψει* (in die verdrukking) vertolk as 'n algemene gevoel van onderdruktheid by die Christelike minderheidsgemeenskap in die tyd van Openbaring. Hulle het waarskynlik in 'n konstante vrees vir veroordeling en uitskellery geleef (Schüssler Fiorenza, 1985:8-9).

gekom is, naamlik dat Openbaring waarskynlik in 'n liturgiese konteks ontvang is). 'n Bepaalde persoon het in die byeenkoms van die gemeente die openbaring van Jesus Christus hardop voorgelees. Dit was 'n '*narrator*' of verteller wat opgetree het (Barr, 1998:6,29; sien ook Barr, 1986). Die woordstam van *ἀναγινώσκω* dra die betekenis van '*to know exactly*' of '*to recognise*' (Bultmann, 1974:343-344), maar beteken ook *om weer te begin lewe* of *weer lewend te maak*. 'n Voorleser het met die leeshandeling die woorde weer bekragtig en sodoende is die boodskap geherproklameer. Die opwekking aan die einde van elk van die sewe briefboodskappe om te luister na wat die Gees sê, was moontlik 'n oproep wat deur die voorleser op die hoorders gemaak is (2:7a,11a,17a,29; 3:6,13,22). Die voorleser van Openbaring het dus 'n belangrike funksie vervul en moet daarom as 'n karakter in die verhaal gereken word. Hy is trouens in hierdie bekragtigingsfunksie deur die hele ontvouing van die apokalips aan die woord. Hy en die hoorders/geadresseerders (laasgenoemde as 'n groep) is saam die '*narratee*' in die dramatiese narratief van die apokalips onder studie.¹⁶⁶

Wanneer tweedens gelet word op die direkte verband waarin die een wat lees in 1:3 genoem word, is dit nog duideliker hoe 'n belangrike plek hy in die vertelproses en dus in die verhaal inneem. Hy is deel van die wat *μακάριος* (*salig of geseënd*) verklaar word. Die leser of voorganger is dus betrokke in die heraktivering van die saligmakende woordgetuie wat deur sy voordrag gelewer word.

▪ *Die wat die woorde hoor en bewaar (die groep ontvangers van die apokalips)*

Die gemeentes aan wie die sewe briefboodskappe in Openbaring 2 en 3 gerig word, moet as die 'eerste hoorders' beskou word. Elkeen van die gemeentes se karakteristieke eienskappe het hierbo, by die bespreking van hoe die karakter van Jesus Christus in en aan elke gemeente geopenbaar word, in 'n mate reeds duidelik geword. Daar is gelet op die stand van sake in elke individuele gemeente tot wie die Een soos die Seun van die mens Hom rig. Waar die karakterisering van elkeen nou direk aandag kry, kan dit in die lig van die omstandighede wat in elkeen geheers het hier net kortliks so saamgevat word:

¹⁶⁶ Die term *narratee* word gebruik vir die instansie wat in 'n narratief direk aangespreek word (Phelan & Rabinowitz, eds. 2005:548). Dié begrip wat deur Prince (1982, 1996) in gebruik gestel is, vorm in 'n sekere sin van die woord die pendant van die implisiete outeur. Dit is met ander woorde nie die konkrete individu wat die teks lees nie, "...nor the agent explicitly addressed by the dramatized author or narrator. For this particular agent, narratology usually reserves the term *narratee*..." (Herman & Vervaeck, 2005:21, beklemtoning van outeurs; vgl. ook 2005:20-22). *Narratee* is 'n belangrike begrip juis omdat die geadresseerde(s) in Openbaring en in die Bybel in geheel so belangrik is.

- Bedreigde kandelaar Efese: suiwer sonder liefde
- Armlastige Smirna: tot die dood toe ryk
- Gevaarsone Pergamum: wêreldgees in die kerk
- Verleidelike bordeel Tiatira: owerspel in die kerk
- Kerkhof Sardis: lewendig-dood
- Geopende deur Filadelfia: magswoord die wagwoord
- Lou Laodisea: walglik ryk.

Hierdie trekke stel die karakterbeeld van die totale kerk saam. Die feit dat dit sewe gemeentes is wat die pos van Patmos ontvang het, herinner aan die simboliese betekenis van die getal sewe (vgl. die bespreking van die getal sewe hierbo by die beeldopbou van die Gees tot 'n Karakter in die verhaal). Dié getal van voltooidheid en komplette afgerondheid in verband met die kerk gebruik, wil die kerk van Jesus Christus in sy totaliteit in alle geledinge aandui. Dit is soos dikwels in Openbaring ook hier die getal waardeur volheid uitgedruk word.

Daar was meer as sewe Christelike gemeentes in die destydse bekende wêreld, maar van hulle is dit slegs Efese wat ook in Openbaring op die adreslys vir uitsending geplaas is. As aan die briewe van die apostel Paulus gedink word wat na ander bekende dorpe en stede gestuur is, kan gevra word waarom slegs hierdie sewe gemeentes se briewe in 'n possak van Patmos af bevrag is. Moontlik was dit omdat dit die naaste gemeentes aan die eiland was (Patmos is maar ongeveer 60 kilometer suidoos van Klein-Asië geleë).

Weer eens moet die getal sewe hier simbolies geïnterpreteer word. In die sewetal is die totale gemeenskap van gelowiges geïmpliseer wat as die ontvangers van die openbaring van Jesus Christus beskou moet word. Hulle vorm saam 'n groep wat deel is van die *narratee* van Openbaring (sien direk hierbo by die analise van die leser van die apokalips wat salig verklaar word). Dit is die totale volk van God in die nuwe verbond, oral waar dit deur die verkondiging van God se woord en die werking van die Gees in die wêreld gestalte aanneem. Die sewe stede is wel plekke wat deur gebruikmaking van 'n *Globale Posisioneringstelsel (GPS)* volgens hulle koördinate vandag opgespoor kan word, maar hulle verteenwoordig in die konteks van Openbaring die geloofsgemeenskap van die Een soos die Seun van die mens wat in sy totale kerk deur sy Woord en Gees van naby praat.

Hierdie aspek is die besondere karaktertrek wat in die eerste verhaalsegment spreek uit die kerklike korrespondensie daarin vervat, uitdruklik in 'n sewetal briewe verwoord en versend. Dit is die karakterbeeld van die heilige algemene Christelike kerk (vgl. *Apostolocum*, art. 9, ontstaanstyd ongeveer tweede tot

vierde eeu n. C.; aangehaal in *Psalmboek 2003: agtervoegsel*, p.1), in die wêreld afgesonder (geheilig) om kerk van Jesus Christus te wees.

(ii) Ondergeskikte akteurs van die geskiedenis opgebou tot karakters in die verhaal

Al die *dramatis personae* wat in 5.4.1.1.2(ii) as ondergeskikte akteurs onderskei is, word ook in die verhaal tot karakters uitgebou. Die ondergeskikte akteurs wat op die vlak van die verhaal ondergeskikte karakters word, is die engel van Jesus Christus (1:1b), vals apostels (2:2b), die Nikolaïete (2:6), lasteraars/kwaadstokers wat hulleself valslik as Jode voordoen maar eintlik 'n sinagoge van die Satan is (2:9b), die duiwel (2:10b), Satan (2:13a, 24b), Antipas (2:13c), aanhangers van die leer van Bileam-Balak (2:14), die vrou Isebel wat haarself 'n profetes noem (2:20-22a) en die wat met Isebel owerspel gepleeg het en hulle nie bekeer nie (2:22b). Behalwe die engel van Jesus Christus wat in 1:1b genoem word en die getroue getuie Antipas wat in Pergamum gedood is (2:13c), is die ander agt genoemde ondergeskikte akteurs op die vlak van die verhaal almal geskets as teëstanders of opponente van die hoofkarakters wat in (i) hierbo bespreek is. Hulle opponeer God, Jesus Christus, die Gees, Johannes, die een wat die woorde van die profesie lees en die wat die woorde hoor en bewaar (die sewe gemeentes as totale kerk). Hulle 'ondergeskiktheid' in die eerste verhaal-segment is dus slegs 'n aanduiding daarvan dat hulle in hierdie segment nie konkrete handelinge uitvoer nie, of noukeuriger gestel: nie die handelingsverloop in die verhaal beduidend beïnvloed nie. Hulle word daarom hier net kortliks as 'n groep bespreek.

Die gemeenskaplike karaktertrek – met ander woorde die grootste gemene deler (die woord *gemene* is hier dubbelsinnig bedoel!) – wat by die teëstanders waargeneem kan word, is hulle bose aard wat uitgedruk is in hulle intensie om die wat behoort aan die Protagonis, Jesus Christus, te verlei en te verketter. Hulle doen dit deur die gemeentes te wil assimileer in valse leer en dwaling. Dit is die sluwe aanslag wat hulle op die gemeentes in Efese, Pergamum en Tiatira gemaak het, onderskeidelik deur vals apostels en die Nikolaïete, deur die Nikolaïete en die leer van Bileam-Balak, en deur die vrou Isebel wat haarself 'n profetes noem en hulle wat met haar owerspel gepleeg het en hulle nie bekeer het nie. Twee ander gemeentes, Smirna en Filadelfia, is waarskynlik vervolg en verkleineer. In die twee oorblywende gemeentes, Sardis en Laodisea, was dit nie spesifieke karakters wat die kerk gedestabiliseer het nie, maar selfvoldaanheid en eiewaan het die gemeentes bedreig (Koester, 2001:57-69).

Dit kristalliseer in die eerste segmentele narratief van Openbaring uit dat al die bose aanslae terug herlei moet word tot die duiwel of Satan se bose invloed. Hy gebruik sy bondgenoot-helpers, die genoemde vyandiges teen die kerk, om sy bose aanslag te

maak op die Protagonis se eiendomsreg op sy kerk. So tree Satan as die antagonis na vore. Waar hy in die eerste verhaalsegment nog relatief min invloed op die verhaallyn van die visioensiklus uitoefen, maar wel aan die werk is, word sy karakterbeeld in die tweede en derde segmente deur die tekening van feller aanslae sterker uitgebou.

5.4.1.2.5 Van plek na ruimte

Op die vlak van die verhaal word die gekarteerde, fisiese, matematies-meetbare lokaliteit waar Johannes hom bevind het by die ontvangs van die brief-visioensiklus (vgl. 5.4.1.1.4), meer as die blote plekplasing van 1:9b: *ἐν τῇ νήσῳ τῇ καλουμένῃ Πάτμῳ* (op die eiland wat Patmos genoem word). Patmos word in die verhaal die waarnemingsruimte van 'n visioen, *ἐν πνεύματι* (in die Gees). In die eerste segmentele narratief van Openbaring ontwikkel die eiland-plek dus in 'n teofanie-ruimte. Patmos in 1:9b word daarom in die verhaallaag geassosieer met die ruimte waarbinne 'n Godsverskyning plaasvind. Dit is nie in die eerste plek meer net 'n stukkie land wat bo die water van die Middellandse See uitsteek nie.

Die sewe ander lokaliteite waarvan sprake is in die eerste verhaalsegment (die sewe geografiese stede van die visioensiklus), word eweneens op die vlak van die verhaal 'n ruimte. Die openbaring van Jesus Christus het deur Johannes van Patmos af deur middel van briewe uitgegaan na Klein-Asië, en die ruimte waarin die korrespondensie ontvang is, is nie soseer die kwantitatiewe sewe geografiese stede nie, maar 'n kwalitatiewe sewe wat die globale en totale kerk van die Briefdikteerder uitmaak.

So word die plekke op die vlak van die geskiedenis (Patmos en die sewe geadresseerde gemeentes) gesien in verhouding tot die waarneming daarvan, die ruimte waarin die verhaal van die eerste verhaalsegment afspeel.

5.4.1.2.6 Fokalisasie

In die eerste segmentele narratief van Openbaring is fokalisasie oënskynlik 'n komplekse aangeleentheid. Wie in die verhalende teks praat en uit watter perspektief/gesigspunt die verhaalde gebeure gesien/waargeneem word, vra noukeurige onderskeiding. Die beantwoording van die vrae *wie praat?* en *wie sien?* lewer nie sonder meer eenvoudige en/of enkelvoudige antwoorde op nie. Die twee vrae word daarom nou afsonderlik aan die orde gestel.

(i) *Wie praat?*

Met betrekking tot die vraag wie in die eerste drie hoofstukke van Openbaring praat, kan tot duidelikheid gekom word wanneer daar onder meer gelet word op verskillende instansies wie se woorde in direkte rede aangehaal word. Daar is minstens drie wie se woorde in dié segment direk aangehaal word (in die volgende genoem van hulle vermelding in die teks): Hy wat Homself *τὸ ἄλφα καὶ τὸ ὦ* (die *Alfa en die Omega*) noem (1:8), hy wat homself *Ἰωάννης* (*Johannes*) noem (1:9), en Hy wat Homself die *ὁ πρῶτος καὶ ὁ ἔσχατος καὶ ὁ ζῶν* (die *Eerste en die Laaste en die Lewende*) noem (1:17b-18). Daar is indirek ook 'n vierde 'prater' in die teks aan die woord in 'n vaste formule aan die einde van elke briefboodskap (2:7a,11a,17a,29; 3:6,13 en 22) wat sê: *ὁ ἔχων οὖς ἀκουσάτω τί τὸ πνεῦμα λέγει ταῖς ἐκκλησίαις* (wie 'n oor het, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê).

Dit blyk dat die tweede spreker van die vier wie se woorde in die direkte rede gesitê word, meer as net 'voice' is (*voice* is die sprekende stem in die teks; vgl. Genette, 1980:31, Phelan & Rabinowitz, 2005:545,551). Hy is meer as net 'n stem tussen ander stemme. Uit dit wat hy sê en die feit dat hy die een is wat die ander sprekers aanhaal en sodoende naas sy eie woorde ook ander se spreekbeurte rapporteer, is dit duidelik dat hy die vertelakt in die verhaal uitvoer. Hy tree as die gespreksleier op. Hierdie spreker wat in die eerste persoon enkelvoud praat, is dus die fokalisator (waarnemende instansie) wat tegelyk ook as die vertelinstantie (sprekende instansie) optree. Hy is soms onderskeibaar en soms nie.

Die verteller tussen die drie 'ek'-sprekers en die vierde indirekte spreker is dus klaarblyklik die een wat na homself as Johannes verwys. Vir die verstaan van die narratologiese ontledingsproses is hy egter nie die werklike, konkrete, biografiese outeur nie, maar die implisiete outeur (ordenende hand in die teks) wat die akteur Johannes op die vlak van die geskiedenis skep, die fokalisator in die verhaallaag sienende invoer en die verteller/vertelinstantie op die taalgekodeerde teks-tekstuurvlak 'verbaliseer' om die eerste visioensiklusverhaal oor te dra. Dit is hy wat die verteller en die twee ander aangehaalde sprekers 'aan die woord stel', in die direkte, indirekte of soms vrye indirekte rede. Hy vertel eerstens in 1:8 dat en wat *κύριος ὁ θεός, ...ὁ παντοκράτωρ* (die *Here God,...die Almagtige*) sê. Tweedens rapporteer hy in 1:17b-18 dat en wat die Iemand *ὁμοιον υἱὸν ἀνθρώπου* (soos die *Seun van die mens*; 1:13a) sê en dat dit Hy is wat hom in elke briefinleiding 'n opdrag gee (2:1a,8a,12a,18a; 3:1a,7a,14a). Hy verhaal derdens ook dat en wat die vierde Spreker sê, as Hy (die Gees) aan die begin van elke briefinleiding vertel dat die Een soos die Seun van die mens – met verwysing na een of ander motief uit die teofanie van 1:12-20 – as't ware 'soos volg' aan die

woord kom in elke onderskeie gemeente (2:1b,8b,12b,18b; 3:1b,7b,14b). Dit word bevestig in die vaste afluitingsformule by elke brief as daar gesê word dat daar na die Gees geluister moet word (2:7a,11a,17a,29; 3:6,13,22).

Daar is ook 'n vyfde instansie of groep wat praat: die groep bestaande uit die engel/leraar van elke gemeente wat die briewe voorlees. *ὁ ἀναγινώσκων* (*die een wat lees*) in 1:3a kan ook 'n verwysing na hierdie groep wees (vgl. vroeër in 5.4.1.2.4(i) die bespreking van die funksie van die *een wat lees*, naamlik dat hy met die leeshandeling die woorde weer bekragtig en sodoende die boodskap heraktiverend weer proklameer).

Selfs 'n sesde spreker of prater kan in die eerste visioensiklus onderskei word. Dit is die een wat aan die woord is in 1:1-3, maar nie na homself verwys of sy woorde in die eerste persoon enkelvoud meedeel nie. Sy identiteit kan nie uit die verhaaltteks voor hande afgelei word nie, want hy bly 'n anonieme spreker. Is dit ook Johannes, of is dit 'n eksterne verteller wat sê dat wat volg die apokalips van Jesus Christus is? Dit baat egter nie om hieroor te spekuleer nie. Wat wel duidelik is, is dat daar persoonsgebonde fokalisasie is (in die terme van Bal, 1985a:111), waar 'n karakter in die verhaal die waarnemer én die vertelinstantie is.

(ii) *Wie sien?*

Hierdie tweede vraag is *de facto* reeds in (i) hierbo beantwoord: die implisiete outeur laat die karakter genaamd *Johannes* optree as fokalisator wat praat (vertel) én laat sê wat hy sien (gesien het).

5.4.1.3 Die vlak van die teks (*narration* in Engels en Frans)

By die derde vlak van 'n verhalende teks, dié van die tekstekstuur waarin die vertelinstantie optree as die kodeerder van die verhaal in taaltekens ("*...de linguïstiese instantie die taaluitingen doet, die het verhaal beteken*" – Bal, 1985a:124), kom gewoonlik twee fasette van die verbalisering van die verhaal ter sprake: vertelinstantie en fokalisator. Die vertelinstantie is die produseerder van die teks se betekenis, en fokalisasie bepaal saam met die gegewe van die vertelinstantie die *aard* van die literatuurprodukt.

Aangesien daar in 5.4.1.2.6 direk hierbo aan fokalisasie genoegsaam aandag gegee is en die vertelinstantie in Openbaring 1-3 reeds deur die implisiete outeur as die karakter Johannes geïmpliseer is, word nou net op die aard van die gefokaliseerde teks ingegaan.

Die onderstaande eienskappe van die eerste segment van Openbaring se tekstekstuur val op.

- (i) Die direkte rede oorheers die eerste segment. Die verteltegniek wat deur die vertelinstantie gevolg word, is om die karakters self aan die woord te stel. Sodoende is die indruk wat die teks op die ontvanger maak, die van 'n eerste-handse, geloofwaardige verhaal wat vertel word. Dit bewerkstellig narratologies nie net geloofwaardigheid nie, maar is ook deel van die dramatiese kwaliteit van die aanbieding van gegewens. Die inhoud word as't ware opgevoer. Weer eens: Openbaring is 'n dramatiese narratief waarin die openbaringsdramatiek van God dinamies en lewendig ten tonele gevoer word.
- (ii) Die verhaalde (gefokaliseerde) gegewens deur die vertelinstantie word deur die implisiete outeur op die vlak van die tekstekstuur in al drie die tekssoorte (of 'teks-teksture') wat in die geselekteerde analisemodel onderskei word, aangebied, naamlik narratiewe styl, waarin prosesse verhaal word, gedeeltes waarin objekte beskryf word, en betogende dele waarin nòg 'n proses, nòg 'n objek beskryf of geteken word, maar 'n algemene onderwerp waarin opvattinge en menings ('ideologieë') verwoord word.
 - Die narratiewe gedeeltes is die proses wat verhaal word van Johannes wat op Patmos 'n stem hoor wat aan hom die opdrag gee om briewe aan die sewe gemeentes van Klein-Asië te skryf oor wat hy alles sien (1:10-11). Johannes draai om en in die verskyning van Iemand soos die Seun van die mens sien en hoor hy Hom praat (1:9-12). Hy val voor Hom neer en bly lê soos 'n dooie (1:17a), waarna Hy hom aanraak en rustig stem deur sy Selfidentifikasie as die Eerste en die Laaste en die Lewende (1:17b-18a). Die verteller kry die opdrag vir die skryf van elk van die sewe briewe (2:1a,8a,12a,18a; 3:1a,7a,14a).
 - Die beskrywende gedeelte trek saam in die voorkoms van Iemand soos die Seun van die mens wat in 1:12b-16 en 17b-20 beskryf word (laasgenoemde verse is in die vorm van 'n verklarende beskrywing deur die beskryfde Objek Self).
 - Die betogende gedeeltes handel oor die onderwerp van die interpretasie wat die Hoof van die kerk van toestande in sy kerk gee, gereflekteer in die sewe briefboodskappe (2:1-3:22).

- (iii) Dit is derdens opvallend dat tweederdes van die teksvolume in die eerste verhaal-segment in briefvorm geskryf is (2:1-3:22). Die vraag is of hierdie kenmerk van die eerste segment een of ander besondere betekenis in die opset van Openbaring se makrostruktuur het. Hoe pas dit in in die patroon van ses sikliese sub-narratiewe wat horisontaal voortspiraal – soos in 5.3.5 onderskei en geskets is? Soos dáár bevind is, verteenwoordig elke segment 'n visioensiklus of -siklusse.¹⁶⁷ Die eerste segmentele narratief bevat slegs een sodanige siklus. Waarin is die sikliese in hierdie eerste siklus dan geleë?

Die antwoord op dié vraag is dat elkeen van die briefboodskappe van Openbaring 2 en 3 'n mikro-siklus verteenwoordig. Dit bevestig dat die leser wat die teks dekodeer, met 'n herhalende patroonmatigheid van verslegtings- en verbeteringsprosesse gekonfronteer word. Die briewe weerspieël siklusse wat met 'n gunstige toestand begin: die Kerkvisitator in sy heerlike verskyning (vgl. verskillende motiewe uit 1:13-20) besoek elke gemeente. Maar as Hy sy kennis van die leemtes, dwaling en groei-agterstande in sekere gemeentes openbaar en hulle aan die kaak stel (Efese, Pergamum, Tiatira, Sardis en Laodicea), of sy kennis van beproewing en swaarkry in ander gemeentes noem (Smirna en Filadelfia), volg daar 'n toestand van krisis en verslegting. Dit is die laagtepunt van die siklus (of die onderste boog van die letter *U* se vorm). In die eerste groep van vyf gemeentes hierbo genoem, volg skerp vermaning; in die ander twee gevalle bemoediging te midde van die swaarkry. Hierdie laagtepunt is ook die draaipunt. Daarna styg die siklus op as daar weer uitsig en vooruitsig uit die toestand in die verskillende gemeentes kom. Die nuwe toestand van ewilbrium wat bereik word met die apokaliptiese beloftes wat aan die gemeentes gegee word, laat die siklus sluit by die aanvanklike gunstige toestand aan die begin daarvan.¹⁶⁸

- (iv) Die tekslaag van Openbaring se eerste segmentele narratief, in sy geheel oorsien, vertoon historiese data en 'n handelingsverloop waarin kerngebeure sintagmaties gekoppel word. Die teks word uiteindelik deur die betogende informasie oor die

¹⁶⁷ Vergelyk 5.3.5: Die voorstelling bring tot uitdrukking dat daar van 'n stabiele toestand geval word langs 'n dalende lyn na 'n toestand van krisis. Die opwaartse beweging in die sikliese patroon bring weer by 'n stabiele toestand of staat van ewewig. Dit kan ook as 'n U-struktuurpatroon voorgestel word.

¹⁶⁸ Daar kan opgemerk word dat 'n mens hierin iets kan sien van die dinamiek van die lewe in die tyd tussen koms en wederkoms, te midde van die spanning van die eindverwagting. Dit is in besonder ook waar van die kerk wat in die eerste segment die narratee is. Iets wat staties is, is dood/doods, en die voortdurende beweging wat narratiewe kenmerk en wat uit die verbeterings- en verslegtingsprosesse blyk, dui simbolies op die voortdurende ontwikkeling en dinamiek van hierdie bedeling met sy eindtydspanning.

Koning van die kerk se ‘besoek’ aan die sewe gemeentes oorheers. Dit is alles in ’n silleptiese visioensiklus ingebed. Die betogende dele bevat paradigmatische verdieping wat die tekstekstuur saam met sintagmatiese kombinasie sinvol belyken (kodeer).

5.4.2 Narratologiese lesing *cum* kursories-eksegetiese analise van die tweede segmentele narratief (Op. 4:1-11:19)

By die begin van die ontleding van die tweede segmentele narratief maak ek vooraf die opmerking dat ek van die veronderstelling uitgaan dat dit nie nodig is om belangrike gemeenskaplike aangeleenthede van die drie segmentele narratiewe wat reeds in 5.2.1 hierbo gestel is, weer uitvoerig te bespreek by die tweede en derde segmente nie. Die segmente vorm nietemin sáám die ‘sirkel’ van die dramatiese geheelnarratief en tersaaklike terugkoppeling is daarom wel noodsaaklik. Ek gaan slegs terugverwys na die gedeelde fasette van hierdie geïnspireerde ‘*roads of destiny*’-drieselement-narratief, genoem *Openbaring* (sien weer die beredenering by 5.2. en 5.3.4), waar dit nodig en relevant is om dit in die veranderde opset van die oorblywende twee segmente te plaas.

’n Kort terugkoppeling is hier onmiddellik vanpas. Die eerste verhaalsegment het geëindig met die belofte aan die Laodisense dat wie volhard, saam met die Een soos die Seun van die mens op die troon sal sit, soos Hý ook oorwin het en saam met sy Vader op die troon sit (3:21). Dit is presies hierdie belofteryke gedagte wat in die tweede segment dadelik opgeneem word as Johannes verder vertel dat hy in die hemel die volgende sien: ’n oorwinnende Iemand wat op die troon sit (4:2b-3; Koester, 2001:71). Die tweede segment sluit af wanneer hy dié Een met sy Gesalfde by Hom sien staan (11:15) en met die singende menigte van die hemelinge en die – let wel – oorwinnende of triomferende kerk. Dit is die voleindigde koninkryk as die oorwinning finaal behaal is (11:15-18). Dit vorm die sentrale tema van die tweede segment, van begin tot einde.

Ná die aanduiding van hierdie aansluitingspunt lees ek nou die tweede segment narratologies en kursories-eksegeties.

5.4.2.1 Die vlak van die geskiedenis (*fabula/story/histoire/Geschichte*)

5.4.2.1.1 Gebeurtenisse

Die gebeurtenissereeks of handelingsverloop in die tweede segment bestaan uit die volgende sentrale gebeurtenisse:

- (i) Die verteller Johannes vertel dat hy 'n deur in die hemel gesien het wat oopgemaak is en dat hy weer die stem wat soos 'n trompet klink (vgl. 1:10a), gehoor het. Dié keer sê die stem dat hy moet *ἀνάβα* (*opkom*) na Hom toe deur die geopende deur sodat Hy vir hom kan toon *ἃ δεῖ γενέσθαι μετὰ ταῦτα* (*wat ná hierdie dinge moet gebeur*) (4:1).
- (ii) Hy is weer (soos in 1:10) onmiddellik deur die Gees meegevoer en sien in die hemel 'n troon met Iemand wat daarop sit (4:2), waarna hy alles in die hemelse troonsetel waarneem (4:3-8a).
- (iii) Johannes word getuie van 'n liturgie van lofprijsende sang deur die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge (4:8b-11).
- (iv) Hy sien verder 'n boekrol in die regterhand van Hom wat op die troon sit en hoor 'n engel wat vra wie waardig is om die boek oop te maak en die sewe seëls daarvan te breek (5:1-2).
- (v) Hy gaan aan die huil omdat niemand waardig gekry kon word om die boek oop te maak nie, waarna een van die vier en twintig ouderlinge wat rondom die troon sit hom troos met die versekering dat daar wel Iemand is wat waardig is om die boek oop te maak: die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid, wat die oorwinning behaal het (5:4-5).
- (vi) Die verteller sien dié Een voor die troon, maar Hy lyk nie soos 'n leeu nie – wel soos 'n Lam wat geslag is. Hy (die Lam) het gegaan en die boek ontvang (5:6-7).
- (vii) Toe die Lam die boek neem, word die liturgie voortgesit: die ouderlinge sing 'n nuwe lied, miljoene engele sing, die hele skepping doen mee, waarop die lewende wesens *ἀμήν* (*Amen!*) uitroep (5:8-14).
- (viii) Johannes sien hoe die Lam die seëls een vir een oopmaak (6:1-8:1a), terwyl hy tussen die sesde en sewende seëlopening die getal van verseëlendes in wit klere, volgens die stamme van Israel vermeld, gehoor het (7:1-8). Hy het nogmaals bewus geword van lofprijsende sang, hierdie keer van 'n ontelbare menigte en van al die engele rondom die troon (7:9-12). Hy verneem van een van die ouderlinge wie die menigte in-wit-geklede mense is (7:13-17).
- (ix) Wanneer die sewende seël uiteindelik oopgemaak word, het daar vir 'n halfuur lank stilte in die hemel gekom (8:1b).

- (x) Toe het sewe trompette ná mekaar geskal soos die sewe engele wat voor God gestaan het, elk op sy trompet wat aan hom gegee is, geblaas het (8:2-11:15a).
- (xi) Tussen die sesde en sewende trompet is daar egter weer 'n tussenin-tafereel, bestaande uit 'n profeteeropdrag aan Johannes en die getuienistaak van die twee getuies (10-11:14).
- (xii) Die sewende trompet word geblaas (11:15a).
- (xiii) Die erediens sluit af met die himniese doksologie van stemme in die hemel en van die vier en twintig ouderlinge (11:15b-18).
- (xiv) Johannes sien dat die tempel van God in die hemel oopgaan en die verbonds-ark sigbaar geword het (11:19).

Die tweede stap op die geskiedenisvlak wat die nagaan van die gebeurtenisse betref, is om bostaande elemente volgens logika en chronologie te orden. Die verrassende is dat die gebeurtenisse soos die implisiete outeur-verteller dit hier in Openbaring 4-11 verhaal, logies en chronologies juis die verloop van die geskiedenis reflekteer. Dit lyk nie of daar enige afwykings ten opsigte van kousaliteit en volgorde is wat uitgewys moet word nie. Daar is met ander woorde geen ander ordening (rekonstruksie) nodig nie; die geskiedenis is duidelik gekonstrueer.

Dit beteken egter nie dat hierdie konstruksie wat die verhaal self direk van die geskiedenis se *fabula* (storielyn) bied, die bespreking van die gebeurtenisse-element uitput nie. Die samestelling van die tweede segment (vgl. die beredenering in 5.2, 5.3.4 en 5.3.5) is kompleks as dit. Die tweede segment met die beskrywing van die troonvisie in 'n liturgiese konteks bevat naamlik twee sikliese subnarratiewe: Op. 4:1-8:1 en 8:2-11:19 – en binne dié tweedeling is ook nog kleiner/korter ingebedde narratiewe. Dit is nodig om hier twee opmerkings te maak in verband met die afbakening en samestelling van die tweede segmentele narratief. Dit het implisiet met die gebeurtenissereeks te make en het ook bepaalde implikasies vir die volgorde-aspek van die verhaal (sien daarvoor die bespreking van die tweede vlak van die verhaal, in besonder die ontleding in 5.4.2.2.1).

- Eerstens is dit uit die verklarende literatuur oor die Openbaringboek duidelik dat kommentatore hoofstukke 4 en 5 (die troongesig van 4:1-5:14) as 'n eenheid sien en dit ook so behandel en verklaar. Ek kon inderwaarheid nie 'n enkele bron vind wat nie dié eenheid erken nie. Vorm dié twee hoofstukke saam dan nie 'n selfstandige subnarratief nie? Met die dat dit as 'n gegewe aanvaar word omdat dit uit die dramatiese narratief self so duidelik is dat hulle nie sonder mekaar

gelees kan word nie, moet daar nietemin opgemerk word dat daar ook net soveel oorweldigende getuienis is dat hoofstuke 6 en 7 (die oopmaak van die sewe seëls deur die Lam, 6:1-8:1) op hulle beurt ook 'n eenheid is (vergelyk vir beide eenhede se individuele eenheidstruktuur, om maar net enkeles te noem, onder andere: Lohse, s.j.:50-72; MacAthur, 2006:42-54; Keener, 2000:183-251; Smalley, 2005:106-202; Mounce, 1979:47-48). Die vraag waarom dit hier gaan, is of die twee gedeeltes saam wel 'n groter eenheid is om saam die eerste van die twee visioensiklusse van die tweede verhaalsegment te vorm. Die antwoord is klaarblyklik dat hulle duidelik afsonderlike eenhede is wat wel sáám 'n visioensiklus of sikliese subnarratief vorm omdat die tweede (6:1-8:1) 'n ontplooiing is van wat in die eerste (4:1-5:14) gebeur: die Lam wat as waardig besing is om die verseëelde boekrol oop te maak (5:9), bevestig sy bevoegdheid deur dit metterdaad te ontseël (6:1-8:1). Die twee vorm dus saam 'n siklus, met die tweede ingebed in en voortvloeiend uit die eerste. Hulle kan ook nie sonder mekaar verstaan of gelees word nie.

▫ Tweedens is dit 'n geldige vraag of die twee sikliese subnarratiewe in die tweede verhaalsegment van Openbaring (4:1-8:1 met sy tweedeling, en 8:2-11:19) nie saam eintlik maar een visioensiklus is nie. Dit hang saam met die vraag of die inhoud wat die sewe trompette uitbasuin (wat in 8:2-11:19 verhaal word), nie gesien moet word as die gebeure waaruit die ontseëling van die sewende seël bestaan nie. Of moet 8:1 se mededeling dat daar stilte in die hemel gekom het as die inhoud van die sewende seël gereken word? Ek behandel 8:2-11:19, wat myns insiens 'n selfstandige sikliese subnarratief naas 4:1-8:1 is, as 'n aparte eenheid. Dit sluit aan by die benadering van navorsers soos onder (baie) andere Lohse (s.j.:72-87), König (2009:236-281), Koester (2000:93-113), Duvenage & Amsenga (1995:58-70), Talbert, 1994:37-46) en Metzger (1993:47-71). Die twee sewe-reekse (die eerste in 6:1-8:1 as 'n ingebedde narratief in die eerste sikliese subnarratief van 4:1-8:1, en 8:2-11:19 as die tweede sikliese subnarratief) vertoon wel strukturele ooreenkoms, maar die tweede vloei in hierdie beskouing en benadering nie direk voort uit die eerste nie. Tog is hulle verwant en verbind aan mekaar binne een segment deur 'n troongesig met 'n liturgiese handelingsverloop binne 'n liturgiese *inclusio* (4:1-5:14, 7:9-12, 11:15-18), soos hieronder duidelik word (vgl. die analise hieronder in 5.4.2.2.1 tot 5.4.2.2.3).

5.4.2.1.2 Akteurs

Die akteurs – wat volgens die geselekteerde analisemodel eers op die tweede vlak (die verhaallaag) *karakters* genoem word – stel in die tweede segmentele narratief die onderstaande *dramatis personae* saam:

(i) *Hoofakteurs*

- (i.i) Die verteller (4:1a,2; 5:2,4,6,11a,13; 6:1,2,5b-8a,9a,12a; 7:1a,2a,4a,9a,13a,4a; 8:2a,13a; 9:1b; 10:1a,4,8-10; 11:1a)
- (i.ii) Die Een wat hom oproep na die hemel (4:1b; dieselfde stem as in 1:11)
- (i.iii) Die Gees (4:2a,5b; 5:6b)
- (i.iv) Die Een wat op die hemeltroon sit (4:2b-3a; 5:1,7b; 7:10; 8:2-4; 11:11a,13b,15,17-18)
- (i.v) Vier en twintig ouderlinge (4:4,10-11; 5:5a,6a,8-10,14b; 7:11; 11:16-18)
- (i.vi) Vier lewende wesens (4:6b-9; 5:6a,8-10,14a; 6:1,3,5,7)
- (i.vii) Miljoene der miljoene engele (5:11-12; 7:11-12)
- (i.viii) Die totale skepping of kosmos (5:13)
- (i.ix) Die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid (5:5)
- (i.x) Die Lam, die Een wat geslag is (5:5-8a,9-10,12-13; 6:1-8:1)
- (i.xi) 'n Ontelbare menigte uit alle nasies, stamme, volke en tale (7:9-10)
- (i.xii) Stemme in die hemel (11:15).

(ii) *Ondergeskikte akteurs*

- (ii.i) Die vier perde (wit, vuurrooi, swart, vaal) mèt hulle ruiters (6:2-8)
- (ii.ii) Die siele van die martelaars onder die altaar (6:9-11)
- (ii.iii) Konings en ander heersers, rykes en magtiges, al die mense: slawe en vryes (6:15-16)
- (ii.iv) Die vier engele wat die winde van die aarde vashou (7:1)
- (ii.v) Die engel van die ooste met die seël van God (7:2)
- (ii.vi) Honderd vier en veertig duisend verseëldes (7:4-8)
- (ii.vii) Sewe engele met sewe trompette (8:2-9:21; 11:15)
- (ii.viii) 'n Engel by die altaar (8:3-5)
- (ii.ix) 'n Arend in vlug hoog in die lug (8:13)
- (ii.x) 'n Vallende ster (9:1b)
- (ii.xi) Sprinkane (9:3-11)
- (ii.xii) Die engel van die onderaardse diepte, met die naam *Abaddon* (Hebreeus) of *Apollion* (Grieks) (9:11)
- (ii.xiii) Die vier engele by die groot Eufraatrivier wat gebind was en losgelaat word (9:14-15)
- (ii.xiv) Miljoene der miljoene perderuiters (9:16-19)
- (ii.xv) Die mense wat hulle nie bekeer het nie (9:20-21)
- (ii.xvi) 'n Sterk engel wat uit die hemel afgekom het (10:1-11)
- (ii.xvii) Sewe donderslae (10:3b-4)

(ii.xviii) Die twee getuies (11:3-13)

(ii.ix) Die dier wat uit die ondaardse diepte kom (11:7b).

5.4.2.1.3 *Tyd*

By die bespreking van die tyd-element in die eerste segmentele narratief het ek gestel dat die historiese tyd waarin 'n teks ontstaan, nie 'n belangrike rol speel in 'n narratologiese lesing van 'n narratief nie, maar dat Bybelkommentare dit meestal tog in hulle eksegetiese verreken. Daarom kan hier net vlugtig weer verwys word na die enigste historiese data wat in die boek Openbaring van belang kan wees. Dit word eintlik net in die eerste verhaalsegment gesuggereer (sien die bespreking van en verwysings na die historiese data by 5.4.1.1.3). Die enigste aanduiding van referensiële tyd in die tweede segment is die woorde in Op. 4:1 en 2: die verteller sê dat hy ná die eerste visioen (van 1:9-3:22) weer dieselfde stem van die vorige keer (1:10b-11) gehoor het en dat hy weer *ἐν πνεύματι* (in die Gees) was soos die vorige keer (1:10a). Die Patmos-visioen wat Johannes gesien het, het moontlik in een dag voor hom afgespeel. Op. 4:1-11:19 is daarvolgens deur hom ook gesien *ἐν τῇ κυριακῇ ἡμέρᾳ* (letterlik: *op die dag behorende aan die Here*).

Die duur van die visioensiklusse van die tweede segment voor die oë van die ontvanger wat in die hemel inkyk, strek ook nog tot by die ontvangs daarvan deur die leser(s) en dié wat hom hoor. Omdat die duur van visioene nie bepaal kan word nie en visioene buite tyd staan, is daar geen belangrike fasette rondom die tweede segment se historiese plasing in die tyd wat bespreek hoef te word nie.

5.4.2.1.4 *Plek*

Die gekarteerde, fisiese, matematies-meetbare lokaliteit waar Johannes hom bevind het by die ontvangs van die eerste visioensiklus, word deur hom in 1:9b as *ἐν τῇ νήσῳ τῇ καλουμένῃ Πάτμῳ* (op die eiland wat Patmos genoem word) aangegee. In die lig daarvan dat daar geen melding deur hom gemaak word van 'n plekverwisseling nie, en omdat dit na alle waarskynlikheid dieselfde tyd of dag is as waarop hy die eerste segment se visioensiklus ontvang het, kan aanvaar word dat die eiland steeds die direkte plekplasing is, óók van die openbaring van die tweede en derde visioensiklusse waaruit die tweede segmentele narratief van Openbaring saamgestel is. (Die feit dat dit 'n inkyk in die hemel is en die hemel 'n ruimtelike aspek van die verhaal is, word hieronder in 5.4.2.2.4 bespreek.)

5.4.2.2 Die vlak van die verhaal (*sjužet, plot, discours, fabel*)

Die onderstaande is die tersaaklike verhaalaspekte wat die leser/ontvangers van die tweede segmentele narratief na 'n bepaalde beoogde effek lei.

5.4.2.2.1 *Volgorde*

Vir die vasstelling van die besondere aksentuering van die verhaal of herverteiling van die tweede segmentele narratief van Openbaring is die aangewese beginpunt om eers weer *kernmomente* in die verhaallorde te identifiseer.

Die kernegebeure wat uit die troongesig-visioensiklusse kristalliseer en die verhaallyn van hierdie tweede verhaalsegment vorm, kan soos volg opgesom word:

Dieselfde Iemand-soos-die-Seun-van-die-mens wat in die eerste segment nadruklik as die Protagonis uitgebeeld is, word in die tweede segment die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid, genoem. Hy verskyn egter nie as 'n leeu nie, maar in die gestalte van 'n Lam wat geslag is. Hy roep Johannes, wéér met 'n trompetterstem, om na die hemel op te kom sodat Hy vir hom kan wys wat hierna moet gebeur. Hy (die eerstepersoonsverteller) word soos in die eerste segment in die Gees meegevoer, en aanskou hierdie keer 'n troon in die hemel met Een wat daarop sit (teenwoordige deelwoord: *wat sittende is* – om sy aktualiteit, duur en definitiewe dinamiese karakter te beklemtoon). Hy beskryf in besonderhede die troon en die Troonfiguur, asook ander figurante rondom die troon, waarna die res van die segment 'n hemelse liturgie ontvou waarin die aanwesiges rondom die troon, die hele skepping en 'n ontelbare menigte die Een op die troon en die Lam lofprysend dien. Die liturgie word drie keer onderbreek deur krisis wat ontstaan, maar word elke keer weer hervat en bereik voltooiing wanneer Johannes sien hoe die tempel van God in die hemel oopgaan en sy verbondsark sigbaar word.

Gevolgtrekking in verband met die spesifieke aksent wat deur *volgorde* as 'n struktureeringsprinsipe op die vlak van die verhaal in die tweede segment gelê word:

Die volgorde-aspek op die verhaalvlak ontwikkel langs dieselfde progressielyn as die chronologie-element van die geskiedenis, waardeur die inhoud van wat Johannes gesien het, naamlik 'n hemelse troongesig en liturgie, die leser(s), hoorders en ontvangers van die apokalips tot sekerheid lei dat wat moet gebeur, nie die diens aan God sal beëindig nie, maar dat die liturgiese lof van aanbidding voortduur in die finale proklamering van die koningskap (voleindiging van die

koninkryk) van God wanneer sy tempel in die hemel oopgaan in die sigbaarwording van die verbondsark.

5.4.2.2.2 *Ritme*

Die presentasiesnelheid van die vertelling in die tweede verhaalsegment van Openbaring is wisselend en getuig van 'n vaardige ordenende hand in die teks (implisiete outeur). Dit dien op 'n besondere wyse die perspektief op die openbaringsgeskiedenis wat in hierdie segment geteken word.

Reg aan die begin, net ná die vermelding van die dramatiese aanvang van 'n nuwe segmentele verhaal in 4:1-2a toe Johannes as gevolg van die meevoering of opvoering deur die Gees deur 'n geopende deur¹⁶⁹ in die hemel mog inskou, is daar in die verse wat direk daarop volg eers 'n detailbeskrywing van wat hy waarneem (4:2b-8a). Geen handeling of gebeurtenis word aanvanklik vermeld nie. Die enigste wat wel na 'n gebeurtenis mag lyk, is die dreunings, weerligstrale en donderslae (4:5a) wat uit die troon ἐκπορεύονται (letterlik: *uitbars*; of die Engelse *burst forth*: *The Analytical Greek Lexicon*, 1971:127). Die vermelding daarvan is egter eerder die beskrywing van 'n toestand as van 'n gebeurtenis. Ek begrond hierdie beskouing daarin dat die teenwoordige tydvorm van die werkwoord myns insiens 'n *historiese praesens* is wat hier die funksie van 'n durende toedrag van sake uitdruk. Die skrywer voer die *Dehnung* hier in om die ontvangers/lesers te oriënteer ten opsigte van die liturgiese gebeure wat hierna volg (4:8b-11).

Ná die vermelding van die lofprijsende sang van die vier lewende wesens (4:8b) en die vier en twintig ouderlinge (4:11) vestig die opgevoerde visioenêr die aandag op 'n krisis wat ontstaan. Die verteltempo versnel en bou spanning op as hy dialoog tussen hom en 'n sterk engel verhaal oor die krisis dat niemand in die hemel of in die hele kosmos gevind kan word wat waardig is om die verseëlde boekrol uit die Een wat op die troon sit (weer die teenwoordige deelwoord; vgl. 5.4.2.2.1 hierbo), se regterhand te neem nie (5:1-3). Die ontknoping of oplossing kom wanneer die Leeu uit die stam van Juda, uit die nageslag van koning Dawid, die Lam wat geslag is (5:5-6a), gegaan en die boekrol geneem het. Die realiteit van die ontknoping word deur die verteller geaksentueer as hy in 5:7 sê dat die Lam die boekrol ἐῴλησεν (*geneem/ontvang het*). Dit is die perfektumvorm van die werkwoord, en deur dit op dié wyse te stel, val die klem daarop dat dit 'n feit is wat vasstaan (dit hê gebeur), maar tegelykertyd ook op die feit dat die effek en gevolge van hierdie handeling of gebeurtenis voortduur. Die perfektum volg hier direk op die aoristus wat dit voorafgaan: ἦλθεν (*hy het gegaan*). Die aoristus druk net die feitlike sekerheid van sy gaan om die boekrol te neem uit. Dit maak die besondere

¹⁶⁹ Die deur is geopen en bly oop – die oopmaak se effek bly voortduur. Dit is uitgedruk in die passiewe verlede deelwoordvorm wat in die perfektumtyd staan.

aksentuering deur die gebruik van die perfektum te meer betekenisvol: die klem val op die effek van sy ontvang of neem van die boek uit die hand van Hom wat op die troon sit.

Die uitwerking daarvan is so kragtig dat die onderbreekte liturgie (die onderbreking ná die liturgie van hoofstuk 4 deur die beskrywing van die boekrol, die dialoog met een van die vier en twintig ouderlinge en die voorkoms van die Lam in 5:1-7) onmiddellik weer kon hervat nadat die Lam die boekrol geneem het (5:8a). 'n Nuwe lied word nou deur die vier lewende wesens aangehef oor die waardigheid van die Lam, gevolg deur miljoene der miljoene engele wat hulle stemme daarby voeg, en uiteindelik breek die hele skepping in 'n doksologie uit tot eer van Hom wat op die troon sit en tot eer van die Lam, waarop die lewende wesens die absolute sekerheid daarvan met 'n *Amen!* bevestigend uitroep (5:8b-14). Die eerste deel van die eerste visioensiklus in die tweede segment word hiermee afgesluit, maar word eers 'n volledige sikliese subnarratief as die implikasie van die Lam se ontvangs van die boekrol (vermeld in die perfektumtydvorm) in sy effektiewe ontseëling van die sewe seëls in 6:1-8:1 beskryf word (vgl. die opmerkings vroeër by die bespreking van die gebeurtenisse op die vlak van die geskiedenis, 5.4.2.1.1).

In die tweede ingebedde narratief (6:1-8:1) in die eerste visioensiklus (4:1-8:1) van die tweede verhaalsegment (4:1-11:19) word die verhaalt tempo aangepas om die vermoë van die Lam om die sewe seëls te ònt-seël, in konstante reëlmaat te vermeld. Die inhoud van of die gebeure wat volg op elke seëloopening, word verhaal. Dit is 'n sewe-reeks van oordele, die eerste van twee sodanige reekse in die tweede segment (die tweede sewe-reeks, die sewe trompette, is in die tweede sikliese subnarratief van 8:2-11:19 ingebed).¹⁷⁰ In dié korter/kleiner ingebedde narratiewe word die oordeel al intenser. Die presentasiesnelheid word hier ook vinniger. In die eerste vier seëls se ontseëling (6:1-8) is daar 'n gemeenskaplike tema (die vier perde en hulle ruiters). Die opsommende *Raffung*-vertelstyl word egter by die vyfde en sesde seëls se oopmaak weer verlangsaam deur meer uitgebreide beskrywings wat van die gebeure gegee word (6:9-17). En daarna word die ontseëling-narratief op dié kritieke punt van die verhaal skielik onderbreek en tot stilstand gebring.

'n Pouse (die uiterste vorm van die *Dehnung*) of *interval* (Smalley, 2005:174-202) ontstaan in die verhaal tussen die oopmaak van die sesde seël en die opening van die sewende seël. Die asem word as't ware opgehou en die spanning verhoog, want die verhaal kom nie by 'n ontknopende voltooiing nie. Die oordeel bly vir eers in die lug hang. Die outeur voeg op hierdie stadium 'n selfstandige narratief in as hy rapporteer dat die honderd vier en veertig duisend dienaars van God, bereken volgens die stamme van Israel (simbolies van sy totale volk), beskerm word deur eers op hulle voorkoppe gemerk

¹⁷⁰ 'n Derde sewe-reeks met die laaste plaes, bestaande uit sewe bakke waarin die toorn van God sy einde bereik het, word in die derde segment verhaal (vgl. 15:1, 16:1-21).

te word met die seël van die lewende God (7:1-8). Die volk is deur die verseëling veilig vir wat volg. Maar die vertroostende en bemoedigende pouse laat die spanning nog nie oplos nie. Tog is die troos en bemoediging van die verseëling van die volk van God terwyl die laaste ontseëling van die boekrol van raadsbesluite nog moet plaasvind, so oorweldigend dat die liturgie van die tweede segment juis op hierdie punt reeds weer voortgesit word (7:9-17).

Johannes vertel in 'n lewendige presentasiesnelheid dat hy 'n ontelbare menigte uit alle nasies, stamme, volke en tale voor die troon en voor die Lam sien staan en dat hy hoor hoe hulle die Lam en God wat op die troon sit (steeds die teenwoordige deelwoord; vgl. 5.4.2.2.1), prys omdat hulle redding van Hulle af kom (7:9-10). Al die engele bevestig dit deur in aanbidding voor God neer te buig en te verklaar dat al die lof en heerlikheid, wysheid, dank en eer, die mag en die sterkte tot in alle ewigheid aan God behoort (7:11-12). Die ontvanger van die visioen en een van die ouderlinge tree tydens hierdie pouse in die ontwikkeling van die primêre narratief ook nog in gesprek met mekaar oor die identiteit van die ontelbare menigte mense in wit geklee wat so sing van hulle redding. Die ouderling deel die verteller mee dat hulle uit die groot verdrukking kom, dat hulle hulle klere gewas het in die bloed van die Lam ('n analeptiese verwysing na die lyde van Christus), dat hulle voor God mag wees om Hom dag en nag in sy tempel te dien, en dat die Lam vir hulle 'n herder sal wees wat hulle sal lei na die fonteine met die water van die lewe, waar God al hulle tranes sal afdroog ('n proleptiese verwysing na die volkome salige toestand by die voleinding van die geskiedenis in die voleindigde koninkryk; 7:13-17).

Die vertelritme keer ná hierdie pouse van troos, lofprijsing en bemoediging terug na die tempo wat voor die pouse van die interimhoofstuk (7:1-17) gehandhaaf is, met die kort vermelding dat die Lam die sewende seël oopgemaak het, waarna daar vir 'n halfuur lank stilte in die hemel gekom het (8:1).

Die afwisseling van verteltempo is ook in die tweede sikliese subnarratief (8:2-11:19) van die tweede segment waar te neem. Dit volg presies dieselfde strukturele patroon as die ingebede narratief van 6:1-8:1. Ná 'n kort inleidende vermelding van die wierookoffer wat deur 'n engel gebring is, waarvan die rook saam met die gebede van die heiliges of gelowiges opgestyg het voor God, het sewe engele agtereenvolgend op hulle trompette begin blaas. Daardeur het sewe verwoestende plae die aarde getref. Die eerste vier trompette se boodskap van oordeel (8:6-12) word in 'n kort, vinnig-op-mekaar-volgende trant beskryf, terwyl die verhalings van die vyfde en sesde plae van oordeel verlangsaam in meer uitgebreide beskrywings (onderskeidelik 9:1-12 en 9:13-21).

Weer eens word die ritmiese reëlmaat in die verhaallyn, nadat die sesde van sewe trompette geblaas is, onderbreek vir 'n pouse wat ingevoeg word. Dié onderbreking in die tweede sewe-reeks laat nogmaals asemophou-oomblikke ontstaan. Dit kan weer 'n pouse genoem word, al bevat dit gebeurtenisse en 'n bepaalde handelingsverloop. Dit is dus net 'n pouse in soverre dit die progressie in die hoofverhaallyn van die tweede segment uitstel. Die onderbreking werk hier ook spanning en mee-nemende betrokkenheid en belangstelling in die voltooiing van die tweede siklus in die hand. Die tussentoneel wat verhaal word, bevat 'n uitgebreide narratief (10:1-11:14) wat inhoudelik dié ooreenkoms met die eerste ingebedde narratief (die ontseëling van die boekrol) vertoon: soos in 7:1-17 gaan dit hier oor die gelowiges in die eindtyd, oor die identiteit en lot van die gelowiges te midde van die oordeelvotrekkende gebeure rondom hulle. Daarby kom nog 'n aspek in die tweede tussenin-narratief na vore: die verteller word hier vir die eerste keer meer as 'n waarnemer en dialoogvoerder as hy ook sekere opdragte kry, naamlik om die boekrol te eet (10:9-10), weer te profeteer (10:10-11) en die tempel op te meet (11:1-2; die tempel egter met uitsluiting van die voorhof wat vir die heidene gegee is). Die presentasiesnelheid van hierdie ingebedde verhaal is nòg snel, nòg langzaam. Intussen wag die ontvangers/leser angstig op die voortsetting van die sewe-reeks in die onthulling van die sewende trompet se inhoud.

Wanneer die laaste trompet deur die sewende engel geblaas word, is die groot verrassing en ontknoping dat daar nie meer nuwe plae van oordele verhaal word nie. Intendeel. Die vertelling verlewendig in die beskrywing van die voortsetting van die liturgie in die tweede segmentele subnarratief wat in 4:8b-11 'n aanvang geneem het, ná die krisis van 5:1-6 in 8-14 voortgegaan het, en ná die verseëling van die gemerkte, verseëelde gelowiges in 7:9-13 voortgesit is. (Dit ten spyte daarvan dat die oordele van die eerste ses seëlopinge bekend was en vóór die sewende nog bekend gemaak is.) Die sewende trompet kondig klaarblyklik die einde van die oordeel aan deur middel van 'n lofprijsende liturgie wanneer stemme in die hemel uitroep dat die koninkryke van die wêreld die eiendom van ons Here *καὶ τοῦ χριστοῦ αὐτοῦ* (en van sy Christus) geword het (11:15). Daarna vertel die vertellende opgevoerde deur die Gees dat die vier en twintig ouderlinge die Here God, die Almagtige, gedank het omdat Hy nou in sy mag as koning gaan heers, en dat die eindtyd van die oordeel oor die dooies nou gekom het tot verderwing van die verderwers van die aarde, maar tot die loon van lewe vir die dienaars van God (11:16-18).

Die slotopmerking van die verteller-karakter wat dit alles waargeneem het, is dat die tempel in die hemel met die verbondsark daarin oopgegaan het, begelei deur die geluid van dreunings, donderslae, weerlig, 'n aardbewing en groot hael (11:19).

Gevolgtrekking in verband met die spesifieke aksent wat deur *vertelritme* as 'n struktureeringsprinsipe op die vlak van die verhaal in die tweede segment gelê word:

Die primêre geskiedenis is op so 'n wyse ook as 'n narratief georden dat die vertelritme-aspek op die verhaalvlak deur afwisselende presentasiesnelheid (wisselend tussen 'n *Dehnung*- en *Raffung*-styl en deur gebruikmaking van pouses) spanning opbou en die fokus te midde van oordeelvoltrekking effektief plaas op die beskerming van die aanbiddingsgemeenskap deur Hom. Wie se koninkryk finaal aan die kom is en in lofprysende sang voleindig word. Die troongesigsegment van Openbaring is sodoende in sy geheel markant in 'n lof-verheffende hemelse liturgie ingesluit, waarin die doksologiese tonele die fokus van die leser/ontvanger se aandag behou, mede daardeur dat die ander gebeurtenisse in wisselende verteltempo so verhaal is dat dit die hooftfokus van aanbidding belig en uitlig.

5.4.2.2.3 Frekwensie

Die tweede segmentele narratief van Openbaring bevat 'n mengsel van herhaling (as 'n vorm van frekwensie) sowel as enkelvoudige of iteratiewe aanbidding. Die herhalingsmotiewe oorheers egter die segment, en ek maak daarom slegs daarvoor enkele opmerkings.

Eerstens is dit opvallend dat die twee sikliese subnarratiewe van hierdie segment (4:1-8:1 en 8:2-11:19) 'n merkwaardige struktuuropbou vertoon waarin terugkerende momente uit 'n hemelse liturgie die bindmiddel is (4:8b-11, 5:8-14, 7:9-13 en 11:15-19). Te midde van die oordele wat geopenbaar en in die verhaal voltrek word, is daar 'n sinvolle herhaling van hierdie responsiewe liturgiese handeling in antwoord op die verhaalde openbaringsdramatiek. Wanneer gelet word op die struktuur en styl van die onderskeie liturgiese gedeeltes, is dit duidelik dat elkeen van hulle in doksologies-himniese taal gegiet is en *herhaaldelik* in 'n lewendige verhaaltempo en styl gerepresenteer word.

Dit is tweedens duidelik dat die liturgiese gang van die plot in die bestek van twee visioensiklusse ontwikkel word. Dit is op sigself 'n herhalingsmotief, aangesien beide dieselfde sikliese patroonmatigheid vertoon. Ek bespreek dit verder op die vlak van die teks (sien 5.4.2.3 hieronder).

Dit moet derdens opgemerk word dat die onderbrekende gedeeltes in die twee visioensiklusse struktureel frekwentatief-aansluitend by mekaar is. Beide bevat strukture waarin die veelvoud van sewe ontplooi word.

Vierdens moet daarop gelet word dat die twee sewe-reekse op presies dieselfde plek breuke in die ontvouing van hulle onderskeie sewevoudige konstruksies vertoon. In die bespreking van die verhaalritme direk hierbo (5.4.2.2.2) is reeds daarop gewys. Die

verseëling van die gelowiges met die seëlmerk van die lewende God (7:1-17) onderbreek die sewe-reeks van die ontseëling van die boekrol (6:1-8:1) tussen die sesde en sewende seël se oopmaking, terwyl die sewe-reeks van die laaste plaë wat met trompetgeskal voortstu (8:2-11:19), ook tussen die blaas van die sesde en sewende trompet onderbreek word – op sy beurt deur die beskrywing van die profetiese eindtydgetuïenis (10:1-11:14).

Gevolgtrekking in die lig van bogenoemde in verband met die spesifieke aksent wat deur *frekwensie* as 'n struktureringsprinsipe op die vlak van die verhaal in die tweede segmentele narratief van Openbaring gelê word:

Die geskiedenis-elemente wat tot aspekte op die verhaalvlak ontwikkel is, laat die verhaaltipiese aspek van frekwensie in die tweede segment 'n aksentuerende funksie vervul. Dit versterk en bevestig as derde tydsaspek die aksente wat in die ander twee tydsaspekte (die volgorde- en ritme-aspekte, onderskeidelik 5.4.2.2.1 en 5.4.2.2.2 hierbo) waargeneem is. Daarnaas is die besondere aksent in die tweede segment dat die hemelse troongesig se herhalende liturgiese momente met deurlopende doksologiese motiewe en taal so verhaal is dat dit die leser(s), hoorders en ontvangers van die apokalips *herhaaldelik* te midde van die spanning van oordeelsvoltrekking in die eindtyd tot sekerheid lei – die sekerheid naamlik dat sy volk as 'n aanbiddingsgemeenskap beskerm word in die finale koms en voleinding van God en die Lam se koninkryk. Daarin sal hulle in ononderbroke lofprysende sang die genadeloon van die lewe ontvang om hulle God en Here in ewige liturgieviering te dank en te verheerlik. Repeterende struktureienskappe in hierdie segment beklemtoon dit effektief.

5.4.2.2.4 Van akteurs na personages (karakters)

In die eerste segment is die volgende ses hoofakteurs tot hoofkarakters in die verhaallaag uitgebou (vgl. 5.4.1.2.4): God, Jesus Christus (die Een soos die Seun van die mens), die Gees, Johannes, die een wat die woorde van die profesie lees, die wat die woorde hoor en bewaar (elkeen van die sewe gemeentes van Klein-Asië). In die tweede segment is twaalf hoofakteurs onderskei (vgl. 5.4.2.1.2): die verteller (4:1a,2; 5:2,4,6,11a,13; 6:1,2,5b-8a,9a,12a; 7:1a,2a,4a,9a,13a,14a; 8:2a,13a; 9:1b; 10:1a,4,8-10; 11:1a), die Een wat hom oproep na die hemel (4:1b; dieselfde stem as in 1:11), die Gees (4:2a,5b; 5:6b), die Een wat op die hemeltron sit (4:2b-3a; 5:1,7b; 7:10; 8:2-4; 11:11a,13b,15,17-18), die vier en twintig ouderlinge (4:4,10-11; 5:5a,6a,8-10,14b; 7:11; 11:16-18), die vier lewende wesens (4:6b-9; 5:6a,8-10,14a; 6:1,3,5,7), miljoene der miljoene engele (5:11-12; 7:11-12), die Leeu uit die stam van Juda wat die Afstammeling van Dawid is (5:5), die Lam wat geslag is (5:5-8a,9-10,12-13; 6:1-8:1), die hele skepping (5:13), 'n ontelbare menigte uit alle nasies, stamme, volke en tale (7:9-10) saam met die stemme in die hemel (11:15).

Drie van hierdie twaalf kan goedsikks weer as een karakter gesien word: die Een wat die verteller oproep na die hemel (dit is volgens 4:1 dieselfde stem as die een wat ook in 1:11 met hom gepraat het) is dieselfde as die Leeu uit die stam van Juda wat die Afstammeling van Dawid is en ook dieselfde as die Lam wat geslag is. Die laaste twee van die twaalf (die ontelbare menigte en die stemme in die hemel) kan ook as een groep karakters gereken word. Dit bring die aantal hoofakteurs wat nou op die tweede vlak van die verhaal tot hoofkarakters opgebou word op nege te staan: God, die Leeu-Lam, die Gees, die verteller, die groep van vier lewende wesens, die groep van vier en twintig ouderlinge, der miljoene engele wat saam ook 'n karaktergroep vorm, die hele skepping/kosmos en die ontelbare menigte.¹⁷¹

Bogenoemde nege se karakterisering word nou nagegaan om vas te stel watter aspekte daaruit vir die narratologiese lesing *cum* kursoriese eksegeese van hierdie segment tersaaklik en belangrik is. Die drie groepe wat afsonderlik elk 'n karaktergroep vorm (die lewende wesens, ouderlinge en engele), groepeer ek saam as drie kringe aanwesiges rondom die troon. Ek verwys na hulle as *troonfigurante*. Die laaste twee, die skepping en die ontelbare menigte, word ook gesamentlik bespreek.

(i) *Hoofakteurs van die geskiedenis opgebou tot hoofkarakters in die verhaal*

▪ *God*

Die belangrike faset van die karakter van God wat in die tweede segment bykomend by sy karakterisering in die eerste segment uitgebou word, is dat daar na Hom in hierdie segment telkens verwys word as die Een wat op die troon sit (4:2b-3a; 5:1a,7b; vgl. ook die kennisname daarvan wat ek reeds in 5.4.2.2.1 en 5.4.2.2.2 hierbo aangedui het). Waarom die Een op die troon nie deur die implisiete outeur by die N[n]aam of met die vermelding van 'n titel genoem word nie, is volgens Ramsey Michaels (1997:91) waarskynlik te verklaar uit wat hy die klassieke Joodse beginsel noem dat God nie gesien kan word nie (Joh. 1:18; 1 Joh. 4:12; vgl. Eks. 33:20). Daardeur is daar 'n terughoudendheid geopenbaar

¹⁷¹ Vier van die akteurs wat nou hoofkarakters word op die vlak van die verhaal, is ook as hoofkarakters in die eerste segment uitgebou, naamlik die verteller, Jesus Christus (in hierdie segment weer die stem van die eerste segment, maar nou ook die Leeu en die Lam en die Christus), die Gees en God (hier as die Een wat op die troon sit). Twee hoofkarakters van die eerste segment kom nie weer in die tweede segment direk ter sprake nie, naamlik die een wat die woorde van die profesie lees en die mense wat dit hoor en bewaar – hulle word nietemin regdeur al drie segmentele narratiewe veronderstel as leser en hoorders van die apokalips. Vyf nuwe akteurs kom by en word tot hoofakteurs in hierdie segment uitgebou: die vier lewende wesens, die vier en twintig ouderlinge, die miljoene engele, die skepping en die ontelbare menigte en stemme in die hemel.

wat benoeming van die ‘Een’ betref en word antropomorfe voorstelling van Hom vermy (Smalley, 2005:115; vgl. ook Letseli, 2001:148).

Die herhaaldelike gebruik van die *praesens participium* (teenwoordige deelwoord) *καθήμενος* (die Een sittende op die troon) is ’n nuwe aksentplasing op die dinamika van sy karakter, soos reeds in die eerste segment tot uitdrukking gekom het (vgl. 5.4.1.2.4). Dit het wel in die eerste segment ook na vore gekom in die gebruik van die deelwoorde in die frase *ὁ ὢν καὶ ὁ ἦν καὶ ὁ ἐρχόμενος* (die Een wat is en wat was en wat kom) in 1:4b en 8. Veral die teenwoordige deelwoord – verrassend nie die toekomstige nie – *ὁ ἐρχόμενος* (die Een wat komende is of aan die kom is) het die klem daarop laat val dat God bo tyd verhewe is. Dit is ’n formulering wat narratiewe tyd transendeer. Ook in die sogenaamde *Trisagion*-lied (*Driemaal Heilig*-lied) van die vier lewende wesens in 4:8 word daarvan gesing. Bauckham (1993b:28-29) verklaar daarby dat dit in die term *ὁ ἐρχόμενος* nie gaan om ’n toekomstige bestaan van God nie, maar die betekenis daarvan in die lied van 4:8 het eerder te make met die koms van die koninkryk, die *parousia* van Jesus Christus.

Die teenwoordige deelwoord *καθήμενος* (sittende) hier in die tweede segment bevestig dié relasie waarin God tot tyd staan en dat dit gaan om die koms van die koninkryk te midde van die spanning van die eindverwagting, maar die nuwe aksent wat ek van mening is verder hier in aansluiting by die eerste segment s’n gelê word, is dat God aktief, dinamies en vrymagtig heers oor die geskiedenis. Hy is dinamies-heersend sittende op die troon. Dit word opvallend ondersteun deur die feit dat wanneer die *is-was-kom*-frase van 1:4b en 8 en 4:8b by die voleinding van die koninkryk aan die einde van die tweede segment ingevoer word in die slotlied wat die vier en twintig ouderlinge aanhef, dit verrassend sonder die derde, voltooiende *ἐρχόμενος* is. Sy komende-wees is nie in hulle voleindingslied opgeneem nie, maar daar word deur hulle, as’t ware *in die plek daarvan*, gesing van sy koningskap – dat Hy nou sy groot mag gebruik en as koning heers (11:17).

Die attribute *ewig* en *almag* in die karakter van *ὁ θεός* (God) in die eerste segmentele narratief is in die tweede segment dus uitgebrei met ’n addisionele, nuwe klemplasing op die *onoorwinlike Heerser* en *Regeerder* in tyd en ewigheid.

- *Die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid; die Lam wat geslag is*

Die uitgebreide verwysing hierbo – uit Op. 5:5-6 aangehaal – na die tweede Karakter wat op die verhaalvlak van die tweede segmentele narratief van Openbaring uitgebou word, is op sigself reeds ’n betekenisvolle karakterisering. Dit is trouens presies waarin die karakteruitbouing van Jesus Christus in die tweede segment saamtrek. Dit is ’n uitbreiding van die karakterbeeld van die Hoofkarakter wat in die eerste verhaalsegment geteken is as die oorheersende Protagonis-karakter in die verhaal, die handelende Subjek van die openbaring wat verskyn het en in sewe briefboodskappe sprekend in die midde van sy kerk teenwoordig staan. Vanuit die beskrywing wat van Hom hier in 5:5-6 gegee word, word die hele karakteropbou van die tweede segment verder ontwikkel. Dit is daarom nodig om op die karakteraspekte in hierdie twee verse dieper in te gaan.

Twee metaforiese benaminge word in 5:5 gegee aan die Een met die stem soos ’n trompet. Die twee benaminge is albei messiaanse titels uit die Ou Testament (Caird, 1966:73-74; Beasley-Murray, 1974:123-124; König, 2009:185-186).

Die eerste messiaanse titel, *ὁ λέων ὁ ἐκ τῆς φυλῆς Ἰούδα* (letterlik: *die leeu wat uit die stam van Juda [is]*), is ’n intertekstuele allusie op Gen. 49:10-11. Dit is ’n sinspeling op ’n gebeurtenis uit die geskiedenis van Jakob, wat aan die einde van sy lewe sy seun Juda geseën het met die woorde: “Jy is ’n leeu, my seun Juda, wat van die prooi af wegstap...[j]y sal altyd heers, jy sal aanhou regeer totdat Silo kom, die heerser aan wie die volke hulle sal onderwerp.” Hierdie woorde is van vroeg af – reeds in die eerste eeu v.C. – messiaans geïnterpreteer (Charles, 1971:140; König, 2009:185). Dit kan met ander woorde as ’n vooruitwysing na die Messias se soewereine krag as Heerser geïnterpreteer word.

Die tweede messiaanse titel, *ἡ ῥίζα Δαβὶδ* (*die Afstammeling/wortel van Dawid*), is ’n intertekstuele eggo van woorde uit twee profesieë, naamlik Jes. 11:1,10 en Jer. 23:5. In Jes. 11:1 en 10 gaan dit oor die ideale koning uit die familie van Isai, die vader van Dawid: “’n Takkie sal uitspruit uit die stomp van Isai, en ’n loot uit sy wortels sal vrugte dra...[i]n dié dag/tyd sal die nasies vra na die wortel van Isai, wat daar staan as ’n banier/vaandel van/vir die volke...” Jer. 23:5 handel ook oor die komende ideale koning uit die huis van Dawid: “Daar kom ’n tyd, sê Jahwe, dat Ek vir Dawid ’n regverdige spruit sal laat opskiet, ’n koning wat verstandig sal regeer.”

Uit die twee messiaanse titels wat die ouderling in dialoog met die verteller van die apokalips in 5:5 gee aan die Een wat waardig is om die verseëelde boekrol oop

te maak, is dit duidelik dat hy sy koningskap beklemtoon. Die titels dra hier die boodskap dat die ideale Koning wat ‘*altyd sal heers*’ (Gen. 49:10a) en ‘*verstandig sal regeer*’ (Jer. 23:5) nou gekom het, en dat Hy waardig is om die koningskap te aanvaar as Hy die boekrol gaan neem. Dit is volkome in ooreenstemming met die sentrale tema van die tweede segment: dat in die voleindigde koninkryk die koningskap oor die wêreld aan God en sy *Christus* (wat *Messias* of *Gesalfde* beteken) sal behoort – soos dit in die lied van die stemme in die hemel hard opklink (11:15). So bevestig die koninklike messiaanse titels van Op. 5:5 ook die karaktertrek van God, dat die Een wat op die troon is regerend-stittende daar is (vgl. die bespreking van die karakterisering van God hierbo).

In die betiteling van die Een wat waardig is om die verseëelde boekrol oop te maak, is daar ’n merkwaardige oorgang tussen 5:5 se *hoor* Wie die boekrol kan oopmaak en 5:6 se *sien* van sy voorkoms.

Ná die twee messiaanse titels wat die verteller uit die mond van die ouderling gehoor het, is dit onverwags nie ’n Leeu (5:5) wat hy waarneem wanneer hy Hom in die middel van die troon en in die midde van die vier lewende wesens en die ouderlinge sien nie, maar is dit ’n Lam, asof Hy geslag is, wat daar staan (5:6). Op die oog af lyk dit of die messiaanse dubbeltitel van 5:5 deur die *Lam-wat-geslag-is*-titel van 5:6 weerspreek word. ’n Lam is ‘normaalweg’ nie ’n begrip wat mag en krag en bevoegdheid versinnebeeld nie. Die woorde *ἀρνίον* (*lam*) en *ἐσφαγμένον* (‘*geslag-wees*’) se offer-konnotasie met Jes. 53:7 se “soos ’n lam wat na die slagplek toe gelei word” sou verseker eerder in die verteller se gedagte opgekom het. Dit sou ook die assosiasie met die paaslam opgeroep het (Smalley, 2005:131-132). En dié is alles behalwe ’n Leeu- en heerser-beeld.

Die woorde *Lam wat geslag is*, is egter in Openbaring ’n heerlikheidstitel (vgl. 5:12, 7:17; die woord *ἀρνίον* (*lam*) kom nege en twintig keer in die boek voor). Dit is deurgaans ’n verwysing na die *oorwinnende* Lam. Die paradoks tussen wat die verteller gehoor het in 5:5 (Leeu, Afstammeling van koning Dawid) en wat hy sien in 5:6 (Lam wat geslag is) het te doen met die styl van die koninkryk. Sy bloed is vergiet (vgl. 7:14), móés vergiet word, maar juis daardeur is die oorwinning oor die Bose, sonde en dood behaal. Die teenstrydigheid is ook geleë in die feit dat die geslagte Lam *staan*. Geslag, maar staande; dood, maar opgestaan (Barr, 1998:69-70). Die twee werkwoorde *ἐστηκός* (staan) en *ἐσφαγμένον* (‘*geslag-wees*’) is weer beide *participia perfecta* (deelwoorde in die perfektumtydvorm), wat ook hier die feitlikheid van sy geslag-wees en sy opstanding onderstreep én (voortvloeiend daaruit) die effek daarvan wat steeds voortduur, in die fokus plaas. Die verteller sien Hom *ἐν μέσῳ τοῦ θρόνου* (in die middel van die troon), in die regeringsetel van oorwinnende heerskappy. Nou, nadat die kruis

(‘geslag-wees’) en opstanding (‘staande-wees’) plaasgevind het, dui *Lam-wat-geslag-is* en dat Hy staan in die middel van die troon op die heerlikheid van sy bevoegdheid om die boek oop te maak – met ander woorde sy bevoegdheid om te regeer. Daarom is sy voorkoms in 5:6b een van komplette krag en mag, in sy voorkoms simbolies uitgedruk deur die magsimbool van die sewe horings (vgl. Dan. 7:7,20; 8:3,5; in die derde segment van Openbaring in verband met die mag van die dier gebruik – Op.12:3; 13:1,11). – En die verteller het ook gesien, sê hy, dat Hy sewe oë het (sien daarvoor die bespreking van die Gees se karakterisering direk hieronder).

Die karakterbeeld wat in die tweede verhaalsegment van Openbaring van Jesus Christus uitgebou word, is dié van verworwe eer en koningskap, om saam met die Een wat op die troon regerend-sittende is te regeer. Dit word dus weer bevestig: Openbaring is inderdaad die hervertel van die evangelieverhaal van Jesus Christus – in drie bewegings of segmente.

▪ *Gees*

Die Gees is in die eerste verhaalsegment van Openbaring karaktervol voorgestel as die Een deur Wie God en die Protagonis, Jesus Christus, praat en handel (5.4.1.2.4(i)). Dieselfde karakterbeeld word ook in die tweede verhaalsegment onderhou (vgl. byvoorbeeld die opvoering van die verteller deur die Gees in 4:2a wat *verbatim* ooreenstem met 1:10a).

Vir ’n nuwe aspek van die karakterbeeld van die Gees wat in die tweede segment ingevoer word, moet verder gekyk word na 5:6b wat pas hierbo ter sprake was. Dit gaan naamlik hier oor Johannes se waarneming van ’n bepaalde besonderheid in die voorkoms van die Lam wat geslag is wat hy sien staan in die middel van die troon. Dié besonderheid het volgens hom betrekking op die Heilige Gees.

Johannes sê dat hy gesien het dat die Lam naas sewe horings *καὶ ὀφθαλμοὺς ἑπτὰ* (ook sewe oë) het. Volgens Mounce (1998:133) verteenwoordig die sewe oë “...that completeness of vision which leads to perfect knowledge.” Die verwysing na die sewe oë moet ook vanuit die intertekstuele verband tussen die Ou en Nuwe Testament vertolk word. Die sewe oë-aspek herinner aan die vyfde naggesig wat die profeet Sagaria gesien het (Sag. 4:1-14; vgl. ook 3:9). Die profeet sê dat die sewe oë op die klip wat *Jahwe* voor Josua die hoëpriester gelê het (met die belofte dat Hy op een dag die sonde van die hele land gaan wegneem; Sag. 3:9), die sewe oë van *Jahwe* is wat oor die hele wêreld kyk (Sag. 4:10b). Johannes gee in Op. 5:6b dus ’n nuwe vertolking van die sewe oë wat in die tweede segment van

Openbaring deel is van die voorkoms van die Lam. Hy sê die sewe oë is die sewe Geeste van God wat oor die hele aarde ἀπεσταλμένοι (*uitgestuur is*). Die nuwe vertolking word deur hom gegee in die lig van die nuwe wat Christus tot stand gebring het. Stephen Smalley verklaar die betekenis van die nuwe konteks waarin die outeur die sewe oë in die voorkoms van die Lam beskou, soos volg:

The Spirit has been described so far in Revelation as being with God, ‘in front of the throne’. Now, and as a result of the exaltation of the Lamb, the Spirit-Paraclete is sent out into God’s world to be at work in and through the Church in the present and final stages of human history. Jesus is one with God;...He is also one with his post-resurrection Spirit. (Smalley, 2005:133.)

Om te sê dat die Lam sewe oë het, is om te sê dat “...*Jesus fully possesses the spirit of God*” (Barr, 1998:69). Johannes maak dus op kompositoriese wyse gebruik van die Ou Testament in die nuwe openbaringshistoriese konteks van die koms van die koninkryk in die werk van die Lam.¹⁷²

Die besondere karaktertrek van die Gees wat in die tweede segment uitgebou is, is dus sy eenheid en koöperasie met God en die Lam in die lig van die volbragte werk van die oorwinnende, staande (opgestane) Lam wat geslag is (bloedvergiëting van die Paaslam aan die kruis) – om die koninkryk vanuit sy (die Heilige Gees se) trinitariese samewerking wêreldomvattend te realiseer.

▪ *Die eerstepersoonsverteller*

By die karakterisering van die karakter Johannes op die verhaalvlak van die eerste segment (5.4.1.2.4(i)) is bevind dat hy, die optekenaar van die openbaring en van die getuie van Jesus Christus, ’n gelowige, geïnspireerde dienaar en getuie van Jesus Christus is, iemand wat in hegte verbondenheid aan Hom saam met ander volhardende mede-gelowiges van die koninkryk ook leef in die styl van Jesus Christus. Hy skryf in die eerste persoon enkelvoud, is die fokalisator wat tegelyk ook as die vertelinstantie optree (vgl. by 5.4.1.2.6(i)). Niks van hierdie karakterbeeld word in die tweede segment gewysig nie.

Die enigste verdere uitbouing van dié akteur van die geskiedenis tot ’n karakter in die narratief van die tweede segment kom in die tussenin-narratief van Op.10:1-11:14. Die outeur-verteller word vir die eerste keer meer as net ’n waarnemer en dialoogvoerder as hy ook sekere opdragte kry, naamlik om die boekrol te eet

¹⁷² Vergelyk die aanhaling in 4.2.6.2.3(ii) by die bespreking van intertekstualiteit wat lig werp op hierdie gebruik van die Ou Testament deur Johannes: “*In John’s own words, he was ‘in the Spirit on the Lord’s Day’ (Rev. 1:10) and what he has given us is a complex reconfiguration of Scripture in the light of his Christian experience.*” (Moyise, 2004:246.)

(10:9-10), weer te profeteer (10:10-11) en die tempel op te meet (11:1-2) (vgl. ook die opmerking in die bespreking van die wisselende verhaalt tempo in 5.4.2.2.2). Die interaksie tussen hom en die engel wat tegelykertyd op land en see staan en tussen hom en die stem uit die hemel wat met hom gepraat het, bevestig sy gehoorsame dienaar- en getuiewees van Jesus Christus – ook in dié visioenêre tafereel waarin hy ’n handelende karakter word.

▪ *Drie kringe troonfigurante*

Ouderlinge, lewende wesens en ontelbare engele is drie nuwe akteursgroepe (aktante) wat nie in die eerste segmentele narratief van Openbaring teenwoordig is nie, maar wel op die verhaalvlak van die tweede verhaalsegment, waar hulle tot karakters uitgebou word. By die ontvangs van die troongesig sien die verteller drie groepe om die troon geposisioneer:

- naby, rondom die troon, vier lewende wesens (4:6b);
- reg rondom die troon vier en twintig ander trone met ’n gelyke aantal ouderlinge wat daarop sit (4:4);
- rondom die lewende wesens en ouderlinge miljoene der miljoene engele (5:11).

Daar is dus drie konsentriese sirkels wat vanaf die troon as middelpunt uitkring (Kistemaker, 2001:211). Dit is drie groepe troonfigurante rondom die Een wat op die troon dinamies-heersend sittende is (4:3a) en die Lam wat (tussen die troon en die binnesirkel van lewende wesens) digby Hom staan (5:6). Om hulle karakterisering te verstaan, moet die vraag wie en wat hulle simboliseer, eers vlugtig aandag kry. ’n Kort verklaring word van elkeen gegee, sonder om in diepte op verskillende interpretasies van die simboliek in te gaan. Ek beperk my tot aspekte relevant vir hierdie hoofstuk se analise, en maak elke keer ’n keuse uit verskillende eksegetiese verklarings wat aangebied word, sonder om dit verder in besonderhede te beredeneer.

◦ *Identifisering van die vier lewende wesens in die eerste sirkel*

Die lewende wesens van die troongesig wat die naaste van die drie groepe aan die troon is, eggo ’n Ou-Testamentiese motief uit die roepingsvisioen van die profeet Esegïel (Esegïel 1-3). Daar is dit ’n simboliese aanduiding van die beweging van die troon van God deur die vier wesens wat dit dra in enige rigting wat die Gees dit wou hê (Eseg. 1:5-28). In Johannes se troonvisioen val die klem op die baie oë wat hulle het. Hulle is as’t ware ‘oortrek’ van oë –

oraloor is dit die ene oë (4:6b-8a). Dit sou kon beteken dat hulle die bewaking van die troon simboliseer, dat hulle *'the immediate guardians of the divine presence'* is (Smalley, 2005:120; Hall, 1990:609-613, beskou hulle selfs as 'n integrale deel van die troon, met ander woorde as komponente daarvan). Dat daar vier van hulle is, impliseer weer dat hulle die vier windrigtings verteenwoordig en sodoende alle lewende wesens in die omvattende ryks- en troongebied van God versinnebeeld, uitgedruk in 'n leeu-, bul-, mens- en arendvoorkoms (Op. 4:6b-8) (Roloff, 1993:71; König, 2009:181).

Die vier lewende wesens simboliseer dus die hele geskape werklikheid van roerende lewe in die teenwoordigheid van God, deur wie Hy lofprysend verheerlik word (4:8; 5:9-10a). Hulle is soos priesters voor en om die troon – hulle hele bestaan gaan op in verheerliking van die Een op die troon (Bauckham, 2008:56).

◦ *Identifisering van die vier en twintig ouderlinge van die middelkring*

Die mees aanvaarbare opvatting van wie die ouderlinge rondom die troon is ('n unieke visioenêre troonfigurantegroep wat net in Openbaring se troonvisioen voorkom, vgl. Hurtado, 1985:112), is dat hulle die losgekoopte of verlore heiliges simboliseer. Volgens dié verklaring word die vier en twintig ouderlinge verstaan as die totale kerk of volk van die Here, bestaande uit al die gelowiges van die ou én die nuwe verbond. Hierdie uitleg word gemotiveer vanuit die getal vier en twintig, wat dan die samevoeging van die twaalf patriarge (of die twaalf stamme) van Israel en die twaalf apostels van die Nuwe Testament is. Saam is hulle verteenwoordigend van die twee elemente wat in die nuwe Israel verenig is (Swete, 1977), die Godsvolk/kerk van alle eeue (Boring, 1989:93). Die vier en twintig kleiner trone om die troon sowel as die vier en twintig goue krone van die ouderlinge is beide gesagsimbole wat tekenend is van die gesag wat die oorwinnende gelowiges – dit is 'n moontlike interpretasie van die betekenis van hulle wit klere – van Christus ontvang om saam met Hom te regeer.

Bogenoemde interpretasie van die vier en twintig trone en krone en ouderlinge in wit klere is die tradisionele verklaring wat sedert Victorius van Pettau (oorlede AD 304) ondersteuning geniet het en tot in resente tye nog steeds deur baie aanvaar word (vgl. onder andere Jordaan, 2006:81; Kistemaker, 2001:186-

187; Holtzhausen, 1991:16; Hughes, 1990:72; en vroeër: Sweet, 1979:118; Greijdanus, 1965:94-95.)¹⁷³

Soos die vier lewende wesens hierbo die hele geskape werklikheid van God simboliseer, simboliseer die vier en twintig ouderlinge as tweedekring-troonfigurante op hulle beurt die Godsvolk van alle eeue, wat Hom in lofprysende sang verheerlik (4:10-11; 5:9-10a; 11:16-18).

◦ *Identifisering van die miljoene der miljoene engele van die buitesirkel*

Die derde groep troonfigurante, die talryke engele wat die verteller in die derde konsentriese sirkel om die middelpunt van die troon waarneem, behoef nie enige simboliese verklaring nie. Hulle simboliseer of verteenwoordig nie 'n bepaalde 'divisie' in die kosmos nie, maar is sonder meer as 'n entiteit welbekend in religieuse geskrifte (vgl. *Henog-Apokalipse* 14:22; 40:1). Hulle tree reeds sedert die Ou-Testamentiese openbaringsgekiedenis as hemelse gesante op. Die miljarde (bedoelende ontelbare) engele van Openbaring se troongesig is 'n Nuwe-Testamentiese weerklank van die miljoene engele in Daniël se nagtelike visioen, wat deur hom ook in die konteks van 'n troongesig gesien is (Dan. 7:10)

Met die troonfigurante geïdentifiseer deur onder meer ook die simboliek van elke groep te bepaal, kan hulle karakterisering nou aan die orde kom. Ek groepeer hulle saam om aan die gemeenskaplike tussen hulle aandag te gee.

Die gemeenskaplike karaktertrek wat die troonfigurante in die wyerwordende kringe om die hemeltroon kenmerk, is hulle absolute en volstreckte bereidheid om te dien. Waaruit is dié karaktertrek duidelik? Nie uit die blote beskrywing van hulle posisie en plasing rondom die troon nie, maar dit word eers werklik duidelik wanneer ons deur Johannes se getuienis die geïdentifiseerde troonfigurante sien en hoor optree. Wanneer die statiese beskrywing van die visie op die troon ontwikkel van 'n hemelse tablo tot 'n hemelse drama van aktiewe aanbidding en proklamasie (Michaels, 1997:92-93), word die lewende wesens, die ouderlinge en engele karaktervolle hoofakteurs in die openbaringsdramatiek van die liturgiese tweede verhaalsegment van Openbaring. Johannes word getuie van 'n ononder-

¹⁷³ Daar kan minstens nog vyf ander interpretasies van wie die vier en twintig ouderlinge sou wees, genoem word. Kovacks & Rowland (2004:63,64), Beasley-Murray (1974:113-114) en Beale (1988:322) gee goeie oorsig daarvan. Die belangrikste van die ander verklarings is dat die vier en twintig ouderlinge engelagtige lede van die hemelse troonsaal is, verteenwoordigers van die liggaam van verlore gelowiges, wat reeds in Op. 1:6 priesters genoem word (Beale, 1999b:323-326; Smalley, 2005:116), of moontlik verwys dit na die vier en twintig priesterordes van die tweede tempel-tydperk (1 Kron. 24:6-19).

broke liturgiese ritueel in die hemel, uitgevoer deur die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge wat ononderbroke, sonder om te rus, onderskeidelik sing van die heiligheid van die almagtige God (4:8c) en van sy almag en eer omdat Hy alles deur sy wil geskep het (4:11). Die ouderlinge klim van hulle trone af om te kniel, terwyl hulle hulle krone voor die troon werp. Daarmee betuig hulle dat God alleen waardig is om heerlikheid en eer en mag te ontvang. Hy is die Een, die Enigste (Alleenheerser, Monarg), wat gesagvol heers.

Ná die openingsbeskrywing en die wisselende beurtsang van die lewende wesens en die ouderlinge in hoofstuk 4 smelt die twee groepe se stemme saam in hoofstuk 5. Op grond van die Lam wat die boekrol geneem het om dit te open, sing hulle – met siters en omhul van die wierook van gelowiges se gebede – sáám oor die werk van die Lam en sy waardigheid om die boekrol te ontseël. Die koninkryks-motief kom in hulle vokale voordrag rondom die troon weer eens na vore – nou in dank daarvoor dat die Lam die losgekooptes uit elke stam en taal en volk en nasie ’n koninkryk van priesters vir God gemaak het om uiteindelik saam oor die aarde te mag regeer (5:8-10).

Vanuit die buitesirkel rondom die troon vind dit ook weerklank in die sang van die derde groep troonfigurante, die miljoene engele. Hulle vul die lof van die Alleenheerser se heerlikheid aan as hulle die verheerliking deur die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge eggo en nuut uitsing (5:11-12). Dit word die teken vir die hele kosmos, die totale skepping, ja, vir alles wat daar is, om dit vanaf die derde kring om die troon nog verder te dra en oral te laat opklink en uitklink. Die lied sing van *beide* God en die Lam se lof en eer, heerlikheid en krag vir ewig (5:13). Die lewende wesens bevestig dit van digby die troon met ’n *Amen!* En weer kniel die ouderlinge in aanbidding (5:14).

Wanneer die verhaallyn van die liturgie in hoofstuk 7 (7:9-12) weer hervat word, word dieselfde karaktertrek verder geteken, maar nou ook as ’n eienskap van die ontelbare menigte uit elke nasie, stam, volk en taal. Hierdie keer is dit die engele wat dit met ’n *Amen!* bevestig. Hulle sing in engeletaal verder van die lof, heerlikheid, wysheid, dank, eer, en van die mag en die sterkte wat vir ewig aan God behoort.

Aan die einde van die tweede segment word die karakter van die ‘stemme in die hemel’ en van die ouderlinge (die tweedekring-troonfigurante) nogmaals en finaal bevestig as hulle beide oor die koningskap en die voltooiing van die koninkryk van God en sy Gesalfde sing (11:15-18).

Die verheerliking van die deugde en die daade van God en die Lam word dus volgehou deur die hele verloop van die tweede segment. En dit is juis die ontwikkeling van die troonfigurante se karakteristieke eienskap van lof-sonder-ophou en diens-in-vlytige-onderdanigheid wat die tweede segment se fokus eventueel effektief saamtrek op die heerlikheid van dié Karakter, God Drie-enig in sy ontsagwekkende heiligheid.

▪ *Die skepping, ontelbare menigte, stemme in die hemel*

By die bespreking hierbo van die drie kringe of groepe troonfigurante is reeds verwys na drie ander groepe wat ook in die verhaallyn van die liturgie as figurante optree.

Die eerste is die hele skepping wat in die liturgie van hoofstuk 5 sing in opvolging van die engele se sang (5:13 se *die hele skepping, alles in die hemel en op die aarde en onder die aarde en op die see, ja alles wat daar is*).

Tweedens is daar in die liturgiese konteks van hoofstuk 7 ook 'n ontelbare menigte uit elke nasie, stam, volk en taal wat sing (7:9-10) net vóór die ontelbare engele-menigte (7:11-12). Die honderd vier en veertig duisend verseëlde van 7:4-8 is op sigself ook 'n simboliese voorstelling van die menigte uit die volkereskaar. Dit is 'n simboliese getal van die totale kerk van die ou en nuwe verbond. Ek lig my interpretasie van die simboliek soos volg toe: twaalf stamme van Israel plus die twaalf apostels in die nuwe bedeling wat aangebreek het met die koms van die Leeu-Lam, stel die getal vier en twintig saam. Daarin korrespondeer die honderd vier en veertig duisend verseëlde natuurlik ook in 'n bepaalde sin met die vier en twintig ouderlinge.¹⁷⁴ Dat dit honderd vier en veertig duisend is dui op die volheid van die getal (twaalf vermenigvuldig met twaalf vermenigvuldig met duisend is gelyk aan honderd vier en veertig duisend). So beredeneer is die *ontelbare* menigte uit elke nasie, stam, volk en taal dieselfde as die *telbare* honderd vier en veertig duisend, en andersom (vgl. Schüssler Fiorenza, 1991:88-89; Koester, 2001:137). Die vier en twintig ouderlinge en die honderd vier en veertig duisend is egter nie dieselfde nie. Elkeen belig deur hulle simboliese betekenis 'n spesifieke faset van kerkvolk-wees: die ouderlinge met

¹⁷⁴ Sien die bespreking hierbo by die identifisering van dié troonfigurantegroep in die middelkring rondom die troon: die vier en twintig simboliseer die losgekoopte of verlose heiliges, die totale kerk of volk van die Here, bestaande uit al die gelowiges van die ou én die nuwe verbond. Dit is egter nie net die samestelling van die totale kerkvolk wat simbolies deur hulle voorgestel word nie. Hulle vier en twintig trone en krone simboliseer ook – en veral dit – dat hulle koninklike status besit en bevoorreg is om te mag regeer saam met die Lam.

die ligging van hulle vier en twintig trone rondom die troon aksentueer koningskap, die oorwinnende kerk; by die telbare verseëlde wat tegelyk ook die ontelbare menigte uit die volkereskaar simbolies voorstel, word die beskutting en omvattendheid van die geredde aanbiddingsgemeenskap geteken en beklemtoon. (In die derde segment word die karakterbeeld van die honderd vier en veertig duisend verseëlde verder uitgebou; sien die bespreking, analise en interpretasie daarvan in 5.4.3.2.4(i).)

Derdens neem Johannes waar dat daar by die afsluiting van die liturgie in die tweede segment weer *stemme* in die hemel is wat uitgeroep het dat die *koningskap oor die wêreld aan ons Here en sy Gesalfde* behoort wat as *koning tot in alle ewigheid sal heers* (11:15). Hulle sang is net voordat die vier en twintig ouderlinge die liturgie van die tweede segment na die grandiose eindproklamerings van die koninkryk neem (11:16-18). Daar is dus nog drie groepe aanbidders in die tweede segmentele narratief: die skepping, 'n ontelbare menigte uit die volkereskaar en stemme in die hemel. Al drie groepe is logieserwys ingesluit in die *skepping*, in die 'alles-koor' wat in hoofstuk 5 al begin sing het. Moontlik behoort *die stemme in die hemel* van hoofstuk 11 nie aan ander wesens as aan die *singende ontelbare menigte* in wit klere met palmtakke¹⁷⁵ in die hande van hoofstuk 7 nie. Is die groep uit alle nasies, stamme, volke en tale 'n duplikasie van die totale volk uit die ou en nuwe verbond van God wat in die vier en twintig ouderlinge gesimboliseer is?

Dit het nie veel waarde om die drie groepe hier verder te probeer identifiseer en hulle simboliese betekenis te probeer vasstel nie. Die relevante is dat hierdie drie groepe so definitief in die doksologie van die tweede segment ingeskakel is dat die verteller hulle ook hoor sing het. Hulle deel dus in die karakterbeeld wat van die drie kringe troonfigurante uitgebou is.

Skepping, vrygekoopte menigte en stemme in die hemel brei die karaktergroepe uit tot die globale en totale erediens, die liturgie van die allesomvattende universum. Die universele kerk en kosmos stel deur hulle karakteristieke deug van lofprijsende diensbaarheid die fokus skerp in op die heerlikheid van dié Karakter, God Drie-enig, Monarg vir ewig.

¹⁷⁵ Dit herinner aan die reinigingsfees in die week voor die Paasfees, waartydens die volk hulle veilige reis na en intrede in die beloofde land herdenk het. Die betekenis van die vermelding daarvan sou dan hier kon wees dat dit slaan op die volk van God se opmars na die Nuwe Jerusalem (Ulfgard, 1989).

(ii) Ondergeskikte akteurs van die geskiedenis opgebou tot karakters in die verhaal

Al die *dramatis personae* wat in 5.4.2.1.2(ii) as ondergeskikte akteurs onderskei is, word op die verhaalvlak van die tweede segment ook tot karakters uitgebou. Anders as die ondergeskikte karaktergeworde akteurs van die eerste segment wat op twee na (die engel van Jesus Christus wat in 1:1b genoem word en die getroue getuie Antipas wat in Pergamum gedood is, 2:13c) uit 'n homogene groep van die Bose en sy trawante bestaan, is die negentien ondergeskikte karakters van hierdie segment meer gevarieerd. Dit sluit aan die een kant die siele onder die altaar in, die mense wat aan die woorde van God en die getuïenis van Jesus vasgehou het (6:9-11), en die twee getuies van hoofstuk 11. Aan die ander kant sluit dit die *engel* uit die onderaardse diepte in (9:11), asook die *dier* uit die onderaardse diepte wat teen die getuies van die Here oorlog maak (11:7).

By die bespreking van die eerste segment se ondergeskikte karakters (5.4.1.2.4(ii)) het ek geantisipeer dat die Bose en sy trawante se karakterbeeld in die tweede en derde segmente sterker uitgebou word. Dit is duidelik dat die aanslag van hulle kant in die tweede segment 'n feller intensiteit vertoon as in die eerste, maar dit word eers in die derde segment in volsterkte geteken wanneer die volskaalse kosmiese oorlog beskryf word. Die voorlopers daarvan in die tweede segment wat hierbo genoem is (die engel van die onderaardse diepte wat by die blaas van die vyfde trompet deur die vernietigende sprinkane as hulle koning uitgeroep is, en die *dier* uit die onderaardse diepte) is tekens van wat in die derde segment uitgebou word. Die teenstanders van die koninkryk van God en die Lam word hier in 4:1-11:19 nog nie deur Johannes eksplisiet in aksie gesien nie. Dit moet verklaar word uit die hooftema van hierdie tweede hervertelling van die verhaal van Jesus Christus: dat dit gaan om die dokso-logie aan God en die Lam wat in 'n hemelse liturgie gevier word. Die klem val in die tweede segment nie soseer op die mag van die Bose *cum suis* nie, maar op die oordeel van God wat in die geskiedenis voltrek word. Dit sal in die bespreking van karakters in die volgende segment terugkeer (in 5.4.3.1.2 en 5.4.3.2.4 hieronder).

Daarmee kan nou afgestap word van die karakterbeelding in die tweede segmentele narratief van Openbaring.

5.4.2.2.5 Van plek na ruimte

Patmos is in al drie die segmentele verhale die plek van waarneming van die visioene. Die woorde *ἐν πνεύματι* (in die Gees) in 4:2a by die aanvang van die troonvisioen koppel dit onmiddellik aan die plekplasing van 1:9b, waar Johannes op die eiland was. Ruimte op die vlak van die verhaal is egter meer as die fisiese aardse lokaliteit waar die verteller hom bevind.

Die twee visioensiklusse van die tweede segment speel in die hemel af. Johannes staan in die troongesig voor die troon vanwaar hy in staat is om die hele geskiedenis, verlede, hede en toekoms, te sien (Barker, 2000:117). In die twee visioen-siklusse is ruimte die geestelike geografie van die troonsaal in die hemel waarin die tempel van God is (7:15, 11:19). Maar die ruimte is in die tweede segment van Openbaring meer as net die hemel met sy troon. Die ruimte-aspek in die verhaal het steeds ook nog met die aarde te doen. Die verhaal stel die ontvanger/leser van die visioensiklusse in die woorde van Barr in staat:

...to see behind the facade of everyday life into the world of ultimate reality. To be more precise, the Apocalypse communicates not just John's vision of the other world, it communicates his vision of what is really happening in this world by allowing the reader to identify ordinary places with the extraordinary. (Barr, 1998:66-67.)

Die liedere in die twee troonvisioensiklusse van die tweede segment speel 'n belangrike rol in die proses om begrip van die geestelike geografie te verkry. Gottfried Schimanowski verduidelik die verhouding tussen '*heavenly realms*' en '*earthly realities*' in Openbaring soos volg:

It is obvious that, without exception, all hymns of the throne vision are part of the heavenly worship...[T]he hymns require worshippers to imagine the celestial array through John's witness. Their content anticipates universal worship, which will occur at the end of time and space. For this reason, the distance between heaven and earth is still emphasized. But now, through the liturgy, the earthly praises echo the heavenly songs and express in the context of worship the present aspect of eschatology. Heavenly and earthly worshippers are unified...[O]nly in this way are they prepared for the final conflict that will last until the coming of the victorious Lamb and the beginning of the new creation. (Shimanowski, 2004:81-82.)

Hierdie ruimtekonsept is uiters belangrik vir die verstaan van 'n hemelse troonvisioen. Dit word verduidelik in ag geneem by die analise en eksegetiese van die apokalips.

5.4.2.2.6 Fokalisasie

In die bespreking van fokalisasie as 'n aspek in die eerste hervertelling (segment) van die evangelieverhaal van Jesus Christus, is bevind dat daar van persoonsgebonde fokalisasie sprake is (5.4.1.2.6). Dit is 'n karakter in die verhaal wat die verhaal 'fokaliseer'.

In die tweede segment is dit nie anders nie. Uit dit wat Johannes sê en die feit dat hy die een is wat die ander sprekers en sangers aanhaal en sodoende naas sy eie woorde ook ander se spreekbeurte rapporteer, is dit duidelik dat hy naas fokalisator ook die een is wat die vertelakt in die verhaal uitvoer. Hy tree as die gespreksleier op. Die tweede segment het wel ander sprekers as die eerste (soos die sangers van die liedere en byvoorbeeld die

engel van hoofstuk 11), maar die fokalisator wat sien en vertel wat hy sien, is dieselfde instansie.

Die implisiete outeur laat dus die karakter genaamd *Johannes* ook in die tweede segment optree as fokalisator wat praat (vertel) én laat sê wat hy sien (gesien het). Hy is die instansie wat die vloei en aard van inligting reguleer.

5.4.2.3 Die vlak van die teks (*narration* in Engels en Frans)

Die vertelinstansie is die produseerder van die teks se betekenis, en fokalisasie bepaal saam met die gegewe van die vertelinstansie die aard van die literatuurproduk (vgl. 5.4.1.3).

Aangesien daar in 5.4.2.2.6 direk hierbo dieselfde in verband met fokalisasie bevind is as by die eerste segment en aan fokalisasie genoegsaam aandag gegee is (en die vertelinstansie in Openbaring 4:1-11:19 reeds deur die implisiete outeur as die karakter Johannes geïmpliseer is), word nou net op die *aard* van die gefokaliseerde teks ingegaan.

Die onderstaande eienskappe van die tweede segmentele narratief van Openbaring se tekstekstuur val op.

- (i) Die verhaalde (gefokaliseerde) gegewens deur die vertelinstansie word deur die implisiete outeur ook op die vlak van die tekstekstuur van die tweede narratief aangebied in al drie die tekssoorte of ‘teksture’ wat deur Bal (1985a: 124) onderskei word. Ook die tweede segment bevat dus gedeeltes in narratiewe styl geskryf, waarin prosesse verhaal word, tweedens gedeeltes waarin objekte beskryf word, en in die derde plek betogende dele waarin nòg ’n proses, nòg ’n objek beskryf of geteken word, maar ’n algemene onderwerp waarin opvattinge en menings (‘ideologieë’) verwoord word.
 - Die narratiewe gedeeltes is uitgedruk in die proses waarvan die kerngebeure in 5.4.2.2.1 saamgetrek is. Dieselfde Iemand-soos-die-Seun-van-die-mens van die eerste segment, wat nou die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid, genoem word, verskyn in die gestalte van ’n Lam wat geslag is (5:5-6). Dit is Hy wat Johannes roep om na die hemel op te kom sodat Hy vir hom kan wys wat hierna moet gebeur (4:1). Hy word weer in die Gees meegevoer (4:2a) en aanskou hierdie keer ’n troon in die hemel met Een wat daarop sit (4:2b). Hy beskryf in die res van die segment ’n hemelse liturgie waarin die aanwesiges rondom die troon, die hele skepping en ’n ontelbare menigte die Een op die troon en die Lam lofprijsend dien en verheerlik (4:8 e.v.). Die verloop van die

narratief word drie keer onderbreek deur krisis wat ontstaan (5:2-7) en korter narratiewe waarin die ontplooiing van die toorn van God verhaal word (6:1-8:1; 8:2-9:21; 10:1-11:14), maar die narratief van God se beskerming van sy volk is ook daarin ingebed (7:1-8). Die narratief verhaal dat die erediens elke keer weer hervat word en voltooiing bereik wanneer Johannes sien hoe die tempel van God in die hemel oopgaan en sy verbondsark sigbaar word (11:15).

- Die belangrikste beskrywende gedeeltes van die narratief is die beskrywing van die voorkoms van die Een wat op die troon sit (4:3-4), van die troon self (4:3b), van drie groepe troonfigurante (4:4-7 en 5:11) en van Iemand soos die Seun van die mens wat hier die Leeu uit die stam van Juda genoem word, die Afstammeling van Dawid (5:6). Elke korter, ingebedde narratief bevat ook beskrywings van die karakters wat daarin optree.

- Die betogende gedeeltes van die tweede segment is met name die doksologieë wat die aanbidders van God en die Lam tot Hulle uitsing (4:8b,11; 5:9-10,12,13-14; 7:10,12; 11:15, 6-18).

- (ii) Dit is verder opvallend dat die teks van die tweede segment in die tipiese vorm van 'n visioensiklus gekonstrueer is. Dié segment bevat twee sikliese sub-narratiewe wat horisontaal voortspiraal (soos reeds in 5.3.5 onderskei en geskets is). Hoe is die sikliese in hierdie twee visioen-siklusse onderskeidelik saamgestel?

- *Konstruksie van die eerste visioensiklus (4:1-8:1)*

Die eerste siklus van die tweede segment begin by die gunstige konvekse bopunt van die eerste horisontale spiraal van die segment. Die heel eerste gebeurtenis wat ná die opening van die hemel voor die oë van die verteller plaasvind, is dat hy bewus word van 'n lewende en dinamiese liturgie waaraan verskillende groepe deelneem. Johannes hoor twee liederes wat onafgebroke gesing word: die vier lewende wesens se *Trisagion* (4:8c) en die vier en twintig ouderlinge se doksologie op die almag van God wat alles geskep het (4:11). Dit is die volmaakte toestand van hemelse aanbidding wat hy waarneem.

Die krisis wat daarna ontstaan omdat niemand gevind kan word wat waardig is om die boekrol van God se raadsbesluite by Hom te gaan neem

en die sewe seëls daarvan oop te maak nie, word vinnig opgelos. Dit gebeur in die verhaal voordat die booglyn van die konveks (of die dalende vertikale lyn van die letter *U* se vorm) nog werklik begin daal.

Nadat die Lam wat geslag is, gegaan het en die boekrol ontvang het, is daar weer liedere wat in die hemelse liturgie gesing word. Hierdie keer is dit drie liedere wat op mekaar volg. Die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge sing die eerste lied saam (*h nuwe lied* – 5:9a). Dit is 'n lied met inhoud: die verheerliking van die Lam wat waardig is om die boek te kon neem en mense vir God losgekoop het (5:9-10). Miljoene engele sing daarna die tweede lied waarin ook hulle die Lam loof en prys (5:12). 'n Massakoor bestaande uit *alles wat daar is* (5:13) sing die derde doksologie, waarin God wat op die troon sit en die Lam gesamentlik verheerlik word. Die lewende wesens bevestig dit met 'n *Amen!* en die ouderlinge klim as 'n gebaar van hulle kleinheid en God en die Lam se heerlike grootheid van hulle trone af en aanbid God deur voor Hom te kniel (5:14b, sien ook weer 4:10). Dit is 'n liturgiese gebaar wat uniek eie is aan die apokalips (Jörns, 1971:33), waardeur die vier en twintig ouderlinge bevestig en dramaties simboliseer dat God en die Lam soewerein regeer (Ford, 1998:213).

Op. 6:1-17 verteenwoordig in hierdie siklus die verslegting wat intree. Die ontwikkelingslyn uit die gunstige toestand spiraal regressief na onder as die oordeel van God in die eerste ses seëls se opening beskryf word. Die oordeel word al feller namate die seëls een ná die ander geopen word. 'n Laagtepunt word bereik waarvandaan dit nie moontlik lyk dat die voortstuwende narratief weer op en uit sal styg nie, veral ook in die lig daarvan dat die sewende seëloopening nog nie verhaal is nie. 'n Ontknooping kom tog wel. Die verseëling van die dienaars van God wat in die ingebiede narratief van 7:1-8 verhaal word, is 'n groot verrassingselement in die narratief. Die ontwikkelingslyn kan weer styg, en dit bring weer 'n nuwe gunstige staat van ewilibrum.

Dit is van besondere betekenis om op te let dat dié staat eers volledig bereik word in twee doksologieë wat nou weer aangehef (kan) word. 'n Ontelbare menigte verheerlik God en die Lam (7:10). Al die engele brei dit in nog 'n lofprijsing uit (7:12). Die verteller hoor van 'n ouderling wie die groot menigte is in hulle wit klere: dit is die gesaligdes wat voor die troon is om God dag en nag te dien, terwyl die Lam hulle Herder is in die saligheid van volmaakte lewe (7:13-17). Die sewende seël word oopgemaak, en rus en stilte kom in die hemel (8:1). Die spiraal het weer van die

konkawe laagtepunt herstel na die aanvanklike konvekse hoogtepunt. Die eerste visioensiklus het daarmee sy voltooiing bereik.

- *Konstruksie van die tweede visioensiklus (8:2-11:19)*

Direk ná die eerste visioensiklus voltooi is, volg die tweede siklus van die tweede segment (8:2-11:19). Ná die sewende seël se halfuur stilte-hoogtepunt aangebreek het, skuif sewe engele met trompette reg (8:3). Ses van hulle is van 8:6 af met hulle trompette wat geblaas word instrumenteel in die uitstorting van God se oordeel (8:6-9:21), nadat die engel wat by die altaar wierook saam met die gebede van die heiliges geoffer het, vuur van die altaar geneem het en dit op aarde uitgegooi het (8:5).¹⁷⁶ Die tweede visioensiklus begin regressief afwaarts beweeg en bereik sy laagtepunt aan die einde van die ingebedde narratief van 10:1-11:14.

Die geskal van die sewende engel se trompet in 11:15 kom weer as 'n groot verrassing – net soos die oopmaak van die sewende seël in die vorige visioensiklus (8:1). By die laagtepunt en krisissituasie van die felste oordeel wat geskets is, los die spanning oor wat nog moet kom op in nog 'n liturgiese toneel. Dit stuur die verhaallyn van die spiraal weer opwaarts, terug na 'n gunstige toestand waarin alle spanning opgelos is.

Stemme in die hemel sing van die koningskap oor die hele wêreld wat aan God en sy Gesalfde behoort; Hy sal *nou* as koning heers – en die *nou* beteken *vir ewig* (11:15). Die vier en twintig ouderlinge kniel weer in aanbidding met hulle gesigte na die grond toe, en hulle sing 'n danklied omdat die Here God, die Almagtige, nou vir ewig as koning gaan heers (11:16-17). Die stryd om die koningskap is volstry. Die finale skeiding breek aan: die wat die aarde as een van die twee provinsies van die koninkryk vernietig, word vernietig; die dienaars van God ontvang genade (16:18).

¹⁷⁶ By die bespreking van die gebeurtenisse op die vlak van die geskiedenis in 5.4.2.1.1 het ek die afbakening tussen die twee siklusse van die tweede segment beredeneer. Die inhoud van die sewende seël se opening (8:1) het ek nie daar verklaar nie. Wat is die betekenis van die halfuur stilte in die hemel ná die Lam die sewende seël oopgemaak het? Is die stilte die inhoud van die sewende seël? Ek gaan ook hier nie in diepte in op verskillende interpretasies wat van die stilte in die hemel gegee word nie. Daar is klaarblyklik minstens twee verklarings waarvan wel net kennis geneem kan word. Die stilte is volgens sommige 'n herhaling van die stilte voor die skepping – hier dan 'n stilte ná die ontseëling van die sewende seël waardeur alles gereed was vir die herskepping om plaas te vind (Roloff, 1993:101-102). Ander sien dit as die stilte wat heers vir die gebede van die heiliges, wat in 8:3-4 genoem word (Beasley-Murray, 1974:149-152; König, 2009:239).

Met hierdie voleindingsliedere het die tweede visioensiklus (8:2-11:19) sy voltooiing bereik. Dit sing van die koninkryk *in sy triomfe eindeloos* (Skrifbelyning 10-1:2). Die volkome saligheid word ontvang. Die tempel van God met die verbondsark daarin, het oopgegaan (16:19). Die siklus het sy eindpunt bereik in die ewige stabiele staat van die voleindigde koninkryk wat in sy volkomenheid gekom het.

Die tweede segmentele narratief van Openbaring is dus die hervertelling van die evangelieverhaal van Jesus Christus, die oorwinnende Lam – in beeld- en simbooltaal gekodeer, en in die styl van visioenêre spirale gekonstrueer.

- (iii) Die tekslaag van die tweede segmentele narratief, in sy geheel oorsien, vertoon 'n handelingsverloop waarin kerngebeure sintagmaties gekoppel word. Die teks word, soos in die eerste segment, uiteindelik ook deur betogende informasie oorheers wat in twee silleptiese visioensiklusse ingebed is. Die betogende dele, in hierdie twee visioensiklusse in die liedere uitgedruk, bevat paradigmatische verdieping wat die tekstekstuur gekombineer met sintagmatiese kombinasie sinvol bè-teken (kodeer).

5.4.3 Narratologiese lesing *cum* kursories-eksegetiese analise van die derde segmentele narratief (Op. 12:1-22:21)

5.4.3.1 Die vlak van die geskiedenis (*fabula/story/histoire/Geschichte*)

5.4.3.1.1 Gebeurtenisse

Die handelingsverloop in die derde segmentele narratief van Openbaring bestaan uit:

- (i) 'n Groot teken het in die hemel¹⁷⁷ verskyn: 'n swanger vrou met die son bekleed en met die maan onder haar voete skree van geboortepyne (12:1-2).

¹⁷⁷ Die woorde *ἐν τῷ οὐρανῷ* (*in die hemel*) kan ook vertaal word met *aan die hemelruim* of *in die lug*. *Hemel* dui nie in alle gevalle op die woonplek en troonsetel van God nie. Daar is rondom die tekens wat in Openbaring 12 verskyn deur sommige uitgewys dat dit moontlik mitiese astrologie veronderstel en daarom is dit waarskynlik verantwoord om hier te dink aan die *hemelruim*. Charles (1971:310-313) is van mening dat die agtergrond van die tekens geleë is in 'n primitiewe internasionale mite, waarvan die oorsprong in Babilonië, Persië, Griekeland en/of Egipte is – by elk kom in elk geval iets daarvan voor. Vir 'n interpretasiegeskiedenis van hierdie hoofstuk (Openbaring 12) kan na Prigent (2001:12) verwys word. Roloff (1993:142-145) vind naas die Egiptiese en Griekse mitologiese wortels ook ooreenkomste in Joodse en Ugaritiese sages en karakters. Prigent (2001:368-373) bespreek selfs die moontlikheid van 'n kultus op Patmos as 'n '*combat myth*'-verwysingsraamwerk waarbinne Johannes die openbaring ontvang het.

- (ii) 'n Tweede teken het in die hemel verskyn: 'n groot vuurrooi draak, wat voor die vrou staan en wag om ná die geboorte haar kind te verslind (12:3-4).
- (iii) Toe die vrou haar manlike kind in die wêreld bring, word die draak se voorgenome aanval op die kind gefnuik deurdat die kind na God en sy troon weggeruk word, tewel die vrou na die woestyn vlug (12:5-6).
- (iv) Migael en sy engele verslaan die draak en sy engele in 'n oorlog in die hemel, waarna die draak en sy magte op die aarde gegooi word (12:7-9).
- (v) 'n Stem in die hemel juig oor die redding deur God se mag en koningskap en oor die oorwinning van die Lam en die gelowiges, *ons broers* wat nou nie meer aangekla kan word nie (12:10-12).
- (vi) Die draak het die vrou agtervolg en probeer om haar in die woestyn te vervolg, maar sy word op 'n wonderbaarlike wyse deur die aarde te hulp gekom. Die woedende draak gaan maak toe oorlog teen die vrou se ander nakomelinge (12:13-17).
- (vii) Die draak verskyn in die gestalte van 'n/die dier uit die see en 'n/die dier uit die aarde (13:1-18).
- (viii) Die verteller sien en hoor honderd vier en veertig duisend wat die Lam op die berg Sion besing waar hulle by Hom staan, maar hy gee nie die inhoud van hulle lied weer nie (14:1-5).
- (ix) Oordeel word deur drie engele aangekondig (14:6-11).
- (x) Die verteller kry opdrag om te skryf dat dié wat van toe af in die Here sterwe, geseënd/geluksalig is. Die Gees voeg daaraan toe dat hulle kan rus en dat hulle werke met hulle volg (14:12-13).
- (xi) Johannes sien Iemand soos die Seun van die mens wat op 'n wit wolk sit, wat van 'n engel die opdrag kry om die aarde, ryp vir die oes, met sy sekel af te oes. Nog twee engele verskyn. Die wingerd op die aarde word ook afgeoes en in die parskuip van die toorn van God buite die stad getrap, sodat die bloed wat daaruit gekom het, tot aan die tooms van die perde geraak het en een duisend ses honderd stadia (vier maal vierhonderd) ver gestrek het (14:14-20).
- (xii) Nog 'n teken het in die hemel verskyn: sewe engele wat sewe plae bring (15:1).

- (xiii) Die mense wat die oorwinning oor die dier en sy beeld behaal het, het met siters by die spieëlgladde see gestaan en die lied van Moses, wat ook die lied van die Lam is, gesing (15:2-4).
- (xiv) Die sewe engele wat die sewe plae bring het uit die tempel, die woonplek van God, gekom. Een van die vier lewende wesens het aan die sewe engele sewe bakke gegee, gevul met die toorn van God (15:5-7).
- (xv) Die tempel het vol rook geword vanweë die heerlijkheid van God (15:8).
- (xvi) 'n Stem uit die tempel gee aan die sewe engele opdrag om die sewe bakke met die toorn van God op die aarde uit te gooi. Die engele het die een na die ander bak uitgegooi (16:1-21).
- (xvii) Een van die sewe engele roep Johannes om te kom kyk hoe die oordeel oor die sedelose vrou voltrek word. Hy sien hoe die vrou en die stad Babilon ondergaan, en hoor hoe daar oor haar en die stad gehuil word deur konings, sakemanne en seelui. 'n Sterk engel gooi 'n klip so groot soos 'n meulsteen in die see en verklaar dat die groot stad Babilon so neergegooi sal word in 'n totale vernietiging (17:1-18:24).
- (xviii) 'n Groot menigte in die hemel sing 'n lofsang oor die heerlijkheid en mag van God, waarop die vier en twintig ouderlinge en die vier lewende wesens gekniel het en ook hulle *Amen-Halleluja* bygevoeg het (19:1-4).
- (xix) Uit/van die troon het 'n stem geroep dat al die dienaars van God Hom moet prys. Johannes hoor toe 'n geluid soos die stem van 'n groot massa wat soos 'n groot watermassa en soos swaar donderweer klink. Hulle sing van die koningskap van God Almagtig, en van die bruilof van die Lam wat aangebreek het (19:5-10).
- (xx) Die verteller sien die hemel oop. 'n Wit perd en sy Ruiter met leërs in die hemel volg Hom, ook op wit perde. Hulle voer oorlog en oorwin alle magtiges en maghebbers, terwyl die dier en die vals profeet lewend in die vuurpoel gegooi is wat met swaai brand. Die ander is gedood met die swaard wat uitgaan uit die mond van die Ruiter (19:11-21).
- (xxi) Satan word vir duisend jaar vasgebind, dan losgelaat en die laaste oordeel word voltrek (20:1-15).

(xxii) Johannes sien die nuwe aarde en die nuwe hemel en die nuwe Jerusalem (21:1-22:5).

(xxiii) Jesus sê dat Hy gou kom, en die bruid en die Gees roep om sy koms (22:6-21).

Dit is duidelik dat die derde segmentele narratief 'n heelwat langer hervertekening is van die evangelieverhaal van die koms van die koninkryk in Jesus Christus te midde van die spanning van die eindverwagting as die van die eerste twee segmente. Talryke gebeurtenisse word in hierdie segment deur Johannes verhaal.

Wanneer die drie en twintig bogenoemde gebeurtenisse nou op die vlak van die geskiedenis volgens logika en 'chrono-logika' gerekonstrueer word, word die volgende volgorde in die gebeurtenisse-reeks duidelik: (iv)-(v), (i)-(iii), (vi)-(vii), (viii)-(xi), (xiii), (xii), (xiv)-(xvi), (xvii), (xviii)-(xix), (xx)-(xxiii). Word hierdie primêre geskiedenis se logiese en chronologiese *fabula* (historiese storielyn) 'uitgeskryf', verloop dit soos volg:

▫ *Eerste visioensiklus (Op. 12:1-15:4)*

Die eerste gebeurtenis van die geskiedenis is 'n oorlog in die hemel waarin Migaël en sy engele die draak en sy engele verslaan, waarna die draak en sy magte op die aarde gegooi is. 'n Stem in die hemel juig oor die redding wat deur God se mag en koningskap bewerkstellig is, en oor die oorwinning van *ons medegelowiges* deur die bloed van die Lam, omdat hulle nou nie meer aangekla kan word nie (iv-v). Dié oorlog is die agtergrond van die hele derde segmentele narratief. Twee tekens verskyn aan die hemelruim: die van 'n swanger vrou met die son bekleed en met die maan onder haar voete, 'n vrou wat van geboortepyne skree; en tweedens van 'n groot vuurrooi draak, wat voor die vrou staan en wag om haar kind net ná geboorte te verslind. Toe die vrou haar manlike kind in die wêreld bring, word die kind na God en sy troon weggeruk, waarna die vrou na die woestyn vlug (i-iii). Die draak agtervolg die vrou en probeer om haar in die woestyn te vervolg, maar sy word op 'n wonderbaarlike wyse deur die aarde te hulp gekom. Die woedende draak, wat in twee dieregestaltes verskyn, gaan maak toe oorlog teen die vrou se ander nakomelinge (vi-vii). Honderd vier en veertig duisend verskyn saam met die Lam op die berg Sion en hulle sing 'n *nuwe lied*. Oordeel word deur drie engele aangekondig, waarna Johannes opdrag kry om te skryf dat dié wat van daardie oomblik af in die Here sterwe, geseënd/geluksalig is. Hy hoor hoe die Gees daaraan toevoeg dat hulle kan rus en dat hulle werke met hulle volg. Verder sien hy *Iemand soos die Seun van die mens* wat op 'n wit wolk sit. 'n Engel roep na Hom om die aarde met sy sekel af te oes, wat Hy toe

ook doen. Nog twee engele verskyn, en die wingerd op die aarde is ook afgeoes en in die parskuip van die toorn van God buite die stad getrap, sodat die bloed wat daaruit gekom het, tot aan die tooms van die perde geraak het en een duisend ses honderd (vier maal vier honderd) *stadia* ver gestrek het (viii-xi). Die mense wat die oorwinning oor die dier en sy beeld behaal, staan daarna met siters by die spieëlgladde see en sing die lied van Moses, wat ook die lied van die Lam is (xiii).

▫ *Tweede visioensiklus (Op. 15:5-19:10)*

Nog 'n teken, nou die derde een in die derde segment, verskyn in die hemel: sewe engele wat sewe plae bring (xii). Die sewe engele kom uit die tempel, die woonplek van God. Een van die vier lewende wesens gee aan hulle die sewe bakke met die toorn van God daarin. Die tempel word vol rook vanweë die heerlijkheid en die mag van God. 'n Stem uit die tempel gee opdrag aan die sewe engele om die sewe bakke op die aarde uit te gooi. Die engele gooi die een na die ander bak op alle 'terreine' van die kosmos uit (land, see, waterbronne, die son, die troon van die dier, die Eufraatrivier en in die lug) (xiv-xvi). Nadat die bakke geledig is, roep een van die sewe engele Johannes om te kom kyk hoe die oordeel oor die sedelose vrou voltrek word. Hy sien hoe die vrou en die stad Babilon ondergaan, en hoor hoe daar oor haar en die stad gehuil word deur konings, sakemanne en seelui. 'n Sterk engel gooi 'n klip so groot soos 'n meulsteen in die see en verklaar dat die groot stad Babilon op dieselfde wyse met geweld neergegooi sal word in 'n totale vernietiging (xvii). 'n Groot menigte in die hemel sing daarna 'n lofsang oor die heerlijkheid en mag van God, waarop die vier en twintig ouderlinge en die vier lewende wesens kniel en ook *Amen!* en *Halleluja!* uitgeroep het. Uit die troon roep toe 'n stem dat al die dienaars van God Hom moet prys. Johannes hoor 'n geluid soos die stem van 'n groot massa wat soos 'n groot watermassa en soos swaar donderweer klink. Hulle sing van die koningskap van God Almagtig, en van die bruilof van die Lam wat aangebreek het (xviii-xix).

▫ *Derde visioensiklus (Op. 19:11-22:21)*

Die verteller sien die hemel oop. 'n Wit perd en sy Ruiters voer oorlog. Sy leërs in die hemel volg Hom op wit perde. Hulle voer oorlog en oorwin alle magtiges en maghebbers. Satan word vir duisend jaar vasgebind, daarna losgelaat en die laaste oordeel word voltrek. Johannes sien die nuwe aarde en die nuwe hemel en die nuwe Jerusalem. Jesus gee die versekering dat Hy gou kom, terwyl die bruid en die Gees ook roep om sy koms (xx-xxiii).

Die teksorde wyk dus af van die logiese en die chronologiese orde van die primêre geskiedenis, soos dit ook die geval is in die eerste segmentele narratief (vgl. 5.4.1.1.1), maar nie in die tweede die geval is nie (vgl. 5.4.2.1.1). Dit dui reeds op die verskil tussen die geskiedenis se elemente aan die een kant en die bewerking van die geskiedenis-elemente tot aspekte van die verhaal aan die ander kant (waarvan die bespreking en nadere ontleding in 5.4.3.2 volg).

5.4.3.1.2 *Akteurs*¹⁷⁸

(i) *Hoofakteurs*

- (i.i) 'n Vrou met die son bekleed, die maan onder haar voete en 'n kroon van twaalf sterre op haar kop (12:1-2,5-6,13-17)
- (i.ii) Vuurrooi draak (12:3-4,7-9,13-18; 20:2-3,7-8,10)
- (i.iii) Die dier uit die see (13:1-10)
- (i.iv) Die dier uit die aarde (13:11-18)
- (i.v) Die manlike kind (12:5), God se Gesalfde (12:10), die Lam (14:1), die Ruiter op die wit perd (19:11-16), Jesus (22:6-7,12-16,20a-21), die Môrester (22:16b)
- (i.vi) Die mense wat die oorwinning oor die dier behaal het (15:2-4)
- (i.vii) Die berugte sedelose vrou (17:1-6,18-18:24)
- (i.viii) Die groot stad (17:18-18:24)
- (i.ix) Die Ruiter op die wit perd (19:11-21)
- (i.x) Die heilige stad, nuwe Jerusalem (21:2,9-22:5)
- (i.xi) Die bruid van die Lam (19:5-10; 22:17)
- (i.xii) Honderd vier en veertig duisend verseëldes (14:1-5)
- (i.xiii) 'n Groot menigte in die hemel (19:1-3)
- (i.xiv) Vier en twintig ouderlinge (19:4)
- (i.xv) Die vier lewende wesens (15:7; 19:4)
- (i.xvi) Een wat op die/'n (wit) troon sit (12:5-6,10; 20:11; 21:5-8)
- (i.xvii) Eerstepersoonsverteller (22:8 – hier weer by die naam genoem; in dié segment 'n oorlogskorrespondent wat van die front af verslag doen)
- (i.xviii) Gees (22:17)

¹⁷⁸ Dit is opmerklik dat die aantal akteurs→karakters in die drie segmentele narratiewe in elke segment toeneem. Dit kan verklaar word as sou dit voor die hand liggend wees, aangesien die eerste segment slegs een visioensiklus bevat, die tweede twee siklusse en die derde drie siklusse. Bo en behalwe dié verklaring moet dit egter waarskynlik ook daaraan toegeskryf word dat die aanslag van die Bese in elke segment toeneem en dat daar dáárom meer rolspelers in elke volgende segment optree. In die derde segment word daar bowendien 'n volskaalse oorlog verhaal waarby die totale kosmos (alles, roerend en onroerend) betrokke is.

(ii) *Ondergeskikte akteurs*

- (ii.i) Migael en sy engele (12:7)
- (ii.ii) Medegelowiges (12:10-11)
- (ii.iii) Aarde (12:16)
- (ii.iv) Ander nakomelinge van die vrou (12:17)
- (ii.v) Alle mense (13:4,16)
- (ii.vi) Die drie engele, aankondigers van die oordeel (14:6-11)
- (ii.vii) 'n Engel uit die tempel wat die Een soos die Seun van die mens geroep het (14:15)
- (ii.viii) Tweede engel uit die tempel in die hemel met 'n skerp sekel (14:17)
- (ii.ix) Derde engel (van die altaar af) wat die wingerd van die aarde afoes (14:18-19)
- (ii.x) Die sewe engele met die sewe laaste plae/bakke van toorn (15:1,6-16:21)
- (ii.xi) Mense met die merk van die dier (16:2b)
- (ii.xii) Vals profeet (16:13)
- (ii.xiii) Drie bese geeste (16:13,16)
- (ii.xiv) Konings van die aarde (16:14,16)
- (ii.xv) Sewe konings (17:9b-11; 18:9-10)
- (ii.xvi) Tien konings (17:12)
- (ii.xvii) Die engel (wat uit die hemel afgekom het) met groot gesag wat deur sy heerlikheid die aarde verlig (18:1-3)
- (ii.xviii) 'n Stem uit die hemel wat die volk maan om uit Babilon uit te gaan (18:4-8)
- (ii.ixx) Sakemanne van die aarde (18:11-17a)
- (ii.xx) Seelui (18:17b-19)
- (ii.xxi) 'n Sterk engel wat simbolies van die val van Babel 'n groot meulsteen met geweld in die see gooi om haar finale val te beskryf (18:21-23)
- (ii.xxii) 'n Engel wat by die son staan (19:17-18)
- (ii.xxiii) Die mense wat onthoof is omdat hulle aan die getuienis van Jesus en die woord van God vasgehou het, hulle wat op trone sit (20:4)
- (ii.xx.iv) Ander dooies (20:5)

5.4.3.1.3 Tyd

By die bespreking van die tyd-element van die geskiedenis in die eerste en tweede segmentele narratiewe het ek genoem dat die historiese tyd waarin 'n teks ontstaan, nie 'n belangrike rol speel in 'n narratologiese lesing van 'n narratief nie, maar dat Bybel-

kommentare dit meestal tog wel in hulle eksegeese verreken. Daarom kan hier net vlugtig weer verwys word na die enigste historiese data wat in die boek Openbaring van belang kan wees. Dit word eintlik net in die eerste verhaalsegment gesuggereer (sien die verwysings na en bespreking van die historiese data by 5.4.1.1.3).

Die duur van die visioensiklusse van die tweede en derde segmente voor die oë van die ontvanger op die eiland Patmos, strek ook nog tot by die ontvangs daarvan deur die leser(s) en dié wat hom hoor (die implisiete gehoor/ontvanger/leser). Omdat die duur van visioene nie bepaal kan word nie en visioene buite tyd staan, is daar ook geen belangrike fasette rondom die derde segment se historiese plasing in die tyd wat bespreek hoef te word nie.

5.4.3.1.4 *Plek*

Patmos is (soos reeds opgemerk is, vgl. 5.4.1.1.4 en 5.4.2.1.4) in al drie die segmentele verhale die plek van waarneming van die visioene. Dit is die gekarteerde, fisiese, matematies-meetbare lokaliteit waar Johannes hom bevind het. Daar is niks wat enigsins die vermoede kan laat ontstaan dat hy van plek verwissel het by die ontvangs van die derde segment nie.

5.4.3.2 Die vlak van die verhaal (*sjužet, plot, discours, fabel*)

Die onderstaande is die ses tersaaklike verhaalaspekte wat die leser/ontvangers van die derde segmentele narratief van Openbaring na 'n bepaalde beoogde effek lei.

5.4.3.2.1 *Volgorde*

Vir die vasstelling van die besondere aksentuering van die verhaal of hervertelling van die derde segmentele narratief van Openbaring is dit weer – soos by die bespreking van die eerste twee segmente – die aangewese beginpunt om *kernmomente* in die verhaalorde te identifiseer.

Die kernegebeure wat uit die drie visioensiklusse kristalliseer en die verhaallyn van hierdie derde verhaalsegment vorm, kan soos volg opgesom word:

Johannes sien aan die hemelruim 'n swanger vrou en 'n vuurrooi draak wat die vrou se verwagte kind wil verslind. Die kind wat gebore word, word na God en sy troon weggeruk, terwyl die vrou in die woestyn skuiling gaan soek. Sy word wonderbaarlik gered en die verwoede draak voer toe in die gestalte van 'n dier uit

die see en 'n dier uit die aarde as 'n onheilige sataniese drie-eenheid verder oorlog teen die ander nakomelinge van die vrou. Alles wat verder gebeur, is die ontwikkeling van dié oorlog, 'n stryd ten dode toe tussen die draak en die vrou se nakomelinge. 'n Liturgiese moment onderbreek hierdie stryd as honderd vier en veertig duisend verseëldes saam met die Lam op die berg Sion verskyn en 'n nuwe lied sing. Oordeel word aangekondig en voltrek, maar die oorlogsverhaal word weer onderbreek deur nog 'n doksologie, die lied van Moses en die Lam, waarin die mense wat die oorwinning behaal het, God Almagtig verheerlik. Ná die onderbreking stu die 'oorlogsdagboek' se narratief voort in die verhaling van sewe bakke gevul met die toorn van God wat in die sfeer van die totale kosmos geledig word. Johannes word getuie van hoe die Bose, geteken as 'n sedelose vrou en as die groot stad Babilon, tot 'n val gebring word. Die *Halleluja*-koor van 'n groot menigte in die hemel stapel in nòg 'n doksologiese 'uitbarsting' lof op lof aan die Here oor die oorwinning van sy koningskap, en oor die val van die sedelose vrou en stad, waarop die vier en twintig ouderlinge ook *Amen!* en *Halleluja!* uitroep. Die groot menigte begin juig oor die bruilof van die Lam wat aangebreek het. 'n Ruiter op 'n wit perd van oorwinning, wat die Naam *Woord van God* dra, met 'n menigte hemelse berede krygers agterna behaal die finale oorwinning oor die Bose. Satan word vir duisend jaar vasgebind, 'n kort tydjie losgelaat, maar sy finale en fatale lot word beseël in die poel van vuur en swael. Die nuwe hemel en aarde en die nuwe Jerusalem kom in die gesigsveld van die verteller. Hy hoor dat Jesus sê dat Hy kom, en dit word geantwoord in die Gees- en bruidсроep van almal wat op sy koms wag. Johannes sluit die hemelse pos met 'n *Amen!* af, en deur self ook *ἔρχου κύριε Ἰησοῦ* (*kom, Here Jesus!*) te roep.

In bostaande kerngebeure val die klem op dit wat in die hede van die verhaal gebeur. Dit gaan dus oor die *progressie* en *voleindiging* van die kosmiese oorlog wat beskryf word.

Die belangrikste afwyking van die geskiedenis se volgorde van gebeure wat op 'n besondere wyse aksent plaas op die ontwikkeling van die oorlog, is geleë in 'n perikoop in die eerste hoofstuk van die derde segment (Openbaring 12). In 'n sekere sin is dit tekenend van die grondmotief van die verteller in die derde weergawe van die evangelieverhaal van Jesus Christus. Ek gaan nou dieper in op die betrokke perikoop se volgorde-afwykende plasing in die narratief van Op. 12:1-22:21.

Die aanvanklike oorsprong of herkoms van die stryd is deur die implisiete outeur waarskynlik doelbewus nie heel eerste in die segment verhaal nie, maar word as't ware terloops in 'n kort analeptiese onderbreking ná die eerste strydtoneel (Op. 12:1-6) vermeld. Die analepsis bestaan uit die verwysing (in 12:7-12) na die oorlog in die hemel tussen Migael en sy engele teen die draak en sy engele, met die gevolglike val van die

draak-slang-duiwel-Satan (12:9) uit die hemel. Dit is duidelik 'n motief uit die verlede wat deur die verteller ingevoeg word. Die perikoop is 'n intertekstuele eggo uit die Ou Testament; dit kan beskou word as 'n sinspeling op die Godspraak teen Babel¹⁷⁹ wat in die profesie van Jesaja (13:1-14:23) opgeteken is. Ander Ou-Testamentiese motiewe in die ses verse van hierdie perikoop (Op. 12:7-12) sluit onder meer die volgende in: Genesis 3 se verhaal van die sondeval, Job 1 en 2 en Sag. 3:1 se beskrywing van Satan se aanklaersrol, Eseg. 28:12-19 se vermelding van die gerub wat moes waghou se val van die godeberg af omdat hy ontrou geword het, asook die gesigte van Daniël (soos in Daniël 7 en 10) van Migael en die Seun van die mens se oorlog teen bose engele (vgl. onder andere Beale, 1999b:650-668; Samlley, 2005:321-326; Metzger, 1993:74). Die intertekstuele verbande wek by die implisiete gehoor van die apokalips naas hierdie Ou-Testamentiese assosiasies sekerlik ook herinneringe aan 'n Nuwe-Testamentiese uitspraak soos die woorde van Jesus in Luk. 10:18, dat Hy Satan naamlik soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val het (Knight, 1999:92). Al hierdie verwysings bring die agterliggende gebeure (*Vorzeithandlungen*) van Satan se val uit die hemel te berde. Dit is gebeurtenisse wat terugwaarts lê, gesien vanuit die hede van die verhaal. Hulle vorm nie deel van die kerngebeure van die verhaal nie, maar funksioneer gesamentlik as 'n analepsis in die narratief. Hierdie afwyking van die chronologiese orde in die volgorde-aspek van die verhaal beklemtoon dat dit in hierdie segment gaan oor die intensiteit en progressie en voleindiging van die kosmiese oorlog, maar steeds gesien vanuit die *déjà vu* (Witherington, 2003:203) van bekende vroeëre gebeurtenisse.

Gevolgtrekking in verband met die spesifieke aksent wat deur *volgorde* as 'n struktureeringsprinsipe op die vlak van die verhaal in die tweede segment gelê word:

Die derde segment het die karakter en tipiese eienskappe van 'n oorlogsnarratief, waarin bogenoemde belangrike volgorde-afwyking die funksie het om die progressie en voortstuwing van die oorlog in die kollig te plaas teen die agtergrond daarvan dat oorwinning reeds in beginsel behaal is, soos dit onwillekeurig deur die assosiasies aan die verlede bevestig word. Dit moedig die implisiete gehoor aan om te bly volhard, omdat die ontwikkeling of *verloop* van die oorlog in die hede van die verhaal die finale *afloop* van die Bose se mag en invloed *voortuitloop*, op grond van die lotbeslissende *aanloop* wat sy lot reeds beseël het.

¹⁷⁹ Dit is immers juis Babel (Babilon) wat later in hierdie segment vereenselwig word met die sedelose vrou in wie die Bose beliggaam word (17:1-18:24).

5.4.3.2.2 *Ritme*¹⁸⁰

Watter rol speel vertelritme as 'n strukturele aspek in die derde en laaste segmentele narratief van Openbaring?

Dit het in die waarneming en analise van vertelritme by die vorige twee segmente duidelik geword dat die vertellende outeur sy presentasiesnelheid gedurig afwissel. Hy maak veral van uitgebreide karaktervoorstelling en -tekening gebruik om tempowisseling in die vertelakt te bewerkstellig (vgl. 5.4.1.2.2 en 5.4.2.2.2). Die derde segment is in hierdie opsig nie anders nie – intendeel, dit is in dié segment selfs nog meer aanwesig. Inleidend tot elk van die drie visioensiklusse waaruit hierdie segment saamgestel is, is daar telkens 'n volledige beskrywing van die akteurs wat tot verskillende karakters uitgebou word. Verder word sekere karakters in 'n paar gevalle meer as een keer voorgestel en dan soms met 'n ander voorkoms en ander trekke geteken, of hulle word selfs in wat soos 'n ander karakter kan lyk, net in 'n ander *gestalte* beliggaam. Die ontwikkeling van die handelingsverloop in die verhaal word natuurlik daardeur herhaaldelik vertraag. 'n Kort oorsig oor die vertelritme in die drie siklusse van die derde segment bevestig dit. Dit is as't ware eers in 14:14 e.v. dat die rapportering van die progressie in die kosmiese oorlog werklik op dreef kom. Watter effek word daardeur bereik?

▫ *Eerste visioensiklus (Op. 12:1-15:4)*

Die eerste siklus begin met die beskrywing van die vrou wat in die hemel in die eerste teken van die segment verskyn (12:1-2). Die tweede teken aan die hemelruim wat die verteller sien, is die draak. Hy word aanvanklik in 12:3 en 9 met ryk simboliek geteken en met verskillende name beskryf, maar hy word in die uitgebreide sketsing van twee dieregestaltes, onderskeidelik die diere uit die see (13:1-4) en die diere uit die aarde (13:11-15) tot die onheilige sataniese drie-eenheid verder uitgebou. Die eintlike ontwikkeling van die kosmiese oorlog wat in 14:14-20 verhaal word, skep die indruk van 'n opsommende vermelding.

Die siklus sluit af met die lied van Moses wat ook die lied van die Lam is, waarin die oorwinnaars oor die diere en sy beeld en oor die getal van sy naam die singende liturgie is. Die tempo van die verhaal is in die liturgie nòg 'n vertraagde tempo, nòg 'n verhaasde presentasiesnelheid. Die liturgie van 15:2-4 word deur die

¹⁸⁰ Dit moet herhaaldelik gestel word dat die ritme van 'n vertelling (afwisseling in verteltempo) selfs as die belangrikste kenmerk van die narratief-genre gesien word. Die presentasiesnelheid van die verhaal is 'n struktureringsinstrument by uitnemendheid. Daarmee – en ook met die ander twee tydsaspekte van die narratief (volgorde en frekwensie) en die ander drie oorblywende aspekte van die verhaal (karakters, ruimte en fokalisasie) – aksentueer die implisiete outeur deur sy wyse van strukturerings van die narratief bepaalde fasette wat belangrik is om die implisiete leser/gehoor/ontvanger na sy beoogde effek met die verhaal te lei.

vermelding daarvan in die direkte rede van die lied wat gesing word, in ‘sinchroniese tydmaat’ met die verhaal meegedeel.

▫ *Tweede visioensiklus (Op. 15:5-19:10)*

Die heel eerste saak wat in die tweede siklus aandag kry, is die beskrywing van die sewe engele wat uit die tempel (genoem die *woonplek van God*) uitkom, en van die tempel wat vol rook geword het (15:5-8). Daarna word die gebeure van die lediging van die sewe bakke met die toorn van God daarin deur die sewe engele verhaal. Dit neem kosmologies katastrofiese afmetings aan wat in besonderhede beskryf word. Die verteltempo kom as gevolg van die tussenin-beskrywing van die skade wat elke bak se lediging meebring, nie werklik op spoed nie (16:1-21). ’n Pouse tree daarna in ’n lang beskrywing van die sedelose vrou in (17:1-18). Die vrou word nou geïdentifiseer met die groot stad Babilon. Die presentasiesnelheid beweeg uit stilstand uit net om te meld dat die stad Babilon geval het (18:2a), maar onmiddellik daarna tree daar weer ’n stilstand in as die gevolge van haar (die vroulike stad se) val beskryf word (18:2b-24).

Die tweede siklus sluit ook met ’n lofprysende liturgie af as die verteller vertel dat hy ’n groot menigte in die hemel hoor sing (19:1-3), gevolg deur die vier en twintig ouderlinge en die vier lewende wesens se bevestiging daarvan deur middel van die liturgiese uitroepe *Amen!* en *Halleluja!* (19:4). Die menigte sing weer (19:6-8), en die vrou van die eerste hoofstuk van hierdie segment (12:1-2,6,13-15) en haar ander nakomelinge, die lofprysende menigte, word nou die dieselfde karakter in die verhaal, voorgestel as die bruid van die Lam. Die tyd van vertelling normaliseer in die tweede visioensiklus soos in die eerste hierbo in die liturgie wat gehoor word: dit is nòg ’n vertraagde tempo, nòg ’n verhaasde presentasiesnelheid. Die liturgie word deur die vermelding daarvan in die direkte rede van die liedere wat gesing word, in ‘sinchroniese tydmaat’ met die verhaal vertel.

▫ *Derde visioensiklus (Op. 19:11-22:21)*

In die derde siklus visioene in die derde en laaste segment van Openbaring is die tempo van die vertelakt dieselfde as dié van die voorafgaande twee siklusse. Dit begin met ’n uitgebreide beskrywing, hierdie keer van ’n ‘nuwe’ karakter: ’n Ruiters op sy wit perd (19:11-16) met sy gevolg. Dit is egter kennelik dieselfde Een wat in die eerste siklus die manlike kind (12:5) en die Lam (12:11 en 15:3) en die Seun van die mens sittende op ’n wit wolk (14:14) genoem en as sodanig

geteken word; dit is ook dieselfde Karakter as die Een wat in die tweede siklus as die Lam van die bruilofsmaal geteken word (19:1-4, 6-8a).

Ná die beskrywing van die Ruiter word die veldslag tussen die Ruiter met sy leër en die konings van die aarde met hulle leërs net by wyse van die uitslag van die slag genoem (19:20-21). Openbaring 20 is 'n ingebedde narratief wat die slot van die boek weer eens uitstel. Dit word gevolg deur 'n beskrywing van 'n nuwe hemel en nuwe aarde en die nuwe Jerusalem (21:1-22:5). Die handelingsverloop in die vertelling het deur die lang beskrywinde deel weer tot stilstand gekom.

Die derde visioensiklus (én die derde segment én die boek) eindig met liturgiese momente: Jesus die Here is in lewendige dialoog met die Gees en die bruid. Dit is 'n oopeindigende 'slot' (wat dus nie sluit nie!; vgl. Boring, 1994:37-84): die ewige aanbidding in die ewigdurende liturgie is naby in die naby-wederkoms van Jesus (22:6-21). Die dramatiese narratief verruim in 'n tydlose en daarom tempo-lóse duur waarin die eer en heerlijkheid van Hom wat op die troon sit en van die Lam wat sy bruid tot Hom kom neem, die narratief van tyd en ewigheid word wat dit sonder einde vertel.

Gevolgtrekking in verband met die spesifieke aksent wat deur *vertelritme* as 'n struktureringsprinsipe op die vlak van die verhaal in die drie visioensiklusse van die derde segment gelê word:

Die primêre kosmiese oorlogsverhaal van die derde segment is op so 'n wyse gestruktureer dat die vertelritme-aspek op die verhaalvlak deur afwisselende presentasiesnelheid (verhaalt tempo) die fokus – te midde van die grusaamste oorlogstaferale wat geskilder word – effektief plaas op die aanbiddende oorwinningsgemeenskap se doksologie tot eer van die Oorwinnaar in die totale oorlogstryd. Die aanbiddingsgemeenskap kan daaruit volhardend leef, uit die volstryde stryd en oorwinning van Hom wat op die troon sit, en kan as bruid van die Lam en seëvierende Ruiter saam met die Gees in dringende verwagting roep na haar Môrester-Bruidegom, die *κύριος Ἰησοῦς* (*Here Jesus*), dat Hy *ταχύ* (*gou*) sal kom (22:12-20).

5.4.3.2.3 Frekwensie

Die frekwensie-aspek op die verhaalvlak van die derde en laaste segment van Openbaring is sekerlik die mees gekompliseerde tydspek in die hele boek. Die onderskeiding van en indeling in drie segmentele narratiewe in die boek gee reeds te kenne dat 'n

afsonderlike liniêre lesing van elk van die drie segmente 'n poging is om die probleem wat rondom die tydsaspekte bestaan, op te los (vgl. weer die beredenering in 5.2 en 5.3.4). Maar die volgende vrae is veral in die derde segment steeds akuut en aktueel: Wat moet in dié apokaliptiese geskrif as herhaling beskou word? Wat is nuwe gebeurtenisse wat verhaal word, wat is amper dieselfde as die reeds-verhaalde, maar is tog nie dieselfde nie? Wat is dieselfde, net nuut vertel?

As 'n mens 'n liniêre lyn van gebeurtenisse in die derde segment probeer volg, maak die herhaling van sekere gebeurtenisse of herhaling van soortgelyke gebeurtenisse (maar nie dieselfde gebeurtenisse nie) die poging uiters moeilik. David Barr (1998:118) merk op dat dit soms moeilik is om te sê of die vertellende outeur '*repetitive*' of '*repetitious*' in sy vertelling is.¹⁸¹ Hy voeg daaraan toe dat die narratief ongetwyfeld die indruk van *redundansie* gee.¹⁸² "*Three times the same pattern holds: the forces of evil gather for battle against God's forces and are utterly defeated and destroyed (16:14; 19:19; 20:8). They seem more like three ways of telling the story rather than three stages of the same war.*" Hy kom tot die slotsom:

We have, then, a highly repetitive narrative, with incidents narrated multiple times and with incidents imitated by other similar events. Still there is the sense of forward movement, even of closure. While such redundancy risks boring or confusing the audience, it also has the effect of enhancing the certainty that these events are real. (Barr, 1998:120.)

Daar kan ook nog op baie ander moontlik herhalende en/of oorvleuelende motiewe in die derde segment gewys word, soos byvoorbeeld op herhalende motiewe in die doksologieë (wat in die volgende hoofstuk, Hoofstuk 6, aandag sal kry). 'n Opvallende repetatiewe aspek in hierdie segment is naas die oorwinning oor die Bose ook die wyse waarop die lot van die stad Babilon verhaal word: in die eerste visioensiklus word deur die tweede engel wat oordeel aankondig, gesê: "*Geval, geval het die grote Babilon...*" (14:8); in die tweede visioensiklus met die uitstorting van die sewende bak van toorn word die stad in

¹⁸¹ Met *repetitive* bedoel Barr dat Johannes dieselfde gebeurtenis meer as een keer vertel; met *repetitious* bedoel hy die verteller verhaal gebeurtenisse "...so similar the audience identifies them".

¹⁸² Die woord *redundansie* is 'n term wat klaarblyklik net in die vaktaal van die Literatuurwetenskap gebruik word. Dit word nie as 'n Afrikaanse woord in die jongste *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* van 2009 aangegee nie. Dit kom ook nie in die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) van 2000 voor nie. Die Engelse woord *redundancy* word vertaal met *oortolligheid*, *oortolligheid*, *oortolligheid*, *weelderigheid*. In die bekende *Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal* van Van Dale (1898) word slegs die werkwoord *redundeeren* aangetref, waar dit as *overtloei van en in overvloed zijn* verklaar word. Die oortloei van inligting en oorkodering van 'n teks wat as redundansie bekend is, is egter veral 'n poëtiese eienskap. Dit gaan in die poëtiese teks om 'n oortolligheid in die beskikbare inligting omdat verskillende poëtiese middele dieselfde tema uitbou en onderstreep. Alhoewel die beskrywing van die visioensiklusse, ook dié in die derde segment, nie in poëtiese taal gekodeer is nie (behalwe die himniese gedeeltes), gebruik Barr die woord *redundansie* hier ten opsigte van die prosa. Die prosaïese verhaal met sy ooraanbod van inligting herinner hom met ander woorde aan dié tipies poëtiese verskynsel.

drie geskeur (16:19) en dan roep 'n ander engel wat uit die hemel afgekom het later ook nog weer: “*Geval, geval het die grote Babilon...*” (18:2), terwyl in die res van Openbaring 18 nogmaals verwys word na die val van die stad, versinnebeeld in die sedelose vrou wat deur haar aanhangers betreur word. Ek gaan egter nie verder op al die herhalings, herhalende motiewe, oorvleuelings en redundansie in nie, maar formuleer slegs 'n samevattende konklusie.

Gevolgtrekking in verband met die spesifieke aksent wat deur *frekwensie* as 'n struktureringsprinsipe op die vlak van die verhaal in die derde segmentele narratief van Openbaring gelê word:

Die geskiedenis-elemente wat tot aspekte op die verhaalvlak ontwikkel is, laat die verhaaltipesse aspek van frekwensie in die derde segment 'n aksentuerende funksie vervul (soos ook die ander twee tydsaspekte; vgl. 5.4.3.2.1 en 5.4.3.2.2 hierbo). In hierdie segment lê die frekwensie-aspek van die narratief aksent op die gewisheid van die oorwinning van die Lam, die Ruiter op die wit perd, en op die val van die draak, die groot teëstander, en die magte wat deur hierdie Antagonis gemobiliseer is. Juis dit plaas die fokus effektief en skerp op dit waarvan in die liedere gesing word: God Almagtig en die Lam (en Ruiter) se onbetwisbare gesag om te heers, omdat sy oordeel reg, betroubaar en regverdig is, en die menigte wat aan Hulle behoort se onuitblusbare verheerliking van Hulle in hulle dringende verwagting van die Lam as Bruidegom deur middel van hulle massasang en wederkomsroep onder aanvuring van die Gees.

5.4.3.2.4 Van akteurs na personages (karakters)

In sowel die eerste as die tweede segment is al die 'positiewe' akteurs→karakters hoofrolspelers, teenoor wie die Bose en sy volgelingen staan. Ek motiveer waarom ek laasgenoemde as *ondergeskikte* karaktergeworde akteurs onderskei in 5.4.1.2.4(ii) en 5.4.2.2.4(ii) soos volg:

hulle voer in daardie segmente nie konkrete handeling uit nie en beïnvloed ook nie die handelingsverloop van die narratiewe beduidend nie. Daar word ook nie deur die outeur-verteller uitgebreide beskrywings van die teëstander en sy bondgenote (die antagonistiese magte) gegee waardeur hulle besondere karakteristieke eienskappe ontwikkel word nie. Ek het wel geantisipeer dat die karakterbeeld van

die teenstellende karakters in die tweede en derde segmente sterker uitgebou is en daarom in meer besonderhede bespreek sal moet word.¹⁸³

Dit is opvallend dat die ‘ondergeskikte’ Bose en die/sy ander antagonistiese magte in hierdie derde segment nou ook van ondergeskikte akteurs→karakters tot hoofakteurs→hoofkarakters uitgebou word. Die volgende teenstanders van God en sy ryk is die hoofrolspelers waaruit die intrige van die derde segmentele narratief saamgestel word: die vuurrooi draak (12:3-4,7-9,13-18; 20:2-3,7-8,10), die dier uit die see (13:1-10), die dier uit die aarde (13:11-18), die berugte sedelose vrou (17:1-6,18-18:24) en die groot stad Babilon (17:18-18:24).

Hulle (die intrigante) staan teenoor die ander hoofkarakters van die laaste segment: eerstens teenoor die Een op die (wit) troon (12:5-6,10; 20:11; 21:5-8); tweedens teenoor die manlike kind (12:5), insluitend God se Gesalfde (12:10), die Lam (14:1), die Ruiter op die wit perd (19:11-16), Jesus (22:6-7,12-16,20a-21) en die Môrester (22:16b); derdens teenoor die Gees (22:17); vierdens teenoor Johannes, die eerste persoonsverteller (22:8a); vyfde teenoor die vrou met die son bekleed, die maan onder haar voete en ’n kroon van twaalf sterre op haar kop (12:1-2,5-6,13-17), insluitend die bruid van die Lam (19:5-10, 22:17), die heilige stad, die nuwe Jerusalem (21:2,9-22:5), honderd vier en veertig duisend verseëldes (14:1-5) en ’n groot menigte in die hemel (19:1-3); sesdens teenoor die troonfigurante wat in hierdie segment net bestaan uit die vier lewende wesens van die eerste sirkel om die troon (15:7; 19:4) en die vier en twintig ouderlinge (19:4) van die tweede kring om die troon (– en nie ook uit die engele-massakoor as ’n derde troonfigurantegroep wat in die tweede segment ’n derde kring om die troon vorm nie). Die uitbouing van bogenoemde hoofakteurs tot hoofkarakters word nou nagegaan, beginnende by die goddelike Begunstiger en sy begunstigde begunstigers wat Hom dien en vereer, waarna die monstermagte van hulle opponente se karakterisering ontleed word.

¹⁸³ Daar is bevind dat die aanslag van hulle kant in die tweede segment wel ’n feller intensiteit vertoon as in die eerste, maar dit word eers hier in die derde segment in volsterkte geteken waar die volskaalse kosmiese oorlog beskryf word. Twee voorlopers daarvan in die tweede segment is die engel van die onderaardse diepte wat by die blaas van die vyfde trompet deur die vernietigende sprinkane as hulle koning uitgeroep is, en tweedens die dier uit die onderaardse diepte (9:1-11). Hulle is onheilspellende tekens van wat in die derde segment uitgebou word. Die teenstanders van die koninkryk van God en die Lam is dus in 4:1-11:19 nog nie deur Johannes eksplisiet in aksie gesien nie. Dit moet verklaar word uit die tema van die tweede segmentele hervertelling van die verhaal van Jesus Christus: dat dit primêr gaan om die doksologie van en aan God en die Lam wat in ’n hemelse liturgie gevier word. Die lig val in die tweede segment se krisis-situasies nie soseer op die mag van die Bose nie, maar op die oordeel van God wat in die geskiedenis voltrek word.

(i) *Hoofakteurs van die geskiedenis opgebou tot hoofkarakters in die verhaal*

▪ *God*

Omdat Openbaring 12 'n duidelike oorgang in die apokalips verteenwoordig en dit deur talle (die meeste) kommentatore ook so beskou word (onder andere deur Smalley 2005; Beale, 1999b; Allen, 1997; Hendriksen, 1973; Greijdanus, 1965), is hoofstuk 12:1 in hierdie studie as die beginpunt van die derde segmentele narratief van die boek vasgestel (vgl. die beredenering in 5.2 en 5.3.4). Watter karakteristieke trekke van God word nou van hierdie oorgang af verder tot aan die einde van die derde segment se drie visioensiklusse geteken?

Die verrassende in hierdie segment is dat dit skyn asof God nie (meer) 'n Hoofakteur en -karakter is nie. Dit is volgens Elizabeth Schüssler Fiorenza so 'n radikale oorgang dat dit lyk of die draak ageer en dat God in hierdie segment slegs reageer (Schüssler Fiorenza, 1977:344-366; vgl. ook Barr, 1998:102). Kan die derde segment daarom dalk die draak se verhaal genoem word? Op die oog af lyk dit ook nie of daar in die derde segment enige verdere karakteruitbouing van God gedoen word bykomend tot die karakterisering van Hom wat in die eerste twee segmente voorkom nie. By 'n sorgvuldige nagaan van alles wat in verband met Hom as die Heerser op die troon in die derde segment ter sprake gebring en gerapporteer word, het ek bevind dat daar agt en veertig mededelings in verband met Hom gemaak word, maar dat dit wesenlik nie enige eksplisiete nuwe karakterisering bevat nie. Hy tree in die nominatief as die handelende op in slegs veertien van die agt en veertig tersaaklike mededelings, naamlik in 12:6; 15:3b-4; 16:5-6; 17:17a; 18:5 en 8b; 19:2 en 6b; 21:3-4,5-8 en 22a; 22: 5b,6 en 18-19. Daar is dus van God in die meeste gevalle in die ander naamvalle sprake: vokatief (Hy word minstens twee keer by die naam genoem), in die akkusatief (agt keer), in die genitief (twee en twintig keer) en in die datief (agt keer).

Die vraag wat ontstaan is of God dan wel as 'n Hoofkarakter in hierdie segment uitgebou word. Ek is van mening dat Hy wel ook in dié narratief 'n Hoofkarakter is, wel nie op die gebruikelike wyse deur die vermelding van talryke gebeurtenisse en handelingte waarin Hy die handelende Subjek is nie. Dit gebeur ook nie deur uitbreiding van sy karaktereienskappe nie. In die derde segment staan die frekwente handelingte van die draak en sy magte en hulle konsolidasie en mobiliseringpogings in die kosmiese oorlog oënskynlik op die voorgrond. Dit geskied ook nog met gepaardgaande uitgebreide karaktertekening van hulle, wat selfs die handelingsverloop oorskadu (vgl. byvoorbeeld 12:3-4; 13:1-18; hoofstukke 17 en 18; sien ook hierbo in 5.4.3.2.2 hoe die karaktertekening die narratief se presentasiesnelheid beïnvloed deurdat dit vertraag en tot stilstand gebring word

deur 'n reeks onderbrekings). Dit kan die indruk skep dat dit die draak *cum suis* se verhaal is, want die fokus val op die bese monsternagte se angstige fokus op hulle stryd teen die aanbidders van God en die leërs van die oorwinnende Ruiter op die wit perd. Tog is God nie 'n stomme, magtelose en dadelose toeskouer nie, maar is Hy op 'n besondere wyse teenwoordig in die handelingsverloop van hierdie segmentale narratief – met al die karaktereienskappe (attribute) wat reeds in die vorige twee segmente van Hom uitgebou is. In die bogenoemde veertien verwysings waarin Hy as die handelende Subjek optree, word sy mag en koningskap duidelik geteken – só duidelik dat dit die ontvangers van die openbaring onder die indruk daarvan bring dat die hele narratief daardeur beheers word, ten spyte van al die aktiewe werkwoordsvorme wat aan die teëstanders-in-aksie gekoppel word. Hy is voor en ná alles die Een *καθήμενον* (*sittende*; akkusatief van die teenwoordige deelwoord) op die wit troon van oorwinnende heerserskap (20:11).

Dit is dus God Almagtig wat die vrou (met die son bekleed, die maan onder haar voete en 'n kroon met twaalf sterre op haar kop) dwarsdeur die heilige kosmiese oorlog tot aan die einde beskerm en laat oorwin in sy Naam. Dit is ook versinnebeeld in die heilige stad, die nuwe Jerusalem, wat neerdaal uit die hemel, terwyl die stad van die sedelose vrou (Babilon) in pyn en puin verdwyn; in die bruid van die Lam wat voorbereid wag op die koms van haar hemelse Bruidegom, terwyl die sedelose vrou in die stof byt; in die honderd vier en veertig duisend verseëldes en 'n groot menigte in die hemel wat saam met enkele individuele engele telkens in hulle uitroepe en liturgiese sang terugkeer na sy heiligheid, koningskap, almag, vermoë tot wonderdade en sy onkreukbare regverdigheid, terwyl die lied van die liederlike sonder taal en toon in doodse stilte (die dood se stilte) sterf. God is die stilsterk Karakter wat tog ook in die derde segment regeer en alles van sy troon af beheers en bepaal.

▪ *Jesus Christus*

Die karakter van Jesus Christus word in die derde segment deur verskillende metafore en benaminge uitgebou. Daar is minstens agt beskrywende vermeldings van Hom in verskillende voorstellings en optredes, waarvan sommige saamval met name en metafore uit die eerste twee segmente. Die karakterisering deur dié benamings en metaforiese beelde word nou geïnterpreteer.

◦ *Die manlike kind wat gebore word (12:5)*

Die tweede Hoofkarakter in die derde segment word heel aan die begin van die eerste visioensiklus op 'n besondere wyse ingevoer; hierdie verskyningsbeeld of sodanige karakterisering van Jesus kom nie in enige van die eerste twee segmente voor nie. Hy word voorgestel as 'n pasgebore kind, die Een wat bestem is om al die nasies met 'n ystersepter te regeer. In die voorstelling word Hy onmiddellik ná sy geboorte weggeruk na God en sy troon. Dit is 'n flitsberig in die vertelling wat die hele openbaringsgeskiedenis saamtrek: gebore uit die volk van God, op aarde gekom in die gestalte van 'n mens, in die hemel opgeneem (intronisasie), om alles en almal met 'n ystersepter te regeer.

◦ *Die Lam (14:1,4; 15:3a; 17:14; 19:7)*

Die Lam-metafoor wat vir Christus gebruik word, is bekend uit die tweede segment (waar dit sterk uitgebou is). Dit druk veral die karaktertrek van die paradoksale mag van Christus uit: 'n Lam wat geslag is, maar weer opgestaan het. Hy het die oorwinning behaal oor al die magte van die Bose. In sy verskyning as Lam word ook die styl van die koninkryk getipeer: deur dood heen na lewe, deur die lyde van die kruis na die oorwinning van die opstanding. As verlengstuk daarvan staan Hy nou op die berg Sion met die honderd vier en veertig duisend wat met sy Naam (en sy Vader se Naam) verseël is (14:1, 4). Dit is 'n prolepsis wat die triomf van die Lam vooruitloop – die inhoud van hierdie *nuwe* lied word eers in die oorwinningsliedere van 19:1-10 gegee (Loshe, s.j.:104). Die verseëlde sing ook sy en Moses se lied (15:3b-4). Hy oorwin saam met hulle in die oorlog teen die (be)dreigende dier, en so is Hy dus ten spyte van sy geslagwees by hernuwing die Lam, 'n triomferende heerlikheidsfiguur.¹⁸⁴

◦ *Iemand soos die Seun van die mens (14:14)*

Die titel is reeds ook in die eerste segment deel van Jesus se karakterisering (1:13; sien by 5.4.1.2.4(i) vir die Ou-Testamentiese agtergrond van die titel in Dan. 7:13, 10:5-6, Eseg. 1:7,24 en 43:2). Dit roep in die derde segment (soos in die eerste) priesterlike en koninklike karakter-

¹⁸⁴ Skaggs & Doyle (2009:362-375) kom tot die slotsom dat die Lam in die apokalips al die karaktereenskappe van 'n leeu aanneem. Hy word: (1) 'n *stryder*; (2) 'n *kragtige* stryder ('*powerful warrior*'); (3) 'n *kragtige* stryder wat *deur sy offerande oorwin*; (4) 'n *kragtige* stryder wat oorwin deur offerande '*for the purpose of witness*' (dit is met ander woorde nie 'n passiewe dood nie; 2009:372-373).

trekke op. Hier in 14:14 val sy koninklike eienskap egter meer op as die priesterlike, aangesien die wit wolk waarop Hy sit moontlik 'n assosiasie is met die wolk van sy hemelvaart (Walhout, 2000:152-153).

◦ *Die Ruiter op 'n wit perd (19:11-16)*

Die akteur→karakter *wit-perd-met-sy-Ruiter* word vir die eerste en enigste keer hier in die derde visioensiklus van die derde segment waarin die heilige oorlog verhaal word, genoem en geskets. Dit simboliseer Christus as die Triomfator by uitnemendheid in en van die kosmiese oorlog. Destyds was dit generaals wat op wit perde gery het (Jordaan, 2006:237). Johannes sien Jesus hier ry voor al die ruiters op hulle wit perde – hulle is óók oorwinnaars. Hy is egter die Generaal van generaals, die Opperveldheer – die *Generalissimus* (Latynse en Nederlandse sinoniem van *opperveldheer*). Die vuurvflammende oë en die baie krone op sy kop straal sy heerserskrag en -mag uit. Dit staan in skrilte kontras met die lydende Kneg-gestalte wat op die drumpel van sy felste lydensweek op aarde op 'n donkie Jerusalem binnegery het (Mark. 11:1-11 par.; Lohse, s.j.:124). Hy dra die name *Getrou en Waar(agtig)*, *Woord van God*, *Koning van die konings en Here van die heersers* (lg. beskrywing word in 17:14 ook direk gekoppel aan sy tekening as Lam). Die dier en die konings van die aarde en die vals profeet het geen kans in hierdie oorlog nie, want Hy is in heerlikheid en met onoortreflike krag en mag die oorwinnende Protagonis. Hy oorwin as Hoofkarakter, as die getroue en waaragtige Woord van God, wat die antagonistiese dier en die vals profeet in die vuurpoel wat met swael brand, neerwerp met die swaard wat uit sy mond uitgaan.

◦ *Jesus (22:7,12,16) en Here Jesus (22:20,21)*

In die laaste uitgebreide perikoop van die laaste Bybelboek (Op. 22:6-21) koppel die verteller weer terug na die heel eerste perikope aan die begin daarvan (1:1-3 en 1:4-7): dit is die getuienis van Jesus Christus, betroubaar en waar. Hy word nou vir die eerste keer ook geteken as *Here*, as *κύριος Ἰησοῦς* (*Here Jesus*), die Here-bruidegom, Besitter van sy bruid. Sy roep saam met die Gees om sy wederkoms.

◦ *Alfa en Omega, Eerste en Laaste, die Begin en die Einde (22:13)*

Christus noem Homself in die slothoofstuk weer *ὁ πρῶτος καὶ ὁ ἔσχατος* (*die Eerste en die Laaste*), soos Hy ook in die visioensiklus van sy

verskyning in die eerste segment doen (1:17b). Hy brei dit in 22:13 uit deur die woorde *τὸ ἄλφα καὶ τὸ ὦ* (die Alfa en die Omega) voor die frase in te voeg, en die woorde *ἡ ἀρχὴ καὶ τὸ τέλος* (die begin en die einde) ná die frase. In die voorgevoegde frase weerklink die woorde van God in 1:8 waar Hy Homself so karakteriseer. Dat Jesus in die laaste hoofstuk van Openbaring hierdie woorde eggo, sinspeel daarop dat Hy één is met God, “...een in wese met die Vader, deur wie alles tot stand gekom het” (Geloofsbelydenis van Nicéa, AD 325; aangehaal in Psalmboek 2003: agtervoegsel, p.2). Die derde frase (die Begin en die Einde) is woorde wat nie op ander plekke in die apokalips voorkom nie.¹⁸⁵ Dit word moontlik as ’n verklarende frase bygevoeg, of is slegs ’n redundante toevoeging. Dit versterk in elk geval die gedagte dat Jesus en sy getuienis alles omvat, van die vroegste ‘prilbegin’ (skepping) tot die voleinding (die oopeindigende slot wat nie sluit nie).

◦ *Die Afstammeling en Geslag/Nakomeling van Dawid (22:16b)*

Hierdie verwysing na Christus kom ook in die tweede segment voor (5:5). Dit dui op sy kragtige, oorwinnende heersersmag (vgl. die bespreking in 5.4.2.2.4(i)) in verband met die paradoksale metafore *Leeu* en *Lam* wat vir Jesus in die tweede segment gebruik word).

◦ *Die helder Môrester (22:16c)*

Die laaste metafoor waarin Jesus se karakter (deur Homself) skitterend geteken word, is dat Hy die skitterende Môrester is, die Ster van sterre. Die môrester kom ook in die eerste segment voor in die briefboodskap aan die gemeente van Tiatira. Elkeen wat die oorwinning behaal en volhard tot die einde toe, sal mag en gesag oor die nasies ontvang en ook die môrester ontvang (2:26-28). In die kultuurhistoriese konteks waarin die Christene van Tiatira in die laat eerste eeu n.C. geleef het, was die algemene opvatting dat Venus, die vroeë môrester, ’n simbool van heerskappy is (Lupieri, 2006:123-124; Loshe, s.j.:44). Dit is indertyd gekoppel aan die hoogste heerserswaardigheid, wat in die keiser gesetel was. Die verwysing na die môrester wat die oorwinnaars in Tiatira sal mag ontvang, dui dus waarskynlik op oorwinnende heerserskap (Loshe, s.j.:44,139). Wie volhard, is ’n oorwinnaar oor die Bose, in Tiatira versinnebeeld deur die vrou Isebel. Dit is ’n herinnering aan die vrou van koning Agab wat die

¹⁸⁵ Sommige Griekse manuskripte bevat wel die frase in 1:8 (God wat Homself so noem). Sien egter my opmerkings daaroor by die karakteruitbouing van God in die eerste segment (5.4.1.2.4(i)).

volk van *Jahwe* in die dae van die profeet Elia verlei het tot onsedelikheid en afgodery (vgl. 1 Kon. 17:30-33; 19:1-3). Die môrester roep ook die messiaanse voorspelling op in die woorde van Bileam in Num. 23:17-19: dat 'n ster uit Jakob sal kom en 'n heerser in Israel sal opstaan.

Wanneer Christus in die grootdeel van Johannes se vertelling Homself die blink Môrester noem, beteken dit dus nogmaals dat Hy die beloofde Messias is wat gekom het en as Koning van die konings oor alle heerskappy beskik. Daarby word hierdie besondere karaktertrek aangevul deur die gedagte dat Hy, net soos die môrester die dag inlei, ook die volle nuwe 'dag' van die ewigheid by God aankondig en oopmaak vir hulle wat deur die nag van die oologsgeskiedenis volhardend op sy koms wag.

Die doel van die veelvoudige, kaleidoskopiese opstapeling van name, beskrywings, tiperings en metafore wat van Christus gebruik word, is dus om deur paradigmatische verdigting hierdie Karakter as die Protagonis ook in die derde segmentele narratief van Openbaring te vestig. Hy word daarvoor juis deur middel van die ryk beeld- en simbooltaal funksioneel gekarakteriseer. Dit loop regdeur al agt die name en metafore dat dit Hý is wat heers, en dat wie aan Hom behoort ook regeermag saam met Hom mag ontvang. Hierdie karakteruitbouing is dus 'n sterk konstituerende aspek in die verhaalkonstruksie: dit is inderdaad nòg 'n hervertelling van die evangelieverhaal van Jesus Christus, in die totaliteit van sy rol in die koms van die koninkryk. Hy is dié Karakter van redding, onder Wie se bevel en leiding die gehoor dringendroepende uitsien na sy wederkoms in heerlikheid in die voleindigde koninkryk. Hy is inderdaad *Christus Triomfator* (Skrifberyming 7-1; JD du Toit 1939) deur Wie die heilige kosmiese oorlog beslissend volstry is:

En op sy kleed met bloed geverf,
en op sy heup wat heil verwerf,
staan daar 'n Naam der ere:
dié oorlog het die pleit beslis
dat Hy die "Hoogste Koning" is,
die "Heer van alle here!" (SB 7-1:3b)

▪ *Gees*

Die Gees is in die eerste twee verhaalsegmente van Openbaring karaktervol voorgestel as die Een deur Wie God en die Protagonis, Jesus Christus, praat en handel (5.4.1.2.4(i), 5.4.2.2.4(i)). Alhoewel die Gees nêrens in die derde segment as Karakter in dié rol uitdruklik genoem word nie, is daar niks wat laat vermoed

dat Hy nie steeds die Een is deur Wie die verteller die getuienis van Jesus Christus lewer nie.¹⁸⁶

’n Nuwe aspek van die karakteruitbouing van die Gees wat nie in die eerste twee segmente voorkom nie maar wel hier in die derde, is geleë in dié enkele sin in die heel laaste perikoop van die laaste visioenksiklus (in die laaste segment van die laaste Bybelboek): *Καὶ τὸ πνεῦμα καὶ ἡ νύμφη λέγουσιν· ἔρχου* ((En) die Gees en bruid sê: ‘Kom!’; 22:17a). Op sterkte van hierdie nuwe aspek het ek reeds by die bespreking van die ritme- en frekwensie-tydsaspekte van die narratief (onderskeidelik in 5.4.3.2.2 en 5.4.3.2.4) daarop gewys dat die Gees en bruid in lewendige liturgiese momente met Jesus die Here by wyse van woord- en weerwoord (dialoog) in gesprek is in verband met sy wederkoms. Sommige kommentatore vind dit ietwat verrassend en ongewoon dat die Géés (saam met die bruid) Jesus dringend roep om weer te kom. Hulle is van mening dat die roep *ἔρχου* (kom!) deur die Gees en bruid nie ’n roep tot Jesus is om weer te kom nie, maar dat dit ’n naderroep van ongelowiges is om betyds te reageer en in te kom om nog deel te kry aan die groot bruilofsfees (vgl. onder andere Keener, 2000:516-517; König, 2009:400-401). Die verband van hierdie roep in 22:17a met Jesus se herhaaldelike versekering dat Hy kom (22:7,12 en 20a), maak dit egter moontlik om hierin die roep van die Gees en bruid om die koms van die Here-Bruidegom te hoor (MacAthur, 2006:133; Witherington, 2003:283).

Dit is ’n besondere karaktertrek van die Gees wat hiermee geteken word. Hy is die Een deur Wie die Een op die troon en Jesus praat en handel, maar Hy is in die eindtyd, te midde van die eindverwachting tussen koms en wederkoms, ook die Parakleet wat mét die bruid is, wat saam met haar om die volledige voltooiing van die koninkryk in die finale terugkoms van die Christus van God werkend wag en roep. So bestaan ook die derde segment van Openbaring uit die evangelieverhaal van Jesus Christus, die Protagonis, hervertel deur die verteller en deur die bruid van die Here, onder aanvuring van die Gees, tot roem van God, die almagtige Monarg. Dit is die narratief van die koninkryk in sy salige volheid in God drie-

¹⁸⁶ Volgens ’n sekere interpretasie van die woorde in 19:10c is dié vers wel ’n bevestiging van hierdie aspek van die Gees se karakter en werking. Daarvolgens lui die woorde van die engel wat Johannes verbied om hom te dien, soos volg: “*Aanbid God, want dit is Jesus wat die getuienis gelever het, en dit is die Gees wat die profesie gegee het*” (1983-Afrikaanse vertaling). Die betekenis van die Griekse teks is onduidelik en daarom verskil interpretasies en vertalings. Die oorwig blyk egter aan die kant te lê van dié wat die laaste woorde vertaal met: “...want die getuienis is die gees van die profesie” (soos in die 1933/’53-Afrikaanse vertaling; vgl. ook *The Holy Bible, New International Version*). Dit lyk volgens die Griekse grammatika ook of dit die meer gangbare vertaling kan wees. Ek laat die saak egter daar, nie om daarmee te aanvaar dat die aangeleentheid duidelik uitgepluis is nie, maar aangesien dit nie vir die analise en verstaan van die karakteruitbouing van die Gees wesenlik belangrik is nie. Daar is genoeg gronde om te kan aanvaar dat die Gees in al drie die segmente die Een is deur Wie die verteller die getuienis van Jesus Christus lewer.

enig, mede deur die karakteruitbouing van die *Gees-bý-die-bruid*. Dit is duidelik: “[T]he end is not an event but a person, from whom the world devolves and to whom it moves...” (Swete, 1977:316).

▪ *Κάγω Ἰωάννης ὁ...* (Dit is ek, Johannes, wat...; 22:8a)

Die eerstepersoonsverteller noem homself in Op. 22:8a vir die tweede keer in die boek *Johannes*. Die eerste keer waar hy dit doen, is aan die begin van die boek, in 1:9-10, waar hy homself in sy tydruimtelike konteks posisioneer (op die dag van die Here, terwyl hy op die eiland Patmos was). Die twee kere is dus in die openingshoofstuk en in die slothoofstuk van die boek.¹⁸⁷ Waarom ag hy dit nodig om homself nog weer ’n keer by die naam te noem?

Teen die einde van die openbaring van Jesus Christus waarin die engel en Johannes instrumenteel optree om alles voor die gemeentes te betuig (22:16a), wil die eerstepersoonsverteller daardeur opnuut die waarheid van die apokalips bevestig. Hy lê klem op sy onmiskenbare rol as oog- en oorgetuie van die visioensiklusse. Dit doen hy deur dit uitdruklik só te formuleer: *Κάγω Ἰωάννης ὁ...* (Dit is ek, Johannes, wat...) dit alles gehoor en gesien het (22:8a). Daar mag nie die minste twyfel oor die egtheid en geloofwaardigheid van die visioene of van hom as die boodskapper daarvan bestaan nie.

Die karakter Johannes wat op die verhaalvlak van die eerste en die tweede segment (onderskeidelik in 5.4.1.2.4(i) en 5.4.2.2.4(i)) vasgestel is as die optekenaar van die openbaring, van die getuienis van Jesus Christus, is dus ook in die derde segment duidelik dieselfde gelowige, geïnspireerde dienaar en getuie van Jesus Christus, wat in hegte verbondenheid aan Hom saam met ander volhardende mede-gelowiges van die koninkryk leef in die styl van Jesus Christus. Hy skryf in die eerste persoon enkelvoud, is die fokalisator wat tegelyk ook as die vertelinstansie optree (vgl. by 5.4.1.2.6(i) en 5.4.2.2.6(i)). Niks van hierdie karakterbeeld van Johannes word in die derde segment gewysig nie – dit word trouens gekomplementeer deur sy geloofwaardigheid, die apokalips se egtheid, en sý dringende roep saam met die Gees en die bruid om die koms van die Here Jesus (22:20b).

¹⁸⁷ Daar is geen teksgetuienis dat hy homself ook aan die begin van die tweede segment – in 4:1a – by die naam noem nie (soos die 1983-Afrikaanse vertaling van dié versdeel laat vermoed).

▪ *Begunstigde begunstigers van die Protagonis*

In die inleiding tot die bespreking van karakteruitbouing op die verhaalvlak van die derde segment is verwys na die goddelike Begunstiger en sy begunstigde begunstigers. Intussen is vasgestel dat Jesus Christus dié Protagoniskarakter in hierdie laaste segmentele narratief is. Wie is dan sy *begunstigde begunstigers*? Met hierdie terme bedoel ek diegene wat in die heilige kosmiese oorlog aan die kant van die Protagonis geskaar is en saam met Hom teenoor die draak en sy antagonistiese magte staan; dit is met ander woorde hulle wat tot sy verheerliking in die stryd om die handhawing van sy eer en koningskap optree. Hulle is deur Hom begunstig om in die konflik van die oorlog verseker te wees dat hulle aan die wenkant (sý kant) betrokke is en deel is van die oorwinnende koms van die koninkryk.

Alhoewel die simboliese karakterisering dit moeilik maak om aan elke begunstiger of begunstigersgroep te dink as een wat die Protagonis in die stryd begunstig, is dit tog narratologies verantwoord om deur gebruikmaking van hierdie terme van die volgende akteurs→karakters 'n analise te maak: die vrou met die son bekleed, die maan onder haar voete en 'n kroon van twaalf sterre op haar kop, die bruid van die Lam, die heilige stad (die nuwe Jerusalem), honderd vier en veertig duisend verseëldes, 'n groot menigte in die hemel en die troonfigurante wat in hierdie segment bestaan uit die vier en twintig ouderlinge en die vier lewende wesens. (Die eerstepersoonverteller Johannes kan ook by die begunstigde begunstigers gegroep word, maar sy karakter en funksie is so uniek dat ek sy karakteruitbouing hierbo reeds afsonderlik bespreek het.)

Die simboliese voorstelling van elke begunstiger/-groep word nou geïnterpreteer.¹⁸⁸

¹⁸⁸ Op hierdie punt wys ek daarop dat die derde segment van Openbaring, en veral Openbaring 12 waarin die vrou en die draak as akteurs→karakters ter sprake is, die simboliese voorstelling van 'n mitiese oorlog is. Daar is onmiskenbare ooreenkomste met mitiese verhale, ook heidense mites (vgl. vir die mitologiese verhale en hulle verhouding tot Openbaring verskillende publikasies van Adela Yarbro Collins: Collins, 1976, 1979b:61-121, 1980:185-204, 1981:377-403; vgl. vir 'n kort oorsig oor die mitologiese konteks waarteen Openbaring 12 in besonder afgeëts is: Witherington, 2003:164-166). Intertekstuele verbande en verbandlegging was immers ook in die tyd van Johannes se ontvangs van die openbaring van Jesus Christus 'n bekende literêre verskynsel en tegniek in die komposisie van apokalipse. Dit geld veral ook die Ou Testament as 'n verwysingsbron wat deur Johannes kompositories gebruik word (vgl. weer in 4.2.6.2.3(ii) die bespreking van intertekstualiteit en Joodse skrywers se gebruik van die Ou Testament). Christelike skrywers van die eerste eeu n.C. het hulle Bybelse erfenis verwerk en ook ander materiaal getransformeer in lyn met hulle oogmerk om die waarheid in hulle kulturele konteks te kommunikeer. “*Its tendency to inculturate the Gospel without adulterating it is as old as the NT itself.*” (Witherington, 2003:166; Giblin, 1991:125.) Ek is egter deeglik bewus van die gevaar van “...*getting so involved in trying to uncover the sources of John's images and the historical and political referents underneath the symbolism that one fails to see the overarching vision that John is presenting*” (Reddish, 2001:230). Daarom maak ek verantwoordbare analyses en begronde evalueringe van die simboliese karakterisering van die akteurs→

- *Die vrou met die son bekleed, die maan onder haar voete en 'n kroon van twaalf sterre op haar kop (12:1-2, 5-6, 13-17)*

Naas moontlik bekende ooreenstemmende motiewe uit Babiloniese, Egiptiese en Griekse mites wat uitgewys kan word, is die simboliek van die vrou van Openbaring 12 terug te herlei na die Ou-Testamentiese agtergrond en wortels van die implisiete outeur en die implisiete gehoor. Die verskyning van die vrou met die son bekleed en die maan onder haar voete is simbolies van 'n heerlikheidsgestalte. Haar kroon met twaalf sterre kan verstaan word as 'n simbool van heerskappy. Dit is of Israel of die kerk wat voor die geestesoog opgeroep word. König doen aan die hand dat dit geïnterpreteer kan word as *die Israel van God* (König, 2009:284). Dié interpretasie is aanvaarbaar omdat dit simbolies die twaalf stamme van Israel kan verteenwoordig, terwyl die vrou in haar swangerskap ook messiaanse verwagting kan versinnebeeld. Uit die volk van *Jahwe* word die Messias gebore (vgl. onder meer Jes. 9:5-6).

Hoe is die vrou 'n *begunstigde* van die Protagonis in die derde segment? Daarin dat sy genade ontvang het om moeder te wees van die Seun van die Allerhoogste aan wie se koningskap daar geen einde sal wees nie (Luk. 1:30-33) en sy daardeur die geseënde onder die vroue is (Luk. 1:42-45). Ook staan sy onder God se beskerming (12:6,14-15). En op watter wyse is sy 'n *begunstiger* van die Protagonis? Daarin dat sy as simbool van die ware Israel van God (die kerk) deur aanbidding aan die Koning van die kerk eer betoon (sien ook die interpretasie van die simboliek van ander begunstigdes se begunstigerkaraktertrek hieronder).

- *Die bruid van die Lam (19:5-10, 22:17)*

Die bruilofsmetafoor word vir die eerste keer in Openbaring ingevoer aan die einde van die tweede visioensiklus in die derde segment. Dit gebeur in die konteks van *halleluja*-kore wat in die saambundeling van verskillende liturgiese passasies (19:1-10) aan God Almagtig al die eer gee vir die totale en finale oorwinning oor die sedelose vrou (versinnebeeld in die groot stad Babilon, 17:1-18:24). Hy heers nou as koning (19:6b).

karakters in die konteks van Openbaring as 'n kanonieke religieuse dokument binne 'n kontemporêre heidense ontstaansmilieu.

Die vraag is egter wie en wat/hoe is die bruid en die bruidegom op wie die bruilofsmaal-metafoor betrek word? Eersgevraagde is die *skitterbruid* wat staan teenoor die gevalle *straatvrou* (Jordaan, 2006:253). Die bruid se karaktertrekke word juis deur haar kontras met die gevalle vrou van die voorafgaande hoofstukke ingeklee en ingekleur. Sy is alles wat die eerste vrou nie is nie: dit lyk of sy die son aangetrek het, met fyn, helder blink klere wat God haar vergun het om aan te trek (19:8a; vgl. 12:1 aan die begin van hierdie segment die tekening van die vrou met die son as kleed om haar). Sy is rein, die *begunstigde* van God, die verpersoonliking van die kerk wat getrou volhard het en dit gegun word om die vreugde van die oorwinning te smaak. Maar die bruid is ook *begunstiger* van haar Bruidegom aan wie sy alles te danke het, omdat sy in aanbiddingsgehoorsaamheid aan Hom haar kleed van regverdige dade weef en aantrek (19:8b). Sy het haar gereed gemaak (19:7b), sy wag op Hom en roep na Hom saam met die Gees (22:17a). Hy verseker haar dat Hy kom, haar Here-Bruidegom (22:7, 12, 22), wat niemand minder is nie as die Lam wat haar met sy bloed gekoop het en sodoende ook vir die ewige, koninklike bruilofsmaal betaal het. (Daarmee is die Bruidegom van die bruilofsmaal ook weer eens gekarakteriseer.)

◦ *Die heilige stad, die nuwe Jerusalem (21:2,9-22:5)*

Jerusalem, bekende stad in die Ou Testament met sy tempel, daal in 'n nuwe gedaante uit die hemel. 'n Belangrike karaktertrek van die stad wat Johannes mag sien, is dat dit toeberei is soos 'n bruid wat vir haar man versier is (21:2). In 21:9 sê een van die engele wat die sewe skale gehad het, dat hy vir Johannes die bruid, die vrou van die Lam, sal toon. Weggevoer na 'n groot en hoë berg, kon hy toe die bruid voor sy geestesoog sien ontvou. In die verruklike tafereel sien hy egter nie 'n bruid en vrou nie, maar die nuwe stad Jerusalem. Die twee karakters, stad en bruid/vrou, word dus met mekaar geïdentifiseer.

Wat die stad betref, word die groot hoë stadsmuur (21:12a) simbolies van die veiligheid waarin die bruidskerk by haar Here-Bruidegom sal woon, alhoewel die twaalf poorte met die name van die twaalf stamme van Israel daarop geskryf, nooit gesluit word nie (21:25). Die poorte is oop vir ander nasies om rykdom daarin te bring (21:26); daar was nie 'n tempel nie (die ontmoetingspunt in die 'ou' Jerusalem waar God se heerlijkheid by sy volk gewoon het), want God die Almagtige en die Lam is nou midde-in die ewige ontmoeting met sy volk, terwyl God se heerlijkheid daarin skyn en die Lam sy lamp is (21:22,23; vgl. ook 22:5a).

Vrou en stad se karakteruitbouing sluit af met 'n verwysing na die volledig versamelde Godsvolk van aanbidders se *koninklike* status in die laaste woorde van die gesig op die nuwe Jerusalem: en hulle sal βασιλεύσουσιν (*as konings regeer*) tot in alle ewigheid (22:5b).

◦ *Honderd vier en veertig duisend verseëlde (14:1-5)*

Die honderd vier en veertig duisend met die Lam se Naam en sy Vader se Naam op hulle voorkoppe geskrywe, hulle wat saam met die Lam op die berg Sion verskyn en daar 'n nuwe lied voor die troon sing, is 'n akteurgroep→karaktergroep wat ook in die vorige segment deelneem aan 'n liturgie. Hulle sing daar in wit 'koordrag' en met palmtakke in die hande oor hulle redding deur God wat op die troon sit en deur die Lam (7:9-10). Die telbare honderd vier en veertig duisend is dieselfde karaktergroep as die òn-telbare menigte uit elke nasie, stam, volk en taal (vgl. in 5.4.2.2.4(i) my beredenering van die simboliek van hierdie telbare groep en die ontelbare menigte).

Dat hierdie honderd vier en veertig duisend verseëlde ook in hierdie laaste segment as 'n karaktergroep teenwoordig is, veronderstel en bevestig die karakters trekke wat in die vorige segment reeds vasgestel is, naamlik dat die totale kerk 'n singende aanbiddingsgemeenskap is wat lof bring aan die Lam en aan God omdat Dié hulle deur redding begunstig het. Dat hulle hier egter 'n nuwe lied sing voor die troon en die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge, 'n lied waarvan die inhoud nie deur die verteller gerapporteer word nie en deur niemand behalwe die honderd vier en veertig duisend geleer kan word nie (14:3), suggereer 'n verdere karaktereienskap. Die volk van God is anders, uniek, afgesonder – hulle is immers met sy seël verseël. In die daaropvolgende twee verse word die karakterbeeld van die sangers van die nuwe lied verder uitgebou as in die tweede segment. Hulle word maagdelik rein genoem; hulle volg die Lam waar Hy ook al gaan; hulle is as eerstelinge vir God en die Lam gekoop; hulle monde is sonder leuens en hulle is onberispelik (14:4-5).

Die karakteruitbouing van hoedanig die honderd vier en veertig duisend is wat in hierdie vierledige vermelding plaasvind, analiseer ek met gebruikmaking van Van de Kamp en Koester se interpretasies daarvan (Van de Kamp, 2000:338-340; Koester, 2001:136-137):

— Maagdelikheid in hierdie perikoop beteken dat die sangers elke verleiding tot ontrouheid aan Christus weerstaan het. Die implisiete outeur begrond dit op bepalings in die Ou Testament, soos dat wie aan *Jahwe* se heilige oorlog deelneem, hulle van seksuele verhoudings moet weerhou (vgl. Deut. 23:9-10; 1 Sam. 21:5). Hy pas dit oordragtelik toe op valse leer (2:14), op die eet van afgodsoffers, wat owerspel met die valse profetes Isebel beteken (2:20), en laastens op die besoedeling van klere (3:4).

— Die volg van die Lam beteken hier die gemeenskap met die verhoogde Christus. Die vorm van die werkwoord *ἀκολουθοῦντες* (*hulle volg*) is 'n praesens partisipium wat aandui dat hulle volg van die Lam blywend is (die werkwoordvorm is hier 'n sogenaamde *progressivus*).

— Dat hulle onder die mense uit losgekoop is om eersteling vir God en die Lam te wees, is 'n beklemtoning van die karaktertrek van hulle heiliging (afgesonderdheid) uit die groot mensemasa. Deur hulle eersteling te noem impliseer die verteller dat hulle soos die eersteling van die graanoes (Eks. 23:19; 34:26; Deut. 18:4) die oes van toegewydes aan God en die Lam verteenwoordig.

— Hulle karaktertrek van onberispelikheid en dat hulle sonder bedrog en leuenagtigheid is, is offertaal uit die Ou Testament: soos die offerdiere wat aan *Jahwe* geoffer word, sonder liggaamsgebrek moes wees (Eks. 12:5; 29:1; Lev. 1:3), is hierdie sangers in hulle loffer aan God en die Lam onberispelik.

Saamgevat: die simboliek van die honderd vier en veertig duisend in die tweede segment (7:4-8) is 'n voorstelling van die totale kerk, wat 'n singende aanbiddingsgemeenskap is. Hier in die laaste segmentele narratief word hulle gekarakteriseer as maagdelik rein, getroue volgelinge van die Lam, afgesonderdes tekenend van die volle oes wat deur God en die Lam gered is, en hulleself onberispelik as loffer toewy aan God en die Lam.

◦ 'n *Groot menigte in die hemel wat hallelujas singend uitroep (19:1-3)*

Geen verdere karakterisering word van hierdie groep aktors→karakters gegee nie, omdat hulle saamval met die honderd vier en veertig duisend en die ontelbare menigte van die tweede segment (onderskeidelik in 7:4-8 en 7:9) en hulle karakteruitbreiding soos pas direk hierbo geanaliseer en geïnterpreteer is.

- *Troonfigurante, bestaande uit die vier en twintig ouderlinge (19:4) en die vier lewende wesens (15:7; 19:4)*

Dié twee groepe troonfigurante, wat ook in die tweede segment as hoofkarakters geteken is, se karakterbeeld word in die derde segment nie verder uitgebou nie en daarom bespreek ek hulle ook nie verder nie. Hulle is hoofkarakters wat vanuit die binnesirkel en middelkring rondom die troon God en sy Gesalfde verheerlik – hier met die liturgiese uitroepe *Amen!* en *Halleluja!* in antwoord op die groot menigte se jubeling oor God en sy Christus se oorwinnende koningskap.

- *Die Antagonis cum suis deur wie die Protagonis geopponeer word*

Die antagonistiese akteurs wat in die derde segment van Openbaring tot hoofkarakters uitgebou word, is die vuurrooi draak, die dier uit die see, die dier uit die aarde, die berugte sedelose vrou en die groot stad Babilon. In uitgebreide beskrywings van hulle voorkoms, tipering van hulle aard en wese, en mededelings in verband met die effek wat hulle op die aarde en sy bewoners het, word hulle karaktertrekke in markante lyne geskets. Hulle monster en konsolideer vir oorlogvoering teen die Protagonis en sy begunstigde begunstigers; hulle is in die volle sin van die woord *anti*-magte, *téén*-standers wat hulle met alles wat hulle is en het net op die oorlog teen die oorwinnende mag van die Protagonis en sy volgelingen rig. Hierdie negatiewe en afbrekende optrede van die Bose en sy magte is die gemeenskaplike karaktretrek van elkeen van die onderstaande karakters. Dit is hulle belangrikste karaktereienskap waarvan in die analise kennis geneem moet word. Daar is egter tog ook besondere individuele eienskappe van elk wat ek kortliks moet aanstip om vas te stel hoe elkeen meewerk tot die algemene karakterbeeld van hierdie intrigante.

- *Die sewekoppige vuurrooi draak (12:3-4,7-9,13-18; 20:2-3,7-8,10)*

Die draak is die personifikasie van die Bose en word *slang*, *duiwel* en *Satan* genoem (12:9). Sy vuurrooi kleur is waarskynlik tekenend van sy wreedheid en van die dood (12:3a). Sy sewe gekroonde koppe en tien horings is 'n voorstelling van sy mag. Dit herinner aan die vreesaanjaende sterk dier met groot ystertande wat Daniël in sy nagtelike gesig gesien het (Dan. 7:7). Hy verlei die hele wêreld (Op. 12:9), was aanklaer in die hemel voor die troon van God van die verteller se medegelowiges, maar het uit die hemel geval toe die engel Migaël en sy engelemagte hom ná 'n

oorlog van die hoogste engele-intensiteit in 'n klinkende oorwinning verneder het (12:10). Nadat hy in die episentrum van die heilige oorlog tussen God en die Bose (die episentrum is in die volheid van die tyd in die koms, geboorte en hemelvaart van die manlike Kind saamgetrek – 12:5) misluk het om die vrou se Seun te verslind, het hy die kerk woedend en onverbiddelik vervolg. Die veldslae in die stryd hier benede is náskokke van sy pletterval wat nou nog oor die aarde uitgolf.

Die draak se karakter bestaan duidelik net uit boosheid, haat, woede en teenstand teen die Kind, teen sy moeder en haar ander nakomelinge, die begunstigdes wat die volk van God is. Hy is só boos dat hy ook die hele wêreld verlei. Hy is wreed bedrieglik, en staan bedreigend teenoor die totale kosmos. Dié bese karakter stry egter 'n vergeefse stryd; hy is gedoem tot mislukking (Ryken, Wilhoit & Longman, 1998:565). Sy uiteindelijke vernietiging staan vas (20:7-10).

◦ *Die dier uit die see (13:1-10) en die dier uit die aarde (13:11-18)*

Die helpers van die Antagonis word deur Johannes gesien in die gedaante van twee dierefigure: die dier uit die see en die dier uit die aarde. Ek gee hier nie in diepte aandag aan die detailbeskrywing van hulle voorkoms nie, maar reflekteer dit slegs opsommend om daaruit elkeen se karakterrol in die derde segment saam te vat.

Die dier uit die see is in die ideewêreld van die vroegste tye 'n voorstelling van 'n gevaarlike chaosmonster (vgl. Eseg. 29:4; Ps. 74:14; Ps. 77:17-21; Ps. 89:5-12; Ps. 104:26; Jes. 17:12-14). Hy verteenwoordig die sigbare kant van die draak se werk in die wêreld. Hy lyk na die draak en kry ook sy heersersgesag van hom (ook hý het sewe koppe en tien horings; Op. 13:2). Met sy dodelike wond wat genees het (13:3), parodieer hierdie karakter die Protagonis se dodelike lyde, sterwe en opstanding. Die see-dier voer oorlog en oorwin die gelowiges en word deur die bewoners van die aarde aanbid (13:7-8a). Dit is moontlik 'n sinspeling op die vervolging van Christene in die eerste eeu n.C. deur keisers wat in die wyd-strekkende wêreldryk van Rome vergoddelik is (Loshe, s.j.:96).

Die tweede agent en verteenwoordiger van die draak is die dier wat uit die aarde opkom (13:11-18). Sy voorkoms is soos dié van 'n lam, maar hy praat soos die draak. Daarmee is sy uitstaande karaktertrek gegee. Dit tipeer hom as listig – soos iemand wat in skaapsklere kom, maar in werklikheid 'n verskeurende wolf is (vgl. Jesus se waarskuwing teen

leuenagtige profete, Matt. 7:15). Hy oefen die gesag van die eerste dier uit (wat op sy beurt sy gesag van die draak kry). Sy agenda is propagandistiese werwing van aanbidders van die eerste dier. Hy voer dit uit deur – in ’n spotprent van die verseëling van die honderd vier en veertig duisend van God – die wêreld met die teken van die dier op die regterhand en die voorkop te merk, sodat dié wat nie sy merk dra nie, geïsoleer staan in die wêreldgemeenskap.

Saamgevat: die twee helpers van die draak word uitgebeeld as onderskeidelik die *antichris* en die *vals profeet* (König, 2009:283,293-303). Die drie (die draak, die see-dier en die dier uit die aarde) is opsigtelik ’n teëbeeld en parodie van die drie-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees. Teen die heersersmag van die Een wat op die troon sit, veg die draak ná sy val uit die hemel verwoed voort; teen die Seun, die oorwinnende Ruiters op die wit perd wat sy berede volgelingen op wit perde triomfantlik lei, voer die dier uit die see verbete oorlog met die mag wat hy van die draak ontvang; teenoor die Heilige Gees deur Wie die ware getuie van Jesus Christus verkondig en bevestig word sodat mense dit glo en hulle die Vader en die Seun verheerlik, wil die dier uit die aarde met die bedrieglike leuentaalk van vals profesie in verband met die see-dier en die draak die bewoners van die aarde lei en verlei om hulle te aanbid. Dit bevestig wat ek ter inleiding tot die ontleding van die Antagonis en sy helpers hierbo opgemerk het: hulle is *anti*-magte, *téén*-standers wat hulle met alles wat hulle is en het op die oorlog teen die oorwinnende mag van die Protagonis toespits.

- *Die berugte sedelose vrou (17:1-6, 18-18:24), die groot stad Babilon (17:18-18:24)*

Dit is te verwagte uit die karakterisering van die draak en sy twee helpers as ’n onheilige drie-eenheid wat hulleself gemobiliseer het om in die felste oorlog teen die koningsheerskappy van die ware God te rebelleer, dat die beeld- en simbooltaal van die derde segment ook die volgelingen van die draak in skerp lyne sal af-teken teen die begunstigde begunstigers van die Protagonis. En dit is inderdaad die geval: teenoor die bruid/vrou van die Lam en die nuwe stad Jerusalem wat simbolies die aanbidders van die Koning van alle konings verteenwoordig, staan die belaglike, maar skrikwekkend-gruwelike nabootsing van ’n ander vrou en ’n ander stad. Teenoor skitterbruid van die oorwinnende Lam skrei die teëbeeld van sedelose prostituut; teenoor die heilige stad, die nuwe Jerusalem van

ewige saamwees in die heerlike teenwoordigheid van God, parodieer die verdoemde, vallende Babel. Die bruid is begunstig om vrou te wees van die Lam by die ewige bruilofsmaal van die Lam; die bruidskerk is tuis in die pragstad met pêrelpoorte en goue spieëlblink strate, terwyl die heerlijkheid van God alles en almal beskyn en deurlugtig verlig.

Al die trekke van die hoofakteurs→hoofkarakters in die derde segment is hiermee gekenskets.

(ii) Ondergeskikte karakters

Al die *dramatis personae* wat in 5.4.3.1.2(ii) as ondergeskikte akteurs onderskei is, word op die verhaalvlak van die derde segment ook tot karakters uitgebou as hulle in die konteks van die narratief se handelingsverloop gesien word. Daar is nie minder nie as vier en twintig ondergeskikte rolspelers onderskei. Veertien van hulle is aan die kant van die oorwinnende Protagonis geskaar; tien is medewerkers of slagoffers van die aanvallende en vallende Antagonis.

Dit is met ander woorde duidelik dat die skeidslyn tussen die Protagonis met sy begunstigde begunstigers en die Antagonis met sy bose magte in die laaste segmentele narratief nie soos in die eerste twee saamval met die verdeling tussen die hoof- en ondergeskikte groeperinge nie. Dit is daaraan toe te skryf dat die sluimerende konflik in die eerste twee segmente in die laaste segment uitbreek in 'n volkskaalse heilige oorlog van kosmiese afmetings. Die karakters staan teenoor mekaar in vlymskerpe kontras. Al lyk dit of die antagonistiese magte dinamies en verwoed die botoon voer (in aktiewe werkwoordsvorme oënskynlik onstuitbaar handel), is God en sy magte op hulle pos.

Die laaste drie visioensiklusse (die derde segment) is dus op die basis van kontrasterende karakters-in-konflik gekonstrueer.

5.4.3.2.5 Van plek na ruimte

Die eiland Patmos is in al drie die segmentele verhale van Openbaring die plek/punt van waarneming van die visioene. Ruimte op die vlak van die verhaal is egter (soos reeds ook in die analise van die vorige segmente uiteengesit) meer as die fisiese aardse lokaliteit waar die verteller hom bevind. Waar en hoe word lokaliteit in die laaste segment tot ruimte ontwikkel? Wat is die ruimtelike aspek van die laaste visioentonele en -taferele?

Die drie visioensiklusse van die derde segment spiraal voort in die uitgestrekte ruimtes van die totale kosmos. Johannes aanskou die aangrypende panorama van die groot universum, maar dit is in die wurggreep van afgryslieke gevegte vasgevang. Dit het in 'n oorlogslagveld verander. Hy rapporteer as oorlogskorrespondent van die gevegsfront af, vanwaar hy sy geadresseerdes ingelig hou. Hierdie visioenêre geografie van die derde segment is die ruimte van die oorwinning van God almagtig en sy Seun, bevestig deur die Gees. Die kosmos bly vir ewig die terrein en domein van die oorwinnende Koning van konings en Here van heersers.

5.4.3.2.6 Fokalisasie

In die bespreking van fokalisasie as 'n aspek in die eerste en tweede hervertellings van die evangelieverhaal van Jesus Christus, is bevind dat daar van persoonsgebonde fokalisasie sprake is (5.4.1.2.6 en 5.4.2.2.6). Dit is 'n karakter in die verhaal wat die verhaal fokaliseer.

In die derde en laaste segment is dit weer die geval. Uit dit wat Johannes sê en die feit dat hy die een is wat die ander sprekers en sangers aanhaal en sodoende naas sy eie woorde ook ander se spreekbeurte rapporteer, is dit duidelik dat hy naas fokalisator ook die een is wat die vertelakt in die verhaal uitvoer. Hy tree as die gespreksleier op. Die derde segment het wel ander sprekers as die eerste twee, maar die fokalisator wat sien en vertel wat hy sien, is dieselfde instansie.

Die implisiete outeur laat dus die karakter genaamd *Johannes* ook in die derde segment optree as fokalisator wat praat (vertel) én laat sê wat hy sien (gesien het).

5.4.3.3 Die vlak van die teks (*narration* in Engels en Frans)

By die analise van die laaste segment se derde narratiewe vlak, die tekstekstuur, stel ek inleidend weer eens dat die vertelinstantie die produseerder van die teks se betekenis is, en dat fokalisasie saam met die gegewe van die vertelinstantie die aard van die literatuurproduk bepaal (vgl. ook vroeër by 5.4.1.3, 5.4.2.3). Omdat die vertelinstantie in hierdie segment direk hierbo geïdentifiseer is as die eerste persoonsverteller wat homself in die afsluitingshoofstuk van Openbaring weer uitdruklik met sy eienaam *Johannes* voorstel (22:8), is dit nie nodig om verder in te gaan op *wie sien* en *wie praat* nie. Dit is duidelik dat dit hy is wat sien, praat en ook die tekstekstuurlaag van die narratief skep.

Volgens die geselekteerde narratologiese model van Mieke Bal wat ek saam met kursories-eksegetiese insigte in die makrostrukturele ontleding van Openbaring aanwend, is dit dus slegs die *aard* van die gefokaliseerde tekstekstuurlaag van dié apokaliptiese

narratief wat oorbly om bespreek te word. Die onderstaande tekstekstureienskappe van die laaste segmentele narratief van Openbaring (12:1-22:21) val op.

- (i) Die verhaalde gegewens deur die vertelinstantie word deur die implisiete outeur ook op die vlak van die tekstekstuur van die derde narratief (soos ook op dié vlak van die eerste twee segmente) in al drie die tekssoorte¹⁸⁹ of ‘teksture’ wat deur Bal (1985a:124) onderskei word, aangebied.

▫ Die narratiewe gedeeltes is uitgedruk in die proses waarvan die kerngebeure in 5.4.3.2.1 saamgetrek is. Daarvolgens is die volgende gedeeltes narratief van aard: Johannes sien aan die hemelruim ’n swanger vrou en ’n vuurrooi draak wat die vrou se verwagte kind wil verslind. Die kind wat gebore word, word na God en sy troon weggeruk en die vrou word wonderbaarlik gered (12:1-6). ’n Kort vertelling van ’n oorlog in die hemel waardeur die Satan sy plek daar verloor het, is in eie reg ook ’n narratiewe gedeelte (12:7-9). Die vrou het in die woestyn skuiling gaan soek toe die verwoede draak in die gestalte van ’n dier uit die see en ’n dier uit die aarde as ’n onheilige sataniese drie-eenheid verder oorlog voer teen die ander nakomelinge van die vrou (12:13-17). ’n Liturgiese moment op die berg Sion word verhaal wat die narratief van die voortgang van die oorlog onderbreek (14:1-3a). Oordeel word aangekondig en voltrek (14:6-20), waarna Johannes nog ’n teken in die hemel sien (15:1) en ’n liturgiese gebeurtenis in narratiewe styl verhaal word (15:2-3a). Ná die onderbreking stu die ‘oorlogsdagboek’ se narratief voort in die verhalings van sewe bakke gevul met die toorn van God wat in die sfeer van die totale kosmos geledig word (15:5-16:21). Johannes word getuie van hoe die Bese, geteken as ’n sedelose vrou en as die groot stad Babilon, tot ’n val gebring word (17:1-18:24). *Halleluja*-kore sing in ’n derde liturgiese ‘kortverhaal’ (19:1-10). ’n Ruiter op ’n wit perd met sy berede krygers behaal die finale oorwinning (19:11-21). Satan word vir duisend jaar vasgebind, ’n kort tydjie losgelaat, maar sy finale en fatale lot word beseël in die poel van vuur en swael (20:1-15). Die nuwe hemel en aarde en die nuwe Jerusalem kom in die gesigsveld van die verteller (21:1-2) (waarop ’n objekbeskrywende gedeelte volg). Hy hoor dat Jesus sê dat Hy kom, en hy hoor in ’n dialogiese gesprek tussen die Here en die Gees en bruid die roep om sy koms (22:6-17,20a). Johannes sluit die hemelse pos af en roep

¹⁸⁹ Die drie soorte of teksture is gedeeltes in *narratiewe* styl geskryf, waarin prosesse verhaal word, tweedens gedeeltes waarin *objekte beskryf* word, en in die derde plek *betogende* dele waarin nóg ’n proses, nóg ’n objek beskryf of geteken word, maar ’n algemene onderwerp waarin opvattinge en menings (‘ideologieë’) verwoord word.

ook om die koms van die Here (22:b), waarna hy met seënwenne sy hoorders/lesers groet (22:21).

Uit bostaande is dit duidelik dat die narratiewe styl in die derde segment op baie plekke onderbreek word deur ander tekssoorte. Die prentjie wat hierbo ontvou, is as't ware dié van fragmentele narratiewe styl waarin die handelingsverloop kort-kort onderbreek word (dit is onder meer waarom die teksverwysings so talryk is).

▫ Heelwat teksvolume word in die derde segmentele narratief afgestaan aan beskrywende gedeeltes (meer as in enige van die ander twee segmente). Karakters word uitvoerig beskryf. Verder is redundante uitbeelding bydraend tot die groot hoeveelheid beskrywende teksmateriaal (vgl. in 5.4.3.2.3 die opmerkings in verband met redundasie by die ontleding van die frekwensie-aspek van die derde segment). Die beskrywende gedeeltes sluit in: 12:1a,2,3b-4a,9 (beskrywing van die vrou en die draak); 13:1-14:18 (beskrywings van die twee diere); 14:1,4 (beskrywing van die honderd vier en veertig duisend verseëldes); 17:1-18:24 (uitgebreide uitbeelding van die sedelose vrou en die stad Babilon); 21:1-22:6 (uitgebreide skildering van die bruid/vrou van die Lam, die nuwe Jerusalem). Die outeur maak in hierdie segment optimaal gebruik van die beskrywende tekssoort.

▫ Die betogende gedeeltes van die tweede segment is met name geleë in die drie liturgiese gedeeltes waarin die aanbidders die wese en werke van God en die Lam onder aanvuring van die Gees singend proklameer (15:2-4; 19:1-8a).

- (ii) By die tekstekstuur van die eerste twee segmente het ek opgemerk dat die outeur van Openbaring sy dramatiese narratief deur gebruikmaking van die sikliese spirale van visioene struktureer. Dit is opvallend dat ook die teks van die derde segment in die tipiese vorm van visioensiklusse gekonstrueer is. Dié segment bevat drie sikliese subnarratiewe wat horisontaal voortspiraal (soos reeds in 5.3.5 onderskei en geskets is), terwyl die eerste segment net een siklus bevat en die tweede uit twee siklusse gekonstrueer is. Hoe is 'n sikliese struktureringspatroon in hierdie laaste drie visioensiklusse onderskeidelik teenwoordig?

- *Konstruksie van die eerste visioensiklus (12:1-15:4)*

Die eerste siklus van die derde segment begin by die gunstige konvekse kruin waarmee die tweede segment se tweede horisontale spiraal met betogende informasie oor die koningsheerskappy van God en sy Christus afsluit (die loflied van stemme in die hemel en die danklied van die vier en twintig ouderlinge; 11:15-18). Die heel eerste gebeurtenis ná die oopgaan en die sigbaarwording van die verbondsark in die hemelse heiligdom (11:19) is dan die groot teken van die glansende vrou en die teken van die vuurrooi draak wat aan die hemelruim verskyn (12:1-2). Die skerp teenstelling tussen dié twee kontrasterende karakters se verskyning laat die konvekse booglyn onmiddellik daal. Die krisis waarheen hierdie spiraal afbuig, is die stryd van 'n heilige oorlog tussen die Protagonis en die Antagonis.

Daar is egter twee aspekte wat die gunstige toestand in die verhaal vir eers onderhou. Eerstens word die pasgebore Kind van die vrou nie deur die dreigende draak verslind nie en die vrou kon na 'n gereedgemaakte skuilplek in die woestyn ontsnap (12:5-6). Die tweede aspek wat vir eers nog stabiliteit verseker, is die ingebedde analeptiese narratief waarin daaraan herinner word dat die draak nie meer toegang in die hemel het nie (12:7-9). In die himniese gedeelte wat daarop volg (12:10-12), vertel die outeur dat hy 'n stem in die hemel hoor wat verheerlikend sing van die redding deur God, van sy koningskap asook die van die Lam (12:10-12).

Dié twee gunstige aspekte word ironies genoeg juis die oorsaak van 'n verdere verslegting van die situasie: die draak vervolg die vrou en gaan maak oorlog teen haar ander nakomelinge (12:13-17). Die verwoede onheilige drie-eenheid, bestaande uit die draak en sy twee beestelike helpers, val wêreldwyd aan (13:1-18). Die siklus is byna in sy konkawe helfte, maar daar is nog weer iets wat dit teëhou: 'n stukkie eindheerlikheid word prolepties in die verhaal ingevoeg met die vermelding van die Lam en die honderd vier en veertig duisend verseëldes wat op die berg Sion staan, waar die heilige losgekooptes onder die mense uit 'n nuwe lied sing (14:1-5).

Die dieptepunt van die siklus word bereik met die aankondiging en voltrekking van die oordeel (14:6-13). Maar die voltrekking bring onmiddellik ook hoop: 'n wit wolk word sigbaar waarop die Seun van die mens sit. Dit is niemand minder as die verhoogde en verheerlikte Christus

wat die oordeel voltrek wanneer Hy met 'n skerp sekel die aarde afoes. Die visioenlyn begin opwaarts styg, die krisis word oorkom (14:14-20).

Uit die onderste halfboog terug in die boonste helfte van die siklus stabiliseer die situasie. Dit bring weer 'n nuwe gunstige staat van ewililibrium. Maar dit is van besondere belang om daarop te let dat dié staat eers volledig bereik word in 'n doksologie wat aangehef (kan) word: die oorwinnaars oor die dier en sy beeld en die getal van sy naam sing die lied van Moses en die Lam tot verheerliking van God Almagtig, reg en betroubaar, die Koning van die nasies (15:2-4).

Die eerste visioensiklus het daarmee sy voltooiing bereik.

Die stryd van die heilige oorlog nie...

• *Konstruksie van die tweede visioensiklus (Op. 15:5-19:10)*

Direk ná die eerste visioensiklus sy voltooiing bereik het in die liturgiese aanbidding van God deur die singende verseëldes, volg die tweede siklus (15:5-19:10) van die derde segment (12:1-22:21). Weer eens versleg die situasie weg van die hoogtepunt af. Trouens, die outeur van die teks het in 15:1 net voor die bereiking van die hoogtepunt van die eerste siklus iets laat deurskemer van 'n nuwe siklus wat weer krisis gaan bring. Hy het aangekondig dat hy sewe engele sien wat die laaste plaes van God se toorn bring. Die liturgiese toneel met sy verheerlikende klanke is in 'n sekere opsig naas afsluiting van die eerste visioensiklus ook die begin van die nuwe siklus. Die lied van Moses en die Lam se verheerlikende woord en akkoord wat in die teks weer wegsterf, maak plek vir die uitstorting van God se toorn.

Sewe engele ledig die sewe bakke vol toorn. Niks in die hele kosmos bly buite skot nie. Die gruwelikste tonele word geverbaliseer – seker van die skrikwekkendste van die hele apokalips (15:5-16:21). Dit word tog tussen die uitgiet van die derde en vierde toornbakke van God onderbreek deur twee opeenvolgende solo's waarin twee engele – die een wat oor die waters toesig hou en die een wat oor die altaar toesig hou – God se toorn-handeling regverdig (16:5-7). Daarna val die siklusspiraal verder met spoed na benede. Kan dit dieper daal? Kan 'n slegter situasie ontstaan?

Die draaipunt is egter bereik. Die verderwing van die antagonistiese magte, in allerfynste detail geskilder in die pornografiese prent van die

ondergaande sedelose vrou en die val van die godslasterlike grootstad Babilon (17:1-18:24), bring weer verandering. Hulle val is permanent. Die silkluslyn kan weer opwaarts gaan.

Die visioenteks keer terug na die konvekse bopunt van die siklus. *Hallelujas* klink op tot eer van God en die Lam (19:1-4, 6-8a). Die liturgie styg omhoog uit die openbaringsdramatiek van God na die God van die openbaring.

Die tweede sikliese subnarratief het sy voltooiing bereik.

Die heilige oorlog ook...?

- *Konstruksie van die derde visioensiklus (Op. 19:11-22:21)*

Die derde en laaste visioensiklus van die derde en laaste segmentele verhaal van die Openbaringteks sluit aan by die gestabiliseerde hoogtepunt van die tweede siklus. En anders as by die ander siklusse beskryf die outeur nie 'n onmiddellike regressie nie. Inteendeel, die hoogtepunt word eers voortgesit in die verhaal van die Ruiters op sy wit perd en sy volgelingen wat die finale oorwinning oor die antagonistiese magte behaal (19:11-21). Satan word vir duisend jaar gebind (20:1-6).

Maar nog is dit *het einde niet* van die heilige kosmiese oorlog. Soos telkens in die apokalips gebeur, is die 'finale' nie die finale van die teks nie. Wanneer Satan se millennium van gevangenskap sy einde bereik, is hy vir 'n kort rukkie terug (20:3b) en kom hy met 'n hernude bose aanslag teen die heiliges en die geliefde stad (20:7-9a). Hy monster 'n wêreldwye mag, ontelbaar *soos die sand van die see* en omsingel die laer van gelowiges (heiliges) en die stad (20:9). Die visioen is uit sy stabiele staat versteur. Die sikluslyn val en versleg na sy konkawe dieptepunt. Die krisis is onvoorstelbaar – die hele wêreld omsingel die wat aan die Here behoort.

Die dreigende krisis van konflik word egter opgelos, nie uit die aarde nie, maar deur die hemelvuur van God wat Satan en die bose wêreldmag verteer (20:9b), waarna die laaste oordeel gevel word (20:11-15). Die oorlog is finaal verby, die diepste draaipunt is bereik. Wat verder volg, is 'n pragtige skildering deur die plofstof van metaforiek wat die nuwe wêreld van die volkome saligheid oopskiet (21:1-22:5), die gunstige staat wat in der ewigheid nie weer versteur sal kan word nie.

Die bopunt van die laaste siklus spiraal nie verder nie. Die outeur trek die bolyn nou reguit na die wederkoms. Hy verhaal dit met 'n besondere vorm van – ja, werklik ook aan die einde van die sesde en laaste visioen-siklus – *liturgie*: 'n dialogiese dinamika van Here-Bruidegom en koninklike bruid wat met die oog op die ontmoeting in ewige liturgie na mekaar roep!

Die laaste segment van Openbaring is dus ook die hervertelling van die evangelie-verhaal van Jesus Christus, die oorwinnende Lam, te midde van die spanning van die eindverwagting – in beeld- en simbooltaal gekodeer, en in die styl van visioenêre spirale gekonstrueer.


- (iii) Die tekslaag van die laaste segmentele narratief, in sy geheel oorsien, vertoon 'n handelingsverloop waarin kernegebeure sintagmaties gekoppel word. Die teks word, soos die eerste en tweede segment, uiteindelik ook deur betogende informasie oorheers wat in die drie silleptiese visioensiklusse ingebed is. Die betogende dele, in hierdie drie visioensiklusse (soos in die twee van die tweede segment) in die liedere uitgedruk, bevat paradigmatische verdieping wat die tekstekstuur saam met sintagmatiese kombinasie sinvol bẽ-teken (kodeer).

5.4.4 Samevattende konklusie in verband met struktuurpatrone in die drie segmentele narratiewe

Die narratologiese lesing *cum* kursoriese eksegeese van die makrokonstruksie van Openbaring wat pas voltooi is, open insiggewende perspektiewe waarop in die res van die studieprojek voortgebou kan word. Veral die besondere plekke in die geheelkonstruksie van die dramatiese narratief waar die himniese mikrotekste ingestruktureer is, is van groot belang vir die verstaan van hulle rol en betekenis, terwyl hulle besondere plekplasing in die makrostruktuur omgekeerd ook weer lig op die makrostruktuur werp.

Ek kan dit die beste aantoon deur hulle ligging in die drie segmentele narratiewe en binne die ses sikliese subnarratiewe sketsmatig voor te stel. Uit die grafiese voorstelling wat op die volgende bladsy gegee word, is die strategiese situering van die himniese stof in die makrostruktuur van Openbaring duidelik.

VERSPREIDING VAN DIE HIMNIESE STOF IN OPENBARING



Die voorstelling maak die volgende aspekte duidelik:

- (i) Die makrostruktuur is uit drie segmentele narratiewe saamgestel wat elk struktureel op *gelyke* wyse bydra tot die geheelstruktuur, alhoewel hulle nie wat omvang betref gelyk is nie.
- (ii) Die makrostruktuur is uit ses sikliese subnarratiewe saamgestel, wat op *ongelyke* wyse in die drie segmentele narratiewe versprei is: die eerste segment bestaan uit een visioensiklus, die tweede uit twee en die derde uit drie sikliese subnarratiewe.
- (iii) Himniese gedeeltes kom op die konvekse bopunte van die tweede tot die vyfde visioensiklusse in die horisontale voorwentelende spiraalbeweging voor; die eerste siklus bevat dus nie himnes nie, maar liedmateriaal vorm wel onmiddellik deel van die konvekse beginpunt van die tweede siklus direk ná die eerste siklus se konvekse eindpunt; die sesde en laaste sikliese subnarratief bevat ook nie liedmateriaal nie, alhoewel daar tog in die oop-eindigende slot van die siklus – en die boek – ’n bepaalde vorm van liturgiese stof aanwesig is, naamlik dialoog tussen die Lam-Here-Bruidegom en sy bruid, onder aanvuring van die Gees (Op. 22:7, 12-17a, 20).
- (iv) Die sillepsis van die visioene gaan ten slotte – maar nie afsluitend nie – oor in die sillepsis van die tydlose, salige liturgiebestemming waarop die gestruktureerde apokalips in sy eskatologiese totaliteit uitloop.

5.5 VOORLOPIGE BEPALING VAN DIE ROL EN BETEKENIS VAN DIE HIMNIESE GEDEELTES IN OPENBARING OP GROND VAN DIE MAKROSTRUKTURELE ANALISE

5.5.1 Generiese funksie van die poëtiese mikrotekste in die makrostruktuur

By die bespreking van die belang van genre-teorie in hierdie studie het ek reeds geantisipeer dat die makrogenre van die Bybel se apokaliptiese einddokument ’n dramatiese narratief is met ’n wisselende skryfmodus, maar dat die modus hoofsaaklik dramaties is (4.2.1.2.3). Dit is bevestig deur die analise van die makrostruktuur wat pas hierbo voltooi is. Die narratiewe styl is die hoofmodus in die tekstekstuur van al drie die segmentele narratiewe. Die drie segmentele narratiewe se oorheersend narratiewe teksaard maak saam met beskrywende gedeeltes die oorgrote meerderheid van die teksvolume uit. Dit

bring mee dat die poëtiese gedeeltes, geleë op die konvekse kruine van die visioenspirale, te meer opval, waar hulle met name in die vorm van doksologieë uitgedruk is in die epiese en liriese woordrykheid van himniese stof.

Die liedere in hulle empiriese oordragstyl is 'n poëtiese komponent in die *transgeneriese dinamika* van die wisselende, verwisselende en wisselwerkende interaksie tussen die dramatiese-narratiewe makrostruktuur en die subgeneriese himniese mikrotekste van die boek (vgl. 4.2.1.3). Die funksie wat die liedere vervul, is dus in die eerste plek om deur epies-liriese en liries-epiese verdigting *paradigmatiese verdieping* toe te voeg tot die sintagmatiese handelingsverloop van die ses visioenêre spirale. Op grond van die inkadering van die liedere in Openbaring as mikrotekste met 'n eie generiese karakter binne die dramatiese narratief kan aangeneem word dat hulle 'n toonaangewende funksie in die ontsluiting en verdieping van die verhaalde in die dramatiese gebeure vervul (vgl. 4.2.3.2).

Hierdie vasstelling van poësie se generiese funksie in die makrostruktuur is egter voorlopig en wag op finale verifiëring ná die intensiewe eksegetiese ondersoek van himniese mikrotekste wat in die volgende hoofstuk gedoen word.

5.5.2 Narratiewe funksie van die liedere in die apokalips

Uit die makrostrukturele analise van Openbaring blyk dit tweedens dat die liedere ideaal in die makrokonstruksie geplaas is om as *satelliete* interpretatiewe kommentaar te lewer.

Daar is dikwels in die verlede 'n parallel getrek tussen die funksie van koorsang in Griekse dramas en die liedere in Openbaring (vgl. onder andere Brewer, 1936:74-92; Bowman, 1955:436-453; 1968; Blevins, 1980:393-408; 1984; Lambrecht, 1980:99; Schüssler-Fiorenza, 1985:166; Beagley, 1987:28-31; Aylen, 1985; Laws, 1988:75-76; vgl. ook vroeër by 4.2.1.2.2). Dit kan egter nie sonder meer aanvaar word dat die funksies wat die sangers in die twee verskillende kontekste (die Griekse tragedie-dramatiek en die kanonieke openbaringsdramatiek) verrig, dieselfde is nie (Harris, 1989:10). Die koor is in die Griekse kultureel-literêre tragediekonteks as 'n selfstandige karaktergroep voorgestel (Knox, 1979) wat dialogies met ander karakters in die drama gefunksioneer het deur middel van vrye direkte diskoers, terwyl die sangers van die himniese eenhede in die apokalips in die direkte rede deur die implisiete outeur aangehaal word (Luttikhuisen, 1993:15; Harris, 1989:8; Guthrie, 1987:36; Du Rand, 1991a:27). Die punt van ooreenkoms tussen die Griekse koor en die sangers in Openbaring is slegs ten opsigte van die gemeenskaplike kenmerk dat beide kore/sanggroepe betekenisvolle kommentaar lewer op die kerngebeure van onderskeidelik die drama en die dramatiese

narratief. Hulle is met ander woorde beide satelliete wat kommentareer op die narratiewe kerne (*kernels*) of handelingsverloop van die *sjuzet* (plot).

Die liedere vervul in Openbaring dus die funksie van *interpretatiewe kommentariëring* op ontwikkelinge in die visioensiklusse.¹⁹⁰ Aan die begin en einde van die tweede visioen-spiraal, aan die einde van derde en aan die begin en einde van die vierde en vyfde voortwentelende spirale interpreteer en kommentareer die liedere die narratief analepties én prolepties. Daardeur is hulle narratiewe funksie nie uitsluitlik vertikaal paradigmatis-verdiepend nie, maar ook horisontaal sintagmatis-kombinerend. Hulle is immers nooit losstaande en verwyderd van die dramatiese progressie in die narratief nie; hulle bly strykdeur integraal deel daarvan.

My verantwoordbare vermoede is in hierdie stadium dat die diepte-eksegese in die volgende hoofstuk hierdie betekenisvolle narratiewe funksie van die himniese mikro-tekste – in die verband van die makrostruktuur – sal bevestig en hulle effektiewe funksie in nog duideliker besonderhede sal laat blyk.

5.5.3 Retoriese funksie van die himnes in die dramatiese narratief

Samehangend met die generiese en narratiewe funksies van die liedere in Openbaring moet hulle retoriese funksie (hulle rol in die oorredingstrategie van die boek) in die lig van die makrostruktuuranalise ook opgemerk en verstaan word. Wanneer die boek as 'n dramatiese narratief gelees word, spreek dit die gehoor/ontvanger/leser aan. Die narratief is dan nie net informatief nie, maar ook *performatief* (Du Toit, 1992:468; Viljoen, 2002:559; 2003:220). Die retoriese taalgebruik is funksioneel om die gehoor met oorredingskrag betrokke te hou, 'n antwoord by hulle op te roep en hulle te reinig (Du Rand, 1991b:586; vgl. ook 1990a:351-365). Die bespreking vroeër in 4.2.4.2.1 van demonstratiewe of epideiktiese retoriek in die Klassieke het aan die lig gebring dat dié vorm van retoriek die oogmerk het om die wese van 'n persoon of godheid te verheerlik. Dit word gemotiveer en gesteun deur ook sy wonder- en heldedade te besing (wat naas die *epideiksis* die *paradeigmata* genoem word; vgl. Viljoen, 2003:221; 2002:559). Johannes se retoriese strategie is nie om die magte wat teen die Protagonis oorlog voer, te oortuig of te hervorm nie. Hy wend hom dus te midde van oordeel en oordeelvoltrekking direk tot sy gehoor (Callahan, 2009:49-50) in epideiktiese retoriek wat die Protagonis se Wese en wonder- en heldedade prys.

¹⁹⁰ Die tipe kommentaar wat in Openbaring gelewer word en die wyse waarop die kommentaar aan die handelingsverloop verbind is, word uit die eksegetiese ondersoek in Hoofstuk 6 duidelik. In hierdie hoofstuk is die kommentaar van die liedere as sodanig slegs algemeen en ongedifferensieerd te berde gebring as deel van die ontknoping van die visioene se verslegtingsprosesse in die hernieuwe state van ekwilibrium telkens aan die einde van die siklusse.

Hierdie retoriese strategie wat in die algemeen van die hele dramatiese narratief van Openbaring in sy liturgiese ontvangskonteks geld, is veral besonder betekenisvol in die himnes aangewend.¹⁹¹ En nie slegs die eer en die wese van God en die Lam word in die himniese poësie verheerlik nie, maar hulle wonderdade van skepping en redding en die toekomstige totale oorwinnende voleindiging van hulle koningskap word ook besing. Dit is die epiese redegewing waarom die liriese lof Hom/Hulle toekom. Die *ergon* van die apokalips is dus nie om 'n gewone verhaal te wees wat bloot net vertel/gelees word nie, maar die openbaringsdramatiese daarin en daarvan is duidelik en spesifiek daarop gemik om die ontvangers van die visioensiklusse gedurig te *bemoedig* en *aan te spoor* om vas te hou wat reeds hulle deel is en om daarin tot die einde toe te *volhard* (Op. 2:25; vgl. ook vroeër 4.2.4.2.2(i)). Die liedere is retories strategies aan die begin en einde van die tweede, aan die einde van die derde en aan die begin en einde van die vierde en vyfde visioenspirale geplaas om die ontvangers juis herhaaldelik daaraan te herinner.

Die bepaling van hierdie retoriese funksie van die himnes sal waarskynlik ook deur die volgende hoofstuk se indringende eksegetiese bevestiging word.

5.5.4 'n Basisteoretiese beginselgrondslag vir himnografie

Die voorlopige bepaling van die rol en betekenis van die himniese stof in die makrostruktuur van Openbaring laat 'n beginselgrondslag vir himnografie implisiet na vore kom. Generiese, narratiewe en retoriese funksies van die poëtiese-himniese mikrotekste wat direk hierbo in die lig van die makrostrukturele analise tentatief vasgestel is (onderskeidelik in 5.5.1, 5.5.2 en 5.5.3), dui naamlik in die rigting van 'n skriftuurlike beginsel dat teksgeworde, besondere openbaringsdramatiek fundamenteel, bepalend en rigtinggewend vir lieds-krywing is. Die himnes is in geen stadium losstaande en verwyderd van die voortgaande progressie en die dinamiese ontplooiing van die open-

¹⁹¹ Ek laat vir eers beredenering van die problematiek daar in verband met die vraag of die implisiete outeur die digter van die himnes is en of dit bekende liturgiese liedere of liedfrases teen die einde van die eerste eeu n.C. is wat deur hom aangehaal word. Eersgenoemde is die meerderheidstandpunt (vgl. onder andere Jöns, 1971:178-179; Carnegie, 1982:246-247; Aune, 1986:65-96; 1987:243; Morton, 2001:89-90). Ander – soos Leonard Thompson (1969:342) – is oortuig daarvan dat daar wel 'n verband tussen die himnes in Openbaring (asook ander liedere in die Nuwe Testament) en vroeë Christelike liturgiese praktyke aangetoon kan word. Dit is vir die verstaan van die himnes in hulle strukturele plek en retoriese funksie in Openbaring egter nie noodsaaklik om uit te maak of hulle deur die outeur as oorspronklike liedere of as bekende himniese frases ingevoer en ingevoeg word nie. Hulle funksie word vanuit hulle plek, rol en betekenis in die makrokonstruksie van die narratief geïnterpreteer, of hulle as oorspronklike '*ad-hoc-Bildungen*' (Jöns, 1971:179; vgl. Ruiz, 1997:244) ingevoeg word, of as bekende liedfragmente aangehaal word. Dit is hier belangriker om raak te sien – watter standpunt ook al aanvaar word – dat hulle retories effektief deur die implisiete outeur, fokaliseerder en verteller aangewend word om sy beoogde doelwit te bereik. (Sien in die volgende hoofstuk by 6.1.1.3 en 6.1.1.4 die motivering van my standpunt dat ek van mening is dat die liedere oorspronklik wel van die hand van die outeur is.)

baringsdramatiek nie. Hulle vaste hegting in die makrokonstruksie van Openbaring maak hulle aan die een kant integraal deel van die *openbaring*, maar aan die ander kant ook bepalend deel van die wyse waarop op die geopenbaarde *gerespondeer* word deur middel van die lof van himniese doksologieë. Hulle tree dus op as *openbaring-in-responsiewe-aksie*.

Hierdie beginselgrondslag sal kardinaal belangrik wees vir die identifisering van himnografiese beginsels, en – voortspruitend daaruit – vir die eventuele formulering van riglyne vir liturgiese liedskrywing. Dit sal gebeur indien die diepte-eksegese van himniese mikrotekste in die volgende hoofstuk die basisteoretiese beginselgrondslag bevestig wat hierbo uit die rol en betekenis van die makrostruktuur van Openbaring afgelei word, en sal dit les bes ook komplementeer.

5.6 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 5

Met die navorsing wat na my oortuiging by die afhandeling van die voorafgaande twee hoofdele – Deel 1 en Deel 2 – die punt bereik het dat al die literêre dimensies en insigte in hulle interaksie met en funksionele relevansie vir die Bybelwetenskaplike analise van Openbaring genoegsaam beskryf, gemotiveer en verantwoord is, het ek aan die begin van hierdie eerste hoofstuk van Deel 3 gestel dat dié insigte bruikbaar aangewend sal kan word. Ek kon inderdaad met vrug daarvan gebruik maak in die narratologiese lesing en kursories-eksegetiese ontleding van die laaste Bybelboek wat in hierdie hoofstuk aan die orde was.

In die proses is narratiewe eenhede, hoofkomponente, verhaallyn(e) en ander narratiewe eienskappe van dié dramatiese narratief vasgestel, geabstraheer, geanaliseer en geïnterpreteer. Dit is gedoen aan die hand van die analiseringsmodel wat reeds in 4.2.2.1.4 geselekteer en beskryf is (vgl. Mieke Bal se analisemodel wat in Addendum D opgesom is) en in narratologiese konsepte omskryf is wat as analise-instrumente gebruik word (vgl. die glossarium van narratologiese terme, Addendum E). Ek het Openbaring in hierdie hoofstuk vanuit die interdisiplinêre en multi-subdisiplinêre omgewing van die naasliggende dissiplines Literatuurwetenskap en (Nuwe-Testamentiese) Bybelwetenskap benader.

In die ondersoek is die vorm-inhoud-konfigurasië (*Gestalt*) van die Openbaringsboek bestudeer en daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die boek strukturele integriteit besit, alhoewel dit die saambundeling van 'n drietal segmentele narratiewe is wat gesamentlik die 'sirkel' van die openbaring in Openbaring saamstel. Daar is bevind dat elkeen van die drie segmentele narratiewe drie alternatiewe hervertellings op 'n nuwe (apokaliptiese) manier is van die een evangelieverhaal van Jesus Christus, ingebed in die

koms en die verdere realisering van die koninkryk tussen sy koms en wederkoms, te midde van die spanning van die eindverwagting. Die analise van die makrostruktuur het aan die lig gebring dat daar in totaal ses visioensiklusse is wat in vier van die ses gevalle begin en eindig – op een na, want die siklus in 8:2-11:19 bevat net aan die einde daarvan ’n himne – met himniese stof. Hierdie vasstelling van die himnes se ligging in die konteks van liturgiese doksologieë blyk veelseggend en belangrik te wees vir die proses om himnografiese beginsels in die Openbaringboek te identifiseer. Die liedere se rol en betekenis en ’n basisteoretiese beginselgrondslag vir himnografie op grond daarvan is in die lig van die makrostrukturele analise net tentatief en voorlopig vasgestel. Dit moet dus nog verder geverifieer word.

Die finale identifikasie en verifikasie van basisteoretiese beginsels vir himnografie kom nou deur middel van dieptesnitte in himniese mikrotekste binne die strukturele konteks van die makrokonstruksie in die volgende hoofstuk, Hoofstuk 6, aan die orde. Dit is die opgawe van die tweede en laaste hoofstuk van Deel 3.

HOOFSTUK 6

EKSEGETIESE DIEPTE-ONDERSOEK VAN HIMNIESE MIKROTEKSTE IN OPENBARING

6.0 INLEIDING

In hierdie hoofdeel van die studie, Deel 3, is die bepaling van basisteoretiese himnografiese beginsels in die sentrum van die navorsingsaandag. 'n Verantwoordbare ondersoekmetode om by die basisteoretiese aspekte van en vir himnografie uit te kom vanuit die openbaringslig van die Openbaringboek – synde 'n dramatiese narratief – verloop in twee stadia (vgl. aan die einde van die laaste hoofstuk in Deel 2 die beredenering en vasstelling van 'n ondersoekmetode met die oog hierop; 4.3.3). Tydens die eerste stadium van die proses is die narratief makrostruktureel ontleed deur middel van 'n narratologiese lesing *cum* kursories-eksegetiese analise van die totale en globale struktuur van dié laaste kanonieke teksdokument van die Bybel. Dit is pas in die vorige hoofstuk, die eerste van die twee hoofstukke waaruit hierdie hoofdeel bestaan, afgehandel. In 'n analise van die makrogeheel van Openbaring en 'n beweging van daaruit na kleiner samestellende dele (wat himniese mikrogedeeltes insluit) is die literêre dimensies wat in Deel 1 en 2 geopen is, in 'n interdisiplinêre oorgrensbeweging literêr-teologies en teologies-literêr aangewend. Belangrike funksies van die himniese stof en die aanduiding van 'n basisteoretiese beginselgrondslag vir himnografie, beoordeel vanuit die himniese gedeeltes se strukturele rol en betekenis in die geheelverband van die makrokonstruksie, is geïdentifiseer en tentatief vasgestel.

In die ondersoek wat in hierdie tweede hoofstuk van Deel 3 aan die orde is, verskuif die fokus vanaf die globale openbaring in die liedere (beskou vanuit die makrostruktuur) na die onderskeie liedere in Openbaring (die himniese mikrotekste). Daar is in hierdie tweede stadium van die basisteoretiese ondersoek weer – soos in die eerste – interdisiplinêre oorgrensbewegings. Deur intensiewe eksegeese van himniese gedeeltes in/van Openbaring interpreteer ek die liedmateriaal en stel in die lig daarvan die besondere betekenis van die himniese mikrotekste vas. Dit behels Bybelwetenskaplike diepte-ontleding, asook detailanalise van die geïnspireerde taalkunstig-literêre mikrotekste. Ek vertolk die mikrotekste in hulle verband in die konteks van die geheel, en verifieer omgekeerd die resultate van die makrostrukturele analise van die vorige hoofstuk in die lig van die intensiewe eksegeese van mikrotekste in hierdie hoofstuk.

In bogenoemde ondersoek word vyf stappe gevolg ten einde die gestelde doelwit van hierdie basisteoretiese deel van die studie te bereik. Eerstens word die himnes afgebaken deur bepaalde kriteria vir die vasstelling van liedere en liedperikope aan te lê (6.1). In 'n

volgende stap onderskei ek variërende vorme van himniese lofuitinge en bespreek en motiveer hulle belangrikheid vir die huidige navorsing (6.2). Derdens maak ek eksegetiese dieptesnitte in die himniese doksologie van Openbaring (6.3), om in die vierde plek tot 'n voorlopige vasstelling van die rol en betekenis van die himniese mikrotekste in die lig van die intensiewe eksegetiese ondersoek te kom; dit is tegelykertyd ook 'n vergelyking en wedersydse verifikasie van die twee hoofstukke (Hoofstukke 5 en 6) se resultate (6.4). In die vyfde stap formuleer ek 'n konklusie in verband met die bevindings waartoe in die twee hoofstukke van Deel 3 gekom is (6.5). Hoofstuk 6 word daarna ten slotte saamgevat (6.6).

6.1 AFBAKENING VAN HIMNIESE MIKROTEKSTE

6.1.0 Inleidend: die verband tussen benadering, kriteria en afbakening

Die bepaling van watter himniese gedeeltes as liedere funksioneer in die dramatiese narratief wat onder studie is, hou nou verband met die kriteria wat vir die afbakening daarvan aangelê word. Dit is daarom noodsaaklik om te let op verskillende vertrekpunte in die benadering van die himniese stof alvorens liedmateriaal presies afgebaken word.

In hierdie eerste hoofdeel (6.1) van Hoofstuk 6 verken ek eerstens verskillende benaderings en die daaruit voortvloeiende afbakeningskriteria (6.1.1). Verskeie liedere word daarna puntueel afgebaken (6.1.2). As derde en laaste stap in die proses word die afgebakende himniese mikrotekste in die perikope aangedui waar hulle in hulle onmiddellike (primêre) en wyer (sekondêre) verband en plasing in die narratief (as die omvattende verband) voorkom (6.1.3) – met die oog op eksegetiese dieptesnitte in vasgestelde mikrotekste wat in 'n volgende hoofdeel van Hoofstuk 6 (in 6.3) gemaak word.

6.1.1 Afbakeningskriteria

6.1.1.0 Logiese stappe om kriteria vas te stel

Daar is minstens vier vertrekpunte waaruit eksegete die himniese stof van Openbaring benader. Elk van die vier word kortliks aangestip (6.1.1.1 – 6.1.1.4), om daarna tot 'n samevattende gevolgtrekking te kom en die implikasie daarvan in kriteria vir liedafbakening te formuleer (6.1.1.5).

6.1.1.1 Kriteria deur literêr-kulturele konteksaspekte van Openbaring beïnvloed

Die eerste benadering tot die himniese stof van die laaste Bybelboek wat genoem moet word, is dié van eksegete en ander teoloë wat van mening is dat die grondontwerp van die boek groot ooreenkoms met die patroon van die Griekse tragedie vertoon. Dit is dus 'n benadering waarin tekseksterne faktore 'n beduidende rol speel. Verteenwoordigers van hierdie standpunt is onder andere die teoloë wat reeds in 5.5.2 genoem is.¹⁹² In die vroeë werk van Reymond Brewer onderskei hy tussen twee tipes himniese eenhede: eerstens koorsange, en tweedens liederen wat deur individue gesing word. Volgens hierdie onderskeid is daar sestien koorsange en dertien solo's van individuele sangers in Openbaring (Brewer, 1936:90-92). Dit word ondersteun deur James Blevins wat 'n dertigtal himnes, versprei in die teks van die hele boek, onderskei (Blevins, 1984:19-20).

Die waarde van hierdie siening is daarin geleë dat daar van al die poëtiese stof goed kennis geneem word. Dit is egter tegelyk ook die leemte in dié benadering. Selfs die woorde van die oproepformule waarmee elkeen van die sewe briefboodskappe afgesluit word (*Ὁ ἔχων οὖς ἀκουσάτω τί τὸ πνεῦμα λέγει ταῖς ἐκκλησίαις*; wie 'n oor het moet luister wat die Gees aan die gemeentes sê; vgl. Op. 2:7a,11a,17a,29; 3:6,13,22), word deur Blevins (1984:20) byvoorbeeld vertolk as 'n frase wat deur die koor gesing word. Dit dui daarop dat die koor – wat volgens Blevins in Openbaring die vier en twintig ouderlinge is – 'n karaktergroep word wat in dialoog met die sewe gemeentes optree en nie net kommentaar op die narratief lewer nie. Gevolglik is die kriterium vir afbakening van liederen in hierdie benadering in 'n groot mate beïnvloed deur die rol en betekenis van koorsang in die vorm, styl en samestelling van die antieke tragediedrama. By die bespreking van die narratiewe funksie van die liederen in die apokalips (in 5.5.2) het ek reeds gestel dat die lewer van kommentaar op die progressie van die handelingsverloop in die tragedie of verhaal myns insiens die enigste werklike ooreenkoms is tussen die funksie van die Griekse koor in die tragedie en die sangers in die dramatiese Bybel-narratief.

Die aspek van kommentariëring kan dus as 'n kriterium vir liedafbakening geld slegs in soverre dit uit die teks duidelik is dat interpretatiewe kommentaar die funksie van die lied/liederen op 'n gegewe punt in die progressie van die narratief is. Die literêr-kulturele konteks is wel belangrik in die proses van liedafbakening, maar dit moet nietemin gestel word dat dit slegs 'n beperkte bydrae is wat deur dié tekseksterne gegewens gelewer word.

¹⁹² Brewer (1936:74-92), Bowman (1955:436-453; 1968), Blevins (1980:393-408; 1984); Lambrecht (1980:99); Schüssler-Fiorenza (1985:166); Aylen (1985); Laws (1988:75-76); Beagley (1987).

6.1.1.2 Kriteria vanuit 'n historiese vormkritiese benadering vasgestel

Vanuit 'n historiese vormkritiese vertrekpunt het 'n ander vroeë teoloog wat himniese eenhede in Openbaring bestudeer het, John O'Rourke (1968:399-409), die volgende drie kriteria aangelê om die himniese stof in die boek te identifiseer en af te grens: die voorkoms van parallelisme soortgelyk aan dié in die Ou-Testamentiese Psalms, tweedens die teenwoordigheid van frases en sinne met 'n solemnele, plegstatige wyse van uitdrukking wat gepas in 'n aanbiddingskonteks funksioneer, en derdens die voorkoms van materiaal wat grammatikale oneffenhede vertoon.

Harris (1989:11) wys tereg daarop dat hierdie vormkritiese metode van afbakening nie voldoende is nie. Daar is byvoorbeeld talle grammatikale oneffenhede in die dramatiese narratief; dit kom nie uitsluitlik in himniese gedeeltes voor nie. Wat wel waardevol in O'Rourke se onderskeiding is en daarom as 'n afbakeningskriterium kan geld, is dat die himniese gedeeltes van Openbaring inderdaad in gepaste aanbiddingstaal gestileer is. Daar is egter ook daarin 'n aspek wat die aanwending daarvan as 'n kriterium beperk. Nie alle gedeeltes in aanbiddingstaal is liedere nie. 'n Gedeelte soos Op. 1:4-6 (waarin die groetseën ingesluit is, 1:4-5a) bevat byvoorbeeld ook woorde wat die stempel en styl van gepaste aanbiddingstaal dra, maar dit is kennelik nie 'n lied nie en funksioneer ook nie as sodanig in die liturgiese en briefopset van die apokalips se openingsvisioen nie. Omdat gepaste, plegtige liturgiese taal nie net in die himniese gedeeltes deur die implisiete outeur gebruik word nie, kan die voorkoms daarvan dus nie volledig as 'n kriterium geld nie. Die voorkoms daarvan in die narratief kan die navorser wel bedag maak op himniese elemente wat daarin opgesluit mag wees. Gedeeltes waarin gepaste aanbiddingstaal herken word, moet daarom goed in aanmerking geneem word.

6.1.1.3 Kriteria uit 'n stilistiese en ko-tekstuele vertrekpunt saamgestel

Om liedere in narratiewe tekste van die Nuwe Testament af te baken, skep in die algemeen gesproke nie werklik probleme nie, aangesien duidelike merkers normaalweg aangegee word. Dit is moeiliker om himniese materiaal in brieftekste af te grens, omdat liedere nie duidelik ingelei (en 'ingelui') word nie. As gevolg daarvan is besef dat daar ook wat narratiewe tekste betref, fyner waarneming moet wees as om net inleidingsformules te identifiseer. Daar is besef dat dit nodig is om stilistiese en ko-tekstuele aspekte ook waar te neem. Sodoende is nuttige en duideliker insigte vir die afbakeningskriteria van liedere – ook dié in narratiewe stof – ontwikkel, waaronder veral ook vir liedafbakening in Openbaring as 'n dramatiese narratief. Harris (1989:12-13; vgl. ook Gloer, 1984:115-132) gee 'n opsomming van die tersaaklike stilistiese en ko-tekstuele kriteria.

Onder *stilistiese* kriteria tel onder meer: werkwoordvorme in die tweede en derde persoon, deelwoorde en betreklike sinsdele wat in uitdrukkings van lofprysings ter ere van 'n godheid vir sy magtige daade ingevoer word; tweedens noukeurige konstruksies soos *parallelismus membrorum* (O'Rourke se eerste kriterium hierbo in 6.1.1.2), waarby strofe en antistrofe 'n rol speel; in die derde plek ook anafore, *inclusio*'s, chiasiese konstruksies, antiteses en die teenwoordigheid van *hapax legomena*.

By die tweede groep kriteria, naamlik *ko-tekstuele* kriteria, is onder meer ingesluit: die gebruik van inleidingsformules waarin veral die woord *λέγω* (*sê*) of variante daarvan voorkom, en tweedens wanneer daar 'n merkbare verskil in die inhoud van stof voorkom, uitgedruk in die tipiese poëtiese-himniese uitbreiding/verdigting/verdieping wat byvoorbeeld sentreer om die christologiese verlossingsaspekte wat deur die goddelike Wese bewerkstellig is en word.

Twee teoloë wat bogenoemde stilistiese en ko-tekstuele kriteria aanvaar en implementeer, het baanbrekerswerk gedoen op die gebied van die afbakening van himniese mikrotekste in vroeg-Christelike tekste – veral ook wat die liedtekste in Openbaring betref. Hulle is Reinhold Deichgräber (1967:11-23) en Klaus-Peter Jörns (1971:15-19). Laasgenoemde ontdek onder meer die teenwoordigheid van 'n strofe/antistrofe-dinamiek in die himniese stof van die apokalips (Jörns, 1971:18-19). Die meeste latere ontleders van die liedkorpus in die boek volg hierdie indelingspatroon, sommige wel met geringe wysigings (vgl. onder andere: Carnegie, 1982:243,251; Lambrecht, 1980:99; Schüssler Fiorenza, 1985:166-167; Laws, 1988:70; Du Rand, 1991a:28; Viljoen, 2002:559-574 en 2003:215-216).¹⁹³

Dit is duidelik dat die afbakeningskriteria wat vanuit 'n stilistiese en ko-tekstuele vertrekpunt saamgestel word, groot ondersteuning ontvang van eksegete wat die liedmateriaal van Openbaring in diepte ondersoek. Die waarde van hierdie benadering is veral daarin geleë dat die genoemde navorsers vanuit 'n tekssentriese vertrekpunt met die materiaal omgaan, en gepaardgaande daarmee die direkte ko-tekstuele aspekte van die liedere deeglik in ag neem.

¹⁹³ Dit is hieruit duidelik dat Jörns se benadering, soos dit in sy strofe-ordering van die himniese stof tot uitdrukking kom, 'n groot invloed op die navorsing van himnes in Openbaring uitgeoefen het sedert sy *Das hymnische Evangelium* in Maart 1971 verskyn het. Sommige (soos Harris, 1989:60) spreek egter die kritiek uit dat Jörns se algemene benadering tekens daarvan toon dat sy belangstelling in die himnes in 'n mate deur die literêr-historiese studies wat in die Redaksiekritiek (vgl. 3.1.2.1.1(iii.iii)) neerslag vind, gedomineer word. Hierteenoor moet ek opmerk dat Jörns (1971:178-184) die himniese gedeeltes beskou as *ad hoc*-komposisies van die samesteller of die skrywer/implisiete outeur self, maar dat dit nie die moontlikheid uitsluit dat hy wel gebruik gemaak het van tradisionele materiaal nie (Jörns verwys daarvoor na die feit dat die liedmateriaal in menige opsig terughertoe kan word na die Ou-Testamentiese agtergrond van die Openbaring-skrywer). Intertekstualiteit is immers nie sonder meer Redaksiekritiek nie. (Vgl. die behandeling van intertekstualiteitteorie in 4.2.6 en die vroeëre opmerkings by 5.5.3.)

6.1.1.4 Kriteria deur 'n intertekstuele en intratekstuele benadering gevorm

Alhoewel David Carnegie die kriteria handhaaf wat vanuit 'n stilistiese en ko-tekstuele vertrekpunt saamgestel word (6.1.1.3 direk hierbo), lewer hy verdere waardevolle ondersteunende beredenering ten gunste van sodanige benadering. Die kriteria word daardeur verder verfyn. Hy neem sy vertrekpunt ook in die teks (sy benadering is met ander woorde ook tekssentries), maar toon ook intertekstuele en intratekstuele verbande aan wat aan die liedmateriaal as geheel duidelike merkers gee, terwyl hulle ook die afsonderlike himnes koppel. Hy sluit aan by diegene wat die himnes in die apokalips beskou as die werk van die implisiete outeur (vgl. weer die bespreking en voorlopige vastelling van die himnes se retoriese funksie in die vorige hoofstuk, by 5.5.3), en nie as liedere afkomstig uit reeds bestaande, vroeg-Christelike liturgiese bronne nie. Drie fasette wat Carnegie (1982:246) uitlig om die uniekheid van die Openbaringboek vanuit intertekstuele en intratekstuele oorwegings te motiveer, is van deurslaggewende belang by die bepaling van liedafbakeningskriteria.

- Dit is eerstens opvallend dat daar geen *hapax legomenon* in enige van die liedere voorkom wat sou kon dui op 'n frase uit 'n eksterne bron wat deur die outeur ingevoer is en gevolglik 'ekstern' aandoen omdat dit nie die eg-eie stempel van die narratiefgeheel vertoon nie.¹⁹⁴
- Tweedens word bepaalde terme/uitdrukkings herhaaldelik in himniese sowel as in sommige gevalle ook in narratiewe gedeeltes gebruik. Voorbeelde: die kombinasie *ἄξιός ἐστιν λαβεῖν* (waardig is Hy... om te ontvang/neem) in Op.4:11 word in 5:9 en 12 herhaal; die begrippepaar *δίκαιαι καὶ ἀληθιναὶ* (reg en waar/ waaragtig/betroubaar) van 15:3b kom in 16:7b sowel as in 19:2a voor (wel in omgekeerde orde); *οἱ μικροὶ καὶ οἱ μεγάλοι* (die kleines en die grotes / klein en groot) word in verskillende naamvalle in die himniese stof van 11:18 en 19:5 gebruik, asook in die narratiewe gedeeltes waarvan 13:16, 19:18 en 20:12 deel vorm; *(ἡ) δύναμις* ((die) krag) word herhaaldelik in himniese tekste gebruik, naamlik in 4:11, 5:12, 7:12, 11:17, 12:10 en 19:1, en ook in die narratiewe stof waarvan 13:2 deel uitmaak.
- Derdens kom twee Godsname voor, gekombineer met uitdrukkings waarin goddelike attribute meespreek in himniese sowel as in narratiewe tekste: *κύριος ὁ θεός, ὁ παντοκράτωρ* (die Here God, die Almagtige) word as benaming van God in 1:8, 4:8, 11:17, 15:3, 16:7, 19:6 en 21:22 gebruik, terwyl die vaste uitdrukking

¹⁹⁴ Dit word wyd en algemeen aanvaar dat daar geen *hapax legomenon* in die liedere van Openbaring is nie (vgl. Schimanowski, 2004:73).

ὁ ὢν καὶ ὁ ἦν καὶ ὁ ἐρχόμενος (die Een wat is en wat was en wat komende is / aan die kom is) in 1:4 en 8, 4:8, 11:17 en 16:5 aangetref word.

Naas die waarde wat hierdie aspekte vir liedafbakening het, laat dit ook reg geskied aan die *Gestalt* van Openbaring en bied dit dus verdere bevestiging van die integriteit van die dokument (vgl. vroeër by 5.2). Dit is 'n sterk motivering vir die standpuntinname dat die boek 'n eenheidskomposisie is en dat die implisiete outeur die oorspronklike lieddigter is wat die himnes kreatief en retories effektief inspan om sy beoogde doelwit te bereik (vgl. die vroeëre opmerkings in hierdie verband by 5.5.3 en 6.1.1.3).

6.1.1.5 Konklusie in verband met die verskillende afbakeningskriteria en die implikasie daarvan vir liedafbakening

6.1.1.5.1 Samevattende konklusie

Al vier die bespreekte benaderings en/of vertrekpunte waaruit kriteria deur navorsers vasgestel word, lewer – elk op eie wyse – 'n bydrae om tot die afbakening van himniese mikrotekste in Openbaring te kom. Nie alles van elk is bruikbaar nie en nie elkeen se kriteria behoort met totale uitsluiting van ander se benaderings aangelê te word nie. Uit die kriteria wat vanuit die verskillende vertrekpunte aangebied word, is dit duidelik dat veral tekssentriese (in die vorm van beklemtoning van teksimmanente) oorwegings gereflekteer word, maar dat tekseksterne aspekte ook verreken word.¹⁹⁵

Dit is in die lig van die ondersoek van die verskillende liedafbakeningskriteria gevolglik aangewese om 'n inklusiewe benadering te volg waarin die nuttige en positiewe elemente in elke vertrekpunt en benadering in ag geneem word – om sodoende die afbakening nie eensydig, willekeurig en subjektief te doen nie, maar gebalanseerd en in alle opsigte wetenskaplik verantwoordbaar.

6.1.1.5.2 Implikasie van die konklusie vir liedafbakening

Bostaande samevattende konklusie impliseer dat die onderstaande aspekte vir afbakening van himnes in Openbaring in ag geneem behoort te word. Aandag word aan twee sake gegee, naamlik tekseksterne faktore en teksinterne aspekte by die afbakening van liedtekste in Openbaring.

¹⁹⁵ Vgl. vir tekssentriese en historiese (tekseksterne) hoofbenaderingswyses tot literatuur weer die behandeling daarvan, onderskeidelik in 3.1.2.2 en 3.1.2.1.

(i) Tekseksterne faktore

Met tekseksterne faktore word hier slegs dié bedoel wat moontlik 'n invloed op liedafbakening kan hê gesien vanuit die kontemporêre literêr-kulturele en religieuse ontvangskonteks van die apokalips. Hieronder is twee sake is ter sake.

- Die belangrikste aspek in die sekulêre Grieks-Hellenistiese wêreld waarvan in dié verband kennis geneem word, is die funksie van koorsang in die Griekse drama (tragedie) wat in 'n bepaalde opsig lig werp op die funksie van die himnes in Openbaring en die afbakening van liedere indirek dien – in dié opsig naamlik dat die liedere satelliete is wat om die kerngebeure wentel en op die dramatiese ontvouing van die handelingsverloop in die visioensiklusse analepties en prolepties kommentaar lewer (vgl. 6.1.1.1).
- In die religieuse milieu van onderskeidelik die Griekse Dionusos-aanbidding en die Romeinse keiserverering aan die einde van die eerste eeu n.C., sowel as in die kontemporêre Joods-godsdienstige erfenis van die vroeë Christene, het gepaste religieuse aanbiddingstaal wesenlik deel daarvan uitgemaak. Die onderskeid tussen narratiewe taal en 'n gepaste kultiese/liturgiese plegstatige wyse van uitdrukking maak herkenning van sodanige liturgiese taal in die apokalips ooglopend en dra daarom ook by tot die identifisering van liedere as 'n vorm van liturgie (vgl. 6.1.1.2).

Bostaande twee tekseksterne faktore is nie sonder waarde by die afbakening van liedere nie, maar maak intendeel deel uit van 'n verantwoordbare en verantwoorde-like metode van afgrensing.

(ii) Teksinterne aspekte

Die teksinterne kriteria wat uit die ondersoek van verskillende tekssentriese benaderings en uitgangspunte tot liedafbakening spruit, het te doen met 'n kombinasie van die resultate waartoe in 6.1.1.3 en 6.1.1.4 hierbo gekom is. Opsommend kan die volgende drie kriteria daaruit as verantwoordbaar en prakties bruikbaar beskou word en behoort daarom ook verder aangewend te word.

- Alle stilistiese eienskappe van *al* die poëtiese gedeeltes in Openbaring (soos onder meer strofe/antistrofe-dinamiek, antitesis, chiasiese konstruksies, anafore

en *hapax legomena*) moet in ag geneem word. Daaruit moet eienskappe wat spesifiek eie aan himnes is, geselekteer word om liedere punktueel af te grens.¹⁹⁶

- Ko-tekstuele eienskappe soos die herhaaldelike gebruik van inleidingsformules moet in die afbakening as liedmerkers deeglik in berekening gebring word.
- Herhaling van vaste uitdrukkings soos die begrippepaar *δίκαιαι καὶ ἀληθιναι* (*reg en waar/waaragtig/betroubaar*) wat in die direkte rede met God verbind word, moet as duidelike himne-aanduiders beskou word.

Bostaande tekssentries-bepaalde kriteria word dus uit stilistiese, ko-tekstuele, intertekstuele en intratekstuele oorwegings saamgestel.

Die twee tekseksterne faktore wat in (i) hierbo aangedui is, vorm saam met die drie teksinterne aspekte wat in (ii) genoem is, 'n werkbare en goed gemotiveerde kriterium-basis op grond waarvan die himnes in Openbaring punktueel afgebaken kan word met die oog op die intensiewe eksegeese van liedtekste.

6.1.2 Punktuele afbakening van liedtekste

6.1.2.0 Oriëntering

Om die afbakening noukeurig te doen, word vier logiese en noodsaaklike stappe gevolg. Eerstens word gedeeltes wat op die oog af moontlik 'n himniese styl en himniese eienskappe vertoon, vasgestel (6.1.2.1). Daarna word aandag gegee aan die vraag of alle himniese gedeeltes wel as afsonderlike liedere geïdentifiseer kan word (6.1.2.2). Vervolgens bepaal ek in 'n derde stap die somtotaal van die liedere deur eliminasië op grond van die oorwegings in die tweede stap (6.1.2.3). 'n Sinopsis van die himnografie-korpus van Openbaring word laastens saamgestel waarin die liedere punktueel onderskei word, maar gelyktydig ook in jukstaposisie met mekaar saam in oënskyn geneem word (6.1.2.4).

¹⁹⁶ Die feit dat alle gedeeltes wat ooglopend poëties van aard is, oorweeg word – ongeag of dit in 'n himne voorkom of in 'n liturgiese formule soos die groetseën in die briefaanhef van Op. 1:4-6 –, is nodig omdat ook tussen poësie en himnies-poëtiese gedeeltes onderskei moet word. Daar is byvoorbeeld reeds vasgestel dat daar geen *hapax legomena* in die liedere van Openbaring voorkom nie (6.1.1.4). Waar 'n *hapax legomenon* in 'n poëtiese gedeelte geïdentifiseer word, is dit 'n aanduiding dat die betrokke gedeelte wel poëties kan wees, maar nie 'n himne bevat nie. So is die voorkoms van *hapax legomena* 'n stilistiese eienskap, maar werk dit in so 'n geval (in samewerking met die ander kriteria) eliminerend.

6.1.2.1 Vasstelling van poëties-himniese gedeeltes

Uit die ondersoek wat hierbo gedoen is en die kriteria wat op grond daarvan vasgestel is, kan die onderstaande himniese gedeeltes aangedui en van mekaar onderskei word:

Op. 4:8c; 4:9; 4:11; 5:9b-10; 5:12b; 5:13b; 5:14b; 6:10b; 7:10b; 7:12b; 11:15b; 11:17b-18; 12:10b-12; 14:3a; 15:3b-4; 16:5b-6; 16:7b; 19:1b-2; 19:3b; 19:4b; 19:5b; 19:6b-8a.

Van hierdie twee en twintig kort gedeeltes is daar twintig wat deur die outeur van die apokalips in die direkte rede gesitueer word. Die enigste twee wat nie in die direkte rede aangehaal is nie, maar waarna die verteller in die indirekte rede tog verwys as liedere wat gesing word, is dié van 4:9 en 14:3a. Van hierdie twee is slegs een se inhoud bekend, naamlik 4:9. Dit laat 14:3a oorbly as 'n verwysing na 'n lied waarvan die inhoud nie bekend is nie.

6.1.2.2 Identifikasie van afsonderlike liedere

Dit is natuurlik 'n geldige vraag of die afgebakende himniese gedeeltes hierbo almal as afsonderlike en selfstandige liedere beskou kan word. Dit is veral in hierdie opsig dat die identifikasie en inagneming van 'n strofe/antistrofe-dinamiek in die himniese stof wat deur Jörns (1971:18-19, 23 e.v.) uitgelig is (vgl. 6.1.1.3), goeie rigting gee, alhoewel dit opgemerk moet word dat daar steeds heelwat onsekerheid bestaan oor die metriese patroon en strofiese sisteem van himnes in die Nuwe Testament, in besonder van die liedtekste in Openbaring (Barkhuizen, 1989:12). Ooglopende onderlinge verbande kan tog wel waargeneem word tussen heelwat van die aangeduide himniese gedeeltes wanneer die himniese stof vanuit 'n bewustheid van die strofiese dinamiek benader word. Daardeur is dit moontlik om van die gedeeltes sinvol saam te groepeer in hulle patrone van strofes met gepaardgaande antifonale keerverse. Van die himniese gedeeltes wat hierbo van mekaar afgegrens is, moet weer onderling ontgrens word, sodat hulle as samestellende lieddele deel van 'n nuwe afbakening word. Dit verminder nie die twee en twintig afgegrensde gedeeltes nie, maar verminder wel die aantal liedgedeeltes deurdat die selfstandige strofeliedere sommige van die gedeeltes integreer, terwyl die res steeds as opsigselfstaande nie-strofiese liedere benader word.¹⁹⁷

¹⁹⁷ Streng gesproke kan die liedere wat nie antifonale beurtsang bevat nie, seker as *eenstrofige* liedere beskou word – veral as die bondigheid van die meeste liedere in ag geneem word. Deichgräber (1967:44-59) druk die bondigheid van die himnes uit as hy al die himniese gedeeltes van Openbaring met die woorde 'kurze Lobsprüche' tipeer. Ek verwys na die opsigselfstaande liedere in die algemeen as *opsigselfstaande nie-strofiese liedere* slegs ter wille van hulle duidelike onderskeiding van die *selfstandige antifonale strofeliedere*.

'n Goeie en nodige ordening van die himnes word deur die aanwending van hierdie strofe-kriterium verkry, soos blyk uit die onderstaande indelings en groeperings wat daaruit kristalliseer (vgl. aanvullend tot die verwysing na Jörns hierbo onder andere ook Harris, 1989:14; Du Rand, 1991a:28; Viljoen, 2003:215-216).

<u>Strofe</u>	<u>Antifoon</u>
4:9	4:11
5:9b-10	5:12b, 13b ¹⁹⁸
7:10b	7:12b
11:15b	11:17b-18
16:5b-6	16:7b
19:1b-2	19:3b, 4b
19:5b	19:6b-8a

Indien hierdie groepering in sewe strofes met hulle gepaardgaande antifoniese keerverse aanvaar word, verteenwoordig hulle saam sewe selfstandige, geïntegreerde antifoniese strofeliedere.

Gedeeltes wat nie in bostaande indelingspatroon ingesluit is nie, is die heel eerste himniese gedeelte wat geïdentifiseer is, naamlik 4:8c. Die ander wat klaarblyklik ook opsigselfstaande is en nie met ander gedeeltes gepaar kan word nie, is dan 5:14b, 6:10b, 12:10b-12, 14:3a en 15:3b-4. Hulle moet voorlopig as nog ses liedere beskou word, en wel as opsigselfstaande, nie-strofiese liedtekste.

Betekén dit dat daar dertien himniese gedeeltes is wat as liedere gereken moet word? Verdere ondersoek om vas te stel wat die totale aantal himniese gedeeltes is wat as liedere in Openbaring funksioneer, behoort die vraag te beantwoord.

¹⁹⁸ Op. 5:14b word nie deur Jörns en andere in die strofe/antistrofe- patroon bygereken nie. Dit is waarskynlik omdat die vers oënskynlik slegs die liturgiese uitroep of akklamasie *Amen* bevat. Daar kan hierteenoor geredeneer word dat die eenwoorduitroep as afsluiting van die antifoniese lied gesing word deur die vier lewende wesens, met ander woorde as 'n slotmotief van die antifoniese lied. Schimanowski (2004:69,79) beskou dit as derde *respons* op die strofe van 5:9b-10. Voorlopig neem ek 5:14b as opsigselfstaande nie-strofiese lied en beredeneer dit finaal aan die einde van 6.3.1.2.6.

6.1.2.3 Somtotaal van die afsonderlike liedere

In hierdie stadium moet opgemerk word dat 6:10b, 12:10b-12, 14:3a en 16:5b-6,7b vier himniese gedeeltes is waaroor daar nie volkome eenstemmigheid is dat hulle as liedere beskou en benader moet word nie.

- 6:16b

Die woorde in 6:10b is die versugting van die siele onder die altaar. Robert Coleman (1980:69-77) beskou dit as 'n lied waaraan hy die titel *The Martyr's Canticle* gee. Daar is egter nie steun vir sy standpunt dat dit as 'n lied beskou moet word deur ander teoloë wat hulle aandag ook spesifiek toespits op die himnes in die apokalips nie (vgl. onder andere weer Jörns, 1971:19; Harris, 1989:14; Du Rand, 1991a:28; Viljoen, 2003:215-216). Op grond daarvan dat daar nie duidelike aanduidings is dat die uitroep van 6:16b 'n (klaag-)lied is nie, neem ek nie die versugting van die martelare verder as 'n lied in die liedondersoek in ag nie.

- 12:10b-12

Die stem in die hemel wie se woorde in hierdie gedeelte aangehaal word, se identiteit is nie bekend nie. Aan wie die stem behoort kan nie uit die teksplasing afgelei word nie. Die feit dat die woorde egter in die direkte rede aangehaal word en dat navorsers soos Viljoen (2002:561) die tipiese onderbou van '*Siegeslieder*' (oorwinningsliedere; vgl. Gunkel, 1966:32-64) daarin uitwys, dui daarop dat dit as 'n lied funksioneer. Dit sluit aan by die tema van die koninkryk wat so prominent in die tweede segment van Openbaring is en wat in die aanvaarding van die koningskap deur God en die Lam in ander liedere – 11:15b,16b in die tweede segment, en 15:3b-4 en 19:1b, 6c in die derde segment – 'n *Leitmotiv* in die ontvouing van die apokalips verteenwoordig. Ten spyte van die feit dat dit 'n ongeïdentifiseerde stem is, beskou en behou ek hierdie gedeelte as 'n lied wat ondersoek moet word.

- 14:3a

Daar is reeds genoem dat in hierdie gedeelte gestel word dat die honderd vier en veertig duisend verseëldes 'n nuwe lied sing, maar dat die inhoud daarvan nòg direk aangehaal, nòg in die indirekte rede vermeld word. Die vertellende outeur meld net dat daar deur hulle gesing word en dat dit 'n *nuwe* lied is, maar hy maak geen melding van wat hulle sing nie. Dit is dus nie moontlik om die inhoud te eksegetiseer nie en daarom laat ek dié versdeel verder in die liedondersoek buite rekening, alhoewel die vermelding dat die honderd vier en veertig duisend saam met die Lam op die berg Sion is en dat hulle 'n nuwe lied sing, nie totaal buite rekening gelaat word nie.

- 16:5b-6,7b

Hierdie versdele is in 6.1.1.2 hierbo geïdentifiseer as 'n himniese gedeelte wat – anders as die drie ander verwysings direk hierbo – as 'n antifonale strofelied funksioneer. Die vraag kan egter gestel word of die beurtsang deur onderskeidelik die engel van die waters en die engel van die altaar in dieselfde kader as die ander liedere van Openbaring funksioneer. Ek behou die gedeelte voorlopig as 'n deel van die liedereskat van die boek en kom weer in die eksegeese daarop terug.

Slotson in verband met die somtotaal van liedere in Openbaring:

Die aantal liedtekste kom op elf te staan. Dit bestaan uit sewe geïntegreerde, selfstandige antifoniese strofeliedere en vier ander, opsigselfstaande nie-strofiese liedere.

'n Oorsig kan nou gebied word waarin die resultaat van die ondersoek in 6.1.2.1, 6.1.2.2 en 6.1.2.3 uitgebeeld word.

6.1.2.4 Sinopsis van die himnografiekorpus van Openbaring

'n Sinopsis van die elf liedere wat ek in die lig van die ondersoek puntueel afbaken, laat die onderstaande himniese mikrotekste as die totale himnografie en liedkorpus wat in die laaste Bybelboek verspreid voorkom, ontvou.

Op. 4:8c

4:9 met antifoön 4:11

5:9b-10 met antifone 5:12b, 13b

5:14b

7:10b met antifoön 7:12b

11:15b met antifoön 11:17b-18

12:10b-12

15:3b-4

16:5b-6 met antifoön 16:7b

19:1b-2 met antifoon 19:3b, 4b

19:5b met antifoon 19:6b-8a

Ná hierdie afbakening is dit nou moontlik om die himnes in hulle direkte (primêre) en onmiddellike wyer (sekondêre) konteks te plaas binne die wydste verband, naamlik dié van die makrokonstruksie (soos dit in die vorige hoofstuk geïdentifiseer is).

6.1.3 Bepaling van die perikope en onmiddellike wyer konteks waarin die afgebakende himniese mikrotekste in Openbaring funksioneer

6.1.3.0 Inleidend: stappe in die bepaling van konteks; motivering

Aan die einde van die vorige hoofstuk, die eerste van hierdie hoofdeel (Deel 3), is die verspreiding van die himniese stof in Openbaring grafies voorgestel (vgl. *Verspreiding van die himniese stof in Openbaring* in 5.4.4). Dit vat die makrostrukturele analise wat in Hoofstuk 5 gedoen is, visueel saam. Ek dupliseer dit nie hier nie, maar wys daarop dat die perikope en onmiddellike wyer konteks waarin elk van die elf himnes setel, nog aangedui moet word. Sommige van die elf liedere wat as die himnografiese korpus van Openbaring in die sinopsis van 6.1.2.4 direk hierbo in sy geheel oorsien is, groepeer weer in groter eenhede saam wanneer die liedere in hulle eerste en tweede verband waargeneem word binne die konteks van die derde, globale (makrostrukturele) verband.

Elke lied word nou in sy direkte perikoopverband en sy wyer, groter narratiewe konteks aangedui (6.1.3.1). Vanuit die bespreking en beredenering word die liedere tweedens in hulle tweeërlei-verbande en in die geheelverband van die dramatiese narratief saam oorskou (6.1.3.2).

6.1.3.1 Die afsonderlike liedtekste in hulle perikoopverband en groter narratiewe konteks waargeneem

6.1.3.1.1 *Liedere van die eerste segment (Op. 1:1-3:22)*

(i) Liedtekste in die eerste visioensiklus (1:1-3:22)

Geen liedtekste kom in die eerste segment en visioensiklus voor nie. Slegs die middelste vier van die ses siklusse van die apokalips bevat himnes (vgl. 5.4.4).

6.1.3.1.2 *Liedere van die tweede segment (Op. 4:1-11:19)*

(i) *Liedtekste in die eerste visioensiklus (4:1-8:1)*

Die twee nie-strofiese en twee geïntegreerde antifoniese liedere in Openbaring 4 en 5 wat afgebaken is – onderskeidelik 4:8c en 5:14b, en 4:9,11 en 5:9b-10,12b,13b – is deel van die tweede visioensiklus van die apokalips, die eerste van die twee visioenspirale in hierdie betrokke segment. Dié twee hoofstukke vorm volgens alle geraadpleegde kommentatore en ander Openbaring-literatuur 'n eenheid (vgl. vroeër die beredenering en bespreking by 5.4.2.1.1). Omdat die twee hoofstukke oorheers word deur die beskrywing van die hemelse troonsaal en deur die vertellende outeur se weergawe van die himnes wat in die hemel gesing word, is daar nie talryke narratiewe *kernels* (kernegebeurtenisse) wat in die twee-eenheid van Openbaring 4 en 5 verhaal word nie (vgl. 5.4.2.1.1 en 5.4.3.2(i)).

Openbaring 4 bevat inderwaarheid slegs die gebeurtenis van Johannes se oproep na die hemel en sy meevoering deur die Gees (4:1-2a) om die troon, twee troonfigurantegroepe (die vier lewende wesens van die binnekring en die vier en twintig ouderlinge van die tweede sirkel om die troon) en hulle sang audiovisueel waar te neem.

In Openbaring 5 word slegs een gebeurtenis verhaal. Dit is wel 'n ingrypende kernegebeurtenis – uit 'n bepaalde hoek beskou een van die mees dramatiese momente in die apokalips. Dit ontketen die dinamiek van die hele dramatiese narratief van die tweede segment en is die energie wat dit aanvuur en laat voortstu. Tog is dit die liedere wat deur hulle betogende, paradigmatis-verdiepende informasie die eerste deel – 4:1-5:14 – van die silleptiese visioensiklus (4:1-8:1) oorheers. As gevolg hiervan is dit nie moontlik om die onmiddellike wyer konteks van die vier himniese mikrotekste nouer af te baken as die narratiewe twee-eenheid van Openbaring 4 en 5 nie. Die twee hoofstukke neem so 'n kardinale plek in dat die twee liedperikope, onderskeidelik 4:8b-11 en 5:8-14, in hulle verband en konteks binne 4:1-5:14 in diepte bestudeer moet word. Die vier liedere is dus nie sonder mekaar te ontleed nie en word daarom as 'n saambundeling van liedtekste aan die begin van die eerste van die vier visioensiklusse van die apokalips wat himnes bevat, beskou en geïnterpreteer. Ek gee besondere aandag aan hierdie himniese kleinbundel deur met die eksegetiese skalpel diep in hulle in te sny (vgl. 6.2.3 hieronder).

Die tweede en laaste liedperikoop in die tweede segment se eerste visioensiklus is aan die einde van dié spiraal ingebed (vgl. 5.4.4). Die primêre perikoopverband waarin die selfstandige antifoniese lied van 7:10b,12b staan, is 7:9-8:1. Die perikoop moet

egter ook in noue verband met die geheel van die interimhoofstuk, Openbaring 7, benader word (7:1-8:1).

(ii) Liedteks in die tweede visioensiklus (8:2-11:19)

Die enigste himniese mikroteks in die tweede en laaste siklus van die tweede segment is aan die einde van die visioenspiraal. Die selfstandige antifoniese lied, 11:15b,17b-18, vorm tegelyk ook die slot van die tweede segment. Die liedperikoop kan afgebaken word as 11:15-19, terwyl die onmiddellike wyer verband die naklank is van die sewende en laaste trompetgeskal in die septet van die sewe engele-trompetters.

6.1.3.1.3 Liedere van die derde segment (Op. 12:1-22:21)

(i) Liedtekste in die eerste visioensiklus (12:1-15:4)

Soos dit in die tweede segment die geval is, begin die derde ook met 'n lied in die konvekse kruin wat van die vorige segment af oorloop. Die opsigselfstaande nie-strofiese lied, 12:10b-12, is ingebed in die openingshoofstuk van die eerste van drie visioensiklusse in dié segment. Op grond van die inhoud van die lied is dit duidelik dat die liedperikoop uit 12:7-12 bestaan. Die sekondêre wyer verband waarin die lied en liedperikoop gelees en geïnterpreteer moet word, is die hele hoofstuk 12 (12:1-17).

Aan die einde van die derde segment se eerste siklus is daar soos aan die einde van albei visioensiklusse van die tweede segment weer 'n lied teenwoordig. Dit is ook soos die eerste himne van hierdie siklus (12:10b-12) 'n opsigselfstaande nie-strofiese lied, te wete die liedteks van 15:3b-4. Die eerste en laaste lied in hierdie visioensiklus is dus dieselfde mikrotipe: opsigselfstaande nie-strofiese/antifonale himnes. Die liedperikoop bestaan hier uit drie verse, naamlik 15:2-4, en die wyer (sekondêre) verband waarin die liedteks benader moet word, is 14:14-15:4. Hier moet opgemerk word dat die eerste visioensiklus van die derde segment ooreenkoms vertoon met die eerste visioensiklus van die tweede segment: beide dié spirale begin en eindig met himnes in hulle onderskeie konvekse kruine waar daar 'n staat van ewewilibrum heers.

(ii) Liedtekste in die tweede visioensiklus (15:5-19:10)

Die laaste visioensiklus van Openbaring wat himnes bevat, is die tweede siklus van die derde en laaste segment. Redelik aan die begin van hierdie spiraal is die selfstandige antifoniese lied, 16:5b-6,7b, ingebed. Die liedperikoop word hier as 16:4-7

afgebaken, terwyl dit in die wyer verband van 15:7-16:21 verstaan en geïnterpreteer moet word.

Soos die tweede en vierde siklusse van die apokalips – onderskeidelik die eerste spirale in die tweede en derde segmente – begin en eindig met liedere, is dit ook hier die geval: die laaste visioenspiraal word ook tussen himnes aan die begin (16:5b-6, 7b) en einde (19:1b-2,3b,4b en 19:5b,6b-8a) daarvan begrens. Laasgenoemde twee liedtekste is albei uitgebreide selfstandige antifoniese liedere en vorm die slotsange van die siklus. Die eerste is in die liedperikoop van 19:1-4 ingebed, terwyl die tweede een in die liedperikoop, 19:5-8, jukstaposisioneel met die eerste geplaas is. Hier aan die einde van die laaste apokaliptiese visioensiklus wat himniese doksologie bevat, is dus weer 'n saambundeling van liedtekste, in hierdie geval die twee uitgebreide antifoniese slotsange in hoofstuk 19. Die wyer konteks waarin die afsluitende kleinbundel van die boek gelees moet word, is 19:1-10.

Dit moet ten slotte nie die aandag ontglip nie dat die twee plekke in die dramatiese narratief van Openbaring waar 'n saambundeling van himnes voorkom, die begin en einde van die himnografiese korpus van die boek omlin: 4:1-5:14 en 19:1-10. Die verdigting van liturgiese liedmateriaal aan die begin en einde vorm sodoende 'n betekenisvolle *inclusio* in die himnografiekorpus van die hemelse liturgie.

(iii) Liedtekste in die derde visioensiklus (19:11-22:21)

Soos die eerste visioensiklus van Openbaring geen liedstekste bevat nie (vgl. 6.1.3.1.1(i)), is die laaste siklus van die derde en laaste segment ook sonder himniese gedeeltes.

6.1.3.2 Sinopsis van die afgebakende himniese mikrotekste binne die onmiddellike en wyer verband van die makrokonstruksie

Op die volgende bladsy word 'n geheelbeeld gebied van die elf liedtekste, elk in sy onmiddellike konteks (die perikoop), in sy sekondêre en tersiêre wyer verband binne die makrokonstruksie.

SINOPSIS VAN DIE AFSONDERLIKE LIEDTEKSTE, ELKEEN BINNE HULLE DRIELEDIGE VERBAND IN OPENBARING

Liedteks	4:8c	4:9,11	5:9b-10, 12b,13b	5:14b	7:10b, 12b	11:15b,17b-18	12:10b-12	15:3b-4	16:5b-6,7b	19:1b-2,3b,4b	19:5b,6b-8a
Direkte konteks (perikoop)	4:8b-11		5:6-14		7:9-8:1	11:15-19	12:7-12	15:2-4	16:4-7	19:1-4	19:5-8
Sekondêre wyer konteks	4:1-5:14				7:1-8:1	11:15-19	12:1-17	14:14-15:4	15:7-16:2	19:1-10	
Tersidre wyer konteks	4:1-8:1 (2de visioensiklus)				8:2-11:19 (3de visioensiklus)	12:1-15:4 (4de visioensiklus)	15:5-19:10 (5de visioensiklus)				

6.2 DOKSOLOGIESE VARIASIES

6.2.0 Inleidende opmerking in verband met terminologie

Tot dusver is in hierdie hoofdeel van die studie, Deel 3, na die himniese mikrotekste in Openbaring veralgemenend verwys met gebruikmaking van terme soos doksologieë (5.4.2.3), himniese doksologie (5.4.2.1.1; 6.1.3.1.3(ii)), himnes (5.5.4), liedere (5.4.2.3, 5.5.1), lofprysende sang (5.4.2.1.1), *hallelujas* (5.4.3.3), himnografiekorpus (6.1.2.4) en liedtekste (6.1.2, 6.1.3). Die bedoeling met die gebruik van die verskillende woorde en uitdrukkings tot hier was nie om enige differensiasie in die himniese stof aan te dui of selfs te suggereer nie. Wat wel duidelik is uit die variërende uitdrukkings, is dat daarvan uitgegaan word dat die liedtekste inderdaad almal in 'n lofverheffende styl geformuleer is. Deichgräber (1967:44-59) noem die himniese gedeeltes van Openbaring '*kurze Lob-sprüche*' (vgl. weer die opmerking en verwysing hierbo by 6.1.2.2). Die Afrikaanse woord *doksologie* druk die grootste gemene deelkomponent waarskynlik die beste uit. Dit kan daarom moontlik as gepaste oorkoepelende term van die liedereskat in Openbaring geneem word. Ek beredeneer dit verder hieronder en motiveer die gebruik daarvan as versamelnaam vir die himniese mikrotekste van die apokalips.

In die lig van bostaande opmerking gee ek in hierdie deel van die hoofstuk (6.2) aandag aan drie eksegetiese fasette in verband met doksologie. Dit is drie aspekte ten opsigte waarvan daar duidelikheid moet bestaan alvorens detail eksegeese in die volgende deel (6.3) aan die orde kom. Die term *doksologie* soos dit in himniese konteks gebruik word, word eerstens bespreek (6.2.1). Tweedens is 'n uiters belangrike onderskeiding – inderdaad met name van kardinale belang vir hierdie studie met sy fokus op transgeneriese verskynsels – nodig tussen minstens twee hoof tipes of -style van lofuiting (6.2.2). In die derde plek (in 6.2.3) word die verband tussen die onderskeie doksologiese variante en die teenwoordigheid van die drie argi-genres daarin aangedui (vergelyk weer die argi-genres wat 'n substansiële gegewe in die titelformulering van hierdie navorsing is en ook reeds in 4.2.1.1.3 onderskei en behandel is).

6.2.1 Die term *doksologie* in verband met Openbaring se himniese mikrotekste gebruik

Die eerste samestellende deel van die woord *doksologie*, naamlik *dokso-*, is 'n duidelike weerklank van die Griekse selfstandige naamwoord *δόξα*. Laasgenoemde begrip kom ses keer voor in die liedtekste wat hierbo afgebaken is, naamlik in 4:9, 4:11, 5:12b, 5:13b, 7:12b en 19:1b. Die woord word in sy liedverband in die apokalips konsekwent in die 1933/'53- sowel as die 1983-vertaling van die Bybel in Afrikaans met die woord

heerlikheid weergegee. Die stamverwante werkwoord *δοξάζω* wat in die teks van die (nuwe) lied in 15:3b-4 in die toekomende tyd gebruik word, word ook in beide vertalings gelykluidend vertaal, te wete met die werkwoord *verheerlik*. Dit is in al die genoemde tekste 'n geldige en verantwoordbare vertaling om daarmee die attribuut van die ontsagwekkende heerlikheid/majesteit van God en die Lam aan te dui. By die detail-verklaring van die woord *δόξα* waar dit vir die eerste keer in die liedkorpus van die apokalips in 4:9 voorkom, bespreek ek verdere aspekte van die woord (vgl. die ontleding van 4:9(ii) later in 6.3.1.2.3). Ander verbandhoudende goddelike kenmerke wat in die liedtekste besing word, soos *τιμῇ* (*eer*; 4:9,11, 5:12b,13b, 7:12b, 19:7), *εὐλογία* (*lof*; 5:12b, 7:12b), *δύναμις* (*krag*; 4:11, 5:12b, 7:12b, 11:17b, 19:1b) en *ἰσχύς* (*sterkte*; 5:12b, 7:12b), bevat elk eie betekenisnuanses, maar is elkeen paradigmatisies deel van die verheerlikende lof aan God en die Lam. Dat dit juis *δόξα* is waarin die Afrikaanse term *doksa* begrond is, sluit die ander verheerlikende attribute dus nie uit nie, maar juis in, omdat dit as 'n adekwate saamgestelde weergawe van die totaliteit van uitdrukkings en segswyses in verband met die heerlikheid en verheerliking van God en die Lam beskou kan word.

Die tweede samestellende deel van die woord *doksologie*, naamlik *-logie*, is op sy beurt duidelik afgelei van die Griekse selfstandige naamwoord *λόγος* (*woord*) en werkwoord *λέγω* (*om te sê/spreek*). Laasgenoemde kan in Afrikaans ook herken word in 'n woord soos *narratologie*, waar *-logie* die betekenis dra van *-kunde* (kennis van die verhaal/narratief as studieobjek, soos byvoorbeeld in die woord *vertelkunde*; vgl. Brink, 1987). Die Griekse *λόγος* en *λέγω* is egter verder ook herkenbaar teenwoordig in die postmorfeme *-loog* en *-logie* in woorde soos *monoloog*, *dialog* en *trilogie*. Die betekenisinhoud is in dié bepaalde vorme andersoortig. Dit is 'n verwysing na *gesprek* of *redevoering*. In die woord *doksologie* is dit kennelik hierdie tweede betekenis van die agtervoegsel *-logie* wat geld. Dit is die *verbale uitdrukking* van die *doksa* van God en die Lam in 'n lofverheffende styl (en dui met ander woorde nie 'n bepaalde *kundigheid* insake die heerlikheid van die goddelike Wese aan nie).

Doksologie word deur die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT; 2000:164) soos volg verklaar: “*Laaste reël van 'n psalm, gebed, ens. waarin God geloof word.*” Hierdie verklaring sluit dus aan by die tweede variant van die postmorfeem *-logie* hierbo (redevoering/gesprek – in sy verband met die doksa van God gebruik is dit die lofverheffende linguale verbalisering van sy doksa). Dié verklaring lei tot die beskouing en verstaan van *doksologie* as 'n tegniese term vir die lofprysende afsluiting van 'n lied of gebed. Ek gebruik die woord hier egter in 'n ruimer betekenis: om daarmee nie net die laaste (paar) versreëls van verskillende himniese gedeeltes in die apokalips aan te dui nie, maar om die geheel van die himniese korpus in die boek te benoem. 'n Werkdefinisie van die woord moet gevolglik vir die doeleindes van hierdie studie geformuleer word.

Werkdefinisie van die term/begrip *doksologie* vir gebruik in verband met die liedtekste in Openbaring:

Doksologie is die verheerlikende verbalisering van die doksa van God en die Lam in himniese lofuitinge, binne hulle konteks in die *liturgiese* gedeeltes van die apokalips – sowel die lof wat deur en in individuele liedtekste gedra word, as die lofuiting van die totale himnografiekorpus van die boek.

6.2.2 Prominente style/vorme van lofuiting

6.2.2.0 Inleidende oorsig: veral twee hoofipes te onderskei

Ondersoek van lofuitinge wat in die Nuwe Testament voorkom, onthul 'n geskakeerde beeld van wisselende style en kleiner variasies. Kenmerke van die liedere in die apokalips weerspieël ook die verskeidenheid. Daar is byvoorbeeld liedere in die tweedepersoon-aanspreekvorm (*epiklesis Dei*; Op. 4:11, 5:9-10) en in die derdepersoonstylvorm (4:8), belydenisliedere (*confessio*; 5:13) en 'heilige verhaal'-liedere (19:2; Barkhuizen, 1989:11-12,14; vgl. Meyer, 1997:306-307). Die lofbetuiging in die afsonderlike lied-doksologieë asook in die totale doksologiese himnografiekorpus van Openbaring is egter in 'n oorhoofse indeling veral in twee vorme gestileer. Die onderskeiding van veral hierdie twee style – soos reeds in die inleidende opmerkings in 6.0 en 6.2.0 gestel – is van kardinale belang in hierdie studie met sy fokus op transgeneriese verskynsels in die apokalips, in besonder in die doksologiese himnografiekorpus daarvan en eventueel ook met die oog op die bepaling van die stramien van die liturgiese lied in die algemeen.

Die onderskeiding van die twee prominente tipes lofuiting word hieronder vanuit die Ou-Testamentiese oorwinningsliedere benader en gemotiveer (6.2.2.1). Daarna word die twee variërende doksologiese style uiteengesit (onderskeidelik in 6.2.2.2 en 6.2.2.3). Die resultaat word kortliks saamgevat (6.2.2.4) met die oog daarop om dit in die volgende deel (6.2.3) vanuit Openbaring in verband te bring met die argi-genres wat reeds vroeër in 4.2.1.1.3 onderskei en behandel is.

6.2.2.1 Die Ou-Testamentiese oorwinningslied en die doksologie van Openbaring

Om die twee hoofipes van lofuiting te onderskei, te verduidelik en die belang daarvan te motiveer, sluit ek aan by 'n vroeëre studie wat onder meer konsentreer op die Ou-Testamentiese lied tipe wat as die *oorwinningslied* bekend is (vgl. Bingle, 2000:11-13,23-28,34,38-40). Die doksologie van die Openbaringboek vertoon sterk ooreenkoms met dié besondere lied tipe. Dit kan natuurlik verwag word dat daar gemeenskaplike trekke sal wees tussen die Ou-Testamentiese oorwinningslied en die liedereskat van die apokalips,

aangesien laasgenoemde ingebed is in die stryd en heilige oorlog tussen die goddelike Protagonis en die opponerende Antagonis met sy bose, arglistige hulptmagte soos dit uit verskillende gesigshoeke in beeld- en simbooltaal gekodeer is. Die oorwinning van die Protagonis se koninkryk in die evangelieverhaal van Jesus Christus wat al duideliker realiseer te midde van die spanning van die eindverwagting, aktiveer telkens liturgiese handeling en ontketen die doksologieë in veral die tweede en derde segmente met hulle sikliese subnarratiewe (vgl. weer die analise daarvan in die vorige hoofstuk; 5.4.2 en 5.4.3). Die himnografiekorpus van Openbaring hou ten nouste verband met die triomf van die koninkryk, en sy doksologie is daarom in 'n besondere sin as oorwinningsliedere te beskou en te verstaan (vgl. byvoorbeeld die oorwinningsmotief in die liedtekste van 11:15b,17b, 12:10b-12 en 15:3b-4). In die *historia revelationis* – die globale meta-narratief van God se openbaringsdramatiek (vgl. 5.3.1) – is die Ou-Testamentiese openbaringsgeskiedenis voorgeskiedenis en as sodanig analepties deel van die geskiedenis in die dramatiese historiese narratief van Openbaring. 'n Blik op die aard en inhoud van die oorwinningsliedere in die vroeë stadia van die globale metanarratief is dus onontbeerlik om die doksologie van die laaste kanonieke boek waarin die voleindiging van die openbaringsgeskiedenis ontplooi, te kan interpreteer.

Algemene kenmerke van oorwinningsliedere is volgens Willis (1973:143; vgl. ook 1989: 231-239):

- die strydmotief, wat sterk figureer in die epiese heldedigte van Kanaänitiese mites;¹⁹⁹
- die sangaktiwiteit wat geformuleer word as 'n handeling in die eerste persoon enkelvoud;
- die ewige en universele heerskappy van die oorwinnaar.

Die onderstaande kenmerke van die oorwinningslied in die kanon van die Ou Testament wat onder andere deur Hauser (1987:280) nader onderskei word, is hier van belang. Volgens hom bevat die oorwinningslied:

- 'n sterk en skerp fokus op die Naam van Israel se God (*Jahwe*) – om sy allerbelangrike rol in die oorwinning van sy volk te beklemtoon;

¹⁹⁹ Die strydmotief wat sterk figureer in die epiese heldedigte van Kanaänitiese mites verskil in 'n belangrike opsig van die himniese stof van die Ou Testament. Die Ou-Testamentiese oorwinningsliedere is nie 'n historisering van Kanaänitiese mitologie nie, maar wel historiese gedigte wat tog bepaalde ooreenkomste met mitologiese motiewe en die literêre styl van die omringende volkerewêreld vertoon. (Die ooreenkomste en die belangrike verskil word in 6.2.2.2 direk hieronder behandel.)

- spesifieke terme of frases wat aan God verbind word (byvoorbeeld *krag*) om sy rol in die oorwinning te aksentueer;
- beskrywing van die vernedering van die vyand;
- beskrywing van die val van die vyand.

Die oorwinningslied as liedtipe bevestig die magsopenbaring van die God van Israel wat vir sy volk veg (Eks. 14:14). Die besondere funksie van hierdie tipe lied is dus beklemtoning en viering van *Jahwe* se magsopenbaring ter wille van sy volk. Dit geskied in die vorm van lofverheffing (*'a hymn of praise'*; Coats, 1969:7), wat weer verder onderskei kan word as lof in die konteks van wat gebeur en lof in die raamwerk van die kultus. Westermann (1963:28) was die eerste om die onderskeid duidelik te tref en die twee vorme te benoem. Hy noem dit onderskeidelik *'das berichtende Lob'* en *'das beschreibende Lob'* (vgl. ook Westermann, 1981:161,163: *'berichtende Godslof'* en *'beschrijvende Godslof'*). Coats (1969:9) en Goldingay (1981:85) vertaal dit met *'declarative praise'* en *'descriptive praise'*. Burden (1987:62) vertaal die begrippe onderskeidelik met die terme *verhalende* en *beskrywende lof*(-psalms).²⁰⁰

Dit is bogenoemde kenmerke van die triomflied en die onderskeiding van die twee vorme van lofverheffing wat daarin voorkom, wat besondere lig vanuit die Ou Testament op die doksologie van die laaste Bybelboek werp. Die twee tipes himniese verheerliking word nou onderskeidelik in 6.2.2.2 en 6.2.2.3 direk hieronder nader beskou en uiteengesit.

6.2.2.2 *'Das berichtende Lob'*

Die eerste tipe verheerliking in die oorwinningsliedvorm bestaan uit lofverheffing waarin die dae van God herken word en waarin ook na spesifieke gebeure verwys word waarin die aktiwiteit van God herken word (Howell, 1989:16). Die herkenning van God se aktiwiteit in die gebeure word myns insiens egter in die verhalende lof van die lied meer as net herkenning – dit word ook gelowige, verheerlikende *erkenning* van die magsdade van God. Burden (1987:62) stel dat die verhalende lofpsalms belydenispsalms is waarin God vir 'n spesifieke daad (gebeurtenis) wat plaasgevind het, geprys word. In die lof van die lied word vanuit die herkenning van die dinamiese aktiwiteit van God dus tot die erkenning gekom van die spesifieke dae as 'n openbaring van sy mag.

²⁰⁰ Die onderskeiding is kardinaal en saakmakend belangrik vir hierdie ondersoek, maar die gebruikte terme bly in 'n mate tog onbevredigend. Sou die beskrywende lof nie byvoorbeeld *tiperende* of *karakteriserende* lof genoem kon word nie? In die eksegeese en ook verdaan in die studie word nietemin gebruik gemaak van die erkende (tegniese) terme *verhalende* en *beskrywende lof*.

Die vermelding van die magisdade van *Jahwe* in die liedere van Israel is 'n himniese komponent of motief wat besonder insiggewend is as die kontemporêre kultuurhistoriese konteks van die Ou-Testamentiese Godsvolk in aanmerking geneem word (vgl. die voorafopmerking in verband hiermee by 6.2.2.1 hierbo). In 'n vergelyking tussen Israel se psalmodie en die heldedigte van Babiloniese mitologie toon Westermann (1963:28-34) aan dat die gemeenskaplike tussen die verskillende volke se liedere in vyf elemente geleë is: aanroeping, lofprysing, klag, versoek/pleit/bede en gelofte om die godheid te prys. Hy voer egter aan dat die heidense volke al vyf die elemente in *elke* afsonderlike lied inkorporeer, terwyl Israel se liedere in twee hoofipes, naamlik lofliedere (die eerste twee elemente) en klaagliedere (die laaste drie elemente), verdeel. By Israel kan lof dus op sy eie staan, terwyl dit by die heidense volke slegs 'n inleiding tot klag en versoek vorm. Hierin skemer die aard van die heidense godsdienste duidelik deur: die aanbidders van afgode se doel met hulle aanroeping is om eers die godheid/gode gunstig te stem ten einde iets te verkry.

'n Verdere verskil tussen Israel se himnes en die heidense liedere is dat die Babiloniese – en Egiptiese – liedere by die aanroeping feitlik uitsluitlik die godheid se algemene wese/syn besing. Die sangers sonder besondere openbaringslig beweeg vanuit algemene lof na versoek, en kan dit nie in openbaring of op sterkte van magtige openbaringsdade van die godheid/gode begrond nie. Die volk van die God van die openbaring (Israel) besing daarenteen nie net in die algemeen die deugde van hulle God nie, maar ook die spesifieke dade van die God wat Hom geopenbaar het – en die lied word dáárop en dáárin begrond en spruit dááruit voort. Lof word in Psalms soos Psalms 33, 66, 89, 107 en 116 op so 'n wyse geformuleer dat dit duidelik is dat die lofprysing telkens nuwe stimulus gegee word (Goldingay 1981:85) deur die verhalende lofbetuiging aan die God wat Homself (kan) openbaar, en dat die beskrywende lof – *das beschreibende Lob* (6.2.2.3 hieronder) – telkens die verhalende lof opsoek ten einde die lof te begrond. Die lied wat op die openbaring berus, is daarom nie 'n onomkeerbare eenrigting-liniêre lyn van die vyf elemente soos in die heidense volke se poëtiese 'psalmodie' nie (van aanroeping na lof na klag na versoek na onderneming om weer te prys). Die Bybelse lied kan eerder as siklies van aard beskou word (Goldingay, 1981:86), waar die einde van die een lied die begin van die ander kan wees, of die 'sirkel van lof' met sy vyf elemente op enige punt kan ingaan, daar kan bly (byvoorbeeld Psalms 88, 150), een of twee elemente kan aanskuif (Psalm 42 en 43, wat waarskynlik oorspronklik een Psalm was) of die hele siklus kan voltooi (Psalm 73). Dit is alles alleen moontlik deur die openbaringsbasis waarop die Bybelse lied in alle opsigte en gevalle rus, al is die openbarende gebeurtenis nie in elke lied uitgesproke genoem nie.

Die sikliese aard van die lied wat op en in die openbaring begrond is, is daarom nie bloot 'n rituele handeling wat in die handeling self stol nie, maar dit is eerder 'n spiraal wat die sangers uitlig uit die hier en nou en hulle veranderd laat. Die uniekheid van die Bybelse

geloofsgemeenskap se himnes/psalmodie in vergelyking met die heidense lê dus in die openbaring as onderliggende grond, aanleiding en *oorsaak* daarvan. Die liedere is nie die produk van verbeelding en gedagtes wat uitgedink is nie, maar die produk van wat *gebeur* het tussen die Godsvolk en hulle God (Westermann, 1989:2-3). Historiese data word selfs by sommige Psalms in nie-poëtiese taal genoem om 'n direkte verband te lê tussen wat gebeur het en die lied wat daaruit voortgevloei het (vgl. byvoorbeeld Psalms 51, 52, 54, 56, 57, 59, 60, 63). Die liedere is dus ingebed in die openbaringsgeskiedenis en moet in die lig daarvan verstaan word. Maar die openbaring wat ten grondslag van die liedere lê, is nie net openbaring in die geskiedenis van Israel en sy individue nie. Wat die liedereskat van die Ou Testament so uitsonderlik maak, uniek anders as dié van die heidene in die kontemporêre kultuurhistoriese konteks, is dat dit die hele lewe – van die skepping deur die Skepper wat alles gemaak het en alles onderhou tot die geskiedenis van die volkere en die persoonlike leed en lyding van die enkeling – in openbaringslig weerspieël (Bingle, 2000:38-39).

Inagneming van hierdie aspek is noodwendig en vanselfsprekend van die uiterste belang en relevansie by die interpretasie en vertolking van die doksologie van Openbaring.

6.2.2.3 *‘Das beschreibende Lob’*

Die tweede vorm van lofuiting bestaan uit algemene stellings waarin die enige God (*Jahwe*) van die enige Godsvolk (Israel) se deugdelike eienskappe besing word. Hierdie kenmerk van die beskrywende lof dat dit algemene stellings maak oor die deugde of eienskappe van God, beteken nie dat dit nie persoonlik is nie. Inteendeel: dit blyk duidelik dat die algemene stelling van die deugde van God in die lied 'n baie persoonlike en sterk belydende uiting van lof is, in bepaalde opsigte selfs sterker as wat dit in verhalende lof verwoord is en word.²⁰¹

Dié vorm van lof verloor egter nooit sy verband met die unieke, konkrete gebeurtenisse wat in die geskiedenis van die individu of die volk beleef is nie (Coats, 1969:9). Die lied sit die dae waarin God Hom openbaar, himnies om tot belydenis van sy deugde. Die deugde van God is dan die belydenis van sy doksa wat in die lied vorm aanneem en ontsluit word. Die doksologie is sodoende nie iets wat deur die lieddigter en -sangers geskep of besit word nie, maar dit is slegs 'n uiting – in himniese vorm – van God se heerlikheid wat waargeneem en erkennend bely word (vgl. Mays, 1985:61). In 'n besondere sin kan dus gesê word dat dit duidelik word dat die *‘werkwoordelike’* dae van God in die mond van die gelowige sangers word tot *‘naamwoordelike’* deugde van God

²⁰¹ *Algemeen* staan hier nie teenoor *persoonlik* nie, maar teenoor *spesifiek*; die *algemene* stelling van die *deugde* van God in die beskrywende lof teenoor die *spesifieke* dae van God in die verhalende lof (Bingle, 2000:28).

(Bingle, 2000:40). God en sy deugde laat die lof van die lied ontstaan in 'n persoonlike algemene belydenis van sy deugde op grond van sy spesifieke openbarende daade.

Bogenoemde perspektiewe vanuit die Ou Testament op beskrywende lof – in sy simbiotiese verbondenheid aan verhalende lof – is ook noodwendig en vanselfsprekend van die uiterste belang en betekenis by die interpretasie en vertolking van die doksologie van Openbaring.

6.2.2.4 Samevattende konklusies in verband met prominente style van lofverheffing

Die resultaat van bostaande bespreking lei tot die volgende gevolgtrekkings:

- (i) Die lied tipe wat as *oorwinningslied* bekend is en in die Ou-Testament so sterk fungeer as die verheerlikende viering van *Jahwe* se oorwinning en koningsheerskappy, word gekenmerk deur eienskappe waarmee die doksologie van Openbaring duidelike ooreenstemming vertoon. Die integriteit van die globale metanarratief van God se *openbaringsdramatiek* word daardeur bevestig – in so 'n mate dat die doksologie in die laaste kanonieke geskrif waarin die metanarratief ontvou, nie sonder die liedmotiewe in die vroeëre stadia van die besondere openbaringsgeskiedenis vertolk kan word nie.
- (ii) Twee prominente style van Ou-Testamentiese lofverheffing wat onderskei kan word, te wete *berichtendes Lob* (verhalende lof) en *beschreibendes Lob* (beskrywende lof), open besondere gesigspunte in verband met die *uniekheid* van die Godsvolk se himniese verheerlikingsvorme, waargeneem en beoordeel binne die verband van die kontemporêre kultiese en religieuse kultuur-historiese konteks.
- (iii) In die verhalende lofprysing van sy volk word die *magtige openbaringsdade* van God besing; die fokus is op sy handeling in die openbaringsdramatiek van die geskiedenis.
- (iv) In die beskrywende lofprysing van sy volk word sy *ontsagwekkende Wese* besing; die fokus is op sy karaktereienskappe (attribute) wat uit die openbaringsdramatiek na vore tree.
- (v) Die twee vorme/vergestaltings van lof bestaan nie sonder mekaar nie, maar is in 'n simbiotiese verhouding aan mekaar verbonde. Die lied sit die *dade* waarin God Hom openbaar, himnies om tot belydenis van sy *deugde*. Vanuit die *herkenning* in die verhalende lof van die gebeurtenisse in die gang van die geskiedenis as spesifieke openbaringsdade van God, word in die beskrywende

lof gekom tot die doelbewuste *erkenning* van sy heerlijkheid wat nie net spesifiek situasiegebonde is nie, maar ook algemeen van sy Wese geld.

- (vi) Openbaringsdramatiek is die onderliggende grond, aanleiding en oorsaak van himniese lofverheffing – in albei die lofstyle waarin dit tot uitdrukking kom.

Die betekenis van die verkreeë resultate betreffende die oorwinningslied tipe met sy twee vorme van lof waarin dit uitgedruk word, kan nou in hulle verband met die drie agri-genres beskou word.

6.2.3 Die doksologiese mikrotekste van Openbaring en die drie argi-genres

Die terme *dramatiek*, *epiek* en *liriek* vorm die drie argi-genres van die totale, universele literatuurskat. Die gekykte genre-onderskeiding en -koppeling *dramatiek-epiek-liriek* (*dramaties-epies-liries*) is 'n wesenselement van die titel en van die opgawe van hierdie navorsing. In die bespreking van genre-teorie is die drie argi-genres onderskei en elkeen afsonderlik bespreek – onderskeidelik in 4.2.1.1.3(i), (ii) en (iii).

In 'n vlugtige terugblik kan die bevinding waartoe ek daar in verband met die kenmerkende van elk van die drie argi-genres gekom het, kortliks in herinnering geroep word.

- Dramatiek – in vergelyking met en in sy verhouding tot die ander twee argi-genres – verteenwoordig besonderlik die komponent van die feitelikheid van *dramatiese* handelinge/gebeure.
- In die epiese staan die *verhalende* op die voorgrond; dit gaan in die epiese om uitbeelding deur poëtiese verheerliking, waarin 'n heldefiguur figureer en vir sy heldedade geprys word.
- Die derde argi-genre, liriek, bevat dikwels sterk dramatiese en epiese elemente waarin die 'objektiewe' feitelikheid van die gebeure na aanleiding waarvan die lied gesing is en word, implisiet teenwoordig is; die liriese wortel dus nie bloot in 'n muse wat die subjektiewe ervaring voed nie, maar het sy oorsprong in die dramatiese van vasstaande feitelike dade en gebeure, en kom dikwels tot uiting deur die oog of tregter van die epiese om die karakter en wese van die heldefiguur te *beskryf*, maar dit besing dikwels *beskrywend* ook direk – dus sonder die tussen-

gang van die epiese – tiperend en in die algemeen die attribute van die/’n god of held.

Met hierdie kort opsomming van die argi-genres en hulle onderskeie funksies is dit nie moeilik om die verband wat die doksologie van die Openbaring daarmee vertoon, te herken nie (vgl. maar byvoorbeeld net die gekursiveerde woorde in die onderskeidings hierbo). Die argi-genres korrespondeer naamlik met transgeneriese verskynsels in die apokalips se doksologie – soos in besonderhede hieronder aangedui:

- Die weergawe van die apokaliptiese visioengebeure wat die outeur in die Openbaringboek opteken, is die *openbaringsdramatiek* wat die *dramatiese* narratief laat voorstu en sinvol saamstel.
- Die kragtige dade van God en die Lam – waarin die werking van die Gees ook veronderstel word – wat in die doksologie in *verhalende lof* besing word, is kennelik die *epiese* argi-genre.
- Die verheerliking van die Protagonis om sy ontsagwekkende Wese en karaktereenskappe, wat in die doksologie in die styl van *beskrywende lof* telkens deurbreek en verheerlikend uitbreek, is onmiskenbaar die *liriese* argi-genre.

Die herkenning van hierdie verband tussen die algemene argi-genres dramatiek, epiek en liriek en die openbaringsdramatiek, verhalende lof en beskrywende lof van die doksologie van Openbaring werp besondere lig en open betekenisvolle perspektiewe op die aanbiddende, Godverheerlikende lied. Dit gee eweneens koers, rigting en skerp toespitsing aan die verdere diepte-ondersoek van himniese mikrotekste in die volgende deel (6.3 direk hieronder). Uiteindelik behoort dit ook profytlik te wees in die weten-skaplike bepaling en begronding van die liturgiese lied se konstituerende stramien.

6.3 DIEPTESNITTE IN DIE DOKSOLOGIE VAN OPENBARING

6.3.0 Onderzoekkoördinaat: fronton en portiek van hemelse liturgie

Met die twee ietwat vreemde en nie-dikwelsgebruikte woorde hierbo, *fronton* en *portiek*,²⁰² oriënteer ek die ondersoek wat hier volg volgens die koördinaat – figuurlik gesproke – vanwaar die waarneming en uitleg gedoen word. Die gelowige aanbiddings-gemeenskap mag op sterkte van die oudiovisuele verslag van die vertellende instansie en implisiete outeur deur dié se oë en ore fokus om hemelse liturgie waar te neem. Die

²⁰² Die woord *fronton* is ’n term wat in die boukunde gebruik word vir ’n driehoekige of boogvormige spitsversiering bo ’n deur of venster. ’n *Portiek* is ’n oorwelfde ingang voor ’n deur, gewoonlik die voordeur.

punt vanwaar dit mag gebeur, is die himne-oorwelfde ingang van *θύρα ἡνεωγμένη ἐν τῷ οὐρανῷ* (n oopgemaakte deur in die hemel; Op. 4:1a).

Verwysings na hemelse liturgie is skaars in antieke literatuur, en waar dit wel voorkom, is dit nie in veel detail beskryf nie. Volgens Gottfried Schimanowski (2004:67) is Openbaring 4 en 5 egter 'n belangrike uitsondering. Die laaste boek in die teksgeworde kanon van die besondere openbaring is die dokument wat die meeste inligting in dié besondere verband gee. Spesifiek die himnes van die genoemde twee hoofstukke – wat in onderling in hegte verband met mekaar staan – verteenwoordig saam 'n verwysings-raamwerk vir die lesers en hoorders van die apokalips deurdat die aandag gevestig word op 'n volle hemelse liturgie. Hierdie hemelse aanbiddingstoneel speel 'n beslissende rol in die progressie en totale handelingsverloop én in die finale eskatologiese uitloop van die narratief.

Die himnes aan die begin van die troonvisioen funksioneer dus as 'n imposante en by wyse van spreke 'n toonaangewende fronton en portiek tot die res van die geopenbaarde. Die geestelike koördinaat by die inkykpunt in die hemel laat die waarnemer enersyds opgewonde, verbyster en oorstelp; andersyds bring dit opnuut nederigheid, ontsag en die besef van kleinheid en onwaardigheid, synde 'n wese wat in en vanuit die aardse werklikheid die aangrypende transendente, hemelse aanbiddingstoneel waarneem. Ons verkeer as aanbiddingsgemeenskap wat oor besondere openbaringslig beskik, inderdaad tussen '*heavenly realms and earthly realities*' (Boustan & Reed, 2004), maar die liedtekste in hulle noue samehang met en verbondenheid aan mekaar in die himnografie-korpus van die apokalips het 'n besondere verbindingsfunksie in hierdie opsig: "*connecting heaven and earth*" (Schimanowski, 2004:67-84; sien die verdere ontwikkeling van dié perspektief in die uitleg by 6.3.1.2.1 hieronder).

Openbaring is naas Hebreërs die mees liturgiese boek van die Nuwe Testament (Ford, 1998:207; Morton, 2001:89). Donald Guthrie verklaar daarom:

...[i]t would be reasonable to regard the worship passages themselves as having a revelatory and therefore exemplary character. In this case these passages would be of great importance in bringing out patterns of worship which are eminently worth examining as pointing to principles which have a universal application. (Guthrie, 1992:70.)

Die '*patterns of worship*' wat in die hemelse aanbiddingstoneel raakgesien kan word, het uiteraard in besonder juis ook met patrone in die himniese mikrotekste te make.

Dit is in die besef hiervan dat ek die aangrypende en roerende himnodie van die laaste Bybelboek benader en nou in diepte gaan ondersoek, beginnende by die eerste vier afgebakende liedtekste, naamlik die liedere wat in Openbaring 4 en 5 gehoor word (6.3.1).

Daarna – en met inagneming van die eksegetiese uitleg van die eerste vier himnes – word beweeg na die ander liedtekste in die himnografiekorpus van Openbaring, met ’n skerp en toegespitste fokus op transgeneriese verskynsels wat ook in al die oorblywende liedtekste teenwoordig is, daarin waargeneem kan word en as belangrike inligting in verband met basisteoretiese beginsels vir himnografie geïdentifiseer kan word (6.3.2). Derdens word tot ’n samevattende konklusie in verband met die dieptesnit-ondersoek in die himniese doksologie van Openbaring gekom (6.3.3).

6.3.1 Liedtekste van Openbaring 4 en 5 binne konteks in diepte ontleed

6.3.1.0 Inleidende oorsig oor die eksegetiese uitleg van die twee hoofstukke

Aangesien die afgebakende liedtekste nie sonder inagneming van hulle primêre verband in die onderskeie liedperikope en van hulle sekondêre verband in die groter struktuur-komponente van die visioensiklusse verstaan en geïnterpreteer kan word nie (vgl. weer 6.1.3.1 en 6.1.3.2 hierbo), word die diepte-ondersoek van die twee hoofstukke by wyse van die volgende stappe onderneem. Eerstens word ’n oorsig oor die samestelling van die twee hoofstukke gegee. Elke samestellende onderdeel word in die oorsig onderskei en met vers en kapittel aangedui (6.3.1.1). Daarna word die onderskeie komponente ontleed, met die aandag skerp op die liedperikope toegespits, en uiteeraard die skerpste op die himniese mikrotekste en hulle konstituerende mikro-eenhede self (6.3.1.2). Op grond van die inligting wat deur die tweede stap ontsluit word, identifiseer ek derdens verbande en struktuurpatrone in Openbaring 4 en 5 (6.3.1.3). In ’n vierde stap vat ek die resultate van die diepte-ondersoek saam (6.3.1.4). Die betekenis en implikasie wat die diepte-ontleding vir die nagaan van verdere liedtekste in die Openbaringboek het, word afsluitend geformuleer (6.3.1.5).

6.3.1.1 Struktuur van Openbaring 4 en 5

Die onderstaande struktuurkomponente konstitueer die eerste gedeelte (Op. 4:1-5:14) van die eerste visioenspiraal (4:1-8:1) in die tweede segmentele narratief van Openbaring (4:1-11:19). Ek konsentreer in die uiteensetting daarvan op die volgende bladsy slegs op die onderskeiding van samestellende komponente en wil daarmee nie pretendeer dat dit ’n fyn geformuleerde struktuuranalise is nie.

(Identifisering van verbande en struktuurpatrone volg ná die detaileksege – in 6.3.1.3 – om dit juis op basis daarvan waar te neem en te interpreteer.)

1. Inleiding tot die visioen: die hemel óóp! – 4:1-2a
2. Visie op die troon en troonfigurante – 4:2b-8a
3. Hemelse liturgie: eerste liedperikoop – 4:8b-11
 - 3.1 Liturgiese sang: *Trisagion* (eerste liedteks) – 4:8c
 - 3.2 Liturgiese sang: liedstrofe (begindeel van tweede liedteks) – 4:9
 - 3.3 Liturgiese gestikulasie²⁰³ – 4:10
 - 3.4 Liturgiese sang: antifoon (slotdeel van tweede liedteks) – 4:11
4. Drama van die verseëelde boekrol – 5:1-5
5. Visie op die opgestane Lam wat geslag is – 5:6-7
6. Hemelse liturgie: tweede liedperikoop – 5:8-14a
 - 6.1 Liturgiese gestikulasie – 5:8-9a
 - 6.2 Liturgiese sang: liedstrofe (begindeel van derde liedteks) – 5:9b-10
 - 6.3 Visie op miljoene der miljoene engele – 5:11-12a
 - 6.4 Liturgiese sang: antifoon (eerste respons van derde liedteks) – 5:12b
 - 6.5 Alles wat geskape is laat dit hoor! – 5:13a
 - 6.6 Liturgiese sang: antifoon (tweede respons, slot van derde liedteks) – 5:13b
 - 6.7 Liturgiese sang: akklamasie (vierde liedteks) – 5:14a
 - 6.8 Liturgiese gestikulasie – 5:14b.

²⁰³ Die woord *gestikulasie* (Latyn *gesticulari*) is 'n verwysing na *gebare maak* (*gebaretaal*), onder andere van redenaars. Ek gebruik dit hier as verwysing na die aksie van kniel en krone-neersit deur die vier en twintig ouderlinge in die hemelse liturgie. Om verwarring te voorkom, noem ek dit uitdruklik nie 'n liturgiese *handeling* nie, aangesien sang óók 'n liturgiese handeling is. *Gestikulasie* is waarskynlik nie die mees gepaste woord in hierdie verband nie, maar met die begripsbepaling van die term wat ek hier doen, kan dit tog gebruik word (vgl. ook by 5:8a en 14c; sien ook in 5.4.2.3(ii) my verwysing na hierdie aspek as 'n liturgiese *gebaar* van die vier en twintig ouderlinge).

6.3.1.2 Detailverklaring van die vier liedtekste, twee liedperikope en die konteks van Openbaring 4 en 5

6.3.1.2.1 Inleiding tot die visioen: die hemel óóp! – Op. 4:1-2a

▪ 4:1a(i)

Μετὰ ταῦτα εἶδον,...

Ná hierdie dinge...

Ἡ Volgende, nuwe faset en deel van die apokalips van Jesus Christus wat aan Johannes geopenbaar is (1:1), word hier van 4:1 af deur hom verhaal. Bostaande woorde is die inleidende aanvangswoorde in die lig waarvan die hele tweede segmentele narratief van Openbaring (4:1-11:19) en selfs ook die liedere in die derde segment gelees en vertolk moet word.

Wat Johannes tweedens – *μετὰ ταῦτα* (*ná hierdie dinge*), met ander woorde ná die openbaring in die eerste visioensiklus en segment (1:1-3:22) – gesien het, is ἡ feit: die werkwoord *εἶδον* (← *ὁράω*; *om te sien*)²⁰⁴ is in die aoristusvorm uitgedruk om die feitelikheid en geloofwaardigheid van sy waarneming te beklemtoon. Dit is die agtergrond waarteen die res van die visioen gelees en vertolk moet word.²⁰⁵

Die vertellende outeur maak met hierdie woorde ἡ markante oorgang tot ἡ nuwe faset van die apokalips. Dit is egter belangrik om ook daarop te let dat daar aansluiting is by metafore en motiewe in die laaste twee briefboodskappe in die eerste segment, dié aan die gemeentes in die stede Filadelfia (3:7-13) en Laodisea (3:14-22). Dit sluit die volgende in: *deur* (3:8,20), *open* (3:8,20), *stem* (3:20), *troon* (3:21). Die segmente is dus

²⁰⁴ Aune (1997:338) merk by die kombinasie van *καί* met die werkwoordvorm *εἶδον* waar dit in 5:1 gebruik word op dat die koppelwoord en die werkwoord in die apokalips drie en dertig keer saam gebruik word. *καί εἶδον* funksioneer op drie maniere: dit lei ἡ nuwe visioennarratief in, of ἡ groot/belangrike toneel in ἡ voortgaande visioen, of om fokus te plaas op ἡ nuwe aspek of aksie in ἡ voortgaande visioen. Alhoewel *καί* hier ontbreek, funksioneer die werkwoord saam met *μετὰ ταῦτα* in 4:1a in die eerste funksie van die drie funksies wat genoem word.

²⁰⁵ Ek gaan in die diepte-eksegese van Openbaring 4 en 5 voort – soos ek ook tot dusver elders in die studie gedoen het – om die tydforme waarin die outeur die Griekse werkwoorde gebruik, te verklaar. Die soort handeling (bekend as *Aktionsart*) soos dit deur die tydsaspekte in die vervoeging van die werkwoord tot uitdrukking kom, word telkens uitgewys. Wanneer ek egter in 6.3.1.3.2 kom by die identifikasie van verband en struktuur in die konteks van Openbaring 4 en 5, gaan ek die werkwoorde ook benader uit die hoek van die sogenaamde ‘*verbal aspect*’-benadering wat dikwels in diskoersanalise gebruik word. Ek ag dit belangrik omdat ek oortuig is daarvan dat dit waarde tot die studie toevoeg in die vorm van verantwoordelike bestekenisontsluiting en interpretasie. In dié benadering word die grammatikale tydsaspekte van die werkwoorde ook ondersoek vir die *graad* waarin hulle bydra tot die vasstelling van die outeur se aksentplasings in die narratief en nie in die eerste plek om net die *soort* handeling vas te stel nie (Porter, 1989b; McKay, 1992:209-228; 1994; Wallace, 1996; vgl. Mathewson, 2008:58-77).

duidelik van mekaar onderskeibaar, maar kan nietemin nie sonder mekaar gelees en geïnterpreteer word nie (vgl. 5.2).

▪ 4:1a(ii)

καὶ ἰδοὺ θύρα ἠνεωγμένη ἐν τῷ οὐρανῷ,...
...en kyk!, 'n deur – oopgemaak – in die hemel...

In direkte aansluiting by 6.3.0 waarin ek die ondersoekkoördinaat van die himnografie as fronton en portiek van hemelse liturgie aandui, moet daarop gewys word dat die outeur groot klem plaas op die feit dat hy 'n deur in die hemel sien wat oopgemaak is. Hy doen dit deur van twee grammatikale stelwyses met aksentuerende effek gebruik te maak.

- Die eerste is die gebruik van die emfatiese, demonstratiewe partikel *ἰδοὺ* saam met *καὶ*. Dit funksioneer deurgaans as 'n merker van sterk beklemtoning en geldigverklaring van wat gesê word. Louw & Nida (1988:812) noem dit '*a prompter of attention*.' *καὶ ἰδοὺ* is 'n bekende hebraïsme wat met *en kyk!* vertaal kan word (vgl. onder meer Dan. 7:2). Dié merker word ses en twintig keer in die apokalips gebruik om op 'n dramatiese wyse aandag op te roep (Smalley, 2005:114).
- Die aksentuerende effek word tweedens bereik deur die werkwoord *ἀνοίγω* in die perfektum-deelwoordvorm (*ἠνεωγμένη*) te stel. Die klem word sodoende daarop gelê dat daar 'n deur in die hemel *oopgemaak is* ('n feitelike stelling) en dat dit steeds *oop staan* (die effek van die feitelike; die Engelse '*standing open*'; vgl. ook 5.4.2.2.2).

Wat word deur die aksentuerende stelwyses bereik?

Die outeur berei daardeur die gehoor/leser(s) voor op 'n ingrypende en tegelykertyd aangrypende visioen wat hy as opgevoerde visioenêr in opvolging van die eerste visioen sien en nou gaan rapporteer.

▪ 4:1b

... καὶ ἡ φωνὴ ἡ πρώτη ἣν ἤκουσα ὡς σάλπιγγος λαλούσης μετ' ἐμοῦ
...en die eerste stem wat ek soos [die geluid van] 'n trompet met my hoor praat het...

Die werkwoord *ἤκουσα* (← *ἀκούω*; *om te hoor*) is soos *εἶδον* in 4:1a(i) in die aoristus vervoeg (eerstepersoon enkelvoud indikatief aktief); die deelwoord *λαλούσης* (← *λαλέω*; *om te praat*) staan in die praesens.

Die woorde van 4:1b wat hierbo aangehaal is, koppel die nuwe gedeelte van die openbaring wat Johannes ontvang het aan die eerste visioen (vgl. 1:10b). Die *σάλπιγγος* (*trompet*) – wat ook ’n betekenisvolle bestanddeel van die latere trompettereeks is (8:6-9:21; 11:15a) – herinner aan die eskatologiese moment in 1 Tess. 4:16 (vgl. ook Matt. 24:31) en is verder ook die eerste van verskeie ooreenkomste met die teofanie van Eks. 19:16 e.v. (Rowland, 1998:591). Dit herbevestig wat in 5.2 by die onderskeiding van segmentele narratiewe en hierbo by die verklaring van die woorde *μετὰ ταῦτα ἐῴδον* gestel is: die drie segmente is duidelik van mekaar onderskeibaar, maar staan nie los van mekaar nie; hulle vorm saam die ‘sirkel’ van Openbaring en kan nie sonder mekaar gelees en geïnterpreteer word nie. Dit is weer die Een soos die Seun van die mens (1:12b) wat met hom praat.

▪ 4:1c

... λέγων ἀνάβα ὧδε, καὶ δείξω σοι ἃ δεῖ γενέσθαι μετὰ ταῦτα

...het gesê: *Kom op hierheen, en ek sal vir jou wys wat ná hierdie dinge (hierna) moet gebeur*

Die bevelskonstruksie *ἀνάβα* (*kom op*; aoristus imperatief) *ὧδε* (*hierheen*) kan geïnterpreteer word as ’n dringende uitnodiging aan die verteller om as’t ware van sy aardse lokaliteit – die plek Patmos – af te transendeer na die ruimte van die hemelse werklikheid. Wat hy nou gaan sien, is verberg vir die blote oog, maar die Een soos die Seun van die mens *sê* (*λέγων*←*λέγω*; praesens partisipium: *om te sê*) dat Hy dit aan Johannes sal wys (*δείξω*←*δείκνυμι*; futurum: *om te toon/wys*). Dit kan alleen sigbaar word deur ’n hemelse uitnodiging om te kom kyk (Schimanowski, 2004:69). Dieselfde geld ook die tydsaspek: openbaring is nodig om te kan sien wat *μετὰ ταῦτα* (*hierna*) móét gebeur (*ἃ δεῖ γενέσθαι*←*γίνομαι*; aoristus infinitief; *om te gebeur / in aansyn te kom*; ’n uitdrukking van begronding van gebeurtenisse in die wil van God). Die visioenêre kan nie sonder (die uitnodiging tot aanskouing van) openbaring waargeneem word nie. As God nie openbaar nie, bly dit verborge.

Die konkrete voorstelling in bostaande woorde beklemtoon die ontsaglike belangrikheid van die ingrypende en tegelyk aangrypende wat die opgevoerde visioenêre sien en rapporteer:

...a passageway connecting one dimension to another – the apparent to the hidden, the human to the divine, the ‘below’ to the ‘above,’ the present to the future...[o]n passing through the open door, John sees not only a heavenly realm that transcends the earthly, but also a future that transcends the present. (Thompson, 1998:90.)

As getuie van die openbaring van Jesus Christus word Johannes – *ὁ ἀδελφός ὑμῶν καὶ συγκοινωνός ἐν τῇ θλίψει καὶ βασιλείᾳ καὶ ὑπομονῇ ἐν Ἰησοῦ* (*julle broeder en deelgenoot in die verdrukking en koninkryk en volharding van Jesus*; 1:9a) – as fokalisator na

visioenêre tyd en hemelse ruimte getransendeer. Deur hom kan sy hoorders/leser(s) – geposisioneer by die fronton en portiek van hemelse liturgie – insig in besondere openbaring kry. Die deur in die hemel wat oopstaan omdat dit van bo af oop-gemaak is, is dus in 'n besondere sin *'the door of revelation'* (Ladd, 1972:70-71).

- 4:2a
Εὐθέως ἐγενόμην ἐν πνεύματι,...
Onmiddellik was ek in die Gees...

Deur in die Gees te 'raak' (letterlike vertaling van ἐγενόμην [←γίνομαι; *om te word/wees*] ἐν πνεύματι) word bogenoemde hemelse dimensie en perspektief waarneembaar. Die outeur dui deur die aoristus weer die feitlikheid en geloofwaardigheid daarvan aan te midde en ten spyte van die misterieuse. Die implisiete gehoor kan sodoende ook daaraan deel hê.

Dit is verder natuurlik ook 'n terugkoppeling na die eerste segment (vgl. 1:10a) en herbevestig nogmaals die integrale verband tussen die onderskeie segmente van die boek.

6.3.1.2.2 Visie op die troon en troonfigurante – 4:2b-8a

- 4:2b(i)
...καὶ ἰδοὺ θρόνος ἔκειτο ἐν τῷ οὐρανῷ,...
....en kyk! 'n troon staan in die hemel,...

Waar Johannes begin vertel van wat hy in die hemel waarneem, neem hy weer – soos in 4:1a (vgl. 6.3.1.2.1) – die demonstratiewe, sterk emfatiese partikel ἰδοὺ saam met καὶ op om by hernuwing die volle aandag vir die aangrypende visioen op te eis.

Hy sien 'n troon in die hemel 'opgerig'. Dit is die betekenis van die werkwoord κεῖμαι in die imperfektumvorm ἔκειτο waarin hy dit hier gebruik: 'n troon wat 'opgerig staan'. Die implikasie daarvan is dat die troon kontinuïteit besit, omdat dit opgerig is en steeds 'besig is' om te staan en sodoende beantwoord aan die doel waarvoor dit opgerig is (vgl. Louw & Nida, 1988:157). Daar is agt en dertig verwysings na die θρόνος (*troon*) in die tweede en derde segmente van die apokalips, waarvan byna die helfte (sewentien) in hoofstukke 4 en 5 voorkom. Dit is op sigself 'n aanduiding van die belangrikheid van die troon – en deur die hoë gebruiksfrekwensie van die woord in die twee hoofstukke natuurlik vanselfsprekend in besonder ook van die groot relevansie van die twee beginhoofstukke van hierdie visioen vir die vervolg en verdere ontvouing van die voortwentelende visioenspirale.

Die plek en betekenis van die troon word egter eers werklik merkwaardig en van kardinale belang vir die uitleg wanneer gelet word op die funksie wat die hemelse troon-konsept vervul in die *Leitmotiv* wat daaruit ontstaan. Die troon versinnebeeld die universele soewereiniteit van die Een wat daarop sit. Dit simboliseer die heerskappy en oordeel van God as Koning (Du Rand, 2007:229). Die visioensieners en -optekenaar sluit aan by Jes. 6:1-4 en Eseg. 1:26-28, waar die roepingsvisioene van dié twee profete beskryf word. Goddelike beheer en kontrole oor alles en almal in die ganse kosmos is in die troon uitgedruk. Die mag van die Een op die troon is (reeds) duidelik in die hemel, en dit manifesteer ook op aarde – selfs ook te midde van vervolging en onderdrukking. “... *θρόνος is a stalwart reminder of order in a turbulent world*” (Resseguie, 1998:72; vgl. Greeff, 2009:94). Al die oordele wat in die totale kosmos voltrek word (Openbaring 6-18) spruit immers voort uit die hemelse troon (Smalley, 2005:114-115; vgl. ook Rowland, 1998:591²⁰⁶). Die gedagte van kontrole en beheer word deur Caird (1966:60) uitgedruk deur op ’n treffende – ietwat dramatiese-sensasionele – wyse na die troonsaal te verwys as “...*the control room at Supreme Headquarters.*” In die ontvouing van die visioensiklusse word dit egter duidelik dat dit gaan om ’n stryd/oorlog tussen die koninkryk van die hemel en die duisterryk van die teenstanders van die koninkryk, en dat dit nie net om kontrole en beheer gaan nie. Die leser en navorser kom onder die indruk daarvan dat die Een op die troon meer doen as om net te beheer – Hy *regeer!* Ek is oortuig daarvan dat dit hierdie gedagte is wat primêr in die troon gesimboliseer word; dat die troon met ander woorde nie blote beheer en kontrole sou versinnebeeld nie.

▪ 4:2b(ii)

...καὶ ἐπὶ τὸν θρόνον καθήμενος,...
en Een/Iemand sittende op die troon,...

Die vertellende outeur verwys in die tweede segment telkens na God as die *Een/Iemand wat op die troon sit* (4:2b-3a; 5:1a,7b; vgl. in 5.4.2.2.4(i) die bespreking van die karakteruitbouing van dié Hoofkarakter in die makrostrukturele analise van Openbaring; vgl. ook die kennisname daarvan wat reeds vroeër in 5.4.2.2.1 en 5.4.2.2.2 aangemerkt is). Waarom die Een op die troon nie deur die implisiete outeur by die N[n]aam of met die vermelding van ’n titel genoem word nie, is volgens Ramsey Michaels (1997:91) waarskynlik te verklaar uit wat hy ’n klassieke Joodse beginsel noem, naamlik dat God nie gesien kan word nie (Joh. 1:18; 1 Joh. 4:12; vgl. Eks. 33:20). Daardeur word ook ’n terughoudendheid – ‘*heilige huiwering*’ (Groenewald, 1986:75) – geopenbaar wat benoeming van die Een op die troon betref, om sodoende ’n antropomorfe voorstelling van Hom te vermy (Smalley, 2005:115; vgl. ook Letseli, 2001:148).

²⁰⁶ Rowland (1998:591): “*Heaven is the place where God’s throne is set (4:2; cf. Ps. 103:19) and the source of the crisis that unfolds (6:1; cf. 10:1; 20:1).*”

Verder is die gebruik van die teenwoordige deelwoord *καθήμενος* (←*κάθηναι*; om te sit) as uitdrukking van *Een sittende op die troon* hier in 4:2b – soos ook op ander plekke – ’n aksentuering van die dinamika van God se karakter. God is aktief en heers dinamies en vrymagtig oor die geskiedenis. Hy is *dinamies-heersend sittende* op die troon. Die deelwoord plaas saam met die troonkonsep (sien direk hierbo) opnuut klem op sy soewereine, vrymagtige regeringsheerskappy, al is Hy nie in enige stadium van Openbaring 4 (én 5) Self direk aan die [W]woord nie en al word geen spesifieke handeling van Hom in die hede van die narratief vermeld nie (– slegs ’n analeptiese verwysing in die himniese antifoön van 4:11 na sy almagtige skeppingshandeling). Die dinamika wat uit die gebruik van die deelwoord spreek – in kombinasie met die afwesigheid van ’n antropomorfiese voorstelling van God – is ’n effektiewe wyse waarop die fokalisator van die troongesig tot uitdrukking bring dat alles gaan om die Een op die troon. Die aanvanklike aanskouing van die hemeltoneel is *teosentries* ingekleur. Hy is die Middelpunt en Spil om Wie die hoofstuk wentel, die Een wat stil – maar dinamies! – alles rig.

▪ 4:3

...καὶ ὁ καθήμενος ὅμοιος ὁράσει λίθω ἰάσπιδι καὶ σαρδίῳ, καὶ ἴρις κυκλόθεν τοῦ θρόνου ὅμοιος ὁράσει σμαραγδίνῳ

...en die Een sittende daarop se voorkoms [was] soos die steen jaspis (opaal) en sardius(karneool), en ’n reënboogkleurige stralekrans was rondom die troon, in voorkoms/glans soos (’n) smarag

Die klassieke Joodse – ook te verstaan as *openbaringshistoriese* – beginsel dat God nie gesien kan word nie, gepaardgaande met die heilige huiwering om sy Naam selfs net uit te spreek, is ook – soos uit die verklaring van 4:2 – uit bostaande woorde van 4:3 duidelik. Die outeur en verteller van die apokalips sluit in 4:3a aan by sy gebruik van die woord *ὅμοιος* (soos) in sy vroeëre beskrywing van die een soos die Seun van die mens (1:13a-20). Die woord word hier deur hom in verband met die voorkoms van die Een op die troon in ’n vergelyking met edelgesteentes gebruik. Dit herinner aan die minerale rykdom en verskillende ander beelde wat die profeet Esegïël in sy troongesig gesien het (Esegïël 1-3, vgl. veral 1:1-28). Opaal, karneool en smarag is drie van die twaalf edelsteentjies in die borssak wat die hoëpriester gedra het wanneer hy in regsake ’n beslissing moes maak of ’n oordeel moes vel (Eks. 28:17-20). Verder is dit ook ’n antisipasie van die langer lys edelstene wat in 21:19-20 as die versiering van die nuwe Jerusalem se fundamente genoem word. Heelwat verklarings word aangebied van die simboliese betekenis wat die verskillende edelgesteentes sou hê. Opaal is gesien as die simbool van heiligheid en suiwerheid, terwyl karneool met oordeel en smarag met genade en goedheid verbind is (Greeff, 2009:97).

Om die simboliek van die drie edelgesteentes – en van elk se eie besondere kleur – vas te stel, is insiggewend en dit kan interessante perspektiewe open. Dit blyk egter uit deeglike ondersoek dat die funksie van die stene en hulle onderskeie kleure in 4:3 in die eerste plek is om die eer en heerlijkheid van die Een op die troon skitterend uit te straal. “*The stones intensify the light around the throne by reflecting the unapproachable brightness, and hence glory, surrounding God himself*” (Beale, 1999b:320-321; vgl. ook Groenewald, 1986:75). Ek aanvaar dat presies dit die gesamentlike primêre simboliek van die drie gesteentes in die troongesig is, en konkludeer daaruit dat die verskeidenheid en veelkleurigheid van die edelstene iets van die omvang en ryke koloriet van die Een op die troon se goddelike eienskappe en deugde kaats.

▪ 4:4

Καὶ κυκλόθεν τοῦ θρόνου θρόνους εἴκοσι τέσσαρες, καὶ ἐπὶ τοὺς θρόνους εἴκοσι τέσσαρας πρεσβυτέρους καθημένους περιβεβλημένους ἐν ἱματίοις λευκοῖς καὶ ἐπὶ τὰς κεφαλὰς αὐτῶν στεφάνους χρυσοῦς

En rondom die troon [was daar] vier en twintig [ander] trone, en op die trone het vier en twintig ouderlinge gesit met wit klere bekleed(gekleed), en op hulle koppe goue krone

Die belangrikste aspek wat hier eerstens uitgelig moet word, is die werkwoord *καθημένους* (*sittende*), ’n teenwoordige deelwoord in die meervoud gebruik, wat terugkoppel na *καθήμενος*, die deelwoord in die enkelvoud in 4:2b en 3a. Die Een sittende op die troon word omring deur die vier en twintig ouderlinge sittende op hulle trone. Die toneel wat Johannes se oë in die troonsaal ontmoet, is dus een van gesag, harmonie en durende stabiele vrede.

Verder kan hier volstaan word met die slotsom waartoe in verband met die vier en twintig ouderlinge in 5.4.2.2.4(i) by die bespreking van die drie kringe figurante om die troon gekom is. Die mees aanvaarbare verklaring van wie die vier en twintig ouderlinge is, is dat hulle as karaktergroep van die middelkring (dus van die tweede van die drie sirkels om die troon) as die losgekoopte of verlore heiliges beskou kan word. Volgens dié verklaring word onder die vier en twintig ouderlinge verstaan die totale kerk of volk van die Here, bestaande uit al die gelowiges van die ou en die nuwe verbond. Hulle is saam verteenwoordigend van die twee komponente wat in die nuwe Israel verenig is.

Die vier en twintig kleiner trone *κυκλόθεν* (bywoord van plek; *om, rondom*) die troon sowel as die vier en twintig goue krone van die ouderlinge is beide gesagssimbole. In die konteks van Openbaring 4 – waar die ouderlinge die eerste keer gesien en genoem word – is hulle krone, trone en die besonderheid dat hulle in wit klere (simbool van oorwinning en suiwerheid; Du Rand, 2007:195) geklee is (*περιβεβλημένους* ← *περιβάλλω*; perfektum partisipium passief: *om te klee*) ’n analeptiese verwysing. Dit verwys na die volbragte

werk van die Lam, 'n gebeurtenis wat egter hier nog prolepties uitgryp na die gebeure in die narratief wat eers in Openbaring 5 op 'n dramatiese wyse gerapporteer word.

Dit is dus hier by die aanvang van die troonvisioen die volmaakte verhouding wat daar tussen die Een op die troon en die vier en twintig ouderlinge op hulle trone geopenbaar word.

▪ 4:5a

Καὶ ἐκ τοῦ θρόνου ἔκπορεύονται ἄστρα καὶ φωναὶ καὶ βρονταί,...

En uit/van die troon gaan/kom weerligstrale en dreunings en donderslae,...

'n Merkwaardige verandering in die verhaalstyl vind van vers 5 af plaas. Die outeur gebruik in sy beskrywing van die hemelse toneel van hier af werkwoorde konsekwent in die praesens, nie in een of ander verledetydsvorm nie. Die werkwoord *ἐκπορεύονται* (← *ἐκπορεύομαι*; om uit te kom/gaan) is die derde persoon meervoud praesens indikatief. Hy hou die teenwoordige tyd vol tot aan die einde van hoofstuk 4. Die indruk wat hierdeur deur die werkwoorde gelaat word, is dat wat hy rapporteer nie net iets is wat hy 'n keer in 'n visioen gesien het nie, maar dat dit beskou kan word as “...a ritual in heaven repeating itself over and over again without rest or interruption” (Michaels, 1997:92-93). Van 4:5 af ontvou die hemelse tablo stap vir stap voor die oë van Johannes en word dit 'n toneel van onbegrensde aktiewe aanbidding en proklamasie.

Weerligstrale, die diepdreun van die onweer en die donderslae wat uit die troon kom, is verdere uitdrukking van die dinamiese teenwoordigheid en mag van die Een wat op die troon sit. Die durende donderweer in die toneel van Johannes se troonvisie word verderaan in die apokalips 'n herhalende motief. Dit is belangrik om te let op die spesifieke stadia in die handelingsverloop van die narratief waar dit blits en dreun en slaе slaan: dit gebeur net nadat die sewende seël van die boekrol ontsêel is (8:5b), as die sewende trompet geblaas is (11:19b, dus aan die einde van die tweede segment), en die derde keer wanneer die laaste toornbak van God se oordele uitgestort is (16:18a; Krodel, 1989:156; Groenewald, 1986:77; Du Rand, 2007:233). Dit is dus telkens by die voltooiing van 'n septet (sewe-reeks) waarin die oordeel van God uitgegiet word in verskillende panoramiese visioentonele van kosmiese omvang. Tog is dit nie net vernietigende oordeel wat daarin blits en knal en rammel en basdreun nie, maar dit dui ook op magtige genade-openbaring (vgl. in 11:19a die oopgaan van die hemel en die sigbaarwording van die verbondsark net voordat die stormagtige buldertaal van die vrees-aanjaende natuurverskynsels in die tweede versdeel, 11:19b, losbreek).

Die onweer van 4:5a herinner ook aan die flitsende weerligte in die donker wolk met dagbreek op die derde dag van die wetgewing by die Sinai-teofanie (Eks. 19:16-18; Keener, 2000:173; Aune, 1997:294). Die inherente gevaar van die natuurverskynsels

moes die volk daarvan weerhou om te naby aan die verskyning van God se heerlikheid te kom. Wat Johannes in die hemelse toneel sien, is dus ook – soos in 4:2b-3 – ’n manifestasie van die wesenlike verskil tussen Skepper en skepsel. Craig Koester (2001:73) formuleer dit met fyn aanvoeling: “*His (John’s) portrayal of the throne room preserves the mystery and transcendence of God, so that readers recognize that God is not merely a human being writ large.*”

▪ 4:5b

...καὶ ἑπτὰ λαμπάδες πυρὸς καίόμεναι ἐνώπιον τοῦ θρόνου, ἃ εἰσὶν τὰ ἑπτὰ πνεύματα τοῦ θεοῦ,...

....en sewe fakkels vuur het voor die troon gebrand, wat die sewe Geeste van God is,...

Die werkwoordvorm *καίόμεναι* is die partisipium praesens passief (←*καίω*; om aan te steek). In die passief gebruik, is die betekenis *om te brand*.

Vir die verklaring van die sewe Geeste voor die troon wat hier in die troonvisioen soos vuurfakkels brand (4:5b), verwys ek terug na die ontleding van die liturgiese seënformule met sy proto-trinitariese konfigurasie in 1:4b-5b waar die karakterbeelding van die Gees in die narratief bespreek is (5.4.1.2.4(i)). Die sewe vlamme fakkels voor die troon roep ook intertekstuele verbande met die Ou Testament op (Greeff, 2009:104-105; Beale, 1999b:326; Aune, 1997:295). Allusies op die goue kandelaar met sy sewe brandende lampe voor die ark in die tabernakel (Eks. 25:31-40; 27:20-21), die vlamme tussen die wesens in Esegël se troongesig (Eseg. 1:13) en die vyfde naggesig van die profeet Sagaria (Sag. 4:1-14, veral 2-3, 6 en 10) kan hier maklik herken word.

Die sewe Geeste wat hier in Op. 4:5b met die brandende fakkels geïdentifiseer word, simboliseer die geestelike lig van die Gees waarin die alomteenwoordigheid van God skitter. Dit moet deurgaans by die uitleg van die troonvisioen in gedagte gehou word dat alles wat in die visioen beskryf word, ’n volmaakte hemelse staat, stand en toestand skilder, maar dat die hemelse sketsbeeld nie *sonder* die aardse werklikheid gedink kan word nie. Die verband tussen hemel en aarde is in die visie op die hemelse opgesluit en dus nie buite die gesigsveld nie. Die ontplooiing van die funksie van elke karakter en karaktergroep is hier in die beskrywende teksgedeelte van die visioen noodsaaklike saamgetrokke inligting waaruit die gebeurtenisse in die handelingsverloop wat in die narratiewe stof verhaal word, verstaan en vertolk moet word. So verbind die vlamme fakkels die Gees se werking aan die sewe engele/boodskappers van die geadresseerde gemeentes in die eerste segmentele narratief en visioensiklus. Hierdie aspek word deur Ben Witherington III (2003:117) goed raakgevat; dit som die Gees se werking in die konteks van die verbinding tussen die hemelse en die aardse dimensies op: “*The burning lamps before the throne are said to be the seven spirits, again the angelic representatives*

of the churches keeping the churches' fires burning, in part by returning and being in the presence of God."

▪ 4:6a

... καὶ ἐνώπιον τοῦ θρόνου ὡς θάλασσα ὑαλίνη ὁμοία κρυστάλλῳ
....en voor die troon soos 'n see van glas, soos kristal

Bostaande Griekse frase is nie maklik vertaalbaar nie. Deur die woorde en uitdrukkingswyse van die taaluiting in 4:6a kom die leser weer diep onder die indruk daarvan dat die hemelse inderwaarheid onbeskryflik is en bly. Nietemin is dit juis die onbeskryflike wat in die perspektief op die troon en troonfigurante geopenbaar word – en word dit wel beskryf. Dit word egter deur gebruikmaking van beelde, metafore en vergelykings gedoen. Waar daar – soos hier – nòg 'n besonderheid in verband met die troon deur die opskrywer van die visioen gerapporteer word, keer die woord *ὁμοιος* (hier *ὁμοία*; soos) herhaaldelik terug. Wat hy sien, 'is soos.' By die voorkomsbeskrywing van die Een op die troon in 4:3 is sy (dit is die Een sittende op die troon se) onvoorstelbaarheid en onsienlikheid deur die gebruik van hierdie woord gesuggereer: Hy lyk soos die steen opaal en karneool. En selfs die reënboogkleurige stralekrans rondom die troon se glans is eintlik ook nie beskryfbaar nie; dit is soos die glans van smarag (beide kere is die woord in 4:3 *ὁμοιος* in die manlike vorm; hier in 4:6a in die vroulike *ὁμοία*-vorm). Maar dit word hier nie net deur die een vergelykende term uitgedruk nie; dit word aangevul met *ὡς* wat ook as *ὥσει* gebruik word (soos byvoorbeeld in Matt. 3:16 en Mark. 9:26). Laasgenoemde (*ὥσει*) is 'n samestelling van die twee woorde *ὡς* en *εἰ*, wat met *asof* vertaal kan word. Die begrip wat deur die saamgetrekte woord *ὥσει* gedra word, het in die meeste gevalle waar dit gebruik word sy kondisionele betekenis verloor, en het byna uitsluitlik net vergelykende waarde (vgl. Louw & Nida, 1988:618).

Wat is die betekenis van *voor die troon, soos 'n see van glas, soos kristal*?

Die fokalisator wat alles sien en hoor, vertel nie dat hy 'n see in die hemel sien nie, maar die oppervlakte voor die troon is so skitterend (so '*glas-glansend*') dat dit vir hom soos 'n spieëlgladde see lyk. Herhaling van *ὁμοία* – wat twee keer in 4:3 gebruik is – hier in 4:6a en die versterking daarvan deur die gebruik van *ὡς* dui ook hier aan dat daar wel (iets van 'n) ooreenkomst is, maar dat daar nie volkome gelykheid is nie (Greijdanus, 1965:95). Die ruimte voor die troon wat soos 'n see met die glans van glas soos 'n kristal lyk, impliseer skeiding tussen die troon en die troonfigurante. Dit is weer eens 'n simboliese wyse waarop die heiligheid en afgesonderdheid van die magtige Een sittende op die troon voorgestel word. Beasley-Murray (1981:116) formuleer hierdie 'asof'-faset wat deur Johannes in 4:6a voorgestel word, soos volg: "*He does not actually state that there is a sea in heaven. He says that there is something which looks like one (as it were...), having*

the appearance of glass or crystal. It is vast, precious, glorious, awesome.” En Gerhard Krodel (1989:156) insgelyks: “*What is in front of the throne looked to him as it were like a sea of glass, like crystal, symbolizing the transcendent purity of God’s realm which constitutes a threat to all that is impure*” (beklemtoning van Krodel).²⁰⁷

Die metaforiese taal en stelwyse in Op. 4:6a dra by tot die besef dat die smettelose, ontsagwekkende heiligheid en onbeskryflike uniekheid en andersheid van die Een sittende op die troon nie voorstelbaar of genaakbaar is nie (vgl. 1 Tim. 6:16) – ’n kenmerk wat in die hemelse liturgie in die eerste sang wat die visioenêre siener hoor, sonder onderbreking *ad infinitum* besing word (4:8c).

▪ 4:6b

Καὶ ἐν μέσῳ τοῦ θρόνου καὶ κύκλῳ τοῦ θρόνου τέσσαρα ζῶα γέμοντα ὀφθαλμῶν
ἐμπροσθεν καὶ ὀπισθεν

En in die middel van die troon en rondom die troon [was daar] vier lewendes (lewende wesens), vol oë (synde), van voor en van agter

Die vier lewende wesens van die troongesig is die karaktergroep wat in die naaste of eerste sirkel om die troon is, alhoewel Johannes hulle eers ná die karaktergroep in die tweede kring om die troon, die vier en twintig ouderlinge (4:4), waarneem (– of dit is moontlik dat hy eers hier in 4:6b van hulle voorkoms vertel, al het hy hulle vroeër reeds waargeneem). Die wesens se teenwoordigheid in die troonvisioen bring Ou-Testamentiese simboliek uit die roepingsvisioen van die profeet Esegïel (Esegïel 1-3) na vore (vgl. vroeër hulle identifisering in 5.4.2.2.4(i)). In Esegïel is dit ’n simboliese aanduiding van die beweging van die troon van God deur die vier wesens wat dit dra in enige rigting wat die Gees dit wou hê (Eseg. 1:5-28). In Johannes se troonvisioen val die klem op die baie oë wat hulle het. Hulle is as’t ware ‘oortrek’ van oë – oraloer is dit *die ene oë* (Op. 4:6b,8a). Die werkwoord *γέμοντα* (← *γέμω*; *om vol te wees van*) word in hierdie versdeel in teenwoordige partisipiumvorm gebruik, waarin juis die gedagte van ‘die ene oë’ beklemtoon word. Daar is reeds genoem dat dit sou kon impliseer dat hulle die bewaking

²⁰⁷ Sommige wil in die woorde van 4:6a ’n verband lees met Gen. 1:7: “*God het die gewelf gemaak en die waters onder die gewelf geskei van die waters bo die gewelf. God het die gewelf ‘hemel’ genoem.*” Dit sou dan ook gestaaf word deur die neerslag daarvan in Ps. 104:3 en Ps. 148:4. In hierdie gedagte word ook iets van ’n ou mitiese motief in die omwêreld van die Ou Testament gesien. Daarvolgens sou die godheid sy woonplek op die getemde vloed van die magtige meer laat rus (vgl. vir verwysings na dié mitiese opvatting: Loshe, s.j.:53; Beasley-Murray, 1981:116 ; Greeff, 2009:106). Ander verklaarders, soos onder andere Greijdanus (1965:95), Davis (1992:151-152) en Keener (2000:173), maak melding van ’n moontlike verband tussen Op. 4:6a en die gevulde wasvat waaruit die priesters hulle hande en voete gewas het (Eks. 30:18 e.v.; 1 Kon. 7:23-44; 1 Kron. 18:8; 2 Kron. 4:2,6). Ek neem hier net kennis van die verklarings en maak nie ’n keuse nie. Dit bly in elk geval – en *in elke geval* – verantwoordbaar om die luitsterryke heerlijkheid en gesag van die Een op die troon te beklemtoon en om dit veral in die simboliese voorstellingstaal raak te hoor.

van die troon simboliseer (5.4.2.2.4(i)).²⁰⁸ Dat daar vier van hulle is, impliseer weer dat hulle die vier windrigtings verteenwoordig en sodoende die hele geskape werklikheid van roerende lewe in die teenwoordigheid van die Een op die troon simboliseer; dit is: alle lewende wesens in sy omvattende ryks- en troongebied (Roloff, 1993:71; König, 2009:181).

Hierdie identifikasie van die vier lewende wesens impliseer dat die hele lewende skepping in die eerste sang wat die opgevoerde siener in die hemel hoor, ingesluit is (4:8). Maar voordat ons deur sy waarneming die lied mag hoor, gee hy eers nog heelwat fyner en noodsaaklike detailinligting in verband met die voorkoms en simboliek van hierdie troonfigurante wat so wakker en waaksaam in die nouste sirkel om die hemelse troon geposisioneer is (4:7 en 8a).

▪ 4:7

καὶ τὸ ζῶον τὸ πρῶτον ὅμοιον λέοντι καὶ τὸ δεύτερον ζῶον ὅμοιον μόσχῳ καὶ τὸ τρίτον ζῶον ἔχον τὸ πρόσωπον ὡς ἀνθρώπου καὶ τὸ τέταρτον ζῶον ὅμοιον ἀετῷ πετομένῳ

En die eerste lewende (wese) soos 'n leeu en die tweede lewende (wese) soos 'n bul en die derde lewende (wese) het 'n gesig gehad soos 'n mens en die vierde lewende (wese) soos 'n arend wat vlieg

Die nadere besonderhede wat hier in 4:7 van die vier lewende wesens gegee word, verryk die simboliek verder en open ook nog 'n duideliker perspektief op hulle skopus binne die apokalips. Dit is belangrik om hierdie skopus en die besondere betekenis daarvan in die troonvisioen na te gaan.

Hemeltonele wat deur twee Ou-Testamentiese profete – te wete Esegïel en Jesaja – waargeneem is, vorm 'n betekenisvolle verwysingsraamwerk in die hemelse troongesig wat Johannes in Openbaring beskryf. Jesaja se troongesig in sy roepingsvisioen (Jesaja 6) vertoon veral ooreenkoms met die verdere skildering van die vier wesens se algemene voorkoms in 4:8a en hulle gesamentlike funksie in hulle proklamerende liturgiese sang-handeling. Ek bespreek dit daarom in die uitleg van 4:8b en c. hieronder. Die inligting in 4:7 hou ooglopend verband met die visioen van die profeet Esegïel en ek gee gevolglik hier net aandag aan die openbaring wat dié profeet by die Kebarrivier ontvang het.

Esegïel maak ook (soos Johannes) melding van vier wesens wat hy gesien het. In sy visioen het die vier elk vier gesigte. Hulle gesigte het voor soos dié van 'n mens gelyk,

²⁰⁸ Ek wys weer daarop dat die vier lewende wesens deur Smalley (2005:120) ‘*the immediate guardians of the divine presence*’ genoem word, waardeur die wesens se skerp waarneming beklemtoon word. Hall (1990:609-613) beskou hulle selfs as 'n integrale deel van die troon, met ander woorde as samestellende komponente van die troon self.

regs soos dié van 'n leeu, links soos dié van 'n bul, en agter soos dié van 'n arend (Eseg. 1:10). Die vier lewende wesens in die Nuwe-Testamentiese apokalips se aangrypende troontoneel bestaan uit dieselfde vier 'karakters', maar word nie deur Johannes in dieselfde detail en volgorde as wat Esegël hulle waargeneem het, genoem nie. Verder verteenwoordig elk van die vier in Johannes se blik op die hemel 'n afsonderlike eienskap, terwyl elkeen van die vier wesens in Esegël se visioen al vier die karakteriserende gesigte vertoon. By die Kebarrivier-profeet is die vier ooreenstemmende eienskappe dus nie in verskillende karakters gedifferensieer nie, terwyl die Patmos-profeet vier apokaliptiese wesens sien wat elkeen een van die karakteristieke tipes personifieer.

Met inagneming en oorweging van verskillende verklarings (vgl. onder andere Jordaan, 2006:78; Greeff, 2009:109-110; Greijdanus, 1965:95-96) stel ek die simboliek van elkeen van die vier lewende wesens vas en formuleer dit nou in 'n eie uitleg soos volg:

- Eerste lewende (wese): *soos 'n leeu*

Die leeu is die koning in die ryk van die wilde diere; die eerste personifikasie verteenwoordig moed en oorwinning (vgl. die leeu-metafoor in 5:5).

- Tweede lewende (wese): *soos 'n bul*

Die bul is die uitnemendste in die orde van die mak diere; die tweede personifikasie beliggaam brute – maar getemde – krag.

- Derde lewende (wese): *met 'n gesig soos dié van 'n mens*

Die mens is die kroon van die skepping (Gen. 1:26-27); die derde personifikasie stel redelikheid (intelligensie) voor.

- Vierde lewende wese: *soos 'n arend wat vlieg*²⁰⁹

Die arend – hoog van vlug, skerp van sig – is die adellike vors in die koninkryk van die geveerdes; die vierde personifikasie versinnebeeld skerp sig en wye waarneming.

Die simboliek van die vier lewendes onderstreep die funksie van die diensbaarheid van die ganse geskape werklikheid in al sy lewende geledinge.²¹⁰

²⁰⁹ *πετομένω* (← *πέτομαι*; praesens partisipium: om te vlieg).

²¹⁰ Van twee ander interpretasies van die detailbesonderhede waarmee die vier lewende wesens in 4:7 beskryf word, kan kennis geneem word. Dit is verklarings wat nie in stryd is met die konklusie waartoe ek hier kom nie. Beide verklarings ondersteun die gedagte dat die wesens diensbaarheid versinnebeeld. (1)

▪ 4:8a

καὶ τὰ τέσσαρα ζῶα, ἕν καθ' ἓν αὐτῶν ἔχων ἀνὰ πτέρυγας ἕξ, κυκλόθεν καὶ ἔσωθεν γέμουσιν ὀφθαλμῶν,...

en die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, rondom en van binne vol oë,...

Nadat die outeur in 4:7 elkeen van die vier lewendes se individuele karaktertrek geskets het, koppel hy in 4:8a terug na sy aanvanklike beskrywing – in 4:6 – van hulle algemene voorkoms. Twee addisionele gegewens in verband met hulle voorkoms en samestelling word nou deur hom gegee. Die eerste is dat hulle elkeen ses vlerke gehad het, en die tweede uitbreiding in die beskrywende stof van 4:8a handel oor hulle kompleete volwees van oë.²¹¹ Oor elk van die twee uitbreidings volg nou kort verklarende aantekeninge.

(i) αὐτῶν ἔχων ἀνὰ πτέρυγας ἕξ

Die uitbreidende vermelding dat die lewende wesens elkeen ses vlerke gehad het (ἔχων←ἔχω; teenwoordige deelwoord: *om te besit*) bring die roepingsvisioen van Jesaja nou duidelik in die gesigsveld. In hierdie Ou-Testamentiese troonvisioen sien die profeet die serafs wat by (bo) die Here staan. In die lig van wat Jesaja gesien het, is dit vanselfsprekend belangrik om hier goed te let op die beskrywing van die serafs in sy visioen: “...*elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy (aan)gesig bedek, en met twee het hy sy voete bedek, en met twee het hy gevlieg*”

Die eerste van die twee betrokke verklarings van die simboliek is dat die vier ‘gesigte’ van die wesens ‘n sinspeling is op die vier ‘hoofstamme’ van Israel wat in die kampe rondom die tent van ontmoeting die naaste geposisioneer was. Die stamme is Juda, Ruben, Efraim en Dan (vgl. onderskeidelik Num. 2:3,10,18 en 25). Volgens J.D. Eisenstein in *The Jewish Encyclopedia* van 1903 (5:405), aangehaal deur Davis (1992:133; vgl. ook Coleman, 1980:31), het elke stam se eie familieteken (embleem) op sy banier en die kleur van elkeen van die vaandels gekorrespondeer met die ekwivalente steen van die stam aan die borssak van die hoëpriester. Die onderskeidingstekens van die vier genoemde stamme wat die naaste was, was onderskeidelik (met hulle posisies): Juda aan die oostekant: *leeu*, Ruben suid: *mens*, Efraim wes: *bul*, en Dan aan die noordekant: *vlieënde arend*. (2) Die tweede uitleg wat hier ter sprake gebring kan word, is die aantoning van ooreenkomste wat die vier wesens sou hê met ou mitiese voorstellings van vier geweldige engele-gedaantes wat die hemelgewelf stut. Dit is dus ook ‘n tekening van die funksie van diensbaarheid. Hulle verteenwoordig vier groot sterrebeelde. Volgens Babiloniese astrologie lei die volgende vier beelde van die *Diereriem* die vier jaargetye in: die bees/bul in April die lente (natuurlik in die noordelike halfronde), die leeu in Julie die somer, die skerpioenmens in Oktober die herfs, en die waterdraer wat naby die arend staan, in Januarie die winter. Eduard Loshe (s.j.:54) wys tereg daarop dat die outeur van Openbaring nie aan die astraalreligieuse voorstellings daardie betekenis gee nie. Dit is egter wel belangrik om te onthou dat die apokalips ontvang is in ‘n tydvak waarin astrologie sterk aan die orde van die dag (lees *nag*) was en belangrike tekens en betekenis in die bekende sterregestaltel lees is. Wat die twee verklarings betref, verklaar ek dat daar hoogstens gesê kan word dat dit nie my konklusie in verband met die diensbaarheid van die vier lewende wesens enigsins weerspreek nie. Die twee genoemde verklarings mag vir sommige tog aanvaarbare verklarings van die simboliek wees.

²¹¹ Die baie oë is moontlik ‘n aanduiding van die vier lewende wesens se verhevenheid bo alle ander aardse skepsels / geskape dinge (Bauckham, 2008:59).

(Jes. 6:2). Wat die serafs met hulle ses vlerke elk gedoen het, word dus uiteengesit: vier word vir bedekking gebruik waar hulle by die Here in die loflied van sy eer verkeer; twee word gebruik om te vlieg.

Die simboliek hiervan is duidelik: dit dui op twee eienskappe van die wesens.

— Dit gaan naamlik in die eerste plek om die *ontslag* wat die serafs het vir die ontsagwekkende heiligheid van die Here waar Hy op sy hoë en verhewe troon sit, terwyl die onderste van sy skitterende koningskleed die tempel met sy heerlikheid vul (Jes. 6:1).

— Die tweede wat uit die skildering van die serafs by die troon duidelik is, is dat hulle *diensbaar* is.

Die vertolking van wie en wat die vier lewende wesens in die apokaliptiese troongesig van Openbaring 4 e.v. simboliseer, sluit dus direk aan by dit wat in Jesaja 6 as die funksie van die serafs geopenbaar is. Sowel *diensbaarheid* as *respek* vind daarin uitdrukking – die diensbaarheid soos hierbo by die ontleding van 4:7 reeds verklaar is (diensbaarheid van die ganse geskape werklikheid in al sy lewende geledinge), en die respek wat uit die *heilig*-uitroepe van die serafs (Jes. 6:3b) en die hemelsang van die vier lewende wesens opklink (Op. 4:8c).

(ii) *κυκλόθεν καὶ ἔσωθεν γέμουσιν ὀφθαλμῶν*

Die lewende wesens se volwees van oë (*γέμουσιν* ← *γέμω*; praesens derde persoon meervoud: *om vol te wees van*) – tot selfs hulle ses vlerke *κυκλόθεν καὶ ἔσωθεν* (*rondom en van binne*) is vol oë – versterk die aksent wat gelê word op hulle waaksaamheid in 4:6b²¹² en hulle wye, skerp waarneming soos dié van 'n arend wat hoog vlieg in 4:7.

Johannes se terugkeer na die vier lewende wesens se respekvolle diensbaarheid en hulle omvattende, waaksame visie in die twee uitbreidende toevoegings hierbo, voltooi in beskrywende styl (4:6b-8a) die voorkomsskildering van die vier lewendes, alvorens hy hulle optrede in narratiewe styl rapporteer (4:8b).

²¹² Waar die beskrywing in 6b van die lewende wesens se volop oë melding maak, is die tydvorm dié van die praesens partisipium (*γέμοντα* ← *γέμω*); hier in 4:8a gebruik die outeur *γέμουσιν* (die derde persoon meervoud indikatief aktief). Dit is belangrik is om daarop te let dat die tydvorm van die gemeenskaplike werkwoord in albei gevalle praesens is.

6.3.1.2.3 Hemelse liturgie: eerste liedperikoop – 4:8b-11

▪ 4:8b

...καὶ ἀνάπαυσιν οὐκ ἔχουσιν ἡμέρας καὶ νυκτὸς λέγοντες...

....en hulle het sonder om 'n pouse te hê (sonder om op te hou) dag en nag gesê:...

Die vier lewende wesens wat in respekvolle diensbaarheid en waaksame opmerkzaamheid die ganse geskape werklikheid in al sy lewende geledinge versinnebeeld, is die sangers van die lofsang wat die verteller eerste in die hemelse troonsaal mag hoor. Die feit dat hulle dag en nag aanhou en nooit rus nie, impliseer dat die lied 'n deurlopende, tydlose lofprijsing in die hemelse liturgiese toneel verteenwoordig. Daarom vervoeg Johannes van 4:5 af die werkwoorde in sy beskrywing van die hemelse toneel nie meer in enige verledetydsvorm nie (vgl. die opmerking by die verklaring van 4:5a met betrekking tot die aanhoudende blitse, dreunings en donderslae van die toon af). *ἔχουσιν* (←*ἔχω*; derde persoon meervoud: *om te besit, te hê*) en *λέγοντες* (←*λέγω*; partisipium: *om te sê/sing*) is albei praesens-tydvorme. Die deelwoord *λέγοντες* “...is a customary present indicating that the chanting occurs either regularly or that it is ongoing” (Seal, 2008: 347; vgl. Wallace, 1996:521).

Dit is dus hier in 4:8b die vertellende fokalisator se eerste aanskouing van 'n ononderbroke liturgiese handeling in die hemel. Tot dusver in die visioen van die troonsaal het hy immers nog nie werklik gebeure of aktiwiteite waargeneem nie – hy het nog net 'n blik op die tydlose staat in die troonsaal beskryf. Dat die vier lewende wesens die ononderbroke lofprijsing van die eerste gerapporteerde liedteks (4:8c) sing, sluit egter nie uit dat hulle ook ander liedere sing nie. In die volgende vers (4:9) word hulle voorgestel as die sangers van nog 'n repeterende lied. Hulle sing ook die eerste gedeelte van die eerste antifonale strofelië wat die opgevoerde visioenêr hoor. Verder sing hulle in 5:9 saam met die vier en twintig ouderlinge 'n *nuwe* lied. En aan die einde van die eerste visie op die troon en troonfigurante bevestig hulle in 5:14b ook nog die lofverheffing van al die stemme in die hemelse liturgiese toneel met 'n uitroep van liturgiese akklamasie. Hulle sing ten slotte ook saam met die ouderlinge die voorlaaste lied van die apokalips (19:4b).²¹³

Die figurante in die eerste/nouste sirkel om die troon voer ook in die voltrekking van oordeel die wil uit van Hom wat op die troon sit (6:1-7; 15:7). Maar hier in 4:8b-c word hulle gesien en gehoor as sangers van die ewige loflied, die opsigselfstaande nie-strofiese lied waarvan begin of einde nie te bedink is nie (4:8c). Die ondersoek kan nou skerp op dié liedteks gefokus word.

²¹³ Sien by die uitleg van 4:9 hieronder my benadering en verklaring van die problematiek rondom die lewende wesens se sing van meervoudige repeterende en ook nog ander liedere.

▪ 4:8c Liturgiese sang: Trisagion (eerste liedteks)

ἅγιος ἅγιος ἅγιος κύριος ὁ θεὸς ὁ παντοκράτωρ,
ὁ ἦν καὶ ὁ ὢν καὶ ὁ ἐρχόμενος

*Heilig, heilig, heilig [is] die Here God, die Almagtige,
Hy wat was en wat is en wat komende is (aan die kom is)*

In die ontleding van die liedtekste volg ek twee stappe. Eerstens word analyses van mikro-eenhede en/of betekenisomskrywings van woorde in die liedteks gemaak waarin die bydrae van elke samestellende eenheid of woord tot die interpretasie van die betrokke liedteks bepaal en saamgevat word (i). Ná die detailontleding wat van elke liedteks se mikro-eenhede en begrippe gemaak word, onderskei ek tweedens die tipe doksologie – en/of variasies daarvan – wat in elkeen voorkom, asook die retoriese werking van die lof in die bepaalde liedteks (ii).²¹⁴

Die eerste opsigselfstaande, nie-strofiese lied van die apokalips se himnografiekorpus word nou aan die hand van hierdie twee ondersoekfasette ontleed.

(i) *Verklaring van woorde, begrippe en mikro-eenhede*

(i.i) 4:8c(i) ἅγιος (heilig)

Die openingswoord van die vokale voordrag wat Johannes uit die monde van die vier lewende wesens mag hoor, word deur hulle onmiddellik twee keer herhaal. Die driemaal-ἅγιος is 'n sterk geaksentueerde inleiding van die liedteks en plaas alles wat verder in die apokalips volg, in 'n bepaalde kader. Dit is dus logies en noodsaaklik vir hierdie studie dat 'n diepte-onderzoek gedoen word van die betekenisdraagwydte en funksie van hierdie eersgehoorde liedwoord wat *ad initium* so herhaaldelik en prominent opklink.

Die herhalende ἅγιος wat deur die verteller in die hemel gehoor word, is 'n byvoeglike naamwoord wat met *heilig* vertaal word. *Heiligheid* is in die Ou Testament 'n sentrale sleutelbegrip. Omdat die troongesig met die vier lewende wesens van Openbaring so sterk herinner aan die roepingsvisioen van die profeet Jesaja en aan die serafs se onophoudelike *heilig*-uitroepe in daardie visioen (vgl. die uitleg van 4:8a hierbo),

²¹⁴ Die tweede stap word elke keer in die ondersoekproses uitgevoer deur die ondersoekresultate van die eerste stap te betrag in die lig van die verskillende vorme en style van doksologie wat vroeër in 6.2 onderskei en bespreek is. Die doelwit met dié vasstelling is om telkens generiese wisselinge wat in die doksologiekorpus van Openbaring voorkom, te identifiseer met die oog op die verwesenliking van die oorkoepelende navorsingsdoel, naamlik die bepaling van die werking en funksie van die drie literêre argi-genres as die konstituerende stramien van die liturgiese lied en die daaruit voortvloeiende identifikasie van basisteoretiese beginsels vir himnografie. Vir die retoriese funksie van die lof in elke liedteks word verwys na die onderskeid tussen *epideiksis* en *paradeigmata* wat in 5.3.3 getref is.

moet die wortels van die Griekse *ἅγιος* in sy verband met die Hebreeuse *kadosh* gesoek word. Vir die woordeksegese sluit ek aan by Otto Procksch (1974:88-97, 100-110) se verklaring en noukeurige uitleg van die *kadosh* van God.

Die *kad*-basis van *kadosh* se betekenis is *om te verdeel*; dit laat onmiddellik dink aan afgrensing van en teenoor die sekulêre. Die antitetiese Hebreeuse term is *gal* (die profane). Wanneer die term *kadosh* se gebruik in die Ou Testament nagegaan word, is dit duidelik dat dit van die begin af verbind is aan die kultiese. Enigiets of enige iemand wat met die kultus in verband staan – of dit God, mens, voorwerp, tyd of plek is – kan onder die term tuisgebring word. Dit gaan veral om 'n staat (toestand), en nie om 'n aksie nie. By die roeping van Moses word die plek waar hy staan *gewyde* grond genoem (Eks. 3:5). Hoe dieper ingegaan word op die priesterlike literatuur van die Pentateug, hoe meer dikwels kom die woord voor (vgl. onder meer Eks. 16:23, 26:34; Lev. 4:6; Num. 18:10). Daardeur word die begrip 'n algemene gebruiksterm om die konsep van heiligheid te benoem. As 'n predikaat van God verkry *kadosh* mettertyd die konnotasie van die goddelike, en tegelyk van die heiligheid van sy Naam (Eks. 3:13-15). Dit word as gevolg daarvan dus 'n adjektief van God.

Die persoonlike karakter van *Jahwe*, die Verbondsgod, bring 'n figuurlike en geestelike wending aan die hele konsep van heiligheid. In die Psalms word die heiligheid van sy Naam die dominante motief by die aanroeping van *Jahwe* (vgl. onder meer Pss. 33:21 en 103:1). *Kadosh* word mettertyd met name in die aktiewe aanroeping van God gebruik. Aanroeping van sy Naam – wat *kadosh* is – het in sekere opsigte die plek van die kultiese voorstelling begin inneem. Deur beklemtoning van die heiligheid van sy Naam het die aanbidding dus baie meer persoonlikerigte as kultiesuitbeeldende betekenis gekry. Die onderstaande aanhaling vat hierdie ontwikkeling goed saam. Daarin kom die implikasie van die wending in die rigting van persoonlike gerigtheid op die heiligheid van sy Naam ook duidelik na vore. Hy is die transendente God, verhewe bo alles wat geskape is:

In the process...the concept of holiness merges into that of divinity, so that Yahweh's holy name contrasts with everything creaturely...[t]he name, Word and Spirit of God are all forms of his revelation, but as *kodesh* they are set in antithesis to everything worldly, so that even the cultic is almost consumed by the divine. God's holiness thus becomes an expression for *His perfection of being which transcends everything creaturely*. (Procksch, 1974:91; beklemtoning deur kursivering van JPB.)

God se heiligheid in die volheid van sy goddelike Karakter is verder ook deur die profete gekontrasteer met die menslike en die geskapene. In die profesie van Hosea verskyn *Jahwe* as *kadosh* in morele antitese tot die 'menslikheid' van menswees: “*Ek sal my gloeiende toorn bedwing, Ek sal nie so ver gaan en Efraim uitwis nie, want Ek is God, nie 'n mens nie. Ek is die kadosh (Heilige) wat by jou is, Ek sal nie met woede*

ingryp nie.” (Hos. 11:9.) In sy heiligheid is daar dus die dodelike element wat onreinheid vernietig (vgl. Hos. 5:3; 6:10; 9:4), maar daarin is eweneens die kreatiewe element waardeur God soos ’n groen sipres is uit Wie Efraim sy vrug vind (Hos. 14:9). Die konsep van heiligheid neem in homself die gedagte van liefde op – liefde dan as die volheid van die Wese van God. Hieruit is dit duidelik dat daar in die *kadosh* van God trekke van oordeel sowel as van genade geopenbaar word, maar te alle tye steeds binne die verband van sy goddelike Karakter, naamlik dat Hy liefde is (1 Joh. 4:8b,16b). Die verhouding tussen die *kadosh* van God, die menslike – insluitend die ‘nie-heiligheid’ (ook te lees as die *onreinheid*) van sy volk – en die allesomvattende Wese van sy Karakter as liefde, kan so opgesom word:

The opposition of God’s holiness to Israel thus works itself out in His love which is quite incomprehensible to human nature...[w]hat God in virtue of His holiness may do to love unholy nature, no man may do, and therefore the antithesis between God and man consists in the very love which overcomes it. (Procksch, 1974:93.)

Wanneer die spesifieke Ou-Testamentiese genoteks van die Nuwe-Testamentiese sinspelende fenoteks ²¹⁵ in sy konteks binne die geheel van Jesaja se profesie ondersoek word, is dit gou duidelik dat die *kadosh*-konsep as ’n sentrale, deurlopende motief in die omvang van die hele profesie voorkom. Die genoteks is die driemaal-heiligverklaring in Jes. 6:3b van die Verbondsgod *Jahwe* deur die serafs in Jesaja se roepingsvisioen. Dit bly vir die profeet dwarsdeur sy roepingsvervulling normatief in sy profetiese oordrag van die Godswoord aan sy volk. *Jahwe* se *kadosh* dui sy diepste, verborge, innerlike, wesenlike ‘essensie’ aan. Sy *numen tremendum* (wat ek weergee as sy ‘vrees-like’ majesteit) kom tot uitdrukking in die ontsag en respek wat Jesaja vir Hom het en bewend aan Hom betoon. Hy ervaar by die verskyning van *Jahwe sebaot*, die almagtige *HERE van die leërskaare* (1933/’53-vertaling), sy menslike onwaardigheid en hy roep uit dat hy verlore is, want hy en sy volk is onrein (Jes. 6:5). Uit die verdere verloop van die visioen is dit duidelik dat dit in sy uitroep om morele onwaardigheid en nie om fisiese onreinheid gaan nie. Een van die serafs raak die profeet se mond met ’n gloeiende kool aan wat hy van die altaar geneem het, en hy verklaar dan: “*Noudat die gloeiende kool jou lippe aangeraak het, is jou oortredinge vergewe en jou sonde versoen*” (Jes. 6:7). Maar weer eens – soos by Hosea – staan die ontsagwekkende *kadosh* van *Jahwe* in die kader en konteks van genade en versoening. En verderaan in Jesaja word dit nog duideliker. Dit vind veral uitdrukking in die vaste koppeling van die heiligheid van God aan sy versoende volk (vgl. by Hos. 11:9 hierbo). Oor dié faset moet meer gesê word met die oog op die suiwer vertolking van die himniese fenoteks van Op. 4:8c in die lig van die aanbiddingsryke genoteks en konteks van Jes. 6:3.

²¹⁵ Vgl. vir die terminologiese onderskeid tussen *genoteks* en *fenoteks* weer die bespreking van intertekstualiteitteorie in 4.2.6.1.3.

Die gekoppelde begrip *kedosh jisraeel* (*Heilige van Israel*) wat vir *Jahwe* gebruik word, kom op enkele uitsonderings na (soos byvoorbeeld in die twee daarvan afhanklike tekse 2 Kon. 19:22 en Jer. 50:29) slegs in die Jesaja-profesie voor. Die vaste uitdrukking van *Jahwe* se uitgebreide kwalifiserende Naam, die *kedosh jisraeel*, is dus tipies van die profesie van Jesaja, 'n sterk karakteristiek van sy hele profesie van begin tot einde, waarin dit nie minder nie as twintig keer gebruik word.²¹⁶ Die uitdrukking is inderwaarheid paradoksaal, want as *kadosh* staan *Jahwe* in antitese tot die natuurlike en historiese skepping. Wanneer Hy Homself as die Heilige aan Israel verbind, skep Hy 'n verbintenis waarvan die doel is om in sy heiligheid ook 'n *kadosh am* (*heilige volk*) te hê. Dit is egter slegs 'n oorblyfsel van Israel wat sy heilige volk sal wees (Jes. 4:3), want vir alle onheiligheid en al die onheiliges sal die oordeel wees:

Die Lig van Israel sal die vuur wees, die Heilige van Israel die vlam: in 'n enkele oomblik sal die vlam hulle geringes, die dorings en dissels, verbrand en verteer, en ook hulle aansienlikes, die vrugteboorde en die vrugbare velde. Dit sal hulle volkome vernietig. (Jes. 10:17-18.)

In die oprigting van die *kadosh am* sal die oordeel van *kedosh jisraeel* dus baie vernietig om genadiglik tog 'n heilige oorblyfsel as sy gesuiwerde volk te laat bestaan. Te midde van die onheiligheid van die volk is dit dus die goddelike Regter wat in die *Heilige van Israel* voorgestel word. Maar waar die uitgebreide Naam van die Verbondsgod in die eerste deel van die profesie die regverdige Regter in sy heilige kontras met sy volk teken, word hierdie vaste uitdrukking in die tweede deel van Jesaja (Deutero-Jesaja) in verband met redding gebruik. Nadat *Jahwe* sy oordeel voltrek het, word dit duidelik dat herstel en genadebetoning sy finale doel is. As *kedosh jisraeel* is *Jahwe* ook die Skepper (Jes. 41:20) en Verlosser en Redder van sy volk (Jes. 41:14; 43:3,14; 47:4). In sy heiligheid is die misterieuse van sy goddelikheid geleë. Weer eens: Hy is God, nie 'n mens nie.²¹⁷

Wat die gebruik van die *kadosh*-konsep in die ná-ballingskapsperiode betref, kan met 'n enkele opmerking volstaan word. Die vertalers van die Septuagint²¹⁸ gee die Hebreeuse *kadosh* feitlik ongevarieerd in Grieks weer met *ἅγιος*. Laasgenoemde

²¹⁶ Vgl. Jes. 1:4; 5:19,24; 10:20; 12:6; 17:7; 29:19; 30:11,12,15; 31:1; 37:23; 41:14; 43:3,14; 45:11; 47:4; 48:17; 49:7; 54:5; 60:14.

²¹⁷ Wat in verband met *Jahwe* se openbaring aan die profeet Hosea opgemerk is, is ook in die profesie van Jesaja van toepassing: "...[w]hat God in virtue of His holiness may do to love unholy nature, no man may do, and therefore the antithesis between God and man consists in the very love which overcomes it." (Procksch, 1974:93.)

²¹⁸ Septuagint = die Griekse vertaling van die Hebreeuse Ou Testament, insluitend die apokriewe (afgekort LXX).

term kry veral in die kanonieke literatuur burgerreg, nieteenstaande die feit dat die algemeen gebruikte Griekse woord *ἅγιος* is en *ἁγιος* weinig gebruik is. *ἅγιος* kom nêrens in die LXX voor nie. Ook in apokriewe literatuur is *ἁγιος* die Griekse ekwivalent vir die Hebreeuse *kadosh*. Die Griekse woord verkry in hierdie tydvak met ander woorde dieselfde betekenis as die Hebreeuse term wat die konsep van heiligheid in sy volheid verwoord (soos hierbo uiteengesit).

Kom die ondersoek by die konsep van heiligheid in die Griekse Nuwe Testament self, is dit duidelik dat die Griekse *ἁγιος*-predikaat ook die betekenis van die Ou-Testamentiese *kadosh* weergee. Waar Jesus in sy hoëpriesterlike gebed sy Vader as *πάτερ ἅγιε* (*Heilige Vader*) aanspreek (Joh. 17:11), kom die heiligheid van God na vore as die ‘*innermost nature of God*’, en wanneer Hy die *Ons(e) Vader*-gebed vir sy dissipels leer waarvan die eerste bede die heiliging van sy Naam is, beteken sy Naam “...*the person in which God reveals Himself..., but in which He is also distinct from the creaturely world*” (Procksch, 1974:101). In die Naam van God is *heilig* iets persoonlik, wat van die een wat bid ’n persoonlike benadering tot die goddelike sfeer vra.

Die resultaat van die diepte-ondersoek na die betekenis en betekenisontwikkeling van die woord *ἁγιος* in verskillende kontekste kan in die onderstaande saamgevat word:

Die Griekse woord *ἁγιος* is soos die Hebreeuse *kadosh* uitdrukking van die ontsagwekkende transendente God se misterieuse goddelike Wese en Karakter, waarmee die mens en die totaliteit van die geskape sfeer in geen opsig vergelyk kan word nie. Hy is in sy heiligheid afgegrens van die geskapene, die sekulêre en die onheilige, maar openbaar Homself nogtans. Sy heilige verskyning – en sy verskyning as die Heilige – is nie onpersoonlik-afstandelik of as sodanig bloot kulties-uitwendig nie, maar persoonlik en gemeenskapstigend, nieteenstaande sy smettelose afgrensing van die geskapene en teenoor die sekulêre. In sy heiligheid tree Hy op as Regter en Redder, in oordeel oor die onheilige, maar in genade vir sy volk aan wie Hy Homself verbind – te alle tye binne die verband van sy goddelike Karakter, wat liefde is. *ἁγιος* sê *finalitêr*: God is God, in elke opsig God.

Vanuit die woordstudie wat hierbo onderneem en beskryf is, kan die rykdom van *ἁγιος* en sy dubbele herhaling in die liedteks van Op. 4:8c nou geïnterpreteer word.

Die woord *ἁγιος* in drievoud is op ’n kritiese en uiters belangrike, strategiese plek in Openbaring geleë. By Johannes se waarneming van die troon en troonfigurante is dié openingsakkoord van die doksologiekorpus van die apokalips bepalend vir alles wat volg. Die wyse waarop hyself deur hierdie woord in die hemelse liturgie ingelei

word, plaas alles wat verder in die apokalips volg in 'n bepaalde kader. Hy word bewus daarvan dat daar tot die Een sittende op die troon nie sommerso genader kan word nie. Die sterk beklemtoonde openingswoord van die ononderbroke, tydlose lied wat deur die vier lewende wesens gesing word, plaas die Wese van God op die voorgrond. Onmiddellik word die *verskil*, maar ook die *verband* tussen God en die geskapene / geskape werklikheid indrukwekkend deur die hemelse sang bekend gemaak. En Hy is nie maar net heilig – en net-net heilig – nie, maar driemaal heilig, wat beteken dat Hy tot in die oortreffende trap heilig is (die herhaling van ἅγιος maak daarvan 'n superlatief).²¹⁹ Dit gee uitdrukking daaraan dat God in sy heiligheid oneindig aanbiddingswaardig is. Waar die fokalisator aangetree het, kan figuurlik – en paradoksaal – die ruimte van 'gewyde grond in die lug' genoem word. En die leser en navorser besef: ek verkeer by die fronton en portiek van hemelse liturgie, en weet nou opnuut hoe en met watter benadering ek verder saam kan luister na die repeterende loflied wat opklink in die loflied van God se eer.

(i.ii) 4:8c(ii) κύριος ὁ θεὸς ὁ παντοκράτωρ (die Here God, die Almagtige)

Bostaande titel wat die vier lewende wesens gebruik vir die Een wat op die troon sit, sluit direk aan by hulle drie ἅγιος-uitroepe. κύριος is 'n titel vir God sowel as vir Christus en is aanduiding van 'one who exercises supernatural authority over mankind' (Louw & Nida, 1988:139). κύριος lê dus in dieselfde kader en semantiese domein as transendente goddelike heiligheid (ἅγιος).

Die res van die titelfrase bevestig en versterk die gepastheid van die titel waar dit saam met die attribuut van God se heiligheid gebruik word. θεὸς ὁ παντοκράτωρ druk die absolute mag van God uit. Ek gebruik die woord *absoluut* hier as 'n besondere konnotasie van die oorspronklike Latynse byvoeglike naamwoord *absolutus* (van die werkwoord *absolvo*), waarvan die grondbetekenis is: *vrygemaak van, los en onafhanklik*. God is dié *Absolutus*, sonder enige beperking, vrymagtig – en daarom volstrek magtig, en dit is gelyk aan παντοκράτωρ (*almagtig*).

In Op. 4:8c(ii) korrespondeer die titel met die Naam van die Verbondsgod in Jesaja se roepingsvisioen: *Jahwe sebaot, die HERE van die leërske* (Jes. 6:3; 1933/53-

²¹⁹ Sommige lees in die driemaal-heilig van hierdie liedteks 'n sinspeling op die meervoudigheid van Persone in die goddelike Wese (vgl. onder meer Coleman, 1980:33). Grant Osborne (2004:237) wys tereg daarop dat nóg in Jes. 6:3, nóg hier in Op. 4:8c enige grond daarvoor gevind kan word. In die apokalips is die enigste teks wat trinitariese trekke vertoon, die groetseën van 1:4b-5a. Ander uitlêers – soos Michaels (1997:93) – is van mening dat die drievoudige stelling en bevestiging dat God ἅγιος is, eerder te doen het met die drie komponente in die derde mikro-eenheid van die liedteks, 4:8c(iii), waar dit gaan oor die verhouding waarin God tot tyd staan (vgl. by (i.iii) hieronder). Die mees aanvaarbare verklaring vir die herhaling van ἅγιος by die aanhef van die lied is waarskynlik dat dit die funksie van 'n superlatief vervul (Seal, 2008:345-346).

vertaling). Die goddelike Wese wat in serafstaal by die roeping van Jesaja as *Jahwe sebaot* besing word, word in die hemelsang van die lewende wesens *die Here God, die Almagtige* genoem. Die titel waarmee die lewende wesens na die Heilige Een op die troon verwys, is 'n adekwate (voldoende) weergawe van die Naam waarmee die serafs die Een op die hoë troon in Jes. 6:3 noem. Dit impliseer egter nie dat daar nie tog ook verskille tussen die twee groepe sangers se *heilig*-uitroepe uitgewys kan word nie. Die eerste verskil ('n tweede verskil is in 4:8c(iii), wat in (i.iii) hieronder bespreek word) is juis geleë in die betiteling van die Een op die troon deur die onderskeie Ou- en Nuwe-Testamentiese groepe lofsangers. In die Hebreeuse driemaal-*kodesh* van die serafs in Jesaja 6 word die *Eienaam* van die Een op die troon gebruik, naamlik *Jahwe*. Dit is die Naam wat God Homself noem as Hy Hom bekendstel aan Moses waar hy by sy roeping voor God staan op die gewyde grond van die brandende doringbos (Eks. 3:5,14). In die Griekse driemaal-*κύριος* van die lewende wesens by die troon in die hemel is dit egter die *soortnaam* van die Een op die troon wat opklink: *θεός*. Daarin is die soortlikheid van die Een op die troon se Wese uitgedruk – Hy is God, nie 'n mens nie (vgl. weer die uitleg van 4:8c(i) hierbo).

Die gebruik van *κύριος* saam met *θεός* en *παντοκράτωρ* in die liedteks van Op. 4:8c lê die klem nog verder op die soortlikheid van die Een op die troon (vgl. die betekenisbepaling van *κύριος* hierbo: ‘one who exercises supernatural authority over mankind’). *κύριος* is nie soos *Jahwe* 'n eienaam nie, alhoewel *Jahwe* deur die vertalers van die LXX ongevarieerd met *κύριος* weergegee word. In hierdie geval word *κύριος* se betekenis deur konteks bepaal.

Die eerste hoofstuk van die troonvisioen (Openbaring 4) stel God voor as die fokuspunt en primêre Subjek van die hoofstuk. Greeff (2009:4,122-133) betoog dat die hele apokalips op grond hiervan uit 'n teosentriese (en nie 'n christosentriese) gesigspunt gelees moet word. Ter gedeeltelike stawing hiervan sou opgemerk kan word dat die heel laaste lied van die apokalips terugkeer na die titel van God wat in die heel eerste lied gebruik word. In Op. 19:6b sing 'n menigte stemme – soos die gedruis van 'n groot watermassa en die diepdreun van swaar donderweer – van die heerskappy van *κύριος ὁ θεός [ἡμῶν] ὁ παντοκράτωρ*.

(i.iii) 4:8c(iii) *ὁ ἦν καὶ ὁ ὢν καὶ ὁ ἐρχόμενος* (Hy wat was en wat is en wat komende is)

God word in hierdie laaste mikro-eenheid van die *Trisagion* in himniese taal besing in sy verhouding waarin Hy tot tyd staan. Soos reeds by die bespreking van die karakteruitbouing van God op die verhaalvlak van die eerste segmentele narratief van Openbaring uitgelig is, is *ὁ ὢν καὶ ὁ ἦν καὶ ὁ ἐρχόμενος* die eerste keer – in 1:4b – gebruik as deel van die groetseën wat as 'n liturgiese formule aangewend is. Dié vaste

formule – ‘gestolde frase’ (Meyer, 1997:307) – is daar integraal deel van proto-trinitariese konfigurasie en word ook deur die outeur in 1:8 herhaal waar hy direkte woorde van God aanhaal. Uitleg en verklaring van die vaste frase in 1:4b en 1:8 is in 5.4.1.2.4(i) en 5.4.2.2.4(i) gegee, sodat ek hier net die essensiële kern daarvan ontleed.

Met die eerste verwysing na God in hierdie frase van die liedteks (*ὁ ἦν*; *Hy wat was*) word verklaar dat Hy reeds in die verlede God was. Dit is die imperfektumvorm van die werkwoord *εἶμι* (*om te wees*) en waar dit saam met die betreklike voornaamwoord *ὁ* gebruik word, is die funksie dié van ’n partisipium (*‘Hy was altyd besig gewees om [God] te wees’*).

Die tweede komponent van die frase (*ὁ ὢν*; *Hy wat is*, partisipium praesens) herinner aan die Naam wat God van Homself gegee het toe Moses Hom na sy Naam gevra het (Eks. 3:13b; sien ook die uitleg van die Eienaam *Jahwe* in die ontleding van 4:8c(ii) by (i.ii) hierbo). In die Grieks-Romeinse konstellasië van Openbaring se ontvangskonteks was dit algemene gebruik om na die/’n godheid te verwys as *ὁ ὢν*, sodat [H]y ook as die [W]ese gesien is.

In die verwysing na God in die derde frase as *ὁ ἐρχόμενος* (*←ἐρχομαι*; partisipium praesens: *Hy wat aan die kom is / komende is*) word die uniekheid van God deur die vier lewende wesens geloof. In hulle lied oorstyg hulle al die godsbeelde van die kontemporêre Hellenisties-Romeinse religieuse inbeeldinge. Die derde verwysing na God in hierdie frase in Openbaring is dus verrassend nie in die toekomstige tydvorm (futurum) uitgedruk nie. Hy is nie soos Pausanias (10.12.5) van die Griekse god Zeus geskryf het nie: “*Zeus was, Zeus is, Zeus sal wees*” (vgl. Barr, 1998:188; König, 2009:108).²²⁰ Die klem val deur hierdie deelwoordvorm van die werkwoord in die teenwoordige tyd – en nie in die toekomstige tyd nie – daarop dat God bo die tyd verhewe is. Dit is dus die besondere karaktertrek/attribuut dat God ewig is wat hierin deur die vier lewendes besing word. By die verklaring van *ὁ ἐρχόμενος* kan in hierdie stadium van die ondersoek nog uitbreidende opmerkings gemaak word. Die teenwoordige deelwoord dui daarop dat God nie in taal en terme van tyd te bedink is nie. Hy is God, nie ’n mens nie (sien (i.ii) hierbo). Hy is anders, uniek; in sy heiligheid afgegrens van al die geskapene, alhoewel Hy Homself nie isoleer buite en sonder enige verbintenis of verhouding met die geskape werklikheid nie. Hy is die

²²⁰ Morton (2001:90) maak in dié verband die belangrike opmerking dat naas die herleiding van liedelemente na die Ou Testament, die *Sitz im Leben* van die liedere in die apokalips binne die konteks van die Hellenisties-Romeinse milieu juis dien om die kosmiese soewereinitiet van God – en Christus – te kontrasteer met die aansprake van die Romeinse imperialistiese kultus. Die liedere sing dus ’n tydwoord in die konteks van die eerste eeu en antwoord die kontemporêre kultus in taal en beeld wat nie vreemd aandien nie, maar die heersende konsepte weerlê, deurdat dit bekende materiaal en beeld en woorde uit dié oord neem en die sekulêre beskouings parodieer.

Een wat altyd is ('besig is om te wees'), voor en bo tyd is, en daarom altyd komende is (*ὁ ἐρχόμενος*). By Hom is tyd altyd, want sý 'tyd' se naam is *altyd*. En dit is per definisie, in verband met die heilige God gebruik, *ewig*.

Verder moet nog opgemerk word dat die vaste frase in die slotakkoord van die lied inderwaarheid nie so 'n vaste – in die betekenis van *onbuigsame* – formule is nie. Die volgorde waarin die drie komponente hier gerangskik is, wyk af van die volgorde in 1:4b en 1:8. In die eerste visioensiklus is die formulering *Hy wat is en wat was en wat aan die kom is*; in die liedteks hier in 4:8c(iii) is dit *Hy wat was en wat is en wat aan die kom is* (*nota bene* die beklemtoning van onderskeidelik *is-was* en *was-is*). Waarom span die implisiete outeur die komponente in verskillende volgorde in? Geen bevredigende verklaring kon hiervoor in die geraadpleegde literatuur gevind word nie; trouens, feitlik al die bronne maak geen opmerking oor die verskil nie. Dit is moontlik 'n aanduiding daarvan dat verklaarders van mening is dat die volgordeverskil nie die betekenis van die frase wesenlik beïnvloed nie. Waar my ondersoek egter daarop afgestem is om transgeneriese verskynsels in die apokalips te identifiseer, is dit wenslik dat 'n verklaring hiervoor tog uit dié besondere hoek oorweeg sal word.

Ek ag dit naamlik belangrik om daarop te let dat die skryfmodusse in die twee kontekste waarin die mikro-eenheid onderskeidelik in Openbaring 1 en 4 voorkom, van mekaar verskil. Wanneer die *intratekstuele* variasie in die frase benader word vanuit 'n ingesteldheid op die kontrasterende *intertekstuele* kontekste waarin dit voorkom, open dit vir my 'n besondere dimensie. In die openingshoofstuk van die apokalips – die eerste hoofstuk in die eerste segment van Openbaring – is die direkte appèl op die ontvangers en leser(s) daarvan dat hulle moet besef dat wat volg, afkomstig is van die Een God wat verseker *nou is* (*ὁ ὢν*; *Hy wat is*, wat bestaan). Dit is Hy wat die *ἀποκάλυψις* gegee het (1:1a), dit is sý seën wat uitgespreek word (1:4b), dit is Hy wat sê dat Hy die *Alfa* en die *Omega* is (1:8) – kyk, dit is Hy wat *nou* God is, wat met ander woorde die *lewende* God is. Daarom is die *ὁ ὢν*, die 'wesende' God, eerste geplaas. Die trant en styl van die openingshoofstuk van die tweede segmentele narratief – die troonvisioen – is daarenteen totaal anders. Dit is die beskrywing (vgl. 5.4.2.3(ii) vroeër) van 'n ryk simboliese en diggeweefde metaforiese tafereel in die bo-temporele hemelse troonsaal. En hier in die liedteks van 4:8c, waar die heiligheid van God deur die vier lewende wesens sonder ophou in 'n paradigmatis-verdigende en -verdiepende liedteks 'betoog' word (vgl. 5.4.2.3(iii) vroeër), is die tydverlooporde dié van 'normale' chronologie, van verlede na hede (*ἤν→ὢν*), maar steeds natuurlik nie van hede na toekoms nie, maar na *ὁ ἐρχόμενος*, want Hy is nie in taal en terme van tyd te bedink nie (vgl. hierbo). Die generiese variasie in die skryfmodi van Openbaring 1 en 4 plaas *ὁ ἦν καὶ ὁ ὢν καὶ ὁ ἐρχόμενος*

in die derde komponent van die liedteks dus in 'n ander dimensie en funksie as waarin dit in die proto-trinitariese konfigurasie in die aanhef van die apokalips fungeer.

Deeglike kennisname van bostaande beredenering van die intratekstuele variasie van die 'vaste' frase in die intertekstuele verband tussen Openbaring 1 en 4 is duidelik van groot relevansie vir hierdie studie.

'n Tweede intertekstuele aspek in die laaste komponent van die *Trisagion* is ook van die uiterste belang in hierdie navorsing en word nou verder ontleed.

Ek het al meermale daarop gewys dat daar 'n duidelike verband is tussen die ononderbroke *kadosh*-uitroepe van die serafs in die roepingsvisioen van die profeet Jesaja (6:3b) en die aanhoudende ἅγιος-verklaring van die Een op die troon deur die vier lewende wesens (Op. 4:8c). Dit is egter opvallend dat die derde komponent van die himniese teks in Op. 4:8c(iii) wesenlik verskil van die derde komponent van die himne van die serafs in Jes. 6:3b. Dit is nie maar net 'n volgordeverskil in die plasing van dieselfde begrippe nie. Waar die Naam van God in die genoteks gevolg word deur die frase *die hele aarde is vol van sy heerlijkheid*, word sy Naam in die heiligverklaring van die fenoteks gevolg deur die frase wat hier onder bespreking is: *Hy wat was en wat is en wat komende is (aan die kom is)*. Die sang in die lied van die vier lewendes transposeer dus die bronteks se kodering van die soewereiniteit en heerlijkheid van God oor en in die totaliteit van die geskape werklikheid. Hier in die liedteks van die apokaliptiese troonvisioen kodeer die lewende sangers die attribuut dat God ewig is, maar klaarblyklik nie dié van sy heerlike alomteenwoordigheid waarvan die aarde vol is soos dit in die lied van die serafs gebeur nie. Die aannemende teks in die apokalips neem dus nie ongekwalfiseerd alles aan van die aangenome teks in die profetiese boek nie. Waarom die verskil? Is dit 'n onnoukeurige inenting van die gasteks op die gasheerteks, van die 'graft' op die 'host'?²²¹ Die antwoord op die laaste vraag moet beslis ontkennend geantwoord word. Daar is 'n baie goeie verklaring vir hierdie verskil tussen die twee tekste. In die narratiewe wêreld van die apokalips pas die slotfrase van die serafs se sang nie in nie, want die wêreld van die dramatiese narratief is so vervreem van sy Skepper dat sy vernietiging onafwendbaar is (Collins, 1979a:36-37; Du Rand, 1991:31). Dit is 'n wêreld van verdorwenheid, verslegting en ondergang (Harris, 1989:74-75). Uit die feit dat God in sy Wese ἅγιος is, vloei sy oordeel oor alle onheiligheid voort (Guthrie, 1992:77) en daaruit volg eventueel die totale vernietiging van kosmiese omvang. Die afwesigheid van *kebodo* (sy heerlijkheid; die suffiks van die derde persoon manlik enkelvoud van *kabod*; Jes. 6:3b) in die liedteks van Openbaring (4:8c) beteken egter nie dat sy

²²¹ Vgl. weer eens in 4.2.6.1.3 (intertekstualiteitteorie) die bespreking van die verhouding tussen die vroeëre en latere tekste en die terminologie wat gebruik word.

heerlikheid nie meer in en oor die geskapene skitter nie. Die effek van die intertekstuele gebruik van slegs 'n deel van die genoteks deur die fenoteks, met die weglating dan van die laaste komponent, is besonder insiggewend. Harris (1989:75) beskryf die uitwerking van hierdie wyse van intertekstuele sinspeling soos volg:

...[t]he code of the goodness of God's created order is actually present – or traces of it are present – in 4:8 through its omission in the hymn. The omission of the second half [=derde komponent; JPB] of the intertext of the hymn in 4:8 has the effect of placing the omitted textual fragment in the foreground. Isaiah 6:3b is thus present *via negativa*.

Samevattend en afsluitend kan die resultate van die ontleding van die derde komponent, *ὁ ἦν καὶ ὁ ὢν καὶ ὁ ἐρχόμενος*, die mikro-eenheid van Op. 4:8c(iii), nou geformuleer word.

- Die frase voeg nog 'n attribuut toe tot die Een sittende op die troon: Hy is nie net *ἅγιος* (*heilig*) en *ὁ παντοκράτωρ* (*die Almagtige*) nie, Hy is ook ewig; vanuit die kader van die geskape werklikheid se tydruimtelike beperktheid besien, is Hy bo die tyd verhewe en in geen taal of terme van tyd te bedink nie.
- Intratekstuele variasie kom in die frase voor waar dit onderskeidelik in 1:4b,8en 4:8c(iii) gebruik word. In eersgenoemde maak die konteks waarin dit gebruik word deel uit van 'n gedeelte van die apokalips waar die skryfmodus verhalend is, en deur die plasing van *ὁ ὢν* eerste in die frase word die effek van 'n direkte appèl op die ontvangers/leser(s) van die apokalips bereik: hulle moet besef dat dit die lewende God is wat sy *ἀποκάλυψις Ἰησοῦ Χριστοῦ* laat openbaar. Daarteenoor maak die konteks waarin die frase in 4:8c(iii) gebruik word, deel uit van 'n gedeelte waar die skryfmodus van beskrywing oorgaan in die paradigmatis-verdiepende modus van die liedteks: dit is die durende bo-historiese, hemelse erediens wat geskilder word.
- Intertekstuele koppeling tussen die liedteks in 4:8c, waar die vier lewende wesens God se heiligheid besing, en die serafs se heiligverklaring van *Jahwe* in Jes. 6:3b is ooglopend, maar in hierdie laaste komponent is die fenoteks nie onveranderd op die genoteks ingeënt nie. Die weggelate laaste deel van die genoteks is egter deur deur middel van die wyse waarop intertekstualiteit hier funksioneer, *de facto* op die voorgrond geplaas en dus nie afwesig nie. Intendeel.

(ii) *Generiese manifestasie van doksologie in die eerste liedteks (Trisagion; 4:8c)*

Die generiese manifestasie van doksologie in die *Trisagion* word nou op die basis van die detailverklaring van hierdie eerste liedteks vasgestel in die lig van die verskillende vorme en style van doksologie wat vroeër in 6.2 onderskei en bespreek is. Wat is die soortlike eieaard van die liedteks wat die opgevoerde fokalisator eerste in sy troonvisioen mag hoor, die loflied *par excellence* wat die doksologie van die apokalips met 'n lewendige fanfare inlei en verderaan onderhou?

Die ondersoek bring aan die lig dat daar in die liedtaal van die ononderbroke koraal wat deur die vier lewende wesens voorgedra word, geen eksplisiete verwysing na spesifieke daade van God is nie. Dat Hy die God is wat die outoriteit het om te handel en tot alles in staat is, word natuurlik wel in die eerste versreël in sy titel as *κύριος ὁ θεὸς ὁ παντοκράτωρ* veronderstel en dit is 'n ondertoon wat in die lied raak gehoor kan word. Maar die botoon van hierdie kort liedteks verklank primêr iets anders as goddelike daade. Dit is naamlik die sterk polsslae van die lewende God se ontsagwekkende Karakter en majesteitlike Wese. Dat die Here God *heilig* is, 4:8c(i), dat Hy *almagtig* is, 4:8c(ii), en dat Hy *ewig* is, 4:8c(iii), is drie wesenskenmerke van Hom wat ononderbroke in hemelse sfeer geprys word. Hy word in hierdie tweereëlige himne suiwer op grond van sy Wese besing. Dit is dus *beschreibendes Lob* (6.2.2.3) waarin algemene stellings in verband met sy goddelike deugde belydend himniese uiting vind. Dit is egter van groot belang om hier te stel dat – al is daar nie 'n eksplisiete motief van verheerliking op grond van spesifieke daade en handeling deur die Een op die troon nie – die lofprysing verseker steeds berus op die feit dat Hy Homself openbaar. Wie sal dit beter besef as hulle wat in die apokalips juis digby sy troon as dienende lofsangers verkeer?

Konklusie in verband met generiese manifestasie van doksologie in die eerste liedteks (*Trisagion*; 4:8c):

Die eersgehoorde lied in die apokalips is in sy wese *liries*, waarin die Wese van God se ontsagwekkende, smettelose heiligheid, sy alvermoënde mag en krag en sy onvoorstelbare ewigheid besing word op grond van die *dramatiek* van sy Self-openbaring. Hierdie generiese manifestasie van doksologie in die eerste liedteks funksioneer retories *epideikties* – om die deugde van God met akklamasie te verklaar ter bemoediging en aanmoediging van die ontvangers van die apokalips, sodat hulle sal volhard in dit wat hulle reeds het.

- 4:9 Liturgiese sang: liedstrofe (eerste strofe van die tweede liedteks; eerste antifonale lied)

Καὶ ὅταν δώσουσιν τὰ ζῶα δόξαν καὶ τιμὴν καὶ εὐχαριστίαν τῷ καθημένῳ ἐπὶ τῷ θρόνῳ τῷ ζῶντι εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων,...

En elke keer wanneer die lewendes / lewende wesens heerlikheid en eer en danksegging gee /toebring aan Hom sittende op die troon, (aan Hom) wat tot in alle ewigheid lewe,...

Voordat met die detailontleding van die eerste gedeelte van die tweede liedteks – die eerste selfstandige antifoniese lied – begin word, is dit nodig dat ek eers drie algemene opmerkings in verband met die lied in sy geheel maak.

Eerstens moet daarop gewys word dat die ‘oorspronklike’ lied nie direk in bostaande teks aangehaal word nie (vgl. ook vroeër by 6.1.2.1, 6.1.2.2 en 6.1.2.4). Die inhoud van die lied word slegs in die indirekte rede meegedeel: die outeur sê dat die lewende wesens sing en dat hulle in hulle sang heerlikheid, eer en dank toebring aan die Een wat op die troon sit en dat dit ’n lofprijsende reaksie van die ouderlinge ontlok (wat in 4:10-11 volg). Ek beklemtoon dat ek ten spyte daarvan dat dit nie ’n direkte, woordelike aanhaling van die lied is nie, die inhoudelike gegewens wat bekend is benader as die aanvangstrofe van die eerste selfstandige antifonale lied wat deur Johannes gehoor word.

Tweedens: dat ek die aanvangstrofe van die lied benader soos pas uiteengesit is, impliseer dat ek daarvan uitgaan dat die vier lewende wesens se ononderbroke lofprijsing in die eerste direkgekwoteerde liedteks (4:8c) nie uitsluit dat hulle ook ander liedere sing nie (sien die verbandhoudende opmerkings hierbo by die detailverklaring van 4:8b). Die vraag wat gevolglik in dié verband steeds gevra kan word, is: hoe is dit moontlik dat die wesens ook nog die ander liedere van die eerste troonvisie in 4:9 en 5:9 en 5:14a kan sing asook nog verderaan in die apokalips ander doksologieë kan laat opklink as hulle *sonder ophou* met die *Trisagion* besig is? Ek probeer nie ’n verklaring van die gestelde problematiek aanbied nie, maar antwoord op die vraag deur bloot te stel: dit moet te alle tye in gedagte gehou word dat die troonvisioen tydloos is en dat die vermelding van die onophoudelike duur van die eersgehoorde lied deur Johannes deel vorm van die beskrywing van ’n tydlose hemeltafereel. Dit het nie sin om vanuit ’n tydruimtelike gesigspunt die vraag enigins te beredeneer en te probeer beantwoord nie, want die sang van die vier wesens klink op in bo-aardse hemelsfeer en in ’n bo-temporele dimensie. Die volgordeverhouding tussen die *Trisagion* in 4:8c en die verdere sang van die lewende wesens in 4:9 e.v. – of dit enigins in terme van diachronie of sinchronie beskou en benader moet word – is nie uitpluisbaar nie en word daarom daar gelaat. Die verskillende detail van die *ἡμέρας καὶ νυκτός*-lied (die *dag-en-nag*-lied van 4:8c) en die *ὅταν*-lied (die *elke-keer*-lied van 4:9) word egter nie daar gelaat nie. Die tweede lied se aanvangstrofe, deur die lewende wesens gesing, word saam met die klinkende antifoön daarop, deur die ouderlinge voorgedra, net soos die *Trisagion* in diepte verklaar.

In 'n derde voorafopmerking wys ek daarop dat daar deur Jörns (1971:67-70) en Blevins (1980:403) pogings aangewend is om die gegewens van 4:9 in 'n veronderstelde liedvorm te rekonstrueer. Hulle probeer om 'n lied vanuit die liedteks in 5:13 'terug te skryf' na 4:9. Ek is egter oortuig daarvan dat dit nie werklik enige waarde tot die ondersoek toevoeg nie en gee daarom nie aandag aan spekulasie oor rekonstruksiemoontlikhede ten opsigte van 'n 'werklike' liedvorm en -inhoud nie.

Die aandag word nou gewy aan die verskillende mikro-eenhede wat wel bekend is van die nie-direkgekwoteerde aanvangstrofe van hierdie eersgehoorde antifonale lied.

(i) *Verklaring van woorde, begrippe en mikro-eenhede*

(i.i) 4:9(i) *Καὶ ὅταν δώσουσιν τὰ ζῶα* (En elke keer wanneer die lewende wesens gee/toebring)

Die voegwoord *ὅταν* aan die begin van die sinskonstruksie wys op 'n herhalende gebeurtenis. Eweneens gee die werkwoordvorm *δώσουσιν* (←*δίδωμι*; futurum indikatief: *om te gee*) ook uitdrukking aan 'n frekwentatiewe handeling deur die vier lewende wesens. Dat werkwoorde in die toekomstige tydvorm saam met *ὅταν* gebruik word, gebeur nie dikwels nie, maar kan soos hier wel uitdrukking gee aan die gedurige herhaling van 'n handeling in die hede (Swete, 1977:73). Die twee begrippe *ὅταν* en *δώσουσιν* aan die begin van die sin is sintakties ook vorentoe gekoppel aan die drie futurum-werkwoordvorme van die vier en twintig ouderlinge se liturgiese gestikulasie wat hulle volgens 4:10 uitvoer: *πεσοῦνται* (←*πίπτω*), dat hulle *neerval* voor die troon; *προσκυνήσουσιν* (←*προσκυνέω*), dat hulle die Een op die troon *knievallig vereer/aanbid*; *βαλοῦσιν* (←*βάλλω*), dat hulle hulle krone *neerwerp*.²²²

²²² Afrikaanse, Engelse, Duitse en Nederlandse Bybelvertalings gee *ὅταν* soos dit hier saam met die werkwoord *δώσουσιν* (en die werkwoorde in 4:10) in die toekomstige tyd gebruik word, in die teenwoordige tyd weer as uitdrukking van frekwentatiewe liturgiese handeling van die lewende wesens en die ouderlinge. Sommige verklaarders (soos onder andere Lupieri, 2006:137, en Rowland, 1998:593) verstaan die futurum-werkwoordvorme daarenteen as iteratiewe handeling wat in die *toekoms* van die apokalips lê en dus as prolepses in die narratief funksioneer. Dit lei daartoe dat hulle dit beskou as werkwoorde wat vooruitwys na 5:8 en die verdere vervolg van die apokalips. Dit bring weer die volgordevraagstuk in die liedhandeling van die lewende wesens en die ouderlinge na vore. Terwyl daar grammatikale grond is om die Bybelvertalers se weergawe van die werkwoorde as herhalende handeling in die teenwoordige tyd te volg, is daar nie rede om die werkwoorde te vertaal asof dit op die toekoms slaan nie. Die iteratiewe handeling wat as handeling in die teenwoordige tyd vertaal word, bevestig wat hierbo in die tweede voorafopmerking betoog is: visioentyd is moeilik te verklaar omdat enige visioenêre tydspek anders 'werk' as wat dit in 'n tydruimtelike kader funksioneer en verloop. Bowendien: die frekwente handeling in die teenwoordige tyd begrens nie die betrokke handeling tot die hede nie. *ὅταν* wat in die visioen verbind is aan werkwoorde wat in die futurum gekonstrueer is, dui op frekwensie – en frewensie is as sodanig voortdurende aaneenskakeling van dieselfde handeling. Dit impliseer dat daar deurentyd vorentoebeweging na die toekoms is, in soverre *toekoms* in visioenverband vertolk kan word

Daardeur is die kousale uitwerking van die vier lewendes se lied (4:9) beklemtoon, veral as die ouderlinge hulle liturgiese gestikulasie (4:10) aanvul deur herhaaldelik te respondeer op die wesens se deurlopende sanghandeling (4:9) in hulle eie voortdurende antifoniese liedstrofe (4:11) in antwoord op die wesens se lied. Aan dié hegte verbinding tussen die strofeliëd van die lewende lofprysers in die eerste kring om die troon en die liturgiese gestikulasie en lofsang van die ouderlinge as tweedekring-troonfigurante is dus deur middel van die taalkonstruksie in 4:9-11 effektief gestalte gegee. Daar kan geen twyfel bestaan dat die sangkore van die eerste twee groepe troonfigurante se afwisselende liedhandelinge as één geïntegreerde, magtige antifonale doksologie rondom die troon klink en uitklink nie.

’n Kort kanttekening word ook nog hier by die werkwoord *δώσουσιν* (←*δίδωμι*: futurum derde persoon meervoud: *om toe te bring/gee*) gemaak. Tot die eerste twee sake of aspekte wat deur die lewende wesens in 4:9 aan Hom wat op op die troon sit toegebring word, naamlik *δόξα* en *τιμή* (onderskeidelik *heerlikheid* en *eer*), word niks deur die eerste strofe van hierdie aanbiddingslied toegevoeg nie. Ten opsigte van die derde, *εὐχαριστία* (*dank*), vervul die werkwoord ’n ander funksie. In die woord-eksegese van die drie terme hieronder word die tweevoudige funksionering van die werkwoord *δίδωμι* nader verklaar.

Vir die verklaring van *τὰ ζῶα*, die laaste twee woorde in die mikro-eenheid van 4:9(i), word terugverwys na die uitleg by 4:6b-8b.

(i.ii) 4:9(ii) *δόξαν* (←*ἡ δόξα*) (*heerlikheid*)

Die woord *δόξα* in die konteks van Openbaring is vroeër in hierdie hoofstuk reeds verklaar as die begrip waarin die attribue van die *ontsagwekkende heerlikheid/majesteit* van God en die Lam uitgedruk word (vgl. 6.2.1). Hier by die woord-eksegese moet egter nou dieper en vollediger ingegaan word op die konsep wat in die woord *δόξα* opgesluit is.

In nie-Bybelse Grieks is *δόξα* verbind aan die werkwoord *δοκέω*, waarvan die betekenis in sekulêre klassieke literatuur verband hou met die opinie wat iemand het of die opinie wat ander van hom/haar het. Hierdie konnotasie van die woord het in die Grieks van die Nuwe Testament geheel en al verdwyn. Al die skrywers van die Nuwe Testament gebruik *δόξα* as term vir goddelike eer, grootsheid en majesteit, ‘*divine and heavenly radiance*,’ ‘*loftiness*’ – ‘*the divine mode of being*’ (Kittel, 1974:233-234, 237). Die totale verskuiwing van betekenis moet verklaar word uit die

vanuit ’n tydruimtelike gesigspunt. Die aanvangspunt van die repeterende handelinge is nie hier ter sprake nie. En die aksies wat in die werkwoorde uitgedruk word, eindig ook nie met ’n *totdat* nie.

LXX se vertaling van die Hebreëuse *kabod* met *δόξα* (nie minder nie as tagtig keer). Die Ou-Testamentiese *kabod* werp daarom lig op die betekenis van *δόξα* soos dit hier in die liedteks gebruik word. Die Hebreëuse woord *kabod* se letterlike betekenis dui op rykdom en die woord kry ook die figuurlike betekenis van gewigtigheid, *gravitas*, waardeur iemand wat dit besit, as indrukwekkend beleef word, belangrike status verkry en erkenning verdien. Von Rad (1974:238-239) verklaar die betekenis van die term *kabod* waar dit in die Ou Testament in verband met God gebruik word, soos volg:

...in relation to God it implies that which makes God impressive to man, the force of His self-manifestation...[w]hen He reveals Himself, or declares Himself, e.g. in meteorological phenomena, one may rightly speak of the *Jahwe kabod*, of a manifestation which makes on man a highly significant impression.

Hoe meer religieuse refleksie die gedagte van *Jahwe* se transendensie begin reflekteer het, hoe meer het *kabod Jahwe* 'n tegniese term geword vir die transendente majesteit van God. Sodoende het *δόξα* in Nuwe-Testamentiese gebruik – veral in die doksologie van Openbaring – gestabiliseer en vaste betekenis aangeneem. Geen gedagte van die woord se betekenis in sekulêre Grieks is in enige van die liedere teenwoordig nie. Die konnotasie van *opinie* wat aan die werkwoord *δοκέω* in klassieke Grieks geheg is, is in die Grieks van die Nuwe Testament vervang met die konsep van erkenning en bevestiging van God se aanbiddelike *gravitas*-heerlikheid.

Die werkwoord *δόσουσιν* (←*δίδωμι*) hier in die liedteks in verband met God gebruik, “...does not imply the adding of something not already present; it is rather predication in the sense of active acknowledgement...or in doxologies as the extolling of what is” (Kittel, 1974:248; vgl. die kanttekening by die uitleg van 4:9(i) hierbo).²²³ Daarom word die ander werkwoord wat naas *δοκέω* ook stamverwant aan *δόξα* is, naamlik *δοξάζω*, in die teks van die *nuwe lied* in 15:3b-4 in Afrikaans gepas met *verheerlik* vertaal (6.2.1). – Sy heerlijkheid wat so heerlijk soos Hyself is en soos net Hy dit kan laat wees, kan maar net *ver*-heerlik word.

(i.iii) 4:9(iii) *τιμῇ* (←*ἡ τιμή*) (*eer*)

Die grondbetekenis van *τιμή* het met aspekte van waardeberekening en prys te doen. Waar dit in verband met persone gebruik word, gee dit uitdrukking aan verering omdat die een wat vereer word, eerwaardig is en dit met ander woorde werd is en verdien om eerbiedig te word. *τιμή* is die eerbiediging (hoogagting – die Engelse

²²³ Kittel staaf die stelling insake die gebruik van *δόξαν διδόναι* deur onder meer juis na die voorkoms daarvan in 16:9 en in hierdie liedteks (4:9) te verwys.

‘reverence’) van iemand deur die erkenning van die waarde, waardigheid en status van die persoon (Thompson, 1998:93; Morris, 1983:91). Dit gaan dus oor die betoning van respek aan iemand wat aanbiddingswaardig is (sien in dié verband ook by 4:11 hieronder die verklaring van die woord ἄξιος wat deur die ouderlinge in hulle antifoon gebesig word in antwoord op die eerste liedstrofe wat deur die wesens gesing word).

Waar die woord τιμή in doksologieë ingesluit word, word dit dikwels gekombineer met begrippe wat verwante betekenisse dra. In 1 Tim. 1:17 is τιμή byvoorbeeld saam met δόξα gebruik in ’n liturgiese gebedsformule wat volgens Schneider (1974:177) uit die skat van voor-Christelike Hellenistiese sinagogedienste van die Jode stam (vgl. ook die doksologie in 1 Tim. 6:16 waarin liturgiese taal uit dié religieuse oord verder in die woordeskat van Paulus deurklink).²²⁴ Soos die twee begrippe hier in Op. 4:9 in die liedstrofe van die lewende wesens gekombineer is, gebruik ook die ouderlinge die twee woorde saam in hulle antifonale sangstrofe van 4:11. En ook in die liedstrofes van 5:12b en 13b is die begrippepaar τιμή en δόξα in jukstaposisie in die massasang van onderskeidelik die miljoene der miljoene engele en dié van die totale skepping.

Soos δόξα hierbo in 4:9(ii) spreek ook τιμή in die doksologie van 4:9 van spontane erkenning van ‘*God’s inherent and supreme nature and authority*’ (Smalley, 2005:124). Die term τιμή komplementeer (voltooi, kompleet maak) egter eweneens nie op enige wyse of in enige opsig die verhewendheid en ontsagwekkende aanbiddingswaardigheid van die Een op die troon nie, maar komplimenteer (prys) dit deur erkennend gepaste uitdrukking aan die grootsheid daarvan te gee – in soverre dit in taal en rede tot uitdrukking gebring kan word (vgl. weer die kanttekening by die uitleg van 4:9(i) hierbo). Tog het τιμή ook ’n unieke betekenisnuanse en aksent in onderskeiding van sy betekenisverwante kombinasieterm δόξα. Waar laasgenoemde aan die *gravitas* van God se heerlikheid (probeer) uitdrukking gee, lewer τιμή ’n eie bydrae in die roemtaal van die lewende wesens, soos dit met name in die Engelse woord *worship* treffend uitgedruk word. Dit is logies en ook bekend dat *worship* ’n afgeleide vorm is van die nie-gebruikte woord *worth-ship* (vgl. onder andere Smalley, 2005:125) – wat juis die hier-behandelde eienskap van God is. Dit het in die Engelse taal meer as net die benaming van ’n goddelike deug geword en fungeer ook in hoë gebruiksfrekwensie as ’n werkwoord. *To worship* is om die waardigwees van God te prys – al kan sy waarde, sy ‘waardevolle werdwees’ (*worth-ship*) geensins na waarde geskat word nie.

²²⁴ Daarmee word nie – teenstrydig met my vroeëre bevinding (sien 5.5.3, 6.1.1.3 en 6.1.1.4) – geïnsinueer dat die liedere nie oorspronklik van die hand van die outeur van die apokalips is nie. Hy kon wel van bekende liturgiese frases gebruik gemaak het, maar dit is in daardie gevalle dan in sy eie styl en vir sy eie retoriese oogmerk in die apokalips – met sy eie en besondere liturgiese konteks – deur hom geïnkorporeer. (Vergelyk byvoorbeeld die intertekstuele gebruik van Jes. 6:3 in Op. 4:8c.)

(i.iv) 4:9(iv) εὐχαριστίαν (← ἡ εὐχαριστία) (dank)

Die Griekse woord εὐχαριστία, wat ook in die liedteks van 7:12b voorkom, se gebruik in die Nuwe Testament verwys konsekwent na dank aan God en dankbare erkenning van al sy oorvloedige, milddadige gawes (Greijdanus, 1965:98; Osborne, 2004:238-239: ‘bountiful gifts’).

Hierdie derde van die drie gekombineerde terme wat die lewende wesens in hulle deel van die antifonale doksologie aan die Een op die troon bring, staan met ander woorde nie in so ’n noue betekenisverwantskap met die eerste twee soos dié twee met mekaar in verband staan nie. As gevolg daarvan vervul εὐχαριστία ook nie presies dieselfde funksie in die lied as die funksie wat die ander twee terme daarin vervul nie. Waar δόξα en τιμή niks aan twee ontsagwekkende eienskappe van God – onderskeidelik *gravitas*-heerlikheid en loflike aanbiddingswaardigheid – kan toevoeg nie, maar die lewendes die twee bepaalde kenmerke van die Wese van God in en deur hulle himniese roemtaal maar net erkennend kan bevestig, is εὐχαριστία die dankbare respons op die feit dat Hy iets van sy goddelike Wese aan hulle openbaar. As ’n motief in die eerste strofe van die antifonale lied open εὐχαριστία ’n ander dimensie van die benadering tot dit wat deur die Een op die troon geopenbaar word: nie net ’n bevestiging van sy deugde en dankbaarheid daarvoor nie, maar implisiet ook reeds danksegging vir sy daadhandelinge. Dit verbind die sang van die lewende wesens onder meer aan God se skeppingsdaad – wat eers deur die ouderlinge eksplisiet in 4:11 in hulle antfoniese strofe van hierdie tweede liedteks opgeneem word. Sodoende word liedstrofe en antifoön gekoppel. ὁ κύριος καὶ ὁ θεὸς ἡμῶν (Here ons God) het alles geskep. In die derde gekoppelde term van 4:9 verskuif die fokus dus in ’n mate reeds vanaf die deugde (attribute) van God na die dae van God. εὐχαριστία in die liedstrofe van die wesens (4:9) “...provides a natural bridge” (Osborne, 2004:239) na die lied van die ouderlinge (4:11), wat hulle doksologie dan uitgesproke in die almagtige skeppingsdaad van God begrond.

(i.v) 4:9(v) τῷ καθημένῳ ἐπὶ τῷ θρόνῳ τῷ ζῶντι εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων (aan Hom sittende op die troon, aan Hom wat tot in alle ewigheid lewe)

Die vier lewende wesens dra hulle lof op aan die Een sittende op die troon. Die wyse waarop hulle dit doen, vind in die liedteks uitdrukking in die manlike teenwoordige deelwoordvorme τῷ καθημένῳ (← κάθημαι) en τῷ ζῶντι (← ζάω) wat in die datief-naamval van die onderskeie praesens-deelwoorde verbuig is. Die verwysing in die twee deelwoorde (die Een sittende en die Een wat lewende is) is *dativi commodi*, wat beteken dat dit tot sy voordeel gebeur: Hy word deur die doksologie van die begunstigde sangers digby die troon *begunstig*. (τῷ θρόνῳ is ook in die datief-naamval.

Dit volg op die voorsetsel *ἐπὶ*, wat hier as aanduiding van plek [*op die troon*] gebruik word en is dus nie deel van die *commodi*-funksie van die datief nie.)

Dat Hy die Lewende is *τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων* (*tot in alle ewigheid*) is 'n terugkoppeling na die eerste, ononderbroke lied wat die lewende wesens sing (die *Trisagion*). Hier in hulle antifonale lied weerklink lofverheffing weer op grond van die attribuut dat die Here God, die Almagtige, *ewig* is. In beide liedere (4:8c en 4:9) gaan dit oor die verhouding waarin God tot tyd staan. Maar hier in die nie-direkgekwoteerde lied van die wesens is dit nie weer in dieselfde woorde en vorm uitgedruk as wat dit in die *Trisagion* se *ὁ ἦν καὶ ὁ ὢν καὶ ὁ ἐρχόμενος* (*wat was en wat is en wat komende is*) na die Ewige opstyg nie. Die klem val hier in 4:9(v) se uitdrukking van die 'tydloosheid' van God ietwat anders as in 4:8c(iii). Die teenwoordige deelwoord *ζῶντι* van 4:9(v) vul die *ἐρχόμενος* van 4:8c(iii) aan. Sy aan-die-kom-wees loop nie êrens uit op 'n afsluitende punt nie – dit bly vir ewig en ewig en ewig so dat Hy lewe. Dit is die effek van die uitdrukking *τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων*. Letterlik: *tot in tye* (akkusatief meervoud) *van tye* (genitief meervoud). Weer eens: God is nie in terme van taal en tyd te bedink nie (vgl. die eksegeese van 4:8c se derde komponent).

Die antifonale strofelië waarvan die lewende wesens die eerste strofe (4:9) sing, word deur die antifoön van die ouderlinge voltooi (4:11). Tussen die aanvangstrofe en die antifoön voeg die outeur die beskrywing in van die liturgiese gestikulasie wat deur die ouderlinge uitgevoer word (4:10). Van die gestikulasie moet goed kennis geneem word alvorens gehoor word wat hulle sing, aangesien die gestikulasie die gesindheid van die ouderlinge om die troon weerspieël en in dié sin/betekenis hulle antifoön voorafgaan.

(ii) *Generiese manifestasie van doksologie in die tweede liedteks se beginstrofe (4:9)*

Sien aan die einde van die bespreking van die antifoön (4:11).

▪ 4:10 Liturgiese gestikulasie

...πесοῦνται οἱ εἴκοσι τέσσαρες πρεσβύτεροι ἐνώπιον τοῦ καθημένου ἐπὶ τοῦ θρόνου καὶ προσκυνήσουσιν τῷ ζῶντι εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων καὶ βαλοῦσιν τοὺς στεφάνους αὐτῶν ἐνώπιον τοῦ θρόνου λέγοντες· ...

....val die vier en twintig ouderlinge neer voor Hom sittende op die troon, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hulle krone voor die troon neer en sê:...

Die identiteit van die ouderlinge in wit geklee en die simboliek van hulle trone en goue krone is in 5.4.2.2.4(i) en by die ontleding van Op. 4:4 in 6.3.1.2.2 reeds vasgestel. Ek vat dit hier kortliks saam: hulle is die simboliese verteenwoordigers van die totale ge-

heiligde volk van God van alle tye, bestaande uit al die oorwinnende, verlore aanbidders uit die ou sowel as die nuwe verbond; die vier en twintig kleiner trone om die troon sowel as die vier en twintig goue krone op die ouderlinge se koppe is gesagsimbole.

Dat die ouderlinge nou van hulle trone afklim en hulle krone in aanbidding neerwerp voor die Een op die troon vóórdat hulle met die antifoongedeelte van die tweede liedteks die lied voltooi, is 'n kragtige simboliese gestikulasie waardeur hulle toon dat God alleen soewereiniteit en volstreckte gesag besit. Die krone en trone is wel gesagsimbole en getuig van oorwinning, maar die afstanddoening daarvan voordat hulle Hom besing, is gepaste eerbiediging van die heilige, almagtige, *gravitas*-heerlike, aanbiddingswaardige, ewige God (die vyf goddelike attribute wat in die himniese taal van 4:8c en 4:9 deur die vier lewende wesens erkennend in dankbaarheid besing is).

Vir die interpretasie van die futurumvorm van die drie werkwoorde *πρροσκυνήσουσιν*, *προσκυνήσουσιν* en *βαλοῦσιν* wat op die voegwoord *ὅταν* volg, word verwys na die verklaring van 4:9(i). Vir die verklaring van *τῷ ζῶντι εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων* ([aanbidding van] *Hom wat tot in alle ewigheid lewe*) word terugverwys na die uitleg van die gelykluidende frase in 4:9(v).

▪ 4:11 Liturgiese sang: antifoon (tweede gedeelte van tweede liedteks)

ἄξιός εἰ, ὁ κύριος καὶ ὁ θεὸς ἡμῶν,
λαβεῖν τὴν δόξαν καὶ τὴν τιμὴν καὶ τὴν δύναμιν,
ὅτι σὺ ἔκτισας τὰ πάντα
καὶ διὰ τὸ θέλημά σου ἦσαν καὶ ἐκτίσθησαν

*U is waardig, Here ons God,
om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag,
omdat U alles (alle dinge) geskep het
en deur U wil het hulle begin om te bestaan en is hulle geskep*

(i) *Verklaring van woorde, begrippe en mikro-eenhede*

(i.i) 4:11(i) ἄξιός εἰ...λαβεῖν (waardig is U...om te ontvang)

Die vier en twintig ouderlinge se antifoon in antwoord op die aanvangstrofe van die lewende wesens begin met 'n woord wat klankmatig treffende ooreenkomms vertoon met die beginwoord van die wesens se eerste lied, die *Trisagion*. Die woordspeling tussen die twee Griekse woorde *ἅγιος* (4:8c) en *ἄξιός* (4:11(i)) – onderskeidelik as *hagios* en *aksios* uitgespreek – is sonder meer duidelik. Maar daar is meer as net 'n woordspelingsverband tussen die twee begrippe: uit die heiligheid (*ἅγιος*) van die Een op die troon vloei die besef by sy lofprysende aanbidders voort dat Hy werklik waardig (*ἄξιός*) is om geprys te word. Sy waardigheid word in die antifoon van die

ouderlinge emfaties as voldonge feit gestel deur die koppelwerkwoord $\epsilon\tilde{\iota}$ ($\leftarrow\epsilon\acute{\iota}\mu$; om te wees) wat in die tweede persoon enkelvoud praesens indikatief aktief opklink.²²⁵

$\acute{\alpha}\zeta\iota\omicron\varsigma$ se primêre betekenis word deur Foerster (1974:379) soos volg omskryf: “*Properly, ‘bringing up the other beam of the scales,’ ‘bringing into equilibrium,’ and therefore ‘equivalent.’*” Hy vervolg: “*The use of $\acute{\alpha}\zeta\iota\omicron\varsigma$ or $\acute{\alpha}\nu\acute{\alpha}\zeta\iota\omicron\varsigma$ shows that two distinct magnitudes are equal or equivalent; an act ‘deserves’ praise or punishment...*” Die konsep van meriete is ook later deur ontwikkeling van die woord-betekenis in die begrip ingesluit. Dit gee gepas weer wat behoorlik en nodig geag word: “*...pertaining to being fitting or proper in corresponding to what should be expected...* (Louw & Nida, 1988:628). In frases waar $\acute{\alpha}\zeta\iota\omicron\varsigma$ saam met ’n infinitief gebruik word, soos hier in 4:11 ($\lambda\alpha\beta\epsilon\tilde{\nu}$ is die aoristus infinitief van $\lambda\alpha\mu\beta\acute{\alpha}\nu\omega$), word die sfeer aangedui waarin daar korresponderende elemente is.

Wanneer dié betekenisomskrywing in verband gebring word met die gebruik van $\acute{\alpha}\zeta\iota\omicron\varsigma$ in die antifonale doksologie van die ouderlinge, is die korresponderende komponente die Here se deugde en daade aan die een kant, en die lof wat in ooreenstemming daarmee aan Hom verskuldig is aan die ander kant. Dit is vanselfsprekend dat die lof wat deur die ouderlinge aan Hom gebring word, nie sy aanbiddelike grootheid kan ewenaar nie, maar $\acute{\alpha}\zeta\iota\omicron\varsigma$ druk uit dat Hy op grond van sy attribute en sy daade wat in hulle doksologie so sterk meesing, alle lof en roem waardig is en daarom heerlijkheid, eer en krag/mag moet ontvang.

(i.ii) 4:11(ii) $\acute{o}\ \acute{\kappa}\acute{\upsilon}\rho\iota\omicron\varsigma\ \kappa\alpha\iota\ \acute{o}\ \theta\epsilon\acute{o}\varsigma\ \acute{\eta}\mu\acute{\omega}\nu$ (Here ons God)

Bostaande titel waarmee die ouderlinge die Een op die troon in hulle antifoön aanroep, moet gesien – gehóór – word in die kultuurhistoriese ontvangskonteks van die apokalips. Keiser Domitianus het homself $\acute{\kappa}\acute{\upsilon}\rho\iota\omicron\varsigma$ en $\theta\epsilon\acute{o}\varsigma$ laat noem deur sy onderdane in die keiserlike wêreldryk van die Romeinse imperium (Seal, 2008:346; Lohse, s.j.:55).²²⁶ Johannes hoor daarteenoor in sy opvoering deur die Gees eers die vier lewende wesens (4:8c) en nou ook die ouderlinge (4:11) in respektvolle onderdanigheid sing tot lof van die Een wat Here en God van hemel en aarde is – dus van die totale kosmos, insluitend al die gebiede wat oor die lengte- en breedtegrade van die destydse keiserryk strek. Hy, en nie die keiser nie, is waardig om die $\delta\acute{o}\zeta\alpha$, $\tau\iota\mu\acute{\eta}$ en $\acute{\delta}\acute{\upsilon}\nu\alpha\mu\iota\varsigma$ te ontvang.

²²⁵ Vergelyk ook in die liedtaal van 5:9b(i) en 5:12b(i) die werkwoord $\epsilon\acute{\iota}\mu$ in die praesens waardeur die absolute waardigheid van die Lam besing word om onderskeidelik die boekrol te neem en om verheerlik te word.

²²⁶ Domitianus het ’n omsendbrief gedikteer wat begin met die woorde: “*Dominus et deus noster hoc fieri iubet (Ons Here en ons God gebied dat dit gedoen moet word:...) – vgl. Smalley (2005:125).*”

(i.iii) 4:11(iii) τὴν δόξαν καὶ τὴν τιμὴν καὶ τὴν δύναμιν (heerlikheid, eer en krag)

In hierdie frase is die gebruik van die bepaalde lidwoord τὴν saam met al drie die selfstandige naamwoorde in die akkusatief-naamval opvallend. Dit dui op die totaliteit van elkeen van die attribute van God waarvan die ouderlinge sing (Hughes, 1990:76).

Die eerste twee van die drie lofprysingsaspekte in die ouderlinge se antifoon – δόξα en τιμή – kom ooreen met die eerste twee aspekte wat in die aanvangstrofe van die lewende wesens in 4:9 ook opgeneem is. Dieselfde karaktertekenende woorde om God te prys wat uit die monde van twee verskillende groepe singende troonfigurante kom, veroorsaak 'n welluidende antifoniese effek.

Waar die wesens εὐχαριστία as derde motief in hulle strofe inkorporeer, sluit die ouderlinge hulle trits egter anders af. Dit is nie maar net herhaling van dieselfde liedinhoud nie. Hulle sing daarvan dat hulle Here en God δύναμις (krag/mag) waardig is. Deur 'n diepte-onderzoek van die gebruik van die woord word dit duidelik dat δύναμις 'n baie belangrike plek in die antifoon inneem: dit trek die intrateks van die antifoon in 'n kragtige eenheid saam. Die woord is naamlik 'n singewende verbinding van die aanspreekvorm wat die ouderlinge vir God gebruik (ὁ κύριος καὶ ὁ θεὸς ἡμῶν; sien die uitleg van 4:11(ii) direk hierbo) en die res van hulle himne (ὅτι σὺ ἔκτισας τὰ πάντα //καὶ διὰ τὸ θέλημά σου ἦσαν καὶ ἐκτίσθησαν; sien die uitleg van 4:11(iv) direk hieronder).

δύναμις se betekenisdraagwydte word nou nader ontleed, terwyl die uitleg van δόξα en τιμή by die verklaring van 4:9(ii) en (iii) hierbo nagegaan kan word.

Woorde wat van die woordstam δύνα- afgelei is, het almal dié basiese betekenis: *om in staat te wees, om die vermoë te hê* (Engels: 'to be able,' 'to be capable of'; Grundmann, 1974:284). Die selfstandige naamwoord δύναμις is honderd vier en sestig keer die LXX se vertaalekwivalent van die Hebreeuse *gajil*, wat *krag, bevoegdheid* en/of *vermoë* beteken. Griekse en Hellenistiese religieuse refleksie insake die wêreld en sy misteries het mettertyd toenemend gelei tot die aanvaarding van δύναμις as 'n kosmiese beginsel, naderhand selfs as die absolute kosmiese beginsel. Daarin is die godsbegrip ontwikkel tot 'n universele panteïstiese krag, of in die filosofie van die wyses Plato en Aristoteles tot 'n transendente wese. Wanneer 'n mens jou van die Grieks-Hellenistiese wêreld tot dié van die Ou Testament wend – waarin die vroeëre fases van openbaringsgeskiedenis gegee is as die intertekstuele bronteks van die latere Nuwe Testament – word jy van 'n totaal ander godsdiens-

atmosfeer en Godsbegrip bewus. Die verskil tussen die twee wêreld van die Ou Testament en sy omliggende sekulêre wêreld word deur Grundmann (1974:290) so saamgevat:

In the place of neutral forces of nature we have the power and might of the personal God, which do not operate in terms of immanent law but which rather carry out the will of God according to His direction. This difference, based upon the conception of God, is plainly expressed in the concept of power.

Verder is die verskil tussen die besondere Godsopenbaring van die Ou Testament en die omringende wêreld se gefabriseerde gods-/godebeelde geleë in die verhouding waarin die [G]godheid tot die geskiedenis staan. In teenstelling met die God van die openbaring is die godheid/gode van die ander volkere natuurgode, terwyl die God wat Homself aan sy volk openbaar *contra* hulle gode die God van die *geskiedenis* is. In die oudste/eerste liturgiese lied in die Bybel is dit duidelik verwoord: “Jahwe, *u regterhand is verheerlik deur krag*” (Eks. 15:6a); “*U het deur u guns die volk gelei wat U verlos het; U het hulle deur u krag na u heilige woning gevoer*” (Eks. 15:13 – beide verse uit die 1933/’53- Afrikaanse vertaling aangehaal). Die beskouing van die krag van God kulmineer vir sy volk daarin dat hulle Hom uit die openbarings-geskiedenis ken as Skepper en Onderhouer – en hierby kan ook Regeerder en Herskepper gevoeg word. Die natuur of aardse werklikheid is vir sy volk die teater van die geskiedenis waarin die wil en krag van die Skepper alles bepaal. Grundmann (1974:293):

God as Creator and Preserver of the world creates and upholds it by His Word, which, as it is the instrument and expression of His will, is also instrument of His power. This form of the belief in the Creator established itself as the distinctive OT form in face of adaptations of primitive cosmogonic concepts...//...His power is not caprice; it is the expression of His will and is thus determined by the content of His will...

Hierdie uniekheid van die Ou-Testamentiese belydenis van God en die gepaardgaande konsep van sy krag as uitdrukking van sy wil, is naas die feit dat dit reeds in die heel eerste liturgiese lied van Eksodus 15 besing word, ook in verskeie ander doksologieë opgeneem, byvoorbeeld in 1 Kron. 29:10-12, 2 Kron. 20:6b en in baie van die liedere in die himniese skatboek van die Psalms (vgl. onder meer Psalms 21:13, 29:4, 59:16, 68:32 e.v.). Klem word in die Ou Testament verder ook op die eskatologiese ontwikkeling van die krag van God gelê. Die *Lied van die See* (Eks. 15:1-18) word afgesluit met die klimaktiese hoogtepunt van ’n eskatologiese motief waarvan die krag van God die grondslag is: “Jahwe *regeer tot in ewigheid!*” (Eks. 15:18). Behalwe vir die Psalms (soos Ps. 110:2 en Psalm 72) word eskatologiese motiewe op grond van die onoorwinlike krag van God onder meer ook in die profesieë van Jesaja en Esegïël geopenbaar (vgl. Jes. 2:19; 9:5-6; 40:10; 66:1-24; Eseg. 20:33). Dit is die eskatologiese openbaring van ’n nuwe bedeling, ’n nuwe

eksodus wat die krag van God in die geskiedenis konkreet gestalte gee – en ook omgekeerd: wat juis deur sy krag verwerklik word! Die konsep van die krag van God vind in die Nuwe Testament vervulling in die Christusgebeure. En tot in die laaste boek van die Bybel is die *δύναμις* van die God van die openbaringsgeskiedenis in die doksologieë ’n himne-konstituerende grondtoon.

Uit bostaande woordstudie is dit duidelik dat *δύναμις* nie terloops in die antifoon van die vier en twintig ouderlinge opklink nie. Dit roep die vroeëre gebeure in die globale metanarratief (vgl.5.3.1) van God se openbaringsdramatiek op: dit verklaar deur die teater van die eeue dat die krag van God die uitdrukking van sy wil is en dat dit deur die inhoud van sy wil bepaal word. Hy is *ὁ κύριος καὶ ὁ θεὸς ἡμῶν* (*Here ons God*), sing die ouderlinge in 4:11(ii), *omdat U alles geskep het en deur U wil bestaan dit en is dit geskep*, sluit hulle hulle doksologie in 4:11(iv) af. En die merkwaardige: die *δύναμις* van God is die kragtige bindmiddel wat die *frases* van die doksologie van die ouderlinge en die *fases* van God se openbaringsdramatiek van begin tot voleindiging saambind en saamhou. Die koraalrif (himnies gesproke) wat van Eksodus 15 tot in die apokalips deurloop, artikuleer oral die grondtoon van die onoorwinlike, alvermoënde, goddelike *gajil*→*δύναμις*.

(i.iv) 4:11(iv) *ὅτι σὺ ἔκτισας τὰ πάντα // καὶ διὰ τὸ θέλημά σου ἦσαν καὶ ἐκτίσθησαν*
(*omdat U alles geskep het // en deur U wil het hulle begin om te bestaan en is hulle geskep*)

In die eerste deel (*ὅτι σὺ ἔκτισας τὰ πάντα*) van die dubbelloop-eindfrase van die ouderlinge se antifoon bevestig hulle deur middel van die aoritus-tydvorm van die werkwoord *ἔκτισας* (←*κτίζω*; *om te skep*) die vasstaande feitelikheid daarvan dat God alles geskep het en die skeppingshandeling ook voltooi/afgehandel het. Wat eers nie daar was nie, is deur Hom ‘daar laat wees’ (in aansyn geroep). In die Nuwe Testament word die aktiwiteit *κτίζω* eksklusief vir God se skeppingsaktiwiteit gebruik.

Die invoeging van die tweede persoon manlike enkelvoudvorm van die persoonlike voornaamwoord *σὺ* (*U*) is hier opvallend. Die gebruik van ’n werkwoord in die tweede persoon enkelvoudvorm is in Grieks meestal voldoende aanduiding dat die aangesprokene die handelende is (vgl. byvoorbeeld *ἄξιός ἐστι* (*waardig is U*) in 4:11(i), die woorde waarmee die antifoon begin). Wanneer die persoonlike voornaamwoord nogtans ook nog ingevoeg word, vervul dit die funksie van aksentuering: dit vra noukeurige kennisname van *wie* die een is wat handel. Waarom die ouderlinge dit in hulle antifoon beklemtoon dat dit *σὺ* is wat alles geskep het, kan gedeeltelik uit hulle aanspreekvorm van die Een op die troon in 4:11(ii) verklaar word as dit soos volg

geparafraseer word in die lig van die uitleg tot hier: ‘Here ons God, *U* is God, en nie die keiser nie, omdat dit *U* is wat alle dinge geskep het’ (vgl. (i.ii) hierbo). In die tweede plek kan die insluiting van *σὺ* in die antifoön van die ouderlinge gedeeltelik ook uit hulle gebruik van die woord *δύναμις* in 4:11(iii) verklaar word: ‘*U* is die Een wat die vermoë het om te kon skep, omdat *U u* wil daarin tot uitdrukking wou bring en deur *u* krag *u* wil in die teater van die geskiedenis verder ten tonele wil voer’ (vgl. (i.iii) hierbo).

In die tweede deel (*καὶ διὰ τὸ θέλημά σου ἦσαν καὶ ἐκτίσθησαν*) van die antifoön se eindfrase is daar twee opvallende aspekte wat beide in besonderhede ontleed moet word. Die eerste is die problematiek met betrekking tot die vertaling van die woorde *διὰ τὸ θέλημά*, terwyl die tweede aspek die verskil is tussen die verledetydsvorme van die twee gebruikte werkwoorde *ἦσαν* en *ἐκτίσθησαν*. Omdat die tweede aspek die interpretasie van die eerste in ’n mate bepaal, gee ek eers aandag aan die verskillende verledetydsvorme van die werkwoorde, om dan mede op sterkte daarvan die woorde *deur u wil* te vertolk.

Wanneer die tye van die *drie* werkwoorde in die tweeledige eindfrase van die lied nagegaan word, is dit duidelik dat die eerste werkwoord – *ἐκτίσας* (←*κτίζω*) in die eerste deel van die eindfrase – sowel as die derde – *ἐκτίσθησαν* (←*κτίζω*) aan die einde van die tweede deel van die eindfrase – albei die aoristus-vorme is wat verwys na die feit dat God geskape het (vgl. die opmerking hierbo oor beklemtoning van die feitlike deur die aoristus).²²⁷ Die middelste van die drie werkwoorde – *ἦσαν* (←*εἶμι*; *om te wees/bestaan*), die eerste in die tweede deel van die eindfrase – is egter in die imperfektum vervoeg. Hoe moet die onreëlmatige stelwyse verstaan word? Die verskynsel kan moontlik beskou word as ’n neweskikkende stelling van die werkwoorde waardeur die effek van ’n hendiadis bereik word: beklemtoning daarvan dat God die universele Skepper is (Caird, 1966:80, dink in hierdie rigting). ’n Ander moontlike verklaring is dat *ἦσαν* in die imperfektum wil aandui dat alles eers in die ewige gedagte en wil van God bestaan het en dat die funksie van *ἐκτίσθησαν* in die aoristus is om tot uitdrukking te bring dat alles toe op ’n bepaalde tyd – deur sy wil – in aansyn gebring is (Mounce, 1979:127). ’n Derde moontlike verklaring is dat *ἦσαν* in die imperfektum verwys na die voortgaande onderhouding van die skepping en die aoristus *ἐκτίσθησαν* dan na die skeppingsdaad aan die begin (vgl. Smalley, 2005:125, se afwysing van hierdie derde moontlikheid). Kombinasie van die drie moontlikhede bied myns insiens die beste verklaring. Dit sluit aan by die uitleg van die begrip

²²⁷ Die verskil tussen *ἐκτίσας* en *ἐκτίσθησαν* is nie ’n tydverskil nie, maar is die verskil tussen die bedrywende en lydende vorm van dieselfde werkwoord *κτίζω* (*om te skep*). Die skeppingsdaad van God word in die eerste in die aktiewe vorm van die werkwoord gestel, terwyl *ἐκτίσθησαν* in passiewe vorm stel dat alle dinge deur God gemaak is.

δύναμις in 4:11(iii) hierbo, waaruit dit duidelik word dat God se krag die uitdrukking van sy wil is en dat die kragtige skeppingsdaad eskatologiese voortgang impliseer. Die oorsprong van alles is in God. Uit sy Wese vloei sy wil voort. Sy wil vind weer vergestaltung in die kragdaad van die skepping van alle dinge en in die onderhouding van alles in die geskiedenis. En sy skeppingsdoel is om in die geskiedenis sy wil te openbaar. Daarmee is die eerste moontlike verklaring ook verantwoordbaar en kan die konklusie nou bereik word: in die werkwoordvorme van die slotfrase van hulle lied beklemtoon die ouderlinge dat God die universele Ontwerper, Skepper, Onderhouer en Eskatos van alle dinge is.

Wat die tweede belangrike aspek betref, die verklaring van die woorde in die seldsame Griekse konstruksie *διὰ τὸ θέλημα σου* (*deur u wil [het alle dinge begin bestaan, 'aan die bestaan geraak', en is hulle geskep]*), is dit nodig om daarop te wys dat hier twee moontlike verklarings van die woorde *διὰ τὸ θέλημα σου* kan wees. Dit kan of vertaal word met *vanweë u wil*, of *ter wille van u wil* (Beasley-Murray, 1974:119; Smalley, 2005:125). In dié twee verskillende vertalings van *διὰ τὸ θέλημα σου* is God se wil dus òf die oorsaak van die skeppingsdaad, òf die doel van die skepping van alle dinge. Ek kom deur die diepte-ondersoek tot die gevolgtrekking dat daar ook hier nie 'n keuse gemaak moet word nie. Albei gedagtes lê in die woorde opgesluit. Uit die ontleding van *δύναμις* hierbo in (i.iv) en die beredenering direk hierbo van die verskil in die verskillende verledetydsvorme van die werkwoorde in die laaste deel van die slotfrase, motiveer ek my gevolgtrekking soos volg:

- Die 'nie-natuurkragtlike' maar persoonlike God het sy kragtige skeppingsdaad uitgevoer om uitdrukking aan sy wil te gee, want sy wil bepaal sy kragopenbaring en is in daardie sin die oorsaak van sy kragopenbaring in die skepping van alle dinge. Hy het *vanweë* sy wil geskep.
- God se skeppingsdaad is nie 'n uitvloeisel van giere en grille ('*caprice*') nie; Hy het deur sy Woord geskep – die Woord wat tegelyk uitdrukking van sy wil en die instrument van sy krag is.
- In die metanarratief van God se openbaring word sy wil verder deur sy krag verwesenlik: die geskiedenis is ná die skeppingsdaad die teater waarin sy openbaringsdramatiek in die onderhouding van die skepping en in die eksodus en nuwe eksodus van sy volk weerspieël word. Dit is kragopenbaring *volgens* sy wil en *ter wille van* sy wil. Dit is die doel waarvoor Hy alles geskep het en waarom alles bestaan.

Die implikasie van hierdie konklusie – soos gemotiveer – is dat God sy goddelike wil wat uit sy Wese voortkom, konkreet realiseer in kragtige openbaringsdade in die geskiedenis en dit volhou tot met die voleindiging van alle dinge.

(ii) *Generiese manifestasie van doksologie in die tweede liedteks (4:9,11)*

Die generiese manifestasie van doksologie in die tweede liedteks (4:9,11) word nou volgens die verskillende vorme en style van doksologie wat vroeër in 6.2 onderskei en bespreek is, geïdentifiseer. Dit geskied op sterkte van die detailverklaring van die antifonale lied hierbo. Wat is die doksologiese eieaard van die liedteks wat die opgevoerde fokalisator tweede in sy troonvisioen mag hoor en rapporteer?

In die aanvangstrofe van die antifonale liedteks prys die lewende wesens die Een wat op die troon sit deur twee attribute van Hom te besing. Hulle sing van sy *δόξα* en sy *τιμή*, met ander woorde onderskeidelik daarvan dat Hy *gravitas*-heerlikheid besit en dat Hy aanbiddingswaardig is (laasgenoemde is sy ‘waardevolle werdwees’ of ‘worth-ship’). Daarmee erken en bevestig hulle sy deugde. Die lofstyl is dus beskrywend. As derde motief in die eerste strofe van die antifonale lied het *εὐχαριστία* (*danksegging*) ’n ander funksie as blote akklamasie: nie net ’n bevestiging van sy deugde en dankbaarheid daarvoor nie, maar implisiet ook reeds danksegging vir die openbaring van sy mag in kragtige dade. Weliswaar word geen verwysing na sy dade al in die eerste strofe van die antifonale lied opgeneem nie, maar die ondertoon wat in die derde begrip raak gehoor kan word, is reeds ’n antisiperende respons op sy handelinge op grond van sy Wese. Die lewende wesens sluit daarmee ook aan by hulle benoeming in hulle eerste lied van die Here God as *ὁ παντοκράτωρ* (*die Almagtige*). Die botoon van die aanvangstrofe van die lied is egter steeds die sterk polsslae van die lewende God se Karakter en Wese.

Wanneer oor die ‘brug’ van *εὐχαριστία* na die antifoön van die tweede liedteks beweeg word, tref dit dat die ouderlinge ook attribute van *κύριος* en *θεός* besing. In direkte respons op die aanvangstrofe deur die lewende wesens weerklink sy heerlikheid en eer ook in hulle (antifoniese) strofe op. Die wesens het heerlikheid en eer aan Hom *toebring*. Die ouderlinge verklaar nou dat Hy *waardig* is om juis heerlikheid en eer te ontvang. In hulle antifoön is daar ook beskrywende lof, maar die heerlikheid- en eer-attribute word in sy magtige dade as die uitvloeisel en gestaltegewing van sy wil in *berichtendes Lob* (verhalende lof) begrond. Uit sy besonge deugde tree sy dade aan die lig. En ook andersom: sy dade is vir die ouderlinge die motivering om sy deugde te besing.

Konklusie in verband met generiese manifestasie in die tweede liedteks (4:9,11):

Die tweede lied (die eerste selfstandige antifonale lied) wat Johannes in sy waarneming van die hemelse liturgie hoor, is in sy wese primêr *liries*, waarin God om sy *gravitas*-heerlikheid, sy waardevolle werdwees (*'worth-ship'*) en sy onvoorstelbare ewigheid geloof word. Dit word in die antifoon begrond in die *dramatiek* van sy Selfopenbaring, en ten duidelikste in sy kragtige skeppingsdaad en onderhouding van alle dinge as die uitdrukking van sy wil. Die antifonale lied is dus *liries*, maar met duidelike begronding in die *epiese*. In geheel gesien is die eerste antifonale lied *liries-epies*, maar as dit vanuit die sterk motivering van die liriese deur die epiese in die slotfrase benader word, is die karakter van die doksologie ook *epies-liries*. Hierdie generiese manifestasie van doksologie in die tweede liedteks funksioneer retories *epideikties* – om die deugde van die aanbiddingswaardige God met *akklamasie* te bevestig – op grond van *paradeigmata* – om die kragtige daade van die handelende God te *proklameer* (ter bemoediging en aanmoediging van die ontvangers van die apokalips om te volhard in dit wat hulle reeds het).

6.3.1.2.4 *Drama van die verseëelde boekrol – 5:1-5*

- 5:1(i)
Καὶ ἐῖδον...
En ek het gesien...

In die visie op die troon wat die opgevoerde fokalisator ontvang en in Openbaring 4 en 5 vertellend weergee, is twee gedeeltes deur die outeur tussen die twee liedperikope ingevoeg. Die eerste is die drama van die verseëelde boekrol (5:1-5). Die tweede is 'n voorkomsbeskrywing van die Lam wat geslag is, geteken waar Hy in die sentrum van die troon en die lewende wesens staan, tussen die troon en die ouderlinge (5:6). Hy maak in die tweede gedeelte ook melding van 'n handeling deur die Lam wat sal blyk die sleutel te wees vir die oopsluit van die apokalips in sy geheel en in 'n bepaalde sin ook van die metanarratief van God se openbaringsdramatiek (5:7).

Ek noem die eerste gedeelte tussen die twee liedperikope die *drama van die verseëelde boekrol*, omdat die gebeure wat in hierdie perikoop verhaal word, 'n *kernel* (kerngebeurtenis) in die apokalips verteenwoordig. By die eksegetiese ontleding aan die begin van die troonvisioen het ek opgemerk dat die eerste woorde van 4:1a(i) – *μετὰ ταῦτα εἶδον* (*ná hierdie dinge het ek gesien*) – 'n nuwe en volgende faset van die apokalips van Jesus Christus inlei. Dit is woorde in die lig waarvan die hele tweede segmentele narratief van Openbaring (4:1-11:19) en selfs ook die derde segment (12:1-22:21) gelees en vertolk moet word, en verseker daarom ook besonderlik Openbaring 5.

Paul Achtemeier (1986:283) stel dat die apokalips se klimaktiese ontknoping relatief aan sy begin is, naamlik hier in Openbaring 5, met 'n tweede klimaks aan die begin van Openbaring 21 – die sien van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, die nuwe Jerusalem (21:1-2). Hy tipeer die belangrike plek wat Openbaring 5 in die geheelopset van die apokalips inneem, soos volg (in sy samehang met die finale ontknoping van die boek):

There (= 21:1) we find the new heaven and the new earth, whose birthing process was announced in chapter 5, but whose completion we do not see until those last chapters. Yet the heart of what the seer wants to announce is found here in chapter 5. (Achtemeier, 1986:283.)

Wat die aanskouer van die troon gesien het, staan bo alle twyfel vas. *εἶδον* (← *ὁράω*) is weer eens – soos in 4:1 by sy eerste blik op die hemelse tafereel – deur hom in die aoristus gestel. Die woorde *ek het gesien* in dié verledetydsvorm van die werkwoord vertel en geskryf, gee uitdrukking aan die feitelikheid van sy sien en die gevolglike geloofwaardigheid daarvan (vgl. ook by 6.3.1.2.1 die verklaring van dieselfde werkwoord en -vorm waar dit in 4:1a(i) voorkom).

Wat is dan nou die verdere dramatiese en ‘aoristus-geloofwaardige’ troonvisie van die hemelinkykende verteller?

▪ 5:1(ii)

...ἐπὶ τὴν δεξιὰν τοῦ καθημένου ἐπὶ τοῦ θρόνου...
.....in die regterhand van Hom wat op die troon sit...

Waar Johannes in 4:1 vertel dat hy 'n troon in die hemel sien met Een wat sittende daarop is, sê hy in 5:1 nou dat hy iets in die regterhand sien van die Een *καθημένον* (← *κάθηναι*; genitief partisipium praesens: *om te sit*) op die troon. Hy stel dit inderwaarheid ietwat anders: *op regs / die regterkant*. *ἐπὶ τὴν δεξιὰν* word deur Edmondo Lupieri (2006:137) verklaar: “As in 1:20, ‘upon the right’ means ‘in the right hand’.” In die antieke wêreld, sowel die Joodse as die sekulêre, is baie gemaak van die belangrikheid en dominansie van die regterhand. Dit is die hand van heersersmag en daadkrag (Groenewald, 1986:81), asook die hand van geregtigheid en redding (Achtemeier, 1986:283-284). Die Een soos die Seun van die mens verklaar in 1:20 dat Hy die sewe sterre en die sewe goue lampe in sy regterhand het. Dit versinnebeeld sy totale beheer en kontrole oor die sewe gemeentes met hulle leraars. Waar die regterhand van die Een op die troon nou hier ter sprake kom, is dit uitdrukking van “...a particularly close relationship between the scroll and the one who holds it in his hand” (Lupieri, 2006:138). Dié besondere detail word ook in 5:7 deur Johannes genoem (sien verdere uitleg daar).

▪ 5:1(iii)

...βιβλίον γεγραμμένον ἔσωθεν καὶ ὀπισθεν κατεσφραγισμένον σφραγῖσιν ἐπτά
n boekrol, voor en agter [vol] geskryf, verseël met sewe seëls

In die regterhand van die Een sittende op die troon is 'n βιβλίον. Die woord kan hier die beste met *boekrol* vertaal word, alhoewel die Griekse term ook met *boek* weergegee kan word.²²⁸ Die voorkeur vir die vertaling van die woord met *boekrol* kan gemotiveer word uit wat die visioenêr verder in verband met die βιβλίον waarneem: dit is ἔσωθεν (binne, aan die *binnekant*) en ὀπισθεν (buite, op die *buitekant*) beskryf. Dit roep die beeld op van 'n boekrol waarvan die binnekant die 'voorkant' is as dit oopgerol is en die ander kant dan die 'agterkant' daarvan is. Die belangrikste ander voorbeeld van so 'n alkantbeskrewe boekrol in die Bybel is te vind in die roepingsvisioen van die profeet Esegïel (Eseg. 2:9-10). Johannes neem in sy visioen net die agterkant/buitekant van die toegerolde boekrol waar, maar dit is vanselfsprekend dat hy veronderstel dat die binnekant ook vol geskryf is (Michaels, 1997:94) – dit is waarom dit verseël is; 'n rol met 'n blanko binnekant en beskrewe buitkant word nie verseël nie.

Dit is verder belangrik om daarop te let dat γεγραμμένον (←γράφω; *om te skryf*) 'n passiewe deelwoord in die perfektum-verledetydsvorm is. Die tydvorm onderstreep dat die rol vol geskryf is en dat wat geskryf is, nog steeds geskryf staan en dat die gevolge van die skryfhandeling dus steeds in die visioen van krag is en nawerk. Toe Johannes dit in die regterhand van die Een sittende op die troon waarneem, is die betekenis en inhoud daarvan nog nie bekend nie, want hy maak melding daarvan dat die rol met sewe seëls verseël is (κατεσφραγισμένον←κατασφραγίζω; *om te verseël*; hier in die passiewe deelwoordvorm). Die gevolg van die verseëling (dat dit nog geslote is) is effektief deur die gebruik van 'n tweede passiewe deelwoord, juis ook in die perfektum-verledetydsvorm, tot uitdrukking gebring.

Wat is die betekenis en inhoud van die boekrol in die troonvisioen?

Verskillende verklarings word gegee van wat die betekenis en inhoud van die verseëelde boekrol moontlik mag wees. Judith Kovacks en Christopher Rowland (2004:70-71) bied 'n goeie oorsig oor interpretasies wat met die verloop van tyd deur verskillende teoloë gemaak is. Victorinus van Pettau, 'n biskop wat geleef het in die tweede eeu n.C. en die eerste was om kommentare op verskillende Bybelboeke in Latyn te skryf,²²⁹ het die verseëelde boekrol geïnterpreteer as die Ou Testament. Die opening van die seëls is dan

²²⁸ Vergelyk byvoorbeeld die 1933/'53-vertaling in Afrikaans en die Duitse *Die Bibel oder die ganze Heilige Schrift* se weergawe van 5:1, asook die 1983-vertaling wat in volgende verse – 5:2-5 en 7-8 – die woord ook met *boek* weergee, terwyl die Engelse *New International Version* βιβλίον deurgaans met *scroll* vertaal. Verderaan in hierdie studie gebruik ek die woorde *boekrol* en *boek* uitruilbaar om na βιβλίον te verwys.

²²⁹ Victorinus se Openbaring-kommentaar is die enigste van sy kommentare wat behoue gebly het.

die openbaarmaking deur Jesus Christus se dood en opstanding van die ware inhoud van die geskrif. Heinrich Bullinger, die opvolger van Zwingli, het in Zürich tydens die Reformasie van die sestiende eeu verklaar dat die verseëlde boek al God se raadsbesluite bevat – dit is al sy beslissinge, werke en oordele – en dat dit verseël is omdat historiese gebeure verberg is vir die wêreld. Die inhoud bevat volgens hom ook die bestemming van die kerk, wat deur hom 'n 'soet misterie' genoem word. Charles Wesley en Newton identifiseer albei die boekrol met die boek waarvan daar in Dan. 12:4 sprake is, die geskrif wat deel uitmaak van die apokaliptiese vergesig wat aan Daniël geopenbaar word.²³⁰ Beasley-Murray (1974:120) interpreteer die verseëlde boekrol as een of ander vorm van 'n wettige dokument, 'n dubbelbeskrewe kontrak of testament waarin die bestemming van die geskiedenis opgeteken is.

Deur oorweging van bogenoemde en ook van nie-genoemde²³¹ verskillende interpretasies beskou ek die betekenis en inhoud van die verseëlde boekrol wat Johannes waarneem as die regsgeldige testamentêre dokument van die Een op die troon, waarin Hy sy heilige wil in die volle omvang van sy raadsbesluite by wyse van spreke 'opgeteken' het. Die omvang van sy raadsbesluite sluit nie net die toekoms in nie, maar ook die verlede en die hede (Witherington, 2003:120).²³² Wat gebeur in die vervulling van die goddelike doel in die teater van die geskiedenis is hier die belangrike, en nie die bepaalde tydstip waarop dit plaasvind nie. Dit gaan daarom dat God se bedoeling met die skepping realiseer, en nie *wanneer* dit gebeur nie.

Dat die boekrol in die stadium in die apokaliptiese narratief toe dit waargeneem is, nog verseël is, word uitgedruk met die perfektum-verledetydsvorm (sien hierbo). Dit skep spanning, omdat die boekrol verseël is en die inhoud gevolglik nie bekend is nie – die verseëling duur nog voort. Hierdie nog-durende verseëling gee aanleiding tot die vraag van die sterk engel in die volgende vers. Die dramatiese wat daaruit voortspruit, verhoog eers die spanning, maar bring daarna ook die klimaktiese ontknoping (sien weer by 5:1(i) die opmerkings in verband met die ontknoping).

▪ 5:2

καὶ εἶδον ἄγγελον ἰσχυρὸν κηρύσσοντα ἐν φωνῇ μεγάλῃ· τίς ἄξιος ἀνοῖξαι τὸ βιβλίον καὶ λῦσαι τὰς σφραγίδας αὐτοῦ;

²³⁰ Dan 12:4: “En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die eindtyd toe. Baie mense sal oor die gebeurtenisse navraag doen om begrip daarvan te probeer kry.”

²³¹ Vir nog 'n sestal verdere interpretasies – sommige gedeeltelik oorvleuelend met die vertolkings wat genoem is – kan Osborne (2004:248-249) en Ladd (1972:79-81) se opsommings daarvan geraadpleeg word.

²³² Dit is die betekenis wat ook deur Totius (J.D. du Toit; 1939) aan die boekrol geheg word: “...die boek van toekoms en verlede // en van wat word...” (Die lied van die Lam; Skrifberyming 5-3:1).

En ek het 'n sterk engel gesien wat met 'n harde stem uitroep: Wie is waardig om die boek oop te maak en/deur die seëls daarvan te breek?

Die verteller beklemtoon weer dat hy geloofwaardig is in wat hy vertel. Hy doen dit deur weer eens in die aoristus – *καὶ ἐῴον* – te verklaar dat hy nog verder gesien het. Dit is dus 'n herbeklemtoning van die geloofwaardige agtergrond waarteen al die dramatiese gebeure van sy sien gesien (vertolk) moet word.

Deur die harde uitroep van 'n sterk engel in die praesens deelwoordvorm van die werkwoord uit te druk (*κηρύσσοντα* ← *κηρύσσω*; om openlik aan te kondig / uit te roep), plaas hy die spanningsvolle drama wat in die die perfekta van 5:1(iii) hierbo reeds 'dreig', nou direk op die voorgrond. Wie is *ἄξιος* (waardig; vgl. die woordbetekenis by die uitleg van die woord in die antifoon van die ouderlinge in 4:11) om die boek te open (*ἀνοῖξαι* ← *ἀνοίγω*; aoristus infinitief: om te open)?

Die vraag kan gevra word: Waarom is dit nodig om die boekrol oop te maak? En die logiese antwoord kan gegee word: Sekerlik om die inhoud daarvan te kan weet – anders is die boek in die verhaal 'n oorbodige gegewe en is daar met geen bepaalde oogmerk spanning deur die sterk engel se vraag opgewek nie. Maar dit gaan tog nie in die eerste plek om kennisname van die inhoud van die boekrol nie (wat hierbo by 5:1(iii) vasgestel is as die regsgeldige testamentêre dokument van die Een op die troon, waarin Hy sy heilige wil in die volle omvang van sy raadsbesluite opgeteken het). Dit gaan om die bereiking van die Een wat op die troon sit se doel met die skepping (König, 2009:184-185). Daarom moet iemand gevind word om die boek te kan *ἀνοῖξαι* (oopmaak). Die nadruk val daarop dat die inhoud van die regsgeldige dokument van God *uitgevoer* moet word, en nie dat net daarvan kennis geneem word en dit geweet en 'verstaan' word nie. Wie *ἄξιος* (waardig) is om dit te open, moet outoriteit besit om dit te doen; dit is meer as die vermoë of krag ('virtue') om die oopmaak daarvan te vermag (Osborne, 2004:251).

Die vraag van die sterk engel (*Wie is waardig om die boek oop te maak en/deur die seëls daarvan te breek?*) vervul 'n besondere retoriese funksie in die drama van die verseëelde boekrol. David Aune (1997:331-332) wys daarop dat die verband wat die vraag in 5:2 met die aanvangstrofe (5:9b-10) van die tweede antifonale lied (5:9b-10,12b,13b) het, verreken moet word. Volgens hom funksioneer die luide vraag van die engel as die openingsgedeelte van die himne, die lied wat hy meen in 5:9b-10 sy afsluiting vind. Nieteenstaande die feit dat sy indeling van die liedere in Openbaring 5 verskil van my afbakening,²³³ is sy interpretatiewe aantekeninge oor die verband tussen die vraag van 5:2 en die liedtaal van 5:9b-10 tog – veral ook vanuit 'n himnologiese gesigspunt gesien –

²³³ Vergelyk vir my afbakening van die liedtekste weer die sinopsis in 6.1.2.4 en die struktuurontleding van Openbaring 4 en 5 in 6.3.1.1, asook verder die behandeling van die tweede antifonale liedteks hieronder in 6.3.1.2.6.

insiggewend en belangrik. Hy stel dat 'n probleemstelling (*ἀπορία*) aan die begin van 'n himne 'n lang tradisie in Griekse himnodie het. In himniese konteks is die *aporia* uitgedruk as 'n 'declarative question' wat met *hoe* of *wie* begin, byvoorbeeld: *Hoe moet/sal geprys word?*; *Wie moet geprys word?* Dit het die funksie van 'n retoriese vraag. In 5:2 is dit die *wie*-vraag wat deur die sterk engel gestel word. Dit is dus 'n vraag na die identiteit van die Een wat geprys moet word. “*The aporia is followed by a prose amplificatio (οὐξήσις) of the problem in vv3-4 intended to heighten the suspense and emphasize the unique role and identity of the person in question.*” (Aune, 1997:331.) Of die vraag as deel van die himne beskou word (Aune) of nie (JPB), die retoriese effek wat deur die stel van die vraag bereik word, is dieselfde: groot nadruk val op die identiteit van die Een wat in staat mag wees om die boekrol te ontseël.

Teen die agtergrond van die spanning wat in die perfekta *γεγραμμένον* en *κατεσφραγισμένον* in 5:1(iii) opgesluit is (die uitwerking van dit wat steeds geskrywe staan en die verseëling wat ook steeds van krag is), en die wyse waarop dit verhoog word deur middel van die vraag in 5:2 en die verlenging van die dilemma in die konsekwensie van die krisis wat in 5:3-4 uitgespel word, word die krisissvolle spanning sterk op die voorgrond geplaas. Die vraag van die engel in die teenwoordige deelwoordvorm *κηρύσσοντα* hier in 5:2 (wie is *ἄξιος* om dit te open deur die seëls te breek), roep om dringende beantwoording. Maar die beantwoording bly nog eers uit. En die spanning word ondraaglik intens (5:3).

▪ 5:3

καὶ οὐδεὶς ἐδύνατο ἐν τῷ οὐρανῷ οὐδὲ ἐπὶ τῆς γῆς οὐδὲ ὑποκάτω τῆς γῆς ἀνοῖξαι τὸ βιβλίον οὔτε βλέπειν αὐτό

En/maar niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde kon / was in staat om die boekrol te open en daarin te kyk nie

Die volle omvang van die krisis wat deur die perfekta *γεγραμμένον* en *κατεσφραγισμένον* in 5:1(iii) geïmpliseer is en daarna deur die sterk engel se luide vraag in die praesens-deelwoordvorm van 5:2 dramaties ingelei en ingelui is, word uitgespel in die mededeling van die outeur in die woorde wat hierbo aangehaal word (5:3). Die ondraaglike intensiteit van die spanning word selfs nou verder geïntensiveer en word as't ware as onoplosbaar voorgestel. Die woorde *ἐν τῷ οὐρανῷ οὐδὲ ἐπὶ τῆς γῆς οὐδὲ ὑποκάτω τῆς γῆς* (in die hemel of op die aarde of onder die aarde) waar daar niemand gevind kan word wat die outoriteit het om die verseëelde boekrol oop te maak en die inhoud daarvan uit te voer nie, sinspeel op die universele karakter van die krisis. Dié drievoudige verdeling in die totale geskape werklikheid tussen die hemel, die aarde en die onderaardse kom meermale in die Bybel voor. Daar kan na die Sinai-wetgewing van Eksodus 20 verwys word – na vers 4 en ook na vers 11 waar die see in die plek van die onderaardse genoem word – asook

byvoorbeeld na Job 11:8-9 en na die bekende Nuwe-Testamentiese Christus-himne (Fil. 2:5-11, spesifiek vers 10 se eskatologiese uitgryp na die voleindiging van die koninkryk; Aune, 1997:348). Die driedeling is nie 'n aanduiding van drie verskillende groepe wesens of drie lewensterreine nie, maar dui die universum in sy wydstrekkende, byna onbegrensde totaliteit aan. Nêrens is daar iemand wat *ἐδύνατο* is (←*δύναμαι*; derde persoon enkelvoud indikatief aktief imperfektum: *om in staat te wees*) om die boek te open (*ἀνοῖζει*←*ἀνοίγω*; aoristus infinitief: *om te open*) en daarin te kyk nie (*βλέπειν*←*βλέπω*; praesens infinitief: *om te kyk*). Die toestand wat deur middel van die imperfektum en die infinitiewe in die aoristus en die praesens geskets word, is dié van 'n omvattende spanningsvolle realiteit wat onafwendbaar skyn te wees.

Die krisis kan nie verder verdiep nie. Die situasie is ontstellend en – gesien vanuit die tydruimtelike – onomkeerbaar fataal. Dit is om van te huil (5:4).

▪ 5:4

καὶ ἔκλαιον πολὺ, ὅτι οὐδεὶς ἄξιος εὗρέθη ἀνοῖζει τὸ βιβλίον οὔτε βλέπειν αὐτό
En ek het baie gehuil omdat daar niemand waardig gevind is om die boek oop te maak en te lees of daarin te kyk nie

Die vertellende fokalisator sê dat hy baie gehuil het by die bewuswording van die universele krisis. In werklikheid sê hy dat hy aanhoudend gehuil het, want *ἔκλαιον* (←*κλαίω*; *om te huil*) is in die durende modus van die imperfektum gestel. As die boek nie geopen kan word nie, sal die geskiedenis volgens die vaste bestek van die bedoeling wat God met al die geskapene het, nie sy gestelde doel kan bereik nie.

Is daar werklik niemand êrens gevind (*εὗρέθη*←*εὕρισκω*; aoristus passief: *om te vind*) wat *ἄξιος* (*waardig*) is om die boek te open en daarin te kyk nie? Sy trane bevestig die erns en onafwendbaarheid van die omvangryke krisis. Hy staan traanblind by die inkykpunt in die hemel.

▪ 5:5

καὶ εἷς ἐκ τῶν πρεσβυτέρων λέγει μοι· μὴ κλαῖε, ἰδοὺ ἐνίκησεν ὁ λέων ὁ ἐκ τῆς φυλῆς Ἰούδα, ἡ ρίζα Δαβὶδ, ἀνοῖζει τὸ βιβλίον καὶ τὰς ἑπτὰ σφραγίδας αὐτοῦ

Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie huil nie! Kyk, Hy het oorwin, die Leeu uit die stam van Juda, die wortel van Dawid, Hy is in staat om die boek oop te maak en die sewe seëls daarvan te breek

Met die duidelike bevelskonstruksie van een van die ouderlinge om nie te huil nie, *μὴ κλαῖε* (←*κλαίω*; praesens imperatief), word dit duidelik dat dit genadiglik nie nodig is om die krisis af te wend nie, want die dilemma is alreeds die hoof gebied. Die ontstellende problematiek van die benarde toestand is in 'n konkrete gebeurtenis opgelos.

Die ouderling het aangrypende en deurslaggewende inligting om mee te deel, 'n feit waarmee hy die bedroefde verteller tot bedaring kan bring. Daarom is hy so ferm. Hy stel die onomstootlike, geloofwaardige feitelikheid van die deurslaggewende en krisisneutraliserende gebeurtenis: daar is Iemand wat oorwin het (*ἐνίκησεν*←*νικάω*; derde persoon enkelvoud aoristus indikatief aktief: *om te oorwin*).

Dit is opvallend dat die sin waarin meegedeel word dat Iemand oorwin het, nie 'n behandelde objek (akkusatief) bevat nie. Wie/wat is oorwin? Die ouderling wat die huilende verteller kalmerend – dog ferm – aanspreek, sê nie wie of wat oorwin is nie. Die weglating van 'n/die oorwonne/oorwinde objek is 'n effektiewe manier om die aandag met nadruk op die oorwinning self te rig. Dit sê: die oorwinning is onbeperk, totaal, volstrek en absoluut. Die feit van oorwinning staan dus voorop. In die konteks van die apokalips is dit wel duidelik dat dit gaan oor die Protagonis wat die antagonistiese Bose *cum suis* beslissend oorwin het (vgl. die vorige hoofstuk, Hoofstuk 5, se makrostrukturele analise van Openbaring). Maar hier in Op. 5:5 val die lig nie op wie die onderspit gedelf het nie; dié word selfs nie eers genoem nie. Die konkrete, historiese feit dat die drama van die verseëelde boekrol opgelos is, is die saakmakende. Die boekrol is geopen, sy seëls is gebreek. Die vermelding deur die ouderling dat 'n volstreckte oorwinning behaal is, is hier in die dramatiese narratief van die apokalips – gesien ten opsigte van die meta-narratief van God se openbaringsdramatiek – 'n analeptiese verwysing (daarom die aoristis-vorm *ἐνίκησεν* hier). Tog is die oorwinning deur die ontseëling van die regsgeldige testamentêre dokument²³⁴ van die Een op die troon in die dramatiese narratief van die apokalips 'n proleptiese verwysing na wat nog gaan volg tot aan die einde van die eerste visioenspiraal in die tweede segment, naamlik in 6:1-8:1 direk ná die eerste twee hoofstukke van die troongesig. By die fronton en portiek van hemelse liturgie kan dus vanuit die vasstaande feit van die beslissende oorwinning reeds prolepties gekyk word na die ontseëling waarin die oorwinning verwerklik word. Wat 'n gunstige waarnemings-koördinaat!

Omdat die allesomvattende en die absolute volstrektheid van die oorwinning in die sinskonstruksie van 5:5 deur die afwesigheid van 'n oorwinde objek juis sentraal geplaas is, kom die Subjek van die oorwinning by implikasie natuurlik ook hier in volle fokuslig te staan. Die *aporia* wat by wyse van 'n deklaratiewe retoriese vraag deur die sterk engel in 5:2 aan die orde gestel is, het die Subjek al na die sentrum van die aandag begin skuif. Wie is Hy wat dan nou waardig is om die boek te open deur sy seëls te breek? Die ouderling wat op hierdie vraag van die engel antwoord, beskryf Hom met die ryk-gekodeerde metaforiese betekenis van volle messiaanse titels: *ὁ λέων ὁ ἐκ τῆς φυλῆς Ἰούδα, ἡ ρίζα Δαβὶδ* (die Leeu uit die stam van Juda, die wortel van Dawid [het oorwin]).

²³⁴ Dit is die dokument waarin Hy sy heilige wil in die volle omvang van sy raadsbesluite by wyse van spreke opgeteken het; vgl. by die uitleg van 5:1(iii) hierbo.

Dit spreek van die krag van die Ontseëler en dus van sy bevoegdheid om uitvoering aan die inhoud van die boekrol te gee. In 5.4.2.2.4(i) is die twee metaforiese messiaanse titels reeds verklaar en ek vat dit daarom hier net kortliks saam. Die titels in 5:5 is 'n intertekstuele eggo van woorde uit die Ou Testament, eerstens van Gen. 49:10-11 (die geskiedenis van Jakob, wat aan die einde van sy lewe sy seun Juda geseën het met die woorde: “Jy is ’n leeu...”), en tweedens van woorde uit twee profesieë, naamlik Jes. 11:1,10 en Jer. 23:5. Daarin is dit duidelik dat die Oorwinnaar se koningskap beklemtoon word. Die titels dra hier in Op. 5:5 die boodskap dat die ideale Koning uit die koninklike geslag van Dawid wat ‘*altyd sal heers*’ (Gen. 49:10a) en ‘*verstandig sal regeer*’ (Jer. 23:5) nou gekom het, en dat Hy waardig is om die koningskap te aanvaar deur die boekrol oop te maak en sy seëls te breek.

Die spanningsvolle drama van die verseëlde boekrol het dus in die woorde van die ouderling in beginsel ontknoping bereik. Die Messias-Koning het oorwin, omdat Hy waardig is om (en sodat Hy) die verseëlde boekrol kan ontseël. Die verteller kan weer tot bedaring en verwonderde en verwonderende waarneming kom: hy mag die Messias sien (5:6-7)!

6.3.1.2.5 *Visie op die opgestane Lam wat geslag is – 5:6-7*

- 5:6a(i)
 Καὶ εἶδον...
En ek het gesien...

Die visie op die Lam wat geslag is, is die tweede narratiewe invoeging tussen die twee liedperikope – elk bestaande uit twee liedtekste – in die visioen op die troon wat die opgevoerde fokalisator ontvang en in Openbaring 4 en 5 vertellend weergee. Die eerste, die drama van die verseëlde boekrol (5:1-5), eindig op ’n triomfantelike noot. Die spanning van die dubbelbeskrewe, sewevoudigverseëlde boekrol is opgelos. (Tog is dit, narratief gesproke, net ‘vir eers’ – gesien vanuit die verdere vervolg van die visioensiklus in Op. 6:1-8:1.) Die verteller kan nou weer met onbetrande oë verder waarneem. En hy stel die geloofwaardigheid daarvan (net soos in 4:1a(i), 5:1(i) en 5:2) by hernuwing weer as ’n ‘aoristus-feit’: *Καὶ εἶδον*. Dit is opmerklik dat hy aanhou om die waarheid van sy getuienis op strategiese punte in sy narratiewe relaas van die troonvisioen te beklemtoon. Dit lei die gehoor/leser(s) van die apokalips daartoe om dit te alle tye goed in gedagte te hou, want sonder dié vasstaande agtergrondinligting kan die apokalips nie sinvol gelees word nie. Die transendente, bo-temporele visioene spiraal immers in ’n *historiese* dramatiese narratief voort.

Die vertellende fokalisator het nou gehoor Wie die bevoegde Ontseëler van die boekrol is. Wat sien hy? Iemand wat lyk op die metaforiese beskrywing wat die ouderling gegee

het? 'n Wese met 'n Leeu-voorkoms, met die onmiskenbare koninklike trekke van Iemand uit die koningshuis van Dawid? In beskrywende stylvorm word deur middel van 'n voorkomstekening op hierdie vraag geantwoord.

▪ 5:6a(ii)

...ἐν μέσῳ τοῦ θρόνου καὶ τῶν τεσσάρων ζώων καὶ ἐν μέσῳ τῶν πρεσβυτέρων
ἀρνίον ἑστηκὸς ὡς ἐσφαγμένον...

....in die middel van die troon en die vier lewendes / lewende wesens en in die midde van die ouderlinge
staan 'n Lam asof Hy geslag is...

In die betiteling van die Een wat waardig is om die verseëlde boekrol oop te maak, is daar 'n merkwaardige oorgang tussen 5:5 se *hoor* Wie die Oorwinnaar is en 5:6 se *sien* van sy voorkoms (5.4.2.2.4(i)). Die Leeu in die ouderling se identifikasie van die Een wat oorwin het, staan (ἐστηκός←'ίσταμαι; perfektum partisipium: *om te stap/tree*, in die perfektum: *om te staan*) in die visioen voor die oë van die vertellende fokalisator as 'n Lam (ἀρνίον). Die kontras tussen die meegedeelde en die aanskoude is skerp en opvallend: nie 'n Leeu nie, maar 'n Lam. Op die oog af lyk dit of die metaforiese messiaanse dubbeltitel van 5:5 deur die *Lam*-titel van 5:6 weerspreek word. En boonop staan die Lam wat deur die verteller in die middel van die troon en in die midde van die vier lewende wesens en die ouderlinge waargeneem word,²³⁵ voor sy oë asof (ὡς) Hy geslag is (ἐσφαγμένον←σφάζω; perfektum partisipium passief: *om te slag*). Die woorde ἀρνίον (*Lam*) en ἐσφαγμένον ('*geslag-wees*') gee duidelike uitdrukking – waar dit so saam gebruik word – aan die gedagte van 'n offer, soos byvoorbeeld ook in die bekende intertekstuele frase uit Jes. 53:7: “Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word...” Dit roep die assosiasie met die versoening op wat deur die paaslam versinnebeeld word (Aune, 1997:352-353; Smalley, 2005:131-132). Indien noulettend ag geslaan word op die twee *participia* perfekta (ἐστηκός en ἐσφαγμένον) is die kontras tussen die van mekaar verskillende metafore in die gehoorde van 5:5 en die visuele waarneming van 5:6 'n weerspieëling van die paradoksale van die kruis en die opstanding van die Lam. Hierdie dubbele voorstelling teken die saligmakende funksie van Jesus as die gekruisigde, maar eweneens dat Hy ook die weer-verrese Messias is. Hy is Lam met die karaktereenskappe van 'n leeu (Skaggs & Doyle, 2009:362-375, veral 372-373). Dit is in teologiese terme te verstaan as 'n *theologica cruxis* (teologie van die kruis) en 'n

²³⁵ Die woorde ἐν μέσῳ τοῦ θρόνου καὶ τῶν τεσσάρων ζώων καὶ ἐν μέσῳ τῶν πρεσβυτέρων (in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde(l) van die ouderlinge) kan op meer as een wyse verstaan en verklaar word. Aune (1997:351-352) dui drie moontlike interpretasies aan van die twee woorde ἐν μέσῳ (wat twee keer in dié versdeel voorkom): (1) *in die middel of in die midde*; (2) *tussen* (lokaal-gesproke: tussen die troon en die vier lewendes en die ouderlinge); (3) *tussen* ('among, with'). Hy kies die derde moontlikheid, wat impliseer: “...the Lamb would be standing in close proximity to the throne.” Dit is myns insiens ook die beste vertolking van die lokaliteit/posisie van die Lam in die visioen. Nadere uitsluitel hieroor is egter nie nodig nie – dit is genoeg om te weet: Hy is by die troon en die eerste twee kringe troonfigurante, onderskeidelik die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge.

theologica gloriae (teologie van glorie / roemryke heerlikheid), 'n paradoksale voorstelling van koningskap deur die kruis verwerf. Vroeër is vasgestel (vgl. 5.4.2.2.4(i)) dat die paradoks tussen die Leeu (Heerser, die Afstammeling van koning Dawid) en die Lam (wat geslag is) onmiskienbaar te doen het met die styl van die koninkryk. Die *ἐσφαγμένον* ('geslag-wees') en die *ἐστηκός* ('staanende-wees') van 5:6a(ii) komplementeer mekaar om uitdrukking te gee aan die volledige werk van die Paaslam, en die feit dat hulle beide in die perfektum uitgedruk staan, komplementeer weer die feitlikheid van die gebeure met die durende effek daarvan.

Wat Johannes oudiovisueel waarneem in die oorgang tussen die twee verse is dus die oorwinnende impak van die Christusgebeure, uniek verwesenlik in die volheid van die tyd en kleurvol hervertel in al drie die segmentele narratiewe van die apokalips, en dit deurentyd in die konteks van die spanning van die eindverwagting. Op 5:5 en 5:6 gee die regte perspektief op die voltooide koms van die Paaslam en die verwagte wederkoms van die Lam wat reeds beslissend en volstrek oorwin het. Die *Staande-Lam-wat-geslag-is* is daarom verder in die apokalips deurgaans en by uitnemendheid die metaforiese titel van Jesus Christus (vgl. in 4.2.5.2 die bespreking van die rol en relevansie wat metaforiek en metafoorstudie vir die bestudering van Openbaring het, waar ek reeds gestel het dat die metafoor van *die Lam wat geslag is en oorwin het* 'n sentrale en saambindende motief in die apokalips is). Dit is 'n heerlikheidstitel wat Hy in alle opsigte werd is omdat Hy geheel en al waardig is om die boekrol te ontseël.

▪ 5:6b

...ἔχων κέρατα ἑπτὰ καὶ ὀφθαλμοὺς ἑπτὰ οἱ εἰσιν τὰ [ἑπτὰ] πνεύματα τοῦ θεοῦ
ἀπεσταλμένοι εἰς πᾶσαν τὴν γῆν

...[die Lam] hebbende sewe horings en sewe oë wat die [sewe] Geeste van God is wat oor die hele aarde uitgestuur is

Die laaste frase van 5:6 (6b) voltooi die beskrywing van die Een wat volgens 5:5 absolute, volstreckte oorwinning behaal het. Die besonderheid in sy voorkoms wat die verteller hier eerstens noem, naamlik dat Hy *ἑπτὰ* (sewe) *κέρατα* (horings) het, is 'n besonderheid wat die Oorwinnende Lam se komplee krag en mag simbolies uitdruk. Horings is 'n magsimbool by uitnemendheid (Dan. 7:7,20; 8:3,5; vgl. die parodiërende horings van die vuurrooi draak, die dier uit die see en die dier uit die aarde, onderskeidelik in Op.12:3, 13:1 en 13:11). In die beskrywing van die Lam is die horings 'n bevestiging van die krag van die messiaanse metafoor van die Leeu in 5:5 (Sweet, 1990:128). Dat die Lam sewe horings het (*ἔχων*←*ἔχω*; teenwoordige deelwoord: *om te hê/besit*), dui die uniekheid en volheid van sy krag en mag aan. Ek kan nie anders nie as om hier tussendeur weer op te merk: dit is en bly indrukwekkend en verstommend hoe die openbaring van God wat in mensetaal gekommunikeer word, gebruik maak van die

metafories-stilistiese potensiaal van taal. Dit geskied deur ‘*metaphorical extension of meaning*’ (Paul, 2005:508). Hierdie uitdying van betekenis deur metaforiese taal kan in ’n mate die onbeskryfbare beskryf, die transendente teenwoordig stel, die nie-begryplike tog begryplik maak en die onvoorstelbare tekenend voorstel (vgl. vroeër by 4.2.5.2 die behandeling van metaforiek). Dit word in die volgende besonderheid wat die verteller waarneem, nog sterker bevestig.

Die tweede besonderheid wat Johannes beskryf, is dat die Lam *ἐπτά* (sewe) *ὀφθαλμοὺς* (oë) het. Dit verteenwoordig volgens Mounce (1998:133) “...*that completeness of vision which leads to perfect knowledge.*” Die oog/oë is in die Bybel meermale die simbool van goddelike alwetendheid en/of alomteenwoordigheid (vgl. byvoorbeeld Pss. 138 en 139). Vir die aangenome intertekste uit die profesie van die profeet Sagaria (Sag. 3:9 en 4:1-14) wat hier in die aannemende teks van Op. 5:6b herken kan word, verwys ek na die analise in 5.4.2.2.4(i) in die vorige hoofstuk (Hoofstuk 5). Die outeur neem nie maar net die sewe oë in die voorkoms van die Lam waar nie, hy interpreteer dit ook, en wel as die sewe Geeste van God wat oor die hele aarde uitgestuur is.²³⁶ Dit is noodsaaklik om daarop te let dat die werkwoord *ἀπεσταλμένοι* hier in 5:6b (←*ἀποστέλλω*; passiewe deelwoord: *om uit te stuur*) ook in die perfektumtydvorm vervoeg is (soos ook die twee werkwoorde *ἐσφαγμένον* en *ἐστηκός* in 5:6a(ii) hierbo). Dat die Gees oor die hele aarde uitgestuur is, word deur hierdie besonderheid in die voorkoms van die Lam dus gekoppel aan die werk van die oorwinnende Lam. As ’n gevolg van die verhoging van die Lam wat geslag is, word die Gees uitgestuur om in die tyd tussen die lotveranderende en beslissende eerste koms en die voleindiging van die geskiedenis met die tweede koms van die Oorwinnaar werksaam te wees. So is daar eenheid tussen die Lam en Hom wat op die troon dinamies-heersend sittende is, asook tussen die opgestane Lam en die ‘*Spirit-Paraclete*’, sy (die Lam se) ‘*post-surrection Spirit*’ (Smalley, 2005:133).

Die voorkoms van die opgestane Lam wat geslag is, is in 5:6 in ’n metaforiese paradigmatis-verdigende skryfstyl geteken – die uitdrukkingstyl van die vertikale verdiepingsas in die narratief (vgl. weer 4.2.2.1.4.2 en Alter, 1988b:620: die vertikale is ’n ‘*movement of intensification of images, concepts, themes through a sequence of lines*’). Dit is die ploffstof van die metaforiek wat nuwe dimensies en nuwe wêrelde oopbreek.

²³⁶ Vanuit die wetenskap van die Tekskritiek benader, is daar twyfel of die telwoord *ἐπτά* (sewe) voor die selfstandige naamwoord *πνεύματα* (←*πνεῦμα*; Gees) in die oorspronklike redaksie van Op. 5:6 voorkom. Omdat die term *sewe Geeste* egter in 1:4 en 4:5 voorkom, is ek van mening dat dit nie nodig is om hier te veel van die tekskritiese probleem te maak deur dit grondig te beredeneer en uit te pluus nie. Ek gaan daarvan uit dat die telwoord hier *veronderstel* kan word, al sou dit nie in die oorspronklike teks teenwoordig wees nie. My motivering is dat daar nie twyfel is oor die feit dat die selfstandige naamwoord *Gees* in sy meervoudsvorm *Geeste* (*πνεύματα*) gebruik word; die meervoud bring logies gesproke assosiasie met die plurale getal *sewe*, omdat juis dié telwoord in 1:4 en 4:5 aan die Gees gekoppel word en omdat dit bowendien ook klop met die intertekstuele verband wat Op. 5:6 met Sag. 3:9 en 4:14 het (waar daar wel van die sewe oë van *Jahwe* sprake is, wat kragtens die konteks waarin dit in die profesie funksioneer, gesien moet word as die werking van sy Gees).

Sodoende berei die outeur die weg voor vir die volgende vers, 5:7, om in sintagmaties-kombinerende narratiewe styl die (dié!) *kernel* (kernegebeurtenis) van Openbaring 4 en 5 mee te deel. Dit is inderwaarheid ook 'n – of dié – kernegebeurtenis in die hele apokalips, in die grondliggende evangelieverhaal van Jesus Christus én in die narratief van die geheelraamwerk van die Bybel, synde die religieuse dokument waarin die globale meta-narratief van God se openbaringsdramatiek gesagvol teks geword het (vgl. 5.3.1 en 5.3.2, asook vroeër 4.1.0).

▪ 5:7

καὶ ἦλθεν καὶ εἴληφεν ἐκ τῆς δεξιᾶς τοῦ καθημένου ἐπὶ τοῦ θρόνου

En Hy het gegaan en [die boek] geneem uit die hand van Hom wat op die troon sit

In soveel (so min) woorde: die sleutel waarmee die apokalips oopgesluit word en die openbaringsdramatiek van God ontsluit is. Die besondere openbaring kan nie verstaan en vertolk word sonder begrip van hierdie lotsveranderende handeling nie. Die kragvolle impak van die Christusgebeure is in hierdie kortsin-waarneming van die visioenêre siener op Patmos saamgetrek. Taal en uitleg kan moeilik laat reg geskied aan die omvang en die dinamiek van die openbaringsdramatiek wat in hierdie sin geopen word.

'n Enkele aantekening word hierby gemaak. Dit is duidelik: die gebeurtenis wat verhaal word, staan vas. Hy, die Lam wat geslag is, het gegaan – en dit is in die stelligheid van die aoristus meegedeel: ἦλθεν (←ἐρχομαι; derde Persoon – ja, inderdaad Persoon met 'n hoofletter – enkelvoud indikatief aktief: *om te kom/gaan*). En die ander werkwoord wat die beslissende werk/handeling van die Lam kodeer, is op sy beurt verrassend weer eens in die perfektum vervoeg: εἴληφεν (←λαμβάνω; derde Persoon enkelvoud indikatief aktief; *om te neem/ontvang*). Hy het die boekrol geneem uit die hand van die Een, dinamies-heersend sittende ten troon, en die effek daarvan het nooit gestol nie. Daarmee is die ontvangs van blywende begrip uitgedruk en die bevoegde uitvoering van die heilige wil van die Een wat op die troon sit, geïmpliseer. Die regsgeldige testamentêre dokument met die volle omvang van sy raadsbesluite is in ontvangs geneem deur die oorwinnende Lam, wat in alle opsigte waardig is om daarmee te handel.

Wat het hierdie dramatiese gebeurtenis tot gevolg? Die antwoord is in 5:8-14 vraag.

6.3.1.2.6 *Hemelse liturgie: tweede liedperikoop – 5:8-14*

▪ 5:8a

Καὶ ὅτε ἔλαβεν τὸ βιβλίον...

En net toe die Lam die boek geneem het...

Hierdie eerste frase van die saamgestelde sin van 5:8 het 'n brugfunksie in die handelingsverloop van die eerste deel (4:1-5:14) van die eerste visioensiklus (4:1-8:1) van die tweede segmentele narratief van Openbaring (4:1-11:19). Die woorde lei die direkte gevolg van dié *kernel* (kernegebeurtenis) in die besondere openbaringsdramatiek in – dat die oorwinnende Lam wat geslag is die ‘boek van toekoms en verlede en van wat word’ (5:1(iii) hierbo) geneem het uit die regterhandhand van die Een op die troon. In die vorige vers (5:7) is die neemhandeling in die perfektum *ἐῤῥηφεν* (←*λαμβάνω*) vervoeg (sien die uitleg direk hierbo), terwyl die tydvorm hier na die aoristus *ἔλαβεν* verander. Waarom die verandering in die verhaaltrant? Die perfektum van 5:7 lê klem op die durende gevolg van die handeling van die Lam om die boek te gaan neem, terwyl die aoristus van 5:8a die deurwerking/effek van die gevolg wat in die perfektum van die vorige vers gesuggereer is, nou in feitelike stelwyse verhaal. So bevestig die aoristus van 5:8a dat die uitwerking wat in die perfektum-vervoeging van 5:7 geïmpliseer is, geloofwaardig is. Dit koppel dus op 'n effektiewe wyse alles wat in die res van Openbaring 5 (en verder) volg, aan die voltooide, vasstaande daadhandeling van die Lam.

▪ 5:8b-9a Liturgiese gestikulasie

...τὰ τέσσαρα ζῶα καὶ οἱ εἴκοσι τέσσαρες πρεσβύτεροι ἔπεσαν ἐνώπιον τοῦ ἀρνίου ἔχοντες ἕκαστος κιθάραν καὶ φιάλας χρυσᾶς γεμούσας θυμιαμάτων, αἱ εἰσὶν αἱ προσευχαὶ τῶν ἁγίων, καὶ ᾄδουσιν ᾠδὴν καινὴν λέγοντες...

....het die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neergeval, elkeen hebbende sitters/liere en goue skale/bakke vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is, en hulle het 'n nuwe lied gesing, seggende:...

Waar dit slegs die ouderlinge is wat in die liturgiese gestikulasie van Openbaring 4 (vgl. 4:10) neerval/kniel voor Hom wat op die troon sit, en dit hulle is wat ook alleen die antifoön (4:11) van die eerste selfstandige antifonale lied (4:9,11) sing, voer die vier lewende wesens hier in 5:8b-9a saam met die vier en twintig ouderlinge die liturgiese gestikulasie van knievallige verering voor (*ἐνώπιον*) die Lam en tot eer van die Lam uit. Hulle sing ook gesamentlik die beginstrofe (5:9b-10) van die tweede antifonale lied (5:9b-10,12b,13b). Die kniel-gestikulasie van die twee groepe troonfigurante in die eerste twee kringe om die troon word hier in 5:8b deur die outeur in die stelligheid van die aoritus weergegee (*ἔπεσαν* ←*πίπτω*; om neer te val/kniel).²³⁷ Dit sluit as onmiddellike drama-

²³⁷ Die twee werkwoorde *πίπτω* (neerval) en *προσκυνέω* (aanbid) word in die weergawes van die aanbiddingstonele in die apokalips gesamentlik gebruik om die liturgiese gestikulasie wat voor (en gelyktydig met; in 5:14b ná) die sanghandeling plaasvind, uit te druk (vgl. 4:10, 5:14b, 7:11, 11:16 en 19:4). In 5:8(b) is dit egter slegs eersgenoemde (*πίπτω*) wat gebruik word. *προσκυνέω* is opvallend afwesig hier waar dit die Lam is voor Wie neergeval word; in die ander gevalle is dit liturgiese gestikulasies waar daar voor die Een op die troon neergeval word en waar Hy aanbid word. Aune (1997:355) merk by die afwesigheid van die werkwoord *προσκυνέω* op: “...thus suggesting a degree of subordination...” Of dit die verklaring vir hierdie afwyking van die gebruiklike kan wees, is moontlik,

tiese gevolg van die aoristus *ἔλαβεν* ($\leftarrow$ *λαμβάνω*) in 5:8a aan by die feitlikheid en geloofwaardigheid van die neemhandeling van die boekrol deur die Lam en vorm so deel van die geloofwaardigverklaring van die handeling se effek wat reeds in 5:7 deur middel van die perfektum *εἰληφεν* ($\leftarrow$ *λαμβάνω*) gesuggereer en prolepties geïmpliseer is. Dit is dus 'n belangrike perspektief wat oopgaan wanneer noukeurig op die twee aoristus-werkwoordvorme *ἔλαβεν* (5:8a) en *ἔπεσαν* (5:8b) gelet word en hulle gesien word as die geloofwaardige feitlikstelling van die effek wat in die voorafgaande perfektum-vervoeging *εἰληφεν* (van eersgenoemde werkwoord *λαμβάνω*) in 5:7 teenwoordig is. Die indruk word daarmee geskep dat alles wat voortvloei uit die lotveranderende neemhandeling deur die oorwinnende Lam konkrete en onbetwyfelbare gebeurtenisse is – veral die onmiddellike reaksie van doksologiese aanbiddingshandelinge wat deur die lewende wesens en die ouderlinge, die voorgangers in die hemelse liturgie, gelei word.

Vir die identifikasie en simboliek van die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge word terugverwys na die uitleg van 4:4,6b-8b en 10, ook in samehang met die interpretasie van hierdie betrokke verse wat reeds in die vorige hoofstuk van hierdie studie, Hoofstuk 5, gemaak is (5.4.2.2.4(i)). Die twee groepe troonfigurante van die twee binnesirkels is egter in die genoemde vorige gedeeltes nog nie presies so geteken soos die vertellende outeur hulle hier in die liturgiese gestikulasie van 4:8b rondom die troon waarneem nie; hier word 'n uitbreiding van hulle liturgiese handelinge genoem. Die nuwe besonderheid is dat elkeen van hulle 'n siter (*κithάρα*) en 'n goue skaalbak (*φιάλη χρυσοῦς*) het (*ἔχοντες* $\leftarrow$ *ἔχω*; teenwoordige deelwoord: *om te hê/besit*). Beide is tempel-instrumente wat nuwe karaktereienskappe toevoeg tot die hemelse liturgie wat Johannes waarneem. Daarom lig ek hulle gebruiksfunksie en simboliese betekenis in die troonvisioen eers verder toe.

◦ *κithάρα*

Eersgenoemde (*κithάρα*) is 'n tien- of twaalfsnarige musiekinstrument wat dikwels tydens die sing van liedere in tempelaanbidding gebruik is (vgl. vir die noue verband tussen liturgiese sang en hierdie betrokke begeleidingsinstrument onder meer Pss. 33:2, 57:8, 98:5, 147:7). Dit is die belangrikste instrument van die Ou-Testamentiese tempelorkes. Die woord *κithάρα* word met *siter*, *luit* of *lier* vertaal, waarvan laasgenoemde die mees aanvaarbare vertaling is. Soeting (2001:177-197) het 'n intensiewe studie van die ouditiewe aspekte van Openbaring onder-neem en het in besonder ook toegespits op die instrumentarium wat in die apokalips genoem word. Volgens hom is *siter* ook wel aanvaarbaar (soos beide Afrikaanse vertalings *κithάρα* in 5:8 vertaal), omdat dit figuurlik gesproke 'zinnebeeld van lofprijzing' is. Osborne (2004:258) wys daarop dat dit in samespel met ander

maar in die beskryfde liturgie van Openbaring 5 is dit in elk geval sowel God as die Lam wat aanbid word (vgl. 5:13b). Waarskynlik moet daar in die ontbreking van *προσκυνέω* nie te veel geles word nie.

instrumente soos die harp en die simbaal 'n vreugdevolle en feestelike stemming aan aanbidding gegee het, soos byvoorbeeld aan die tempelkore van 1 Kron. 25:1-6 en Neh. 12:27 (vgl. ook MacArther, 2006:37). Van Turenout (1987:44) sê: “*Ze looven Hem op de citer van blijdschap.*” Van de Kamp (2000:185) wys ook soos Osborne en Van Turenout op liturgiese sang se blydskapskarakter wat aan die siter/lier verbind word as hy die *κithάρα* só beskryf: “...*het bekende snaarinstrument van David en van de Livieten om blijde zang te begeleiden...*” (beklemtoning van *blijde zang* in die aanhaling is van JPB). Die teenwoordigheid van die siter in die beskryfde liturgiese gestikulasie sinspeel dus op die besondere eienskap in liturgiese aanbidding wat juis ook hier in 5:8b-9a duidelik veronderstel word en uitnemend gepas is, naamlik die uitnemende kenmerk van blydskap in die doksologiese sanghandeling.

◦ *φιάλας χρυσᾶς*

Laasgenoemde, die goue skaalbak (*φιάλας χρυσᾶς*) as tweede ‘liturgiese voorwerp’, wat elkeen van die agt en twintig genoemde troonfigurante het, is vol (*γεμούσας*←*γέμω*; teenwoordige deelwoord: *om vol te wees van*) reukwerk of wierook (*θυμιαμάτων*), wat – so word dit in 5:8b geïnterpreteer – die gebede van die heiliges is (*εἶσιν*←*εἰμί*; praesens indikatief aktief: *om te wees*). Goue skaalbakke is dikwels in die apokalips ter sprake: 8:3-4; 14:7; 16:1-8,10,12,17; 17:1; 21:9. Dit is egter slegs hier in 5:8 en in 8:3-4 waar dit in 'n positiewe en gunstige gebruiksfunksie waargeneem word. In die ander gedeeltes is die bakke gevul met die toorn van God en word hulle gebruik om sy oordeel oor die aarde en sy bewoners uit te stort. Die skerp kontras tussen die verskillende inhoude van die bakke in 5:8 en 8:3-4 aan die een kant en die ander genoemde verse aan die ander kant maak dat eersgenoemde uitsonderlike gunstige gebruik daarvan in die dramatiese narratief beduidend reliëf ontvang. Die metaforiese gebruik van die wierookge vulde skaalbakke as die houters van gebede is 'n motief uit die Ou Testament: “*Mag my gebed voor U wees soos 'n wierrookoffer...*” (Ps. 141:2). Soos die geur van die Ou-Testamentiese offerdiens verder beweeg as die priester wat die reukoffer bring, naamlik tot agter die voorhangsel en tot binne by die ark as die aardse uitbeelding van God se troon in luisterryke majesteit (vgl. Eksodus 30), “...*zo komen de gebeden van Gods kinderen verder dan deze aarde.*” Dit is Van de Kamp (2000:185) se verklaring van die metaforiek van die wierookge vulde skaalbakke en die ryk liturgiese betekenis van hierdie meegedeelde aspek in die troonvisioen van die apokalips. Hy vervolg:

Ze verwaaien niet in de wind, maar bereiken Gods troon. De gebeden komen hoger dan de bidders. Hier geeft Johannes een hint dat de eredienst van de kerk op aarde ingevoegd wordt in de eredienst van de hemel. De gebeden van de gelovigen op

aarde worden vermengd met de aanbidding van engelen en hemelbewoners tot verering van God en de Lam. (Van de Kamp, 2000:185-186.)

Die twee tempelvoorwerpe – die *κιθάρα* en die *φιάλας χρυσᾶς* – wat die fokalisator in die visioen op die troon waarneem en in die narratief vertellend weergee, is dus 'n insig-gewende paradigmatische verdigting van die troonsaal met die troonfigurante. Dit open perspektiewe op hemelse liturgie, waarvan aardse liturgie prinsipieel nie losstaan of onafhanklik kan funksioneer nie.

'n Laaste aspek van 4:8b wat nog nie verklaar is nie maar wat ook betekenisvol vir hierdie studie is, is wie die *τῶν ἁγίων* (← *ἅγιος*; genitief meervoud: *heiliges*) is wie se gebede in die gevulde wierookbakke gesimboliseer word. Wat is die ooreenkoms tussen God wat in die eerste liedteks, die *Trisagion* van 4:8c, as driemaal-*ἅγιος* verklaar word en diegene wat in die liturgiese gestikulasie van 5:8b die *ἁγίων* genoem word? Die antwoord op die vraag na die ooreenkoms tussen die byvoeglike naamwoord *ἅγιος* in 4:8c – attributief in verband met God gebruik – en die gelykluidende selfstandige naamwoord *ἅγιος* in 5:8b in verband met bidders gebruik, is op die klank af dat dit identiek is. Tog is die konnotasie wat aan die woord in die twee kontekste ter sprake geheg word, nie dieselfde nie. Waar dit van die Een op die troon gebruik word, is *ἅγιος* – soos die Hebreeuse *kadosh* – uitdrukking van die ontsagwekkende transendente God se misterieuse goddelike Wese en Karakter, waarmee die mens en die totaliteit van die geskape sfeer in geen opsig vergelyk kan word nie (vgl. die uitleg van 4:8c(i) vroeër in 6.3.1.2.3). Hy is as Heilige in sy heiligheid afgegrens van die geskapene. Tog is daar by God en die heiliges wie se gebede ter sprake is, meer as net 'n klankooreenkoms in die twee verskillende verbande en kontekste waarin die woord/konsep voorkom. Daar is ook 'n persoonlike band en merkwaardige verband tussen hulle, wat juis moontlik is deur die *ἅγιος*-karaktertrek in die Wese van die Heilige: Hy is God wat persoonlik en gemeenskapstigend God is, nieteenstaande sy smettelose afgrensing van die geskapene en teenoor die sekulêre. Hy verbind Homself in genade aan mense, aan hulle wat sy volk is juis deur die verbintenis (*verbond*'-enheid) wat tot stand kom omdat Hy Hom aan hulle verbind. Waar *ἅγιος* in verband met mense gebruik word, is dit primêr die aanduiding van hierdie verbintenis tussen hulle en God, en nie van 'n ooreenstemmende eienskap nie. Louw en Nida (1988:125) verklaar die term *heiliges* waar dit in die meervoud as 'n substantief in verband met 'n aanbiddingsgemeenskap gebruik word (soos hier in 5:8b) soos volg:

...persons who belong to God, and as such constitute a religious entity – 'God's people'...// [I]n rendering -- *ἅγιοι* it is important to avoid an expression which means 'sanctified,' for the focus is not upon a particular state of holiness, but upon a relationship with God.

Dit sluit nie uit dat die aanbidders wat heiliges genoem word, nie ook geheilig word nie, maar dit is in hulle benaming as *heiliges* die verhouding waarin hulle staan tot die God

wat hulle aanbid, waarop die volle aandag saamgetrek word. Die verband en ooreenkoms tussen ἅγιος in die verskillende gebruike daarvan in 4:8c(i) en 5:8b is dus ten opsigte van die gemeenskapsaspek tussen die Heilige en die heiliges, en is nie geleë in 'n gedeelde goddelike attribuut nie. God bly in sy Wese as Heilige anders as die geskapene. Maar die heiliges is nietemin verbind aan hierdie *ganz Andere*.

In 5:9a word nog 'n laaste besonderheid in verband met liturgiese gestikulasie gegee waarop ag geslaan moet word voordat die derde liedteks aan die orde kom. Die knielbiddende troonfigurante in hulle liturgiese gestikulasie deur die outeur waargeneem en geteken, sing (ᾄδουσιν←ᾄδω; derde persoon meervoud praesens indikatief aktief: *om te sing*) 'n lied (ὠδὴν), 'n nuwe (καινήν). Die werkwoord *sing* (ᾄδω) kom drie keer in die himnografiekorpus van die apokalips voor: hier in 5:9a, in 14:3a²³⁸ en in 15:3a.²³⁹ Dit is opmerklik dat daar in al drie hierdie gedeeltes van die doksologie ook melding gemaak word van siters (sien hierbo die bespreking van die κιθάρα vir die liturgiese betekenis van dié musiekinstrument). Op 5:9a en 14:3a is ook die enigste *loci* waar die term *nuwe lied* (ὠδὴν καινήν) voorkom. Om laasgenoemde begrip te begryp en verantwoordelik te interpreteer, gaan ek dieper daarop in.

Nuwe liedere, ook die liedere in Openbaring wat uitdruklik so genoem word (5:9a, 14:3a en 15:3a), is eiesoortige liedere wat ontstaan na aanleiding van nuwe, ingrypende daade van die Here. Dit is daade wat soos die neemhandeling van die boekrol deur die Lam (5:7-8a) 'n ommekeer in die geskiedenis bring en uitsig op 'n nuwe tydperk open. Om dit te besing, is 'n 'nuwe lied' nodig (Viljoen, 1990:159). Die Griekse woord vir *nuut* (καινός) dui in die apokalips in onderskeiding van νέος (wat veral nuwe tyd aandui) op kwaliteit (Osborne, 2004:259). Die nuwe is dus hier nie soseer 'n temporele aanduiding nie, maar 'n saaklike; dit wil nie in die eerste plek sê dat dit nuut in die betekenis van jonger is nie, maar dat dit anders en beter is ("...superior to that which is old...", volgens Louw & Nida,

²³⁸ Ek het 14:3a ná beredenering in 6.1.2.3 nie in die afgebakende himnografiekorpus van die apokalips as 'n himne vir ondersoek ingesluit nie (vgl. 6.1.2.4), omdat die vorm en inhoud (woorde) van die lied nie bekend is nie. Die feit dat dié nuwe lied van die honderd vier en veertig duisend wel deur hulle gesing word, word egter nie buite rekening gelaat nie. Daarom merk ek hier slegs op dat die onbeskrewe – maar tog wel gehoorde – himne een van die drie liedere is wat in die teks van die narratief met die werkwoord ᾄδω ingelei word.

²³⁹ Die feit dat 5:9a, 14:3a en 15:3a die enigste liedere is waarby die sanghandeling eksplisiet met die werkwoord ᾄδω uitgedruk word, impliseer nie dat die ander gedeeltes wat as himnes in die apokalips afgebaken is, nie gesing word nie. λέγοντες (←λέγω; hier partisipium praesens nominatief derde persoon meervoud: *om te praat/sê*) en sy vervoegingsvariante – na gelang van die instansies wie se handelinge beskryf word – word in al die geraadpleegde literatuur as sanghandeling geïnterpreteer waar dit in die konteks van himnies-poëtiese stof in die narratief gebruik word. By die outeur se aankondiging en bekendstelling van die elf himnes wat ek in die himnografiekorpus onderskei (vgl. 6.1.2.4), word die werkwoord λέγω gebruik (in variërende vorme). Dié werkwoord word gevolglik algemeen aanvaar as aanduiding van vokale voordrag (dit is lieduitvoering) waar dit in die doksologiekonteks van die poëtiese gerigtheid op God en die Lam voorkom.

1988:594). Toegepas op die lied, dui die *nuwe* (καινός) van die nuwe lied (ὡδὴν καινὴν) dus op die lied as inleier in die veranderde en die vervulde nuwe in die lotbepalende en lotveranderende werk van die Lam. Sy werk bring 'n nuwe toestand tot stand, en dit plaas dié wat daardeur geraak word, wie se lot met ander woorde daardeur verander is, ook in 'n nuwe staat en toestand en selfs in 'n ander dimensie. Dit gebeur dus nie soseer deur 'n nuwe fase wat deur tydsverloop aanbreek nie. Die nuwe lied sing vervuld van die nuwe kwalitatief-gunstige situasie wat in en deur die besondere openbaringsdramatiek van die handelende goddelike Wese werklikheid word.

Die himnes van die laaste Bybelboek dra almal (direk of indirek) die vernuwende werking van die lied wat sing van die nuwe wat God in die werk van die Lam laat aanbreek het. As respons op hierdie kragtige daade verwys die liedere nie net terug nie, maar aktualiseer hulle ook die openbaring van die nuwe wat God laat aanbreek. Sodoende is die nuwe lied ook medewerkende instrument om die nuwe eskatologies te realiseer in en deur middel van die himniese aanbiddingshandelinge. Walter Brueggemann (1995:30) verwoord dit treffend: *“The hymn....goes ahead. It goes ahead of the poet, of the worshipper, of the pastor. It calls into being the new creation....The new song is sung (Rev 14:3)....Thus the hymn forms the new world.”*

▪ 5:9b-10 Liturgiese sang: liedstrofe (eerste strofe van die derde liedteks; tweede antifonale lied)

ἄξιός ἐστι λαβεῖν τὸ βιβλίον καὶ ἀνοῖξαι τὰς σφραγίδας αὐτοῦ,
ὅτι ἐσφάγης καὶ ἡγόρασας τῷ θεῷ ἐν τῷ αἵματί σου
ἐκ πάσης φυλῆς καὶ γλώσσης καὶ λαοῦ καὶ ἔθνους
καὶ ἐποίησας αὐτοὺς τῷ θεῷ ἡμῶν βασιλείαν καὶ ἱερεῖς,
καὶ βασιλεύσουσιν ἐπὶ τῆς γῆς

*Waardig is U om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak,
omdat U geslag is en [mense] losgekoop het vir God met u bloed
uit elke stam en taal en volk en nasie
en hulle gemaak het vir ons God 'n koninkryk en priesters;
en hulle sal regeer oor die aarde*

In die ontleding van die liedtekste volg ek steeds die genoemde en reeds gevolgde twee stappe: om eerstens analyses van mikro-eenhede en/of betekenisomskrywings van woorde te maak, en om tweedens die tipe doksologie – en/of variasies daarvan – wat in elkeen voorkom, te onderskei en dan ook die retoriese werking van die bepaalde vorm van lofuiting in die betrokke liedtekste vas te stel.

(i) *Verklaring van woorde, begrippe en mikro-eenhede*

(i.i) 5:9b(i) ἄξιός ἐστι λαβεῖν τὸ βιβλίον καὶ ἀνοῖξαι τὰς σφραγίδας αὐτοῦ,
(waardig is U om die boek te neem/ontvang en die seëls daarvan oop te maak)

Die derde liedteks – die tweede antifonale lied in die apokalips – se begingedeelte (aanvangstrofe) open met 'n mikro-eenheid wat in meer as een opsig terugkoppel na vorige woorde, motiewe en/of gedeeltes in Openbaring 4 en 5. Van die intratekstuele en intertekstuele verbande in hierdie eenheid (Op. 4:1-5:14) moet gevolglik goed kennis geneem word.

Die eerste terugkoppeling is geleë in die eerste drie woorde van die lied: ἄξιός ἐστι λαβεῖν (*waardig/werd is U om te ontvang*). Dit sluit onmiddellik aan by die vorige lied se laaste deel, te wete die antifoön van die laaste lied in die vorige hoofstuk van Openbaring (4:11). In die vorige lied is die Een wat deur die ouderlinge waardig verklaar is om *gravitas*-heerlikheid, waardevolle werdwees (*worth-ship*) en al-vermoënde krag (δύναμις) te ontvang/neem (λαβεῖν←λαμβάνω; aoristus infinitief: *om te ontvang/neem*) – dit beteken *geprys* te word op grond van presies hierdie deugde van Hom – aangespreek as ὁ κύριος καὶ ὁ θεὸς ἡμῶν (*Here ons God*). Waar die lewende wesens nou saam met die ouderlinge die aanvangstrofe van die tweede antifonale lied sing, is die lofprysing nie weer tot die Een op die troon gerig nie. Dit is nou 'n doksologie wat direk tot die Lam gerig word, alhoewel Hy nie deur hulle op enige van sy Name by die Naam genoem word nie – hetsy sy metaforiese Naam *Lam*, hetsy sy Verlossernaam *Jesus*, of sy ampstitel *Christus*. Dit is egter duidelik uit die res van die aanvangstrofe dat hierdie lied spesifiek tot die Lam gerig word, want die tweede persoon enkelvoud wie se omvattende verlossingsdaad in 5:9b(ii) en (iii) geroem word (sien die uitleg in (i.ii) en (i.iii) hieronder), is kennelik en verseker onmiskenbaar die Lam. Die Een op die troon is in Openbaring 4 se antifonale lied ἄξιός ἐστι λαβεῖν verklaar (waardig verklaar) om heerlikheid, *worth-ship* en krag te ontvang; die Lam wat geslag is, word in Openbaring 5 se antifonale liedteks ἄξιός ἐστι λαβεῖν (waardig verklaar) om die boekrol te ontvang.

Die tweede opsig waarin hierdie lied aansluit by 'n vorige element (op die geskiedenisvlak van die tweede segmentele narratief) is die noue aansluiting by die luidkeelse vraag van die sterk engel in 5:2: *Wie is waardig om τὸ βιβλίον (die boekrol) oop te maak en/deur die seëls daarvan te breek?* By die uitleg van 5:2 het ek tot die konklusie gekom dat – of die luid uitgeroepte vraag van die engel as 'n deel van hierdie himne beskou word (soos Aune, 1997:331-332 beweer) of nie (soos JPB dit vertolk) – die effek wat deur die vraag bereik word, getuig van uitmuntende retoriese strategie: groot nadruk val op die identiteit van die Een wat in staat mag wees om die boekrol te neem en te ontseël. En hier in die liedstrofe van 5:9a-10 identifiseer die hemelsangers in die aanhef van hulle hemelsang nou die Een wat waardig is om die boek te open. Dit is die Paaslam en Leeu – wat geslag is en opgestaan het – wat in staat is om die boekrol te ontseël, omdat Hy volstrek en onteenseglik oorwin het om juis dit te doen (5:5-6). Deur die antwoord wat in die

liedstrofe gegee word, sluit die lied dus aan by die engel se deklaratiewe retoriese vraag.²⁴⁰

Die derde opsig waarin hierdie lied met die woorde in sy aanvangstrofe aansluit by beide voorafgaande narratiewe gedeeltes tussen die twee liedperikope (4:8b-11 en 5:8-14), is dan ten opsigte van die drama van die verseëlde boekrol (5:1-5; 6.3.1.2.4) en die visie op die opgestane Lam wat geslag is (5:6-7; 6.3.1.2.5). Die lewende wesens en die ouderlinge sing van die volomvattende, lotveranderende daadhandeling van die Lam wat *ἄξιός ἐστι* (waardig is) om die boek – die regsgeldige testamentêre dokument van die Een op die troon, met as inhoud sy heilige wil in die volle omvang van sy raadsbesluite (vgl. uitleg van 5:1(iii) hierbo) – te neem (*λαβῆναι*) en sy seëls (*σφραγιδας*) oop te maak (*ἀνοῖξαι* ← *ἀνοίγω*; aoristus infinitief: *om te open*); dit is: om die doel van God met die skepping in sy volle omvang *uit te voer* (vgl. die uitleg van 5:2).

Die eerste frase in die aanvangstrofe van die tweede antfonale lied se drievoudige verbintenis aan die sentrale kernegebeurtenis in die eerste deel (4:1-5:14) van die eerste visioenspiraal (4:1-8:1) in die tweede segmentele narratief van Openbaring (4:1-11:19) onderstreep die feit dat die liturgiese liedere in die troonsaal nie los en onafhanklik staan van die handelingsverloop in die dramatiese narratief van die apokalips nie. Intendeel, die himne korrespondeer nie net met die laaste liedteks voor die fatale krisis (5:1-5) en die daaropvolgende krisisoplossende en seënryke reddingsdaad nie (5:6-7), maar *respondeer* ook op die ingrypende gebeurtenis self. In hierdie eerste mikro-eenheid word die Lam se waardigheid en vermoë besing op sterkte van die voorafgaande. In die res van die liedstrofe word die aanbiddingswaardigheid van die Lam begrond, nie net in sy goddelike magsvermoë nie, maar ook in die daadwerklike *uitoefening* daarvan en die seënryke *gevolg* wat dit inhou. Dit volg onderskeidelik in 5:9b(ii)-(iii) en 5:10.

(i.ii) 5:9b(ii) *ὅτι ἐσφάγης* (omdat U geslag is)

Die kragtige en omvattende heilbringende kernegebeurtenis wat plaasgevind het, is in hierdie eerste twee woorde van die tweede mikro-eenheid in die aanvangstrofe van die lied as't ware 'gemikrofilm.' Die vier lewendes en die vier en twintig ouderlinge se rede waarom hulle so verheug sing, is die Lam se soenlyde en versoenende sterwe.

²⁴⁰ God se waardigheid om geprys te word, word in die antifoön van die ouderlinge in 4:11(i) ook emfaties as voldonge feit gestel deur die gebruik van dieselfde koppelwerkwoord *ἐστὶ* (← *εἶμι*; *om te wees*) wat ook daar in die tweede persoon enkelvoud praesens indikatief aktief opklink. Vergelyk ook in 5:12b(i) dieselfde beklemtoning van die absolute waardigheid van die Lam om – soos God in 4:11(i) – ook om sy deugde geprys te word.

Dit is die grond van hulle vreugde, en hulle roep met hierdie begroning van hulle doksologiese blydschap nogmaals die Paaslam voor oë. Dit is 'n himniese aansluiting by die offerterminologie wat in 5:6 in die waarneming van die verteller se visie op die Lam reeds so sterk figureer: “Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word...” (Jes. 53:7; vgl. die uitleg van 5:6). Die verband tussen die vreugdevolle lied van die hemelse aanbidders en die begroning daarvan in die feit dat die Lam gelyk het en geslag is, is 'n paradoksale digotomie waarvan 'n mens in liturgiese handelinge telkens opnuut bewus word. Die werkwoord *σφάζω* se grondkonsepsie impliseer – waar dit in verband met mense gebruik word – 'n gewelddadige en genadelose handeling (Louw & Nida, 1988:236). Hoe kan liturgievierendes hulle vreugde begrond in so 'n wrede en smartlike dood? Die ongelyksoortigheid en die skerp kontrasterende wat in die uitvoering van die goddelike raadsbesluite en die viering daarvan na vore kom, gee egter juis kragtig uitdrukking aan die unieke karakter van die verlossingshandelinge van God in die teater van die geskiedenis. Daarom kan daar gesing word, al is dit (en ook juis!) op grond daarvan dat die Paaslam die wreedste smart vir die begenadigdes deur/van sy Vader gelyk het.²⁴¹ Waarin anders kan die lofprysende liturgiese vreugde sy begroning vind?

Verder wys ek daarop dat wat die werkwoord *σφάζω* (*om te slag*) betref, daar 'n opvallende verskil is tussen die gebruik van die woord in 5:6 en waar dit hier in die liedstrofe van die troonfigurante voorkom. Dié werkwoord wat in sowel die weergawe van Johannes se waarneming van die Lam as in die antifonale lied wat hy nou hoor, in die passief vervoeg is, is behalwe vir die derdepersoonsvorm daar en dié van die tweede persoon hier, in verskillende verledetydsvorme gekonstrueer met die gepaardgaande van mekaar verskillende *Aktionsart* wat in die twee vorme tot uitdrukking kom. In die openbaring van die Lam se voorkoms sien die fokalisator Hom in 5:6 *ὡς ἐσφαγμένον* (*asof Hy geslag is*) – en die tydvorm is die perfektum; in die himniese begroning van hulle doksologie sing die troonfigurante in 5:9 *ἐσφάγης* (*dat U geslag is*) – en hier is die tydvorm van die werkwoord die aoristus. Wat in die lied voorop staan, is die feitlikheid van sy offerande aan die kruis. Daarin word die geloofwaardigheid van sy soendood verder bevestig, terwyl die kragtige effek daarvan wat reeds vroeër in die perfektum geïmpliseer is, nou ook feitlik en nadruklik in geloofwaardige stelligheid gestel word.

²⁴¹ Iets van hierdie digotomie van ongelyksoortige stemmings is teenwoordig in die gereformeerde liturgiese formulier by die bediening van die sakrament van die Heilige Nagmaal. In die sogenaamde vroeë Rutgers-tekst van die Nagmaalsformulier word die gebed voor die bediening ingelei met die woorde: “Barmhartige God en Vader, in hierdie nagmaal herdenk ons die heerlike gebeurtenis van die bittere dood van u geliefde Seun, Jesus Christus.” (Psalmboek 2003, byvoegsel, p. 125; beklemtoning van die kontrasterende *heerlike gebeurtenis* en *bittere dood* is van JPB.) In die latere, verkorte weergawe van die formulier is die woorde ‘versag’ deur dit so te stel: ...die *troosryke gebeurtenis* van u Seun, Jesus Christus, se *bittere dood*. Dit is natuurlik so dat die aanbieder sy/haar troos alleen daarin kan vind.

Dit is uit bogenoemde bespreking duidelik dat *ὅτι ἐσφάγης* (omdat U geslag is) die primêre begronding van die hemelsangers se lieflike lofverheffing is. Wat geopenbaar is – spesifiek hierdie heilvolle reddingsdaad by uitnemendheid in die openbaringsdramatiek van God – maak dat hulle inderdaad ’n vreugdesang kan sing!

(i.iii) 5:9b(iii) *καὶ ἡγόρασας τῷ θεῷ ἐν τῷ αἵματί σου*
(en [hulle/mense] losgekoop het vir God met u bloed)

Hierdie woorde voltooi die eerste versreël van die tweede mikro-eenheid van die lied se aanvangstrofe (met ander woorde die tweede versreël van die Griekse liedstrofe). Dit is soos *ὅτι ἐσφάγης* (omdat U geslag is) deel van die begronding van die sangers se lof, maar voeg iets daaraan toe: dit sing van die besondere wyse waarop die redding gekom het. Die werkwoord *ἡγόρασας* (← *ἀγοράζω*; aoristus tweede persoon enkelvoud indikatief aktief: *om [in/los] te koop*) stel in die uitgebreide rede waarom die Lam waardig is om die boek oop te maak die offerdood van die Lam voor as ’n kooptransaksie. Die koophandeling is net figuurlik gesproke ’n transaksie, want dit is weer as ’n metaforiese segging te verstaan.

Verskillende interpretasies word gegee van wat die presiese betekenis van hierdie metaforiese taal in die liedteks sou be-teken. Eerstens kan dit verklaar word uit die vroeëre gebruik om slawe te verhandel. In die kultuurhistoriese konteks waarin Openbaring ontvang is, was slawehandel ’n bekende mark-aktiwiteit. Die betekenis van die woord kan in hierdie konteks wees: “ ‘to cause the release of someone by paying a price’ ” (Aune, 1997:361). Die kommersiële metafoor van verhandeling kan tweedens ook gesien word vanuit die gebruik om oorlogsgevangenes op hierdie wyse uit gevangenskap te bevry (Schüssler Fiorenza, 1985:73-74). Moontlik is dit ook ’n geldige verstaan van die woorde in die liedteks, gesien in die lig van die heilige oorlog tussen die Protagonis en die antagonistiese magte in die apokalips. Die ontvangers van die apokalips mag deur die verteller hoor hoe die hemelsangers sing van die oorwinning en vrykoping uit die slawerny van die antagonistiese magte wat hulle so verneder en bedreig. Dertens kan dit ook verstaan word vanuit die intertekstuele sinspeling op die bevrydende eksodus-gebeure, wat ook in die konsep van die *nuwe lied* in 5:9a gesuggereer is. In die derde interpretasie is die liedstrofe van die agt en twintig hemelsangers dan ’n sinspeling op die nuwe eksodus (Wall, 1991:103-104; Krodel, 1989:166). Ford formuleer die laasgenoemde beskouing van die loskoping deur die Lam in die lied van die lewendes en die ouderlinge soos volg:

It appears to be the christological interpretation of the new Exodus events. As the Passover Lamb was slain and its blood was used apotropaically to render the Israelites immune from the death of the firstborn in Egypt and thus to be redeemed from slavery

and formed into a new kingly-priestly people (Exod 19:6), so the Lamb effects a new “exodus” and redemption with his own blood. (Ford, 1998:217.)

Al drie bogenoemde verklarings is geldig en weerspieël elk iets van die ryk simboliek van die Lam se versoenende dood van loskoping wat in die himniese roemtaal van die singende troonfigurante gehoor kan word. Die prys waardeur die Lam betaal het om die aanbidders los te koop, is *ἐν τῷ αἵματί σου* (deur middel van / met u bloed; ’n *dativus instrumentalis*). Ook hierdie frase is metafories bedoel en te verstaan: *bloed* beteken hier *met u lewe* of *deur u dood* (Bratcher & Hatton, 1993:104).

In die metaforiese liedtaal van 5:9b(iii) word nie melding gemaak van ’n verkoper nie. Die kommersiële metafoor dui nêrens in die apokalips of elders ’n verkoper aan nie – slegs ’n verloorder in die stryd, maar dié staan nie in die kollig nie (soos ook die weglating van die oorwonne mag waar die ouderling in 5:5 verklaar dat die Leeu die oorwinning behaal het). Die wesens en die ouderlinge sing net van die Een wat gekoop het en van die Een vir Wie die mense deur bloed/lewe gekoop is, naamlik: *τῷ θεῷ* (vir God). Die datiefkonstruksie is hier ’n *dativus commodi*: God is die Een wat begunstig is deur die soenlyde en -sterwe van die Lam, want dit is tot sy eer. En die Lam begunstig ook die vrygekooptes. Sy offerande het dus ’n dubbele werking en uitwerking: die eer van God en die heil van hulle wat losgekoop is. Die Paaslam is sodoende in die volle sin van die woord Middelaar.

Die feit dat, asook die besondere wyse waarop die Lam as ‘slagoffer’ (dit is: *Lam-wat-geslag* is) sy offer volbring het, is dus in 5:9b(ii) en (iii) in poëtiese metaforiek besing. Maar hulle laat hulle ook nie onbetuig wat die omvang van die Lam se werk betref nie. In die tweede mikro-eenheid se tweede versreël (die derde versreël van die Griekse liedteks) besing die hemelsangers die vêr- en wydstrekkende effektiwiteit van die Lam se bevrydende offerdood (vgl. die uitleg van 5:9b(iv) wat nou volg).

(i.iv) 5:9b(iv) *ἐκ πάσης φυλῆς καὶ γλώσσης καὶ λαοῦ καὶ ἔθνους*
(uit elke stam en taal en volk en nasie)

Die omvang van die Lam se werk is universeel: mense uit elke stam en taal en volk en nasie is vrygekoop. Tot in die slottoneel van die drama wat in die teater van die geskiedenis afspeel, sal hierdie groeperings onder die mense bestaan. Maar uit al die groeperings, sonder onderskeid, sal die vrygekooptes van die Lam vergader word (Groenewald, 1986:84). Die vier selfstandige naamwoorde sluit alle menslike groeperings in “– by common ancestry, common language, common nationality, and common race” (Batcher & Hatton, 1993:104). Só ver strek die effek van die Lam se offerande as Paaslam wat geslag is en as die Leeu wat die oorwinning behaal het: dit is tydruimtelik gesproke wêreldomvattend (vgl. ook in 7:9a en 14:1-3 hierdie

versamelende uitwerking van die Lam se werk, waar die verteller 'n groot menigte uit al hierdie kategorieë sien en hoor – gereed om tot eer van God en die Lam te sing).

Met die waardigheid van die Lam nou besing om die boek te neem en te open omdat Hy geslag is en mense met sy bloed vir God losgekoop het uit die mensdom in sy totale verskeidenheid (die eerste twee mikro-eenhede), is die aanvangstrofe van die derde liedteks feitlik voltooi.

Daar makeer egter nog 'n voltooiende akkoord waarin die *gevolg* van hierdie universele daadhandeling van God in en deur die Lam ook roemend geprys word. Dit is die inhoud van die derde mikro-eenheid van die aanvangstrofe van die derde liedteks, naamlik die laaste dubbelfrase in 5:10.

(i.v) 5:10 καὶ ἐποίησας αὐτοὺς τῷ θεῷ ἡμῶν βασιλείαν καὶ ἱερεῖς,
καὶ βασιλεύσουσιν ἐπὶ τῆς γῆς

(en [omdat] U hulle gemaak het vir ons God 'n koninkryk en priesters;
en hulle sal regeer oor die aarde)

In die laaste twee versreëls (die derde mikro-eenheid) van die derde liedteks se aanvangstrofe sing die knielende hemelsangers van die saligheerlike eskatologiese *gevolg* van die Lam se bevrydende werk. Hy het met sy eerste koms sy aardse werk volledig afgehandel, en die vasstaande gevolg daarvan is dat Hy die vrygekooptes 'n koninkryk (*βασιλείαν*) en priesters (*ἱερεῖς*) vir God gemaak het (*ἐποίησας*←*ποιέω*; tweede persoon enkelvoud aoristus indikatief aktief: *om te maak / op te rig*). Die afgehandelde werk is ook die vaste basis op grond waarvan hulle as konings oor die aarde (*ἐπὶ τῆς γῆς*) sal heers (*βασιλεύσουσιν*←*βασιλεύω*; derde persoon meervoud futurum indikatief aktief: *om te heers / regeer*).

Wat vorm betref, is die mikro-eenheid van 5:10 wel 'n twee-eenheid, maar wat inhoud betref, is dié dubbelfrase chiasies gestruktureer, bestaande uit drie samestellende komponente. Dit is 'n ABA'- chiasme wat hier geïdentifiseer kan word, soos volg saamgestel:

[καὶ ἐποίησας αὐτοὺς τῷ θεῷ (en omdat U hulle gemaak het vir ons God):]

A βασιλείαν ('n koninkryk)

B καὶ ἱερεῖς (en priesters)

A' καὶ βασιλεύσουσιν (en hulle sal heers).

In 'n chiasme word die leser se aandag onwillekeurig getrek na die 'spinale' werwelkolom waaromheen die konstruksie waaier. In die sentrum van die frase in 5:10 staan

dus die gedagte: *Hy het hulle priesters gemaak*. Hierdie fokus in die laaste mikro-eenheid dwing die woord *ἱερεῖς* (← *ἱερεύς*) asof vanself en noodwendig onder die vergrootglas in, tesame met die konsep van die heilige en die goddelike (*ἱερός*).

Presies watter betekenisnuanse flikker in die bekende Bybelse term *priester* waar dit in die konteks van die fyn gestruktureerde eindfrase van die sangers se aanvangs-liedstrofe in so 'n sentrale en dominante rol fungeer? Dit is belangrik om hierop 'n weloorwoë en geweegde antwoord te vind, aangesien dit 'n besondere uitwerking op die res van Openbaring 5 se ontwikkeling het en verder, voortspruitend daaruit, ook 'n betekenisvolle liturgiese perspektief open.

Wanneer op die herkoms, gebruiksfunksie en betekenis-skakerings van die begrip *ἱερός* en sy stamverwante woorde ingegaan word, kan die vraag hierbo beantwoord word, mits *al* die fasette van die konsep van die heilige en die priesterskap (as die konkrete vergestaltung daarvan) oorweeg word. Ek maak vir die ontleding van die twee woorde gebruik van die uitgebreide en deeglike woordstudie wat deur Gottlob Schrenk (1974:221-230, 257-265) gedoen is. Die konsep van die heilige en die goddelike (*ἱερός*) word eerste ontleed en daarna – en teen dié besondere agtergrond – die woord priester (*ἱερεύς*), die selfstandige naamwoord waarin die eersgenoemde adjektiewe konsep verpersoonlik is.

- *ἱερός*

Die etimologie van die woord *ἱερός* is moeilik bepaalbaar, maar daar is konsensus dat dit 'n pre-Griekse oorsprong het, waarskynlik in pre-Indo-Germaans en pre-Kelties, waarin 'n Sanskrit-voorvoegsel *isirá-* – wat verband hou met *verlewendiging* of *krag* – 'n rol speel. Wat egter vir die huidige ondersoek belangrik geag moet word en waarvan dus goed kennis geneem word, is dat *ἱερός* in algemene Grieks konstant gekombineer is met 'n aantal sinonieme. Een daarvan is die woord *ἅγιος* (*heilig*). Aan die een kant is *ἱερός* 'n verwysing na goddelike krag in die sfeer van die goddelike. Aan die ander kant druk dit die bonatuurlike krag en heiligheid van iets uit wat aan die godheid behoort of aan dié toegewy word. Die wyding geskied deur fundamentele wette, natuurlike faktore of volgens spesifieke goddelike en menslike stipulasies insake die kultus, die gebruik/tradisie of die wet. Die term *ἱερός* is die mees algemene sakrale en kultiese term in die Griekse wêreld. Wyding aan die goddelike vind sy sentrum in die kultus. Waar die Griekse woord in verband met persone gebruik word, is diegene *ἱεροί* genoem wat as konings of krygers onder spesiale goddelike beskerming staan of wat die betrokke goddelike karakter in die uitvoering van hulle offisiële pligte tevrede stel.

Die LXX vertaal die Hebreeuse woord *kodesh* en sy afgeleide vorme *kadosh* en *mikedash* met ἅγιος en sy woordstamverwante variante. (ἱερός as byvoeglike naamwoorde is net in die vertaling van twee Ou-Testamentiese tekste gebruik: Josua 6:8 en Dan. 2:1.) As gevolg van die LXX se huiwering om die sakrale woord/e van die heidene te gebruik, is dit opmerklik dat die woord ook min in die Nuwe Testament voorkom (vgl. wel 2 Tim. 3:15 en 1 Kor. 9:13). Die rede waarom die basiese Griekse term vermy is, is waarskynlik in die eerste plek omdat dit in die Griekse mitologie geanker is, omdat dit tweedens aan die destydse kontemporêre religieuse wêreld se konsep van die godheid en die natuur verbind is, en derdens omdat dit 'n pynvolle herinnering is aan alles wat die Christen as afgodery moes verwerp.

Alhoewel die voorkoms van die woord ἱερός in die Nuwe Testament uiters beperk is, bied dit noodsaaklike inligting vir die interpretasie van die woord ἱερεύς, wat in die liedteks as gevolg van die chiasiese konstruksie by wyse van spreke in reliëfskrif staan.

- ἱερεύς

In die Griekse kultuurhistoriese wêreld is ἱερεύς 'n sinoniem van μάντις (*waarsêer*). Geen duidelike grense kan gedefinieer word nie. Die oorspronklike opvatting is dat heiliges en priesters as gevolg van 'n spesiale en spesifieke inwonende krag toegerus is om gemeenskap met die godheid te bemiddel. Benewens hierdie besondere priesterlike konsep is daar ook 'n algemene priesterskap erken: enigeen kan deur offerande en gebed tot [G]od nader. Amptelike priesterskap en algemene priesterskap was dus beide bekend in die Grieks-Hellenistiese omwêreld van die Nuwe Testament. Die offisiële priester moet etiese kwaliteite besit, terwyl piëteit en vroomheid 'n vereiste is. Ten diepste beteken dit: “...*he must be in the divine nature...The innermost equipment is his union with the powers at work in all things...[c]ultic knowledge and piety are not two separate things; they are correlative*” (Schrenk, 1974:258-259).

Uit die vroegste trekke van priesterskap in Israel is dit duidelik dat die oorspronklike funksie van die priester die oordrag van orakels (Godsprake) was (vgl. Eks. 33:7-11; Rig. 17:5 e.v.; 18:30). Volgens Deut. 33:8-11 het die Leviëte as die priesterstam primêr die administrasie van die tummim en die urim behartig. Eers daarna is daar ook verwysing na hulle bedieningswerk rondom die offers. Die priesters is dus beskou as mense met besondere gawes, soos onder meer

visioenêre insig in die wil van God. Eksodus 19:5-6²⁴² kan beskou word as die *locus classicus* van God se bedoeling met priesterskap en priesterwees, vergestalt in die besondere diens sowel as in die individuele, persoonlike toegewydheid aan *Jahwe*.

Tydens die koningstyd is die priesterdiens goed gevestig, met die tempeldiens geplaas onder die beskerming van die koningshuis (die ryk wat later in twee koninkryke verdeel het). Priesterlike kodes en wette is ingestel en die troon en die altaar het saamgewerk. Dit is belangrik om op te merk dat daar 'n noue verband tussen koninkryk en priesterwees is (soos uit Eksodus 19:5-6 duidelik is; vgl. Op. 1:6a, 5:8). In dié tyd het die bring van offers belangriker as orakels en onderrig in die Tora geword.

Gedurende die tydperk tussen die ondergang van die ryk en die terugkeer uit ballingskap (586-538 v.C.) is al die verwysings na priesterlike aangeleenthede in die heilige geskrifte geherorganiseer. Esra het ná die ballingskap die rekonstruksie van die gemeenskap op basis van hierdie Tora onderneem. Die priesterdiens het 'n orde geword wat oor die insettinge en bepalinge van *Jahwe* gewaak het. Vennootskap tussen priester en skriba (*γραμματεὺς*) het ontstaan. Die *γραμματεὺς* was iemand wat die priesterskap onder die kontrole van 'n wet geplaas het wat in skrif vasgelê is, en was ook 'n kenner van die wet en die bywette wat geskryf is. Die priester het die kennis van hierdie kundige benodig. Die woord *γραμματεὺς* word daarom in Afrikaans gepas met *skrifgeleerde* vertaal (vgl. byvoorbeeld die vertaling van Mark. 12:35).

In die tyd van die Nuwe Testament ontstaan 'n sosiale kloof tussen gewone priesters en die orde van hoëpriesters. Laasgenoemde ontwikkel in 'n geslote professie, terwyl die afstammelinge van die vroeëre Leviete in die plattelandse streke in die bestuur en uitvoering van laer tempelpligte en in die uitvoer van tempelmusiek dien. In vergelyking met die hoëpriester (*ἀρχιερεὺς*) en veral met die skrifgeleerde het die priester 'n mindere rol in die Nuwe Testament. Die priesters se diens kry in verskillende opsigte 'n veruitwendigde karakter onder die kontrole van die skrifgeleerdes. Schrenk (1974:265) beskou die woorde van Petrus in 1 Pet. 2:5²⁴³ as die enigste plek in die Nuwe Testament “...in which priestly image in a personal sense is used of Christianity.” Myns insiens is dit

²⁴² Eks. 19:5-6: “As julle My gehoorsaam en julle aan My verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, 'n koninkryk wat My as priesters dien, en 'n gewyde nasie. Die hele aarde behoort immers aan My.”

²⁴³ 1 Pet. 2:5: “Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.”

egter baie duidelik dat die woorde in die briefaanhef van Op. 1:6a en hier in die liedteks van 5:10 ook as tekste beskou kan en moet word waar die algemene priesterkap van die gelowiges ter sprake is (vgl. die verdere bespreking en uitleg van 5:10 hieronder).

Uit die studie van die konsep van die sakrale (*ἱερός*) en die verpersoonliking daarvan in die woord *priester* (*ἱερέυς*) word tot die volgende samevattende konklusies gekom:

- Die konsep van die sakrale (*ἱερός*) in algemene Grieks bevat inligting wat belangrike agtergrond bied om die woord *ἱερέυς* in 5:10 reg te vertolk, alhoewel die Nuwe-Testamentiese Grieks klaarblyklik die sekulêre wêreld se term *ἱερός* vermy. Die goddelike, die gewyde en die kultiese uitdrukking daarvan is nietemin daarin opgesluit en bepaal indirek die betekenis van *ἱερέυς*.
- Die selfstandige naamwoord *ἱερέυς* is van die vroegste tye af gebruik as aanduiding van iemand met spesifieke gawes om 'n besondere religieuse diens te verrig, onder meer die diens om aanbidding en gemeenskap tussen (g)od en mens te lei.
- Die besondere priesterdiens is nie bedoel om die persoonlike offerande, offervaardigheid en gebed tot God wat deur individue gebring word, uit te sluit of te vervang nie; die algemene priesterskap van gelowiges is teenwoordig binne die semantiese veld van beide terme (*ἱερός* en *ἱερέυς*).
- *Koninkryk* en *priester* is gepaardgaande begippe, terwyl laasgenoemde ook verbind is aan tempelmusiek.
- Verobjektivering van goddelike insettinge en kultiese veruitwendiging van die omgang met God (soos Christus dit in sy tyd op aarde in Israel uitwys en bestraf) is in die lig van die woordstudie nòg die bedoeling, nòg die betekenis van nòg die amptelike, nòg die persoonlike priesterlike toewyding aan God.

Op grond van die woordstudie en bostaande samevattende gevolgtrekkings daaruit kan die besondere betekenis-skakeling van *ἱερεῖς* in 5:10 in die konteks van die apokalips se ontwikkeling in Openbaring 5 nou vasgestel word. Die vrygekooptes van wie die lewende wesens en die ouderlinge in die slot van hulle liedstrofe sing, is korporatief 'n koninkryk, maar individueel is hulle priesters (Osborne, 2004:261). Ek kom tot die oortuiging dat die koninklik-korporatiewe uit die persoonlik-priesterlike tot stand kom. Dit is die aksent wat die chiastiese konstruksie in 5:10 lê en met

nadruk oordra. Die persoonlike verhouding waarin die verlostes as gevolg van hulle vrykoping deur die bloed van die Lam tot God staan – vir Wie hulle nou in die nuwe eksodus met heilige toewyding sy nuwe volk mag wees – hou ook in dat hulle saam met God en die oorwinnende Lam oor die aarde sal regeer. Robert Wall verwoord die insiggewende betekenisontsluiting deur middel van die chiasiese konstruksie in 5:10 soos volg:

The community of faith represents God's rule on earth as an alternative to the world order and its evil powers and principalities. As important as this second reality is, for John the more pivotal consequence of the cross is servanthood rather than rule. Only when the church first understands itself as a community of priests, will it be liberated from the notions of repressive power found in the anti-Christian kingdom, and thus be fit to reign with a redeeming God and slaughtered Lamb. (Wall, 1991:104.)

Koninklike en priesterlike elemente “...*surface throughout the book...[y]et it is framed throughout in worship and liturgy*” (Charles, 1991:471). Hierin kom die liturgiese perspektief van die chiasme met sy spinale werwelkolom van die *ἱερεῖς* waaromheen die konstruksie waaier, nou duidelik na vore (vgl. my antispasie daarvan vroeër). Die liturgiese perspektief wat hierdeur oopgaan, is dat aanbidding (liturgie) die koninklike element voorafgaan. Ek bedoel *voorafgaan* nie as aanduiding van 'n chronologiese orde nie, maar van 'n *logiese* orde. Dit impliseer dat dit juis aanbidding is wat eventueel ook laat deel in koninklike oorwinning. Dit is immers in die doksologiese verhouding waarin die aanbidders tot God en die Lam staan, dat die triomfantlike oorwinning vir hulle realiseer deur middel van en in die vorm van hulle algemene priesterskap as vrygekoopte gelowiges – hulle wat nou *coram Deo* mag bestaan, staan, leef, dien en prys.

Hierdie liturgiese perspektief word ondersteun en bevestig deur die verdere verloop van die liedperikoop. In die tweede antifoon (5:13b) van die derde liedteks word die ganse kosmos gelei tot die weergalose universele doksologie aan God en die Lam, gebring deur al die bestaande. Dit gebeur as gevolg van die feit dat die vrygekooptes deur die Lam priesters vir God gemaak is. Sodoende vervul die priesters hulle roeping om die ganse skepping priesterlik tot verheerliking van God en die Lam na Hom/Hulle toe terug te lei. En die eskatologiese waarin dit realiseer: hulle sal as konings heers (*βασιλεύσουσιν*) oor die aarde (*ἐπὶ τῆς γῆς*) in die voleindigde koninkryk (*βασιλεία*).

Maar voor die himniese rykdom van die tweede antifoon hoor Johannes eers die eerste van die twee antifone van die derde liedteks. Dié antifoon (5:12b) is geplaas tussen die liedstrofe van die agt en twintig troonfigurante van die eerste twee kringe om die troon, en die fokalisator op hemelse gebeure se hoor van die antifoon wat deur die totale universum voorgedra word (5:13b).

(ii) *Generiese manifestasie van doksologie in die derde liedteks, eerste antifoön*
(5:9b-10)

Sien aan die einde van die bespreking van die tweede antifoön (5:13b).

▪ 5:11-12a Visie op miljoene der miljoene engele

Καὶ εἶδον, καὶ ἤκουσα φωνὴν ἀγγέλων πολλῶν κύκλῳ τοῦ θρόνου καὶ τῶν ζώων καὶ τῶν πρεσβυτέρων, καὶ ἦν ὁ ἀριθμὸς αὐτῶν μυριάδες μυριάδων καὶ χιλιάδες χιλιάδων λέγοντες φωνῇ μεγάλῃ

En ek het gesien, en ek het gehoor 'n stem van baie engele om die troon en die lewende wesens en die ouderlinge, en hulle getal was tienduise van tienduise en duisende van duisende (miljoene der miljoene) [wat] met 'n groot stem sê: ...

Die doksologie van die twee troonfigurantegroepe van die eerste twee kringe om die troon brei nou uit na dié van die derde/wydstesirkel om die troon: die magtige sang²⁴⁴ van die lofprysende engelemenigte. Hulle simboliseer of verteenwoordig nie soos die lewende wesens en die ouderlinge 'n bepaalde 'divisie' in die kosmos nie, maar is sonder meer as 'n hemelse entiteit welbekend in religieuse geskrifte (vgl. 5.4.1.2(i)).²⁴⁵ Dit is vir die verteller belangrik om die feitelike geloofwaardigheid van sy sien en hoor met stelligheid mee te deel: sy sien (*Καὶ εἶδον*; *ek het gesien*) sowel as sy hoor (*καὶ ἤκουσα*; *ek het gehoor*) van die engelemenigte is albei weer eens in die aoristus-verledetydsvorm van die onderskeie werkwoorde vervoeg. En hy deel in die imperfektum die aantal engele mee: *en hulle getal was* (*ἦν←ἐμυ*). Die omvang van die getal wat met die vermenigvuldigende frase *μυριάδες μυριάδων καὶ χιλιάδες χιλιάδων* aangedui word, beteken dat die getal eintlik onberekkenbaar baie is (Hughes, 1990:83). Daar is met ander woorde 'n ontelbare menigte derdekring-troonfigurante.

Die invoeging van hierdie feitetaal tussen die liedtaal van die eerste twee kringe se figurante en dié van die derde kring, die engele, onderstreep die feit dat laasgenoemde nie saam met eersgenoemde sing nie, maar dat hulle op eersgenoemde se liedstrofe (5:9b-10) reageer met 'n antifoön. Sodoende is hulle tog gesamentlik die sangers van dieselfde lied,

²⁴⁴ Die woorde *met 'n groot stem* (*φωνῇ μεγάλῃ*) is 'n *dativus instrumentalis*, op grond waarvan ek die engele se lieduitvoering *magtige sang* noem. Daar is kommentare wat van mening is dat die twee woorde saam 'n tegniese term vorm wat akklamasie uitdruk (vgl. Aune, 1997:363-364; hyself vertaal *λέγοντες φωνῇ μεγάλῃ* met die woorde 'chanting with a great voice').

²⁴⁵ Die engele tree reeds sedert die Ou-Testamentiese openbaringsgekiedenis as hemelse gesante op. Die miljoene (bedoelende ontelbare) engele van Openbaring se troongesig is 'n Nuwe-Testamentiese intertekstuele eggo op die miljoene engele in Daniël se nagtelike visioen (wat deur hom ook in die konteks van 'n troongesig gesien is; Dan. 7:10).

maar in die vorm van beurtsang. Wat laat hierdie ontelbare menigte nou in hulle antifonale sang hoor?

▪ 5:12b Liturgiese sang: antifoön (eerste respons van derde liedteks)

ἄξιόν ἐστιν τὸ ἀρνίον τὸ ἐσφαγμένον λαβεῖν
τὴν δύναμιν καὶ πλοῦτον καὶ σοφίαν
καὶ ἰσχὺν καὶ τιμὴν καὶ δόξαν καὶ εὐλογίαν

*Waardig is die Lam wat geslag is om te ontvang
die krag/mag en rykdom en wysheid
en sterkte en eer en heerlikheid en lof.*

(i) Verklaring van woorde, begrippe en mikro-eenhede

(i.i) 5:12b(i) ἄξιόν ἐστιν τὸ ἀρνίον τὸ ἐσφαγμένον λαβεῖν
(*Waardig is die Lam wat geslag is om te ontvang*)

Die eerste versreël van die eerste van twee antifone van hierdie antifonale lied is die derde himniese versreël in Openbaring 4 en 5 wat open met die term *ἄξιος* (*waardig*-of *werdwees*; hier *ἄξιόν*, die neutrale vorm van die byvoeglike naamwoord, omdat dit saam met die begrip *ἀρνίον* gebruik word en dié 'n onsydige selfstandige naamwoord is). *ἄξιόν* koppel terug na die antifoön van die ouderlinge in 4:11 en is in hierdie derde liedteks ook 'n direkte aansluiting by die aanvangstrofe van 5:9b-10, waarop dit resondeer.²⁴⁶ Hierdie woord wat nou ook deur die engele in hulle liedaanhef gebruik word, *korrespondeer* dus met 4:11, maar *respondeer* op 5:b-10 (vgl. die gebruik van die woord ook in die vraag van die sterk engel in 5:2 en die stelling in 5:4; dié vyf frases is die enigste plekke in die apokalips waar die woord voorkom). Anders gestel: struktureel is *ἄξιόν* in 5:12b direk verbind aan die gebruik daarvan in 5:9b omdat dit in dieselfde liedteks voorkom, maar die wyse waarop dit hier uit die monde van der miljoene singende engele opklink, kom meer ooreen met die doksologie in die ouderlinge se antifoön van 4:11. In die konteks van 4:11 is dit 'n doksologiese waardigverklaring van *ὁ κύριος καὶ ὁ θεὸς ἡμῶν* (*Here ons God*) op grond van sy deugde.²⁴⁷ Hier in 5:12b is dit nou die Lam wat waardig geprys word (vgl. in 5:12b(ii) hieronder die sewetal karaktertrekke van sy Wese waarvan die engele sing).

²⁴⁶ Vergelyk weer eens hoe God se waardigheid om geprys te word in die antifoön van die ouderlinge in 4:11(i) emfaties as voldonge feit opklink deur die gebruik van dieselfde koppelwerkwoord *εἶ* (←*εἶμι*; *om te wees*) wat ook daar in die praesens-vorm is. Vergelyk ook in 5:9b(i) dieselfde beklemtoning van die absolute waardigheid van die Lam om soos God in 4:11(i) ook om sy deugde geprys te word.

²⁴⁷ Die ouderlinge verheerlik God in hulle antifoön van 4:11 om sy *gravitas*-heerlikheid, sy 'waardevolle werdwees' of 'worth-ship' en sy krag wat die uitdrukking van sy wil is (vgl. by die uitleg van (4:9(ii), (iii) en 4:11(iii) die semantiese rykdom van die attribute van God).

Wat is die rede vir die engele se verheerliking van die aanbiddingswaardige Lam? Hulle sing nie hulle motivering daarvan met 'n redegewende voegwoord soos *ὅτι* uit nie, maar hulle antifoön is daglig-duidelik begrond in die nagdonker lyding van die Paaslam waarvan die lewende wesens en die ouderlinge sing (5:9b-10). Die woorde in die eerste frase van die antifoön, *die Lam wat geslag is* (*τὸ ἀρνίον ἐσφαγμένον* ← *σφάζω*), is by wyse van spreke direk-eweredig aan die redegewende himniese begronding van lofverheffing in die aanvangstrofe, die woorde *omdat U geslag is* (*ὅτι ἐσφάγης*). Die doksologiese antifoön van 5:12b is dus in dieselfde styl as die dokso-logiese antifoön van 4:11 – wel met die verskil dat die engele nie in hulle antifoön die begronding van hulle doksologie soos die ander lofprysende troonfigurante (die vier en twintig ouderlinge) uitsing nie, maar dit responsief uit die voorafgaande aanvangstrofe onderliggend deel maak van hulle sang. Dit is 'n ware *anti-foön*, in die volle sin van die woord 'n responsiewe *weer-klank* van en op 'n voorafgaande klank.

'n Laaste faset van die inleidingsfrase van die antifoön wat nie die navorser en leser se aandag mag ontglip nie, het andermaal te doen met die tydvorm waarin die werkwoord *σφάζω* (*om te slag*) vervoeg is. *ἐσφαγμένον* is 'n perfektum partisipium passief, waarin daar teruggekeer word na die verledetydsvorm waarin die verteller sy aanvanklike waarneming van die Lam wat geslag is in 5:6 weergee. In die aanvangstrofe (5:9b-10) funksioneer die geslagwees van die Lam op 'n ander wyse: dat Hy geslag is, is daar in die stelligheid van die aoristus uitgedruk. Waar die lydensmotief nou in die antifoön (5:12b) voorkom, val die nadruk egter weer soos in 5:6 op die uitwerking van die Lam se versoenende daadhandeling deur die dood heen – vandaar die perfektum. Die kragtige gevolg van die Paaslam se sterwe en opstanding staan dus nogmaals in frontfokus. Dit hef nie die stelligheid van die Lam se oorwinning deur dood en opstanding op nie (waarop die agt en twintig troonfigurante in hulle liedstrofe so sterk nadruk lê), maar die aksent lê hier in 5:12 anders. Die miljoene troonfigurante van die wydste konsentriese sirkel om die troon fokus in hulle antifoön primêr op die saligmakende uitwerking van die Lam se werk, wat net so vas staan soos die konkrete feit van die reddingsdaad self.

Daarom skryf die miljoene engele sewe lofryke lieflikhede aan die Lam toe ((i.ii) hieronder). Hy is werd (*ἄξιος*) om dit te ontvang (*λαβεῖν* ← *λαμβάνω*; aoristus-infinities).

(i.ii) 5:12b(ii) *τὴν δύναμιν καὶ πλοῦτον καὶ σοφίαν
καὶ ἰσχὺν καὶ τιμὴν καὶ δόξαν καὶ εὐλογίαν*

(die krag/mag en rykdom en wysheid
en sterkte en eer en heerlikheid en lof)

Die onoorsienbare aantal engele se blydschap borrel in 'n verdigte antifonale antwoord op die agt en twintig ander troonfigurante se liedstrofe. Hierdie hemelsangers verheug hulle in die redding van die mense wat losgekoop is (vgl. Luk. 15:7,10), al het hulle nie self redding nodig nie (Kistemaker, 2001:212; die gevalle engele tel verseker nie onder die miljarde singende engele nie, vgl. Greijdanus, 1965:109). Die engele se sang herinner aan woorde van Petrus (1 Pet. 1:12): hierdie dienaars van God begeer om insig te kry in die misterie van God se verlossing van sy volk deur die Lam wat moes ly om daarna verheerlik te word.

Die engelekoor brei selfs die attribute van God wat in Openbaring 4 besing word verder uit wanneer hulle op hulle beurt (dit is immers antifonale *beurtsang*) die Lam verheerlik. Die drie motiewe uit die liedstrofe van die lewende wesens (4:9) en die antifoön van die ouderlinge (4:11) wat hier in die antifonale engelelofsang terugkeer, is die *δύναμις*, *τιμή* en *δόξα* van God – onderskeidelik sy krag in die uitdrukking van sy wil, sy ‘worth-ship’ en sy *gravitas*-heerlikheid. Die uitbreiding is in die vorm van nog vier deugdelike kwaliteite van die oorwinnende Lam van wie hulle sing, naamlik *πλοῦτος*, *σοφία*, *ἰσχὺς* en *εὐλογία*. Die eenmalige gebruik van die bepaalde lidwoord *τὴν* voor *δύναμις* wat al sewe die *καὶ*-gekoppelde selfstandige naamwoorde bepaal, is raar en wek die indruk dat die sewe saam een woord of 'n eenheidsformule vorm (Charles, 1971[1920]:149). Lupieri (2006:142) wys op 'n teorie dat die uitdrukking liturgies is, 'n teorie wat hy meen bewys is. Dit vorm 'n *crescendo* van lofprysing (Allen, 1997:185). Jonathan Knight (1999:65) sê – waarskynlik na aanleiding van die eenheid wat 5:12b(ii) se woorde suggereer – dat dit vrugteloos is om tussen die sewe woorde onderskeid te maak. Hy motiveer dit soos volg: “*They all designate the universal authority of the Lamb which is related to the fact of his vindication through slaughter.*”

Dat die nadruk in die sewetal woorde inderdaad gesamentlik val op die mags-bekleding van die Lam op sterkte van sy volledige versoeningswerk (so versterk juis die sewe-aantal dit ook; Kistemaker, 2001:212), beteken myns insiens egter nie dat die besliste eie-aard van elke konsep in die engele se antifoön nie in ag geneem hoef te word nie. 'n Opvallende onderskeid wat byvoorbeeld in die sewetal gemaak kan word, is tussen sogenaamde objektiewe en subjektiewe kwaliteite van die Lam. Die eerste vier magsattribute (die krag, die rykdom, die wysheid en die sterkte) het te doen met die mag en heerskappy wat die Lam ontvang het, terwyl die laaste drie (die eer en die heerlikheid en die lof) te make het met die aanbidding wat aan Hom toegebring word (Loshe, s.j.:59). Kroll (1989:167) verwoord dit so: “*The first four attributes express the Lamb’s sovereignty as the supreme agent of God. The last three reflect the proper recognition and respect of the Lamb by the angelic court.*” Verder belig die sewe woorde elkeen 'n bepaalde faset van die lof aan die Lam, en die

saamgroepering van onderskeidelik die eerste vier en die laaste drie begrippe lewer ook 'n noodsaaklike bydrae tot die verstaan en vertolking van die engele se dokso-logie.

Ek gee aandag aan elk van die attribute in dié twee 'kategorieë' wat deur die engele in hulle verheerliking van die Lam ingesluit word.

- *Eerstens: magsattribute wat die Lam van God van Hom ontvang*

- *δύναμις*

Die Lam wat die boek geneem het, het die bevoegdheid om die wil van God uit te voer deur die *δύναμις* wat Hy van Hom ontvang. Hy is met ander woorde waardig om die krag – wat die uitdrukking van God se wil is – in God se reddende openbaringsdramatiek in die teater van die geskiedenis te realiseer (vgl. die eksegeese van 4:11(iii) en (iv) vir die betekenisbepaling van die woord *δύναμις*).

- *πλοῦτος*

Dié Griekse selfstandige naamwoord word met *rykdom* vertaal (Engels: *wealth*; Duits: *Reichtum*). *πλοῦτος* is dikwels met koningskap geassosieer (vgl. 18:17), alhoewel die Ou Testament nêrens rykdom aan die metafoor van God se koningskap verbind nie (Aune, 1997:365).

- *σοφία*

Wysheid, wat in die himiese engeletaal van 5:12b opgeneem is, is ook in hulle antifoon van 7:12b teenwoordig, maar dit is daar 'n attribuut van God – en nie die Lam nie – wat deur hulle besing word. Die term *σοφία* kan op meer as een manier omskryf word: “...it is variously rendered in some languages as ‘great understanding (knowledge),’ ‘great insight,’ or even idiomatically, for example, ‘bright spirit (innermost)’.” (Bratcher & Hatton, 1993:106). Die Lam is soos Brighton (1999:143) dit uitdruk die “‘hypostasized Wisdom’” van die kreatiewe God, en die engele sing daarvan dat die Lam deur sy volbragte werk die wysheid van God dinamies verpersoonlik.

- *ίσχύς*

Die woord *ίσχύς* (*sterkte*) is semanties in 'n mate verwant aan die woord *δύναμις*, maar die twee is nie sinonieme van mekaar nie (*contra* Aune, 1997:365;

Osborne, 2004:263; Smalley, 2005:139). Sou dit die geval wees, is die terme in die antifonale engelesang van 5:12b sowel as in hulle antifoön van 7:12b toutologies gebruik (in laasgenoemde antifoön staan die twee Griekse woorde selfs in jukstaposisie tot mekaar). *ἰσχύς* kan op fisiese krag dui, maar in die konteks waarin die woord in die lofprysingsformule van die engele opklink, funksioneer dit in die betekenis van buitengewone vermoë, waarby persoonlike potensiaal ook moontlik geïmpliseer word (Louw & Nida, 1988:676). Wat die Hebreeuse ekwiwalent (*‘az*) van *ἰσχύς* betref, is daar ’n klaarblyklike terughoudendheid om dit as ’n kenmerk van menslike konings te gebruik; waar die woord wel in die Ou Testament voorkom, is dit in die konteks van ’n voorreg en gawe wat deur God aan die koning verleen word (1 Sam. 2:10; Ps. 28:8). Hierdie kwaliteit word dikwels aan God toegeskryf as deel van die metafoor van sy koningskap (vgl. onder meer Eks. 15:2,13; Jes. 45:24; Ps. 62:12). Die engele gebruik *ἰσχύς* hier juis in die liturgiese formule waarin die heersersmag van die Lam – deur God gegee op sterkte van die Paaslam se dood en opstanding – besing word.

• *Tweedens: wesenskenmerke van die Lam wat erken en aanbid word*

▫ *τιμῇ*

Sien die uitleg van 4:9(iii) en 4:11(iii): God se waardevolle werdwees (*‘worship’*) – so sing die engele – is ook ’n inherente deug van die Lam op grond waarvan hulle Hom aanbid.

▫ *δόξα*

Sien die uitleg van 4:9(ii) en 4:11(iii): God se *gravitas*-heerlikheid is eweneens ’n deug van die Lam waarvoor die engele lof aan Hom toebring.

▫ *εὐλογία*

Hierdie begrip wat die afsluitingsmotief in die engele-lofsang vorm, is een van die min woorde in die Nuwe Testament waarvan dit duidelik is dat hulle nie hulle betekenis uit sekulêre Grieks oorneem nie, “...but from the fact that they are the renderings of Hebrew words which acquired their religious significance in the OT and other Jewish writings” (Beyer, 1974:754). In die LXX is *εὐλογία* naamlik ongeveer sestig keer die Griekse vertaling van die Hebreeuse woord *bērākā* (*seën/seëning*). Die Nuwe Testament neem die Ou-Testamentiese konsep van seën oor. Seën impliseer ’n aksie van ’n meerdere na ’n mindere (Heb. 7:1). In Heb. 11:20 e.v. word daarvan geskryf dat Isak vir Jakob geseën het (Gen. 27:28 e.v.) en dat

Jakob die seuns van Josef geseën het (Gen. 48:15 e.v.). Dit is duidelik dat hierdie seën in geloof uitgespreek is. Die Nuwe-Testamentiese skrywer kan nie anders nie as om te aanvaar dat die oordra van die seën van die vader na die seun plaasgevind het in vaste, onskokbare geloof en vertroue in die beloftes van *Jahwe* aan Abraham, die vader van die gelowiges. Die een wat die seën uitspreek plaas met sy handeling die ontvanger van die seën in die beskerming van God. In die Nuwe Testament word die voorreg en plig om God te ‘seën’ ook erken, en die woord word in sy omgekeerde werking – van die mindere na die Meerdere – verstaan as lofprysing gerig tot God (vgl. in Luk. 1:64 die priester Sagaria se eerste woorde nadat hy sy spraak teruggekry het en weer begin praat het: *εὐλογῶν τὸν θεόν*; prysende God – teenwoordige deelwoord). In die lofsang van die engele in die troongesig van die apokalips word *εὐλογία* die beste met *lof* vertaal (Engels: *praise*; Duits: *Lob*). Met hierdie laaste engelewoord bereik hulle sewevoudige lofakkoord in verband met die Lam sy hoogtepunt. W. Barclay skryf dat lof die die een gawe aan God is “...we who have nothing can give to Him who possesses all” (aangehaal deur Groenewald, 1986:84).

Die betekenisontsluiting hierbo van die ontelbare aantal engele se doksologiese antifoön open nogeens besondere perspektiewe vir die ontvangers van die apokalips, waardeur hulle in hulle aktuele omstandighede bemoedig word om te bly volhard. Die perspektief uit die sewe terme – afsonderlik en in hulle samehang – om die Lam te verheerlik, is dat die engele-liedtaal nie onbekende hemelse taal is nie, maar bekend is op aarde. In die keiserkultus is die sewe kwaliteite van die Lam deur die aanbidders van die keiser vir hom alleen gereserveer (Wall, 1991:108; vgl. ook ander terme soos *almagtig*, *waardig*, en *heilig* wat vir die keiser gebruik is; Pate, 2011:395). John Sweet (1990:131) formuleer die verskil wat daar bestaan egter suiwer: “*The power and homage which Rome takes for granted belong in reality to the Lamb, by right of self-sacrifice, not self-assertion.*”²⁴⁸ Waar die hemelwesens dus die kultuurhistoriese definisies van heerskappy himnies reflekteer, oorstyg en parodieer dit die aardse vergestaltung van die konsepte. Die engele sê – nee, *sing* – die gehoor voor: alle mag en majesteit behoort aan die Lam wat deur sy kruis en opstanding (sy geslag- en staande-wees) by die troon in die senusentrum van die universum staan en waardig is om verheerlik te word.

Die antifoön van die wydste kring om die troon antwoord sinvol op die waardig-verklaring van die Lam in die liedstrofe deur die ander agt en twintig troonfigurante

²⁴⁸ Vergelyk ook Jones & Sumney, 1999:113-114. In ’n literatuuroorsig oor studies van die ooreenkomste en raakvlakke tussen die keiserkultus en terme en motiewe in die apokalips, gee Naylor (2010:207-239) volledige inligting. Vergelyk Naylor (2010:23-25) vir tersaaklike literatuur in verband met *keiserverering en Christologie*.

(5:9b-10). En die tweede antifoon (5:13b) kan en sal nie uitbly as die sangers daarvan die lofwaardige Lam met hulle magtige sang toejuig nie. Wie is hulle wat die doksologie voortsit? En wat respondeer hulle op die liedstrofe en die eerste himniese respons wat deur die engele gebring is? Op. 5:13 gee antwoord.

(ii) *Generiese manifestasie van doksologie in die derde liedteks, eerste antifoon (5:12b)*

Sien aan die einde van die bespreking van die tweede antifoon (5:13b).

▪ 5:13a *Alles wat geskape is laat dit hoor!*

καὶ πᾶν κτίσμα ὃ ἐν τῷ οὐρανῷ καὶ ἐπὶ τῆς γῆς καὶ ὑποκάτω τῆς γῆς καὶ ἐπὶ τῆς θαλάσσης καὶ τὰ ἐν αὐτοῖς πάντα ἤκουσα λέγοντας

En elke skepsel (geskape wese) wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en in die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê/roep/sing: ...

Die voordraers van die tweede, afsluitende antifoon van die derde liedteks sluit alle skepsele in. Daar is pogings aangewend om die soorte skepsels in die hemel, op die aarde, onder die aarde en in die see in fyn besonderhede te onderskei (vgl. onder andere Morris, 1983:105-106). Wie word almal deur die verteller gehoor? Dit is egter om die skerp punt van bostaande frase te mis, want die woorde van 5:13a is 'n perifrastiese stelwyse om te sê elke enkele skepsel wat bestaan, ongeag soort, waar ook al, wie ook al, neem deel aan die lofverheffing gerig tot Hom wat op die troon sit en tot die Lam (Buchanan, 1993:160). Dit is poëtiese taal wat alles in die totale geskape werklikheid insluit (Kistemaker, 2001:213). Tog moet gevra word of die drie troonfigurantegroepe wat reeds in hierdie antifonale lied gesing het, daarby ingesluit is. Dit is 'n vraag wat – vanuit die liedstruktuur en uitvoeringswyse van die liedvoordrag benader – gevra en beantwoord behoort te word. Die sangers van die aanvangstrofe (5:9b-10) is die lewende wesens en die ouderlinge, die responderende sangers van die eerste antifoon (5:12b) is die menigte engele, en iedere en elke geskapene dra saam die finale antifoon (5:13a) voor. Dit is logies gesproke moonlik dat die *alles wat daar is* wat nou sing die lewende wesens, ouderlinge en engele kan insluit, maar waarskynlik is die voordraers van die laaste antifoon hulle wat nog nie gesing het nie en nou responsiewe aansluiting by die menigte hemelsangers rondom die troon vind (Sweet, 1990:131). Maar ek interpreteer die frase slegs as 'n metafoor (vgl. ook Aune, 1997:366) wat primêr die universele omvang van die derde liedteks se doksologie wil beklemtoon. So omvattend is die werk van die Paaslam dat alles en almal wat bestaan, Hom nou op die troon plaas saam met God. Johannes sê: *ek het gehoor* (ἤκουσα←ἀκούω; aoristus eerste persoon enkelvoud: *om te hoor*) alles en almal is besig om te sê/sing (λέγοντας←λέγω; partisipium praesens

[akkusatief]: *om te sê*):...(5:13b). Die inhoud van die lied bevestig dat *πᾶν κτίσμα* (elke geskapene) ’n voltooiende rol in die liedkomposisie speel.

▪ 5:13b Liturgiese sang: antifoon (tweede respons, slot van derde liedteks)

τῷ καθημένῳ ἐπὶ τῷ θρόνῳ καὶ τῷ ἁρνίῳ
ἡ εὐλογία καὶ ἡ τιμὴ καὶ ἡ δόξα καὶ τὸ κράτος
εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων

*Aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam
die lof en die eer en die heerlikheid en die krag
tot in alle ewigheid*

(i) *Verklaring van woorde, begrippe en mikro-eenhede*

(i.i) 5:13b(i) τῷ καθημένῳ ἐπὶ τῷ θρόνῳ καὶ τῷ ἁρνίῳ
(*Aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam*)

In die tweede en laaste antifoon van die derde liedteks word daarvan gesing dat alle lof aan die Een sittende (*καθημένῳ* ← *κάθηναι*; teenwoordige deelwoord: *om te sit*) op die troon en aan die Lam toekom of behoort. Dit is in die Griekse teks opvallend dat daar in hierdie eerste versreël van die antifoon nie ’n werkwoord voorkom wat met *toekom* of *behoort* vertaal kan word nie; ’n werkwoord met sodanige betekenis kan wel veronderstel word. Daar word van die Een sittende op die troon en van die Lam albei in die datief-naamval gesing, wat baie duidelik nie net datiewe is wat die indirekte objekte van die versweë werkwoord is nie, maar ook as twee *dativi commodi* funksioneer. Dit is asof die begunstiging van die twee prysenswaardige Karakters juis deur die afwesigheid van ’n werkwoord in fokus geplaas word: al die aandag trek in Hulle saam as die totale geskape werklikheid sy doksologie laat hoor.

Hierdie laaste antifoon wat deur iedere en elke geskapene voorgedra word, vorm ’n gepaste afsluiting, nie net van die tweede antifonale lied (die derde liedteks) nie, maar van al die lofuitinge in Openbaring 4 en 5. (Dié hoofstukke lei ook die totale doksologie van die hele apokalips in.) Die besondere bydrae van die betrokke antifoon is dat dit die verheerliking van die Een wat op die troon sit en van die Lam saambind in ’n magtige, universele doksologie. In die twee liedere van Openbaring 4 (4:8c en 4:9,11) sing die vier geveleude lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge tot lof van die Een wat op die troon sit, omdat Hy waardig is om dit te ontvang vanweë sy skepping en die uitvoering van sy wil in die onderhouding van alles. Al drie die troonfigurantegroepe verheerlik in Openbaring 5 die Lam en verklaar Hom aanbiddingswaardig omdat Hy mense vir God vrygekoop het en hulle afsonderlik priesters en gesamentlik ’n koninkryk gemaak het (5:9b-10 en 5:12b). In die laaste antifoon is dit nou God én die Lam wat saam begunstig word en dus saam die *dativus commodi*

van himniese verheerliking ontvang. Die laaste antifoniese akkoorde in en vanuit die universele kosmos plaas God en die Lam dus verheerlikend saam op die troon.

(i.ii) 5:13b(ii) ἡ εὐλογία καὶ ἡ τιμὴ καὶ ἡ δόξα καὶ τὸ κράτος
(die lof en die eer en die heerlikheid en die mag)

God en die Lam se lofwaardigheid word deur die laaste sangkoor wat in die derde liedteks optree, in vier lofterme verwoord. Die eerste van die vier (εὐλογία) neem die laaste motief van die vorige antifoön op en herhaal dit (die een wat deur die ontelbare menigte engele voorgedra word). Die twee antifone is met ander woorde in die lied direk en onmiddellik gekoppel. In albei word *lof* – wat die omgekeerde aksie van seën is: van die geseënde na Dié wat seën – aan God en die Lam gebring (vgl. verder die uitleg van 5:12b hierbo).

Vir die tweede en derde begrippe van die antifoön (τιμὴ en δόξα) word terugverwys na die uitleg van onderskeidelik 4:9(iii) en 4:9(ii), asook van 4:11 en 5:12b(ii). Met hierdie twee begrippe wat telkens gepaar word (vgl. die gesamentlike gebruik daarvan ook in die liedstrofe van 7:12b), word weer eens aangesluit by sowel die lof wat eers afsonderlik aan die Vader (4:9 en 4:11) gebring is en daarna ook aan die Lam gebring word (5:12b). *Gravitas*-heerlikheid (δόξα) en ‘worth-ship’ (τιμὴ) is refreinmatig aangewend en koppel God en die Lam met gemeenskaplike attribute.

Die vierde begrip, κράτος, is ’n woord wat in hierdie slotantifoön vir die eerste keer in ’n liedteks gebruik word (vgl. die lofspraak van 1:6b waar dit ook wel voorkom). Die woord is nader verwant aan ἰσχὺς as aan δύναμις wat saam met hom in dieselfde semantiese domein betekenisdraend is (Louw & Nida, 1988:680-683; vgl. vir die verskil tussen ἰσχὺς en δύναμις die uitleg van 5:12b(ii) hierbo). κράτος word daarom eerder met *sterkte* geassosieer – waarin daar van magsvermoë sprake is (vgl. παντοκράτωρ in 4:8c) – as met die uitoefening van daardie sterkte/krag soos dit in die woord δύναμις opgesluit is (Michaelis, 1974:905).²⁴⁹ Die woord sou daarom nie beskou kan word (soos Osborne, 2004:265, dit interpreteer) as ’n samevatting en opsomming van ἰσχὺς en δύναμις in een begrip nie. Alles wat geskape is sing in die laaste antifoön van nog ’n unieke goddelike attribuut, wat deur hulle as deug van God en die Lam geprys word: “*It denotes the superior power of God [and the Lamb] to which the final victory will belong*” (Michaelis, 1974:908). Die term staan soos die verheerlikingsformule in die antifoön van die engele in 4:12(b) ook in direkte kontras teenoor die wederregtelike aanspraak op krag deur die keiserkultus. Die Latynse

²⁴⁹ Vgl. weer δύναμις se ontleding in 4:11(iii) en (iv): dit is die kragtige uitdrukking/uitoefening van die wil van God in die skepping en die onderhouding daarvan in die verloop van die geskiedenis tot en met die vol-eindiging van God se doel daarmee.

woord *imperium* in verband met die keiser gebruik staan teenoor die Griekse *κράτος* in verband met God en die Lam, gebruik deur al die geskapenes in hulle massasang (Charles, 1991:472). Hulle sing afsluitend dus van die oorwinningskrag van God en die Lam (*κράτος*), wat nog 'n nuwe, derde dimensie open op die krag- en/of vermoë-attribueet in die karakteruitbouing van Hulle wat hulle goddelike wil uitoefen (*δύναμις*) en hulle heersersmag waardig is (*ἰσχύς*).

Ter afsluiting van die bespreking van die frase *ἡ εὐλογία καὶ ἡ τιμὴ καὶ ἡ δόξα καὶ τὸ κράτος* word gewys op die voorkoms van die bepaalde lidwoord voor elk van die vier woorde wat die inhoud van die lof uitdruk. Dit is dus 'n ander strukturering as in die sewe lofattribueet in die antifoon van die engele in 5:12b, waar die bepaalde lidwoord net een keer gebruik word (en waarin die konsep van 'n eenheidsformule 'n rol speel as reaksie op bekende aanbiddingstaal wat tot die keiser gerig is in die keiserkultus; sien die uitleg van 5:12b(i) hierbo). Daarmee word elkeen van die vier gemeenskaplike kwaliteite van God en die Lam wat deur die skepping besing word, afsonderlik beklemtoon. Die viervoudige gebruik van die bepaalde lidwoord sluit aan by die drievoudige gebruik daarvan in die antifoon van die ouderlinge in 4:11. Dit is op sigself ook 'n rede waarom *κράτος* nie as opsomming van die twee magsattribueet *δύναμις* en *ἰσχύς* beskou kan word nie (vgl. die vorige paragraaf vir my standpunt-inname in dié verband). Die unieke eie-aard van elk van die vier afsonderlike begrippe in die laaste antifoon word deur die lidwoord voor elkeen onder aandag gebring en moet daarom eerbiedig word.

(i.iii) 5:13b(iii) *εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων*
(tot in alle ewigheid)

Die laaste Griekse versreël van die tweede antifonale liedteks is weer eens 'n treffende aansluiting by die eerste antifonale lied. In die nie-direkaangehaalde aanvangstrofe van die vier lewende wesens in 4:9 is die frase *εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων* ook opgeneem. Daar is dit 'n verwysing na die Een wat op die troon sit – dat Hy tot in alle ewigheid lewe. Hier aan die einde van die tweede antifonale lied word daarvan gesing dat die lof, die 'worth-ship', die *gravitas*-heerlikheid en die oorwinningskrag behoort en toekom aan God sowel as aan die Lam. En dit is ook *εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων* (letterlik vertaal: tot in tye [akkusatief meervoud] van tye [genitief meervoud]; vgl. 4:9(v) en 4:10).

'n Slotopmerking by die slotantifoon: Die lof van ieder en elk wat geskape is, die singende *ieder* en die prysende *elk*, herinner onwillekeurig aan die loftaal van die globaal groot skepping in twee Psalms (onderskeidelik Ps. 19:1 en Ps. 145:6b; twee fragmente daarvan uit die 1936-beryming aangehaal). Die galms van dié Psalms is:

“Die dag roep orals luid en duisendstemmig uit
dié loffelike sprake;...”

“Daarbuite juig, gehoor en ongehoor,
sy kreatuur – ’n ganse skeppingskoor!”

(ii) *Generiese manifestasie van doksologie in die derde liedteks (5:9b-10,12b,13b)*

Die generiese manifestasie van doksologie in die derde liedteks (5:9b-10,12b,13b) word soos by die ondersoek van die eerste twee liedtekste (4:8c en 4:9,11) nou geïdentifiseer volgens die verskillende vorme en style van doksologie wat vroeër in 6.2 onderskei en bespreek is. Dit geskied op sterkte van die detailverklaring hierbo van die tweede antifonale lied. Wat is die doksologiese eieaard van die liedteks wat die opgevoerde fokalisator derde in sy troonvisioen oudiovisueel mag waarneem en vertellend rapporteer?

In die aanvangstrofe van die antifonale liedteks prys die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge die Lam wat geslag is en weer opgestaan het. Hy word deur hulle waardig verklaar om die boekrol²⁵⁰ te neem en oop te maak; dit is: om God se bedoeling met die skepping en die voortgang daarvan in die geskiedenis uit te voer. Hierdie waardigverklaring van die Lam is *liriese* lof: dit is sy magsvermoë wat geprys word. Maar die doksologie van die aanvangstrofe kry onmiddellik ’n oorheersend *epiese* karakter as die aanbiddingswaardige attribuut van sy magsvermoë met die redegewende voegwoord *ὅτι* (*omdat/want*) gemotiveer word. *Berichtendes Lob* (6.2.2.2) word sodoende met beskrywende lof gepaar. Die Lam se deugdelike mag word gefundeer in die konkrete sigbaarwording daarvan in die verlossende offerdaad van loskoping deur sy bloed/dood/lewe, waardeur die nuwe eksodus van vrymaking tot priesterlike – in die betekenis van *liturgiese* – aanbidding en oorwinnende, wêreldomvattende koningsheerskappy onderskeidelik ’n gerealiseerde werklikheid en ’n eskatologiese sekerheid word.

In die eerste antifoön van die lied wat respondeer op die aanvangstrofe, tref dit dat die ontelbare menigte engele direk aansluit by die eerste liedstrofe deur direk in *liriese* lof die waardigverklaring van die Lam deur die lewende wesens en die ouderlinge verder te besing. Hulle antifoön sluit sewe deugde van die Lam in en verteenwoordig dus ’n uitgebreide lofverheffing van en tot die Lam. ’n Epiese ondertoon wat aanvangstrofe en antifoön koppel is teenwoordig in die verwysing na die Lam as die Een wat

²⁵⁰ Ter herinnering: dit is die regsgeldige testamentêre dokument van die Een op die troon waarin sy heilige wil in die volle omvang van sy raadsbesluite by wyse van spreke opgeteken is.

geslag is, maar in die antifoon van die menigte derdekring-troonfigurante voer *beschreibendes Lob* (6.2.2.3) die botoon.

Die tweede en laaste antifoon van die lied is suiwer *liries*. Die Een wat op die troon sit en die Lam word daarin saam op grond van hulle Wese besing deur die universele geskape werklikheid.

Konklusie in verband met generiese manifestasie in die derde liedteks (5:9b-10,12b,13b):

Die derde lied (die tweede selfstandige antifonale lied) wat Johannes in sy waarneming van die hemelse liturgie hoor, is oorwegend *liries*, waarin eers die Lam en dan die Lam saam met God geloof word om Hulle talryke goddelike deugde. *Epiese* verheerliking van die Lam vorm egter in die aanvang van die lied eksplisiet en in verdigtende opstapeling van besonderhede die volledige begronding van die liriese lof. Die lof van die lied is met ander woorde veroorsaak deur die openbaringsdramatiek van die Lam se kragtige, lotveranderende reddingsdaad deur die dood heen. Die eerste antifoon is *liries*, maar steeds met 'n ondertoon van verhalende lof wat terugkoppel na die aanvangstrofe. Die tweede antifoon is beskrywende lof by uitnemendheid. In geheel gesien is die tweede antifonale lied *liries*, aangevuur deur epiese lof aan die geslagte Lam wat opgestaan het. Hierdie generiese manifestasie van doksologie in die derde liedteks funksioneer retories *epideikties* – om die deugde van God én die aanbiddingswaardige Lam met *akklamasie* te verklaar – op grond van *paradeigmata* – om die kragtige handeling van God in en deur die Lam se volbragte verlossingswerk te *proklameer*. Die retoriese funksie van die lof is dus om die ontvangers van die apokalips te bemoedig en aan te moedig om te volhard in dit wat hulle reeds het, te midde van die brutale aansprake wat aardse magte maak.

▪ 5:14a Liturgiese sang: akklamasie (vierde liedteks)

καὶ τὰ τέσσαρα ζῶα ἔλεγον· ἀμήν

En die vier lewende wesens het gesê/geroep: “Amen!”

Die laaste lofwoord in die toneel van hemelse liturgie behoort weer aan die vier sesvoudig-geveleude lewendes. Hulle is in die troonvisioen eerste deur die verteller gehoor met hulle uitvoering van die ononderbroke, opsigselfstaande *Trisagion*-lied (4:8c), en dit is ook hulle wat die doksologiese rykdom van Openbaring 4 en 5 nou afsluit met die een woord wat hulle sê/uitroep (*ἔλεγον*←*λέγω*; derde persoon meervoud aoristus indikatief aktief: *om te sê/sing*), naamlik met die kort woord *ἀμήν*. Die feitlike geloofwaardigheid van Johannes se hoor van die laaste woord in die hemelse liturgie staan dus

steeds net so vas in die getuienis wat hy van die apokalips (1:2) lewer, soos elke ander woord en frase en feit wat hy vertellend weergee.

Sou die een woord as 'n lied beskou kan word? Is dit nie bloot 'n (afsluitende) liturgiese uitroep nie? Dit is vrae wat vroeër reeds aan die orde gestel is (6.1.2.2). Om hierop te antwoord, moet die gebruik van die lewende wesens se laaste, alleenstaande woord *ἀμήν* in die Nuwe Testament en besonderlik in Openbaring nagegaan word.

(i) *Verklaring van woordfunksie en -betekenis*

In die betekenisbepaling van die woord *ἀμήν* is dit belangrik om in ag te neem dat dit 'n begrip is wat onveranderd uit die Ou-Testamentiese Hebreeus oorgeneem is. Die meeste tale neem soos Grieks die woord onvertaald oor, maar weliswaar nie in elke konteks waarin dit gebruik word nie. Dit is daarom gerade om eerstens te let op die betekenis van die Hebreeuse woordstam waaruit die verdere vertakings van die woord groei, en tweedens op verskillende gebruikskontekste daarvan wat verskillende konnotasies na vore bring.

Eerstens kan die Hebreeuse woordstam *amn* se wortelbetekenis vasgestel word. Dit beteken *om beslis of seker te wees* ('to be firm or sure'; Schlier, 1974:335). Hierdie betekenis kan as die basis van verskillende ander verwante betekenismoontlikhede geneem word.

Dit is tweedens duidelik dat variërende kontekste waarin die woord voorkom, dikwels verskillende semantiese nuanserings na vore bring. Ek neem die variërende kontekste waarin *amen* in die Nuwe Testament gebruik word, as vertrekpunt om die betekenis-draagwydte van die woord in Openbaring vas te stel. Ek gaan dus nie verder in op die verskillende konnotasies wat in die Ou Testament daaraan geheg word, alhoewel (en ook omdat) daar groot ooreenstemming is. Die woord kom in minstens drie funksies in die Griekse Nuwe Testament en in die vroeë Christendom voor. Die eerste gebruik van die woord is in 'n liturgiese funksie (vgl. 1 Kor. 14:16). Dit is 'n liturgiese *akklamasie* in Christelike aanbidding, waardeur gerespondeer word op iets wat iemand anders sê of doen. Tweedens eindig Christelike gebede en doksologieë dikwels met die woord, in welke geval dit nie die '*selfconformation*' impliseer van die een wat die woord gebruik nie. "*It expresses the fact that in divine service prayer and doxology have their place before the people whose response they evoke or anticipate.*" (Schlier, 1974:337.) Die derde gebruik van *ἀμήν* in die Nuwe Testament kom in die Sinoptiese Evangelies en in dié van Johannes oorvloedig voor (dertig keer in Matteus, dertien keer in Markus en ses keer in Lukas; vyf en twintig keer in die Johannese evangelie). In al die gevalle kom dit voor in die uitsprake van Jesus wat

deur die evangelieskrywers aangehaal word; Hy plaas die *amen* voor sy uitspraak om daarmee die geldigheid van sy uitsprake te beklemtoon.

Teen hierdie breër agtergrond van *amen* se verskillende gebruike in die Nuwe Testament kan die voorkoms daarvan in Openbaring nou nader onderskei word. Stephen Smalley (2005:141) wys daarop dat *ἀμήν* in die apokalips op vier verskillende – maar komplementerende – wyses gebruik word:

- as 'n bevestigende ('*confirmatory*') respons op woorde van 'n ander spreker (vgl. 22:20);
- as 'n bekragtigingswoord ('*affirmation*') in 'n lofprysingshandeling (1:6-7; 7:12; in laasgenoemde teks word dit selfs as begin- en afsluitingswoord van die doksologie gebruik);
- as die slotwoord ('*conclusion*') van 'n gebed (soos in 22:21²⁵¹);
- as 'n titel vir Jesus (3:14).

Smalley is van mening dat die lewende wesens se *amen* in eersgenoemde gebruiksvorm funksioneer. Deichgräber (1967:53) en Jörns (1971:54-55) skryf die feit dat *ἀμήν* nie deel van die doksologie – die tweede gebruik hierbo – van die derde liedteks vorm nie, daaraan toe dat dit in 'n narratiewe konteks ingebed is. Dit is 'n ander 'stemparty' wat aan die (een!) woord is. So verstaan is *amen* se gebruik in 5:14a responsief, 'n reaksie op die vorige sprekers/sangers, maar nie in die vorm en funksie van nog 'n (derde) antifoön van die derde liedteks nie. Dit is vir my duidelik dat dit verantwoord is om dit hier as 'n bevestigende respons van die vier wesens te interpreteer. Hulle respondeer op die laaste antifoön van die laaste liedteks. Die *amen*-uitroep is hulle reaksie op die doksologie van die skepping. Maar doen hulle dit nie op elk van die vier lofprysingsattribute wat deur die skeppingskoor aan God en die Lam verbind word nie (5:13b), of selfs ook op elk van die sewe loflikhede wat die engele (5:12b) aan die Lam toebring? (Van de Kamp, 2000:189.) Dit is moontlik, maar die vraag word daar gelaat, aangesien die vertellende outeur dit nie so in die tekslaag van die narratief instruktureer nie. Wat verseker vasstaan is egter dat die kragtige kortwoord *amen* van die wesens vanweë sy 'ligging' respondeer op *al* die liedere van Openbaring 4 en 5. Hulle sing die eersgehoorde woorde in die hemelse liturgie; hulle dra nou ook die laaste woord van sekerheid en beslisheid himnies voor. Hulle liedtaal vorm 'n doksologiese *inclusio* wat die hemelse liturgie omraam. Hulle eenwoord-uitroep kan vanweë hierdie funksie in die konteks van die liturgie nie

²⁵¹ In 22:21 kom *ἀμήν* slegs volgens die getuienis van net sekere manuskripte voor.

anders gesien en gehoor word nie as die lied – ja, dit is so benader wel 'n lied²⁵² – wat terugsing na elke motief van lof in die liedmateriaal van Openbaring 4 en 5.

(ii) *Generiese manifestasie van doksologie in die vierde liedteks (5:14a)*

Die generiese manifestasie van doksologie in die vierde liedteks (5:14a) word nou net soos by die ondersoek van al drie die vorige liedtekste (4:8c; 4:9,11; 5:9b-10, 12b,13b) geïdentifiseer volgens die verskillende vorme en style van doksologie wat vroeër in 6.2 onderskei en bespreek is. Dit geskied op sterkte van die detailverklaring hierbo van die vierde, opsigselfstaande lied. Wat is die doksologiese eie-aard van die bondige liedteks wat die opgevoerde fokalisator vierde in sy troonvisioen oudio-visueel mag waarneem en vertellend rapporteer?

Die vierde liedteks se doksologiese betekenis moet nie vanweë sy gebrek aan lengte en poëtiese uitbreiding gering-bydraend geag word nie. Die himne is kompak, maar doksologie is daarin meesterlik verdig en keurig verpak. En sy impak is merkwaardig. *ἀμήν* is in die volle sin van die woord 'n akklamasie (*contra* Aune, 1997:367), wel te verstaan in die betekenis van sy Latynse stamwoord *acclamatio*: *toejuiging*. Al die lof van die ander liedtekste in 4:8c, 4:9,11 en 5:9b-10,12b,13b is in hierdie lied van 5:14b indirek – maar volledig – aanwesig. Dit juig oor die liriek van die eerste liedteks, stel die epies-liriese en liries-epiese wisselwerking van die tweede liedteks met krag weer aan die orde en dit bring die epiese ondertoon en die liriese botoon van die derde liedteks nogmaals in die luisterryke himniese 'spel' van die liturgie.

Konklusie in verband met generiese manifestasie in die vierde liedteks (5:14b):

Die vierde liedteks (die tweede opsigselfstaande lied) wat Johannes in sy waarneming van die hemelse liturgie hoor, bevat wesenlik die volle spektrum van die wisselende manifestasies van lof in die himnografie van Openbaring 4 en 5. Dit versterk die verhalende lof deur die *epiese* skeppingsaktiwiteit van God en die herskeppende verlossingsdaad van die Paaslam te heraktiveer; dit komplementeer die beskrywende lof deur in soveel woorde – met één woord! – weer die goddelike attribute van God en Lam *liries* te proklameer. Sodoende trek die *amen*-lied die eerste drie liedere van die himnografiekorpus in doksologiese harmonie saam, en word dit daardeur self ook deel van die massasang van die menigtes. Die lied is vanweë dit waarop dit 'akklameer' dus *liries-epies* die bevestiging van die openbaringsdramatiek wat God en die Lam in liturgiese loftaal verheerlik. Hierdie generiese manifestasie van doksologie in die vierde liedteks funksioneer retories

²⁵² Vergelyk die probleemstelling en beredenering in 6.1.2.2.

epideikties op grond van *paradeigmata*. Die retoriese funksie van die lof wat deur die akklamasie van die *amen* opnuut beslis en seker gestel word, aktualiseer die bemoediging en aanmoediging van die ontvangers van die apokalips in hulle ondermaanse lefwêreld – om te bly volhard in dit wat hulle reeds het – te midde van die pretensies en wederregtelike magsaansprake wat selfverheerlikende aardse magte maak.

▪ 5:14b Liturgiese gestikulasie

καὶ οἱ πρεσβύτεροι ἔπεσαν καὶ προσεκύνησαν
En die ouderlinge het gekniel en aanbid

Dit is die middelkring-troonfigurante, die vier en twintig ouderlinge, wat laaste in die troongesig van Openbaring 4 en 5 ‘praat’, maar dit is ’n praat in ongesproke taal. Johannes maak melding van dieselfde liturgiese liggaamstaal van die vier en twintig wat hy meermale in die visioen waargeneem en weergegee het. Die vervoegde werkwoord-vorme waarin die liggaamstaal van die ouderlinge hier op die teksvlak van die narratief gekodeer word, is *ἔπεσαν* en *προσεκύνησαν*. Eersgenoemde is in 4:10 (6.3.1.2.3) in die futurumvorm *πεσοῦνται*, en in 5:8 soos ook hier in die aoristus *ἔπεσαν* (←*πίπτω*; *om neer te val/kniel*); laasgenoemde wat hier in 5:14b as *προσεκύνησαν* teenwoordig is, is in 4:10 as ’n futurum vervoeg: *προσκυνήσουσιν* (←*προσκυνέω*; *om knievallig te vereer/aanbid*), maar ontbreek in 5:8 (vgl. by die uitleg van 5:8-9a die bespreking van die opvallende afwesigheid van *προσκυνέω* in 5:8). Waar die twee woorde gebruik word, is dit elke keer ’n verwysing na ’n gestikulasie wat deur die ouderlinge uitgevoer word, alhoewel die vier lewende wesens volgens 5:8 saam met die ouderlinge die Lam knievallig vereer as hulle die aanvangstrofe van die derde lied sing.

Johannes se visie op die troonsaal in die hemel eindig met die ouderlinge se liturgiese gestikulasie op ’n gepaste noot, ’n noot sonder klank of woord: die doksologiese liggaamstaal van die verteenwoordigers van die totale kerk van alle tale en tye, verwonderd in aanbidding.

6.3.1.3 Verband- en struktuurpatrone in Openbaring 4 en 5

6.3.1.3.0 Oorsig

Wat ek in die opskrif hierbo met die terme *verband* en *struktuur* aan die orde stel, is ’n finale oorskouing van die geheeltoneel van hemelse liturgie wat in Openbaring 4:1-5:14 geskilder is. Aspekte wat nou aan die orde kom, antwoord op vrae soos: Wat is sentrale motiewe in die twee intensief bestudeerde Openbaringhoofstukke; wat is refreinmatig; watter struktureringspatrone kan geïdentifiseer word; watter inligting stel die twee hoof-

stukke in verband met doksologie vry in die somtotaal van die vertelde? Met die diepte-ondersoek van die woorde, begrippe en mikro-eenhede in die himniese mikrotekste en liedperikope voltooi, is dit nodig om alles wat ontsluit is nou ook in die groter verband van – en tussen en in – hierdie twee hoofstukke van die apokalips in oënskou te neem. Dit is 'n beweging vanuit mikro-eenhede van die mikrotekste na die sekondêre wyer konteks van Openbaring 4 en 5 (die primêre wyer verband is die liedperikope wat saam met die liedtekste self in 6.3.1.2 hierbo ontleed is). Wat volg, hoef in hierdie stadium van die navorsing net kortliks gestel te word, aangesien ek reeds die makrostrukturele analise van Openbaring (die tersiêre, wydste verband/konteks) volledig in die vorige hoofstuk van die studie, Hoofstuk 5, gedoen het en vandaar na die uitleg van die mikrotekste in hierdie hoofstuk, Hoofstuk 6, beweeg het. Wat oorbly, is dus om vanuit die mikrotekste en die primêre konteks (perikoop) nou ook van die betekenisbydrae van die sekondêre wyer konteks (Op. 4:1-5:14) kennis te neem.

Die oorsig oor die bydrae van Openbaring 4 en 5 geskied aan die hand van die behandeling van drie aspekte. Inhoudelike ooreenkomste en verskil tussen die twee hoofstukke word eerstens uitgewys (6.3.1.3.1). Daarna identifiseer ek twee strukturele patrone in die hoofstukke, waardeur onderskeidelik skerp fokus en insiggewende betekenisontsluiting verkry word (6.3.1.3.2 en 6.3.1.3.3).

6.3.1.3.1 *Inhoudelike verband tussen die twee hoofstukke*

Openbaring 4 en 5 het tot gesamentlike inhoud die hemelse troonsaal met die hemelse liturgie wat daarin waargeneem word. In die liturgiese aanbiddingskonteks word God en Christus sentraal geplaas:

...God and his Christ are established as that which is the ground of all being, at the center of the web of all that exists...[c]hapters 4 and 5 establish the cosmic rulers on their thrones. All other throne scenes in Revelation build upon or elaborate what is presented in those two chapters (Thompson, 1998:99-100; vgl. Carrol, 2009:56-58; Joubert, 2000:202).

In 4:1-11 is die Een sittende op die troon en die troon self in die middelpunt (MacLeod, 2007a:198-218). Die inhoudelike tema van die hoofstuk is teosentries: die soewereine God van skepping en geskiedenis (onderhouding) is die Een wat dinamies heers oor alles wat Hy geskep het en sy doel daarmee ook uitvoer volgens sy wil en met die oog op die voleindiging daarvan volgens sy plan.

Op. 5:1-14 is 'n voortsetting van die konsep van absolute soewereiniteit, maar in dié gedeelte staan die verwerkliking daarvan in en deur die werk van die Seun op die voorgrond. Die Seun, voorgestel as Leeu en waargeneem as Lam, se werk staan hier sentraal in die verhaal. In Hom word die koninkryk vervul en word goddelike heersersmag

konkreet sigbaar in die aardse tydruimtelike kader van die geskiedenis ontplooi. Hy word geteken as die Een wat die wil van God in die boekrol wat Hy neem, uitvoer (realiseer) en sodoende ook waardig is om op grond van sy volbragte werk te heers saam met die Een wat op die troon sit. Hy word in die himnes van hierdie hoofstuk geloof omdat Hy deur sy reddende dood as Lam waardig is om vir ewig geprys te word (MacLeod, 2007b:454-471). Die tweede hoofstuk skilder dus die Lam se magsbekleding (sy ‘*investiture*’; Aune, 1997:36-38). Die inhoud van die hoofstuk is met ander woorde christosentries, maar dit staan nie in teenstelling of kontras teenoor die vorige hoofstuk se teosentriese fokus nie. Inteendeel, dit is twee komplementerende fasette van die een, gemeenskaplike sentrale tema van goddelike soewereiniteit.

Woorde, begrippe, karakters en motiewe wat herhaaldelik in die hoofstukke terugkeer, is so opvallend dat dit asof vanself uitkristalliseer (vgl. onder andere Pate, 2011:390-396; Kistemaker, 2001:200; Witherington, 2003:114; Charles, 1991:462).

Wat die spesifieke *doksologiese* verband en eenheid van die hoofstukke betref, bied die onderstaande tabel van Marvin Pate (2011:394) genoegsaam oorsig. Ek volstaan daarmee, omdat ek in die detailstudie (6.3.1.2) reeds herhalende begrippe en motiewe en hulle koppelfunksie met betrekking tot die liedtekste in die twee hoofstukke aangedui het.

Pate (2011:394):

God (Revelation 4)	Christ (Revelation 5)
v. 8: “Holy, holy, holy” (see Isa. 6:3)	vv. 1-6: alone worthy – (implied) holy
v. 8: “was, and is, and is to come” = eternal	v. 13: “for ever and ever” = eternal
v. 9: “glory and honor and thanks”	v. 12: “power and wealth and wisdom and strength and honor and glory and praise”
v. 11: “glory and honor and power”	v. 13: “honor and glory and power”
v. 11: worthy	vv. 9, 12: “worthy”
v. 11: Creator	vv. 9-10: Redeemer
vv. 2-3: sits on the throne	v. 13: sits on the throne

Dit is duidelik dat Openbaring 4 en 5 ’n eenheid vorm en mekaar aanvul om iets van die misterie van die allesomvattende koninkryk deur middel van die visioenêre erediens-toneel in die hemel begryplik te maak.

Konklusie in verband met die inhoudelike eenheid van Openbaring 4 en 5:

Die *teosentriese* hoofstuk 4 en die *christosentriese* hoofstuk 5 van die apokalips word as hegte eenheid verbind deur die *teokrasie* wat God in die Lam realiseer en waarvoor Albei deur alles en almal in liturgiese lofliedtaal geprys word.

6.3.1.3.2 *Strukturele patroon 1: fokus deur tydsaspekte van die werkwoord verskerp*

Feitlik oral waar Griekse werkwoorde tot dusver in hierdie studie ter sprake gekom het, het ek die *soort* handeling (*Aktionsart*) verklaar volgens die verskillende tydforme wat deur middel van die verskillende woorduitgange tot uitdrukking kom. Ek het veral in die uitleg van Op. 4:1-5:14 in 6.3.1.2 hierbo daarop gekonsentreer om dit ten opsigte van elke werkwoord noukeurig aan te dui. Heel aan die begin van die eksegetiese diepte-ondersoek in 6.3.1.2.1 – by die uitleg van 4:1a(i) – het ek egter reeds genoem dat ek ná voltooiing van die ondersoek by terugskouing ook die *graad* van die handeling kortliks gaan ontleed, en wel uit die gesigshoek van die sogenaamde ‘*verbal aspect*’-benadering. Dit is werkwoordontleding wat dikwels in diskoersanalise gebruik word (vgl. vir teoretiese aspekte van die benadering onder andere Porter, 1989b; McKay, 1992:209-228; 1994; Wallace, 1996; Mathewson, 2008:58-77).²⁵³ Ek ag dit belangrik om die visie op die mees prominente fokusaspekte van die narratief in die eenheid (Openbaring 4 en 5) mede deur middel van hierdie verklaringsmetode toe te lig. Dit behoort optimale betekenis-blootlegging en interpretasie op die vlak van die sekondêre wyer konteks van die eerste vier liedtekste te dien. Teoretiese aspekte van die benadering word nie hier behandel nie, maar dit blyk dat die praktiese aanwending daarvan verseker nuttig by die ontleding van ’n Griekse teksdokument te pas kom.

In dié benadering word die perfektum-verledetydsvorm van die Griekse werkwoord gesien as “...discrete, well-defined and contoured, apparently much more so than the Present/Imperfect and certainly the Aorist tenses” (Porter, 1989b:92). Die gebruik van die perfektum word verbind aan handeling wat as’t ware onverwags in fokus kom en waarop ’n skrywer of verteller besonderlik die aandag wil vestig. David Mathewson (2008:58-77) noem dit ‘*foreground*’-gebeurtenisse en betoog dat die perfekta in Openbaring 5 dit treffend illustreer. In onderskeiding daarvan word ’n handeling of gebeurtenis wat ’n geheel vorm, hoofsaaklik in die aoristus uitgedruk, waardeur die outeur of verteller

²⁵³ McKay (1994:27) se definisie van die begrip *aspek*, waar dit in verband met werkwoordfunksie gebruik word, dui aan waaruit die ondersoekterrein van hierdie benadering in hoofsaak bestaan: “*Aspect in ancient Greek is that category of the verb system by means of which an author (or speaker) shows how he views each event or activity he mentions in relation to its context.*” *Verbal aspect* is met ander woorde ’n sintetiese, semantiese kategorie wat in die vorme van die werkwoord gerealiseer word, “...used of meaningful oppositions in a network of tense systems to grammaticalize the author’s reasoned subjective choice of conception of a process” (Porter, 1989b:107; vgl. Mathewson, 2008:60-61).

die *agtergrond* van 'n narratief of redevoering teken. Naas die voltooide aksie(s) wat in die aoristus-tydvorm van werkwoorde meegedeel word, word gebeure en handeling wat in prosa is in die praesens- of die imperfektum-vorm van die werkwoord vervoeg. Dit is die werkwoordtydvorm waarin *voorgond*-aangeleenthede (die tema van 'n narratief) beskryf word. In vergelyking met dié twee aspekte van die werkwoord staan gebeure of handeling wat in die perfektum-tydvorm meegedeel word, dan in die skerpste fokus van die narratief en vorm gevolglik die *frontfokus* daarvan.²⁵⁴

Wanneer die struktuur van Openbaring 4 en 5 oorskou word, is verskuiwing en wisseling van werkwoordtye in die geheel van hierdie eenheid opvallend. Dit is duidelik dat nie net die inhoud nie, maar ook die struktureringspatroon in die eenheid (4:1-5:14) dieselfde is; die toneel en die struktuur van hoofstuk 4 gaan sonder onderbreking voort in hoofstuk 5 (Bauckham, 1993b:40; Mathewson, 2008:62-63).

Wat is nou die opvallende patroon wat deur die tydsaspekte van werkwoorde in die eenheidsstruktuur na vore kom?

Aandag word vervolgens aan aksentuerende strukturering deur middel van 'n aspektuele benadering gegee. Eerstens let ek op die funksie van werkwoorde in aoristus-vervoeging, daarna op dié in die praesens en die imperfektum, en laastens op die besondere fokus-aspekte wat deur die gebruik van die perfektum uitstaan.

(i) Aoristus-vervoegde werkwoorde (*agtergrondskepping*)

Die gedeeltes, sinne en frases van die twee hoofstukke waarin handeling in die aoristus-tydvorme van die werkwoorde vervoeg is, is in die eerste plek die teksdele waar die vertellende fokalisator sy eie waarnemingsaktiwiteit beskryf, asook die dinge wat met hom gebeur verhaal. Hy gee sy gewaarwordinge telkens weer in die aoristus-tydaanduiding [*kai*] *εἶδον* ([*en*] *ek het gesien*: 4:1; 5:1,2,6,11) en [*kai*] *ἤκουσα* ([*en*] *ek het gehoor*: 4:1; 5:11,13a). Volgens *Aktionsart*-benadering is dit voltooide, histories-feitelike gebeurtenisse; vanuit 'n aspektuele benadering van die werkwoorde besien, vorm dit die agtergrondinligting van die narratief. Daarmee beklemtoon die outeur onderskeidelik deurentyd die geloofwaardigheid van sy getuigenis en die vasstaande historiese raamwerk (konteks/agtergrond) waarbinne die apokalips ontvang is en weergegee word. Die aoristusvorme *ἐγενόμην* in 4:2a (die gebeurtenis van sy opvoering deur die Gees) en *εὑρέθη* in 5:4 (dat daar niemand gevind kon word om die boekrol oop te maak nie; vgl. die ingebede verhaal van die kommunikasie van die sterk engel in 5:2-4) funksioneer ook in hierdie kader van die verteller se betrokkenheid as interne fokalisator van die apokalips.

²⁵⁴ *Frontfokus* is JPB se 'gemaakte' Afrikaanse weergawe van die Engelse *foreground*.

Tweedens beskryf die aoristus-vervoegde werkwoorde in 5:5 (ἐνίκησεν←νικάω), 5:7 (ἦλθεν←έρχομαι), 5:8a (ἔλαβεν←λαμβάνω), 5:8b (ἔπεσαν←πίπτω), 14a (ἔλεγον←λέγω) en 14b (ἔπεσαν←πίπτω en προσεκύνησαν←προσκυνέω) almal gebeurtenisse in die apokalips waaraan die fokalisator nie direk gekoppel is nie, maar wat steeds deel vorm van die oudiovisuele waarneming wat hy verhaal.

Ἡ Derde funksie wat aoristus-werkwoorde in 4:1-5:14 het, is waar hulle in twee van die vier liedtekste as begroning van die lofprysing dien, naamlik in die antifoön van die ouderlinge (4:11) en in die aanvangstrofe (5:9b-10) van die derde liedteks, wat gesamentlik deur die lewende wesens en die ouderlinge gesing word. In die eerste geval, 4:11, is die aoristus-werkwoorde ἔκτισας en ἐκτίσθησαν (←κτίζω: om te skep). In 5:9b-10 is dit ἐσφάγης (←σφάζω; om te slag), γόρασας (←ἀγοράζω: om vry te koop) en ἐποίησας (←ποιέω; om [ἡ koninkryk en/van priesters] te maak). By die uitleg van die liedere het ek aangetoon dat die vasstaande historisiteit van die openbaringsdramatiek van skepping en onderhouding deur God (4:11) en van die herskepping/verlossing/vrykoping deur die Lam (5:9b-10) as die uitdruklike begroning van die himniese doksologieë funksioneer. Daarin is die voltooië handelinge van God en die Lam volledig en onweerlegbaar die grond, vaste begroning én agtergrond van die lofprysing wat verhaal word.²⁵⁵

(ii) Werkwoorde in die praesens en imperfektum (voorgondplasing; tema-aspekte)

In die aspektuele waarneming van werkwoordvorme val dit op dat aansienlik baie werkwoorde in die narratief van die troonvisie in Openbaring 4 en 5 in die praesens en die imperfektum vervoeg is. Dit is tonele, voorkomsbeskrywings van akteurs→karakters en onvoltooië, durende prosesse wat deur die werkwoorduitgange uitgedruk word. Op die teksvlak van die verhaal is die praesens en imperfekta by uitstek dié werkwoordelike vormaspek wat vir beskrywing aangewend word. Dit skilder die voorgondaspekte en -gebeure wat die tema van hierdie visioen saamstel. Die teenwoordige tyd en die durende tydvorm van die imperfektum is egter so wesenlik binne die *historiese* raamwerk van die agtergrondskeppende aoristus geplaas dat dit ook as die sogenaamde *historiese praesens* bekend is.

²⁵⁵ Die aoristus-vorme in 4:1c (ἃ δεῖ γενέσθαι←γίνομαι), 4:11(i) (λαβεῖν ←λαμβάνω), 5:3 en 5:4 (ἀνοῖξαι←ἀνοίγω en βλέπειν←βλέπω) en in 5:9b(i) (weer λαβεῖν ←λαμβάνω) is almal infinitiewe. Dit is in Grieks gebruikelik dat infinitiewe in die aoristus op praesens-werkwoorde volg. Bogenoemde infinitiewe wat in die aoristus vervoeg is, vertoon nie werklik die tipiese kenmerke van die aoritus soos dit in die ander aoristus-werkwoordvorme duidelik na vore kom nie. Ek laat gevolglik die infinitiewe in aoristus-vorm verder in die bespreking buite rekening.

In beide hoofstukke van die troonvisie is dié aspek opvallend. In 4:2,3 en 9 en in 5:1,7 en 13 keer die teenwoordige partisipiumvorm van die werkwoord *κάθηναι* (die *Een sittende [op die troon]*) telkens in verskillende naamvalle terug (die nominatief *καθήμενος* in 4:2 en 3; die genitief *καθήμενου* in 5:1 en 7; die datief *καθήμενῳ* in 4:9 en 5:13b). Nog twintig ander praesens-deelwoorde kom ook in die troonvisie voor: in 4:1b,1c,4,5b,6b,7,8a,8b, twee keer in 8c(iii), in 9(v), twee keer in 10; in 5:2,6b, drie keer in 8b, in 9a,12a en laastens in 13a.

’n Belangrike waarneming wat ek hier maak, is dat in vyf van die twintig genoemde tekste waarin die teenwoordige deelwoordvorme voorkom, dit die outeur se inleidingsformule tot direkte aanhaling van liedtekste of hulle antifone is, naamlik die *praesens participia λέγοντες* in 4:8b, 4:10, 5:9a en 12a en *λέγοντας* in 13c. Sodoende word die himnes sterk in die voorgrond geplaas. Hierdie deelwoordvorme bevestig die belangrike rol van himnes in die hemelse liturgie.

Ander werkwoorde in die teenwoordige tyd is *ἐκπορεύονται* (←*ἐκπορεύομαι*; *om uit te kom/gaan*) in 4:5a (die weerlig, donderslae en dreunings uit die troon); (*γέμουν*←*γέμω*; *om vol te wees van*) in 4:8a(ii) (die lewende wesens se volwees van oë); *ἔχουσιν* (←*ἔχω*; *om te besit, te hê*) in 4:8b (hulle sing sonder om ’n pouse te hê); *ᾄδουσιν* (←*ᾄδω*; *om te sing*) in 5:9a (die sing van die aanvangstrofe tot lof van die Lam; die praesens indikatief word hier ook nog saam met die deelwoord *λέγοντες* gebruik). Die enigste praesens indikatiewe wat in liedtekse self voorkom, is vervoegings van die werkwoord *εἰμι* (*om te wees*) saam met *ἄξιος* (waardig): in 4:11(i) en 5:9b(i) *ἄξιος εἶ* (waardig is U) en in 5:12 *ἄξιόν ἐστιν* (waardig is Hy [die Lam]). Die drie praesens indikatiewe in hierdie twee liedtekste plaas die absolute waardigheid van God en die Lam in die voorgrond van die doksologie. Durende staat en voortgaande proses(se) is dus deur middel van die praesens en imperfekta²⁵⁶ die tema van die troonvisie. Alles en almal verkeer in ’n himniese liturgie.

(iii) Perfektum-werkwoorde (frontfokus-aksente)

Die gebruik van die perfektum is die onverwagse, uitstaande uitsondering op die reël van die agtergrond- en voorgrondskeppe aspekte wat onderskeidelik deur middel van die aoristus en die praesens (laasgenoemde insluitend die imperfektum se durende handelinge) verwesenlik word. Die vertelinstansie gebruik nege perfekta in

²⁵⁶ Imperfekta in die twee hoofstukke is: *ἔκειτο* (←*κεῖμαι*) in 4:2b(i) (*’n troon staan [opgerig] in die hemel*); *ἦν* (←*εἰμι*) in 4:8c(iii) (saam met die betreklike voornaamwoord *ὁ* gebruik, is dit ’n partisipium: *Hy was altyd besig gewees om [God] te wees*’); *ἦσαν* (←*εἰμι*) in 4:11(iv) – sien die uitleg daar; *ἐδύνατο* (←*δύναμαι*) in 5:3 (*niemand gevind wat in staat was [om die boekrol te open] ...*; durende spanningsvolle toestand); *ἔκλαιον* (←*κλαίω*) in 5:4 (*ek het heelyd gehuil*; durende spanningsvolle toestand); *ἦν* (←*εἰμι*) in 5:11(*hulle[engele se] getal was*).

sy weergawe van wat hy sien en hoor in Openbaring 4 en 5. Hy plaas daarmee die frontfokus-aspekte van die troonvisie in volle lig. In hoofstuk 4 is daar twee aspekte wat in skerplig uitstaan, naamlik 4:1a(ii) en 4:4. Sewe perfekta-vervoegings staan in die vervolghoofstuk in volsterkte lig: twee in 5:1, drie in 5:6 en een elk in 5:7 en 5:12. Van die nege perfekta is net een – 5:7 – ’n indikatief; die ander agt is almal *participia perfecta*.

Die eerste perfektum in hierdie visioendeel is die passiewe deelwoord *ἡνεαργμένη* (← *ἀνοίγω*; *om oop te maak*) in 4:1a(ii). Dat daar ’n deur in die hemel oopgemaak is en nog oopstaan (*Aktionsart*), beklemtoon dat *openbaring* in frontfokus staan (aspek). Wat volg, vloei van begin tot einde voort uit die oop deur wat die simbool van openbaring is. Die tweede perfektum, 4:4, is ook in passiewe deelwoordvorm vervoeg: *περιβλημένους* (← *περιβάλλω*; *om te klee*). Die hemelinkyker maak melding daarvan dat die vier en twintig ouderlinge (die totale kerk, vgl. 5.4.2.2.4(i) en die uitleg van 4:4) in wit klere geklee is. Hy aksentueer daarmee dat die deur van openbaring van 4:1a(iii) nie verdoemend vir die kerk is nie, maar dat die oorwinning van die gesuiwerde Godsvolk uit alle tye, tale en plekke ’n hemelse werklikheid is. Die gehoor/ontvangers/lesers ontvang dus Godsopenbaring waarin die oorwinning en versekerde ewige lotsbestemming van die kerk reeds apokalipties glinster. Dié twee perfekta vang die aandag in hoofstuk 4 vas te midde van alles wat in die verbysterende troonvisioen beskryf word.

Openbaring 5 se eerste twee perfekta is die beskrywing van die boekrol in die hand van die Een wat op die troon sit. Die boekrol is aan die binne- en buitekant beskryf (*γεγραμμένον*←*γράφω*; passiewe deelwoord: *om te skryf*). Verder is dit verseël (*κατεσφραγισμένον*←*κατασφραγίζω*; passiewe deelwoord: *om te verseël*). Die visioenêre siener plaas die beskrewen en verseëlde boekrol sodoende in frontfokus. Maar die beklemtoning kry sy volle aksent eers met die volgende drie perfekta, wanneer hy die verskyning van die Lam in 5:6 beskryf: die Lam wat *staan* (*ἑστηκε*←*ἵσταμαι*; partisipium aktief: *om te stap/tree*, in die perfektum: *om te staan*); die Lam asof Hy *geslag* is (*ἐσφαγμένον*←*σφάζω*; partisipium passief: *om te slag*); die sewe oë van die Lam, synde die sewe Geeste van God wat *uitgestuur* is (*ἀπεσταλμένοι*←*ἀποστέλλω*; partisipium passief: *om uit te stuur*; die ‘*Spirit-Paraclete*’, die Lam se ‘*post-surrection Spirit*’ – Smalley, 2005:133). Dié vyf perfekta plaas eienskappe van die boekrol en die Lam in beklemtonende frontfokus. “*The sealed scroll and the Lamb constitute the narrative focus of Rev 5*” (Aune, 1997:338; vgl. Resseguie, 1998:39, Mathewson, 2008:71).

Die volgende perfektum, *εἵληφεν* (←*λαμβάνω*; die enigste indikatiewe gebruik van die perfektum in Openbaring 4 en 5: *om te neem/ontvang*) is in 5:7. Dit is Johannes se emfatiese fokalisering van die kardinale gebeurtenis wat plaasgevind het toe die

Lam die boekrol ontvang/geneem het. Dit is die Lam se bekleding met mag en gesag om die wil van God wat in die boek beskryf is, uit te voer (vgl. 6.3.1.3.1). Perfektum indikatief aktief: *εἵληφεν*, Hy het ontvang (en) geneem – dit is die sentraalstaande kernegebeurtenis, die sleutel waarmee die apokalips oopgesluit word en die openbaringsdramatiek van God ontsluit is. Weer eens is dit die evangelieverhaal van die geslagte, opgestane Lam, in wie die koninkryk gekom het en verder realiseer. Dié lotsveranderende handeling staan in frontfokus. Taal en woorde laat moeilik reg geskied aan die omvang en die dinamiek van die openbaringsdramatiek wat hierin oopgesluit is (vgl. die uitleg van 5:7), maar die aspektuele krag van *εἵληφεν* ontsluit tog iets daarvan. Hierdie frontfokus-gebeurtenis vind ook nog 'n aksentuerende weerklank in die laaste perfektum van Openbaring 4 en 5. Dit is weer eens – nou in 5:12b, soos in 5:6a(ii) – *ἐσφαγγμένον* (die Lam *wat geslag is*). Maar dit is hier in die laaste perfektum in die konteks van die engele se sewevoudige waardigverklaring van die Lam. Die beklemtoonde *εἵληφεν* ontsluit die res van die doksologie in hemelse liturgie en plaas sodoende alles verder in frontfokus.

Konklusie in verband met die tydsaspekte van werkwoorde in Openbaring 4:1-5:14:

Die strukturele patroon wat deur variërende werkwoordtye en -aspekte tot stand kom, plaas die openbaringsdramatiek van die Lam se verlossende oorwinning deur die neem en oopmaak van die verseëelde boekrol in frontfokus. Dit word in die histories-vasstaande apokaliptiese narratief emfaties in die konteks van die geopenbaarde (oopdeur-) hemelse liturgie geplaas, waardeur die gesuiwerde universele kerk in oorwinning(-skleed) deel mag wees van die durende doksologies-himniese aanbidding van God en die Lam.

6.3.1.3.3 Strukturele patroon 2: betekenis deur stilistiese konstruksie ontsluit

'n Tweede strukturele patroon in Openbaring 4 en 5 ontsluit betekenis op 'n besondere wyse. Dit geskied deur middel van die bekende literêr-stilistiese konstruksie wat 'n *chiasme* genoem word. By die uitleg van 5:10 het ek gestel dat 'n chiasme die ontvanger/gehoor/leser se aandag onwillekeurig trek na die 'spinale' werwelkolom waaromheen die konstruksie waaier. Die middelste komponent word deur 'n chiasme beklemtoon. Dit bou 'n geheuebrug en verseker die retensie van inligting (Harris, 1989:310), veral van orale tekste. Deur die jare het baie literatuur verskyn waarin aangetoon word dat die hele dramatiese narratief van Openbaring 'n chiasiese struktuur vertoon, maar daar is nie veel ooreenstemming tussen die chiasiese konstruksies wat deur verskillende kommen-

tatore geïdentifiseer word nie.²⁵⁷ Die indruk wat daardeur geskep word, is dat die identifikasie van chiasiese struktuurpatrone in die geheelstruktuur van die apokalips subjektief gedoen word. Dit neem egter niks weg van die feit dat chiasiese strukturering – waar die kontstruksie duidelik as sodanig uitstaan – besondere waarde het vir die ontsluiting van betekenis. Soos by die uitleg van die aanvangstrofe in die derde liedteks aangetoon is, voeg die opvallende chiasme van 5:10 waarde toe tot die ontleding en interpretasie van die lied se slotfrase (dit open 'n insiggewende perspektief op die liturgiese priesterskap van gelowiges). Wanneer die himnodie in die twee hoofstukke wat in diepte ontleed is, nou oorskou word, is 'n betekenisvolle chiasiese konstruksiepatroon herkenbaar. Ek gee nou aandag daaraan, om sodoende vas te stel watter waarde dit tot die interpretasie van die hoofstukke onder bespreking – en spesifiek van die himnodie daarin – toevoeg.

'n ABCB'A'-chiasme kan in die himniese mikrotekste van Openbaring 4 en 5 geïdentifiseer word. Ek maak gedeeltelik gebruik van Harris (1989:310-319; vgl. veral 316-318) se opmerkings by 'n ringkomposisie wat hy identifiseer, maar belig en beklemtoon ook ander fasette daarvan en ontwikkel 'n eie interpretasie. Van die komponente in die chiasiese patroon strek wel oor die 'grense' van die liedtekste soos ek dit in 6.1.2.4 afgebaken het, maar dit kan hier goedsdiks buite rekening gelaat word omdat die fokus nou ingestel word op strukturingsmotiewe in die himniese gedeeltes waardeur die middelste komponent effektief geaksentueer word. Oorsig oor die chiasiese komposisielemente hef nie die koppeling en samehang van die vasgestelde liedafbakening op nie.

Die himniese materiaal in Op.4:1-5:14 vertoon die chiasiese struktuur deur middel van die vyf onderskeibare konstruksiekomponente daarin (sien volgende bladsy).

A is die sang van die vier lewende wesens: die eerste liedteks (8c; *Trisagion*) en die aanvangstrofe van die eerste antifonale liedteks (4:9 se nie-direkaangehaalde strofe).

B is die antifoon wat deur die vier en twintig ouderlinge voorgedra word (4:11).

C is die aanvangstrofe van die derde liedteks, gesamentlik deur die lewende wesens en die ouderlinge gesing (5:9b-10).

²⁵⁷ Vergelyk byvoorbeeld die van mekaar verskillende chiasiese konstruksies wat deur twee bekende *Openbaring*-navorsers onderskei word, t.w. Barr, 1998:149 en Schüssler Fiorenza, 1985:170-177. DeSilva (2008:343-371) ondersoek drie resente voorbeelde. Hy kom tot die gevolgtrekking dat chiasiese strukture dikwels deur teoloë 'gevorm' word deur middel van die selektiewe aanwending van opsommende gedeeltes in Openbaring, tweedens deur selektiewe lesing van sleutel terme, of derdens deur die manipulasie van formele merkers. Ek kry die indruk dat chiasmes makliker herkenbaar is in korter gedeeltes of perikope en in mikrotekste, waarin dit 'n belangrike rol in uitleg en interpretasie speel.

B' is die eerste antifoon wat antwoord op die strofe van die die wesens en die ouderlinge; dit word uitgevoer deur die menigte engele (5:12b).

A' is die tweede en laaste antifoon wat reageer op die strofe van die eerste twee kringe troonfigurante; dit is die loftaal van die ganse skepping (5:13b).²⁵⁸

A ἅγιος ἅγιος ἅγιος κύριος ὁ θεὸς ὁ παντοκράτωρ,
ὁ ἦν καὶ ὁ ὢν καὶ ὁ ἐρχόμενος
δόξαν καὶ τιμὴν καὶ εὐχαριστίαν τῷ καθημένῳ ἐπὶ τῷ θρόνῳ τῷ ζῶντι εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων (4:8c-9)

B ἄξιος εἶ, ὁ κύριος καὶ ὁ θεὸς ἡμῶν,
λαβεῖν τὴν δόξαν καὶ τὴν τιμὴν καὶ τὴν δύναμιν,
ὅτι σὺ ἔκτισας τὰ πάντα
καὶ διὰ τὸ θέλημά σου ἦσαν καὶ ἐκτίσθησαν (4:11)

C ἄξιος εἶ λαβεῖν τὸ βιβλίον καὶ ἀνοῖξαι τὰς σφραγίδας αὐτοῦ,
ὅτι ἐσφάγης καὶ ἡγόρασας τῷ θεῷ ἐν τῷ αἵματί σου
ἐκ πάσης φυλῆς καὶ γλώσσης καὶ λαοῦ καὶ ἔθνους
καὶ ἐποίησας αὐτοὺς τῷ θεῷ ἡμῶν βασιλείαν καὶ ἱερεῖς,
καὶ βασιλεύσουσιν ἐπὶ τῆς γῆς (5:9b-10)

B' ἄξιόν ἐστιν τὸ ἀρνίον τὸ ἐσφαγμένον λαβεῖν
τὴν δύναμιν καὶ πλοῦτον καὶ σοφίαν
καὶ ἰσχὺν καὶ τιμὴν καὶ δόξαν καὶ εὐλογίαν (5:12b)

A' τῷ καθημένῳ ἐπὶ τῷ θρόνῳ καὶ τῷ ἀρνίῳ
ἡ εὐλογία καὶ ἡ τιμὴ καὶ ἡ δόξα καὶ τὸ κράτος
εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων (5:13b)

Die ooreenkoms en/of verband tussen A en A' – die omramende buitenste komponente van die komposisie – is in die volgende geleë:

- die heiligheid (*ἅγιος*; A) van God en die gesamentlike lofwaardigheid (*εὐλογία*; A') van God en die Lam;
- die verwante terme *Almagtige* (*παντοκράτωρ*; A) en *magsvermoë* (*κράτος*; A');
- die ewigheid van God (*ὁ ἦν καὶ ὁ ὢν καὶ ὁ ἐρχόμενος*; A) en die tydlose duur van die lof aan Hom en die Lam (*εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων*; A');
- die eksplisiete herhaling van twee gekoppelde sentrale terme, die twee-eenheid *gravitas*-heerlikheid en 'worth-ship' (*δόξαν*↔*τιμὴν* in A; *τιμὴ*↔*δόξα* in A').

²⁵⁸ Die *amen* van 5:14a val buite die komposisie; vgl. die omvattende funksie daarvan by die uitleg van 5:14a: dit sluit al die lof van die ander drie liedtekste in 'n kragtige akklamasie in.

Die ooreenkoms en/of verband tussen B en B' – die twee interne komponente wat die kernkomponent direk omsluit – is in die onderstaande geleë:

- Die *ἔκτισας*-God (Skepper en Onderhouer) van die kosmos word geprys (B) en die *ἐσφαγμένον*-Lam (die geslagte Lam in Wie die herskepping deur sy geslag-wees realiseer) word in lof op lof verheerlik (B');
- Drie attribute vorm die grootste gemene deler tussen die liedlof aan God (B) en die Lam (B'): *δόξαν*, *τιμὴν*, en *δύναμιν* (in akkusatief-verbuiging volgend op *λαβεῖν*; *Hulle is waardig om te ontvang*). Nog vier addisionele attribute word aan die Lam toegebring, waardeur die keiserkultus se epiteta van geparodieer en weerlê word (*πλοῦτον*, *σοφίαν*, *ίσχυν* en *εὐλογίαν*).

B en B' wat die interne raam van die komposisie vorm, vertoon in hulle ligging direk by die kern (5:9b-10) nog 'n merkwaardige besonderheid: *ἄξιος/ἄξιόν* is naamlik die openingswoord van al drie die middelste komponente, B, C en B'. Dit is respektiewelik die waardigverklaring van God, van die Lam en van God en Lam gesamentlik. B en B' se waardigverklarings van God en die Lam geskied op grond van hulle goddelike wesenstrekke (attribute); C se gelykluidende *ἄξιος* is egter die waardigverklaring van die Lam om die boekrol te neem (dus: waardig vanweë sy bevoegdheid en bekleding met gesag om te handel). Die tweërlei gebruik van dieselfde woord, *ἄξιος* – waardig op grond van deugde; waardig/bevoeg om te handel – open nou die mees saakmakende perspektief wat deur die chiasme oopgaan. Dit bring my ondersoekende waarneming logies by die diepste kern van die kernkomponent: weer eens die allesbeslissende verlossingsdaad van kruis en opstanding. Die nuwe lied van 5:9b-10 is interpretatiewe kommentariëring van die volle betekenis van die Lam se neem van die boekrol. Die kernlied-strofe van die konstruksie is die enigste liedmateriaal in Openbaring 4 en 5 wat nie eksplisiet sing oor algemene goddelike attribute nie. Vanuit die openbaringsdramatiek van die kragtige reddingsdaad word deur die epiese kern van die konstruksie – die sang van kerk en kosmos (dit is die ouderlinge en die lewende wesens) – teruggesing na die goddelike deugde. In die chiasme omraam die liriese die epiese; die epiese is die sentraalstaande spinale werwelkolom wat deur die liriese beklemtoon word en waarom-heen die liriese in die ringkomposisie doksologies uitwaaier.

Konklusie in verband met die stilistiese konstruksie van Openbaring 4:1-5:14:

Die perspektief wat deur die stilistiese chiasme-komposisie geopen word, plaas die 'dadelike' verlossingsaksie/-handeling deur die deugdelike Lam in die

sentrum van die himnodie. Epiek, wat die openbaringsdramatiek paradigmatis verdig, is die oog waardeur die beslissende Christusgebeure – as kernkomponent van die evangelie-narratief – opwel na die lieflike lof van die liriese, terwyl die liriese in die epiese begronding vind en dit die epiese op sy beurt emfaties verdig. 'n Simbiotiese wisselwerking is sigbaar en bied dié perspektief op die himnografie: dramatiek→epiek→liriek; dramatiek←epiek←liriek.

6.3.1.4 Konkluderende samevatting van die diepte-ondersoek van Openbaring 4 en 5

In die visioeneenheid wat die toneel van 'n hemelse liturgiese toneel skets, is doksologiese himnes 'n substansiële deel van die liturgiese handeling. Deur die geopende hemeldeur word waargeneem dat die Een wat dinamies-heersend op die troon sit in ontsagwekkende majesteit omring word deur drie kringe lofprijsende troonfigurante. Die figurantegroepe in die eerste twee konsentriese sirkels om die troon verteenwoordig simbolies onderskeidelik die hele geskape werklikheid van roerende lewe (die vier lewende wesens) en die universele kerk uit ou en nuwe verbond (vier en twintig ouderlinge), terwyl engelefigure die buitenste sirkel in oorweldigende getalsterkte vul. Die lewende wesens verheerlik die transendente God se misterieuse goddelike Wese en Karakter in 'n opsigselfstaande liriese lied en in die aanvangstrofe van 'n selfstandige antifonale lied. Die ouderlinge verklaar Hom waardig om geprys te word en hulle begroet hulle lof in sy epiese daad van skepping en onderhouding van die geskapene om sy doel met die skepping te verwesenlik. In 'n derde lied se aanvangstrofe verheerlik kerk en kosmos die Lam gesamentlik met blydschap in epiese loftaal, omdat Hy die verlossende daad uitgevoer het deur die boekrol te neem en God se raadsbesluite, plan en bedoeling uitgevoer het, waardeur Hy mense vir God losgekoop het om in liturgiese diens aan Hom 'n koninkryk te wees wat eskatologies oor die hele aarde heers. Die verteenwoordigers van kerk en kosmos se himniese doksologie aan die Lam kring uit as die engele as die derde troonfigurantegroep antifonaal respondeer op hulle sang met die waardigverklaring van die Lam om sewevoudige lofattribute te ontvang, en die skeppingskoor op hulle beurt die lof antifonies nog verder dra. Die eerstekring-figurante heraktiveer met hulle afsluitende eenwoord-akklamasie *amen* elke motief van lof in die liedmateriaal.

Die verband en struktuurpatrone wat in die lig van die diepte-ondersoek geïdentifiseer is, bevestig die eenheid van die twee hoofstukke. In die teksdokument wat die hemelse liturgie weergee, is die tema van die lof aan God en Lam wat in 'n teokratiese monargie aanbiddingswaardig is, effektief uitgedruk deur middel van werkwoordaspektuele aksentlegging en chiasiese konstruksie. Die epiese realisering van die koninkryk word daarin na klimaktiese liriese verheerliking gevoer.

6.3.1.5 Betekenis en implikasie van die diepte-ontleding van Openbaring 4 en 5, in besonder van die himnodie, vir die nagaan van ander liedtekste in die boek

Hoofstuk 4 en 5 van Openbaring neem in die komposisie van die boek 'n unieke en kardinaal belangrike plek in. Die hemelse aanbiddingstoneel wat daarin geskilder word, speel inderdaad 'n beslissende rol in die totale handelingsverloop en in die finale eskatologiese uitloop van die narratief (sien ook die resultate van die vorige hoofstuk van hierdie studie, Hoofstuk 5; vgl. ook 6.3.0). Dit vorm in 'n bepaalde sin die hart van die apokalips, omdat dit die betekenis van die Christusgebeure polsend saamtrek in 'n onversteurbare, durende hemelse liturgie. Die evangelieverhaal van die koninkryk en die finale realisering daarvan te midde van die spanning van die eindverwachting is in die twee openingshoofstukke van die tweede segmentele narratief paradigmatisies gekodeer. Al drie die segmente (1:1-3:22, 4:1-11:19, 12:1-22:21) sentreer om die evangelieverhaal, maar in die twee hoofstukke wat nou in diepte bestudeer is, is al die elemente van die narratief kompak verpak.

Dit is veral ook so wat die himnografiekorpus betref. Die helder klanke van opgestapelde doksologiese roemtaal gerig tot God en die Lam word daarin gehoor. Hierdie eerste liedtekste in die apokalips funksioneer sodoende as't ware as die ouverture van die totale himnografiekorpus. Die himniese koorvoordragte in die hemelse troonsaal gee die toon aan vir al die ander liedtekste in die boek. Himnes in die genoemde twee hoofstukke – wat in hegte verband met mekaar staan – verteenwoordig ook saam 'n verwysingsraamwerk vir lesers en hoorders van die apokalips. Die diepte-onderzoek van die himnes aan die begin van die troonvisioen funksioneer dus werklik as 'n imposante en – by wyse van spreke: 'n *toonaangewende* – fronton en portiek tot die res van die geopenbaarde in die apokalips, in besonder van die doksologiese himnografiekorpus wat daarin opklink.

Dit is op sterkte hiervan verantwoord om die ander liedere vanuit hierdie fronton en portiek van hemelse liturgie te beluister. Die oorblywende himnes in Openbaring word gevolglik ondersoek in die lig van die resultate in verband met die eerste vier liedtekste wat eksegeties in besonderhede ontleed is. Dit is egter nie weer 'n ondersoek en uitleg van al die besonderhede in en rondom elke volgende himniese mikroteks nie. Ek fokus slegs op transgeneriese verskynsels in elkeen van die liedere ten einde vas te stel of hulle addisionele fasette en insigte aan die lig bring wat nie reeds deur die dieptestudie geïdentifiseer is. Die gemotiveerde seleksie van die eerste liedere dien saam met die ander wat uitsluitlik generies ontleed word, as genoegsame basis vir die identifikasie van basisteoretiese beginsels vir himnografie.

6.3.2 Ander liedtekste van die himnografiekorpus vir transgeneriese verskynsels/wisselinge ondersoek

Die generiese manifestasie van doksologie in die sewe oorblywende liedtekste van Openbaring (soos in 6.1.2.1 – 6.1.2.4 afgebaken: 7:10b,12b; 11:15b,17b-18; 12:10b-12; 15:3b-4; 16:5-6,7b; 19:1b-2,3b,4b; 19:5b,6b-8a) word elk binne konteks geplaas en kortliks ingelei, waarna ek telkens 'n konklusie formuleer in verband met die generiese manifestasie van doksologie in elke liedteks.

6.3.2.1 Vyfde liedteks (derde antifonale lied) 7:10b,12b

ἡ σωτηρία τῷ θεῷ ἡμῶν τῷ καθημένῳ ἐπὶ τῷ θρόνῳ καὶ τῷ ἀρνίῳ

Die redding [behoort aan / kom van] ons God sittende op die troon en die Lam

ἀμήν, ἡ εὐλογία καὶ ἡ δόξα καὶ ἡ σοφία καὶ ἡ εὐχαριστία καὶ ἡ τιμὴ καὶ ἡ δύναμις καὶ ἡ ἰσχὺς τῷ θεῷ ἡμῶν εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων· ἀμήν

Amen! Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan ons God tot in alle ewigheid. Amen!

Die aanvangstrofe van die vyfde liedteks is 'n nágalms van die aanvangstrofe van die derde liedteks, die epiese lof aan die Lam (5:9b-10). Hy word nou deur die lewende wesens en die ouderlinge gesamentlik geloof omdat Hy met sy bloed verlossende redding gebring het deur met sy lewe mense vir God te koop. Die sangers van hierdie aanvangstrofe is 'n ontelbare menigte in die hemel, uit elke nasie, stam, volk en taal, in wit geklee en met vredespalmtakke in die hande (7:9). Uit die konteks van Openbaring 7 is dit verantwoord om die epiese lofsangers as die honderd vier en veertigduisend gemerkte verseëldes te beskou (vgl. in 5.4.2.2.4(i) my beredenering van die identiteit en simboliek van hierdie telbare groep wat tegelyk 'n ontelbare menigte is). Hulle lof is epies, soos dié van die sangers van 5:9b-10. Hulle *berichtendes Lob* (6.2.2.2) gaan ook oor die redding. Hulle brei hulle verhalende lof verder uit deur die redding ook aan God wat op die troon sit, toe te skryf.

Die laaste liedlof van die eerste visioensiklus (4:1-8:1) in die tweede segment (4:1-11:19) kom van πάντες οἱ ἄγγελοι (al die engele; 7:11a). Hulle antifoön (7:12b) eggo op een na die sewe lofattribute van hulle antifoön van 5:12b (πλοῦτος is hier vervang met εὐχαριστία). Dit is dus soos daar ook beskrywende lof. Deur die toegevoegde uitroep van *amen* aan die begin en einde van hulle antifoön be-*amen* (Nederlands→Afrikaans: *beaam*) hulle nogmaals die aanbiddingswaardigheid van God en die Lam. Dié galaksie van skitterende derdekering-troonfigurerende se lof is lirie.

Konklusie in verband met generiese manifestasie in die vyfde liedteks (7:1b,12b):

Epiese verheerliking van God en die Lam funksioneer in die aanvang van die lied eksplisiet as die begronding van die *liriese* lof in die antifoon wat daarop volg. Die lof van die lied is met ander woorde soos in die vorige antifonale lied veroorsaak ('ontketen') deur die openbaringsdramatiek van die Lam se kragtige, lotveranderende reddingsdaad. In geheel gesien is die tweede antifonale lied *liries*, aangevuur deur *epiese* lof aan God en die geslagte Lam wat opgestaan het. Hierdie generiese manifestasie van doksologie in die derde antifonale lied funksioneer retories weer eens *epideikties* – om die deugde van God én die aanbiddingswaardige Lam met *akklamasie* te verklaar – op grond van *paradeigmata* – om die kragtige handeling van God in en deur die Lam se volbragte verlossingwerk te *proklameer*. Die retoriese funksie van die lof is dus om die ontvangers van die apokalips ná die oopmaak van die boekrol se eerste ses seëls te bemoedig en hulle aan te spoor om te volhard in dit wat hulle reeds het (wat hulle by die skouspelagtige fronton en portiek van die aanvangshoofstukke van hierdie siklus kon waarneem), te midde van die skrikwekkende oordeelsvoltrekking.

6.3.2.2 Sesde liedteks (vierde antifonale lied) 11:15b,17b-18

ἐγένετο ἡ βασιλεία τοῦ κόσμου τοῦ κυρίου ἡμῶν
καὶ τοῦ χριστοῦ αὐτοῦ,
καὶ βασιλεύσει εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων

*Die koninkryk van die kosmos/wêreld het [eiendom] van ons Here geword
en van sy Christus/Gesalfde,
en Hy heers [as Koning] tot in alle ewigheid*

εὐχαριστοῦμέν σοι, κύριε ὁ θεὸς ὁ παντοκράτωρ,
ὁ ὢν καὶ ὁ ᾧν,
ὅτι ἐλῆφας τὴν δύναμίν σου τὴν μεγάλην
καὶ ἐβασίλευσας.
καὶ τὰ ἔθνη ὠργίσθησαν,
καὶ ἤλθεν ἡ ὀργή σου
καὶ ὁ καιρὸς τῶν νεκρῶν κριθῆναι
καὶ δοῦναι τὸν μισθὸν τοῖς δούλοις σου τοῖς προφήταις
καὶ τοῖς ἁγίοις καὶ τοῖς φοβουμένοις τὸ ὄνομά σου,
τοὺς μικροὺς καὶ τοὺς μεγάλους,
καὶ διαφθεῖραι τοὺς διαφθείροντας τὴν γῆν

*Ons dank U, Here God, Almagtige,
U wat is en wat was,
dat U u groot mag (op-)geneem het
en [as Koning] heers.
En die nasies was woedend
en/maar vir u oordeel het gekom*

die regte tyd van/om die dooies te oordeel
en om loon te gee aan u dienaars, die profete,
en aan die heiliges/gelowiges wat u Naam vrees,
die kleines en die grotes,
en om te verderf/vernietig die vernietigers van die aarde

Die *φωναὶ μεγάλαι ἐν τῷ οὐρανῷ* (luide stemme in die hemel) wat die eerste strofe van die sesde lied sing, behoort waarskynlik aan dieselfde mense wat die vyfde lied se aanvangstrofe himnies voordra: die honderd vier en veertig duisend gemerkte verseëldes. Ná die sewende trompet deur die sewende engel geblaas is, begin die menigte om die tweede segment (4:1-11:19) op 'n hoë noot af te sluit. Hulle strofe is 'n *proclamatio* dat die oordele van God in die vernietiging van kosmiese omvang – wat in die tweede vsioensiklus van die segment in afgryslieke tonele geteken is – nogtans blyke gee van sy koningsheerskappy. En dit sing lirie van die ewige koningskap van die Gesalfde van God, wat 'n teenwoordige werklikheid en 'n eskatologiese sekerheid is. Die tipe lofuiting van die lied se aanvangstrofe is dus wesenlik *liriese* konstatering van die alvermoënde heerskappy van God en die Lam.

In die antifoön van die lied voer die ouderlinge die lof verder deur in dankbaarheid die implikasie van die ewige God se koningskap in besonderhede te besing – die implikasie wat reeds sigbaar is omdat God sy regeermag opgeneem het (vgl. hoe effektief dit beklemtoon is deur die weglating hier van die woord *ἐρχόμενος* uit die frase *ὁ ἦν καὶ ὁ ὢν καὶ ὁ ἐρχόμενος*; 4:8c, 1:4). Die lof getuig van onwrikbare vertroue dat 'die res ook al geskiedenis is' en daarom word Hy ook eskatologies geloof. Dit is *epiese* lof by uitnemendheid: verheerliking op grond van openbaringsdramatiek wat volbring is en op sterkte van dit wat reeds in die toekoms vasstaan. Die ouderlinge klim van hulle trone af om deur 'n liturgiese gestikulasie die enige en ewige koningskap van God simbolies te erken.

Konklusie in verband met generiese manifestasie in die sesde liedteks (11:15b,17b-18):

In die vierde antifonale lied is epiek en liriek in 'n mate vervleg, met *liriek* in die aanvangstrofe oorheersend en *epiek* in die antifoön die dominante. Dit is die omgekeerde orde van die strukturering van die lof in die tweede en derde antifonale liedere. Dit is weer eens duidelik dat beskrywende lof op verhalende lof berus – in watter volgorde dit ook al himniese uiting vind. In hulle dankseggende verheerliking is die ouderlinge so verwonderd oor die openbaring van God en Christus se koningsheerskappy wat duidelik geword het, dat die blyke daarvan in die toekoms ook reeds nader geroep en verheerlik word. Hierdie generiese manifestasie van lof word retories funksioneel aangewend: epiese lof op grond van die *paradeigmata* van God, dat Hy nou in koningsheerskappy gekom het, en dank en onwrikbare vertroue te midde van die ingrypendste kosmiese skommeling. Die

ontvangers van die apokalips word sodoende bemoedig om vas te staan in wat hulle het.

6.3.2.3 Sewende liedteks 12:10b-12

ἄρτι ἐγένετο ἡ σωτηρία καὶ ἡ δύναμις
καὶ ἡ βασιλεία τοῦ θεοῦ ἡμῶν
καὶ ἡ ἐξουσία τοῦ χριστοῦ αὐτοῦ,
ὅτι ἐβλήθη ὁ κατήγορ τῶν ἀδελφῶν ἡμῶν,
ὁ κατηγορῶν αὐτοὺς ἐνώπιον τοῦ θεοῦ ἡμῶν ἡμέρας καὶ νυκτός.
καὶ αὐτοὶ ἐνίκησαν αὐτὸν διὰ τὸ αἷμα τοῦ ἀρνίου
καὶ διὰ τὸν λόγον τῆς μαρτυρίας αὐτῶν
καὶ οὐκ ἠγάπησαν τὴν ψυχὴν αὐτῶν ἄχρι θανάτου.
διὰ τοῦτο εὐφραίνεσθε, [οἱ] οὐρανοὶ
καὶ οἱ ἐν αὐτοῖς σκηνοῦντες.
οὐαὶ τὴν γῆν καὶ τὴν θάλασσαν,
ὅτι κατέβη ὁ διάβολος πρὸς ὑμᾶς
ἔχων θυμὸν μέγαν,
εἰδὼς ὅτι ὀλίγον καιρὸν ἔχει

*Nou het gekom/aangebreek die redding en die krag
en die koningskap van ons God
en die gesag van sy Christus/Gesalfde;
want uitgegooi is die aanklaer van ons broeders/medegelowiges,
hy wat hulle aankla voor ons God dag en nag.
En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam
en deur die woord van hulle getuienis
en hulle het hulleself nie liefgehad tot die dood toe.
Wees daardeur verheug, hemele
en die wat daarin woon.
Wee julle, land en see,
want gekom/neergedaal het die duiwel na julle
met groot woede,
wetende dat hy min tyd het.*

Aan die begin van die derde segment dien hierdie himne, gesing deur 'n ongeïdentifiseerde luide/groot stem in die hemel, om intratekstuele verband en die uitbouing daarvan in die doksologiekorpus van die apokalips voort te sit. In aansluiting by die aanvangstrofe (7:10b) van die vyfde liedteks (die derde antifonale lied; 7:10b,12b) word in hierdie himne ook gesing oor die redding wat gekom het. Daarin word steeds ook die nágalm gehoor van die aanvangstrofe (5:9b-10) in die derde liedteks (die tweede antifonale lied; 5:9b-10,12b,13b), die strofe wat in suiwer epiese lof aan die Lam beklemtoon in die sentrum van Openbaring 4 en 5 se openbaringsdramatiek staan. Hierdie solosang sluit ook aan by sowel die liriese as die epiese lof van die sesde liedteks (die vierde antifonale lied; 11:15b,17b-18). Die lof is hier oorheersend epies, met uitbreiding van die implikasie van God en die Lam se verwerklikte koningsheerskappy: die aanklaer

van die gelowiges is uit die hemel gewerp. Dit word gesing in die konteks van die narratief wat verhaal van die manlike kind wat uit die vrou gebore is en Wie se intronisasie in Openbaring 12 beskryf word.

Konklusie in verband met generiese manifestasie in die sewende liedteks (12:10b-12):

Epiese verheerliking van God en die Lam oorstem hierdie lied. Die lofprysing sing regdeur van die verwerkliking van die koninkryk. Die epiek botvier hier deur verwysings na verskillende implikasies wat die openbaringsdramatiek tot gevolg het: eerstens 'n verwysing na die val van die duiwel uit die hemel; tweedens 'n verwysing na die oorwinning van die gelowiges deur die bloed van die Lam en deur die woordgetuie wat hulle in volstreekte oorgawe – tot die dood toe – in selfopofferende liefde betoon; en derdens 'n verwysing na die val en die min tyd wat die verwoede duiwel het. Die epiese loop dan uit op 'n *exhortatio*, tot hemelbewoners gerig, om hulle te verheug oor die Satanlose hemel. Dit is 'n oproep tot blydskap voor God en die Lam oor hulle deugdelike daade, geopenbaar in die vervulling/voltooiing van die koninkryk. Die retoriese funksie van hierdie styl van lofuiting is om die ontvangers van die apokalips te laat volhard in hulle daaglikse lewe in provinsie *aarde*, want in die ander provinsie van die ryk van God en die Lam, provinsie *hemel*, word daar al reeds gejuig oor die val van die Bose. Die konkrete *paradeigmata* van oorwinning inspireer hulle tot *epideiktiese* lofverheffing te midde van die spanning van die eindverwagting.

6.3.2.4 Agtste liedteks 15:3b-4

μεγάλα καὶ θαυμαστὰ τὰ ἔργα σου,
κύριε ὁ θεὸς ὁ παντοκράτωρ·
δίκαιαι καὶ ἀληθιναὶ αἱ ὁδοί σου,
ὁ βασιλεὺς τῶν ἐθνῶν·
τίς οὐ μὴ φοβηθῇ, κύριε,
καὶ δοξάσει τὸ ὄνομά σου;
ὅτι μόνος ὁσῖος,
ὅτι πάντα τὰ ἔθνη ἤξουσιν
καὶ προσκυνήσουσιν ἐνώπιόν σου,
ὅτι τὰ δικαιώματά σου ἐφανερώθησαν

Groot en wonderbaarlik/bewonderingswaardig is u werke,

Here God, Almagtige.

Reg (-verdig) en waaragtig/betroubaar is u weë,

Koning van die nasies.

Wie sou U nie vrees nie, Here,

en sal u Naam nie verheerlik nie?

Want U alleen [is] (aller-) heilig.

(Want) al die nasies sal kom

en voor U aanbid / U knievallig vereer,
omdat u regverdige daade openbaar geword het / gemaak is.

Van die Skelfsee af, deur die Psalms en ander liedere in die Ou en Nuwe Testament, loop 'n Godverheerlikende himniese lyn. Die doksologie van die agtste liedteks in die apokalips roep die verlossende uitleiding uit slawerny op. Eksodus 15 en Openbaring 15 sing saam. Op die sand van seestrand sing twee groepe sangers: die Godsvolk ná die eksodus deur die Skelfsee, en die Godsvolk ná die bevrydende redding deur die nuwe eksodus heengelei, met hulle Godgegewe siters daar by die see van glas. Dit is dieselfde volk, één volk wat deur die eeue groei en vol word, wat hulle koraal sing langs die koraalrif wat strek van Skelfsee tot spieëlgladde glasse. En die boustene van hulle himnes, asook die lofstyl van hulle oorwinningsliedere, is merkwaardig ooreenstemmend. Die daade van God is in die Ou-Testamentiese *Lied van die See* én in die Nuwe-Testamentiese koraal van seeliedsangers die omramende motief. Die epiese wonderdade sluit in albei liedere om 'n liriese kern: die onvergelykbaarheid van die almagtige, reddende, alleenheerser-God wat by wyse van retoriese vraagstelling aanbiddingswaardig en ontsagwekkend in die sentrum van die doksologie staan. Eksodus 15: “Wie is soos U? – So hoog? – So heilig?” (Eks. 15:11; omgedig in Skrifberyming 2-6:5). Openbaring 15: “Wie sou (konjunktief) U nie vrees nie, en sal (futurum indikatief) U nie verheerlik nie?” (15:4a).

Konklusie in verband met generiese manifestasie in die agtste liedteks (15:3b-4):

Na analogie van – en in aansluiting by – Eks. 15:1-18 is die agtste liedteks van die apokalips epies-himniese poësie, gestruktureer in die figuurlike toonaard van 'n ‘chiasiese doksologie’. Volumegewys is *epiese* lof die prominente, maar deur middel van die bepaalde konstruksie van die lied is die onvergelykbare deugde van God se heiligheid en wonderbare heerlikheid die beklemtoonde *liriese* werwelkolom waaruit sy epiese daade waaier (die teenoorgestelde van die himnodiepatroon van Openbaring 4 en 5). Die lof is liries, ingebed in die verhalende wat na verlede en toekoms onderskeidelik terugsing en uitsing. Die retoriese funksionering van hierdie lof is *epideiktiese* fokus, ingebed in oorweldigende en bewonderingswaardige *paradeigmata*. Die ontvangers van die apokalips kan nou – bemoedig en versterk – meedoen aan die liedlof van die eeue.

6.3.2.5 Negende liedteks (vyfde antifonale lied) 16:5-6,7b

δίκαιος εἶ, ὁ ὢν καὶ ὁ ᾗν, ὁ ὅσιος,
ὅτι ταῦτα ἔκρινας,
ὅτι αἷμα ἁγίων καὶ προφητῶν ἐξέχεαν
καὶ αἷμα αὐτοῖς [δ]έδωκας πλεῖν,

ἄξιοί εἰσιν

*Regverdig is U, wat is en wat was, die Allerheiligste,
omdat U hierdie dinge geoordeel het / die oordeel voltrek het;
want hulle het bloed van heiliges/gelowiges en profete vergiet
en U het bloed aan hulle gegee om te drink,
want hulle het dit verdien.*

ναὶ κύριε ὁ θεὸς ὁ παντοκράτωρ,
ἀληθινὰ καὶ δίκαια αἱ κρίσεις σου

*Ja, Here God, Almagtige,
waaragtig/betroubaar en reg (-verdig)[is] u oordele.*

Tussen die uitgieting van die oordeel van God uit die derde en vierde (van sewe) toornbakke sing twee engele die negende himne (die vyfde antifonale lied) in Openbaring. Die aanvangstrofe word deur die engel van die waters gesing. Sy strofe bestaan uit twee gedeeltes: 'n *liriese* openingsakkoord waarin hy God as regverdig en as die *Allerheiligste* besing; 'n *epiese* begronding van die regverdigheid en heiligheid van God in die oordeelvotrekking oor die onderdrukkers van profete en heiliges (gelowiges). Die liriese akkoord eggo die heiligverklaring van God deur die lewende wesens in die eerste liedteks (die *Trisagion*; 4:8c), asook 'n deel van die formule in dieselfde lied waarin na God verwys word as die Een wat was en wat is. Maar hier is *ὁ ἐρχόμενος* (*Hy wat komende is*) – soos ook in die antifonale lied van 11:15b,17b-18 – weggelaat, want met die (op-) neem van sy koningskap het Hy as Heerser gekom en is hier te midde van die oordeelsvotrekking besig om sy koninkryk met sy absolute mag te realiseer. Die epiese gedeelte van die aanvangstrofe eggo op sy beurt 'n duidelike naklank van die agtste liedteks (15:3b-4) se epiese omraming van liriese lof.

Die antifoön wat deur die engel van die altaar voorgedra word, is feitlik 'n herhaling van die liriese gedeelte van die eerste engel se strofe. Hy beklemtoon dat hy reageer op die engel van die waters se liedstrofe deur die woord *ναὶ* (*ja*) as eerste toonkomponent van sy kort lied te artikuleer. Tog is dit nie dieselfde nie. Hy voeg die attribuut van God se almag by deur Hom himnies uitdruklik as *Almagtige* aan te spreek. Die tweede frase van sy antifoön is weer 'n noue aansluiting by die seeliedsangers se epiek (15:3b-4).

Konklusie in verband met generiese manifestasie in die negende liedteks (16:5-6,7b):

Epiek vorm in hierdie lied nogmaals die vaste grond waarop die *liriese* verheerliking van God berus (die redegewende voegwoord *ὅτι* is 'n immer-teenwoordige rededeel in die himnografie van die apokalips). Die engele-tweesang funksioneer retories uitgesproke *epideikties* op grond van *paradeigmata*. Laasgenoemde maak die grootste gedeelte van die lied uit. Die himne interpreteer die oordeelvotrekking wat plaasvind ná die lediging van die derde toornbak. Die ontvangers

van die apokalips kan bly volhard: hulle kan nou verstaan dat die verwesenliking van die salige Godsheerskappy die vernietiging van die onderdrukkers van God se volk inhou. Hulle (die ontvangers) is in die kruisvuur van die heilige oorlog (wat die hooftema van die derde segment is; vgl. 5.4.3 vir die identifikasie van hierdie faset in die makrostrukturele analise van Openbaring).

6.3.2.6 Tiende liedteks (sesde antifonale lied) 19:1b-2,3b,4b

ἀλληλουϊά·
ἡ σωτηρία καὶ ἡ δόξα καὶ ἡ δύναμις τοῦ θεοῦ ἡμῶν,
ὅτι ἀληθινὰ καὶ δίκαια αἱ κρίσεις αὐτοῦ·
ὅτι ἔκρινεν τὴν πόρνην τὴν μεγάλην
ἣτις ἔφθειρεν τὴν γῆν ἐν τῇ πορνείᾳ αὐτῆς,
καὶ ἐξεδίκησεν τὸ αἷμα τῶν δούλων αὐτοῦ ἐκ
χειρὸς αὐτῆς

Halleluja / Prys die Here!

*Die redding en die heerlikheid en die krag/mag [behoort] aan die Here ons God,
want waaragtig/betroubaar en reg (-verdig) is sy oordele;
want Hy het geoordeel die groot (sedelose) vrou
wat die aarde verwoes/vernietig het deur haar sedeloosheid;
en Hy het gewreek die bloed van sy dienaars
op haar*

ἀλληλουϊά·
καὶ ὁ καπνὸς αὐτῆς ἀναβαίνει εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν
αἰώνων

Halleluja / Prys die Here!

*En haar rook styg/gaan op tot in alle
ewigheid.*

ἀμήν ἀλληλουϊά

Amen. Halleluja / Prys die Here!

Die aanvangstrofe van hierdie voorlaaste himne in die apokalips word gesing deur 'n groot menigte in die hemel. Dit kan die honderd vier en veertig duisend wees wat ook die vyfde lied (die derde antifonale lied; 7:10b,12b) en die sesde lied (die vierde antifonale lied; 11:15b,17b-18) sing, maar dit is waarskynliker dat die groot menigte wat hier met luide stem sing, die getalryke troonfigurantegroep van die engele is. Die eerste versreël van die lied bestaan slegs uit een woord, die lofprysingswoord *halleluja*. Hierdie bekende Ou-Testamentiese liturgiese uitroep word in die Nuwe Testament net in die twee anitfonale liedtekste van Openbaring 19 gehoor. Die tweede versreël sing *liries* daarvan dat God oorwinning, heerlikheid en mag besit. Dié *beschreibendes Lob* word in vyf verhalende poëtiese versreëls begrond. Die himnodie van die apokalips werk nou op na

'n grandiose *grand finale*. In die epiëse versreëls word God se regverdige oordeel oor en vernietiging van die sedelose vrou (die stad Babilon) besing. Die beskrywende lof word dus weer eens vanuit *berichtendes Lob* gemotiveer, maar in dié lied is dit in nuwe terme. Die martelaarsbloed wat die sedelose vrou laat vloei het, word gewreek. God beantwoord die versugting van die martelare in 6:10. Die faset van die heilvolle openbaringsdramatiek wat hier in 'n nuwe verwysing besing word, verryk die epiëse roem van sy regverdige optrede.

Die kort antifoon van 19:3b vertoon meer die karakter van 'n refrein as 'n antifoon: dit is hier 'n herhaling van die openingswoord van die liedteks, *halleluja*, deur dieselfde sangers gesing. Die herhaling herinner aan die herhaling van *amen* in die antifoon van die engele (7:12b). 'n Kort opvolgfrase gee die rede vir die liturgiese lofprysingsuitroep: die ewige implikasie wat God se regverdige oordeelsvoltage teweeg bring. Herhaling deur refrein se waarde – al bestaan dit net uit een liturgiese uitroep en 'n kort samevatting van ander motiewe in die lied – is daarin geleë dat dit die openbaringsdramatiek dieper laat insink by die sangers en by dié wat dit hoor.

Ander hemelinge, die vier en twintig ouderlinge en die vier lewende wesens, word die sangers van die tweede antifoon van hierdie lied. Dit is merkwaardig dat ook hulle twee liturgiese uitroepe (*amen* en *halleluja*) gebruik om nou die aanvangstrofe en refrein van die eerste sangers met nuwe lofstem te bevestig. Hierdie refreinmatige antifoon plaas die liriek en die epiëse nogmaals aan die orde.

Konklusie in verband met generiese manifestasie in die tiende liedteks (19:1b-2,3b,4b):

Kort *liriese* akklamasie en uitgebreide *epiëse* begronding en motivering daarvan is die lofstyl van hierdie voorlaaste lied. Die waarde van herhaling in die lied deur middel van refrein en/of antifoon is effektief aangewend om die retoriese funksie van die lof te dien. Ook die herhaling van konsepte en motiewe soos oorwinning, heerlikheid, eer en krag dien dieselfde retoriese oogmerk. Die ontvangers van die apokalips word daaraan herinner dat die deugdelike God se daad van oordeelsvoltage geregverdig is en dat hulle met dié perspektief kan volhard in dit wat hulle reeds het: moedige, volgehoue weerstand teen die Bose, omdat hulle versker aan die wenkant veg.

6.3.2.7 Elfde liedteks (sewende antifonale lied) 19:5b,6b-8a

αἰνεῖτε τῷ θεῷ ἡμῶν
 πάντες οἱ δοῦλοι αὐτοῦ
 [καὶ] οἱ φοβούμενοι αὐτόν,
 οἱ μικροὶ καὶ οἱ μεγάλοι

*Loof (lof aan) ons God,
al sy dienaars
[en] dié wat Hom vrees,
die kleines en die grotes!*

ἀλληλουϊά,
ὅτι ἐβασίλευσεν κύριος
ὁ θεὸς [ἡμῶν] ὁ παντοκράτωρ.
χαίρωμεν καὶ ἀγαλλιῶμεν
καὶ δώσωμεν τὴν δόξαν αὐτῷ,
ὅτι ἦλθεν ὁ γάμος τοῦ ἀρνίου
καὶ ἡ γυνὴ αὐτοῦ ἡτοίμασεν ἑαυτήν
καὶ ἐδόθη αὐτῇ ἵνα περιβάλῃται
βύσσινον λαμπρὸν καθαρὸν

*Halleluja / Prys die Here!
Want die Here het [as Koning] [begin] heers,
[ons] God, die Almagtige.
Laat ons bly wees en juig
en die eer gee aan Hom,
want die bruilof van die Lam het gekom
en sy bruid het haarself gereedgemaak
en dit is haar gegun/gegee om geklee/beklee te wees
in/met fyn linne glansend rein.*

’n Stem uit (vanaf) die troon roep op tot die laaste lofkomponent in die himnografiekorpus van Openbaring. Moontlik is dit een van die lewende wesens of een van die ouderlinge wat tot die lof oproep (Van de Kamp, 2000:423), of kom dit van ‘een *machtige troongeest*’? (Greijdanus, 1965:280). Die sang wat volg, word nietemin op instruksie van die hemel uitgevoer – dit is koorsang onder leiding van ’n hemelse musiekleier. En geen dienaar van God word uit dié koor gelaat nie. Almal, klein en groot, hoor die oproep tot die massakoor: *ἀνεῖτε τῷ θεῷ ἡμῶν (Loof ons God!)*. Die hemelse imperatief van 19:5b is die gebiedende aanvang van die laaste lied. Alles wat in 19:6b-8a op die tong van die groot menigte gelê is, vorm ’n magtige antifoon wat op die oproep respondeer.

Die openingswoord is weer die akklamatiewe *Halleluja!* waarin God, die Lofwaardige, lofprysend toegejuig word. Soos die troonfigurante op grond van hulle herhaaldelike *halleluja*-uitroepe in vers en keervers in die vorige himne die eerste en tweede *halleluja*-koor genoem kan word, is die naam ook vir hierdie massakoor gepas; klein en groot godvresende dienaars van God vorm die *derde hallelujakoor*. Hulle sluit onmiddellik aan by die drie akklamasies van die hemelse sangliede in 19:1b-2,3b,4b. Die motivering vir hulle *liriese* lofprysing is dus ook die regverdige en geregverdigde oordeelsvoltrekking deur God, wat deur die koor van die oorwinnende kerk nou hier gefundeer word in die heerskappy van die Koning van die kerk, die kosmos en die nasies (vgl. die sesde, sewende en agtste liedtekste se verhalende lofgedeeltes; onderskeidelik: 11:15b,17b-18; 12:10b-12; 15:3b-4). Hy word ook weer *παντοκράτωρ* genoem (vgl. dié deugdelike

eienskap in die liedtaal van 4:8c, 11:16b en 16:7b). Maar die tweede hallelujakoor se beskrywende lof word ook in *nuwe epiek* gefundeer, al is dié openbaringsdramatiek nie reeds volledig in al sy konsekwensies uitgevoer nie. Die massakoor van die dienende godvresendes roep mekaar op om bly te wees en te juig, en hulle motivering is dié keer geleë in die epiese sekerheid van die bruilofsmaal van die Lam (21:9-27). Deur die krag van prolepsis in 'n apokaliptiese narratief stel dit die bruilofsmaal hier reeds teenwoordig.

Konklusie in verband met generiese manifestasie in die elfde liedteks (19:5b,6b-8a):

In die lofstyl van die laaste himne val dit op dat vorige liedkomponente nogmaals opgeneem word. Die *liriese* eenwoord-lofprysingsformule wat drie keer in die voorlaaste himne uitgeroep is, word deur die derde hallelujakoor in die laaste loflied herhaal. Hulle gebruik ook die aanspreekvorm *Almagtige* (vgl. ook 4:8c, 11:16b en 16:7b). Ook is begroning van die liriese in herhalende *epiese* motiewe deel van die laaste lied. Maar nuwe epiek word ook voorgedra, in die volle sin van die woord *nuut*, want dit sing eskatologiese voleindiging 'terug' in die teenwoordige tyd. Die retoriese funksie van dié lof is dat die ontvangers van die apokalips perspektief behou te midde van die spanning van die eindverwagting. Eskatologiese *paradeigmata* is by uitstek die middel waardeur hulle kan bly volhard, en bly kan volhard (= met blydschap).


6.3.3 Samevattende konklusie in verband met die dieptesnit-ondersoek in die himniese doksologie van Openbaring

Die dieptesnit-ondersoek in die doksologiese himnografiekorpus van Openbaring wat pas voltooi is, open insiggewende perspektiewe wat van groot waarde is vir identifikasie van basisteoretiese beginsels vir himnografie. Veral die vasstelling van die generiese manifestasie van doksologie in al die liedtekste van die apokalips is van uiterste belang vir die onderskeiding, verstaan en vertolking van die konstituerende stramien van die liturgiese lied. Perspektiewe uit die narratologiese *cum* kursoriese eksegeese van die makrokonstruksie van Openbaring wat in die vorige hoofstuk van hierdie derde hoofdeel van die studie, Hoofstuk 5, geopen is, is deurgaans in hierdie hoofstuk in gedagte gehou en dit het besondere lig gewerp op die uitleg van die himniese mikrotekste. Ook die retoriese funksie van die variërende en afwisselende lofstyl in die mikrotekste kon daardeur sinvol geïnterpreteer word. Omgekeerd bevestig die dieptesnit-ondersoek ook die resultate van die makrostrukturele analise van Openbaring in die vorige hoofstuk.²⁵⁹

²⁵⁹ Ek stel die resultate van die dieptesnit-ondersoek in die himnografiekorpus in twee sketse op die volgende twee bladsye voor. Die eerste bied perspektief op die argi-generiese manifestasie van doksologie in die totale himnografiekorpus van die apokalips; die tweede plaas die vier liedtekste van Openbaring 4 en 5 onder die vergrootglas – om die argi-generiese manifestasie van lof daarin in besonder te illustreer.

ARGI-GENERIESE MANIFESTASIE VAN DOKSOLOGIE IN DIE HIMNOGRAFIEKORPUS VAN OPENBARING


Vergroot op volgende bladsy



LIEDTEKSTE	
1	Op. 4:8c
2	Op. 4:9,11
3	Op. 5:9b-10,12b,13b
4	Op. 5:14b
5	Op. 7:10b,12b
6	Op. 11:15b,17b-18
7	Op. 10b - 12
8	Op. 15:3b-4
9	Op. 16:5b-6,7b
10	Op. 19:1b-2,3b,4b
11	Op. 19:5b,6b-8a

LIRIEK
EPIEK
DRAMATIEK

ARGI-GENERIESE MANIFESTASIE VAN DOKSOLOGIE IN DIE HIMNES VAN OPENBARING 4 EN 5



Uit die twee grafiese voorstellings word die volgende met betrekking tot die argi-generiese mikrotekstuele stramien in die himnografiekorpus van Openbaring duidelik:

- (i) Volgens wetenskaplik vasgestelde kriteria vir liedafbakening blyk dit dat die himnografiekorpus van Openbaring uit elf himnes saamgestel is wat verspreid in die middelste vier van die ses visioensiklusse voorkom. Hulle is in die makrostruktuur gesitueer op die plekke soos reeds in die vorige hoofstuk vasgestel is (5.4.4): op die konvekse kruine van die tweede tot die vyfde visioensiklusse wat in horisontale beweging voortspiraal.
- (ii) Die himnografie verdeel in twee tipes himnodie: vier opsigselfstaande nie-strofiese liederen en sewe geïntegreerde, selfstandige antifoniese strofeliedere, onderskeidelik 4:8c; 5:14b; 12:10b-12, 15:3b-4 en 4:9,11; 5:9b-10,12b,13b; 7:10b,12b; 11:15b,17b-18; 16:5b-6,7b; 19:1b-2,3b,4b; 19:5b,6b-8a. (In die sketse is die twee tipes nie sigbaar nie.)
- (iii) Al die himnes ontspring direk uit die openbaring wat in die apokalips gegee word. Nie een van die himnes ontstaan, bestaan of funksioneer onafhanklik van die openbaringsdramatiek nie. Al elf himnes wel soos fonteine op uit die visioensiklusse van die dramatiese narratief waarin die apokaliptiese openbaring verhaal word. Dié openbaringsbasis verteenwoordig die argi-genre *dramatiek* / die *dramatiese*.
- (iv) Twee style/vorme van himniese lofuiting is geïdentifiseer:
 - *das berichtende Lob*, bekend as *verhalende lof*, argi-generies as die *epiese/epiek* herkenbaar;
 - *das beschreibende Lob*, bekend as *beskrywende lof*, argi-generies as die *liriese/liriek* herkenbaar.
- (v) Die *dramatiese* is die waterbron wat deur die oog van die *epiese* in die helder fonteinstraal van die *liriese* hemelwaarts uitspuit. Die himnes bevat egter nie in alle gevalle uitgesproke epiese elemente waarin die daad van die Self-openbarende God gekonstateer word nie. In die tweede skets (*Argi-generiese manifestasie van die himnes in Openbaring 4 en 5*) het ek variasies/grade in die epiek se teenwoordigheidsterkte aangedui deur die deurgang van die openbaringsdramatiek deur die epiese oog na die liriese hoogtepunt in verskillende ligskakerings voor te stel. By die eerste liedteks (4:8c) is die epiese minder ingekleur omdat die lied suiwer liries is en as't ware direk uit die Selfopenbaring van God se Wese – sonder vermelding van sy daad – na

die hoogtepunt opskiet. Die tweede (4:9,11) en vierde (5:14b) himnes bevat ongeveer gelyke hoeveelhede epiek en liriek en die epiese oog is in die twee tekste eweveel verdonker. In die derde teks (5:9b-10,12b,13b) is die epiese so fundamenteel (vgl. die aanvangstrofe se suiwer epiek van die Lam se alles-beslissende kernhandeling) dat ek die epiese oog van dié antifonale lied 'n effens donkerder skakering gegee het as die res van die epiese middelstrook se verdigting.

6.4 VOORLOPIGE BEPALING VAN DIE ROL EN BETEKENIS VAN DIE HIMNIESE MIKROTEKSTE IN OPENBARING IN DIE LIG VAN DIE EKSEGETIESE DIEPTE-ONDERSOEK

6.4.1 Generiese aspekte²⁶⁰

In die diepte-onderzoek wat afgehandel is, is op meer generiese aspekte gefokus as wat die geval was in die eerste hoofstuk (Hoofstuk 5) van hierdie deel (Deel 3). Aandag is in hierdie hoofstuk nie primêr en uitsluitlik (soos daar) aan die generiese funksie van die himniese gedeeltes in die geheelopset van die makrostruktuur gegee nie. *Intratekstuele* generiese wisselinge was hier die skerper ondersoekfokus.

In die diepte-onderzoek is uitgegaan van die vroeëre bevinding dat die himniese gedeeltes met hulle empiriese oordragstyl die poëtiese komponent is in die *transgeneriese dinamika* van die wisselende, verwisselende en wisselwerkende interaksie tussen die makrostruktuur en die subgeneriese mikrotekste van die boek (vgl. 4.2.1.3). Die funksie wat die liedtekste saam – as 'n himnografiekorpus – in die groter opset vervul, is om deur poëties-himniese verdigting *paradigmatiese verdieping* toe te voeg tot die sintagmatiese handelingsverloop van die ses visioenêre spirale. Op grond van die inkadering van die liederes in Openbaring as mikrotekste met 'n eie generiese karakter binne die dramatiese narratief kan aangeneem word dat hulle 'n toonaangewende funksie in die ontsluiting en verdieping van die verhaalde in die dramatiese gebeure vervul (vgl. 4.2.3.2 en 5.5.1). In die diepte-eksegese van Openbaring 4 en 5 het dit inderdaad geblyk dat die eerste vier liedtekste die handelingsverloop van die twee hoofstukke (saam met die beskrywende

²⁶⁰ Na analogie van die voorlopige bepaling van die rol en betekenis van die himniese gedeeltes in Openbaring op grond van die makrostrukturele analise wat in die vorige hoofstuk gemaak is (vgl. 5.5), stel ek die rol en betekenis van die himniese mikrotekste hier vas aan die hand van dieselfde sake wat daar aan die orde was: generiese, narratiewe en retoriese aspekte. Ek doen dit so om die voorlopige bepalings in die twee hoofstukke van Deel 3 makliker met mekaar te kan vergelyk en die bevindings algaande in hierdie hoofpunt, 6.4, reeds te verifieer. Die vasstelling wat nou gedoen word, word egter in die lig van die eksegetiese diepte-onderzoek gedoen en word op die liedtekste self gebaseer.

gedeeltes daarin) dermate verdigtend aanvul dat dit die enkele progressiegebeurtenis²⁶¹ in die hoofstukke volumegegewys selfs oorskadu. Hierdie algemene generiese funksie-aspek het dus duidelik na vore gekom: die liedere funksioneer *toonaangewend* in die ontsluiting van die verhaalde – selfs van die hele apokalips. Dit word bevestig deur die ander sewe himnes wat ook ondersoek is.

Wat intratekstuele generiese variasies en wisselinge betref, bring die detailanalise van die liedtekste aan die lig dat die twee tipes lofstyl, naamlik verhalende lof en beskrywende lof, mekaar op verskillende maniere afwissel. 'n Himne open soms met epiese of verhalende lof, wat 'n hele strofe kan uitmaak, soos byvoorbeeld die aanvangstrofe (5:9b-10) van die tweede antifonale lied (5:9b-10,12b,1b; vgl. ook 12:10b-12). 'n Lied soos die *Trisagion* (4:8c) is weer suiwer lirie. In die vierde antifonale lied is die liriese komponent in 'n kort openingstrofe verdig (11:15b), waarop 'n epiese antifoön volg wat meer as drie keer langer is en epiese openbaringsdade en die implikasie daarvan as't ware aaneenryg (11:17b-18). Die variasies is talryk. Wat egter belangrik is om op te merk, is dat die epiese dien as die begronding van liriese lofuiting, dit meestal fundeer en dit konsekwent motiveer. Hierdie agri-generiese wisselinge spruit voort uit die bepaalde konteks waarin 'n lied gesing word; wie dit uitvoer, bepaal ook meermale die verwisseling. Teen die einde van die eerste visioensiklus (4:1-8:1) in die tweede segmentele narratief (4:1-11:19) sing die honderd vier en veertig duisend vrygekoopte verseëldes, die universele kerk, van hulle epiese redding deur God en die Lam (7:10b), waarop dit juis die engele is – wat bly is oor die redding van een sondaar (Luk. 15:10) – wat antwoord met liriese lof waarin hulle nie minder nie as sewe attribute van goddelike kwaliteit aan God toebring (7:12b).

Op sterkte van die diepte-ondersoek kan dus eerstens aangeneem word dat die *intertekstuele* generiese wisselinge tussen die himnografiekorpus se paradigmatische verdieping en die narratief se sintagmatiese koppeling en uitbreiding die makrostruktuur sinvol ontsluit. Die bydrae van die dieptesnit-uitleg van die himniese mikrotekste is tweedens dat *intratekstuele* agri-generiese variasies waardevolle inligting vir himnografie ontsluit.

6.4.2 Narratiewe funksie

Die ondersoek wat in hierdie hoofstuk gedoen is, ondersteun en bevestig die voorlopige bepaling in die vorige hoofstuk van die himniese gedeeltes se narratiewe funksie (5.5.2). Die liedere funksioneer as satelliete wat om die kernegebeure en -handelinge wentel, dit interpreteer en kommentaar daarop lewer.

²⁶¹ Dit is die *kernel* (kernegebeurtenis) van die Lam se ontvangs van die verseëelde boekrol wat deur die perfektum-vervoeging van die werkwoord in frontfokus geplaas is.

Waar dit in die makrostrukturele analise 'n algemene waarneming is, is dit in die diepte-onderzoek besonder duidelik. Die himnes van Openbaring 4 en 5 is strukturele merkers wat die ontvangers eerstens lei na die majesteit van God en daarmee na God se outoriteit om sy goddelike oordeel in Openbaring 6 tot 19 te voltrek.

Naas die inleidingsfunksie het die himnes as strukturele merkers tweedens ook 'n opsommingsfunksie (Morton, 2001:91-93). Die voorbeeld by uitnemendheid is weer eens die kerngebeurtenis van die Lam se neem van die boekrol uit die hand van die Een wat op die troon sit (5:7). Die tweede antifonale lied (5:9b-10,12b,13b) besing die absolute impak van dié *kernel* waaromheen dit wentel. Dit kommentarieer analepties op die Lam wat geslag is en opgestaan het, en interpreteer ook prolepties die uitwerking daarvan: God en die Lam is op grond van die reddingsdaad tot in alle ewigheid waardig om al die lof te ontvang. Die himne in 15:3b-4 interpreteer tussen die oordeelvoltrekking van 14:6-20 en die lediging van die eerste drie toornbakke (16:1-5) dat die optrede van die almagtige Koning van die nasies regverdig is. En tussen die uitgiet van die derde en vierde toornbak sing twee engele antifonies om die oordeelvoltrekking nogmaals as regverdig en geregverdig te interpreteer (16:5b-6,7b).

Die herhaling van sentrale motiewe en ontwikkeling van konsepte in die himniese mikrotekste het derdens op sigself ook 'n narratiewe funksie. Met al die verdigtende verdieping hou die liedere konstant by die dramatiese progressie van die narratief. Die interpretasie en kommentaar hou tred met die narratief en ontwikkel mede deur die paradigmatisering van die liedere die sintagmatiese voortgang in die visioensiklusse (vgl. byvoorbeeld die liedere in die derde segment met sy oorlogstema: 12:10b-12; 15:3b-4; 16:5b-6,7b).

Die diepte-onderzoek van himniese mikrotekste in hierdie hoofstuk (Hoofstuk 6) open dus verdere perspektiewe op die narratiewe funksie van doksologiese lofprysing.

6.4.3 Retoriese oorredingskrag

Die vroeëre bespreking in 4.2.4.2.1 van demonstratiewe of epideiktiese retoriek in die Klassieke het aan die lig gebring dat dié vorm van retoriek die oogmerk het om die wese van 'n persoon of godheid te verheerlik. Dit word gemotiveer en gesteun deur ook sy wonder- en heldedade te besing (wat naas die *epideiksis* die *paradeigmata* genoem word; vgl. ook 5.5.3).

In die diepte-onderzoek kon ek by die identifikasie van generiese manifestasies van doksologie in al die liedere aandui op watter wyse die argi-generiese doksologiese style

daarin epideikties op grond van paradeigmata funksioneer. Dit is merkwaardig hoe die himnes deurgaans toepaslik in 'n oorredingstrategie aangewend word. In die engele se antifone in 5:12b en 7:12b gebruik hulle byvoorbeeld bekende epiteta in die wêreld van die keiserverering (vergoddeliking van wêreldse mag). Die retoriese effek daarvan dat die engele dié attribute gebruik om God en die Lam te vereer is duidelik: die ontvangers van die apokalips word daardeur onder die indruk gebring van die futiliteit van aardse magte se aansprake. Hulle kan moedhou en volhard, want die massa derdekring-troonfigurante parodieer die keiserkrag in hulle sang.

Bogenoemde retoriese strategie (om die gehoor te bemoedig), loop regdeur die totale himnografiekorpus. Dit, tesame met herhalende motiewe, konsepte soos die heerlikheid en eer en krag van God en die regverdigheid van sy oordeel, prent dit by hulle in dat God regeer in sy ontsagwekkende koningsmag (11:15a,17b-18; 19:5b,6b-8a).

6.4.4 'n Basisteoretiese beginselgrondslag vir himnografie

Aan die einde van die makrostrukturele analise van die vorige hoofstuk het ek gestel dat die voorlopige bepaling van die rol en betekenis van die himniese stof in die makrostruktuur van Openbaring 'n beginselgrondslag vir himnografie implisiet na vore laat kom. 'n Skriftuurlike beginsel dat teksgeworde, besondere openbaringsdramatiek fundamenteel, bepalend en rigtinggewend vir lieds krywing is, kan tentatief aanvaar word. Die eksegetiese diepte-ondersoek van die huidige hoofstuk bevestig dat dié beginselgrondslag nie net implisiet aanwesig is nie, maar eksplisiet duidelik is en ooglopend as die regulerende beginsel vir himnografie dien. Die generiese, narratiewe en retoriese aspekte van die himniese mikrotekste wat nou in diepte gepeil is, bring aan die lig dat openbaringsdramatiek inderdaad fundamenteel, bepalend en rigtinggewend vir lieds krywing en liedkriteria is. Die elf himnes is in geen stadium losstaande en verwyderd van die voortgaande progressie en die dinamiese ontplooiing van die openbaringsdramatiek nie. Intendeel. Hulle oorsprong is op geen enkele uitsondering na geleë in die dramatiese openbaring en openbaringshandelinge van die openbarende, lewende God in sy heilige alleenheerskappy oor kerk en kosmos, nasies en volke, tale en tye, troonfigurante en elke aardse mag en krag. In elke lied is elke motief, gedagte, metafoor, konsep en mikro-eenheid en -frase geïnspireer deur die feit dat God die God van openbaring is. Die liedere is geaktiveer deur hierdie dramatiese, en sing epies en liries oor en tot die God van openbaring. Hulle ontspring en leef as lof op uit die evangelieverhaal van Jesus Christus, dramatiese hervertel, te midde van die spanning van die eindverwagting. Lied en lof reël uit openbaring op openbaring; dit is *openbaring-in-responsiewe-aksie*.

Uit hierdie beginselgrondslag kan basisteoretiese beginsels vir himnografie sinvol gestalte kry in al die fasette van liturgiese lieds krywing.

6.5 KONKLUSIE IN VERBAND MET DIE VOORLOPIGE BEPALING VAN DIE ROL EN BETEKENIS VAN DIE HIMNIESE MIKROTEKSTE IN DIE DRAMATIESE NARRATIEF *OPENBARING*

Aan die einde van die twee hoofstukke van Deel 3 is die rol en betekenis van die himniese mikrotekste van Openbaring in die lig van die ondersoek in die twee hoofstukke voorlopig vasgestel. Die eerste ondersoek was 'n makrostrukturele analise van die boek; die tweede 'n eksegetiese diepte-ondersoek van die mikrotekste.

My konklusie is dat die bevindings van die twee hoofstukke mekaar ondersteun en mekaar wedersyds as geldig verifieer. Die waarde van die twee ondersoeke is dat die resultate 'n beginselgrondslag vir basisteoretiese beginsels vir himnografie blootlê.

6.6 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 6

In hierdie tweede en laaste hoofstuk van Deel 3 is voortgebou op die narratologiese lesing *cum* kursories-eksegetiese analise van die makrostruktuur *Openbaring* in die eerste hoofstuk van hierdie hoofdeel (Hoofstuk 5). Belangrike funksies van die himniese stof en die aanduiding van 'n basisteoretiese beginselgrondslag vir himnografie, beoordeel vanuit die himniese gedeeltes se strukturele rol en betekenis in die geheelverband van die makrokonstruksie, is daar geïdentifiseer en tentatief vasgestel.

Die ondersoek het in hierdie hoofstuk, Hoofstuk 6, gefokus op individuele liedtekse wat onderskei en geïdentifiseer is as die himnografiekorpus van Openbaring. Soos in die vorige hoofstuk was daar in hierdie ondersoek ook oorgrensbewegings. Lied-afbakeningskriteria is vasgestel, argi-generiese style van lof is onderskei. Die klem het hier egter sterker op Bybelwetenskaplike ondersoek geval. Deur intensiewe eksegeese van Openbaring 4 en 5 is die rol en betekenis van die vier liedtekste daarin geïnterpreteer, waarna die ander sewe himnes in die apokalips in die lig van die detailuitleg van die eerste vier himnes ook vir hulle argi-generiese variasies ondersoek is. Die mikrotekste is in hulle verband in die konteks van die primêre wyer konteks van liedperikope ontleed, ook binne die tweede wyer konteks van Op. 4:1-5:14 en in die wydste konteks van die geheel.

Ek het die resultate van die makrostrukturele analise van die vorige hoofstuk in die lig van die intensiewe eksegeese van mikrotekste in hierdie hoofstuk geverifieer en tot die

bevinding gekom dat die uitkoms en resultate van die twee hoofstukke mekaar bevestig, ondersteun, aanvul en wedyrsyds in breër perspektief plaas en geldig verklaar.

Die volgende stap in die navorsing is om nou die literêre dimensies en basisteoretiese beginsels in riglyne vir himnografie saam te vat en te konkretiseer (Deel 4).

DEEL 4

INTEGRASIE EN KONKRETISERING VAN DIE STUDIE: LITERÊRE DIMENSIES EN BASISTEORETIESE BEGINSELS EN RIGLYNE VIR HIMNOGRAFIE

Waar die finale fase van die studie nou bereik word, is dit verhelderend om kortliks weer die gang van die navorsing in die vier onderskeie hoofde daarvan te oorsien.

Metateoretiese aspekte was in Deel 1 aan die orde. Die vraag na wat literatuur is en of die Bybel wel literatuur is, is ondersoek. Die bevinding waartoe gekom is, is dat die Bybel egte literatuur is, en dat dié religieuse geskrif 'n sentrale, unieke plek in die ontwikkelingsgang van die Christelik-Westerse kultuurwêreld inneem. By 'n nagaan van benaderings tot die bestudering van literatuur is kennis geneem van verskillende teoretiese vertrekpunte en teorieë en van die invloed wat elkeen van hulle op Bybelwetenskaplike navorsing het en kan hê.

In Deel 2 is vanuit die metateoretiese literêre terreinverkenning van Deel 1 oorgegaan na die vastelling van die samehang, verband, simbiose en sinergie tussen die literêre metateorie en die teologiese basisteorie van hierdie studie. Gedeelde en gedeeltelik oorvleuelende studieterreine van die Literatuurwetenskap en die Bybelwetenskap is verken. Dit het gelei tot die afbakening van 'n interdisiplinêre en multi-subdisiplinêre studieveld, waarvoor 'n benaderingshoek tot dié terrein en 'n metode om dit verder te ontgin ook vasgestel is.

Die literêre perspektiewe wat in die eerste twee dele geopen is, is in Deel 3 tot voordeel van die Bybelwetenskaplike studie van Openbaring aangewend. Die laaste Bybelboek is makrostruktureel deur 'n narratologiese lesing en by wyse van 'n gepaardgaande kursorieseksegetiese uitleg ontleed, waarna die korpus van himniese mikrotekste se betekenis in hulle konteks binne die makrostruktuur deur detailseksegeese verder ontsluit is. Daar deur kon algaande basisteoretiese himnografiese beginselafpekte in Openbaring geïdentifiseer word.

Die spesifieke bydrae wat die laaste deel, Deel 4, tot die studie lewer, is eerstens (Hoofstuk 7) om die skriftuurlike, prinsipiële-begronde basis van die himnografie met inagneming van die studieresultate te omskryf en om ook ander prinsipiële aspekte daaruit te belig. Basisteoretiese beginsels vir himnografie word daarin saamgevat. Die beginsels word ook gekonkretiseer in die neerlê van riglyne vir himnografie. Dit dien om vanuit die beginselgrondslag koersaanduidend te wees vir die skryf van en die kriteria vir liturgiese lieder. Die riglyne word ter illustrasie aangewend aan die hand van 'n lied wat as voorbeeld geneem word. Tweedens word 'n samevattende oorsig oor al die resultate gegee (Hoofstuk 8). Die uitkoms van die studie word ook daarin verwoord, waarna riglyne vir verdere navorsing afsluitend aangedui word.

Die twee hoofstukke van Deel 4 pretendeer nie om dieselfde teksvolume te beslaan as die ander hoofstukke nie. Hulle vorm die gekonsentreerde neerslag van die resultate en is daarop gerig om die wetenskaplike projek samevattend tot 'n logiese voltooiing te voer.

HOOFSTUK 7

SKRIFTUURLIKE, PRINSIPIEEL-BEGRONDE BASIS VAN EN RIGLYNE VIR HIMNOGRAFIE

7.0 INLEIDING

In die lig van die insigte en geopende perspektiewe wat hierdie studie opgelewer het, word die prinsipiële aspekte en die praktiese implikasie daarvan vir die himnografie in hierdie eerste hoofstuk van die laaste hoofdeel, Deel 4, by mekaar gebring. Algaande het die grondlyne van die skriftuurlike beginselgrondslag waarop himnografie berus, duidelik geword en kan dit nou finaal omskryf word. Dit lei noodwendig ook na praktiese aanwending (‘toepassing’) van die prinsipiële ten bate van liedskrywing en -keuring.

In Hoofstuk 7 word hierdie twee fasette aan die orde gestel. Eerstens word die prinsipiële basis van die himnografie omskryf (7.1). Tweedens word vanuit die prinsipiële na die praktiese beweeg deur aan die hand van riglyne vir himnografie die studie te konkretiseer (7.2). Die hoofstuk word derdens afsluitend in oënskou geneem (7.3).

7.1 PRINSIPIËLE BASIS VAN DIE HIMNOGRAFIE

7.1.0 Oorsig oor die omskrywing en vasstelling van prinsipiële aspekte

Onder die opskrif bo hierdie eerste hoofdeel van die hoofstuk word aan drie prinsipiële sake aandag gegee. Die skriftuurlike beginselgrondslag *van* die himnografie word ten aanvang omskryf (7.1.1). Dit word opgevolg met die afleiding – vanuit die skriftuurlike beginselgrondslag – van die leidende en regulerende beginsel *vir* himnografie (7.1.2). Laastens word uitgaande van die eerste twee beginselaspekte basisteoretiese himnografiese beginsels geformuleer (7.1.3).

7.1.1 Skriftuurlike beginselgrondslag van die himnografie

Die skriftuurlike beginselgrondslag waaruit al die behandelde fasette en aspekte van himnografie ontspring en groei, word in die lig van die navorsing nou vasgestel en omskryf.

In die himnografie van die geïnspireerde, teksgeworde besondere openbaringsdramatiek, soos dit onder meer in die boek Openbaring figureer en liturgies

funksioneer, is dit duidelik dat die himnes in geen stadium losstaande en verwyderd van die voortgaande progressie en dinamiese ontplooiing van die openbaringsdramatiek is nie. Hulle oorsprong is inteendeel juis geleë in die dramatiese openbaring en kragtige openbaringshandelinge van die openbarende, lewende God, geopenbaar in sy heilige alleenheerskappy oor kerk en kosmos, nasies en volke, tale en tye, alle aardse mag en krag én die galaksie van skitterende troonfigurante, vergader om Hom wat van ewigheid tot in alle ewigheid die oorsprong, voortgang en voleindiging van alles en almal is. Die generiese, narratiewe en retoriese aspekte van die himniese mikrotekste, tesame met die krag van poëtiese uitdrukking, die metaforiese ploffstof van die lofstof en die toegevoegde semantiese waarde van intertekstualiteit dien die himnografie in elke himnografies-verwante opsig. In die himnografie van die Bybel tree dramatiese, epiese en liriese aspekte/fasette op as die konstituerende stramien van die liturgiese lied. Die verhouding tussen die dramatiese, epiese en liriese bindstruktuur van die lied is in digte simbiose en sinergie met mekaar vervleg. Die openbaringsdramatiek funksioneer in dié verhouding kousaal tot die daaruit voortspruitende poëties-himniese van die epiese en die liriese, wat in die lied struktuur en liturgiese vergestaltung vind. In elke lied is elke motief, gedagte, metafoor, konsep en mikro-eenheid en -frase geïnspireer deur die feit dat God die God van openbaring is. Die liedere is geaktiveer deur hierdie *dramatiek*, en sing *epies* en *liries* uit die Godsopenbaring in geloofsverwondering voor en oor en tot die God van openbaring. Hulle ontspring en leef dus as lof op uit die evangelieverhaal van die koms van die koninkryk, in sy triomfe eindeloos tot by die voleindiging daarvan, te midde van die spanning van die eindverwagting. Lied en lof *respondeer* uit openbaring op openbaring en tot die God wat sy deugde en dade openbaar. Die himnodie *aktualiseer* en *verwerklik* sodoende die openbaring van die nuwe wêreld en werklikheid verder as (anderkant) die spankrag van mensetaal in die hier en nou. Hierdie himniese woord en akkoord kan ek die beste omskryf en tipeer deur dit te noem: *openbaring-in-responsiewe-aksie*.

7.1.2 Leidende en regulerende beginsel vir himnografie: *relata refero*

Uitgaande van die skriftuurlike beginselgrondslag wat pas uitgestippel is, kan die leidende en regulerende beginsel vir himnografie nou vasgestel word.

In die kreatiewe handeling om 'n nuwe liturgiese liedkomposisie daar te stel, word die himnograaf deur *relata refero* enersyds gelei en andersyds gereguleer. Die twee Latynse woorde gee treffend uitdrukking aan die omskryfde skriftuurlike beginselgrondslag hierbo waaruit die leidende en regulerende beginsel voortkom. 'n Vrye weergawe van die twee verwante en gekoppelde woorde is: *ek gee weer*

*wat weergegee is, ek vertel (verder) wat ek gehoor het.*²⁶² Die lied en die lieds krywer behoort in elke himniese woord, elke verbindende frase, elke nuutskeppende konsep – kortom, in elke beeld en metafoor en aksent van die ritmiese samespel van die poëties verdigte taal – gelei en geregleer te word *deur die openbaring wat gegee is*, ten einde dit *weer te gee*. Sodoende word gerespondeer op die openbaring en aktualiseer lied en lieds krywer dit wat God gegee het. Sy openbaringsaksie is dan nuutskeppend in aksie op die tong van liturgievierende, verwonderde aanbidders wat sy lof verder dra in die triomf van sy koninkryk.

7.1.3 Basisteoretiese beginsels vir himnografie

7.1.3.0 Oorsig

In die lig van die verkreeë studieresultate word basisteoretiese beginsels vir himnografie nou geïdentifiseer. Die literêre dimensies uit die metateorie, die insiggewende perspektiewe uit die interdisiplinêr-teoretiese ondersoek en die basisteoretiese insigte wat deur die navorsing ontsluit is, word daarin saamgetrek – uitgaande van die skriftuurlike beginselgrondslag en gelei en geregleer deur die *relata refero*-beginsel. Nege basisteoretiese beginsels vir die himnografie kan onderskei word.

7.1.3.1 Uit God, deur God, tot God

Skryfbegronde himnografie wortel in die besondere openbaring van God. Wat Hy openbaar, word deur die liturgiese lied *weergegee* (een woord) en *weer gegee* (twee woorde). Eersgenoemde (*weergee*) dui aan dat die lied respondeer op God se openbaring as die bron daarvan. Laasgenoemde (*weer gee*) gee uitdrukking aan die lied se funksie om openbaring te aktualiseer deur dit verder te vertel in himniese geloofstaal, waardeur al die lof van sy openbaring tot Hom terugkeer.

7.1.3.2 Interpretatiewe kommentaar op die globale goddelike metanarratief

Die Bybel is as religieuse tekstdokument nie ‘vryblywend’ nie, nie sonder die leser wat daarop reageer en daaruit betekenis put nie, want die leser in sy/haar konkrete situasie word daardeur aangespreek. Dié betekenis bring ’n respons teweeg – in die geval van gelowiges ’n geloofsantwoord op die openbarende teks. Skrifgetroue himnografie lewer daarom met insigte vanuit die *besondere* openbaringsdramatiek van God kommentaar op sy *globale* narratief van skepping, onderhouding, eksodus en nuwe eksodus – verwerklik in die teater van die geskiedenis – in kragtige geloofstaal wat uitgryp na Hom en na die triomfantelike voleindiging van sy omvattende alleenheerskappy in die enige, ewige

²⁶² Vergelyk onder andere Jansen, 1997:7.

koninkryk. So interpreteer die himnografie vanuit die besondere openbaring die huidige tydruimtelike bestel in die panoramiese perspektief van die omvattende werklikheid verder as die hier en die nou.

7.1.3.3 Die teksgeworde Woord sing voor

In Skrifgetroue himnografie sing die teksgeworde Woord van die openbarende God voor. Dit bly getrou aan die Woord en word gelei deur die Gees en Woord (Letšosa & De Klerk, 2007:72). Die literariteit ('literêrheid') van die Bybel-as-literatuur in al die fasette van sy literêre skoonheid is nie net die stimulus om te repondeer op die openbaring in 'n kreatiewe himnografiese bewerking nie, maar *gee ook die toon aan*. Dit geld nie net vir beryming van bepaalde Skriftekste nie, maar ook vir kreatiewe lieddigting wat as belydende respons op die inhoud en styl van hierdie geïnspireerde teksdokument gelei word deur die regulerende *relata refero*-beginsel.

7.1.3.4 Lofuiting deur transgeneriese wisseling verryk

Skrifgebonde himnografie se lof is nie eentonig nie. Argi-generiese wisselspel verryk die skat van himniese doksologie. Uit die openbaringsdramatiek wel die lof op deur die oog van die epiese verheerliking van die handelende God, om in liriese lof deur dié fonteinooop op te spuit tot die deugdelike God. God se aanbiddingswaardige attribute manifesteer in sy epiese daade in die teater van die geskiedenis. Uit die bron van die *dramatiese* komplementeer die *epiese* en die *liriese* mekaar op gevarieerde wyses en die drie vorm saam die konstituerende stramien van die liturgiese lied. Die dramatiese Godsopenbaring se spesifieke, konkrete feitelikheid lei via die epiese wat dit digterlik verhaal (*verhalende lof*) tot die liriese wat die deugde van die openbarende, handelende God algemeen en kulmineerend beskryf (*beskrywende lof*). *Openbaringsdramatiek*, *hinniese epiek* en *hinniese lirik* kulmineer dus klimakties in die lof van God. So breek dramatiese, epiese en lirik saam uit – en dit *summa cum laude Deo* (*met hoogste lof aan God*) – in die liturgieviering van die gemeenskap van gelowiges, saam op die pad van die nuwe eksodus onderweg na die ewige lied (erediens).

7.1.3.5 Himnografie en die dinamiek van retoriek

Bybelgetroue liedskrywing is doelgerig. Liedtekste is nie afgetrokke wetenskaplike produksies nie. Elke himne funksioneer retories. Deur die lof van die openbaringsgefundeerde lied word die sangers op die pad van die nuwe eksodus bemoedigend en aanmoedigend na finale oorwinning *begelei* – maar meer nog: word hulle eskatologies *ingelei* in die seën van die voleindigde nuwe. Die nuwe eksoduspad word vir die koraalsangers 'n begaanbare weg te midde van die spanning van die eindverwachting.

7.1.3.6 Met die volle potensiaal van taal deur die ‘klankgrens’

Verdigte taal, verbeeldingryke beeld, vergelyking, metafoor en elke ander stilistiese komposisie-element rek taal tot sy uiterste spankrag, en sodoende genereer himnografie ook meer *van* dieselfde, maar word dit effektief ook *meer as* dieselfde. Dit strek verder as die uiterste. Die liedtaal op die relevante beginselgrondslag van die himnografie breek in ’n sekere sin deur die ‘klankgrens’ van die huidige bedeling van taal en tyd en rede. Uitgaande van die openbaring van God word die klank van taal en toon getransendeer na die bo-sintuiglike ervaring en beleving van die eskatologiese werklikheid in die voleindigde koninkryk, die ewige erediens.

7.1.3.7 Meer as die somtotaal van saamgevoegde dele

Met bostaande hang saam dat die liedteks wat uit die Woord ontspring en daardeur gelei word, *meer as die som van sy samestellende dele* is. Egte himnografie is groter, ryker en kragtiger méér as die samevoeging van woorde en frases en vorm en inhoud en die ouditiewe komponente van die toonkuns. Die lied flits iets deur van die misterie van God in sy ontsagwekkende heiligheid en van sy ‘verregaande’ liefde vir sy aanbidders met wie Hy verbondskommunikasie onderhou, en dit nieteenstaande sy heilige afgrensing van en verhewenheid bo die geskapene (vgl. die uitleg van die eerste liedteks, Op. 4:8c, in 6.3.1.2.3).

7.1.3.8 In verwondering voor God, in verwondering oor God

Uitgaande van die openbaring van God word die klank van taal en toon ook getransendeer (7.1.3.6) na egte *geloofsverwondering*. Dit is nie ’n mistieke beleving nie,²⁶³ maar verwondering voor God en verwondering oor God, oor die feit dat Hy Hom as goed en groot openbaar en dat sy ryk volkome (sal) deurbreek.

²⁶³ In verband met mistiek kan natuurlik wel gevra word of enige geloofsbeleving, en veral die transenderende beleving in en deur poësie en musiek, nie altyd in ’n mate iets van ’n mistieke beleving is nie. *Mistiek* word dan nie bedoel in die sin van ’n bo-sintuiglike, bygelowige sinsverruking nie, maar mistiek in dié sin dat sintuiglike en intellektuele waarneming en die intuïtiewe en gelowige wete en bewustheid van die bestaan van God as ’n buite- en bo-menslike Wese, soms kan versmelt. Daar is ’n siening van mistiek wat die mistiek omskryf as dit waarin gewone en mistieke dinge as onseibaar en selfs ononderskeibaar beskou word, wat mistieke/ewigheidsbetekenis in elke aardse ding raaksien. In die poësie gebeur dit soms dat digters, selfs onbewus, hierdie mistieke siening huldig en in hulle poësie inskryf. Dit is veral waar – word gesê – van die oeuvre van Sheila Cussons. Met my stelling hier dat egte geloofsverwondering nie ’n mistieke beleving is nie, bedoel ek nie om die bestaan van ’n mistieke dimensie te kleiner of te neutraliseer nie, maar om die konkrete, vasstaande van God se openbaring te beklemtoon, waarop gelowiges in verwondering reël. Geloofsverwondering neem die vorm aan van ’n dimensie van geloofsbeleving wat in die werklikheid van die geopenbaarde grootheid en goedheid van God en in die versekerde koms van sy ryk gefundeer is – op so ’n wyse dat die lofprysende sangers as’t ware uit die hier en nou getransendeer word na die voleindigde nuwe in Christus, die Eskatos. My stelling beklemtoon slegs die uniekheid van gelowige, reformatoriese vroomheid wat nie ’n Woordlose omgang met en selfs in God is nie (vgl. Jonker, 1989:294, se uiteensetting van die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit).

7.1.3.9 Woonplek en troonplek

Gefundeerde doksologiese himnografie uit die skat van die openbaring bied aan die God van die openbaring woonplek en troonplek. Die nuwe lied van lof plaas Hom by wyse van spreke op die troon. Die digter van Psalm 22 (22:2a uit die 1936-beryming aangehaal) dokumenteer op 'n besondere wyse hierdie figuurlike woonadres en troonlokaliteit:

*...sprei U, HEER, u reddingsglans ten toon
waar U, die Heil'ge, by u volk wil woon
en op die vleuels van hul lofsang troon.*

7.2 RIGLYNE VIR HIMNOGRAFIE

7.2.0 Inleidend: *behoort* 'n sleutelbegrip

Die begrip *behoort* is 'n sleutelbegrip by die vasstelling en neerlegging van kriteria. Die basisteoretiese himnografiese beginsels wat geïdentifiseer is en nou in 'n neerslag van skriftuurlike, prinsipiële-begronde riglyne vir himnografie ter sprake kom, moet deurgaans in dié sin verstaan en aangewend word. Wat in hierdie tweede hoofdeel van die hoofstuk (7.2) gebied word, is nie 'n resep wat dwingend en/of werktuiglik gevolg kan/moet word nie. Daarvoor is himnografiese beginselaspekte te kompleks verweef, te weerstandig teen rigiede, sluitende vaslegging en bowendien te ryk geskakeer. Daarteenoor moet gestel word dat wat hier as riglyne uitgestippel word, nie op losse skroewe staan nie. Dit is juis begronde in himnografiese beginsels soos dit na vore tree uit die gesagvolle, geïnspireerde, teksgeworde openbaring van God, synde die sentrale, maar uniek-onderskeie, egte literêre teks *Bybel*. Dié basisstelling in verband met die Heilige Skrif *moet* (en wat dit betref is dit nie net *behoort* nie) deurgaans in gedagte gehou word om liturgiese liedskrywing en kriteria vir liedkeuring in alle opsigte skriftuurlik te kan verantwoord. Daardeur kan suiwer himnografie vir verdiepende erediensgebruik verseker word.

Die neerslag van skriftuurlike, prinsipiële-begronde riglyne wat aangedui word, word as *relata refero* in vyf kriteria vir liedskrywing en -keuring saamgetrek (7.2.1). Ek beklemtoon weer dat die fokus en doelwit van hierdie studie nie in die eerste plek is om 'n volledige praktykteoretiese model in die gebruiklike Prakties-Teologiese sin van die woord daar te stel nie; dit is 'n metateoretiese en – primêr – 'n basisteoretiese studie met gebruikmaking van literêre dimensies uit die metateorie (vgl. 1.6). Wat in 7.2.1 hieronder volg, is slegs *riglyne* vanuit die literêre dimensies en basisteoretiese beginsels vir himnografie wat geïdentifiseer is. Tweedens gee ek wel 'n voorbeeld van 'n lied waarin ek aandui hoe die neergelegde riglyne kan funksioneer (7.2.2).

7.2.1 Vyf riglyne vir himnografie in vyf stellings afgebaken

7.2.1.0 Oorsig

Uitgaande van die prismaat en prominensie van die Woord – die besondere openbaring as die bron, oorsaak, inspirasie, geboorte, groei en gesonde wasdom van die nuwe liturgiese lied – dui ek riglyne aan volgens die volgende ordening van die stof: die Woord *keur* die woord van die nuwe lied (7.2.1.1), *stilleer* die nuwe woord (7.2.1.2), *verdiep* die nuwe liedwoord (7.2.1.3), *simfonieer* die nuwe himniese woord (7.2.1.4) en *transendeer* eventueel die nuwe lofwoord (7.2.1.5). In die opskrifte hieronder word *woord* elke keer eers met 'n hoofletter geskryf en dan met 'n kleinletter. Ek doen dit so om stellendewys die beweging vanuit die besondere openbaring na die responderende en verder-vertellende lied te beklemtoon (dus: Woord→woord). In die bogenoemde stellings wat hieronder omskryf word, is die vyf riglyne vir himnografie opgesluit.

7.2.1.1 Die Woord *keur* die woord van die nuwe lied

Die eerste riglyn wat volgens die leidinggewende en regulerende *relata refero*-beginsel vir nuwe liedskepping en vir die liedskepper geld, is om doelbewus rekening te hou met die prismaat van die Woord. Met die stelling dat die Woord die woord *keur*, word in die eerste plek bedoel dat die liedere te alle tye *Skrifgetroue* himnografie behoort te wees.

Die inhoud van die lied sal vir 'n Skrifgetroue aanbiddingsgemeenskap nie ander inhoud mag of kan dra as wat God in sy Woord openbaar nie en nie anders daarop kan antwoord as in 'n gesindheid wat deur die Woord geïnspireer en gelei word nie. Dit is die Godsopenbaring wat weergegee word in die sang van die Godsvolk. Die Bybel kom of as Skrif of as lied aan die orde in die erediens (Van Rooy, 2009:21). En dit is juis dit wat in die lied verder vertel word. Dit kan himniese gedeeltes in die Woordopenbaring wees wat gesing word, soos die honderd en vyftig Ou-Testamentiese Psalms en ander Skrifliedere soos die *Magnificat*, *Benedictus*, *Gloria in Excelsis* en *Nunc Dimittis* – almal liedere wat ekumenies in die himnografieë (liedrepertoires) van baie kerkgemeenskappe opgeneem is en dié gemeenskappe ook wêreldwyd aan mekaar verbind. Die genoemde liedere is almal Bybeltekste wat liedmatig bewerk is. Skrifteks word liedteks deur vertaling van die brontaal in die doeltaal, gevolg deur poëties-himniese bewerking van die vertaalde materiaal. Dit is 'n dubbele vertaalproses: *interlinguaal* uit die brontaal na die doeltaal, en *intralinguaal* uit die vertaalde materiaal na die poëties-himniese gestalting daaraan.

Hierdie benadering impliseer dat die kerk se *belydende* respons op die Woord ook gesing kan word, aangesien die dogma van die kerk – as die belydende antwoord op die Woord – in die reformatoriese tradisie nie ander inhoud as die evangelie dra nie (vgl. Heidelbergse Kategismus, Sondag 7 vr. 22; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikels 2-7). Gedeeltes uit die belydenisskrifte of belydenisstukke kan dus ook in liedteks omsesit word. In dié geval is dit die bewerking van belydenisteks na liedteks (soos byvoorbeeld die omdigting van die vierde-eeuse algemene belydenisskrif, die *Apostolicum*, reeds in die tyd van Calvyn tydens die sestiende-eeuse Reformasie).²⁶⁴

In teksberyming is dit vanselfsprekend dat die Woord die liedwoord keur. Die beginsel wat daaruit spreek is *Skrifgetrouheid* en *leerstellige suiwerheid*. Teksberyming kan as 'n veilige wyse gesien word om aan (die keurende beginsel van) die Woord getrou te bly.

Teksberyming op sigself is egter nie 'n beginsel nie.

Die vraag of uitsluitlik net teksberyming of teksomdigting van gedeeltes uit die Woord of belydenisskrifte as antwoord op die Woord gesing behoort te word, was nie die fokus van hierdie studie nie. Die riglyn wat hier gegee word, gee nietemin indirek ook antwoord op dié vraag. Die riglyn kom daarop neer dat daar in liedskrywing en liedkeuring altyd seker gemaak sal word dat die lied nie ander inhoud dra as die geopenbaarde Woord van God nie, in die sin bedoel dat dit inhoud dra wat strydig is met die Woord as die besondere openbaring nie – of dit deur teksberyming geskied al dan nie. Die lied hoef nie noodwendig 'n beryming van die Skrif of die dogma te wees nie (De Klerk, 2002:17). 'n Himne waarin dit nie 'n bepaalde, afgebakende teks is wat omgedig is nie, kan steeds die Bybelse inhoud *weergee* (daarop respondeer) en in geloofsrespons *weer gee* (verder vertel). Dat die Woord die woord *keur*, beteken dat Skrifgetrouheid die norm is – of dit teksbewerking of 'teksvrye' Bybelgebonde liedbewerking is. Bybelgebonde vrye liedere is nie vry nie: die Woord keur ook in dié liedvorm die woord. En dit is wat *finalitêr* vir enige liturgiese handeling geld.

Samevattend kan in verband met die eerste riglyn gestel word: himnografie behoort uit die openbaring van God sy inspirasie te put, 'n geloofsrespons te wees wat – getrou aan die Woord – in alle opsigte gerig is op en tot die God wat Homself geopenbaar het. Liedskrywing behoort dus *teosentries*-gedrewe te wees: vanuit die Woordverhouding met

²⁶⁴ Vergelyk vir die verwoording van die standpunt oor teksberyming byvoorbeeld die *Beginnels en riglyne vir die keuring van Skrifberyminge vir die erediens* (Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Acta 1994:527-539; let veral op p. 538-539 vir die beginsels en kriteria waaraan Skrifberymings met die oog op die liturgie moet beantwoord). 'n Latere besluit insake liedbewerking van die belydenis (Acta 2003:645) bevestig die vorige besluit: “Die Sinode keur dit goed dat die Belydenis van die GKSA in die erediens gesing word – bloot getoonset (soos die huidige Skrifberyming 12-1), of berymd (soos die huidige Skrifberyming 12-2) of geritmiseer (min of meer soos in Skrifberyming 12-3 gedoen is in 'n bewerking van die belydenisinoud van Artikel 1 van die Nederlandse Geloofsbelydenis).” (Die voorbeelde tussen hakies deur JPB ingevoeg).

God, gelei deur sy Woord en Gees, in eerbiedige, lofverheffende geloofsrespons terugkerend tot Hom gerig. Teenoor die inspirasie, die leiding en die doksologiese doelwit staan die subjektiewe ingewing, eiewysheid en selfgerigte oogmerke. Die skrywende liedkunstenaar mag nie 'n 'woordenaar'²⁶⁵ wees wat die gevleuelde Woord van die openbaring in sy eie woorde 'om die lewe bring' nie. Die openbarende hoofletter-Woord bly te alle tye die keurende norm vir die himnies-responderende kleinletter-woord.

7.2.1.2 Die Woord *stileer* die woord van die nuwe lied

In die eerste riglyn (7.2.1.1 direk hierbo) gaan dit oor die rol wat die Bybel ten opsigte van die inhoudelike lading in liedskrywing vervul. Dit is met ander woorde op die *wat* van die lied gerig. Die tweede riglyn het met die *hoe* van die lied te doen.

Wat moet die *literêre gehalte, gestalte en styl* van die liedteks wees? Waardeur word dit bepaal?

Die beantwoording van hierdie vrae kan omseil word deur dit te kritiseer, te kleiner of af te maak as *nie ter sake nie*. Daar kan geredeneer word dat dit nie belangrik is nie omdat literêre gehalte nie werklik enige rol speel nie – solank die lied net 'werk' en dit die gemoed goed voed en bevredig. Daar word soms (dikwels?) geredeneer dat *estetisme* (dit is oordrewe klem op die kunsgehalte van die lied) die liturgiese funksionaliteit van die liturgiese lied inhibeer en uiteindelik die lied kelder. Die aanbiddingsgemeenskap kan dan nie 'lekker' sing nie. Dit is natuurlik waar dat sang en musiek in die (gereformeerde) erediens nie 'n estetiese grootheid op sigself behoort te wees nie, maar dat woord en akkoord eerder as media beskou moet word waardeur die Woord bedien word (Strauss, 1999:9; dit is kennelik die *relata refero*-benadering). Maar die verkeerde, oordrewe beklemtoning van die estetiese soos in die gedaante van estetisme, neem niks daarvan weg dat liturgiese sang wel kwaliteit – ook *literêre* kwaliteit – sal bevat nie. Verder: teenoor *estetisme* staan *pragmatisme* – dat *hóé* gesing word ('lekker') meer 'tel' as die kwalitatiewe *literêre hoe* van wat gesing word, en selfs te insinueer dat dit al is wat tel. Maar dit gaan nie bloot maar om lekker sing nie. 'Lekker sing' mag nooit die enigste motief wees nie; ongesonde emosies mag nooit doelbewus opgewek word nie. (Jankowitz, 1999:32).²⁶⁶ So 'n redenasie sal nie kan bly staan as uitgegaan word van die liturgiese beginsel dat slegs die allerbeste waartoe ons in staat is, in die diens van die Here gebruik behoort te word nie (Buys, 1997). Thomas Long (2001:52-64; vgl. 1.0), 'n Amerikaanse Liturgiewetenskaplike wat hom toegespits het op 'n studie van kerke wat tot

²⁶⁵ Die woord *woordenaar* word met erkenning aan Cas Vos gebruikleen, deur hom in 'n ander konteks en betekenisuansse gebruik.

²⁶⁶ Daarmee is nie gesê dat lekker sing sonde is nie!

die hoofstroom behoort en steeds bestendig is en goeie groei beleef (met ander woorde kerke wat ons *nog-lewende tradisionele* kerke sou kon noem), het bevind dat een van nege eienskappe van sodanige kerkgemeenskappe is dat hulle kerkmusiek uitnemend is: “*Vital and faithful congregations emphasize congregational music that is both excellent and eclectic in style and genre.*” (Long, 2001:60; vgl. ook Van der Merwe, 2007:10-11.) Alhoewel die outeur nie uitdruklik na literêre gehalte verwys nie, is dit ingesluit by die ‘*excellent and eclectic in style and genre*’, want die lied bestaan uit toonkuns én taalkuns. Dit is duidelik: nie maar enigiets wat ‘werk’, deug nie.

Vir *uitnemende literêre kwaliteit* is dit vir die kerk van Christus nodig om haar ook hierin deur die Woord te laat lei. Dit is noodsaaklik om daarop te let dat God sy openbaring in *Skriptuur* (taal en taaltekste) gegiet het – naas sy openbaring in die *natuur* (vgl. Artikel 2, Nederlandse Geloofsbelydenis). In hierdie studie is bevind dat die Bybel God se *teksgeworde* openbaring is. Die Bybel kan en moet dus óók as *literatuur* gesien en benader word. En dié literatuur is nie maar sonder meer net ’n feitelike verslag van Wie God is en wat gebeur het in die geskiedenis en wat al sy wonderdade was, is en behels nie. Dit is in die ondersoek wat in hierdie navorsing gedoen is, opvallend dat die Bybel oor sy eie literariteit praat, oor sy eie *hoe* van sy weergawe van die openbaring (vgl. 2.2.2.1.1).²⁶⁷ Die Woord is nie maar net ’n institusionele verslag van die openbaring nie (vgl. in 2.1.3 Van Peer, 1991:127-141, se literatuurmodel vir die onderskeid tussen institusionele en homiletiese literatuur). Die *hoe*, met ander woorde die *vorm* waarin die openbaring gedra word, is dus ook belangrik en rigtinggewend vir die kerk wat bely en belydend sing. Dit word in die Literatuurwetenskap aanvaar dat ook vorm – dus nie net inhoud nie – betekenis kommunikeer (vgl. 2.2.1.2(ii)).

Let ’n mens in besonder op die liedere van die Bybel in sowel die Ou as die Nuwe Testament, is die digterlike gehalte daarvan opvallend en imponerend. Dit is dus ’n kardinale Bybelse gegewe dat God *estetiese taalkunstigheid* (taalkuns of woordkuns) as deel van betekenisoordrag in sy teksgeworde openbaring gebruik. Die studie het getoon dat tipiese onderskeidende kenmerke van literatuur wat uit die liedtekste van Openbaring spreek (sing!), die volgende insluit (en ek gee hier tussen hakies voorbeelde van hoe dit in ander himnes van die Bybel ook voorkom): die ontginning van die potensiaal van taal deur gebruikmaking van beelding soos in die metafoor van die Lam (God is ’n *rots* – Psalms 18, 31, 46); vergelyking (die regverdige is *soos ’n boom* by ’n waterstroom – Psalm 1); simbool (*arend*, simbool van jeugdige kragtigheid – Psalm 103); hiperboliese

²⁶⁷ Vergelyk weer hoe die boek Prediker sy geïnspireerde teks byvoorbeeld tipeer (Pred. 12:9-10; in beide Afrikaanse vertalings weergegee): “*Die Prediker was nie net ’n man met wysheid nie, hy het ook die volk onderrig. Hy het nagedink, nagevors en baie spreuke gemaak. Hy het daarna gestrewe om hom raak uit te druk en die waarheid getrou op te teken*” (1983). “*En behalwe dat die Prediker ’n wyse was, het hy die volk nog kennis geleer en het oorweeg en ondersoek; hy het baie spreuke opgestel. Die Prediker het gesoek om welgevallige woorde te vind en wat reg geskrywe is – woorde van waarheid*” (1933/’53). (Beklemtoning van JPB.)

uitdrukking (in die sogenaamde wraak-Psalms, byvoorbeeld Psalms 137,139); sinspeling of interteks, soos die *Trisagion* se *heilig, heilig heilig* in die eerste liedteks van die apokalips (’n sinspeling of allusie op Jes. 6:3); retoriese vraag soos *Wie sal U nie vrees nie?* in die agtste liedteks, Op. 15:4 (*Wie is soos U?* – Eks. 15:11, Ps. 71:19); verder: woordspeling, paradoks, personifikasie; ook: strukturele eenheid en geheelheid, soos uitgedruk in die *inclusio* van Psalm 8 met sy woordelike ooreenkoms tussen die begin en einde van die lied; refrein/herhaling (Psalms 118, 136). ’n Belangrike aspek van himnografie in die Bybel is *littérature genre* en die wisseling van genres in liedtekste, soos oorvloedig in die studie aangetoon is.

Die drie basiese fasette van poësie, naamlik die *digterlike woord*, die *digterlike beeld* en die *digterlike ritme* en *metrum* (‘woordmusiek’) is oral in die himniese stof van die Bybel teenwoordig en aantoonbaar. Die duidelike literêre gehalte van die Bybel het noodwendig implikasies vir lieds krywing wat die betrokke liedere in die Bybel herdig of omdig, maar sekerlik ook vir enige ander lieds krywing (nie net herdigte teksgedeeltes nie) wat daarop aanspraak wil maak dat dit liturgies van aard is en liturgies funksioneel wil wees.

Uit bostaande bespreking van die literêr-stilistiese gehalte van die Bybel en die epiese en liriese eienskappe gebaseer op die dramatiese van die openbaring is dit duidelik dat die Woord ook die liedwoord(e) van die himnograaf behoort te stileer. Dit moet egte poësie wees. ’n Kort definisie van wat poësie is, kan – vir die doel om hierdie riglyn te beklemtoon – in die volgende sin geformuleer word: poësie is die estetiese, ritmiese verwoording van die spel van die fantasie, of breër gestel: die spel van die verbeelding. Robert Browning verwoord dié faset van die digkuns treffend in sy gedig *Abt Vogler*.²⁶⁸ Die digter is meer as ’n klankproduseerder – sy of haar woordklanke word meer as blote klanke. Wanneer ’n digter drie klanke bymekaar voeg, ontstaan daar nie ’n vierde klank nie, maar ’n ster (vergelyk die donkerdruk in die voetnoot waar Browning se gedig aangehaal word). Dit gee aan die poësie sy magiese, betowerende krag (Buys, 1997). Die woorde kry vleuels, die gedagtes word drome – die klanke word sterre. Dit is hierdie

²⁶⁸

It is all triumphant art, but art in obedience to laws,
Painter and poet are proud in the artist-list enrolled:---

But here is the finger of God, a flash of the will that can,
Existent behind all laws, that made them and, lo, they are!
And I know not if, save in this, such gift be allowed to man,
That out of three sounds he frame, not a fourth sound, but a star.
Consider it well: each tone of our scale in itself is nought;
It is everywhere in the world---loud, soft, and all is said:
Give it to me to use! I mix it with two in my thought:
And, there! Ye have heard and seen: consider and bow the head!

(Aangehaal in Woolford, J., Karlin, D. & Phelan, J. eds. 2010: 762-770.)

sterre wat die himnografie in die erediens moet laat skitter. Die lied word sodoende die vlam en die flikkerende gloed en glans van die lofoffer (die erediens).

Die Bybel en sy skrywers is sensitief vir die gehalte, gestalte en styl waarin die openbaring gekommunikeer word. Sou dit dan nie ook belangrik wees dat die verbondskommunikasie van die aanbidders in hulle responderende liturgiese sang in en met hierdie sensitiwiteit sal geskied nie? Daarvoor is 'n woord nodig wat deur die Woord gestileer is.

7.2.1.3 Die Woord *verdiep* die woord van die nuwe lied

In die eerste twee riglyne gaan dit onderskeidelik oor die *wat* (inhoud) van die liturgiese lied en die *hoe* (vorm) van die lied. In hierdie derde riglyn word die vaste verhouding waarin vorm en inhoud saam optree, nou beklemtoon. Die openbaring word deur albei hierdie aspekte gekommunikeer; deur albei gesamentlik word die openbaringsbetekenis vir die geloofsluwe ontsluit. Dit is dus die Woord wat die woord van die liturgiese lied na vorm en inhoud verwek. Maar die vorm en inhoud van die lied word nie in isolasie van mekaar gebore nie. Hulle kom in een geboorteproses tot stand en is wesenlik één, sodat die lied literêre integriteit besit. As vorm en inhoud in een vrug te voorskyn kom, is daar harmonie tussen inhoud en vorm, genoem die vorm-inhoud-konfigurasië of *Gestalt* van die religieus-literêre produk (5.1). Dit is 'n uiters beangryke aspek van die himnografie. Indien sodanige lied 'n literêre eenheid is waarin vorm en inhoud op mekaar sluit, is daar *religieuse diepgang*, wat vanselfsprekend sal bydra tot diepgang in die erediens.

Die woord *diepgang* kom uit die (water)wêreld van die skeepvaart. As 'n skip se lading ontbreek, skeer die skip liggies oor die wateroppervlak heen. Dit dobber as't ware heen en weer en kry nie koers en vaart nie. As 'n skip 'n swaar vraag dra, vaar dit egter diep in die water; dit skeer nie dobberend oor die water nie, maar skeur diep en stabiel deur die 'paaie van die see.' Dan is daar letterlike *diepgang*, en bestendige vaart en vaste koers word daardeur moontlik. So besit 'n gedig wat met gefundeerde inhoud en artistieke – en estetiese – spankrag gelaai is, werklik diepgang. Lieddigting (liedskrywing) wat 'n gemeente se geloofsbeleving koers en vaart moet gee, behoort dus altyd met egte Bybelbegronde lading en suiwer literêre spankrag (onder meer verbeeldingryke digterlike seggingskrag) geloods te word. Dan kan 'n gemeente as 'n Bybelgetroue geloofsgemeenskap stabiel en koersvars vaar in doelgerigte aanbidding – die doel naamlik om die God wat Hom openbaar, te verheerlik met die allerbeste waartoe ons in staat is.

Die “*nuwe sange, nuutgebore // uit aandrif van die skoonste kuns*” (Psalm 33:2; 1936-beryming) is 'n soeke na die keurig gekeurde woord en die skoon estetiese vorm (Bingle,

2008:8), geïnspireer deur die Woord en geïntegreer in 'n sinvolle liedwoord. Die Woord is sodoende die norm vir sowel die woord as die vorm – in hegte simbiotiese eenheid saam.

7.2.1.4 Die Woord *simfonieer* die woord van die nuwe lied

Hierdie riglyn is nie uitsluitlik toegespits op die skryf of skepping van die woorde van 'n liturgiese lied nie. Nadat in 7.2.1.1 gelet is op die Woord se bepalende rol in die keuring van die liedwoord(e) se *inhoud*, in 7.2.1.2 op hoe die Woord die *vorm* van die liedwoord(e) stileer, en in 7.2.1.3 direk hierbo hoe *vorm en inhoud saam* diepgang (stabiele vaart en vaste koers in doelgerigte aanbidding) verseker, is die laaste woord oor die liedwoord nog nie gesê nie. Trouens, dit het tot hier nog net oor die taalkuns gehandel. Maar 'n lied bestaan kragtens sy aard as himne ook uit *toonkuns* (musiek). Daarom kan 'n mens by die kreatiewe skepping van 'n liturgiese lied nie aan die woord (gedig) sonder die melodie (musiek) dink nie. Die kommunikasie wat deur 'n lied bewerkstellig word, word gedra deur die woord en die melodie. By die lied is die kommuniksie dus nie net aan die verbale verbind nie (Van Rooy, 2009:22). Dié twee staan in 'n besondere verhouding tot mekaar.

Die ooreenkoms tussen die liedwoord en die musiekklink is primêr daarin geleë dat die Woord nie net die woord nie, maar ook die musiek bepaal. Sowel taalkuns as toonkuns spruit uit die Woord. Skryf die Bybel dan bepaalde musiek voor? Nee, maar omdat die Bybel die besondere openbaringsgedagte voorsien wat liedmatig bewerk word, staan die Woord ook met betrekking tot die musiek van die lied *kousaal* (in 'n oorsaaklike verband) – of dit 'n teksberymde of teksomgedigte lied is of 'n wyer en meer algemene openbaringsgedagte uit die Bybel of die belydenis is wat bewerk word sonder dat dit net die bewerking van 'n spesifieke teks is. Die openbaringsgedagte uit die Woord 'veroorzaak' en bepaal dus beide die woord en die musiek. Die kleinletter-woord en musiek word een in 'n huweliksluiting, omdat die hoofletter-Woord hulle – na analogie van die woorde van 'n huweliksformulier – as't ware na mekaar toe lei.

Daar is al dikwels na die verband tussen die taalklink en die toonklink van die lied verwys as 'n huweliksverhouding. Dit impliseer dat nie alle melodieë by alle liedtekste *pas* nie – al kom die aantal versreëls waaruit die gedigte lied bestaan en die aantal musiekfrases van die gekomponeerde musiek ooreen, en al is die aantal woordsillabusse (lettergrepe) en die aantal musieknote (melodieklanke) in elke versreël ook presies dieselfde. Woord/toon-verhouding is van die grootse belang. Die natuurlike aksentplasing in die woordkuns op die woord of woordgedeeltes in die ritme en metrum van die poësie moet korrespondeer met die polsslae van die musiek. Dit gaan verder ook oor dalende en stygende melodielyne wat die inhoud moet vertolk, spanning wat opgelos word, die modus van die melodie, die toonaard van die melodie – almal aspekte waarin woord en melodie gelukkig 'met mekaar trou'.

In die vergelyking van die verhouding tussen woord en musiek in die lied word ook dikwels verwys na die gebruik om – soms sonder sensitiwiteit vir dit wat die lied uit die openbaring van God besing – liedere op alternatiewe melodieë te (laat) sing. 'n Goeie voorbeeld van 'n 'slegte' (onvanpaste) verhouding is die sing van Psalm 119 (1936-beryming) op die melodie van *Wat 'n Vriend het ons in Jesus*.²⁶⁹ Die inhoudelike 'toonaard' van die Woord en die gestileerde taaltekste as mymerende wysheidstaal en die toonaard van die betrokke toonklank pas hoegenaamd nie by mekaar nie. Ander voorbeelde wat genoem kan word waarin die 'onpas' tussen woord en toonklank figuurlik gesproke luid dissoneer, is die gebruik van die sogenaamde *liederwysies* by Psalms 38 en 130, wat tog – op sterk aandrang en ten spyte van lang teenstand – in sowel die *Liedboek van die Kerk 2001* as *Psalmboek 2003* as alternatiewe melodieë 'n singplek gekry het.²⁷⁰ Daarteenoor is een van die beste voorbeelde van 'n gelukkige passing waarin Woordinhoud en woordvorm in die taalkuns suiwer met die klank van die toonkuns gesimfonieer word, die omdigting van die lied van die profeet Habakuk (*Al sou dan ook die vyeboom*; Hab. 3:17-19) in Lied 516 van die *Liedboek van die Kerk 2001* en Skrifberyming 14-2 in *Psalmboek 2003*).²⁷¹ 'n Tweede voorbeeld van 'n nommerpas-passing is die melodie wat die inhoud en vorm van Psalm 86 dra (in sowel die 1936-beryming as die 2001-omdigting). Die lof en vertroue op God oorstyg telkens in die tweede deel van elke strofe die omstandighede, gewaarwordinge en worstelinge van die Psalmdigter wat in die eerste helfte van die strofe gedemp geuit word. Lof en vertroue word deur die tweede helfte van die melodie in verhoogde toon opwaarts gerig.²⁷² 'n Bepaalde liedinhoud en -vorm vereis dus 'n bepaalde musiekkomposisie, want daar is ook verskillende musikale genres waarin 'n spesifieke toonaard en stemming heers wat in ag geneem moet word. Daar behoort respek betoon te word vir die huwelik wat op grond van die Woord tussen taalkuns en toonkuns gesluit word.

Samevattend konkludeer ek ten opsigte van die verhouding waarin die Woord tot die lied met sy musiek staan, dat die Woord die woord *simfonieer*. Dit beteken dat sowel die taalkuns as die toonkuns voortspruit uit die 'toonaard' van die openbaringsgedagte wat liedmatig bewerk word. So 'trou' taalkuns en toonkuns en word hulle 'n eenheid, 'n passende geheel wat saamklink – om die gemeenskaplike geloofstaal in verhoogde spraak

²⁶⁹ Melodie van *Wat 'n Vriend*: CONVERSE – Charles Crozat Converse, 1868.

²⁷⁰ Melodie van Psalm 38: *Groot en eeuwig Opperwezen* – Liederwysie opgeteken by Doornhoek, Magaliesburg 1950. Melodie van Psalm 130: GREENFIELDS – Lewis Edison 1782?; aangepas in die volksmond en as liederwysie opgeteken deur PK de Villiers, waarskynlik by Miemie Coetzee; verskyn in die proefsang-bundel van 1922.

²⁷¹ Melodie van Lied 516 (Skrifberyming 14-2): O STORE GUD – waarskynlik Sweedse volksmelodie uit die negentiende eeu; aangepas.

²⁷² Melodie Psalm 86: *Mon Dieu, preste-moy l'aureille* – Guillaume Franc, Straatsburg 1545; Genève.

eredienstig te kommunikeer. Himnograaf en himnografie – én die liturgievierende gemeente – behoort sensitief te wees vir hierdie simfonie.

7.2.1.5 Die Woord *transendeer* die woord van die nuwe lied

In die vyfde, afsluitende gedagte wys ek daarop dat die geslaagde liturgiese lied wat in alle opsigte in die Woord sy vertrekpunt neem, meer word as die som van sy dele. Die liturgiese lied wat op die liturgievierende tong van die gemeente geplaas moet word, is nie net *inhoud* + *vorm* + *vorm-cum-inhoud* + *taalkuns*-*'getroud'*-*met-toonkuns* nie. Die lied breek deur die tydruimtelike van die huidige bedeling: uit die openbaring van God word die klank van taal en toon *getransendeer* na die bo-sintuiglike ervaring en beleving van egte *geloofsverwondering* – verwondering *voor* God en verwondering *oor* God, oor die feit dat Hy groot en goed is, en dat sy ryk volkome (sal) deurbreek. Die himnograaf sal daarby baat om sy/haar himnografie te toets deur te vra of dit hierdie verwondering versterk by die singende Godsvolk en of dit hulle eskatologies uitlei na – en inlei in – die voleindigde koninkryk van God Drie-enig, aan Wie al die lof toekom. Dan het al die komponente meer geword as hulle somtotaal. En die opregte liturgiese liedhandeling word inderdaad woonplek en troonplek van die ontsagwekkende heilige God in sy onvoorstelbare aanbiddelike majesteit.

7.2.2 Riglyne aangewend (voorbeeld)

7.2.2.0 Oriënterend: voorbeeldlied in konteks

Op die gevaar af dat een voorbeeld van nuwe himnografie nie die deurwerking van al vyf die aangeduide riglyne ewe sterk of naastebly voldoende kan reflekteer nie, kan dit tog waarde hê om dit aan die hand van 'n voorbeeld te illustreer. Sodoende kan die vasgestelde kriteria gekonkretiseer word en kan aangetoon word hoe die leiding en regulering van die *relata refero*-beginsel deurwerk, uitgaande van en op die basis van die omskryfde skriftuurlike grondslag.

Die voorbeeld wat gebruik word, is nie 'n gepubliseerde liedteks nie. Dit is wel 'n lied wat in 2009 by geleentheid van die honderd en vyftigste bestaansjaar-herdenking van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in Potchefstroom en Windhoek gesing is. Die lied is nie 'n teksbelyding nie, maar 'n feeslied in nederige en dankbare erkenning gerig tot die God wat Homself geopenbaar het in sy Woord en in die geskiedenis van 'n kerk-gemeenskap in die Suider-Afrikaanse konteks.

Die lied wat as voorbeeld dien, word hieronder eers in teksvorm geplaas, terwyl die bladmusiek van die melodie wat daarby gebruik word, direk daarna ook afgedruk word (7.2.2.1). Die voorbeeld word daarna geanaliseer om die deurwerking van die riglyne in die lied na te gaan en te toets (7.2.2.2).

7.2.2.1 'n Lied as voorbeeld van nuwe himnografie

Dienend-dankend klein voor U!

1.

'Lieflik!', 'Loflik!', Here, 'Heerlik!', roep ons saam;
U is God en U is groot – ons prys u Naam!
In ons suiderlande
kniel ons klein voor U;
buig ons, leef ons, loof ons, juig ons bly oor U!

Refrein

Onder suidersterre
en die Suiderkruis
wag ons op die Môrester se blink voor U!

2.

Tussen oseane, oos, wes, suid en wyd,
reik u ryk na alle volke – wyd en syd.
In ons wydstreklende
dien ons klein voor U;
bid ons, bou ons, roep ons, roem ons bly oor U!

Refrein

Onder suidersterre
en die Suiderkruis
wag ons op die Môrester se blink voor U!

3.

Oral, altyd, Here, kon ons op U bou.
U is groot en U is goed – ons prys U trou!
In ons erfdeellande
dank ons klein voor U;
bring ons ere, sing ons, Here, bly oor U!

Refrein (2x)

DIENEND-DANKEND KLEIN VOOR U!

Tekst: J.P. Bingle 2008
 Melodie: RICHIE - Caradog Roberts
 Diskant: Stephanus Venter 2008

Diskant vers 3

Trumpet C

Organ R

Organ L

1. Lief-lik, 'Lof-lik',
 2. Tus-sen o-se
 3. O-rai, al-tyd,

He-re,
 a-ne,
 He-re,

'Heer-lik', roep ons
 oos, wes, suid en
 kon ons op U

sa-am,
 wy-jc,
 do-zu

5 6 7 8 9 10 11 12

U is God en
 reik U ryk na
 U is groot en

U is groot-ons
 al-le vol-ke
 U is goed-ons

U is groot-ons
 al-le vol-ke
 U is goed-ons

Naam!
 syd,
 trou!

10 11 12

In ons sui-der
 In ons wyd-strek
 In ons erf-deel

lan-de
 lan-de
 lan-de

kniet ons klein voor
 dien ons klein voor
 dank ons klein voor

U!
 U!
 U!

13 14 15

bring ons
 bid ons
 loef ons
 loof ons
 roep ons
 sing ons

He-re,
 ons
 ons
 ons
 ons
 ons

oor
 by
 by
 by
 by
 by

Refrein

16 17 18

U!
 U!
 U!

On-der sui-der
 On-der sui-der
 On-der sui-der

ster-ster-ster
 re-re-re
 re-re-re

19 20 21

en
 en
 en

Sui-der
 Sui-der
 Sui-der

die
 die
 die

wag ons op die
 wag ons op die
 wag ons op die

22 23 24

Mô-ru-ster
 Mô-ru-ster
 Mô-ru-ster

se
 se
 se

blink
 blink
 blink

voor
 voor
 voor

U!
 U!
 U!

7.2.2.2 Voorbeeldlied ontleed en die deurwerking van die riglyne nagegaan en getoets

7.2.2.2.1 Eerste riglyn (die Woord keur die woord)

Dat die lied sy inspirasie uit die openbaring van God put, is in strofe 1 onder meer duidelik uit die gebruik van sleutelmotiewe soos God se heerlijkheid, sy lofwaardigheid en die feit dat Hy God is en as groot besing word. In die tweede strofe word dit bevestig in die stelling dat die genade, triomf en omvattendheid van sy ryk 'n werklikheid is, wat aan die lof vaste fundering in sy besondere Selfopenbaring deur Woord en daad gee. In die derde strofe word ook die goedheid en trou van God in die doksologiese roemtaal ingevoeg. Dit is boustene wat uit die woordeskat van die Bybel geneem word en opgebou word om die lieflike en loflike attribute en die werklikheid van die kragtige koms van sy koninkryk te loof. Daardeur word Bybelse inhoud responsories *weergegee* en word dit ook *weer gegee* ten einde instrumenteel te wees in die uitreik van sy ryk na alle volke. Dit lewer kommentaar op die globale metanarratief van God se openbaringsgeskiedenis, terwyl die refrein by elke liedstrofe dit interpreteer as die finale eskatologiese verwerkliking van sy ryk. In intense geloofsverwagting en uitsien na die blinklig van die helder Môrester (Op. 22:16) word sy koms as't ware nader gesing.

Hierdie geloofsrespons is – getrou aan die Woord – in alle opsigte gerig op en tot die God wat Homself geopenbaar het. Die lied is dus teosentries-gedrewe. Dit gee himnies uitdrukking aan die Woordverhouding waaruit die aanbiddingsgemeenskap deur hulle geskiedenis heen leef met die God van die geskiedenis en van die/sy openbaring in die teater van die geskiedenis. Dit word gelei deur sy Woord en Gees en die erkenning daarvan bring nederige kleinword voor Hom, maar ook jubelende en dankbare blydskap in Hom. Al die lof word soedoende tot Hom gerig. Die Woord keur die liedwoord.

7.2.2.2.2 Tweede riglyn (die Woord stileer die woord)

Uit die ondersoek van die Bybel-as-literatuur en van die himnes in dié religieuse teksdokument is dit duidelik dat die himnodie nie die oogmerk het om bloot 'n joernaal van historiese gebeurtenisse te wees nie. Die voorbeeldlied neem daarom ook nie die styl en vorm van 'n feitelike verslag aan waarin die geskiedenis gedokumenteer word nie. In die lied is 'n poging aangewend om ooreenkomstig die Woord se taalkunstigheid God se milde goedheid en seënryke dae in die geskiedenis in stilistiese taal te besing. Voorbeelde van stilistiese aspekte in die lied is onder meer klankherhaling (rym, assonansie en alliterasie), herhaling/refrein, woordspeling, die plofstofkrag van die metafoor en die verrykende wisselspel van argi-genres.

- *Klankherhaling*

Herhaling van klanke in die voorbeeldlied is eerstens in die vorm van *eindrym* (1:ab,deh; 2:ab,deh; 3:ab,deh) en *binnerym* (1:e; 2:b; 3:e). *Volrym* herhaal klank in die vierde versreël van elk van die drie strofes (1:d, 2:d, 3:d), asook in 2:b. Die strofes word verder aan mekaar verbind deur die refrein wat gelykluidend op al drie die strofes volg. Tweedens vind klankherhaling plaas deur die gebruikmaking van *alliterasie* (1:a,b,d,e; 2:e; 3:b,e). Derdens is herhaling van klank deur middel van *assonansie* verkry (1:a, 2:a,b,e).

- *Refrein*

Die refrein is 'n literêre stylmiddel en veral musikale komponent wat aangewend word om eenheid in die lied te skep en 'n bepaalde terugkerende motief in te skerp. In hierdie lied is die refrein se funksie om die eskatologiese motief te beklemtoon. Die kerk is in die strydende, tydruimtelike bedeling bewus van die onvoltooidheid van die hier en die nou, al kan sy ook nederig dankbaar en in groot blydschap terugkyk op God se trou en liefde teenoor haar op die pad – wat soms ook 'n pas is – van die geskiedenis. Die lied met sy eskatologiese refrein is deel van die *verder vertel* van die evangelieboodskap, van die koms van die koninkryk en van die nuwe eksoduspad wat realiseer in die geskiedenis van die volkere-wêreld. Deur die refrein op al drie die strofes van die lied te laat volg, lewer die bruidskerk kommentaar op die gang van die geskiedenis as die versekerde voortgang na die voleindigde koninkryk. Te midde van die spanning van die eindverwachting sing sy haarself as't ware vooruit in sterk verlange na haar (terug)komende Bruidegom. Die refrein se viermalige gebruik (een keer na strofe 1 en 2 en afsluitend twee keer ná die derde strofe) beklemtoon die *durende* verwagting van die Gees en die bruid. (Sien verder hieronder ook die krag van metafoor in die refrein.)

- *Woordspeling*

In strofe 2 word woordspeling gebruik om die wydsheid en universaliteit van die koninkryk te beklemtoon: *Tussen oseane, oos, wes, suid en wyd // reik u ryk na alle volke – wyd en syd* (2:ab). Sodoende word ook 'n oorgang gemaak van die aardrykskundige geografie van die Suider-Afrikaanse lande – wat nie aan die noordekant deur 'n oseaan begrens word nie – na die onbeperkte reikwydte van die koninkryk. In die plek van die ontbrekende noordelike windrigting word die

inkorporering van die woordspelende *reik* en *ryk* en *wyd en syd* die wyse waarop iets van die omvattendheid van die koninkryk geopenbaar word.

- *Metafoor*

Slegs een metafoor word in die lied gebruik, naamlik dié van die *Môrester*. Dit is opgeneem in die eindfrase van die refrein (vgl. ook hierbo die bespreking van die refrein). In Num. 24:17a is die ster 'n messiaanse metafoor wat in die eerste plek in verband met Dawid gebruik word.²⁷³ Jesus noem Homself in Op. 22:16b eers die wortel en die geslag van Dawid en verklaar dan daarby: *ἐγώ εἰμι...ὁ ἀστὴρ ὁ λαμπρὸς ὁ πρωϊνός* (*Ek is...die blink/helder Môrester*). Hy gebruik die metafoor in die dialoog tussen Hom en die bruidskerk wat saam met die Gees om sy wederkoms roep. Die funksie van die lied se refrein is hierbo beskryf as die beklemtoning, die inskerping en die 'nadersing' van die eskatologiese werklikheid dat die koninkryk volle verwerkliking in die eindervulling van die voleindigde koninkryk bereik. Die krag van die Môrester-metafoor lê in die gesag van Christus Self. Hy trek daarmee die aandag op die feit dat die geskiedenis in Hom en sy volbragte werk sin en betekenis het. Dit is dus die Woord wat ook hierin die liedwoord stileer. Sy Selfbenoeming as Môrester – saam met die verwysing na die Dawidiese koningskap – vat die besondere openbaringsgeskiedenis én die globale metanarratief van God saam in die môreskemering van die ewige dag.

Vanuit die beeld van die suidersterre en die Suiderkruis wat in die Suider-Afrikaanse naghemel sigbaar is, beweeg die lied metafories na die Môrester wat die dag van alle dae aankondig. Die metafoor se dinamiese (/dinamiet-) krag werk ook transformerend terug na die fisiese sterrebeeld en -stand, sodat dié nou simbool word van die tydruimtelike inkadering van die geskiedenis in nag-skaduwee voor die aanbreek van die nuwe dag. Die wêreld van die nuwe dag word in hierdie lied inderdaad deur die metafoor van die Môrester *oopgebreek*. En die bruidskerk wag singend en intens verlangend – wat in die herhaling van die refrein opklink – op God se nuwe môre, die daeraad van die ewigheid.

- *Argi-generiese stramien*

Vanweë die besondere fokus van hierdie studie dui ek ook die argi-generiese wisselspel in die voorbeeldlied aan. In die eerste strofe is die lof *liries*. Dit word met name deur die drie lofroepe onmiddellik in die openingsakkoord (die eerste

²⁷³ Num. 24:17a: “*Ek sien hom, maar hy kom nie nou al nie, ek kyk na hom, maar hy is nie naby nie: daar kom 'n ster uit Jakob, daar staan 'n heerser in Israel op.*”

twee versreëls, 1:ab; *Lieflik! Loflik! Heerlik!*) voorop gestel. Ná die frase waarin liturgiese gestikulasie uitgedruk word (1:cd), word die lof hervat in die opstapel-ing van liriese lofterme en die blydschap in God (1:e).

In die tweede strofe se openingsverse (2:ab) is die lof *epies*. Die feitelike sekerheid van die koms van die koninkryk word gestel. God is die God wat handel – daarom reik sy ryk grensloos en universeel wyd en sy na alle volke in, en ook vanuit, die Suider-Afrikaanse konteks. Ná die frase waarin liturgiese gestikulasie weer eens uitgedruk word (2:cd), word van die epiese lof aan die begin van die strofe teruggegaan na die liriese lof van die eerste strofe: weer eens is dit opstapel-ing van lofterme, eindigend in blydschap in die Here (2:e).

In die derde strofe is die eerste twee versreëls (3:ab) *epies-liries*. Dit is verhalende lof as daar gesing word van die feit dat daar in die geskiedenis tot hier op die God van die geskiedenis gebou kon word (3:a), en die epiese wat in sy trou uitgedruk is, bring onmiddellik ná die liturgiese gestikulasie (3:cd) ook weer liriese of beskrywende lof terug deur die attribute van sy grootheid en goedheid te besing (3:e). Die tweede versreël (3:b) koppel ook direk terug na die lofverheffing van God se karakter in die tweede versreël van die eerste strofe (1:b). Die aansluiting is opsigtelik, en tog is dit nie verbatim-herhaling nie: *U is God en U is groot* van 1:b ontwikkel in 3:b verder in *U is groot en U is goed* (*groot* is die koppelende term). Ná die liturgiese gestikulasie van kleinwoord in dankbaarheid voor God se grootheid (3:cd) word weer eens, soos hierbo genoem, eer aan God gebring, maar die treffende is hier dat die blydschap waarop die lof in hierdie derde strofe uitloop, blydschap in die Here is wat in die liturgiese werkwoord *sing* (3:e) opklink. Blydschap in die Here kulmineer dus in die liturgiese sang van die gelowige kerkgemeenskap. Daaruit is beweging na 'n klimaks in die lied duidelik: die eindwerkwoorde in elke strofe is *juig* (1:e) en *roem* (2:e) wat in die laaste strofe kulmineer in *sing* (3:e). Laasgenoemde word die oorkoepelende en samevattende term om die dankbare lof uit te druk.

In die refrein is die drie argi-genres vermeng. Die dramatiese van die openbaring is die grond van die eskatologiese werklikheid waaroor gesing word. Die verklaring dat daar gewag word op die Môrester se blink voor God (1:h, 2:h, 3:h) as Jesus Christus Homself volledig en finaal saam met God betoon as die Alleenheerser wat alles na die volheid en erkenning van sy heerskappy lei, is *epies-liriese* en *liries-epiese* lof. God se Karakter en sy kulminerende daade word daardeur geloof.

Die transgeneriese verskynsels in hierdie liedteks is as sterk bindmiddel aangewend. Vanuit die fundamentele *dramatiek* van God se Selfopenbaring is *epiek*

en *liriek* in wisselspel, en dit is daaruit duidelik dat die *dramatiese*, die *epiese* en die *liriese* die konstituerende stramien van die lied vorm. Die Woord se himnodie stileer die woord van hierdie himnografie.

Die tweede riglyn uit die studie (dat die Woord die woord stileer) se aanwending is in die vyf bogenoemde literêre stylaspekte geïllustreer.

7.2.2.2.3 *Derde riglyn (die Woord verdiep die woord)*

Uitgaande van die derde riglyn wat ook stellendewys neergelê is (dat die Woord die liedwoord verdiep) word die integriteit van die vorm en inhoud van die voorbeeldlied nou aangetoon. Dit gaan dus nou oor die vorm-inhoud-konfigurasie (*Gestalt*) van die lied, om aan te toon dat vorm en inhoud 'n twee-eenheid is wat saam betekenis dra en saam betekenis ontsluit. Dit het geblyk dat die inhoud van die himne uit 'n Bybelbgronde lading bestaan. Maar die inhoudelike lading wil uitdrukking wees van liturgiese verheerliking in 'n konkrete situasie en is nie net algemeen met onbepaalde Bybelse waarhede gelaai nie. Die lof – sowel epiese as liriese lof – is daarom in elke strofe op dieselfde plek in die strofestructuur in 'n liturgiese ruimte 'grond toe gebring' (*ons suiderlande, ons wydstreklende, ons erfdeellende*, onderskeidelik in 1:c, 2:c en 3:c). Dit is telkens in die konteks geplaas van die *kleinwoord* van die aanbiddingsgemeenskap voor die grootheid en majesteit van God. Die kleinwoord (1:d, 2:d en 3:d) is die kern van die liturgiese lof aan God. Die kern is in die vorm van die twee kortse frases in elke strofe saamgetrek (1:cd; 2:cd; 3:cd). Die vorm en die inhoud ontsluit dus gesamentlik die kern van hierdie feestelike danklied.

Die lofverheffing is in die lied in uitgebreide frases om die liturgiese gestikulasiekern van elke strofe gesentreer. Dit kan soos volg voorgestel word:

lof	liturgiese gestikulasie	lof
-----	-----	-----
1:ab→	1:cd	←1:e
2:ab→	2:cd	←2:e
3:ab→	3:cd	←3:e

(Indien die klem op die uitgaande werking van die gestikulasie na die lof toe gelê word, sal die rigting van die pyle omslaan en in die teenoorgestelde rigting wys: van 1:cd terug na 1:ab en vorentoe na 1:e, ens.)

Ook in die refrein is die koördinaat van die aanbiddende gemeenskap in die twee kortste frases van die struktuur ingebou (*onder suidersterre // en die Suiderkruis*; 1:fg; 2:fg; 3:fg). Die eskatologiese (1:h; 2:h; 3:h) is die uitgebreide slotakkoord wat op die kern van die aanbiddingskoördinaat volg.

Daar is gepoog om die gekeurde woord en die estetiese vorm te laat saamsing in die lied, sodat dit die Bybelgetroue geloofsgemeenskap liturgiese diepgang kan gee om stabiel en koersvars te vaar in 'n doelgerigte aanbidding.

7.2.2.2.4 *Vierde riglyn (die Woord simfoneer die woord)*

Direk hierbo is die riglyn geïllustreer wat daarop gemik is om die gekeurde woord en die estetiese vorm saam te laat sing. Die lied moet nou aan die vierde riglyn getoets word, die riglyn wat wil verseker dat die geïntegreerde twee-eenheid van die liedteks en die begeleidende melodie ook in harmonie sal saamsing.

Die aangrypende Walliese melodie²⁷⁴ is bladmusiek waarvan die toonaard lewendig en vreugdevol is. Die toonklank dra die teksklank van die lied dus gepas, want die liedteks is 'n feeslied met 'n dankbare en verheerlikende stemming.

Wanneer op stygende en dalende beweging in die melodielyn gelet word, is die teks en toon in harmonie met mekaar. Dit kan uit wat volg, geïllustreer word.

Waar die strofestructuur die lofverheffing 'aard' in die liturgiese gestikulasie van die eerste kernkort frase (*ons suiderlande, ons wydstreklende, ons erfdeellende*, onderskeidelik in 1:c, 2:c en 3:c), daal die melodielyn om in die woorde *klein voor U* die heel laagste toon van die melodie te bereik (*kniel ons klein voor U, dien ons klein voor U, dank ons klein voor U*, onderskeidelik in 1:d, 2:d, 3:d). Van dié laagste toonklank golf die lofprysing daarna trapsgewys in drie op mekaar volgende tweespronge op na die tweede hoogste toonklank in die strofegedeelte van die melodie (1:e, 2:e, 3:e). Die melodie bereik sy hoogste toon in die slotfrase van die refrein (1:h, 2:h, 3:h), waar die woorde *wag ons* op dié toonhoogte gesing word. Dit is die oplossende, klimaktiese hoogtepunt van die lied. Dit bevestig wat by die bespreking van die refrein en die metafoor in verband met die lied bevind is: die bruidskerk wat leef te midde van die spanning van die eindverwagting lewer kommetaar op die geskiedenis, dat dit naamlik die versekerde voortgang na die voleindiging van die koninkryk is. Sy sing haarself vanuit die tydruimtelike nag as't ware vooruit in sterk verlange na haar Bruidegom wat weer kom, intens wagtend op die nuwe môre, die daeraad van die ewigheid. Die

²⁷⁴ Melodie van *Dienend-dankend klein voor U!*: RACHIE - Caradog Roberts 1921.

kleinheid voor God is in die drie strofes die laagste toonklank; die opgewonde wag op die vervulling in die refrein is die hoogste hoogtepunt. Van *klein voor U* tot die oorwinningsvreugde *wag ons* (onderweg na die eindvervulling) verteenwoordig die omvang van die melodiespan.

Die woord/toon-verhouding in die ritme en metrum van die taaltekste en die ritme en golwing in die musiekkomposisie is verder ook sluitend op mekaar. Die woordkuns en die toonkuns is in die liedtekste dus in 'n gelukkige, simfoniese huweliksverhouding.

7.2.2.2.5 Vyfde riglyn (die Woord transendeer die woord)

In die illustrasie van die vier bogenoemde riglyne het die transenderende krag wat die Woord op die woord van die voorbeeldliedtekste uitoefen, dikwels na vore gekom. Hier kan nou volstaan word met die stelling dat die Woord die woord van hierdie himne deur die tydruimtelike van die huidige bedeling laat breek. Uit die openbaring van God word die klank van taal en toon *getransendeer* na die bo-sintuiglike ervaring en belewing van egte *geloofsverwondering*. Die lied klink op in die vroegdagdou van die nuwe môre. Die Môrester kondig aan dat dit amper dag is. In verwondering *voor* God en verwondering *oor* God sing die bruidskerk reeds op hoogste toon in dagbreeklik daaroor.

7.3 SAMEVATTING VAN HOOFSTUK 7

Hoofstuk 7, die eerste hoofstuk in die vierde en laaste hoofdeel van die studie, integreer op tweërlei wyse die uitkoms van alles wat in Dele 1,2 en 3 bereik is.

Eerstens is die skriftuurlike grondslag van himnografie en die leidende en regulerende beginsel vir liedskrywing en liedkriteria onderskeidelik omskryf en vasgestel. Dit is gedoen in die lig van die metateoretiese, interdisiplinêr-teoretiese en basisteoretiese insigte en geopende perspektiewe. Uit die skriftuurlike beginselgrondslag is nege basisteoretiese beginsels vir himnografie geïdentifiseer.

Tweedens is integrasie van die resultate verkry deur die konkretisering van al die teoretiese aspekte in die vorm van vyf riglyne vir himnografie uit te stippel. Aan die hand van 'n lied wat as voorbeeld gebruik is, is die deurwerking van die riglyne in die lied nagegaan en is die himnografiese produk aan al vyf die riglyne getoets.

Die 'toepassing' of aanwending van al die tersaaklike teoretiese aspekte in konkrete praktiese riglyne is sodoende geïllustreer. Ek het egter deurgaans deur stelwyse en beredenering daaraan herinner dat daar soepelheid behoort te wees wat die aanwending

en konkretisering van al die riglyne betref. Dit beteken aan die ander kant nie dat daar willekeurig met die geïdentifiseerde beginselgrondslag, basisteoretiese beginsels en oop-gemaakte perspektiewe omgegaan kan word nie. Die navorsingresultate is immers langs die weg van konsekwente wetenskaplike verantwoording bereik.

Hoofstuk 7 het die studie na sy einde gevoer. In die tweede hoofstuk van Deel 4, Hoofstuk 8, kan die hele studie nou saamgevat word. Dit vorm die afrondende sluitsteen van die navorsing.

HOOFSTUK 8

SAMEVATTING VAN RESULTATE EN FINALE UITKOMS VAN DIE NAVORSING

8.0 OORSIG

In die voltooiingsfase van die navorsing word al die studieresultate nou saamgevat. Die uitkoms van die metateoretiese, interdisiplinêr-teoretiese en basisteoretiese ondersoek word eerstens afsonderlik van mekaar saamgetrek (8.1). In die tweede gedeelte van hierdie slothoofstuk word die integrasie en konkretisering van die literêre dimensies en basisteoretiese beginselaspekte wat uit die teoretiese (meta-, interdisiplinêr- en basisteoretiese) ondersoekresultate voortgevlei het, ook samevattend weergegee (8.2). Derdens word die finale uitkoms van die navorsing verwoord (8.3). In die vierde, afsluitende deel van die hoofstuk word riglyne vir verdere navorsing van aanverwante aspekte en moontlike verdere studieterreine vir ontginning aangedui (8.2).

8.1 SAMEVATTING VAN NAVORSINGSRESULTATE

8.1.1 Metateorie

8.1.1.1 Literatuurwetenskap as metateorie

Die voor die hand liggende metateorie vir die Himnologie en vir enige himnografiese ondersoek word in die Literatuurwetenskap en die Musiekwetenskap gevind. Die woord *himnografie* dui twee sake aan: eerstens, die kreatiewe handeling om 'n liturgiese liedteks te skep (liedskrywing); tweedens, die liedrepertoire van 'n geloofsgemeenskap (liedkorpus). Beide betekenisse het met literêre en musikologiese aspekte te doen. Metateoretiese aspekte uit die toonkuns is egter nie in hierdie studie bespreek of behandel nie. Die ondersoekfokus is volledig op die woordkuns gerig, besien vanuit die woordkunsigheid van die Woord (hoofletter). Dit het literêr-teoretiese dimensies, gesigshoeke en perspektiewe op literatuur en die Bybel-as-literatuur die afgebakende metateoretiese ondersoekveld en toespitsing van die navorsing in die eerste hoofdeel gemaak. 'n Studie wat op argi-genres en die waarneming van transgeneriese verskynsels toespits ten einde die dramatiese, epiiese en liriese stramien van die liturgiese lied vas te stel, kan nie sonder die Literatuurwetenskap as metateorie en as direk naasliggende dissipline aan die Teologie uitgevoer word nie.

8.1.1.2 Literêr-teoretiese aspekte van literatuur en die Bybel-as-literatuur

Die resultaat van die ondersoek wat in verband met literêr-teoretiese aspekte van literatuur en die Bybel-as-literatuur bereik is, kan soos volg saamgevat word:

Die Bybel is as *teksgeworde* religieuse openbaring *egte literatuur* in die onmiskenbare *gestalte* van en met die hoë *gehalte* van *taalkuns* as 'n algemeen menslike verskynsel, waarin dit 'n *onderskeie* maar tog *sentrale* plek inneem – met name, maar nie *slegs* nie – binne die kultuurhistoriese (insluitend *literêre*) ontwikkelingsgang van die Christelik-Westerse wêreld. Die literariteit van die Bybel word bevestig deur die feit dat verantwoorde betekenisontsluiting van die Bybelteks nie sonder deeglike aandag aan die literêre aspekte, vorm en styl van die teks moontlik is nie. Die literariteit van die Bybel het dus nie soseer te make met die vraag of die Bybel literatuur is nie – die Bybel is intendeel vanweë die sentrale plek wat dit in die Westerse kultuurwêreld inneem, juis van beduidende belang vir die *bepaling* van *wat* literatuur is. Die literariteit van die Bybel is ook die klaarblyklike stimulus vir die religieuse beantwoording van die ‘openbarings-dramatiek-in-narratiewe-konteks-en-vorm,’ onder meer deur poësie wat die beantwoording van en respons op die openbaring in 'n kreatiewe himnografiese bewerking laat vorm aanneem. Die Bybel is dus, literêr gesproke, nie *iets* anders as ander literatuur nie, maar is as literatuur met 'n teksgeworde religieuse openbaringsinhoud wel *anders* as ander (sogenaamde *sekulêre*) literatuur; dit wil sê die Bybel is *unieke* literatuur met kragtige literêre invloed.

8.1.1.3 Hoofbenaderings tot die bestudering van literatuur

Omdat die literariteit van die Bybel vasgestel is soos dit hierbo saamgevat is, is die implikasie dat daar ook goed ag geslaan sou word op verskillende uitgangspunte tot die bestudering van literatuur. Hoof- en subbenaderings tot literatuurstudie is gevolglik onderskei en die betekenis van elk vir die studie van die boek Openbaring – in besonder van sy makrostuktuur en mikrotekstuele himnografiekorpus – is vasgestel. Die buitelyne van die literêre navorsingsopset waarbinne die huidige studie gedoen is, kan soos volg getrek word:

Die kontemporêre konteks van literêre navorsing is oorwegend lesersentries geöriënteerd wat die benadering, analisering en interpretasie van literêre tekste betref, terwyl historiese en tekssentriese benaderings tot literatuur saam met die heersende lesersentriese benaderings wel steeds as relevant geag en gehandhaaf kan word, mits dit so gemotiveer kan word, soos wel in die studie gedoen is. Hierdie konteks, waarin belangstelling in die Bybel-as-literatuur toegeneem het,

word gekenmerk deur verheldering en herwaardering van redelik algemeen gevestigde vroeëre teoretiese grondslae wat vandag veral in oorkoepelende *narratologiese* teorieë holisties saamgetrek word, steeds met behoud van en ruimte vir variënde klemplasinge en verskillende aanwendingsmetodes.

8.1.2 Interdisiplinêr-teoretiese aspekte tussen meta- en basisteorie

8.1.2.1 Interaksie en oorgrensbeweging tussen die teorieë

Op grondslag van die metateoretiese bevindings en resultate is in die tweede hoofdeel van die studie aandag gegee aan die verband en interaksie tussen die literatuurwetenskaplike metateorie en die teologiese basisteorie van hierdie studie. Ses gemeenskaplike literêre en teologiese subdissiplines, deelwetenskappe en/of toegespitste studieterreine en hulle bydrae tot en betekenis vir die teologiese dissipline *Bybelwetenskap*, in besonder vir die bestudering van die Openbaringboek, is ondersoek. Die studieterreine wat vir hulle rol en relevansie in die ontstuiting van Openbaring en sy himnografie ondersoek is, is genre-teorie, narratologie, poëtië, retoriese analise, metaforiek en intertekstualiteit(-teorie). Van stilistiek en semiotiek is ook kennis geneem, veral by die bespreking van tekssentriese benaderings tot die literêre teks. Die vrug wat uit die ondersoek voortspruit, is drievoudig.

(i) Bevestiging van metateorie

Die oorsig oor gemeenskaplike subdissiplines, deelwetenskappe en/of toegespitste studieterreine en hulle onderskeie bydraes tot en betekenis vir die teologiese dissipline *Bybelwetenskap* wat aangetoon is, in besonder vir die bestudering van die Openbaringboek met sy himniese mikrotekste en dié se rol in die geheel van sy makrokonstruksie, herbevestig in elke geval dat Literatuurwetenskap as naasliggende dissipline aan die Teologie die relevante metateorie van hierdie studie vorm.

(ii) Onontbeerlike perspektiewe

Die beskrywing en evaluering van die rol en relevansie van die onderskeie gesamentlike studie-areas open noodsaaklike perspektiewe vir die wetenskaplike ontwikkeling van insigte uit die afgebakende navorsingsveld onder die opskif van die geformuleerde studieonderwerp.

(iii) Verryking van basisteorie

Sonder noukeurige waarneming van al die literêre dimensies kan die Openbaringboek nie verantwoordelik en optimaal ontsluit, geïnterpreteer en vertolk word nie en sal die konstituerende stramien van die liturgiese lied – synde 'n *religieus-literêre* produk – nie sinvol beredeneer en vasgestel kan word nie. Literêre dimensies verryk dus die Prakties-Teologiese basisteorie van en vir himnografie.

8.1.2.2 Wetenskaplike benaderingshoek en metode in 'n interdisiplinêre en multi-subdisiplinêre studieveld

Die vasstelling van die metateorie en die verband, simbiose en sinergie tussen die literêre metateorie en die teologiese basisteorie van hierdie studie wat daaruit kristalliseer, vind neerslag in die afbakening van 'n interdisiplinêre en multi-subdisiplinêre studieveld. Op sterkte daarvan is 'n *benaderingshoek* tot en *navorsingsmetode* vir die identifikasie en ontginning van basisteoriese beginsels vir himnografie in hierdie interdisiplinêre en multi-subdisiplinêre veld van ondersoek geformuleer.

(i) Benaderingshoek

Die wetenskaplike benaderingshoek tot Openbaring is in terme van die besondere grenskoördinaat van die twee naasliggende dissiplines – Literatuurwetenskap en (Nuwe-Testamentiese) Bybelwetenskap met hulle raakvlakke, gedeelde en gedeeltelik oorvleuelende studiefoci – soos volg beskryf: die benadering word deur die vertrekpunt bepaal as 'n inklusiewe, komplementerende, omvattende en holistiese uitgangspunt tot die studie van die boek Openbaring.

(ii) Navorsingsmetode

Die wetenskaplike navorsingsmetode vir die ontsluiting van die Openbaringboek is in die lig van bostaande afgebakende, geformuleerde benaderingshoek vasgestel. Daarvolgens is twee wetenskaplike prosesse gevolg word. Die makroteks van die apokalips is eerstens ontleed deur optimaal gebruik te maak van die literêr-wetenskaplike ontledingsinstrumente waardeur literêre perspektiewe en dimensies geopen word. Tweedens is Bybelwetenskaplike bevindings wat deur 'n eksegetiese proses tot beskikking van die navorsing gestel is, ook sover moontlik benut. Die eerste is 'n beweging vanuit die literêre makrostruktuur van Openbaring om die plek wat die himniese mikrogedeeltes daarin inneem, te bepaal. In die tweede beweging is die omgekeerde orde gevolg: die himniese mikrotekste van Openbaring is deur

middel van 'n proses van Bybelwetenskaplike eksegetiese dieptesnitondersoek geanaliseer en koppel daaruit terug na die makrostruktuur. In beide prosesse was daar oorgrensbeweging tussen die betrokke teologiese en literêre wetenskappe wat wedersyds verreken is.

Vanuit hierdie benaderingshoek en langs die weg van die omskryfde ondersoekmetode kon basisteoretiese aspekte ondersoek word. Dit het in die derde hoofdeel van die studie gelei tot die basisteoretiese resultate, wat nou hieronder saamgevat word.

8.1.3 Basisteorie

Op grond van 'n narratologiese lesing *cum* kursories-eksegetiese analise van Openbaring se makrokonstruksie is die rol en relevansie van die himniese gedeeltes daarin vasgestel. In die lig van 'n dieptesnitondersoek van die doksologiese himnografiekorpus van die boek is die rol en relevansie van elf afgebakende liedtekste bepaal. Dié twee ondersoeke se resultate is wedersyds geverifieer. Die uitkoms van die basisteoretiese studie in die interdisiplinêre en multi-subdisiplinêre ondersoekomgewing trek in 'n aantal aspekte saam, waarvan die eerste drie *generiese*, *narratiewe* en *retoriese* aspekte is. In die twee genoemde ondersoeke is drie ander aspekte soos *poëtiese*, *metaforiese* en *intertekstuele* fasette ook telkens in ag geneem waar dit in die ontleding van gedeeltes en veral van die himniese mikrotekste van die apokalips ter sprake gekom het. Die resultate uit die ondersoek van die ses aspekte word nou kernagtig opgesom.

8.1.3.1 Generiese aspekte van die Openbaringboek

Onderstaande resultate is bereik in verband met die *generiese samestelling* van die apokalips en die *transgeneriese verskynsels* wat daarin voorkom.

(i) *Generiese samestelling van die boek*

- *Makrogenre*

Die Openbaringboek is 'n *dramatiese narratief*, met skryfmodus hoofsaaklik dramaties in al drie die segmentele narratiewe van die boek.

- *Genre*

Die boek is 'n *apokalips*, met tipiese inhoudelike eienskappe van apokaliptiese literatuurtekste.

- *Mikro- of subgenres*

Die apokalips bevat die volgende subgenres: *brief*, *gesprek/dialog* en *profesie*, asook – en uiters belangrik vanweë die besondere fokus van hierdie studie – *liedere*.

(ii) Transgeneriese verskynsels in die apokalips en die betekenis daarvan

Generiese variasie wat waargeneem is, is eerstens ten opsigte van die *skryfmodus* op die vlak van die makrogeheel. Tweedens is *generiese interaksie* tussen die makrostruktuur en die himniese mikrotekste ook opvallend. Derdens is *argi-generiese wisselinge* van kardinale belang vir die vertolking van die himnografiekorpus. Hierdie drie generiese aspekte kan soos volg saamgevat word:

(ii.i) Variasie in die skryfmodus van die makrokonstruksie

Die outeur verhaal die apokalips wat hy ontvang in *narratiewe*, *beskrywende* en *betogende* gedeeltes, waarin die vier bogenoemde miko- of subgenres (brief, gesprek/dialog, profesie en liedere) elk hulle eie plek vind. In die studie is bevind dat die himniese gedeeltes tipies uit *betogende* stof bestaan, waarin die lofwaardigheid van God as algemene onderwerp (tema) ‘betoog’ word. Die funksie wat die himniese mikrotekste vervul, is om deur woordkunstige verdigting *paradigmatiese verdieping* toe te voeg tot die sintagmatiese handelingsverloop van die ses visioenêre spirale in die boek. Verdigting vind ook deur die beskrywende gedeeltes plaas, maar dié is nie so uitgesproke betogend soos die himnes nie. Op grond van die inkadering van die liedere in Openbaring as mikrotekste met ’n eie generiese karakter binne die dramatiese narratief, vervul hulle ’n *toonaangewende* funksie in die ontsluiting en verdieping van die verhaalde. Hulle oordragstyl verteenwoordig die *poëtiese* komponent van die boek. (Vergelyk 7.1.3.4 hieronder vir die algemene bevinding – op grond van die analise van die elf liedtekste – in verband met die himniese poëtië.)

(ii.ii) Generiese interaksie tussen die dramatiese-narratiewe makrostruktuur en die subgeneriese himniese mikrotekste binne die inhoudelike konteks van die apokaliptiese genre

Die *transgeneriese dinamika* van die wisselende, verwisselende en wisselwerkende interaksie tussen die makrostruktuur en die subgeneriese himniese mikrotekste van die boek met sy apokaliptiese genre is opvallend geleë op die

konvekse kruine van die horisontale visioenspirale, waar hulle met name in die vorm van doksologieë uitgedruk is. Die diepte-eksegese van Openbaring 4 en 5 bring aan die lig dat die vier liedtekste wat daarin voorkom, die handelingsverloop van die twee hoofstukke saam met die beskrywende gedeeltes daarin dermate verdigtend aanvul dat dit die enkele progressiegebeurtenis²⁷⁵ in die twee hoofstukke volumegegewys selfs oorskadu. Hulle verdigtende funksionering op die vertikale verdiepings-as van die narratief word ook deur al sewe die ander ondersoekte himnes in die boek bevestig. Dit het geblyk dat die openbaring in die geheel van die dramatiese narratief argi-generies as *dramatiek* getipeer kan word.

(ii.iii) *Argi-generiese manifestasie van doksologie in die himnografiekorpus*

Die argi-genres (dramatiek, epiëk, liriek) manifesteer duidelik in die doksologie van die himnografiekorpus. By die nagaan van intratekstuele variasies in die himniese mikrotekste is vasgestel dat die konstante faktor in al die liedere in die *dramatiese* argi-genre geleë is. Argi-generiese *wisseling* word in twee tipes lofstyl uitgedruk, naamlik verhalende lof en beskrywende lof wat mekaar voortdurend op verskillende wyses afwissel. Die twee style van lof verteenwoordig onderskeidelik *epiek* en *liriek*. In die doksologie wat op die openbaringsdramatiek respondeer en uit die openbaring terugsing na die God wat openbaar, dien die epiëse as die begronding van liriese lofuiting, fundeer dit die lof in die openbaring en motiveer dit konsekwent die verheerliking van die openbarende God. Liriese verheerliking deur die goddelike deugde te besing, kan omgekeerd ook die epiëse goddelike daad toelig. Die argi-generiese wisseling tussen *epiek* en *liriek* – uitgaande van die konstante faktor, die *openbaringsdramatiek* – konstitueer die stramien van die liturgiese liedere in die apokalips gehoor word.

Die betekenis van bogenoemde generiese aspekte wat vasgestel is, het geblyk van primêre en wesenlike belang te wees vir die identifisering van basisteoretiese beginsels van en vir himnografie.

8.1.3.2 Narratiewe funksie van die liedere in die dramatiese narratief

Uit die makrostrukturele analise van Openbaring en die dieptesnit-ondersoek van die himnografiekorpus van die boek is tot die onderstaande konkluderende resultate gekom.

²⁷⁵ Die enkele progressiegebeurtenis is die *kernel* (kernegebeurtenis) van die Lam se ontvangs van die verseëelde boekrol. Dit word deur die perfektum-vervoeging van die werkwoord in frontfokus geplaas (Op. 5:7).

- (i) Die liedere is ideaal in die makrokonstruksie geplaas om as *satelliete* om die kerngebeure, akteurs→karakters en hulle handelinge in die horisontaal voortspiralende visioensiklusse te wentel.
- (ii) Die himnes lewer soos koorssang in die klassieke Griekse tragediedramas *kommentaar* op die handelingsverloop in die dramatiese narratief.
- (iii) Kommentaar wat in verdigte himniese taal gelewer word, *interpreteer* die visioene analepties en prolepties en is in dié funksie nie uitsluitlik vertikaal paradigmaties-verdiepend nie, maar ook horisontaal sintagmaties-kombinerend.
- (iv) Uit die ondersoek blyk dit dat die liedere as *strukturele merkers* dien om naas die kommentariërende interpretasiefunksie ook 'n *inleidings-* en *opsommingsfunksie* te vervul.
- (v) Omdat die himnografiekorpus nooit los en onafhanklik van die dramatiese progressie in die apokalips funksioneer nie, maar regdeur daaraan verbind bly, is dit self *integraal deel* van die openbaringsdramatiek.
- (vi) Herhaling van sentrale motiewe en veral die *ontwikkeling* van konsepte in die himniese mikrotekste het op sigself ook 'n *narratiewe* funksie.

8.1.3.3 Retoriese effek van die doksologiese himnodie in die apokalips

Samehangend met die generiese aspekte en die narratiewe funksie van die liedere in Openbaring kan hulle retoriese funksie (oorredingstrategie) in die lig van sowel die makrostruktuuranalise as die dieptesnitondersoek ook nou saamgevat word.

Die dramatiese narratief spreek die gehoor/ontvanger/leser deurentyd aan. Sodoende is die narratief nie net informatief nie, maar ook *performatief*. Die retoriese taalgebruik is funksioneel om die gehoor met oorredingskrag dwarsdeur die weergawe van die visioensiklusse heen betrokke te hou. Daardeur word 'n antwoord by hulle opgeroep en ondergaan hulle 'n reinigende katarsis. Die tipiese demonstratiewe of *epideiktiese* retoriek van die Klassieke fungeer effektief in die apokalips: die *Wese* van God word verheerlik. Dié tipe retoriek word gemotiveer en gesteun deurdat verskillende sangers en sanggroepe ook die *paradeigmata* van sy wonder- en heldedade besing. Hierdie retoriese strategie wat in die algemeen van die hele dramatiese narratief van Openbaring in sy liturgiese ontvangskonteks geld, is veral besonder betekenisvol in die himnes aangewend. God se *Wese* en werke in die wonderdade van skepping en redding en die toekomstige totale oorwinnende voleindiging van sy koningskap word met kragtige himniese

rykdom geloof. Die *ergon* van die apokalips is dus nie om 'n gewone verhaal te wees wat bloot net vertel of geles word nie, maar die openbaringsdramatiese daarin en daarvan is duidelik en spesifiek daarop gemik om die ontvangers van die visioensiklusse gedurig te *bemoedig* en *aan te spoor* om vas te hou wat reeds hulle deel is en om daarin tot die einde toe te *volhard* (Op. 2:25). Die liedere se plasing aan die begin en einde van die tweede, aan die einde van die derde en aan die begin en einde van die vierde en die vyfde visioenspirale vervul die retoriese funksie om die ontvangers juis herhaaldelik daaraan te *herinner*. Dit is merkwaardig hoe die himnes deurgaans toepaslik in hierdie oorredingstrategie aangewend word. Die retoriese effek daarvan dat bekende epiteta in die wêreld van die keiserverering gebruik word om God en die Lam in verwondering te eer, is duidelik: die ontvangers van die apokalips word daardeur onder die indruk gebring van die futiliteit van aardse magte se brutale aansprake. Hulle kan juis daarom moedhou en volhard, want die keiserkrag word in die sang van die hemelse liturgie met die krag van die himniese lofstof geparodieer. Herhalende motiewe van konsepte soos die heerlikheid en eer en krag van God en van die regverdigheid van sy oordeel, prent dit by hulle in dat God regeer in sy ontsagwekkende koningsmag. Sy oordeelvoltrekking is nodig, maar sal hulle nie skaad nie.

Bogenoemde retoriese strategie om die gehoor te bemoedig, loop regdeur die totale himnografiekorpus (en die hele boek).

8.1.3.4 Die rol van poëtiese seggingskrag

Hierbo is in verband met die rol van die poëtiese in die konteks van die generiese aspekte opgemerk dat die woordkunstige verdigting deur poësie paradigmatische verdieping tot die dramatiese narratief toevoeg. Bykomend daarby word die resultaat van die algemene rol van die poësie in die apokalips soos volg saamgevat:

Die liedere in die Openbaringboek – synde himniese poësie – dra die kenmerk dat dit die ontvangers/gehoor/lesers in elke lied in aanraking bring met die *transendente*. Dit funksioneer as't ware as 'n uitgryp vanuit die immanente na die transendente. Die/n werklikheid anderkant en verder as die taalgerepresenteerde werklikheid word in die verdigte taal van die poëtiese telkens 'n greep na die goddelike – om met teks en toon (woord en musiek) die ou wêreld(e) van die hier en die nou te deurbreek en die nuwe werklikheid van heil, deur God en die Lam se deugde en daade bewerkstellig, oop te sing en teenwoordig te stel. Dit laat die sangers in verwondering oor en voor God.

Die besondere funksie van die poëtiese word nog duideliker wanneer dit in samehang met die krag van die metafoor in die laaste Bybelboek en besonderlik in die himnografie-korpus daarvan beskou word.

8.1.3.5 Die rol van metaforiek in die liedere

In direkte aansluiting by en in hegte verband met die rol van die himnies-poëtiese seggingskrag kan die algemene bevinding ten opsigte van metaforiek in al die himnes van Openbaring soos volg geformuleer word:

Die treffende metaforiek in die apokalips – veral in die himnes, ingekader in en in volle sinergie met die handelingsverloop van die narratief – breek saam met die krag van poëtiese segging die nuwe en vernuwende werklikheid van die koninkryk verder oop. Dit geskied deur uitdying van betekenis wat kenmerkend van metaforiese taal is. Daardeur word die onbeskryfbare beskryf en die transendente teenwoordig gestel. Die Bybelse metaforiese taal in al die himnes is nie maar vindingryke menslike skeppings van die/n transendente werklikheid nie, maar dit is wel 'n eg-menslike middel vir die beskrywing van die goddelike werklikheid wat ook sonder beskrywing 'n realiteit is. In die liedere kom die ontvangers/gehoor/lesers van die apokalips onder die indruk daarvan dat die goddelike Skrywer van die 'literêre' Bybelteks Homself in die mensetaal van 'n menslike skrywer en lesers openbaar – juis ook deur die gebruikmaking van metafore wat die nuwe wêreld verder as (anderkant) die spankrag van mensetaal oopbreek. Die liedere en die res van die apokalips is 'n skatkis van beeldtaal en simbooltaal, van die metaforiese direkte vergelyking en die stilistiese frase, van die verdigte woord en die figuurlike segging.

Dit is die plofstof van die metafoor in die lofstof van die lied.

8.1.3.6 Teks en teks: intertekstualiteit in die laaste Bybelboek

Die resultate van die laaste aspek wat opgesom word, is 'n faset wat soos die poëtiese en metaforiese aspekte 'n besondere rol speel in die ontleding van die himnografiekorpus van Openbaring. Die wyse van gebruik van ander, vroeëre tekste en motiewe in die komposisie van die apokalips kan so saamgevat word:

Openbaring is deurweek van Ou-Testamentiese taal en motiewe. Die vertellende outeur maak volop gebruik van sinspelings (allusies) op en eggo's uit die Ou Testament, terwyl dit die 'teks' van die evangelieverhaal van die koninkryk in die volheid van die tyd ook duidelik reflekteer. Uit sowel die makrostrukturele analise

van die boek as die mikrotekstuele ontleding van die himnes blyk dit duidelik dat Johannes sy inkorporering van vroeëre teksmateriaal in sy nuwe teksproduksie nie doen bloot om die betrokke nuwe teks te verryk en 'n bydrae te laat lewer tot die estetiese van sy verhaalstyl nie. In die dieptesnitondersoek het ek herhaaldelik die merkwaardige funksie van die genoteks in die gestalte van die fenoteks aangetoon. Die funksie is naamlik om by te dra tot 'n kode wat verskillende effekte van betekenisduiding moontlik maak. Intertekste in die boek word in 'n estetika van *transformasie* gebruik en nie in 'n sogenaamde estetika van *gelykheid* of net ter bevestiging nie. Die gasteks is nie 'n direkte aanhaling, duplisering of nabootsing van die gasheerteks waar dit nou in nuwe konteks gebruik word nie (dit is dus nie 'n *imitatio veterum* nie). Die verteller maak *kompositories* gebruik van die Ou Testament en reflekteer tegelykertyd op dieselfde wyse ook die beslissende gebeure in die volheid van die tyd. Sy gehoor kan daarin ervaar dat die nuwe nou werklik aangebreek het en besig is om in al sy konsekwensies verder te verwerklik te midde van die spanning van hulle eindverwachting. Die oue word in die lig van die nuwe se *sensus plenior* (*voller betekenis*) verhelder. Openbaring met sy deurweektheid van Ou-Testamentiese allusies en eggo's en ook sentrale motiewe uit die Nuwe-Testamentiese evangelieberigte skep en struktureer deur die kreatiewe en kompositoriese gebruikmaking van die oue dus nuwe betekenis in 'n nuwe konteks.

Openbaring is, in geheel gesien, ingebed in die narratief van God se besondere openbaringsdramatiek en dus intertekstueel ook deel van die globale metanarratief van die totale openbaringsgeskiedenis. Doksologiese himnodie sing in en uit en oor dié totaliteit en begelei en lei die Godsvolk eskatologies in in die versekerde voleindiging van alles.

8.2 INTEGRASIE EN KONKRETISERING VAN LITERÊRE DIMENSIES EN HIMNOGRAFIESE BEGINSELASPEKTE

8.2.1 Skriftuurlike, prinsipieel-begronde basis van en riglyne vir himnografie

Die resultate wat in die lig van die metateoretiese, interdisiplinêr-teoretiese en basis-teoretiese insigte en geopende perspektiewe wat tot by 8.1.3.6 direk hierbo opgesom is, het in die studie uitloop op die integrasie en konkretisering van al gegewens.

Die integrasie van die studieresultate is op twee wyses verkry. Eerstens is die skriftuurlike grondslag van himnografie en die leidende en regulerende beginsel vir liedskrywing en liedkriteria onderskeidelik omskryf en vasgestel, waaruit ook nege basisteoretiese beginsels vir himnografie geïdentifiseer is. Dit word nou saamgevat (8.2.1.1). Tweedens

is integrasie van die navorsingsresultate verkry deur al die teoretiese aspekte in die vorm van vyf riglyne vir himnografie te konkretiseer, waarvan die funksie ook aan die hand van die analise en toetsing van 'n liedvoorbeeld geïllustreer is. Die vyf riglyne word hieronder weer genoem (8.2.1.2).

8.2.1.1 Prinsipiële basis van die himnografie

8.2.1.1.1 Skriftuurlike beginselgrondslag van himnografie

Die buitelyne van die skriftuurlike beginselgrondslag waaruit alle fasette en aspekte van himnografie ontspring en groei, kan soos volg getrek word:

In die himnografie van die geïnspireerde, teksgeworde besondere openbaringsdramatiek, soos dit onder meer in die boek Openbaring figureer en liturgies funksioneer, is dit duidelik dat die himnes in geen stadium losstaande en verwyderd van die voortgaande progressie en dinamiese ontplooiing van die openbaringsdramatiek is nie. Hulle oorsprong is inteendeel juis geleë in die dramatiese openbaring en kragtige openbaringshandelinge van die openbarende, lewende God, geopenbaar in sy heilige alleenheerskappy oor kerk en kosmos, nasies en volke, tale en tye, alle aardse mag en krag én die galaksie van skitterende troonfigurante, vergader om Hom wat van ewigheid tot in alle ewigheid die oorsprong, voortgang en voleindiging van alles en almal is. Die generiese, narratiewe en retoriese aspekte van die himniese mikrotekste, tesame met die krag van poëtiese uitdrukking, die metaforiese ploffstof van die lofstof en die toegevoegde semantiese waarde van intertekstualiteit dien die himnografie in elke himnografies-verwante opsig. In die himnografie van die Bybel tree dramatiese, epiese en liriese aspekte/fasette op as die konstituerende stramien van die liturgiese lied. Die verhouding tussen die dramatiese, epiese en liriese bindstruktuur van die lied is in digte simbiose en noue sinergie met mekaar vervleg. Die openbaringsdramatiek funksioneer in dié verhouding kousaal tot die daaruit voortspruitende poëties-himniese van die epiese en die liriese, wat in die lied struktuur en liturgiese vergestaltung vind. In elke lied is elke motief, gedagte, metafoor, konsep en mikro-eenheid en -frase geïnspireer deur die feit dat God die God van openbaring is. Die liedere is geaktiveer deur hierdie *dramatiek*, en sing *epies* en *liries* in geloofsverwondering oor en tot die God van openbaring. Hulle ontspring en leef dus as lof op uit die evangelieverhaal van die koms van die koninkryk, in sy triomfe eindeloos tot by die voleindiging daarvan, te midde van die spanning van die eindverwachting. Lied en lof *respondeer* uit openbaring op openbaring en tot die God wat sy deugde en dade openbaar. Die himnodie *aktualiseer* en *verwerklik* sodoende die openbaring van die nuwe wêreld en

werklikheid verder as (anderkant) die spankrag van mensetaal in die hier en nou. Hierdie himniese woord en akkoord is *openbaring-in-responsiewe-aksie*.

8.2.1.1.2 *Leidende en regulerende beginsel: relata refero*

Uitgaande van die skriftuurlike beginselgrondslag van himnografie vloei die leidende en regulerende beginsel vir himnografie voort. Dié beginsel word soos volg omskryf:

In die kreatiewe handeling om 'n nuwe liturgiese liedkomposisie daar te stel, word die himnograaf deur *relata refero* enersyds gelei en andersyds gereguleer. 'n Vrye weergawe van die twee verwante en gekoppelde Latynse woorde is: *ek gee weer wat weergegee is, ek vertel (verder) wat ek gehoor het*. Die lied en die liedskrywer behoort in elke himniese woord, elke verbindende frase, elke nuut-skeppende konsep – kortom, in elke beeld en metafoor en aksent van die ritmiese samespel van die poëties verdigte taal – gelei en gereguleer te word *deur die openbaring wat gegee is*, ten einde dit *weer te gee*. Sodoende word gerespondeer op die openbaring en aktualiseer lied en liedskrywer dit wat God gegee het. Sy openbaringsaksie is dan nuutskeppend in aksie op die tong van liturgievierende, verwonderde aanbidders wat sy lof verder dra in die triomf van sy koninkryk.

8.2.1.1.3 *Basisteoretiese beginsels*

Die volgende nege basisteoretiese beginsels vir himnografie is geïdentifiseer. Die literêre dimensies uit die metateorie, die insiggewende perspektiewe uit die interdisiplinêre teoretiese ondersoek en die basisteoretiese insigte wat deur die navorsing ontsluit is, word in dié beginsels saamgetrek – uitgaande van die skriftuurlike beginselgrondslag en gelei en gereguleer deur die *relata refero*-beginsel.

1. Skrifbegronde himnografie is uit God, deur God, tot God: dit wortel in die openbaring van God, respondeer onder leiding van sy Woord en Gees op sy openbaring, waardeur die openbaring geaktualiseer word en al die lof tot Hom terugkeer.
2. Skrifbegronde himnografie lewer interpretatiewe kommentaar op die globale goddelike metanarratief: vanuit die *besondere* openbaringsdramatiek van God lewer dit kommentaar op God se skepping en onderhouding van alles, op die eksodus en nuwe eksodus van sy volk – verwerklik in die teater van die geskiedenis – in kragtige geloofstaal wat uitgryp na Hom en na die triomfantelike voleindiging van sy omvattende alleenheerskappy in die enige, ewige koninkryk.

3. In Skrifgetroue himnografie sing die teksgeworde Woord van die openbarende God voor: die literariteit ('literêrheid') van die Bybel-as-literatuur in al die fasette van sy literêre skoonheid is nie net die stimulus om te respondeer op die openbaring in 'n kreatiewe himnografiese bewerking nie, maar gee ook die toon aan wat estetiese stylaspekte van die liedwoord betref.
4. Skrifgebonde himnografie se lof word deur transgeneriese wisseling verryk: uit die *openbaringsdramatiek* wel die lof op deur die oog van die *epiese* verheerliking van die handelende God, om in *liriese* lof deur dié fonteinoog op te spuit tot die deugdelike God.
5. Bybelgetroue liedskrywing is doelgerig: deur die lof van die openbaring-gefundeerde lied word die sangers op die pad van die nuwe eksodus bemoedigend en aanmoedigend na finale oorwinning *begelei* en word hulle eskatologies *ingelei* in die seën van die voleindigde nuwe – met as einddoel gerig op die eer van God.
6. Uitgaande van die openbaring breek Bybelgebonde himnografie deur die 'klankgrens' van die huidige bedeling van taal en tyd en rede: verdigte taal, verbeeldingryke beelding, vergelyking, metafoor en elke stilistiese komposisie-element rek taal tot sy uiterste spankrag, en sodoende genereer himnografie meer *van* dieselfde, maar word dit effektief ook *meer as* dieselfde.
7. Skrifgetroue himnografie is meer as die som van sy samestellende dele: egte himnografie is groter, ryker en kragtiger meer as die samevoeging van woorde en frases en vorm en inhoud en ouditiewe komponente van die toonkuns; dit flits iets deur van die misterie van God in sy ontsagwekkende heiligheid en tegelyk 'verregaande' liefde vir sy aanbidders.
8. Skrifgeïnspireerde liedlof transendeer die singende Godsvolk na verwondering: verwondering *voor* God en verwondering *oor* God kom daarin tot uitdrukking, omdat Hy Hom as goed en groot openbaar en sy ryk verseker en volkome (sal) deurbreek.
9. Gefundeerde doksologiese himnografie uit die skat van die openbaring bied aan die God van die openbaring woonplek en troonplek: Hy wil in die woorde van Ps. 22:2a (1936-beryming) by sy volk woon en op die vleuels van hul lofsang troon.

8.2.1.2 Riglyne vir himnografie

Uitgaande van die primaat en prominensie van die Woord kan riglyne neergelê word vir die himnografie – vir liedskrywing sowel as liedkeuring. Die navorsing het daartoe gelei

dat riglyne in die onderstaande vyf stellings verwoord kan word. Die himnografiese proses is 'n beweging vanuit die *Woord* (hoofletter) na die *woord* (klein letter).

1. Die Woord *keur* die woord van die liturgiese lied: die lied behoort doelbewus suiwer Bybelse inhoud te bevat (in teksbelyning of Bybelgetroue vrye liedbewerking van Bybelse temas en dogmatiese sleutelmotiewe uit die openbaringsgeskiedenis).
2. Die Woord *stilleer* die woord van die liturgiese lied: die lied se vormaspekte behoort die literêre gehalte, gestalte en styl van Bybelse himnodie te reflekteer, omdat die Bybel en sy skrywers sensitief is vir die literêre gehalte, gestalte en styl waarin Godsopenbaring in verbondskommunikasie tussen Hom en sy volk beslag kry.
3. Die Woord *verdiep* die woord van die liturgiese lied: die lied se vorm-inhoudkonfigurasie (*Gestalt*) behoort voort te vloei uit 'n soeke na die keurig gekeurde woord en die skoon estetiese vorm, geïnspireer deur die Woord en geïntegreer in 'n sinvolle, verdiepende liedwoord.
4. Die Woord *simfonieer* die woord van die liturgiese lied: die lied se taalkuns en toonkuns behoort in 'n passende huweliksverhouding gelukkig gesimfonieer te word, uitgaande van die toonaard van die openbaringsmotief wat himnies voorgedra word.
5. Die Woord *transendeer* die woord van die liturgiese lied: die lied behoort 'n gevleuelde woord te wees wat die kwaliteit besit om te beweeg tot geloofsverwondering, waarin God wil woon en waarop Hy majesteitlik wil troon.

8.3 FINALE UITKOMS VAN DIE STUDIE

In Bybelgefundeerde himnografie staan *dramatiek*, *epiek* en *liriek* (die *dramatiese*, *epiese* en *liriese*) in 'n vervlegte verhouding tot mekaar. Vanuit die himniese stof van die Openbaringboek benader, fungeer dié drie literêre argi-genres as die konstituerende stamien van die liturgiese lied. Dit vergestalt in die vorm van *openbaringsdramatiek*, *himniese epiek* en *himniese liriek*, wat telkens klimakties kulmineer in die lof van God en die Lam wat besing word.

Die *dramatiese* verteenwoordig in hierdie argi-generiese stamien die prismaat en prominensie van die Woord van God as sy teksgeworde besondere openbaring. Skrifgetroue himnografie staan in geen stadium of in enige opsig losstaande en verwyderd van

die dinamiese ontplooiing van God se openbaringsdramatiek in die teater van die geskiedenis nie. Liturgiese himnes se ontstaan is intendeel juis geleë in die kragtige openbaringshandelinge van God wat in die religieuse literêre dokument *Bybel* gesagvol teks geword het. Die Woord is die oorsprong en waarnemingspunt vanwaar die globale goddelike metanarratief deur die sang van die aanbiddingsgemeenskap geïnterpreteer word.

Epiese doksologie is die fonteinooag waardeur die openbaringsdramatiese opspuit na die God van die openbaring; dit is verhalende lof wat vertel van die kragtige dade van God.

Liriese lofverheffing word deur die epiese oog opgespuit uit die openbaringsdramatiek om hoog te reik na die heilige, ontsagwekkende God in al sy aanbiddelike majesteit; dit is beskrywende lof wat vertel van die deugde van God.

Die geopenbaarde Woord vul en stileer in elke opsig die gesingde liedwoord met sy argi-generiese stramien. Sodoende lei en transendeer die lied die Godsvolk in in die voleindiging van sy koninkryk. Die studie het sy gestelde doelwitte en oorkoepelende doelstelling bereik, naamlik om aan te toon dat die stramien van die liturgiese lied in al sy fasette woordkunstig en Woordkunstig suksesvol geïntegreer behoort te word deur literêre kwaliteit en Bybels-prinsipiële begronding. Dit kan die vlam (liturgiese lied) van die loffer (erediens) helder laat brand.

8.4 RIGLYNE VIR VERDERE NAVORSING

Uit die navorsing wat in verband met die studieonderwerp onderneem is, kom daar verskillende verdere en/of verbandhoudende ondersoekterreine in die gesigsveld. Wat geïdentifiseer is en hieronder genoem word, kan en behoort verdere wetenskaplike bydraes op te lewer waarby sowel die Literatuurwetenskap as die Teologie kan baat. Liturgiewetenskap – en in besonder die Himnologie met die himnografie as integrale deel daarvan – kan op sy beurt bydra tot die verryking en verdieping van die aanbiddingslewe in die Bybelgetroue en -gefundeerde geloofsgemeenskap. (Moontlike studieonderwerpe in die veld van die Literatuurwetenskap en die Nuwe-Testamentiese Bybelwetenskap wat in die ondersoekproses waargeneem is, word nie hier aangemerkt nie.)

- (i) 'n Himnografiese studie van die *trinitariese tematiek* in die liturgiese lied, in die lig daarvan dat die triniteit van God 'n deurlopende tema in sy openbaring is en in die liedmateriaal van die Nuwe Testament 'n *Leitmotiv* is.
- (ii) 'n Himnografiese studie van die *ekdodus-motief* in die liedmateriaal van Eksodus 15 tot Openbaring 19.

- (iii) Die uitwerking en deurwerking van die vasgestelde himnografiese basisteoretiese beginsels in die ontwikkeling van 'n volledige *praktykteoretiese model*.
- (iv) Die invloed van *Augustinus se teologie* op reformatoriese himnografiese denke en praktyk.
- (v) 'n *Vergelykende studie* van verskillende himnografiese tradisies, soos die Lutherse en die Calvinistiese, vanuit die basisteoretiese beginsels en riglyne vir himnografie wat in hierdie studie geïdentifiseer is.
- (vi) 'n *Toetsing* van bepaalde himnografieë/liedbundels soos die *Liedboek voor de Kerken* (1973), *Psalter Hymnal* (1987) en *Liedboek van die Kerk* (2001) aan die geïdentifiseerde basisteoretiese beginsels en riglyne vir himnografie. (Dit kan moontlik ook as 'n vergelykende literatuurstudie onderneem word.)
- (vii) 'n Deurtastende bestudering van *intertekstualiteit* in die liturgiese lied – sowel die intertekstuele verbande in die Bybel se eie himniese stof as dié tussen die liedere in die Bybel en latere liedere in verskillende himnografiekorpusse.
- (viii) 'n Ondersoek van die verhouding tussen die lied as dogma en die dogma as lied.

ADDENDA

Addendum A

**Publikasies in die resente tyd (ná 1975) wat die besondere belangstelling in die narratiewe stof van die Bybel en die gepaardgaande narratologiese verklaring van Bybelnarratiewe illustreer
(bylaag by 2.2.2.7.1(iii))**

Chronologies georden

- *Storytelling in the Bible* (Jacob Licht, 1978)
- *Narrative structure as applied to Biblical preaching* (’n werk oor die samestelling van eredienste wat oor narratiewe in die Bybel handel; Thomas G. Long, 1980)
- *The art of Biblical narrative* (Robert Alter, 1981)
- *Poetics and interpretation of Biblical narrative* (Adele Berlin, 1983)
- *The poetics of Biblical narrative: ideological literature and the drama of reading* (Meir Sternberg, 1985)
- *The Bible and the narrative tradition* (Frank McConnell ed., 1986)
- *Scriptural authority and narrative interpretation* (Garrett Green, 1987)
- *Story, text, and Scripture: literary interest in Biblical narrative* (Wesley Kort, 1988)
- *Vladimir Propp and the study of structure in Hebrew Biblical narrative* (P.J Milne, 1988)
- *What is narrative criticism?* (Mark Powell, 1990; alhoewel dit nie uit die titel duidelik is dat dit oor Bybelnarratiewe gaan nie, is die boek ’n bespreking van verskillende narratiewe elemente aan die hand van die Sinoptiese Evangelies)
- *“Not in heaven”: coherence and complexity in Biblical narrative* (Jason Rosenbalt & Joseph Sitterson jr., 1991)
- *Revelation 1:19 and the narrative voices of the Apocalypse* (J. Ramsay Michaelis, 1991)
- *The narratological approach as a means of understanding the Old Testament* (M.J. Oosthuizen, 1994)
- *Song and story in Biblical narrative* (S. Weitzman, 1997)
- *Revelation unsealed. A narrative critical approach to John’s Apocalypse* (James L. Ressiguie, 1998)

- *Tales of the end. A narrative commentary on the Book of Revelation* (James Barr, 1998)
- *The analysis of events in Biblical narratives* (D.F. Tolmie, 1998)
- *Narratology and Biblical narration. A practical guide* (D.F. Tolmie, 1999)
- *Narrative art in the Bible* (S. Bar-Erfat, 2000)
- *Reading Biblical narrative. An introductory guide* (J.P. Fokkelman, 2000b)
- *Waiting for the end that never comes. The narrative logic of John's story* (David Barr, 2001)
- *Narrative function of the Apocalypse* (Young Jang, 2002)
- *Narrative reading, narrative preaching: reuniting New Testament interpretation and proclamation* (Joel Green & Michael Pasquarello III eds., 2003; 'n versamelbundel oor narratiewe lesings van die Nuwe Testament, waarin ook die briewe as narratiewe ge lees word)
- *Narrative plot of the Apocalypse* (Young Jang, 2003)
- *'n Narratief-kritiese benadering as hermeneutiese raamwerk vir 'n vergelykende studie tussen die boeke Openbaring en The Lord of the Rings* (Elsie P. Meylahn, 2005; 'n proefskrif aan die Universiteit van Pretoria wat die narratief van Openbaring grondig ontleed)
- *Narrative criticism of the New Testament. An introduction* (James L. Ressiguie, 2005; 'n resente studie wat steeds die tipiese konsepte van die narratologie soos *retoriek*, *tyd*, *karakter*, *fokalisasie* en *plot* bespreek en toepas op bepaalde Nuwe-Testamentiese gedeeltes; die konsep *plot* word aan die hand van die Openbaringboek se narratief belig)
- *Saving God's reputation. The theological function of Pistis Iesou in the cosmic narratives of Revelation* (S.K.Tonstad, 2006; 'n studie waarin die storielyn van Openbaring van ses verskillende narratiewe invalshoeke benader word).

Addendum B

Geannoteerde literatuurlys van die mees resente publikasies (sedert 2000) waarin algemene verhaalteorie gesistematiseer word (eerste bylaag by 4.2.2.1.2.2(i))

In chronologiese orde

- Nick Lacey (2000): *Narrative and Genre. Key concepts in media studies*

Ontwikkelinge in die narratologie word deur die outeur beskryf. In die eerste deel word 'n oorsig gebied oor die studieveld van die narratologie, oor die historiese ontwikkeling van die dissipline en oor gevorderde en ideologiese narratiewe teorie (p.1-131; die tweede deel konsentreer op genre, p.132 e.v.).

- Paul Cobly (2001): *Narrative*

Hierdie werk is 'n uitgawe in *The New Critical Idiom*-reeks, 'n bekende reeks waarin literêre onderwerpe gedebatteer en behandel word. In dié uitgawe word ook narratiewe en narratologiese aangeleenthede soos storie en plot, opeenvolging en tyd-ruimte uiteengesit. Vertelkunde van Aristoteles se tyd af tot die narratief binne die moderne kuberruimte word oorsigtelik bespreek.

- Michael Toolan (2001): *Narrative. A critical linguistic introduction*

Ook hierdie literatuurbron oor die narratief en die narratologie het in 'n bekende literêre reeks verskyn, naamlik *The Interface Series*. Dit is duidelik dat al die narratologiese aspekte soos verteller, vertelling, 'story/fabula/histoire', tyd, fokalisasie (en nog heelwat ander) begrippe is wat vroeër gevestig is, maar wat steeds in gebruik is. Dit is veral duidelik as dit in aanmerking geneem word dat die eerste uitgawe van hierdie betrokke werk reeds in 1988 verskyn het en ses herdrukke beleef het, en dat dit 'n verwysingsbron is wat aktueel gebly het in die vorm van die tweede hersiene en aansienlik uitgebreide uitgawe van 2001.

- David Herman (2004): *Story Logic*

In nog 'n reeksuitgawe, in dié geval in die *Frontiers of Narrative Series*, het Herman 'n uitgebreide werk van bykans vyfhonderd bladsye oor narratologie die lig laat sien – sedert 2000 die mees omvattende publikasie wat inderdaad as 'n standaardwerk beskou kan word. Sleutel-konsepte van die narratief in literêre teorie en in die linguistiese en kognitiewe wetenskappe word bymekaar gebring. Die indeling van die stof in twee dele, naamlik narratiewe mikro-ontwerpe ('designs') en narratiewe makro-ontwerpe, is 'n doeltreffende uiteensetting van die verhalende eienskappe van die verhaaltteks. Dit is 'n vars en indringende benadering waarin 'n kragtige interpretatiewe instrument gebruik word om die besondere betekenis van narratiewe te ontsluit.

- James Phelan & Peter Rabinowitz eds. (2005): *A companion to narrative theory*

In die *Blackwell Companions to Literature and Culture*-reeks is hierdie uitgawe 'n versameling van wetenskaplike artikels van bekende Literatuurwetenskaplikes, almal leidende figure in die veld van die narratologie. Dit sluit vroeëre teoretici/narratoloë in soos Seymour Chatman, J. Hillis Miller en Gerald Prince, asook latere geleerdes – naas die twee redakteurs – soos Monica

Fludernik en David Herman. Daar word gepoog om nuwe lig op ‘*stubborn*’ narratologiese probleme te werp, terwyl narratiewe ook ondersoek word op verskillende ander terreine as slegs die literêre, soos die van die reg, die mediese wêreld en die kuns. Die gevestigde teorie word sodoende op ’n wye gebied resent van toepassing gemaak.

- Luc Herman & Bart Vervaeck (2005): *Handbook of narrative analysis*

’n Voorlaaste resente publikasie waarvan deeglik kennis geneem moet word, is nog ’n uitgawe in die *Frontiers of Narratives*-reeks. Luc Herman (nie te verwar met David Herman hierbo genoem nie) en Bart Vervaeck is twee Nederlandse literatuurwetenskaplikes wat in hierdie werk ’n omvattende benadering tot narratiewe en narratologiese aspekte uitwerk. Die bydraes van klassiek-geworde narratologiese teoretici soos Gérard Genette, Mieke Bal en Seymour Chatman, en voorgangers soos Forster en Stanzel, word deur dié twee Europese narratoloë bespreek in die onderskeie kontekste van die teoretici, asook die werk van latere sogenaamde post-klassieke teoretici. Die bekende terme en konsepte wat in die ontleding van verhalende tekste voor en tydens die Strukturalisme ingeburger geraak het, sowel in die strukturalistiese denksisteem as in die latere, meer resente post-klassieke paradigma, word uitvoerig behandel.

- Hühn, P., Pier, J., Schmid, W., Schönert, J. eds. 2009. *Handbook of narratology*

Hierdie handboek word deur die *Interdisciplinnary Centre of Narratology* van die Universiteit van Hamburg uitgegee. Dit is ook elektronies beskikbaar as *The Living Handbook of Narratology* en word steeds bygewerk. Die handboek sal daarom nie deur die slyt van tyd maklik ’n gedateerde, verouderde bron word nie. Al die teoretiese aspekte van die narratologie in hulle historiese ontwikkeling word uiteengesit met die oog op verdere navorsing. Dit is ’n opwindende ontwikkeling in die veld van die narratologie, ’n publikasie wat inderdaad ’n immer resente, aktuele standaardwerk oor die narratologie sal wees.

Addendum C

Geannoteerde literatuurlys van die mees resente publikasies (sedert 2000) waarin algemene verhaalteorie ‘gediachroniseer’ word vanuit Klassieke literatuur (tweede bylaag by 4.2.2.1.2.2(i))

In chronologiese orde

- James Barrett (2002): *Staged Narrative. Poetics and the messenger in Greek tragedy*

Die eerste werk wat hier van belang is om te noem, is Barrett se behandeling van die boodskapper se funksie in verskillende Griekse tragedies. Alhoewel dit nie direkte aspekte uit die studieveld van die narratologie bevat nie, is die outeur se beskouing van die tragedie as ’n vorm van die narratief, soos dit in die titel gesuggereer is, insiggewend. Dit ondersteun wat reeds meermale ten opsigte van die laaste Bybelboek in hierdie studie gestel is, naamlik dat Openbaring ’n bepaalde vorm van die narratief verteenwoordig. Dit is ’n *dramatiese* narratief wat in wese openbarings-*dramatiek* kommunikeer. Sommige Bybelverklaarders lees en ontleed die Openbaringsboek as ’n drama in die tipiese vorm en teateropset van die Griekse tragedie.²⁷⁶ Barrett se *Staged Narrative* in die resente tyd onderstreep vanuit die Griekse kultuurwêreld hierdie dramatiese vorm van die narratief.

- Michael Paschalis & Stavros Frangoulidis eds. (2002): *Space in the Ancient Novel*

Die werk is die eerste supplement in die *Ancient Narrative*-reeks. Dit bevat die neerslag van referate by die eerste internasionale konferensie in verband met die narratief in die Antieke tydperioede se (Griekse en Latynse) geskrifte.

- Bracht Branham, ed. (2005): *The Bakhtin Circle and Ancient Narrative*

’n Derde supplement in die *Ancient Narrative*-reeks het ’n besondere fokus: die betekenis van die Russiese Formalis, Mikhail Mikhailovich Bakhtin (1895-1975), vir die verstaan van die antieke literêre kultuur en sy rol in die geskiedenis van die Europese literatuur. Dié teoretikus se lewenslange belangstelling in die Klassieke word vanuit ’n narratologiese hoek deur verskeie literatore onder die vergrootglas geplaas (vgl. ook weer vir die plek wat Bakhtin in die Russiese Formalisme ingeneem het: 3.1.2.2.1(i.ii), 3.2.1, 3.3.2.1.1.2 en 3.3.2.8.1.2; Bakhtin, 1963[1929], 1992, 1999; Bakhtin & Medvedev, 1985[1978]).

- Irene de Jong & René Nünlist, eds. (2007): *Time in Ancient Greek literature*

Dié resente narratologiese publikasie is die tweede volume van *Studies in Ancient Greek Narrative* in die bekende *Bibliotheca Classica Batava*-reeks (vol. 291). Die doelstelling van die studies is om die vorme en funksies van die hoofaspekte wat deur die narratologie gedefinieer is, soos die ‘narrator’ en sy/haar ‘narratees’, tyd, fokalisasie, karakterisering en plot te ondersoek. Dit is ’n ‘*diachronization of narratology*’. Daarin word onder meer nagegaan “...when were certain techniques or constellations first used, or when did they become current and, even later, predominant” (De Jong & Nünlist, 2007:ix). Die volumes verteenwoordig ’n wetenskaplike geïnteresseerdheid in die geskiedenis van narratiewe vorme en funksies wat grootliks in die

²⁷⁶ Sien weer die bespreking in dié verband by 3.1.2.1.1(i.ii) en 3.3.2.1.2.2; vgl. Blevins 1980, 1984; Voortman & Du Rand, 1997; Viljoen, 2003; Loots, 1948; Bouwman, 1955, 1968; Barr, 1998.

verlede oor die hoof gesien is. Dit is volumes wat vir die oorsprong en konteksplasing van narratologieë en narratologiese aspekte uiters belangrik is. Volume 2, waarna hier verwys word, fokus op tydaspekte in die verhaal: *analepsis* en *prolepsis*, begin en meervoudige storielyne, ritme en frekwensie. Die aspekte word belig vanuit die werk van verskillende bekende Griekse skrywers soos Homerus, Sophocles Euripides en Aristophanes.

Addendum D

Nadere uiteensetting van die geselekteerde narratologiese analisemodel van Mieke Bal (bylaag by 4.2.2.1.4.1(ii))

Bal, M. 1985a. *De theorie van vertellen en verhalen. 3de druk. Inleiding in de narratologie.*
Muiderberg : Dick Coutinho

Hoofstuk 1 Geskiedenis; elemente (p. 20-56)

Mieke Bal begin haar behandeling van die eerste verhaallaag, die van die geskiedenis, deur vooraf belangrike opmerkings te maak in verband met twee vooronderstellinge (p. 20-21). Dit is profytlik vir goeie begrip van al drie die lae of vlakke van die verhaal om van die twee sake goed kennis te neem.

- Bal wys eerstens daarop dat dit dikwels 'n uitgangspunt was dat daar 'n homologie (gelykvormigheid) sou bestaan tussen die linguistiese struktuur van die sin “...*en die van de hele, uit verschillende zinnen bestaande tekst*” (1985a:20; beklemtoning van Bal). Daar word selfs 'n homologie veronderstel tussen wat sy die ‘dieptestruktuur’ van die sin en die ‘dieptestruktuur’ van die teks, naamlik die geskiedenis, noem. Bal is van mening dat die veronderstelling nie op voldoende argumente berus nie. Sy beweer dat dit waarskynliker is dat die ooreenkoms tussen die sin en die teks – of tussen die sin en die geskiedenis – op 'n gemeenskaplike *logiese* basis berus. Wanneer sy verderaan die geskiedenismodel met die sinsmodel vergelyk, sê sy dit is uitsluitlik om logiese opbouprinsipes bloot te lê. Die vergelyking word dus illustratief bedoel.
- Die outeur wys tweedens daarop dat 'n ander uitgangspunt by die soeke na die universele model van geskiedenis eweneens 'n homologiese benadering was: mense veronderstel dat daar 'n strukturele ooreenkoms is tussen geskiedenis van verhale en ‘egte’ geskiedenis, met ander woorde tussen wat mense in die werklikheid doen en wat akteurs in 'n versinde werklikheid (geskiedenis) doen, of tussen gebeurtenisse wat mense oorkom en wat (fiktiewe) akteurs oorkom. As daar geen ooreenkoms sou wees nie, sou mense verhale nie kon begryp nie. Daarom is die meeste geskiedenis opgebou volgens die eise van 'n menslike handelingslogika.

Hierdie twee opmerkings, waarin getrouheid aan die logika van taal en aan die logika van menslike handeling in die geskiedenis belangrik is, berei die weg voor vir die verstaan van Bal se beskouing van die elemente van die verhaal se ‘eerste’ vlak, die laag van die geskiedenis.

In die materiaal wat die geskiedenis vorm, onderskei Bal tussen vaste en veranderende elemente. Dit kan onderskeidelik ook *objekte* en *prosesse* genoem word. Onder eersgenoemde begrip (objekte as vaste elemente) verstaan sy die handelende akteurs wat in die meeste geskiedenis min of meer stabiel bly, maar sluit verder ook plekke en voorwerpe in. Laasgenoemde begrip (prosesse as veranderende elemente) benadruk die gedagte van opeenvolging, ontwikkeling en verandering, en die onderlinge verbondenheid van die gebeurtenisse wat daarmee saamhang. Prosesse is die veranderinge wat plaasvind by, in, met, deur en tussen die objekte – dit is dus die gebeurtenisse. Sy beklemtoon dat sowel die objekte as die prosesse onontbeerlik is vir die

vorming van 'n geskiedenis. Gebeurtenisse moet deurgaans gesien word in hulle verband met die optredende akteurs, terwyl die akteurs gesien moet word in hulle verband met die gebeurtenisse wat hulle veroorsaak of ondergaan.

Daar is in totaal vier elemente van die geskiedenis wat deur haar bespreek word. Die eerste twee, gebeurtenisse/handeling en akteurs, beskou sy as die mees relevante elemente, maar beklemtoon dat geskiedenis ook altyd op/in 'n bepaalde tyd en plek afspeel (die derde en vierde elemente).

1. Gebeurtenisse

By 'n narratologiese lesing van 'n teks moet die belangrikste gebeurtenisse in die geskiedenis geïdentifiseer word. Dit is die eerste struktureringsprinsipe wat aandag moet kry (die gebeurtenisse dan wel steeds in hulle verband met die akteurs in die geskiedenis). Nie alle gebeurtenisse kan ondersoek word nie. Slegs die belangrikste gebeurtenisse waardeur die geskiedenis gestruktureer word, moet geselekteer word. Bal noem drie kriteria vir seleksie: stel vas watter gebeurtenisse bring die mees betekenisvolle verandering teweeg, watter gebeurtenisse is funksioneel (deur rigtingbepalende keuses wat gemaak word) en watter gebeurtenisse veroorsaak konfrontasie.

Wanneer gebeurtenisse volgens die drie kriteria vasgestel is, is die volgende stap om die onderlinge verhouding of samehang tussen die geselekteerde gebeurtenisse te ondersoek en te beskryf. Dit vloei voort uit Bal se definisie van geskiedenis, naamlik dat dit 'n reeks gebeurtenisse is wat logies en chronologies aan mekaar verbonde is. Die vasstelling van die onderlinge verbondenheid deur logika en chronologie is die struktuur van die gebeurtenissereeks.²⁷⁷

Voordat Bal die tweede element op die vlak van die geskiedenis behandel, noem sy dat daar ook ander struktureringsprinsipes ten opsigte van gebeurtenisse is as net die logiese en chronologiese. 'n Mens behoort daarom nie van *die* struktuur van die geskiedenis te praat nie, maar van 'n struktuur. Geselekteerde gebeurtenisse kan byvoorbeeld op die basis van die identiteit van akteurs wat in of by die gebeurtenisse betrokke is, gegroepeer word. 'n Ander moontlikheid is om op basis van die aard van konfrontasie die geskiedenis se struktuur vas te stel. So kan gebeurtenisse ook deur tydsverloop gegroepeer word: watter vind gelyktydig plaas, en watter is opeenvolgende gebeurtenisse. En laastens kan die plek waar gebeurtenisse afspeel aanleiding wees tot die vasstelling van die geskiedenislaag se struktuur.²⁷⁸

2. Akteurs

Die tweede konstituerende element van die geskiedenis is volgens Bal die akteurs. Sy stel dit by wyse van herhaling dat die akteurs bekyk moet word in hulle relasie tot die reeks gebeurtenisse wat hulle veroorsaak of ondergaan. Die ontleding van gebeurtenisse is by die vasstelling van die belangrikste akteurs dus steeds 'n riglyn.

²⁷⁷ Daarin sluit die outeur aan aan by Bremond se logika van die narratiewe moontlikhede, waarvan moontlike verslegtingsprosesse en/of moontlike verbeteringsprosesse die kern vorm (Bremond, 1977:183-207; vgl. 3.1.2.2.1(ii.iii)).

²⁷⁸ Opmerking: Soepelheid in die benadering van die outeur is duidelik uit die feit dat sy ook ruimte laat vir ander indelingsprinsipes as net dié van logika en chronologie.

Akteurs behoort in hulle betrokkenheid by gebeurtenisse ook eers geselekteer te word (soos die gebeurtenisse ook eers geselekteer word). Al die akteurs hoef nie in die analise betrek te word of te wees nie. In sommige geskiedenis is daar akteurs wat geen funksie in die strukturering van die geskiedenis het nie omdat hulle geen funksionele gebeurtenisse veroorsaak of ondergaan nie. Hulle sou daarom goedsikks (al is dit net voorlopig) buite rekening gelaat kan word.

In haar indeling in klasse van die akteurs wat in 'n geskiedenis voorkom, sluit Bal aan by Greimas (1971[1966]) se aktansiële model (vgl. weer 3.1.2.2.1(ii.iii); Greimas, 1971:159-160; 1987:109-111; 1996:87-89). Op grond van die veronderstelling dat menslike denke en handelinge doelgerig is, is daar 'n teleologiese verhouding tussen die elemente van die geskiedenis. Die analogie van die sinstruktuur in die verhaalstruktuur (vgl. Bal se aanvanklike opmerkings oor homologieë hierbo) speel hierin 'n rol: 'n akteur wat streef na 'n sekere doel, is 'n aktant-subjek, en die doel self is 'n aktant-objek (en is dus nie altyd 'n persoon nie).

Voordat die outeur wie se model hier beskryf word daartoe oorgaan om die derde element op die vlak van die geskiedenis (naamlik tyd) te bespreek, beklemtoon sy dat daar ook ander struktureringsprinsipes ten opsigte van akteurs as net die teleologiese is. Omdat literatuur gemaak word deur, vir en meestal oor mense, is daar verskillende indelings in klasse van akteurs in die/'n geskiedenis moontlik. Sy noem dat die verhoudings tussen mense onderling en tussen die mens en die wêreld relasies is wat altyd belangrik is. Dit is moontlik om in elke geskiedenis tenminste een tipe verhouding tussen akteurs te beskryf wat op die psigologiese of die ideologiese vlak – of op beide vlakke – lê.

3. Tyd²⁷⁹

Mieke Bal begin haar kort bespreking van die geskiedenislaag se tydelement deur op *duur* te fokus. Die tydsduur van die/'n geskiedenis in 'n verhaal kan kort wees: baie gebeurtenisse word in 'n kort tydverloop saamgebondel. Dit kan as krisistyd gesien word. Of die tydlement van die/'n geskiedenis in 'n verhaal kan oor 'n lang(er) periode strek: gebeurtenisse waarvan die opeenvolging langamerhand is. Dit kan as 'n ontwikkelingsproses gesien word.

Uit hierdie twee vorme van tyd as element van die geskiedenis vloei belangrike implikasies voort. By tydsduur as 'n ontwikkelingsproses word die globale betekenis geleidelik opgebou uit die reeks gebeurtenisse. Die insig in die akteurs en hulle onderlinge verhoudinge ontstaan deur die kwantiteit van die gebeurtenisse. Dit impliseer egter nie dat daar nie ook beperking ten opsigte van die weergee van die aantal gebeurtenisse nodig mag wees nie. 'n Hele lewe word byvoorbeeld nie geteken nie, maar slegs fragmente of elemente daarvan. Gedeeltes word oorgeslaan, verkort of saamgevat.

Daarteenoor staan betekenis in krisistyd sentraal en straal as't ware uit na die omliggende elemente. Die krisis is representatief en eksemplaries van die akteurs en hulle onderlinge verhoudinge. Dit impliseer egter nie dat 'n krisis met sy vorgelaaide, vlugtige duur nie ook gevarieer kan word in 'n gemaklike afwyking van die grondvorm van die krisis nie. In die krisismodel gebeur dit nie in die eerste plek deur saam te vat, of om gedetailleerde aanbieding in te kort of oor te

²⁷⁹ Opmerking: Die laaste twee elemente van die vlak van die geskiedenis, naamlik tyd en plek, is deur Bal slegs kortliks bespreek – in haar eie woorde: '*maar heel summier aan de orde gesteld.*' As motivering voer sy aan dat dié elemente "...vooral interessant zijn door de wijze waarop zij geordend worden in het verhaal" (Bal, 1985a:55), met ander woorde as aspekte in die tweede onderskeibare laag van die verhalende teks (Hoofstuk 2 van Bal se modelbeskrywing hieronder).

slaan nie, maar deur byvoorbeeld herinneringe op te haal. 'n Bykomende akteur wat sentraal subjek van sy eie geskiedenis word, laat 'n sub-geskiedenis ontstaan, wat ook in die krisisvorm van die tydelement 'n uitbreidende funksie kan vervul.

Dit is nie net die chronologie van gebeure, hetsy in die krisisvorm of in die vorm van 'n ontwikkelingsproses, wat in die geskiedenislaag ondersoek moet word nie. Die ontwikkeling van parallelle lyne in die geskiedenis moet ook aandag kry. Daardeur kan insig verkry word in die gelyktydigheid van en verband tussen gebeurtenisse.

Die waarde daarvan dat gebeurtenisse in die geskiedenis in chronologiese volgorde georden word (dus: die nagaan en beskrywing van tyd as 'n element van die geskiedenis), is dat 'n mens 'n beeld van die verskil tussen die eerste en tweede laag kry, naamlik tussen geskiedenis en verhaal.

4. *Plek*

Die laaste element van die/'n geskiedenis wat Bal toelig, is lokaliteit of ruimtelikheid. Ruimtelike denke is eie aan die mens, en ruimtelike elemente kan daarom 'n belangrike funksie vervul. Dit is byvoorbeeld moontlik om by elke gebeurtenis die plek te noteer om deur middel daarvan te kyk of daar 'n verband bestaan tussen die soort gebeurtenisse, die identiteit van die betrokke akteurs en die plek. Groepering van plekke ten opsigte van mekaar is daarby 'n manier om insig in die relasies tussen elemente te kry.

Ruimtelike teenstellings (soos binne en buite, sentrale ontmoetingsplein en die wêreld daaromheen, stad en platteland) kan ook abstrak wees. Wanneer plekke in groepe ingedeel word en verbind kan word aan psigologiese, ideologiese en morele teenstellings, kan ruimte volgens haar 'n belangrike struktureringsprinsipe wees.

Mieke Bal sluit die eerste hoofstuk – haar beskrywing van die eerste laag of vlak van die verhalende teks, dié van die geskiedenis met sy gebeurtenisse, akteurs, tyd en plek as die vier konstituerende elemente – af deur te stel dat haar benaderingswyse strukturalisties genoem kan word. Die uitgangspunt daarvan, sê sy, is dat vaste relasies tussen klasse van verskynsels die basis vorm van die narratiewe sisteem van die geskiedenislaag van die verhaal. Hierdie benaderingswyse is gekies omdat dit onder meer die voordeel van samehang ('*coherentie*') bied (1985a:55). Sy verklaar egter dat 'n strukturalistiese uitgangspunt nie die enigste benaderingswyse tot die narratiewe teks is nie.

Met die eerste hoofstuk wou sy slegs aantoon dat geskiedenisgeanaliseer kan word met behulp van teoretiese modelle. Die 'toepassing' van 'n model (of modelle) kan lei tot die blootlegging van betekenis, waarna interpretasie wat daarop gegrond is, kan volg.

Hoofstuk 2 Verhaal; aspekte (p. 57-123)

As beginpunt van haar beskrywing van die tweede verhaallaag, die middelste van die drie lae wat sy onderskei, stel Bal duidelik dat die geordende verhaal nie uit ànder materiaal as die geskiedenis bestaan nie. Die kenmerke wat die verhaallaag ten opsigte van die geskiedenis vertoon, noem sy *aspekte*. Dit is die geskiedenis-elemente soos hulle in die teks van die verhaal aan die leser gebied word: artistieke, geherrangskikte tekselemente in bepaalde woorde en styl.

So word die elemente in die teks met betekenis toebedeel. As die geskiedenis in die eerste plek as die produk van verbeelding beskou word, sal die verhaal gesien kan word as die produk van ordening.

Op hierdie punt van haar beskrywing van 'n narratologiese model verwys Bal terug na die onderskeiding tussen *fabula* en *sjuzet* wat deur die Russiese Formaliste geyk is (vgl. 3.1.2.2.1(i.ii)).²⁸⁰ Na analogie van die onderskeid tussen die twee begrippe is dit duidelik dat die eerste verhaallaag wat sy onderskei met *fabula* geassosieer kan word, terwyl hierdie tweede laag, die bewerking van die geskiedenis tot 'n verhaal met kenmerke wat die aspekte van die verhaal vorm, op *sjuzet* dui.

Dieselfde materiaal as die wat op die vlak van die geskiedenis ter sprake kom, is dus in die tweede laag in bewerkte vorm teenwoordig. Dit is juis deur sodanige bewerking dat die verhaal ontstaan. Die rede vir die bewerking is om 'n bepaalde doel of effek te bereik. Die ordening van die geskiedenis deur die bewerking van die materiaal is volgens Bal in 'n bepaalde sin dus 'n 'manipulasie'. Sy wys daarop dat dit nie verniet is nie dat die woord *manipulasie* oorspronklik 'n sinoniem van *bewerking* was. Al het die moderne betekenis van manipulasie in 'n ongunstige sin verander en al word dit dus met 'n negatiewe konnotasie gebruik, is die verwantskap tussen die twee woorde blywend. Dit bly in 'n mate steeds tekenend van wat gebeur as die geskiedenis 'n ander vorm aanneem deur die bewerking daarvan tot 'n verhaal: die leser van die teks word deur die bewerking na die beoogde effek van die verhaal gelei.

Bal onderskei ses ordeningsprinsipes van die verhaal om daarmee 'n hoër graad van '*raffinement*' in die materiaal beskryfbaar te maak (1985a:16). Hierdie kenmerke van die middellaag van die verhalende teks word nou agtereenvolgens kernagtig opgesom.

1. Volgorde

Die eerste drie van die ses aspekte van die verhaal wat Bal bespreek, is al drie aspekte wat met tyd te make het. In haar beskrywing verwys sy terug na die werk van onder andere Lämmert, Lubbock en Genette. Sy reflekteer heelwat van laasgenoemde se insette in verband met tydsaspekte in die roman (Genette, 1979; vgl. ook Genette, 1980).

Die eerste bewerking van materiaal om die geskiedenis tot 'n geordende verhaal te omvorm, is die verandering van volgorde waarin die gebeurtenisse voorgestel word. 'Speel' met die volgorde, sê sy, is 'n middel om onder meer die aandag op bepaalde sake te vestig en aksente te lê om sodoende spesifieke effekte teweeg te bring.

Afwyking in die tweede verhaallaag van die chronologie van die geskiedenis wat in die eerste laag van die verhaalteks gerekonstrueer word, is volgens haar die mees bekende ordeningsprinsipe. Sy noem die afwykings *anachronieë*. Die eerste uitgebreide studie van die teorie van die anachronie is deur Lämmert gedoen (Lämmert, 1968[1955]), en is ook verder ontwikkel, onder andere deur Genette (1979). Bal bespreek drie aspekte van tydafwyking: *rigting*, *afstand*, en derdens wat sy *bereik* noem.

²⁸⁰ Opmerking: Vergelyk ook weer 3.1.2.2.1(ii) vir die verdere ontwikkeling van dié begrippepaar deur die Strukturaliste en ander tekssentries-geöriënteerde teoretici en hulle volgelingen. Dit vind weerklank in die Engelse '*story*' en '*plot*' (Forster, 1974[1924]); in die Franse '*histoire*' en '*discours*' (Todorov, 1977[1971]); in die Duitse '*Geschichte*' en verwarrend '*Fabel*' (vgl. 3.1.2.2.1(i.iii); Kayser, 1968[1948], Lämmert, 1968).

- *Rigting* is die die moment in die geskiedenis wat in die anachronie in die verlede of in die toekoms lê. Dit kan onderskeidelik *retroversie* (terugverwysing) en *antisipiasie* (vooruitwysing) genoem word.
- *Afstand* is hoe ver 'n gebeurtenis wat in die anachronie vermeld word, lê van die 'hede', met ander woorde van die moment in die ontwikkeling van die geskiedenis waarmee die verhaal besig is op die oomblik toe die anachronie dit onderbreek.
- *Bereik* is die tydspan, met ander woorde die hoeveelheid tyd wat deur die anachronie gedek word.

Anachronieë kan volgens Bal gebruik word as 'n middel vir die bereik van spesifieke effekte. Sy gee ook aandag aan punktuële en duratiewe anachronieë.²⁸¹

2. Ritme

Die ondersoek na die verhouding tussen die hoeveelheid tyd wat die gebeurtenisse van die geskiedenis in beslag neem en die hoeveelheid tyd wat aan die aanbieding daarvan in 'n verhaal bestee word, noem die outeur die presentasiesnelheid of *ritme* van die verhaal.

In die twintigerjare van die twintigste eeu het Lubbock 'n onderskeid gemaak tussen 'n samevattende, versnelde verhaalaanbieding en 'n uitgebreide, '*scenische*' presentasie (Bal 1985a:76; vgl. Maatje, 1970; Lubbock, 1957[1921]). Müller (1968) het 'n aantal uitgebreide studies oor die onderwerp geskryf. Hy noem dit die verhouding tussen '*Erzählzeit*' (verhaaltyd) en '*erzählte Zeit*' (verhaalde tyd) (Müller:1968:269-272). In die *Günter Müller-Schule* wat ontstaan het, is hy deur ander daarin gevolg – volgelinge wat die aspek van vertelritme egter laat opgaan het in 'n bladsy- en reëltelling van teksdele om vas te stel hoeveel die verskillende dele in beslag neem.

Bal noem bogenoemde benadering 'n steriele tellery. Sy spreek kritiek daarteen uit omdat sy van mening is dat verteltyd nie beskikbaar is nie en 'n vergelyking tussen die twee tye dus onmoontlik word. Daarom is dit van weinige belang vir die effek van die teks op die leser en ook van geen relevansie vir die interpretasie van 'n teks nie. Die hoeveelheid teks wat aan 'n gebeurtenis bestee word, gee slegs insig in die verdeling van *aandag*. Sy stel dit met oortuiging dat die aandag wat aan verskillende dele gegee word, 'n beeld of indruk gee van die visie op die geskiedenis wat aan die leser oorgedra word. Sy behandel vertelritme daarom nie eers later as deel van die tekslaag (die derde laag) van die verhaal nie, maar juis hier by die bespreking van die tweede vlak waar dit gaan oor die bewerking van die geskiedenis in 'n verhaal om daarmee 'n bepaalde effek te bereik.

Wat wel belangrik is, sê sy, is dat daar altyd afwisseling tussen 'n uitgebreide en 'n samevattende aanbieding in die verhaal is. Lubbock (1957) dui die twee vorme van aanbieding in die bewerking van die geskiedenis tot 'n verhaal aan as die '*scène*' en die '*summary*', wat onderskeidelik die Engelse ekwivalente is van die Duitse '*Dehnung*' en '*Raffung*' (vgl. Lämmert, 1968:83-93). Die uiterste vorm van vertraging (*Dehnung*) in die verhaaltempo is die pouse, en die uiterste vorm van versnelling (*Raffung*) in die tempo is die ellips. Die outeur wys daarop dat wanneer daar by

²⁸¹ Haar verdere bespreking van volgorde en van die anachronie word nie hier gereflekteer nie, maar die belang van al die onderskeidings wat gemaak word, word, indien (en soos) nodig, in die narratologiese lesing van Openbaring geïnkorporeer. Die tydaspek in Openbaring is 'n komplekse faset van dié dramatiese narratief en daarom kan alles wat in verband met tydafwyking deur Bal beskryf word, moontlik uiteindelik in hierdie studie wel van belang wees.

‘dramatiese hoogtepunte’ in ’n verhaal gekom word (met ander woorde by gebeurtenisse wat sterk invloed op die verloop van die geskiedenis het, die keerpunte en momente waarop ’n lyn deurbreek word en ’n situasie verander), word sulke gebeurtenisse uitgebreid in *scènes* aangebied. Op ’n tydstip van groot spanning kan vertraging soos ’n vergrootglas werk. Daarenteen, wanneer onbelangrike gebeurtenisse gerapporteer word (met ander woorde gebeurtenisse wat die verloop van die geskiedenis nie beduidend of sterk beïnvloed nie), word die gebeurtenisse vinnig of kort saamgevat. Samevatting is by uitstek geskik vir die vermelding van agtergrondinformatie of vir die verbinding van *scènes* aan mekaar.

Hierdie afwisseling in verteltempo word selfs as die belangrikste kenmerk van die narratiewe genre beskou.

3. Frekwensie

Bogenoemde twee tydsaspekte van die verhaal (volgorde en ritme) word – aldus Mieke Bal – dikwels vertroebel deur ’n derde aspek. Genette noem dié aspek *frekwensie*.

Frekwensie is die numerieke verhouding tussen die gebeurtenisse in die geskiedenis en die representasie daarvan in die verhaal. Die verskynsel van herhaling is hier in geding. Bal bespreek herhaling om aan te toon dat dit altyd ’n dubieuse kant het. Sy onderskei drie soorte frekwensie waarvan enkelvoudige aanbieding die eerste is, maar stel dan dat enkelvoudige aanbiedings ’n ‘*brokkelig*’ effek het (1985a:85). ’n Volgende moontlikheid is dat ’n gebeurtenis meer dikwels voorkom en dan ook ewe veel keer gepresenteer word in die verhaal. Dit is in wese steeds ’n enkelvoudige aanbieding. ’n Gebeurtenis kan ook meer dikwels voorkom en ook meer dikwels vermeld word, maar nie soveel kere soos dit in die gebeurtenis self voorkom nie. In dié geval is daar numerieke oneweredigheid. Egte herhaling is teenwoordig wanneer ’n gebeurtenis een keer voorkom, maar verskeie kere vermeld word.

Die omgekeerde van herhaling is iteratiewe aanbieding: ’n reeks identieke gebeurenisse word net een keer vertel.

4. Van akteurs na personages (karakters)

Die term *akteur* wat tot dusver deur die outeur gebruik is, word deur haar beskou as ’n algemene term om handelende instansies in die verhaal aan te dui. Sy vervang dit in hierdie stadium van haar modelbeskrywing met ’n meer spesifieke term, naamlik ‘*personages*’. Die akteurs op die vlak van die geskiedenis word karakters in die laag van die geordende verhaal. ’n *Personage* is ’n akteur met onderskeidende, menslike eienskappe. Die term *aktant* dui ’n klas akteurs aan, gesien in hulle onderlinge verhoudings. Dié relasies word volgens haar bepaal deur die verhouding van elke aktant tot die gebeurtenisse wat verhaal word. So is die term *karakter/aktant* spesifieker as die term *akteur*.

Die onderlinge verhouding(s) waarin die akteurs staan en tot karakters ontwikkel, word deur Bal breedvoerig uiteengesit. Sy sluit aan by Greimas se aktant-teorie (Greimas, 1971), maar wyk af van sy strukturele model ten opsigte van die akteur (die handelende in die geskiedenislaag). By die bespreking van die klassifikasie van verhaalkarakters wys sy vier probleme uit, waarvan die bekendste die klassieke onderskeid tussen ‘*round*’ en ‘*flat*’ karakters is (Bal, 1985a:89; waarin eersgenoemde komplekse karakters aandui wat in die verloop van die verhaal verander, en laasgenoemde die stabiele, stereotipiese karakters is). Verder bespreek sy die verhouding tussen

die karakters en die werklikheid, die voorspelbaarheid van die karakters (dit is die verwagtingspatroon wat die leser het op grond van sy/haar referensiekader) en die beperkinge en moontlikhede van karakterontwikkeling binne sekere genres.

Karakterbeelding, wat Bal die opbou van die karakterbeeld noem, vind plaas deur die herhaling van relevante kenmerke, opeenhoping van gegewens (akkumulasie van kenmerke), die bepaling van die verhoudings tussen karakters en laastens deur veranderinge of die transformasie van die karakters.

Informasie oor karakters word uit twee informasiebronne verkry: òf die eienskappe van 'n karakter word deur 'n karakter meegedeel (eksplisiete kwalifisering), òf eienskappe word afgelei uit wat die karakter doen (implisiete kwalifisering). 'n Derde informasiebron kan 'n instansie wees wat buite die geskiedenis staan, maar inligting oor eienskappe van karakters meedeel.

Uitbeelding van die/’n held in ’n verhaal is die laaste aspek waaraan die outeur aandag gee in haar beskrywing van die ontwikkeling van ’n akteur in ’n karakter. Sy noem dat dit sedert die begin van die literatuurbeskouing die gewoonte was om oor die held van die verhaal te praat. Al is daar al dikwels gepoog om ’n antwoord te gee op die vraag wie die (tipiese) held is, het die pogings nog nie veel opgelewer nie. Daar word meestal ’n intuïtiewe keuse gemaak. Daarvolgens moet die leser hom of haar met die held kan identifiseer, maar dit kan van leser tot leser verskil. ’n Ander kriterium is dat die held die morele goedkeuring van die leser kry. Die vraag na die identiteit van die held mag dalk nie relevant wees nie, maar die vraag word so dikwels gestel dat dit die moeite werd is om ’n aantal kriteria te noem op grond waarvan die held aangewys kan word, of op grond waarvan die intuïtiewe keuse van die leser verklaar kan word. Daarnaas kan die held in vele opsigte met die subjek van die geskiedenis (vgl. haar bespreking van akteurs op die vlak van die geskiedenis) gelyk gestel word. Wanneer die titel of ’n eksplisiete benoeming van die held nie uitsluitel gee nie, stel Bal voor dat daar vasgestel word of daar ’n karakter is wat van ander karakters in die verhaal onderskei kan word op grond van een of meer van die volgende onderskeidingskriteria:²⁸²

- *Kwalifikasie:*
uitgebreide informasie oor ’n karakter se uiterlike, psigologie, motivering van dade of verlede;
- *Distribusie:*
die held kom dikwels in die verhaal voor, en laat hom/haar geld op die belangrike momente van die geskiedenis;
- *Selfstandigheid:*
die heldkarakter kom alleen voor, hou monoloë;
- *Funksie:*
bepaalde handeling is vir die held voorbehou; hy/sy sluit ooreenkomste, verslaan teenstanders, ontmasker verraaiers, ens.;

²⁸² Bal, 1985a:100. Hier word na al vyf die kriteria verwys omdat dit vermoedelik ook op die s(S)ubjek in Openbaring lig werp, veral gesien in die lig daarvan dat dié dramatiese narratief se makrostruktuur onder meer uit *epiese* stof (verering van ’n heldfiguur op grond van sy heldedade) in sommige van die himniese mikrotekste opgebou is.

- *Relasies:*
die held onderhou verhoudings met die grootste aantal karakters.

5. *Van plek na ruimte*

Weinig van die konsepte uit die teorie van narratiewe tekste, sê die outeur, is so vanselfsprekend en het tegelyk so vaag gebly soos die begrip *ruimte*. Die simboliese status van ruimte word bepaal deur die mate waarin en die wyse waarop die karakters ruimte waarneem, beleef en daarop reageer. Aspekte van die konsep *ruimte* wat van belang kan wees in die soek na verbande tussen die elemente, moet aan die orde kom. Dit is juis die verbande wat die wyse waarop die geskiedenis aangebied word, bepaal.

Bal verwys terug na wat sy met die begrip *plek* bedoel het in haar bespreking daarvan as 'n element op die geskiedenisvlak van die verhaal (die vierde element in die eerste hoofstuk van haar modelbeskrywing). Met die plek-element word topologiese plasing bedoel. Dit is in beginsel meetbaar, kan gekarteer word en het betrekking op die fisiese, matematiese, meetbare vorm van die ruimtelike dimensies. In die verhaal word plekke aan 'n waarnemingspunt gekoppel. Die plekke, gesien in verhouding tot die waarneming daarvan, word *ruimte* genoem. Daardie waarnemingspunt kan 'n karakter wees wat hom/haar in 'n ruimte bevind, na 'n ruimte kyk en/of op 'n ruimte reageer.

Dit is veral drie sintuie wat betrokke is by die waarneming van ruimte, naamlik sig, gehoor en gevoel. Twee soorte relasies tussen karakters kan met behulp van hierdie sintuie in die verhaal beskryf word. Die eerste is die ruimte waarin karakters hulle bevind. Dit word meestal beskou as die *kader*. Tweedens kan die vulling van die ruimte aangegee word deur vermelding van die voorwerpe wat die ruimte vul. Die voorwerpe bepaal byvoorbeeld deur hulle vorme, afmetings en kleure die ruimtelike effek van 'n vertrek.

Die semantiese inhoud van ruimtelike aspekte kan op dieselfde wyse opgebou word as die semantiese inhoud van die karakters. Ook hier sien 'n mens volgens Bal die kombinasie van bepaling vooraf deur herhaling, akkumulasie, transformasie en die verbande tussen verskillende ruimtes.

Ruimtes funksioneer in verhale op twee maniere. Endersyds kan hulle bloot kader wees, met ander woorde die plek van handeling. Andersyds word ruimte 'getematiseer' en self tot voorwerp van die aanbieding gemaak. In dié geval word die ruimte 'n 'plek wat handel', wat invloed op die geskiedenis het, selfs so dat die geskiedenis ondergeskik raak aan die ruimteaanbieding. "*Het gaat er dan minder om, dat 'zich hier dit heeft afgespeeld', dan dat 'het hier zo is, dat (o.a.) dit zich er kan afspelen'*" (1985a:104; beklemtoning van Bal). By kaderruimte sowel as getematiseerde ruimte kan die ruimte òf stabiel òf dinamies funksioneer.

In die verhaallaag ontstaan relasies tussen die verskillende elemente deur die kombinasie en aanbieding van elemente. Die verband tussen ruimte en gebeurtenisse word eerstens duidelik in bekende stereotipiese kombinasies. Sodanige vaste kombinasie word 'n *topos* genoem. Tweedens is die kombinasie van ruimte en tyd van belang vir die verhaalritme. Wanneer 'n ruimte uitgebreid geteken word, is 'n onderbreking van die tydverloop onvermydelik.

Wat ten slotte die wyse betref waarop informasie oor ruimte gegee word, is daar vir elke aktiwiteit van 'n karakter ruimte nodig. Die informasie oor die ruimte kan implisiet afgelei word

van die aktiwiteit wat die karakter verrig. Ruimte kan ook eksplisiet geteken word, waardeur die infomasie ten opsigte van ruimte direk gegee word.

Die bespreking van die vyfde aspek van die verhalende teks (ruimte) word deur die outeur afgesluit deur daarop te wys dat sowel die karakterbeelding as die uitbeelding van die ruimte uiteindelik bepaal word deur die wyse waarop karakters en ruimte *gesien* word. Die vraag na *wie sien* moet daarom as die laaste aspek aandag kry.

6. Fokalisasie

Die laaste verhaalaspek wat Bal onderskei en toelig, het te doen met die uitgangspunt dat wanneer gebeurtenisse weergegee word, dit altyd vanuit 'n bepaalde 'visie' gebeur. Die verhaalaanbieder kies 'n standpunt, stel hom/haar op 'n bepaalde gesigspunt en stel die materie vanuit 'n bepaalde invalshoek voor. Omdat waarneming 'n psigologiese proses is wat sterk afhanklik is van die posisie van die waarnemende persoon, is objektiwiteit in die skep van die verhaalde beeld eintlik nie haalbaar nie.

Die verband tussen die aangebode elemente en die visie waaruit dit aangebied word, word deur die outeur met die term *fokalisasie* aangedui. Fokalisasie is hiervolgens dus die verband tussen die visie en dit wat gesien of waargeneem word. Sy is van mening dat die term (*vertel-*) *perspektief* wat deur ander teoretici gebruik word, nie eksplisiet onderskeid maak tussen die visie waaruit die elemente aangebied word en die identiteit van die instansie wat die visie onder woorde bring nie. Hulle onderskei nie tussen *wie sien* en *wie sê* nie – dit terwyl dit goed moontlik is dat 'n persoon die visie van 'n ander persoon weergee. Genette het die insig na vore gebring dat die instansie wat sien 'n ander status het as die instansie wat vertel (Genette, [1972]1980, vgl. ook 1996). Alhoewel *perspektief* sowel die fisieke punt van waarneming as die psigologiese standpunt dek, dek dit nie die instansie wat die vertelhandeling verrig nie.

Bal kom tot die volgende definisie: “*Focalisatie is de relatie tussen de ‘visie’, de instantie die ziet, en datgene wat gezien word*” (1985a:110). Juis daarom hoort fokalisasie tuis in die verhaallaag, die middellaag tussen die taaltekste en die geskiedenis. Uit die definisie vloei voort dat beide pole van die ‘*relatie*’, met ander woorde die subjek en die objek van fokalisasie, afsonderlik bekyk moet word. Die subjek is die fokalisator, die objek is die gefokaliseerde.

Wanneer die fokalisasie berus by 'n karakter wat in die geskiedenis optree, kan van interne fokalisasie gepraat word. 'n Eksterne fokalisator is dan 'n anonieme instansie wat buite die geskiedenis staan.

Wat die gefokaliseerde objek betref, kan die kombinasie van 'n fokalisator en 'n gefokaliseerde objek òf in 'n groot mate konstant wees, òf juis sterk wissel. Die ondersoek na sulke vaste of juis nie-vaste kombinasies is van belang omdat die beeld wat van 'n objek verkry word, deur die fokalisator bepaal word. Die manier waarop 'n objek voorgestel word, gee informasie oor die objek self én oor die fokalisator.

In verband met die plek van fokalisasie in die verhaallaag verklaar Mieke Bal dat fokalisasie 'n sentrale konsep is wat ten opsigte van die ander vyf aspekte van die verhaal 'n oorkoepelende posisie het. Die betekenis wat aan bepaalde konsepte toegeskryf kan word, sal nooit los van fokalisasie gesien kan word nie. Sy vervolgt: “*Fokalisatie is bovendien volgens mij het belangrijkste, meest indringende en meest subtiële manipulatiemiddel*” (1985a:122).

Hoofstuk 3
Teks; woorde
(p. 124-151)

'n Verhalende teks is 'n teks waarin 'n instansie 'n verhaal vertel. Bal begin haar bespreking van die derde verhaallaag, die teks wat uit *woorde* bestaan, deur met hierdie stelling terug te verwys na haar inleiding tot die beskrywing van haar narratologiese model (vgl. 1985a:13). Die eerste sin hierbo is haar definisie van die tekslaag.²⁸³ Hoofstuk 3 van Bal 1985a is die uitwerking van die verskillende onderdele van hierdie definisie. Dit handel oor die instansie wat die verhaal vertel. Met die vertellende instansie of *vertelinstantie* bedoel sy die linguistiese instansie wat deur taaluitinge die verhaal be-teken. Dit is volgens haar nie die (biografiese) outeur van die vertelwerk, of die abstrakte outeur, of die implisiete outeur nie. Die vertelinstantie is die produsent van die betekenis van die teks.

In haar bespreking van die tekslaag konsentreer sy slegs op die status van die vertelinstantie en dié se verband met dit wat vertel word. Dit spruit voort uit die vertrekpunt dat die narratologie verhalende tekste bestudeer in soverre hulle narratief is – dus: hulle in hulle narratiwiteit bestudeer. Die teks kan ook uit verskillende ander invalshoeke bestudeer word, byvoorbeeld vanuit linguistiese dissiplines soos stilistiek, grammatika, klankleer en semantiek. Haar ondersoek is egter beperk tot die teks as derde laag/vlak van die verhaal. Dit sluit nie uit dat die narratiewe teksondersoek se verbinding met verwante ondersoekvelde ook op bepaalde punte van haar bespreking sigbaar word nie. Haar besondere aandag aan die onderskeid tussen die direkte, indirekte en vrye indirekte rede om die status van die vertelinstantie ten opsigte van die vertelde te bepaal, is een van die klassieke onderwerpe van die Linguistiek. Dit bevestig die verband van die narratologie met aanverwante ondersoekvelde.

Bal se behandeling van die verhaallaag aan die hand van die genoemde twee fasette (die status van die vertelinstantie en die verband tussen die instansie en die vertelde) word nou kernagtig saamgevat.

1. *Die vertelinstantie*

Die outeur begin om twee redes die hoofstuk oor die tekslaag van die verhaal met die bespreking van die vertelinstantie. Eerstens beskou sy *vertelinstantie* as die mees sentrale begrip vir die analise van die narratiewe teks. Die identiteit van die instansie, die mate waarin en die wyse waarop die identiteit in die teks aangedui word en die keuse wat daarmee saamhang, gee aan die teks sy spesifieke 'gesig'. Tweedens sluit hierdie onderwerp direk aan by fokalisasie, die laaste aspek van die middellaag van die verhalende teks wat sy behandel het (direk hierbo).

Die drie instansies wat onderskeidelik in die drie lae van die verhaal funksioneer, is die akteur, die fokalisator en die verteller. Wanneer die vertelinstantie van die tekslaag nêrens eksplisiet na homself as 'n karakter verwys nie, kan van 'n eksterne verteller gepraat word. Die instansie tree

²⁸³ Die derde laag in die beskrywing van die verhalende teks wat deur Bal onderskei word, die *teks* as 'n taaltekenstelsel, kom ooreen met Genette se *narration* (Frans; Genette, 1980:27 e.v.) en Rimmon-Kenan se *narration* (Engels; Rimmon-Kenan, 1983:3). Die drie vlakke van die verhaal, naamlik geskiedenis, geordende verhaal en teks, korrespondeer by Bal dus met die Engelse *story*, *plot* en *narration* en die Franse *histoire*, *récit* en *narration*.

immers dan nie in die geskiedenis op nie. Wanneer die 'ek' van 'n vertelling gelyk gestel kan word aan 'n karakter uit die verhaal wat as die vertelinstansie optree, word van 'n karaktergebonde verteller gepraat.

'n Belangrike faset van Bal se beskrywing van die vertelinstansie is verder die onderskeid wat sy tussen *primêre* teks en sogenaamde *ingebedde* teks maak.²⁸⁴ Die vertellerteks is die primêre teks. Uiteindelik vorm die narratiewe teks 'n geheel, waarbinne vanuit die vertellerteks ander tekste ingebed kan word. Die afhanklikheid van die akteursteke ten opsigte van die vertellerteks moet gesien word as die afhanklike posisie van 'n bysin ten opsigte van 'n hoofsin. Die verbinding van die twee tekste ('sinne') is dus hiërargies. Die outeur bespreek ook die verhouding tussen primêre geskiedenis en ingebedde geskiedenis en stel dat die ingebedde geskiedenis die primêre geskiedenis verklaar, en selfs die primêre geskiedenis kan bepaal. Die invloed van die verklarende subverhaal is dus van beslissende belang. Wanneer die primêre geskiedenis en die ingebedde geskiedenis so omskryf kan word dat beide omskrywinge een of meer onderdele gemeenskaplik het, is die subgeskiedenis 'n teken van die primêre geskiedenis. (Ook behandel Bal die direkte, indirekte en vrye indirekte rede.)

2. Wat sê die vertelinstansie?

Onder hierdie opskrif gaan dit oor die *aard* van die vertelling. Bal sê dat die vraag na wat die vertelinstansie sê, gestel moet word omdat nie alles wat die instansie vertel narratief van aard is nie. Daar is beskrywende gedeeltes in 'n teksgeheel wat in hoofsaak narratief is omdat dit primêre prosesse verhaal. Waar objekte soos aktors en plekke egter beskryf word, is die vertelling se aard anders as 'suiwer' narratief. So 'n beskrywing is 'n teksgedeelte waarin na 'n objek verwys word in teenstelling tot 'n proses wat verhaal word.

Naas gedeeltes waar prosesse verhaal word en objekte beskryf word, is daar derdens ook betogende teksgedeeltes. Die betogende teksgedeeltes verwys nie na 'n element (nòg 'n proses, nòg 'n objek) van die geskiedenis nie, maar na 'n algemene onderwerp. Uit hierdie definisie is dit duidelik dat die term *betogend* in 'n ruim sin opgeneem moet word. Nie alleen menings nie, maar ook verklarings in verband met die feitelike stand van sake is daarby ingesluit. Dit sou naïef wees om te veronderstel dat dit spesiaal in betogende teksgedeeltes is dat die ideologie van 'n teks oorgedra word. Dit kan ewe goed in beskrywende of narratiewe teksgedeeltes gebeur. Die betogende teksgedeeltes gee wel dikwels eksplisiet informasie oor die ideologie van 'n teks, maar dit is ook moontlik dat sulke eksplisiete uitsprake geïroniseer word, of deur beskrywende en narratiewe teksgedeeltes sodanig weerspreek word dat die leser daarvan afstand doen.

Om te begryp wat daar eintlik in 'n teks beweer word, kan daar juis 'n analise gemaak word van die verhouding tussen hierdie drie tekssoorte (narratief, beskrywend en betogend) binne die samestelling van die teksgeheel.

Daarmee, sê Mieke Bal, is “...de grenz van het domein van de narratologie bereikt” (p.151).

²⁸⁴ In 'n artikel het Bal verder oor ingebedde tekste en metanarratiewe kommentaar geskryf (Bal, 1980-81:41-59). Volgens Du Plooy (1986:284) kan haar uiteensetting daarvan waardevol wees by die beskrywing van komplekse tekste waarin ingebedde geskiednisse, metatekstuele en metanarratiewe kommentaar voorkom. Openbaring is 'n sodanige komplekse teks waarin verskillende ingebedde tekste opgeneem is (sien by die narratologiese lesing van Openbaring, Hoofstuk 5).

Addendum E

Glossarium van narratologiese terme (bylaag by 4.2.2.1.4.2)

■ Analepsis x prolepsis x sillepsis

Analepsis is die vertel van 'n gebeurtenis ná sy ordinêre chronologiese orde in die narratiewe/vertelde wêreld. Prolepsis is die vermelding van 'n gebeurtenis vóór sy chronologiese en logiese orde in die narratiewe/vertelde wêreld. Beide is dus anachronieë in die verhouding waarin hulle staan tot die 'hede' van die verhaal. So kan daar 'n analeptiese anachronie ('n terugwysing na 'n gebeurtenis in die verlede van die verhaal) en 'n proleptiese anachronie ('n vooruitwysing na die toekoms van die verhaal) onderskei word. Die derde konsep, naamlik sillepsis, is 'n ordeningsprinsipe wat spesifiek eie is aan bepaalde tekste. Die verskynsel van sillepsis in so 'n verhaal impliseer dat daar nie noodwendig 'n chronologie van handeling en gebeurtenisse is nie. Sillepsis word ook gekenmerk deur anachronieë (prolepsis en analepsis), maar die logiese en chronologiese word in die geheel van die verhaal vervang deur 'n tematiese of ruimtelike ordening wat daaraan 'n unieke patroon gee. Die terme is deur Genette voorgestel (Genette, 1980[1972]:36-85).

■ Antagonis

(Sien protagonistis x antagonistis)

■ Dehnung x Raffung

Dié Duitse terme is afkomstig van Lämmert (1968:83 e.v.). Hulle word in hierdie studie gebruik soos Lämmert hulle bedoel het, naamlik om onderskeidelik vertraging en versnelling in die verteltempo van 'n narratief aan te dui. Dit het te doen met die presentasiesnelheid in die vertelling: die vertelde tyd word uitgerek of versnel in verhouding tot die verteltyd.

■ Discours

(Sien *fabula* en *sjuzet*, *story* en *plot*, *histoire* en *discours*, *Geschichte* en *Fabel*)

■ Fabel

(Sien *fabula* en *sjuzet*, *story* en *plot*, *histoire* en *discours*, *Geschichte* en *Fabel*)

■ Fabula

(Sien *fabula* en *sjuzet*, *story* en *plot*, *histoire* en *discours*, *Geschichte* en *Fabel*)

■ Fabula en *sjuzet* (Russies), *story* en *plot* (Engels), *histoire* en *discours* (Frans), *Geschichte* en *Fabel* (Duits)

Hierdie begrippepare dui twee onderskeibare fasette van die narratief aan. Die eerste term in elke paar (*fabula*, *story*, *histoire* en *Geschichte*) het te doen met die geskiedenis wat in 'n narratief ter sprake is. Dit word in hierdie studie verstaan en gebruik as aanduiding van die *elemente* in die geskiedenislaag van die narratief. Die tweede term in elke paar (*sjuzet*, *plot*, *discours* en *Fabel*) verwys na die verwerking van die geskiedenis se elemente tot 'n verhaal. Dit berus op die oorsaaklike verband tussen gebeurtenisse, die logika van oorsaak-en-gevolg. Dit is die strukturering van gebeure en die uitbeelding van handeling (Aristoteles, *Poëtika*, 50, kolom a, reël 3; in De Kock & Cilliers, 1991:10). Die tweede groep terme korrespondeer met Bal se ordening van die geskiedenis deur bewerking van die materiaal ten einde 'n bepaalde doel of effek te bereik, wat deur haar ook 'manipulasie' (lg. woord in 'n positiewe sin gebruik) genoem word. Dat daar op bepaalde verskille tussen die begrippe in die verskillende tale gewys kan word en aangetoon kan

word dat hulle nie in alle opsigte volledige ekwiwalente van mekaar is nie, word erken. Dié verskille word egter nie in die studie verreken nie.

■ Fokalisasie/gesigspunt/perspektief

Op die verhaalvlak van die verhalende teks (die tweede laag in Bal se drielaagmodel) het die term *fokalisasie* (met *gesigspunt* en *perspektief* as minder verkieslike variante) te doen met die vrae: *wie sien?* en *wie sê/praat?* “*Focalization, a term coined by Genette (1980[1972]) may be defined as a selection or restriction of narrative information in relation to the experience and knowledge of the narrator, the characters or other, more hypothetical entities in the storyworld*” (Niederhoff, 2011).

■ *Gegenwartshandlungen* x *Vorzeithandlungen*

Dié twee terme van Lämmert (1968:44-45) dui onderskeidelik op die teenwoordige tyd in die verhaal (dit is met ander woorde die hede van die verhaal wat vertel word), en op vroeëre gebeurtenisse (gesien vanuit die hede van die verhaal) wat nie wesenlik deel is van die teenwoordige verhaallyn nie, maar tog as voorgeskiedenis kan meewerk aan die bereiking van die effek of spesifieke aksentuering wat die verhaal se bewerking van die geskiedenislemente wil lê.

■ *Geschichte*

(Sien *fabula* en *sjužet*, *story* en *plot*, *histoire* en *discours*, *Geschichte* en *Fabel*)

■ *Gestalt*

Die vorm-inhoud-konfigurasie in ’n literatuurteks (Schüssler Fiorenza, 1985:170,177).

■ *Histoire*

(Sien *fabula* en *sjužet*, *story* en *plot*, *histoire* en *discours*, *Geschichte* en *Fabel*)

■ Implisiete outeur en implisiete gehoor/ontvanger/leser

Eersgenoemde is die benaming vir die ordenende hand in die teks en dui nie op die outeur van vlees en bloed nie. “*The concept of implied author refers to the author-image contained in a work and constituted by the stylistic, ideological, and aesthetic properties for which indexical signs can be found in the text*” (Schmid, 2011). Die implisiete outeur is dus ’n skepping van die reële of konkrete outeur wat deur sy/haar teks geïmpliseer word en die verteller in die verhaal as ’n vertelinstrument beheer en gebruik (Malbon, 1992:164). Sommige maak selfs nie onderskeid tussen die implisiete outeur en die verteller (‘*narrator*’) nie (vgl. Malbon, 1992:27-28; Chatman, 1978:151). Die term is deur Booth (1983[1961]) gemunt en gepopulariseer. Die implikasie van die onderskeiding van ’n implisiete outeur lei ook na die onderskeiding van ’n implisiete *gehoor/leser*. Die implisiete ontvangers van ’n teks is nie altyd of noodwendig dieselfde as die reële of konkrete gehoor of lesers nie, maar is insgelyks ’n skepping van die outeur. Die outeur wil sy gehoor, met name so in die geval van die ontvangers van religieuse tekste, uitbrei na meer as die sogenaamde *eerste lesers* of direk-geadresseerdes – latere ontvangers word sodoende deur die outeur ook geïmpliseer en dus geadresseer.

■ Interkalasie, interkaleer

’n Komposisietegniek waarin twee formele eenhede of twee episodes wat essensieel by mekaar hoort, onderbreek word deur die invoeging van ’n ander vorm of toneel waardeur die gekombineerde teks as ’n geheel gesien moet word (Schüssler Fiorenza, 1985:172-174). Voorbeeld: tussen Op. 8:2 en 8:6 e.v. se beskrywing van die sewe trompette word ’n hemelse liturgie (8:3-5) geïnterkaleer (ingeskuif, ingevoeg).

■ **Kernels**

(Sien kernmomente, -gebeure (*kernels*) en satelliete)

■ **Kernmomente, -gebeure (*kernels*) en satelliete**

Onder eersgenoemde word kerngebeurtenisse verstaan wat die handelingsverloop van 'n narratief beslissend bepaal en laat voortgaan. Dit word gebruik in die betekenis wat Chatman (die een wat die terme gemunt het) dit verklaar en gebruik: “*Kernels are narrative moments that give rise to cruxes in the direction taken by events...[K]ernels cannot be deleted without destroying the narrative logic*” (Chatman, 1978:53-54). Onder *satelliete* word gebeurtenisse verstaan wat om die die kerne wentel en betekenis daaraan toevoeg. Die *satelliete* kommentareer op die kernmomente, koppel terug en vorentoe in die narratief, waardeur verdigting plaasvind en verdieping van begrip van die verhaalgebeure bewersktellig word.

■ **Mite**

Die term word nie gebruik in die betekenis van die algemene hedendaagse konnotasie van 'n opgemaakte, onware, fiktiewe verhaal of gedagte nie, maar in die substansiële betekenis van 'n *charter*-verhaal. Dit is 'n verhaal nie oor die verlede of die toekoms nie, maar in verband met die hede, hoe die lewe werklik is (Barr, 2010:635); dit is met ander woorde 'n antwoord op 'n metafisiese vraag.

■ **Narratief**

Sien 6.6.3 vir die onderskeiding van verskillende narratief-tipes en wat met elkeen in hierdie studie bedoel word.

■ **Paradigma**

(Sien sintagma x paradigma)

■ **Plot**

(Sien *fabula* en *sjuzet*, *story* en *plot*, *histoire* en *discours*, *Geschichte* en *Fabel*)

■ **Pouse**

Onderbreking van die vloeï van die vertelakt. Die doel daarvan is beklemtoning en ook om geladenheid te intensiveer.

■ **Protagonis x antagonis**

Eersgenoemde is 'n hoofrolspeler, voorvegter. Laasgenoemde is die teenstander van die protagonis.

■ **Prolepsis**

(Sien *analepsis* x *prolepsis* x *sillepsis*)

■ **Raffung**

(Sien *Dehnung* x *Raffung*)

■ **Rekaputilasie, rekaputileer**

Herhaling, samevatting; beknopt saamvat, kortliks herhaal. (Sien Tonstad, 2006:21.) Die herhalende intensivering word ook *progressiewe parallelisme* genoem (Du Rand, 1990b:241).

■ **Satelliete**

(Sien kernmomente, -gebeure (*kernels*) en satelliete)

▣ **Sillepsis**

(Sien analepsis x prolepsis x sillepsis)

▣ **Sintagma (horisontale kombinasie-as) en paradigma (vertikale verdigtingsas)**

Met eersgenoemde word die horisontale voorwaartse beweging in die handelingsverloop van 'n verhaal bedoel. Dit dui op die koppeling van narratiewe aspekte wat aan die verhaal 'n sinvolle progressie gee. Dit staan bekend as die *sintagmata* van die narratief. Met vertikale verdigtingsas word die *paradigmatiese* verdigting in 'n verhaal bedoel. Dit is addisionele inligting waardeur die verhaalaspekte verdiep en uitgebrei word, sonder dat dit die handelingsverloop laat voortstu. Die funksie daarvan is egter dat dit onontbeerlik vir die totale strukturering van 'n narratief is. Die sintagmatiese moet nie met die sintaktiese verwar word nie. Sinne as sintaktiese eenhede kan sowel sintagmaties as paradigmatis funksioneer. Word die sinne as stapeling van betekenis gebruik, is hulle nie deel van die sintagmatiese kombinasie-as nie, maar van die vertikale verdigtingsas. Sinne wat aan mekaar geskakel word, is dus net vanweë hulle inhoud en funksie in die konteks van die literêre werk herkenbaar as sintagmaties of paradigmatis (Easthope, 1983:34-40). Alter (1988b:620) sien die twee asse ook in antieke Hebreeuse poësie teenwoordig. Hy noem dit *bewegings*/*movements*: die horisontale is 'narratiewiese' ontwikkeling; die vertikale is 'n *'movement of intensification of images, concepts, themes through a sequence of lines.'*

▣ **Sjužet**

(Sien *fabula* en *sjužet*, *story* en *plot*, *histoire* en *discours*, *Geschichte* en *Fabel*)

▣ **Story**

(Sien *fabula* en *sjužet*, *story* en *plot*, *histoire* en *discours*, *Geschichte* en *Fabel*)

▣ **Vorzeithandlungen**

(Sien *Gegenwartshandlungen* x *Vorzeithandlungen*)

Addendum F

Geannoteerde literatuurlys van resente teologiese Openbaring-publikasies met 'n verhaalteoretiese oriëntering (bylaag by 4.2.2.2.2)

- M.A. Harris (1989): *The literary function of hymns in the Apocalypse of John*

Alhoewel hierdie rigtinggewende proefskrif se titel nie spesifiek na die narratologie verwys nie, word die himniese gedeeltes in Openbaring nougeset in hulle verband binne die ontvouende narratief van die boek ontleed. Dit word as 'n uitstekende en stimulerende literêre analise van die liedere beskou (vgl. onder andere Barr, 1998:191, se positiewe evaluering van hierdie wetenskaplike bydrae).

- David L. Barr (1998): *Tales of the end. A narrative commentary on the book of Revelation*

Die titel sê presies wat die outeur van die boek se benadering tot Openbaring is en wat die aard van die publikasie is. Dit is in alle opsigte 'n Bybelkommentaar uitgaande van 'n verhaalteoretiese oriënteringspunt. Insiggewende narratologiese perspektiewe op die makrostruktuur van Openbaring word oopgemaak.

- Young Jang (2001): *A narratological approach to the structure of the Apocalypse of John*. (Vgl. ook Jang, 2002, 2003.)

Hierdie werk is 'n tweede proefskrif wat die Openbaringboek narratologies benader (vgl. ook Harris, 1989, hierbo). Dit is 'n detailstudie van die totale struktuur van die laaste Bybelboek.

- Elsie P. Meylahn (2005): *'n Narratief-kritiese benadering as hermeneutiese raamwerk vir 'n vergelykende studie tussen die boek Openbaring en The Lord of the Rings*

'n Derde proefskrif waarin die narratologie se betekenis vir die ontleding van die teks van Openbaring aangewend word.

- James L. Resseguie (2005): *A reading of plot in the book of Revelation*. (In Resseguie, J.L. Narrative criticism of the New Testament. p. 213-240) (Vgl. ook Resseguie, 1998)

Dié werk is 'n narratief-kritiese benadering tot die Nuwe Testament wat al die bekende terminologie van die narratologie aan die hand van verskillende Nuwe-Testamentiese gedeeltes verduidelik. By die omskrywing van die verhaalteoretiese konsep *plot* illustreer hy die waarde van die narratologie deur die geheelstruktuur van Openbaring te ontleed (die enigste Bybelboek wat deur Resseguie in sy totaliteit behandel word).

- Sigve K. Tonstad (2006). *Saving God's reputation. The theological function of pistis Jesou in the cosmic narratives of Revelation*.

'n Besondere invalshoek tot die studie van Openbaring beheers Tonstad se werk. Hy is van mening dat die retoriese situasie waarin die apokalips geskryf is, anders is as die tradisionele siening dat die skrywer van die boek die ontvangers daarvan wil bemoedig om sterk te staan en te volhard te midde van die Romeinse vervolging in die tyd van Domitianus (laaste jare van die eerste eeu n.C.). Deur 'n narratologiese ontleding van verskillende verhaallyne wat na die

sentrum van die boek (wat hy sien as Op. 14:12, die *pistis Jesou*) loop, bied hy 'n prikkelende verhaalteoreties-georiënteerde struktuuranalise van die laaste Bybelboek.

BIBLIOGRAFIE

- AARSLEFF, H. 1988. Introduction. (*In* Von Humbolt, W. On language. Heath, P. trans. Cambridge : Cambridge University Press.)
- ABRAMS, M.H. 1971[1953]. The mirror and the lamp. Romantic theory and the critical tradition. London / Oxford / New York : Oxford University Press.
- ABRAMS, M.H. 2005. A Glossary of Literary Terms. Boston : Thomson Wadsworth.
- ACHTEMEIER, P.J. 1986. Revelation 5:1-14. *Interpretation*, 40(3):283-288.
- ADAM, A.K.M. 1995. What is postmodern Biblical criticism? Mineapolis : Fortress Press.
- AFRIKAANSE WOORDELYS EN SPELREËLS. 2009. Tiende, verbeterde en omvattend herbewerkte uitgawe. Kaapstad : Pharos.
- ALLEN, G. 2000. Intertextuality. London and New York : Routledge.
- ALLEN, J. 1997. Revelation. *In series* What the Bible teaches. With Authorized Version of the Bible. Vol. 10. Kilmarnock, Scotland : John Ritchie.
- ALTER, R. 1981. The art of Biblical narrative. New York : Basic Books.
- ALTER, R. 1983. A response to critics. *Journal for the Study of the Old Testament*, 27:113-117.
- ALTER, R. 1988a. Psalms. (*In* Alter, R. & Kermode, F. eds. The literary guide to the Bible. London : William Collins Sons. p. 244-262.)
- ALTER, R. 1988b. The characteristics of ancient Hebrew poetry. (*In* Alter, R. & Kermode, F. eds. The literary guide to the Bible. London : William Collins Sons. p. 611-624.)
- ALTER, R. 1989. The pleasures of reading in an ideological age. New York : Simon & Schuster.
- ALTER, R. 1991. Biblical imperatives and literary play. (*In* Rosenblatt, J.P. & Sitterson, J.C. jnr. eds. "Not in heaven". Coherence and complexity in Biblical narrative. Bloomington & Indianapolis : Indiana University Press. p. 13-27.)
- ALTER, R. 1992. The world of Biblical literature. New York : Basic Books.
- ALTER, R. & KERMODE, F. eds. 1988[1987]. The literary guide to the Bible. London : William Collins Sons.

- AMIT, Y. 2001a. Poetics of Biblical narrative. Minneapolis : Fortress.
- AMIT, Y. 2001b. Reading Biblical narratives. Literary criticism and the Hebrew Bible. Minneapolis : Fortress.
- ANALYTICAL GREEK LEXICON, The. 1971. London : Samuel Bagster & Sons Ltd.
- ANDERSON, B.W. 2000. The Bible in a postmodern age. *Horizons in Biblical Theology*, 22(1):1-16.
- ARISTOTELES – Sien De Kock, E.L. & Cilliers, L. (1991); Van der Ben, N. & Bremer, J.M. (1988).
- AUERBACH, E. 1957. Mimesis: the representation of reality in Western literature. Trask, W.R. trans. Garden City, New York : Doubleday Anchor Books.
- AUGUSTINUS. De Doctrina Christiana. (Sien Green, R.P.H. 1995).
- AUNE, D.E. 1981. The social matrix of the Apocalypse of John. *Biblical Research*, 26:16-32.
- AUNE, D.E. 1986. The Apocalypse of John and the problem of genre. *Semeia*, 36:65-96.
- AUNE, D.E. 1987. The New Testament in its literary environment. *In series* Meeks, W.A. ed. Library of Early Christianity. Philadelphia : Westminster Press.
- AUNE, D.E. 1997. Revelation 1-5. Word Biblical Commentary. Volume 52. Dallas, Texas : Word Books.
- AUNE, D.E. 2000. Book of Revelation. (*In* Freedman, D.N., Myers, A.C. & Beck, A.B. eds. Eerdmans dictionary of the Bible. Grand Rapids, Michigan and Cambridge, UK : William. B. Eerdmans. p. 1124-1127.)
- AUNE, D.E. 2003. The Westminster Dictionary of New Testament and Early Christian literature and rhetoric. Louisville and London : Westminster John Knox Press.
- AUNE, D.E. 2010. Literary criticism. (*In* Aune, D.E. ed. The Blackwell Companion to the New Testament. West Sussex, UK : Wiley-Blackwell. p. 116-139.)
- AUNE, D.E. ed. 2010. The Blackwell Companion to the New Testament. West Sussex, UK : Wiley-Blackwell.
- AVIS, P. 1999. God and the creative imagination. Metaphor, symbol and myth in religion and theology. London : Routledge.
- AYLEN, L. 1964. Greek tragedy and the modern world. London : Methuen.

- BAILEY, J.L. & VANDER BROEK, L.D. 1992. *Literary Forms of the New Testament. A Handbook.* Louisville : Westminster/John Knox Press.
- BAKER, D. & ARNOLD, B. *eds.* The face of Old Testament studies. A survey of contemporary approaches. Grand Rapids, Michigan : Apollos and Baker Academic. p. 329-368.)
- BAKHTIN, M. 1963, 1973 [1929]. Problems of Dostoevskij's creative art. Rotsel, R.W. *trans.* Ann Arbor, Mich. : Ardis.
- BAKHTIN, M.M. 1992. Epic and novel: toward a methodology for the study of the novel. (*In Adams, H. ed. Critical theory since Plato. rev. ed. Crawfordsville : Thomson Learning. p. 839-855.*)
- BAKHTIN, M.M. 1999. Problems of Dostoevskij's poetics. Emerson, C. *ed.* Minneapolis : University of Minnesota Press.
- BAKHTIN, M.M. & MEDVEDEV, P.M. 1985[1978]. The Formal method in literary scholarship. A critical introduction to Sociological Poetics. Baltimore : John Hopkins University Press.
- BAL, M. 1977. Strukturalistische verhaalanalyse: een poging tot systematisering. *Forum der Letteren*, 18(2):105-119, Juni.
- BAL, M. 1978. De theorie van vertellen en verhalen. Inleiding in de narratologie. Muiderberg : Dick Coutinho.
- BAL, M. 1980. De theorie van vertellen en verhalen. 2^e uitgave. Muiderberg : Dick Coutinho.
- BAL, M. 1980-81. Notes on narrative embedding. *Poetics Today*, 2(2):41-59. Winter.
- BAL, M. 1981. Inleiding: tekstypen en taalhoudingen. (*In Bal, M. red. Literaire genres en hun gebruik. Muiderberg : Dick Couthino. p. 7-31.*)
- BAL, M. 1983. The narrating and the focalizing: a theory of narrative agents. *Style*, 17:234-269.
- BAL, M. 1985a. De theorie van vertellen en verhalen. 3e druk. Inleiding in de narratologie. Muiderberg : Dick Coutinho.
- BAL, M. 1985b. Narratology: introduction to the theory of narrative. Van Boheemen, C. *trans.* Toronto : University of Toronto Press.
- BAL, M. 1987. Lethal love. Feminist literary readings of Biblical lover stories. Bloomington & Indianapolis : Indiana University Press.

- BAL, M. *rev. ed.* 1997. *Narratology: introduction to the theory of narrative*. Van Boheem, C. *trans.* Toronto : University of Toronto Press.
- BAL, M. *red.* 1981. *Litteraire genres en hun gebruik*. Muiderberg : Dick Coutinho.
- BALDICK, C. 1996. *Criticism and literary theory: 1890 to the present*. *In series* Carroll, D. & Wheeler, M. *eds.* Longman Literature in English. London and New York : Longman.
- BANDY, A.S. 2009. The layers of the Apocalypse: an integrative approach to Revelation's macrostructure. *Journal for the Study of the New Testament*, 31(4):469-499.
- BARCK, K. 1978. De herontdekking van de lezer. Word de immanente literatuurbeschouwing afgelost door de "receptie-esthetica"? (*In* Buursink, M. *et al.* De wetenschap van het lezen. Tien jaar theorie der literaire receptie. Assen / Amsterdam : Van Gorcum. p. 101-112.)
- BAR-EFRAT, S. 2000[1989]. *Narrative art in the Bible*. Sheffield : Almond Press.
- BARKER, M. 2000. The Revelation of Jesus Christ which God gave to Him to show to His servants what must soon take place (Revelation 1.1). Edinburgh : T.&T. Clark.
- BARKHUIZEN, J.H. 1989. Inleiding. (*In* Barkhuizen, J.H. *red.* *Hymni Christiani. Hervormde Theologische Studies*, Supplementum 1. p. 1-16.)
- BARNARD, M. & SCHUMAN, N.A. *reds.* 2002. *Nieuwe wegen in de liturgie. De weg van de liturgie – een vervolg –*. Zoetermeer : Meinema.
- BARR, D.L. 1986. The Apocalypse of John as oral enactment. *Interpretation*, 40(3):243-256.
- BARR, D.L. 1987. *New Testament Story. An introduction*. Belmont : Wadsworth Publishing Co.
- BARR, D.L. 1995. Using plot to discern structure in John's Apocalypse. *Proceedings of the Eastern Great Lakes and Midwest Biblical Societies*, 15:23-33.
- BARR, D.L. 1998. *Tales of the end: a narrative commentary on the book of Revelation*. Santa Rosa, California. : Polebridge.
- BARR, D.L. 2001. Waiting for the end that never comes: the narrative logic of John's story. (*In* Moyise, S. *ed.* *Studies in the book of Revelation*. Edinburgh and New York : T&T Clark. p. 101-112.)
- BARR, D.L. 2004. The story John told: reading Revelation for its plot. (*In* Barr, D.L. *ed.* *Reading the book of Revelation. A resource for students*. Leiden : Brill. p. 11-23.)

- BARR, D.L. 2010. The Apocalypse of John. (*In Aune, D.E. ed. The Blackwell Companion to the New Testament. West Sussex, UK : Wiley-Blackwell. p. 632-651.*)
- BARRETT, J. 2002. Staged narrative. Poetics and the messenger in Greek tragedy. Bakerley / Los Angeles / London : University of California Press.
- BARRY, P. 2002[1995]. Beginning theory. An introduction to literary and cultural theory. 2nd ed. Manchester and New York : Manchester University Press.
- BARTHES, R. 1990a[1977]. Image – music – text. Essays selected and translated by Stephen Heath. London : Flamingo / Fontana / Collins.
- BARTHES, R. 1990b[1974]. S/Z. Miller, R. *trans.* Oxford : Basil Blackwell.
- BARTHES, R. 2001[1968]. The death of the author. (*In Leitch, V. ed. The Norton Anthology of theory and criticism. New York : W.W. Norton & Company. p. 1466-1470.*)
- BARTON, J. 1994. Historical criticism and literary interpretation: is there any common ground? (*In Porter, S.E., Joyce, P. & Orton, D.E. eds. Crossing the boundaries. Essays in Biblical interpretation in honour of Michael D. Goulder. In series Culpepper, R.A. & Rendtorff, R. eds. Biblical Interpretation Series. Leiden / New York / Köln : Brill. p. 3-15.*)
- BARTON, J. 1996. Reading the Old Testament. Method in Biblical study. 2nd ed. Louisville : Westminster / John Knox Press.
- BARTON, J. 2003. Historical-critical approaches. (*In Barton, J. ed. The Cambridge Companion to Biblical Interpretation. Cambridge : Cambridge University Press. p. 9-20.*)
- BAUCKHAM, R.J. 1993a. The climax of prophecy. Studies on the book of Revelation. Edinburgh : T&T Clark.
- BAUCKHAM, R.J. 1993b. The theology of the book of Revelation. Cambridge : Cambridge University Press.
- BAUCKHAM, R. 2008. Creation's praise of God in the Book of Revelation. *Biblical Theology Bulletin: a journal of Bible and theology*, 38:55-63.
<http://btb.sagepub.com/content/38/2/55> 21/11/2011.
- BEAGLEY, A.J. 1987. The 'Sitz im Leben' of the Apocalypse with particular reference to the role of the church's enemies. Berlin / New York : Walter de Gruyter.
- BEAL, T.K. 2000. Intertextuality. (*In Adam, A.K.M. ed. Handbook of postmodern Biblical interpretation. St. Louis, Missouri : Chalice Press. p. 128-130.*)

- BEALE, G.K. 1984a. The influence of Daniel upon the structure and theology of John's Apocalypse. *Journal of the Evangelical Theological Society*, 27(4):413-423.
- BEALE, G.K. 1984b. The use of Daniel in Jewish apocalyptic literature and in the Revelation of St. John. Lanham, MD : University Press of America.
- BEALE, G.K. 1988. Revelation. (In Carson, D.A. & Williamson, G.M. eds. It is written: Scripture citing Scripture. Essays in honour of Barnabas Lindars, SSF. Cambridge : Cambridge University Press. p. 318-336.)
- BEALE, G.K. 1998. John's use of the Old Testament in Revelation. In *Journal for the study of the New Testament, Supplement Series*, 166. Sheffield : Sheffield Academic Press.
- BEALE, G.K. 1999a. Questions of authorial intend, epistemology, and presuppositions and their bearing on the study of the Old Testament in the New: a rejoinder to Steve Moyise. *Irish Biblical Studies*, 21:152-180.
- BEALE, G.K. 1999b. The book of Revelation. A commentary on the Greek text. Grand Rapids : Eerdmans.
- BEALE, G.K. 2001. A response to Jon Paulien on the issue of the Old Testament in Revelation. *Andrews University Seminary Studies*, 39(1):23-34.
- BEALE, G.K. ed. 1994. The right doctrine from the wrong texts? Essays on the use of the Old Testament in the New. Grand Rapids : Baker.
- BEASLEY-MURRAY, G.R. 1974. The book of Revelation. In series Clements, R.E. & Black, M. eds. New Century Bible Commentary. London : Marshall, Morgan and Scott.
- BEASLEY-MURRAY, G.R. 1981. The book of Revelation. In series The New Century Bible Commentary. Grand Rapids : W.B. Eerdmans Publ. Co./London : Marshall, Morgan & Scott.
- BELL, M. 2001. The metaphysics of Modernism. (In Levenson, M. ed. The Cambridge Companion to Modernism. Cambridge : Cambridge University Press. p. 9-32.)
- BENVENESTE, E. 1971[1966]. Problèmes de linguistique générale. Paris. Problems of General Linguistics. Coral Gables, Florida : University of Miami Press.
- BERKHOF, H. & DE JONG, O.J. 1967. Geschiedenis der kerk. Nijkerk : G.F. Callenbach.
- BERLIN, A. 1983. Poetics and interpretation of Biblical narrative. In series Gunn, D.N. ed. Bible and literature series, 9. Sheffield : The Almond Press.
- BERTENS, H. 2003. Literary theory. The basics. London and New York : Routledge.

- BERTENS, H. & DE H'AEN, T. 1988. Het postmodernisme in de literatuur. Amsterdam : Arbeiderspers.
- BEYER, H.W. 1974. *εὐλογέω, εὐλογητός, εὐλογία, ἐνευλογέω*. (In Kittel, G. ed. Theological Dictionary of the New Testament, vol. II. Grand Rapids, Michigan : WM. B. Eerdmans Publishing Company. p. 754-765).
- BINGLE, J.P. (snr.) 1963. Foutiewe taaluitinge op kultuurniveau beoordeel teen die agtergrond van die onderskeiding tussen “*langue*” en “*parole*”: ’n linguisties-didaktiese studie. D.Litt.-proefskrif. Pretoria : Universiteit van Pretoria.
- BINGLE, J.P. 2000. Die verhouding tussen openbaring, dogmavorming en doksa-uiting in die liturgiese lied. Th.M.-verhandeling. Potchefstroom : PU vir CHO.
- BINGLE, J.P. 2008. “...nuwe sange, nuutgebore // uit aandrif van die skoonste kuns...”? Oor liturgiese liedskrywing. Ongepubiseerde referaat by ’n konferensie insake die kerklied. Randburg : Gereformeerde Kerk Randburg. 15 Maart.
- BINGLE, P.W. 1988. *Coram Deo*. Die betekenis van die eskatologie vir prediking. Th. D.-proefskrif. Potchefstroom : PU vir CHO.
- BINGLE, P.W. 2011. Oortrapklippe. 52 vastrapplekke uit die immergroen evangelie van Jesus Christus. Deel 1. Kaapstad : Griffel Media.
- BLEVINS, J.L. 1980. The genre of Revelation. *Review and Expositor*, 77:393-408.
- BLEVINS, J.L. 1984. Revelation as drama. Nashville : Broadman.
- BLUM, E. 2003. Formgeschichte – a misleading category? Some critical remarks. In Sweeney, M.A. & Zvi, E.B. eds. The changing face of form-criticism for the twenty-first century. Grand Rapids / Cambridge : William B. Eerdmans Publishing Company. p. 32-45.
- BOESAK, A. 1987. Troost en protest. Baarn : Ten Have.
- BOOTH, W.C. rev. ed. 1983[1961]. The rhetoric of fiction. Chicago and London : The University of Chicago Press.
- BORING, M.E. 1989. Revelation. Interpretation: a Bible commentary for teaching and preaching. Louisville : John Knox Press.
- BORING, M.E. 1994. Revelation 19-21: end without closure. Princeton Seminary Bulletin Supplementary, issue 3:37-84.
- BOTHA, J. 1988. On the “reinvention” of rhetoric. (In Coetzee, J.C. red. Koninkryk, Gees en Woord. Huldigingsbundel aangebied aan prof. Lambertus Floor. Pretoria : NG Kerkboekandel. p. 1-18.)

- BOTHA, J. 1991. Reading Romans 13. Aspects of the ethics of interpretation in a controversial text. (Unpublished D. Th. thesis, University of Stellenbosch.)
- BOUSTAN, R.S. & READ, A.Y. eds. 2004. Heavenly realms and earthly realities in late antique religions. Cambridge, UK; New York : Cambridge University Press.
- BOWMAN, J.W. 1955. The Revelation of John. Its dramatic structure and message. *Interpretation*, 9:436-453.
- BOWMAN, J.W. 1968 [1955]. The first Christian Drama. Philadelphia : Westminster Press.
- BOWRA, C.M. 1967. Ancient Greek literature. *In series* Oxford Paperbacks University Series. Opus 28. London / New York / Toronto : Oxford University Press.
- BRADLEY, C-R. 2000. Changes in music. *Southwestern Journal of Theology*, 42(3):38-55.
- BRANHAM, R.B. ed. 2005. The Bakhatin Circle and Ancient narrative. *In series* Zimmerman, M. et al. eds. Ancient Narrative, supplementum 3. Groningen : Bakhuis Publishing & The University Library Groningen.
- BRATCHER, R.G. ed. 1967. Old Testament quotations in the New Testament. London : United Bible Societies.
- BRATCHER, R.G. & HATTON, H.A. 1993. A handbook on the Revelation to John. New York : United Bible Society.
- BREED, D.G., VAN RENSBURG, F.J. & JORDAAN, G.J.C. 2008. Manlik en vroulik in die kerk. Geslagtelikheid en die besondere dienste. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- BREMOND, C. 1977[1966]. De logica van de narratieve mogelijkheden / La logique des possibles narratifs. (In Bronzwaer, W.J.M., Fokkema, D.W. & Ibsch, E. eds. Tekstboek algemene literatuurwetenschap. Moderne ontwikkelingen in die literatuurwetenschap geïllustreerd in een bloemlezing uit Nederlandse en buitenlandse publikasies. Baarn : Amboboeken. p. 183-207.)
- BREMS, H. 1991. De dichter is een koe. Amsterdam : Uitgeverij de Arbeiderspers.
- BREWER, R. 1936. The influence of Greek drama on the Apocalypse of John. *Anglican Theological Review*, 18:74-92.
- BREYTENBACH, A.P.B. 1997. Meesternarratiewe, kontranarratiewe en kanonisering – ’n perspektief op sommige profetiese geskrifte. *Hervormde Teologiese Studies (HTS)*, 53:1161-1186.

- BREYTENBACH, B. 2009. *Intimate Stranger*. Brooklyn, New York : Archipelago Books.
- BREYTENBACH, B. 2011. Metafoor absoluut kardinaal. *In* Kuns en Vermaak. Onderhoud met Willem de Vries. Beeld, Woensdag 23.02.11. p. 14.
- BRIGGS, C.L. & BAUMAN, R. 1992. Genre, intertextuality, and social power. *Journal of Linguistic Anthropology*, 2(2):131-172.
- BRIGHTON, L.A. 1999. Revelation. *In series* Grothe, J.F. *gen. ed.* Concordia Commentary. A theological exposition of Sacred Scripture. St. Louis : Concordia Publishing House.
- BRIGHTON, L.A. 2008. Christological trinitarian theology in the book of Revelation. *Concordia Journal*, 34(4):292-297.
- BRINK, A.P. 1987. Vertelkunde. 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste. Kaapstad : Academica.
- BRONZWAER, W.J.M. 1981. Mieke Bal's concept of focalization. *Poetics Today*, 2(2):193-201.
- BRONZWAER, W.J.M. 1986. Ten geleide. (*In* Frye, N. De grote code. De Bijbel en de literatuur. Stapper, L. *vert.* Nijmegen : SUN. p. 7-15.)
- BRONZWAER, W.J.M. 1993. Lessen in lyriek. Nieuwe Nederlandse poëtika. Nijmegen : Sun.
- BRUEGGEMANN, W. 1989. Finally comes the poet: daring speech for proclamation. Minneapolis : Fortress Press.
- BRUEGGEMANN, W. 1993. The Bible and postmodern imagination: texts under negotiation. London: SCM Press.
- BRUEGGEMANN, W. 1995. The Psalms and the life of faith. Edited by Miller, P.D. Minneapolis : Fortress.
- BUCHANAN, G.W. 1993. The book of Revelation: its introduction and prophecy. *In series* Mills, W.E. *ed.* The Mellen Biblical Commentary, vol. 22. Lewiston / Queenston / Lampeter : Edwin Mellen Press.
- BULTMANN, R. 1974. ἀναγνώσκω, ἀνάγνωσις. (*In* Kittel, G. *ed.* Bromiley, G.W. *trans.* Theological Dictionary of the New Testament, vol. I. Grand Rapids, Michigan : WM. B. Eerdmans Publishing Company. p. 343-344.)
- BURDEN, J.J. 1987. Poëtiese tekste. (*In* Deist, F.E. & Vorster, W.S. *reds.* Woorde wat ver kom. Die literatuur van die Ou Testament. Deel 1. Kaapstad : Tafelberg. p. 37-68.)

- BUYS, P.W. 1997. Persoonlike korrespondensie. 24 Junie.
- BYARS, R.P. 2002. The future of protestant worship. Beyond the worship wars. Louisville / London : Westminster John Knox Press.
- CABANISS, A. 1953. A note on the liturgy of the Apocalypse. *Interpretation*, 7:78-86.
- CAIRD, G.B. 1966. The Revelation of Saint John. *In series* Black's New Testament Commentary. Peabody, Mass. : Hendrickson.
- CALLAHAN, A.D. 1995. The language of the Apocalypse. *Harvard Theological Review*, 88(4):453-470.
- CALAHAN, A.D. 2009. Babylon boycott: the book of Revelation. *Interpretation*, 63(1):48-54.
- CALLOUD, J. & GENUYT, F. 1982. La Première Épitre de Pierre: Analyse Sémiotique. Paris : Cerf.
- CARNEGIE, D.R. 1982. Worthy is the Lamb: the hymns in Revelation. (*In* Rowdon, H.H. *ed.* Christ is the Lord: Studies in Christology presented to Donald Guthrie. Leicester : Inter-Varsity Press. p. 243-256.)
- CARROL, J.T. 2009. Between text and sermon. Revelation 4:1-11. *Interpretation*, January:56-58.
- CARROL, R.P. 2003. Poststructuralist approaches. New Historicism and postmodernism. (*In* Barton, J. *ed.* The Cambridge Companion to Biblical Interpretation. Cambridge : Cambridge University Press. p. 50-66.)
- CERESKO, A.R. 1994. The rhetorical strategy of the fourth servant song (Isaiah 52:13–53:12): poetry and the exodus – new exodus. *Catholic Biblical Quarterly*, 56:42-55.
- CHARLES, J.D. 1991. An apocalyptic tribute to the Lamb (Rev. 5:1-14). *Journal of the Evangelical Theological Society*, 34(4):461-473.
- CHARLES, R.H. 1970[1920]. A critical and exegetical commentary on the Revelation of St. John, vol. 2. *In series* The International Critical Commentary. Edinburgh : T&T Clark.
- CHARLES, R.H. 1971[1920]. A critical and exegetical commentary on the Revelation of St. John, vol. 1. *In series* The International Critical Commentary. Edinburgh : T&T Clark.
- CHATMAN, S. 1978. Story and discourse. Narrative structure in fiction and film. Ithaca and London: Cornell University Press.

- CILLIERS, J.H. 2002. Prediking as spel: 'n homileties-estetiese perspektief op postmodernisme. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 17(1):1-27.
- CLAES, P. 1987. Bijzondere en algemene intertekstualiteitstheorie. *Spiegel der Letteren*, 29:7-15.
- CLINES, D.J.A. 1980. Story and poem: the Old Testament as literature and as Scripture. *Interpretation*, 34:115-127.
- CLINES, D.J.A. & EXUM, J.C. 1993. The new literary criticism and the Hebrew Bible. (In Exum, J.C. & Clines, D.J.A. eds. The new literary criticism and the Hebrew Bible. Journal for the study of the Old Testament. Supplement Series, 143. Sheffield : JSOT Press. p. 11-25.)
- CLIPPINGER, D. 2003. Intertextuality. (In Taylor, V.E. & Winkquist, C.E. eds. Encyclopedia of Postmodernism. London / New York : Routledge. p. 190-191.)
- CLOETE, T.T. s.j. Die boek wat laaste uitgeklop word: oor die Bybel in die Afrikaanse digkuns. Ongepubliseerde lesing.
- CLOETE, T.T. 1975. Oor die onderskeidende kenmerke van die literatuur. (In Grové, A.P. red. In en om die letterkunde. Pretoria : HAUM. p. 1-13.)
- CLOETE, T.T. 1984. Wat is literatuur? In reeks Wetenskaplike Publikasies van die P.U. vir C.H.O., reeks A, nr. 50. Potchefstroom : Departement Sentrale Publikasies, P.U. vir C.H.O.
- CLOETE, T.T. 1992. Literatuur. (In Cloete, T.T. red. Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-literêr. p. 256-260.)
- COATS, G.W. 1969. The Song of the Sea. *The Catholic Biblical Quarterly*, 31:1-17.
- COBLEY, P. 2001. Narrative. In series Drakakis, J. ed. The new critical idiom. London and New York : Routledge.
- COETZEE, J.C. 1988. Gedagtestruktuurontleding en die eksegeese van die Heilige Skrifte. (In Coetzee, J.C. red. Koninkryk, Gees en Woord. Huldigingsbundel aangebied aan prof. dr. Lambertus Floor. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p. 19-37.)
- COHAN, S. & SHIRES, L.M. 1988. Telling stories. A theoretical analysis of narrative fiction. New York : Routledge.
- COLEMAN, R.E. 1980. Songs of heaven. Old Tappan, New Jersey : Flemming H. Revell Company.
- COLLIER, P. & GEYER-RYAN, H. 1990. Introduction: beyond Postmodernism. (In Collier, P. & Geyer-Ryan, H. eds. Literary theory today. New York : Cornell University Press. p. 1-9.)

- COLLIER, P. & GEYER-RYAN, H. *eds.* 1990. *Literary theory today*. New York : Cornell University Press.
- COLLINS, A.Y. 1976. The combat myth in the book of Revelation. *In series* Bynum & Rupp *eds.* *Harvard Theological Review*; *Harvard Dissertations in Religion*, 9. Missoula, Montana : Scholars Press.
- COLLINS, A.Y. 1979a. The Apocalypse. *In series* Harrington, New Testament Message. A Biblical-Theological Commentary. Vol. 22. Dublin : Veritas Publications, in coop. with Michael Glazier Inc.
- COLLINS, A.Y. 1979b. The early Christian Apocalypses. *Semeia*, 14:61-121.
- COLLINS, A.Y. 1980. Revelation 18: Taunt-song or dirge? (*In* Lambrecht J. *ed.* *L'Apocalypse johannique et l'Apocalypse dans le Nouveau Testament*. Bibliotheca ephemeridum theologicarum lovaniensium. Gembloux/Leuven : J.Duculot/Leuven University Press. p. 185-204.)
- COLLINS, A.Y. 1981. Myth and history in the Book of Revelation: the problem of its date. (*In* Halpern, B. & Levinson, J. *eds.* *Traditions in transformation: turning points in Biblical faith*. Winona Lake, Ind. : Eisenbrauns. p. 377-403.)
- COLLINS, A.Y. 1984. *Crisis and catharsis: the power of the Apocalypse*. Philadelphia : The Philadelphia Press.
- COLLINS, A.Y. 2003. The book of Revelation. (*In* McGinn, B.J., Collins, J.J., Stein, S.J. *eds.* *The continuum history of apocalypticism*. New York : Continuum. p. 195-217.)
- COLLINS, J.J. 1979. Introduction: towards the morphology of a genre. (*In* Collins, J.J. *ed.* *Apocalypse: The morphology of a genre*. *Semeia*, 14. Missoula, Mont. : Society of Biblical Literature. p. 1-20.)
- COLLINS, J.J. 1984. Daniel; with an introduction to apocalyptic literature. *In series* Knierim, R. & Tucker, G.M. *eds.* *The forms of Old Testament literature*. Vol. XX. Grand Rapids : William B. Eerdmans.
- COLLINS, J.J. *ed.* 1979 *Apocalypse: The morphology of a genre*. *Semeia*, 14. Missoula, Mont. : Society of Biblical Literature.
- COMBRINK, H.J.B. 1990. Die krisis van die Skrifgesag in die gereformeerde eksegeese as 'n geleentheid. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 31(3):325-335.
- COMBRINK, H.J.B. 1996. The rhetoric of Sacred Scripture. (*In* Porter, S.E. & Olbricht, T.H. *eds.* *Rhetoric, Scripture and Theology*. Essays from the 1994 Pretoria conference. Sheffield : Sheffield Academic Press. p. 102-123.)

- CONRADIE, P.J. 1992a. Drama. (*In Cloete, T.T. red. Literêre terme en teorieë.* Pretoria : HAUM-literêr. p. 80-83.)
- CONRADIE, P.J. 1992b. Tragedie. (*In Cloete, T.T. red. Literêre terme en teorieë.* Pretoria : HAUM-literêr. p. 537-540.)
- CRADDOCK, F.B. 1986. Preaching the book of Revelation. *Interpretation*, 40(3):270-282.
- CSAPO, E. & MILLER, M.C. 2007. General introduction. *In* Csapo, E. & Miller, M.C. eds. *The origins of theater in Ancient Greece and beyond. From ritual to drama.* New York : Cambridge University Press. p. 1-38.
- CULLER, J. 1977. Foreword. (*In* Todorov, T. *The poetics of prose.* Howard, R. trans. New York : Cornell University Press. p. 7-13.)
- CULLER, J. 1981. *The pursuit of signs. Semiotics, literature, deconstruction.* London : Routledge and Henley.
- CULLER, J. 1983. *On Deconstruction: theory and criticism after Structuralism.* Ithaca : Cornell.
- CULLER, J. 1997. *Literary theory: a very short introduction.* Oxford : Oxford University Press.
- CULLMANN, O. 1978[1953]. *Early Christian Worship.* Todd, A.S. & Torrance, J.B. trans. Philadelphia : Westminster Press.
- CULPEPPER, R.A. 1994. *John, the son of Zebedee: the life of a legend.* Minneapolis : Fortress.
- CURRIE, M. 1998. Postmodern narrative theory. *In series* Wolfreys, J. ed. *Transitions.* London : Macmillan.
- DAVIS, R.D. 1992. *The heavenly court judgement of Revelation 4-5.* Lanham / New York / London : University Press of America.
- DE FEIJTER, A. 1991. Poëzieanalyse. (*In* Zeeman, P. red. *Literatuur in context. Een inleiding in de literatuurwetenschap.* Nijmegen/Heerlen : Sun/Ou. p. 59-96.)
- DE JONG, I.J.F. 2007. Introduction. Narratological theory on time. (*In* De Jong, I.F.J. & Nunlist, R. eds. *Time in Ancient Greek literature.* *In series* Bortor, G.J., Chaniotis, A., Coleman, K., De Jong, I.J.F. & Schrijvers, P.H. eds. *Mnemosyne.* Vol. 291. *Studies in Ancient Greek Narrative*, vol. two. Brill : Leiden and Boston. p. 1-14.
- DE JONG, I.J.F. & NÜNLIST, R. eds. 2007. *Time in Ancient Greek literature.* *In series* Bortor, G.J., Chaniotis, A., Coleman, K., De Jong, I.J.F. & Schrijvers, P.H. eds.

Mnemosyne. Vol. 291. Studies in Ancient Greek Narrative, vol. two. Brill : Leiden and Boston.

DE KLERK, B.J. 1999. Vaartversnelling vra verdieping van ons liturgie. *In die Skriflig*, 33(3):311-330.

DE KLERK, B.J. 2002. Lofliedere – basisteoretiese elemente uit Efesiërs 1:3-14. *In die Skriflig*, 36(1):1-18.

DE KLERK, B.J. & JANSE VAN RENSBURG, F.J. 2005. Preekgeboorte. 'n Handleiding vir gereformeerde eksegeese en prediking. Toegepas op 1 Petrus 2:11-12, 18-25. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

DE KOCK, E.L. & CILLIERS, L. 1991. Aristoteles *Poëtika*. Vertaling en uitleg van betekenis. Johannesburg en Kaapstad : Perskor.

DE SAUSSURE, F. 1966. Kursus in algemene taalkunde. (Cours de linguistique générale). Lee, A. vert. Pretoria : J.L. van Schaik.

DE SAUSSURE, F. 1997a. Nature of the linguistic sign. (*In Lodge, D. ed. Modern criticism and theory. A reader. London : Longman. p. 10-14.*)

DE SAUSSURE, F. 1997b. The Object of study. (*In Lodge, D. ed. Modern criticism and theory. A reader. London : Longman. p. 2-9.*)

DeSILVA, D.A. 2000. Honor, patronage, kinship & purity. Unlocking New Testament culture. Downers Grove, Illinois : InterVarsity Press.

DeSILVA, D.A. 2008. X Marks the spot? A critique of the use of chiasmus in macro-structural analysis of Revelation. *Journal for the Study of the New Testament*, 30(3):343-371.

DeSILVA, D.A. 2009. Seeing things John's way. The rhetoric of the Book of Revelation. Louisville, Kentucky : Westminster John Knox Press.

DE VILLIERS, P.G.R. 1983. Solving the riddle? Recent trends in apocalyptic research. *Ou-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika*, 26:39-58.

DE WET, F.W. & VENTER, C.J.H. 2001. Aangegryp deur die Woord. Teologies-estetiese riglyne vir die omgang met en bediening van die Woord. *Acta Theologica*, 21(2):23-35.

DEICHGRÄBER, R. 1967. Gotteshymnus und Christushymnus in der frühen Christenheit: Untersuchungen zu Form, Sprache und Stil der früh-christlichen Hymnen. Göttingen : Vandenhoeck und Ruprecht.

- DEIST, F.E. 1987. Die skrywer, sy teks en sy gehoor. (In Deist, F.E. & Vorster, W.S. reds. Woorte wat ver kom. Die literatuur van die Ou Testament. Deel 1. Kaapstad : Tafelberg. p. 16-36.)
- DEIST, F.E. 1994. The Bible as literature: whose literature? *Old Testament Essays*, 7(3):327-342.
- DEPEW, D. 2007. From hymn to tragedy. Aristotle's genealogy of poetic kinds. In Csapo, E. & Miller, M.C. eds. The origins of theater in Ancient Greece and beyond. From ritual to drama. New York : Cambridge University Press. p. 126-149.
- DERRIDA, J. 1976. Of grammatology. Baltimore : John Hopkins University Press.
- DERRIDA, J. 1978. Writing and difference. London : Routledge & Kegan Paul.
- DIMANT, D. 1988. Use and interpretation of Mikra in the Apocrypha and Pseudepigrapha. (In Mulder, M.J. ed. Mikra: text, translation, reading and interpretation of the Hebrew Bible in Ancient Judaism and Early Christianity. Philadelphia : Fortress Press. p. 381-384.)
- DRAISMA, S. ed. 1989. Intertextuality in Biblical writings. Essays in honour of Bas van Iersel. Kampen : J.H. Kok.
- DU PLOOY, H. 1986. Verhaalteorie in die twintigste eeu. Durban : Butterworth.
- DU PLOOY, H. 1989. Genre, parodie en vernuwing in die werk van Etienne Leroux. *Acta Academica*, 21(1):99-111.
- DU PLOOY, H. 1995. Die Modernisme – representasie of presentasie? (In Viljoen, H. red. Metodologie en representasie. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. p. 339-391.)
- DU PLOOY, H. 1998a. Die omvang van die Groter Ontwerp. (In Van Niekerk, E.J. red. Moderne en postmoderne wetenskapsbeoefening: die moontlikheid van 'n Christelike perspektief as alternatief. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, spesiale uitgawe, April. Bloemfontein : UOVS. p.73-94.)
- DU PLOOY, H. 1998b. Intertekstualiteit as simbiotiese saambestaan: twee naamgenote en 'n belese engel. *Literator*, 19(3):5-28.
- DU PLOOY, H. 2001. Die beduidende leegtes van die literatuur. Wetenskaplike bydraes reeks H: inaugurele rede nr. 166. Potchefstroom : PU vir CHO.
- DU PLOOY, H. 2002. Listening to the wind in the trees: meaning, interpretation and literary theory. (In Naude, J.A. & Van der Merwe, C.H.J. eds. Contemporary translation studies and Bible translation. A South African perspective. *Acta*

Theologica, Supplementum 2. Bloemfontein : University of the Free State. p. 266-279.)

- DU PLOOY, H. 2006. Geloof, musiek en taal. G.C. Cillié-gedenklesing. *Vir die Musiekleier*, 33:40-54.
- DU PLOOY, H & VILJOEN, H. 1992. Benaderingswyses in die Literatuurwetenskap. (In Cloete, T.T. red. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria : HAUM-literêr. p. 25-38.)
- DU RAND, J.A. 1990a. A socio-psychological view of the effect of the language (parole) of the Apocalypse of John. *Neotestamentica*, 24(2):351-365.
- DU RAND, J.A. 1990b. Die Openbaring aan Johannes : inleiding en teologie. (In Du Toit, A.B. red. *Handleiding by die Nuwe Testament*, band VI. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. p. 219-252.)
- DU RAND, J.A. 1991a. Die narratiewe funksie van die liedere in Openbaring 4:1-5:15. *Skrif en Kerk*, 12(1):26-35.
- DU RAND, J.A. 1991b. God beheer die geskiedenis: 'n teologies-historiese gesigspunt volgens die Openbaring van Johannes. (In Roberts, J.H., Vorster, W.S., Vorster, J.N. & Van der Watt, J.G. reds. *Teologie in konteks*. Halfway House : Orion. p. 582-596.)
- DU RAND, J.A. 1993. A 'basso ostinato' in the structuring of the apocalypse of John? *Neotestamentica*, 27(2):299-311.
- DU RAND, J.A. 1997. "Your kingdom come 'on earth as it is in heaven'": the theological motif of the Apocalypse of John. *Neotestamentica*, 31(1):59-75.
- DU RAND, J.A. 2007. Die A-Z van Openbaring. 'n Allesomvattende perspektief op die boek Openbaring. Vereeniging : CUM (Christelike Uitgewersmaatskappy).
- DU RAND, J.A. & SONG, Y.M. 2003. The ethos of the book of Revelation. *Verbum et Ecclesia*, 24(2):374-395.
- DU TOIT, A.B. 1990. Die toekoms van die Skrifgesag in die moderne eksegeese: 'n hoofsaaklik Nuwe-Testamentiese perspektief. *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 31(4):509-519.
- DU TOIT, A.B. 1992. Retoriek, retoriese analise en prediking. *In die Skriflig*, 26(4):465-477.
- DU TOIT, J.D. (TOTIUS), 1962. Versamelde Werke, deel VIII. Johannesburg : Dagbreek.
- DUBROW, H. 1982. Genre. *In series* Jump, D.B. ed. The critical idiom. London : Methuen.

- DUDLEY-EVANS, T. 1994. Genre analysis. An approach to text analysis for ESP. (*In* Coulthard, M. *ed.* *Advances in written text analysis.* London : Routledge.)
- DURANT, A. & FABB, N. 1992. Literary studies in action. *In series* Carter, R. *ed.* *The Interface Series: Language in Literary Studies.* London and New York : Routledge.
- DUVENAGE, B. & AMSENGA, M.J. 1995. Van stryd tot oorwinning. Sewe reekse van sewe visioene in die boek Openbaring. Lyttelton : Die Bybelskool in Centurion.
- EAGLETON, T. 1988. *Literary theory. An introduction.* Oxford : Basil Blackwell.
- EAGLETON, T. 1996. *The illusions of postmodernism.* Oxford : Blackwell.
- EASTHOPE, A. 1983. Poetry as discourse. *In series* Hawkes, T. *ed.* *New Accents.* London and New York : Methuen.
- ECO, U. 1976. *A theory of semiotics.* Bloomington / London : Indiana University Press.
- ECO, U. 1984 [1983]. *Postscript to the Name of the Rose.* New York : Harcourt.
- ECO, U. 1985[1979]. *The role of the reader. Explorations in semiotics of texts.* London / Melbourne / Sydney / Auckland / Johannesburg : Hutchinson.
- ECO, U. 1990. *The limits of interpretation.* Bloomington and Indianapolis : Indiana University Press.
- ECO, U. 1985[1979]. *The role of the reader. Explorations in semiotics of texts.* London / Melbourne / Sydney / Auckland / Johannesburg : Hutchinson.
- EDWARDS, D.L. 1997. *Christianity. The first two thousand years.* New York : Orbis Books.
- EHLICH, K. & REHBEIN, J. 1980. Sprache in Institutionen. (*In* Althaus, H.P. *et al.* *eds.* *Lexicon der germanistischen Linguistic.* Tübingen : Max Niemeyer. p. 338-345.)
- ESLINGER, L. 1992. Inner-biblical exegesis and inner-biblical allusion: the question of category. *Vetus Testamentum*, 42(1):47-58.
- EXUM, J.C. & CLINES, D.J.A. *eds.* 1993. *The new literary criticism and the Hebrew Bible. Journal for the study of the Old Testament. Supplement Series*, 143. Sheffield : JSOT Press.
- FELDMETH, N.P. 1988. Humanism. (*In* Ferguson, S.B. & Wright, D.F. *eds.* *New Dictionary of Theology.* Leicester : Inter-Varsity Press. p. 322.)

- FELPERIN, H. 1985. *Beyond deconstruction. The uses and abuses of literary theory.* Oxford : Clarendon Press.
- FENWICK, J. & SPINKS, B. 1995. *Worship in transition. The liturgical movement in the twentieth century.* New York : Continuum.
- FEWELL, D.N. *ed.* 1992. *Reading between texts. Intertextuality and the Hebrew Bible.* In series Fewell, D.N. *ed.* *Literary currents in Biblical interpretation.* Louisville, Ky. : Westminster / John Knox Press.
- FISH, H. 1988. *Poetry with a purpose: Biblical poetics and interpretation.* Bloomington : Indiana University Press.
- FISH, S. 1980. *Is there a text in this class? The authority of interpretative communities.* Cambridge, Massachusetts and London : Harvard University Press.
- FLOOR, L. 1974. *Die koninkryk van God en die vernuwing van die maatskappy.* Potchefstroom : Pro Rege.
- FLOOR, L. 1979. *Het gericht van God volgens het Nieuwe Testament.* Amsterdam : Buijten & Schipperheijn.
- FLUDERNIK, M. 1993. *The fictions of languages and the languages of fiction. The linguistic representation of speech and consciousness.* London : Routledge.
- FLUDERNIK, M. 2000. *Genres, text types, or discourse modes? Narrative modalities and generic categorization.* *Style*, 34(1):274-292.
- FLUDERNIK, M. 2005. *Histories of narrative theory (II): From Structuralism to the present.* (In Phelan J. & Rabinowitz, P.J. *eds.* *A companion to narrative theory.* In series Blackwell Companions to Literature and Culture. Malden (USA), Oxford (UK), and Victoria (Australia) : Blackwell Publishing. P. 36-59.)
- FOERSTER, W. 1974. *Ἀρχή, ἀνάγκη.* (In Kittel, G. *ed.* Bromiley, G.W. *trans.* *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. I. Grand Rapids, Michigan : WM. B. Eerdmans Publishing Company. P. 379-380.)
- FOKKELMAN, J.P. 2000a. *Dichtkunst in de Bijbel. Een handleiding by literair lezen.* Zoetermeer : Meinema.
- FOKKELMAN, J.P. 2000b. *Reading Biblical narrative. An introductory guide.* Smith, I. *trans.* Louisville : Westminster/John Knox Press.
- FOKKEMA, D.W. 1981. *Paradigma. Vergelijkende literatuurwetenschap en het nieuwe paradigma.* *Forum der Letteren*, 23(2):179-194.
- FOKKEMA, D.W. & KUNNE-IBSCH, E. 1977. *Theories of literature in the twentieth century.* London : C. Hurst & Company.

- FORBES, I. 1992. Review of "Linguistic categorisation: prototypes in linguistic theory" by John Taylor. *Journal of Pragmatics*, 18(4):379-381.
- FORD, A. 1995. Katharsis: the Ancient problem. (In Parker, A. & Sedgwick, E. eds. *Performativity and performance*. New York : Routledge. p. 108-132.)
- FORD, J.M. 1998. The Christological function of the hymns in the Apocalypse of John. *Andrews University Seminary Studies*, 36 (2):207-229.
- FORSTER, E.M. 1974[1927]. *Aspects of the novel*. Harmondsworth : Penguin Books.
- FOSHAUGEN, E.K. 1999. Worship and spirituality as a praxis-oriented apologetic in a postmodern world (the New Age) – an incarnational engaged approach. *Acta Theologica*, 19(2):1-13.
- FOSS, S.K. 1989. *Rhetorical criticism: exploration and practice*. Prospect Heights, Ill. : Waveland Press.
- FOSTER, P.H. 2001. Postmodernistiese intertekstualiteit as teiken. 'n Bespreking van die jagter-interteks in "Die eland" en "Die heengaanrefrein" van Wilma Stockenström. *Stilet*, 13(3):17-43.
- FOWL, S.E. 2000. The role of authorial intention in the theological interpretation of Scripture. (In Green, J.B. & Turner, M. eds. *Between two horizons. Spanning New Testament studies and systematic theology*. Grand Rapids, Michigan and Cambridge, U.K. : William B. Eerdmans Publishing Company. p. 71-87.)
- FOWLER, A. 1985. *Kinds of literature. An introduction to the theory of genres and modes*. Oxford : Oxford University Press.
- FOWLER, R.M. 1985. Who is 'the reader' in reader response criticism. (In Detweiler, R. ed. *Reader response approaches to Biblical and secular texts. Semeia*, 31:5-23.)
- FOWLER, R.M. 1989. Postmodern Biblical criticism. *Forum*, 5(3):3-30.
- FRANCE, R.T. 2005. Relationship between the Testaments. (In Vanhoozer, K.J. ed. *Dictionary for theological interpretation of the Bible*. Grand Rapids : Baker Academic. p. 666-672.)
- FREEDMAN, D.N., MYERS, A.C. & BECK, A.B. eds. 2000. *Eerdmans dictionary of the Bible*. Grand Rapids, Michigan and Cambridge, UK. : William. B. Eerdmans.
- FREUND, E. 1987. *The return of the reader: reader-response criticism*. London and New York : Methuen.
- FREYNE, S. 1989. Reading Hebrews and Revelation intertextually. (In Draisma, S. ed. *Intertextuality in Biblical writings. Essays in honour of Bas van Iersel*. Kampen : J.H. Kok. p. 83-93.)

- FRIESEN, S.J. 2001. Imperial cults and the Apocalypse of John. Reading Revelation in the ruins. New York : Oxford University Press.
- FRIESEN, S.J. 2004. The beast from the land: Revelation 13:11-18 and social setting. (In Barr, D.L. *ed.* Reading the book of Revelation. A resource for students. Leiden : Brill. p. 49-64.)
- FRIESEN, S.J. 2005. Satan's throne, imperial cults and the social settings of Revelation. *Journal for the Study of the New Testament*, 27(3):351-373.
- FRILINGOS, C.A. 2004. Spectacles of empire. Monsters, martyrs, and the book of Revelation. In series Boyarin, D., Burrus, V., Fonrobert, Gregg, R. *eds.* Divinations: rereading late ancient religion. Philadelphia : University of Pennsylvania Press.
- FRYE, N. 1957. Anatomy of criticism: four essays. Princeton : Princeton University Press.
- FRYE, N. 1981. The Great Code; the Bible and literature. New York : Harcourt Brace Javanovich.
- FRYE, N. 1986[1981]. De grote code. De Bijbel en de literatuur. Stapper, L. *vert.* Nijmegen : SUN.
- FURNISS, T. & BATH, M. 1996. Reading poetry. An introduction. Harlow : Pearson Education.
- GABEL, J.B., WHEELER, C.B & YORK, A.D. 4th *ed.* 2000[1986]. The Bible as literature. An introduction. New York : Oxford University Press.
- GAGER, J.G. 1983. The attainment of millennial bliss through myth: the book of Revelation. (In Hanson, P.D. *ed.* Visionaries and their Apocalypses. Philadelphia : Fortress Press, London : SPCK. p. 146-155.)
- GARDNER, P. 2001. Revelation. The compassion and protection of Christ. Ross-shire : Christian Focus.
- GELLER, S.A. 1983. Through windows and mirrors into the Bible history, literature and language in the study of text. (In Nemoy, L. *ed.* A sense of text. The art of language in the study of Biblical literature. *A Jewish Quarterly Review* Supplement. Winona Lake : Eisenbrauns. p. 3-40.)
- GEMSER, B. 1958. Prediker. (In Gemser, B. *et al. eds.* Die Bybel met Verklarende Aantekeninge, vol. 2. Kaapstad : Verenigde Protestantse Uitgewers. p. 1421-1446.)
- GENETTE, G. 1979. Tijdspekten in de roman: volgorde, duur, herhaling. Van Diepen, M-É. *vert.* Van Gorcum : Assen.

- GENETTE, G. 1980[1972]. Narrative discourse. Lewin, J.E. *trans.* Oxford : Basil Blackwell.
- GENETTE, G. 1981. Theorieën van literaire genres: inleiding in de architekst. Bal, M. *vert.* (In Bal, M. *red.* Literaire genres en hun gebruik. Muiderberg : Dick Couthino. p. 61-120).
- GENETTE, G. 1996[1980, 1972]. Voice. (In Onega, S. & Landa, J.A.G. *eds.* Narratology: an introduction. London and New York : Longman. p. 172-189.)
- GENTRY, K.L. jr. 1997[1989]. Before Jerusalem fell. Dating the book of Revelation. San Francisco : Christian University Press.
- GLOER, H. 1984. Homologies and hymns in the New Testament: form, content and criteria for identification. *Perspectives in Religious Studies*, 11:115-132.
- GOEDE, H. 2004. Die “swakste lede” in Paulus se liggaam-metafoor: ’n grammaties-historiese studie. M.A.-verhandeling. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit.
- GOEDE, H. 2007. Toepaslike metafoorteorie vir die ontleding van metafore in die Nuwe Testament. *In die Skriflig*, 41(1):87-107.
- GOEDEGEBUURE, J. 1996. Herscrijving en verscrijving. Intertextueel kruisverkeer tussen bijbel en literatuur. *Nederlandse Letterkunde*, 1(1):30-44.
- GOLDINGAY, J. 1981. The dynamic cycle of praise and prayer in the Psalms. *Journal of the Study of the Old Testament*, 20:85-90.
- GOLDINGAY, J. 2000. Biblical narrative and Systematic Theology. (In Green, J.B. & Turner, M. *eds.* Between two horizons. Spanning New Testament studies and systematic theology. Michigan and Cambridge, U.K. : William B. Eerdmans Publishing Company. p. 123-142.)
- GONZÁLEZ, C.G. & GONZÁLEZ J.L. 1997. Revelation. *In series* Miller, P.D. & Barlet, D.L. *eds.* Westminster Bible Companion. Louisville, Ken. : Westminster John Knox Press.
- GRANT, P. 1989. Reading the New Testament. Grand Rapids : William B. Eerdmans.
- GREEFF, C.W. 2009. Die gebruik van *THEOS* in Openbaring 4:1-11. M.A.-verhandeling. Pretoria : Universiteit van Pretoria.
- GREEN, G. *ed.* 1987. Scriptural authority and narrative interpretation. Philadelphia : Fortress Press.
- GREEN, J.B. 2003. The (re-)turn to narrative. (In Green, J.B. & Pasquarello, M. III *eds.* Narrative reading, narrative preaching. Reuniting New Testament interpretation and proclamation. Grand Rapids, Michigan : Baker Academic. p. 11-36.)

- GREEN, J.B. & TURNER, M. *eds.* 2000. Between two horizons. Spanning New Testament studies and systematic theology. Grand Rapids, Michigan and Cambridge, U.K. : William B. Eerdmans Publishing Company.
- GREEN, J.B. & PASQUARELLO III, M. *eds.* 2003. Narrative reading, narrative preaching. Reuniting New Testament interpretation and proclamation. Grand Rapids, Michigan : Baker Academic.
- GREEN, K. & LeBIHAN, J. 1996. Critical theory and practice: a coursebook. London and New York : Routledge.
- GREEN, R.P.H. 1995. Augustine: *De Doctrina Christiana*. In series Chadwick, H. *ed.* Oxford Early Christian Texts. Oxford : Clarendon Press.
- GREENWOOD, D.C. 1985. Structuralism and the Biblical text. In series Waardenberg, J. *ed.* Religion and Reason: method and theory in the study and interpretation of religion. Berlin / New York / Amsterdam : Mouton Publishers.
- GREIJDANUS, S. 1965. De Openbaring des Heren aan Johannes. Opnieuw uit de grondtekst vertaal en verklaard. In reeks Aalders, G.Ch. *et al.* Korte Verklaring der Heilige Schrift. Kampen : J.H. Kok.
- GREIMAS, A.J. 1971[1966]. Strukturele semantik. Braunschweig : Friedr. Vieweg & Sohn.
- GREIMAS, A.J. 1987. On meaning: selected writings in semiotic theory. Perron, P. and Collins, F. *trans.* London : Frances Pinter.
- GREIMAS, A.J. 1996[1983, 1966]. Reflections on actantial models. (In Onega, S. & Landa, J.A.G. *eds.* Narratology: an introduction. London and New York : Longman. p. 76-89.)
- GROENEWALD, E.P. 1986. Die Openbaring van Johannes. Kaapstad : NG Kerk-Uitgewers.
- GROS LOUIS, K.R.R. & ACKERMAN, J.S. *eds.* 1982. Literary interpretations of Biblical narratives. Vol. 2. Nashville : Abbingdon.
- GROVÉ, A.P. 1974. Woord en Wonder (*4^{de} uitgawe*). Inleidende studie oor die tegniek van die poësie. Kaapstad / Bloemfontein / Johannesburg / Port Elizabeth / Pietermaritzburg : Nasou.
- GROVÉ, A.P. 1992a. Lied. (In Cloete, T.T. *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-literêr. p. 255-256.)
- GROVÉ, A.P. 1992b. Liriek. (In Cloete, T.T. *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-literêr. p. 256.)

- GROVÉ, I. 2008. Sing juigend, sing 'n nuwe loflied – wie s'n? *Vir die Musiekleier*, 33:21-29.
- GRUNDMANN, W. 1974. *δύναμαι / δύναμις*. (In Kittel, G. ed. *Theological Dictionary of the New Testament*, vol. II. Grand Rapids, Michigan : WM. B. Eerdmans Publishing Company. p. 284-317.)
- GUERIN, W.L., LABOR, E., MORGAN, L., REESMAN, J.C. & WILLINGHAM, J.R. 2005. *A handbook of critical approaches to literature* (5th ed.). New York / Oxford : Oxford University Press.
- GUNKEL, H. 1966. *The Psalms. A formal-critical introduction*. Philadelphia : Fortress.
- GUNN, D.M. & FEWELL, D.N. 1993. *Narrative in the Hebrew Bible*. New York : Oxford University Press.
- GUTHRIE, D. 1987. *The relevance of John's Apocalypse*. Exeter / Grand Rapids : William B. Eerdmans.
- GUTHRIE, D. 1992. Aspects of worship in the book of Revelation. (In Wilkins, M.J. & Paige, T. eds. *Worship, theology and ministry in the early church. Essays in honor of Ralph P. Martin*. *Journal for the study of the New Testament Supplement Series*, 87. Sheffield : JSOT Press. p. 70-83.)
- HALL, R.G. 1990. Living creatures in the midst of the throne: another look at Rev. 4.6. *New Testament Studies*, 36:609-613.
- HAMBIDGE, J. 1992. Genre. (In Cloete, T.T. red. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria : HAUM-literêr. p. 148-150.)
- HAMBURGER, K. 1993[1973, 1957]. *The logic of literature*. Rose, M.J. trans. Bloomington : Indiana University Press.
- HANSON, P.D. 1983. ed. *Visionaries and their apocalypses*. Philadelphia : Fortress / London : SPCK.
- HARRIS, M.A. 1989. *The literary function of hymns in the Apocalypse of John*. Ann Arbor : University Microfilm International. Ph.D. thesis. Louisville : Southern Baptist Theological Seminary.
- HARRISON, C. 1992. Beauty and revelation in the thought of saint Augustine. In *series* Barton, J. et al. eds. *Oxford Theological Monographs*. Oxford : Clarendon Press.
- HARRISON, C. 2005. Augustine. (In Vanhoozer L. et al. eds. *Dictionary of theological interpretation*. Grand Rapids : Baker Academics. p. 76-78.)

- HARTMAN, L. 1989[1981]. Survey of the problem of apocalyptic genre. (*In Hellholm, D. ed. Apocalypticism in the Mediterranean world and the Near East. Proceedings of the International Colloquium on Apocalypticism. August 12-17, 1979. Tübingen : JCB Mohr (Paul Siebeck). p. 329-343.*)
- HARTMAN, L. 1997a. Form and message. A preliminary discussion of “Partial Texts” in Revelation 1-3 and 22:6ff. (*In Hellholm, D. ed. Text-centered New Testament Studies. Text-theoretical essays on early Jewish and early Christian literature. Tübingen : J.C.B. Mohr. p. 125-149.*)
- HARTMAN, L. 1997b. Some reflections on the problem of the literary genre of the Gospels. (*In Hellholm, D. ed. Text-centered New Testament Studies. Text-theoretical essays on early Jewish and early Christian literature. Tübingen : J.C.B. Mohr. p. 3-23.*)
- HARTMAN, L. 1997c. Survey of the problem of apocalyptic genre. (*In Hellholm, D. ed. Text-centered New Testament Studies. Text-theoretical essays on early Jewish and early Christian literature. Tübingen : J.C.B. Mohr. p. 89-105.*)
- HASEL, G. 1987. Old Testament Theology: basic issues in the current debate. 3rd ed. Grand Rapids, Michigan : William B. Eerdmans.
- HASSAN, I. 1987a. The trials of postmodern discourse. *New Literary History*, 18(2):437-459.
- HASSAN, I. 1987b. The Postmodern turn: essays in postmodern theory and culture. Ohio : Ohio State University.
- HAT, 2000. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal. (Odendal, F.F. & Gouws, R.H. reds. Midrand : Perskor Uitgewers.)
- HAUSER, A.J. 1987. Two songs of victory : a comparison of Exodus 15 and Judges 5. (*In Follis, E.R. ed. Directions in Biblical Hebrew Poetry. Supplement to Journal for the Study of the Old Testament, 40:265-284. Sheffield : JSOT Press.*)
- HAWKES, T. 1977. Structuralism and semiotics. *In series Hawkes, T. ed. New Accents. London : Methuen & Co. Ltd.*
- HAWTHORN, J. 1994. A concise glossary of contemporary literary theory. 2nd ed. London : Edward Arnold.
- HAYS, R.B. 1989. Echoes of Scripture in the letters of Paul. New Haven : Yale University Press.
- HAYS, R.B. & GREEN, J.B. 1995. The use of the Old Testament by New Testament writers. (*In Green, J.B. ed. Hearing the New Testament. Strategies for interpretation. Michigan : William B. Eerdmans Publishing Company. p. 222-238.*)

- HELLHOLM, D. 1986. The problem of apocalyptic genre and the Apocalypse of John. *Semeia*, 36:13-64.
- HELLHOLM, D. *ed.* 1989. Apocalypticism in the Mediterranean world and the Near East. Proceedings of the International Colloquium on Apocalypticism. August 12-17, 1979. Tübingen : JCB Mohr (Paul Siebeck).
- HELLHOLM, D. 1997 *ed.* Text-centered New Testament Studies. Text-theoretical essays on early Jewish and early Christian literature. Tübingen : J.C.B. Mohr.
- HELLINGA, W.G. & SCHOLTZ, H. VAN DER MERWE. 1955. Kreatiewe analise van taalgebruik: prinsipes van Stilistiek op linguisties grondslag. Amsterdam : Noord-Hollandse Uitgeversmaatschappij.
- HEMER, C. 2001. The letters to the seven churches of Asia in their local setting. Grand Rapids : William B. Eerdmans.
- HEMPHER, K.H. 1973. Gattungstheorie: Information und Synthese. München : Fink.
- HENDERSON, W.J. 2004. Op Griekse lier. Vroeë Griekse liriese poësie. Pretoria : Protea Boekhuis.
- HENDRIKSEN, W. 1973[1940]. More than conquerors. An interpretation of the book of Revelation. London : Inter-varsity Press.
- HENN, T.R. 1970. The Bible as literature. London : Lutterworth Press.
- HENS-PIAZZA, G. 1996. Of methods, monarchs, and meanings. A sociorhetorical approach to exegesis. *In series* Rogers, J.S. & Staton, C.P. *eds.* Studies in Old Testament Interpretation, 3. Macon : Mercer University Press.
- HEPWORTH, B. 1978. Robert Lowth. Boston : Twayne.
- HERHOLDT, M.D. 1998a. Postmodern hermeneutics. (*In* Maimela, S. & König, A. *eds.* Initiation into theology. The rich variety of theology and hermeneutics. Pretoria : JL van Schaik. p. 451-470.)
- HERHOLDT, M.D. 1998b. Postmodern theology. (*In* Maimela, S. & König, A. *eds.* Initiation into theology. The rich variety of theology and hermeneutics. Pretoria : JL van Schaik. p. 215-229.)
- HERMAN, D. 2004. Story logic. Problems and possibilities of narrative. Lincoln and London : University of Nebraska Press.
- HERMAN, L. & VERVAECK, B. 2005. Handbook of narrative analysis. Lincoln and London : University of Nebraska Press.

- HOLLAND, N.N. 1973. Poems in persons. An introduction to the psychoanalysis of literature. New York : W.W. Norton.
- HOLLAND, N.N. 1980. Recovering 'The purloined letter': reading as a personal transaction. (In Davis, R.C. *ed.* Contemporary literary criticism: Modernism through Poststructuralism. New York and London : Longman.)
- HOLTZHAUSEN, S. 1991. Meer as oorwinnaars.... Spieëlbeeld van die eindtyd. Die Openbaring aan Johannes. Parys : Chrisset Drukkery.
- HOLUB, R. 1984. Reception Theory : a critical introduction. London and New York : Methuen.
- HOLY BIBLE, THE. ENGLISH STANDARD VERSION (ESV). 2001. Wheaton, Illinois : Crossway Bibles.
- HOUSE, P.R. *ed.* 1992. Beyond form criticism. Essays in Old Testament literary criticism. Winona Lake : Eisenbrauns.
- HOWARD, D. Jr. 1999. Recent trends in Psalms study. (In Baker, D. & Arnold, B. *eds.* The face of Old Testament studies. A survey of contemporary approaches. Grand Rapids, Michigan : Apollos and Baker Academic. p. 329-368.)
- HOWELL, M. 1989. Exodus 15,1b-18. A poetic analysis. *Ephemerides Theologicae Lovonienses*, LXV:1-42.
- HUBBARD, D. A. 1991. Ecclesiastes, Song of Solomon. *In series* Ogilvie, L. J. *ed.* The Preacher's Commentary Series, vol. 16. Formerly The Communicator's Commentary. Nashville, Tennessee: Thomas Nelson Inc.
- HUGHES, J.A. 2006. Scriptural allusions and exegesis in the Hodayot. *In series* Martinez, F.G. *ed.* Studies on the Texts of the Desert of Judah. Leiden : Brill.
- HUGHES, M.Y. *ed.* 1957. Complete poems and major prose. New York : Odyssey.
- HUGHES, P.E. 1990. The Book of Revelation. A commentary. Grand Rapids : Wm. B. Eerdmans Publishing Company.
- HUGO, D.J. 1992. Biografies-psigologiese benadering. (In Cloete, T.T. *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-literêr. p. 43-45.)
- HÜHN, P. & SCHÖNERT, J. 2005. Introduction: the theory and methodology of the analysis of lyric poetry. *In* Hühn, P. & Kiefer, J. *eds.* The narratologic analysis of lyric poetry. Studies in English poetry from the 16th to the 20th century. Berlin : De Gruyter. p. 1-14.

- HÜHN, P., PIER, J., SCHMID, W., SCHÖNERT, J. eds. 2009. Handbook of Narratology. *In series Narratologia / Contributions to narrative theory*, 19. Berlin, New York : Walter de Gruyter.
- HÜHN, P & SOMMER, R. 2011. "Narration in Poetry and Drama". *In Hühn, Peter et al. (eds.): the living handbook of narratology*. Hamburg: Hamburg University Press
URL = [hup.sub.uni-hamburg.de/lhn/index.php?title=Narration in Poetry and Drama &oldid=816](http://hup.sub.uni-hamburg.de/lhn/index.php?title=Narration%20in%20Poetry%20and%20Drama&oldid=816) 2011/02/16
- HURTADO, L. 1985. Revelation 4-5 in the light of Jewish apocalyptic analogies. A distinctively Christian view of heaven. *Journal for the study of the New Testament*, 25:105-124.
- HUTCHEON, L. 1988. A Poetics of Postmodernism. History, theory, fiction. New York / London : Routledge.
- IJSSELING, S. 1998. Politeïsme en de postmoderne. *fragmente*, 2:39-58.
- INGARDEN, S. 1973. The literary work of art. Grabowich, G.G. trans. Evanston : Northwestern University Press.
- ISER, W. 1978a. De appèlstructuur der teksten. Onbepaaldheid als een voorwaarde voor de werking van literair proza (1970) [fragm.]. (*In Buursink, M. et al. De wetenschap van het lezen. Tien jaar theorie der literaire receptie. Assem / Amsterdam : Van Gorcum. p. 29-33.*)
- ISER, W. 1978b. The Act of Reading: A theory of aesthetic response. London : Routledge & Kegan Paul.
- ISER, W. 1983[1974]. The implied reader: patterns of communication in prose fiction from Bunyan to Beckett. Baltimore and London : The John Hopkins University Press.
- ISER, W. 2001 [1980]. Interaction between text and reader. (*In Leitch, V. ed. The Norton Anthology of theory and criticism. New York : W.W. Norton & Company. p. 1673-1682.*)
- JAKOBSON, R. 1977. Liguistiek en poëtica. (*In Bronzwaer, W.J.M., Fokkema, D.W. & Ibsch, E. samest., Franquinet, R.M. vert. Tekstboek algemene literatuurwetenschap. Moderne ontwikkelingen in de literatuurwetenschap geïllustreerd in een bloemlezing uit Nederlandse en buitenlandse publikaties. Baarn : Amboboeken. p. 96-106.*)
- JAKOBSON, R. 1987. Language in literature. (*In Pomorska, K. & Rudy, S. eds. Roman Jakobson. Language in literature. Cambridge, Massachusetts and London : The Belknap Press of Harvard University Press. p. 19-536.*)

- JAKOBSON, R. 1992[1956]. The metaphoric and metonymic poles. (*In Adams, H. ed. Critical theory since Plato. rev. ed. Crawfordsville : Thomson Learning. p. 1041-1044.*)
- JAMESON, F. 1972. The prison house of language. A critical account of Structuralism and Russian Formalism. Princeton : Princeton University Press.
- JANG, Y. 2001. A narratological approach to the structure of the Apocalypse of John. D.Th. Dissertation. Stellenbosch : University of Stellenbosch.
- JANG, Y. 2002. Narrative function of the Apocalypse. *Scriptura*, 80:186-196.
- JANG, Y. 2003. Narrative plot of the Apocalypse. *Scriptura*, 84:381-390.
- JANKOWITZ, D. 1999. Riglyne vir gereformeerde lofprysing. *Vir die Musiekleier*, 26:31-33.
- JANKOWITZ, D. 2010. Psalmsang-ervarings van die NG Kerk: riglyne vir psalmsang in die 21^{ste} eeu. *Vir die Musiekleier*, 30(37):30-45.
- JANSE VAN RENSBURG, J. 2000. The paradigm shift: an introduction to postmodern thought and its implications for theology. Pretoria : Van Schaik.
- JANSEN, H. 1997. *Relata refero*. Verzamelde artikelen over liturgie en kerkmusiek. Zoetermeer : Uitgeverij Boekencentrum.
- JASPER, D. 2003. Literary readings of the Bible. (*In Barton, J. ed. The Cambridge companion to Biblical interpretation. Cambridge : Cambridge University Press. p. 21-34.*)
- JASPER, D. & PRICKETT, S. eds. 1999. The Bible and literature. A reader. Oxford : Blackwell Publishers.
- JAUSS, H.R. 1978[1967]. Literatuurgeschiedenis als een provocatie voor de literatuurwetenschap. (*In Buursink, M., Hupperetz, K., Licher, E., De Roo, K. & Schönau, W. eds. De wetenschap van het lezen. Assen : Van Gorcum. p. 1-28.*)
- JAUSS, H.R. 1985. The identity of the poetic text in the changing horizon of understanding. (*In Valdés, M.J. & Miller, O. eds. Identity of the literary text. Toronto/Buffalo/London : University of Toronto Press. p. 146-174.*)
- JAUSS, H.R. 1990. The theory of reception: a retrospective of its unrecognized prehistory. (*In Collier, P. & Geyer-Ryan, H. eds. Whitlam, J. trans. Literary theory today. New York : Cornell University Press. p. 53-73.*)
- JEFFERSON, A. & ROBEY, D. eds. 1997[1982]. Modern literary theory. A comparative introduction. London : Batsford.

- JEFFREY, D.L. 2005. The Bible and Western literature. (*In Vanhoozer L. et al. eds. Dictionary of theological interpretation. Grand Rapids : Baker Academics. p. 841-844.*)
- JENSEN, P. 2002. The Revelation of God. *In series* Bray, G. ed. Contours of Christian theology. Leicester : InterVarsity.
- JOHL, R. 1992. Teks en konteks. (*In Cloete, T.T. red. Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-literêr. p. 530-531.*)
- JOHNSON, M.D. 2002. Making sense of the Bible. Literary type as an approach to understanding. Grand Rapids : William B. Eerdmans.
- JOHNSON, W.S. 2001. Rethinking theology: a Postmodern, Post-Holocaust, Post-Christendom endeavor. *Interpretation*, 55(1):5-18.
- JOLLES, A. 1965[1929]. Einfache Formen. Dritte, unveränderte Auflage. Legende, Sage, Mythe, Rätsel, Spruch, Kasus, Menorable, Märchen, Witz. Tübingen : Max Niemeyer Verlag.
- JOLLIFFE, D. 2003. Genre. (*In Taylor, V.E. & Winkler, C.E. eds. Encyclopedia of Postmodernism. London / New York : Routledge. p. 152-154.*)
- JONES, L.P. & SUMMEY, J.L. 1999. Preaching apocalyptic texts. St. Louis, Missouri : Chalice Press.
- JONGERIUS, H. 1998. O taal waarin wij God verstaan. Over symbolen van de Heilige Geest. *Tijdschrift voor Liturgie*, 82:82-90.
- JONKER, W.D. 1989. Die eie-aard van die gereformeerde spiritualiteit. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, XXX(3):288-299. Julie.
- JORDAAN, T. 2006. Openbaring vandag. Die boodskap agter die beelde. Wellington : Lux Verbi. BM.
- JÖRNS, K-P. 1971. Das hymnische Evangelium: Untersuchungen zu Aufbau, Funktion und Herkunft der hymnischen Stücke in der Johannesoffenbarung. Gütersloh : Gütersloher Verlagshaus Gerd Mohn.
- JOSIPOVICI, G. 1988. The Book of God: a response to the Bible. New Haven : Yale University Press.
- JOUBERT, S. 2000. "Is die duiwel los?" Nuwe-Testamentiese perspektiewe op die stryd tussen Christus en die bose. *In die Skriflig*, 34(2):195-206.
- KAPLAN, C. ed. 1975. Criticism. The major statements. New York : St. Martin's Press.

- KAYSER, W. 1968[1948]. Das sprachliche Kunstwerk. Eine Einführung in die Literaturwissenschaft. Dreizehnte Auflage. Bern und München : Francke.
- KEENER, C. 2000. Revelation. From the Biblical text...to contemporary life. *In series* Muck, T. *ed.* The NIV Application Bible Commentary. Grand Rapids : Zondervan.
- KENNEDY, G.A. 1980. Classical rhetoric and its Christian and secular tradition from ancient to modern times. London : Croom Helm.
- KENNEDY, G.A. 1999. Classical rhetoric and its Christian and secular tradition from ancient to modern times. Chapel Hill and London : University of North Carolina Press.
- KERMODE, F. 1980[1979]. The genesis of secrecy: on the interpretation of narrative. Oxford : Oxford University Press.
- KIM, H.C.P. 2003. Form Criticism in dialogue with other criticisms: building the multidimensional structures of texts and concepts. *In* Sweeney, M.A. & Zvi, E.B. *eds.* The changing face of form-criticism for the twenty-first century. Grand Rapids / Cambridge : William B. Eerdmans Publishing Company. p. 85-104.
- KIM, J.K. 1999. "Uncovering her wickedness." An inter(con)textual reading of Revelation 17 from a postcolonial feminist perspective. *Journal for the Study of the New Testament*, 73:61-81.
- KINNEAVY, J.L. 1971. A theory of discourse. The aims of discourse. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice Hall.
- KISTEMAKER, S.J. 2001. New Testament commentary. Exposition of the book of Revelation. Grand Rapids : Baker Books.
- KITTEL, G. 1974. *δοκέω, δόξα*. (*In* Kittel, G. *ed.* Bromiley, G.W. *trans.* Theological Dictionary of the New Testament, vol. II. Grand Rapids, Michigan : WM. B. Eerdmans Publishing Company. p. 232-237, 242-253.)
- KITTEL, G., *ed.* 1974. Bromiley, G.W. *trans.* Theological Dictionary of the New Testament, vols. I-IV. Grand Rapids, Michigan : WM. B. Eerdmans Publishing Company.
- KITTEL, G. & FRIEDRICH, G., *eds.* 1974. Bromiley, G.W. *trans.* Theological Dictionary of the New Testament, vols. V-VIII. Grand Rapids, Michigan : WM. B. Eerdmans Publishing Company.
- KLOPPERS, E.C. 2003. Die postmodernisme, nostalgie en die himniese geheue. *Stilet*, 15(2):200-217.

- KNIGHT, J. 1999. Revelation. *In series* Jarick, J. *ed.* Readings: a new Biblical commentary. Sheffield : Sheffield Academic Press.
- KNOX, B. 1979. Word and action. Essays on the ancient theater. Baltimore and London : John Hopkins Univesity.
- KOCH, K. 1969. The growth of Biblical tradition. The form-critical method. Cupitt, S.M. *trans.* London : Adam & Charles Black.
- KOESTER, C.R. 2001. Revelation and the end of all things. Grand Rapids/Cambridge : Eerdmans.
- KÖNIG, A. 2009. 'n Perspektief op Openbaring. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy.
- KOPTAK, P.E. 2005. Intertextuality. (*In* Vanhoozer, K.J., *ed.* Dictionary for theological interpretation of the Bible. Grand Rapids : Baker Academic. p. 332-334.)
- KORT, W. 1988. Story, text, and Scripture. Literary interests in Biblical narrative. University Park and London : Pennsylvania State University Press.
- KOVACKS, J. & ROWLAND, C. *et al.* 2004. Revelation. The apocalypse of Jesus Christ. *In series* Blacwell Bible Commentaries. Oxford : Blacwell.
- KÖVECSES, Z. 2002. Metaphor. A practical introduction. New York : Oxford University Press.
- KOWALSKI, B. 2002. Vrouwenfiguren in die Openbaring van Johannes. *Tijdschrift voor Theologie*, 42:378-389.
- KOWALZIG, B. 2007. "And now all the world shall dance!" (EURR. *BACCH.* 114). Dionysus' choroï between drama and ritual. (*In* Csapo, E. & Miller, M.C. *eds.* The origins of theater in Ancient Greece and beyond. From ritual to drama. New York : Cambridge University Press. p. 221-251.)
- KRISTEVA, J. 1980[1977]. Desire in language. A semiotic approach to literature and art. New York : Columbia University Press. Roudiez, L.S. *ed.* Gora, T., Jardine, A. & Roudiez, L.S. *trans.*
- KRISTEVA, J. 1987a[1974]. Revolution in poetic language. (*In* Moi, T. *ed.* The Kristeva reader. Oxford, UK : Basil Blackwell. p. 89-136.)
- KRISTEVA, J. 1987b[1969]. Word, dialogue and novel. (*In* Moi, T. *ed.* The Kristeva reader. Oxford, UK : Basil Blackwell. p. 34-61.)

- KRISTEVA, J. 2002[1980]. Desire in language. A semiotic approach to literature and art. (In Oliver, K. ed. The portable Kristeva (*updated ed.*). New York : Columbia University Press. p. 93-115.)
- KRODEL, G.A. 1989. Revelation. *In series* Ausburg Commentary on the New Testament. Minneapolis, Minnesota : Ausburg Publishing House.
- KRUGER, D. 2002. Die funksionaliteit van die laat twintigste-eeuse kerklied. *In die Skriflig*, 36(1):19-43.
- KRUGER, D. 2007. *A high degree of understanding and tolerance: Veranderde denke oor die hedendaagse kerkmusiek. Vir die Musiekleier*, 34:17-25.
- KUGEL, J.L. 1981. The idea of Biblical poetry. Parallelism and its history. New Haven and London : Yale University Press.
- LA VITA, J.M.P. 2003. Die Bybelse intertekste as Livingstone-spoorbakens in Tom Gouws se *Syspoor*. M.A-verhandeling. Johannesburg : Randse Afrikaanse Universiteit.
- LACEY, N. 2000. Narrative and genre. Key concepts in media studies. Hampshire and London : MacMillan Press.
- LADD, G.E. 1972. A commentary on the Revelation of John. Grand Rapids : William B. Eerdmans.
- LAFHEY, J.F. 1987. Cacophonous rites : Modernism and Postmodernism. *Historical Reflections*, 14(1):1-32.
- LAHAYE, T. 1999. Revelation unveiled. Grand Rapids : Zondervan.
- LAMBRECHT, J. 1980. A structuration of Rev. 4:1-22:8. (In Lambrecht J. ed. L'Apocalypse Johannique et l'Apocalypse dans le Nouveau Testament. Bibliotheca ephemeridum theologicarum lovaniensium. Gembloux/Leuven : J.Duculot/ Leuven University Press. p. 77-104.)
- LÄMMERT, E. 1968[1955]. Bauformen des Erzählens. Stuttgart : JB Metzlersche Verlagsbuchhandlung.
- LAWS, S. 1988. In the light of the Lamb: imagery, parody and theology in the Apocalypse of John. *In series* Good News Studies, 31. Wilmington : Michael Glazier.
- LE ROUX, J.H. 1994. Historical criticism – the end of the road? *Old Testament Essays (special ed.)*, 7(4):198-202.
- LEITCH, T.M. 1986. What stories are. Narrative theory and interpretation. University Park : Pennsylvania State University Press.

- LEITCH, V.B. *ed.* 2001. The Norton Anthology of theory and criticism. New York : W.W. Norton & Company.
- LETSELI, T.L. 2001. The kingship of God as a theological motif in the hymns of the Apocalypse of John. Unpublished D. Litt. et Phil. Thesis. Johannesburg : Rand Afrikaans University.
- LETŠOSA, R.S. & DE KLERK, B.J. 2007. A relevant liturgy for reformed churches of African origin concerning liturgical music. *Practical Theology in South Africa*, 22(1):64-82.
- LEVENSON, M. 2001. Introduction. (*In* Levenson, M. *ed.* The Cambridge Companion to Modernism. Cambridge : Cambridge University Press. p. 1-8.)
- LEVENSON, M. *ed.* 2001. The Cambridge Companion to Modernism. Cambridge : Cambridge University Press.
- LÉVI-STRAUSS, C. 1976. Structural anthropology. New York : Basic Books.
- LEVINE, A-J. 2010. Feminist criticism. (*In* Aune, D.E. *ed.* The Blackwell Companion to the New Testament. West Sussex, UK : Wiley-Blackwell. p. 156-165.)
- LEWALSKI, B.K. 1979. Protestant poetics and the seventeenth century religious lyric. Princeton : Princeton University Press.
- LICHT, J. 1978. Storytelling in the Bible. Jerusalem : Magnes Press, Hebrew University.
- LICHTENSTEIN, M.H. 1984. Biblical poetry. (*In* Holtz, B.W. *ed.* Back to the sources. Reading the classic Jewish texts. New York : Summit Books. p. 105-127.)
- LIEDBOEK VAN DIE KERK. 2001. Vir gebruik by die erediens en ander byeenkomste. Kaapstad : NG Kerk-uitgewers.
- LIPTAK, R. 2003. Coming to terms with intertextuality: methodology behind Biblical criticism past and present. M.A. mini-dissertation. Pretoria : University of Pretoria.
- LOHSE, D.E. s.j. Die Openbaring van Johannes. *In reeks* Teologiese Boekreeks, nr. 12. Van der Westhuijzen, L. *vert.* Otjimbingue / Port Elizabeth : Verenigde Lutherse Seminarie / Die Teologiese Seminarie van die Evangeliese Broederkerk in Suid-Afrika.
- LOMBARD, J. 1999. Waterslangverhale in en rondom Afrikaans: 'n ondersoek na mitisiteit as basis vir vergelykende literatuurstudie. D.Litt.-proefskrif. Potchefstroom : P.U. vir C.H.O.

- LONG, T.G. 1980. Narrative structure as applied to Biblical preaching: a method for using the narrative grammar of A.J. Greimas in the development of sermons on Biblical narratives. Ph.D.-dissertation. Princeton, New Jersey : Princeton Theological Seminary.
- LONG, T.G. 2001. Beyond the worship wars. Building vital and faithful worship. Atlanta, Georgia : The Alban Institute.
- LONGMAN, T. III. 1985. The literary approach to the study of the Old Testament : promises and pitfalls. *The Journal of the Evangelical Theological Society*, 28(4):385-398.
- LONGMAN, T. III. 1987. Literary approaches to biblical interpretation. Grand Rapids : Academic Books.
- LONGMAN, T. III. 1988. How to read the Psalms. Downers Grove, Ill. and Leicester : InterVarsity Press.
- LONGMAN, T. III. 1993a. Biblical narrative. (In Ryken, L. & Longman, T. III. eds. *A complete literary guide to the Bible*. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. p. 69-79.)
- LONGMAN, T. III. 1993b. Biblical poetry. (In Ryken, L. & Longman, T. III. eds. *A complete literary guide to the Bible*. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. p. 80-91.)
- LOOTS, P.J. 1948. Ons kerklied deur die eeue. Stellenbosch : Die Christen-Studenteverenigingmaatskappy van Suid-Afrika.
- LOTMAN, J.M. 1972. Die Struktur literarischer Texte. Übersetzt von Rolf-Dietrich Keil. München : Wilhelm Fink Verlag.
- LOTMAN, J.M. 1977. Teksttypologie en de typologie van de tekseksterne verbanden. (In Bronzwaer, W.J.M., Fokkema, D.W., Ibsch *samest*, De Zwaan, H. *vert.* *Tekstboek algemene literatuurwetenschap. Moderne ontwikkelingen in die literatuurwetenschap geïllustreerd in een bloemlezing uit Nederlandse en buitenlandse publikaties*. Baarn : Amboboeken. p. 107-120.)
- LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1988. Greek-English Lexicon of the New Testament based on semantic domains. Vol. 1. Introduction & domains. New York: United Bible Societies.
- LUBBOCK, 1957[1921]. The craft of fiction. London : Jonathan Cape.
- LUNDIN, R., WALHOUT, C. & THISELTON, A. 1999. The promise of Hermeneutics. Grand Rapids, Michigan and Cambridge, UK : William B. Eerdmans.

- LUPIERI, E.F. 2006. A commentary on the Apocalypse of John. Johnson, M.P. & Kamesar, A. *trans. In series* Lupieri, E. *ed.* Italian Texts and Studies on Religion and Society. Grand Rapids, Michigan / Cambridge, U.K : W. B. Eerdmans.
- LUTTIKHUIZEN, G.P. 1993. The poetic character of Revelation 4 and 5. (*In* Den Boeft, J. & Hilhorst, A. *eds.* Early Christian poetry. A collection of essays. Leiden : E.J. Brill. p. 15-22.)
- LYOTARD, D.-F. 1984. The postmodern condition: a report on knowledge. Bennington, G. & Massumi, B. *trans.* Manchester : Manchester University.
- MAATJE, F.C. 1970. Literatuurwetenschap. Grondslagen van een theorie van het literaire werk. Utrecht : A. Oosthoek's Uitgevermaatschappij NV.
- MACKENZIE, R.K. 1997. The author of Apocalypse. A review of the prevailing hypothesis of Jewish-Christian scholarship. *In series* Mellen Biblical Press, 51. Lewiston/Queenston/Lampeter : Mellen Biblical Press.
- MacARTHUR, J.F. 2006. Revelation. The Christian's ultimate victory. Nashville, Tennessee : Nelson Impact.
- MacLEOD, D.J. 2007a. The adoration of God the Creator: an exposition of Revelation 4. *Bibliotheca Sacra*, 164(654):198-218).
- MacLEOD, D.J. 2007b. The adoration of God the Redeemer: an exposition of Revelation 5:8-14. *Bibliotheca Sacra*, 164(656):454-471.
- MAI, H.-P. 1991. Bypassing intertextuality. (*In* Plett, H.F. *ed.* 1991. Intertextuality. Berlin and New York : Walter de Gruyter. p. 30-55.)
- MALAN, R. 1992. Intertekstualiteit. (*In* Cloete, T.T. *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-literêr. p. 187-189.)
- MALBON, E.S. 1992. Narrative criticism: how does the story mean? (*In* Anderson, J.C. & Moore, S.D. *eds.* Mark and method: New approaches in Biblical studies. Minneapolis : Fortress. p. 23-49.)
- MALBON, E.S. & McKNIGHT, E.V. *eds.* 1994. The new literary criticism and the New Testament. Journal for the Study of the New Testament, Supplement series, 109. Sheffield : Sheffield Academic Press.
- MALINA, B.J. 2001. The New Testament World. Insights from cultural anthropology (3rd *ed.*, *rev.* and *exp.*). Louisville, Ken. / London : Westminster John Knox Press.
- MALINA, B.J. & PILCH, J.J. 2000. Social-science commentary on the book of Revelation. Minneapolis : Fortress Press.

- MANDELKOW, K.R. 1978. Receptie-esthetica en marxistische literatuurtheorie (1970/76). (In Buursink, M. *et al.* De wetenschap van het lezen. Tien jaar theorie der literaire receptie. Assen / Amsterdam : Van Gorcum. p. 47-62.)
- MATHEWS, S.F. 1987. A critical evaluation of the allusions to the Old Testament in Apocalypse 1:1-8:5. Ph.D. dissertation. Washington, D.C. : The Catholic University of America.
- MATHEWSON, D. 2008. Verbal aspect in the Apocalypse of John: an analysis of Revelation 5. *Novum Testamentum*, 5:58-77.
- MAYS, J.L. 1985. Ps. 29. Expository Articles. *Interpretation. A Journal of Bible and Theology*, 39:60-64.
- MAZZAFERRI, F.D. 1989. The genre of the book of Revelation from a source-critical perspective. *Beihefte zur Zeitschrift für die neutestamentliche Wissenschaft*, 54. Berlin/New York : W. de Gruyter.
- McCONNELL, F. *ed.* 1986. The Bible and the narrative tradition. New York : Oxford University Press.
- McGINN, B. 1988. Revelation. (In Kermode, F. & Alter, R. *eds.* The literary guide to the Bible. Cambridge, Mass. : Harvard University Press. p. 523-541.)
- McHALE, B. 1987. Postmodernist fiction / Pöstmödernist (sic!) fiction. London and London : Methuen.
- McKAY, K.L. 1992. Time and aspect in New Testament Greek. *Novum Testamentum*, 34:209-228.
- McKAY, K.L. 1994. A new syntax of the verb in the New Testament. (SBG 5) New York : Peter Lang.
- McKENZIE, S.L. & HAYNES, S.R. *eds.* 1999. To each its own meaning. An introduction to Biblical criticisms and their application. Louisville, Ky.: Westminster John Knox Press.
- McKNIGHT, E.V. 1985. The Bible and the reader. An introduction to literary criticism. Philadelphia : Fortress Press.
- McQUILLAN, M. 2000. Introduction. Five strategies for deconstruction. (In McQuillan, M. *ed.* Deconstruction. A reader. Edinburgh : Edinburgh University Press. p. 1-43.)
- McQUILLAN, M. *ed.* 2000. Deconstruction. A reader. Edinburgh : Edinburgh University Press.

- MELUGIN, R.F. 2003. Recent Form Criticism revisited in an age of reader response. *In* Sweeney, M.A. & Zvi, E.B. eds. The changing face of form-criticism for the twenty-first century. Grand Rapids / Cambridge : William B. Eerdmans Publishing Company. p. 46-64.
- METZGER, B. 1993. Breaking the code: understanding the book of Revelation. Nashville : Abingdon Press.
- MEUTER, N. 2011. "Narration in Various Disciplines", Paragraph 7. *In* Hühn, Peter et al. (eds.): the living handbook of narratology. Hamburg: Hamburg University Press
URL = [hup.sub.uni-hamburg.de/lhn/index.php?title=Narration in Various Disciplines&oldid=1004](http://hup.sub.uni-hamburg.de/lhn/index.php?title=Narration%20in%20Various%20Disciplines&oldid=1004). 2011/03/12.
- MEYER, E. 1997. 'n Godsleer van Openbaring soos vervat in die himnes. *Skrif en Kerk*, 18(2):305-322.
- MEYLAHN, E.P. 2005. 'n Narratief-kritiese benadering as hermeneutiese raamwerk vir 'n vergelykende studie tussen die boeke *Openbaring* en *The Lord of the Rings*. D.D.-proefskrif. Pretoria : Universiteit van Pretoria.
- MICHAELS, J.R. 1991. Revelation 1:19 and the narrative voices of the Apocalypse. *New Testament Studies*, 37:604-620.
- MICHAELS, J.R. 1997. Revelation. (*In series* Osborne , G.R. ed. The IVP New Testament Commentary Series. Downers Grove, Ill. : InterVarsity Press.)
- MICHAELIS, W. 1974. *κράτος*. (*In* Kittel, G. ed. Bromiley, G.W. trans. Theological Dictionary of the New Testament, vol. III. Grand Rapids, Michigan : WM. B. Eerdmans Publishing Company. p. 905-910.)
- MIDDAG, G. 1990. Ik ben een napraatpapegaai. Dertig kleine essays over poëzie. Amsterdam : De Bezige Bij.
- MILLER, C.R. 1984. Genre as social action. *Quarterly Journal of Speech*, 70:151-162.
- MILLER, J.H. 1995. Narrative. (*In* Lentricchia, F. & McLaughlin, T. eds. Critical terms for literary study. Chicago : University of Chicago Press. p. 66-79.)
- MILLER, J.H. 2002. On literature. Routledge : London and New York.
- MILLS, K. 2001. Literature and theology. (*In* Knellwolf, C. & Norris, C. eds. Twentieth- Century historical, philosophical and psychological perspectives. *In series* The Cambridge History of Literary criticism, vol. 9. Cambridge : University Press. p. 389 - 400.)
- MILNE, P.J. 1988. Vladimir Propp and the study of structure in Hebrew Biblical narrative. *In series* Bible and Literature Series, 13. Sheffield : Almond.

- MILTON, J. 1957. The reason of church government. (*In Hughes, M.Y. ed. Complete poems and major prose. New York : Odyssey. p. 640-689.*)
- MITCHELL, W.J.T. 2003. The commitment to form; or still crazy after all these years. *Publications of the Modern Language Association of America*, 118(2):321-325.
- MÖLLER, K. 2005. Rhetorical criticism. (*In Vanhoozer, K.J. ed. Dictionary for theological interpretation of the Bible. Grand Rapids : Baker Academic. p. 689-692.*)
- MORRIS, H.M. 1983. The Revelation record. A scientific and devotional commentary on the Book of Revelation. Wheaton, Illinois : Tyndale House Publishers, Inc.
- MORTON, R. 2001. Glory to God and to the Lamb: John's use of Jewish and Hellenistic/Roman themes in formulating his theology in Revelation 4-5. *Journal for the study of the New Testament*, 83:89-109.
- MOUNCE, R.H. 1979. The Book of Revelation. Grand Rapids : William B. Eerdmans.
- MOUNCE, R.H. 1998. The book of Revelation, *rev. ed.* NICNT. Grand Rapids and Cambridge : Eerdmans.
- MOULTON, D. 2010. Liturgie in die 21^{ste} eeuw. *Vir die Musiekleier*, 30(37):20-29.
- MOYISE, S. 1995. The Old Testament in the book of Revelation. *Journal for the Study of the New Testament, Supplement series 115.* Sheffield : Sheffield Academic Press.
- MOYISE, S. 1999. The Old Testament in the New: a reply to Greg Beale. *Irish Biblical Studies*, 21:54-58.
- MOYISE, S. 2000. Intertextuality and the study of the Old Testament in the New Testament. (*In Moyise, S. ed. The Old Testament in the New. Essays in honour of J.L. North. Journal for the Study of the New Testament, Supplement series, 189. Sheffield : Sheffield Academic Press. p. 14-41.*)
- MOYISE, S. 2002. Intertextuality and Biblical studies: a review. *Verbum et Ecclesia*, 23(2):418-431.
- MOYISE, S. 2003. Intertextuality and the use of Scripture in the book of Revelation. *Scriptura*, 84:391-401.
- MOYISE, S. 2004. The Psalms in the book of Revelation. (*In Moyise, S. & Menken, M.J.J. eds. The Psalms in the New Testament. London and New York : T & T Clark International. p. 231-246.*)

- MOYISE, S. *ed.* 2000. The Old Testament in the New. Essays in honour of J.L. North. Journal for the Study of the New Testament, Supplement series, 189. Sheffield : Sheffield Academic Press.
- MUILENBURG, J. 1969. Form criticism and beyond. *Journal of Biblical Literature*, 88(1):1-18.
- MUKAŘOVSKÝ, J. 1977[1934]. De kunst als semiotisch feit [1934: Die kunst als semiologischs Faktum]. (In Bronzwaer, W.J.M., Fokkema, D.W., Ibsch *samest.*, Verbaas, J. *vert.* Tekstboek algemene literatuurwetenschap. Moderne ontwikkelingen in die literatuurwetenschap geïllustreerd in een bloemlezing uit Nederlandse en buitenlandse publikaties. Baarn : Amboboeken. p. 89-95.)
- MUKAŘOVSKÝ, J. 1992[1948]. Standard language and poetic language. (In Adams, H. *ed.* Critical theory since Plato. *Rev. ed.* Crawfordsville : Thomson Learning. p. 976-982.)
- MÜLLER, G. 1968. Morphologische Poetik. Gesammelte Aufsätze. Tübingen : Max Niemeyer Verlag.
- MÜLLER, M. 2002. The New Testament reception of the Old Testament. (In Müller, M. & Tronier, H. *eds.* The New Testament as reception. Journal for the Study of the New Testament, Supplement series, 230. London and New York : Sheffield Academic Press. p. 1-14.)
- MURPHY, F.A. 2005. Book of Revelation. (In Vanhoozer, K.J. *ed.* Dictionary for theological interpretation of the Bible. Grand Rapids : Baker Academic. p. 680-687.)
- MURPHY, F.J. 1998. Fallen is Babylon. The Revelation to John. Harrisburg, PA : Trinity Press International.
- MURPHY, R. 2002. Ecclesiastes. *In series* Word Biblical Commentary, vol. 23a. Dallas: Word, Incorporated.
- NAGY, G. 1990. Pindar's Homer. The lyric possession of an epic past. Baltimor : John Hopkins Press.
- NAYLOR, M. 2010. The Roman imperial cult and Revelation. *Currents in Biblical Research*, 8:207-239.
- NEL, M. 2001. Daniëlboek as apokaliptiek. *Verbum et Ecclesia*, 22(2):366-378.
- NEL, P.J. 2003. Die Bybel: teks en ondermyning. *Hervormde Teologiese Studies*, 59(3):881-897.
- NIEDERHOFF, B. 2011. "Focalization", Paragraph 2. In Hühn, Peter *et al.* (*eds.*): the living handbook of narratology. Hamburg: Hamburg University Press.

URL = hup.sub.uni-hamburg.de/lhn/index.php?title=Focalization&oldid=1006
2011/03/12.

- NOLL, M.A. 1997. Turning Points. Decisive moments in the history of Christianity. Grand Rapids : Baker Books.
- NORDLING, C.F. 2005. Feminist Biblical interpretation. (In Vanhoozer, K.J. ed. Dictionary for theological interpretation of the Bible. Grand Rapids : Baker Academic. p. 228-230.)
- NORRIS, C. 2000a. Deconstruction and the unfinished project of Modernity. London : Athlone Press.
- NORRIS, C. 2000b. Deconstruction, post-modernism and the visual arts. (In McQuillan, M. ed. Deconstruction. A reader. Edinburgh : Edinburgh University Press. p. 109-120.)
- NORRIS, C. 2002. Deconstruction. Theory and practice. 3rd edition. London and New York : Routledge.
- NORTON, D. 1993. A history of the Bible as literature. Vol. 2. From 1700 to the present day. Cambridge : Cambridge University Press.
- O'ROURKE, J.J. 1968. The hymns of the Apocalypse. *The Catholic Biblical Quarterly*, 30:399-409.
- OGDEN, G. S. 1998. A handbook on Ecclesiastes. In series Zogbo, L. ed. UBS handbook series: Helps for translators. New York: United Bible Societies.
- OLIVER, K. ed. 2002. The portable Kristeva (*updated edition*). New York : Columbia University Press.
- OLIVIER, G.C. 1997. Sekularisasie vs spiritualiteit in die hedendaagse Afrikaanse kerklied: enkele gesigspunte. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 12(2):87-96.
- ONEGA, S. & LANDA, J.A.G. 1996. Introduction. (In Onega, S. & Landa, J.A.G. eds. Narratology: an introduction. London and New York : Longman. p. 1-41.)
- OOSTHUIZEN, M.J. 1994. The narratological approach as a means of understanding the Old Testament. *Old Testament Essays* (special edition), 7(4):84-91.
- OSBORNE, G.R. 2004. Revelation. In series Silva, M. ed. Baker Exegetical Commentary on the New Testament. Grand Rapids : Baker Academic.
- OSBORNE, G.R. 2005. Genre. (In Vanhoozer, K.J. ed. Dictionary for theological interpretation of the Bible. Grand Rapids : Baker Academic. p. 252-253.)

- PAGE, R.E. 2003. Feminist narratology? Literary and linguistic perspectives on gender and narrativity. *Language and Literature*, 12(1):43-56.
- PALTRIDGE, B. 1997. Genre, frames and writing in research settings. Amsterdam / Philadelphia : John Benjamins B.V.
- PARRY, R. 2005a. Narrative Criticism. (In Vanhoozer, K.J. ed. Dictionary for theological interpretation of the Bible. Grand Rapids : Baker Academic. p. 528-531.)
- PARRY, R. 2005b. Reader-response Criticism. (In Vanhoozer, K.J. ed. Dictionary for theological interpretation of the Bible. Grand Rapids : Baker Academic. p. 658-661.)
- PASCHALIS, M. & FRANGOULIDIS, S. eds. 2002. Space in Ancient narrative. In series Zimmerman, M. et al. eds. Ancient Narrative, supplementum 1. Groningen : Bakhuis Publishing & The University Library Groningen.
- PATE, C.M. 2011. The writings of John. A survey of the Gospel, Epistles, and Apocalypse. Grand Rapids, Michigan : Zondervan.
- PATTEMORE, S. 2002/03. Relevance Theory, intertextuality, and the book of Revelation. (In Noss, P. ed. Current trends in Scripture translation. *United Bible Society Bulletin*, 194/195. Reading : UBS. p. 43-60.)
- PAUL, I. 2001. The book of Revelation: image, symbol and metaphor. (In Moyise, S. ed. Studies in the book of Revelation. Edinburgh and New York : T&T Clark. p. 131-147.)
- PAUL, I. 2005. Metaphor. (In Vanhoozer, K.J. ed. Dictionary for theological interpretation of the Bible. Grand Rapids : Baker Academic. p. 507-510.)
- PAUL, I. 2008. Ebbing and flowing: scholarly developments in study of the book of Revelation. *The Expository Times*, 119:11.
- PAULIEN, J. 1995. The role of the Hebrew cultus, sanctuary, and temple in the plot and structure of the book of Revelation. *Andrews University Seminary Studies*, 33(2):245-264.
- PAULIEN, J. 2001a. Criteria and the assessment of allusions to the Old Testament in the book of Revelation. (In Moyise, S. ed. Studies in the book of Revelation. Edinburgh and New York : T&T Clark. p. 113-129.)
- PAULIEN, J. 2001b. Dreading the whirlwind. Intertextuality and the use of the Old Testament in Revelation. *Andrews University Seminary Studies*, 39(1):5-22.

- PAULIEN, J. 2004. The Lion/Lamb King: reading the Apocalypse from popular culture. (In Barr, D.L. *ed.* Reading the book of Revelation. A resource for students. Leiden : Brill. p. 151-161.)
- PECK, J. & COYLE, M. 2002. Literary terms and criticism. 3rd *ed.* In series Palgrave Study Guides : Literature. New York : Palgrave.
- PERRIN, N. 1975. The kingdom of God in the teaching of Jesus. London : SCM Press.
- PERRIN, N. 1983. Apocalyptic Christianity. The synoptic source "Q". The apocalyptic discourses. The book of Revelation. (In Hanson, P.D. *ed.* Visionaries and their Apocalypses. Philadelphia : Fortress Press / London : SPCK. p. 121-145.)
- PETERSEN, N.R. 1978. Literary criticism for New Testament critics. Philadelphia : Fortress Press.
- PETERSON, N.R. 1992. Normativity, validity, and relativity. Reader oriented methods and the South African social context. (In Lategan, B. *ed.* The reader and beyond: theory and practice in South African reception studies. In series Mouton, J. *ed.* HSRC. p. 255-263.)
- PHELAN, J. & RABINOWITZ, P.J. *eds.* 2005. A companion to narrative theory. In series Blackwell Companions to Literature and Culture. Malden (USA), Oxford (UK), and Victoria (Australia) : Blackwell Publishing.
- PIETERSE, H.J.C. 2005. Die rol van Godskennis in die ontmoetingsgebeure met God in die prediking. In *die Skriflig*, 39(3):409-422).
- PIPPIN, T. 1992. Eros and the End: reading for gender in the Apocalypse of John. *Semeia*, 59:193-210.
- PLETT, H.F. 1991. Intertextualities. (In Plett, H.F. *ed.* 1991. Intertextuality. Berlin and New York : Walter de Gruyter. p. 3-29.)
- PLETT, H.F. *ed.* 1991. Intertextuality. Berlin and New York : Walter de Gruyter.
- POLAND, L.M. 1984. The secret gospel of Nortrop Frye. *Journal of Religion*, 64(4):513-519.
- POLMAN, A.D.R. 1977[1959]. Kerkvader. (In Grosheide, F.W. & Van Itterzon, G.P. *reds.* Christelijke Encyclopedie, vol. IV. Kampen : J.H. Kok. p. 234.)
- PORTER, S.E. 1989a. The language of the Apocalypse in recent discussion. *New Testament Studies*, 35:582-603.
- PORTER, S.E. 1989b. Verbal aspect in the Greek of the New Testament, with reference to tense and mood. (SBG 1). New York : Peter Lang.

- PORTER, S.E. 1990. Why has'nt reader-response criticism caught on in New Testament studies? *Literature and Theology*, 4(3):278-292.
- PORTER, S.E. 1997. The use of the Old Testament in the New Testament: a brief comment on method and terminology. (In Evans, C.A. & Sanders, J.A. eds. Early Christian interpretation of the Scriptures of Israel: investigations and proposals. In series Porter, S.E. ed. *Journal for the Study of the New Testament*, Supplement series, 148. Sheffield : Sheffield Academic Press. p. 79-96.)
- POSTMODERN BIBLE, The. 1995. New Haven and London : Yale University.
- POWELL, M.A. 1990. What is narrative criticism? Minneapolis : Fortress Press.
- POWELL, M.A. *et al. comp.* 1992. The Bible and modern literary criticism. A critical assessment and annotated bibliography. New York, London : Greenwood Press.
- PRAAMSMA, L. 1977[1958]. Gregorius 1, de Grote. (In Grosheide, F.W. & Van Isterzon, G.P. eds. Christelijke Encyclopedie, vol. III. Kampen : J.H. Kok. p. 304.)
- PRAAMSMA, A. & GREENSTEIN, E.L. *compl. and eds.* 1986. The Hebrew Bible in literary criticism. New York : Ungar.
- PRICKETT, S. 1986. Words and the Word: language, poetics, and Biblical interpretation. Cambridge : Cambridge University Press.
- PRICKETT, S. 1999. Biblical and literary criticism: a history of interaction. (In Jasper, D. & Prickett, S. eds. 1999. The Bible and literature. A reader. Oxford : Blackwell Publishers. p. 12-43.)
- PRIGENT, P. 2001. Commentary on the Apocalypse of St. John. Tübingen : J.C.B. Mohr (Paul Siebeck).
- PRINCE, G. 1982. Narratology. The form and function of narrative. Berlin : Mouton Publishers.
- PRINCE, G. 1987. A dictionary of narratology. Lincoln and London : University of Nebraska.
- PRINCE, G. 1996[1980, 1973]. Introduction to the study of the narratee. (In Onega, S. & Landa, J.A.G. eds. Narratology: an introduction. London and New York : Longman. p. 190-202.)
- PROCKSCH, O. 1974. ἄγιος. (In Kittel, G. ed. Bromiley, G.W. trans. Theological Dictionary of the New Testament, vol. 1. Grand Rapids, Michigan : WM. B. Eerdmans Publishing Company. p. 88-97, 100-110.)

- PROPP, V. 1979[1968, 1927]. *Morphology of the folktale*. Austin and London : University of Texas Press.
- PSALMBOEK. 2003. *Die berymde en omgedigte Psalms en ander Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*. Wellington : NG Kerk-Uitgewers.
- RABINOWITZ, I. 1982. New Criticism: beloved infidel. (*In* Ryan, R. & Van Zyl, S. eds. *An introduction to contemporary literary theory*. Johannesburg : Ad. Donker. p. 24-40.)
- READINGS, B. & SCHABER, B. eds. 1993. *Postmodernism across the ages. Essays for a Postmodernity that wasn't born yesterday*. Syracuse, New York : Syracuse University Press.
- REDDISH, M.G. 2001. *Revelation*. Macon, Ga. : Smyth and Helwys.
- RESSEGUIE, J.L. 1998. *Revelation unsealed. A narrative critical approach to John's Apocalypse*. *In series* Culpepper, R.A. & Rendtorff, R., eds. *Biblical Interpretation series*, 32. Leiden/Boston/Köln : Brill.
- RESSEGUIE, J.L. 2000. New Testament as literature. (*In* Freedman, D.N., Myers, A.C. & Beck, A.B. eds. *Eerdmans dictionary of the Bible*. Grand Rapids, Michigan and Cambridge, UK. : William. B. Eerdmans. p. 815-817.)
- RESSEGUIE, R.L. 2005. *Narrative criticism of the New Testament. An introduction*. Grand Rapids, Michigan : Baker Academic.
- RICHARDS, I.A. 1971[1936]. *The philosophy of rhetoric*. New York : Oxford University Press.
- RICOEUR, P. 1973. The task of Hermeneutics. *Philosophy Today*, 17:112-128.
- RICOEUR, P. 1978. The rule of metaphor: multidisciplinary studies of the creation of meaning in language. Czerny, R., McLaughlin, K. & Costello, J. trans. London & Henley : Routledge & Kegan Paul.
- RICOEUR, P. 1981. Metaphor and the central problem of hermeneutics. (*In* Thompson, J.B. ed. *Hermeneutics and the Human Sciences*. Cambridge : Cambridge University Press. p. 165-181.)
- RIDDERBOS, H. 1950. *De komst van het koninkrijk. Jesus' prediking volgens de Synoptische Evangelieën*. Kampen : J.H. Kok.
- RIFFATERRE, M. 1978. *Semiotics of poetry*. Bloomington & London : Indiana University Press.

- RIMMON-KENAN, S. 1983. Narrative fiction: contemporary poetics. London and New York : Methuen.
- ROBBINS, V.K. 1996a. Exploring the texture of texts. A guide to socio-rhetorical interpretation. Valley Forge : Trinity Press.
- ROBBINS, V.K. 1996b. The tapestry of Early Christian discourse. Rhetoric, society and ideology. London : Routledge.
- ROGERS, W.E. 1983. The three genres and the interpretation of lyric. Princeton, New Jersey : Princeton University Press.
- ROLOFF, J. 1993. The Revelation of John. A Continental Commentary. Alsup, J.E. *trans.* Minneapolis : Fortress.
- ROODT, P.H. 1983. Verteller-tekst-leser: die driehoeksverhouding in 'Jaarringe'. (*In* Malan, C. *red.* 1983. Letterkunde en leser. 'n Inleiding tot lesergerigte literêre ondersoeke. Durban : Butterworth. p. 126-139.)
- ROODT, P.H. & PIETERSE, H.J. 1992. Epos. (*In* Cloete, T.T. *red.* Literêre terme en Teorieë. Pretoria : HAUM-literêr. p. 102-105.)
- ROOS, H. 1992. Epiek. (*In* Cloete, T.T. *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-literêr. p. 97-100.)
- ROSENBLATT, J.P. & SITTERSON, J.C. jnr. *eds.* 1991. "Not in heaven". Coherence and complexity in Biblical narrative. Bloomington & Indianapolis : Indiana University Press.
- ROSENFELD, L.W. 1980. The practical celebration of epideictic. (*In* White, E.E. *ed.* Rhetoric in transition: studies in the nature and uses of rhetoric. University Park and London : Pennsylvania State University Press. p. 131-155.)
- ROUTLEY, E. 1978. Church music and Christian faith. Londen : Collins.
- ROWLAND, C. 1997. Apocalyptic, God and the world. Appearance and reality: early Christianity's debt to the Jewish apocalyptic tradition. (*In* Barclay, J. & Sweet, J. *eds.* Early Christian thought in its Jewish context. Cambridge : Cambridge University Press. p. 238-249.)
- ROWLAND, C. 1998. Revelation. (*In* The New Interpreter's Bible. General articles & introduction, commentary, & reflections for each book of the Bible including the Apocryphal / Deuterocanonical books in twelve volumes. Vol. XII. Nashville : Abingdon Press. p. 503-743.)
- RUIZ, J.-P. 1997. Revelation 4:8-11; 5:9-14: heavenly hymns of creation and redemption. (*In* Kiley, M. *et al.* 1997. Prayer from Alexander to Constantine. A critical anthology. Routledge : London and New York. p. 244-249).

- RYAN, R. & VAN ZYL, S. *eds.* 1982. An introduction to contemporary literary theory. Johannesburg : Ad. Donker.
- RYKEN, L. 1984. How to read the Bible as literature...and get more out of it. Grand Rapids : Zondervan.
- RYKEN, L. 1987. Words of delight. A literary introduction to the Bible. Grand Rapids : Baker Book House.
- RYKEN, L. 1990. The Bible as literature. Four Parts. *Bibliotheca Sacra*, 147:3-15, 131-142, 259-269, 387-338.
- RYKEN, L. 1993a. Revelation. (*In Ryken, L. & Longman, T. III. eds.* A complete literary guide to the Bible. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. p. 458-469.)
- RYKEN, L. 1993b. The Bible as literature. A brief history. (*In Ryken, L. & Longman, T. III. eds.* A complete literary guide to the Bible. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. p. 49-68.)
- RYKEN, L. 1993c. The literary influence of the Bible. (*In Ryken, L. & Longman, T. III. eds.* A complete literary guide to the Bible. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. p. 473-448.)
- RYKEN, L. 1993d. The literature of the New Testament. (*In Ryken, L. & Longman, T. III. eds.* A complete literary guide to the Bible. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. p. 361-375.)
- RYKEN, L. 2001. Words of delight 2nd ed. A literary introduction to the Bible. Grand Rapids : Baker Book House.
- RYKEN, L. 2005. Literary criticism. (*In Vanhoozer L. et al. eds.* Dictionary of theological interpretation. Grand Rapids : Baker Academics. p. 457-460.)
- RYKEN, L. *ed.* 1984. The New Testament in Literary Criticism. New York : Frederick Ungar Publishing Co.
- RYKEN, L. & LONGMAN, T. III. 1993. Introduction. (*In Ryken, L. & Longman, T. III. eds.* A complete literary guide to the Bible. Grand Rapids : Zondervan Publishing House. p. 15-39.)
- RYKEN, L. & LONGMAN, T. III. *eds.* 1993. A complete literary guide to the Bible. Grand Rapids : Zondervan Publishing House.
- RYKEN, L. & RYKEN, P.G. 2007. The literary study Bible. Wheaton, Illinois : Crossway Bibles.

- RYKEN, L., WILHOIT, J.C. & LONGMAN, T. III. 1998. Dictionary of Biblical imagery. Downers Grove, Ill. and Leicester : InterVarsity Press.
- SAUTER, G. & BARTON, J. *eds.* 2000. Revelation and story. Narrative theology and the centrality of story. Aldershot, England : Ashgate.
- SCHIMANOWSKI, G. 2004. "Connecting Heaven and Earth": the function of the hymns in Revelation 4-5. (*In* Boustani, R.S. & Read, A.Y. *eds.* Heavenly realms and earthly realities in late antique religions. Cambridge, UK; New York; Melbourne; Cape Town : Cambridge University Press. p. 67-84.)
- SCHLIER, H. 1974. *ἀλήθεια*. (*In* Kittel, G. *ed.* Bromiley, G.W. *trans.* Theological Dictionary of the New Testament, vol. I. Grand Rapids, Michigan : WM. B. Eerdmans Publishing Company. p. 335-338.)
- SCHMID, W. 2011. "Implied Author", Paragraph 2. *In* Hühn, Peter *et al.* (*eds.*): the living handbook of narratology. Hamburg: Hamburg University Press.
URL = [http://sub.uni-hamburg.de/lhn/index.php?title=Implied Author&oldid=794](http://sub.uni-hamburg.de/lhn/index.php?title=Implied+Author&oldid=794)
2011/02/16
- SCHNEIDER, J. *τιμή, τιμμάω*. (*In* Kittel, G. & Friedrich, G. *eds.* Bromiley, G.W. *trans.* Theological Dictionary of the New Testament, vol. VIII. Grand Rapids, Michigan : WM. B. Eerdmans Publishing Company. p. 169-180.)
- SCHOLES, R. 1974. Structuralism in literature. An introduction. New Haven and London : Yale University Press.
- SCHRENK, G. 1974. *ἱερός, ἱερεύς*. (*In* Kittel, G. *ed.* Bromiley, G.W. *trans.* Theological Dictionary of the New Testament, vol. III. Grand Rapids, Michigan : WM. B. Eerdmans Publishing Company. p. 221-230; 257-265.)
- SCHROVER, E. 1992. Deconstructie en literatuur. Muiderberg : Dick Couthino.
- SCHULZE, L.F. 1978. Geloof deur die eeue. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- SCHULZE, L.F. 1998. Hoe post-modern is postmodernisme? Enkele gedagtes. *Acta Theologica*, 18(1):10-25.
- SCHULZE, R.L. 1999. The search for quotation: verbal parallels in the prophets. *Journal for the Study of the Old Testament*, Supplement 180. Sheffield : Sheffield Academic Press.
- SCHUMAN, N.A. & OSKAMP, P. *red.* 1998. De weg van de liturgie. Tradities, achtergronden, praktijk. Zoetermeer : Meinema.
- SCHÜSSLER FIORENZA, E. 1977. Composition and structure of the book of Revelation. *Catholic Biblical Quarterly*, 39:344-366.

- SCHÜSSLER FIORENZA, E. 1985. *The Book of Revelation. Justice and Judgment.* Philadelphia : Fortress Press.
- SCHÜSSLER FIORENZA, E. 1989a. Revelation. (In Epp, J.E. & McRae, G.W. eds. *The New Testament and its modern interpreters.* Philadelphia : Fortress; Atlanta : Scholars. p. 407-427.)
- SCHÜSSLER FIORENZA, E. 1989b. The phenomenon of early Christian apocalyptic. (In Hellholm, D. ed. *Apocalypticism in the Mediterranean world and the Near East. Proceedings of the International Colloquium on Apocalypticism. August 12-17, 1979.* Tübingen : JCB Mohr (Paul Siebeck). p. 295-316.)
- SCHÜSSLER FIORENZA, E. 1991. Revelation: vision of a just world. (In series Krodel, G. ed. *Proclamation Commentaries.* Minneapolis : Fortress Press.)
- SCHWARTZ, R. ed. 1990. *The book and the text: the Bible and literary theory.* Cambridge, Massachusetts / Oxford, UK : Basil Blackwell.
- SCMIDT-LAUBER, H-C. & BEIRITZ, K-H. red. 1995. *Handbuch der Liturgie. Liturgiewissenschaft in Theologie und Praxis der Kirche.* Leipzig : Evangelische Verlaganstalt.
- SEAFORD, R. 1994. *Reciprocity and ritual. Homer and tragedy in the developing city-state.* Oxford : Oxford University Press.
- SEAL, D. 2008. Shouting in the Apocalypse: the influence of first-century acclamations on the praise utterances in Revelation 4:8 and 11. *Journal of the Evangelical Theological Society*, 51(2):339-352. June.
- SEEL, T.A. 1990. *Toward a theology of music for worship derived from the book of Revelation.* D.Mus. - dissertation. Louisville : Southern Baptist Theological Seminary.
- SEGERS, R.T. 1979/80. Haalt de receptie-esthetica 1984? Een beschouwing over enkele mogelijke consequenties van een lezergerichte literatuurbenadering. *Spektator*, 9:287-303.
- SELDEN, R. 1989. *A reader's guide to contemporary literary theory, 2nd ed.* New York / London / Sydney / Tokyo / Singapore : Harvester Wheatsheaf.
- SELDEN, R. & WIDDOWSON, P. 1993. *A reader's guide to contemporary literary theory.* New York : Harvester.
- SERFONTEIN, A. 2005. Lof en aanbidding vernuwing in hoofdstroom kerke. *Kruisgewys*, 5(1):21-22.
- SIDER, J.W. 1982/83. Nurturing our nurse: literary scholars and Biblical exegesis. *Christianity and Literature*, 32(1):15-21.

- SIDNEY, Sir Philip. 1995. An apology for poetry. (In Kaplan, C. ed. *Criticism. The major statements*. New York : St. Martin's Press. p.109-147.)
- SIMPSON, P. 2004. Stylistics. A resource book for students. *In series* Stockwell, P. ed. *Routledge English language introductions*. London and New York : Routledge.
- SKAGGS, R. & DOYLE, T. 2009. Lion/Lamb in Revelation. *Currents in Biblical Research*, 7:362-375.
- ŠKLOVSKIJ, V. 1965[1917]. Art as technique. (In Lemon, L.T. & Reis, M.J. eds., trans. *Russian formalist criticism. Four essays*. *In series* Olson, P.A. ed. Lincoln : University of Nebraska Press. p. 3-57.)
- SMALLEY, S.S. 1994. Thunder and love. John's Revelation and John's community. Milton Keynes : Word Books.
- SMALLEY, S.S. 2005. The Revelation of John. A commentary on the Greek text of the Apocalypse. Downers Grove, Illinois : InterVarsity Press.
- SMIT, D.J. 2006. Neem, lees! Hoe ons die Bybel hoor en verstaan. Wellington : Lux Verbi.BM.
- SMIT, E.J. 2007. Die bydrae van die gereformeerde kerklied tot versoening en eenheid in 'n multikulturele Suid-Afrika. Ph.D.-proefskrif. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit.
- SMITH, B.H. 1968. Poetic closure. A study of how poems end. London : University of Chicago Press.
- SMITSKAMP, H. 1977[1960]. Renaissance. (In Grosheide, F.W. & Van Itterzon, G.P. eds. *Christelike Encyclopedie*, vol. V. Kampen : J.H. Kok. p. 615-616.)
- SNYMAN, A.H. 2002. Leë plekke in die literatuur en Bybelvertaling. *In die Skriflig*, 36(3):439-453.
- SNYMAN, S.D. 2003. Oor die inspirasie van die Bybel – 'n perspektief van 'n Ou-Testamentikus. *Verbum et Ecclesia*, 24(2):459-473.
- SNYMAN, S.D. (Fanie). 2006. Respons op *Die dood van die outeur en die inspirasie van die Bybel*: in gesprek met P.J. Nel en S.D. Snyman. *In die Skriflig*, 40(4):771-782.
- SOETING, A.G. 2001. Auditiewe aspekte van het boek Openbaring van Johannes. Zoetermeer : Uitgeverij Boekencentrum.
- SONG, Y.M. 2006. The principle of Reformed intertextual interpretation. *Hervormde Teologiese Studies*, 62(2):607-634.

- SONG, Y.M. & DU RAND, J.A. 2003. Revelation history as depicted in the christological covenant eschatology according to the book of Revelation. *Ekklesiastikos Pharos*, 85 N.S.14:141-147.
- SONTAG, S. *ed.* 1982. A Barthes reader. New York : Hill & Wang.
- SOSKICE, J.M. 1987. Metaphor and religious language. Oxford : Clarendon Press.
- SPENCE- JONES, H.D.M. *ed.* 2004. The Pulpit Commentary: Ecclesiastes. Bellingham, WA : Logos Research Systems, Inc.
- SPOELSTRA, B. 1994. Liturgiese handelinge stel nie vanself 'n erediens as ontmoeting met God (godsdiens) daar nie. *In die Skriflig*, 28(1):37-56.
- SPOELSTRA, J. 1977[1957]. Dante Aligiérie. (*In Grosheide, F.W. & Van Itterzon, G.P. reds.* Christelike Encyclopedie, vol. II. Kampen : J.H. Kok. p. 362-363.)
- STANDER, H. 2003. Hoe om die Bybel beter te verstaan. Paarl : Carpe Diem.
- STANLEY, C.D. 1997a. The rhetoric of quotations: an essay on method. (*In Evans, C.A. & Sanders, J.A. eds.* Early Christian interpretation of the Scriptures of Israel: investigations and proposals. *In series* Porter, S.E. *ed.* Journal for the Study of the New Testament, Supplement series, 148. Sheffield : Sheffield Academic Press. p. 44-58.)
- STANLEY, C.D. 1997b. The social environment of 'free' Biblical Quatations in the New Testament. (*In Evans, C.A. & Sanders, J.A. eds.* Early Christian interpretation of the Scriptures of Israel: investigations and proposals. *In series* Porter, S.E. *ed.* Journal for the Study of the New Testament, Supplement series, 148. Sheffield : Sheffield Academic Press. p. 18-27.)
- STANZEL, F.K. 1978. Second thoughts on "Narrative situations in the novel": Towards a "grammar of fiction". *Novel*, 11(3):247-264.
- STANZEL, F.K. 1984[1979]. A theory of narrative. Goedshe, C. *trans.* Cambridge : Cambridge University Press.
- STANZEL, F.K. 1996[1984, 1979]. A new approach to the definition of the narrative situations. (*In Onega, S. & Landa, J.A.G. eds.* Narratology: an introduction. London and New York : Longman. p. 161-171.)
- STEEN, G. 1994. Understanding metaphor in literature. An empirical approach. London and New York : Longman.
- STEINHART, E. 2001. The logic of metaphor: analogous parts of possible worlds. Dordrecht : Kluwer Academic.

- STEINMETZ, H. 1989. Gattungen. Verknüpfungen zwischen Realität und Literatur. (In Vlasselaers, J. & Van Gorp, H. *reds.* Vorm of norm. De literaire genres in discussie. ALW : Vlasselaers & Van Gorp. p. 33-50.)
- STENDAHL, K. 1984. The Bible as a classic and the Bible as Holy Scripture. *Journal of Biblical Literature*, 103:3-10.
- STERNBERG, M. 1985. Poetics of Biblical narrative: ideological literature and the drama of reading. Bloomington: Indiana University Press.
- STEVENS, B.K. & STEWART, L.L. 1996. A guide to literary criticism and research. 3rd ed. Orlando : Harcourt Brace College Publishers.
- STRAND, K.A. 1978. Chiastic structure and some motifs in the book of Revelation. *Andrews University Seminar Studies*, 16:401-408.
- STRAUSS, M. 1999. Die verskil tussen 'n gereformeerde erediens en 'n charismatiese erediens. *Vir die Musiekleier*, 26:7-12.
- STRAUSS, S.A. 1998. Gereformeerde teologie tussen modernisme en postmodernisme. (In Van Niekerk, E.J. *red.* Moderne en postmoderne wetenskapsbeoefening: die moontlikheid van 'n Christelike perspektief as alternatief. Tydskrif vir Christelike Wetenskap, spesiale uitgawe, April. Bloemfontein : UOVS. p. 95-106.)
- STREETE, G.C.P. 1999. Redaction Criticism. (In McKenzie, S.L. & Haynes, S.R. *eds.* To each its own meaning. An introduction to Biblical criticisms and their application. Louisville, Ky. : Westminster John Knox Press. 2nd exp. ed. p. 105-121.)
- STRYDOM, W.M.L. 1991. Liturgiese sang in diens van die vernuwing van die gereformeerde erediens. D. Th.-proefskrif. Bloemfontein : Universiteit van die Oranje Vrystaat.
- STRYDOM, W.M.L. 1994. "Sing nuwe sange, nuutgebore". Liturgie en lied. Bloemfontein : Dept. Musiek, UOVS.
- STRYSICK, M. 2003. Closure of the book. (In Taylor, V.E. & Winquist, C.E. *eds.* Encyclopedia of Postmodernism. London / New York : Routledge. p. 52-53.)
- SWEENEY, M.A. 1999. Form Criticism. (In McKenzie, S.L. & Haynes, S.R. *eds.* To each its own meaning. An introduction to Biblical criticisms and their application. Louisville, Kentucky : Westminster John Knox Press. 2nd exp. ed. p. 58-89.)
- SWEENEY, M.A. & ZVI, E.B. *eds.* 2003. The changing face of form-criticism for the twenty-first century. Grand Rapids / Cambridge : William B. Eerdmans Publishing Company.

- SWEET, J. 1979. Revelation. *In series* Nineham, D.E. *ed.* SCM Pelican commentaries. London : SCM Press.
- SWEET, J. 1990[1979]. Revelation. Philadelphia : Trinity Press International. (1979: Philadelphia : Westminster Press.
- SWETE, H.B. 1977. Commentary on Revelation. Grand Rapids, Mich. : Kregel.
- TALBERT, C.H. 1994. The Apocalypse. A reading of the Revelation of John. Louisville : Westminster/John Knox.
- THISELTON, A. 1992. New horizons in hermeneutics. The theory and practice of transforming Biblical reading. Grand Rapids : Zondervan.
- THOMPSON, L. 1969. Cult and eschatology in the Apocalypse of John. *Journal of Religion*, 49(4):330-350.
- THOMPSON, L.L. 1990. The Book of Revelation. Apocalypse and empire. New York / Oxford : Oxford University Press.
- THOMPSON, L.L. 1998. Revelation. *In series* Furnish, V.P. *gen. ed.* Abingdon New Testament Commentaries.
- TODOROV, T. 1973. The fantastic: a structural approach to a literary genre. Howard, R. *trans.* Minneapolis : University of Minnesota Press.
- TODOROV, T. 1977[1971]. The poetics of prose / La Poétique de la prose. Howard, R. *trans.* New York : Cornell University Press.
- TODOROV, T. 1990. Genres in discourse. Porter, C. *trans.* Cambridge / New York / Melbourne : Cambridge University Press.
- TOLMIE, D.F. 1998. The analysis of events in Biblical narratives. *Acta Theologica*, 18(1):50-76.
- TOLMIE, D.F. 1999. Narratology and Biblical narratives. A practical guide. San Francisco: ISP.
- TOLLERS, V.L. & MAIER, J. *eds.* 1990. Mappings of the Biblical terrain. The Bible as text. *Bucknell Review*, 33(2). Lewisburg, Pa. : Bucknell University Press.
- TOMAŠEVSKIJ, B. 1965. Thematics. (*In* Lemon, L.T. & Reis, M.J. *eds., trans.* Russian formalist criticism. Four essays. *In series* Olson, P.A. *ed.* Lincoln : University of Nebraska Press. p. 61-95.)
- TONSTAD, S.K. 2006. Saving God's reputation. The theological function of *Pistis Iesou* in the cosmic narratives of Revelation.

- TOOLAN, M.J. 2001. Narrative. A critical linguistic introduction. *In series* Carter, R. ed. The Interface Series. London and New York : Routledge.
- TRAVERS, M.E. 2005. Poetry. (*In* Vanhoozer, K.J. ed. Dictionary for theological interpretation of the Bible. Grand Rapids : Baker Academic. p. 594-597.)
- TRIBLE, P. 1994. Rhetorical criticism. Context, method, and the book of Jonah. *In series* Guides to Biblical Scholarship; Old Testament. Minneapolis : Fortress Press.
- TRUDINGER, L.P. 1966. Some observations concerning the text of the Old Testament in the book of Revelation. *Journal of Theological Studies*, 17: 82-88.
- TURNER, M. 2000. Historical criticism and theological hermeneutics of the New Testament. (*In* Green, J.B. & Turner, M. eds. Between two horizons. Spanning New Testament studies and systematic theology. Grand Rapids, Michigan and Cambridge, U.K. : William B. Eerdmans Publishing Company. p. 44-70.)
- ULFGARD, H. 1989. Feast and future. Revelation 7:9-17 and the feast of tabernacles. *In series* Coniectanea Biblica, New Testament series, 22. Stockholm : Almqvist and Wiksell.
- VAN AARDE, A. 2006. Genre en plot georiënteerde narratief-kritiese eksegeese van Evangeliemateriaal: inleiding tot narratiewe kritiek. *Hervormde Teologiese Studies*, 62(2):657-677.
- VAN ANDEL, C.P. 1968. Tussen de regels. De samenhang van kerkgeskiedenis en kerklied. s'Gravenhage : Boekencentrum N.V.
- VAN BAEST, M. 1996. Het vergezicht nabij. *Tijdschrift voor Liturgie*, 80:281-291.
- VAN BOHEEMEN, C. 1981. Intertekstualiteit. (*In* Bal, M. red. Literaire genres en hun gebruik. Muiderberg : Dick Coutinho. p. 121-130.)
- VAN DALE'S GROOT WOORDENBOEK DER NEDERLANDSCHE TAAL, 1898. 4^{de} druk, geheel opnieuw bewerkt door H. Kuiper, Jr., A. Opprel & P.E. van Malssen. 'S Gravenhage en Leiden : Martinus Nijhoff & A.W. Sijthoff; Antwerpen : De Nederlandsche Boekhandel.
- VAN DE KAMP, H.R. 2000. Openbaring. Profetie vanaf Patmos. *In reeks* Commentaar op het Nieuwe Testament, derde serie. Kampen : Kok.
- VAN DER BEN, N. & BREMER, J.M. 1988. Aristoteles. *Poetica*. Vertaald, ingeleid en van aantekeningen voorzien. Amsterdam : Polak & Van Gennep.
- VAN DER MERWE, C.N. 1998a. Letterkunde en leser, samelewing, psige: moderne benaderings tot die literatuurstudie. (*In* Van der Merwe, C.N. & Viljoen, H.

- Alkant olifant. 'n Inleiding in die literatuurwetenskap. Pretoria : J.L. van Schaik. p. 129-186.)
- VAN DER MERWE, C.N. 1998b. Van skrywer tot struktuur en verder: moderne benaderings tot die literatuurstudie. (In Van der Merwe, C.N. & Viljoen, H. Alkant olifant. 'n Inleiding tot die literatuurwetenskap. Pretoria : J.L. van Schaik. p. 83-127.)
- VAN DER MERWE, J. 2007. Ontdek nege lense op die erediens. *Vir die Musiekleier*, 34:7-16.
- VAN DER VOORT, C. 1991. De analyse van verhalend proza. (In Zeeman, P. red. Literatuur in context. Een inleiding in de literatuurwetenskap. Nijmegen/Heerlen : Sun/Ou. p. 24-58.)
- VAN DER WALT, P.D. 1975. Bestek. Letterkundige opstelle. Kaapstad : Tafelberg.
- VAN DER WALT, S.P. & JORDAAN, G.J.C. 2004. Die konseptualisering van die Nuwe Testament binne 'n postmodernistiese paradigma: die skep van betekenis of die toepas van betekenis? *In die Skriflig*, 38(4):495-517.
- VAN DER WATT, J.G. 2000. Family of the King. Dynamics of metaphor in the Gospel according to John. *In series* Culpepper, R.A. & Rendtorff eds. Biblical Interpretation Series. Leiden : Brill.
- VAN DER WESTHUIZEN, H.G. 2003. Gewyde erfenis – ons kerklied. Pretoria : Sentik.
- VAN DEVENTER, H.J.M. 1999. Retoriese kritiek en die interpretasie van die Ou Testament. *In die Skriflig*, 33(4):447-467.
- VAN DEVENTER, H.J.M. 2001. Die boek Daniël: 'n retories-kritiese lesing van die Aramense gedeeltes. Ph.D-proefskrif. Potchefstroom : P.U. vir C.H.O.
- VAN DIJK, T.A. 1972. Foundations for typologies of texts. *Semiotica*, 6:297-323.
- VAN DIJK, T.A. 1976a. Narrative macrostructures. *PTL: A Journal for Descriptive Poetics and Theory of Literature*, 1:547-568.
- VAN DIK, T.A. 1976b. Philosophy of action and theory of narrative. *Poetics*, 5:287-337.
- VAN GINNEKEN, J. 1946. Het mysterie der menselijke taal. Haarlem : Bohn.
- VAN GORP, H. 1999. Grensverkeer. Literatuurwetenskap. Tekstinterpretatie. Cultuurstudie. Leeuven : Peeters.

- VAN HEERDEN, E. 1997. Postmodernisme en prosa. Vertelstrategieë in vyf verhale van Abraham H. de Vries. Kaapstad Pretoria Johannesburg : Human & Rousseau.
- VAN HUYSSTEEN, J.W. 1999. The shaping of rationality. Toward interdisciplinarity in theology and science. Michigan : William B. Eerdmans.
- VAN LEEUWEN, E. 1982/83. De literatuuropvatting van Gerard Genette. *Spektator*, 12(2):119-135. Oktober.
- VAN LUXEMBURG, J. 1984. Deconstructie en de interpretasie van verhalende teksten. *Forum der Letteren*, 25(1):1-19, Maart.
- VAN LUXEMBURG, J., BAL, M. & WESTSTEIJN, W. 1990. Inleiding in de literatuurwetenschap. Tweede herziene druk. Muiderberg : Dirk Coutinho.
- VAN PEER, W. 1991. But what is literature? Toward a descriptive definition of literature. (In Sell, R.D. ed. Literary pragmatics. London and New York : Routledge. p. 127-141.)
- VAN PEURSEN, C.A. 1995. Na het postmodernisme; van metaphysica tot filosofisch surrealisme.
- VAN RENSBURG, F.J. 2006. Die tydgerigtheid van die Bybel en die etiek van Bybellees: respons op die artikel van Gerrie Snyman. *In die Skriflig*, 40(4):745-769.
- VAN RENSBURG, F.I.J. 1992. Stilistiek op taalkundige grondslag. (In Cloete, T.T. red. Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-literêr. p. 504-506.)
- VAN RONGEN, G. 1968. De liturgie van Gods verbond. Groningen : De Vuurbaak.
- VAN ROOY, J.H. 2009. Basisteoretiese perspektiewe op Calvyn en die kerklied. *Vir die Musiekleier*, 36:20-31.
- VAN TURENNOUT, T. 1987. De Openbaring mag niet verborgen blijven. Haarlem : Uitgeverij Vijlbrief.
- VAN VLIET, E. 1998. 'n Pleidooi vir die poësie. Du Plooy, H. vert. Pretoria : Protea.
- VAN WOLDE, E. 1989. Trendy intertextuality? (In Draisma S. ed. Intertextuality in Biblical Writings. Essays in honour of Bas van Iersel. Kampen : J.H. Kok. p. 43-49.)
- VAN WOLDE, E. 1990. Van text via text naar betekenis. *Tijdschrift voor Theologie*, 30(3):333-361.

- VAN ZYL, S. 1982. Semiotics: the signs in our times. (In Ryan, R. & Van Zyl, S. eds. An introduction to contemporary literary theory. Johannesburg : Ad. Donker. p. 66-91.)
- VAN ZYL, S. 2000. The theory of intertextuality. *Ekklesiastikos Pharos*, 82(1)N.S.11:72-86.
- VAN ZYL, S. red. 1990. Psigoanalise en literatuur. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap (spesiale uitgawe)*, 6(1).
- VANDER WEELE, M. 1991. Reader-response theories. (In Walhout, C. & Ryken, L. eds. Contemporary literary theory. A Christian appraisal. Grand Rapids : Eerdmans. p. 125-148.)
- VANDERKAM, J.C. 2003. Apocalyptic literature. (In Barton, J. ed. The Cambridge Companion to Biblical Interpretation. Cambridge : Cambridge University Press. p. 305-322.)
- VANHOOZER, K.J. 1995. The reader in the New Testament interpretation. (In Green, J.B. ed. Hearing the New Testament. Strategies for interpretation. Michigan : William B. Eerdmans Publishing Company. p. 301-328.)
- VANHOOZER, K.J. 1998. Is there a meaning in this text? The Bible, the reader, and the morality of literary knowledge. Michigan : Zondervan Publishing House.
- VANHOOZER, K.J. 2003. Theology and the condition of postmodernity: a report on knowledge (of God). (In Vanhoozer, K.J. ed. The Cambridge Companion to Postmodern theology. Cambridge : Cambridge University Press. p. 3-25.)
- VANNI, U. 1991. Liturgical dialogue as a literary form in the Book of Revelation. *New Testament Studies*, 37:348-372.
- VENTER, A.G.S. 1998. Staan vas! Openbaring sê jy kan. 'n Bybelstudiegids oor krag vir elke dag uit Openbaring. Pretoria : J.P. van der Walt en Seun.
- VENTER, A.G.S. & DU RAND, J.A. 1998. Volharding as sentrale gegewe in die boek Openbaring. *In die Skriflig*, 32(2):181-199.
- VENTER, C.J.H. 1992. Diakoniologie en rasionaliteit - 'n verkenning. *In die Skriflig*, 26(1) 1992:29-51.
- VENTER, C.J.H. 1995. Die Woord in die werklikheid. Wetenskapsteoretiese perspektiewe op Diakoniologie. *In die Skriflig*, 29(1&2) 1995:181-202.
- VERGEER, W. 1999. Die postmodernisme – 'n gevaarlike reus? *Die Kerkblad*, 24 Maart, 101(3056):12-14.

- VERKLARENDE HANDWOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL. 2000. Odendal, F.F. & Gous, R.H. *reds.*, 4^{de} uitgawe. Midrand : Perskor.
- VERSTER, P. 2005. Die dood van die outeur en die inspirasie van die Bybel: in gesprek met P.J. Nel en S.D. Snyman. *In die Skriflig*, 39(4):715-732.
- VESTDIJK, S. 1950. De glanzende kiemcel. Beschouwingen over poëzie. 'S-Graveland : Uitgeverij De Driehoek.
- VILJOEN, F.P. 1990. Die betekenis van "Psalmois, Humnois" en "Odeis Pneumatikais" in Kolossense 3:16 en Efesiërs 5:19. Potchefstroom : Th.D.-proefskrif, PU vir CHO.
- VILJOEN, F.P. 2002. Die betekenis en funksie van die himnes in Openbaring 12-22. *Verbum et Ecclesia*, 23(2):558-574.
- VILJOEN, F.P. 2003. Die betekenis en funksie van die himnes in Openbaring 4-11. *Acta Theologica*, 23(1):213-237.
- VILJOEN, H. 1992. Ergosentriese benadering. (*In* Cloete, T.T. *red.* Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM-literêr. p. 105-106.)
- VILJOEN, H. 1995. Spieël, kamer van spieëls – oor Postmodernisme en representasie. (*In* Viljoen, H. *red.* Metodologie en representasie. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. p. 393-416.)
- VILJOEN, H. 1998a. Literatuur, sy aard en sy funksies. (*In* Van der Merwe, C.N. & Viljoen, H. *Alkant olifant. 'n Inleiding in die literatuurwetenskap.* Pretoria : J.L. van Schaik. p. 23-54.)
- VILJOEN, H. 1998b. Soorte literatuur. (*In* Van der Merwe, C.N. & Viljoen, H. *Alkant olifant. 'n Inleiding in die literatuurwetenskap.* Pretoria : J.L. van Schaik. p. 55-81.)
- VISSER, N.W. 1982. Russian Formalism. (*In* Ryan, R. & Van Zyl, S. *eds.* An introduction to contemporary literary theory. Johannesburg : Ad. Donker. p. 15-23.)
- VIVIANO, P.A. 1999. Source Criticism. (*In* McKenzie, S.L. & Haynes, S.R. *eds.* To each its own meaning. An introduction to Biblical criticisms and their application. Louisville, Kentucky : Westminster John Knox Press. 2nd exp. ed. p. 35-57.)
- VLASSELAERS, J. & VAN GORP, H. 1989. Hedendaagse genreproblematiek: ter oriëntasie. (*In* Vlasselaers, J. & Van Gorp, H. *reds.* Vorm of norm. De literaire genres in discussie. ALW : Vlasselaers & Van Gorp. p. 7-13.)
- VOELZ, J.W. 1989. Multiple signs and double texts: elements of intertextuality. (*In* Draisma S. *ed.* Intertextuality in Biblical Writings. Essays in honour of Bas van Iersel. Kampen : J.H. Kok. p. 27-34.)

- VON RAD, G. 1974. *Kabod*. (In Kittel, G. ed. Theological Dictionary of the New Testament, vol. II. Grand Rapids, Michigan : WM. B. Eerdmans Publishing Company. p. 238-242.)
- VOORTMAN, T.C. & DU RAND, J.A. 1997. The language of the theatre in the Apocalypse of John. A brief look at the Apocalypse as drama. *Ekklesiastikos Pharos*, 79(1)N.S.8:78-93.
- VORSTER, J.M. 1999. Die ontwikkeling van postmoderniteit. *Die Kerkblad* 24 Maart, 101(3056):10-12.
- VORSTER, W.S. 1982. 'Formgeschichte' en 'Redaktionsgeschichte'. (In Klijn, A.F.J., red. Inleiding tot de studie van het Nieuwe Testament. Kampen : J.H. Kok. p. 94-111.)
- VORSTER, W.S. 1988. "Genre" and the Revelation of John: A study in text, context, and intertext. *Neotestamentica*, 22:103-123.
- VORSTER, W.S. 1992. Nuwe-Testamentiese literatuur. (In Cloete, T.T. red. Literêre terme en teorieë. Pretoria : HAUM. p. 354-355.)
- VOS, C.J.A. 2000. Kerk en teologie in die jaar nul. *Skrif en Kerk*, 21(1):172-193.
- VOS, C.J.A. 2001. Beeld- en simbooltaal. *Acta Theologica*, 21(2):136-144.
- VOS, C.J.A. & PIETERSE, H.J.C. 1997. Hoe lieflik is u woning. Studies in Praktiese Teologie. Pretoria : Die RGN-Uitgewery.
- WAGNER-FERREIRA, E.C. 2008. 'n Konseptuele raamwerk vir 'n familie-erediens. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*, 23(2):295-312.
- WAINWRIGHT, A.W. 1993. Mysterious Apocalypse: Interpreting the book of Revelation. Nashville : Abingdon Press.
- WALHOUT, C. 1999. Narrative hermeneutics. In Lundin, R., Walhout, C. & Thiselton. The promise of hermeneutics. Grand Rapids, Michigan and Cambridge, U.K. : William B. Eerdmans. 65-131.
- WALHOUT, C. & RYKEN, L. eds. 1991. Contemporary literary theory. A Christian appraisal. Grand Rapids : Eerdmans.
- WALHOUT, E. 2000. Revelation down to earth. Making sense of the Apocalypse of John. Grand Rapids : William B. Eerdmans.
- WALL, R.W. 1991. Revelation. In series Gasque, W.W. ed. (New Testament). New International Biblical Commentary. Peabody, Massachusetts : Hendrickson Publishers.

- WALL, R.W. 2000. Reading the Bible from our traditions. (*In* Green, J.B. & Turner, M. eds. *Between two horizons. Spanning New Testament studies and systematic theology.* Grand Rapids, Michigan and Cambridge, U.K. : William B. Eerdmans Publishing Company. p. 88-107.)
- WALLACE, D. 1996. Greek grammar beyond the basics. An exegetical syntax of the New Testament. Grand Rapids : Zondervan.
- WATSON, D.F. 2010. Rhetorical criticism. (*In* Aune, D.E. ed. *The Blackwell Companion to the New Testament.* West Sussex, UK : Wiley-Blackwell. p. 166-176.)
- WATSON, D.F. & HAUSER, A.J. 1994. Rhetorical criticism of the Bible. A comprehensive bibliography with notes on history and method. Leiden / New York / Köln : E.J. Brill.
- WATSON, N. 1987. Authorial intention – suspect concept for biblical scholars? *Australian Biblical Review*, 35:6-13.
- WAUGH, P. 2001. Postmodernism. (*In* Knellwolf, C. & Norris, C. eds. *Twentieth-Century historical, philosophical and psychological perspectives. In series The Cambridge History of Literary criticism*, vol. 9. Cambridge : University Press. p. 289-305.)
- WEBBER, R.E. 2002 [1992]. *Worship is a Verb. Eight principles for transforming worship.* Massachusetts : Hendrickson Publishers.
- WEGENER, M. 1985. Literary criticism and Biblical religious language: insights from Northrop Frye. *Currents in Theology and Mission*, 12(2):100-105.
- WEISS, A.L. 2006. Figurative language in Biblical prose narrative. Metaphor in the book of Samuel. *In series* Bastard *et al.* eds. *Supplements to Vetus Testamentum*, vol. 107. Leiden / Boston : Brill.
- WEITZMAN, S. 1997. Song and story in Biblical narrative. The history of a literary convention in Ancient Israel. Bloomington and Indianapolis : Indiana University Press.
- WELLEK, R. & WARREN, A. 1973[1949]. *Theory of literature.* Middlesex : Penguin Books.
- WENDLAND, E. 1992. A tale of two debtors: on the interaction of text, co-text and context in a New Testament dramatic narrative. (*In* Black, D.A. ed. *Linguistics and New Testament interpretation.* Nashville : Broadman. p. 101-143.)
- WERLICH, E. 1983. *A text grammar of English 2nd ed.* Heidelberg : Quelle & Meyer.

- WESTERLINCK, A. 1950. Het schone geheim van die poëzie. Antwerpen / Brussel / Gent / Leuven : Standaard-Boekhandel.
- WESTERMANN, C. 1963. Das Loben Gottes in den Psalmen. Göttingen : Van den Hoeck & Ruprecht.
- WESTERMANN, C. 1981. Hoofdpijnen van een theologie van het Oude Testament. Steetskamp, J. vert. Kampen : J.H. Kok.
- WHYBRAY, R.N. 1983. On Robert Alter's *The Art of Biblical Narrative*. *Journal for the Study of the Old Testament*, 27:75-86.
- WILLIS, J.T. 1973. The Song of Hanna and Psalm 113. *The Catholic biblical Quarterly*, 34:139-154.
- WILLIS, J.T. 1989. The Old Testament and the book of Revelation. (In Priest, J.E. ed. *Johanine Studies: essays in honor of Frank Pack*. Malibu : Pepperdine University Press. p. 231-239.)
- WILMINK, W. 1991. In de keuken van de Muze: de gehele schriftelijke cursus dichten. Amsterdam : Bakker.
- WILSON, J.C. 1993. The problem of the Domitianic date of Revelation. *New Testament Studies*, 39:587-605.
- WILSON, M. 2005. The early Christians in Ephesus and the date of Revelation, again. *Neotestamentica*, 39(1):163-193.
- WILSON-DICKSON, A. 1997. A brief history of Christian music. From Biblical times to the present. Oxford : Lion Publishing.
- WITHERINGTON, B. III. 2003. Revelation. *In series The New Cambridge Bible Commentary*. New York : Cambridge University Press.
- WOOLFORD, J., KARLIN, D. & PHELAN, J. eds. 2010. Robert Browning: selected poems. Edinburgh : Pearson.
- WRIGHT, T.R. 1988. Theology and literature. Oxford and New York : Basil Blackwell.
- WUELLNER, W. 1987. Where is rhetorical criticism taking us? *Catholic Biblical Quarterly*, 49:448-463.
- ZEEMAN, P. red. 1991. Literatuur en context. Een inleiding in de literatuurwetenschap. Nijmegen/Heerlen : Sun/Ou.
- ZERFASS, R. 1974. Praktische Theologie als Handlungswissenschaft. (In Klostermann, F. & Zerfass, R. *Praktische Theologie heute*. München : Kaiser. p.164-177).

- ZIMA, P.V. 1999. The philosophy of modern literary theory. London and New Burnswick : The Athlone Press.
- ZIMMERMANN, R. 2003. Nuptial imagery in the Revelation of John. *Biblica*, 84(2):152-183.
- ZUTSHI, M.E. 1981. Literary theory in Germany: a study of genre and evaluation theories 1945-1965. Bern : Peter Lang.